

Die materiële produksie van Afrikaanse fiksie (1990-2005)

**– ’n Empiriese ondersoek na die
produksieprofiel en uitgeweryprofiel
binne die uitgeesisteem**

Rudi (Marthinus Rudolph) Venter

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

Philosophiae Doctor (Uitgewerswese)

in die Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie

**Universiteit van Pretoria
Pretoria**

Studieleier: Dr. Francis (F.C.J.) Galloway

Junie 2006

Verklaring

Ek verklaar dat *Die materiële produksie van Afrikaanse fiksie (1990-2005) – 'n Empiriese ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel binne die uitgeesisteem* my eie werk in die ontwerp en uitvoering daarvan is, dat dit nie voorheen vir enige graad- of eksamendoeleindes aan hierdie, of enige ander, universiteit voorgelê is nie en dat alle bronne wat gebruik is, voldoende aangedui en erken is deur volledige bibliografiese verwysings.

I declare that Die materiële produksie van Afrikaanse fiksie (1990-2005) – 'n Empiriese ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel binne die uitgeesisteem is my own work in design and execution, that it has not been submitted for any degree or examination at this or any other university, and that all the sources used or quoted have been indicated and acknowledged by complete references.

Rudi (Marthinus Rudolph) Venter

Geteken: _____

Datum: _____

Die finansiële steun van die Nasionale Navorsing Stigting (NRF) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings wat in hierdie studie uitgespreek word en gevolgtrekkings waartoe gekom word, is dié van die outeur en moet nie noodwendig aan die NRF toegeskryf word nie.

The financial assistance of the National Research Foundation (NRF) towards this research is hereby acknowledged. Opinions expressed and conclusions arrived at, are those of the author and are not necessarily to be attributed to the NRF.

Samevatting

Die materiële produksie van Afrikaanse fiksie (1990-2005) – 'n Empiriese ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel binne die uitgeesisteem

deur **Rudi (Marthinus Rudolph) Venter** (Studieleier: Dr. Francis (F.C.J.) Galloway)

Ph.D. (Uitgewerswese), Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria

Hierdie studie lê 'n fondament vir die empiriese kartering van die materiële produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005. Die hoofnavorsingsvraag, naamlik hoe Afrikaanse fiksieproduksie vir die spesifieke periode gekarteer kan word, word beantwoord deur beide beskrywend-kwalitatiewe en statisties-kwantitatiewe empiriese navorsing. In die eerste, kontekstueel-deskriptiewe, komponent word die konteks waarbinne Afrikaanse fiksieproduksie plaasvind, deur kwalitatiewe navorsing beskryf. Die impak van transformasieverskuiwings op die produksielandskap en produsentelandskap word gekarteer deur 'n beskrywing van die uitgeesisteem. Binne dié sisteem word boekproduksie as institusie beskou wat in 'n intersistemiese verhouding met ander subsysteme bestaan: die institusionele kontekste (die media-, kultuur-, literatuur-, opleiding- en biblioteeksubsysteme) en die breër maatskaplike kontekste (die politieke-, ekonomiese- en tegnologiese kontekste). Transformasieverskuiwings in die produsentelandskap (stigting, konglomeraatvorming, samesmelting, oornames en sluiting van uitgewerye) word beskryf deur 'n bespreking van profiele van die relevante produsente (uitgewerye en andersoortige produsente) wat bydra tot dié landskap. In die tweede, statisties-empiriese, komponent word die kontoere van die landskap van Afrikaanse fiksieproduksie deur middel van kwantitatiewe navorsing getrek by wyse van die rekonstruksie van 'n produksieprofiel en uitgeweryprofiel.

Op teoretiese vlak word daar aangesluit by die sosiologiese en institusionele benadering tot die empiriese literatuurwetenskap. Die ondersoek word geïntegreer binne die ontwikkelende toepassingsterrein van boekstudies en uitgewery-ondersoek en sluit aan by 'n spesifieke onderafdeling hiervan, naamlik die epistemologie van produksiestatistiek. Die polisisteamteorie van Itamar Even-Zohar en die teorie oor die veld van kulturele produksie van Pierre Bourdieu word as metodologiese raamwerk benut. 'n Aantal metodologiese instrumente is vir die doeleindes van die ondersoek ontwikkel: 'n nuwe model van die uitgeesisteem, 'n databasis van produksiestatistiek

(die *Produkiedatabasis van Afrikaanse Fiksie* – PDAF), twee tipologieë van soorte produsente en fiksiepublikasies waarvolgens onderskeidelik produsentekategorieë en produksiekategorieë onderskei kan word. Dit blyk dat die uitgesisteesem, die PDAF en die tipologieë van produsentekategorieë en produksiekategorieë as bruikbare instrumente vir die kartering van boekproduksie beskou kan word. Die ontwikkelde metodologiese instrumente lewer ’n bydrae tot die navorsingsterrein van boekstudies en uitgewery-ondersoek en kan ook toegepas word op boekstudienavorsing oor ander produksiekategorieë. Die PDAF maak ’n bydrae tot die praktyk deurdat dit as bruikbare bron dien waarmee die groei en diversifikasie van Afrikaanse fiksieproduksie gemeet kan word.

Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat Afrikaanse fiksieproduksie gedurende die periode 1990-2005 indringend deur transformasieverskuiwings geraak is en dat die uitgee daarvan meer uitdagend geword het. Dit is gespeen van voormalige kunsmatige institusionele bevoordeling deur substansiële staatsondersteuning en moes transformeer na ekonomiese onafhanklikheid van gevestigde institusies. Aan die einde van die periode bestaan daar veel minder produsente in die produsentelandskap wat ’n standhoudende en produktiewe produksiebydrae lewer. Fiksieproduksie het in sommige produksiekategorieë ingekrimp en in ander gegroei. In geheel het die produksieprofiel in ’n groot mate gediversifiseer en Afrikaanse fiksieproduksie vind in ’n wye verskeidenheid produksiekategorieë plaas. Afrikaanse fiksie verteenwoordig steeds die mees geskakeerde en ontwikkelde plaaslike tradisie van fiksieproduksie. Die uitdaging is om in toekomstige gevallestudies die verbande tussen produksiepatrone en transformasieverskuiwings in die uitgesisteesem ten opsigte van spesifieke produksiekategorieë verder na te vors.

Sleuteltermes: Afrikaanse fiksieproduksie, uitgesisteesem, *Produkiedatabasis van Afrikaanse Fiksie* (PDAF), produksieprofiel, uitgeweryprofiel, uitgewerygeskiedenis, transformasieverskuiwings, boekstudie, uitgewery-ondersoek, epistemologie van produksiestatistiek, Frank de Glas, polisisteesemteorie, Itamar Even-Zohar, veld van kulturele produksie, Pierre Bourdieu, sosiologiese benadering, institusionele benadering, empiriese literatuurwetenskap.

Junie 2006

Abstract

The material production of Afrikaans fiction (1990-2005) – An empirical study of the production and publisher profiles within the publishing system

by **Rudi (Marthinus Rudolph) Venter** (Study leader: Dr Francis (F.C.J.) Galloway)

Ph.D. (Publishing), Department of Information Science, University of Pretoria

This study lays a foundation for the empirical mapping of the material production of Afrikaans fiction from 1990 to 2005. The primary research question, namely, how to map Afrikaans fiction production during this period, has been answered through both descriptive-qualitative and statistical-quantitative empirical research. In the first, contextual descriptive component, qualitative research is used to describe the context within which Afrikaans fiction production takes place. The impact of transformation shifts on the production and producer landscapes are mapped through a description of the publishing system. Within this system, book production is regarded as an institution that has inter-systemic relationships with other sub-systems, including institutional contexts (such as media, cultural, literary, educational and library sub-systems), as well as broader societal contexts (such as political, economic and technological contexts). Transformation shifts in the producer landscape (including the establishment, conglomeration, mergers, take-overs and closures of publishing houses) are described through profiling the relevant producers (including publishing houses and other kinds of producers) who contribute to this landscape. In the second, statistical empirical component, quantitative research is used to sketch the contours of Afrikaans fiction production through the construction of production and producer profiles.

On a theoretical level, the study follows a sociological and institutional approach to empirical literary studies. This study has been positioned within the developing field of book and publishing studies, specifically within the parameters of the epistemology of production statistics. Itamar Even-Zohar's poly-system theory and Pierre Bourdieu's theory of the field of cultural production form the theoretical framework. Several methodological instruments were developed for the purpose of this study, including a new model of the publishing system, a database of production statistics (the *Production Database of Afrikaans Fiction – PDAF*), and two typologies of kinds of producers and fiction publications according to which both producer and

production categories can be distinguished. The publishing system, the PDAF and the two typologies have been proven useful instruments for the mapping of book production. These instruments will contribute to the fields of book and publishing studies through their application to research on other production categories. The PDAF is a useful resource for measuring the growth and diversity of Afrikaans fiction production.

The study concludes that Afrikaans fiction production between 1990 and 2005 was incisively influenced by transformation shifts. Publishing in this field became more challenging in that Afrikaans fiction production had to wean itself from the artificial institutional privilege and substantial state support it had enjoyed and was forced to become economically independent. By 2005, there were far fewer significant producers of Afrikaans fiction in the producer landscape than in 1990. In some production categories, fiction production has shrunk, while, in others, it has grown. Overall, the production profile of Afrikaans fiction has greatly diversified, with Afrikaans fiction appearing in a wide variety of production categories. Afrikaans fiction remains the most diverse and best-developed indigenous tradition of fiction production. The challenge for future case studies is to investigate the relationships between production patterns and specific transformation shifts in the publishing system in terms of specific production categories.

Keywords: Afrikaans fiction production, publishing system, *Production Database of Afrikaans Fiction* (PDAF), production profile, producer profile, publishing house history, transformation shifts, book studies, publishing research, epistemology of production statistics, Frank de Glas, poly-system theory, Itamar Even-Zohar, field of cultural production, Pierre Bourdieu, sociological approach, institutional approach, empirical literary studies.

June 2006

Dankbetuiging

'n Studie van hierdie aard en omvang kan nie tot stand kom deur die insette van slegs 'n enkele persoon nie. Ek bedank graag die volgende persone en instansies vir hul insette en bydrae tot hierdie studie:

- My studieleier, dr. Francis Galloway, wat van die begin af die meriete van die onderwerp ingesien het en met groot aanmoediging en entoesiasme my gelei het. Die samewerkingsverhouding met haar, beide as studieleier en as kollega binne die Program in Uitgewerswese, was 'n besonderse en opwindende navorsingsreis en het meegehelp aan my akademiese vorming. Daarvoor, my opregte dank en waardering.
- Die eksterne eksaminatore, proff. Hennie van Coller en Bernard Odendaal (Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat) en dr. Hans Ester (Departement Algemene Cultuurwetenskappe, Radboud Universiteit Nijmegen, Nederland), vir hul sinvolle en bruikbare kommentaar wat waarde toegevoeg het tot die finale produk.
- Prof. Theo Bothma, departementshoof van die Departement Inligtingkunde, vir sy ondersteuning, belangstelling en bereidwilligheid om navorsingsverlof aan my toe te staan. Ook aan al my ander kollegas in die Departement Inligtingkunde vir hul belangstelling in die studie.
- Die volgende uitgewers en ander rolspelers in die boekuitgewerybedryf met wie ek in 'n vroeë fase van die studie gesprekke gevoer het en wat meegehelp het tot die insigte waartoe ek gekom het: Hettie Scholtz (voorheen uitgewer by HAUM-Literêr en Queillierie); Hannes van Zyl (voormalige hoofbestuurder van NB-Uitgewers), Kerneels Breytenbach, Etienne Bloemhof, Alida Potgieter, Nèlleke de Jager en Riana Barnard (NB-Uitgewers); Danie Botha (voorheen uitgewer by Tafelberg en Homeros); Nicol Stassen (Protea Boekhuis) en Jeanette Ferreira (voorheen uitgewer by Protea Boekhuis); Elmien Jordaan (voorheen uitgewer by LAPA); Daleen Malan (Jacklin Enterprises); dr. H.J.M. Retief (voorheen uitgewer by Daan Retief Uitgewers); Johan Nel (voorheen eienaar van en uitgewer by Makro Boeke en Benedic Boeke); Willem Struik (voorheen bestuurder van Perskor); Frikkie Nel (voorheen bestuurder van On the Dot Distribusie en die Suid-Afrikaanse Boekhandelaarsvereniging);

Elmari Rautenbach (voormalige redakteur van *Insig*); Francois Smith (voormalige boekeredakteur by *Die Burger*); Elizabeth de Raubaix (voormalige aankoper van Afrikaanse fiksie by die provinsiale openbare biblioteekdiens van die Wes-Kaap); Daniel Hugo (*Radiosondergrense*); en Attie van der Colf (Kaapse Argiefbewaarpark). Hulle bereidwilligheid om 'n bydrae tot die navorsing te maak, word hiermee erken.

- NB-Uitgewers, LAPA en Jacklin Enterprises wat katalogusse, elektroniese data en ander inligting voorsien het en bereid was om by die verifiëring van data betrokke te wees.
- Die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) wat bereid was om die volledige publikasiekatalogus elektronies beskikbaar te stel. Die personeel van NALN wat my gul tydens 'n navorsingsbesoek ontvang en van inligting voorsien het. In die besonder Erika Terblanche, eerste bibliotekaris, wat met ongekende ywer, vriendelikheid en behulpsaamheid op herhaaldelike navorsingsvrae gereageer het.
- Die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (NLSA) wat ingestem het tot toegang tot die volledige elektroniese data van die Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie (SANB). In die besonder Susan Battison, projekteur van die SANB, wat geen moeite ontsien het om herhaaldelik data uit die SANB te onttrek en met navrae behulpsaam te wees nie, Tienie de Klerk, projekteur van die ISN-agentskap en Adri van As, hoof van die naslaanafdeling.
- Basil van Rooyen wat bereid was om my toegang te gee tot die manuskrip van die opgedateerde uitgawe van sy boek *How to get your book published in 30 (relatively) easy steps: A hands-on guide for South African authors* (Johannesburg: Penguin, 2005) voordat die boek verskyn het.
- Taiki Dimas vir sy tegniese hulp met die ontwikkeling en databasisargitektuur van die *Produksiedatabasis van Afrikaanse Fiksie*.
- Anneke Butler, my Afrikaanse onderwyseres op hoërskool, wat 'n vormende rol gespeel het in my liefde vir en belangstelling in die Afrikaanse letterkunde. Ook vir haar moeite met die oorhoofse taalredigering van hierdie navorsingsverslag.
- Elna Louw vir haar noukeurige finale redigering.
- My familie en vriende vir al die aanmoediging, belangstelling én begrip oor die aandag wat julle moes ontbeer terwyl ek met die studie besig was.
- My Skepper vir die insig, krag en uithouvermoë.



Vir my ma
vir al die aanmoediging en ondersteuning

As ons nou hier in die saal af 'n rij pale sou plant, tien pale, om die laaste tien jaar voor te stel, en aan elke paal 'n merk sou maak op 'n hoogte van die vloer af ooreenkomende met die betrekkelike skryfgebruik van Afrikaans in die respektiewe jaartal, en 'n streep deur die merke trek, van die eerste af hier naby die vloer tot by die laaste, daar anderkant teen die solder, dan sou die streep 'n snel-stijgende boog beskryf – nie net vinnig opgaande nie, maar opgaande naar 'n vinnig vermeerderende rede. Laat ons nou in ons verbeelding die boog verleng vir die tien komende jare van nou af. Siet u, menere, waar die punt sal wees, daar buite in die blouwe lug hoog oor Bloemfontein, in die jaar 1924?

Deel van die pleidooi “Afrikaans as Voertaal” deur C.J. Langenhoven oor die invoering van Afrikaans in die primêre onderwys tydens die jaarvergadering van die Zuid-Afrikaansche Akademie voor Taal, Letteren en Kunst op 4 Julie 1914 te Bloemfontein (Langenhoven, 1938:389).

Hoe lyk die produksiekurwe van Afrikaanse fiksie vandag?

Inhoudsopgawe

Verklaring	ii
Samevatting	iii
Abstract	v
Dankbetuiging	vii
Lys van Tabele en Figure	xxi
1. Hoofstuk 1: Inleiding, oriëntering en navorsingsontwerp	1
1.1 Inleiding	1
1.2 Probleemstelling, navorsingsvrae en doelstellings van die ondersoek	9
1.3 Navorsingsmetodologie en navorsingsontwerp	11
1.4 Afbakening van die ondersoek	15
1.5 Wetenskaplike bydrae en relevansie van die ondersoek	18
1.6 Uiteensetting van hoofstukke en navorsingsontplooiing	21
2. Hoofstuk 2: Teoretiese vertrekpunte vir die rekonstruksie van ’n model van die uitgeesisteem	25
2.1 Inleiding	25
2.2 Die ontwikkeling van verskillende benaderings tot die literatuurwetenskap	26
2.3 Die empiriese literatuurwetenskap: die institusionele- en sosiologiese benadering	31
2.4 Sisteemteoretiese benaderings tot literatuurwetenskap	35
2.4.1 Die polisisteemteorie van Itamar Even-Zohar	36
2.4.2 Pierre Bourdieu se teorie oor die veld van kulturele produksie	46
2.4.3 “Sisteem” of “Veld”?	53
2.5 Posisionering van boekstudie as studieterrein – ’n oorsig oor die internasionale ontwikkelgang en ’n standbeskrywing van die plaaslike neerslag tot dusver	55
2.6 Posisionering van uitgewery-ondersoek	66
2.7 Die neerslag van boekstudie en uitgewery-ondersoek in die Afrikaanse literatuurwetenskap	74
2.8 Rekonstruksie van ’n model van die uitgeesisteem	87
2.8.1 Boekproduksie as institusie – die kern van die uitgeesisteem	90
2.8.2 Boekproduksie ingebed binne die breër institusionele en maatskaplike konteks	92

3.	Hoofstuk 3: Die uitgesisteesem van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 – 'n sisteembeskywing van transformasieverskuiwings	95
3.1	Inleiding	95
3.2	Boekproduksie as institusie: die kern van die uitgesisteesem	98
3.2.1	Genereringsfase	98
3.2.1.1	Uitgeefilosofie	101
3.2.1.2	Publikasielys	102
3.2.1.3	Huisstyl	104
3.2.2	Produksiefase	106
3.2.2.1	Redaksionele versorging (redigering)	106
3.2.2.2	Grafiese ontwerp en proeflees	108
3.2.2.3	Reproduksie, druk en afronding	109
3.2.3	Bemarkings-, verspreidings- en afleweringsefase	112
3.2.3.1	Bemarkingsfase	113
3.2.3.2	Verspreidingsfase	116
	(a) Boekhandel	116
	(b) Direkte bemarking / kommersiële boekklubs	120
	(c) Elektroniese boekhandel	122
	(d) Direkte verspreiding aan biblioteekdienste / biblioteke	122
	(e) Direkte verspreiding aan onderwysdepartemente / skole	123
3.2.3.3	Afleweringsefase	124
3.2.4	Verbruik- en terugvoerfase	124
3.3	Subsisteme waarmee boekproduksie in interaksie verkeer: die institusionele konteks van die uitgesisteesem	128
3.3.1	Mediasubsteesem	129
3.3.1.1	Gedrukte media: die koerantwese en tydskrifwese	129
3.3.1.2	Uitsaaiwese: die radio en televisie	135
3.3.1.3	Elektroniese media	141

3.3.2	Kultuursubstieem	142
3.3.2.1	Die impak van transformasie op kulturele bedrywe	143
	(a) Die boekuitgewerybedryf	143
	(b) Die teaterbedryf	144
	(c) Die musiekbedryf	149
3.3.2.2	'n Oorsig oor die heersende kulturele klimaat – 'n kultuurfilosofiese blik	154
3.3.2.3	Die ontwikkeling van 'n leeskultuur en boekkultuur as ontwikkeling- strategie vir die uitgewerybedryf	158
3.3.3	Literatuursubstieem	164
3.3.3.1	Literatuuropvattings	165
3.3.3.2	Outeursprofiel	166
	(a) Demokrasiering van die outeursprofiel	167
3.3.3.3	Literêre groepe en literêre debute	169
3.3.3.4	Skrywersverenigings en die verhouding skrywer–uitgewer	172
3.3.3.5	Literêre pryse en literêre wedstryde	176
3.3.3.6	Opleiding in skeppende skryfwerk	184
3.3.3.7	Literêre kritiek en literêre tydskrifte	186
3.3.4	Onderwyssubstieem	192
	<i>Sekondêre onderwys</i>	194
3.3.4.1	Verskuiwings in die strukturele en finansiële voorsiening vir openbare sekondêre onderwys	194
3.3.4.2	Verskuiwings in die nasionale kurrikulumraamwerk vir skole en die voorsiening van skoolhandboeke	196
3.3.4.3	Seleksie-, aankoop- en verspreidingstelsel vir skoolhandboeke <i>Tersiêre onderwys</i>	199 203
3.3.4.4	Die status van Afrikaans as onderrigmedium aan tersiêre instellings	204
3.3.4.5	Studentegetalle van departemente Afrikaans	206
3.3.4.6	Herstrukturering van departemente Afrikaans, programme en modules	207
3.3.4.7	Amalgamering van tersiêre instellings en die stand van Departemente Afrikaans	208

3.3.5	Biblioteeksubstieem	211
3.3.5.1	Strukturele verskuiwings, veranderde wetgewing en befondsingstrukture vir openbare biblioteekdienste	212
3.3.5.2	Die impak van transformasie op die aankoop van Afrikaanse fiksiepublikasies deur openbare biblioteke	214
3.3.5.3	Statistiese gegewens vir die openbare biblioteekstieem	217
3.4	Kontekste wat boekproduksie en die verbandhoudende substieeme beïnvloed: die breë maatskaplike kontekste waarbinne die uitgesistieem ingebed is	219
3.4.1	Politiese konteks	219
3.4.1.1	Veranderde wetgewing en regeringsbeleid	220
	(a) Formele politieke transformasie: implementering van 'n demokratiese Grondwet	220
	(b) Die Handves van Menseregte	223
	(c) Vanaf sensuur na beperkte beheer	224
	(d) Die nuwe nasionale taalbeleid en die impak op Afrikaans	227
	(e) Intellektuele eiendom, outeursreg en plagiaat	232
	(f) Pliglewering	245
3.4.1.2	Die rol van regeringsdepartemente	245
3.4.1.3	Nie-regering bedryfsliggame, organisasies en verenigings	248
3.4.2	Ekonomiese konteks	253
3.4.2.1	Gedwonge transformasie teen die agtergrond van 'n negatiewe ekonomiese klimaat	254
3.4.2.2	Finansiële ondersteuning van die uitgewerybedryf deur die staat	255
3.4.2.3	Ekonomiese impak van die uitgewerybedryf	257
3.4.2.4	Die invloed van 'n veranderde ekonomiese omgewing in post-apartheid Suid-Afrika op die uitgesistieem van Afrikaanse fiksie	259
3.4.2.5	Algemene ekonomiese indikatore en faktore van toepassing op die uitgesistieem	263
	(a) Privatisering en kommersialisering van organisasies	263
	(b) Die impak van verbruikersinflasie, waarde van die Rand en die wisselkoers	264
	(c) Die heffing van BTW op boeke	265

(d)	Handelsterme in die boekuitgewerybedryf	266
(e)	Vaslegging van die verkoopprys van boeke	266
3.4.3	Tegnologiese konteks	267
3.4.3.1	Die impak van tegnologie op die totstandkoming en ontwikkeling van die boekuitgewerybedryf – ’n beknopte historiese oorsig	267
3.4.3.2	Die impak van die beskikbaarheid van elektroniese programmatuur op die uitgeeproses	269
3.4.3.3	Die impak van die ontwikkeling in reproduksie en druktegnologie op die uitgeeproses	270
3.4.3.4	Die impak van die beskikbaarheid van elektroniese pos op die uitgeeproses	271
3.4.3.5	Die beskikbaarheid en gebruik van digitale en elektroniese media, die Internet en die WWW	272
3.4.3.6	Toetrede tot vorme van digitale en elektroniese uitgee van Afrikaanse fiksie	274
3.4.3.7	Die beskikbaarheid van elektroniese verpakkingsformate soos e-joernale, e-koerante en e-tydskrifte en webgebaseerde platforms vir inligtingsverspreiding.	282
(a)	<i>LitNet</i>	283
(b)	<i>Boekwurm</i>	286
(c)	<i>Skoppensboer</i>	287
3.4.3.8	Die impak van die beskikbaarheid van elektroniese handel op die uitgesisteesem	288
3.5	Samevatting	291
4.	Hoofstuk 4: Transformasieverskuiwings in die produsentelandskap van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 – ’n voorlopige uitgewerygeskiedenis	293
4.1	Inleiding	293
4.2	’n Voorlopige tipologie van soorte uitgewerye / produsente – produsentekategorieë in die produsentelandskap	295
4.3	Uitgewerye binne ’n mediamaatenskap of groter groep	305
4.3.1	Naspers / Via Afrika / NB-Uitgewers	313
4.3.1.1	Tafelberg	318

4.3.1.2	Human & Rousseau	320
4.3.1.3	J.L. van Schaik / Van Schaik Uitgewers	323
4.3.1.4	Ametis	326
4.3.1.5	Queillerie	327
4.3.1.6	Kwela Boeke	328
4.3.1.7	Homeros	329
4.3.1.8	Jasmyn / Mirre / Melodie / Hartklop / Satyn	331
4.3.1.9	Lux Verbi Bybelmedia	332
4.3.1.10	ContentLot.com / Content Solutions	334
4.3.2	African Sun Media	336
4.3.3	Perskor	338
4.3.4	HAUM / HAUM-Literêr	341
4.3.5	JUTA / Jusalit	345
4.3.6	Random House Suid-Afrika (Umuzi) / Penguin Suid-Afrika	347
4.4	Onafhanklike uitgewerye wat grotendeels op “populêre” fiksie fokus	348
4.4.1	J.P. van der Walt & Seun / LAPA	350
4.4.2	Jacklin Enterprises	353
4.4.3	Daan Retief / Kennis Onbeperk	356
4.4.4	Makro Boeke / Benedic Boeke	358
4.4.5	Christelike Uitgewersmaatskappy (CUM)	361
4.5	Onafhanklike uitgewerye wat grotendeels op “literêre” fiksie fokus	362
4.5.1	Protea Boekhuis	363
4.6	Onafhanklike eenman-uitgewerye wat op nismarkfiksie fokus	365
4.6.1	Bent	365
4.6.2	Suider Kollege Uitgewers	367
4.6.3	Fenomeen Publikasies	368
4.6.4	Snailpress / Gnostic Press / Firfield Press	369
4.6.5	Litera Publikasies	370
4.6.6	Hermes	370
4.6.7	Hemel & See	371
4.6.8	Genugtig!	372

4.7	Onafhanklike alternatiewe uitgewerye	373
4.7.1	Taurus	374
4.7.2	Hond	376
4.7.3	Praag	378
4.7.4	Prog / Domestica / !Xthorro Publikasies	379
4.8	Outeurs wat self-uitgee	383
4.9	Instansies wat self-uitgee	385
4.10	Die produsentelandskap van Afrikaanse fiksie	388
5.	Hoofstuk 5: Die ontwerp van 'n produksiedatabasis, die ontwikkeling van 'n kategoriseringstelsel van produksiekategorieë en die (re)konstruksie van 'n produksieprofiel en uitgeweryprofiel van Afrikaanse fiksie-publikasies	389
5.1	Inleiding	389
5.2	Die epistemologie van produksiestatistiek as teoretiese vertrekpunt	390
5.3	Beskikbaarheid van bronne van statistiese data vir die boekuitgewery- en boekhandelbedryf – 'n internasionale konteks en die Suid-Afrikaanse situasie	395
5.4	Beskikbaarheid van bronne van statistiese data vir die produksiekategorie Afrikaanse fiksiepublikasies	402
5.5	Ontwikkeling van die <i>Produkiedatabasis van Afrikaanse Fiksie</i> (PDAF)	410
5.5.1	Werkwyse tydens die ontwikkeling van die PDAF	411
5.5.2	Afbakening by die seleksie van relevante data – ingeslote en uitgeslote data	412
5.5.3	Versameling van data uit eerste-vlak-bronne	415
5.5.3.1	Die <i>Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie</i> (SANB)	415
	(a) Samestelling van die SANB en die Wet op Pliglewering	416
	(b) Ontstaan van 'n nasionale bibliografie	420
	(c) Formaat van die SANB	421
	(d) Onttrekking van data oor Afrikaanse fiksiepublikasies uit die SANB	425
	(e) Voordele van die SANB as bron van produksiedata	425
	(f) Tekortkominge van die SANB as bron van produksiedata	426

5.5.3.2	Publikasiekatalogus van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN)	428
(a)	Ontstaan van ’n bibliografie van Afrikaanse boeke as begin van NALN se publikasiekatalogus	429
(b)	Samestelling van NALN se publikasiekatalogus	433
(c)	Formaat van NALN se publikasiekatalogus	434
(d)	Onttrekking van data uit NALN se publikasiekatalogus	435
(e)	Voordele van NALN se publikasiekatalogus as bron van produksiedata	437
(f)	Tekortkominge van NALN se publikasiekatalogus as bron van produksiedata	438
5.5.4	Konsolidering van die twee eerste-vlak-bronne	439
5.5.5	Verifiëringsproses	441
5.5.5.1	Verifiëring van data aan die hand van tweede-vlak-bronne	441
5.5.5.2	Verifiëring van data aan die hand van derde-vlak-bronne	443
5.5.6	Afronding van die gekonsolideerde- en voor-finale datastel tot finale datastel	445
5.5.7	Verpakking van die finale datastel in ’n databasis	447
5.6	Ontwikkeling van ’n kategoriseringstelsel van produksiekategorieë	447
5.6.1	Beskikbaarheid en bruikbaarheid van bestaande kategoriseringstelsels	448
5.6.1.1	Die Dewey-klassifikasiesstelsel	449
5.6.1.2	Teoretiese aspekte van die genre-leer	452
5.6.2	Kriteria by die ontwikkeling van die kategoriseringstelsel van produksiekategorieë	456
5.7	Die (re)konstruksie van ’n produksieprofiel en uitgeweryprofiel van Afrikaanse fiksiepublikasies	468
5.7.1	Die konsep “produksieprofiel”	469
5.7.2	Die konsep “uitgeweryprofiel”	470
5.7.3	Die konsep “(re)konstrueer”	471
5.7.4	Afbakening by die (re)konstruksie van profiele uit die PDAF – die moontlikheid van ander profiele	472
5.7.5	Werkwyse by die (re)konstruksie van die produksieprofiel en uitgeweryprofiel van Afrikaanse fiksiepublikasies	474

6.	Hoofstuk 6: Statistiese produksiepatrone in die produksieprofiel en uitgeweryprofiel van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005	479
6.1	Inleiding	479
6.2	Totale aantal rekords van Afrikaanse fiksiepublikasies	481
6.3	Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van romantiese fiksie	485
6.3.1	Produksiekategorieë van romantiese fiksie	485
6.3.2	Produksiepatrone van romantiese fiksie	487
6.3.3	Uitgeweryprofiel van romantiese fiksie	494
6.4	Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van langer prosa (romans en novelles)	497
6.4.1	Produksiekategorieë van langer prosa (romans en novelles)	498
6.4.2	Produksiepatrone van langer prosa (romans en novelles)	500
6.4.3	Uitgeweryprofiel van langer prosa (romans en novelles)	508
6.5	Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van kortprosa	510
6.5.1	Produksiekategorieë van kortprosa	511
6.5.2	Produksiepatrone van kortprosa	516
6.5.3	Uitgeweryprofiel van kortprosa	523
6.6	Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van riller- / spannings- / speurprosa	525
6.6.1	Produksiekategorieë van riller- / spannings- / speurprosa	526
6.6.2	Produksiepatrone van riller- / spannings- / speurprosa	527
6.6.3	Uitgeweryprofiel van riller- / spannings- / speurprosa	532
6.7	Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van inspirerende prosa	534
6.7.1	Produksiekategorieë van inspirerende prosa	535
6.7.2	Produksiepatrone van inspirerende prosa	538
6.7.3	Uitgeweryprofiel van inspirerende prosa	541
6.8	Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van inspirerende poësie	543

6.9	Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van humoristiese prosa	545
6.9.1	Produksiekategorieë van humoristiese prosa	545
6.9.2	Produksiepatrone van humoristiese prosa	549
6.9.3	Uitgeweryprofiel van humoristiese prosa	552
6.10	Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van humoristiese poësie	554
6.11	Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van poësie	555
6.11.1	Produksiekategorieë van poësie	555
6.11.2	Produksiepatrone van poësie	560
6.11.3	Uitgeweryprofiel van poësie	567
6.12	Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van drama	571
6.12.1	Produksiekategorieë van drama	571
6.12.2	Produksiepatrone van drama	573
6.12.3	Uitgeweryprofiel van drama	579
6.13	Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van publikasies waarin gemengde genres voorkom	582
6.14	Groei / inkrimping / diversifikasie van die totale produksieprofiel van die produksielandskap van Afrikaanse fiksie	584
7.	Hoofstuk 7: Samevatting van bevindinge, toekomstige navorsing en slotperspektief	591
7.1	Inleiding	591
7.2	Samevatting van bevindinge	591
7.3	Toekomstige navorsing	596
7.4	Slotperspektief	603
	Bibliografie	605
	Aanhangsel A: Lys van katalogusse en nuusbriewe	662
	Aanhangsel B: Lys van produksiekategorieë	669

Lys van Tabele en Figure

Tabel 1:	PDAF – Totale aantal rekords verdeel in 11 oorhoofse produksiekategorieë vir die periode 1990-2005	481
Figuur 1:	Generiese model van die uitgesisteem	89
Figuur 2:	Toegepaste model: Die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie 1990-2005	97
Figuur 3:	Produsentelandskap van Afrikaanse fiksie 1990-2005	386
Figuur 4:	Produksiepatrone van Afrikaanse liefdesromans oor die periode 1990-2005	490
Figuur 5:	Uitgeweryprofiel van Afrikaanse romantiese fiksie oor die periode 1990-2005	496
Figuur 6:	Produksiepatrone van Afrikaanse langer prosa (romans en novelles) oor die periode 1990-2005	501
Figuur 7:	Uitgeweryprofiel van Afrikaanse langer prosa (romans en novelles) oor die periode 1990-2005	509
Figuur 8:	Produksiepatrone van Afrikaanse kortprosa (kortverhaalbundels) oor die periode 1990-2005	517
Figuur 9:	Produksiepatrone van Afrikaanse kortprosa (dagboeke, essaybundels, aanhalingsbundels) oor die periode 1990-2005	522
Figuur 10:	Uitgeweryprofiel van Afrikaanse kortprosa oor die periode 1990-2005	524
Figuur 11:	Produksiepatrone van Afrikaanse riller- / spannings- / speurprosa (langer en kortprosa) oor die periode 1990-2005	528
Figuur 12:	Uitgeweryprofiel van Afrikaanse riller- / spannings- / speurprosa oor die periode 1990-2005	533
Figuur 13:	Produksiepatrone van Afrikaanse inspirerende prosa oor die periode 1990-2005	539
Figuur 14:	Uitgeweryprofiel van Afrikaanse inspirerende prosa oor die periode 1990-2005	542
Figuur 15:	Produksiepatrone van Afrikaanse humoristiese kortprosa oor die periode 1990-2005	550
Figuur 16:	Uitgeweryprofiel van Afrikaanse humoristiese kortprosa oor die periode 1990-2005	553

Figuur 17: Produksiepatrone van Afrikaanse poësie oor die periode 1990-2005	561
Figuur 18: Uitgeweryprofiel van Afrikaanse poësie oor die periode 1990-2005	570
Figuur 19: Produksiepatrone van Afrikaanse drama oor die periode 1990-2005	575
Figuur 20: Uitgeweryprofiel van Afrikaanse drama oor die periode 1990-2005	581
Figuur 21: Totale produksie van Afrikaanse fiksie oor die periode 1990-2005	586
Figuur 22: Diversifikasie in die totale produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005	589

Hoofstuk 1

Inleiding, oriëntering en navorsingsontwerp

1.1 Inleiding

Die Suid-Afrikaanse boekuitgewerybedryf verteenwoordig binne die Afrika-konteks 'n besondere inheemse prestasie: dit is die grootste, mees diverse en tegnologies mees gevorderde boekuitgewerybedryf op die kontinent (PICC, 2004:51). Die ontwikkeling van dié bedryf hou direk verband met die breë Suid-Afrikaanse geskiedenis van kolonialisme, apartheid en die oorgang na demokrasie, sowel as met die verbandhoudende ekonomiese, politieke, institusionele en tegnologiese faktore wat uitgee beïnvloed (Evans & Seeber, 2000:4; Galloway, 2002a:204, 219).

In die eras van Nederlandse kolonialisme, Britse imperialisme en etniese Afrikaner-nasionalisme het die staat streng beheer toegepas oor dít wat uitgegee kon word of verbied is. Nienaber (1943a:3-4) toon aan dat die Here XVII telkens versoeke (in 1783 en 1786) van die Vereenigde Oostindische Compagnie (VOC) vir die invoer van 'n drukpers na die Kaap afgekeur het (gevolglik sou die eerste drukwerk op plaaslike bodem, 'n almanak, eers in 1795 deur Johannes Christian Ritter geproduseer word). Later, onder Britse bewind, het Lord Charles Somerset streng beheer toegepas op die eerste onafhanklike koerant, *The South African Commercial Advertiser* (gestig in 1824), wat hom herhaaldelik vir persvryheid en teen korrupsie in die regering uitgespreek het. Dié blad is dan ook deur Somerset verbied. Dit het gelei tot die eerste debakel oor sensuur en vryheid van die pers. Op 12 Februarie 1825 is persvryheid vir die eerste keer toegestaan (Nienaber, 1943a:9-15).

Gedurende die apartheidsera (1948-1994), het die invoering van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede van 1963, die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme van 1966 en die Wet op Publikasies van 1974, die strengste sensuurstelsel verseker (Mpe &

Seeber, 2000:23) en het dit aanleiding gegee tot die ontstaan van 'n alternatiewe uitgewerybedryf. Volgens Andries Oliphant (2000:109-110) is hierdie streng beheer oor die produksie en verspreiding van literatuur 'n belangrike kenmerk in die geskiedenis van die plaaslike boekuitgewerybedryf en het dit die ontwikkeling van al die letterkundes van Suid-Afrika direk geraak. In vergelyking met die relatiewe sterkte van plaaslike boekproduksie in die algemeen, is die skrale en oneweredige produksie van fiksiepublikasies in al die inheemse tale van Suid-Afrika en in alle fiksiegenres volgens hom een van die skrilste historiese ironieë omtrent die bedryf. Annari van der Merwe (2000a:2-4) sluit by hierdie beskouing aan wanneer sy verwys na die “oneweredige literêre erfenis” van die plaaslike boekuitgewerybedryf wat die toekomstige ontwikkeling van dié bedryf 'n besondere uitdaging maak. Teen die begin van die 1990's was die boekproduksie van Afrikaanse fiksie, in vergelyking met produksie van inheemse fiksie in Engels en in Afrikatale, die florerendste in terme van die hoeveelheid titels wat geproduseer is en die verskeidenheid waarin uitgegee is. In die verloop van die 1990's het Afrikaanse fiksieproduksie sy dominante posisie in die plaaslike produksielandskap behou, maar die aantal fiksietitels wat per jaar uitgegee is, was aan die afneem (Galloway, 2002a:207-208, 221).

Die ontstaansgeskiedenis van die Afrikaanse boekuitgewerybedryf in die tweede helfte van die 1870's, hou direk verband met doelbewuste pogings om Afrikaans te verhef as taal van geskrewe en gedrukte kommunikasie, die sogenaamde Eerste Afrikaanse Taalbeweging (1875-1900). Die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in 1875 en die mondstuk daarvan, *Die Afrikaanse Patriot* (gestig in 1876), wou die nasionale belang van die Afrikaner bevorder. Dié doel is nagestreef deur die produksie van publikasies in Afrikaans en die drukkerij D.F. du Toit & Co. is in 1878 daarvoor gestig.

Die imperialistiese ideale van Lord Alfred Milner met die invoering van sy omvangryke verengelsingsbeleid, wat gevolg het op die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), het aanleiding gegee tot die Tweede Afrikaanse Taalbeweging (1900-1930) wat sou lei tot grootskaalse bestendinging van die Afrikaanse taal en sy funksies. Dit het ook gelei tot

verdere momentum in die ontwikkeling van die Afrikaanse boekuitgewerybedryf. Van die vroegste uitgewerye wat bygedra het tot produksie van Afrikaanse fiksie was die Hollandsch-Afrikaansche Uitgeversmaatschappij (gestig in 1894), die Suid-Afrikaanse takke van die Amsterdamse uitgewery J.H. de Bussy (1894), Het Westen Drukkerij (1904) en Van der Sandt de Villiers Druipers Maatschappij Beperkt (1845).

In 1914 breek Generaal J.B.M. Hertzog en sy volgelinge weg van die Suid-Afrikaanse Party en hy stig die Nasionale Party. Kort hierna word twee uitgewerye gestig wat oor 'n lang periode 'n belangrike en standhoudende bydrae tot Afrikaanse boekproduksie sou lewer: J.L. van Schaik in Pretoria (1914) en Nasionale Pers in Kaapstad (1915). Nuwe Afrikaanse koerante, byvoorbeeld *Ons* (later *Die*) *Vaderland* (1915), *De* (later *Die*) *Burger* (1915) en *Die Volksblad* (1916) sowel as tydskrifte soos *Die Huisgenoot* (1916, oorspronklik *Ons Moedertaal*) en *Die Boerevrou(w)* (1919) sien die lig wat die taalstryd ondersteun en waarbinne Afrikaanse skeppende leesstof 'n belangrike komponent vorm (Kannemeyer, 1988:27-45; Nienaber, 1943a:64-65, 105-118). Teen die laat 1920's bestaan daar dus 'n reeks gekonsolideerde prosesse vir die amptelike erkenning van Afrikaans (wat plaasvind in 1925), die ontwikkeling van 'n Afrikaanse uitgewerybedryf en die popularisering van Afrikaans onder Afrikaanssprekendes. Hofmeyr (1987:95-123) betoog dat die Afrikaanse boekuitgewerybedryf reeds van vroeg af verbind was met die etniese konsep van Afrikaner-nasionalisme en dat die produksie van 'n Afrikaanse literêre kultuur 'n belangrike rol daarin gespeel het (vergelyk ook Du Plessis, 2004:128-133).

Die politieke en kulturele verbintenis van die Afrikaanse boekuitgewerybedryf het verder versterk met die oorwinning van die Nasionale Party in 1948 en die apartheidsera wat daarna gevolg het. Mpe & Seeber (2000:19-20) toon byvoorbeeld die verbintenis tussen dié bedryf en Afrikaner politici aan deur te verwys na die feit dat destydse Eerste Ministers redakteurs van Afrikaanse koerante was of op die direksie van media-maatskappye gedien het, byvoorbeeld D.F. Malan as redakteur van *Die Burger* en H.F. Verwoerd as redakteur van *Die Transvaler*. Ná 1948 het dié uitgewerye wat in Afrikanerbesit was 'n dominante rol gespeel in die voorsiening van skoolhandboeke waarvan die

inhoud onkrities teenoor die apartheidsbestel gestaan het (vergelyk die essays in Kromberg, Govender, Birrell & Sibanyoni *et al*, 1993) en hierdie uitgewerye het vinnig en suksesvol uitgebrei (Mpe & Seeber, 2000:19-23). Hierteenoor beweer sommige meningsvormers dat hierdie opinie oor sodanige uitgewerye as 'n eensydige siening van Engelse liberale beskou kan word. Hierdie groei (gestimuleer deur institusionele aanklank) het meegehelp tot die vestiging van 'n lewenskragtige bedryf wat die produksie van ook Afrikaanse fiksiepublikasies en akademiese publikasies positief geraak het. Afrikaanse fiksieproduksie was gedurende die apartheidsera bevoordeel deur die regering se institusionele ondersteuning van die boekuitgewerybedryf in die vorm van substansiële aankope van skoolboeke en ruim biblioteekbegrotings (Van der Merwe, 2000a:4; vergelyk ook Oliphant, 2000:117). Op die lange duur sou hierdie bevoordeling egter negatiewe gevolge vir die Afrikaanse uitgewerybedryf inhou: dit het tot 'n kunsmatige lewensvatbaarheid aanleiding gegee wat moeilik sonder substansiële institusionele ondersteuning in 'n post-apartheid Suid-Afrika gehandhaaf sou kon word en ná 1994 moes dié bedryf van hierdie bevoordeelde posisie gespeen word.

Aan die vooraand van die 1990's het die Afrikaanse taal, kultuur, letterkunde en Afrikaanse instellings (in beide die openbare en privaatsektor) 'n geïnstitutionaliseerde posisie van gevestigdheid én bevoordeling beklee. Met die aanbreek van 'n demokratiese bestel in Suid-Afrika gedurende die vroeë 1990's (wat reeds vóór 1990 'n aanloop gehad het – vergelyk Giliomee, 2004:585-592) en die daaropvolgende transformasieprosesse, kon die Afrikaanse taal se uitdrukkingswyses en funksies nie meer op institusionele bevoordeling staatmaak nie. Afrikaans was nie meer een van slegs twee amptelike tale nie, maar een van elf amptelike tale en in die praktyk is Engels nie-amptelik tot die *de facto* amptelike taal verhef – die erkenning van 'n multitalige Suid-Afrika in die Grondwet het tot op hede nog nie inslag in die praktyk gevind nie. In die verloop van die 1990's en vroeë 2000's het die Afrikaanse taal, kultuur en letterkunde en Afrikaner-institusies stelselmatig begin inboet aan sy voormalige bevoorregte posisie ten opsigte van hoër funksies (vergelyk Giliomee, 2004:622-626, 628-631; Carstens, 2004:4-8 en Van Coller & Steyn, 2001:158-174): Afrikaans as uitsaaitaal op nasionale televisie is ingekort (sien 3.3.1.2); voormalige Afrikaanse universiteite het oorgeskakel na

aanvanklik parallelmediumonderrig in Afrikaans en Engels en later toenemend na hoofsaaklik enkelmedium, naamlik Engels (sien 3.3.4.4); die posisie van Afrikaans as taal van die wetenskap en navorsing het verswak (vergelyk Mouton, 2005:370-385); Afrikaans in die openbare sektor is in 'n groot mate verdring; al hoe minder besigheid in die privaatsektor is in Afrikaans gedoen; die posisie van Afrikaans as regstaal en juridiese taal in die howe het onder druk gekom; en Afrikaanse skole is gedwing om onderrig in ook Engels in te voer.

Die Afrikaanse spraakgemeenskap het, in verskeie hoedanighede (binne akademiese kringe, maar ook op voetsoolvlak deur, soms emosionele, mediadebatte), vinnig gereageer op hierdie funksieverliese en beredenering oor die stand en toekoms van Afrikaans voortgesit. 'n Taaldebat oor die posisie van Afrikaans het reeds in die vroeë 1980's begin – vergelyk byvoorbeeld Prinsloo & Van Rensburg *et al* (1984), die Taal en Stryd-kongres van 1989 (Du Plessis & Van Gensen *et al*, 2000) en Steyn (in Prinsloo & Van Rensburg *et al*, 1984:26) wat die inwyding van die Afrikaanse Taalmonument in 1975 en die uitbreek van die Soweto-opstande in 1976 uitsonder as twee taalpolitieke gebeurtenisse en bakens wat die “gesprek oor Afrikaans” ontketen het. Ná 1994, binne die multitaligheidsopset van post-apartheid Suid-Afrika, het die taaldebate geïntensiveer – in só 'n mate dat sommige meningsvormers na 'n derde taalstryd verwys. Die Afrikaanse spraakgemeenskap speel tans 'n leidende rol in die stryd om erkenning van gelyke taalbereëling en veeltaligheid en president Thabo Mbeki het die voorbeeld wat hierdeur aan ander taalgemeenskappe gestel word as lofwaardig geprys (aangehaal in Gwatyu, 2005:2). Enkele konkrete en resente voorbeelde van hoe dié wyd uiteenlopende taaldebate kristalliseer, is die Afrikaanse Taalberaad wat in 2004 onder leiding van die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans (NTLA) op Stellenbosch plaasgevind het; die taaloudit van Afrikaanse inisiatiewe (Prinsloo, 2004) wat die beraad voorafgegaan het; en die taaldebate oor die invoering van parallelmediumonderrig (die sogenaamde T-opsie) by die Universiteit van Stellenbosch (sien 3.3.4.4). (Politieke transformasie en veranderde taalbereëling word in meer detail in 3.4.1.1(a) en 3.4.1.1(d) bespreek.)

Een van die besondere prestasies van Afrikaans, as 'n relatiewe jong taal, is die bestaan van 'n omvangryke letterkunde en 'n ontwikkelde literêre tradisie en literêre kultuur (vergelyk Van Zyl, 2000a:4). Dit hou direk verband met die kragtigheid van Afrikaans se funksie as taal van die letterkunde en Afrikaans as uitgeetaal en taal waarin boekproduksie plaasvind. Van der Merwe (2000a:5) beskou die Afrikaanse boekuitgewerybedryf binne die konteks van Afrika as “niks minder nie as 'n wonderwerk”. Binne die bovermelde konteks van die funksieverlies van Afrikaans binne die eerste fase van die post-apartheidsera, ontstaan die vraag na die stand van die Afrikaanse boek en die Afrikaanse letterkunde in die breë, en in die besonder na die stand van boekproduksie in Afrikaans en Afrikaans as uitgeetaal.

'n Debat oor die voortbestaan van die Afrikaanse boek het nie agterweë gebly nie en is sedert die laat 1990's, soms hewig, gevoer (vergelyk briewe en artikels in die media soos deur Weideman, 1998:8; Scholtz, 1998:8; en Van Zyl, 1998a:1 en 1998b:7-8). Bekommernis oor die Afrikaanse boek, spesifiek die Afrikaanse fiksieboek, kom op formele wyse in 2002 na die oppervlak wanneer Afrikaanse fiksieskrywers uitgewerye van (ook) Afrikaanse fiksie in 'n “gespreksdokument” verwyt dat hulle minder fiksietitels (veral poësiepublikasies) uitgee (Weideman *et al*, 2002). Teen 2003 word kommer oor die stand van Afrikaanse fiksie deur verskeie literatoure uitgespreek. Helize van Vuuren (2003:11) beskryf die toekoms van die Afrikaanse letterkunde as “duister”: “'n Oorsigtelike blik op die tendense in Afrikaanse letterkunde (resepmatigheid soos in die jongste bosboek van Dalene Matthee [*Toorbos* (Tafelberg, 2003)], 'n steeds groterwordende lys ligte, populêre boeke, die afwering van uitgewers van hoë, ernstige literêre tekste ten gunste van blitsverkopers en geldmakers soos die populêre, avontuurlike en sensasionele, die inkrimping van boekeblaaie) laat die vermoede ontstaan dat 'n soortgelyke regressie as waaroor [N.P. van Wyk] Louw dit had gaande is” (Van Vuuren, 2003:11). In 2000 verwys Van Vuuren (aangehaal in Odendaal, 2002:51) grappenderwys na die stand van die Afrikaanse poësie as “Dood soos 'n mossie!”. Joan Hambidge verwys na Sonja Loots (2003a:18), boekeredakteur van *Rapport*, se uitspraak dat 2003 “'n vaal jaar vir Afrikaanse fiksie, veral literêre fiksie” was en poneer 'n omstrede opinie oor die “impasse in ons letterkunde”: “Daar het waarskynlik vroeër te

veel boeke verskyn en ja, die Afrikaanse letterkunde was oorbemark en dit was 'n mediaspel wat later so leeg soos 'n penneblikkie was. Inderdaad is dit goed dat daar min(der) verskyn, dat daar strenger gekyk en gekeur word, maar dit moet nie ten koste van belangrike en grensverskuiwende tekste gebeur nie” (Hambidge, 2004:13). Dan Roodt (2004a:17), taalaktivis en eienaar van die uitgewery Praag, voer 'n aantal redes aan vir die kwyning van die Afrikaanse letterkunde: (i) in die verlede het akademici van skrywers verwag om polities en ideologies veilige boeke te skryf, vol simbole of verwysings, wat gerig was op die voorskryfmark, en dié mark het verdwyn; (ii) die meeste Afrikaanse uitgewerye was “verbonde aan die groot persgroepe vir wie die uitgee van boeke 'n soort gesubsidieerde prestige-bedrywigheid was” en hulle het nie voldoende aan boekwinkels bemark nie en het op die voorskryfmark staatgemaak; (iii) “Afrikaanse koerante is nie meer lojaal teenoor die Afrikaanse boek nie”; en (iv) Afrikaanse skrywers weet vandag nie “hoe om sin te kry uit die politieke veranderings in Suid-Afrika nie”, skryf nie vernuwend en met waagmoed nie en lewer gevolglik produkte wat die Afrikaanse leser verveel. Ten spyte van hierdie omstandighede voel Roodt steeds dat “ons aan die vooraand van 'n bloeityd vir Afrikaanse boeke” is en maak hy voorbrand vir die Afrikaanse boek. Volgens Kirby van der Merwe (2004a:17), voorheen adjunk-boekeredakteur van *Insig*, het uitgewers, skrywers en boekeredakteurs juis oor die afgelope dekade “bemoeienis gemaak [...] met die taal en die voortbestaan van die boek”. Van der Merwe beskou Roodt se “oproep” as 'n beklemmende vorm van laertrek en wonder of “die heil van en die oorlewing van die taal en die Afrikaanse letterkunde nie juis in die natuurlike dood daarvan lê nie”. Hy gee toe dat daar “wesentliche aanslagte op die taal” is, maar weier om mee te doen aan die “dodedans rondom Afrikaans”.

In sy hersiene Afrikaanse literatuurgeskiedenis maak die bekende literatuurhistorikus John Kannemeyer (2005:560-561) die stelling dat 1994 geen keerpunt verteenwoordig in terme van inhoudelike vernuwing en die aanbreek van 'n nuwe periode in die Afrikaanse literatuur nie: “Daar mag die verwagting wees dat die Afrikaanse literatuur na die demokratiese verkiesing van 27 April 1994 daar anders uitsien as die literatuur daarvoor en dat dit hierdie datum is wat 'n vernuwing inlui. Hoewel politiek en literatuur soms 'n duidelike verband het, loop die literatuur egter meermale sy eie koers [...] In die dekades

voor 1994 was daar nooit 'n fase dat die Afrikaanse literatuur apartheid gepropageer of geakkommodeer het nie. Die finale afrekening en breuk, waartoe die kritiese ingesteldheid van die jare sestig die aanloop was, kom egter met die sterk en verhewigde verset van omstreeks die middel van die sewentigerjare, al styg die beste werke bo die onmiddellike aktualiteit uit en word die verset teen die onregverdige bestel in die land en die nood van die enkele mens tot universele plan verhef". Hierna motiveer Kannemeyer sy periode-indeling om die "hedendaagse Afrikaanse literatuur" as 'n periode van 1976 tot tans te beskou. Kannemeyer mag reg wees wat die inhoudelike aspekte van tekste betref, maar wat die materiële produksie van Afrikaanse fiksie betref, was die 1990's wel 'n belangrike keerpunt in die uitgesisteem en uitgegeskiedenis van Afrikaanse fiksie: die proses waardeur die Afrikaanse literatuur tot produk omskep word en waarbinne dit geproduseer word, het onherroeplik verander.

Die 1990's kan beskou word as 'n Rubicon vir die Suid-Afrikaanse boekuitgewerybedryf: dit is die era waartydens dié bedryf moes transformeer vanaf die funksionering daarvan in 'n konteks van apartheid (en kolonialisme) tot die nuwe konteks van 'n ontplooiende post-apartheid demokrasie (Galloway, 2002a:204). Noodwendig sou dit ook 'n impak hê op boekproduksie van plaaslike fiksie in die algemeen en spesifiek op die produksie van Afrikaanse fiksie. Aan die begin van die 1990's is hoë verwagtinge gekoester vir die transformasie en ontwikkeling van die plaaslike boekuitgewerybedryf en die toekomstige rol wat dit kon vervul in die demokratisering van Suid-Afrika (sien 3.4.2.2). Volgens Oliphant (2000:121) het die boekuitgewerybedryf egter gedurende die 1990's agteruitgegaan in terme van die diversiteit in eienaarskap, die verskeidenheid in boekproduksie en waarskynlik ook in die sosiale belang van die bedryf (vergelyk ook Wafawarowa, 2004 wat krities staan en voel dat die boekuitgewerybedryf nie genoegsaam gedurende die 1990's getransformeer het nie – veral in terme van diversiteit in eienaarskap). Steeds beskou Oliphant die bedryf as van nasionale belang vir die bevordering van die inheemse literêre kulture van Suid-Afrika.

Die oorgangsera was 'n periode van dramatiese transformasie met betrekking tot die omvang, grootte en kultuur van die Suid-Afrikaanse (én Afrikaanse)

boekuitgewerybedryf. Die groei of inkrimping van die boekuitgewerybedryf kan slegs wetenskaplik bepaal word deur empiriese navorsing oor boekproduksie – omdat boekproduksie in die materiële wêreld gewortel is en gedeeltelik deur telbare hoeveelhede begryp en beskryf kan word (vergelyk die uitsprake van Simon Eliot in 5.2). Die doel met hierdie studie is dan juis om 'n empiriese ondersoek na die materiële produksie van Afrikaanse fiksie te loods en deur middel van kwantitatiewe navorsing die impak van transformasie op boekproduksie, op 'n statistiese wyse, na te vors.

1.2 Probleemstelling, navorsingsvrae en doelstellings van die ondersoek

Teen die agtergrond van die sosio-politieke transformasie van die Suid-Afrikaanse samelewing sedert 1990, wat die totale samelewing op byna elke terrein geraak het (wat die ekonomiese, tegnologiese, kulturele en mediakontekste betref, asook kontekste soos die staat se voorsiening vir boeke in skole en biblioteke), fokus hierdie studie op die impak van transformasie op die produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005. Die genoemde debatte oor die stand van die Afrikaanse letterkunde en uitsprake van kommer oor die voortbestaan daarvan, word dikwels uit die perspektief van letterkundiges en skrywers gevoer. Dit is problematies dat hierdie gesprekke nie steun op die fondament van indringende empiriese navorsing oor boekproduksie van Afrikaanse fiksie nie en dit is binne dié verband wat hierdie studie 'n bydrae wil lewer.

Die primêre navorsingsvraag wat die grondslag vorm van hierdie studie is: **Hoe kan die materiële produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 sowel as die uiteenlopende faktore wat dit beïnvloed, op empiriese wyse nagevors en gekarteer word?**

Die primêre navorsingsvraag word in die volgende subvrae verdeel:

- Hoe kan transformasieverskuiwings in die produksielandskap en produsentelandskap van Afrikaanse fiksie deur kwalitatiewe navorsing beskryf en gekontekstualiseer word?

- Watter insigte vanuit die vakliteratuur werp lig op die ontwikkeling van 'n instrument waardeur faktore wat die produksielandskap beïnvloed, beskryf kan word?
- Kan die bogenoemde insigte gebruik word om 'n model te ontwikkel wat as instrument kan dien vir die kwalitatiewe beskrywing van die produksielandskap?
- Hoe kan die ontwikkelde model aangewend word vir die beskrywing van transformasieverskuiwings wat hipoteties die produksielandskap beïnvloed het?
- Wat was die impak van transformasieverskuiwings in die produksielandskap op verskuiwings in die produsentelandskap en in watter mate het dit die aantal en aard van produsente (en hulle produksie) beïnvloed?
- Hoe kan die impak van transformasieverskuiwings in die produksielandskap en produsentelandskap op die materiële produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 deur kwantitatiewe navorsing aangetoon word?
 - Watter bronne bestaan waardeur produksiedata ingewin kan word en waaruit produksiepatrone bepaal kan word (wat dus as instrument vir die bepaling van kwantitatiewe produksiepatrone kan dien)?
 - Indien geen oorkoepelende bron van produksiedata bestaan nie, watter bronne kan aangewend word om 'n instrument te ontwikkel waardeur so 'n oorkoepelende bron tot stand gebring kan word?
 - Hoe behoort daar tussen verskillende soorte publikasies of produksiekategorieë onderskei te word in die bepaling van beide oorhoofse en meer spesifieke produksiepatrone?
 - Hoe kan 'n bron van produksiedata as instrument aangewend word om kwantitatiewe produksiepatrone te bepaal?
 - Wat is die verband tussen die kwalitatiewe kartering en kontekstualisering van die produksielandskap en produsentelandskap en die kwantitatiewe kartering van dié landskappe deur die vasstelling van produksiepatrone?

- Kan die ontwikkelde model en bron van produksiedata as geldige instrumente vir die kartering van die materiële produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 beskou word?

Die doel van die studie kan as volg saamgevat word: Om 'n empiriese ondersoek ('n kombinasie van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing) te onderneem na die materiële produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005. Ter bereiking van hierdie doel word die volgende doelstellings gestel:

- Om teen die agtergrond van teoretiese vertrekpunte 'n generiese model van die uitgesisteesem te ontwerp.
- Om die generiese model aan te pas tot 'n model van die uitgesisteesem van Afrikaanse fiksie.
- Om die model (as instrument) te benut vir 'n kwalitatiewe beskrywing van hoe transformasieverskuiwings die produksie van Afrikaanse fiksie beïnvloed het (beide wat die produksielandskap en produsentelandskap betref).
- Om teen die agtergrond van teoretiese vertrekpunte 'n bron van produksiedata te ontwikkel – 'n databasis van die produksie van Afrikaanse fiksiepublikasies.
- Om die produksiedatabasis (as instrument) te benut om twee profiele te rekonstrueer: die produksieprofiel en die uitgeweryprofiel.
- Om die produksieprofiel en uitgeweryprofiel aan te wend om die groei en diversifikasie van die produksie van Afrikaanse fiksiepublikasies te meet.
- Om 'n wetenskaplik-gefundeerde verslag daar te stel van die uitgesisteesem, produksielandskap en produksieprofiel, produsentelandskap en uitgeweryprofiel van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005.

1.3 Navorsingsmetodologie en navorsingsontwerp

Hierdie studie steun op 'n kombinasie van navorsingsmetodes en metodologieë. Dit neem die vorm van 'n deskriptiewe empiriese ondersoek aan en steun op beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes. Die volgende bronne oor navorsingsmetodologie is

as agtergrond geraadpleeg by die navorsingsontwerp van die studie: De Vos *et al* (1998), Mouton (2001), Struwig & Stead (2001), Leedy & Ormrod (2001) en Bak (2004).

In die kontekstueel-deskriptiewe komponent van die studie word gepoog om die eietydse produksielandskap en produsentelandskap waarin Afrikaanse fiksie geproduseer word, te kontekstualiseer by wyse van kwalitatiewe navorsingsmetodes.

Eerstens is beskikbare kwalitatiewe data (sekondêre data) deur middel van 'n uitgebreide literatuurstudie ingesamel, georganiseer en geïnterpreteer. Die literatuurstudie het beskikbare bronne oor die Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf in die algemeen en bronne oor die Afrikaanse uitgewerybedryf, die uitgee van Afrikaanse fiksie en die Afrikaanse letterkunde in die besonder, betrek. Dié bronne sluit in: navorsingsverslae waarin die plaaslike uitgewerybedryf gekarteer word; algemene koerant- en tydskrifartikels; inligting vanaf webwerwe van uitgewerye en ander inligting op die Internet; vakwetenskaplike tydskrifartikels en boekpublikasies oor die Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf en, in 'n beperkte mate, oor die internasionale uitgewerybedrywe van die Verenigde Koninkryk, die Verenigde State van Amerika en Nederland; en 'n seleksie van argivale bronne uit die argiewe van uitgewerye.

Tweedens is verkennende gesprekke gevoer met 'n verskeidenheid rolspelers in die plaaslike uitgewery- en boekhandelbedryf (insluitend uitgewers, boekhandelaars, boekverspreiders, boekbemarkers, boekeredakteurs en ander rolspelers) waardeur primêre kwalitatiewe data ingewin is. Die insigte wat uit dié gesprekke voortgevloei het, het die navorsing op 'n induktiewe wyse verder gerig, maar dit het nie altyd direk in die navorsingsverslag neerslag gevind (soos in die geval van data afkomstig uit gestruktureerde onderhoude) nie. 'n Literatuurstudie is ook onderneem na beskikbare teoretiese en metodologiese vertrekpunte waarbinne die kontekstualisering en deskriptiewe komponent ingebed kon word.

Die kontekstueel-deskriptiewe komponent vertrek vanuit 'n sosiologiese en institusionele benadering tot die empiriese literatuurwetenskap en steun teoreties op die polisistiem-

teorie van Itamar Even-Zohar en die teorie oor die veld van kulturele produksie van Pierre Bourdieu. Dié benaderings en teorieë word van toepassing gemaak binne die kader van die interdisiplinêre studieterrein boekstudie en spesifiek op die toepassingsterrein van uitgewery-ondersoek (waartydens gesteun word op onder andere die bestaande ondersoeke van Frank de Glas as model vir die toepassing). 'n Nuwe sisteemteoretiese model word ontwerp: die uitgeesisteem. Die model van die uitgeesisteem word as instrument benut vir die kartering van die produksielandskap van Afrikaanse fiksie, waarin die sekondêre kwalitatiewe data neerslag vind. Daarna word die fokus verskerp vir 'n kartering van verskuiwings in die produsentelandskap. Die teoretiese vertrekpunte en ontwikkelde model van die uitgeesisteem, die sisteembeskrywing van die produksielandskap en die kartering van die produsentelandskap (Hoofstukke 2, 3 en 4), vorm gesamentlik die kontekstueel-deskriptiewe komponent van die studie.

Teen die agtergrond van die kontekstueel-deskriptiewe komponent, volg die statisties-empiriese komponent van die studie waarin statistiese produksiepatrone van die materiële produksie van Afrikaanse fiksie by wyse van kwantitatiewe navorsingsmetodes nagevors en ontleed word.

Eerstens is 'n literatuurstudie onderneem na beskikbare navorsing oor die interdisiplinêre vakterrein van boekstudie en 'n spesifieke vertakking daarvan, naamlik die toepassingsterrein van die epistemologie van produksiestatistiek. Uit die beskikbare literatuur is 'n werksmetode bepaal waarvolgens die empiriese komponent van die studie aangepak kon word en wat die navorsingsproses op 'n induktiewe wyse verder gerig het.

Tweedens is 'n bronnestudie onderneem na beskikbare kwantitatiewe data van die produksie van Afrikaanse fiksiepublikasies en 'n moontlike oorkoepelende bron van produksiestatistiek. Dit het verskeie databasisse en bibliografieë betrek, insluitend die databasis van die Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie (SANB) van die Nasionale Biblioteek (NLSA), die katalogus van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) en die *Bibliografie van Afrikaanse boeke* van P.J. Nienaber. Die bruikbaarheid, oorspronklike doel vir die totstandkoming en die voordele

en nadele van hierdie bronne as oorkoepelende bron van produksiestatistiek, is bepaal deur die bronnestudie sowel as deur verkennende gesprekke met persone wat by die samestelling en instandhouding van die bronne betrokke is. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat geen pasklaar bron van produksiestatistiek, wat as oorkoepelend, relatief betroubaar en bruikbaar vir die doeleindes van hierdie ondersoek beskou kan word, bestaan nie.

Daarna is die beskikbare kwantitatiewe data (sekondêre data) ingesamel, geherorganiseer en herverpak om 'n sodanige bron van produksiestatistiek (in die vorm van 'n produksiedatabasis) te ontwikkel. Die navorsingsmetode wat in hierdie proses gevolg is, berus volgens Mouton (2001:164-165) op sekondêre data-analise.

Vervolgens is die ontwikkelde produksiedatabasis benut om op kwantitatiewe (statistiese) wyse die materiële produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 na te vors. Uit die beskikbare literatuur is 'n metode gevind om 'n voorlopige tipologie van produksiekategorieë te ontwerp (wat as organisatoriese instrument vir die data kon dien en waarvolgens verskillende produksiekategorieë onderskei kon word ten einde breër en nouer produksiepatrone vanuit die data te bepaal). Daar is besluit om twee profiele uit die sekondêre herverpakte data te rekonstrueer as indikatore van groei en diversifikasie van die produksielandskap en produsentelandskap van Afrikaanse fiksie, naamlik 'n produksieprofiel (wat die aantal geproduseerde titels per jaar en per produksiekategorie aandui) en 'n uitgeweryprofiel (wat die produksiebydrae van verskeie uitgewerye en andersoortige produsente tot spesifieke produksiekategorieë aandui). Die data is elektronies gemanipuleer en wyer en nouer produksiepatrone is statisties bepaal en by wyse van kwantitatiewe beskrywing aangedui. Die produksiepatrone is daarna geanaliseer en geïnterpreteer deur dit te verbind met die kwalitatiewe beskrywing van die produksielandskap en produsentelandskap in die deskriptiewe komponent van die studie.

1.4 Afbakening van die ondersoek

Ter wille daarvan om die ondersoek binne uitvoerbare perke te hou, is die studie as volg afgebaken.

Hierdie navorsingsverslag word voorgelê ter vervulling aan die vereistes vir 'n doktorsgraad in die inligtingswetenskappe. As sodanig is die studie primêr 'n ondersoek in die inligtingswetenskappe, spesifiek die uitgewerswese, en nie in die literatuurwetenskap nie. Die ondersoek word teoreties geposisioneer in die interdisiplinêre studieterrein boekstudie en die toepassingsterrein uitgewery-ondersoek. Die onderwerp van die studie, naamlik die materiële produksie van spesifiek Afrikaanse fiksiepublikasies, betrek egter die literatuurwetenskap direk en daarom is daar wel aandag aan teorieë vanuit die literatuurwetenskap gegee. Die studie behoort egter van literatuurwetenskaplike studies, waarby die inhoud van die boek sentraal staan, onderskei te word. Binne die kader van die literatuurwetenskap, sluit die studie aan by die literatuursosiologie. In hierdie studie gaan dit nie oor die inhoud van die fiksieboek nie, maar oor die fiksieboek as materiële produk en die prosesse en institusies wat by die materiële produksie daarvan betrokke is. Die primêre fokus is nie op die skepping van fiksiepublikasies (die skryf daarvan), of die ontvangs of verbruik van fiksiepublikasies (die resepsie en lees), of die beoordeling van die waarde van fiksiepublikasies (die literêre kritiek) nie, maar spesifiek op die materiële produksie daarvan: die omskepping van 'n fiksiemanuskrip in 'n bemarkbare produk deur 'n uitgewery.

Daar word dus geen interpretasie van die inhoud van fiksiepublikasies gedoen nie en geen waarde-oordele oor die inhoud gemaak nie. Die studie val nie binne die tradisie van hermeneutiese teksstudie nie. Daar word ook nie op die kanon van die Afrikaanse letterkunde, die vorming van die kanon en gepaardgaande prosesse (soos byvoorbeeld kanonbestendiging of kanonvernuwing) gefokus nie. Die gebruikelike tradisie van onderskeid tussen gekanoniseerde en nie-gekanoniseerde publikasies vind nie plaas nie – daar word juis gepoog om só 'n onderskeid te vermy deur alle Afrikaanse fiksiepublikasies vir 'n bepaalde periode as objek van ondersoek te neem. Omdat die studie

primêr op die materiële produksie van Afrikaanse fiksie fokus, word daar slegs indirek aandag geskenk aan prosesse van simboliese produksie. Die uitdaging is dat toekomstige navorsing (ook deur literatuurwetenskaplikes) die fondament wat deur hierdie studie gelê word, naamlik die kartering van die totale materiële produksielandskap, as vertrekpunt neem vir verdere ondersoek na ook die simboliese produksie van Afrikaanse fiksie en die verband tussen materiële en simboliese produksie verder aantoon.

Met 'n studie van hierdie aard, waar die literatuur as voortbrengsel van die samelewing, die produksie daarvan binne die samelewing en die uiteenlopende faktore en sisteme waardeur dit beïnvloed word, beskou word, is dit moeilik om binne grense te bly. Die produksie van fiksiepublikasies word as 'n oop sisteem beskou waarin alle entiteite in die sisteem met mekaar verband hou – dit word 'n verstrengelde web van intersistemiese verhoudings. Deur hierdie beskouing kan die beskrywing van só 'n sisteem nooit volkome volledig wees nie en bly dit 'n abstrakte konstruksie van die werklikheid.

Afbakening is wel nodig in terme van die perspektief waaruit die sisteembeskrywing gedoen word. Wat die deskriptiewe komponent van die studie betref, geld die beskrywing van die uitgesisteem uit die perspektief van boekproduksie as institusie, as afbakening. Daar word gepoog om die impak van ander sisteme hierop aan te toon, wetend dat alle verbande nie bespreek kan word nie. Dit val buite die bestek van die ondersoek om 'n volledige beskrywing van die impak van transformasie op die uitgesisteem te gee – daar word wel gepoog om op eksemplariese wyse die belangrikste aspekte aan te spreek (aspekte wat verder empiries ondersoek behoort te word, word telkens aangedui).

As afbakening fokus die studie spesifiek op die enkele produksiekategorie Afrikaanse fiksiepublikasies. Alle publikasies oor die Afrikaanse letterkunde wat dus nie as fiksie kwalifiseer nie (byvoorbeeld literatuurgeskiedenis, literatuurwetenskaplike publikasies, outo(biografieë) en andersoortige (nie-fiksie) egotekste) word by die studie uitgesluit. Eweneens word akademiese, opvoedkundige en nie-fiksiepublikasies in Afrikaans uitgesluit. Die gevaar van willekeur by besluite oor die insluiting of uitsluiting van soorte publikasies, is vermy deur die klassifikasie van publikasies in die bemarkingstekste van

uitgewerye as uitgangspunt te neem (sien Hoofstuk 5 waar die afbakening van ingeslote en uitgeslote data in detail verduidelik word). Die studie-objek word verder afgebaken deur slegs te fokus op fiksiepublikasies wat op die volwasse mark gerig is – fiksieboeke wat as kinder- en jeuglektuur kwalifiseer, word dus uitgesluit (die produksie van Afrikaanse kinder- en jeuglektuur is wel elders deur die navorser gekarteer – sien Snyman & Venter, 2003a, 2003b en 2004). Slegs faktore wat betrokke is by die uitgeesisteam en produksie van Afrikaanse fiksie gerig op die volwasse mark word betrek, as voorbeeld word literatuurpryse of skryfkompetisies vir kinder- en jeugboeke dus uitgesluit. In terme van die studie-objek geld die verdere beperking dat daar slegs gefokus word op Afrikaanse fiksiepublikasies wat oorspronklik in Afrikaans geskryf is of daarin vertaal is; terwyl fiksiepublikasies wat uit Afrikaans in ander tale vertaal is, buite die bestek val.

Beide die deskriptiewe en empiriese komponente van die studie word verder afgebaken deur op 'n spesifieke periode te fokus, naamlik 1990-2005 – die sogenaamde transformasie periode of oorgangperiode. Die begindatum word juis nie as 1994 geneem nie, omdat die kort periode 1990-1994 (as periode van vóór die formele aanbreek van demokrasie) as “spieël” ingesluit word waarteen die periode 1994-2005 vergelyk kan word ten einde die impak van transformasie duideliker te illustreer. Boonop is 1994 in 'n mate 'n kunsmatige datum aangesien die transformasieproses reeds 'n aanloop in die laat 1980's gehad het (vergelyk Giliomee, 2004:585-592). Binne die empiriese komponent word produksiedata en produksiepatrone vir uitsluitlik die periode 1990-2005 nagevors.

Die bedoeling is om in toekomstige navorsing die ondersoek uit te brei deur empiriese ondersoeke van 'n historiese aard na produksiepatrone vóór 1990 sowel as om die navorsing in stand te hou deur ondersoeke na die periode sedert 2005 en toekomstige produksie. Ter wille van kontekstualisering en in 'n poging om die aktualiteit en toepaslikheid van die sisteembeskrywing te verhoog, word historiese agtergrond van vóór 1990 en resente gebeure ná 2005 wel bygehaal in die deskriptiewe komponent waarin die produksielandskap en produsentelandskap beskryf word.

By die ontwikkeling van die produksiedatabasis is gestreef na volledigheid in die insluiting van relevante data en data is so ver as moontlik geverifieer. Bepaalde nadele van die bronne wat vir die data-insameling benut is en bepaalde beperkinge in die beskikbaarheid van bronne vir die verifiëring van data, kon egter nie uitbly nie (sien 5.5.3.1(f); 5.5.3.2(f) en 5.5.5). Die produksiedatabasis en die produksiepatrone wat daaruit afgelei word, fokus slegs op die aantal titels wat per jaar en per produksiekategorie geproduseer is, nie op die groottes van opslae of verkoopstatistiek nie (data vir laasgenoemde twee aspekte is nie gereedlik beskikbaar nie, onder andere omdat uitgewerye hierdie data as kompeterende inligting en derhalwe as vertroulik beskou – vergelyk PICC IPR-verslag, 2004:51). Die studie word verder afgebaken deur slegs op twee profiele te fokus as instrumente waaraan die groei en diversifikasie van die produksielandskap en produsentelandskap gemeet word. Die kartering van dié landskappe kan deur toekomstige navorsing uitgebrei en ingevul word deur die rekonstruksie van ook ander profiele, byvoorbeeld die outeursprofiel, verkoopsprofiel, lesersprofiel, inkomsteprofiel en werknemersprofiel van die uitgewerybedryf in sy geheel en vir spesifieke produksiekategorieë soos Afrikaanse fiksiepublikasies.

1.5 Wetenskaplike bydrae en relevansie van die ondersoek

Die produksie van Afrikaanse fiksie is nog nie vantevore vanuit die perspektief van die uitgeesisteesem volledig nagevors en gekarteer nie. In hierdie opsig word die wetenskaplike bydrae en relevansie van hierdie ondersoek as volg deur Van Coller *et al* (2006a:ix), in sy inleiding tot die derde deel van die Afrikaanse literatuurgeskiedenis *Perspektief en profiel*, beskryf: “Met die uitsondering van perspektiewe op die jeugliteratuur, tydskrifte en uitgewerswese is die hele Afrikaanse literêre veld nou in die drie verskene dele van *Perspektief en profiel* in kaart gebring. In die afgelope jaar is van die genoemde verwaarloosde gebiede vir die eerste keer werklik grondig en sistematies ondersoek (kyk Venter, 2005, en Wybenga en Snyman, 2005) en sal oorsigte hiervan hopelik ook in ’n volgende uitgawe van hierdie literatuurgeskiedenis opgeneem kan word.” Binne hierdie konteks wil hierdie studie ’n bydrae maak deur ’n leemte te vul. Eweneens bestaan daar ’n tekort aan indringende empiriese navorsing oor die grootte en omvang van die Suid-

Afrikaanse boekuitgewerybedryf in die geheel en die verskeie produksiekategorieë binne dié bedryf. Die studie pas in binne die raamwerk van 'n oorkoepelende navorsingsprogram van die program in Uitgewerswese in die Departement Inligtingkunde aan die Universiteit van Pretoria (wat tans empiriese navorsing na die grootte en omvang van die Suid-Afrikaanse boekuitgewerybedryf onderneem – sien 5.3).

Boekstudie en uitgewery-ondersoek is 'n jong toepassingsterrein en is hibridies en interdisiplinêr van aard. Dit sluit aan by meer gevestigde studieterreine soos kultuurstudie, mediastudie, inligtingswetenskap en literatuurwetenskap. Deur aan te sluit by hierdie relatiewe nuwe toepassingsterrein van boekstudie en uitgewery-ondersoek, wil die studie nuwe navorsingsmoontlikhede blootlê en illustreer hoe aspekte van die Afrikaanse letterkunde vanuit 'n andersoortige perspektief nagevors kan word. Die relevansie van die studie blyk ook uit die feit dat dit teoreties aansluit by van die meer resente ontwikkeling in die empiriese literatuurwetenskap, naamlik die sosiologiese en institusionele benadering. In 'n mate wil die studie ook die aandag vestig op die bruikbaarheid van interdisiplinêre empiriese navorsing en die belang hiervan vir die ontwikkeling van die wetenskap.

Hierdie ondersoek wil op teoretiese vlak 'n bydrae lewer deur die ontwikkeling van 'n nuwe model (van die uitgesisteesem), die ontwikkeling van twee tipologieë (van onderskeidelik produsentekategorieë en produksiekategorieë) en die verdere ontwikkeling van 'n nuwe navorsingsterrein, naamlik uitgewery-ondersoek. Vir die praktyk word 'n bruikbare bron van produksiestatistiek ontwikkel (die *Produksie-databasis van Afrikaanse Fiksie* – PDAF) waaruit produksiepatrone afgelei kan word en wat tot verdere navorsing kan lei. Verder word twee bruikbare instrumente ontwikkel waardeur groei en diversifikasie van boekproduksie gemeet kan word (die produksieprofiel en uitgeweryprofiel). Hierdie instrumente kan ook toegepas word op navorsing oor boekproduksie van ander produksiekategorieë.

Die onderwerp en navorsingsvraag is by die aanvang van die ondersoek getoets deur informele gesprekke met talle rolspelers in die boekuitgewerybedryf. Tydens hierdie

gesprekke is die behoefte aan hierdie soort navorsing en die bruikbaarheid daarvan vir die neem van strategiese besluite, bevestig. Die wetenskaplike bydrae en relevansie van die navorsing wat in hierdie navorsingsverslag aangebied word, is ook tydens die verloop van die navorsingsproses getoets deur voorlopige navorsingsresultate tydens plaaslike vakkongresse (Venter & Galloway, 2002; Snyman & Venter, 2003a en 2003b; Galloway, 2004a; Venter, 2004a en 2005; en Galloway & Venter, 2005b) en 'n internasionale kongres van die Society for the History of Authorship, Reading, and Publishing (Galloway & Venter, 2004) by wyse van referate aan te bied. Daar het ook reeds verskeie akademiese artikels in plaaslike vaktydskrifte (Snyman & Venter, 2004; Galloway, 2002a en 2004b; Galloway & Venter, 2006; en Venter, 2006c), in die gevestigde internasionale vaktydskrif *Publishing Research Quarterly* (Galloway & Venter, 2005a) sowel as twee koerantartikels (Venter & Galloway, 2003a en 2003b) verskyn wat uit hierdie soort navorsing en hierdie ondersoek voortgevloei het.

'n Onafhanklike en objektiewe waardebeoordeling van die wetenskaplike bydrae en relevansie van hierdie ondersoek blyk uit die volgende aanhalings deur ingeligte meningsvormers wat nie direk by hierdie navorsing betrokke was nie. In sy bydrae tot die KKNK / *Die Burger*-lesingreeks oor “Die laaste (Afrikaanse) boek” in 2003, spreek die boekhandelaar en uitgewer Nicol Stassen (2003:5) hom as volg oor hierdie navorsing uit: “Ek dink dat geen gesprek oor hierdie onderwerp gevoer kan word sonder om na die navorsing van Rudi Venter en Francis Galloway te verwys nie”. 'n Anonieme keurder ('n skrywer, literator en uitgewer) van 'n navorsingsartikel waarin voorlopige resultate uit hierdie ondersoek vir tydskrifpublikasie voorgelê is, oordeel as volg: “Die artikel is hoogs relevant aangesien dit 'n terrein ondersoek wat dringend navorsing vereis. Dit is waarskynlik primêr navorsing van hierdie aard wat sal verseker dat daar oor 'n dekade of wat nog tydskrifte soos dié sal verskyn om publikasie van artikels soos dié moontlik te maak” (Anoniem, 2003). Die waarde en relevansie van hierdie ondersoek blyk verder uit mediaberigte waarin verslag gedoen word oor resultate van die studie wat tydens referate aangebied is (vergelyk Engelbrecht, 2004:24 en Smith, 2005:2). Die bruikbaarheid van die ontwerpte model van die uitgeesistiem word geïllustreer deur die feit dat David Emblidge, professor in Uitgewerswese aan die Emerson College in Boston, Verenigde

State van Amerika, die navorsing toestemming gevra het om die model aan te pas binne die konteks van die Amerikaanse uitgewerybedryf.

1.6 Uiteensetting van hoofstukke en navorsingsontplooiing

Die navorsing is as volg ontplooi en die navorsingsverslag bestaan uit die volgende hoofstukke.

In hierdie eerste hoofstuk word 'n inleiding tot en oriëntering ten opsigte van die ondersoek gegee. Die navorsingsprobleem word gestel, die hoofnavorsingsvraag en subvrae word uiteengesit en die doelstellings van die ondersoek word geformuleer. Die navorsingsmetodologie word aangedui en die verloop van die navorsing word geskets. Die ondersoek word binne uitvoerbare grense afgebaken en die wetenskaplike bydrae en relevansie van die studie word uitgespel. Relevante terme en konsepte word in die res van die navorsingsverslag, by toepaslike afdelings, verklaar en daarom nie ook in hierdie hoofstuk nie.

In Hoofstuk 2 val die fokus op relevante teoretiese vertrekpunte in die literatuur wat benut word vir die rekonstruksie van 'n model van die uitgesisteem. 'n Voëlvlug oor die ontwikkeling van die literatuurwetenskap en verskeie benaderings daartoe word geskets. Daarna word in meer detail gefokus op die sosiologiese en institusionele benadering tot die empiriese literatuurwetenskap. Die polisisteamteorie van Itamar Even-Zohar en Pierre Bourdieu se teorie oor die veld van kulturele produksie word bespreek. Daarna word die ondersoek geposisioneer binne die kader van boekstudie en spesifiek binne die toepassingsterrein van uitgewery-ondersoek. Die neerslag van boekstudie en uitgewery-ondersoek in die Afrikaanse literatuurwetenskap tot dusver, word onder die loep geneem. Aan die einde van die hoofstuk word die teoretiese vertrekpunte benut om 'n generiese model van die uitgesisteem te ontwikkel en die model word grafies voorgestel.

In Hoofstuk 3 word die generiese model van die uitgesisteem aangepas en ingevul om 'n toegepaste model van die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie voor te stel. Die toegepaste

model word só geponeer dat dit 'n diachroniese snit voorstel van die produksielandskap waarbinne Afrikaanse fiksiepublikasies uitgegee word, spesifiek vir die periode 1990-2005. In die res van die hoofstuk word die model benut vir 'n beskrywing van die impak van transformasieverskuiwings op die uitgesisteem gedurende hierdie periode. Ten eerste word boekproduksie as institusie en as kern van die uitgesisteem bespreek. Daarna word die institusionele konteks van die uitgesisteem bespreek deur 'n beskrywing van die verbande tussen boekproduksie en die subsisteme waarmee dit in interaksie verkeer, naamlik die mediasubstelsiem, die kultuursubstelsiem, die literatuursubstelsiem, die onderwyssubstelsiem en die biblioteeksubstelsiem. Vervolgens word die breë maatskaplike kontekste, waarbinne die uitgesisteem ingebed is, bespreek deur 'n beskrywing van die kontekste wat boekproduksie en die verbandhoudende subsisteme beïnvloed, naamlik die politieke konteks, die ekonomiese konteks en die tegnologiese konteks. In geheel is Hoofstuk 3 dus 'n sisteembeskrywing en 'n kontekstualisering van die produksielandskap van Afrikaanse fiksie.

Met Hoofstuk 4 word gefokus op transformasieverskuiwings in die produsentelandskap en die impak daarvan op die beskikbare produsente (die verskillende uitgewerye en andersoortige produsente) wat bydra tot die produksie van Afrikaanse fiksie. In 'n beperkte mate word die transformasieverskuiwings in verband gebring met soortgelyke internasionale tendense van konglomeraatvorming, samesmelting en oornaming van uitgewerye. 'n Tipologie van soorte produsente (produsentekategorieë) word voorgestel en benut in die strukturering van die profiele van die uitgewerye en ander produsente wat bespreek word. In geheel kan die hoofstuk beskou word as 'n voorlopige uitgewerygeskiedenis van die produsentelandskap van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005.

Hoofstukke 2, 3 en 4 vorm gesamentlik die kontekstueel-deskriptiewe komponent van die ondersoek waarin die konteks waarbinne Afrikaanse fiksie geproduseer word, gestel en ingeklee word. Dié deskriptiewe komponent dien as kontekstualisering waarbinne die statisties-empiriese komponent van die ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel (Hoofstukke 5 en 6) ingebed word.

Die statisties-empiriese komponent begin met Hoofstuk 5 wat as teoretiese vertrekpunt dien en waarin die tegniese aspekte van die kwantitatiewe gedeelte van die ondersoek aangespreek word. Binne die kader van boekstudie word 'n spesifieke toepassingsterrein daarvan, naamlik die epistemologie van produksiestatistiek, teoreties verken en as vertrekpunt geneem. Daarna word die soektog na die beskikbaarheid van bronne van produksiestatistiek vir die produksiekategorie Afrikaanse fiksiepublikasies bespreek teen die agtergrond van beskikbare internasionale bronne. Die grootste gedeelte van die hoofstuk fokus op die ontwikkeling van die *Produkiedatabasis van Afrikaanse Fiksie* (PDAF): die werkwyse tydens die ontwikkeling daarvan; die afbakening by die seleksie van relevante data; die versameling van data uit beskikbare eerste-vlak-bronne (insluitend die ontstaan, die samestelling, die formaat, die voordele, die nadele en die onttrekking van data uit dié bronne); die konsolidering van die eerste-vlak-bronne; die verifiëringsproses wat aan die hand van tweede-vlak-bronne en derde-vlak-bronne gevolg is; die afronding tot finale datastel; en die verpakking daarvan in 'n soekbare databasis. Daarna word 'n tipologie voorgestel waarvolgens tussen soorte produksiekategorieë onderskei kan word en 'n kategoriseringstelsel van produksiekategorieë word ontwerp. Ten slotte word die rekonstruksie van twee profiele (die produksieprofiel en uitgeweryprofiel) as instrumente vir die meting van groei en diversifikasie van die materiële produksie van Afrikaanse fiksie verantwoord.

Nadat die teoretiese en tegniese fondament in Hoofstuk 5 neergelê is, word die resultate van die statisties-empiriese komponent van die ondersoek in Hoofstuk 6 aangebied. Die hoofstuk wentel om die bespreking van statistiese produksiepatrone in die produksieprofiel en uitgeweryprofiel van Afrikaanse fiksiepublikasies vir die periode 1990-2005. Die hoofstuk word gestruktureer na aanleiding van die ontwerpte kategoriseringstelsel van produksiekategorieë en die groot aantal onderskeibare nuwer produksiekategorieë word hergroepeer binne 11 oorhoofse kategorieë. Die soort publikasies wat by elke kategorie ingesluit word, word bespreek. Die produksieprofiel en uitgeweryprofiel van elke kategorie word statisties aangedui en statistiese produksiepatrone word geanaliseer en ontleed. Die verbande tussen spesifieke

produksiepatrone en spesifieke transformasieverskuiwings (soos aangedui in die kontekstueel-deskriptiewe komponent van die studie) word aangetoon – dikwels met behulp van kruisverwysings tussen die relevante gedeeltes. Daar is gestreef na ’n balans tussen die wydte en diepte van die analises. Die uitdaging is om in opvolgondersoeke die produksiestatistiek wat in hierdie hoofstuk beskikbaar gemaak word en die produksiepatrone wat blootgelê word, verder te analiseer en verdere verbande te lê met die impak van spesifieke transformasieverskuiwings in die uitgesisteem op spesifieke produksiekategorieë in die produksielandskap. Dít is ’n omvangryke taak wat nie deur ’n enkelstudie onderneem kan word nie, maar slegs by wyse van ’n aantal kleiner gefokusde ondersoeke (met klem op ’n spesifieke produksiekategorie en spesifieke transformasieverskuiwings) binne ’n oorkoepelende navorsingsprogram.

Die studie word in Hoofstuk 7 afgesluit met die bevindinge waartoe gekom is en ’n slotperspektief word gestel. Die navorsingsbevindinge word getoets aan die oorspronklike navorsingsvraag, die subvrae en die doelstelling van die ondersoek. Die noodsaaklikheid van toekomstige navorsing van hierdie aard word ook aangetoon. Die instandhouding van hierdie navorsing binne ’n oorkoepelende navorsingsprogram oor boekstudie – wat op interdisiplinêre en interinstitusionele grondslag behoort te geskied – word bespreek.

Hoofstuk 2

Teoretiese vertrekpunte vir die rekonstruksie van 'n model van die uitgesisteem

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word enkele benaderings en teorieë wat as vertrekpunte vir die ondersoek dien, oorsigtelik bespreek. Sekere aspekte van die benaderings en teorieë word daarna benut vir die rekonstruksie van 'n werksmodel van die uitgesisteem (wat in die volgende hoofstuk aangepas en ingevul word om spesifiek die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie te beskryf). Hoewel daar deeglike aandag aan teoretiese en metodologiese aspekte gegee word in hierdie hoofstuk, val 'n diepgaande kartering van literatuurwetenskaplike benaderings en teorieë buite die bestek van hierdie ondersoek. Die hoofdoel van die ondersoek is immers nie teorievorming op die vakterrein van literatuurwetenskap nie, maar 'n empiriese bydrae binne die kader van boekstudie en uitgewery-ondersoek as toepassingsterrein daarvan: dit handel oor 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe kartering van die produksielandskap van Afrikaanse fiksietitels (met spesifieke toespitsing op die materiële produksie) wat gedurende die periode 1990-2005 uitgegee is. Steeds wil die ondersoek 'n beperkte bydrae tot die teorie maak deur die rekonstruksie van 'n werksmodel van 'n sisteem wat nog nie vantevore vanuit hierdie perspektief beskryf is nie, naamlik die uitgesisteem. Die model van die uitgesisteem dien dan as teoretiese en metodologiese raamwerk waarbinne uitgewery-ondersoek (ondersoeke na die uitgewerybedryf waarin tendense en faktore wat uitgee beïnvloed en die uitgewery die sentrale vertrekpunt vorm) kan geskied. Die empiriese kartering van die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie (sien Hoofstuk 3) is 'n enkele toepassing van dié soort ondersoek en lê die basis vir 'n wyer kartering wat aan die hand van die model kan geskied.

Teoreties vind die studie vertrekpunte uit twee breë vakterreine: (i) die literatuurwetenskap, met die talle vertakkings daarvan, veral die sosiologiese en institusionele benaderings tot die empiriese literatuurwetenskap; en (ii) die inligtingswetenskap, binne die kader van boekstudie as 'n nuwe interdisiplinêre studieterrein wat tans vinnig binne die internasionale arena ontwikkel, en uitgewery-ondersoek as 'n

spesifieke vertakking daarvan wat hoofsaaklik gefokus is op die produksie van boeke. As gevolg van die studie-objek van hierdie ondersoek (naamlik Afrikaanse fiksie-publikasies), word die literatuurwetenskap noodwendig betrek. Omdat die studie vanuit die paradigma van die inligtingswetenskappe onderneem word, word meer aandag aan primêre bronne vanuit dié paradigma bestee. Sover moontlik word ook primêre literatuurwetenskaplike bronne benut, maar soms word daar juis eerder gebruik gemaak van sekondêre bronne wat die toepassingsmoontlikhede van literatuurwetenskaplike benaderings en teorieë belig omrede die primêre bronne dikwels nie aandag aan toepassings binne die inligtingswetenskappe gee nie.

2.2 Die ontwikkeling van verskillende benaderings tot die literatuurwetenskap

Omdat die literatuurwetenskap 'n breë studieterrein is wat 'n wye en uiteenlopende ontwikkeling ondergaan het, is dit haas onmoontlik om die totale ontwikkeling daarvan (selfs net oorsigtelik) hier te bespreek – só 'n onderneming val ook buite die bestek van hierdie studie. In hierdie afdeling kan hoogstens 'n gefragmenteerde blik op die ontwikkelingsgang van die literatuurwetenskap gebied word deur oorsigtelik op die ontplooiing van verskillende benaderings tot die literatuurwetenskap te wys.

Op generies wyse kan daar onderskei tussen die volgende vyf breë hoofafdelings of vertakkings van die literatuurwetenskap (Van der Merwe & Viljoen, 1998:14-15):

- Studie van die teks self – wat die teks beteken (interpretasie), hoe goed dit is (evaluering) en hoe lesers daarop reageer (resepsie) word bestudeer.
- Besondere literatuurstudie – die studie van gegewe literêre verskynsels. Tekste word in groter raamwerke bestudeer soos die bepaalde oeuvres van skrywers, strominge en tydperke. Ondersoeke word gewoonlik beperk deur taalgrense en landsgrense.
- Literatuurgeskiedskrywing – die geskiedenis en ontwikkeling van 'n bepaalde literatuur word bestudeer en beskryf, gewoonlik ook binne een taalgebied en een nasionale letterkunde. Sosiale faktore wat die ontwikkeling van die literatuur beïnvloed het, word dikwels ook beskryf.

- Vergelykende literatuurwetenskap – tekste word binne hulle sisteme met mekaar vergelyk. Alhoewel die ondersoek verby taalgrense of nasionale grense beweeg, bly dit gewoonlik binne een tydperk of stroming.
- Teoretiese literatuurwetenskap – wat ’n sistematiese studie van die veld van die literatuur is. Sulke studies wil sistematiseer (wetenskaplik rangskik) en teorieë daarstel. Daar word hier onderskei tussen teorie, navorsing en toepassing.

Hierdie studie pas, wat die aansluiting daarvan by die literatuurwetenskap betref, binne laasgenoemde afdeling in deur die benutting van teorie en die toepassing daarvan deur empiriese navorsing.

In die ontwikkeling van die literatuurwetenskap kan breedweg onderskei word tussen twee soorte paradigmas of benaderings in elk van die bogenoemde afdelings: die *teksgerigte* of *hermeneutiese* benaderings teenoor *benaderings wat die konteks van die teks in ag neem*. Sedert die begin van die twintigste eeu het die klem verskuif vanaf (i) ’n skrywersgerigte benadering na (ii) ’n outonomiastiese opvatting (die teks as sodanig en die struktuur daarvan – dus sterk teksgerig) en later na (iii) ’n konatiewe opvatting (met die klem op die leser) met sterk sosiale kenmerke (Van der Merwe & Viljoen, 1998:89). Dit is egter nie ’n lynregte ontwikkeling nie omdat benaderings gedeeltelik oorvleuel, mekaar beïnvloed en steeds bymekaar aansluit.

Die literatuurwetenskap was lank besig met hoofsaaklik die analise en interpretasie van tekste – dus ’n teksgerigte benadering (De Glas, 1989:15). In die 1970’s het bedenkinge ontstaan oor die oorheersende praktyk van teksstudie binne die literatuurwetenskap en daar is begin om te besin oor die probleemstellings en metodiek van literatuurwetenskap. Hierdie diskoers het gelei tot pogings om die literatuurwetenskap opnuut te definieer as ’n empiriese wetenskap: binne die eise van die moderne empiriese wetenskap behoort ondersoekresultate objektief en toetsbaar te wees (vergelyk onder andere Verdaasdonk, 1997:57-58 oor die sogenaamde “sosiologiese ommekeer in die bestudering van literatuur”). Van Gorp (1997:1-2) verwys na die “institusionele ommekeer” sedert die 1970’s (wat reeds daarvóór ’n aanloop gehad het) en bring dit in verband met die metodologiese en epistemologiese debatte tussen sosioloë en literatuurwetenskaplikes uit daardie periode en die versterking van

funksionalisme in literatuurwetenskap wat aanleiding gegee het tot literatuurwetenskaplike sisteemteorieë (sien 2.4).

Alhoewel literatuurgeskiedskrywing en vergelykende literatuurstudie ook beoefen word, staan die plaaslike literatuurstudie (spesifiek die Afrikaanse literatuurstudie) steeds sterk onder die invloed van teksgerigte of hermeneutiese benaderings (vergelyk onder andere Van Coller & Odendaal, 2004 – sien 2.7). Van der Merwe & Viljoen (1998:18-19) onderskei drie perspektiewe waaruit 'n teks bestudeer word: interpretasie, evaluering en resepsie. Die eerste twee perspektiewe is grotendeels teksgerig. As gevolg van die moontlikheid om teoretiese insigte (oor byvoorbeeld waarom mense lees) deur empiriese ondersoek (deur middel van vraelyste of onderhoude) te toets, het die resepsie-ondersoek aangesluit by empiriese literatuurwetenskap en toon dit ook verbande met literatuursosiologie en literatuurpsigologie.

Segers (1998:138) beskou die resepsie-ondersoek as 'n lesersgerigte benadering waardeur die leser in die literatuurwetenskap in die twintigste eeu “ontdek” is. Die verhouding tussen teks en leser word bestudeer – 'n teks is dus steeds nodig. Die ontwikkeling van die resepsie-ondersoek is moontlik gemaak deur 'n aantal benaderings of strominge wat die klem laat val het op nie slegs die teks nie, maar ook op die konteks waarbinne die teks ontvang en gelees word.

Die Praagse Strukturalisme in die 1930's, met verteenwoordigers soos Mukařovský en Vodička, breek vir die eerste keer in die ontwikkeling van die literatuurwetenskap weg van die outonomie van die teks (en die gangbare metafisiese denke oor die teks). Die teks word beskou as ingebed in 'n sosiale struktuur met die kommunikatiewe funksie tussen outeur en leser as uitgangspunt. Dit gaan vir die Praagse Strukturalisme oor die sosiologie van die estetiese objek: die estetiese is nie 'n eienskap van die teks self nie, maar die teks verkry 'n estetiese funksie deurdat die leser dit aan die teks toeken (Segers, 1998:139-140).

Die Duitse Resepsie-Eстетika in die 1970's, met verteenwoordigers soos Jaus en Iser, sluit aan by die Praagse Strukturalisme en ontstaan as gevolg van die krisis oor *die* ('n spesifieke) betekenis van die teks. Dié krisis is veroorsaak deur die snelle sosiale, ekonomiese en politieke ontwikkelinge rondom 1970 waardeur 'n groter sosiale

relevansie van die wetenskap vereis is. Die teks is nou nie meer feit nie, maar gebeurtenis wanneer dit deur 'n leser (of groep lesers) gelees word en dit vind teen die agtergrond van die verwagtingshorison van die leser(s) plaas. Ander kernkonsepte sluit die “onbepaaldheid” van die teks en die “oop plekke” in die teks in (Segers, 1998:140-142).

In 1980 tree die resepsie-ondersoek ook op die voorgrond in die Amerikaanse literatuurwetenskap deur die “reader-response criticism” met verteenwoordigers soos Fish en Holland. Vir Fish gaan dit in die resepsie-ondersoek oor die interpreterende gemeenskap waarin literêre konvensies bestaan waaruit beide skrywer en leser put. Holland volg 'n psigoanalitiese benadering en beskou die interpretasieproses as 'n transaksie tussen die teks en leser waarbinne die leser se identiteitskema (persoonlikheid) 'n belangrike rol speel (Segers, 1998:142).

Die gebruikelike ondersoeksituasie in die literatuurwetenskap tot die middel van die 1980's was die hermeneutiese waar die ondersoeker en die leser dieselfde persoon was – die ondersoeker was hermeneut, interpreteerder van die eie teksresepsie. In die genoemde benaderings tot die resepsie-ondersoek kon ondersoekers dus nie die konsekwensies van hulle ondersoekprogramme deurvoer nie: al het hulle lesers-onderoeke verkondig, het hulle dit nie in die praktyk gedoen nie en dus gevang gebly binne die hermeneutiese tradisie.

Nadat dié onreëlmatigheid na vore gekom het, het die empiriese literatuurwetenskap sedert die middel-1980's verder ontwikkel vanaf 'n behavioristiese stimulus-respons-benadering (lesersreaksies na aanleiding van literatuur) na 'n kognitief-konstruktivistiese benadering (teksresepsie as 'n aktiewe vorm van teksverwerking deur die leser). Verdere ontwikkeling van die resepsie-ondersoek sluit in die toepassing van sisteemteorie waarbinne die hele literêre kommunikasiesituasie (of proses) en alle literêre handeling as ondersoekobjek van die empiriese literatuurwetenskap beskou word en die ontwikkeling van media-onderoeke op grond van prinsipes van die empiriese literatuurwetenskap (Segers, 1998:142-143).

Uit die latere ontwikkeling van die resepsie-ondersoek en teorievorming daaroor gedurende die 1990's, het die geskiktheid vir ondersoek na die sosiale konteks van

literatuur, die maatskaplik-relevante terreine (waarmee die literatuur verbind is) en interdisiplinêre navorsing duidelik geblyk. Voorbeelde van sodanige ondersoek is die toepassing op genderstudies, literatuuronderwys, literatuurkritiek in dag- en weekblaaie en kulturele identiteit (Segers, 1998:143-144).

De Glas (1989:18) wys daarop dat die genoemde verskuiwings gelei het tot die ontwikkeling van 'n literatuuropvatting wat empiries en sosiaalwetenskaplik georiënteer is. Die verskeidenheid ander tradisies (wat breedweg saamgevat kan word as teksgerigte benaderings) het steeds in die literatuurwetenskap bly voortbestaan, maar die nuwe opvatting het die aandag gevestig op rolspelers en instellings wat met die materiële en simboliese produksie en verspreiding van literatuur te make het (byvoorbeeld skrywers, uitgewers, literêre kritiek, onderwys en biblioteke). Terselfdertyd het dit die aandag gevestig op ander tekssoorte as die literêre en die begrip van wat as literêr beskou word, gerelativeer. Daar is bevind dat die “literêre” nie in die teks self te vind is nie, maar eerder 'n sosiale konstruksie is – hierdeur is aangesluit by die literatuursosiologie.

Van der Merwe & Viljoen (1998:147-172) beskou die literatuursosiologie as 'n benadering waardeur 'n bepaalde visie op die samelewing uit 'n literêre teks afgelei word (vergelyk ook Viljoen, 1992a:275-280) – dus 'n benadering wat weer eens vanuit die teks vertrek (al fokus dit op die interaksie tussen teks en samelewing). Van Gorp *et al* (1991:232-233) verwys na hierdie soort benadering as sosiologiese teksinterpretasie en onderskei dit van die sosiologie van literêre kommunikasie. Van der Merwe & Viljoen (1998:147-172) beskou rigtings in die literatuurkritiek wat ingestel is op die verhouding tussen literatuur en samelewing soos Marxisme, Feminisme, Nuwe Historisme en Postkolonialisme as onderafdelings van die literatuursosiologie. Getrou aan die patroon wat in die Afrikaanse literatuurwetenskap waargeneem is en waarop hierbo gewys is, bly dit vassteek in teksgerigte metodiek. In Van der Merwe & Viljoen se beskouing word die literatuursosiologie as benadering ingestel om deur middel van teorieë (soos die Marxisme of Postkolonialisme) *tekste* (en die ontleding daarvan) te benader. Dit terwyl die literatuursosiologie as benadering juis andersoortige empiriese ondersoek moontlik maak. Dit is juis in hierdie verband waar die teorie en metodiek wat in hierdie ondersoek voorgestaan word, 'n bydrae tot vernuwing wil maak.

Dit is dus duidelik dat die ontwikkelingsgang van die literatuurwetenskap aantoon dat dit beweeg het vanaf 'n skrywersgerigte na 'n teksgerigte en later na 'n lesersgerigte benadering. Laasgenoemde het uitgevloei op nuwe moontlikhede van interdisiplinêre en empiriese ondersoeke en daar is aangesluit by die sosiologie en psigologie. Vervolgens word die empiriese literatuurwetenskap en die institusionele- en sosiologiese benadering as uitvloeisels daarvan, onder die loep geneem.

2.3 Die empiriese literatuurwetenskap: die institusionele- en sosiologiese benadering

Fokkema & Ibsch (1992:119) stel dit dat die empiriese literatuurwetenskap ontwikkel het uit die polemieke met verteenwoordigers van die hermeneutiese tradisies. Hulle wys daarop dat selfs die mees progressiewe vorm van hermeneutiese ondersoek, naamlik die resepsie-estetika, interpretasies vervaardig en dus terugval in hermeneutiese metodes. Uit die geledere van voorstanders van hermeneutiese ondersoek, bestaan daar egter ook kritiek teenoor hierdie beskouing, naamlik dat die empiriste nooit totaal sonder die hermeneutiek kan klaarkom nie: interpretasie van empiriese gegewens oor byvoorbeeld die konteks waarbinne die literatuur bestaan, vereis steeds 'n vorm van hermeneutiese ondersoek. Teenoor die resepsie-estetika bestudeer die empiriese ondersoek die leser as sosiaal-historiese subjek met behulp van sosiaal-psigologiese metodes. Die empiriese literatuurwetenskap is ook nie uitsluitlik lesersgerig nie. Fokkema & Ibsch (1992:119) omskryf empiriese ondersoek as die soeke na verklarings vir bepaalde verbande wat binne die literatuursisteem bestaan (waarbinne 'n groot aantal rolspelers veelvoudige funksies verrig – om te lees is maar één van die funksies). Die lees van tekste speel wel 'n belangrike rol in die empiriese literatuurwetenskap en dien byvoorbeeld as voorwaarde vir die professionele omgang met tekste, soos die skryf, uitgee, resenseer en katalogisering van boeke. In die onlangse ontwikkeling van die empiriese literatuurwetenskap, onderskei Fokkema & Ibsch (1992:120) tussen twee hoofafdelings van ondersoek: (i) empiriese ondersoek na die kognitiewe en emosionele reaksies van lesers en produsente, kortweg aangedui as *lesersondersoek*, waarby die outeurs ook ingesluit word (ook *literatuurpsigologie* genoem); en (ii) empiriese ondersoek na die funksionering van die literatuursisteem

op die basis van historiese bronne of eietydse dokumentêre materiaal, kortweg aangedui as *institusionele ondersoek* (ook *literatuursosiologie* genoem).

Binne die institusionele literatuursosiologiese benadering tot die empiriese literatuurwetenskap, word die toekenning van waarde aan literêre tekste deur institusies bestudeer en die vorming van die kanon nagegaan. Komponente van die literatuursisteem word as institusies beskou, soos onder andere die literêre kritiek, literêre pryse, uitgewerye, die boekhandel, biblioteke, die onderwys, kultuurverenigings en die media (Fokkema & Ibsch, 1992:131-133). Die handelinge (of funksies) van akteurs (of rolspelers) binne die institusies is verantwoordelik vir die totstandkoming van die kanon en die verhouding tussen dié handelinge, eerder as die intrinsieke waarde van tekste, word bestudeer (vergelyk ook Van Gorp *et al*, 1991:116-117).

Die institusionele benadering word veral gevolg deur literatuursosioloë wat die uitsprake van die hermeneutiese literatuurwetenskap oor waardetoekenning in hipoteses omskryf en dit dan toets aan ondersoekresultate oor literêre institusies. Joostens (1990:10) vat hierdie benadering saam onder die noemer “verspreiding- en resepsie-sosiologie” as een van die strome van die literatuursosiologie. Dié benadering maak veral gebruik van empiries-statistiese ondersoeke en het raakpunte met die mediawetenskappe, kommunikasiekunde, die ekonomiese psigologie en bemarking (dus ’n interdisiplinêre benadering). Daar word aandag geskenk aan institusies en kanale wat by die verspreiding van literatuur betrokke is, soos uitgewerye (spesifiek die opbou van publikasielyste word bestudeer), biblioteke, die literatuuronderwys (kurrikula word bestudeer), openbare resepsie (literêre kritiek) en die resepsie deur lesers. Van die belangrikste Nederlandse eksponente van hierdie benadering is Hugo Verdaasdonk en Kees van Rees in hulle empiriese ondersoeke na institusies in die boeksektor (sien verder 2.6). Vergelyk Joostens (1990:1-18) vir ’n breër historiese oorsig oor die ontwikkeling van die literatuursosiologie.

As samevatting van die omvattende verskeidenheid van denkrigtings wat oor die literatuur bestaan, onderskei Van Rees & Dorleijn (1994:91) twee benaderings: (i) die *rekonstruksiebenadering* waarvolgens denkbeelde oor die literatuur wat op ’n bepaalde stadium en deur ’n bepaalde groep in ’n samelewing gehuldig is,

gerekonstrueer en gesistematiseer word; en (ii) die *institusionele benadering* van die literêre veld (as onderdeel van die groter kulturele veld) waar die waarde wat aan literatuur en kuns toegeken word, beskou word as die resultaat van die interaksie tussen die (literêre) institusies wat die literêre veld vorm. Binne die institusionele benadering stel ondersoekers hulself ten doel om rekenskap te gee van die materiële en simboliese produksie en verspreiding van literêre werke deur die verskeie institusies en rolspelers wat in onderlinge wisselwerking binne die veld hulle funksie verrig. In hulle toepassing van die institusionele benadering, maak Van Rees & Dorleijn gebruik van die Franse kultuursosioloog Pierre Bourdieu se teorie oor die veld van kulturele produksie (sien verder 2.4.2).

Om die literatuurbeskouing, dit wil sê die betoog van kritici en ander wat by die produksie en verspreiding van literatuur betrokke is, met vrug te bestudeer, is 'n "metastandpunt" noodsaaklik. 'n Ondersoeker kan slegs die nodige afstand hê om die veld te bestudeer wanneer hy homself buite die veld bevind en weerhou van deelname aan die veld (Van Rees & Dorleijn, 1994:92). 'n Ondersoeker behoort die ontwikkeling en gebruik van literatuuropvattinge van deelnemers aan die literêre veld te analiseer, want literatuuropvattinge tesame met die posisies wat deelnemers in die veld beklee, vervul 'n strategiese rol by dié deelnemers. Deelnemers aan die veld gebruik literatuuropvattinge om eienskappe en kwaliteite aan tekste toe te ken (Van Rees & Dorleijn, 1994:93). Literêre debatte en polemieke dien as bron om literaturopvattinge raak te sien, want dikwels gee kritici nie direk in hulle analyses of waardeoordele aanduidings van hulle eie literaturopvattinge nie.

Binne die institusionele benadering word die rol van literaturopvattinge in die interaksie tussen institusies bestudeer (Van Rees & Dorleijn, 1994:98). Die interaksie word deur sosiale en institusionele faktore bepaal. Uitsprake wat op die rekonstruksiebenadering berus (van byvoorbeeld historiese ondersoek) behoort die konteks van die literaturopvattinge in ag te neem, anders bly dit abstrak-problematies (Van Rees & Dorleijn, 1994:102-103). Van Rees & Dorleijn beveel dus 'n kombinasie van die rekonstruksiebenadering met die institusionele benadering aan. Met "institusionele benadering" verwys hulle na 'n bepaalde vorm van analise van die literêre veld en die kunsveld in die algemeen; met "institusie" / "institusioneel" word deurgaans bedoel "kuns as institusie" – dus vir hierdie ondersoek ook "uitgee / boekproduksie as

institusie” (Van Rees & Dorleijn, 1994:103). Hulle wys daarop dat die studie oor die waarde van kuns (ook literatuur) beskou is as die eksklusiewe terrein van die kuns- (literatuur)wetenskap. Hoewel daar aandag gegee is aan die literêre kritiek, literatuurwetenskap en literatuuronderwys as institusies wat die waarde van literatuur bepaal, is faktore wat tot die ekonomiese en sosio-psigologiese domeine behoort, geïgnoreer. Die kultuur-ideologiese faktore is as natuurlik en intrinsiek voorgestel (Van Rees & Dorleijn, 1994:105). Die institusionele benadering maak dus daarvoor voorsiening dat alle moontlike institusies en hulle funksies gesamentlik bydra (alhoewel in verskillende mate en op uiteenlopende wyse) tot die maatskaplike waarde van die kuns. Kuns kan nie as ’n geïsoleerde outonome objek binne die institusionele benadering beskou word nie. Ondersoeke na die produksie of verbruik van kunsobjekte (ook fiksietitels) is onlosmaaklik verbonde aan ondersoeke na die beeldvorming (die simboliese produksie) rondom daardie objekte (Van Rees & Dorleijn, 1994:105).

In hierdie ondersoek word literatuuropvattinge in terme van die rol wat dit speel in die verskeie institusies wel in ag geneem by die rekonstruksie van die uitgeesisteem, maar dit kom nie direk ter sprake by die empiriese komponent nie, aangesien dáárin hoofsaaklik op die materiële produksie van fiksietitels gefokus word en nie op simboliese produksie nie. In opvolgondersoeke, binne ’n oorkoepelende navorsingsprogram, sal die verbande tussen die materiële en simboliese produksie egter verder uitgewerk word. Die insigte van die institusionele literatuursosiologiese benadering tot die empiriese literatuurwetenskap word benut om die uitgeesisteem te rekonstrueer. Die verskeie rolspelers en institusies wat by die uitgeeproses betrokke is (en die verskillende funksies wat hulle verrig) word as ’n verbandhoudende geheel (’n sisteem) beskou en binne die breër sosiale konteks geïntegreer. Die intersistemiese verbande tussen institusies en subsysteme word aangetoon en eksimplaries geïllustreer. Met dié toepassing word aangesluit by die sisteemteoretiese benaderings tot literatuurwetenskap.

2.4 Sisteemteoretiese benaderings tot literatuurwetenskap

Die teorievorming van die sisteemteoretiese benaderings tot die literatuurwetenskap en die vergelyking van hoe verskillende sisteemteorieë by mekaar aansluit en van mekaar verskil, het veral momentum gekry deur die stigting van die International Society for the Empirical Study of Literature (IGEL) deur Siegfried J. Schmidt in 1987 (Van Gorp, 1997:2-3). Twee referaatbundels wat ontstaan het ná kongresse waartydens die sentrale fokus geval het op verskeie sisteemteorieë en die uitvloeisel en toepassing daarvan, dien as van die belangrikste bronne oor sisteemteorievorming in die breë: (i) die tweede kongres van IGEL wat in Desember 1989 by die Vrije Universiteit Amsterdam plaasgevind het en wat gelei het tot die referaatbundel *Empirical Studies of Literature* (Ibsch, Schram & Steen *et al*, 1991); en (ii) die internasionale kongres “Systems and Fields – Functionalist Approaches to Literatures and Cultures” wat gedurende 19-20 April 1996 by die Katholieke Universiteit Leuven plaasgevind het en waarvan die referate gebundel is in ’n spesiale uitgawe van die *Canadian Review of Comparative Literature*, 1997, 24(1).

Van Heusden (2001:172) stel dit dat die hedendaagse literatuursosiologie sisteemteoreties is. Die sosiale sisteemteorie veronderstel dat die geheel van handelinge sistemies omskryf kan word in terme van vaste onderliggende strukture. Van Coller (2002a:69) dui daarop dat sisteemteoretiese modelle ’n sentrale plek verwerf het in eietydse literatuurstudie en dat dit teruggevoer kan word na drie tradisies: (i) die formalisties strukturalistiese benadering van Itamar Even-Zohar; (ii) die sosiologiese benadering van Pierre Bourdieu; en (iii) die konstruktivistiese variant van Siegfried J. Schmidt. Van Coller (2002a:69) vermeld ook Nicholas Luhmann se kommunikatiewe model wat op sosiaal-bepaalde kommunikasie, eerder as op individue konsentreer. Luhmann se benadering word deur Van Heusden (2001:185-186) benut vir ’n kultuur-semiotiese perspektief op literêre kultuur. Luhmann se model word veral gevolg deur die sogenaamde Leiden Skool in Nederland. Eksponente van dié Skool (vergelyk De Berg, 1997:141-151 en Prangel, 1997:153-160) volg ’n kommunikatiewe benadering en ontwikkel ’n hermeneutiese model wat poog om rekenskap te gee van die historiese ontwikkeling van teksinterpretasie. Laermans (1997:103-113) dui die teoretiese verband tussen Luhmann en Schmidt se onderskeidelik kommunikatiewe en konstruktivistiese benaderings aan. Schmidt (1997:119-136) benadruk die funksionele

outonomie van die literêre sisteem deur 'n agentgebaseerde en empiriese benadering en definieer dié sisteem deur 'n aantal sisteemspesifieke aktiwiteite (produksie, resepsie, verspreiding en post-prosessering / terugvoer) en akteurs / agente / rolspelers (skrywers, lesers, uitgewers, kritici) wat binne die veld “ontdek” en beskryf word. Van Gorp *et al* (1991:116) wys daarop dat Schmidt se sterk onderskeid tussen die interpretatiewe studie en streng wetenskaplike studie van literatuur, sogenaamde radikale konstruktivisme, 'n logiese uitvloeisel was van die kognitiewe konstruktivisme. Laasgenoemde het ontstaan uit die beskouing dat teksinterpretasie nie alleen teksgebonde is nie, maar in 'n groot mate lesersgebonde is deurdat lesers self hulle ervaringswêreld (en omgang met tekste) konstrueer.

Volgens Van Coller (2002a:69) het al hierdie modelle heuristiese (“wat mens in staat stel om te ontdek”) waarde binne verskillende kontekste en toon dit ook bepaalde gebreke (vergelyk ook Fokkema, 1997:177-185 se belangrike vergelyking van die verskillende sisteemteoretiese modelle van Even-Zohar, Bourdieu, Schmidt en Luhmann). Van groot belang vir hierdie ondersoek is Van Coller (2002a:69) se aanduiding dat wanneer die sisteemteorie gebruik word vir navorsing, dit nuttig is om “op eklektiese wyse elemente uit verskillende modelle te neem”. Fokkema (1997:182-185) sluit hierby aan wanneer hy pleit vir 'n probleemgeoriënteerde benadering waar die fokus nie op die konstruksie van die sisteem en die tegnieke wat daarvóór ingespan word val nie, maar op die oplossing van die sentrale navorsingsprobleem deur die benutting van sisteemteorie. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word 'n doelbewuste keuse gemaak om spesifiek uit Even-Zohar se polisisteemteorie en Bourdieu se teorie oor die veld van kulturele produksie, elemente te neem wat relevant en bruikbaar is. Sisteemteorie word dus benut as teoretiese paradigma en operasionele hipotese (Van Coller, 2002a:66), of anders gestel, as konseptuele agtergrond vir die rekonstruksie van die uitgesisteem. Vervolgens word dié twee sisteemteoretiese modelle oorsigtelik beskryf.

2.4.1 Die polisisteemteorie van Itamar Even-Zohar

Itamar Even-Zohar word algemeen beskou as een van die belangrikste kontemporêre baanbrekers in die toepassing van algemene sisteemteorie op die terrein van die literatuurwetenskap. In sy Ph.D.-tesis (in 1972) het hy 'n teoretiese en metodologiese

raamwerk ontwikkel, genaamd die polisisteesisteemteorie, wat hy aanvanklik op 'n ondersoek na 'n vertalingsteorie toegepas het. Sedertdien het hy en ander kollegas die polisisteesisteemteorie verder uitgebou as metodologie vir die bestudering van reekse kompleksiteite op die gebied van kultuurstudie (Sales-Salvador, 2002:1). Deur die herwaardering van die bydraes van “dinamiese funksionalisme” (’n bydrae van die laaste fase van die Russiese Formalisme, byvoorbeeld die werk van Tynjanov en Ejxenbaum), die Tsjeggiese Strukturalisme en die Tartu Semiotiek, voorsien Even-Zohar (1990a:11) se polisisteesisteemteorie ’n raamwerk wat die aandeel van kultuur en mag en die veranderende dinamika daarvan binne die heterogeniteit van enige semiotiese sisteem erken. Even-Zohar was een van die eerste teoretici wat literatuur as ’n dinamiese polisisteesisteem binne die groter polisisteesisteem van kultuur beskryf het. Daardeur het hy die kulturele, sosiale, historiese en ideologiese plek van literatuur as kultuurprodukt erken en klem gelê op die bestudering van literatuur binne hierdie kontekste eerder as binne ’n vakuum in isolasie van dié kontekste (Sales-Salvador, 2002:2).

Met betrekking tot die uitbreiding van die literatuursisteem en na aanleiding van die dinamiese funksionalisme, beskryf Even-Zohar (1990b:27) die konsep “sisteem” as ’n voorgestelde versameling van waarneembare entiteite. Die entiteite is deur ’n netwerk van onderlinge verhoudings of verbande aan mekaar verbind. Hipoteses kan gestel word vir die sistemiese verhouding van dié verbande. Ooreenstemming oor wat ’n sisteem is, impliseer egter nie noodwendig ooreenstemming oor die entiteite wat by ’n sisteem ingesluit word nie:

Views on this range [reekse entiteite] have indeed developed side by side with the various developments in (poly)system theory, but have not been made an integrated part of it. Polysystem theory was initially able to develop its views of the literary processes even when the range of factors it assumed to be participant in that ‘polysystem’ was *limited to textual features alone* [navorsers se kursivering – hier word verwys na komponente van die literêre teks, soos byvoorbeeld die klank-, semantiese en tematiese aspekte], all the other factors involved having been considered ‘constraints on’ rather than ‘factors of’ the polysystem. However, since at the very core of polysystem theory there lies the idea that sets cannot be

fruitfully accounted for in isolation, polysystem theory has gradually been pushed to enlarge the range of factors recognized as ‘belonging to the system’ (Even-Zohar, 1990b:28-29).

Volgens Even-Zohar (1990a:10) kan daar onderskei word tussen statiese en dinamiese sisteme. Statische sisteme is ’n sinchroniese netwerk van verhoudings waar die waarde van elke entiteit ’n funksie is van die spesifieke verhouding met die entiteit waarmee dit verbind is. Die funksies van entiteite en die verhouding tussen entiteite in die netwerk is dus bepaalbaar, maar daar word nie ruimte gelaat vir verandering en variasie in hierdie sisteem nie – dié sisteem is dus geslote en veranderinge en variasies word nie as deel van dié sisteem se relevante omgewing beskou nie (vergelyk Viljoen, 1992b:496). Dinamiese sisteme erken die feit dat ’n sisteem deur die konteks van tyd beïnvloed word en dus voortdurend aan die verander is. Dié sisteem is meervoudig, dit bestaan uit verskeie sisteme wat met mekaar verbind is en wat gedeeltelik oorvleuel, maar wat nog steeds as ’n gestruktureerde geheel funksioneer en waarvan die entiteite interafhanklik is (Even-Zohar, 1990a:11). Die dinamiese sisteem is dus ’n oop sisteem of polisisteem wat in die konteks van ’n spesifieke periode beskou word, bewys daarvan dat die sisteem vóór en ná die periode (moontlik) anders kon lyk deurdat dit deur die relevante omgewing beïnvloed word (vergelyk Viljoen, 1992b:496). In hierdie ondersoek word die uitgesisteem (soos van toepassing op Afrikaanse fiksie en spesifiek vir die periode 1990-2005) as polisisteem (oop sisteem) gerekonstrueer.

Even-Zohar beskryf die raamwerk wat die polisisteem ten gronde lê deur na die konsepte dinamika en heterogeniteit te verwys. Vir hom bied die polisisteemteorie die moontlikheid om ’n hipotese te stel waarvolgens die probleem van chaos en kompleksiteit van ’n spesifieke navorsingsvraag opgelos kan word:

This means that whoever adopts a view of ‘dynamics plus heterogeneity’ takes plausibly into account such parameters as change, conflict, contradiction, alternative options, competing possibilities, *blurred borders between activities and institutions*, [navorsers se kursivering] and much more, this in addition, naturally, to the idea of *interdependencies* (i.e. ‘systemicity’) as the

basis of any conceptualization of ‘the world’ (Sales-Salvador, 2002:3).

“Die wêreld” of omgewing waarbinne die produksie van Afrikaanse fiksie plaasvind (die uitgesisteesem van Afrikaanse fiksie), word in hierdie ondersoek gerekonstrueer deur die interafhanklikheid tussen die verskillende institusies (rolspelers) en hulle aktiwiteite (funksies) wat by die uitgee van Afrikaanse fiksie betrokke is, in ag te neem. Die dinamika van die uitgesisteesem is die voortgesette produksie van publikasies – slegs deur die voortsetting van produksie bly die sisteem voortbestaan. Die heterogeniteit van die uitgesisteesem betrek die netwerk uiteenlopende funksies wat deur die talle rolspelers verrig word om die dinamika van die sisteem (die produksie van publikasies) aan die gang te hou.

Die polisistemiese raamwerk of die polisisteesemteorie as operasionele hipotese stel ’n benadering van integrasie voor. Integrasie word ’n voorvereiste om enige semiotiese veld ten volle te begryp. Dit beteken byvoorbeeld dat “populêre” fiksiepublikasies (wat op ’n breër publiek gerig is, soos liefdesromans) nie afgemaak kan word as minderwaardig, swak of nie-literêr nie (wat dikwels gebeur), maar dat hierdie tipe fiksie op gelyke voet met “literêre” fiksiepublikasies bestaan (Even-Zohar, 1990a:13). Na aanleiding van ’n vraag oor integrasie as ’n eienskap van die polisisteesemteorie deur Sales-Salvador (2002:5), antwoord Even-Zohar deur nog ’n belangrike eienskap van die teorie te belig, naamlik dat dié teorie waarde-oordele as kriteria in die seleksie van studie-objekte verwerp. Hy waarsku ook in hierdie verband teen die verwarring tussen kritiek en navorsing wat in die literatuurwetenskap voorkom (Even-Zohar, 1990a:13). Die polisisteesemteorie is dus nie evaluerend (dit vertrek nie vanuit ’n teksgerigte benadering waar tekste geëvalueer, gekritiseer en na waarde geskat word nie) of voorskrywend nie, maar eerder beskrywend. Daarom blyk polisisteesemteorie ’n bruikbare vertrekpunt te wees vir die rekonstruksie van die uitgesisteesem waarby die produksie van alle soorte fiksiepublikasies (sowel sogenaamde “populêre” as “literêre” publikasies) bestudeer word.

Even-Zohar (1990a:14) verwys na die sentrum-periferie-spanning as ’n verdere kenmerk van die polisisteesem waar ouer (of meer gevestigde) elemente vanaf die sentrum na die periferie van die sisteem beweeg en nuwer elemente wat eens op die

periferie gestaan het die sentrum binnedring en beset. Dit is 'n nimmereindigende proses wat sorg vir die dinamika van die sisteem; daarsonder sal die sisteem stagneer en uiteindelik ophou om te bestaan. Hierdie kenmerk van die polisisteem maak dit 'n bruikbare teorie vir ondersoeke na kanoniserings en dit het veral in die literatuurwetenskap die benutting van die polisisteemteorie bevorder (sien in hierdie verband byvoorbeeld Viljoen, 1992b:496 se interpretasie van Even-Zohar se teorie). Kanoniserings *per se* toon egter 'n verband met waarde-oordele wat die gebruik van die polisisteemteorie vir ondersoeke daarna ironies maak aangesien dié teorie waarde-oordele verwerp.

In die toepassing van die polisisteemteorie op die rekonstruksie van die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie, kom die sentrum-periferie-spanning op 'n ander vlak ter sprake. Daar word nie gefokus op kanoniserings of die produksie van 'n kanon nie, maar die produksie van *alle* Afrikaanse fiksietitels (weliswaar met bepaalde afbakening – sien 5.5.2) word as studie-objek geneem. Die rekonstruksie van die uitgesisteem vertrek vanuit die gevestigde of tradisionele uitgeeproses (kortom, uitgee deur 'n uitgewery) wat die interne sisteem of kern vorm (sien 3.2). Fiksietitels wat nie tot hierdie gevestigde kringloop toegelaat word nie (en dalk ná afkeuring deur 'n uitgewery deur die outeur self-uitgegee word), staan dus op die periferie van dié sisteem, terwyl aanvaarde manuskripte tot die sentrum toegelaat word. Tydens die rekonstruksie van die uitgesisteem word verder aangetoon dat 'n aantal institusionele subsisteme (sien 3.3) en kontekstuele subsisteme (sien 3.4) die kern van die sisteem of uitgeeproses beïnvloed. Hierdie beïnvloeding deur die verskillende subsisteme vind nie in gelyke mate plaas nie en wissel ook in verskillende periodes. Hipoteties kan dus gesê word dat 'n subsisteem in 'n sekere sentrum-periferie-spanning tot die kern van die sisteem staan en selfs op sekere stadiums só 'n groot invloed daarop kan hê dat dit die kern kan binnedring.

Even-Zohar (1990a:22-23) stel die uitgangspunt dat enige semiotiese polisisteem (byvoorbeeld die literatuursisteem) 'n komponent is van 'n groter polisisteem (byvoorbeeld die kultuursisteem) waaraan dit onderwerp én gelykvormig is en dat dit korreleer met die groter geheel en die komponente daarvan. Dié korrelasies word die intra-verhoudings van die sisteem genoem. Die korrelasies tussen hierdie sisteme, wanneer hulle as gelykvormig en as funksionierend binne 'n groter kulturele geheel

beskou word, kan waargeneem word op die basis van hulle wederkerige gee en neem tussen mekaar. Na aanleiding hiervan beskou Even-Zohar (1990a:23 en 1990b:30) die literatuursisteem as 'n aparte semi-onafhanklike sosio-kulturele institusie wat gelyktydig outonoom (selfregulerend) en heteronoom (gekondisioneer deur ander sisteme) met ander ko-sisteme bestaan. Vanuit hierdie veronderstelling pleit hy dat literêre institusies (hy noem literêre ideologieë; *uitgewerye*; literêre kritiek; literêre groepe; en ander wyses waarvolgens smaak dikteer of die norm gestel word as voorbeelde), wat ongetwyfeld as semi-afhanklike sosio-kulturele sisteme optree, ook erken word as integrale faktore van die literatuursisteem. Die uitgesisteem word gerekonstrueer as 'n *mega-polisisteem* wat uit meer as een sisteem bestaan: die kern (die uitgeproses of boekproduksie as institusie) word as opsigselfstaande polisisteem beskou, maar die totale uitgesisteem sluit ook die ko-sisteme waarmee dit in interaksie is, in (vergelyk Bourdieu, 1993:33 wat daarop wys dat die dinamika van 'n veld of sisteem juis begryp moet word deur die interafhanklikheid tussen subsisteme binne 'n sisteem-van-sisteme).

In sy rekonstruksie van die literatuursisteem pas Even-Zohar (1990b:31 en 34) Jakobson se bekende kommunikasiemodel aan. Hy stel dit dat die faktore binne sy voorgestelde raamwerk nie in 'n hiërargie van belangrikheid funksioneer nie, maar wel deur hulle interafhanklikheid tot mekaar: 'n verbruiker verbruik 'n produk wat deur 'n produsent geproduseer is. 'n Gedeelde repertoire moet bestaan as voorwaarde vir die generering van die produk. Die bruikbaarheid van die repertoire word deur 'n institusie bepaal en 'n mark moet bestaan waarin die produk versprei kan word. Geeneen van die faktore kan in isolasie funksioneer nie en daar bestaan interafhanklike verhoudings tussen al die genoemde faktore (die rolspelers en die funksies wat hulle verrig). By die rekonstruksie van die kern van die uitgesisteem (sien 3.2) word aangetoon dat dit op dieselfde beginsel van interafhanklikheid funksioneer.

Even-Zohar (1990b:37-38) omskryf institusie in sy rekonstruksie van die literatuursisteem as die aggremaat van faktore wat betrokke is by die instandhouding van literatuur as sosio-kulturele aktiwiteit. Onder institusie sluit hy gedeeltes van die produsente, kritici, *uitgewerye*, joernale, klubs, literêre groepe, staatsdepartemente, en die media in al sy fasette in. Binne die institusie bestaan daar 'n mate van kompetisie tussen hierdie faktore vir die dominerings van die institusie ('n sentrum-periferie-

spanning). Binne die veelvoudigheid van die literatuursisteem is verskillende institusies gelyktydig aan die werk in verskillende dele van die sisteem. Die aard van produksie en verbruik word bepaal deur die institusie en enige besluite binne die sisteem word bepaal deur die moontlikhede en beperkinge van die institusie (vergelyk ook Even-Zohar, 1997:31-32). In die rekonstruksie van die uitgesisteem word aangetoon dat die produksie van fiksietitels 'n institusie is en dat dit in verband staan met ander institusies (subsisteme) waardeur dit beïnvloed word (sien 3.3).

Diegene wat spesifiek geïnteresseerd is in die voortbrenging van produkte (byvoorbeeld literêre tekste), kan nie die toestand van die polissisteem waarvan die produkte ondersoek word, ignoreer nie (Even-Zohar, 1990a:15). In die toepassing van die polissisteemteorie deur die literatuurwetenskap in teksgerigte ondersoeke (waar die teks self, die resepsie van die teks en die aandeel daarvan in die kanon ondersoek word) word vertrek vanaf 'n punt waar die teks reeds as materiële produk bestaan (reeds geproduseer of uitgee is), terwyl die produksieproses (of uitgeeproses) waardeur die produk tot stand gekom het in hierdie ondersoeke geïgnoreer word.

Even-Zohar (1990a:18-19) beskou wel tekste (fiksietitels) as die algemeen aanvaarde produk(te) van die literatuursisteem, alhoewel hy (Even-Zohar, 1990b:43-44) die kompleksiteit van hierdie beskouing uitwys. Afhangende van die vlak van analise waarvoor die polissisteemteorie ingespan word, kan fragmente van 'n teks, patrone in die samestelling van die teks en modelle van realiteit binne die teks ook as produkte van die sisteem beskou word (vergelyk ook Even-Zohar, 1997:27-30). Individuele verbruikers is bloot geïnteresseerd in die produkte en nie in die faktore wat die bedryf waardeur die produkte geproduseer word, beïnvloed nie. Maar vir diegene wat die bedryf as 'n komplekse aktiwiteit wil begryp, kan die faktore wat daardie bedryf beïnvloed nie deur die produkte van die bedryf geanaliseer word nie – selfs al bly die produkte (die voortbrenging van die produkte) die rede vir die operasionele funksionering van dié bedryf (Even-Zohar, 1990a:18-19). Tekste (fiksietitels) as produkte van die literatuursisteem is die uitkoms van die prosesse van die bedryf waardeur dit vervaardig word (die uitgewerybedryf) eerder as die uitkomst van 'n proses van kanonisering. Tekste is slegs 'n aktiewe faktor in sistemiese verhoudings deur hulle funksie as verteenwoordigend van die modelle waardeur hulle voortgebring word. Vergelyk ook Codde (2003:93) wat wys op die misverstand dat funksionalisme

(waarvan polisisteamteorie 'n vergestaltung is) hoofsaaklik gemoed is met die eindproduk van literêre aktiwiteite (die literêre teks) terwyl Even-Zohar dit juis beklemtoon dat die literêre produk bespreek, geanaliseer en beskryf behoort te word in terme van die ingewikkelde netwerk van verhoudings waardeur dit voortgebring of gekondisioneer word. Polisisteamteorie hou hom dus nie hoofsaaklik met die eindproduk besig nie, maar met dinamiese verhoudings binne die sisteem waardeur dit voortgebring word.

Vir die doeleindes van die rekonstruksie van die uitgesisteem word die fisiese boek (die manuskrip in sy gepubliseerde formaat as boek wat gereed is om aan die mark versprei te word) as produk van die uitgesisteem beskou. Die uitgesisteem neem alle rolspelers wat binne die uitgewerybedryf by die totstandkoming van die produk betrokke is in ag en die funksionering van die uitgewerybedryf word sistemies beskou. Deur die uitgewerybedryf binne sy breër sosiale konteks te plaas en ook dié ko-sisteme wat die bedryf beïnvloed in te sluit, word die uitgesisteem as 'n megapolisisteam geponeer.

Volgens Even-Zohar (1990b:34-35) is teorieë wat die literatuur beskou vanuit 'n uitgangspunt wat die produksie van literatuur as vertrekpunt neem grotendeels afwesig. Hy verklaar dit deur kortliks te verwys na die ontwikkeling van die literatuurwetenskap. Ná die tradisie waar die skrywer sentraal in die literatuurwetenskap gestaan het, het 'n teksgerigte benadering tot literatuurwetenskap gevolg wat gefokus het op eerstens die teks en daarna die begrip en verstaan van die teks. Laasgenoemde het verder ontwikkel in 'n lesersgerigte benadering, maar die bestaan van die teks is as vanselfsprekend aanvaar en dit is nie nodig geag om 'n verband tussen die verbruik en produksie van die teks te trek nie. Die skrywer is ook nog altyd as die enigste produsent van die teks beskou. Die ontstaan van tekste is gekoppel aan skrywers se intensies. 'n Praktyk het gevolg waarvolgens hierdie intensies gekoppel is aan eerstens allerlei verklarings aangaande die mistieke "inspirasies" van skrywers en tweedens vereenvoudigde psigologiese verklarings. Dit was eers met die ontwikkeling van die polisisteamteorie en voorlopers daarvan dat pioniers soos Ejxenbaum begripgebaseerde teorieë met produksiegebaseerde teorieë kon verbind.

Even-Zohar (1990b:35-36) is van mening dat die totstandkoming of generering van die teks (en hier is dit veilig om te aanvaar dat daar verwys word na die skryfproses waardeur die manuskrip tot stand kom) slegs 'n klein gedeelte van produksie uitmaak, terwyl ander betrokke rolspelers, die hoeveelheid titels en hulle sirkulasie ook faktore van produksie is. Daarom verwys hy na die meervoudsvorm “produsente” wat die aggremaat van rolspelers insluit wat by produksie betrokke is en wat op verskeie wyses georganiseer is (vergelyk ook Even-Zohar, 1997:30-31). Hulle vorm almal deel van die literêre institusie en literêre mark in Even-Zohar se literatuursisteem en hulle is ook deel van die repertoire omdat hulle die norm stel. Hy noem egter dat 'n benadering wat die produsent as 'n inklusiewe groep van rolspelers betrokke by produksie voorstel, dikwels teenkating in die praktyk ervaar omdat dit as ekstern tot die literatuursisteem beskou word. Gevolglik word die toestande en beperkinge van die verskillende literêre produsente (soos ook uitgewerye) dikwels geïgnoreer.

Binne 'n Suid-Afrikaanse konteks meld Viljoen (1992b:497) dat “dit vandag egter duidelik [is] dat die grense van literêre sisteme so getrek moet word dat dit die teks, sy produsent en resipiënt insluit, plus ook die norme, postulate of konseptuele raamwerke waarbinne produksie en resepsie plaasvind.” Viljoen (1992b:496) verduidelik dat die literatuur nie as 'n oop sisteem beskou kan word as dit slegs uit tekste bestaan nie, maar dat dit eerder gaan oor die literêre proses(se) van produksie en resepsie: “die literêre sisteem is alleen via skrywer en leser oop na sy omgewing”. Hierdeur word produksie by die literatuursisteem betrek, maar dit is insiggewend dat Viljoen nie direk verwys na uitgewers of uitgewerye nie, alhoewel hy verwys na “produksietegnieke (mondeling, die drukpers) en produksievoorwaardes (mesenasse, die status van die skrywer, gatekeepers)”. In Suid-Afrika word die literatuursisteem tradisioneel gerekonstrueer sodat dit die teks, sy produsent (en hier word primêr na die skrywer verwys) en die resipiënt (die leser) as entiteite insluit. Alhoewel die uitgewer as rolspeler (as medeprodusent saam met die skrywer) en die uitgewery as institusie nie totaal ontken word binne die (Suid-Afrikaanse of Afrikaanse) literatuursisteem nie, word daar nie direk daarna as primêre entiteit verwys nie en word dit grotendeels geïgnoreer. Die uitgewer en uitgewery maak binne die tradisionele rekonstruksie van die literatuursisteem deel van die relevante omgewing uit.

Die vraag mag ontstaan hoekom hierdie ondersoek nie die literatuursisteem as vertrekpunt neem nie, maar dit nodig ag om 'n ander sisteem (die uitgesisteem) te rekonstrueer. Die antwoord lê hoofsaaklik in bogenoemde ignorering van die uitgewer en uitgewery as deel van die literatuursisteem en dít dien as motivering vir die rekonstruksie van die uitgesisteem. Eerder as om die literatuursisteem te verbreed sodat dit die uitgewer en uitgewery as een van die primêre entiteite insluit, word die uitgesisteem gerekonstrueer wat vertrek vanuit 'n uitgangspunt waar die uitgewer en uitgewery (en uitgee / produksie as primêre aktiwiteit) sentraal tot dié sisteem staan. Die Afrikaanse literatuursisteem bestaan dan in 'n intra-verhouding met die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie: dié literatuursisteem is 'n subsisteem binne die uitgesisteem terwyl die uitgesisteem weer op sy beurt 'n subsisteem binne die literatuursisteem is. Die uitgesisteem word ook só gerekonstrueer dat dit generies ten opsigte van alle soorte publikasies is en nie slegs fiksiepublikasies nie, alhoewel dit in hierdie ondersoek spesifiek op die produksie van fiksiepublikasies toegepas word.

Dit word duidelik in die onderhoud met Sales-Salvador (2002:10) dat Even-Zohar nie daarop gefokus het om die polissisteemteorie verder te ontwikkel of op verskillende terreine te “bewys” nie, maar eerder op die bruikbaarheid daarvan om verskillende navorsingsvrae te beantwoord. Om dít te bereik het hy die polissisteemteorie in sy latere navorsing nie altyd as sentrale vertrekpunt of verwysing ingespan nie, maar eerder as konseptuele agtergrond gebruik. Vir die doeleindes van die rekonstruksie van die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie word die polissisteemteorie ook as konseptuele agtergrond benut. Daar sal dus nie gepoog word om die verband tussen die polissisteemteorie en die rekonstruksie van die uitgesisteem te “bewys” nie aangesien hierdie verband hipoteties aanvaar word. Die polissisteemteorie word in hierdie ondersoek ingespan om die struktuur van die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie te beskryf: die komplekse verhoudings tussen die verskeie institusies (en rolspelers) en hulle onderlinge aktiwiteite (funksies) in die uitgesisteem en die interaksie tussen die kern van die sisteem (die uitgeeproses) en eksterne subsisteme, waardeur die rolspelers en hulle funksies beïnvloed word en wat die dinamika van die sisteem dryf.

2.4.2 Pierre Bourdieu se teorie oor die veld van kulturele produksie

Die Franse kultuursosioloog Pierre Bourdieu het 'n teorie ontwikkel om die ontstaan van die outonome artistieke veld aan die begin van die negentiende eeu te verklaar. Vóór die negentiende eeu was die artistieke veld onder die beskerming van die adellike stand wat finansiële hulpbronne aan kunstenaars voorsien het (die sogenaamde mesenasse of kunsbeskermers) en kunstenaars het in opdrag van dié borge gewerk. Daarna het 'n groep Boheemse kunstenaars ontstaan met 'n eie duidelike kollektiewe identiteit en 'n tekort aan finansiële hulpbronne en word die “kunstenaar as uitgeworpene” gebore. Gevolglik tree daar vervreemding tussen die kunstenaar en die publiek in en ontstaan daar 'n duidelike skeiding tussen artistieke erkenning en openbare of kommersiële sukses – 'n spanning wat tot vandag toe in 'n mate bestaan (Van Heusden, 2001:171).

Later pas Bourdieu sy teorie ook toe op die ontwikkeling van literatuur tot outonome kulturele gebied en benut hy die teorie om kuns en literatuur as sosiale praktyk te analiseer. Dit is spesifiek Bourdieu se aanwending van sy teorie om die omstandighede te verklaar waaronder kulturele produkte (soos literêre tekste) geproduseer word, wat hom 'n belangrike bydraer tot teorievorming in die literatuursosiologie maak (Van Heusden, 2001:179-180). Bourdieu onderskei tussen 'n teksimmanente of hermeneutiese benadering (wat daarop gerig is om die betekenis van tekste te verklaar) en 'n tekseksterne of empiriese benadering (wat daarop gerig is om die produksie en resepsie van literatuur te bestudeer) binne die literatuursosiologie. Hy staan krities teenoor die teksimmanente benadering omdat die verhouding tussen opeenvolgende tekste en literêre vorme (genres, strominge) volgens hom nie 'n “natuurlike” gegewe is nie, maar die resultaat van 'n komplekse spel van sosiale faktore: “In defining the literary and artistic field as, inseparable, a field of positions and a field of position-takings we also escape from the usual dilemma of internal (‘tautegorical’) reading of the work (taking into isolation or within the system of works to which it belongs) and external (or ‘allegorical’) analysis, i.e. analysis of the social conditions of production of the producers and consumers [...]” (Bourdieu, 1993:34).

Bourdieu poog om 'n empiriese analise van die produksie-omstandighede te lewer en ontwikkel daarvoor die konsepte “veld” en “habitus”. 'n “Veld” (*champ*) is 'n mikrokosmos van sosiale praktyke, 'n gestruktureerde ruimte wat met verbandhoudende sosiale posisies verbind is volgens bepaalde reëls. Die veld bestaan uit oorvleuelende sosiale, intellektuele en ideologiese arenas waardeur produsente (soos byvoorbeeld uitgewers, redakteurs en outeurs) en produkte (byvoorbeeld boeke of ander kultuurprodukte) met mekaar verbind is. Agente wat binne 'n veld 'n bepaalde posisie inneem, beskik oor vaardighede en magsmiddele wat Bourdieu hulle “kapitaal” noem. Die ongelyke verdeling van die kapitaal is bepalend vir die struktuur van die veld (Bourdieu, 1993:45-49). Bourdieu onderskei tussen drie vorme van kapitaal: (i) ekonomiese kapitaal (finansiële hulpbronne – Bourdieu, 1993:68); (ii) kulturele kapitaal (vorme van kognitief-verworwe en geïnternaliseerde kennis of bevoegdheid wat die agent in staat stel om kultuurprodukte te waardeer en kulturele verbande en kodes te ontsyfer – Johnson in Bourdieu, 1993:7); en (iii) sosiale kapitaal ('n netwerk van kennis, kontakte en familie waardeur die agent sy posisie in die veld verbeter en sterker meeding om ander vorme van kapitaal – Bourdieu, 1993:54, 68). 'n Verdere vorm van kapitaal is *simboliese kapitaal*, wat verwys na die vlak van verworwe prestige, beroemdheid of aansien wat 'n deelnemer in 'n bepaalde veld verower het en gegrond is op die kennis van die deelnemer en die erkenning aan die deelnemer (Johnson in Bourdieu, 1993:7). In verskillende velde is verskillende vorme en vlakke van kapitaal van belang en daar word deur die deelnemers aan 'n veld geweddywer om die kapitaal (Bourdieu, 1993:40-43). 'n “Veld” is dus 'n strydperk waarbinne die agente meeding om die verdeling van die kapitaal en die erkenning van wat as relevante kapitaal moet of mag beskou word.

Deur artistieke vernuwing word die struktuur van die veld hervorm, verander die waardes en daarmee ook die hiërargie (Bourdieu, 1993:55-61). Die struktuur van die veld word bepaal deur die verspreiding van beskikbare posisies en die objektiewe eienskappe van die agente wat die posisies inneem. Die dinamika van die veld is gesetel in die magstryd om die beskikbare posisies en die konflik wat ontstaan tussen die ortodoksie van gevestigde tradisies en die kettery wanneer nuwe kulturele praktyke die posisies inneem (*prises de position*). Hierdie posisie-inname kan veroorsaak word deur óf immanente eienskappe van tekste (byvoorbeeld stilistiese vernuwing), óf tekseksterne verskuiwings in die breër politieke of kulturele veld

(Johnson in Bourdieu, 1993:16-17). Die objektiewe, bepalende struktuur van 'n veld word sigbaar in die vorm van 'n netwerk van onderskeidende gedragsvorme (praktyke en aktiwiteite) wat 'n simboliese ruimte van “plekbepalinge” en “posisie-inname” vorm (vergelyk Van Heusden, 2001:181). Die posisies wat deelnemers binne 'n veld kan inneem, korrespondeer dus met verskillende verbandhoudende gedragsvorme (in die kuns of letterkunde byvoorbeeld praktyke soos skrywerstrominge of -skole, geslagte of generasies, tradisies en style).

Velde (kuns, politiek, ekonomie, die reg) het 'n eie logika. Die veronderstelling dat elke veld 'n eie struktuur het, bring Bourdieu se teorie in die kader van die sisteemteoretiese sosiologie. Van Heusden (2001:182-183) vra in watter verhouding verskillende velde tot mekaar staan en wonder of daar nie 'n “reïfikasie” ('n “tot ding maak”) van die veldbegrip dreig nie (velde is immers uiteindelik representasie-strukture – abstrakte of kunsmatige rekonstruksies van die werklikheid). Van Heusden (2001:183) stel dit dat die analise van die verhouding tussen die literêre veld en ander velde 'n besondere uitdaging vir die literatuurwetenskap inhou. Deur die toepassing van aspekte van Bourdieu se veldteorie in die rekonstruksie van die uitgesisteem, word die uitgee van fiksietitels of boekproduksie as institusie (maar ook as semi-onafhanklike / semi-outonome sisteem of veld) binne die groter sosiale konteks geplaas en die verhouding van dié institusie met ander institusies word aangedui.

Met Bourdieu se veldteorie ontwikkel hy dus 'n teorie oor die maatskaplike (sosiale) produksie (en verbruik) van kuns. As kern van sy opvatting wys hy die idee af dat 'n kunswerk as kuns gereken word op grond van die immanente eienskappe of intrinsieke kenmerke daarvan. Hy glo dat 'n kunswerk as kuns beskou word deur die legitimisering daarvan as “kuns”. Die kunswerk as sodanig (en daarby word die teks / boek ingesluit) beskik oor geen artistieke waarde nie, maar dit verkry wel sodanige waarde deur die kollektiewe “geloof” (of opvatting) dat dit kuns is. Die opvatting kom tot stand deur die wisselwerking tussen institusies wat nie slegs by die materiële produksie en verspreiding betrokke is nie, maar ook by meningsvorming rondom kuns en literatuur (die sogenaamde simboliese produksie). Die institusies sluit onder andere uitgewerye, groepe skrywers en kunstenaars, teaters en galerye (sekerlik ook boekwinkels), die literêre kritiek en die onderwys in. Bourdieu gebruik die versamelbegrip “kulturele veld” vir al die verskeie institusies wat by die materiële en

simboliese produksie en verbruik van die kunswerk betrokke is (vergelyk De Glas, 1989:21-22). Die uitgesisteem kan dus as veld beskou word deurdat dit al die institusies wat by beide die materiële en simboliese produksie betrokke is, insluit.

Volgens Bourdieu verkeer die verskeie institusies binne die veld in onderlinge verhouding en wisselwerking ('n magstryd vir die legitimisering van hulle opvatting oor wat kuns is). Hy verwerp die charismatiese ideologie dat die kunstenaar (skrywer) volkome outonoom is en slegs deur die ontplooiing van sy talent kuns pleeg. Die produksie van die kunswerk is eerder 'n sosiale proses en die literatuursosiologie behoort die verloop in die sosiale produksie van die kunswerk te bestudeer (vergelyk De Glas, 1989:22-23).

Ook die verbruik van die kunswerk is volgens Bourdieu 'n sosiale proses. Anders as die destydse heersende opvatting dat die begrip van en waardering vir kuns 'n saak van gevoeligheid en individuele aanleg is, poneer Bourdieu (1993:64-72) dat die gebruiker se waarnemingsvernuf met betrekking tot kuns gestalte kry deur aangeleerde maatskaplike en kulturele konvensies (vergelyk De Glas, 1989:23). Sosiale faktore bepaal die kulturele en artistieke konvensies van die gebruiker. Bourdieu ontwikkel die begrip "habitus" om die verhouding tussen sosio-ekonomiese posisies enersyds en lewenstyl, kulturele en artistieke voorkeure andersyds, te ondersoek: "The *habitus* is something described as a 'feel for the game', a 'practical sense' (*sense pratique*) that inclines agents to act and react in specific situations in a manner that is not always calculated and that is not simply a question of conscious obedience to rules. Rather, it is a set of dispositions which generates practices and perceptions. The *habitus* is the result of a long process of inculcation, beginning in early childhood, which becomes a 'second sense' or a second nature" (Johnson in Bourdieu, 1993:5). "Habitus" is die geheel van waarnemings-, waarderings- en handelingskemas waarvoor die individu beskik en waardeur sy kulturele gedrag beïnvloed word. Die verskillende vorme van kapitaal (ekonomies, kultureel, opleiding) waartoe die individu toegang het, beïnvloed ook hierdie waarnemingsvernuf.

Van Rees & Dorleijn (1994:94-95) beskryf die literêre veld as 'n voortdurende veranderde sisteem van magsverhoudings. Onder literêre institusies tel nie alleen dié instellings wat hulle bemoei met die materiële produksie en verspreiding van

literatuur (uitgewerye, biblioteke, die boekhandel, boekklubs) nie, maar ook instansies wat die regering oor hulle beleid ten opsigte van kuns adviseer (kunsterade) en ook dié instellings wat hulself belas met simboliese produksie, dit wil sê die spesifisering en bekendmaking van bepaalde opvattinge oor literatuur en bepaalde kanale daarvoor aanwend (literatuuronderwys vir volwassenes en jeugdiges, wetenskaplike en literêre tydskrifte en die pers en media). Die konsep “literêre veld” is ’n metafoor wat ’n programmatiese funksie vervul: dit handel oor die interaksie tussen rolspelers en institusies wat betrokke is by die literêre bedryf, asook oor die rol wat literatuur-opvattinge (gekoppel aan ideologiese standpunte) vervul in die persepsie van mense oor tekste wat as “literêr” beskou word. Deur die analitiese terme “materiële produksie” en “simboliese produksie” word die ondersoeker in staat gestel om die voorheen geskeide beelde en menings oor kunswerke en kunstenaars aan die een kant, en die feitlike netwerk van persone wat dié beelde vorm en waarop dit van toepassing is aan die ander kant, met mekaar te verbind (Van Rees & Dorleijn, 1994:96). Van Rees & Dorleijn (1994:107) wys daarop dat hierdie omskrywing van die veld oop is (teenoor geslote) en dat dit die moontlikheid bied om rekenskap te gee van ’n bepaalde stand van sake of van spesifieke ontwikkelinge in verskillende tydvakke. Dit is dus moontlik om die veldteorie te benut om nie net ’n generiese model van die uitgesisteme te rekonstrueer nie (waarteen diachroniese ontwikkeling afgespieël kan word), maar ook om só model aan te pas vir die produksie van ’n spesifieke soort publikasie en ’n spesifieke periode – dus ’n sinchroniese snit voor te stel (sien 2.8).

Van Rees & Dorleijn (1994:104) onderskei Bourdieu se bydrae as baanbrekend vir die institusionele benadering. Bourdieu self maak min van die konsep “institusie” gebruik, maar hy het – anders as die voor hom – Weber se “veld”-metafoor deeglik toegepas. Omdat Bourdieu ’n nuwe ondersoekterrein ontgin, het die sleutelbegrippe in sy werk slegs metaforiese status. Maar dit is nuttig vir die vorming van hipoteses. In die institusionele kader word die literêre veld voorgestel as ’n voortdurend veranderende geheel van magsverhoudings tussen die uiteenlopende literêre institusies wat betrokke is by die produksie, verspreiding en verbruik van fiksie, veral van tekste wat as literêr waardevol beskou word (Van Rees & Dorleijn, 1994:104). Die taak van die institusionele benadering is om insig te verskaf aangaande die aard van die magsverhoudings en die aard van die waarde-oordele waaraan fiksietekste onderwerp word.

Om dit te kan doen moet dié benadering die faktore wat die magsverhoudings en waarde-oordele bepaal, opspoor en die samehang daartussen ontleed (Van Rees & Dorleijn, 1994:104-105).

Die uniekheid van Bourdieu se bydrae lê daarin dat hy die eerste was wat gewys het op die veelvuldigheid van die faktore, die verskeidenheid in die aard van die faktore en die onderlinge verweefdheid van die faktore. Hierdie faktore sluit in die sosio-ekonomiese, sosio-psigologiese en kultuur-ideologiese faktore (Van Rees & Dorleijn, 1994:105). Die veld vorm 'n dinamiese geheel. Die interaksie tussen institusies en persone binne instellings is konstitutief vir die literêre veld, maar terselfdertyd maak dié veld ook deel uit van 'n omvangryker maatskaplike / sosiale sisteem. Die literêre veld is dus selde of slegs relatief outonoom: Van Rees & Dorleijn (1994:107) noem dat die ontstaan van 'n nuwe literêre institusie (met 'n spesifieke eie funksie) binne die literêre veld selde sy ontstaan te danke het aan ontwikkelinge binne die veld. Magsverhoudings tussen institusies en ook binne institusies verander mettertyd onder die invloed van sosio-ekonomiese, kulturele en tegnologiese ontwikkelinge in die breër sosiale verband. Wanneer ondersoekers hierdie verweefdheid van ontwikkelinge binne en buite die literêre veld besef, behoort hulle in die soeke na verklarings van 'n bepaalde ontwikkeling 'n enkelvoudige oorsaak-gevolg redeneertrant te vermy. Daar word van ondersoekers verwag om 'n instrument te ontwikkel waardeur die veelheid van verhoudings tussen veranderlikes gemeet kan word (Van Rees & Dorleijn, 1994:107). Deur die rekonstruksie van die uitgesisteem word gepoog om só instrument vir hierdie ondersoek te ontwikkel: die politiese-, ekonomiese- en tegnologiese faktore wat boekproduksie as institusie (asook dié institusies waarmee boekproduksie in verband staan) beïnvloed, word in die uitgesisteem verreken deur ál die verbandhoudende institusies in hulle groter sosiale konteks te poneer (sien 2.8).

In die ontwikkeling van sy teorie oor die kulturele veld maak Bourdieu geen onderskeid tussen verskillende kunste nie. Hyself skryf ook min oor spesifiek die literêre veld. Van Rees & Dorleijn (1994:106) is, soos ook De Glas (sien 2.6), krities oor die tekort aan empiriese toepassing van Bourdieu se teoretiese konsepte deur homself. Steeds word sy bydrae erken omdat dit gelei het tot groter bewustheid oor die institusionele konteks waarbinne die kunswerk geskep word en waarbinne dit bestudeer behoort te word – nie slegs deur beoefenaars van die institusionele

benadering nie, maar toenemend ook deur literatuurwetenskaplikes wat ’n teksgerigte benadering volg. Van Coller (2002a:70) beskou Bourdieu se konstruksie van die literêre “veld” as een van die bruikbaarste insigte van die sisteemteoretici. Van Coller stel die twee konsepte “veld” en “sisteem” tot ’n mate gelyk aan mekaar. Volgens Van Coller speel die “veldteorie” ’n belangrike rol in literatuurnavorsing in Nederland en is dit – ten spyte van kritiek – die amptelik aanvaarde teoretiese model waarvolgens navorsing moet geskied wat aanspraak wil maak op ondersteuning deur die Nederlandse Organisatie voor Wetenschappelijk Onderzoek (NWO).

Die aandag aan die wyer politieke, kulturele en sosiale konteks in Bourdieu se veldteorie en die klem wat hy lê op verbande tussen kultuur, gemeenskap en materiële produksie, het die toepassing daarvan in boekstudienavorsing bevorder. Die feit dat Bourdieu in die toepassing van sy veldteorie dikwels fokus op algemene kulturele produksie (en hoe dié produksie tussen verskeie velde beweeg, gemanipuleer en geïnterpreteer word), terwyl hy eintlik min kere direk op die produkte van die literêre veld fokus, lei daartoe dat aspekte van materiële produksie afgeskeep word in Bourdieu se eie toepassings (Finkelstein & McCleery, 2005:22-23). In hierdie opsig sluit Bourdieu aan by die pionier boekhistorikus Robert Darnton wat met sy “kommunikasie kringloop”-model boekproduksie posisioneer binne die sosiale, ekonomiese, politieke en intellektuele kondisies van ’n spesifieke periode (sien 2.5). Darnton gebruik hierdie metodiek om aspekte van materiële produksie in detail na te vors, in welke opsig dit verskil van Bourdieu wat – in sy eie toepassings van sy veldteorie – die materiële produksie en verspreiding van boeke benut as ’n vertrekpunt om aspekte van (hoofsaaklik) simboliese produksie na te vors, byvoorbeeld hoe kulturele status verwerf en behou word (Finkelstein & McCleery, 2002:8). Hierdie aspek het ook gelei tot kritiek teen Bourdieu deur boekstudienavorsers, veral ondersoekers wat hul besig hou met uitgewery-ondersoek (vergelyk die uitsprake van De Glas in 2.6).

Bourdieu se teorie oor die veld van kulturele produksie word soms gekarakteriseer as radikale kontekstualisering (Johnson in Bourdieu, 1993:9): “It takes into consideration not only works themselves, [...] but also producers of works in terms of their strategies and trajectories, [...] It also entails an analysis of the structure of the field itself, which includes the positions occupied by producers (e.g. writers, artists) as well

as those occupied by all the instances of consecration and legitimation which make cultural products what they are (the public, publishers, critics, galleries, academics and so forth). Finally, it involves an analysis of the position of the field within the broader field of power. [...] In short Bourdieu's theory of the field of cultural production [...] encompasses the set of social conditions of the production, circulation and consumption of symbolic goods" (vergelyk ook Van Coller, 2002a:70 en Laermans, 1997:103-113). Dit is juis in hierdie opsig dat Bourdieu se veldteorie nuttig is in die rekonstruksie van die uitgesisteem waar boekproduksie as institusie binne die breër konteks en in interaksie met ander (sub)sisteme geponeer word.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word die veldteorie benut om te dui op die volgende: die posisies wat deur die verskillende rolspelers wat betrokke is by die produksie van fiksietitels (boekproduksie as institusie) ingeneem word; die posisie van die uitgewerybedryf as institusie teenoor verbandhoudende institusies; die groter sosiale konteks waarbinne die institusies funksioneer en waardeur dit beïnvloed word; en die onderlinge verhoudinge tussen hierdie elemente (die intra-sistemiese verbande) en die funksies wat hulle vervul.

2.4.3 “Sisteem” of “Veld”?

Dit val buite die bestek van hierdie ondersoek om op teoretiese vlak 'n aanduiding van die ooreenkomste en verskille tussen Even-Zohar se polisisteemteorie en Bourdieu se teorie oor die veld van kulturele produksie te gee. Onder sisteemteoretici sêlf bestaan daar nie volkome duidelikheid oor hoe die konsepte “sisteem” en “veld” by mekaar aansluit of van mekaar verskil nie. In 'n paneelbespreking tussen Bourdieu, Van Rees, Schmidt en Verdaasdonk (1991:427-443) beskryf Bourdieu sêlf 'n veld as 'n stel of sisteem van probleme. Na aanleiding daarvan merk Schmidt op: “[...] the way [Bourdieu] defined ‘field’ as a set or system of problems brings me to the idea that there might be a very close and in a way natural, logically necessary relation between a clearly defined notion of system and what [Bourdieu] has described as a field”; waarop Bourdieu later antwoord: “[...] our views [oor die konsepte “sisteem” en “veld”] are both very similar and completely different”. Die ooglopende verskille is dikwels as gevolg van 'n gebrek aan diepgaande kennis oor elke afsonderlike sisteemteoretiese benadering (vergelyk De Geest, 1996:33-34), soos dit afgelei kan

word in die gesprek tussen Bourdieu en Schmidt (vergelyk spesifiek Bourdieu, Van Rees, Schmidt en Verdaasdonk, 1991:432-439).

Van Rees (1997:91) wys daarop dat “literêre veld” en “literêre sisteem” dikwels in dieselfde asem gebruik word asof dit volkome verwisselbare konsepte is: “The first two notions [“veld” en “sisteem”] are frequently used as if they were interchangeable. To some extent and with serious provisos they are indeed”. Deur die ontwikkeling en toepassing van die verskillende sisteemteoretiese benaderings en deur toenemende gesprekke tussen sisteemteoretici, wil dit voorkom asof die konsepte “sisteem” en “veld” en die verskeie benaderings tóg al hoe nader aan mekaar beweeg, terwyl daar steeds ook verskille bestaan. Van Gorp (1997:5) wys byvoorbeeld op die feit dat die institusionele komponent van Even-Zohar se polisisteemteorie sterker geraak het en ’n vergelyking met Bourdieu se beskouing van “veld” en “habitus” vanselfsprekend geraak het. Sheffy (1997:35-47), ’n eksponent van die sogenaamde Tel Aviv Skool, wat fokus op ’n ruimer kulturele oriëntasie in die toepassing van sisteemteorie, wys eweneens op raakpunte tussen die polisisteemteorie en Bourdieu se konsepte van “veld” en “habitus”, spesifiek met verwysing na kulturele “repertoires” en die gebruik van sosio-ekonomiese modelle (die “mark”).

Codde (2003:91-126) betoog dat Even-Zohar se polisisteemteorie oor die afgelope paar jaar veld begin verloor het teenoor meer resente vorme van sisteemteoretiese benaderings (soos Bourdieu se “praxiology” en Schmidt en Luhmann se konstruktivisme) en lewer dan in sy artikel ’n belangrike herwaardering van Even-Zohar se polisisteemteorie. Volgens Codde is hierdie situasie deels te wyte aan die misverstand dat die meer resente vorme van sisteemteorie die polisisteem as hulle voorganger vervang het. Dít is egter ’n misverstand om twee redes: (i) die polisisteemteorie bied literatuurwetenskaplikes ’n raamwerk vir ’n wye en relevante studie van verskeie kulturele fenomene (wat nie tot die letterkunde beperk is nie); en (ii) die meer resente sisteemteoretiese benaderings kan nie bloot polisisteemteorie vervang nie, want dit is geïnteresseerd in ander aspekte van die literatuursisteem. Nadat Codde (1997:107-110) sekere fundamentele verskille tussen die benaderings van Even-Zohar en Bourdieu aantoon, wys hy ook op die volgende implisiete ooreenkomste: (i) beide transendeer die vlak van sisteem-interne analise – om die polisisteemteorie deur die invloed van sisteem-eksterne faktore op elemente binne die

sisteem in gedagte te hou en om veldteorie deur die posisie van die literêre veld as 'n geheel binne die struktuur van die groter magsveld te beskou; (ii) beide beskou die sisteem of veld as 'n plek waar 'n magstryd plaasvind vir die behoud van kulturele (artistieke) prestige onder die invloed van sosio-ekonomiese faktore soos vergestalt in institusies en die mark; en (ii) beide plaas klem op die dinamiese aard van die sisteem of veld (Codde, 1997:110-112). Vir die doeleindes van hierdie studie word elemente uit beide benaderings benut en die navorser maak nie 'n keuse vir die een benadering bó die ander nie. Ter wille van konsekwentheid word egter deurlopend na “sisteem” en “uitgeesisteem” verwys.

2.5 Posisionering van boekstudie as studierrein – 'n oorsig oor die internasionale ontwikkelgang en 'n standbeskrywing van die plaaslike neerslag tot dusver

Die “geskiedenis van die boek”, boekgeskiedenis of boekstudie is 'n relatiewe nuwe studierrein wat aan die einde van die negentiende eeu ontstaan het en stelselmatig gedurende die twee helfte van die twintigste eeu met momentum ontwikkel het. In die interdisiplinêre en hibridiese aard daarvan word gepoog om die sosiale, kulturele en ekonomiese implikasies van die produksie, verspreiding, resepsie en verbruik van boeke en ander gedrukte media te begryp (SHARP, 2006a). Boekhistorici bestudeer die sosiale, kulturele en ekonomiese geskiedenis van outeurskap; die geskiedenis van die boekhandel, outeursreg, sensuur en ondergrondse uitgee-aktiwiteite; die uitgee-geskiedenis van spesifieke fiksieboeke, outeurs, redakteurs, drukname en literêre agente; die ontwikkeling van geletterdheid en die verspreiding van boeke; kanonvorming en die politiek van literêre kritiek; en die biblioteekwese, leesgewoontes en die response van lesers (SHARP, 2006a). Dit betrek dus 'n wye verskeidenheid domeine en vakgebiede; en oorspan en rekonfigureer verskeie teoretiese benaderings en metodologieë, onder andere die uitgewerswese en uitgeegeskiedenis; die biblioteekkunde en bibliografiese studie; geletterdheidstudie, leserstudie en resepsiestudie; literatuurwetenskap, literêre kritiek en teksstudie; en die literatuursosiologie en sosio-kulturele studie. Alhoewel die studieveld bekend geraak het as *boekgeskiedenis*, sluit dit nie slegs historiese ondersoek in nie, maar ook ondersoeke na die eietydse of kontemporêre produksie, verspreiding, resepsie en verbruik van boeke en ander gedrukte media. 'n Meer juiste beskrywing waarin al die domeine en vakgebiede, asook beide historiese en kontemporêre ondersoek daarbinne, ondervang word, is die

term “boekwetenskap” of “boekstudie ” (vergelyk byvoorbeeld Rose (2001) se pleidooi vir interdisiplinêre akademiese programme in boekstudie waarin aandag gegee word aan die bestudering van alle vorme van geskrewe en gedrukte dokumente uit die verlede, in die hede en vir die toekoms). In hierdie studie word ’n keuse gemaak vir die term “boekstudie”. Uitgewery-ondersoek (wat in die afdeling hierna onder bespreking kom) kan beskou word as ’n enkele vertakking van boekstudie waarin die sentrale vertrekpunt die produksie van boeke is. Vervolgens word gepoog om in hierdie afdeling ’n beknopte oorsig te gee van die ontwikkeling van die studieterrrein boekstudie in die internasionale arena. Daarna sal die neerslag wat boekstudie tot dusver binne die Suid-Afrikaanse konteks gevind het, belig word.

Finkelstein & McCleery (2005:7-9) voer die oorsprong van boekstudie terug na die begin van die twintigste eeu toe navorsers pertinente en gedetailleerde vrae oor die produksie van klassieke gedrukte tekste begin stel het. Dit was byvoorbeeld uiters problematies om oorspronklike uitgawes van vervalste uitgawes van Shakespeare se vroegste gepubliseerde dramas te onderskei (as gevolg van die afwesigheid van oorspronklike manuskripte en die onbetroubaarheid van die verskillende gedrukte weergawes in omloop). In antwoord op hierdie problematiek het die sogenaamde Nuwe Bibliografie Skool (met Anglo-Amerikaanse eksponente soos McKerrow, Greg en Bowers) metodes ontwikkel om die outoriteit van oorspronklike tekste te bepaal deur die boek as fisiese objek te bestudeer: produksietegnieke en die verskillende soorte tipografie, papier, ink en drukmetodes wat vir spesifieke uitgawes benut is, is nagevors. Daar is later na dié toepassingsterrein as deskriptiewe of analitiese bibliografie verwys. In die rekonstruksie van “die oorspronklike” teks, het eksponente soos Bowers al hoe meer klem gelê op die outoriteit van die outeur se manuskrip. Die “inmenging” deur agente (soos redakteurs, proeflesers, uitgewers en drukkers) wat by die produksie van die fisiese teks betrokke was, moes nagespeur en gestroop word. Hoewel die deskriptiewe of analitiese bibliografie inspirerende resultate opgelewer het en ’n dominante rigting was in bibliografiese teksstudie in die 1940’s, 1950’s en 1960’s, het dit binne die Anglo-Amerikaanse tradisie van teksstudie aansien en aanhang verloor met die ontstaan van teoretiese denkrigtings soos Dekonstruksie, Nuwe Historisme en Postkolonialisme.

In Van Vliet (2004:1-29) se deeglike oorsig oor die ontwikkelingsgang van die moderne edisiewetenskap, wat sedert die 1940's 'n eie teorie en praktyk ontwikkel het, toon hy aan dat die wetenskaplike rekonstruksie van tekste en bibliografiese arbeid egter weer aansien gekry het en tot 'n erkende studieterrein ontwikkel het. In Nederland word die moderne edisiewetenskap sedert 1975 toenemend beoefen en het dit momentum gekry met die stigting van die Bureau Basisvoorziening Teksedities in 1983 wat hom beywer vir die totstandkoming van verskeie edisietegniese projekte. In 1992 het dié instituut deel geword van die Constantijn Huygens Instituut (deel van die Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen en gevestig in die Koninklijke Bibliotheek, Den Haag) waar die fokus tweeledig is: (i) die versorging en uitgee van teksedisies; en (ii) die onderneming van navorsing oor die ontwikkeling van literatuur (en wetenskap) binne die verband van verskuiwings in die kulturele, sosiale en ekonomiese toestande van spesifieke periodes en die rol wat tussengangers soos redakteurs, tydskrifredakteurs en uitgewers vertolk (Constantijn Huygens Instituut, 2006). Verskeie navorsers verbonde aan dié instituut beskou hulself as werksaam binne die oorkoepelende studieterrein boekstudie en neem byvoorbeeld deel aan 'n meestersklas oor boekstudie wat tydens die SHARP-kongres in 2006 aangebied word (vergelyk SHARP, 2006b) en waaraan hierdie navorser toevallig ook deelneem. Die moderne edisiewetenskap bied waarskynlik die ideale deelgebied waardeur literatuurwetenskaplikes stelselmatig begin toetree tot aspekte van boekstudienavorsing – hopelik sal dit ook plaaslik binne die Afrikaanse literatuurwetenskap tot verbreding van navorsingsagendas lei. Plaaslik is die edisiewetenskap 'n verwaarloosde gebied in die Afrikaanse literatuurwetenskap (vergelyk die oorsig van Van Coller & Teise, 2004:49-86; en die bestekopname deur Kannemeyer, 2004c:30-48). Dit het eers onlangs institusionele aandag gekry deur onder andere die nagraadse kursus in Dokumentasiekunde wat in 2003 aan die Universiteit van Stellenbosch ingestel is en die Werkswinkel Edisietegniek wat in Februarie 2004 aan die Universiteit van die Vrystaat gehou is.

'n Nuwe rigting vir boekstudie is sedert die laat 1960's aangedui deur Don McKenzie se bydrae oor die “sosiologie van die teks”. McKenzie se navorsing het die ortodokse aannames van die analitiese bibliograwe (naamlik dat die produksieproses generies was en slegs 'n impak op die gedrukte teks gehad het deur foute wat in die proses begaan is en die “oorspronklike intensie” van die outeur weerspreek het) bevraagteken

en weerspreek. McKenzie toon deur middel van empiriese navorsing uit primêre bronne (argiefmateriaal van drukkerie) aan dat die fisiese produksie van die teks afhanklik was van die kondisies en sosiale omstandighede waarin dit geproduseer is. Sy navorsing lê veral klem op die veelvoud agente wat by boekproduksie betrokke is en die omvangryke sosiale en kulturele konteks waarbinne die teks geproduseer en uiteindelik geïnterpreteer word (vergelyk McKenzie, 2002a:27-38). Finkelstein & McCleery (2005:10-11) dui McKenzie se bydrae, waardeur hy die Anglo-Amerikaanse tradisies van teksstudie verbreed het, as volg aan: “Literary criticism of texts too often ignored meaning beyond the borders of ‘the text’; bibliographers too often ignored the sociological context within which the production of texts operated; historians too often ignored the manner in which the products of printing houses entered into the public arena and were received and consumed by reading audiences. [...] McKenzie proposed that scholars move [...] towards a study of texts as mediated products within which one could find traces of economic, social, aesthetic, and literary meaning. [...] Current theories of textual criticism [...] are quite inadequate to cope with such problems. [...] Only a new and comprehensive sociology of the text can embrace them” (vergelyk McKenzie, 2002b:189-215).

McKenzie se “sosiologie van die teks” het die aandag van die Anglo-Amerikaanse tradisie van teksstudie gevestig op die vernuwende metodes van teksinterpretasie deur die Franse *Annales* Skool. Die Franse *Annales* Skool het in die laat 1950’s ontstaan en die eksponente daarvan het kwantitatiewe navorsingsmetodes vir historiese sosiologiese ondersoeke toegepas op die produksie, verspreiding en resepsie van tekste. Dié Skool is ingegee deur twee semenale werke wat in 1958 verskyn het: (i) Robert Escarpit se *Sociologie de la Littérature* waarin hy sosiologiese modelle vir die produksie, verspreiding en resepsie van literatuur onderskei; en (ii) Lucien Febvre en Henri-Jean Martin se *L’apparition du livre* waarin hulle die dinamiek van die historiese ontwikkeling van die boek as materiële objek karteer en aspekte aanspreek soos die koms van papier na Europa, die oplossing van tegniese probleme ten opsigte van druk en produksie, die totstandkoming van standaard elemente in boekontwerp soos die kolofon en titelblad, die verspreiding van boeke oor Europa en die ontwikkeling van die boekhandel (Finkelstein & McCleery, 2005:11-12; Hofmeyr & Kriel, 2006).

Die Franse *Annales* Skool het later, parallel met McKenzie se sosiologiese benadering, ontwikkel in 'n nuwe beweging, die *Histoire du Livre* Skool van die 1980's en 1990's wat veral klem lê op die waarde daarvan om die bestudering van die materiële teks te verbind met historiese sosiologiese ondersoeke en empiriese navorsing oor leserstudie en resepsiestudie. Robert Darnton en Roger Chartier (vergelyk Chartier, 2002:47-58) is van die belangrikste eksponente van die *Histoire du Livre* Skool. In Darnton se grensverskuivende essay "What is the History of Books?", wat oorspronklik in 1982 verskyn het, lê hy die problematiek van nuwe navorsers op die terrein van boekstudie bloot, naamlik 'n verwarrende oorvleueling van denkrigtings en dissiplines: "[Book History is] less like a field than a tropical rain forest [...] analytical bibliography pointing in this direction, the sociology of knowledge in that, while history, English, and comparative literature stake out overlapping territories [...] and bewildered by competing methodologies, which would have him [boekstudie as studieterrrein] collating editions, compiling statistics, decoding copyright law, wading through reams of manuscript, heaving at the bar of a reconstructed common press, and psychoanalyzing the mental processes of readers" (Darnton, 2002a:10). As oplossing stel Darnton 'n algemene model voor waarvolgens hy die kommunikasie tussen rolspelers in die boekebedryf aandui. Sy "kommunikasie kringloop"-model is afkomstig van soortgelyke modelle in kommunikasiekunde en die doel daarmee was om aan boekhistorici 'n metodiek te bied waarvolgens die produksie van tekste as 'n meervlakkige onderneming beskou word wat ingebed is binne die sosiale, ekonomiese, politieke en intellektuele kondisies van 'n spesifieke periode. "[B]ooks belong to circuits of communication that operate in consistent patterns, however complex they may be. [...] By unearthing those circuits, historians can show that books do not merely recount history, they make it" (Darnton, 2002a:22). Alhoewel Darnton se model nie sonder gebreke was nie (onder andere die konstruksie daarvan binne 'n spesifieke periode-konteks: die agtiende-eeuse boekebedryf wat aansienlik anders daar uit gesien het as die moderne boekebedryf vandag), het dit verskeie navorsings-agendas binne boekstudie saamgesnoer en was dit rigtinggewend vir die verdere ontwikkeling van dié studieterrrein. Die model is deur die loop van die 1980's en 1990's vinnig deur boekhistorici verder ontwikkel en aangepas vir spesifieke toepassings (in 'n mate sluit die rekonstruksie van die model van die uitgesisteam in hierdie studie (sien 2.8) ook by Darnton aan).

Volgens Finkelstein & McCleery (2005:13) het Darnton se formulering van die “kommunikasie kringloop” as ’n metodiek vir die bestudering van die rol van tekste in die samelewing, die fokus in boekstudie verskuif na die “sosialisering van tekste” (’n formulering van McGann, vergelyk McGann, 2002:39-46) waarvolgens die impak van boeke as artefakte en die verspreiding daarvan tussen die private en openbare sfere van die samelewing bestudeer is. In die 1990’s is boekproduksie toenemend as ’n komponent van ’n groter proses beskou waar die klem val op produksie en verbruik as interaktiewe en interafhanklike aktiwiteite. Hiermee sluit boekstudie dan ook aan by sisteemteorie (sien 2.4). Die benutting van sisteemteorie as teoretiese vertrekpunte vir die rekonstruksie van die uitgeesisteem, soos dit in hierdie ondersoek vergestalt, is dus ook in lyn met die onlangse ontwikkelinge in boekstudie. Die sterkste kritiek teen Darnton se model kom uit die oord van twee Britse bibliograwe, Thomas R. Adams en Nicolas Barker, wat reken dat Darnton die klem te veel op die verklaring van die kommunikasieproses laat val, terwyl die belang van boeke as artefakte afgeskeep word. As alternatief stel Adams en Barker in 1993 ’n model van die “bio-bibliografiese kommunikasie kringloop” voor wat gebaseer is op die vyf prosesse in die lewensiklus van ’n teks (naamlik uitgee, produksie, verspreiding, resepsie en oorlewering). Dié prosesse word omring en beïnvloed deur sones van invloede (naamlik intellektuele invloede; politieke, wetlike en religieuse invloede; kommersiële invloede; en sosiale gedrag en smaak). Anders as by Darnton waar die klem val op die konteks en die posisie van die teks daarbinne, val die klem in Adams en Barker se model op die teks: “The text is the reason for the cycle of the book: its transmission depends on its ability to set off new cycles. [...] This is a circuit that does not follow how people interact with texts, but rather one that follows texts whose sequence constitutes a system of communication” (Finkelstein & McCleery, 2005:13-14).

Gerard Genette se bestudering van die paratekste van die gedrukte boek (die elemente van die boek wat buite die teks lê, soos byvoorbeeld die omslagontwerp, die omslag-tekste, indekse, voetnote en inhoudsopgawes) en die invloed daarvan op die leser se resepsie van die teks, sluit by Adams en Baker se beskouing aan (vergeelyk Genette, 1997:1-15 in sy invloedryke boek *Paratexts: Thresholds of Interpretation*). Boek-historici was egter vinnig krities teenoor Genette as gevolg van sy primêre fokus op die linguistiese elemente van paratekste en hoe dit die betekenis van die teks dien, asook sy ignorering van aspekte oor die materiële produksie wat uit paratekste

afleibaar is en gebrek aan erkenning van die funksie van die uitgewer (die beskouing dat die uitgewer grotendeels in diens van die outeur se intensie staan). Dit is veral Jerome McGann wat 'n nuwe rigting aandui deur sy stellinginname teen die analyses in teksstudie wat tot die 1980's hoogty gevier het: "Textual studies remains largely under the spell of romantic hermeneutics. In such a view texts, and in particular imaginative texts, are not imagined as certain kinds of social acts, and to the degree that they are so imagined, the action of the text has been too subjectively (and too abstractly) conceived in its linguistic conditions" (Finkelstein & McCleery, 2005:14-15). Hierteenoor stel McGann (2002:39-46) voor dat teksstudie gegrond behoort te word binne 'n beskouing wat deeglike aandag skenk aan beide die sosiale en materiële konteks waarin tekste geproduseer, versprei en verbruik word – die "sosialisering van tekste", waardeur McGann direk aansluit by McKenzie se "sosiologie van die teks" en die rigting vir eietydse boekstudie aandui. Eietydse boekhistorici benut McGann veral om hulle ondersoekterreine af te baken en te onderskei van ondersoekers wat hoofsaaklik vanuit 'n tradisionele literatuurstudie of historiese paradigma vertrek.

Die belang van boekstudie as studieterrein is afleibaar uit die mate waartoe dit oor die afgelope aantal jare toenemend deur institusionele navorsing gevestig is: die bestaan van internasionale navorsingsprogramme waaraan hoogaangeskrewe navorsers deelneem; asook die totstandkoming van "Centers for the Book" wêreldwyd (Rose, 2001). Die Center for the Book van die Library of Congress in Washington is reeds in 1977 gestig met die doel om die belang van boeke, lees, biblioteke en geletterdheid te propageer. Hierdie sentrum het as katalisator gedien vir die stigting van 'n netwerk van soortgelyke sentra in 50 lande sedert 1984. Van hierdie sentra is geaffilieer met akademiese en navorsingsinstellings waar gefokus word op navorsing oor boekstudie (Center for the Book – Library of Congress, 2004). Die vestiging van voorgraadse en/of nagraadse programme in boekgeskiedenis aan internasionale universiteite in departemente geskiedenis en tale (letterkunde), soos byvoorbeeld die University of London, University of Toronto, University of Wisconsin, University of South Carolina, Drew University, University of Iowa, University of Maryland en Jadavpur University, is 'n verdere aanduiding van die ontwikkeling en belang van die studieterrein (Rose, 2001 en Hofmeyr & Kriel, 2006). Só ook die gevestigde programme in boekstudie aan vier universiteite in Duitsland (die Gutenberg Universiteit in Mainz wat reeds sedert 1947 oor 'n Institut für Buchwissenschaft beskik, en die universiteite

in Münster, München en Erlangen) asook die Universiteit van Leiden en die Universiteit van Amsterdam in Nederland. Die vestiging van opleidingsprogramme het meegehelp aan die onlangse verskyning van drie inleidende handboeke oor boekstudie as studieterrin: *The Book History Reader* (Finkelstein & McCleery *et al*, 2002), *An Introduction to Book History* (Finkelstein & McCleery, 2005) en *Teaching Bibliography, Textual Criticism, and Book History* (Hawkins *et al*, 2006).

Die stigting van die internasionale vakvereniging Society for the History of Authorship, Reading and Publishing (SHARP, 2006a) in 1991, wat intussen gegroei het tot 'n ledetal van meer as 1 000 lede vanuit 20 lande, getuig verder van dié snel ontwikkelende navorsingsterrein. SHARP (2006a en 2006b) bied jaarliks 'n internasionale kongres aan waardeur die aansien van boekstudie wêreldwyd bestendig word. Sedert 2000 het daar internasionale kongresse plaasgevind in Quebec (Kanada), Prato (Italië), Londen (Verenigde Koninkryk), Claremont (Verenigde State van Amerika), Lyon (Frankryk) en Halifax (Nova Scotia), asook streekskongresse in Sydney (Australië) en Kolkata (Indië). SHARP (2006a) publiseer 'n kwartaallikse nuusbrief, *SHARP News*, en sedert 1998 die jaarlikse vaktydskrif *Book history* waarin navorsingsartikels in alle dissiplines en oor alle aspekte van die sosiale, ekonomiese en kulturele geskiedenis van die boek en ander gedrukte media verskyn. Daar bestaan ook die gevestigde internasionale vaktydskrif *Publishing history* wat fokus op navorsingsartikels oor die sosio-ekonomiese en literêre geskiedenis van die boek-, koerant- en tydskrifbedryf waarvan twee uitgawes per jaar verskyn (SHARP, 2006a). Nog voorbeelde van tydskrifte is die bedryfstydskrif *LOGOS* en die internasionale vaktydskrif *Publishing Research Quarterly* (wat gesetel is in die Center for Publishing aan die New York University en sedert 1986 kwartaalliks uitgegee word). *Publishing Research Quarterly* bevat artikels oor tendense, vraagstukke en probleme in boek-, tydskrif- en elektroniese uitgewery en dek 'n wye terrein oor die impak van sosiale, historiese, politiese, opvoedkundige, ekonomiese, literêre, wetlike, etiese en tegnologiese kondisies op die uitgee-omgewing van verskeie uitgewerybedrywe (*Publishing Research Quarterly*, 2005).

Tans word daar wêreldwyd gewerk aan multi-volumes van nasionale geskiedenis van die boek in verskeie lande. Dele daarvan het reeds verskyn, soos byvoorbeeld: die geskiedenis van die Franse boek, *Histoire de l'édition française* (Chartier & Martin,

1983 en 1985); die geskiedenis van die boek in Brittanje, *The Cambridge history of the book in Britain Volume III 1400-1557* (Hellinga & Trapp, 1999), *Volume IV 1557-1695* (Barnard, McKenzie & Bell, 2002) en die geskiedenis van die uitgewerswese in Brittanje, *A history of British publishing* (Feather, 2000); die Amerikaanse ekwivalente, *A history of the book in America. Volume 1: the colonial book in the Atlantic world* (Amory & Hall, 1999) en *Perspectives on American book history: artifacts and commentary* (Casper, Chaison & Groves, 2002); en die boekgeskiedenis in Australië, *A history of the book in Australia 1891-1945: a national culture in a colonised Market* (Lyons & Arnold, 2001).

Tot onlangs het boekstudie in Suid-Afrika slegs in gefragmenteerde vorme en sonder 'n oorkoepelende saamtrek van toepassingsterreine wat daarby aansluit, bestaan. Bestaande Suid-Afrikaanse navorsing wat indirek by boekstudie aansluit, maar nie binne die kader van dié studieterrrein onderneem is nie, was tematies sterk gerig op die verband tussen regeringsbeleid en boekontwikkeling, die ontwikkeling van 'n nasionale boekontwikkelingsbeleid en die bevordering van 'n leeskuiluur (vergelyk Land, 2003: 93-124; BDCSA, 1997). Volgens Hofmeyr & Kriel (2006) het veral bestaande navorsing oor die plaaslike uitgewerybedryf 'n sterk presentistiese karakter en bestaan daar 'n tekort aan historiese boekstudienavorsing in hierdie verband. Die oprigting van die Suid-Afrikaanse Sentrum vir die Boek in 1998 was 'n stap in die rigting tot georganiseerde bevordering van die boek, lees en geletterdheid. Hierdie organisasie spits hom hoofsaaklik toe op ontwikkeling van die boek deur bewustheid oor boeke in die algemeen te bevorder en daardeur by te dra tot die opheffing van ongeletterdheid (Sentrum vir die Boek, 2004b). Hoewel die Sentrum hom dit ten doel stel om as versamelpunt van inligting oor die boekebedryf te dien, val die voorsiening in die behoefte aan voortgesette institusionele navorsing op die terrein van boekstudie buite die Sentrum se fokus (vergelyk Gouws, 2004:119-124 vir 'n oorsig oor bestaande institusionele navorsingsinisiatiewe oor boekstudie in Suid-Afrika).

Sedert 2000 het 'n groepie geïnteresseerde plaaslike navorsers stelselmatig begin toetree tot die studieterrrein van boekstudie deur gereelde deelname aan internasionale kongresse en die vestiging van plaaslike navorsingsprogramme en opleidingsinisiatiewe. Isabel Hofmeyr (van die Departement Afrika Letterkunde aan die Universiteit van die Witwatersrand) en Francis Galloway (van die Program

Uitgewerswese aan die Universiteit van Pretoria), twee toonaangewende plaaslike eksponente van boekstudie, het in 2005 'n interinstitusionele Nasionale Navorsing Stigting (NRF)-gesteunde fokusareaprojek vir boekgeskiedenisnavorsing gevestig (Hofmeyr & Galloway, 2004). Die projek sal voortgesit word tot 2008 onder leiding van Archie Dick (van die Departement Inligtingkunde aan die Universiteit van Pretoria) en sal tot uitvoering gebring word deur spannavorsing wat op die volgende subprojekte sal fokus (Dick & Galloway, 2006): (i) "Printing and publishing between South Africa and India" (Isabel Hofmeyr); (ii) "'Transvaal' Africans and the 'civilization of the written word': an assessment of the meaning of German, English and Sepedi missionary publications from ca. 1860-1960" (Lize Kriel van die Departement Geskiedenis en Erfenis Studies aan die Universiteit van Pretoria); (iii) "Empirical-based inquiries into the publishing house as institution in the cultural field" (Galloway met Rudi MR Venter as medenavorser); en (iv) Cultural and social regulations of reading (Dick). Aspekte van boekstudie word tans gedoseer as deel van die Program Uitgewerswese in die Departement Inligtingkunde aan die Universiteit van Pretoria; in die Departement Afrika Letterkunde aan die Universiteit van die Witwatersrand; en aan die Centre for Book and Text Studies aan die Universiteit van Rhodes (Gouws, 2004:119-124).

Daar het ook sedert 2001 'n aantal Suid-Afrikaanse kongresse plaasgevind wat op temas van boekstudie gefokus het, byvoorbeeld die "Colonial and Postcolonial Cultures of the Book"-kongres (Grahamstad, 2001); die "Cost of a Culture of Reading"-kongres (Kaapstad, 2004); en die "Bibliophilia Africana 8 – From Papyrus to Printout: the Book in Africa"-kongres (Kaapstad, 2005). Die South African Historical Society het 'n paneel oor boekgeskiedenis (georganiseer deur Kriel), met 'n Suid-Afrikaanse fokus en deur Suid-Afrikaanse paneellede, by hulle kongresprogram in 2005 ingesluit. 'n Soortgelyke paneel vorm deel van die jubilee kongres van die Historical Association of South Africa wat in 2006 plaasvind. Die South African Book History-groep (bestaande uit die bogenoemde navorsers) bied die kollokwium "My Books: Perspectives from Africa and India" aan tydens die eerste Suid-Afrikaanse internasionale boekeskou, die Cape Town Book Fair in 2006. 'n SHARP-streekskongres, "A World Elsewhere: Orality, Manuscript and Print in Colonial and Postcolonial cultures", wat in Kaapstad in 2007 sal plaasvind, word tans deur 'n plaaslike taakspan beplan. Die genoemde kongresse op plaaslike bodem lewer 'n

belangrike bydrae om boekstudie as studieterrein wyer bekend te maak onder Suid-Afrikaanse navorsers uit verskillende dissiplines.

Wat publikasies betref, bestaan daar ongelukkig nog nie 'n plaaslike akademiese tydskrif wat toegespits is op of aandag gee aan (aspekte van) boekstudie nie. Daar het wel in 2004 'n spesiale tematiese uitgawe van die vaktydskrif *English Studies in Africa* verskyn (onder redakteurskap van Andrew van der Vlies), wat gefokus het op "The Institutions of South African Literature". Daardeur is 'n begin gemaak om boekstudie as studieterrein (en verskeie teoretiese en metodologiese benaderings daartoe) aan 'n Suid-Afrikaanse gehoor (hoofsaaklik Engelse letterkundiges) bekend te stel (vergelyk veral Van der Vlies, 2004:1-15 se inleiding). Van der Vlies is 'n Suid-Afrikaanse navorser wat aan die University of Sheffield in die Verenigde Koninkryk Engelse letterkunde doseer en onder Peter McDonald, ook 'n Suid-Afrikaner, gepromoveer het (Van der Vlies is ook deel van die South African Book History-groep). Die bydraes tot die paneel oor boekstudie tydens die South African Historical Society se kongres in 2005, sal in 'n spesiale afdeling van die vaktydskrif *South African Historical Journal*, onder redakteurskap van Hofmeyr en Kriel, in 2006 gepubliseer word (vergelyk Hofmeyr & Kriel, 2006 se inleiding tot hierdie artikels waarin 'n deeglike posisionering van boekstudie gegee word). Deur middel van referate wat gelewer is tydens kongresse van die Afrikaanse Letterkundevereniging (en die *Derde Swart Afrikaanse Skrywersimposium*) het Galloway en Venter gepoog om boekstudie ook onder die aandag van Afrikaanse letterkundiges te bring (vergelyk Galloway, 2004a; Venter & Galloway, 2002; Venter, 2005).

Hoewel Suid-Afrikaners dus laatkommers was wat die betreding van die studieterrein boekstudie betref, en daar steeds baie navorsing gedoen sal moet word om 'n regmatige plek tussen internasionale eweknieë in te neem, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat boekstudie besig is om stelselmatig 'n vastrapplek binne die plaaslike wetenskap te kry. As interdisiplinêre en hibridiese studieterrein bied dit opwindende en innoverende navorsingsmoontlikhede vir toekomstige navorsingsgenote vanuit verskillende dissiplines (insluitend letterkundiges, literatuurwetenskaplikes, inligtingkundiges, mediakundiges, historici en sosioloë). In die volgende afdeling word die soeklig nouer ingestel en word gefokus op uitgewery-ondersoek – wat beskou kan word as 'n spesifieke toepassingsterrein van boekstudie en wat ook

direkte raakpunte met die institusionele en sosiologiese benaderings tot die empiriese literatuurwetenskap (sien 2.3) het.

2.6 Posisionering van uitgewery-ondersoek

Die doel in hierdie afdeling is om uitgewery-ondersoek (ondersoek na die funksionering van die uitgewery, die posisie van die uitgewery, uitgee as institusie binne die sisteem of veld en die produk van die uitgewery) te posisioneer binne die voorafgaande benaderings en teorieë. Die posisie van uitgewery-ondersoek in die literatuurwetenskap en verwysings na die uitgewery word onder die loep geneem. In hierdie posisionering is die navorsing in hierdie afdeling veral skatpligtig aan die Nederlandse literatuurwetenskaplike en boekstudienavorser Frank De Glas en sy toepassings van teorieë (soos byvoorbeeld Bourdieu se veldteorie) op empiriese navorsing oor uitgewery-ondersoek. Hy posisioneer sy eie navorsing in die kader van die empiriese literatuurwetenskap en die institusionele literatuursosiologie (De Glas, 1989:15). De Glas kan as 'n belangrike pionier in dié soort navorsing beskou word.

De Glas (1989:15) stel dit dat die literatuurwetenskap en literatuuropvatting in die verlede weinig aandag bestee het aan die uitgewery as onderwerp van studie. Uitgewerye het soms gefigureer in literatuurgeskiedskrywing of in studies oor literêre strominge (byvoorbeeld waar uitgewerye nou verbind was met 'n spesifieke stroming). Hoewel De Glas met hierdie opmerkings verwys na die internasionale (en Nederlandse) situasie van die laat 1980's, is dié opmerkings eweneens geldig vir die hedendaagse Suid-Afrikaanse literatuurwetenskap: ook hier te lande is min navorsing tot op hede gedoen oor die uitgewerybedryf en is die uitgewery grotendeels oor die hoof gesien in literatuurgeskiedenis. Soos in Nederland (De Glas, 1989:27), bestaan daar ook plaaslik 'n tekort aan wetenskaplike studies wat as uitgewery-ondersoek beskou kan word en waarin die uitgewery sentraal figureer. In 5.3 en 5.4 word in detail aandag gegee aan beskikbare navorsing (ten opsigte van statistiese navorsingsresultate van kwantitatiewe ondersoeke en kwalitatiewe navorsing in die vorm van huldigingspublikasies oor uitgewers en uitgewerygeskiedenis, asook die mate waarin aandag aan uitgewerye in plaaslike literatuurgeskiedenis gegee word) oor die Suid-Afrikaanse (en Afrikaanse) uitgewerybedryf.

Tien jaar later voel De Glas (1999) dat daar wel op internasionale front vooruitgang gemaak is in navorsing oor die twintigste-eeuse literêre uitgewery (uitgewerye van (ook) fiksie). Die aandag het verskuif vanaf biografieë en outobiografieë oor uitgewers na ’n groeiende belangstelling in literêre institusies as “’n plek van aksie” waar prosesse soos uitgee plaasvind (vergelyk ook De Glas, 1998b:127). As resultaat word literatuurgeskiedenis in Europa en die Verenigde State tans hersien om aandag te skenk aan die invloed van uitgewerye en redakteurs / uitgewers op die produksie van enkele literêre werke, die ontstaan en “herontstaan” van outeurs en die ontwikkeling van reputasies (De Glas, 1998b:127; 1999). De Glas (1998a:386; 1998b:127) voel steeds dat daar veels te min sistematisering en teoretisering oor die rol van die uitgewery binne die terrein van die literatuurwetenskap plaasvind en ook te min gebruik gemaak word van ’n interdisiplinêre benadering waarvolgens, byvoorbeeld, die sosiologie van kulturele produksie by ondersoek betrek word.

De Glas (1989:27) verwys na die “voorteoretiese” stadium waarin die wetenskaplike uitgewery-ondersoek hom bevind en waarin onduidelikheid bestaan oor hoe sulke studies aangepak behoort te word (vergelyk ook die uitsprake van Darnton in 2.5). Omdat geen teorie bestaan oor hoe ’n uitgewery funksioneer nie en derhalwe geen toetsbare hipotese daaruit afgelei kan word nie, formuleer De Glas (1989:27) vier vraagstukke met betrekking tot die funksionering van uitgewerye:

- Hoe word een uitgewery van ’n ander onderskei? Die onderskeid word in der waarheid getref deur die fokus van die publikasielys en dít word direk beïnvloed deur die literatuuropvatting van die uitgewer(s) wat betrokke is by die bestuur van die publikasielys – De Glas (1989:28) gebruik die term “fondsprofiel”. Soorte uitgewerye word ook onderskei. Volgens De Glas (1989:29) onderskei uitgewerye van fiksie self tussen dié uitgewerye wat deur kulturele motiewe en dié wat deur kommersiële (ekonomiese) motiewe gemotiveer word (sien ook 4.2).
- Watter posisie beklee die uitgewery in die groter proses van die materiële en simboliese produksie en verspreiding van literatuur? Hier gaan dit onder andere oor die verhouding skrywer–uitgewer: die uitgewer in diens van die skrywer wat eintlik die teks skep, teenoor ’n meer gelyke vennootskap waar die uitgewer ’n aktiewe rol speel in die totstandkoming van beide die teks en die uiteindelijke boek (De Glas, 1989:30-31). Dit gaan dus ook oor die posisie

van die uitgewery en uitgee as institusie in die sisteem en die verhouding ten opsigte van ander institusies.

- Watter kriteria word deur uitgewerye gebruik in die ontwikkeling van hulle fondskeuse (op grond waarvan word uitgeebeslissings geneem)? De Glas (1989:31-32) bevind dat daar inderdaad kwaliteitskriteria bestaan, maar dat dit nie noodwendig die sukses van 'n publikasie waarborg nie omdat dié uitkoms eers later bekend raak. In 3.2.1 word aangetoon dat uitgeebeslissings op die redaksionele beleid van die uitgewery gebaseer is.
- Onder watter ekonomiese voorwaardes funksioneer uitgewerye? Volgens De Glas (1989:32-34) bestaan daar 'n spanning tussen die ekonomiese en kulturele (sosiale) doelstellings van die uitgewery (sien ook 3.2.1.1 oor die uitgeefilosofie). Hierdie doelstellings kan as twee pole beskou word en lei dikwels daartoe dat uitgewerye van mekaar onderskei word op grond van hulle oorwegende fokus op één van die pole. Volgens De Glas lei dit ook tot onderskeid binne uitgewerye met betrekking tot soorte publikasies en die praktyk van kruissubsidiëring. Die uitgewerybedryf verskil ook van ander sektore in die sin dat die vraag van die publiek (na die produk van die uitgewery – publikasies) nooit konstant is nie. Daar bestaan verdeelde menings oor die veranderlikheid of konstantheid van die vraag van die publiek en of die publiek beïnvloedbaar is of nie, met ander woorde of 'n vraag geskep kan word of nie (De Glas, 1989:32-34).

De Glas (1989:34-35) redeneer dat uitgewerye eintlik slegs ondersoek kan word deur 'n analise van hulle publikasielyste. Die publikasielys is in der waarheid die vergestaltung van bogenoemde faktore wat die funksionering van die uitgewery bepaal. In hierdie ondersoek word daar sterk by hierdie beskouing van De Glas aangesluit wanneer die produksielandskap van Afrikaanse fiksie gekarteer word na aanleiding van 'n analise van die publikasielyste van uitgewerye van (ook) Afrikaanse fiksie (sien 5.5).

Wanneer die uitgewery as bedryf beskou word, bring dit die ondersoek in die kader van die ondersoektradisie waarbinne die industriële verhoudinge waarvolgens kultuurprodukte in die moderne tyd vervaardig word, ondersoek word. Hierdie benadering vestig die aandag daarop dat die literatuurwetenskap aandag behoort te

skenk aan die materiële voorwaardes waaronder literatuur geproduseer en versprei word en die sosiale en ekonomiese invloede van die industriële kapitalisme op die produksie van literatuur (De Glas, 1989:48) – dit sluit aan by die empiriese literatuurwetenskap, die literatuursosiologie en die institusionele benadering tot literatuurwetenskap. Onder invloed van hermeneutiese benaderings is die produsent van die literêre produk (die fiksietitel as gepubliseerde boek) lank as uitsluitlik die skrywer beskou. Maar deur die ontwikkeling van die empiriese literatuurwetenskap is die kreatiwiteit van outeurs as dinamo vir die ontwikkeling van die literatuur gerelativeer en die aktiewe rol van die uitgewer is beklemtoon (vergelyk ook De Glas, 1998a:386; 1999; 2001). Hierdie aktiewe rol van die uitgewer bestaan volgens De Glas (1989:36-41) uit die volgende vier aspekte: (i) die uitgewer kies en stuur die publikasiestroom (ontwikkel die publikasielys); (ii) die uitgewer inisieer en stimuleer die publikasie (werwing); (iii) die uitgewer gryp in op die manuskrip (manuskrip-ontwikkeling); en (iv) die uitgewer bemoei hom met die beeld wat sy publikasies en outeurs by ander instansies vorm (die simboliese produksie). De Glas (1989:43; 1998a) beskou die deurlopende outeursoevre as die hoeksteen in die opbou van publikasielyste van fiksietitels.

De Glas benut veral Bourdieu se veldteorie (spesifiek die interafhanklikheid tussen die materiële en simboliese produksie van literatuur) in sy navorsing. Hy verwys na ’n opstel uit 1977 deur Bourdieu self waarin hy die rol van die uitgewery in die kulturele veld verfyn en die posisie van die uitgewery ten opsigte van ander kulturele institusies en hulle aandeel in die konkretisering van die manuskrip bespreek (De Glas, 1989:51; 1998a:380-382). Bourdieu twyfel aan die charismatiese ideologie van die kunstenaar as enigste bron van literêre produksie en stel dit dat literêre institusies ’n groter rol speel in die sosiale waarde-oordele oor literatuur as wat vermoed word.

Uitgewerye streef veral kulturele prestige na en sal selfs hulle ekonomiese motiewe daarvoor relativeer omdat dit vir hulle “simboliese kapitaal” kan inhou wat indirek weer ekonomiese voordeel tot gevolg sal hê (De Glas, 1989:51-52; 1998a:380,384). Hierdie “verborge” doelstelling van die uitgewery as onderneming is egter nie nuut nie en herinner aan ekonomiese teorieë en vroeëre pogings tot tipologieë van soorte uitgewerye op grond van hulle afstand tot die ekonomiese aspek. Wanneer ’n uitgewery besluit om ’n manuskrip uit te gee, dra die uitgewery nie net by tot die

materiële produksie (die ekonomiese waarde) van daardie manuskrip nie, maar deur sy naam en prestige aan die manuskrip te koppel, dra hy ook by tot die kulturele bekragting (die simboliese produksie) daarvan. Bourdieu beklemtoon veral die relatiewe posisies van die kulturele institusies in die kulturele veld en spesifiek dié posisies wat bepaal word deur die onderlinge afhanklikheid tussen institusies (vergelyk De Glas, 1999; 2001). Die uitgewery verkry sy prestigewaarde op grond van sy posisie in die veld deur die verhoudings waarin hy verkeer: die verhouding tussen die outeurs wat tot die stal van die uitgewery behoort en die outeurs wat nie deel van sy stal vorm nie (en die outeurs wat nie daartoe wil behoort nie); die verhouding van die ander uitgewerye wat op die outeurs van die uitgewery aas en wel daarin slaag om hulle af te rokkel of nie daarin slaag nie; die verhouding tot kritici wat in die uitgewery se oordeel (met betrekking tot uitgeebeslissings) glo en met meer of minder respek daarvoor uitsprake lewer; die verhouding tot die leserspubliek wat meer of minder bewus is van die uitgewery se profiel en meer of minder vertrouwe daarin stel (De Glas, 1989:52-53).

De Glas (1989:52; 1998a:382; 1999; 2001) is egter ook krities teenoor Bourdieu se ontleding en konsepte omdat dit nie duidelik genoeg op empiriese ondersoek (byvoorbeeld die analise van publikasielyste) gebaseer is nie. Hy heg besondere waarde aan die kombinerings van teorievorming met empiriese navorsing (De Glas, 2001). Bourdieu veronderstel dat die institusies van die literêre veld 'n outonome, sistemiese en samehangende universum vorm waarby enige verandering in die geheel verskuiwings veroorsaak. De Glas (1989:53) betwyfel egter Bourdieu se postulaat van so 'n geordende geheel en stel dit dat die verhoudings tussen die onderlinge hiërargieë en posisies van die institusies deur empiriese navorsing gespesifiseer moet word. Daar bestaan volgens De Glas (1989:55) min empiriese navorsing wat die onderlinge verhoudings tussen institusies ondersoek en ondersoek na die plasing van die uitgewery tussen ander institusies is nog in sy kinderskoene. De Glas (1998a:382) wys spesifiek op die ironie dat daar baie min op die uitgewery as studie-objek gefokus is in studies waarin Bourdieu se konsepte toegepas word.

Verder bestaan daar ook slegs enkele studies oor die interne funksionering van uitgewerye (onder meer oor die beroepsbeeld van die redakteurs, die profiel en uitgewerygeskiedenis van enkele uitgewerye of die gebruikte seleksiekriteria in die

opbou van die publikasielys). Volgens De Glas bly dit slegs gevallestudies en oortuig dit nie in terme van teorievorming oor die algemene funksionering van die uitgewery nie. Empiriese studies oor publikasielyste oor langer periodes ontbreek en daar word te min aandag aan publikasielyste geskenk in studies wat wel poog om Bourdieu se veldteorie op die produksie van literêre werke toe te pas (De Glas, 1999). Hy kom tot die gevolgtrekking dat ondersoek na die uitgewery as institusie in die literêre veld maar onlangs begin het – veral wat ondersoek betref waar die uitgewery self as uitgangspunt dien (De Glas, 1989:56). Van Rees & Dorleijn (1994:97) sluit by De Glas se beskouing aan wanneer hulle dit stel dat “die norme en waardes van die institusionele omgewing (uitgewery, boekhandel, biblioteek, skool) nog ondersoek moet word”. Hulle maak ’n keuse vir ’n benadering waarvolgens die rol wat literaturopvattings in die literêre veld speel, en die invloed daarvan op literêre institusies, as uitgangspunt dien.

De Glas se empiriese toepassings fokus op die ontwikkeling van die enkelouteur (en soms groepe outeurs) se oeuvre(s), die reputasievorming van hierdie skrywers en die aandeel van die uitgewery daarin – dus ’n outeursoeuvre-perspektief binne die kader van uitgewery-ondersoek. Vergelyk byvoorbeeld sy ondersoek na die materiële en simboliese produksie van moderne Nederlandse literêre outeurs en spesifiek die reputasievorming van Hella Haasse (De Glas, 2003); sy ondersoek na die investering en opbrengs van literêre uitgewerye in die generasie Nederlandse prosadebutante uit die periode 1961-1965 (De Glas, 1998b); en die rol van die ontwikkeling van outeursoeuvres in die opbou van die publikasielyste en die uitgewerygeskiedenis van die Nederlandse uitgewerye W.L. & J. Brusse en Maatschappij voor Goede en Goedkoope Lectuur/Wereldbibliotheek (De Glas, 1998a). Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is die vertrekpunt ietwat anders. Die fokus hier val op die kartering van die hele landskap van ’n letterkunde (weliswaar met afbakening) met betrekking tot die ontwikkeling van verskeie produksiekategorieë (op ’n kwantitatiewe wyse) – dus ’n produksiekategorie-perspektief (sien Hoofstuk 5).

De Glas (2003:103) wys daarop dat “aandag vir die stoflike kant van die manuskrip en die boek” slegs vooropgestaan het in boekstudienavorsing, terwyl studie van “waaroor die boek gaan” onderneem is deur uiteenlopende vakgebiede (soos die teologie, kultuurgeskiedskrywing en die literatuurwetenskap) wat gemoeid is met die

inhoud van die manuskrip / boek. Hierdie vakgebiede het oor die afgelope dertig jaar toenemend aandag gegee aan die konteks naas die teks en dít het toenadering tussen boekstudie en literatuurwetenskap tot gevolg gehad. Één manifestasie daarvan is die erkenning van die samehang tussen die materiële en simboliese kante van boekproduksie en verspreiding. Die ontstaan van die interdisiplinêre studieterrain boekstudie het gesorg vir verdere impetus in die ontwikkeling van die toepassings-terrein uitgewery-onderzoek. De Glas (2003:102-104) haal McGann aan oor die gedeelde belang tussen boekstudie en literatuurwetenskap: “The price of a book, its place of publication, even its physical form and the institutional structures by which it is distributed and received, all bear upon the product of literary meaning [...] ‘the work’ and its ‘mediational structures’ are inseparable”. Hierdie ondersoek word geposisioneer as ’n interdisiplinêre ondersoek in die deelgebied tussen boekstudie en literatuurwetenskap. Op die gebied van boekstudie word veral aangesluit by die kwantitatiewe benadering (sien 5.2) en op die gebied van die literatuurwetenskap by die institusionele en sosiologiese benaderings.

Buiten vir De Glas se ondersoek waarin die uitgewery ’n sentrale posisie beklee, behoort daar in hierdie posisionering van uitgewery-onderzoek ook aandag gegee te word aan die soort kultuursosiologiese ondersoek wat deur die sogenaamde Tilburg Skool verrig is. Aan die Universiteit van Tilburg, Nederland, is daar sedert 1981 binne die Werkverband Literatuursosiologie spesifieke empiriese ondersoek onderneem na allerlei literêre institusies (insluitend uitgewerye) en die produksie, verspreiding, verbruik en oorlewering van boeke. In 1989 is dié program herdoop as Marketing en Sociologie van het Boek (Joostens, 1990:10; Verdaasdonk, 1990:19, 27-28). De Glas (1998b:128) self erken die invloed van hierdie ondersoek op sy navorsing oor uitgewery-onderzoek – trouens, De Glas (1989:5) was as navorsingsassistent aan dié program verbonde en het sy Ph.D.-tesis onder leiding van die eertydse hoof van dié program, Hugo Verdaasdonk, voltooi.

Die Tilburg Skool volg ’n institusionele benadering en sluit in hul ondersoek na aspekte van die boeksektor en kulturele institusies veral aan by die kultuursosiologie en verbruikersgedrag. Tans is die navorsingsfokus van die program Bemaking en Sociologie van die Boek gerig op ondersoek na kulturele deelname; kulturele vaardighede waardeur die waarde van kultuurprodukte bepaal word; die rol van

kulturele institusies in die bepaling van die waarde van kultuurprodukte; die kondisies waarin kulturele institusies bestaan en hul funksie verrig; en die interaksie tussen verbruikers en kultuurprodukte (Universiteit van Tilburg, 2006). Voorbeelde van spesifieke empiriese ondersoeke sluit die volgende in: die kulturele gedrag ten opsigte van die koop en uitleen van boeke en tydskrifte deur volwassenes en kinders (Verdaasdonk, 1990:19,26); die dinamika van keusegedrag deur lesers teenoor boeke en die rol van kulturele produkte (soos boeke) in kulturele gedrag (Verdaasdonk & Van Rees, 1991:421-437); die funksionele eienskappe van literêre tydskrifte as medium vir die uitgee van literêre tekste (Verdaasdonk, 1989:215-232); die attribute in die besluitnemingsproses tydens die aankoop van literêre en nie-literêre fiksie deur volwassenes (Leemans & Stokmans, 1991:487-505); die toepassing van teorie oor verbruikersgedrag op die keusegedrag van kopers van literêre boeke (Leemans, 1991:205-212); die verskil in keusegedrag tussen kopers en leners van boeke (Duijx, Van Rees en Verdaasdonk, 1991:439-469); die faktore wat kopers se tevredenheid ná die aankoop van 'n boek bepaal (Kamphuis, 1991:471-485); die toetsing van Bourdieu se siening oor verskillende soorte produsente van kulturele goedere aan die hand van twee Nederlandse uitgewerye van respektiewelik literêre fiksie en romantiese fiksie (Tilborghs, 1991:223-229); en die klassifikasie van outeurs deur middel van statisties-empiriese ondersoeke na literêre prestige (Verboord, 2003:259-281).

Navorsingsresultate deur die Tilburg Skool word veral aangetref in die vaktydskrif *Poetics: journal of empirical research on literature, the media and the arts*, waarvan Kees van Rees – een van die belangrikste eksponente van die Tilburg Skool – die redakteur is. Onder redaksie van Van Rees (en Gillis Dorleijn) verskyn daar in 2006 die belangrike publikasie *De productie van literatuur. Het literaire veld in Nederland 1800-2000* (Uitgeverij Vantilt, 2006), waarin bydraes saamgevat word oor eietydse literatuursosiologiese ondersoeke na die funksies wat die verskeie rolspelers in die literêre veld verrig in terme van die produksie van literatuur. Die funksie van die uitgewery binne die literêre veld kom ook onder bespreking. Dié publikasie sal waarskynlik rigtinggewend wees vir die literatuurwetenskaplike teoretiese aspekte wat ook in hierdie studie aangespreek word en dit sal tydens toekomstige navorsing benut word om die teoretisering rondom uitgewery-ondersoek verder uit te werk.

2.7 Die neerslag van boekstudie en uitgewery-ondersoek in die Afrikaanse literatuurwetenskap

Soos reeds vroeër genoem, is ondersoek na die uitgewery en die materiële produksie van fiksietitels (deur statisties-kwantitatiewe navorsing) ’n verwaarloosde navorsings-terrein in die Suid-Afrikaanse (en Afrikaanse) literatuurwetenskap. De Glas (1998b: 131) beklemtoon die nut van empiries-kwantitatiewe navorsing vir uitgewery-ondersoek: “de preciezer studie van wat uitgevers in feite doen” (met ander woorde die ontleding van hulle publikasielyste). Die statisties-kwantitatiewe komponent van hierdie studie word in Hoofstukke 5 en 6 weergegee. Hoofstuk 5 skenk aandag aan die teoretisering van die epistemologie van produksie-statistiek. In hierdie afdeling val die fokus op die neerslag wat boekstudie en uitgewery-ondersoek in breër trekke tot dusver in die Suid-Afrikaanse (en spesifiek die Afrikaanse) literatuurwetenskap gekry het. Om grootskaalse herhaling te voorkom, word bronne van statistiese data oor die produksie van (ook) Afrikaanse fiksie in Hoofstuk 5 aangetoon. Hierdie afdeling moet dus nie as alleenstaande beskou word nie en moet saam met Hoofstuk 5 gelees word.

Die destydse Sentrum vir Suid-Afrikaanse Letterkundenavorsing (SENSAL) van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) het in 1981 ’n ontleding gedoen van die soort letterkundenavorsing wat tot op daardie stadium in Suid-Afrika gedoen is en bepaalde leemtes en prioriteite is geïdentifiseer (Malan, 1983:1-5). In die opname van navorsingsbedrywighede aan universiteite en ander navorsingsinstansies, is respondente gevra om prioriteite ten opsigte van navorsingsterreine aan te dui. Navorsing oor literatuurproduksie en -verspreiding is as “hoofsaaklik ’n biblioteekkundige en leserkundige aangeleentheid” beskou (vergelyk ook Viljoen, 1992a:279), alhoewel erken is dat “die welsyn en ontwikkeling van letterkunde” direk daardeur geraak word (Malan, 1983:64-65). Respondente het die rol van biblioteke ten opsigte van boekkeuring en -verspreiding as die belangrikste beskou en ook aangedui dat navorsing oor die aankoop- en verspreidingsbeleid van biblioteke noodsaaklik is. Navorsing oor publikasiemoontlikhede vir skrywers is ook belangrik geag, maar slegs respondente uit die Afrikatalegroep het navorsing oor boekkeuring deur uitgewerye as redelik belangrik beskou. Nagraadse navorsing oor literatuurproduksie en -verspreiding was grotendeels gefokus op biblioteekkundige en leserkundige ondersoeke (Malan, 1983:64-67). Vandag sou Afrikaanse letterkundiges waarskynlik groter prioriteit vir

uitgewery-ondersoek aandui. Viljoen (1992a:279) noem byvoorbeeld dat “’n ondersoek na die sosiologie van Suid-Afrikaanse uitgewers [...] uiters boeiend [behoort] te wees”.

In 1982 word ’n simposium deur SENSAL georganiseer waartydens daar deur toonaangewende letterkundiges van die tyd besin is oor metodologiese en teoretiese benaderings (Malan, 1984a:11). Malan (1984a:29) som die stand van die Suid-Afrikaanse literatuurwetenskap op daardie stadium raak op wanneer hy betoog dat “die meerderheid literatore aanvaar dat die studie van die letterkunde gerig is op die literêre ‘kunswerk’”; dat “sommige akademici [...] geringskattend [verwys] na moderne teoretiese benaderings as modegiere wat uiterstes verabsoluteer en die kern van die teks as die sentrale objek van literatuurondersoek verbystuur”; en dat “die teenoorgestelde groep verkleinerend verwys na “’n uitgediende outonomistiese of elitistiese benadering wat die relevansie van die literêre werk binne die gemeenskap en ander kodesisteme verontagsaam”. Malan (1984a:34-35) wys op die belang en nut van literatuursosiologiese navorsing, navorsing oor die produksie en verspreiding van boeke, beskouing van die teks binne sy sosiale en kulturele omgewing asook sy produksie- en resepsiekontekste en multidissiplinêre ondersoeke na tekseksterne literatuursosiologiese faktore (vergelyk veral die bydrae van die Engelstalige literatuurwetenskaplike Glenn, 1984:145-153 tot die simposium waar hy ’n sosiologiese benadering aanbeveel en sterk aansluit by die insigte van Bourdieu). Malan (1984a:42) beklemtoon die multidissiplinêre aard van die navorsing wat gedoen behoort te word (vergelyk ook Botha, 1984:132-135 en Van Coller, 1984:122-123) en verwys na SENSAL se voorondersoek na die produksie, verspreiding en sosiale posisie van letterkunde waarby verteenwoordigers van uitgewerye, biblioteke en die media betrek is.

Die soort navorsing wat deur SENSAL onderneem is, kan beskou word as sosiologiese, institusionele, sisteemteoretiese en empiriese ondersoeke (vergelyk byvoorbeeld die model vir literatuursosiologiese letterkundenavorsing wat deur Malan, 1983:5 en 1984a:36 voorgestel word en waarvolgens SENSAL se navorsingsaktiwiteite gestruktureer is). Deur SENSAL se literêre jaaroorigte (sien 5.4) is byvoorbeeld aandag gegee aan die kwantitatiewe kartering van literêre produksie (vergelyk Marais, 1987:15-16). Ondersoeke soos die genoemde jaaroorigte

en ook individuele studies deur navorsers wat aan SENSAL (en INTAK) verbonde was (vergelyk byvoorbeeld Marais, 1987 en 1994; Galloway, 1987 en 1990; en Hauptfleisch, 1997) is sisteemteoreties aangepak. Steeds was hierdie navorsing nie primêr uitgewery-ondersoek in die sin van hoe dit in hierdie studie beskryf word nie.

Wanneer vakliteratuur oor die Afrikaanse letterkunde van die 1990's en vroeë 2000's nagegaan word, blyk dit duidelik dat letterkundiges steeds nie beduidende aandag aan uitgewery-ondersoek afstaan nie – trouens, die meeste artikels in vaktydskrifte volg steeds sterk teksgerigte benaderings waarvolgens enkele tekste (en soms vergelykings tussen meer as een teks) na aanleiding van literêre teorieë geanaliseer word. In 'n ongepubliseerde referaat deur Van Coller & Odendaal (2004) tydens die Afrikaanse Letterkundevereniging (ALV)-kongres in 2004 word verslag gedoen oor H.P. van Coller en B.J. Odendaal se ervaringe as redakteurs van die Afrikaanse literêre tydskrif *Stilet* gedurende die periode 2000-2004. Hoewel hulle kritiese opmerkings spesifiek van toepassing is op akademiese artikels oor die Afrikaanse letterkunde wat gedurende die genoemde periode in *Stilet* verskyn het, is dit ook *mutatis mutandis* van toepassing op die breër terrein van die Afrikaanse literatuurwetenskap en die Afrikaanse geesteswetenskaplike akademiese toneel (Van Coller & Odendaal, 2004:1). Hulle bevinding is veelseggend van die stand van die Afrikaanse literatuurwetenskap:

Artikels is meestal interpretasies van enkelwerke [...] Ten spyte van veelvuldige kniebuigings in die rigting van (redelik resente) teoretiese paradigmas is die meerderheid sodanige interpretasies strukturalistiese “close readings”. Soms geskied interpretasies in die kader van bepaalde interpretatiewe “raamwerke” soos “postkolonialisme”, “postmodernisme”, “new historicism”, “literêre antropologie” en reekse genealogiese paradigmas (soos speurverhale, pikareske romans, dramatiese monoloë) en dergelike meer. Soms lei dit tot belangwekkende en nuwe insigte; dikwels helaas tot etikette wat agteraf aangeplak word (Van Coller & Odendaal, 2004:12).

Volgens Van Coller & Odendaal (2004:13) is vergelykende artikels besonder gewild, maar hulle rig 'n waarskuwing: “Vergelyking is waarskynlik een van die gevaarlikste

literêre praktyke omdat dit lei tot oppervlakkigheid én weens die toeval en eenmaligheid van waarnemings geldige wetenskaplike afleidings in die weg staan. Die vergelykende literatuurwetenskap (literêre komparatisme) het akademiese aanvaarding gekry eers nadat ‘toevallige’ vergelykings (veral as resultaat van interpretatiewe handelinge) hokgeslaan is. Dit gaan in hierdie vertakking van die algemene literatuurwetenskap om gekontroleerde vergelykings van historiese tydperke en literatuuropvattinge, van literêre produkte met vergelyking tot produksiefaktore, die (redes vir) resepsie van tekste in historiese verband, ens.”. Wat die benutting van teoretiese benaderings betref, ontbreek teorie dikwels in artikels of teoretiese kwessies word ontduik: “Wat wél gebruik word, is ‘filosofiese’ kaders (postkolonialisme, postmodernisme, ens.). Wat opvallend gedateerd geraak het, is ‘harde’ teorie: narratologie byvoorbeeld. Modelle en tipologieë word selde ontwikkel, om van teorie nie eers te praat nie. Dit is ’n kwade dag as die skepping én benutting van teoretiese instrumente ontbreek” (Van Coller & Odendaal, 2004:15). Hulle betoog as volg verder: “In die meeste artikels is daar geen skeiding tussen interpretasie en wetenskaplike beskrywing nie; in die Afrikaanse letterkunde word veral graag geïnterpreteer en geëvalueer. In die geval van laasgenoemde aktiwiteit word kriteria selde krities aan die orde gestel en is die proses veelal intuïtief” (Van Coller & Odendaal, 2004:15).

Dit is in hierdie konteks waar hierdie studie, deur uitgewery-ondersoek as uitgangspunt en die toepassing daarvan op die terrein van die Afrikaanse letterkunde (spesifiek die produksie van Afrikaanse fiksietitels), wil bydra tot vernuwing van die Suid-Afrikaanse (en spesifiek die Afrikaanse) literatuurwetenskap en boekstudie.

Wat resente navorsing oor die Afrikaanse letterkunde betref, bestaan daar slegs ’n klein aantal ondersoeke wat in ’n beperkte mate gedeeltelik aandag aan (aspekte van) uitgewery-ondersoek skenk. Van Coller is sekerlik een van die Afrikaanse literatore wat die meeste op hoogte is van moderne literatuurwetenskaplike teorieë uit die Nederlandstalige wêreld (sy verbintenis met Nederlandse universiteite deur onder meer gereelde gasdosentskappe dra hiertoe by). Die volgende is enkele voorbeelde van resente toepassings van hierdie teorieë op die terrein van die Afrikaanse literatuurwetenskap deur Van Coller (soms saam met sy kollega Odendaal).

- In Van Coller (2001) se artikel oor kanttekeninge by die skryf van 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis, stel hy voor dat die problematiek rondom 'n Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis en die verhouding tussen die verskeie Suid-Afrikaanse literature, deur die veldteorie (alias Bourdieu) opgelos kan word (Van Coller, 2001:4,9). Binne die Afrikaanse literatuurgeskiedenis wys hy op sekere subvelde waarvoor nog nie genoegsaam geskryf is nie, soos byvoorbeeld die geboorte van die Sestigerbeweging in Parys; die georganiseerde teenstand teen sensuur deur die “little magazines” en die uitgewery Taurus; en die impak van magsverhoudings op die gekleurde Afrikaanse skrywer (Van Coller, 2001:9). 'n Ondersoek na Taurus in bogenoemde verband sluit duidelik by die terrein van uitgewery-ondersoek aan.
- 'n Tweede voorbeeld is Van Coller (2002a en 2002b) se tweedelige artikel oor die saamstel van bloemlesings as kanoniserende handeling waarin hy Bourdieu se veldteorie benut en suksesvol aantoon dat bloemlesingsamestelling nooit 'n neutrale handeling is nie, maar 'n “provokatiewe posisieinname binne die literêre veld” (Van Coller, 2002b:125). Sy navorsing sentreer hier rondom kanonisering, ideologie en literatuuropvattinge. Van Coller ontwikkel 'n tipologie van bloemlesings wat as hermeneutiese gereedskapstuk dien en maak daardeur 'n teoretiese bydrae. Sy oorsig oor poësiebloemlesings word binne die wyer Afrikaanse literêre veld ingekleur. Odendaal (2001:51-58) sluit by Van Coller aan deur sy navorsing oor die strategiese funksies van tematiese poësiebloemlesings in die Afrikaanse literêre veld. Van Coller benut ook De Geest se vierhoekmeganisme van intersistemiese diskoers oor wat gesê moet word, of nie, en wat gesê mag word, of nie (vergelyk De Geest, 1997:167-171), om kanonverskuiwings- en kanonbeskermingsmeganismes deur bloemlesingsamestelling te verklaar. Van Coller (2002b:118) bring ook uitgee- verwante aspekte, soos byvoorbeeld die rol wat die voorskryfpotensiaal van bloemlesings gespeel het in die neem van uitgeebeslissings in 'n vorige bestel, te berde.
- Nog 'n voorbeeld is Van Coller (2004a) se artikel waarin hy 'n model ontwikkel om die literêre prestige van die Afrikaanse skrywer Etienne Leroux

na te gaan en trag om die vraag te beantwoord of Leroux 'n “vergete skrywer” is (of Leroux nog funksioneer in die aktuele kanon). Hy verwys na die Nederlandse literatuurwetenskaplike Verboord se model vir die bepaling van literêre prestige (waarin “literêre ensiklopedieë, literêre pryse, akademiese studies en uitgewers” prominent is – vergelyk Verboord, 2003:259-281), maar ontwerp sy eie model omdat Verboord s'n nie toepaslik is op die Suid-Afrikaanse situasie nie, onder andere oor die “totaal ander uitgewersbedryf, en met die (tot onlangs toe nog feitlik absolute) dominansie van die Naspers-groep op die gebied van Afrikaanse literêre publikasies” (Van Coller, 2004a:6-7). In hierdie artikel raak Van Coller aspekte van uitgewery-ondersoek aan deur onder andere na die nie-beskikbaarheid van Leroux se tekste (omdat dit uit druk is) te verwys (Van Coller, 2004a:14). Randgebiede van uitgewery-ondersoek word ook betrek deur byvoorbeeld die vermelding van Le Roux in koerantresensies empiries na te gaan (Van Coller, 2004a:16). 'n Artikel wat hierby aansluit, is Van Coller & Odendaal (2005a:1-36) se bespreking van die miskende digterskap van S.J. Pretorius (die kanonieke marginalisering van die digter), waarin hulle ook literêr-sistemiese oorsake (behalwe die oeuvre-spesifieke en persoonlike oorsake) in ag neem.

- In Van Coller & Odendaal (2003a en 2003b) se tweedelige artikel oor die poëtikale beskouings van Antjie Krog se *Kleur kom nooit alleen nie* en H.J. Pieterse se *Die burg van hertog Bloubaard*, verbind hulle teorieë oor poëtika of literatuuropvatting met Bourdieu se veldteorie om 'n werkhipotese te vorm waardeur die poëtikale beskouings wat beide bundels onderlê, gerekonstrueer word. Hulle maak ook hier gebruik van Van Rees & Dorleijn (1994) se toepassing van Bourdieu by die rekonstruksie van literatuuropvatting (sien 2.3). Ten slotte volg hulle 'n institusionele benadering om, teen die agtergrond van die Afrikaanse literêre veld, die vraag te probeer beantwoord van hoe die twee uiteenlopende bundels (betreffende die literatuuropvatting wat hulle verteenwoordig) beide bekroon kon word sonder om 'n polemie te ontketen (Van Coller & Odendaal, 2003b:50-52).
- 'n Laaste voorbeeld is Van Coller & Odendaal (2005b en 2005c) se tweedelige artikel oor die verhouding tussen die Afrikaanse en Nederlandse literêre

sisteme. In die eerste deel, waarin aandag gegee word aan teoretiese oorwegings vir 'n beskrywende model, word 'n samevatting gegee van institusies (waaronder ook “literêre uitgewers” – uitgewerye van (ook) fiksie), rolspelers en instrumente wat as entiteite in 'n dinamiese, maar self-verwysende en self-regulerende polissisteem funksioneer (Van Coller & Odendaal, 2005b:4-5). Hulle dui die operasionele rolle in literêre sisteme, na aanleiding van Schmidt (wat ooreenkomste toon met Van Rees & Dorleijn, 1994:96 se diagram van die literêre veld), aan as literêre produksie, literêre distribusie, literêre resepsie en literêre verwerking. Daar sou 'n saak uitgemaak kon word dat die uitgewery as institusie 'n funksie in elkeen van dié rolle vervul (sien 2.8.1). Hulle benut veral De Geest se vierhoekmeganisme van intersistemiese diskoers (vergelyk De Geest, 1997:167-171) in die tweede deel en bring die ontwikkelinge in die verhouding tussen die twee literêre sisteme in verband met 'n chronologie van historiese gebeure in Suid-Afrika (Van Coller & Odendaal, 2005c: 18-46).

Bogenoemde artikels getuig van bruikbare navorsing en vooruitgang in die toepassing van nuwe literatuurwetenskaplike teorie op die Afrikaanse letterkunde. Maar hierdie navorsing is nie primêre empiriese uitgewery-onderzoek in die sin van hoe dit in hierdie studie toegepas word nie: waar die totale produksielandskap van die Afrikaanse letterkunde gedurende 'n bepaalde periode op empiries-statistiese wyse deur kwantitatiewe navorsing gekarteer word (sien Hoofstuk 5) en 'n keuse gemaak word om primêr met die uitgewery as kanoniseringsagent – deur middel van die publikasies wat uitgegee word (die produksie- en uitgeweryprofiel – sien Hoofstuk 6) – te werk, eerder as met die begrip van 'n “kanon” soos dit byvoorbeeld deur literatuurgeskiedenis of in bloemlesingsamestelling vergestalt word. In talle van die bogenoemde artikels deur Van Coller en Odendaal gaan dit as 't ware oor ondersoeke na simboliese produksie, in watter opsig dit verskil van hierdie studie waar dit primêr gaan oor die materiële produksie van Afrikaanse fiksie. Die empiriese fondament wat hierdie studie lê (ten opsigte van spesifiek die materiële produksie van Afrikaanse fiksie) kan benut word in die soort ondersoeke wat Van Coller en Odendaal onderneem, om byvoorbeeld die verband tussen die simboliese en materiële produksie verder na te vors. Soos reeds in die perkstelling aangedui, val dit egter buite die bestek van hierdie studie om aspekte van simboliese produksie na te vors.

Die volgende is voorbeelde van resente nagraadse navorsing oor die Afrikaanse letterkunde wat tot 'n mindere of meerdere mate by aspekte van uitgewery-onderzoek aansluit. Die opvallendste ooreenkoms met hierdie studie is die mate waartoe onderstaande studies ook op sisteemteoretiese modelle steun.

- De Wet (1994) se D.Litt-studie fokus op D.J. Opperman as spilfiguur binne die Afrikaanse literatuursisteem. Sy benut sisteemteorie (spesifiek Even-Zohar) om 'n alternatiewe metode tot literatuurgeskiedskrywing voor te stel: die optekening van die literêre diskoers (1994:19-75) deur intertekstuele verwysings na Opperman in die werk van ander digters (1994:138-265) as diskursiewe entiteit van die literatuursisteem na te gaan. Sy verwys wel na Opperman se rol binne die uitgeesisteem, byvoorbeeld as keurder, as literêre raadgewer van Human & Rousseau en as dosent in skeppende skryfwerk deur die oprigting van die Letterkundige Laboratorium van die Universiteit van Stellenbosch. De Wet verskaf ook 'n lys van digbundels wat gedurende die periode 1945-1994 verskyn het (1994:313-327), maar sy toon nie produksietendense empiries aan nie. De Wet se studie gaan primêr oor literatuurgeskiedskrywing en kanonisering en is teksgerig en dus kwalifiseer dit nie as uitgewery-onderzoek nie.
- Heyns (1995) se D.Litt-tesis, wat handel oor 'n literatuursosiologiese ondersoek na 'n groep Afrikaanse tagtigerprosaskrywers, verdien ook vermelding. Heyns (1995:1-7) posisioneer sy ondersoek na aanleiding van Bert Vanheste se *Literatuursociologie: teorie en metode* binne die terrein van die literatuursosiologie en gee aandag aan die sosiologiese posisies van die outeur, die literêre werk, die literêre kanaal (waarby die uitgewery ingesluit word) en die leser. Hy vertrek vanuit 'n proefgroep skrywers en die tekste wat hulle gedurende die 1980's geproduseer het en plaas dit dan binne die groter sosiale konteks. Tog slaag hy nie daarin om die teoretiese raamwerke van die literatuursosiologie behoorlik na 'n empiriese ondersoek van institusies deur te trek nie en bly sy studie in 'n mate in 'n teksgerigte benadering vassteek. In Heyns se bespreking van die literêre kanaal gee hy wel aandag aan institusies: die uitgewerye van die proefgroep se tekste (1995:112-113), boekhandelaars

en die bemerking van die proefgroep se tekste (1995:113-119). Vanuit 'n agternaperspektief word nagegaan watter tekste van die proefgroep in 1994 steeds in die handel beskikbaar was; die beskikbaarheid van die proefgroep se tekste in openbare en akademiese biblioteke (1995:119-122); die voorskrywing van die proefgroep se tekste vir literatuuronderwys op sekondêre en tersiêre vlak (1995:124-139); die invloed van sensuur op die proefgroep (1995:143-147); toepaslike polemieke rondom toekennings van literêre pryse aan die proefgroep (1995:147-153); die rol van 'n skrywersvereniging soos die Afrikaanse Skrywersgilde op die proefgroep (1995:153-156); publikasies van die proefgroep in literêre tydskrifte en "little magazines" (1995:156-167); en die oorskakeling van die proefgroep se tekste in film- en dramaproduksies (1995:168-170). Sy behandeling van hierdie sosiologiese noemers ten opsigte van die toepassing daarvan op die objek, die proefgroep tagtigerprosaskrywers, oortuig wel, maar daardeur bly sy studie hoogstens 'n gevallestudie. Dit gee nie insig in die algemene funksionering van die literatuur in die groter sosiale bestel nie en sy bespreking van die invloed van elke individuele institusie (veral van die uitgewerye) bly oppervlakkig. Dit kwalifiseer dus ook nie as uitgewery-ondersoek nie en verskaf nie genoegsame insig in die posisie wat die uitgewery binne die sisteem inneem nie.

- In Barnard (1998) se Ph.D.-tesis gebruik sy sisteemteorie as metodologiese basis vir kanoniseringsproblematiek (1998:32-63). Hoewel sy ook verwys na Even-Zohar en Bourdieu, benut sy veral Schmidt se model wat spesifieke rolle vir agente binne die sisteem onderskei. Barnard behandel spesifiek N.P. van Wyk Louw as spilagent (kanoniseringsagent) binne die Afrikaanse literatuursisteem (1998:105-129) en beskryf sy kanoniseringshandelinge binne dié sisteem (1998:130-237). Hoewel sy aandag gee aan Louw se rol binne die uitgeesisteem, val haar fokus nie op uitgewery-ondersoek nie.
- Adendorff (2003) se M.A.-verhandeling is 'n resepsie-ondersoek na ses debuutdigbundels wat gedurende die periode 1999-2000 verskyn het. Sy beskryf die marginalisering van die Afrikaanse poësie aan die hand van die polisisteemteorie van Even-Zohar (2003:10-32) en skenk ook aandag aan kanonisering (2003:33-61). In haar oorsig oor die literêre veld van Afrikaans

(na aanleiding van Bourdieu) gee sy kortliks aandag aan die rol van uitgewerye (2003:73-80) en tendense in die uitgewerybedryf (2003:80-90). Sy maak onder meer gebruik van navorsingsresultate wat voor die voltooiing van hierdie studie bekend gemaak is (Venter & Galloway, 2003a) en uitsprake deur uitgewers soos Stassen, Van Zyl, Bloemhof en Barnard. Adendorff se studie bring vernuwing deur onder meer die produksie (2003:66-68) en resepsie (2003:129-139) van debuutdigbundels kwantitatief aan te toon, maar dit is nie in hoofsaak uitgewery-ondersoek nie. Steeds bly dit waardevolle navorsing wat binne die afbakening van die subsisteem van die Afrikaanse poësie beide literêre en buite-literêre faktore in ag neem en dus vernuwend is binne die Afrikaanse literatuurwetenskap.

- Du Plessis se M.A.-verhandeling (2002) en D.Litt-proefskrif (2004) sluit die sterkste aan by (aspekte van) uitgewery-ondersoek deur die direkte literatuursosiologiese fokus daarvan. In dié studies plaas Du Plessis die soeklig op die opkoms van Afrikaner-nasionalisme in die 1930's en 1940's en die rol wat die produksie, verspreiding en resepsie van populêre kinderlektuur daarin gespeel het. Sy pas teorieë van onder andere Benedict Anderson (oor die nasie as verbeelde gemeenskap en die verband tussen nasionale publikasietaal en die belange van die intelligentsia in die ontwikkeling van tekste), Antonio Gramsci (oor die organiese intellektueel), Charles Taylor (oor die vermoë om 'n gedeelde sosiale *imaginaire* te skep) en Bourdieu (spesifiek oor die habitus) toe op die jeugboekreekse *Keurboslaan* en *Maasdorp* van Stella Blakemore. Sy skenk genoegsame aandag aan die uitgewerybedryf en verwante kwessies deur onder meer die volgende: 'n oorsig van die vroeë ontwikkeling van die Afrikaanse uitgewerybedryf (2004:126-128; 133-137); Blakemore se uitgee-geskiedenis (2002:27-28; 33-35; 2004:173-178; 179-180); die uitgegeskiedenis en verkoopsyfers van die *Keurboslaan*-reeks (2002:28-31; 2004:147-152) en *Maasdorp*-reeks (2002:31-33); 'n beknopte oorsig oor die uitgewery-geskiedenis van J.L. van Schaik (2002:35-40; 2004:153-158); en die verhouding skrywer-uitgewery tussen Blakemore en J.L. van Schaik (2002:60-77). Du Plessis se navorsing verskil egter van hierdie studie in die opsig dat dit nie primêr daarop afgestem is om kwantitatiewe data empiries na te vors nie (hoewel dit nuttige historiese data uit sekondêre bronne aandui),

maar kwalitatief te werk gaan en staatmaak op die (literatuursosiologiese) interpretasie van tekste. Laasgenoemde is ’n aspek wat juis nie in hierdie studie by uitgewery-ondersoek betrek word nie. Du Plessis se studies word nie as uitgewery-ondersoek aangebied nie. Steeds lewer dit ’n unieke bydrae tot die (Afrikaanse) literatuurwetenskap en dui dit die weg van innovasie en verbreding van dié wetenskap aan.

- Die navorser het kennis geneem van Human (1953) se M.A.-verhandeling oor die “gewilde literêre werk” wat handel oor ’n ondersoek na die rol van leesstof in die Suid-Afrikaanse samelewing van die 1950’s. Dit gee ’n aanduiding van die boekmark van dié periode en skenk ook breedvoerig aandag aan die uitgewerybedryf. Dit is van historiese waarde en sal nuttig gebruik kan word wanneer ’n breër historiese oorsig oor die ontwikkeling van die Afrikaanse uitgewerybedryf nagevors word. Dit val egter buite die bestek van hierdie studie, wat spesifiek fokus op die periode 1990-2005.

Die huidige stand van die Afrikaanse literatuurwetenskap (met betrekking tot die aanspreek van aspekte van materiële produksie) blyk in ’n mate ook duidelik uit die verskil in aanpak tussen die twee resentste Afrikaanse literatuurgeskiedenis wat onlangs verskyn het (Kannemeyer, 2005 en Van Coller *et al*, 2006a). In Kannemeyer se bywerking van sy eerste eendelige literatuurgeskiedenis (vergelyk Kannemeyer, 1988), *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004* (voltooi in Desember 2004 en gepubliseer in November 2005), gee hy weereens ’n samevatting van sy tweeledige literatuurgeskiedenis (vergelyk Kannemeyer, 1978 en 1983) – “met aanvulling van nuwe werk van outeurs wat tot 1970 hulle verskyning gemaak het en met byvoeging van die meeste debutante tussen 1970 en 2004” (Kannemeyer, 2005:17-18). Die jongste periode in die Afrikaanse literatuur baken Kannemeyer af as “Die Hedendaagse Afrikaanse Literatuur (1976-hede)”. Een van die grootste waardetoevoegings tot hierdie literatuurgeskiedenis is die insluiting van inleidende hoofstukke by elke hoofdeel waarin ’n algemeen-historiese oriëntering gegee word en waardeur die verwaarlosing van die politieke konteks van die literêre sisteem aangespreek word. Kannemeyer raak egter aspekte van uitgewery-ondersoek uiters sporadies aan (sien 5.4).

Hoewel Kannemeyer deur sommige literatoure geprys word vir sy werkywer en produktiwiteit (Britz, 2005:13; Van Zyl, 2005a), word daar ook ernstige en grondige kritiek teen hierdie literatuurgeskiedenis uitgespreek. Marais (2005:19) is van mening dat “as Kannemeyer hom egter in die 1980’s by SENSAL al aan die literêre paradigmawisseling gesteur het, sou hy ’n literatuuropvatting kon ontwikkel wat nie, in Britz se woorde, nog steeds in wese ‘Oppermaniaans evalueer’ nie” en hy het ook probleme met Kannemeyer se periodisering. Volgens Van Coller (2006b:8) is die gevaar van ’n monologiese literatuurgeskiedenis dat dit tussen twee gevaarlike uiterstes te staan kom: “Subjektiviteit, wanneer die eie, idiosinkratiese waardeoordele, menings en poëtikale vooroordele oorheers, en aan die ander kant navolging, wanneer ander kritici en literatuurhistorici se oordele klakkeloos nagepraat word”. As gevolg van die afwesigheid van bibliografiese verwysings, voetnote en ’n bibliografie, wek Kannemeyer se eenpersoonspoging die indruk van ’n redelik subjektiewe persoonlike leesverslag, eerder as ’n literatuurgeskiedenis. Van Coller (2006b:8) vind nie die indeling van alle outeurs oortuigend nie; die periodisering ná 1976 kan volgens hom vervroeg word na 1973 (die publikasiedatum van André P. Brink se *Kennis van die aand*) omdat die deurbraak van die politieke literatuur dan berus op intrinsieke faktore; Kannemeyer vernuwe nie sy oordele oor ouer werke deur ’n sistematiese oorsig van die literêre kritiek op grond van nuwe beskikbare navorsing nie; en die teks van hierdie uitgawe stem feitlik woordeliks ooreen met 70% van die 1988-uitgawe. Vir Van Coller (2006b:8) geld hierdie publikasie dus nie as ’n literatuurgeskiedenis nie: “want so iets impliseer ’n objektiewe en sistematiese verslag van ’n literêre veld of, in geykte terme, van ’n bepaalde letterkunde wat nie bloot bestaan uit (literêre) tekste nie, maar ook kritiek, tydskrifte, uitgewers, institusies, agente en (literêre) tekste omvat”.

Die kritiek teen Kannemeyer sluit aan by die heersende gang van sake in die Afrikaanse literatuurwetenskap wat nog sterk gefokus is op tradisionele teksstudie en nie genoeg aandag aan tekseksterne en kontekstuele aspekte van die literatuur skenk nie (vergelyk Van Coller & Odendaal, 2004). Hierdie stelling word gelukkig gerelativeer deur die verskyning van die derde deel van die literatuurgeskiedenis *Perspektief en profiel* in Oktober 2005 (met die publikasiedatum 2006). Wat die aanpak van literatuurgeskiedskrywing betref, verskil hierdie literatuurgeskiedenisreeks ten eerste van Kannemeyer (2006) deurdat dit nie ’n eenpersoonspoging is nie

maar die resultaat van ’n paneel medewerkers, dus ’n meer “demokratiese” aanpak waardeur wegbeweeg word van meesternarratiewe en verder geskryf word aan “’n verhaal oor die Afrikaanse letterkunde”. Omdat hierdie literatuurgeskiedenis ’n reeks is wat uit dele bestaan, kan opdatering en regstellings makliker plaasvind en vind die nuutste literatuurwetenskaplike benaderings ook gouer neerslag in die aanpak van spesifieke perspektiewe en profiele. In sy inleiding stel Van Coller (2006a:x) dit as volg: “Uit die perspektiewe én profiele in hierdie literatuurgeskiedenis(-deel) blyk dat die huidige literatuurwetenskaplike benadering ten opsigte van die Afrikaanse letterkunde ’n sterk kontekstuele en komparatistiese gerigtheid het. Die teorieë van sisteemteoretici soos Schmidt, Even-Zohar en die sosioloog Bourdieu, maar ook teorieë op die gebied van die feminisme, postkolonialisme en literêre historisme, het duidelik neerslag gevind in die wyse waarop literatuur benader word. Stewige teksanalises staan steeds sentraal, maar word aangevul met beskrywings van die wyse waarop tekste tot stand kom, binne ’n literêre veld sirkuleer en ’n rol speel in die mededinging van persone en instansies binne so ’n literêre veld”.

As gevolg van hierdie aanpak is daar dan ook voorbeelde van perspektiewe in hierdie literatuurgeskiedenis te vind wat direk en indirek aansluit by aspekte van uitgewery-ondersoek. In Huigen (2006:10-11, 27, 36) se perspektief op Nederlandstalige Suid-Afrikaanse letterkunde gedurende die periode 1652-1925, gee hy aandag aan aspekte van die vroeë uitgegeskiedenis van die Genootskap van Regte Afrikaners, ander eerste uitgewerye van Afrikaanse fiksie en die Nederlandse boekhandelaars en uitgewerye wat hulle in Suid-Afrika kom vestig het. Roos is reeds bekend vir die aandag wat sy aan die konteks en tekseksterne aspekte van die literêre sisteem gee (vergelyk Roos, 1998:21-117). In haar perspektief op die Afrikaanse prosa gedurende die periode 1997-2002, gee sy ’n deeglike samevatting van die impak van transformasieverskuiwings in die breër kulturele sisteem en raak sy spesifiek ook verskuiwings in die produksielandskap en produsentelandskap aan (Roos, 2006:52-54, 58, 99). In Odendaal (2006:105-107) se oorsig oor tendense in die Afrikaanse poësie in die tydperk 1998-2003, gee hy direk aandag aan ook die materiële produksie van poësie en dui hy ook oorhoofse statistiese produksiepatrone aan. In Coetser (2006b:149-189) se perspektief oor die Afrikaanse drama én teater omstreeks die periode 1990-2003 lê hy op oortuigende wyse die intersistemiese verbande tussen die drama (as deel van die literatuursisteem), die teaterbedryf (of teatersisteem as deel van

die kultuursisteem) en die impak van politieke transformasie op hierdie sisteme. Hy gee ook aandag aan die problematiek rondom die afname van gepubliseerde dramatekste.

Op grond van die oorsig in hierdie afdeling kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die uitgewery as primêre onderwerp van studie binne die Afrikaanse literatuurwetenskap nog grotendeels oor die hoof gesien is en dat primêre empiriese uitgewery-ondersoek nog nie inslag in hierdie vakgebied gekry het nie. Dit is 'n gevolgtrekking wat nie verbaas nie as in ag geneem word dat formele opleiding in uitgewerswese op voorgraadse vlak slegs aan een Suid-Afrikaanse universiteit (binne die Program Uitgewerswese in die Departement Inligtingkunde aan die Universiteit van Pretoria) gedoseer word en dat dié opleiding so onlangs as 1996 'n aanvang geneem het. Die navorsingsfokus van hierdie program het maar oor die afgelope ses jaar formeel ontwikkel en hierdie ondersoek is één uitvloeisel daarvan (sien ook 5.3). Dit is ook insiggewend dat dié impetus van 'n interdisiplinêre ondersoekterrein (soos boekstudie en uitgewery-ondersoek) en die toepassing daarvan op die gebied van die Afrikaanse literatuurwetenskap nié vanuit die geesteswetenskappe gekom het nie, maar vanuit die inligtingswetenskappe. Vervolgens word oorgegaan na die ponering van die uitgeesisteem deur 'n teoretiese en metodologiese model voor te stel wat die res van die ondersoek sal rig.


2.8 Rekonstruksie van 'n model van die uitgeesisteem

Vanuit die insigte van die benaderings en teorieë wat in die vorige afdelings bespreek is, word daar in hierdie afdeling 'n generiese model van die uitgeesisteem voorgestel. Die toepassing van hierdie insigte word in die loop van die studie al duideliker wanneer die model benut word om die uitgeesisteem van spesifiek Afrikaanse fiksie te beskryf. Die generiese model is op enige soort produksiekategorie van toepassing deurdat die subsisteem in die institusionele konteks, wat na die konteks van 'n spesifieke produksiekategorie (soos byvoorbeeld Afrikaanse fiksie) verwys, vervangbaar is (sien hieronder).

Die struktuur van die model word geponeer deur die verskeie institusies en rolspelers, en die funksies en aktiwiteite wat hulle verrig, daarby in te sluit en die verbande wat

tussen die onderskeie institusies en rolspelers bestaan, aan te dui. Die model word gerekonstrueer deur boekproduksie as institusie, en as behorende tot die kern van die model, voor te stel. Boekproduksie as institusie word dan ingebed in die breër maatskaplike konteks waarbinne dit bestaan en funksioneer: eerstens deur die interaksie tussen boekproduksie en ander institusies (soos die media-, kultuur-, literatuur-, onderwys- en biblioteeksubsteme) in die institusionele konteks aan te dui; en tweedens deur boekproduksie en die ander substeme in die institusionele kontekste binne die groter maatskaplike kontekste van die politiek, ekonomie en tegnologie te plaas. Die model poog om as werksinstrument of soekligteorie te dien vir 'n beskrywing van die oneindige hoeveelheid verbande wat tussen al hierdie kontekste en boekproduksie geponeer kan word. Die generiese model van die uitgeesisteem word diagrammaties voorgestel in Figuur 1.

Daar is gepoog om die dinamiese aard van die uitgeesisteem (die verbande tussen verskeie institusies en rolspelers wat deurlopend aan die verander is) in die grafiese voorstelling van die model te weerspieël, deur van ovale gebruik te maak en dit op los "bane" (amper soos 'n voorstelling van die sterrestelsel) te plaas. Die stippellyn bane dui op die verbande tussen boekproduksie as institusie in die kern van die uitgeesisteem, die institusionele kontekste en die breër maatskaplike kontekste. Die stippellyne in plaas van vaste lyne dui die oop, polisistemiese aard van die verbande aan. Die interaksie tussen institusies en kontekste word verder uitgebeeld deurdat die ovale gedeeltelik met mekaar oorvleuel.



Figuur 1: Generiese model van die uitgesisteesem

2.8.1 Boekproduksie as institusie – die kern van die uitgesisteem

In die rekonstruksie van die uitgesisteem word vertrek vanuit die oortuiging dat boekproduksie as institusie sentraal staan tot die sisteem. Boekproduksie as konsep omvat die uitgeeproses en die aggremaat van rolspelers (en die funksies wat hulle verrig) wat by die proses van uitgee betrokke is. Dié verskeie rolspelers word van mekaar onderskei op grond van hulle funksies en die posisie wat hulle inneem in terme van die verskeie verbande wat tussen die rolspelers bestaan. Die uitgeeproses behels die opeenvolgende (en soms parallelle) uitvoer van 'n aantal aksies (funksies) waardeur 'n teks en visuele materiaal tot stand kom en dit in 'n bemarkbare produk omskep word wat aan 'n verbruiker gelewer word. Suksesvolle uitvoering van die aksies sorg vir die dinamika van die sisteem en laat die proses voortgaan. Die verskeie rolspelers vorm deur hulle deelname aan die proses (die verrigting van elk se funksie) 'n geheel wat as 'n institusie beskou word. Daar bestaan dus 'n struktuur van onderlinge verhoudings en verbande. Die verskeie rolspelers neem nie slegs aan boekproduksie deel nie, maar ook aan ander prosesse in ander institusies. Die rolspelers kan individue, organisasies, instansies of institusies op hulle eie (of saam met ander rolspelers) in ander prosesse (of sisteme) wees. Die rolspelers word as 'n geheel binne dié institusie beskou op grond van die struktuur waarbinne hulle voorgestel word en die verbande wat tussen hulle bestaan.

In die ponering van boekproduksie as institusie word aangesluit by die metodiek wat gebruik is in 'n navorsingsverslag oor die stand van die Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf wat in opdrag van die destydse Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie (DACST) deur die taakspan van die Cultural Industries Growth Strategies (CIGS) opgestel is (CIGS, 1998 – sien 5.3). Die uitgewerybedryf word in dié verslag as 'n kulturele bedryf beskou en is geanaliseer in terme van die proses wat hom in dié bedryf afspeel. Dit is 'n proses waarvolgens die waarde van kultuurprodukte geskep word. Die proses bestaan uit onderskeibare stappe of fases waartydens waarde tydens elke fase toegevoeg word tot die produk deur die funksie(s) en aktiwiteit(e) wat in die betrokke fase uitgevoer word. Die proses word voorgestel volgens 'n waardekettingmodel waarvan die generiese variant aangepas word vir die spesifieke subsektor van die bedryf (die uitgee van boeke, koerante, tydskrifte of elektroniese publikasies) wat onder die soeklig kom (CIGS, 1998:9). Die

waardeketting bestaan uit ekonomiese aktiwiteite wat die generering, produksie, sirkulasie / verspreiding, aflewering, verbruik en terugvoer van inligtingsgebaseerde produkte fasiliteer (CIGS, 1998:12). Sien CIGS (1998:42) vir 'n diagrammatiese voorstelling van die boekuitgeewaardeketting en PICC (2004:35) vir 'n moderner weergawe van die waardeketting van die groter drukbedryfssektor. Die waardeketting-model is oorspronklik gekonseptualiseer deur Michael Porter in 1985, maar dit is daarna uitgebrei en aangepas en intussen toegepas op die analise van verskillende bedrywe waaronder ook die uitgewerybedryf. Dit word veral in die bestuurswetenskappe gebruik vir 'n analise van die verskillende aktiwiteite in 'n onderneming waardeur waarde en 'n kompeterende voordeel gegenereer word (Value Based Management, 2004).

Die CIGS-verslag (1998:9) dui aan dat die waarde van hierdie metodologie daarin lê dat die navorsingsfokus nie op geïsoleerde elemente (soos byvoorbeeld slegs die verkoop van boeke of die druk van boeke) val nie, maar op die geïntegreerde proses waarin afsonderlike elemente binne die groter geheel beskou word en die verbande tussen die elemente geanaliseer word. Die waardekettingmodel kan derhalwe as 'n polissistiem beskou word. Dit word aangewend om die ontwikkeling van die sektor waarop dit fokus, as geheel na te vors. Die dinamiek van die waardeketting word gedryf deur die toevoeging van waarde tydens elke skakel ten einde 'n idee of konsep in 'n manuskrip te ontwikkel, dit tot produk te omvorm wat in 'n mark se behoeftes sal voorsien, dit aan dié mark te versprei en af te lewer sodat dit verbruik kan word en terugvoering te gee (wat na aanleiding van die verbruik ontstaan en as impuls vir die generering van nuwe idees en konsepte dien). Die “ekonomiese aktiwiteite” wat hierdie proses vorm, is aktiwiteite wat sowel gerig is op kommersiële gewin (die uiteindelijke verkoop van die boek en die maak van wins), as op aktiwiteite wat nie op wins gerig is nie (byvoorbeeld in die geval van uitgewerye wat net poog om gelyk te breek en hulle rol as nie-kommersiële skakel tussen 'n skrywer en sy publiek beskou) maar steeds 'n ekonomiese impak het (CIGS, 1998:13).

Evans & Seeber (2000:9-10) dui aan dat dit algemene gebruik geraak het om die interaksie tussen skrywers, bibliotekarisse, uitgewers, onderwysers, boekhandelaars en boekverbruikers as behorende tot 'n ketting voor te stel; en dat die analogie van 'n ketting nuttig is deurdat dit voorsiening maak vir kompleksiteit, die veelvuldige

funksies van boeke beklemtoon en die interafhanklikheid van die verskeie skakels in die ketting weerspieël. Hulle lewer egter ook kritiek op die voorstelling van die boeksektor in sy geheel deur ’n ketting:

However, the analogy, while it acknowledges the central role of social dynamics, itself stops short of being a full description of the social forces at play in the production, dissemination and reception of books and the literary habits associated with books. An examination of the book chain as a model does not offer a perspective on how government should interact with the private sector over industry tariffs, for example [...] (Evans & Seeber, 2000:9-10).

Evans & Seeber verkies die konsep “boeksektor” bo “boekketting” en dui die definisie daarvan as volg aan: “This sector is conceived by rough analogy with orthodox industrial sectors, but is broader than these; it refers to the activities of numerous stakeholders participating in the economic, social and the cultural activities defined by their industry”. Die navorser gaan akkoord met Evans & Seeber se kritiek op ’n beskouing van die uitgewerybedryf of boeksektor in sy geheel as bloot die boekuitgeewaardeketting en daarom word boekproduksie as institusie by die rekonstruksie van die uitgeesistiem binne die breër institusionele en maatskaplike konteks ingebed.

2.8.2 Boekproduksie ingebed binne die breër institusionele en maatskaplike konteks

Boekproduksie as institusie kan nie in isolasie staan nie, maar is verbind met ander institusies waarmee dit in interaksie is en waardeur dit beïnvloed word, soos die media-, kultuur-, literatuur-, onderwys- en biblioteeksubsteme. Daarbenewens vorm boekproduksie ook deel van die breër maatskaplike konteks waarbinne dit funksioneer. Dié konteks kan beskou word as ’n abstrakte geheel van die totale samelewing waarbinne wyd uiteenlopende sisteme voorkom en wat deur oorkoepelende sisteme gereguleer word, soos die politieke, ekonomiese en tegnologiese sisteme van die samelewing.

Deur boekproduksie binne die breër maatskaplike konteks te posisioneer is dit moontlik om 'n geheelbeeld te kry van al die entiteite wat met mekaar verbind is en direk of indirek by die uitgee van boeke betrokke is. Hierdie beskouing bring die rekonstruksie van die uitgeesisteem in die kader van sisteemteorie. Omdat soveel kontekstuele entiteite betrek word en die uitgeesisteem nie begrens word deur definitiewe en permanente grense nie, word dit as polisisteem beskou en spesifiek as mega-polisisteem beskou omdat meer as een sisteem daarbinne onderskei word: boekproduksie as institusie vorm op sigself 'n polisisteem, net so vorm byvoorbeeld die onderwys- en kultuursubsteme waarmee dit verbind is ook polisisteme op hulle eie wat op hulle beurt weer met breër kontekste soos die politiek, ekonomie of tegnologie verbind is en wat self ook polisisteme vorm.

Daar word gekies om nie slegs die institusie van boekproduksie op sigself as uitgeesisteem te beskou nie, maar ook die wyer konteks en ko-sisteme by die rekonstruksie van die uitgeesisteem in te sluit. Hierdeur word dit ook moontlik om die model van die uitgeesisteem bruikbaar te maak deur dit aan te pas en te omvorm vir spesifieke toepassings op verskillende soorte boekproduksie en verskillende periodes. Die invloed van verandering word in die model verreken en spesifieke verskuiwings wat in enige van die substeme of kontekste plaasvind, kan aangedui word in terme van die invloed op en verband met die spesifieke soort boekproduksie. Die model kan gebruik word om veranderings oor langer periodes en historiese ontwikkeling te beskryf (dus 'n diachroniese snit van die uitgeesisteem) of om spesifieke veranderinge oor 'n korter of spesifieke historiese tydvak te kan beskryf ('n sinchroniese snit).

Sisteemteorie is in hierdie hoofstuk betrek vir die rekonstruksie van 'n generiese model van die uitgeesisteem. In die volgende hoofstuk word die generiese model aangepas, ingevul en toegepas om 'n diachroniese snit van die uitgeesisteem van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 voor te stel. Die toegepaste model word dan gebruik vir 'n sisteembeskrywing van transformasieverskuiwings wat die uitgee van Afrikaanse fiksiepublikasies gedurende dié periode beïnvloed het. Die toegepaste model is eweneens op sisteemteorie gegrond. Die struktuur en inhoud van die generiese model van die uitgeesisteem word nie hier verder bespreek nie omdat dit grootskaalse herhaling tot gevolg sou hê. In die benutting van die toegepaste model vir die sisteembeskrywing van die uitgee van Afrikaanse fiksie word die struktuur,

inhoud, werking en die verbande tussen rolspelers en institusies en die funksies wat hulle verrig (wat eweneens op 'n generiese uitgesisteem van toepassing gemaak kan word) duidelik aangedui. Daar sal nie in die verloop van die studie gepoog word om die model van die uitgesisteem op teoretiese vlak te “bewys” nie omdat die bruikbaarheid daarvan vir die doel van hierdie ondersoek hipoteties aanvaar word. Die model is reeds deur die aanbieding van referate by beide plaaslike en internasionale kongresse en deur publikasie in 'n internasionale vaktydskrif getoets (Venter & Galloway, 2002; Galloway & Venter, 2004, 2005a en 2005b; Galloway, 2004b) waar dit as 'n bruikbare bydrae tot beide die teorie en praktyk beskou is. Soos aan die begin van die hoofstuk genoem, is die hooffokus van dié ondersoek nie teorievorming of 'n volledige sisteembeskrywing nie, maar 'n empiriese bydrae tot die kartering van die materiële produksie van Afrikaanse fiksie op kwalitatiewe en kwantitatiewe wyse. In hierdie opsig word aangesluit by die pleidooi wat Van Rees (1997:91-101) rig vir 'n empiriese benadering waar modelle nie getoets word na aanleiding van abstrakte konstruksies van verbande tussen entiteite in die betrokke model nie, maar na aanleiding van verbande wat na die oppervlak kom deur die insameling en verwerking van empiriese data. Die verband tussen die sisteembeskrywing en die bevindinge van die statisties-empiriese komponent van die ondersoek (sien Hoofstuk 6) word wel deurlopend eksemplaries geïllustreer en verder deur middel van kruisverwysings aangedui.

Hoofstuk 3

Die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 – 'n sisteembeskrywing van transformasieverskuiwings

3.1 Inleiding

Teen die agtergrond van die teoretiese vertrekpunte en die rekonstruksie van 'n generiese model van die uitgesisteem in die vorige hoofstuk, val die fokus in hierdie hoofstuk op die rekonstruksie van spesifiek die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie. Die voorgestelde generiese model word aangepas en ingevul om 'n diachroniese snit van die sisteem voor te stel waarbinne Afrikaanse fiksie uitgegee is, gedurende 1990-2005. Die talle transformasieverskuiwings wat dié sisteem gedurende hierdie periode ondergaan het, word aangedui en die impak daarvan op die uitgee van hierdie produksiekategorie word beskryf. Hierdie beskrywing het oorkoepelend ten doel om die landskap waarbinne die produksie van Afrikaanse fiksie plaasvind, te kontekstualiseer. Dit dien ook as kontekstualisering vir die res van die ondersoek waarin die produksie van Afrikaanse fiksie statisties-empiries nagevors word om uiteindelik produksiepatrone aan te dui (sien Hoofstukke 5 en 6).

Dit moet reeds duidelik aan die begin van hierdie hoofstuk gestel word dat dit buite die bestek van hierdie studie val om 'n volledige kartering van alle transformasieverskuiwings en die impak daarvan aan die hand van die sisteemmodel te doen. Só 'n onderneming is té omvattend vir 'n enkele studie en sal slegs binne 'n omvattende navorsingsprogram kan realiseer (sien 7.3). 'n Benadering word gevolg waar die belangrikste transformasieverskuiwings en die impak daarvan eksemplaries aangetoon word. Gelyktydig word die sistemiese werking tussen rolspelers en institusies en die funksies wat deur hulle verrig word, aangetoon. Aspekte wat deur verdere ondersoek nagevors behoort te word, word by die relevante afdelings aangedui.


Hierdie hoofstuk word in drie hoofafdelings verdeel. Ten eerste word boekproduksie as institusie geponeer en die onderskeie fases van die uitgeeproses of uitgewaardeketting word bespreek. Daarna verskuif die fokus na die institusionele konteks van die

uitgeesisteesem en word die volgende institusionele sisteme, waarmee boekproduksie in interaksie verkeer, naamlik die media-, kultuur-, literatuur-, onderwys- en biblioteeksub sisteme onder die loep geneem. In die laaste afdeling word aandag gegee aan die breër maatskaplike konteks waarbinne die uitgeesisteesem ingebed is deur die politieke, ekonomiese en tegnologiese kontekste te bespreek.

Die navorsingsmetodiek wat vir hierdie hoofstuk gevolg is, steun op empiriese-kwalitatiewe navorsing in die vorm van 'n breë literatuurstudie. Bestaande bronne uit die literatuur, dus sekondêre data, is hiervoor gebruik. In enkele gevalle is gesteun op primêre kwalitatiewe data wat afkomstig is uit gesprekke wat die navorser met rolspelers in die bedryf gevoer het. Waar die direkte impak van transformasieverskuiwings op die produksie van Afrikaanse fiksie uit sekondêre literatuurbronne – dus sonder omvattende empiriese navorsing – aantoonbaar is, word die impak aangedui. Op ander plekke word gewys op die nodigheid vir diepgaande empiriese navorsing en word die impak van transformasieverskuiwings op 'n meer generiese wyse bespreek deur dit van toepassing te maak op die breër Suid-Afrikaanse boekproduksielandskap, waarby die indirekte impak op die produksie van Afrikaanse fiksie geïmpliseer word. As gevolg van die sistemiese aard van die ondersoek was dit nie altyd moontlik om spesifieke aspekte of verskuiwings deurlopend op slegs een plek te hanteer nie. In 'n poging om te veel herhaling te voorkom, word daar dikwels gebruik gemaak van kruisverwysings om verbande aan te toon. Dit is noodsaaklik dat die leser hierdie kruisverwysings, waardeur die intersistemiese verbande van die uitgeesisteesem verder aangedui word, volg.

Die sisteembeskrywing fokus hoofsaaklik op die periode 1990-2005. Soms is dit wel nodig om ter wille van kontekstualisering historiese gegewens vóór 1990 te betrek. Die sisteembeskrywing is aan die begin van 2006 finaal afgerond en daarom is relevante gebeure ná 2005 in sommige gevalle wel genoem vir volledigheid, alhoewel die klem op 'n diachroniese snit van spesifiek die periode 1990-2005 val.

Die toegepaste variant van die sisteemmodel naamlik die uitgeesisteesem van Afrikaanse fiksie 1990-2005, word diagrammaties voorgestel in Figuur 2.



3.2 Boekproduksie as institusie: die kern van die uitgesisteem

In hierdie afdeling word boekproduksie as institusie bespreek deur die verskeie rolspelers en die funksies wat deur hulle verrig word tydens elkeen van die verskillende fases van die uitgewaardeketting of uitgeeproses aan te dui. Omdat die uitgeeproses min of meer generies vir die uitgee van verskillende boekpublikasies is, word daar nie gepoog om die bespreking spesifiek op die produksie van Afrikaanse fiksie van toepassing te maak nie. Deur die impak van die verskeie transformasie-verskuiwings wat in 3.3 en 3.4 beskryf word en wat met kruisverwysings terugverwys na die fases van boekproduksie, blyk die toepassing op die produksie van Afrikaanse fiksie wel duidelik.

3.2.1 Genereringsfase

Die genereringsfase is die eerste fase of aanvangsfase van die uitgeeproses. Die twee hoofrolspelers wat in hierdie fase onderskei kan word, is outeurs en uitgewers. Outeurs kan óf slegs by een uitgewery al hulle publikasies uitgee en dus deel vorm van die stal van daardie uitgewery, óf hulle kan by meer as een uitgewery uitgee. Uitgewers (ook werwingsredakteurs genoem) is gewoonlik aan 'n spesifieke uitgewery verbonde, alhoewel sommige uitgewers as vryskutwerkers optree en redaksionele take vir meer as een uitgewery verrig. Die hoofaktiwiteit van die fase is die omskakeling van idees, konsepte, kennis en kreatiwiteit in 'n tasbare manuskrip (CIGS, 1998:42).

Die manuskrip kan tydens die genereringsfase volgens twee verskillende prosesse tot stand kom: (i) die outeur skakel onafhanklik sy idees in 'n tasbare manuskrip om wat hy in 'n voltooide vorm aan die uitgewer voorlê (of in konseptuele vorm as manuskripvoorstel); óf (ii) die uitgewer ontwikkel 'n idee na gelang van 'n behoefte in die mark en werf dan 'n outeur wat die idee op versoek van die uitgewery in 'n manuskrip omvorm. Hierdie manuskripontwikkeling vind plaas tydens 'n proses van samestelling en werwing waarby beide die uitgewer en outeur betrokke is. Eersgenoemde proses van generering word beskryf as voorgelegde- of ongewerfde manuskripte en laasgenoemde proses as gewerfde manuskripte (Davies, 1996: 16, 18-

19). In die geval van fiksieproduksie kom manuskripte grotendeels volgens die eersgenoemde proses tot stand (behalwe in die geval van fiksiepublikasies wat spesiaal vir die opvoedkundige mark saamgestel word (byvoorbeeld bloemlesings) – sien 3.3.4.3). Die voltooide manuskrip sluit die teks asook alle grafiese materiaal (tabelle, diagramme, foto's en illustrasies) in. Hierdeur word rolspelers soos fotografe, illustreerders en grafiese kunstenaars ook by die genereringsfase ingesluit (sien 3.2.2.2). Die manuskrip word geproduseer met die doel dat dit verbruik word en daarom behoort dit aan die behoeftes van die bepaalde teikenmark te voorsien. Beide ongewerfde- en gewerfde manuskripte word aan 'n markbehoefte getoets en die besluit om dit uit te gee word geneem op grond van dié behoefte en die uitgewery se redaksionele beleid.

Die neem van die uitgeebesluit is een van die kernfunksies van die uitgewer en omdat dié beslissing op marknavorsing gebaseer word, bestaan daar 'n direkte verband tussen die genereringsfase en die uiteindelijke verbruiksfase van die proses. Tydens marknavorsing word die potensiële markgrootte van die teikenmark bepaal. Die markgrootte bepaal die grootte van die drukoplaag wat 'n direkte invloed op die prys van die boek het. Die ekonomiese beginsel van drukwerk bepaal dat hoe groter die opplaag is, hoe laer is die eenheidskoste (die vervaardigingskoste per eksemplaar) en hoe laer die prys per eksemplaar. Die uitgewer onderneem marknavorsing om te bepaal of die teikenmark groot genoeg is sodat 'n ekonomiese drukoplaag van die publikasie gedruk kan word sodat dit teen 'n bekostigbare prys aan die mark aangebied kan word. Wanneer die teikenmark klein is ('n beperkte nismark), is slegs 'n klein drukoplaag moontlik en is die eenheidskoste sowel as die uiteindelijke prys hoog. Gevolglik kan die publikasie blyk om nie ekonomies lewensvatbaar te wees nie en kan dit dalk nie uitgegee word nie. Die uitgewer doen dus 'n kosteberekening wat slegs één van die oorwegings is in die neem van 'n uitgeebeslissing (Davies, 1996:37-41).

As gevolg van die feit dat die neem van uitgeebesluite een van die uitgewer se kernfunksies is, word die uitgewer as hekwagter beskou wat die manuskrip tot die res van die uitgeeproses deurlaat of afkeur. Die rol van die uitgewer as hekwagter word dikwels in die praktyk negatief ervaar en uitgewers word voorgestel as “uitbuiters” en “kommersiële vrate”. In die literatuurwetenskap is daar lank op hoofsaaklik die

hekwagtersrol van uitgewers gefokus en is hulle bloot as skakel tussen die skrywer en leser(s) beskou. Waar die uitgewer se aktiewe bydrae tot die totstandkoming van die inhoud van die boek in die verlede grotendeels geïgnoreer is, word dit vandag al hoe meer erken en ondersoek. Die uitgeebesluit word egter nie bloot slegs op grond van ekonomiese lewensvatbaarheid geneem nie en daarom is die beeld van uitgewers as “geldwolwe” oordrewe en onregverdig. Dikwels word die sosiale, kulturele of literêre bydrae van ’n manuskrip ook in ag geneem en beïnvloed dit ook die uitgeebesluit. Sulke oorwegings maak dit moontlik dat ’n nismarkpublikasie wat nie ekonomies lewensvatbaar is nie, wel uitgegee word vir die bydrae wat dit maak. Binne uitgewerye word minder winsgewende publikasies gedeeltelik gefinansier of gesubsidieer deur meer winsgewende publikasies. Dié praktyk staan as kruis-subsidiëring bekend (CIGS, 1998:44). Dit is dus duidelik dat kontekste buite die kern van die uitgeesisteem, soos die kulturele, literêre, ekonomiese en politieke kontekste, die genereringsfase beïnvloed.

Die uitgeebesluit word nie deur die uitgewer of redakteur alleen geneem nie, maar deur ’n proses van evaluering wat beide binne en buite die uitgewery afspeel. Binne die uitgewery word die voltooide manuskrip deur die redakteur of uitgewer nagegaan en gemeet aan finansiële en literêre of vakkundige oorwegings. Sover dit finansiële oorwegings betref, speel markbehoefte, marknavorsing, markgrootte en kosteberekenings ’n rol. Die uitgewer skakel met rolspelers soos mederedakteurs, die produksiebestuurder (veral oor tegniese aspekte soos byvoorbeeld die koste-implikasies van die gebruik van illustrasies of kleur), die bemarkingspersoneel van die uitgewery, boekaankopers van boekwinkels, boekklubs, biblioteke en onderwysdepartemente, wat die mark ken en ’n aanduiding van die lewensvatbaarheid van die publikasie kan gee (Davies, 1996:29). Buite die uitgewery word kundiges gevra om as eksterne evalueerders of keurders op te tree en ’n aanduiding van die literêre of vakkundige kwaliteit van die manuskrip te gee (en dikwels ook om voorstelle vir die verbetering van die manuskrip te maak). Hierdie kundiges is spesialiste in die betrokke vakgebied, soos byvoorbeeld onderwyskundiges in die geval van skoolhandboeke, akademici in die geval van tersiêre handboeke of letterkundiges in die geval van fiksietitels. Die keurders skryf ’n keurverslag wat medebepalend in die uitgeebeslissing is (Davies, 1996:27-29). Daar bestaan dus onderlinge verbande tussen (i) rolspelers in die bemarkings-, verspreidings- en afleweringse fase in die kern van die

uitgeesisteesem; (ii) rolspelers in die literêre of vakkundige, die biblioteek en onderwyssubstiesime of institusies buite die kern van die uitgeesisteesem; en (iii) die uitgewer in die genereringsfase in die kern van die uitgeesisteesem. Dié verbande betrek die verskillende rolspelers se bydrae deur die waardetoevoeging tot 'n bemerkbare produk wat uiteindelik die sukses van die finale produk en die plek daarvan in die mark sal verseker.

Buiten die genoemde uiteenlopende kontekste wat die uitgeebeslissing beïnvloed, speel die redaksionele beleid 'n belangrike rol in dié beslissing asook in die algemene funksionering van die uitgewery. Die redaksionele beleid bestaan uit die volgende drie komponente:

3.2.1.1 Uitgeefilosofie

Dit uitgeefilosofie kan beskou word as die basiese motivering van die uitgewery in die vervulling van sy funksie (om publikasies uit te gee en by te dra tot boekproduksie). Die bestaansrede van die uitgewery is ten nouste verbind met die uitgeefilosofie deurdat die doelwitte van die uitgewery daarin vervat is. Die uitgeefilosofie is gebaseer op die ekonomiese en sosiale doelwitte van die uitgewery en hierdie doelwitte bepaal die volgende: (i) die uitgewery se area van spesialisasie (die uitgee van spesifieke soorte publikasies); (ii) die teikenmark waarop die uitgewery sy publikasies rig; (iii) die verspreidings- en afleweringprosedures wat deur die uitgewery gebruik word; en (iv) die prosedures vir onderhandelinge en skakeling met outeurs (UNESCO / BHTC, 1990: 25-26).

Die dinamika van die uitgewery is voortdurende produksie en dít word ook deur die uitgeefilosofie bepaal. Ekonomiese doelstellings betrek die finansiële voortbestaan van die uitgewery: die winsmotief wat die uitgewery in staat sal stel om die produksie-aktiwiteit voort te sit en die markaandeel uit te brei. Sosiale doelstellings verwys na die uitgewery se breër verantwoordelikheid tot die sosiale en kulturele opbou en ontwikkeling van 'n land en spesifiek dié gedeelte van die bevolking wat deur die produkte van die uitgewery bereik word. Dit kan byvoorbeeld die maak van 'n bydrae tot die opheffing van ongeletterdheid, die voorsiening van

inligtingsprodukte aan 'n breër spektrum van die multitalige en multikulturele samelewing of die uitbouing van 'n letterkunde wees. Die ekonomiese en sosiale doelwitte van die uitgeefilosofie kan nie los van mekaar bestaan nie en beïnvloed mekaar wedersyds. Uitgewerye word dikwels van mekaar onderskei juis op grond van die aandag wat hulle oorwegend aan een van die twee doelstellings gee. Dit is meer juis om die twee doelstellings eerder op 'n kontinuum te beskou waar uitgewerye streef na 'n balans tussen die doelstellings.

In terme van Bourdieu se veldteorie, kan die ekonomiese doelwitte beskou word as dié faktore wat die materiële produksie rig, terwyl die sosiale doelwitte lei tot vorme van simboliese produksie (die beeld wat oor die uitgewery, sy aansien en sy produkte gevorm word). Die ekonomiese en sosiale doelstelling van die uitgewery beïnvloed nie slegs die uitgeefilosofie nie, maar ook die ander komponente van die redaksionele beleid naamlik die ontwikkeling van die publikasielys en die huisstyl.

Die uitgeefilosofie van spesifieke uitgewerye van (ook) Afrikaanse fiksie word in Hoofstuk 4 aangespreek.

3.2.1.2 Publikasielys

Elke uitgewery spesialiseer in sekere soorte publikasies of produksiekategorieë en daarvolgens word die fokusarea van spesialisasie van die uitgewery bepaal. Wanneer 'n nuwe uitgewery ontstaan, word die een publikasie na die ander uitgegee na aanleiding van dié fokus en mettertyd word 'n lys van gepubliseerde titels opgebou wat die publikasielys genoem word. Die fokus van die publikasielys kan verdeel word in breë en beperkte kategorieë. Die breedste kategorieë kan herlei word na die drie verskillende sektore van die Suid-Afrikaanse boekuitgewerybedryf: (i) die algemene of handelsektor wat fiksie en nie-fiksie insluit; (ii) die opvoedkundige sektor wat skoolhandboeke vir primêre en sekondêre onderwys produseer; en (iii) die akademiese sektor wat tersiêre onderrigmateriaal produseer. Binne die algemene sektor word die breë kategorieë fiksie en nie-fiksie onderskei. Fiksie kan verder verdeel word in beperkte kategorieë van fiksie soos byvoorbeeld liefdesromans, literêre romans, kortverhaalbundels, digbundels, dramatekste en geïllustreerde

kinderboeke of jeugromans. Nie-fiksie kan verder verdeel word in byvoorbeeld leefstylboeke (kookkuns, tuinmaak, versiering en stokperdjies), gidse (doen-dit-self, tegnologie), ryk geïllustreerde nie-fiksie (kunsboeke, reis en toerisme), professionele naslaanwerke (woordeboeke) en biografieë (historiese figure, glanspersoonlikhede) (UNESCO / BHTC, 1990:26 en Davies, 1996:123-128).

Die dinamika van die uitgewery word gereguleer deur die opbou en ontwikkeling van die publikasielys en die hoof funksie van die uitgewer is om die lys te bestuur en uit te bou. Uitgewerye streef daarna om voortdurend nuwe publikasies in hulle fokusarea uit te gee en só hulle publikasielys uit te brei. Daar word onderskei tussen twee soorte publikasielyste: die publikasielys van nuwe titels wat bestaan uit titels wat vir die eerste keer deur die uitgewery uitgegee word (of binnekort gaan verskyn); en die publikasielys van bestaande titels wat reeds uitgegee is, maar as gevolg van aanvraag herdrukke en heruitgawes beleef (staatmakertitels wat in druk bly). Dié twee publikasielyste vorm gesamentlik die totale publikasielys van die uitgewery. Die winsgrens op herdrukke is groter as vir eerste oplaag omdat gedeeltes van die oorspronklike vervaardigingskoste (koste verbonde aan generering) wegval (Davies, 1996:134). Uitgewerye poog dus om publikasies uit te gee wat hopelik meer as een drukoplaag sal beleef en later deel sal uitmaak van die staatmakertitellys.

Daar bestaan 'n direkte verband tussen die markgrootte, die grootte van die drukoplaag en die moontlikheid dat die publikasie meer as een druk sal beleef. In die praktyk word onderskei tussen uitgewerye op grond van die leeftyd van die publikasies wat deur hulle uitgegee word: uitgewerye waar die publikasielys hoofsaaklik uit nuwe titels bestaan wat dadelik uit druk gaan sodra die bestaande oplaag uitverkoop is – sogenaamde nuwetitellys-gedrewe (“frontlist-driven”) uitgewerye; teenoor uitgewerye waar die publikasielys ook staatmakertitels bevat wat langer in druk bly en herdrukke beleef – sogenaamde staatmakertitellys-gedrewe (“backlist-driven”) uitgewerye (Davies, 1996:117).

3.2.1.3 Huisstyl

Die redaksionele versorging en grafiese ontwerp van die publikasies van ’n uitgewery (wat die tekstuele inhoud en die visuele voorkoms betref) vind plaas aan die hand van die riglyne van die huisstyl van die betrokke uitgewery (UNESCO / BHTC, 1990:27). “Styl” verwys hier nie na literêre skryfstyl nie, maar na die meer tegniese aspekte van beide die teks sowel as die visuele voorkoms wat deur die uitgewery verkies word.

Die hoofdoel van die huisstyl is om deurlopendheid in die publikasies van die spesifieke uitgewery te bewerkstellig (Van Rooyen, 1996:173). Die huisstyl word soms na ’n tyd met die spesifieke uitgewery geassosieer en dit maak dan deel uit van die uitgewery se identiteit: dit word ’n vergestaltung van die handelsmerk of visuele “branding” van die uitgewery. Elemente van die huisstyl word in ’n stel riglyne vervat wat aan die outeur en ander rolspelers wat by die redaksionele versorging van die publikasie betrokke is, voorsien word en deur hulle gevolg word.

Die huisstyl word opgebou uit die volgende riglyne (Butcher, 1996:120-166; Van Rooyen, 1996:174-181): (i) die organisasie van materiaal in die publikasie wat die volgorde van dele (byvoorbeeld die titelbladsy, voorwoord, inhoudsopgawe, lys van grafieke en tabelle, notas, bibliografieë en indekse) en die posisie van elemente (byvoorbeeld bladsynommers, tabelle, grafieke, opskrifte, voetnotas en eindnotas) behels; (ii) riglyne oor konsekwentheid met betrekking tot taal en styl (byvoorbeeld die los- en aanmeekaarskryf van woorde, hoofletters, eiename, die hantering van opskrifte, afkortings, kruisverwysings, skryfvorme vir datums en tyd, mates en geldeenhede, nommering, leestekens, verskillende spelvorme, kursivering en verwysingstegnieke); (iii) riglyne oor die hantering van regs- en etiese aspekte (byvoorbeeld vooroordele, laster, veiligheid en outeursreg); en (iv) riglyne oor visuele elemente (tipografie, beeldmateriaal, uitleg en die gebruik van kleur). Sommige uitgewerye dring aan op die absolute noukeurige uitvoering van hulle huisstyl en stel dit as voorwaarde vir die aanvaarding van manuskripte (dit beïnvloed dus die uitgeebeslissing), terwyl ander uitgewerye meer buigsaam oor die huisstyl is en dit slegs as breë riglyn vir die redaksionele hantering van manuskripte stel (Davies, 1996:83; Van Rooyen, 1996:173).

Met die redaksionele beleid as basis en na aanleiding van keurverslae en markondersoeke (oor markbehoefte, kompeterende titels en beskikbare verkoopstatistiek), word uitgeebeslissinge (ook genoem beleggingsbesluite) deur die uitgewer geneem. Indien die manuskrip goedgekeur word, word dit tot die res van die uitgeeproses toegelaat. Die uitgewer sluit 'n kontrak met die outeur waarin uitsluitel gegee word oor aspekte soos byvoorbeeld die verdienste van die outeur (tantieme of 'n eenmalige betaling), vertaalregte en filmregte (Davies, 1996:45-48). Die uitgewer stel 'n produksieskedule op waarvolgens sperdatums vir die verskeie stadia in die uitgeeproses gespesifiseer word. Die produksieskedule word aan alle relevante rolspelers gekommunikeer en ekstra tyd word ingebou as 'n maatreël om moontlike glipping (die oorskryding van sperdatums wat ernstige negatiewe implikasies vir die uiteindelijke voltooiing van die finale produk inhou) te bestuur (Davies, 1996:62-63, 68-70, 72-73). Die uitgewer of werwingsredakteur tree as projekbestuurder van die totale uitgeeproses op en neem verantwoordelikheid vir die sukses van die finale produk. Die manuskrip beweeg hierna na die volgende fase in die waardeketting, naamlik die produksiefase.

Indien die manuskrip afgekeur word, word dit nie toegelaat tot die res van die formele uitgeeproses nie en staan dit die outeur vry om die manuskrip deur 'n ander uitgewery te laat beoordeel of die manuskrip self uit te gee. Die opsie van self-uitgee betrek soortgelyke fases as die formele uitgeeproses deur 'n uitgewery, maar sonder die voordeel van 'n uitgewer wat die uitgeeproses professioneel bestuur en gevolglik waarde tot die publikasie toevoeg. Omdat verskeie rolspelers in die res van die proses (byvoorbeeld grafiese ontwerpers, verspreidingsagente en pakhuise) nie aan spesifieke uitgewerye verbonde is nie, maar as vryskutwerkers funksioneer, is die professionele dienste wat hulle lewer toenemend binne die bereik van outeurs wat self hulle publikasies uitgee (vergelyk die verband met die tegnologiese konteks – sien 3.4.3). Ongelukkig maak die meerderheid publikasies wat self-uitgegee word nie van hierdie professionele dienste gebruik nie en boet dit in aan kwaliteit en bemarkingsgeleentehede.

Vir die toepassing van die genereringsfase op die produksie van Afrikaanse fiksie, word daar in hierdie ondersoek verwys na spesifieke profiele: die outeursprofiel word as deel van die literatuursubstelsiem bespreek (sien 3.3.3.2); die uitgeweryprofiel word

in terme van die beskikbare produsente van Afrikaanse fiksie (sien Hoofstuk 4) en statisties-empiries in terme van die produksiebydrae van verskeie uitgewerye bespreek (sien Hoofstuk 6); en die konstruksie van 'n produksieprofiel (sien Hoofstuk 6) as instrument vir die beskrywing van transformasie binne die genereringsfase. Aspekte van byvoorbeeld die tegnologiese en ekonomiese kontekste wat betrekking het op die genereringsfase van Afrikaanse fiksie, word op uiteenlopende wyse in die res van hierdie ondersoek aangespreek.

3.2.2 Produksiefase

Die tweede skakel in die uitgeewaardeketting of uitgeeproses is die produksiefase. Die aktiwiteite en funksies wat in hierdie fase uitgevoer word, kan omskryf word as al dié aktiwiteite waardeur die voltooidde manuskrip omvorm word tot 'n materiële produk (die gedrukte boek). Hierdie aktiwiteite word deur 'n verskeidenheid rolspelers uitgevoer wat onder andere die volgende insluit: die werwingsredakteur, taal- en tegniese redigeerder, produksiebestuurder, grafiese ontwerper, DTP spesialis, reproduksie spesialis en operateurs van drukperse en bindmasjiene. Omdat die werwingsredakteur as projektebestuurder die hele uitgeeproses bestuur en daarvoor toesig hou, is hy ook verantwoordelik vir die suksesvolle uitvoering van die aksies deur rolspelers in die produksiefase ten einde te verseker dat waarde tydens elke stadium toegevoeg word en dat die eindproduk van die gewenste kwaliteit is. Die volgende drie stadia kan in die produksiefase onderskei word:

3.2.2.1 Redaksionele versorging (redigering)

Die werwingsredakteur gee opdrag aan die taal- of tegniese redigeerder om die voltooidde manuskrip te redigeer. Butcher (1996:1) onderskei drie vlakke van redigering. Met substantiewe redigering word die manuskrip nagegaan in terme van die lengte, omvang, organisasie, struktuur, vlak van die inhoud en regs- en etiese aspekte. Voorstelle vir die verbetering en herskryf van gedeeltes en organisasie van komponente word gemaak en die klem val op die oorkoepelende indruk van die manuskrip. Tydens gedetailleerde redigering word elke teksgedeelte nagegaan om seker te maak dat dit sin maak. Daar word nagegaan of die betekenis van die teks

duidelik is, of enige gapings of teenstrydighede voorkom, of woordkeuses korrek is, asook die gebruik van afkortings en leestekens, of relevante teksgedeeltes ooreenstem met tabelle, diagramme en illustrasies, of aanhalings voorkom waarvoor outeursregklaring aangevra moet word en of aandag aan enige verdere regs- of etiese aspekte gegee moet word. Redigering vir deurlopendheid waartydens elemente nagegaan word soos byvoorbeeld die gebruik van enkele of dubbele aanhalingstekens, verskillende spelvorme, nommering van illustrasies, tabelle en notas, die gebruik van kruisverwysings en bibliografiese verwysings. Die eerste vlak van redigering word gewoonlik deur die werwingsredakteur self behartig, terwyl die tweede en derde vlak deur 'n taalredigeerder (ook 'n subredakteur genoem) gedoen word.

Die redigering vind na aanleiding van die riglyne van die huisstyl plaas. Die redigeerder van fiksiepublikasies het met die besondere uitdagings verbonde aan die redigering van kreatiewe skryfwerk te kampe, naamlik om die fyn balans te handhaaf tussen die korrigering van taalfoute en die verdringing van die outeur se kreatiewe skryfstyl. Die redigering van kreatiewe skryfwerk is 'n kuns wat slegs met tyd en ondervinding aangeleer word. Die huisstyl behoort dus meer buigsaam toegepas te word by die redigering van fiksie. Dit bly egter steeds die taalredigeerder se plig om die kreatiewe skrywer verleentheid te spaar deur te wys op swak taalgebruik.

Die uitgewery kan óf oor hulle eie taalredigeerders beskik, óf die dienste van vryskutredigeerders inkontrakteer (laasgenoemde geval word toenemend meer algemeen omdat talle redigeerders as vryskutwerkers vir meer as een uitgewery begin werk). Redigering kan óf op die hardekopie gedoen word, óf binne die elektroniese lêer op skerm. Die meeste redigeerders verkies steeds om op hardekopieë te werk en later wysigings na die elektroniese lêer oor te dra. Die hoofdoel van redigering is om struikelblokke tussen die lesers se interpretasie van die teks (dekodering) en die outeur se bedoeling met die inhoud van die teks (enkodering) so ver as moontlik uit die weg te ruim en om foute vroegtydig op te spoor sodat die teks sonder onnodige verstellings deur die stadia van produksie kan gaan – 'n voorbeeld van waardetoevoeging (Butcher, 1996:2).

Taalredigeerders kommunikeer selde direk met outeurs en die werwingsredakteur tree as tussenganger op. Die geredigeerde manuskrip word na die outeur teruggestuur om

alle veranderings goed te keur, die nodige korreksies aan te bring en navrae van die redigeerder te beantwoord. Die redigeerproses en wisseling van die manuskrip tussen die taalredigeerder en die outeur word herhaal totdat die partye op alle veranderings ooreenkom en 'n finale weergawe van die manuskrip ontstaan. Daarna beweeg die manuskrip na die ontwerpstadium.

3.2.2.2 Grafiese ontwerp en proeflees

Die grafiese ontwerpstadium neem 'n aanvang parallel met die redigeerstadium. Terwyl die taalredigeerder besig is met taalversorging, sal die werwingsredakteur reeds met 'n grafiese ontwerper skakel en 'n ontwerpsopdrag aan die ontwerper kommunikeer (grafiese ontwerpers werk toenemend ook as vryskutwerkers buite die uitgewery). Die werwingsredakteur het die beste konseptuele begrip van die manuskrip en daarom is hy in staat om aan die ontwerper te kommunikeer watter soort visuele aanbieding vir die publikasie geskik sal wees. Die ontwerpsopdrag omskryf die tegniese en visuele aspekte van die verlangde ontwerp en word in samewerking met die produksiebestuurder ('n rolspeler binne die uitgewery wat toesig hou oor die tegniese aspekte van produksie) opgestel. Die produksiebestuurder is op hoogte van tegniese moontlikhede en finansiële implikasies en sy insette is nodig sodat maksimale uitsette bereik kan word terwyl daar steeds binne die begroting vir die publikasie gehou word. Na aanleiding van die spesifikasies in die ontwerpsopdrag, ontwerp die ontwerper 'n aantal proefontwerpe van beide die omslag en die binnewerk wat aan die werwingsredakteur voorgelê word. Die proefontwerpe word nagegaan en met die produksiebestuurder en dikwels ook met kollegas in die bemarkingsafdeling bespreek, omdat nuttige insette gegee kan word oor hoe die visuele aanbieding met mededingende titels op die mark vergelyk. Aanpassings word voorgestel en die proses herhaal totdat op 'n finale visuele styl en aanbieding besluit is. (Venter, 2004b; Schlatter, 2005)

Wanneer die finale geredigeerde manuskrip beskikbaar is (en die proses word só bestuur dat dit saamval met die vordering in die ontwerpstadium), word dit na die ontwerper gestuur wat die teks in die ontwerpsagteware intrek en die bladuitleg doen. Die teks word met die relevante visuele materiaal in die uitleg gekombineer. Visuele

materiaal wat nie reeds in elektroniese formaat beskikbaar is nie, word teen lae resoluksie geskandeer en as plekhouders in die uitleg geïnkorporeer. Bladproewe word uitgedruk en na die werwingsredakteur gestuur wat die proefleesstadium en die kommunikasie tussen die proefleser en die outeur bestuur. Proeflees is 'n meganiese taak waartydens die geredigeerde manuskrip met die bladproewe vergelyk word en foute wat per ongeluk of tydens die ontwerpstadium ingesluip het, opgespoor word. Die bladproewe word deur die proefleser en die outeur gelees. Omdat dit duur is om veranderings in hierdie stadium aan te bring, word dit tot die minimum beperk. Dit is die laaste kans wat die outeur het om veranderings aan te bring voor hy die proewe afteken. Die veranderings word na die ontwerper gekommunikeer wat dit aanbring en 'n tweede stel bladproewe volg. Die proses herhaal totdat alle foute en veranderings reggestel is en die manuskrip behoorlik persklaar is (bladproewe word gewoonlik om finansiële redes tot drie stappe beperk). Die ontwerp- en proefstadium sluit beide die binnewerk en omslagontwerp in. Die omslagontwerp word ook deur die outeur goedgekeur. Wanneer die ontwerpstadium gefinaliseer is, word dit in elektroniese formaat gestuur en beweeg dit na die reproduksie-, druk- en afrondingstadium. (Venter, 2004b; Schlatter, 2005)

3.2.2.3 Reproduksie, druk en afronding

Die finale elektroniese ontwerpplêers word na die reproduksiehuis versend wat oor gespesialiseerde tegnologie beskik wat nodig is om die publikasie vir druk voor te berei. Die ontwerpplêers word by die reproduksiehuis op 'n gespesialiseerde rekenaarstelsel oopgemaak en die data word elektronies na 'n rasterbeeld-prosesseerder versend wat die ontwerpplêers in PostScript-formaat omskakel na Bitmap-formaat sodat dit deur 'n beeldsetter gelees kan word. Die beeldsetter produseer films van elke bladsy deur 'n droë foto-ontwikkelingsproses. Die films word deur die reproduksiehuis, die werwingsredakteur, die produksiebestuurder en dikwels ook die ontwerper nagegaan vir kwaliteit, korrektheid en volledigheid. Die reproduksiehuis beskik ook oor gespesialiseerde dromskandeerders wat gebruik word om visuele materiaal teen baie hoë resoluksie te skandeer sodat dit gereproduseer kan word (die lae resoluksieskandering tydens die ontwerpstadium word nou deur hoë resoluksieskandering vervang). Vir 'n volkleurpublikasie verskaf die reproduksiehuis

chromalin kleurproewe (die enigste proewe waardeur kleurkwaliteit noukeurig nagegaan kan word). Sodra die films van elke bladsy van die publikasie gegenerer en nagegaan is, word die bladsye in eenhede (“flats” – al die bladsye wat met een drukplaat gedruk gaan word) georden volgens ’n inslaanplan. Dit is moontlik maar nie wenslik nie om laat korreksies op hierdie stadium aan te bring deur gedeeltes van die film uit te sny en te vervang met ander stukke film. (Venter, 2004b; Schlatter, 2005)

Die films word gebruik om litografiese drukplate met behulp van ’n fotochemiese proses te belig. Drukplate kan ook direk vanaf ’n beeldprosesseerder gemaak word (indien die films uit die proses gesny word – afhangende van die drukmetode en beskikbare tegnologie). Vir enkelkleurdrukwerk word een film en een plaat van elke bladsy van die publikasie gemaak. Volkleurpublikasies word gedruk deur die vier basiese drukkerskleure CMYK (C=Cyan (Blou), M=Magenta (Pienk), Y=Yellow (Geel), K=Swart) waarvoor vier films en vier plate vir elke kleurbladsy gemaak word en wat deur die beeldsetter geskei word. Drukplate word om die rolpers se silinders gebind en meganies geïnk. Daarna word die publikasie in seksies gedruk: verskeie bladsye in ’n spesifieke volgorde aan beide kante van ’n groot vel papier wat later gevou word om chronologies op mekaar te volg. Volkleurdrukwerk word op viersilinderdrukperse gedoen: elke kleurplaat word om ’n aparte silinder gedraai en die kleure word bo-op mekaar gedruk soos die papier deur die rolpers beweeg (die vier drukkerskleure CMYK word deur die menslike oog as volkleur op die gedrukte bladsy waargeneem). Die drukpersoperateur trek deurlopend gedrukte velle (persproewe) vanaf die drukpers om die kwaliteit na te gaan (ontwerpers word soms ook gevra om teenwoordig te wees vir die eerste persproewe, veral in die geval van hoë kwaliteit drukwerk). (Venter, 2004b; Schlatter, 2005)

Die gedrukte velle papier word meganies gevou in seksies. Die seksies word in die korrekte volgorde versamel, op mekaar gestapel en die onnodige rante word afgesny (die ontwerper het reeds die snymerke op die rant van elke bladsy aangedui). Daarna word die seksies aan mekaar vasgebind deur ’n spesifieke bindmetode te implementeer (verskeie bindmetodes soos byvoorbeeld garingstik, krammetjies en gombind is beskikbaar). Die blok van die publikasie (al die seksies wat die binnewerk vorm en reeds aan mekaar vasgebind is) beweeg verder in die proses tot waar die omslag aan die blok vasgeheg word. Verskillende afrondingstegnieke (soos

byvoorbeeld laminering, vernis, gravering, reliëfdruk, foeliedruk en die uitsny van spesifieke vorms) volg ná die bindproses. Die verskillende beskikbare drukmetodes, bindtegnieke en afrondingstegnieke het koste-implikasies wat deur die werwingsredakteur, in samewerking met die produksiebestuurder, oorweeg word tydens die kosteberekening van die publikasie en wanneer die drukkwootrasie by die verteenwoordiger van die drukkery aangevra word. (Venter, 2004b; Schlatter, 2005)

Die gedrukte eksemplare (die eindproduk) word by die drukkery verpak en finale kwaliteitskontrole vind plaas. Daarna word die opplaag na die pakhuis van die uitgewery of groothandelaar versend. Hierdeur word die volgende fase in die waardeketting geaktiveer, naamlik die bemarkings-, verspreidings- en afleweringsefase.

Die produksiefase, veral die ontwerp-, reproduksie-, druk- en afrondingstadium, is besonders tegnies van aard en kan nie hier volledig bespreek word nie. Die bespreking hierbo moet dus as oorsigtelik en generies beskou word en het dit slegs ten doel om 'n aanduiding van die verskeie rolspelers en hulle funksies tydens dié fase te gee. Boonop verander die prosesse in hierdie fase voortdurend as gevolg van tegnologiese ontwikkeling in reproduksie- en druktegnologie. Digitale drukperse maak dit byvoorbeeld moontlik om films en/of plate uit die proses te laat en direk vanaf rekenaarstelsels op papier te druk. Dit is egter slegs koste-effektief vir kleiner drukoplae (wat positiewe implikasies vir nismarkpublikasies en druk-op-aanvraag inhoud) en daarom word die meeste boeke steeds volgens die litografiese drukmetode gedruk (films word toenemend minder gebruik, maar drukplate is steeds nodig). Hierdeur is 'n direkte verband tussen ontwikkelinge in die tegnologiese konteks (sien 3.4.3.3) en die produksiefase van die uitgesisteesem dus duidelik.

In terme van Bourdieu se veldteorie kan die aktiwiteite in die produksiefase beskou word as bydraend tot die materiële produksie waardeur die materiële produk tot stand kom. Omdat dit in hierdie fase primêr oor die produksie van die materiële produk gaan, bestaan talle verbande met ander entiteite in die uitgesisteesem. Tegnieke aspekte in die reproduksie- en drukstadium het 'n invloed op wat moontlik is gedurende die ontwerpstadium en moet in gedagte gehou word (die werwingsredakteur moet bewus wees van hierdie implikasies en dit bestuur). Soortgelyke tegnieke aspekte beïnvloed

ook die genereringsfase: 'n eenvoudige voorbeeld is die koste-implikasies van kleurdrukwerk en die reproduksie van visuele materiaal wat in gedagte gehou moet word wanneer die aantal en soort visuele materiaal gegenereer word en dit in die kontrak met die outeur gespesifiseer word. Sekere afsetpunte soos byvoorbeeld die onderwysmark het spesifieke vereistes vir die fisiese formaat van publikasies (die grootte van die publikasie of die aard en styl van illustrasies) wat verreken moet word in die beplanning tydens die ontwerpstadium. Die biblioteekmark gee ook voorkeur aan byvoorbeeld geïllustreerde kinderboeke. Die visuele aanbieding van illustrasies het soms ook kulturele implikasies in terme van styl en kulturele kodes. Daar bestaan dus 'n verband tussen die kulturele konteks van 'n multikulturele land soos Suid-Afrika en die generering en ontwerp van illustrasies. Net so behoort regs- en etiese aspekte (wat deur die politieke konteks bepaal word – sien 3.4.1) tydens die redigering van die teks in gedagte gehou word. Die moontlike verbande is oneindig en die bestaan daarvan dui as bewys van die sistemiese aard van die uitgesisteesem.

3.2.3 Bemerkings-, verspreidings- en afleweringsefase

Die bemerkings-, verspreidings- en afleweringsefase vorm gesamentlik die derde en vierde skakel in die uitgewaardeketting. Gedurende hierdie fase word waarde toegevoeg deur die volgende funksies te verrig: die verpakte produk (die gedrukte boek) word aan 'n spesifieke teikengroep bemark, dit word na die spesifieke teikenmark versprei deur een of meer verspreidingskanaal en dit word aan die verskillende afsetpunte en uiteindelik die verbruiker afgelewer (CIGS, 1998:14).

Die rolspelers wat in hierdie fase betrokke is, sluit onder meer in die werwingsredakteur, die bemerkingspan van die uitgewery asook die verkoopsverteenoordigers, verskeie verspreidingsagente, aankopers van boekwinkels, boekklubs, biblioteke, skole en onderwysdepartemente, voorskryfkomitees van onderwysdepartemente en tersiêre instellings, asook die personeel van die rekeningafdeling en finansiële afdeling van die uitgewery (Venter, 2004b). Weer eens hou die werwingsredakteur as projekbestuurder toesig oor die verloop van die prosesse in hierdie fase en organiseer hy die rolspelers. Die bemerkings-,

verspreidings- en afleveringsfase is interafhanklik van mekaar en word hier slegs vir besprekingsdoeleindes geskei.

3.2.3.1 Bemerkingsfase

Hoewel die bemerkingsfase hier bespreek word, vind dit parallel met al die ander fases in die waardeketting plaas. Deur die rol wat marknavorsing speel in die neem van die uitgeebeslissing, word die bemerkingsmoontlikhede reeds aan die begin van die uitgeeproses tydens die genereringsfase betrek. Aspekte van bemerking word ook in gedagte gehou met die tegniese en visuele versorging van die publikasie tydens die produksiefase. Parallel met die aanvang van redigering en ontwerp, vergader die werwingsredakteur met die personeel van die bemerkingsafdeling van die uitgewery en word promosie- en reklamemateriaal voorberei. Soos reeds genoem, het die werwingsredakteur die beste konseptuele begrip van die publikasie en is hy in staat om inligting daarvoor te verskaf wat aangewend word vir die ontwikkeling van bemerkingsmateriaal soos byvoorbeeld die flapteks wat nodig is voordat die ontwerper die omslag kan finaliseer. Die bemerkingsproses verloop ook parallel met die verspreidings- en afleveringsfases wat vorme van bemerking is en bemerking speel ook 'n rol in die opneming van die publikasie deur die mark, die gebruik daarvan en die terugvoering. Die sistemiese aard van die uitgesisteem blyk weer eens uit die verband tussen die bemerkingsfase en ander fases en prosesse.

Baverstock (2000:41-44) beskryf die konsep “bemerking” in eenvoudige terme as effektiewe verkope – dit gaan daarvoor om aan die regte mense die regte produk aan te bied deur die regte goed op die regte manier oor die produk te sê en dit op die regte tyd en in die regte plek te doen. Afhangende van die soort publikasie en die beskikbare bemerkingsbegroting word 'n bemerkingsplan in samewerking met die bemerkingsafdeling opgestel waarvolgens verskillende vorme van promosie vir die publikasie gespesifiseer word (Baverstock, 2000:44-45, 231). Reeds ses tot nege maande voor die verskyning van die publikasie word 'n voorafkennisgewing aan moontlike belangstellendes soos boekwinkels en verspreidingsagente gestuur. Die voorafkennisgewing bevat basiese inligting oor die publikasie, insluitend 'n kort beskrywing of die flapteks, inligting oor die outeur, bibliografiese inligting, die prys,

verwagte publikasiedatum en die sleutelverkoopspunte (Baverstock, 2000:82-83). Katalogusse en pryslyste waarin inligting oor nuwe en beskikbare titels gegee word, word aan boekwinkels en ander verspreidingsagente gestuur. Dit word deur aankopers bewaar vir toekomstige verwysing en herbestellings. Katalogusse word gewoonlik twee keer per jaar, kwartaalliks of selfs maandeliks opgedateer afhangende van hoe gereeld nuwe titels deur die uitgewery uitgegee word (Baverstock, 2000:83-84).

Ander vorme van promosiemateriaal sluit in advertensies van nuwe titels in koerante, algemene tydskrifte en gespesialiseerde vaktydskrifte (Baverstock, 2000:44-45), plakkate, poskaarte, boekmerke, uitstillingsmateriaal, radio- en televisie-advertensies en flaptekste (Baverstock, 2000:88-96). Bemaking vind ook plaas deur uitgewerye en boekhandelaars se webwerwe op die Internet (sien 3.4.3.6). Resensies in koerante en tydskrifte en onderhoude met skrywers in die gedrukte media, oor die radio of op die televisie (sien 3.3.1.1 en 3.3.1.2) word as gratis vorme van advertensie beskou. Hierdie blootstelling word noukeurig beplan as deel van die bemakingsplan en betrek die uitstuur van gratis resensie-eksemplare aan die redakteurs van boekeblaaie en die reël van onderhoude (Baverstock, 2000:186, 190-191, 195). Die bemakingsplan sluit nie slegs die metodes en vorme van promosie in nie, maar ook die tydsraamwerk. Daar word noukeurig besluit wanneer inligting oor 'n toekomstige titel bekend gemaak gaan word om 'n spesifieke verwagting in die mark te skep.

Die primêre vorm van promosie waardeur fiksie en nie-fiksieboeke bemark word, is die besoeke deur verkoopsverteenwoordigers van die uitgewery aan boekwinkels waartydens nuwe titels aan die aankopers bekendgestel word. Verkoopsverteenwoordigers berei hulself vir dié besoeke voor deur op hoogte te wees van die sleutelverkoopspunte van die titels wat hulle bemark en deur te weet hoe dit met mededingende titels vergelyk. Hulle leer die mark besonder goed ken en weet watter boekwinkels in watter soort titels belang sal stel en bou ook 'n verhouding met die aankopers van boekwinkels op. Daardeur is die verkoopsverteenwoordiger ook 'n belangrike bron van inligting vir die verkoopsbestuurder en die werwingsredakteur. Die besoeke vind drie tot ses maande voor die publikasiedatum plaas. Goeie verkoopsverteenwoordigers is in staat om aankopers te oortuig om 'n bestelling te plaas en onderhandel ook oor die handelsterme (of eksemplare wat nie verkoop nie teruggestuur kan word of nie) en handelskorting (die afslag wat aan die handelaar op

die verkoopsprys toegestaan word). Bestellings word dus dikwels geplaas vóór die publikasie gedruk word en daardeur is dit vir die werwingsredakteur moontlik om soms die grootte van die oplaag (gedeeltelik) op bestellings te baseer.

Verkoopsverteenwoordigers monitor ook die verkope en voorraad in boekwinkels (Baverstock, 2000:27-30). Vir die bemarking van akademiese boeke besoek verkoopsverteenwoordigers akademiese departemente aan tersiêre instellings en hulle probeer om dosente te oortuig om die boek vir kursusse voor te skryf. Opvoedkundige boeke word volgens 'n gespesialiseerde stelsel van tenders bemark waarby gespesialiseerde agente betrokke is (sien 3.3.4.3).

Wanneer die publikasie verskyn, word dit gewoonlik deur 'n boekbekendstelling bekend gestel, dikwels in 'n boekwinkel of ander geskikte lokaal afhangende van die aard van die publikasie (akademiese boeke word byvoorbeeld dikwels tydens kongresse bekendgestel). Die outeur is gewoonlik teenwoordig en teken kopers se eksemplare. Die doel is om mediablootstelling vir die publikasie te kry (daarom word joernaliste dikwels genooi) en verkope op te stoot (Baverstock, 2000:218-221). Ander vorme van promosie sluit outeurstoere, uitstallings by boekeskoue en toekenning-seremonies van literêre en ander pryse vir boeke in (Baverstock, 2000:222-224).

Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat daar 'n direkte verband bestaan tussen die bemarkingsfase van die uitgeeproses en die mediasubsisteem (sien 3.3.1), terwyl verbande ook met sisteme wat verskillende soorte markte bepaal, soos die biblioteek-, onderwys- en literatuursubsisteme veronderstel word. Bemarking gaan egter nie slegs oor die promosie en advertensie van 'n enkele titel nie, maar in 'n wyer sin ook oor die openbare beeld van die uitgewery en die publikasielys in die algemeen. In Bourdieu se terme gaan die verskillende aktiwiteite wat deel vorm van die bemarkingsfase oor die beeld van 'n uitgewery en dít wat uitgegee word – die simboliese produksie waar die waarde van die materiële produk (die fisiese boek) die koper oortuig om dit te koop.

3.2.3.2 Verspreidingsfase

Nadat die oplaag gedruk, gebind en verpak is by die drukker, word dit na die pakhuis versend en daardeur betree die publikasie die verspreidingsfase van die uitgewaarde-ketting. Sommige uitgewerye beskik oor hulle eie pakhuis (soos byvoorbeeld die onafhanklike uitgewery LAPA), terwyl ander uitgewerye van die pakhuisgeriewe van verspreidingsagentskappe gebruik maak. 'n Voorbeeld is die verspreidingsagentskap On the Dot Distribusie wat 'n verskeidenheid dienste aan uitgewerye lewer, insluitend pakhuisgeriewe, verspreiding van publikasies aan boekhandelaars of direk aan die publiek deur bestellingsdienste en die invordering van debiteure. Verskeie uitgewerye van Afrikaanse fiksie maak van On the Dot Distribusie gebruik wat ook die verspreiding hanteer van publikasies wat deur Leserskring en Kalahari.net verkoop word (On the Dot Distribusie, 2005). Die verspreidingsfase omvat al die aktiwiteite waardeur die publikasie deur middel van verskillende verspreidingskanale vanaf die pakhuis na spesifieke afsetpunte versprei word: die uitvoer van bestellings, die verpakking van die bestelling, die vervoer van die fisiese produkte, die uitreiking van fakture, administrasie van rekeninge, invordering van debiteure en voorraadkontrolle. Die fisiese verspreiding van die publikasies word uitgekontraakteer aan koeriers of vervoermaatskappye. Die volgende soorte verspreidingskanale bestaan:

(a) Boekhandel

Die boekhandel verwys na die verspreidingskanaal waardeur publikasies aan boekwinkels versprei word waar kopers fisies die boeke in die winkels koop. Van Zyl (2002a:7) verwys na een van die grootste navorsingsprojekte nóg oor boekverkope deur die Mohn-stigting in Duitsland wat "'n algemene stelreël vir uitgewers bevestig [het], naamlik dat gehalte-rakruimte – vóór in die winkel – van 60 rolspelende faktore die belangrikste [aspek] is vir optimale boekverkope". Wat algemene publikasies (fiksie en nie-fiksietitels) betref, bestaan daar hoofsaaklik drie groot kettingwinkel-groepe van boekhandelaars in Suid-Afrika, naamlik die CNA, Exclusive Books en Fascination / Incredible Books.

Die CNA (lank bekend as die Central News Agency) is meer as 'n eeu gelede in Johannesburg begin en daar bestaan tans ongeveer 200 CNA-winkels landswyd wat fokus op die laer-middel- tot hoër-middelklas Suid-Afrikaanse verbruikers. Anders as die bestaande algemene persepsie is die CNA nie hoofsaaklik 'n boekhandelaar nie, maar verkoop hulle ook tydskrifte, koerante, skryfbehoeftes, selfone en oudiovisuele toerusting, CD's en DVD's, geskenkaartjies, speelgoed en fotografiese produkte. In werklikheid is daar ongeveer 60 takke, meestal in die groot stede, wat 'n wye verskeidenheid boeke aanhou. Die CNA is een van die bekendste handelsname as boekhandelaar as gevolg van die wye geografiese beskikbaarheid van hulle takke. Aan die begin van die 1990's was die CNA in so 'n mate 'n gerekende verspreidingskanaal vir fiksie en nie-fiksieboeke, dat algemene uitgewerye (ook uitgewerye van Afrikaanse fiksie) seker daarvan was om ongeveer 50% van 'n oplaag deur vooraf-bestellings aan die CNA te verkoop. Sedert die laat 1990's het die CNA egter toenemend onder finansiële druk gekom. In 1997 word die CNA-Gallo Groep as gevolg van onderprestasie aan Wooltru verkoop en later opgeneem in die mediagroep Johnnic. Teen verwagtinge in kon Wooltru nie die CNA finansiël omvorm nie en het toenemende kontantvloei-probleme en onderprestasie in só 'n mate gevolg dat voortdurende aankoopbeleidsveranderinge en 'n oormaat voorraad daartoe gelei het dat kleiner algemene uitgewerye, wat vir oorlewing afhanklik was van aankope deur die CNA, hulle deure moes sluit (dit het ook ernstige implikasies vir alle uitgewerye van Afrikaanse fiksie ingehou omdat die CNA een van die belangrikste verspreiders van dié uitgewerye se produkte is). In Maart 2001 word bedryfsverliese op R392 miljoen beraam en Wooltru verkoop die CNA aan Gordon Kay & Associates (wat ook nie die CNA kon red nie) en in Julie 2002 word die groep gelikwideer. In November 2002 word die gelikwideerde CNA van totale ondergang gered toe die ketting-winkelgroep Edcon (wat ook Edgars, Jet, Sales House, Red Square, Cuthberts, Smiley's Warehouse en ABC besit) dit koop. In Oktober 2003 is nog 32 voormalige CNA winkels vanaf ThisDay Media Stores deur Edcon oorgekoop en onder die CNA-handelsnaam in November 2003 geopen. Intussen wil dit voorkom asof Edcon die CNA weer op 'n gesonde finansiële baan kon plaas deur onder andere voorraadomset te verbeter en deur slegs 'n beperkte aantal titels wat vinnig verkoop, aan te hou. Dit was 'n seën vir die algemene boekhandel dat die CNA as verspreidingskanaal nie verdwyn het nie, alhoewel dit nie meer in dieselfde mate die gerekende mag in boekhandel is wat dit eens was nie. (Van Rooyen, 2005:303-304)

Exclusive Books is oorspronklik in 1957 deur Philip Joseph begin. Die eerste twee takke is in Johannesburg geopen, in 1976 is 'n tak in Kaapstad geopen en tussen 1976 en 1994 is nog ses takke in groot winkelsentrums landswyd geopen. Tans bestaan daar 32 takke in groot winkelsentrums en by lughawens. Exclusive Books het op 'n stadium deel gevorm van die houermaatskappy van die CNA, die CNA-Gallo Groep, en het later 'n volle filiaal van die mediamatskappy Johnnic geword toe die maatskappy Mega (voorheen CNA-Gallo) in Johnnic opgeneem is. Dié kettingwinkelgroep het hom in sy ontwikkeling van die CNA onderskei deur te konsentreer op die meer eksklusiewe verbruikersgroep wat belangstel in 'n wyer titelaanbod en bereid is om duurder boeke aan te koop – hulle bied dus 'n groter verskeidenheid van titels, hoë kwaliteit duurder boeke aan en is minder gefokus op die populêre mark as die CNA. In die middel-1990's het 'n groep voormalige bestuurders van Exclusive Books weggebreek van die groep om 'n soortgelyke kettingwinkelgroep, Facts & Fiction, op die resep van Exclusive te begin. Die nuwe groep het nie lank bestaan nie en die Facts & Fiction-takke is weer later deur Exclusive oorgeneem. Exclusive Books het 'n groot bydrae gelewer tot die verandering van die Suid-Afrikaanse boekkoper se koopervaring en tot die boekhandel: dit was een van die eerste handelaars in Suid-Afrika wat begin het om ook saans oop te bly en oor naweke en op openbare vakansiedae handel te dryf. Later het hulle ook koffiewinkels binne die boekwinkels geopen om aan kopers 'n rustige atmosfeer en unieke koopervaring te bied. Verdere innovasie sluit in die ontwikkeling van die Fanatics-klub waardeur kliënte vir aankope beloon word; die instelling van die jaarlikse Publishers' Choice-keuse van boeke gerig op die kersmark; en die jaarlikse Homebru-bemarkingsveldtog waardeur inheemse boeke (beide fiksie en nie-fiksie in Afrikaans en Engels) se sigbaarheid bevorder word (vergelyk Green-Bricker, 2006 en Meyering, 2006). 'n Sleutel tot die sukses van Exclusive Books is die feit dat hulle 'n gedentraliseerde aankoopstelsel gebruik waarvolgens elke takbestuurder, volgens die behoeftes van sy direkte bedieningsgebied, self boeke aankoop. (Van Rooyen, 2005:304-306)

Fascination / Incredible Books is in 1995 deur Johan Marais met een Fascination-boekwinkel in Eastgate winkelsentrum begin. Aanvanklik het Fascination gekonsentreer op die verkope van beide nuwe titels en uitskotboeke (voorraad wat deur uitgewerye afgeskryf word nadat dit nie meer genoeg omset genereer nie en teen

kosprys aan uitskotboekhandelaars verkoop word). Binne twee jaar het die ketting Incredible Books ontstaan wat aanvanklik slegs op uitskotboeke gefokus het. Hierdeur het dié kettingwinkelgroep een van die belangrikste verspreidingskanale vir Afrikaanse fiksiepublikasies geword en bied hulle takke 'n veel groter verskeidenheid van Afrikaanse fiksie aan as beide CNA en Exclusive Books. Tans bestaan daar ongeveer 30 takke wat handel dryf onder beide handelsname, maar toenemend word Fascination die voorkeur handelsmerk. Fascination / Incredible Books is 'n massamark boekhandelaar wat konsentreer op die 20% titels gemik op die populêre mark wat vir 80% van hulle omset sorg. Hulle titelaanbod is meer gevarieerd as CNA, maar nie so eksklusief as Exclusive Books nie. Fascination / Incredible Books het in 'n relatiewe kort periode hom onderskei as 'n gerekende en mededingende boekhandelaar – 'n bewys dat daar steeds ruimte vir innovasie en entrepreneurskap in die plaaslike boekhandelbedryf bestaan. (Van Rooyen, 2005:306-307)

Behalwe genoemde drie groot kettingwinkelgroepe, bestaan daar ook 'n aantal onafhanklike algemene boekhandelaars en kleiner kettingwinkelgroepe (Van Rooyen, 2005:307): Adams Bookshop in Durban (met vier takke), Wordsworth in Kaapstad (met sewe takke) en Estoril Books in Johannesburg (met drie takke). Daarbenewens bestaan daar ook kleiner kettingwinkelgroepe wat op spesifieke produksiekategorieë fokus, soos byvoorbeeld die Christelike boekwinkels CUM Boeke, Carpe Diem en Lux Verbi Bybelmedia Kleinhandel en die akademiese boekwinkels Van Schaik Boekhandel, Juta Retail en Protea Boekwinkels. Die Christelike boekwinkels verkoop behalwe Christelike literatuur ook Afrikaanse inspirerende fiksie en van die akademiese boekwinkels verkoop ook Afrikaanse fiksie. Van hierdie boekwinkels vorm deel van maatskappye waarvan uitgewerye ook deel vorm (vir meer detail oor hierdie boekwinkels, sien Hoofstuk 4).

In Suid-Afrika is boekwinkels relatief dun oor die land versprei en kom die meeste boekwinkels hoofsaaklik in groot winkelsentrums in die metropole voor, terwyl die platteland arm van boekwinkels voorsien is. Ten spyte van pogings om boekwinkels in informele woongebiede te vestig en innoverende voorstelle in hierdie verband (vergelyk byvoorbeeld die idealistiese voorstelle van Mhlongo, 2004 om boeke in die winkels by petrolstasies in Soweto te bemark) is daar nog nie noemenswaardige vordering in hierdie verband gemaak nie (Van Rooyen, 2005:299-300). Eentalige

boekwinkels soos byvoorbeeld in Kanada waar boekwinkels óf Engels óf Frans is, in Switserland Duits, Frans of Italiaans en in België Vlaams of Frans is, is die norm. Die bestaan van multitalige boekwinkels in Suid-Afrika, wat boeke in 'n verskeidenheid tale aanhou, is dus uniek. Die eienaarskap en bestuur van Suid-Afrikaanse boekwinkels en die leesgewoontes en boekkennis van personeel is egter toenemend Engels en daarom raak dit 'n groterwordende uitdaging om rakruimte vir Afrikaanse fiksieboeke te beding en te behou (Van Zyl, 2000a:3-4; 2002a:6). Van der Merwe (2003a) verwys ook na die unieke feit dat Afrikaanse fiksieboeke in Engelse boekwinkels verkoop word en Stassen (2003:13; 2004) som die situasie as volg op:

Beide Afrikaanse uitgewers en Afrikaanse boekwinkels kan in 2002 op die vingers van een of twee hande getel word. Boekwinkels wat oor genoeg Afrikaanse tekste beskik om in die aanvraag te voorsien het 'n kultuursentrum vir kultuurbewuste Afrikaanssprekendes geword. Boekbekendstellings in Protea Boekhuis in Stellenbosch en Pretoria en in die Boekhuis in Aucklandpark het kulturele aangeleenthede geword.

(b) Direkte bemarking / kommersiële boekklubs

Direkte bemarking verwys na die verspreidingskanaal waardeur boekklubs deur middel van 'n bestellingsdiens boeke aan verbruikers bemark en dit via die posdiens versprei. Lede van die boekklub ontvang kwartaalliks of maandeliks 'n katalogus waarin 'n aanbod van titels gemaak word. Lede kies uit die aanbod en plaas dan 'n bestelling via die pos, telefoon, faks of die webwerf van die boekklub. Daarna word die bestelling verwerk, die boek word gepos en die lid betaal na ontvangs daarvan.

Leserskring / Leisure Books is die grootste kommersiële boekklub in Suid-Afrika. Die Afrikaanse klub Leserskring is in 1980 deur Naspers begin in 'n poging om lesers en verbruikers te werf vir die boeke wat deur die uitgewerye wat deel van Naspers vorm, uitgegee is. Dit was ook 'n manier om die Afrikaanse lesers op die platteland te bereik wat nie naby boekwinkels woonagtig is nie. Deur die jare het Leserskring dit reggekry om huisbiblioteke in die huise van Afrikaanssprekendes te vestig. Die klub is gestig met die hulp en kennis van die Duitse uitgewery Bertelsmann wat reeds boekklubs in

Duitsland en elders ontwikkel het. Twee jaar na die Afrikaanse klub, in 1982, is die Engelse klub Leisure Hour (vandag Leisure Books) begin. (Vir 'n volledige oorsig oor die ontstaansgeskiedenis van Leserskring / Leisure Books sien Steyn & Scannell, 1992:495-502.) Van Zyl (2002c) dui die belangrikste verskil tussen die twee klubs aan op grond van die soorte boeke wat lede aankoop: die Afrikaanse klub het veral gegroei deur die verkope van nie-fiksieboeke soos kookboeke, handwerkboeke, huis- en tuinboeke, godsdienstboeke en daarnaas kinderboeke en liefdesromans; lede van die Engelse klub het ten eerste populêre fiksie deur internasionale skrywers aangekoop en daarnaas nie-fiksie nutsboeke. Daar is sedertdien ook 'n Musiekkklub wat CD's en DVD's bemark bygevoeg. Op sy kruin het Leserskring / Leisure Books 'n ledetal van ongeveer 300 000 lede gehad (Via Afrika, 2005a). Tans is die ledetal ongeveer 240 000 lede (waarvan twee derdes Afrikaanse lede is) wat meer as 'n miljoen boeke jaarliks bestel. Die gemiddelde ouderdom van lede is tussen 25 en 45 jaar, 80% van die lede is vroulik en 20% manlik, en ongeveer 50% is woonagtig in die groot stede (meestal in Johannesburg en Kaapstad) terwyl die res op die platteland woon. Lede kan gratis aansluit, maar is verplig om kwartaalliks ten minste een boek te bestel. Boeke word teen 'n afslag van gemiddeld 20% op die normale verkoopprijs aan lede aangebied en teen hoër handelskorting by uitgewerye bestel (sien 3.4.2.5(d)). Die klubs konsentreer veral op die bemarking van produksiekategorieë wat op die populêre mark gerig is: topverkoper fiksieboeke, kinderboeke en nie-fiksieboeke soos leefstylboeke, huis- en tuinboeke, godsdienstboeke en naslaanboeke.

Anders as in die beginjare word ook boeke deur ander uitgewerye as dié van Naspers deur die klubs bemark. Boeke wat in die katalogus opgeneem word, word gekeur op grond van die bemarkbaarheid daarvan en beskikbare marknavorsing oor die klubs se lede. Ongeveer 70% van verkope word saamgestel uit plaaslik geproduseerde boeke (waarvan baie Afrikaanse fiksie- en nie-fiksietitels is), terwyl 30% uit ingevoerde produkte bestaan (Van Rooyen, 2005:307; GPI, 2004:90; Via Afrika, 2005a). Leserskring is dus 'n belangrike rolspeler in die bemarking van Afrikaanse fiksieboeke veral sogenaamde “populêre fiksie” in die vorm van liefdesromans.

Ander noemenswaardige boekklubs van belang vir spesifiek die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie, is die vyf boekklubs van die uitgewery LAPA. Terwyl LAPA ook ander fiksie- en nie-fiksiepublikasies deur middel van 'n bestellingsdiens bemark en

verkoop, fokus die vyf boekklubs op die verspreiding van Afrikaanse liefdesromans (sien 4.4.1 vir meer detail). Jacklin Enterprises het 'n gevestigde boekklub waardeur internasionale kinderboeke bemark word en het in 2004 ook 'n boekklub vir die bemarking van hulle Mills & Boon in Afrikaans-liefdesromans begin (sien 4.4.2).

(c) Elektroniese boekhandel

Met die koms van die Internet het 'n nuwe verspreidingskanaal moontlik geword waar boeke op webwerwe bemark word en kopers 'n bestelling kan plaas en met hulle kredietkaarte daarvoor betaal en die boek deur 'n koerier of posdiens afgelewer word – sogenaamde elektroniese boekhandelaars. Een van die bekendste internasionale elektroniese boekwinkels is Amazon.com en in Suid-Afrika Kalahari.net. Uitgewerye het ook begin om toenemend hulle publikasies op hulle eie webwerwe te bemark wat dan by 'n elektroniese boekwinkel gekoop kan word (met elektroniese skakels na die webwerf van die handelaar). Uitgewerye verkoop egter selde self hulle boeke op hulle eie webwerwe. Ook tradisionele boekhandelaars het, as toevoeging tot hulle boekwinkels, begin om elektronies handel te bedryf. Elektroniese boekhandel word meer volledig as deel van die tegnologiese konteks bespreek (sien 3.4.3.8). Die direkte verband tussen die verspreidingsfase van die uitgeesisteem en die tegnologiese konteks waardeur hierdie verspreidingskanaal moontlik gemaak is, blyk duidelik uit dié bespreking.

(d) Direkte verspreiding aan biblioteekdienste / biblioteke

Daar bestaan gespesialiseerde verspreidingsagente wat hulle uitsluitlik bemoei met die verkope van boeke aan biblioteke. Sommige van hierdie agente spesialiseer byvoorbeeld in die verkope van akademiese boeke aan akademiese- en navorsingsbiblioteke. Ander agente spesialiseer weer in die verkope aan provinsiale en openbare biblioteekdienste en tree as tussenganger op tussen die uitgewery en die biblioteekdiens. Biblioteke koop selde by boekwinkels, maar direk by die verteenwoordigers van uitgewerye of deur die genoemde gespesialiseerde verspreidingsagente. Akademiese biblioteke beskik oor interne aankoopafdelings wat die nuwe publikasies wat op die mark verskyn voortdurend dophou (of navrae van dosente en navorsers

kry) en gevolglik bestellings plaas. Openbare biblioteke word van hulle voorraad voorsien deur die provinsiale biblioteekdiens wat aankope behartig. 'n Voorbeeld van verspreidingsagente is NB Biblioteekdienste wat deel is van NB-Uitgewers (Naspers) en spesialiseer in die bemerking van boeke aan provinsiale biblioteekdienste en openbare biblioteke (NB-Uitgewers, 2005a). 'n Ander voorbeeld is Horizon Library Services wat deel is van die Book Promotions-groep (deel van Via Afrika as filiaal van Naspers) en wat sedert 1999 'n soortgelyke diens aan institusionele, provinsiale en munisipale biblioteke lewer (Via Afrika, 2005b). Die invloed van die biblioteek-subsisteem op die uitgeesisteem word in groter detail in 3.3.5 bespreek.

(e) Direkte verspreiding aan onderwysdepartemente / skole

Net soos vir biblioteke, bestaan daar gespesialiseerde verspreidingsagente wat die verkope van opvoedkundige boeke vir primêre en sekondêre onderwys hanteer. Skoolhandboeke word deur uitgewerye volgens 'n tendersisteem vir spesifieke leerareas aan die voorskryfkomitees van onderwysdepartemente voorgelê. Daar bestaan verskeie stelsels waarvolgens dié proses verloop. Wanneer 'n skoolhandboek wel voorgeskryf word, geskied die verspreiding en verkope via die verspreidingsagent wat as tussenganger tussen die uitgewery en die onderwysdepartement of skool optree. Akademiese publikasies vir tersiêre onderwys word hoofsaaklik deur die akademiese boekhandel versprei en verkoop. 'n Enkele voorbeeld van 'n verspreidingsagent wat die verspreiding van opvoedkundige boeke behartig, is die Book Promotions-groep (deel van Via Afrika en 'n filiaal van Naspers) wat reeds sedert 1967 markte vir voorskoolse, primêre, sekondêre, tersiêre en professionele instellings bedien (Via Afrika, 2005b). Die invloed van die onderwyssubsisteem op die uitgeesisteem en die seleksie-, aankoop- en verspreidingstelsel vir skoolhandboeke word in meer detail in 3.3.4.3 bespreek.

Die impak van die ekonomiese aspekte van die verspreidingsfase, soos byvoorbeeld die handelsterme wat in die uitgewerybedryf geld, die vaslegging van verkooppriese van boeke en die heffing van BTW op boeke, word as deel van die ekonomiese konteks bespreek (sien 3.4.2.5).

3.2.3.3 Afleveringsfase

Die afleveringsfase staan in direkte verband met die verspreidingsfase aangesien aflevering beskou kan word as die uitkoms van verspreiding. Terwyl dit in die verspreidingsfase oor die verspreidingskanaal gaan wat gevolg word, gaan dit in die afleveringsfase oor die fisiese aflevering van die publikasie aan verskeie afsetpunte. Die afsetpunte van die verskeie verspreidingskanale is boekwinkels (as afsetpunt van die boekhandel), lede van boekklubs (direkte aflevering aan die eindverbruiker as afsetpunt van direkte bemarkingsdienste deur boekklubs), die eindverbruiker (as afsetpunt van die elektroniese handel as verspreidingskanaal), biblioteke (as afsetpunt van direkte verspreiding aan biblioteekdienste / biblioteke) en skole (as afsetpunt van direkte verspreiding aan onderwysdepartemente / skole).

Sommige uitgewerye fokus uitsluitlik op spesifieke afsetpunte en verspreidingskanale, terwyl ander uitgewerye juis poog om van verskeie verspreidingskanale en afsetpunte gebruik te maak. Die ekonomiese en sosiale doelwitte van die uitgeefilosofie van die uitgewery bepaal die verspreidings- en afleveringsprosedures (waardeur 'n verband tussen die genererings-, verspreidings- en afleveringsfase van die uitgesisteesem duidelik blyk). As voorbeeld versprei en lewer Jacklin Enterprises hulle Afrikaanse liefdesromans uitsluitlik aan biblioteke en deur middel van hul boekklub en omseil hulle die boekhandel (sien 4.4.2). Die eertydse politieke-alternatiewe uitgewery Taurus het weer, as gevolg van sensuur, hulle publikasies direk aan verbruikers deur middel van 'n poslys van ondersteuners van die "Vrye Boek" bemark (sien 4.7.1). Die meeste eietydse uitgewerye bemark egter vandag hulle publikasies so wyd as moontlik en maak van alle moontlike verspreidingskanale gebruik – toenemend word meer van elektroniese handel en bemarking deur die Internet gebruik gemaak (sien 3.4.3.6 en 3.4.3.8).

3.2.4 Verbruik- en terugvoerfase

Die verbruik- en terugvoerfase is die vyfde skakel in die uitgeewaardeketting. Die hoofaktiwiteite van dié fase is die verbruik van die materiële produk (die gepubliseerde boek) deur die mark (die aggregraat van verskillende verbruikers) en die

ontstaan van terugvoer na aanleiding van die verbruik volgens bepaalde terugvoermeganismes. Die rolspelers in hierdie fase sluit die verskeie soorte verbruikers in asook alle individue en instansies wat by terugvoermeganismes betrokke is, byvoorbeeld die verbruikers self, resesente, kritici en die administrateurs van verkoopstatistiekmoniteringstelsels.

Nadat publikasies die verskeie afsetpunte in die afleweringfase bereik het, het verbruikers toegang daartoe en word die publikasies aangekoop of uitgeleen. Daar bestaan dus 'n direkte verband tussen die bemarkings-, verspreidings- en afleweringfase en die verbruik- en terugvoerfase. Op grond van die wyses waarvolgens verbruikers publikasies bekom en verbruikers se motivering vir die verbruik van publikasies (die funksie wat boeke verrig – vergelyk Van Rooyen, 2005), kan daar oorsigtelik tussen die volgende soorte verbruikers of kategorieë van die mark onderskei word:

- Die algemene publiek wat boeke in boekwinkels koop en dit óf gebruik vir ontspanning (fiksiepublikasies), óf vir bepaalde inligtingsbehoefte soos om 'n stokperdjie te beoefen, om te reis, om take binne of buite die huis te verrig (nie-fiksiepublikasies).
- Die algemene publiek wat boeke vir beide ontspanning of vir inligtingsbehoefte deur middel van die webwerwe van elektroniese boekhandelaars bestel en dit via die pos ontvang.
- Lede van boekklubs wat boeke, hoofsaaklik fiksie- en nie-fiksiepublikasies vir onderskeidelik ontspanning of bepaalde inligtingsbehoefte, deur middel van gereelde katalogusse of nuusbriewe bestel en dit via die pos ontvang.
- Lede van openbare biblioteke wat boeke, dikwels fiksiepublikasies vir ontspanning, maar soms ook nie-fiksie vir bepaalde inligtingsbehoefte, by die biblioteek uitleen.
- Studente en dosente wat boeke, hoofsaaklik akademiese publikasies, vir professionele studiedoeleinde gebruik en dit óf aankoop by boekwinkels of elektroniese boekhandelaars, óf dit uitleen by akademiese biblioteke (of in die naslaanafdeling van die biblioteek gebruik).
- Navorsers en akademici wat boeke, hoofsaaklik akademiese- en professionele navorsingspublikasies, vir professionele navorsingsdoeleinde gebruik en dit

óf aankoop by boekwinkels of elektroniese boekhandelaars, óf dit uitleen by navorsingsbiblioteke (of in die naslaanafdeling van die biblioteek gebruik).

- Leerders en onderwysers wat boeke, hoofsaaklik opvoedkundige publikasies, vir primêre en sekondêre onderwys gebruik en dit gratis (of gedeeltelik gesubsidieer) by die skool ontvang, gebruik gedurende die jaar en weer teruggee aan die skool aan die einde van die jaar.

'n Verskeidenheid faktore beïnvloed verbruikers se omgang met boeke (verbruikersgedrag) en die mate waartoe hulle meer of minder gereeld boeke koop of uitleen, soos onder andere die volgende:

- Die beskikbaarheid van boeke in boekwinkels en biblioteke, asook die beskikbaarheid van boekwinkels en biblioteke in 'n bepaalde geografiese gebied.
- Die beskikbaarheid van besteebare inkomste wat verbruikers tot 'n meerdere of mindere mate in staat stel om boeke te koop (die verband tussen die verbruiksfase en die ekonomiese konteks).
- Die beskikbaarheid van besteebare tyd vir lees vir ontspanning of ander doeleindes soos studie (die verband tussen die verbruiksfase en die kulturele sub sisteem).
- Die mededinging van ander kultuurprodukte in terme van besteebare inkomste en tyd (die verband tussen die verbruiksfase en die kulturele sub sisteem).
- Die vlakke van geletterdheid en ongeletterdheid in 'n samelewing (die verband tussen die verbruiksfase en die kulturele sub sisteem).
- Die mate waartoe georganiseerde inisiatiewe vir die ontwikkeling van 'n boek- en lees kultuur in 'n samelewing bestaan en tot uitvoer gebring word (die verband tussen die verbruiksfase en die politieke konteks).
- Die bestaan en sukses van opleidingsinisiatiewe waardeur lesers opgelei word om meer uitdagende boeke te lees, te interpreteer en te begryp (verband tussen die verbruiksfase en die literatuursub sisteem).
- Die motivering vir lees en leesgewoontes wat daaruit voortspruit (die verband tussen die verbruiksfase en die kulturele sub sisteem).

Nadat die publikasie verbruik is, ontstaan terugvoer na aanleiding van bepaalde terugvoermeganismes:

- Die algemene publiek maak openbare uitsprake oor publikasies wat hulle gelees het deur byvoorbeeld gesprekke in leeskringverband, deur lesersbriewe aan koerante en tydskrifte te skryf, deur deel te neem aan virtuele gesprekke op webwerwe waar boeke deel van die gesprektemas vorm en deur sogenaamde lesersresensies of indrukke te skryf op die webwerwe van elektroniese boekhandelaars waar dié soort terugvoer aangemoedig word (sien 3.4.3.7(b) en 3.4.3.8). Hierdie terugvoer vind dikwels ook mondelings tussen verbruikers plaas en kan verkope stimuleer of smoor.
- Vakkundiges of letterkundiges (afhangende van die soort publikasies) tree as kritici en resensente op, evalueer publikasies en maak openbare uitsprake deur die skryf van resensies en boekbesprekings. Dié resensies en boekbesprekings word in die gedrukte media soos die boekeblaaie van algemene koerante en tydskrifte of gespesialiseerde vaktydskrifte gepubliseer, of op televisie of oor die radio uitgesaai. Resensies en boekbesprekings beïnvloed verkope: óf verbruikers word afgeraai om die publikasie te koop of te lees, óf die bewustheid oor die publikasie word aangewakker en verkope word gestimuleer.
- Boekverkope word deur boekwinkels en ander handelaars gemonitor deur middel van gespesialiseerde voorraadstelsels. Verkoopstatistiek dien as nuttige inligting waaraan die sukses van 'n publikasie gemeet word. Die beskikbaarheid van verkoop- en ander statistiek oor die Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf word in 5.3 bespreek.

Daar bestaan dus 'n verband tussen die terugvoerfase van die uitgeproses, die mediasubsisteem (wat as terugvoermeganisme dien) en die tegnologiese konteks (wat sekere soorte terugvoer op byvoorbeeld webwerwe moontlik maak) binne die uitgeesisteem.

Die genoemde terugvoermeganismes word deurlopend deur die werwingsredakteur gemonitor aangesien dit 'n aanduiding van die sukses van die publikasie is en belangrike inligting oor markbehoefte, tendense, leesgewoontes en literatuur-opvatting verskaf. Hierdie soort inligting word weer tydens die genereringsfase en konseptualisering van soortgelyke publikasies gebruik en beïnvloed die neem van toekomstige uitgeebeslissings. Deur dié verband tussen die terugvoerfase en genereringsfase word 'n sirkel as 't ware voltooi en dui dit weer eens op die sistemiese aard van die uitgeeproses en uitgeesisteem.

3.3 Subsisteme waarmee boekproduksie in interaksie verkeer: die institusionele konteks van die uitgeesisteem

Boekproduksie as institusie verkeer in interaksie met en word beïnvloed deur 'n aantal subsisteme of verbandhoudende institusies, naamlik die media-, kultuur-, literatuur-, onderwys- en biblioteeksubsisteme. Hierdie subsisteme word as sekondêr aan boekproduksie beskou by die rekonstruksie van die uitgeesisteem omdat die uitgeesisteem vertrek vanuit 'n perspektief waar boekproduksie as institusie primêr is. Buite die uitgeesisteem vorm hierdie subsisteme volwaardige sisteme op hulle eie wat weer op hulle beurt in interaksie met ander sisteme is. Boonop word boekproduksie sowel as hierdie subsisteme weer deur groter maatskaplike sisteme (soos die politieke, ekonomiese en tegnologiese kontekste van die samelewing) geraak. Die doel hier is nie om die sistemiese werking van elkeen van hierdie subsisteme as sisteem te bespreek nie, maar eerder om die invloede op en verbande met boekproduksie toe te lig. Die sisteembeskrywing bly dus 'n abstrakte rekonstruksie van die werklikheid en gedeeltelik subjektief omdat dit breër prosesse in die samelewing vanuit 'n enkele perspektief belig: die produksie van boeke. Daar word veral aandag geskenk aan verskuiwings wat binne die subsisteme plaasgevind het en boekproduksie meer of minder direk beïnvloed het. Hierdie verskuiwings is die gevolg van transformasie van die Suid-Afrikaanse samelewing in die breë as gevolg van politieke, ekonomiese en tegnologiese veranderinge gedurende die periode 1990-2005.

3.3.1 Mediasubsisteem

Die boekuitgewerybedryf vorm deel van die breër mediabedryf saam met ander bedrywe soos die gedrukte media, die uitsaaiwese en die elektroniese media. Daar is 'n uiteenlopende verskeidenheid rolspelers by hierdie bedrywe betrokke. 'n Bespreking van die funksionering van hierdie bedrywe (en die rolspelers daarbinne) val buite die bestek van hierdie studie. Die fokus is eerder om 'n oorsigtelike beeld te gee van die verbande tussen hierdie bedrywe en die invloed daarvan op die boekuitgewerybedryf en die produksie van Afrikaanse fiksie. Die mediasubsisteem raak die boekuitgewerybedryf direk deur die mate waartoe dit bydra tot die sigbaarheid van boeke en skrywers in die algemeen en die bemerking van spesifieke titels. Dit betrek dus die verband tussen die bemerkingsfase van die kern van die uitgeesisteem en die media as bemerkingsforum vir boeke. Vervolgens word dié verband ten opsigte van die verskeie mediabedrywe onder die loep geneem deur 'n bespreking van die gedrukte media (die koerantwese en tydskrifwese), die uitsaaiwese (die radio en televisie) en die elektroniese media.

3.3.1.1 Gedrukte media: die koerantwese en tydskrifwese

Die gedrukte media lewer 'n belangrike bydrae tot die sigbaarheid en bemerking van boeke en skrywers deur die publisering van resensies, boekbesprekings en onderhoude met skrywers sowel as die instandhouding van boekeblaaie. Volgens 'n prominente algemene uitgewer wat anoniem in die GPI-verslag (2001:27) aangehaal word, staan die Afrikaanse gedrukte media meer spasie aan boeke af as die Engelse gedrukte media. Francois Smith (2002), voorheen boekeredakteur van *Die Burger*, verduidelik dat die boekeblaaie van koerante wêreldwyd onder druk verkeer omdat dit nie winsgewend vir 'n koerant is nie (by *Beeld* en *Die Burger* het dit nie gebeur nie, terwyl dit wel by van die Kaapse Engelstalige koerante die geval was).

Die Afrikaanse dagblaaie *Beeld*, *Die Burger* en *Volksblad* wy eenmaal per week een koerantbladsy aan resensies, boekverwante artikels en boekenuus (soos byvoorbeeld skryfwedstryde en plaaslike gebeure op die boekefront), uittreksels en boekaankondigings (boeke wat nie geresenseer word nie en waarvan net kort

beskrywings geplaas word), terwyl artikels oor boekenuus en onderhoude met skrywers ook gedurende die week en oor naweke in die kunsblaai verskyn (na aanleiding van Smith, 2002). *Die Burger* se By-bylaag wat op Saterdag verskyn, bevat dikwels langer en interessante artikels oor boekenuus en gebeure op die literêre front. *Die Burger* en *Beeld* deel ook soms berigte wat dan in beide koerante se boekeblaai verskyn. Die redaksionele fokus van 'n boekeblad word grotendeels deur die persoonlike ingesteldheid van die betrokke boekeredakteur bepaal. Smith (2002) bevestig dat daar geen formele beleid oor die redaksionele fokus bestaan nie en El mari Rautenbach (2002), voorheen redakteur en boekeredakteur van *Insig*, verwys daarna dat die stemtoon van die boekeblad deur die boekeredakteur se keuses bepaal word. Smith (2002) se fokus is sterk op die letterkunde, alhoewel hy ook soms boeke van aktuele belang soos politiek en godsdiens laat resenseer, terwyl hy nie kookboeke, populêre godsdiensboeke met dagstukkies en liefdesromans laat resenseer nie (hierdie fokus is in 'n groot mate deur Smith se opvolger, Gerrit Band, oorgeneem). *Beeld* se boekeblad, met Elfra Erasmus as boekeredakteur, word min of meer op dieselfde wyse saamgestel met die uitsondering dat daar ook gereeld bladspasie aan nie-fiksie afgestaan word. Vanaf 2002 tot 2005 het dié boekeblad 'n gereelde kolom oor ontspanningsfiksie bevat. Sedert 2005 verskyn daar 'n volblad met resensies van liefdesromans en 'n gereelde onderhoud met 'n liefdesromanskrywer onder die opskrif "Boeke-Plus" in *Beeld* se PLUS-bylaag op Woensdae. As Afrikaanse koerante, fokus die boekeblaai van hierdie koerante hoofsaaklik op Afrikaanse publikasies (beide fiksie en nie-fiksie), alhoewel die rol van die boekeredakteur ook die taak insluit om lesers aan wyer letterkunde bekend te stel (Rautenbach, 2002) en daarom word daar gereeld verslag gelewer oor plaaslike en internasionale Engelse publikasies en boekenuus (soos byvoorbeeld oor internasionale literêre pryse). In *Beeld* se boekeblad word al hoe meer aandag aan plaaslike Engelse publikasies gegee. Die Sondagkoerant *Rapport* (met Rachelle Greeff as die nuwe boekeredakteur wat in 2005 by Sonja Loots oorgeneem het) staan meer spasie aan boeke en die letterkunde af in die bylaag *Perspektief*. Die resensies in *Rapport* is dikwels langer in omvang en meer diepgaande as in die dagblaai.

Rautenbach (2002) is van mening dat die resensies in die 1980's (in byvoorbeeld 'n koerant soos *Beeld*) meestal oor literêre publikasies gehandel het en dat boekeredakteurs met mekaar meegeding het om wie eerste die mees literêre resensie

geplaas het. Vandag is 'n boekeredakteur sterker bewus van die teikengehoor en is dit belangriker dat lesers die resensies lees en aangespoor word om die publikasies te koop. Rautenbach (2002) beskou boekeblaai en ander vorme van bemarking van boeke in gedrukte media as 'n noodsaaklike instrument vir die bekendmaking van publikasies wat uitgegee word. Sy verwys na die sukses van Exclusive Books se *Fanatics*-nuusbrief en verduidelik dat die algemene publiek ingelig moet word oor die verskyning van publikasies en dat dit dikwels 'n verband toon met goeie verkope. Die effek van resensies op verkope sal deur empiriese navorsing ondersoek kan word deur byvoorbeeld die bladspasie wat aan resensies en ander boekenuus afgestaan word na te gaan en dit te vergelyk met verkoopstatistiek (só 'n volledige ondersoek val egter buite die bestek van hierdie studie).

Wat algemene Afrikaanse tydskrifte betref, hou die mark van die spesifieke tydskrif direk verband met die soort publikasies waaraan in die boekeblaai aandag geskenk word. Boekaankondigings en boekbesprekings van Afrikaanse fiksiepublikasies verskyn op gereelde grondslag in die volgende Afrikaanse tydskrifte:

- *De Kat* is 'n leefstyltydskrif en verskyn sedert September 2002 slegs kwartaalliks. Dié tydskrif het geen formele boekeblad nie, maar boeke maak deel van die gereelde aanbod uit deur kort boekaankondigings in die boeke-rubriek. Daar word ook gereeld aandag aan die letterkunde geskenk deur relatief diepgaande artikels.
- *Huisgenoot* is 'n weeklikse gesinstydskrif. 'n Halwe bladsy (en dikwels slegs 'n kwart bladsy) word aan boeke afgestaan waarin gemiddeld drie kort boekaankondigings verskyn. Die fokus val grotendeels op liefdesromans, Bybelromans en ander "populêre" fiksie soos grapboeke.
- Die vrouetydskrif *Vrouekeur* verskyn ook weekliks. Dit bevat geen formele boekerubriek nie, maar 'n derde van 'n bladsy word aan boeke gewy. Daar verskyn gemiddeld twee advertensies van boeke op dié bladsy waarin die omslag en 'n gedeelte van die flapteks afgedruk word (dus geen resensies nie). Publikasies wat by die mark van die tydskrif aansluit, dus veral populêre fiksietitels en nie-fiksie soos Bybeldagboeke, kry voorkeur.
- *Finesse* is 'n Christelike vrouetydskrif wat maandeliks verskyn. Dit bevat 'n gereelde boekerubriek waarin gefokus word op Christelike boeke, veral nie-fiksie, maar soms ook Christelike fiksie soos Bybelromans. Alhoewel ander

Christelike uitgewerye se publikasies ook ruimte kry, wil dit voorkom of voorkeur gegee word aan publikasies wat deur dieselfde uitgewery as die tydskrif, *Carpe Diem Media*, uitgegee word.

- Die maandelikse vrouetydskrif *Rooi Rose* het 'n gereelde boekerubriek, “Boeknotas”, van gemiddeld twee bladsye. Die fokus val op 'n wye spektrum ontspanningsfiksie in sagtebandformaat (dikwels Engelse publikasies), kinder- en jeugboeke en nie-fiksie. Daar word slegs gedeeltelike gefokus op Afrikaanse fiksie. Die rubriek word aangebied in samewerking met die boekwinkel *Fascination Books* en 'n bestelvorm word daarby afgedruk.
- Die vrouetydskrif *Sarie* verskyn maandeliks met 'n tradisionele boekerubriek, “Boekdinge”, van gemiddeld twee bladsye. Daar is 'n duidelike fokus op Afrikaanse fiksie met volwaardige kort resensies van gemiddeld drie publikasies sowel as 'n skrywersprofiel. Minder bladspasie word aan nie-fiksie gewy. Onderhoude met gewilde Afrikaanse skrywers verskyn ook gereeld elders in die tydskrif.
- Die ATKV se gesinstydskrif *Taalgenoot* verskyn maandeliks. Dit bevat 'n gereelde boekerubriek, “Boekgenoot – oor verskynings en verskynsels in die boekewêreld”, van gemiddeld een bladsy. Dié rubriek bestaan uit volwaardige resensies en fokus sterk op Afrikaanse fiksiepublikasies gerig op volwassenes, terwyl kinder- en jeugboeke ook onder bespreking kom. Publikasies deur alle uitgewerye van Afrikaanse fiksie word bespreek (publikasies van die ATKV se uitgewery *LAPA* kry nie noodwendig voorkeur nie).
- Die maandelikse nismarktydskrif *Insig* verdien om uitgesonder te word: dit is die enigste Afrikaanse tydskrif met 'n indringende boekeblad wat bladspasie van tot nege bladsye aan boeke afstaan. Die samestelling van die boekeblad word as volg deur *Rautenbach (2002)* verduidelik: Daar verskyn altyd 'n onderhoud met 'n skrywer, sommige kere twee waar die tweede onderhoud dan in vraag-en-antwoordstyl plaasvind. Hierdie onderhoude fokus gewoonlik op die skrywer se jongste boek en dit is gewoonlik 'n “lekkerleesboek”. Die hoofresensie handel altyd oor 'n Afrikaanse boek en soms verskyn ook 'n korter resensie oor 'n Afrikaanse boek (daar word gewoonlik oor 'n “literêre” boek deur middel van 'n formele resensie verslag gedoen). Dikwels word een tot twee bladsye gewy aan 'n aantal korter resensies van 50 woorde waarin indrukke van boeke gegee word (dit verskil van boekaankondigings in

koerante deurdat laasgenoemde nie indrukke bevat nie, maar slegs 'n beskrywing van die boek). Hierdie komponent bestaan nie slegs uit Afrikaanse boeke nie en word juis gebruik om lesers aan wyer letterkunde bloot te stel. Indien daar genoeg plek beskikbaar is, verskyn daar ook 'n algemene artikel oor 'n skrywer, dikwels met 'n persoonlike inslag. Uittreksels van “ligter” boeke wat nie geresenseer word nie word gewoonlik gebruik as prikkels. Tot en met 2003 is daar ook jaarliks 'n bylaag by die laaste uitgawe van die tydskrif ingesluit waarin langer uittreksels uit Afrikaanse fiksiepublikasies verskyn.

In April 2006 het *Insig* sy aanslag en redaksionele fokus verander met die oog op 'n wyer en waarskynlik jonger mark. Die nuwe redakteur sedert Februarie 2006, Izelle Venter (2006a 2006b), verwys na navorsing wat oor die lesersprofiel geloods is en som die veranderde fokus op deur te vertel dat *Insig* “'n bietjie das losgemaak het” terwyl dit steeds vir lesers pitkos wil bied maar deur middel van 'n meer populêre (“lekker”) aanslag in die aanbieding van die inhoud. Anders as Rautenbach se samevatting van *Insig* as “nismarktydskrif”, verwys Venter na *Insig* as 'n “algemene belange-tydskrif”. Onderliggend aan die nuwe aanslag is die feit dat die nismark wat deur die vorige redaksionele fokus van *Insig* bedien is, te klein geraak het vir kommersiële oorlewing in 'n al hoe mededingender tydskrifmark (vergelyk Venter, 2006b – veral haar opinie dat “tydskrifte [...] pryse [behoort] te wen vir markpenetrasie”, eerder as op grond van standarde wat deur medejoernaliste bepaal word). Soos die res van die tydskrif, is die aanbieding van inligting op die boekeblaaie meer “brokkerig” en gefragmenteer, met 'n groter fokus op verskeidenheid en minder diepgaande inhoud (hierdie aanbieding word sterk deur die nuwe bont grafiese ontwerp ondersteun). In die nuwe *Insig* word gemiddeld vier bladsye aan boeke afgestaan en, sover afgelei kon word uit die drie uitgawes wat tot dusver verskyn het, volgens 'n vasgestelde resep aangebied. Die eerste bladsy, met die opskrif “Nuusmaker”, word gewy aan 'n onderhoud met 'n skrywer of 'n artikel oor boekenuus (byvoorbeeld oor die eerste internasionale Cape Town Book Fair of die stigting van Umuzi, die nuwe plaaslike druknaam van die multinasionale uitgewery Random House – sien 4.3.6). Die tweede bladsy fokus spesifiek op Afrikaanse (fiksie)boeke en bevat kort resensies, boekaankondigings en brokkies boekenuus op die terrein van die Afrikaanse

letterkunde en uitgewerybedryf. Die derde bladsy fokus op plaaslike feiteboeke (nie-fiksieboeke en inligtingsbronne) in beide Afrikaans en Engels. Een boek word in meer diepte bespreek en daar verskyn ook kort boekaankondigings. Die vierde bladsy kondig spesifiek temaboeke (nie-fiksie nutsboeke) aan deur kort besprekings – die fokus op Afrikaanse en Suid-Afrikaanse boeke. Daar word dus wel minder spasie in die nuwe *Insig* aan boeke afgestaan, maar die aanbod is wyer en ten minste steeds gereeld en veel meer gereeld as van die ander algemene tydskrifte. Dit is op hierdie stadium nog te vroeg om ’n uitspraak te maak oor wat die langtermyn impak van *Insig* se veranderde redaksionele fokus, wat reeds wye kritiek uit die oorde van tradisionele *Insig*-lesers uitgelok het, op die sigbaarheid van Afrikaanse fiksieboeke sal hê. (Sien 3.4.3.7(b) oor *Boekwurm*, wat onder meer as ’n elektroniese argief van *Insig* se boekeblad funksioneer en hoe dit as bemarkingsforum vir Afrikaanse fiksie aangewend word.)

Die publisering van fiksietekste in tydskrifte val buite die bestek van hierdie ondersoek alhoewel dit egter die uitgeesisteesem beïnvloed deurdat uitgewers soms ’n nuwe skryftalent só ontdek en skrywers vra om ’n manuskrip voor te lê (dit het dus ’n invloed op werwing van outeurs gedurende die genereringsfase). Skrywers se talente word deur tydskrifpublikasie geslyp en ’n bewese rekord van tydskrifpublikasie kan ’n uitgewer beïnvloed om uiteindelik ’n manuskrip van die betrokke outeur uit te gee. Liefdesvervolgverhale wat in tydskrifte verskyn (sien 6.3.2) of rubrieke in tydskrifte of koerante (sien 6.5.2) word soms later in boekformaat uitgegee.

Daar verskyn ook resensies en veral akademiese besprekings en artikels oor fiksietitels in vaktydskrifte soos *Tydskrif vir Letterkunde*, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, *Literator*, *Stilet*, *Spilpunt* en *Kakkerlak* (sien 3.3.3.7). Hierdie vaktydskrifte bereik egter hoofsaaklik ’n akademiese mark en dien nie as bemarkingsforum om fiksiepublikasies by die algemene publiek bekend te stel nie.

3.3.1.2 Uitsaaiwese: die radio en televisie

Die uitsaaiwese help om die publiek se aandag op boeke en skrywers te vestig deur middel van resensies en besprekings van boeke en onderhoude met skrywers oor die radio en op televisie. Dit dien as bemarkingsforum vir spesifieke titels en skrywers deurdat dit ook die sigbaarheid van boeke en skrywers oor die algemeen verhoog.

Froneman (1997:203-205) beskou transformasie in die uitsaaiwese voor en veral ná 1994 as een van die land se opvallendste transformasieverskynsels. In 1993 is 'n nuwe oorheersend swart SABC-raad onder voorsitterskap van Ivy Matsepi-Cassaburi en Zwelakhe Sisulu as uitvoerende hoof aangestel en daarmee het die transformasie van die SABC vinnig momentum gekry. Afrikaans is drasties op televisie ingekort, Engels is tot die *de facto* nasionale uitsaaitaal verhef en in 1996 is die SABC se televisiekanale en radiostasies geherposisioneer en herbenoem. Afrikaans is beperk tot slegs een kanaal, SABC2. Die transformasie het reaksie by Afrikaanse kykers ontlok met 'n gevolglike afname in kykergetalle, die verlies aan advertensie-inkomste en die betaling van lisensiegelde. Die radio-omroeper Daniel Hugo (2003) noem dat luisteraarsyfers gestyg het toe Afrikaans op televisie afgeskaal is. Die uitgewer Hettie Scholtz (2002) wys daarop dat die transformasie van die SABC gedurende die eerste helfte van die 1990's ironies 'n positiewe invloed op Afrikaanse fiksieproduksie uitgeoefen het, deurdat Afrikaanse lesers teruggegryp het na die boek en begin het om meer Afrikaanse fiksieboeke te koop.

As gevolg van verdere transformasie is die voormalige Afrikaans Stereo (tans *Radiosondergrense*, RSG) se programaanbod gedurende die periode 1990-2005 herhaaldelik gewysig (vergelyk Froneman, 1997:203-205) met hoofsaaklik negatiewe implikasies vir die uitsaaityd en programme wat letterkunde as onderwerp het. Bepaalde verskuiwings in terme van programme met fokus op letterkunde kan as volg opgesom word (Hugo, 2003):

- *Skrywers en boeke* was 'n weeklikse program van 'n halfuur lank waarin resensies oor fiksietitels voorgelees is. Tans word geen resensies meer oor die radio voorgelees nie omdat daar aangevoer is dat hierdie soort programme nie radiomatig is nie en dat luisteraars nie vir so lank na voorlesings van resensies

wil luister nie. Hugo (2003) noem dat dit waarskynlik van die meer omvattende resensies oor letterkunde was omdat dit nie deur ruimte (soos in koerante) beperk was nie.

- Voorheen was die tendens dat “literêre” fiksietitels oor die radio voorgelees is. Daarna is onderskei tussen voorlesing van ’n “ligter literêre” titel in die oggend en ’n “swaarder literêre” titel, byvoorbeeld *Die reuk van appels* (Queillerie, 1993) deur Mark Behr, in die middag. Die ligter voorlesing is vroegaand herhaal en die swaarder voorlesing laataand. Tans word slegs een voorlesing per dag gehoor en is die vereiste dat dit ontspanningsgerig moet wees (dit word laataand herhaal). Voorbeelde hiervan is Susan Beyers se voorlesing uit Dalene Matthee se *Toorbos* (Tafelberg, 2003), Nina Swart se voorlesing uit Stella Blakemore se *Meisies van Maasdorp* (Human & Rousseau, 2004), Susan Beyers se voorlesing uit Pat Stamatélos se *Kroes* (Kwela Boeke, 2005) en Johan van Jaarsveld se voorlesing uit André P. Brink se *Bidsprinkaan* wat onlangs uitgesaai is. Voorheen is uitgewerye (en uiteindelik skrywers) vir hierdie voorlesings vergoed, maar die radio het onder soveel finansiële druk gekom dat vergoeding nie meer moontlik is nie. Voorlesings is ’n kragtige instrument vir bemarking en blootstelling en as gevolg van dié bemarkingswaarde daarvan het uitgewerye ingestem om dit met vriendelike vergunning sonder finansiële vergoeding, toe te laat.
- *Versalbum* was ’n weeklikse poësieprogram van ’n halfuur lank wat dwarsdeur die jaar uitgesaai was. Dit het bestaan uit voorlesings van gedigte deur professionele voorlesers waartussen Hugo toeligting van die gedigte gegee het. Die uitsaaityd daarvan het aanvanklik verminder na slegs ses maande van die jaar en tans is dit ’n seisoenale program wat slegs drie maande van die jaar uitgesaai word (waarvan die seisoen later in die jaar herhaal word). Die toeligting tussen die voorlesings het heeltemal weggeval en dit is vervang deur die speel van musiek. Die program se titel het verander na *Vers en klank*. Hugo (2003) beskryf dié verandering as vanaf ’n meer intellektuele program na ’n stemmingsprogram.
- *Skakelhuis* was ’n weeklikse poësieprogram waarin Hugo intertekstuele verbande tussen gedigte bespreek het. Dit vorm nie meer deel van RSG se oorspronklike aanbod nie en maak deel uit van opvoedkundige programme.

Dit is verminder na elke tweede week en later na slegs een maal per maand.

Hugo (2003) bied dit sonder betaling aan.

- Die oggendprogram, voorheen *Vrouefokus*, nou *Forum*, het 'n gereelde insetsel gehad waarin sketse deur vroueskrywers oor vroue, voorgelees is. Die insetsel het heeltemal van die nuwe program verdwyn. Hierdie soort program was ook 'n impetus vir die uitgee van bundels waarin hierdie sketse saamgestel is, soos byvoorbeeld die inspirerende essaybundels *Halte Tevredenheid: 'n reisverhaal met 'n verskil* (CUM, 1994) en *Jy maak 'n verskil* (J.L. van Schaik, 1995) deur Maretha Maartens, wat weer eens 'n verband tussen die mediasubsisteem en die genereringsfase van die uitgeeproses aandui.
- Die kleuterprogram *Siembamba* het ruimte gelaat vir inheemse kinderstories deur Suid-Afrikaanse skrywers en luisteraars kon ook skryfwerk vir voorlesing instuur. Alhoewel dit nie meer bestaan nie, word kinderverhale soms nog voorgelees.
- Buiten die enkele radiosepie wat daaglik uitgesaai word, het radioteater (die opvoering van radiodramas) ook verminder. 'n Radiosepie soos *Stralejakkars* het ook later aanleiding gee tot die fiksiepublikasie *Skrikkelkind: Girly se storie* (Tafelberg, 2000) deur Leon van Nierop.
- *Leeskring* is 'n weeklikse boekbesprekingsprogram waarin Hugo breedvoerig met die skrywers van (hoofsaaklik) onlangs gepubliseerde fiksietitels gesels. "Literêre" titels kom gereeld onder die loep en dit word dwarsdeur die jaar uitgesaai. Dit lewer 'n besondere bydrae tot die bewustheid van nuwe Afrikaanse fiksieboeke by luisteraars en is eintlik die enigste gereelde program oor boeke wat oorgebly het.
- Die weeklikse vroeëandprogram *ZIP* is in 2004 begin. Dit is op jonger luisteraars gemik waar boeke en lees as 'n ontspanningsaktiwiteit deurlopend deel van die gesprektemas vorm. Die kinderboekuitgewer Carina Diedericks-Hugo tree as medeaanbieder op.
- *Daar's ink in ons are* is 'n reeks van dertien hoorbeelde wat in 2004 deur Bettie Kemp vervaardig en aangebied is. Die fokus het geval op Afrikaanse skrywersfamilies waar meer as een lid 'n skrywer is. Die kreatiewe wisselwerking tussen hierdie skrywers is belang.

- In 2005 het 'n tweede reeks hoorbeelde, *Kontrei-stories – van skrywers in hul klein vaderland*, gevolg (ook deur Bettie Kemp vervaardig). Elke episode het op 'n spesifieke streek gefokus en die werk van skrywers wat uit daardie streek afkomstig is, is belig (Luyt, 2005:8).

'n Verskuiwing wat RSG se programaanbod oor die letterkunde positief beïnvloed het, was die beskikbaarstelling van borgskappe vir programme oor die letterkunde. Die twee laasgenoemde reekse hoorbeelde is gesteun deur die tydskrif *Rooi Rose*, *Leeskring* word ondersteun deur Sanlam en die RSG & Sanlam-radiodrama-skryfkompetisie word ook deur Sanlam geborg. Die feit dat hierdie programme finansiëel deur borgskappe ondersteun word, is 'n aanduiding dat die fokus op skrywers en boeke deur kommersiële media toenemend onder druk verkeer. RSG bied by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees in 2005 'n gratis letterkundige-gedenkprogram, *Die Beiteltjie*, aan wat saamgestel is uit hoorbeelde uit hulle argief en waarin Afrikaanse skrywers gehuldig word (KKNK, 2005:35). Dit is hierdie soort inisiatiewe wat die algemene sigbaarheid van boeke en skrywers verhoog en só positief bydra tot die bemarkingsfase van die uitgesisteam.

Suid-Afrikaanse televisie is nog nooit standhoudend as 'n bemarkingsforum vir boeke ontgin nie. Beide televisie-advertensies van spesifieke titels sowel as die sigbaarheid van boeke oor die algemeen deur programme met 'n (gedeeltelike) fokus op boeke en skrywers is afgeskeep. Televisie-advertensies is wêreldwyd bloot net té duur vir uitgewerye en pas nie binne hulle beperkte bemarkingsbegrotings in nie (Baverstock, 2000:94). Die televisie-advertensie van André P. Brink se roman *Voor ek vergeet / Before I forget* in 2004 was 'n absolute uitsondering op die reël. Joernaalprogramme uit die vorige bedeling van die SAUK soos *Antenna*, *Potpourri* en *Ses op Een* was in hulle redaksionele fokus meer gerig op die bevordering van Afrikaanse kultuur en kultuurprodukte (ook boeke) – *Antenna* en *Potpourri* was byvoorbeeld borge van skrywerskompetisies. Die enigste program op SABC wat tans soms aandag aan (Afrikaanse) skrywers en boeke gee, is die joernaalprogram *Pasella* (SABC2). Rautenbach (2002) is van mening dat 'n gereelde weeklikse insetsel op 'n program soos *Pasella* oor boeke en skrywers 'n waardevolle bydrae tot die gesprek oor boeke kan lewer. Rautenbach stel voor dat sulke insetsels fokus op kreatiewe onderhoudsprofiele oor skrywers waar die skrywer nie noodwendig 'n ateljeegas is

nie, maar eerder geteken word binne sy eie omgewing. Daardeur kan “die mens agter die skrywer” aan die publiek bekendgestel word en dit behoort lesers te prikkel om hulle boeke te koop, veral as dit ’n gereelde instelling word. In die konteks van ’n skaarste aan blootstelling vir boeke en skrywers op televisie was die inisiatief om ’n boekbekendstelling van Marita van der Vyver se bundel *Die hart van ons huis – ’n Skrywer in Provence* (Tafelberg, 2004), met ’n optrede deur die skrywer self, deel van die storielyn van die gewilde Afrikaanse sepie *7de Laan* (Loots, 2004:17) te maak, ’n innoverende bemarkingstrategie. Die sanger Chris Chameleon het in 2005 as deel van ’n literêre week (wat deel van die storielyn gevorm het) toonsettings van gedigte van Ingrid Jonker op *7de Laan* gesing (Nel, 2005a:6). Tydens dié week is daar verskeie verwysing na die Afrikaanse letterkunde en spesifieke skrywers en tekste in die storielyn ingewef. In 2005 het ook André P. Brink ’n verskyning in *7de Laan* gemaak vir ’n bekendstelling van sy roman *Bidsprinkaan*. In 2006 is die verskyning van Deel XII (die letters P en Q) van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)* in die boekwinkel op die *7de Laan*-stel gevier. Die WAT het ook ’n kompetisie aangebied waarin kykers van *7de Laan* genooi is om die sepiekarakter Oubaas se verdraaide Afrikaanse idioome reg te stel deur die korrekte idioom na ’n SMS-nommer te stuur (*Volksblad*, 03.05.06:3). Die plakkate wat deel vorm van die boekwinkel se dekor word ook gereeld vervang om nuwe Afrikaanse fiksietitels te adverteer. Anneke Boshoff (2005), NB-Uitgewers se bemarkingsbeampte wat vir hierdie innoverende bemarking verantwoordelik was, noem dat meer soortgelyke inisiatiewe beplan word. Dit is hierdie soort inisiatiewe waardeur die algemene sigbaarheid van boeke en skrywers verbeter word en wat hopelik op die langtermyn ’n bydrae sal lewer tot die wyer bemarking van fiksiepublikasies.

Met die totstandkoming van die Afrikaanse vermaaklikheidskanaal kykNET, as deel van digitale satelliettelevisie (DSTV) in 1999 (Capedi, 2002), is die sigbaarheid van boeke en skrywers op televisie vir diegene wat wel DSTV kan bekostig (dit is betaaltelevisie waarvoor intekenare ’n maandelikse intekeningsfooi betaal) verhoog. Die volgende kykNET-programme het direk tot die bevordering en bemarking van Afrikaanse fiksie bygedra:

- *Boeksusters*, aangebied deur Madelein van Biljon en Cecile Celliers, was ’n reeks wat op boeke en skrywers as sentrale tema gefokus het. ’n Lys van

aanbevole boeke is in elke episode kortliks bespreek en genoemde skrywers het as ateljeegaste oor hulle boeke gesels.

- *Ja-Nee Poësie*, met Breyten Breytenbach as aanbieder, was 'n reeks wat die digkuns van bekende digters en die temas in hulle werk bespreek het. Die betrokke digter was telkens 'n ateljeegas en Breytenbach het 'n gedig uit die wêreldletterkunde, wat by die digter se werk aansluit, vertaal en voorgelees. Die doel van die reeks was juis om digkuns toeganklik te maak en die mens agter die gedigte bekend te stel.
- *Sandra op 'n drafstap*, aangebied deur Sandra Prinsloo, het onderhoude gevoer met bekende Suid-Afrikaners, waaronder ook persone uit die Afrikaanse taal, kultuur en letterkunde, soos byvoorbeeld die digters Elizabeth Eybers en Joan Hambidge, die skrywers P.G. du Plessis en Dalene Matthee en die letterkundiges Ena Jansen en Elize Botha. Prinsloo het telkens gepoog om 'n beeld van die mens agter die boek te skets en het ook gefokus op die skryfproses en bekende temas in die digters / skrywers se werk.
- *Kwêla* is, anders as bogenoemde programme wat slegs reekse was, 'n joernaalprogram en vorm deel van kykNET se gereelde aanbod. Dit word weekliks uitgesaai en insetsels oor skrywers, boeke, teaterproduksies, akteurs en ook ander kulturele, sosiale en lewenstyltemas kry gereeld aandag daarin. Buiten die algemene sigbaarheid en bemarking van boeke en skrywers, lewer *Kwêla* ook 'n indirekte bydrae tot die genereringsfase van die uitgesisteem deurdat dit as mediaborg van die Sanlam / *Insig* / kykNET-Groot Romanwedstryd optree en televisiedekking aan dié wedstryd gee.
- *Kunskafee* was 'n weeklikse joernaalprogram wat spesifiek op die kunste konsentreer. Behalwe vir die fokus op visuele en beeldende kuns, uitvoerende kuns (dans, teater, musiek) en argitektuur, het die boekerubriek wat deur Hettie Scholtz behartig is deel van die vaste aanbod van die program uitgemaak. Die program is in die middel van 2003 ingekort van een uur tot 'n halfuur weekliks, wat meegebring het dat die boekerubriek slegs een keer per maand gebeeldsind is (Scholtz, 2004). Die boekerubriek het gereeld gefokus op Afrikaanse fiksiepublikasies. Scholtz het in 2002 die Sefika Boekjoernalis van die Jaar-toekenning vir hierdie rubriek ontvang. *Kunskafee* is in 2004 as die beste Suid-Afrikaanse kunsteprogram op televisie aangewys en bekroon met die Kuns-en-Kultuurtrust (ACT) se prys in die kategorie media van die

jaar (*PLUS*, 11.11.04:6). Ongelukkig is die program in September 2005 gestaak wat 'n groot verlies ingehou het vir die deurlopende sigbaarheid van en kundige insetsels oor boeke en skrywers op televisie.

Theo Erasmus, kanaalhoof van kykNET, het die staking van *Kunskafee* verdedig op grond van sakebeginsels en die feit dat kykNET 'n kommersiële kanaal is wat nie sonder finansiële steun, in die behoeftes van nismarkte kan voorsien nie.

Herhaaldelike pogings om borgskappe te verkry waardeur die produksiekoste van die program gedra kan word, was onsuksesvol. Volgens Erasmus (aangehaal in De Lange, 2005:3) het kykNET nie 'n sosiale verantwoordelikheid te behoud en bevordering van die kunste nie en staan die kommersiële bestuur en sukses van die kanaal sentraal. Die toenemende klem op kykNET as kommersiële kanaal en die fokus op vermaak (Erasmus, 2002; 2004) voorspel dat programme wat grotendeels op die letterkunde en kunste fokus (soos byvoorbeeld *Boeksusters*, *Ja-Nee Poësie* en *Kunskafee*) waarskynlik nie weer vervaardig sal word nie.

3.3.1.3 Elektroniese media

Die ontwikkeling en beskikbaarheid van elektroniese media, as een van die uitstaande tegnologiese transformasieverskuiwings van die 1990's en vroeë 2000's, het 'n onskatbare bydrae tot die bemerking van boeke, die algemene sigbaarheid daarvan en die deurlopende gesprek rondom die letterkunde gelewer. Die elektroniese media, in 'n veel groter mate as die gedrukte media en uitsaaimedia, het by uitstek 'n deurlopende bemarkingsforum vir boeke, skrywers en die letterkunde in die algemeen in die vroeë 2000's geword. Webwerwe soos *LitNet* en *Boekwurm* lewer 'n groot bydrae tot die bemarkingsfase van die uitgesistiem terwyl die beskikbaarheid van elektroniese handel deur die elektroniese boekhandelaar Kalahari.net die verspreidings- en afleweringfase van die uitgesistiem positief beïnvloed het. Om herhaling te vermy, word hierdie elektroniese mediaplatforms en die impak daarvan op die uitgesistiem van Afrikaanse fiksie, as deel van die tegnologiese konteks bespreek (sien 3.4.3).

3.3.2 Kultuursubsisteem

Die kulturele sisteem omvat verskeie kulturele aktiwiteite in 'n samelewing, wat deur 'n verskeidenheid rolspelers (gegroepeer in verskillende subkulture) beoefen word. Binne die uitgesisteem vorm die kulturele sisteem 'n subsisteem deurdat die produk van die uitgesisteem (die boek) as 'n kultuurproduk binne die mark (wat op sy beurt ingebed is in die kulturele sisteem) ontvang en verbruik word. Die verbruik van die boek as kultuurproduk impliseer ook 'n bepaalde vorm van kulturele aktiwiteit, naamlik lees. Die bestaan en ontwikkeling van 'n leeskultuur en boekkultuur is in wese 'n kulturele aangeleentheid en word mede-bepaal en beïnvloed deur kulturele waardes en norme. Die uitgewerybedryf word as beide 'n kulturele en strategiese bedryf beskou: as kulturele bedryf deurdat kultuur in die teks en grafika van die produk van die uitgewerybedryf (die boek) uitgebeeld word en as strategiese bedryf deurdat die produksie van hierdie produkte van kulturele uitdrukking 'n ekonomiese aktiwiteit is en 'n strategiese funksie binne die samelewing vervul (CIGS, 1998:6).

Saam met boeke bestaan ook ander kultuurprodukte waardeur kultuur uitgedruk word en wat as vorme van (sub)kultuurbeoefening beskou kan word, byvoorbeeld die uitvoerende kunste wat teaterproduksies en musiekprodukte insluit, die visuele en beeldende kunste en massamediaprojekte as kultuurprodukte wat koerante, tydskrifte, televisie en die radio insluit. Daar bestaan 'n mate van mededinging tussen die verskillende kultuurprodukte in terme van (i) die behoefte van verbruikers aan spesifieke kultuurprodukte en (ii) die spandering van bestebare inkomste deur verbruikers aan spesifieke kultuurprodukte. In Bourdieu se terme gaan dit oor die magstryd om die legitimisering van kuns (kultuurprodukte) wat afspeel in die veld van kulturele produksie en spesifiek die simboliese produksie waardeur die waarde van kultuurprodukte bepaal word en wat ingebed is in die groter magsveld van die samelewing.

Dit val buite die bestek van hierdie studie om 'n ondersoek na die mededinging tussen kultuurprodukte te doen aangesien dít 'n omvangryke selfstandige ondersoek sal regverdig. Eweneens kan daar nie binne die bestek van hierdie studie aandag gegee word aan al die verskeie verbande tussen boekproduksie as institusie in die kern van die uitgesisteem en die kulturele subsisteem nie. In hierdie afdeling word van dié

verskeie verbande oorsigtelik aangeraak. Verskuiwings wat kultuurprodukte gedurende die periode 1990-2005 beïnvloed het en spesifiek die verband wat dit met Afrikaanse fiksie het, word ook bespreek. Verskillende vorme van die media, spesifiek die mate waartoe dit as forum vir die bemarking van Afrikaanse fiksietitels dien, is in 3.3.1 bespreek en word nie hier herhaal nie. Die verband tussen die Afrikaanse musiekbedryf, teaterbedryf en die boekuitgewerybedryf word ook hier aangedui. 'n Kultuurfilosofiese blik op die plek van die boek binne die huidige kommunikasie-era, die huidige kulturele klimaat en die impak daarvan op Afrikaanse fiksie word oorsigtelik bespreek. Die ontwikkeling van 'n leeskultuur en boekkoopkultuur as ontwikkelingstrategie vir die algemene mark word onder die loep geneem.

3.3.2.1 Die impak van transformasie op kulturele bedrywe

Die transformasieproses wat sedert die begin van die 1990's afgespeel het in die Suid-Afrikaanse samelewing, het direkte en indirekte implikasies vir kulturele bedrywe oor die breë spektrum ingehou. Voormalige institusionele ondersteuning en subsidiëring deur die staat het afgeneem en die oorlewing en groei van hierdie bedrywe het toenemend op die privaatsektor en die algemene mark aangewese geraak. Dit hou nie alleen implikasies vir die finansiële bestaan van die bedrywe in nie, maar ook vir die soort produk wat deur die bedrywe geproduseer word in terme van die klem wat verskuif na strenger ekonomiese beginsels van vraag en aanbod.

(a) Die boekuitgewerybedryf

In die uitgewerybedryf het institusionele afskaling neerslag gevind in die verminderde aankope van skoolhandboeke (sien 3.3.4.1), die krimpende aankoopbegrotings van biblioteke (sien 3.3.5.1) en die groter klem op die algemene mark (veral wat algemene publikasies, fiksie en nie-fiksie, betref). In sisteemterme kan die verskuiwing as volg beskryf word: waar die biblioteeksubsisteem en onderwyssubsisteem tradisioneel nader aan die kern van die uitgeesisteem gestaan het (deur die klem op aankope van skoolhandboeke en boeke vir die biblioteekmark), het dit na die periferie verskuif en het die aangewesenheid op die algemene mark (die kultuursubsisteem) nader aan die

kern beweeg. Die produksie van Afrikaanse fiksie, wat in die verlede in 'n bevoorregte posisie was deur grootskaalse ondersteuning deur indirekte staatsbefondsing (standhoudende aankope van skoolhandboeke en biblioteekboeke) waardeur minder winsgewende fiksieprodukte (as gevolg van 'n klein algemene mark) gekruissubsidiëer is, was skielik aangewese op strengere ekonomiese beginsels. Die implikasie was dat titels wat voorheen kunsmatig lewensvatbaar was deur kruissubsidiëring, nou moeiliker uitgegee kon word (die verband met die ekonomiese sub sisteem word in 3.4.2.4 bespreek en die impak op spesifieke soorte fiksietitels word in Hoofstuk 6 aangespreek).

(b) Die teaterbedryf

Die impak van transformasieverskuiwings op die teaterbedryf gedurende die 1990's toon 'n vergelykbare invloed op die voortbestaan van die bedryf en die soort produk van die bedryf. Die instelling van vier provinsiale streekkunsterade in 1962, inderwaarheid 'n vorm van institusionele bevordering van teater deur die staat, het die vestiging van 'n teaterkultuur en die opbou van teatergehoore moontlik gemaak. Dit het aanleiding gegee tot die goue era van Afrikaanse toneel in die laat 1960's en die 1970's, maar 'n nadelige situasie het ontstaan waar die produk van die teaterbedryf eksklusief geword het: die meerderheid produksies was op 'n nismark van eksklusiewe teatergangers gemik, akteurs het vir mekaar en kritici eerder as vir gehore begin speel en die gemiddelde teaterganger is geleidelik van die teater vervreem (Leuvenink, 2000:18; *Die Tweede Lewe*, 2001). 'n Verdere nadelige gevolg was dat die staat deur subsidiëring 'n greep op die produk van die teater gekry het, waardeur kritiek teen die apartheidsideologie in produksies onderdruk en teengewerk is deur sensuur, in só 'n mate dat die streng voorskrifte deur die destydse Publikasieraad ten opsigte van taal en temas aanleiding gegee het tot selfsensuur by dramaturge en dit hulle só ontmoedig het dat van die beste Afrikaanse dramaturge soos André P. Brink en Bartho Smit opgehou het om vir die teater te skryf (*Die Tweede Lewe*, 2001). Bowenal was die teaters van die streekkunsterade nie toeganklik vir bruin en swart akteurs en gehore nie. Dit het aanleiding gegee tot die opkoms van Afrikaanse gemeenskapsteater of protesteater in die gemeenskappe van bruin Afrikaans-

sprekendes waar teater 'n instrument in die bevrydingstryd geword het (*Die Tweede Lewe*, 2001; Wilson, 2003).

Ná 1994 is staatsondersteuning vir die teater drasties afgeskaal, die streekkunsterade is ontbind en deur 'n Nasionale Kunsteraad vervang en die voortbestaan van die Afrikaanse teater was skielik in 'n oorlewingskrisis gedompel. Die reaksie hierop was die instelling van 'n aantal kunstefeeste regoor die land waardeur teater teruggebring is na die mense. Die taaloudit (Prinsloo, 2004:20-26) dui die bestaan van die volgende plaaslike kunstefeeste aan: Aardklop Nasionale Kunstefees in Potchefstroom, Die Burger Suidoosterfees in die Kaapse Skiereiland, Eleven O'Clock Rooibos Cederbergfees, Gariiep Kunstefees in Kimberley, Hadida Tzaneen Kunstefees, InniBos Laeveld Nasionale Kunstefees in Nelspruit, Kierieklapper Kunstefees in Mokopane, Klein Karoo Nasionale Kunstefees in Oudtshoorn, Kollig Kunstefees in Durban, Pierneef Paljas in Pretoria, Rittelfees in Vredendal, Volksblad-kunstefees in Bloemfontein en die Woordfees in Stellenbosch. Daar bestaan ook die Kalfiefees in Hermanus, die Cullinan Kabaal en 'n hele aantal kleiner kunste-, musiek- en kulturfeste regoor die land. Al hierdie feeste fokus in 'n meerdere of mindere mate ook op boeke, skrywers en die letterkunde. Die volgende kunstefeeste vind jaarliks in die buiteland plaas en dien ook tot 'n mate as bemarkingsforum vir boeke: Cheetah Nasionale Kunstefees in Namibië, KaNasie in Kanada, KiwiKasie Kunstefees in Nieu-Seeland, UKkasie in Londen en die Bank Windhoek-fees (Prinsloo, 2004:26-27).

Die kunstefeeste het wat aantal en grootte betref teen 'n besondere vinnige tempo gedurende die tweede helfte van die 1990's en vroeë 2000's ontwikkel. 'n Debat het ontstaan oor die aanbod van kunstefeeste met betrekking tot die verhouding tussen kuns en vermaak (daar is selfs 'n aanlynberaad deur die elektroniese tydskrif *LitNet* aangebied wat as forum vir hierdie debat gedien het – vergelyk *LitNet*, 2004).

Terwyl die produksie van “literêre” teater in die vorige bedeling deur staatsubsidies moontlik gemaak is, is die post-1994-teaterbedryf uitgelewer aan die markfaktore van vraag-en-aanbod. 'n Groot gedeelte van die mark wat kunstefeeste ondersteun, ondersteun nie noodwendig teaterproduksies nie, maar wel vermaaklikheidsaanbiedinge soos die gratis verhoë van mediaborge waar musiekkunstenaars optree.

Die bestuur van kunstefeeste is gedwing om in die markvraag na vermaak te voorsien wat daartoe lei dat kunstefeeste deels in vermaaklikheidsfeeste ontwikkel. Die mate waarin die teaterbedryf tot die ontwikkeling van 'n “literêre” kultuur en die waardering van “literêre” kultuurprodukte bygedra het, is dus deur transformasie verskraal.

Die filosoof Bert Olivier (2003:2) neem deel aan die gesprekstema “Die rondgaande verhoog: (Suid-)Afrikaanse kultuur ná 1994” tydens die *Die Burger*-lesingreeks by die KKNK in 2003 en hy wys daarop dat ook artistieke produksie vandag (hy sluit hieronder verhoogproduksies, rolprentprojekte, musiekprojekte en “literêre tekste” in) toenemend afhanklik word van kapitalistiese produksieprosesse, insluitend borgskappe waardeur kuns onderwerp word aan winsmotief. Dit impliseer dat slegs artistieke produkte wat met die “heersende smaak” ooreenstem en daardeur loketgewildheid waarborg, as finansiële nie-riskant beskou word en slegs hierdie produkte sal deur borgskappe of beleggings gefinansier word (Olivier, 2003:3). Dit het 'n tweeledige gevolg: aan die een kant verhoog dit die mark se seggingskrag (en word die mark 'n drukgroep wat produksie beïnvloed en sensuur kan uitoefen), maar aan die ander kant beperk dit die kunstenaar se uitvoervermoë van “tekste van vervoering” en dwing dit hom tot die produksie van “tekste van genot” (vergelyk Olivier, 2003:3-4). Olivier (2003:2) haal Rossouw aan wat beweer dat “[...] ons vanaf die kunste onder die tirannie van apartheid [lees ook politieke ideologie en sensuur] beweeg het na die kunste onder die tirannie van die mark” en Olivier beskou beide tirannieë as artistiek-kultureel nadelig.

Die voormalige kulturele kringloop waarin Afrikaanse (“literêre”) teater deur 'n groot aantal teatergangers op gereelde basis ondersteun is, bestaan nie meer nie. Odendaal (2002) meld byvoorbeeld dat daar tydens die hoogbloei van Afrikaanse teater in die 1980's jaarliks meer kaartjies vir aanbiedings in die Staatsteater in Pretoria verkoop is as vir rugby op Loftus Versfeld. Die indirekte verband met Afrikaanse fiksiepublikasies betrek die mate waartoe ondersteuners van “literêre” teater ook moontlik lesers en kopers van (“literêre”) fiksiepublikasies is en waarby 'n verskraling van die vraag-en-aanbod na teater ook 'n verskraling na die vraag-en-aanbod na (“literêre”) fiksiepublikasies sal impliseer. Dit gaan dus oor die verband

tussen die mark in die kern van die uitgesisteem en die kultuursubsisteem. Hierdie verband behoort in 'n selfstandige empiriese kultuurstudie verder ondersoek te word.

'n Ander, meer direkte, verband tussen die teaterbedryf en die uitgesisteem gaan oor die mate van interaksie tussen die teaterbedryf en die genereringsfase van fiksiepublikasies. Hierdie interaksie is wederkerend: enersyds word romans soms vir die verhoog verwerk en word dit opgevoer; andersyds gee verhoogproduksies soms aanleiding tot die uitgee van 'n dramateks. Enkele voorbeelde van eersgenoemde interaksie sluit in: die verhoogverwerkings van verskeie van Dalene Matthee se bosromans (ook as filmdraaiboeke); Christoffel Coetzee se *Op soek na Generaal Mannetjies Mentz*; Barrie Hough se jeugromans *Om te vlerk*, *Skilpoppe* en *Breek* (laasgenoemde verskyn as publikasie ná die verhoogproduksie); Marlene van Niekerk se *Triomf*, Marié Heese se *Die uurwerk kantel*; Annelie Botes se *Raaiselkind*; en interpretasies van Riana Scheepers se kortverhaalbundel *Feeks*, opgevoer as *Hex* (Burger, 2003:3). Die mate waartoe die bywoning van hierdie verhoogproduksies aanleiding gegee het tot die verkope van die publikasies waarop hulle gebaseer is, of hoe die lees van die publikasies teatergangers aangespoor het om die verhoogproduksies by te woon, behoort nagevors te word. Volgens sommige uitgewers word die suksesvolle opvoering van 'n dramateks ook 'n oorweging by die uitgeebeslissing daarvan (Fryer, 2000 en Botha, 2000). Sommige literêre pryse, soos die Hertzogprys vir drama, word slegs toegeken aan gepubliseerde dramatekste. Die moontlikheid om in aanmerking vir sulke pryse te kom, dien dan ook soms as oorwegingsfaktor by die uitgee van dramatekste (sien 6.12.2). In Bourdieu se terme gaan dit oor die prestigewaarde wat sulke toekennings vir beide die skrywer en uitgewery inhou – 'n vorm van simboliese produksie en 'n voorbeeld van die verband tussen simboliese en materiële produksie. Enkele voorbeelde van dramatekste wat ná verhoogproduksies verskyn het, sluit in: Antjie Krog se verwerking van *Mamma Medea* (volgens die uitgewer is die uitgeebeslissing in hierdie geval ook beïnvloed deur die bydrae van dié vertaling tot die dramakanon – Barnard, 2002a); Pieter Fourie se dramas *Naelstring*, *Elke duim 'n koning* en *Koggelmanderman* (wat ook meegehelp het met die toekenning van die Hertzogprys aan Fourie); en Breyten Breytenbach se dramatekste, *Boklied* en *Die Toneelstuk*, wat gelyktydig met die verhoogproduksies verskyn het.

'n Verdere direkte verband tussen die teaterbedryf en spesifiek die bemarkingsfase van die uitgesisteem gaan oor die mate waartoe kunstefeeste as platform vir die bemarking en promosie van Afrikaanse boeke en skrywers dien. Terwyl literêre feeste reeds 'n gevestigde instelling in Engeland, Europa en Amerika is, is die Woordfees (sedert 2000) en die Versindaba (sedert 2005) in Stellenbosch van die min plaaslike feeste wat hoofsaaklik op die Afrikaanse letterkunde en skrywers fokus. Al word die woord in al sy vorme gevier, dus ook toneel en musiek (Van Zyl, 2001d:12-13), is daar ook 'n groot aantal voorlesings deur skrywers en boekbekendstellings op die Woordfees. Die Versindaba is 'n naweekfees wat hoofsaaklik op die poësie gefokus is. Daar word ook jaarliks 'n saamgestelde digbundel uit deelnemers aan die Versindaba se gedigte deur Protea Boekhuis uitgegee en tydens dié fees bekendgestel.

Die Woordfees het uitgebrei na die Aardklop Kunstefeeste waar 'n boekebrekfas en skrywersgala aangebied word en waartydens skrywers uit hulle werk voorlees en daarvoor gesels. Die Volksblad-kunstefeeste fokus ook sterk op boeke en bied verskeie boekprogramme in samewerking met die Universiteit van die Vrystaat aan. Die Time of the Writer-fees wat jaarliks in Durban plaasvind, fokus nie direk op die Afrikaanse letterkunde nie. Die Passaatwindfees as deel van die Kaapse Fees en in samewerking met die Nederlandse organisasie Winternachten, is ter viering van taal en literatuur op universele vlak, gerig op die kruisbestuwing tussen Afrikaans en Nederlands. Dit bestaan uit voorlesings deur internasionale besoekende skrywers sowel as plaaslike skrywers en besprekings oor die temas in hulle boeke en hoe dit by mekaar aansluit, met ander woorde die universele verbande tussen temas (vergelyk byvoorbeeld Van Rooyen, 2003).

Die Boekeparadys en Boek-oase is gereelde instellings op kunstefeeste soos byvoorbeeld die KKNK en Aardklop onderskeidelik waar boeke verkoop word, nuwe publikasies bekendgestel word en lesers genooi word om skrywers te ontmoet. Van Zyl (2002b) meld dat die verkope van boeke op byvoorbeeld die KKNK vanaf R76 000 in die begin tot R250 000 gestyg het, maar dat dit steeds slegs 'n beskeie bydrae is tot die omset van NB-Uitgewers en dat die mees doeltreffende manier om boeke te verkoop steeds deur boekwinkels is. Kunstefeeste het 'n belangrike gebeurtenis vir die bekendstelling van boeke geword, in so 'n mate dat uitgewerye dikwels hulle uitgeeprogramme só beplan dat die verskyningsdatums van nuwe titels met die

aanbieding van kunstefeeste saamval. Daar bestaan persepsies dat boekeprogramme by kunstefeeste jaarliks op dieselfde skrywers fokus en dat die programme 'n stereotiepe idee vergestalt van watter skrywers en boeke by die publiek aftrek sal kry. Alhoewel kunstefeeste wel 'n stimulus vir die sigbaarheid van boeke is, bly dit slegs sporadiese geleentede en dien dit nie as 'n deurlopende meganisme vir die bevordering of behoud van die Afrikaanse boek nie.

(c) Die musiekbedryf

Transformasie in die 1990's en vroeë 2000's het ook 'n direkte invloed op die Afrikaanse musiekbedryf uitgeoefen. Dié kulturele bedryf het hom egter in 'n groot mate van die boekuitgewerybedryf en teaterbedryf onderskei deurdat dit ten spyte van die impak van transformasie sterk gegroei het sedert die 1990's (beide wat die omvang van die bedryf en die verskeidenheid van verskillende musiekstyle betref). Bosman (2004:21) beskryf dit as 'n "ongekende bloeitydperk", as "so 'n groot toename in kunstenaars, genres en subgenres, optree-geleentede en die produksie van CD's dat die terrein haas onoorsigtelik geword het" en as 'n "geweldige opbloeï in Afrikaanse ligte musiek oor die afgelope twee dekades, met 'n ongekende ontploffing in die afgelope ses tot agt jaar" (Bosman, 2003:106).

Die vraag ontstaan nou hoe die musiekbedryf daarin kon slaag om as dié vooruitstrewende Afrikaanse kulturele bedryf onderskei te word. Bosman (2003:106-107, 116-117; en 2004:44) beantwoord dié vraag gedeeltelik deur te wys op verskeie faktore wat tot die opbloeï bygedra het: tegnologiese ontwikkelings wat die produksie van CD's teen relatief lae koste vergemaklik het (die impak van die tegnologie-subsisteem op die kultuursubsisteem) en daardeur die produksie versnel het; die bestaan van doeltreffende verspreidingskanale vir musiekprodukte waardeur die finale produk vinniger by die publiek uitkom (wat die onmiddellikheid en aktualiteit van die inhoud van musiekprodukte verhoog); die ontstaan van kleiner produksiehuise wat bereid is om risiko's te neem; groter blootstelling vir plaaslike kunstenaars deur die instelling van gemeenskapradiostasies; die afskaling van Afrikaans op televisie wat die vraag na Afrikaanse musiek verhoog het; en die instelling van Afrikaanse kunstefeeste en musiekfeeste (byvoorbeeld Oppikoppi) waardeur nuwe geleentede

vir die aanbieding van lewendige musiek geskep is en wat tot groter blootstelling en belangstelling by die publiek vir Afrikaanse musiek gelei het.

Die groei van die Afrikaanse musiekbedryf kan ook direk toegeskryf word aan die aard van die bedryf wat hom leen tot verskillende afsetgebiede (in beide die openbare en private sfere van die samelewing) en verskillende mediums vir die verspreiding van musiekprodukte (in der waarheid verskillende produksiekategorieë of produksiklusse) soos optredes deur musiekkunstenaars (by kunstefeeste, musiekfeeste en private funksies); opnames op verskeie mediums soos CD's, musiekvideo's en DVD's wat deur die mark gekoop word vir gebruik in die privaatsektor en ook oor die radio en televisie uitgesaai word in die openbare sektor. Hierdie verskillende produksiekategorieë of produksiklusse vul mekaar aan en daar bestaan 'n groot mate van mediasinergie tussen die verskillende produkte en die afsetgebiede daarvoor.

Daarteenoor is die boek en die teater grotendeels enkelprodukte wat hoofsaaklik in onderskeidelik die openbare en privaatsektor verbruik word en nie tot dieselfde mate as die musiekbedryf verskillende produksiklusse deurloop of hulle tot mediasinergie leen nie. Die musiekbedryf geniet ook die ondersteuning van die televisie en radio as bemarkingsforums en die sigbaarheid van musiekprodukte word verhoog deur gereelde kompetisies (vergelyk byvoorbeeld die reekse Pop Idols, Zing en Rock Spider op televisie) en toekennings (vergelyk die jaarlikse Geraas Musiektoekennings) wat wye mediadekking ontvang (véél meer as die mediadekking wat aan literêre toekennings en wedstryde afgestaan word). Die instelling van die musiekkanal MK89 op DSTV in 2005 het 'n reuse impak op die sigbaarheid van Afrikaanse musiek op televisie gehad – veral onder jonger luisteraars. Hoewel die kanaal ook Engelse inhoud het, val die fokus grotendeels op Afrikaanse musiek. Deur die beskikbaarheid van hierdie platform was daar ook sterk groei in die vervaardiging van Afrikaanse musiekvideo's wat op MK89 vertoon word.

Die impak van transformasie op die Afrikaanse musiekbedryf kan gesien word in die diverse musiekstyle en -genres wat vandag in Afrikaanse musiek gehoor kan word. Bosman (2004:21) onderskei die volgende style in kontemporêre Afrikaanse ligte musiek (“ligte” word hier teenoor “klassieke” gebruik en dui nie op 'n onderskeid tussen “populêre” en “literêre” nie): pop, folk, country, rock, techno, gospel, die

luisterliedjie, kwaito, tradisionele boere- en sokkiemusiek, techno-boeremusiek, boere-rock en sportmusiek. ’n Hewige polemieks is in die vroeë 2000’s ontlok oor die verhouding tussen sogenaamde “kommersiële” (populêre) en “nie-kommersiële” (literêre) musiek met onder andere Steve Hofmeyr en Anton Goosen as verteenwoordigers van die onderskeie pole van die spektrum (vóór 1990 was die toonaangewende verdeling in musiek tussen “hoofstroom-” en “alternatiewe” musiek op grond van die kunstenaars se ondersteuning van die establishment al dan nie – dus ’n politieke verdeling wat ná demokratisering nie meer geldig is nie). Bosman (2004:22-23) wys op die problematiek van etikettering en klassifikasie en die feit dat buite-musikale en tekstuele faktore ook soms ’n rol speel. Uiteenlopende style van kunstenaars verhinder ook dat hulle in kassies geplaas kan word. Die genoemde debat was ’n uitdrukking van kommer oor die klein en groot happe uit die spreekwoordelike appel of die oorhel van die skaal na die kant van populêre musiek, eerder as ’n verdediging van die produksie van een soort musiekproduk ten koste van die ander.

Uitsprake deur rolspelers en kunstenaars in die dokumentêre televisiereeks *Kom laat ons sing – ’n musikale reis van Laurika Rauch* (2002), gee ’n belangrike aanduiding van die stand van die mark vir Afrikaanse musiekprodukte (wat ook op ander kultuurprodukte, soos boeke, van toepassing is). Dirk Uys (aangehaal in *Kom laat ons sing*, 2002) glo dat daar vandag baie skeppingsenergie in Afrikaanse kuns is (hy noem die musiek en die letterkunde), maar hy is van mening dat die mark se smaak swak ontwikkel is: “Afrikaanse mense het te lank ’n kous oor die kop getrek [...] die manipulasie deur die Broederbond het tot min intellektuele en spirituele groei gelei”. Volgens hom kan die Afrikaanse mark nie deeglik genoeg onderskei tussen musiek met ’n duidelike inhoudelike boodskap (soos dit voorkom in eietydse Afrikaanse rockmusiek en ander genres) en kunsmatige musiek (soos eietydse Afrikaanse dansmusiek met niksseggende lirieke) nie.

Valiant Swart (aangehaal in *Kom laat ons sing*, 2002) sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat die laasgenoemde kategorie besig is om die mark oor te neem. Hy beskryf dit as: “[...] ’n skrikwekkende barometer van wat in mense se koppe aangaan, wat hul interesseer, fassineer, amuseer en vermaak”. Ook die musiekskrywer Theunis Engelbrecht (aangehaal in *Kom laat ons sing*, 2002) lewer ’n belangrike uitspraak oor die musiekmark (en ’n uitspraak wat eweneens op die mark van Afrikaanse

kultuurprodukte in die algemeen van toepassing is) wanneer hy meen dat Afrikaanse musiekkunstenaars wat gehalte musiek maak reeds vanaf 1979 tot nou toe slegs oorleef, terwyl kunstenaars van “bubblegum musiek” in paleise woon. Steve Hofmeyr (aangehaal in *Kom laat ons sing*, 2002) is van mening dat “die kunstenaars wat sterre word in hierdie land alles van ons nasie sê – goed of sleg”. Hierdie uitsprake bewys dat ook die musiekbedryf (soos die boekuitgewerybedryf en teaterbedryf) aan die ekonomiese realiteit van vraag en aanbod uitgelewer is en dat die tirannie van die mark (sogenaamde sensuur deur die mark deurdat die vraag die botoon bo aanbod voer) hoogty vier.

Die verband tussen die Afrikaanse musiekbedryf en boekuitgewerybedryf handel oor die mate waartoe beide, deur taal as bepalende faktor, uitdrukking van kultuur in kultuurprodukte vergestalt en deur die Afrikaanse mark verbruik word. Die invloed van transformasie op die musiekbedryf en die produkte van dié bedryf, is ook sigbaar in die Afrikaanse boekuitgewerybedryf (in Hoofstuk 6 word in kwantitatiewe terme aangetoon wat die impak van transformasie op die Afrikaanse fiksieboek was). Wanneer die verhouding tussen verskillende produksiekategorieë nagegaan word en sekere kategorieë meer as ander geproduseer word, is dit ’n aanduiding van die markaanvraag na daardie produksiekategorie. Daar kan dus hipoteties aanvaar word dat die produksie van “populêre” musiekprodukte en boekprodukte ’n aanduiding is van die markaanvraag. Soos in die Afrikaanse musiekbedryf, is die mark vir “populêre” Afrikaanse fiksieboeke groot en word daar baie produkte geproduseer om in dié markaanvraag te voorsien.

’n Volgende verband tussen die Afrikaanse musiekbedryf en die Afrikaanse boekuitgewerybedryf is die wisselwerking tussen die produkte van die bedrywe, spesifiek tussen Afrikaanse lirieke en gedigte (tydens die genereringsfase van die uitgesisteem). In haar artikel “Het Afrikaanse rock iets vir die Afrikaanse poësie te sing?” verwys Bosman (2003:102-103) na verskillende uitsprake deur Afrikaanse letterkundiges dat die produksie van Afrikaanse poësie onder druk verkeer. Sy toon dan oortuigend aan dat daar ’n mate van herstel binne die poësisisteem plaasvind deur die wisselwerking waarin dié sisteem met die uitvoerende kunste en musiek verkeer: daar is “duidelike tekens van ’n intensivering in die interaksie tussen Afrikaanse poësie en Afrikaanse musiek” (Bosman, 2003:106). Daar was volgens

Bosman (2003:104-105) oor die afgelope dekade 'n toename in geleentede waarby die poësie deel geword het van die uitvoerende kunste en die musiek, soos deur voorlesings van gedigte deur digters self, voordragprogramme, die literêre bekgevegte onder leiding van Henning Pieterse en die toonsetting en musikale verwerking van gedigte. Gevolglik het poësie uit die binnekamer na die openbare sfeer verskuif.

Die tradisionele skeiding tussen poësie en liriek het ook begin vervaag deurdat kunstenaars wat slegs bekend was as liriekskrywers en sangers (soos Koos du Plessis, David Kramer, Steve Hofmeyr, Amanda Strydom en Stef Bos) nou ook as digters beskou word en daar van hulle digbundels en liriekbundels verskyn het (Bosman, 2003:105-106). Aan die ander kant het kunstenaars wat aanvanklik as digters gedebuteer het, later bekendheid verwerf as sangers, soos byvoorbeeld Koos Kombuis en Gert Vlok Nel. Breyten Breytenbach het deelgeneem aan die oorskryding van die grense tussen poësie en musiek en tree op twee CD's op as voordraer-sanger teen die agtergrond van musikale begeleiding. Die bekende kortverhaalskrywer Hennie Aucamp het reeds in die laat 1970's hom tot die skryf van ook kabarettetekste gewend en het later talle lirieke vir bekende sangers soos byvoorbeeld Amanda Strydom, Elzabé Zietsman en Coenie de Villiers geskryf. Bosman (2003:116-117) kom tot die gevolgtrekking dat “daar allerhande verskuiwings in die kulturele sisteem plaasvind: in die produksie van kultuurgoed en in die resepsie daarvan; moontlik 'n groot verskuiwing in voorkeur van die individuele na die kollektiewe belewenis van tekste van allerlei aard; moontlik ook ingrypende veranderinge in die voorkoms en formaat waarin poësie manifesteer”.

Tydens Antjie Krog (2004) se N.P. van Wyk Louw-gedenklesing, “Die beautiful woorde van Van Wyk Louw”, sluit sy by Bosman se beskouing aan dat die formele poësisisteem onder druk verkeer. Krog (2004:8) is veral bekommerd oor die afwesigheid van 'n jonger geslag nuwe digters: “Waar is dus die Jackie Nagtegaal of Saartjie Botha van die poësie? Waar is die jong weergawes van Patrick Petersen en Peter Snyders? Lewer die talle poësie werksinkels niemand van gehalte op nie? Of bestaan daar wonderlike digters wat doodeenvoudig nie uitgegee word deur vandag se uitgewers nie? Poësie is die barometer van 'n taal se welstand. Te oordeel aan wat gepubliseer word, beleef Afrikaans 'n noodtoestand. So wat gaan aan?”. Sy kom tot die gevolgtrekking dat “jong wit mense op alle plekke gekontesteer en betwis voel” en

vermoed dat “jong mense instinkatief aangevoel het: bly weg van al die dinge waaroor Afrikaners in hoofletters dink: Politiek, Rugby, Digter” en daarom eerder uitwyk na *LitNet*, rock en punk toe en verder dat “jongmense wat skryf hulle vasgeloop het in die heersende taal en styl van Afrikaanse gepubliseerde poësie” (Krog, 2004:9).

Krog se lesing is nie sonder kritiek ontvang nie (vergelyk byvoorbeeld die digter Charl-Pierre Naudé, 2004:8 se kommentaar), maar dit is insiggewend dat sy, soos Bosman, die tendens waarneem dat daar ’n soort herstel van die poësisistiem plaasvind: ’n nuwe geslag wat eerder sangers (“rocksterre”) as digters wil wees en hulself dus eerder in lirieke as in gedigte uitdruk. Buiten die moontlike verklarings vir die sterker posisie van die musiekbedryf bo die boek(poësie)bedryf, voeg Krog die moontlikheid by dat ’n jonger skeppende geslag probeer wegkom van die politieke bagasie van die verlede en daarom ook hulself eerder in musiek as in die digkuns skeppend uitdruk. Hierdie situasie hang saam met die algemene kulturele klimaat, die impak van die massamedia op die tyd waarin ons leef, die verskeidenheid vermaak beskikbaar en die gebrek aan ’n lewenskragtige lees- en boekkultuur.

3.3.2.2 ’n Oorsig oor die heersende kulturele klimaat – ’n kultuurfilosofiese blik

In debatte en polemieke oor die verskraalde produksie van Afrikaanse fiksie (veral Afrikaanse poësietitels) gedurende die laat 1990’s en vroeë 2000’s, het die klem dikwels geval op die rol van uitgewers wat meer waarde heg aan ekonomiese oorwegings by die neem van uitgeebeslissings (vergelyk onder andere Weideman *et al*, 2002) en die afwesigheid van jong nuwe skrywers (vergelyk Burger, 2002 en Viljoen, 2002). Enkele stemme in hierdie debatte het egter ook klem gelê op die impak wat lesers se voorkeure op die produksie van fiksie het. In ’n berig in *Boekewêreld* in 2001 word die kreeftegang van die Afrikaanse letterkunde in verband gebring met “’n algemene kulturele verval wat vaardig is” (Smith, 2001:3). John verwys na ’n “nuwe vorm van ongeletterdheid [as] die gevolg van die psigiese verstrooiing wat die massamedia in die hand werk” en Visagie merk op dat daar “’n soort anti-intellektualisme in die Afrikaanse kultuurlewe teenwoordig [is], ’n aandrag op toeganklikheid en prul vir die massas” (albei aangehaal in Smith, 2001:3). Die verhouding tussen “hoë” en “lae” kultuur (in hierdie geval “literêre”

versus “populêre” fiksie) is ’n komplekse aangeleentheid wat verdien om verder belig te word. Die meningvormers wat hierbo aangehaal is, bevind hulself in die een kamp wat die instandhouding van “literêre” fiksieproduksie verdedig. In ’n ander kamp is diegene wat hulle verset teen elitêre voorskrywing en wat van mening is dat dit juis literêre fiksie (soos onder meer vergestalt in die surrealistiese prosa van die Afrikaanse Sestigters) was wat die Afrikaanse leser vervreem het.

In ’n lesersbrief deur La Cock (2003:25) verklaar hy die kwynende produksie van Afrikaanse fiksie as volg: “Die Afrikaanse boekmark kwyn bloot omdat dit nie gelees word nie”; hy pleit vir “[...] verstaanbare Afrikaanse boeke waarmee die hoofdoel is om die leser ongekompliseerd te versadig”; hy maak die bydrae van die Sestigters as “onverdiende kultusstatus” af omdat hulle “die Afrikaanse leser [vinnig] onder sy jis geskop [het] terwyl daar onbeskaamd na hogere letterkunde gevry is”, terwyl hulle voorgangers, “skrywers in die jare vyftig en vroeër besig was om ’n leeskultuur in die Afrikaanssprekende lesersamelewing te vestig”; hy prys die bydrae van boekklubskrywers vir die verligting wat dit gebring het in die elitistiese “boekewoestyn” (geskep deur die Sestigters se vervreemdende skryfwerk).

In ’n ander lesersbrief sluit Van Burick (2002:10) hierby aan wanneer hy eerder kies vir “’n Engelse hygroman vir die kooi” as “moeilike boeke soos ’n Breytenbachdigbundel”. Dit is onomwonde so dat eksperimentele fiksie uit die 1960’s en 1980’s die leser vervreem en ook groter eise aan die leser stel as ’n liefdesroman wat vir ontspanning gelees word. Die bydrae van eksperimentele fiksie lê egter in die kunswaarde en die vernuwing en uitbreiding van die letterkunde, die plasing van die Afrikaanse letterkunde tussen die “groot letterkundes” in die res van die wêreld en nie in die uitbou van ’n (populêre) leeskultuur nie.

Wat die poësie betref, wonder Bosman (2003:103) of “die modernistiese aandrang op voortdurende vernuwing as belangrike kriterium nie dalk die gekanoniseerde poësie so ver gevoer en die grense so ver verskuif [het] dat die Afrikaanse poësie ontoeganklik vir baie lesers geword het nie?”. Die groei in fiksieproduksie behoort nie gemeet te word aan die groei van een soort fiksieprodukt nie (dikwels ten koste van die teenoorgestelde soort), maar produksiepatrone behoort vir alle fiksieproduksie bepaal te word en dan kan daar gekyk word in hoe ’n mate fiksieproduksie gediversifiseer

het, al dan nie. Die verhouding tussen sogenaamde “hoë” of “literêre” en “lae” of “populêre” letterkunde en die wyse waarop kategorisering in hierdie studie plaasvind, word in 5.6 bespreek en ’n kwantitatiewe ontleding van die produksieprofiel van Afrikaanse fiksie kom in Hoofstuk 6 onder die loep.

Bogenoemde uitsprake gaan in wese oor die heersende kulturele klimaat as ’n vergestaltung van die aanvraag van die mark vir verskillende soorte Afrikaanse fiksieprodukte en hoe uitgewerye in dié markaanvraag voorsien deur die (soort) fiksieprodukte wat hulle produseer. Sommige uitgewers huldig die mening dat ’n markaanvraag vir fiksie nie geskep kan word nie – met ander woorde die vraag bestaan al dan nie en uitgewerye produseer bloot in reaksie op die bestaande vraag. Tog oortuig hierdie argument nie: dit is deel van ’n uitgewer se sosiale verantwoordelikheid om, in samewerking met ander rolspelers in die uitgesisteesem, by te dra tot die vestiging en uitbouing van ’n lees- en boekkultuur en daardeur ’n markvraag vir ’n wye verskeidenheid fiksieprodukte te skep. Hierdie aspek lê dus ook die verband tussen die kultuursubstiesem en boekproduksie as institusie in die kern van die uitgesisteesem bloot: die aanvraag-aanbod-verhouding van die mark (en die heersende kulturele klimaat as ’n aanduiding van dié verhouding) beïnvloed uitgesbeslissings en het ’n direkte invloed op boekproduksie. Dit gaan egter nie slegs oor die vraag-aanbod ten opsigte van “populêre” versus “literêre” fiksie nie, maar meer nog oor die vraag na die fiksieboek in die algemeen as ’n vorm van vermaak of vryetydbesteding, asook die mate waartoe fiksieprodukte en lees toenemend meeding met ’n wye verskeidenheid ander kultuurprodukte gerig op ontspanning.

Boekproduksie hou direk verband met die algemene posisie van die boek as kultuurprodukt binne die kultuursisteesem van die samelewing (in die vorige afdeling is reeds aangetoon dat die Afrikaanse fiksieboek om verskeie redes veel swakker daaraan toe is as Afrikaanse teater of Afrikaanse musiek). Johann Rossouw (2002) verskaf ’n boeiende kultuurfilosofiese ontleding van die plek van die boek binne die verskuiwings in mediasfere en as instrument van kulturele oorlewing. Rossouw (2002:1-2) verwys na die onderskeid tussen die begrippe “oorlewing” en “kommunikasie” na aanleiding van die eietydse Franse denker Régis Debray, wat deur dié onderskeid ’n eietydse kultuurpolitieke ontleding ontwikkel het.

Oorlewering sluit alles in wat met die dinamika van die kollektiewe geheue verband hou, dus ook die verspreiding van inligting tussen verskillende tydruimtelike sferes, terwyl kommunikasie na die verspreiding van boodskappe binne 'n gegewe oomblik (dieselfde tydruimtelike sfeer) verwys. Beide oorlewering en kommunikasie maak van tegniese-materiële steunvlakke gebruik as “vervoermiddel” of medium wat bepalend is van óf oorlewering óf kommunikasie. Die boek (of geskrewe woord) is 'n medium van oorlewering, terwyl televisie, rolprente en ander visuele mediums waardeur die beperking van ruimte oorkom wil word, mediums van kommunikasie is. Toegepas op die Afrikaanse wêreld, beskou Rossouw (2002:2) die apartheidsamelewing vanaf die 1940's tot die 1980's as een van oorlewering, terwyl die post-apartheidsamelewing een van kommunikasie is. Beskou binne hierdie breër kulturele, filosofiese en politieke konteks, het die transformasieproses sedert 1990 meegehelp om die klem te verskuif vanaf oorlewering na kommunikasie en daardeur is die produksie van boeke en spesifiek Afrikaanse fiksie negatief geraak.

Debray (aangehaal in Stassen, 2003:6) onderskei verder tussen drie mediasfere waarin kulturele oorlewering deur verskillende mediums (steunvlakke) oorgedra word: (i) die logosfeer met die gesproke woord (insluitend orale oorlewering en die radio) as medium; (ii) die grafosfeer met die geskrewe woord (insluitend boeke, koerante en tydskrifte) as medium; en (iii) die videosfeer met beelde (insluitend rolprente, televisie en die grafika en ander multimedia elemente van die elektroniese media) as medium. Volgens die uitgewer Nicol Stassen (2003:7-8) het die aanbreek van die videosfeer gemanifesteer in onder meer die einde van politieke eenheid onder Afrikaners (ook 'n gevolg van die transformasieproses), die Amerikanisering van Afrikaanssprekendes en 'n krisis vir die boekebedryf. Lesers van Afrikaanse boeke is hoofsaaklik kinders van die grafosfeer – Afrikaanssprekendes het vir 'n relatiewe kort periode, eintlik maar vir slegs drie dekades, vanaf die 1950's tot 1980's, in die grafosfeer geleef, teenoor die byna vyf eeue waarin Europeërs hulle in dié sfeer bevind het.

Die oorgang tussen die mediasfere (en spesifiek die laaste oorgang na die videosfeer) moet, net soos die oorgang van 'n kultuur van oorlewering na een van kommunikasie, ook beskou word teen die agtergrond van die transformasieproses sedert die 1990's wat implikasies vir die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie gehad het. Indien die

institusionele afskaling van Afrikaans in byvoorbeeld skole en universiteite (die onderwyssubsisteem), die openbare posisie van Afrikaans (in byvoorbeeld die openbare uitsaaimedia in die mediasubsisteem), en die kultuurpolitieke posisie van die Afrikaanse minderheidsgroep verder gevoer word, is Stassen (2003:6-7) van mening dat die Afrikaanse boek as kultuurproduk verder sal verswak en uiteindelik deur slegs 'n klein elitegroepie (kinders van die grafosfeer) in stand gehou sal word.

Na die grootskaalse afskaling in die institusionele ondersteuning van fiksieproduksie (deur verminderde aankope van skoolboeke en krimpemde biblioteekbegrotings – sien 3.3.4.1 en 3.3.5.1) – wat saamhang met die politieke transformasie sedert die 1990's – is fiksieproduksie toenemend aangewese op die algemene mark. Wanneer Rossouw en Stassen se uitsprake in gedagte gehou word, is dit kommerwekkend dat die algemene mark van die toekoms (vandag se jong mense – die sogenaamde “generasie Z”, vergelyk Rossouw, 2002:4) in die denkmodus van die videosfeer funksioneer en nie veel ondersteuning aan die boek as vorm van vermaak afstaan nie (Venter, 2004a). Daarom is dit van uiterste belang dat 'n lees- en boekkultuur op 'n georganiseerde wyse geskep en uitgebou word om te verseker dat daar 'n toekomstige mark vir fiksieboeke sal bestaan.

3.3.2.3 Die ontwikkeling van 'n leeskultuur en boekkultuur as ontwikkelingsstrategie vir die uitgewerybedryf

Die afwesigheid van 'n nasionale ontwikkelingsbeleid ter bevordering van 'n leeskultuur en boekkultuur is problematies vir die boekuitgewerybedryf deurdat dit die ontwikkeling van die bedryf belemmer. Alhoewel daar talle losstaande inisiatiewe bestaan waardeur lees en die waardebesef van boeke bevorder word, word dié inisiatiewe nie oorkoepelend gekoördineer nie en is daar nog nie veel vordering gemaak nie (PICC, 2005:1). Enkele voorbeelde van hierdie inisiatiewe sluit die volgende in:

- Die Sentrum vir die Boek is onder meer betrokke by die bevordering van geletterdheid en lees in Suid-Afrika. Die sentrum se funksies sluit in boekontwikkeling en die bevordering van bewustheid van boeke en dit dien as

'n portaal wat inligting oor die boekebedryf beskikbaar stel (Sentrum vir die Boek, 2004a).

- Die jaarlikse viering van Wêreldboekedag op 23 April wat die aandag op lees en boeke vestig. Die Sentrum vir die Boek is betrokke by die organisering van dié jaarlikse viering. Verskeie ander organisasies, soos byvoorbeeld die provinsiale biblioteekdienste, vier ook hierdie dag deur onafhanklike inisiatiewe ter bevordering van 'n bewustheid oor boeke en lees.
- Verskeie inisiatiewe wat sedert 1995 deur die Departement van Onderwys van stapel gestuur is en waarvan nie een geslaag het nie. Die eerste inisiatief, die Ithuteng “Ready to Learn”-veldtog, is in 1996 deur Minister Sibusiso Bengu geloods met die tweedoelige doelwit om, as 'n politieke fokus, ongeletterde volwassenes na 'n hoër vlak op te voed en om prominentheid te verleen aan die ontwikkeling en voorsiening van basiese onderwys en opleiding vir volwassenes (ABET). Dié projek het, na slegs een jaar van sukses, as gevolg van swak organisasie, die gebrek aan 'n nasionale strategie en kapasiteit in die onderskeie provinsies, swak opleiding van die fasiliteerders en die nie-beskikbaarheid van leesmateriaal in veral inheemse tale, misluk. Die tweede inisiatief, die South African National Literacy Initiative (SANLI)-veldtog, is in 1999 deur die destydse Minister van Onderwys, Kader Asmal, van stapel gestuur en het dit ten doel gestel om die “rug van ongeletterdheid te breek” en die ontwikkeling van 'n nasie van lesers aan te moedig. Die provinsiale projekte is swak befonds en het vir die uitvoering daarvan op vrywilligers staatgemaak. Dit het vroe laat ontstaan oor die regering se werklike verbintenis tot geletterdheidsopleiding vir volwassenes en die voorsiening van nasionale leesprogramme. Die derde projek, die Masifunde Sonke “Building a Nation of Readers”-veldtog is in 2001 deur Asmal van stapel gestuur toe dieselfde jaar as die “jaar van die leser” verklaar is. Die inisiatief is gekoördineer deur SANLI. Die doel van die veldtog was om lees te bevorder en om nasionale geletterdheidsvlakke te verhoog. Die Masifunde Sonke-veldtog was ook 'n mislukking omdat daar nie genoegsame finansiële hulpbronne daarvoor beskikbaar gemaak is nie en dit nie behoorlik bemark is nie. Dit het slegs een jaar geduur en is nou opgeneem in die South African Reading Promotion Initiative. Hierdie inisiatief het ten doel om die waarde en belangrikheid van lees in skole, huise, biblioteke en die werkplek te bevorder en die relevansie

van leesvaardighede in die moderne samelewing te bemark. (Galloway, 2004c).

- Die eerste Suid-Afrikaanse internasionale boekeskou, die Cape Town Book Fair, vind in Junie 2006 in Kaapstad plaas. Dit is 'n inisiatief van die Suid-Afrikaanse Uitgeweryvereniging (PASA), in samewerking met die gevestigde internasionale boekeskou in Duitsland, die Frankfurter Buchmesse. 350 uitgewers (60% plaaslik en 40 % uit die buiteland) sal by die skou teenwoordig wees en regte tussen mekaar koop en verkoop. Die skou is ook toeganklik vir die publiek wat boekbekendstellings en voorlesings deur skrywers kan bywoon. Behalwe vir die formele feesgeleentheid, sal die inisiatief ook poog om die waarde van lees en boeke onder Suid-Afrikaners te verhoog en die vestiging van 'n leeskuiluur, as deel van die kulturele ontwikkeling van die land, aan te moedig (Cape Town Book Fair, 2005).

Behalwe vir bogenoemde inisiatiewe, is talle ander regeringsdepartemente en bedryfsliggame betrokke by die ontwikkeling van 'n lees- en boekkuiluur (sien 3.4.1.2 en 3.4.1.3).

Die tekort aan empiriese navorsing oor eietydse leesgewoontes en leesgedrag (met uitsondering van die drie-fase-projek van die PICC – sien hieronder) is 'n faktor wat bydra tot die apatie rondom die daadwerklike implementering van volhoubare strategieë ter bevordering van 'n leeskuiluur. In hierdie verband is die empiriese navorsing deur Maritha Snyman oor die leesvoorkeure en leesgedrag van Afrikaanse kinders, wat in opdrag van die uitgewerye Via Afrika en LAPA onderneem is, 'n welkome toevoeging en van direkte belang vir die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie. Snyman se studie het 3 380 respondente betrek (Afrikaanstalige skoolleerders in die ouderdomsgroep 9-15 jaar, verteenwoordigend van ses provinsies) en aangetoon dat minder as 20% van die respondente van lees hou en minstens een maal per week 'n boek lees (De Vries, 2006:1). Slegs 16% van die leerders het 'n positiewe houding teenoor lees, terwyl 84% aangedui het dat hulle min of glad nie van lees hou nie (jonger respondente het meer negatief teenoor lees gereageer). Hierdie resultate is veral ontstellend wanneer die tekort aan die aankweek van 'n voorliefde vir lees onder jong lesers in verband gebring word met die impak wat dit op moontlike toekomstige volwasse lesers van Afrikaanse fiksie kan hê. Snyman (aangehaal in De Vries,

2006:1) is bevrees dat “as ’n leeslus nie by die jonger groep aangewakker word nie [...] soortgelyke studies [...] oor vyf jaar nog swakker uitslae [kan] oplewer”. Snyman (aangehaal in Samuel, 2006:4) lê veral klem op die verantwoordelikheid van ouers wat te blameer is vir kinders se negatiewe houding teenoor lees wanneer hulle nie vir hul kinders boeke koop en lees aanmoedig nie: “Boeke laat jou krities en innoverend dink en sinryke besluite neem. Koop boeke vir jou én jou kinders. Lees dit saam en bepraat dit saam. ’n Groter guns kan jy hulle nie bewys nie, en niemand anders gaan dit doen nie.” Volgens Snyman kan kinders se weerstand teen lees afgebreek word “as ouers meer bewus gemaak word van die waarde van lees en saam met die skool by hul kinders se leesgedrag betrokke is, uitgewers die behoeftes van dié lesers in ag neem en die koste van nuwe kinder- en jeugboeke ondersoek word” (aangehaal in De Vries, 2006:1).

Die Print Industries Cluster Council (PICC, 2005:3) erken dat die afwesigheid van ’n leeskuiluur die grootste en mees uitdagende struikelblok vir die groei en ontwikkeling van die plaaslike boekebedryf is, daarom het hulle sedert 2003 begin om ’n drie-fase-projek te loods vir die promosie van ’n leeskuiluur. In die eerste twee fases is wye navorsing oor leesgewoontes en -aktiwiteite geloods. In die derde fase sal ’n landswye veldtog geloods word waardeur lees bevorder sal word deur lees as ’n aktiwiteit te bemark: “[...] an integrated and cohesive national reading campaign to promote the habit through Branding the Activity of Reading (BAR). Like all other things, reading competes with a number of other products, thus the perception of values has to be changed” (PICC, 2005:3). Gevolglik is ’n dokument aan die begin van 2005 deur die PICC (2005) gesirkuleer waarin ’n voorlopige nasionale boekontwikkelingsbeleid uiteengesit word. Die lang afwesigheid van só beleid word toegeskryf aan ’n tekort aan politieke wilskrag, ten spyte van die bestaande losstaande inisiatiewe. In 1994 is die Book Development Council of South Africa (BDCSA) gestig om ontwikkeling van die boeksektor op georganiseerde wyse te bevorder (dié inisiatief het egter nie geslaag nie as gevolg van ’n tekort aan befondsing en ondersteuning deur sleutelrolspelers in die bedryf en die BDCSA het in 1998 doodgeloop). Beide die BDCSA en die Cultural Industries Growth Strategies (CIGS – ’n inisiatief van die Departement van Kuns en Kultuur) het verslae geproduseer waarin ’n oorsig oor die plaaslike bedryf gegee word (sien 5.3) – beide dié verslae het egter nie daarin geslaag om ’n nasionale boekontwikkelingsbeleid of ander wetlike raamwerk vir die groei van die

bedryf daar te stel nie (PICC, 2005:10). Intussen is vordering gemaak in die insameling van data oor die wye spektrum van die bedryf, insluitend data oor die subbedrywe soos die papierbedryf, drukkersbedryf, uitgewerybedryf, boekhandelbedryf en biblioteke, wat bekend staan as die Annual Industry Profile Study en deur die PICC bestuur word (die tekort aan betroubare inligting word juis as struikelblok beskou om die ontwikkeling van die bedryf te monitor – sien 5.3).

Die huidige tekort aan volhoubare groei van die Suid-Afrikaanse boekebedryf word toegeskryf aan die afwesigheid van 'n wetlike raamwerk (soos 'n nasionale boekontwikkelingsbeleid) wat sodanige groei kan ondersteun, fasiliteer en aanmoedig. Boekontwikkeling is uitdagend omdat die tweeledige aard van die boek, as 'n kultuurprodukt én 'n verhandelbare ekonomiese produk, in gedagte gehou moet word. In 'n boekontwikkelingsbeleid behoort voorsiening gemaak te word vir verskeie uitdagings in al die fases van die waardeketting, insluitend die opvoedkundige, kulturele, sosiale en kommersiële verhoudings wat outeur en leser in dié komplekse ketting met mekaar verbind (PICC, 2005:11). In der waarheid behoort 'n boekontwikkelingsbeleid dus aandag aan alle entiteite in die uitgesisteem te gee. 'n Boekontwikkelingsbeleid sal in wese 'n ooreenkoms tussen die staat en die uitgewerybedryf wees, waarin ooreengekom word op intervensie wat sal lei tot groter toegang tot boeke deur 'n breër segment van die gemeenskap aan die een kant en groei van die uitgewerybedryf aan die ander kant (PICC, 2005:12). Die doelwitte van 'n boekontwikkelingsbeleid word as volg uiteengesit (PICC, 2005:12-13):

- Om die status van die boekuitgewerybedryf as beide 'n kulturele en strategiese bedryf te verhoog (onder meer deur fiskale, krediet- en administratiewe aansporings vir alle rolspelers in die waardeketting te bewerkstellig wat deelname aan die bedryf sal stimuleer).
- Om te verseker dat die boekuitgewerybedryf en die produkte van dié bedryf die ryk kulturele erfenis en diversiteit van Suid-Afrika weerspieël.
- Om die diversifisering van eienaarskap, indiensneming en produkte in die totale waardeketting te bevorder.
- Om spesifiek die deelname van voorheen gemarginaliseerdes aan die boekuitgewerybedryf te bevorder (onder meer deur die werknemersprofiel te transformeer en die nodige infrastruktuur van menslike hulpbronne wat

opgelei is vir die take in die verskillende fases van die waardeketting te voorsien).

- Om die ontwikkeling van plaaslike outeurs te stimuleer en die generering van skryfwerk met plaaslike inhoud te bevorder.
- Om die nodige wetlike raamwerk te vestig waardeur outeurs se regte deur voldoende outeursregwetgewing beskerm word.
- Om voldoende en bekostigbare toegang tot boeke vir alle segmente van die samelewing te verseker en voldoende voorsiening te maak vir die leesbehoefte van gestremdes.
- Om programme te loods en te fasiliteer wat lees bevorder en ongeletterdheid sal teenwerk.

Die voorgestelde beleid erken dat daar talle struikelblokke bestaan wat dit sal bemoeilik om elkeen van die bogenoemde doelwitte ten volle tot volvoering te bring. Die res van die dokument sit prioriteite vir elke sektor van die bedryf (skryf, druk, uitgee, boekhandel, biblioteke en lees) uiteen (vergelyk PICC, 2005:15-29). Teen Mei 2006 is daar egter nog nie vordering met die implementering van die voorgestelde boekontwikkelingsbeleid gemaak nie en is dit steeds slegs 'n besprekingsdokument en die toekom daarvan onseker.

Die voordeel van 'n boekontwikkelingsbeleid vir die boekproduksie van Afrikaanse fiksie en die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie is dat dit 'n bydrae sal lewer tot die oplossing van die bestaande uitdagings in die verskeie subsysteme van die uitgesisteem. Dit is veral die vestiging van 'n leeskultuur en die verhoging van die sigbaarheid van lees en boeke in die algemeen, wat positief sal bydra tot die ontwikkeling van die algemene mark vir Afrikaanse fiksieboeke. Wanneer die aankoopbeleid van biblioteke en die onderwyssisteem deur so 'n beleid verbeter, sal dit ook moontlik voordele vir die institusionele aankope van Afrikaanse fiksiepublikasies inhou. Wanneer hierdie markte uitbrei, sal produksie verhoog en in sisteemterme sal die kultuur-, biblioteek- en onderwyssubstelsiem nader aan die kern van die sisteem (boekproduksie as institusie) beweeg. Slegs die toekoms sal wys of só 'n beleid ook nadelige gevolge vir die produksie van Afrikaanse fiksie mag inhou deur die sterk klem wat op rasionalisering en regstellende aksie geplaas word. Dit sal egter 'n kwade dag wees as die staat deur die instelling van 'n nasionale

boekontwikkelingsbeleid beheer oor die produksie van publikasies uitoefen deur byvoorbeeld voorskriftelik te wees oor die aantal titels wat in die verskeie inheemse tale uitgegee word (vergelyk Wafawarowa, 2001:10-13 se sienings oor die moontlike negatiewe aspekte van só beleid). Wanneer Afrikaanse fiksieproduksie, as die mees ontwikkelde plaaslike literêre tradisie, ter wille van die ontwikkeling van fiksieproduksie in die ander inheemse tale ingeperk word, sal dit tot 'n nuwe vorm van staatsensuur lei wat besonder negatief kan wees.

Die onlangse aankondiging deur Pallo Jordan, Minister van Kuns en Kultuur, dat R1 miljard oor die volgende drie jaar vir provinsiale biblioteke bewillig gaan word en R100 miljoen vir skeppende bedrywe, insluitend die boekuitgewerybedryf (RSG, 2006; Bonthuys, 2006:11), is verblydende nuus en is die kragtigste ondersteuning vir die boekebedryf vanaf regeringskant oor die afgelope 16 jaar. Die langtermyn impak daarvan op fiksieproduksie in die algemeen en Afrikaanse fiksieproduksie spesifiek, is egter nog onduidelik.

3.3.3 Literatuursubsisteem

Die uitgeeproses in die kern van die uitgesisteem (spesifiek die genereringsfase) word direk geraak deur faktore in die vakterrein van die soort publikasie wat uitgegee word: faktore en ontwikkelinge in die opvoedkunde raak die uitgee van opvoedkundige publikasies; tendense op verskillende terreine soos byvoorbeeld die ontstaan van nuwe stokperdjies of toerisme beïnvloed die ontwikkeling van nuwe nie-fiksie-publikasies; ontwikkelinge in die verskeie wetenskaplike vakgebiede soos byvoorbeeld die ekonomie of die regte bepaal die inhoud van akademiese publikasies daarvoor. Net so beïnvloed die vakgebied van die literatuur en die literatuursisteem die uitgee van fiksietitels. Deur die fokus van hierdie studie word daar in hierdie afdeling nie aandag gegee aan faktore in ander vakgebiede wat die produksie van ander soort publikasies beïnvloed nie – die toepassing is op Afrikaanse fiksie en daarom word die Afrikaanse literatuursisteem hier onder die loep geneem. Daar word nie gepoog om die Afrikaanse literatuursisteem te rekonstrueer nie, maar slegs om oorsigtelik faktore aan te dui wat die uitgee van Afrikaanse fiksie beïnvloed en in direkte verband staan

met die verskillende fases van die kern van die uitgesisteem – die Afrikaanse literatuursisteem word dus as subsisteem van die uitgesisteem beskryf.

Vervolgens word daar in hierdie afdeling aandag gegee aan die volgende faktore binne die literatuursubsisteem: literatuuropvattings, die outeursprofiel en die demokratisering daarvan, skrywersverenigings en die verhouding skrywer – uitgewer, literêre pryse en literêre wedstryde, opleiding in skeppende skryfwerk en die literêre kritiek en literêre tydskrifte.

3.3.3.1 Literatuuropvattings

“Literatuuropvattings” verwys na die beskouing of opvattings oor wat (“goeie”) literatuur is en nie is nie (“swak literatuur”). Volgens Van der Merwe & Viljoen (1998:30) bestaan ’n literatuuropvatting uit drie dele: “’n opvatting oor die aard en die funksie van literatuur en daarby ook ’n voorkeur vir sekere literêre tegnieke” (vergelyk ook Van der Merwe & Viljoen, 1998:187-218 en Viljoen, 1992c:110-117 oor “literêre evaluering”). Alle rolspelers in die uitgesisteem wat betrokke is by die evaluering of keuring van manuskripte (werwingsredakteurs self en eksterne keurders wat die manuskrip beoordeel tydens die genereringsfase – sien 3.2.1) of van publikasies in gepubliseerde formaat (kritici en resensente wat publikasies resenseer asook lesers wat openbare uitsprake lewer tydens die verbruik- en terugvoerfase – sien 3.2.4) vertrek in hulle uitsprake vanuit hulle persoonlike of die heersende literatuuropvattings.

Literatuuropvattings is gekoppel aan ’n bepaalde tydsgees en speel ’n sleutelrol in die kanoniseringsproses. In ’n bepaalde tyd kan ’n publikasie as “die beste” beskou word en onmiddellik tot die kanon toegelaat word; later kan dit as ’n foutiewe oordeel beskou word en die publikasie kan weer vergete raak; of sommige publikasies bly die toets van die tyd deurstaan, word as “meesterwerke” beskou en herhaaldelik uitgegee (Viljoen, 1992c:110-111). Literatuuropvattings vorm deel van die uitgeefilosofie van uitgewerye van fiksie en word bepaal deur die betrokke uitgewers se persoonlike beskouings oor literatuur. ’n Uitgewer van liefdesromans byvoorbeeld erken die waarde en nut daarvan (dat dit ontspanning en ontvlugting vir die leser bied). Die

voorskrifte van die tydsgespeel egter ook 'n rol omdat dit deur die uitgewer in ag geneem word.

In terme van Bourdieu se veldteorie streef uitgewers na erkenning van die publiek (die uitbreiding of instandhouding van hulle simboliese en kulturele kapitaal) en daarom sal hulle die heersende kollektiewe literatuuropvattinge (soos vergestalt in uitsprake deur die publiek en resensente) in ag neem. Dit sou moontlik wees om literaturopvattinge uit 'n bepaalde periode na te speur deur uitsprake in keurverslae, resensies en lesersbriewe aan koerante, tydskrifte en op webwerwe na te gaan. Die rol van literaturopvattinge kan nagevors word in terme van die invloed daarvan op uitgewers se uitgeebeslissings en die soort publikasies wat uitgegee is soos vergestalt in publikasielyste – só ondersoek val egter buite die bestek van hierdie studie.

3.3.3.2 Outeursprofiel

Outeurs is een van die hoofrolspelers in beide die kern van die uitgesisteem (tydens die genereringsfase) en die literatuursubstelsiem deur die funksie wat hulle verrig, naamlik die generering van die inhoud van publikasies (die skryf van 'n teks). Dit is moontlik om outeurs se bydrae tot 'n spesifieke produksiekategorie (soos Afrikaanse fiksie) vir 'n bepaalde periode empiries na te vors deur na te gaan watter outeurs se publikasies uitgegee is en hoe die samestelling van dié groep outeurs daar uit sien. 'n Outeursprofiel sou aandag aan die volgende aspekte kon gee: die geslag van die outeurs (manlik teenoor vroulik), die ouderdomskategorieë en die verhouding tussen lewende outeurs en outeurs wat reeds oorlede is, die verhouding tussen debutante en gevestigde outeurs, die verhouding tussen verskillende rasse of etniese groepe, die soort publikasies wat die outeurs skryf en die bydraes van outeurs tot verskillende genres, die uitgewerye waardeur die outeurs se werk uitgegee is en of outeurs slegs by een of meer as een uitgewery uitgegee het (met ander woorde die aandeel van outeurs se oeuvres in die opbou van die publikasielyste van verskillende uitgewerye), die mate waartoe outeurs as deel van 'n kollektiewe groep beskou word en die aandeel van verskillende kollektiewe groepe (byvoorbeeld die Sestigters en Tagtigters) aan die produksie in 'n bepaalde periode. Terwyl die rekonstruksie van 'n volledige outeursprofiel buite die bestek van hierdie ondersoek val, word belangrike

verskuiwings in terme van Afrikaanse outeurs en die invloed daarvan op die uitgesisteem gedurende die periode 1990-2005 vervolgens oorsigtelik belig.

(a) Demokratisering van die outeursprofiel

Een van die belangrikste transformasieverskuiwings gedurende die periode 1990-2005 was die begin van 'n demokratiseringsproses waardeur die outeursprofiel, in terme van ras, meer inklusief geraak het. Botha (2001a:73-74) verwys na die situasie in die 1980's (en daarvoor) toe die Afrikaanse skrywersgemeenskap nog sterk verdeeld was tussen rasse (vergelyk ook Van der Merwe, 2000a en Willemse, 2002a). Die verdeeldheid blyk byvoorbeeld duidelik uit die 1985-simposium *Swart Afrikaanse Skrywers*: “[waartydens] bestek opgeneem [is] van die skrale deelname van ‘swart’ skrywers aan die Afrikaanse literêre kanon of hoofstroomletterkunde; daar is gekyk na die literêre aktiwiteit van swart skrywers op daardie tydstip – wat destyds ten opsigte van die ‘hoofstroom’ feitlik iets van die plek van 'n ‘informele sektor’ in die Afrikaanse letterkunde beklee het. Dit wil sê, hul skryfwerk het selde of nooit publikasie deur 'n gevestigde uitgewery van Afrikaanse literêre werk gehaal” (Botha, 2001a:73-74). Die term “swart” word deur skrywers gebruik wat hulself wil onderskei van Afrikaner-skrywers of blanke skrywers, hulle is meestal kleurlingskrywers wat in hulle moedertaal (Afrikaans) skryf (Petersen, 1997:35). Volgens Willemse (2002a) het daar sedert 1977 meer as veertig swart Afrikaanse skrywers in “tydskriffies” en by hulle eie uitgewerye gepubliseer, waarvan Patrick Petersen se Prog-uitgewery (sien 4.7.4) die vernaamste was. In 1995 vind die *Tweede Swart Afrikaanse Skrywers-simposium* op Paternoster plaas en uit die gebundelde referate blyk dit dat die insluiting van swart skrywers by die gevestigde uitgesisteem van Afrikaanse fiksie oor 'n periode van tien jaar nie op groot skaal gevorder het nie (vergelyk die referate “Die ongelyke magsverhoudinge in die Afrikaanse letterkunde” van Petersen, 1997:32-39 en “Die ontoeganklikheid van die Afrikaanse mediawêreld” deur Geldenhuys, 1997:134-138).

Die aanvanklike uitsluiting van outeurs van spesifieke rasse en die latere (geleidelike) regstelling daarvan, toon die verbande tussen die kern van die uitgesisteem (die genereringsfase), die literatuursubsisteem en die politieke konteks. Met die stigting

van Kwela Boeke in 1994 (sien ook 4.3.1.6) is 'n nuwe era in hierdie verband ingelei. Kwela Boeke se uitgeefilosofie maak voorsiening vir skryftalent uit voorheen benadeelde gemeenskappe wat manuskripte kon genereer waarin die klem sou val op die storie eerder as die literêre verdienste – daardeur sou die leesbehoefte van weinig- en nuutgeletterdes aangespreek word deur stories wat met hulle daaglikse wel en wee verband hou (Botha, 2001a:75). Die resultaat was dat 'n aantal nuwe swart Afrikaanse skrywers se stemme begin weerklink het in die produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die 1990's, soos byvoorbeeld: Abraham Phillips, A.H.M. Scholtz, Karel Benjamin, E.K.M. Dido, S.P. Benjamin, Clive Smith, Kirby van der Merwe, Elias P. Nel en Joseph Marble.

Hoewel ras nie 'n oorweging is by die neem van uitgeebeslissings nie (Human, 2004:6), het die outeursprofiel van Afrikaanse fiksie nog nie genoegsaam getransformeer nie en is swart Afrikaanse skrywers nog nie genoegsaam verteenwoordig op die publikasielyste van gevestigde uitgewerye van Afrikaanse fiksie nie. Onder swart Afrikaanse skrywers bestaan daar tans nog 'n sterk persepsie dat hulle by die gevestigde uitgesisteem uitgesluit word (vergelyk Fransman, 2003 en 2004:4). Hierdie groep skrywers gee baie van hulle skryfwerk self uit (sien ook 4.7.4). Tydens die *Derde Swart Afrikaanse Skrywersimposium* in 2005 is daar verslag gedoen oor die demokratisering van die outeursprofiel gedurende die periode 1990-2005 en is aangetoon dat Afrikaanse fiksiepublikasies deur swart skrywers 'n skrale 2% van die totale produksieprofiel uitmaak (sien Venter, 2005 en 2006c vir 'n diepgaande kartering). Daar is wel 'n begin gemaak met die demokratisering van die outeursprofiel van Afrikaanse fiksie maar slegs die toekoms sal wys in hoe 'n mate hierdie (nodige) transformasieverskuiwing uitgebou sal word. Hierdie transformasieverskuiwing is nie net 'n noodsaaklikheid in die strewe na 'n demokratiese outeursprofiel nie, maar ook die groei van die Afrikaanse lesersmark en die demokratisering van die lesersprofiel word direk daardeur beïnvloed.

Die stigting en kort bestaan van die uitgewery Homeros (sien 4.3.1.7), met 'n spesifieke fokus op gay letterkunde in hulle uitgeefilosofie, het op soortgelyke wyse 'n (geringe) bydrae tot die demokratisering van die outeursprofiel gemaak (vergelyk ook Cochrane, 2001:67-77).

3.3.3.3 Literêre groepe en literêre debute

In die literatuurgeskiedskrywing word skrywers uit 'n spesifieke periode dikwels op grond van tematiese- en stylooreenkomste, maar ook op grond van literatuur-sosiologiese faktore, as 'n kollektiewe groep of beweging beskou en word daar na hulle verwys na aanleiding van die betrokke periode, soos byvoorbeeld die Nederlandse Tagtigers van die 1880's. In die Afrikaanse literatuurgeskiedenis word byvoorbeeld verwys na die digters van die 1930's as die Dertigers en na die prosaïste en digters van die 1960's as Sestigters (vergelyk Kannemeyer, 1988). Botha (2005a:2) wys egter daarop dat “[...] ’n dekade-indeling as instrument van periodisering in die literatuurgeskiedenis [nie] deug nie, maar [dat] die etikettering [...] by ons gebruiklik geword [het], waarskynlik om af te baken of te orden omdat die literêre werke wat in opeenvolgende dekades gemaak word, tog dikwels van mekaar verskil. Anders gestel: elke dekade lewer talentvolle skrywers op wat anders skryf as hul voorgangers, wat werk lewer wat beduidend verskil van wat hulle self vroeër gedoen het”.

Tussen die Afrikaanse skrywers van die 1980's was daar nie konsensus oor of hulle hulself as 'n kollektiewe groep beskou nie (vergelyk Heyns, 1995:16-23), tog word daar dikwels na hulle as Tagtigers verwys. Tydens die Woordfees op Stellenbosch in 2005 is die vraag of daar wel sprake kan wees van 'n Tagtigerbeweging weer gestel. In 'n boeiende bespreking van die literatuursosiologiese faktore van die “literêre bedryf” van die 1980's kom Botha (2005a:10) tot die gevolgtrekking dat “daar [...] nie ’n Tagtigerbeweging [was] nie, maar [dat] daar beweging in Tagtig [was]” – ’n formulering wat veelseggend is van die aggremaat van faktore wat ’n rol speel in die bepaling van literêre groepe.

In teenstelling met die voorafgaande groeperings lewer die 1990's (in 'n veel groter mate nog as die 1980's) nie 'n kollektiewe beweging op nie, maar wel individuele literêre debute of stemme. Deur die invoering van nuwe skrywers in die uitgesisteem word nuwe en oorspronklike temas aangespreek, grense verskuif en die dinamika van die sentrum-periferie-verhouding tussen die gevestigde kanon en die uitdaging van die kanon (sisteemverskuiwings) aan die gang gehou. Dit gaan dus oor die verhouding tussen kanonbestendiging en kanonvernuwing deur die toedoen van die uitgee van nuwe skrywers se publikasies.

Gedurende die *Die Burger*-lesingreeks by die KKNK in 2002 lewer prominente Afrikaanse literatoure uitsprake oor sogenaamde “nuwe stemme” in die Afrikaanse letterkunde. Burger (2002) interpreteer “nuwe stemme” as stemme wat vernuwend is ten opsigte van die letterkunde. Hy sluit in sy beskouing aan by Van Wyk Louw wat in 1957 ’n stilstand in die prosa ervaar het. Louw het dit teen die herhaling van dieselfde temas en idees, in dieselfde styl en beskryf die Afrikaanse prosa van die laat 1950’s as gemoedelik-lokaal-realisties. Louw (soos aangehaal in Burger, 2002) identifiseer vier maniere waarop vernuwing kan plaasvind: “deur die aanpak van nuwe temas; deur die opkoms van ’n nuwe woordgebruik; deur nuwe maniere van bou; dit wil sê ’n nuwe volgorde in die aanbied van feite; deur die opkoms van ’n nuwe wêreldbeskouing van waaruit die werk geskrywe word”. Volgens Burger (2002) is daar ’n algemene ervaring van stilstand in ons letterkunde: “is daar tans [2002], ten spyte van literêre bedrywighede – ten spyte van debute en selfs debute deur jonger skrywers, nie juis veel vernuwend nie”.

Viljoen (2002) beskou “nuwe stemme” as skrywers wat vir die eerste keer ’n teks publiseer wat deel uitmaak van die Afrikaanse letterkunde en sy definieer “letterkunde” as: “’n konstruksie [...] wat feitelike tekste uitsluit en waarvan die grense miskien ten onregte gesluit is vir populêre literatuursoorte soos byvoorbeeld die liefdesverhaal wat volgens ’n bepaalde resep geproduseer word”. Viljoen (2002) maak ’n bestekopname van nuwe stemme sedert 1995 en onderskei tussen ses kategorieë:

- Jeugdige nuwe stemme wat hulle vervreem voel van die Afrikaanse literêre tradisie. Hulle lojaliteit en belangstelling lê anders as vir skrywers in die verlede en die informasie tegnologie, ’n wêreldwye populêre kultuur, en verskynsels soos dwelmverslawing en VIGS is deel van die wêreld wat hulle vorm (weer eens ’n teken van die verbande tussen sisteme in die uitgeesisteem). Hierdie jong nuwe stemme sluit onder meer in Sonja Loots, Jaco Fouché, Jaco Botha, Tom Dreyer, Anoeschka von Meck, Herman Wasserman, Izak de Vries en Arnold Vermaak.
- Nuwe stemme van swart Afrikaanse skrywers vir wie die uitgeesisteem eintlik eers in die negentigerjare werklik uitnodigend en toeganklik geword het. Hulle is wel in voeling met die tradisie van hulle voorgangers (skrywers soos SV

Petersen, P.J. Philander, en Adam Small) en daar is 'n sterk gemeenskapsbetrokkenheid en bemoeienis met identiteitskwessies in hulle werk teenwoordig (vergelyk ook Willemse, 2002a).

- Volwasse prosadebutante wat hulle met die geskiedenis en literêre tradisie bemoei en daardeur eietydse vraagstukke aanspreek. Hulle is Christoffel Coetzee, Johann Botha, Dan Sleigh en Dine van Zyl.
- Ander (volwasse) prosadebutante – hulle word afsonderlik gegroeppeer omdat hulle van bogenoemde kategorie verskil deur die temas in hulle werk. Hulle is byvoorbeeld Reinet Nagtegaal, Christiaan Bakkes, Emile Joubert, Zenobia Kock, Johan C. Bakkes en Nanette van Rooyen.
- Bekende skrywers wat 'n nuwe stem kry omdat hulle in 'n nuwe genre begin skryf. Hierdie kategorie bestaan uit twee subkategorieë: eerstens nuwe stemme wat nuut klink omdat hulle voorheen kinder- en jeugliteratuur of populêre literatuur geskryf het en nou die grens na die literêre roman oorgesteek het, byvoorbeeld Engela van Rooyen, Annelie Botes, Erika Murray-Theron en Maretha Maartens; en tweedens skrywers wat die allure van 'n nuwe stem kry deurdat hulle skielik in 'n nuwe genre begin skryf, byvoorbeeld Henning Pieterse wat as digter ook die prosa betree of Riana Scheepers wat as kortverhaalskrywer ook as digter debuteer.
- Nuwe stemme in die poësie – waarvan daar veel minder as nuwe prosaskrywers is. Viljoen gaan in hierdie kategorie na vóór 1995 terug in haar opgawe: Melanie Grobler, Ronel de Goede, Carol Clark, Charl-Pierre Naudé, Matthews Phosa, Heilna du Plooy, Trienkie Laurie, Steve Hofmeyr, Loit Sols, Alan Boesak en Riana Scheepers en die sestien nuwe stemme waarvan gedigte in *Nuwe Stemme 2* (Tafelberg, 2001) uitgegee is (dié lys sluit slegs digters in wat deur “gevestigde” uitgewerye uitgegee is). Viljoen noem Marius Titus, Zandra Bezuidenhout, Cas Vos, René Bohnen, Christine Barkhuizen le Roux, Chris Basson, Elsa Lorenz en Wilna Meyer as nuwe stemme onder digters wat self of deur “private” uitgewerye hulle bundels uitgee.

Viljoen (2002) eindig haar betoog deur by Burger aan te sluit wanneer sy twyfel of daar rede tot selftevredenheid is: “Na die euforie van die vroeë negentigerjare toe die Afrikaanse letterkunde uit sy nate wou bars van al die uitgelate energie, het daar nou 'n soort besadigdheid en stemmigheid ingetree. Dit is byvoorbeeld opmerklik dat talle

van die belowende debute nog nie opgevolg is nie en dat daar in die laaste twee of drie jaar nie 'n radikale vernuwer na vore getree het nie”.

3.3.3.4 Skrywersverenigings en die verhouding skrywer–uitgewer

Wêreldwyd word skrywers se belange beskerm deur skrywersverenigings of -vakbonde wat hulle beywer vir bedingingsmag vir skrywers wat lede van die vereniging is. Deurdat skrywersverenigings skrywers bemagtig, het dit 'n direkte invloed op die posisie van skrywers in die samelewing (byvoorbeeld die beywering vir die beskerming van artistieke en intellektuele uitdrukking). Skrywersverenigings impakteer ook op die kern van die uitgesisteme en spesifiek op die verhouding tussen skrywers en uitgewers (byvoorbeeld met betrekking tot onderhandelinge oor skrywerskontrakte en tantieme).

Afrikaanse skrywers van fiksie is, sedert die stigting daarvan in 1975, deur die Afrikaanse Skrywersgilde (ASG) saamgesnoer. Die verbod op André P. Brink se roman *Kennis van die aand* en die kwessie van sensuur (sien 3.4.1.1(c)) het aanleiding gegee tot die eerste Broederstroomberaad in 1975 waartydens die ASG gestig is. Daarna het die ASG jaarliks 'n skrywersberaad gereël waartydens belangrike aspekte oor die letterkunde en skrywers bespreek is. Teen 1985 was die ASG die grootste skrywersvereniging in Suid-Afrika met meer as 150 lede van verskillende tale, etniese groepe en politieke oortuigings. Die ASG het na die belange van skrywers omgesien deur onder andere die volgende aksies: die bedinging vir 'n standaard kontrak tussen skrywers en uitgewerye en vir billiker verdeling van bloemlesing-tantieme tussen skrywers en samestellers; die bemiddeling van geskille tussen skrywers en uitgewerye; ongerymdhede aan die lig gebring ten opsigte van die voorskrywing van fiksiepublikasies en keurkomitees wat aankope vir provinsiale biblioteekdienste gedoen het; die indiening van klagtes dat die destydse SAUK-TV die letterkunde afskeep; omgesien na die behoeftes en belange van Suid-Afrikaanse skrywers in aanhouding; en gehelp met die opleiding van swart onderwysers en die insameling en verspreiding van gratis boeke aan swart leerders (Smit, 1985a:3-20). Met die oorgang na 'n demokratiese bestel in die vroeë 1990's was die ASG se rol basies vervul

(amptelike sensuur deur die staat was byvoorbeeld grotendeels afgeskaf en skrywers was polities bevry) en het dié vereniging dormant geword.

As uitvloeisel van die *Tweede Swart Afrikaanse Skrywerssimposium* op Paternoster in 1995, waar besin is oor die uitsluiting van swart Afrikaanse skrywers uit die gevestigde uitgesisteesem, word die Afrikaanse Skrywersvereniging (ASV) op 28 Maart 1996 te Zevenwachtwynlandgoed naby Kuilsrivier gestig (Fransman, 2004:4; vergelyk ook Willemse, 1997:238). Die ASV beywer hom vir die bevordering van skrywersbelange in die algemeen, maar rig hom spesifiek op die bevordering en opleiding van skrywers uit die histories benadeelde Afrikaanse gemeenskappe en poog om aan hierdie skrywers geleentheid te bied om uit te gee. Deel van die ASV se werksaamhede sluit die organisasie van skryfwerkwinkels aan aspirant-skrywers, die uitgee van publikasies onder die vaandel van hulle eie uitgewery Xthorro! Publikasies (sien 4.7.4) en die organisasie van voorleesaande ter bevordering van 'n leeskuiluur in (ASV, 2003). As gevolg van sy ontstaansrede het die ASV dus 'n sterk klem op bemagtiging in sy funksies. Deur die feit dat die ASV in die Wes-Kaap geïmposisioneer is en die meeste van sy werkverrigting in die Wes-Kaap en omgewing plaasvind (deels as gevolg van 'n tekort aan fondse), word dit deur sommige waarnemers as slegs 'n provinsiale skrywersvereniging beskou en nie die status van 'n nasionale organisasie toegesê nie (vergelyk Malan, 2002c en Nel, 2002a). Hoewel die ASV 'n inklusiewe skrywersvereniging is, sluit grotendeels swart Afrikaanse skrywers daarby aan en is die ledetal van gevestigde (wit) skrywers minimaal (die verband met die politieke en ideologiese konteks blyk duidelik hieruit).

In 2002 word 'n gespreksdokument deur 'n groep (hoofsaaklik wit) Afrikaanse fiksieskrywers opgestel waarin hulle ontevredenheid met uitgewers uiteengesit word. Dié ontevredenheid gaan hoofsaaklik oor die implikasies van klousules in outeurskontrakte; die oorskakeling van die berekening van tantieme vanaf 'n persentasie op die aanbevole uitgewersprys na 'n persentasie op netto inkomste; die algemene daling in die produksie van fiksietitels (veral poësietitels); en toenemende klem op kommersiële oorwegings in uitgeebeslissings (Weideman *et al*, 2002). NB-Uitgewers antwoord op die gespreksdokument tydens 'n vergadering met skrywers (Breytenbach, 2002a & Van Zyl, 2002a). Die gespreksdokument was 'n katalisator vir die daaruit voortvloeiende debat waarin die impak van die breë transformasieproses

op die produksie van Afrikaanse fiksie en die implikasies daarvan vir Afrikaanse skrywers en die (Afrikaanse) uitgewerybedryf na die oppervlak gebring is. Dié debat was sekerlik een van die vurigste op die Afrikaanse literêre toneel van die vroeë 2000's. Dit is gevoer deur middel van 'n e-pos verspreidingslys genaamd *Boekebelange* onder aanvoering van Charles Malan en later is die *Boekindaba*-forum op die elektroniese tydskrif *LitNet* daarvoor en vir voortdurende gesprek rondom boekkwessies ingerig.

Gedurende die debat word die bestaande ASV hoofsaaklik geïgnoreer en gaan stemme op vir 'n nuwe skrywersvereniging (of herlewing van die dormante ASG). Één ding wat deur die debat na die oppervlak kom, is die steeds bestaande verdeeldheid en gebrek aan integrasie tussen swart en wit skrywers. Tydens die Aardklop Kunstefees in 2002 vind die Boekebelange-beraad plaas as verkennende gesprek tussen rolspelers wat 'n belang by die Afrikaanse boek het (Malan, 2002b). In 2003 word dit opgevolg deur die Verteenwoordigende Afrikaanse Beraad oor skrywers- en boekesake op Nooitgedacht (Grundling, 2003) waar veral swart Afrikaanse skrywers en die ASV sterk verteenwoordig is. Tydens laasgenoemde beraad word besluit dat die ASV as inklusiewe en verteenwoordigende Afrikaanse skrywersvereniging aanvaar word en dat alle Afrikaanse skrywers daarby moet aansluit. 'n Werkskomitee word aangewys om hulle te beywer vir die Afrikaanse skrywer, instandhouding en bevordering van die Afrikaanse boek en die uitbreiding van die ASV. Intussen kon daar nie vordering gemaak word nie omdat die komitee self nie verby verdeeldheid kon kom nie en het die ASV se ledeprofiel nie verander nie (Fransman, 2005).

Onder leiding van Dan Roodt word 'n Afrikaanse tak van PEN in 2004 gestig waaraan hoofsaaklik gevestigde Afrikaanse skrywers, filosowe en akademici hulle steun toesê (Steinmair, 2004). Daar bestaan wel 'n Suid-Afrikaanse tak van PEN waaraan hoofsaaklik Engelse skrywers, gebaseer in Kaapstad, behoort (PEN maak egter voorsiening vir meer as een tak in 'n land wat van mekaar onderskei word op grond van byvoorbeeld taal). Die amptelike aansluiting van die Pretoria-Afrikaanse PEN by die internasionale PEN is aanvanklik gestuit as gevolg van besware deur Nadine Gordimer in 'n brief aan die internasionale organisasie (Isaacs, 2004:7). In 2006 word 'n meerderheidstem ten gunste van die aansluiting van die Pretoria-Afrikaanse PEN by die internasionale PEN tydens die internasionale liggaam se

jaarvergadering in Berlyn aanvaar (Mischke, 2006:7). Die Pretoria-Afrikaanse PEN verteenwoordig tans ongeveer veertig skrywers en beplan 'n jaarvergadering, soortgelyk aan die belangwekkende vergaderings van die vorige Afrikaanse Skrywersgilde in die 1970's en 1980's, vir later in 2006 (Roodt, 2006).

Parallel met die verwickelinge op die Afrikaanse literêre front, organiseer die Nasionale Kunsteraad die konferensie *Voices in Action* in 2002 waartydens die gebrek aan 'n nasionale Suid-Afrikaanse letterkunde en kwessies in die breër Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf beredeneer word (*Die Burger*, 16.07.02:11). Dié konferensie het die stigting van die South African Writers' Association (SAWA – Suid-Afrikaanse Skrywersgenootskap) in 2003 tot gevolg. SAWA is 'n nasionale skrywersorganisasie en het die ontwikkeling van al die Suid-Afrikaanse letterkundes en letterkunde in die breë ten doel en al die verskillende streke en tale word daarin verteenwoordig. Dit is 'n federasie waarby taalspesifieke verenigings soos die ASV kan aansluit (Oliphant, 2003). In 2003 word die landswye inisiatief *Writers and their Rights* deur Monica Seeber van stapel gestuur ter stigting van 'n skrywersvereniging vir skrywers van nie-fiksie- en akademiese publikasies (Seeber, 2003). Die *Academic and Non-Fiction Authors' Association of South Africa* (ANFASA) word in 2004 gestig en beywer hom vir die belange en beskerming van die regte (byvoorbeeld outeursreg) van spesifiek akademiese- en nie-fiksieskrywers (ANFASA, 2004). (Vergelyk ook die rol van die skrywersnetwerk van die Sentrum vir die Boek – sien 3.4.1.3). Verder bestaan daar ook 'n hele aantal informele skrywersverenigings wat werkswinkels vir amateur-skrywers organiseer, informele ondersteuning aan hulle lede bied en publikasies met lede-bydraes self-uitgee, soos byvoorbeeld die Bloemfonteinse Skrywersvereniging, wat reeds in 1970 gestig is (PDAF, 2004); sommige van die ATKV se lede wat in takke organiseer en uitdruklike aandag aan skryf, lees, boeke en die letterkunde gee, soos onder andere (*Taalgenoot*, 02.05:40-41): *Woordfabriek* (in Hartebeespoort), *Woordkrag* (Oos-Rand), *Woordplesier* (Vanderbijlpark), *Woordwoekeraars* (Pretoria) en *Jakaranda* (Pretoria); asook die Pretoria-gebaseerde digtersgroep *Die Woordgilde* (Prinsloo, 2004:64) en skrywers en digters wat gereeld by die *Huis vir Afrikaanse Poësie* (hAp) in Capital Park, Pretoria bymekaarkom.

3.3.3.5 Literêre pryse en literêre wedstryde

Literêre pryse beïnvloed die kern van die uitgesisteem deurdat die toekenning daarvan as erkenning dien aan skrywers wat presteer en hulle aanspoor om verder te skryf. Dit hou ook prestigewaarde vir die uitgewery in. Dit het 'n positiewe invloed op die genereringsfase van die uitgesisteem deurdat dit as impetus dien en in Bourdieu se terme help dit mee aan die simboliese produksie of waarde van 'n publikasie en voeg dit waarde toe tot die simboliese kapitaal van 'n uitgewery. Literêre wedstryde stel vaste sperdatums en moedig skrywers aan om manuskripte daarvolgens te voltooi; dit lei daartoe dat 'n gros manuskripte die uitgewery gelyktydig bereik wat sonder die wedstryd moontlik eers oor 'n langer tydperk sou gebeur (Van Zyl, 2001a). Wedstryde versnel en stimuleer dus die genereringsfase van die uitgesisteem. Hoewel die impak van literêre pryse op die materiële en simboliese produksie van fiksie, waar dit byvoorbeeld direk in verband staan met uitgesbeslissings, wel eksemplaries in hierdie studie aangestip word (vergelyk 6.12.2), behoort toekomstige navorsing onderneem te word om die verband tussen spesifieke pryse en simboliese produksie verder aan te toon (vergelyk die artikel deur Smuts, 2005 as 'n enkele voorbeeld hiervan).

Inligting oor literêre pryse en wedstryde is nie geredelik beskikbaar nie. Die databasis van literêre pryse, toekennings en wedstryde (NALN, 2005) van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) is as primêre bron gebruik om literêre pryse en wedstryde na te gaan. Slegs pryse en wedstryde wat betrekking het op Afrikaanse fiksie gerig op die volwasse mark en wat gedurende die periode 1990-2005 toegeken is, is in aanmerking geneem (pryse vir Afrikaanse kinderboeke en vir Afrikaanse teater, televisie en radio, asook die verskeie erepenninge en toekennings wat aan persone deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en ander instellings toegeken word, is dus buite rekening gelaat). Die inligting is aangevul en geverifieer met behulp van die katalogusse van die betrokke uitgewerye (sien Aanhangsel A) en die gereelde rubriek oor pryse wat verskyn in die literêre tydskrif *Kakkerlak*. Dit val buite die bestek van hierdie ondersoek om die impak van literêre pryse en wedstryde op die produksie van Afrikaanse fiksie empiries na te vors (polemieke rondom die toekenning van pryse en wedstryde, die betrokke prysgeld en die publikasies waaraan pryse toegeken word,

word dus nie aangespreek nie). Die onderstaande is 'n oorsigtelike aanduiding van die prys- en wedstrydprofiel waarin 'n aanduiding van die standhoudendheid van pryse en wedstryde gegee word.

Die volgende pryse het **standhoudend gebly** gedurende die periode (hierdie pryse het vóór 1990 reeds bestaan en is gedurende die periode 1990-2005 standhoudend toegeken):

- Die Hertzogprys is in 1914 ingestel en word jaarliks toegeken deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; om die beurt vir prosa, poësie en drama.
- Die Eugène Marais-prys is in 1961 ingestel en word jaarliks toegeken deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan 'n eerste of vroeë belletristiese publikasie. Dit is al vir al die verskillende literêre genres toegeken, gewoonlik aan debutante en kan net een keer aan 'n skrywer toegeken word.
- Die Nedbank-Akademieprys vir vertaalde werk in Afrikaans is in 1948 ingestel en word jaarliks toegeken deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan 'n uitstaande vertaling van 'n literêre publikasie uit enige taal in Afrikaans. Dieselfde genre-indeling as by die Hertzogprys word gevolg en die prys word om die beurt vir prosa, poësie en drama toegeken.
- Die W.A. Hofmeyr-prys is in 1954 ingestel. Dit is tot 1978 om die beurt toegeken vir prosa, poësie en drama. Sedert 1978 word die prys toegeken aan die verdienstelikste letterkundige werk van enige genre wat in die vorige jaar by die filiale van Via Afrika (voorheen Nasboek – sien 4.3.1) verskyn het; fiksiepublikasies wat deur ander uitgewerye uitgegee is, kwalifiseer dus nie vir die prys nie.
- Die Helgaard Steyn-prys vir Literatuur is in 1988 ingestel en word elke vier jaar toegeken aan die skrywer van die beste Afrikaanse boek wat in die voorafgaande vier jaar verskyn het. Beide fiksie- en nie-fiksiepublikasies kom dus daarvoor in aanmerking. Dit word toegeken deur Via Afrika (*Via Afrika Nuusbriëf*, 29.10.04; 01.10.04).
- Die ATKV-prosaprys is ingestel in 1984 en word jaarliks toegeken aan die beste gewilde Afrikaanse prosawerk wat byval sal vind by die groter leserspubliek. Afrikaanse prosapublikasies van alle uitgewerye kom in

aanmerking daarvoor, nie net publikasies van die ATKV se uitgewery LAPA nie (ATKV, 2003).

- Die Ingrid Jonker-prys is ingestel in 1965 en word jaarliks om die beurt toegeken aan 'n Afrikaanse of Engelse debuutdigbundel. Debuutwerke van die afgelope twee jaar word telkens oorweeg. In sommige jare is die prys al dubbeld toegeken aan beide 'n Afrikaanse en Engelse digdebuut.
- Die J. Andrew Murray-prys vir die Beste Afrikaanse Christelike Boek is ingestel in 1979 en word toegeken aan godsdienstige publikasies. Beide fiksie en nie-fiksie inspirerende publikasies wat deur enige uitgewery uitgegee is, kom vir die prys in aanmerking.

Die volgende pryse is gedurende die periode 1990-2005 **afgeskaf** (hierdie pryse kon óf voor óf gedurende die periode ontstaan het):

- *Rapport* se Boeke van die Jaar-prys is in 1990 ingestel en jaarliks in die vier kategorieë fiksie (prosa), poësie, drama en nie-fiksie toegeken. Dit is die laaste keer in 1992 toegeken. Dit was die tweede prys deur *Rapport* en moet onderskei word van die eerste *Rapport*-prys wat ingestel is in 1986 en in 1988 gestaak is.
- Die FAK-Kaaplandse Helpmekaar-prys vir ontspanningsleesstof is in 1985 ingestel en jaarliks toegeken. In sommige jare is geen toekenning gemaak nie en die prys is in 1993 laas toegeken.
- Die CNA-prys is in 1961 ingestel, twee pryse is jaarliks toegeken vir die beste fiksiepublikasie in Afrikaans en Engels onderskeidelik. Dit is in 1996 opgeskort.
- Die CNA-debuutprys is in 1991 ingestel en tot 1996 toegeken vir die beste debuut-fiksiepublikasie in Afrikaans.
- Die Ou Mutual-prys is in 1985 ingestel en toegeken vir enige fiksiepublikasies in Afrikaans en/of Engels. Die prys is in 1997 laas toegeken.
- Die M-Net-boekprys is in 1991 ingestel en jaarliks toegeken om skrywers aan te moedig om gehalteromans te skryf wat eweneens geskik sal wees vir verwerking as draaiboeke vir rolprentvervaardigers. Dit is toegeken in die taalkategorieë Afrikaans, Engels, Sotho, Nguni en Tsonga/Venda. Die M-Net-boekprys vir Afrikaanse letterkunde is die laaste keer in 2001 toegeken en in 2003 is aangekondig dat Nasboek en M-Net in 'n vennootskap getree het vir

die uitloof van Nasboek (nou Via Afrika) en M-Net se letterkundepryse, waarvolgens hierdie prys en die prys vir Engelse letterkunde verval het en die M-Net-boekpryse voortaan op slegs die inheemse Afrikatale sal fokus (Smith, 2003:3). In 2004 is die M-Net-boekprys vir skeppende werk in Afrikaans heringestel. In 2005 word aangekondig dat die M-Net-pryse oop is vir “romanskrywers in Suid-Afrika se 11 amptelike tale” (dus ook vir Afrikaans) en dat “die reikwydte vergroot deurdat ook biografieë, teaterstukke, kinderboeke, kortverhale, poësie en drama beoordeel sal word” (Brand, 2005a:3). Die M-Net pryse word in drie hoofkategorieë toegeken: vir lang formaat (romans, biografieë en teaterstukke), vir kort formaat (kortverhale en kinderboeke) en vir poësie. Een skrywer sal ook die Lewenslange Prestasie-toekenning ontvang – ’n prys vir sy of haar besondere bydrae tot die literêre wêreld.

Die volgende pryse is gedurende die periode 1990-2005 **nuut ingestel**:

- Die Piet Cillie-prys vir kreatiewe werk is eenmalig gedurende die periode toegeken, in 1998.
- Die Litera-pryse is in 1998 ingestel en word jaarliks deur die *Literator*-vereniging van Suid-Afrika tydens die Aardklop-kunstepfees toegeken. Daar bestaan twee kontantpryse wat toegeken word vir die beste bydraes, deur onderskeidelik ’n gepubliseerde en ’n debuterende skrywer, tot die rubriek “Litera” in die akademiese tydskrif *Literator* (*Literator*, 2001).
- LAPA-Uitgewers se Liefdesromanprys is in 2001 ingestel en word jaarliks toegeken aan ’n skrywer van liefdesromans. Dit vervang die Ela Spence-medalje vir Afrikaanse liefdesverhale van J.P. van der Walt-Uitgewers wat in 1987 ingestel is.
- Die RAU-prys vir skeppende skryfwerk en die RAU Mardene Marais-prys vir die beste skeppende debuutwerk is in 2001 ingestel. Dit word toegeken aan die beste skeppende publikasies wat in die voorafgaande jaar uitgegee is en alle genres kom daarvoor in aanmerking (romans, kortverhaalbundels, digbundels en biografieë). Vanaf 2005 staan die pryse as die UJ-pryse bekend, na aanleiding van die amalgamering van RAU as die Universiteit van Johannesburg. Die beoordelaars heg hoë waarde aan die literêre kwaliteit van die genomineerde publikasies en behou die reg voor om by die afwesigheid

van bekroningswaardige werk die pryse nie toe te ken nie – die UJ-debuutprys vir 2004 is byvoorbeeld nie toegeken nie (*PLUS*, 18.03.05:8).

- Die kykNET Jongskrywers-prys is in 2003 ingestel ingevolge bogenoemde ooreenkoms tussen Nasboek (Via Afrika) en M-Net en toegeken aan 'n Afrikaanse roman geskryf deur 'n skrywer jonger as 35 jaar. Smith (2003:3) beskryf die kykNET-prys as 'n “skrale troos, aangesien bloedweinig skrywers jonger as 35 verlede jaar [2002] gepubliseer het”. Jacobs (2004) wys daarop dat dié prys in 2004 gestaak is en dat die borge aangevoer het dat die prys “teen ouer skrywers en ander tale diskrimineer”. Die prys is dus slegs eenmalig toegeken.
- Die Jan Rabie / *Rapport*-prys is in 2004 ingestel en word toegeken aan 'n debuut-prosapublikasie deur 'n skrywer wat in die vorige jaar 'n vernuwende, innoverende, toeganklike en leesbare prosadebuut in Afrikaans gemaak het; alle uitgewerye se publikasies word in ag geneem (Loots, 2003b:24).
- Die Christelike Boekhandelaars van Suid-Afrika (CBSA) bekroon jaarliks boeke in 11 verskillende kategorieë wat in die vorige jaar in die plaaslike Christenmark verskyn het. In die fiksie-kategorie word 'n prys toegeken aan die beste inspirerende fiksiepublikasie (*Boekwurm*, 2004).
- Die Protea-prys vir Poësie is in 2005 ingestel en tydens die eerste Versindaba toegeken. Dit sal voortaan jaarliks toegeken word vir die beste Afrikaanse digbundel wat by enige uitgewery in die vorige jaar verskyn het. Daar sal voortaan ook jaarliks 'n erektoekenning, die Akker-prys, tydens die Versindaba gemaak word aan 'n persoon wat hom of haar oor 'n lang tydperk onderskei het deur onbaatsugtige diens aan die digkuns (*Beeld*, 22.09.05:7).

Literêre wedstryde verskil van literêre pryse deurdat die toekenning aan 'n ongepubliseerde manuskrip gemaak word, terwyl publikasies wat vir literêre pryse oorweeg word dikwels aan die voorvereiste moet voldoen dat dit wel uitgegee is. Wenner van literêre wedstryde se manuskripte word dikwels later uitgegee en kan dan vir literêre pryse in aanmerking kom. Terugvoer deur beoordelaars help om skrywers se talente te ontwikkel en publikasies wat uit literêre wedstryde voortvloei, dien as impetus vir die genereringsfase van die uitgeesisteem. Die rol wat televisie- en radioprogramme en tydskrifte as mediaborge van literêre wedstryde speel, dui die verband tussen die literatuursubsisteem en die mediasubsisteem (sien 3.3.1) in die

uitgeesisteen aan. Vervolgens word die standhoudendheid van literêre wedstryde oorsigtelik bespreek.

Die volgende skrywerswedstryde het **eenmalig** gedurende die periode 1990-2005 plaasgevind:

- *Antenna* en *De Kat* se kortverhaalwedstryd het in 1991 plaasgevind en die Saambou-prys is daarvoor toegeken. Dit het gelei tot die publikasie *Die Wond en ander verhale* (HAUM-Literêr, 1992). Die voorloper hiervan was die *De Kat / Potpourri / HAUM-Literêr* kortverhaalwedstryd wat in 1987 plaasgevind het.
- Sanlam se Jong Stemme-wedstryd het in 1992 plaasgevind.
- *De Kat / Living / Tribute* se humoristiese kortverhaalwedstryd het in 1995 plaasgevind.
- Die Kwela Boeke-Engen-NNTV-skrywerswedstryd het in 1996 plaasgevind. Die wenroman *Missis Victoria* (Kwela Boeke, 1996) deur Rita Swanepoel is later uitgegee.
- Die Kagiso / First National Bank Literêre wedstryd het in 1998 plaasgevind.
- *De Kat* en Human & Rousseau se Vonkfiksiewedstryd het in 1999 plaasgevind. Dit het gelei tot die kortverhaalbundel *Vonkfiksie: die wenners van De Kat en Human & Rousseau se kort-kortverhaalwedstryd* (Human & Rousseau, 1999).

Die volgende skrywerswedstryde het **herhaaldelik** gedurende die periode 1990-2005 plaasgevind:

- Die *De Kat / Sanlam-Romanwedstryd* het in onderskeidelik 1990, 1993 en 1997 plaasgevind. Daar is 'n eerste pryse, tweede prys en beginnersprys aan wenners toegeken. Dit is later vervang met die Sanlam / *Insig / kykNET-Groot Romanwedstryd* wat in onderskeidelik 2001 en 2003 plaasgevind het en waarvoor pryse aan 'n wenner, naaswenner en 'n debuutprys toegeken is. Verskeie van die wenromans is later deur Tafelberg, wat as vennoot optree, uitgegee. Hierdie wedstryd vind vanjaar (sluitingsdatum 31 Oktober 2006) weer plaas en word nou die Sanlam / *Insig* Groot Romanwedstryd genoem. Tafelberg onderneem om die wenroman uit te gee en het die eerste opsie vir die uitgee van die naaswenner en debuutwenner se roman.

- Die *Nuwe Stemme*-reeks van NB-Uitgewers waarin nuwe digters se werk gebundel word. Die wyse waarop hierdie bloemlesings saamgestel word, kan ook as 'n soort wedstryd beskou word: digters word genooi om gedigte in te stuur, die gedigte word gekeur en 'n kortlys van digters word saamgestel, 'n werkwinkel vind plaas waartydens digters kans kry om hulle gedigte te verbeter, die goedgekeurde gedigte word uiteindelik in die bloemlesing opgeneem (Krog & Schaffer, 2004). Alhoewel daar nie 'n wenner aangewys word nie, geld die insluiting van gedigte in die bundel as 'n soort prys. Daar het reeds drie van hierdie bloemlesings verskyn: *Nuwe Stemme 1* (saamgestel deur Anastasia de Vries en George Weideman, 1997), *Nuwe Stemme 2* (saamgestel deur Petra Müller en Nèlleke de Jager, 2001) en *Nuwe Stemme 3* (saamgestel deur Antjie Krog en Alfred Schaffer, 2005).
- Die Nagtegaal / KKNK-kompetisie vir nuutgeskrewe toneeltekste is in 2002 ingestel met die doel om nuwe toneel- en kabarettetekste te skep waarvan die wentekste op die daaropvolgende jaar se KKNK opgevoer word. Ingeskrewe tekste word ook ingesamel om 'n argief van toneeltekste in Oudtshoorn op te bou. Dit vind jaarliks plaas. Hierdie wedstryd word hier vermeld omdat daar 'n mate van kruisbestuiwing met die uitgesisteem bestaan: die wenteks van byvoorbeeld 2001, *Koggelmanderman* (Protea Boekhuis, 2002) deur Pieter Fourie is later uitgegee en die drie wentekste in 2004 is saamgebundel en deur die uitgewery Genugtig! uitgegee.
- Sanlam-prys vir Afrikaanse teater is in 2004 ingestel en is gemik op die bevordering van studentetoneel op kunstefeeste en die skep van nuwe dramatekste. Hoewel hierdie prys in der waarheid nie 'n literêre prys is nie, maar 'n teaterprys, word dit wel hier vermeld omdat dit vergelykbaar is met die ATKV se Kampustoneel-kompetisie wat in die 1990's ophou bestaan het (Coetsier, 2006a:19). Soos die Nagtegaal / KKNK-kompetisie, het die Sanlam-prys vir Afrikaanse teater ook 'n mate van kruisbestuiwing met die uitgesisteem tot gevolg: die wentekste in 2004 en 2005 (onderskeidelik George Weideman se *My plaas se naam is Vergenoeg* en Nico Luwes se *Zollie: 'n drama vir vandag*) is albei in 2005 deur Praag uitgegee (PDAF, 2006).
- Die *Radiosondergrense* & Sanlam-radiodramaskryfkompetisie is in 1997 ingestel. Dit vind jaarliks plaas en is gerig op beide ervare radioskrywers en

die ontginning van nuwe talent. Die wentekste word as radiodramas opgevoer (*PLUS*, 11.12.02:3; Luyt, 2005:8).

- Die Bloemfonteinse Skrywersvereniging bied jaarliks (reeds sedert 1989) 'n landwye skryfwedstryd vir volwassenes en hoërskoolleerders aan wat nog nie voorheen publikasies uitgegee het nie. Die wedstryd word deur *Volksblad* geborg en deur NALN geadministreer. Daar word ook jaarliks 'n slypskool vir ontluikende skrywers deur die vereniging aangebied. 'n Keur van die ingeskrewe tekste word deur die vereniging onder die titel *Inkvars* uitgegee (*PLUS*, 13.03.03:10).
- Die onafhanklike uitgewery Bent bied jaarliks 'n digterskompetisie in samewerking met die Jakarandatak van die ATKV aan. Die sewende kompetisie word in 2006 ook in samewerking met die onafhanklike literêre tydskrif *Kakkerlak* aangebied. Na afloop van die kompetisie word daar telkens twee digbundels van ingeskrewe materiaal uitgegee (sien 4.6.1).
- Skryfwedstryde vir amateur-skrywers word deur verskeie universiteite aangebied en lei dikwels tot 'n publikasie van die ingeskrewe materiaal. Die Kultuurburo van die Universiteit van Pretoria bied jaarliks 'n skryfwedstryd vir amateur-skrywers (beide digters en prosaskrywers) aan waarvan 'n keur van die ingeskrewe tekste onder die titel *Vlieg* deur die onafhanklike uitgewery BENT uitgegee word (PDAF, 2004). Die bundel *Penseel* het deur 'n skryfwedstryd van die Afrikaanse Studentevereniging van die Universiteit van Stellenbosch in 2003 tot stand gekom (*ALV-Nuusbrief*, 2003a:2-3) en *Life is beautiful - Poetry and photographs by the young people of Stellenbosch* (African Sun Media, 2004) is na aanleiding van 'n soortgelyke skryfwedstryd uitgegee. Die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat bied ook jaarliks 'n skryfwedstryd aan en die Afrikaanse en Nederlandse-studentevereniging van dié Departement, Vuur en Vlam, bied publikasiegeleenthede aan hulle studente deur hulle eie tydskrif *Dolos* (*ALV-Nuusbrief*, 2003b:5; Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, UV, 2005).

3.3.3.6 Opleiding in skeppende skryfwerk

Opleiding in skeppende skryfwerk het die ontwikkeling van aspirant-skrywers se talent ten doel waardeur nuwe skrywers na vore tree en die outeursprofiel uitgebrei word. Hierdie opleiding staan dus in direkte verband met die uitgesisteem deurdat dit as impetus vir die genereringsfase van die kern van die sisteem dien. As deel van die opleiding word van studente verwag om tekste te skryf wat dan in werkswinkelverband deur die opleier en medestudente bespreek word – hierdeur word aspirant-skrywers aan kritiek blootgestel (dit dien dus as voorbereiding op die terugvoerfase tydens die uitgesisteem, terwyl daar ook soms aandag gegee word aan redaksionele versorging en ander aspekte van die uitgesisteem). Dikwels word tekste wat uit die opleiding voortvloei ook later deur uitgewerye uitgegee (vergelyk byvoorbeeld die romans *Spoor* deur Sonja Loots (Tafelberg, 1995), *Erdvarkfontein* (Tafelberg, 1998) en *Stinkafrikaners* (Tafelberg, 2000) deur Tom Dreyer; en die kortverhaalbundels *In drie riviere* deur Jaco Botha (Human & Rousseau, 1997) en *Kom slag 'n bees* deur Izak de Vries (Tafelberg, 1998) – PDAF, 2004). Dit val buite die bestek van hierdie studie om 'n oorsig te gee van die beskikbare opleiding in skeppende skryfwerk. Marais (1994) gee só 'n oorsig en bespreek die Letterkundige Laboratorium van die Universiteit van Stellenbosch (1994:31-49; vergelyk ook Marais, 2001a:92-108); die ATKV-skryfskool van die Noordwes-Universiteit en ander opleiding in skeppende skryfwerk aan die universiteit (1994:50-72); en die skryfskool aan die Instituut vir Voortgesette Opleiding van UNISA (1994:73-89) in detail.

Ná die afhandeling van Marais se studie in 1994, het die volgende opleidingsinisiatiewe ontstaan:

- Aan verskeie tersiêre instellings word modules of volwaardige voor- en/of nagraadse kwalifikasies in skeppende skryfwerk binne taaldepartemente aangebied. Die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch het sedert 2000 'n magisterprogram in kreatiewe Afrikaanse skryfkunde ingestel, waar aspirant-skrywers onder leiding van Marlene van Niekerk opgelei word (Departement Afrikaans en Nederlands, US, 2001). In die Vakgroep Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Kaapstad bied Etienne van Heerden al 'n aantal jare fiksie-meesterklasse in skeppende

skryfwerk aan (*ALV-Nuusbrief*, 2004a:8). UNISA bied sedert 2003 'n BA-program in kreatiewe skryfkuns (met spesialisering in Afrikaans, Engels of 'n Afrikataal) aan en Henning Pieterse bied 'n magistergraad in kreatiewe skryfkuns by UNISA aan. Die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Johannesburg organiseer jaarliks 'n skrywersreeks waar ervare skrywers soos André P. Brink, John Miles, Abraham H. de Vries en Antjie Krog genooi word om werksinkels vir die kreatiewe skryfwerkstudente aan te bied (*ALV-Nuusbrief*, 2003c:11). Die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Stellenbosch bied sedert 1999 'n reeks skrywerswerksinkels oor die skryf van kortverhale, poësie, kinder- en jeugliteratuur, rubrieke, tydskrifverhale en radiodramas vir aspirant-skrywers aan (*ALV-Nuusbrief*, 2003a:2). Die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat bied ook jaarliks 'n skryfslypskool vir aspirant-skrywers aan (*ALV-Nuusbrief*, 2003b:5). Die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria bied reeds lank nagraadse modules in kreatiewe skryfwerk (beide prosa en poësie) aan en het in 2006 'n buitemuurse skryfskool begin waar Jeanette Ferreira tans 'n skryfkursus aanbied.

- Die aanlyn-skryfskool *SkryfNet* van die elektroniese tydskrif *LitNet* fokus op ontwikkelende Afrikaanse prosaskrywers en digters wat nog nie gedebuteer het nie (*LitNet*, 2005a). Vyf skrywers word op 'n keer gekies uit 'n aantal inskrywings en dan deur die “inwonende skrywers” gelei om hulle kortverhale of gedigte te verbeter. Die kortverhale of gedigte word in drie verskillende fases van hulle ontwikkeling op die webwerf gepubliseer tesame met die leidende skrywers se kommentaar en aanbevelings. Die kursus duur drie maande.
- Verder bestaan daar 'n wye verskeidenheid informele opleidingsinisiatiewe, soos byvoorbeeld: die jaarlikse skryfwerkswinkel wat deur die Bloemfonteinse Skrywersvereniging aangebied word; die verskeie skryfwerkswinkels wat deur die Afrikaanse Skrywersvereniging in hoofsaaklik die Wes-Kaap aangebied word (ASV, 2003); en die informele opleiding wat deur die Sentrum vir die Boek (2004) deur hulle First Words in Print-projek aangebied word (sien ook 3.4.1.3).

3.3.3.7 Literêre kritiek en literêre tydskrifte

Die literêre kritiek kan as institusie beskou word deur die rolspelers soos resensente, kritici en literatore wat daaraan deelneem en die funksie verrig om die literatuur te analiseer, te interpreteer en te evalueer (vergelyk Van Gorp *et al*, 1991:216-217). Daar bestaan ’n verband tussen boekproduksie as institusie en die literêre kritiek as institusie deurdat die kritiek die literêre kanon en literêre norme en waardes bepaal en dít (deur materiële en simboliese produksie) in boekproduksie as institusie tot vergestaltung kom. Die uitgewer van fiksie poog om, na aanleiding van die redaksionele beleid van die betrokke uitgewery (sien 3.2.1), ’n bydrae tot die ontwikkeling en uitbouing van die letterkunde te maak deur fiksietitels uit te gee. In hierdie pogings word uitgewers deur die heersende literêre norme en waardes beïnvloed. Uitgewers is bewus van dié literêre norme en waardes deur die terugvoering wat oor publikasies ontstaan soos vergestalt in keurverslae, resensies en boekbesprekings (resensies en boekbesprekings in koerante en algemene tydskrifte word as deel van die mediasubsisteem bespreek – sien 3.3.1.1). In Bourdieu se terme kan die literêre kritiek beskou word as instrument vir simboliese produksie waardeur die simboliese waarde van publikasies geskep word.

Die literêre kritiek is egter ook van boekproduksie afhanklik omdat dit die tekste produseer wat deur die kritiek beoordeel en bestudeer word – daar bestaan dus ’n wederkerende verband tussen die literêre kritiek en boekproduksie. Die kritikus Joan Hambidge (1999) is byvoorbeeld van mening dat Afrikaanse kritici minder krities geraak het en meer dankbaar omdat daar minder Afrikaanse fiksiepublikasies verskyn. Die fokus van die kritiek wat op die algemene publiek gerig is (in byvoorbeeld resensies) het volgens haar verskuif na ’n gesprek rondom boeke (vergelyk ook die uitsprake van Rautenbach in 3.3.1.1). In ’n ondersoek na die identifisering van tendense in die kontemporêre openbare gesprek oor en om die literatuur, waartydens ongeveer 290 resensies van spesifiek Afrikaanse prosatekste (van sowat 100 skrywers) wat in dagblaaie verskyn het, bestudeer is, bevind Du Plooy & Van Schalkwyk (2000:120) dat “die meeste resensies besonder mild is”, “in teenstelling met die algemene opvatting van kritici as ’n klomp bitterbekke en kritikasters”, was dit “een van die verrassende resultate dat daar veel groter verdraagsaamheid is as wat ’n mens gewoonlik dink”. Hulle bevind verder dat resensente die eiesoortigheid van

elke teks wat geresenseer word in aanmerking neem, dus ruimte laat vir verskillende soorte tekste en 'n verskeidenheid van lesers: “resensente is markbewus en die onderskeid tussen boeke wat goeie verkopers gaan wees op die populêre mark en boeke wat literêr voortreflik maar minder toeganklik is, word in ag geneem” (Du Plooy & Van Schalkwyk, 2000:120-121).

Literêre tydskrifte dien as platform vir die literêre kritiek, dit is as 't ware die vergestaltung van die wetenskaplike beoefening daarvan en dit is een van die mediums waardeur literêre norme en waardes gekommunikeer word. Die uitgewer van fiksie behoort op hoogte te wees van die literêre diskoerse wat in literêre tydskrifte gevoer word omdat dit 'n aanduiding van heersende literêre norme en waardes gee en daardeur uitgeebeslissings beïnvloed. Dit val buite die bestek van hierdie studie om 'n empiriese ondersoek na die stand van die literêre kritiek en literêre tydskrifte te onderneem (sien Johl, 1986 vir 'n breë oorsig oor die ontwikkeling van die Afrikaanse literêre kritiek). Van Coller & Odendaal (2004:1-8) gee 'n oorsig van hoe verskuiwings in die beleid vir hoër onderwys met betrekking tot subsidie-toekenning aan universiteite en akkreditering van navorsingsuitsette, die uitgee van (ook) Afrikaanse literêre tydskrifte beïnvloed het en kom tot die gevolgtrekking dat “geakkrediteerde Afrikaanstalige letterkunde tydskrifte [...] deesdae so skaars soos hoendertande [is]”. In die laat 1990's het dit al hoe moeiliker vir literêre tydskrifte geword om te bestaan. Van Heerden (2000) noem byvoorbeeld dat die elektroniese tydskrif *LitNet* tot stand gekom het na aanleiding van 'n tekort aan 'n literêre tydskrif wat optimaal funksioneer en noem onder meer die kennelike probleme wat die gedrukte (literêre) tydskrifte met finansies en leweringsdatums ervaar. Vervolgens word die standhoudendheid van literêre tydskrifte gedurende die periode 1990-2005 oorsigtelik bespreek deur 'n aanduiding van beskikbare literêre tydskrifte.

Tydskrif vir Letterkunde bestaan sedert 1951 (Kannemeyer, 1988:105). Ná 'n onderbreking in die verskyning daarvan tussen 2001 en 2003, word dit in 2003 in 'n nuwe formaat en met 'n veranderde redaksionele opdrag voortgesit en uitgegee deur die Tydskrif vir Letterkunde-vereniging. Dit fokus nie meer uitsluitlik op die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse letterkunde nie, maar is uitgebrei om ook verslaggewing deur skrywers en literatore van regoor die Afrika-kontinent en die Afrika diaspora in te sluit en ook te fokus op kultuur- en mediastudies (*Tydskrif vir*

Letterkunde, 2003a, 40:1). Benewens akademiese artikels in Afrikaans, Engels, Nederlands en Frans, verskyn daar ook kreatiewe skryfwerk en resensies in die tydskrif – die nuwe tydskrif plaas ook advertensies van Afrikaanse fiksietitels wat by Tafelberg, Human & Rousseau en Protea Boekhuis verskyn. Daar verskyn twee uitgawes van die tydskrif per jaar en dit beskik ook oor ’n webwerf waar artikels uit vorige uitgawes geargiveer word wat gratis in PDF-formaat afgelaai kan word (*Tydskrif vir Letterkunde*, 2003b).

Stilet is die amptelike lyfblad van die Afrikaanse Letterkundevereniging en verskyn sedert 1989 (Kannemeyer, 1988:243). Die tydskrif fokus uitsluitlik op die wetenskaplike studie van die Afrikaanse literatuur en navorsingsartikels, literêre analises, kommentaar oor aktuele literêre vraagstukke en ALV-kongresreferate verskyn daarin. Artikels verskyn in Afrikaans, Engels en Nederlands. Die tydskrif maak van ’n stelsel van gasredakteurs van verskeie universiteite gebruik wat as samestellers van tematiese uitgawes optree. Die tydskrif verskyn twee keer per jaar en soms word addisionele spesiale nommers ook uitgegee (*Stilet*, 2004, XVI(1):194-197; vergelyk verder Van Coller & Odendaal, 2004). Na aanleiding van ’n besluit tydens die ledevergadering van die Afrikaanse Letterkundevereniging in September 2004, word daar sedert 2005 ook ruimte aan kreatiewe skryfwerk in *Stilet* afgestaan. Dit verskyn onder die rubrieknaam *Stilus* en fokus op vertaalde korter skeppende skryfwerk (gedigte, kortverhale, essays, sketse, kort of gedeeltes van langer dramatiese en prosawerke) vanuit en na Afrikaans, asook op oorspronklike essayistiese skryfwerk in Afrikaans (*Stilet*, 2005, XVII(1):v-vi, 231).

Literator – Tydskrif vir besondere en vergelykende taal- en literatuurstudie bestaan sedert 1980 en word uitgegee deur die *Literator*-vereniging van Suid-Afrika. Die tydskrif plaas navorsingsartikels in Afrikaans, Engels en Nederlands en, soos die titel aandui, val die fokus spesifiek op taal- en literatuurwetenskaplike artikels van ’n besondere en vergelykende aard, sowel teoreties as toegepas. Dit is dus nie uitsluitlik ’n tydskrif vir slegs die Afrikaanse letterkunde nie en plaas artikels wat verskillende tale en letterkundes en ander kultuurverskynsels oor taal- en kultuurgrense heen, met mekaar vergelyk. Behalwe vir akademiese artikels, plaas die tydskrif ook resensies van fiksiepublikasies en akademiese literatuurwetenskaplike publikasies en in die rubriek “Litera” verskyn kreatiewe skryfwerk. Dié tydskrif ken ook jaarliks twee

letterkundepryse toe (sien 3.3.3.5). Dit verskyn drie keer per jaar en beskik ook oor 'n webwerf waar die inhoudsopgawes van vyf uitgawes van die tydskrif geïndekseer is. Ongelukkig is die werf laas in Desember 2001 opgedateer. (*Literator*, 2003, 24(1): 202-204; *Literator*, 2001). Artikels uit vorige weergawes is in PDF-formaat deur SABINET Online se SA ePublications beskikbaar (SABINET Online, 2005).

Tydskrif vir Geesteswetenskappe word vanaf 1961 deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns uitgegee (Kannemeyer, 1988:243). Dit is nie uitsluitlik 'n literêre tydskrif nie en plaas akademiese artikels vanuit die wye wetenskaplike vakgebiede van die teologie, kuns en kultuur, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe. Daar verskyn ook boekbesprekings in die tydskrif. Die tydskrif verskyn kwartaalliks. Dit het wel 'n webteenwoordigheid op die webwerf van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en artikels uit vorige weergawes is in PDF-formaat deur SABINET Online se SA ePublications beskikbaar (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 2003, 43(1/2):iv; SABINET Online, 2005).

Tydskrif vir Literatuurwetenskap / Journal of Literary Studies is die amptelike lyfblad van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Algemene Literatuurwetenskap (SAVAL) en het in 1985 as “die eerste Suid-Afrikaanse literêr-teoretiese tydskrif wat aan die studie van die literatuur oor taalgrense heen gewy [is]” tot stand gekom (Kannemeyer, 1988: 243; *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 1985, 1(1):1). Die tydskrif dien as forum vir die bespreking van literêre teorie, metodologie en navorsing en is dus eerder literatuurwetenskaplik as literêr ingestel. Dit plaas navorsingsartikels, kommentaar en boekbesprekings in Afrikaans en Engels en in 2003 word aangekondig dat die resensie-afdeling uitbrei om voorsiening te maak vir beide resensie-artikels en aankondigings van nuwe literêr-teoretiese publikasies (*Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 2003, 19(1):104). Die tydskrif verskyn vier keer per jaar, maar het in die tweede helfte van die 1990's dikwels slegs twee keer per jaar verskyn waar twee uitgawes in 'n omnibusuitgawe vervat is. Artikels uit die tydskrif is in PDF-formaat deur SABINET Online se SA ePublications beskikbaar (SABINET Online, 2005).

Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans word uitgegee deur die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek. Dit plaas hoofsaaklik akademiese artikels in beide Nederlands en Afrikaans en verskyn drie keer per jaar (Prinsloo, 2004:47). Dié

tydskrif het 'n webteenwoordigheid gehad wat in Desember 2001 doodgeloop het (De Wet, 2003:305).

Ensovoort is één van die tydskrifte wat oorgebly het van die baie “little magazines” wat gedurende die laat 1970’s en 1980’s ontstaan het. Die “little magazines” was avant garde tydskrifte wat nuwe rigting in die literatuur aangedui het, dikwels aweregs in hulle redaksionele beleid was en die heersende literêre establishment uitgedaag het – dus op die periferie van die uitgesisteme gestaan het – soos byvoorbeeld *Donga*, *Inspan*, *Spado*, *Taaldoo*s, *Graffier*, *Stet*, *Skryf* en *Akuut* (vergelyk Kannemeyer, 1988: 243-244; 458-459). *Ensovoort* onderskei hom egter van die ander “little magazines” deurdat dit nie slegs op kreatiewe skryfwerk (spesifiek poësie) fokus nie, maar ook akademiese artikels oor die letterkunde van die begin af (1981) daarin verskyn. Die tydskrif het gedurende die 1990’s aangepas en die fokus val nou op die “Afrikaanse en Nederlandse letterkunde binne die konteks van sowel die breë Suid-Afrikaanse as die Nederlandse samelewings in hulle onderskeie fasette”; artikels van sosiokulturele, omgewingsletterkundige of vergelykende aard verskyn ook in die tydskrif, terwyl kreatiewe skryfwerk (veral gedigte) ook ruimte in die tydskrif kry (*Ensovoort*, 1997, 9(1):2). Bydraes in Afrikaans en Nederlands kry voorkeur, terwyl bydraes in Engels en die ander tale van Suid-Afrika ook verwelkom word. Die tydskrif verskyn twee maal per jaar. Die laaste uitgawe het in 1997 verskyn waarna daar 'n onderbreking in die verskyning van die tydskrif was. Na verwagting sal die volgende uitgawe in 2006 verskyn.

Anders as die 1980’s lewer die 1990’s en vroeë 2000’s nie soveel “little magazines” op nie. Een van die meer standhoudende uitsonderings was *Driepootpot* wat 18 maandelikse uitgawes tussen die periode Oktober 1999 en Oktober 2001 beleef het. Die tydskrif het geen akademiese artikels geplaas nie en was juis anti-akademies in hulle redaksionele beleid (*Driepootpot*, 1999, 1(1):3). Dit het 'n platform vir veral ongepubliseerde amateur-digters gebied, terwyl ook kortverhale, kort dramatekste en stripverhale daarin verskyn het. Die bydraes was grotendeels in Afrikaans en soms het enkele bydraes in Engels verskyn. Die tydskrif het later ook 'n teenwoordigheid op die Internet gekry deur die webwerf *Kubergriffel*. Daar het sedertdien nie weer 'n uitgawe van die tydskrif verskyn nie en die *Kubergriffel*-werf is laas in 2001 opgedateer (*Kubergriffel*, 2001).

Spilpunt is 'n nuwe literêre tydskrif wat in Mei 2004 gestig is en sedertdien ses uitgawes beleef het. Dié tydskrif skenk aandag aan beide die Afrikaanse letterkunde en musiektooneel en die fokus word min of meer gelyk tussen kreatiewe skryfwerk en besinnende artikels en onderhoude verdeel. Daar verskyn ook advertensies van nuwe Afrikaanse fiksiepublikasies in die tydskrif. *Spilpunt* verskyn vier keer per jaar en die kernredaksie bestaan uit Leti Kleyn (redakteur), Gerrit Brand (artikels), Petrus de Kock (rubrieke), Johann Lodewyk Marais (prosa), Henning Pieterse (poësie), Dan Roodt (boeke) en Braam Smit (musiek) (*Spilpunt*, 2004, 1(1):1).

Kakkerlak, met die leuse “Want jy raak nie daarvan ontslae nie...”, is nog 'n nuwe literêre tydskrif (hoewel baie populêr in aanpak en inhoud) wat in 2004 onafhanklik deur Chrisna van Rensburg begin is. Die doelwitte van die tydskrif is om die Afrikaanse skryfkuns te bevorder en deur die spesifieke fokus op Afrikaanse taal, letterkunde en kuns in Suid-Afrika, die sigbaarheid van lees, boeke en kuns oor 'n breër spektrum van Afrikaanse lesers te verhoog. Die tydskrif is duidelik op 'n breër populêre mark gerig as enige van die bogenoemde akademiese tydskrifte. In hierdie sin is dit 'n unieke tydskrif wat sterk fokus op die letterkunde, maar die algemene belangstellende leser bedien. Die tydskrif is verdeel in drie hoofafdelings: literatuur (met onder andere 'n gereelde skrywersprofiel, inligting oor skrywersverenigings en skryfkompetisies, leeskringe, onafhanklike klein uitgewerye en hul publikasies, literêre pryse en ander algemene boeksake), jeug (wat fokus op jeugboeke, jeugboekskrywers, inligting vir skoolwerkopdragte verskaf en ander opvoedkundige artikels bevat) en kuns en kultuur (met inligting oor kuns, teater en musiek – met grotendeels 'n fokus op Afrikaanse kultuurprodukte). *Kakkerlak* verskyn kwartaalliks en het reeds ses uitgawes beleef. Dit is beskikbaar by algemene boekwinkels soos Fascination Books, PNA en Exclusive Books en word ook direk aan intekenaars bemark. Die tydskrif beskik ook oor 'n webwerf waar vorige uitgawes geargiveer word en publikasies deur onafhanklike uitgewerye bemark word. Die tydskrif is baie suksesvol by kunstefeeste bemark en dit wil voorkom asof *Kakkerlak* binne sy nis ongekende sukses beleef (*Kakkerlak*, 2006,5:1-3).

Die belangrikste toevoeging tot literêre tydskrifte en die mees innoverende uitbreiding van die literêre kritiek gedurende die periode van hierdie ondersoek, was die ontstaan van die elektroniese tydskrif *LitNet* in 1999 (Van Heerden, 2000 en 2001b). Die grootste voordeel van *LitNet* is dat dit deur die aard van die medium meer gereeld as bogenoemde literêre tydskrifte verskyn en dus die ideale platform vir die onmiddellike en deurlopende gesprek oor die letterkunde fasiliteer. (Sien 3.4.3.7(a) vir 'n meer volledige bespreking van *LitNet*.)

LINGO is 'n nuwe elektroniese literêre tydskrif wat uitsluitlik op literêre vertaling fokus en slegs intyds beskikbaar is. Soos wat die leuse “So we may know” aandui, het die tydskrif kulturele uitreiking deur middel van literêre vertaling in en uit al die inheemse tale van Suid-Afrika ten doel. Die tydskrif is in 2005 as 'n onafhanklike nuwingsgewende inisiatief gestig en het aan die einde van 2005 aanlyn gegaan. Dit word deur die twee uitvoerende hoofredakteurs Neil Cochrane en Rudi MR Venter bestuur en bestaan uit 'n redakteurspaneel waarop 'n redakteur van elke inheemse taal asook van Nederlands / Vlaams en Frans verteenwoordig is. *LINGO* maak staak op vertalings deur belangstellendes wat die oorspronklike skeppende teks en 'n vertaling daarvan instuur. Die vertaling word dan deur die redakteur van die betrokke doeltaal gekeur voordat dit op die werf gepubliseer word. *LINGO* word finansiële moontlik gemaak deur 'n subsidie van die nasionale Kuns en Kultuur Trust en ondersteuning deur die Nederlandse Ambassade. Die tydskrif word uitgegee deur die nuwingsgewende organisasie *LINGO*. Verskeie projekte vir die verdere bekendstelling en uitbreiding van *LINGO* word tans in die vooruitsig gestel (*LINGO*, 2006).

3.3.4 Onderwyssubstelsiem

Die hoof funksie van die onderwyssistelsiem is die voorsiening van onderwys op primêre, sekondêre en tersiêre vlak. Binne die uitgesistelsiem vorm die onderwyssistelsiem 'n substelsiem deur die verband waarin dit met boekproduksie staan, naamlik die voorsiening van skoolhandboeke, akademiese publikasies en ander opleidingsmateriaal vir onderwys. Die impak van die onderwyssubstelsiem as mark vir die produkte van die Suid-Afrikaanse boekuitgewerybedryf blyk reeds duidelik uit die aandeel van die opvoedkundige sektor (skoolhandboeke) tot die totale omset van die

boekuitgewerybedryf. Sommige bronne gee dié aandeel aan as 58% van die totale omset (DACST, 1998:35), ander verwys na 68% omstreeks 2000 en selfs so hoog as 80% rondom 1995 (WESGRO, 2000:3) en 'n derde bron beraam dit op 70% (GPI, 2001:1). Die opvoedkundige sektor word as die ruggraat van die Suid-Afrikaanse boekuitgewerybedryf beskou, soos ook die geval is in die uitgewerybedrywe in die res van Afrika en ander ontwikkelende lande (GPI, 2001:17; DACST, 1998:35) – dáárom het veranderinge in die onderwyssubstieem 'n direkte en radikale invloed op al die sektore van die uitgewerybedryf. Suid-Afrikaanse uitgewerye gee dikwels in meer as een sektor publikasies uit of vorm deel van mediamaatkappye waar verskillende drukname op verskillende sektore fokus (sien 4.3). As gevolg van 'n onderontwikkelde algemene mark vir boeke (die algemene publiek wat boeke koop en lees) het uitgewerye lank staatgemaak op die opvoedkundige markte (veral die mark vir skoolhandboeke) wat die moontlikheid van groot opslae en daardeur winsgewende produksie ingehou het. Die winste wat uit hierdie markte verdien is, het uitgewerye in staat gestel om minder winsgewende publikasies (waaronder veral fiksietitels) uit te gee – die praktyk van sogenaamde kruissubsidiëring wat binne uitgewerye ontstaan het (DACST, 1998:38; WESGRO, 2000:2, 24). Hieruit blyk die verband tussen die onderwyssubstieem en die ekonomiese en sosiale doelwitte as deel van die uitgeefilosofie in die kern van die uitgeesistieem: die bereiking van ekonomiese doelwitte (die maak van wins deur opvoedkundige publikasies) het uitgewerye in die verlede in staat gestel om hulle sosiale doelwitte (byvoorbeeld om 'n bydrae tot die uitbouing van die letterkunde te lewer) uit te voer.

Die breë politieke transformasie van Suid-Afrika (sien 3.4.1) het omvangryke verskuiwings vir die onderwyssistieem ingehou en daardeur ook direkte implikasies vir die boekuitgewerybedryf. Die impak van die transformasie van die onderwyssistieem op spesifiek die produksie van Afrikaanse fiksie kan en behoort empiries nagevors te word. Dit behels dat voorskryflyste vir die onderrig van letterkunde van alle onderwysdepartemente vir die periode 1990-2005 nagegaan word en bepaal word watter Afrikaanse fiksietitels gedurende dié periode per jaar en per vlak van onderrig voorgeskryf is. Daarna behoort die verband tussen voorskrywing en produksiepatrone dan empiries aangetoon te word. Uitgewers van Afrikaanse fiksie benadruk die nut van só 'n ondersoek, maar is ook skepties oor die uitvoerbaarheid daarvan as gevolg van die omvang en die nie-beskikbaarheid van volledige empiriese data soos

voorskryflyste (Breytenbach, 2002b; Barnard, 2002a). Só 'n ondersoek val buite die bestek van hierdie studie. Die fokus van hierdie afdeling is op 'n oorsigtelike bespreking van verskuiwings in die onderwyssubsisteem en die impak daarvan op die uitgewerybedryf op generiese wyse – waarby die direkte en indirekte gevolge vir die produksie van Afrikaanse fiksie geïmpliseer word sonder om dit empiries aan te toon.

Sekondêre onderwys

Vervolgens word oorsigtelike transformasieverskuiwings in die sekondêre onderwys bespreek. Die volgende aspekte word onder die loep geneem: die verskuiwings in die strukturele en finansiële voorsiening vir openbare sekondêre onderwys; die verskuiwings in die nasionale kurrikulumraamwerk vir skole en die voorsiening van skoolhandboeke; en die seleksie-, aankoop- en verspreidingstelsel vir skoolhandboeke.

3.3.4.1 Verskuiwings in die strukturele en finansiële voorsiening vir openbare sekondêre onderwys

Die agtien onderwysdepartemente van die vorige bestel (georganiseer op grond van verskille tussen ras en onderskeid tussen die voormalige vier provinsies en die onderskeie tuislande) is ná 1994 herverdeel volgens nege provinsiale onderwysdepartemente (DACST, 1998:36; Pienaar, 2003b). Op grond van die nuwe Grondwet het die voorsiening van onderwys 'n provinsiale verantwoordelikheid geword en daardeur kon die verskeie provinsies verskillende stelsels implementeer. Die Nasionale Departement van Onderwys bepaal breë standaarde en is verantwoordelik vir die implementering van beleid (GPI, 2001:31; Pienaar, 2003b). Die provinsiale onderwysdepartemente word deur die Nasionale Regering via die provinsiale begrotings befonds en die Provinsiale Regerings besluit individueel op die provinsiale begrotings vir onderwys. Daar het dus 'n proses van desentralisasie in die voorsiening van onderwys en die befondsing daarvan plaasgevind. Hierdie verskuiwings het talle administratiewe probleme tot gevolg gehad waarvan 'n radikale afskaling in besteding aan die aankoop van skoolhandboeke die belangrikste was vir die impak daarvan op die uitgewerybedryf.

Deur die inskakeling van voorheen gemarginaliseerdes by die nuwe onderwys-sisteem, het die behoefte aan onderwys radikaal toegeneem sedert 1994. Die befondsing van openbare onderwys het wel stelselmatig toegeneem, maar die behoeftes was en is nog steeds oorweldigend. Die volgende statistiek word ter illustrasie verskaf. In 1996 / 1997 is R35,2 biljoen en in 1997 / 1998 R36,7 biljoen van die staatsbegroting aan onderwys toegedeel (DACST, 1998: 37), dit verhoog tot R46,84 biljoen (22.1%) van die totale staatsbegroting vir die 1999 / 2000 finansiële jaar (GPI, 2001:31). Vir die 2003 / 2004 finansiële jaar word R59 biljoen (23,2% van die totale begroting – wat onderwys die grootste uitgawe maak) aan skoolopleiding op provinsiale vlak toegedeel en groei word voorspel vir 'n toedeling van R67 biljoen vir 2005 / 2006 (Manual, 2003). Volgens die GPI-verslag (2001: 32-33) is gemiddeld 41% van provinsiale begrotings in 1999 aan onderwys toegedeel (dié toedeling verskil egter van provinsie tot provinsie) en tussen 80% en 88% daarvan aan openbare skole (die res aan ander opvoedkundige instellings). Daarvan is 'n gemiddelde 91% op personeel spandeer en alhoewel die toedeling per leerder tussen 1995 (R2 111 per leerder) en 1999 (R3 232) toegeneem het, het baie provinsies steeds 'n tekort aan fondse vir infrastruktuur en leermateriaal (die besteding op skoolhandboeke was dus minder as 9%) (GPI, 2001: 33). Die GPI-verslag (2004:30-31) toon aan dat die gemiddelde spandering op leermateriaal per leerder vir 2003 / 2004 so laag as R189 was. Manual (2003) stel dit dat die verhoging van finansiering vir ondersteunende materiaal vir leerders die eerste prioriteit van opleiding vir 2003 was en dat meer geld aan die aankoop van skoolhandboeke spandeer sou word.

Hoewel staatsbefondsing vir openbare onderwys sedertdien verbeter het, het dit 'n geweldige negatiewe impak op die inkomste van die uitgewerybedryf in die tweede helfte van die 1990's gehad en gelei tot grootskaalse herstrukturering van die bedryf. In 1997 kondig die Nasionale Departement van Onderwys aan dat hy nie oor genoegsame fondse beskik om skoolhandboeke aan te koop nie en in die middel van 1998 sê die Minister van Onderwys dat sy adviseurs hom aanraai dat leerders nie skoolhandboeke nodig het nie (Evans, 2000:197). Daarmee stort die voorsiening-sisteem vir skoolhandboeke ineen. Die GPI-verslag (2004:69-70) dui die tendens in die spandering op skoolhandboeke deur die staat gedurende die periode 1995-2003 as volg aan: spandering daal vanaf 'n rekord van R1 384 miljoen in 1995 / 1996 met

meer as die helfte tot R620 miljoen in 1996 / 1997; waarna 'n verdere radikale daling tot R171 miljoen in 1997 / 1998 plaasvind; daarna styg spandering geleidelik tot R407 miljoen in 1998 / 1999, R570 miljoen (1999 / 2000), R863 miljoen (2000 / 2001), R879 miljoen (2001 / 2002), R928 miljoen (2002 / 2003). 'n Vlak van meer as 'n R1 000 miljoen word eers weer teen 2003 / 2004 met spandering van R1 189 miljoen bereik. Mpe & Seeber (2000:39) toon aan dat baie uitgewerye teen die einde van 1998 gedwing was om hulle deure te sluit of oorgeneem is deur meer finansiële-stabiele uitgewerye. Hierdie verskuiwings het ook implikasies gehad vir uitgewerye van Afrikaanse fiksie en gelei tot sluitings, oornames, samesmeltings en herstrukturering (die implikasies vir spesifieke uitgewerye word in Hoofstuk 4 bespreek). 'n Verdere implikasie vir die uitgeesisteem was die daling in inkomste van skrywers. 'n Enkele voorbeeld is die Afrikaanse fiksieskrywer Chris Barnard wat noem dat sy inkomste uit voorgeskrewe fiksietitels sedert 1997 met 90% gedaal het (Fourie, 2004:214).

3.3.4.2 Verskuiwings in die nasionale kurrikulumraamwerk vir skole en die voorsiening van skoolhandboeke

Reeds vroeg in die 1990's neem uitgewers deel aan die ontwikkeling van 'n nuwe visie vir onderwys omdat hulle besef dat hersiene skoolhandboeke 'n belangrike rol in die nuwe bedeling te speel het vir die politieke en sosiale vernuwing van onderwys (Evans, 2000:194). Daar ontstaan egter 'n gepolariseerde debat oor die rol van ondersteunende leermateriaal (veral skoolhandboeke) en die opvoedkundige uitgewer en outeur as outoriteite van kennis (Evans, 2000:195-201). In 1997 word 'n nuwe nasionale kurrikulumraamwerk, Kurrikulum 2005 wat gebaseer is op uitkomsgebaseerde onderwys en lewenslange leer (GPI, 2001:32), vir skole geïmplementeer en geleidelik per twee grade per jaar ingefaseer: Grade 1 en 7 in 1998, 2 en 8 (1999), 3 en 9 (2000), 4 en 10 (2001), 5 en 11 (2002) en 6 en 12 (2003) (Van Rooyen, 2005:313-314). Terwyl opvoedkundige uitgewerye reeds teen die middel van die 1990's, vóór die implementering van Kurrikulum 2005, nuwe skoolhandboeke volgens voorspelde riglyne en na aanleiding van samesprekings met onderwysdepartemente voorberei het, dwing die verskuiwing in dié benadering tot onderwys (waardeur inhoudryke skoolhandboeke deur uitkomsgebaseerde skoolhandboeke

vervang moes word) hulle om van vooraf nuwe skoolhandboeke te produseer (Evans, 2000:196). Vroeg in 1997 begin sommige provinsiale onderwysdepartemente om hulle eie leermateriaal voor te berei en doen gerugte die rondte dat onderwysdepartemente voortaan sêlf skoolhandboeke gaan uitgee – dít hou ernstige bedreigings vir die voortbestaan van die opvoedkundige sektor van die boekuitgewerybedryf in, maar gelukkig realiseer dit nie (Evans, 2000:197).

In Mei 2000 rapporteer die Kurrikulum 2005 Hersieningskomitee dat ondergekwalfiseerde onderwysers probleme ondervind met die implementering van die kurrikulum en word voorgestel dat dit hersien word en dat sekere elemente uitfaseer word (GPI, 2001:32). In stede daarvan dat die tegniese Kurrikulum 2005 hersien word, word 'n nuwe kurrikulum, die Revised National Curriculum Statement (RNCS), wat die klem terug verskuif na inhoudryke skoolhandboeke en ook die behoefte van 'n uitkomsgebaseerde onderwysstelsel aan addisionele leesmateriaal en ondersteuningsmateriaal (soos fiksieboeke, woordeboeke en atlasse) erken, ontwikkel (WESGRO, 2000:26). Die RNCS word as volg geïmplementeer: Grade R en 1 tot 3 in 2004, Grade 4 tot 6 in 2005, Grade 7 en 10 in 2006, Grade 8 en 11 in 2007 en Grade 9 en 12 in 2008 (GPI, 2004:70). Terwyl Kurrikulum 2005 dus nog in sommige grade gebruik word, word die RNCS in ander ingefaseer.

Hierdie wending word deur uitgewerye verwelkom omdat dit impliseer dat die opvoedkundige sektor 'n belangrike toekomstige rol het en die bestaan daarvan nie direk bedreig word nie. Nogtans plaas so 'n wending dié sektor weer eens onder verdere finansiële stremming deurdat markte vir 'n periode van drie jaar (2001-2003) onseker sou wees en 'n swak finansiële jaar vir 2001 voorspel is. Uitgewerye sal ook nie binne drie jaar na die implementering van 'n nuwe kurrikulum die beleggings in nuwe produkontwikkeling kan verhaal nie (WESGRO, 2000:26). Voortdurende toekomstige aanpassings aan die kurrikulum kan rampspoedige finansiële gevolge vir die opvoedkundige sektor inhou wat kan uitkring na die boekuitgewerybedryf in sy geheel (dit sal dus ook uitgewerye van fiksie raak). Van Rooyen (2005:315, 320-321) is krities oor die radikale implikasies wat voortdurende kurrikulumwysiging vir die uitgewerybedryf inhou:

[...] publishers have not seen a proper return on their huge investments in material for Curriculum 2005; the new titles had barely started selling when the whole change process started all over again, and publishers now have to invest heavily in the origination of new material again. No doubt this situation will lead to more rationalisation and consolidation in the industry; only publishers with large resources and deep pockets can keep up with this kind of reinvestment schedule.

Daar bestaan twee raamwerke van die RNCS (Van Rooyen, 2005:311): (i) die RNCS R-9 vir Grade R tot 9 (in drie fases verdeel: die fondasie-fase vir Grade R tot 3, die intermediêre-fase vir Grade 4 tot 6 en die senior-fase vir Grade 7 tot 9) en (ii) die RNCS FET (verdere-onderwys-en-opleiding-fase vir Grade 10 tot 12). Die kurrikulum word saamgestel uit kritiese-, ontwikkelings- en leeruitkomste en assesseringskriteria vir elke leerarea, fase en graad. Die RNCS onderskei agt leerareas en die onderrig van letterkunde sorteer onder die leerarea Tale. Drie verskillende vlakke van taalonderrig (waarvoor elk verskillende uitkomste gespesifiseer word) word onderskei: huistaal, eerste addisionele taal en tweede addisionele taal. Elke leerder word verplig om ten minste twee van die amptelike tale vanaf Graad 3 tot Graad 12 te neem, hulle huistaal en een addisionele taal. Teen die einde van Graad 9 behoort 'n leerder in só 'n mate funksioneel geletterd te wees in die addisionele taal dat hy dit met gemak as medium van leer kan gebruik (Departement van Onderwys, 2003a:28). Funksionele geletterdheid word as die kern-uitkoms van die Tale-leerarea beskou (Departement van Onderwys, 2003a:34) en daarvoor erken die RNCS 'n teks-gebaseerde benadering tot leer. Vir die bereiking van uitkomste word Learners and Teachers Support Material (LTSM) benodig. Dit sluit handboeke maar ook koerante, tydskrifte, pamflette en 'n wye verskeidenheid andersoortige tekste in. As gevolg van die probleme wat met die beskikbaarheid en voorsiening van skoolhandboeke ondervind word (veral in agtergeblewe skole met 'n gebrek aan fondse en infrastruktuur) word die gebruik van ander tekste aanbeveel en aangemoedig (Departement van Onderwys, 2003a:41). Die gebruik van voorgeskrewe fiksietekste op skoolvlak is in der waarheid as gevolg van die verandering in die kurrikulum en 'n sameloop van omstandighede gedeprioritiseer (Pienaar, 2003b).

3.3.4.3 Seleksie-, aankoop- en verspreidingstelsel vir skoolhandboeke

Die uitgeeproses van publikasies gerig op voorskrywing (en die betrokke rolspelers) kan as volg opgesom word (Kruger, 2003):

- Die Nasionale Departement van Onderwys dui die verwagte uitkomste van elke leerarea, graad en vlak in die RNCS aan. Daarvolgens stel die Provinsiale Departemente van Onderwys riglyne op vir die ontwikkeling van leermateriaal (LTSM) wat aan uitgewerye beskikbaar gemaak word.
- Werwingsredakteurs ontwikkel konsepte vir leermateriaal na aanleiding van die riglyne en werf outeurs om die konsepte in manuskripte om te sit. Die voltooide manuskrip word geredigeer, grafies ontwerp en geset (die produksiefase – sien 3.2.2), maar daar word nie 'n volledige oplaag gedruk nie.
- Die gesette manuskrip word aan elk van die nege provinsiale Departemente van Onderwys voorgelê vir oorweging om dit voor te skryf. Voorskryfkomitees (bestaande uit die kurrikulum-adviseur van die betrokke onderwysdepartement en kundiges in die vakgebied soos onderwysers) oorweeg die voorgelegde manuskripte. Die manuskrip word afgekeur, goedgekeur of voorwaardelik goedgekeur (in laasgenoemde geval word sekere wysigings vereis) Die voorleggingsproses kan meer as een maal herhaal word.
- Die verskeie onderwysdepartemente maak lyste van die goedgekeurde voorgeskrewe titels bekend. Dit is moontlik dat die titel slegs vir spesifieke provinsies goedgekeur is en dan kan dit slegs in daardie provinsies bemark word.
- Daarna word die manuskrip vir druk voorberei en volg die drukproses. Parallel hiermee word dit titel deur die bemarkingspan van die uitgewery bemark. Ongeag die stelsel wat vir aankoop en verspreiding vir die spesifieke skool geld (sien hieronder), bemark uitgewerye direk aan die skole.

Alhoewel fiksiepublikasies dikwels nie gewerf word nie, maar deur die outeur voltooi en aan die uitgewery voorgelê word, kom fiksiepublikasies wat vir voorskrywing bedoel is volgens 'n proses van werwing tot stand. Daar word slegs voorleggings van uitgewerye gevra vir grade waarvoor die RNCS reeds geïmplementeer is, of binnekort geïmplementeer word (sien hierbo), vir die ander grade word geen nuwe titels oorweeg en aangekoop nie. Dit het 'n radikale invloed op die uitgesisteem van

Afrikaanse fiksie gehad deurdat produksie van nuwe Afrikaanse fiksietitels (gerig op die volwassemark) as 't ware vir die duur van die tweede helfte van die 1990's en die vroeë 2000's glad nie deur voorskrywing ondersteun is nie (die impak op die produksieprofiel word in Hoofstuk 6 bespreek). Faasen (2003) noem dat voorskryfyste vir Afrikaanse fiksie vir Grade 7 tot 12 tussen 1994 en 2003 oor die algemeen nie vernuwe het nie. Ouer fiksietitels word dus herhaaldelik voorgeskryf met die implikasie dat uitgewerye van Afrikaanse fiksie nie werklik substansieel nuwe titels vir die voorskryfmark gedurende hierdie periode ontwikkel het nie. Volgens die GPI-verslag (2001:42) is die mark vir Afrikaanse publikasies wat gerig is op die onderrig van Afrikaans as taal op skoolvlak (insluitend fiksietitels) minder lewensvatbaar en het voorskrywing van hierdie publikasies feitlik heeltemal tot stilstand gekom (hiermee word verwys na die feit dat byna geen nuwe fiksietitels tot ongeveer 2003 op voorskryfyste verskyn het nie). Die herhaaldelike voorskrywing van ouer fiksietitels het ook die nadelige gevolg dat leerders aan tekste op skoolvlak blootgestel word wat nie relevant is vir eietydse vraagstukke nie en gevolglik 'n negatiewe beeld van die letterkunde vorm en vervreem raak as potensieël volwasse lesers.

Van direkte belang vir hierdie ondersoek, met betrekking tot die veranderde voorskryfbeleid, is die infasering van die RNCS FET-fase. Volgens Naude (2005) word die voorskryfpotensiaal van Afrikaanse fiksietitels (gerig op die volwasse mark) potensieel verhoog deur die infasering van die FET-fase van die nuwe kurrikulum gedurende 2006 (Graad 10), 2007 (Graad 11) en 2008 (Graad 12) en kan die infasering van hierdie fase 'n nuwe impetus bied vir Afrikaanse fiksieproduksie. Afrikaanse fiksietitels wat dus tans deur uitgewerye vir Grade 11-12 voorberei word, sal dus nie in die periode van hierdie ondersoek (1990-2005) gereflekteer word nie.

Die Nasionale Departement van Onderwys het in 2004 'n verandering in die seleksie- en voorskryfbeleid vir spesifiek die leerarea Tale aangekondig wat rampspoedige gevolge vir die voorskrywing van Afrikaanse fiksietitels sou inhou indien dit volkome toegepas sou word. Fiksietitels word voortaan vir 'n periode van drie jaar voorgeskryf. Leermateriaal vir verskillende tale sou nie aan al die individuele provinsiale onderwysdepartemente voorgelê word nie, maar leermateriaal in spesifieke tale aan spesifieke provinsiale onderwysdepartemente volgens die

beskikbare kennis van 'n spesifieke taal in 'n spesifieke provinsie. Waar 'n onbeperkte aantal titels in die verlede tot die voorskryflyste van verskillende provinsies toegelaat is, sou voortaan slegs vier fiksietitels per genre op 'n nasionale voorskryflys verskyn. Alle provinsies sou dan slegs 'n keuse uit dieselfde vier titels gehad het. Die voorskryflys vir integrale taalttekste (waarin ook fiksie ingesluit word) sou tot tien titels beperk wees. Spesifieke voorskrifte is gestel vir die aard en omvang van fiksietitels. Kortverhale mag nie langer as twaalf bladsye wees nie en moet 'n voorgeskrewe tydraamwerk in die verhaalgebeure volg. Poësie bloemlesings moet notas oor elke gedig en digter bevat. Romans moet voorsien word van 'n inleiding met inligting oor die skrywer, inhoud en tema van die roman (Naude, 2005).

Vir uitgewerye van fiksie het dit ernstige negatiewe implikasies: waar verskillende fiksietitels voorheen in verskillende provinsies voorgeskryf kon word was die voorskryfpotensiaal van meer titels 'n moontlikheid. Met die nuwe beleid sal uitgewerye dus minder potensiële voorgeskrewe titels kan uitgee. Fiksietitels wat as skooluitgawes uitgegee word (met al die genoemde voorskrifte in terme van aard en inhoud) kan nie in die algemene mark verkoop word nie. Die algemene mark vir fiksie is reeds beperk en die luukse van parallelle uitgawes van dieselfde fiksietitels is nie Suid-Afrikaanse uitgewerye van fiksie beskore nie. Die implikasie van die nuwe beleid verskraal dus die markgrootte verder (Naude, 2005). In 'n beroep deur PASA aan die Nasionale Departement van Onderwys word die implikasies van die voorgestelde nuwe beleid as volg uitgespel:

Prescription titles keep local literature publishing alive. Publishers invest in multiple literature titles, in the hope that at least one gets prescribed. The income from one prescribed title allows publishers to cross-subsidise other South African literature that would otherwise never see the light of day. Should the list of prescribed titles be limited to four titles per genre, this will seriously limit the opportunity to achieve the occasional bestseller prescription title. Most publishers would no longer be in a position to take the risk of publishing literature. The little literature publishing that might continue would likely be restricted to English which enjoys a bigger market, or to very well-established authors guaranteed to sell. Developing a literature heritage in South Africa's indigenous

languages would suffer, if not die. This unintended outcome of a limited literature prescription list would seem to work against government policy. For example, the Department of Arts and Culture is driving a series of provincial and national literature exhibitions, as part of a strategy to foster African-language publishing (Naude, 2004:3).

Hoewel die voorgestelde nuwe beleid nie formeel gewysig is nie, het die Departement van Onderwys gehoor gegee aan PASA se voorstelle. In Mei 2005 is 'n nasionale lys van goedgekeurde voorgeskrewe fiksietitels vir Graad 10 (2006) bekend gemaak waarin die aantal fiksietitels per genre nie beperk is nie en waaruit alle provinsies titels vir voorskrywing kan kies. Die voorgestelde maatreëls oor die aard en omvang van fiksietitels is ook verslap (Naude, 2005). Naude (2005) stel dit dat daar oor die afgelope paar jaar 'n goeie samewerkingsverhouding tussen lede van PASA en die Nasionale Departement van Onderwys gevestig is wat positiewe implikasies inhou vir die bepaling en toepassing van beleid in terme van voorskrywing.

Slegs publikasies wat op voorskryflyste verskyn, mag vir onderrig gebruik word. Die seleksiestelsel waarvolgens dié voorskryflyste saamgestel word, is hierbo uiteengesit. Van Rooyen (2005:319-320) dui aan dat daar geen eenvormige stelsel vir die aankoop en verspreiding van skoolboeke bestaan nie: “[school books] might be purchased directly by provincial education departments; distributed to schools via tenders allocated to retail distributors; purchased directly by schools from publishers; or sold through specialist educational bookshops”. Daar bestaan volgens Pienaar (2003b) hoofsaaklik twee verskillende stelsels: (i) 'n Tender-stelsel waarvolgens aankope gesentraliseer word en deur die provinsiale onderwysdepartemente gedoen word en boeke dan aan skole versprei word. Uitgewerye is nie direk in kontak met die onderwysdepartement nie, maar word deur verspreiders verteenwoordig. Dié stelsel geld vir alle sogenaamde Seksie 20-skole waarvolgens begrotings deur die provinsiale onderwysdepartement beheer word. (ii) 'n Oopmark-stelsel waarvolgens aankope gedesentraliseer is en skole self vir aankope verantwoordelik is. Dié stelsel geld vir sogenaamde Seksie 21-skole (voormalige Model C-skole) waar die skole beperkte beheer oor hulle eie begrotings het en toerusting en boeke self kan aankoop.

Die seleksie-, aankoop- en verspreidingstelsel vir skoolhandboeke is tans nie gestandaardiseer nie, dit verskil van provinsie tot provinsie en dit verander voortdurend, daarom word daar nie verder binne die bestek van hierdie studie daaraan aandag gegee nie (vergelyk GPI, 2001:38-40; GPI, 2004:72-73; Van Rooyen, 2005:319-320; en WESGRO, 2001:24 vir meer inligting).

Tersiêre onderwys

Politieke veranderinge gedurende die 1990's (en reeds daarvóór, vergelyk Giliomee, 2003:634) lei tot 'n opskorting van die onderskeid tussen "blanke" en "nie-blanke" tersiêre instellings en studente wat voorheen slegs aan histories benadeelde instellings kon studeer skryf toenemend in by histories bevoordeelde instellings. Die inskrywing van swart studente aan (voorheen) Afrikaans-medium instellings groei met meer as 1000% tussen 1995 en 2000 en teen 1999 studeer 56% van alle swart studente aan voorheen bevoordeelde instellings, terwyl studentegedagtes aan voorheen benadeelde instellings tussen 1995 en 2000 met 28 000 daal. (GPI, 2001:46-48).

Hierdie transformasieverskuiwings, kurrikulumveranderinge en 'n veranderde taalprofiel raak die akademiese sektor van die uitgewerybedryf (waarin handboeke en ander akademiese en navorsingspublikasies uitgegee word) direk deurdat die tersiêre mark gedurende die 1990's vir 'n totaal nuwe markprofiel aangepas moes word. Ander faktore wat 'n negatiewe invloed op dié sektor gehad het, sluit onder andere in: die veranderde formules in die staat se subsidiestelsel vir tersiêre onderwys (GPI, 2001: 48-49); die groot hoeveelhede finansiële studente wat deel van die mark geword het (GPI, 2001:49 en WESGRO, 2001:19); 'n afname in die boekkoopkultuur (GPI, 2001:52-53) en gevolglike hoë vlakke van onwettige fotokopiëring van tersiêre handboeke (GPI, 2001:51-52); en die krimpende aankoopbegrotings van akademiese biblioteke aan tersiêre instellings (GPI, 2001:54-55).

Vervolgens word verskuiwings in die beleid vir tersiêre onderwys en die implikasies daarvan vir onderrig van Afrikaans en die bestaan van departemente Afrikaans oorsigtelik bespreek. Soos reeds genoem, val dit buite die bestek van hierdie studie om die direkte implikasies vir die produksie van Afrikaanse fiksietitels empiries aan

te toon, maar die implikasies word geïmpliseer deur die potensiële mark wat die onderrig van Afrikaanse letterkunde vir die uitgee van Afrikaanse fiksie moontlik maak.

3.3.4.4 Die status van Afrikaans as onderrigmedium aan tersiêre instellings

Van Coller & Steyn (2001:161-164) toon aan dat die status van Afrikaans as onderrigmedium aan voormalige Afrikaanse universiteite vinnig aan die kwyn is. Voormalige Afrikaanse universiteite het oorgeskakel na parallelmediumonderrig (in Afrikaans en Engels) soos byvoorbeeld die voormalige Randse Afrikaanse Universiteit (Universiteit van Johannesburg vanaf Januarie 2005) en die Universiteit van die Vrystaat. Dit het ernstige implikasies vir die beskikbare tyd wat doserende personeel aan navorsing kan bestee (vergelyk verder Van Coller & Odendaal, 2004:3-4). Aan die Universiteit van Pretoria word talle voorgraadse programme reeds vanaf die tweede jaar slegs in Engels aangebied (Uys, 2004:1).

Terwyl voorgraadse programme aan die Universiteit van Stellenbosch tot onlangs nog in hoofsaaklik Afrikaans aangebied is, het die Raad van die Universiteit in Desember 2005 na 'n meerderheidstem besluit om dubbelmediumonderrig (die sogenaamde T-opsie) tot op derdejaarsvlak in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte uit te brei. Die Afrikaanse skrywers Abraham de Vries en George Weideman het in Oktober 2005 'n beswaarskrif teen dubbelmediumonderrig by die US opgestel wat later deur meer as 130 Afrikaanse skrywers onderteken is (Brits, 2005:8). Aan die begin van 2006 het die Raad se besluit tot felle openbare debat aanleiding gegee en gelei tot 'n openbare stemming van nuwe raadslede waaraan ongeveer 8 000 respondente deelgeneem het en 75% gestem het vir konvokasiekandidate wat die T-opsie teenstaan (Retief, 2006:14). Meer as 3 000 studente aan die Universiteit van Stellenbosch het ook 'n beswaarskrif teen die T-opsie onderteken. Na die verskyning van die rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof. Chris Brink, se boek *No Lesser Place – The Taaldebat at Stellenbosch* (African Sun Media, 2006) het 'n verdere polemieks van reaksie losgebars (vergelyk byvoorbeeld die kritiek deur Brand, 2006:11 en John, 2006, 13) – veral oor die Afrikaanse skrywer Breyten Breytenbach se satiriese

“resensie” oor die boek wat in die studentekoerant *Die Matie* geplaas is (Malan, 2006:8).

Die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir CHO (nou Noordwes-Universiteit) het tot onlangs Afrikaans as onderrigmedium op die Potchefstroom-kampus behou en hoofsaaklik Engels as onderrigmedium op die Vaaldriehoek-kampus ingevoer – intussen het ook dié universiteit parallelmediumonderrig in sekere programme deur middel van tolkdienste begin invoer. Die Noordwes-Universiteit het in 2006 stelling ingeneem en verklaar dat Afrikaans die amptelike onderrigmedium op die Potchefstroom-kampus sal bly (’n keuse dus ten gunste van die sogenaamde A-opsie) en dat daar in die behoeftes van andertaliges deur die reeds beproefde metode van tolkdienste voorsien sal word.

Die behoud van Afrikaans as onderrigmedium word as hindernis vir die toelating van anderstalige studente tot universiteite beskou en gevolglik as ’n voortsetting van apartheid – met gevolglik toenemende kritiek en druk hieroor deur die Nasionale Departement van Onderwys. Deur ’n historiese oorsig oor die ontstaan van voormalige Afrikaanse universiteite toon Steyn (2004a:142-146) aan dat die volgende twee stellings, wat gebruik is in debatte oor Afrikaans as onderrigmedium aan universiteite, ongeldige persepsies is: (i) “Afrikaanse universiteite is geskep om Afrikaner-intellektuele op te lei in diens van apartheid”; en (ii) “Afrikaanse universiteite is ’n direkte gevolg van die apartheidsbeleid dat universiteite gesegregeer word op grond van ras en onvermydelik ook taal”.

Wanneer programme en modules nie meer in Afrikaans aangebied word nie, hou dit ’n direkte bedreiging vir akademiese publikasies in Afrikaans in. Akademiese uitgewerye baseer uitgeebeslissings vir tersiêre handboeke op die studentegetal van modules en die onderrigmedium wat deur die ingeskrewe studente verkies word. Dit het nie slegs negatiewe implikasies vir akademiese publikasies vir die onderrig van Afrikaanse taal en letterkunde nie, maar vir Afrikaanstalige akademiese publikasies in alle vakgebiede.

3.3.4.5 Studentegetalle van departemente Afrikaans

Studentegetalle van departemente Afrikaans aan tersiêre instellings het toenemend gekrimp sedert die laat 1990's. Willemse (2002a:2-3) dui die verband met boekproduksie as volg aan:

[...] ook die Afrikaanse letterkunde, as gekanoniseerde teksproduksie, [verkeer] onder druk. Die voorgeskrewe skool- en universiteitsboekmark is besig om sienderoë in duie te stort, enersyds omdat daar 'n vermindering in boekaankope is, en andersyds, in die geval van tersiêre opleiding, omdat daar jaarliks minder studente is wat hulle inskryf vir gevorderde Afrikaanse letter- en taalkundige studie. Vir die skrywer en uitgewer wat produkte vir hierdie markte moet skep, word die uitdaging om in Afrikaans te produseer minder en minder betalend [...].

Die implikasie van dalende studentegetalle vir die produksie van Afrikaanse fiksie is dat voorskrywing nie meer die stukrag en ruggraat kan wees nie (soos dit wel in die verlede was, deurdat voorskryfmoontlikhede 'n beduidende faktor in die neem van uitgeebeslissings van spesifieke soorte fiksietitels was) en dat produksie van fiksietitels voortaan op grotendeels die algemene mark aangewese sal wees. Dalende studentegetalle van departemente Afrikaans het ook 'n radikale implikasie vir die toekomstige verbruikers van Afrikaanse fiksietitels: studente wat tersiêre opleiding in die letterkunde deurloop, kan as moontlike nuwe lesers van (spesifiek sogenaamde "literêre") fiksietitels beskou word. Wanneer studentegetalle verminder, verklein dus nie net die voorskryfmark nie, maar ook 'n komponent van die toekomstige algemene mark. Daar behoort in 'n selfstandige empiriese ondersoek nagegaan te word wat die presiese invloed van dalende studentegetalle en die voorskrywing van spesifieke fiksietitels op die produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 was.

3.3.4.6 Herstrukturering van departemente Afrikaans, programme en modules

Die South African Qualifications Authority (SAQA – Suid-Afrikaanse Kwalifikasie Otoriteit) is verantwoordelik vir die ontwikkeling en implementering van die National Qualifications Framework (NQF – Nasionale Kwalifikasieraamwerk), stel standaarde vir opleiding vas en monitor opleidingsprogramme (GPI, 2001:31). SAQA het tersiêre instellings verplig om opleidingsprogramme te hersien en oor te skakel na 'n modulesisteem (WESGRO, 2001:26) – modules waarvan die hoeveelheid ingeskrewe studente te laag was, moes uitfaseer word. Dit het aanleiding gegee tot omvangryke herstrukturering van programme en departemente en die totstandkoming van skole waarin voormalige selfstandige departemente versamel is. Vir departemente Afrikaans het dit die gevolg ingehou dat heelwat letterkundemodules nie meer aangebied kon word. Die toenemende invoering van toegepaste modules in byvoorbeeld mediastudies, kultuurstudies en dokumentontwerp en inskakeling van voormalige departemente Afrikaans as vakgroepe binne skole vir die studie van tale, letterkundes, media, kommunikasie en kultuur is kennelik 'n gevolg hiervan. Vanselfsprekend is die voorskryfmark vir fiksietitels op tersiêre vlak daardeur ingekort. 'n Eksemplariese voorbeeld is letterkundemodules waarin drama as selfstandige genre bestudeer is wat grotendeels uit die module-aanbod van departemente Afrikaans verdwyn het (vergelyk Van Zyl, 2000 en Louw, 2000 aangehaal in Venter, 2001a:35-37). Destydse uitgewers van Afrikaanse fiksie by Tafelberg, Danie Botha (2000) en Charles Fryer (2000), (aangehaal in Venter, 2001a:33), is dit eens dat voorskryfmoontlikhede (beide op sekondêre en tersiêre vlak) 'n bepalende faktor in uitgeebeslissings van dramatekste in die verlede was en dat die radikale afname in die produksie van gepubliseerde dramatekste gedurende die 1990's (sien 6.12.2), direk verband hou met die kwynende studentegetal aan departemente Afrikaans.

In sy intreerede by die aanvaarding van die leerstoel in Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria, dui Willemsse (2001) die multidimensionele problematiek vir die voortbestaan van departemente Afrikaans aan universiteite aan. In 'n tyd van indringende politieke, sosiale, ekonomiese en tegnologiese verandering word die Afrikaanse literêre kritikus gedwing om sy vakgebied indringend te herdefinieer

(Willemse, 2001:14). Hy maak 'n aantal konseptuele voorstelle vir 'n ruimer kurrikulumbeskouing (vergelyk Willemse, 2001:14-17) en 'n wegbeweeg van “'n verkalkte letterkundige praktyk”: “Dit beteken naas gevestigde praktyke 'n doelbewuste skakeling met ander Suider-Afrikaanse, Afrika en internasionale tradisies; 'n verbreding van ons navorsingspraktyke om byvoorbeeld 'n slag weer krities na ons geïnstitusioneerde literêre modelle, benaderings en ingesteldhede te kyk; om erns te maak met die eise van ons eietydse kulturele praktyke” (Willemse, 2001:14).

Buiten die impak van genoemde transformasie op die herstrukturering van departemente Afrikaans (wat dalk te dikwels as 'n verlies aan die dosering van en navorsing oor die gekanoniseerde letterkunde ervaar word) is Willemse (2005) van mening dat departemente Afrikaans en die kurrikulumaanbod in die verlede te eng gekonseptualiseer is volgens verouderde modelle wat uit die 1930's en 1940's dateer en is vernuwing en aanpassing juis nodig. Dit behels onder andere dat studente nie langer in 'n letterkundige tradisie wat “etniese gebondenheid aangemoedig het” opgelei kan word nie en dat “die geneigdheid in die Afrikaanse letterkundige kringe om in hoofsaak gekanoniseerde en kanoniseerbare tekste te ondersoek” en wat “lei tot 'n uiterste verskraling van die potensiële ondersoekterreine van ons vakgebied” verbreed moet word deur erns te maak met “moderner tekstuele praktyke soos die televisie en die Internet” (Willemse, 2001:14-15). Die implikasies van dié veranderde rol van departemente Afrikaans, soos Willemse dit beskou, vir die produksie van Afrikaanse fiksie is dat uitgewers nooit weer in dieselfde mate as tydens die voormalige bevoordeelde posisie op voorskrywing sal kan steun nie.

3.3.4.7 Amalgamering van tersiêre instellings en die stand van Departemente Afrikaans

In Maart 2001 kondig die Minister van Onderwys 'n nuwe plan vir hoër onderwys aan waarvolgens sekere tersiêre instellings in dieselfde area sou amalgameer ten einde die aantal instellings (nie noodwendig die hoeveelheid kampusse nie) te verminder en die duplisering van dieselfde programme wat deur hierdie instellings aangebied word, uit te skakel (GPI, 2001:47-48 en WESGRO, 2001:26-27). Dié plan tree formeel in

werking in Junie 2002 deur die bekendmaking van 'n beleid vir die “transformasie en herstrukturering vir 'n nuwe institusionele landskap” deur die Minister, waarin sekere voorstelle gemaak word vir samewerking en rasionalisering in die aanbieding van programme. Programme vir studies van taal en letterkunde sal na implementering van die nuwe plan slegs aangebied word in vyf provinsies: Oos-Kaap, Gauteng, KwaZulu-Natal, Limpopo, en Wes-Kaap (Departement van Onderwys, 2002).

Alhoewel die amalgamerings van tersiêre instellings ook bepaalde voordele inhou, dien dit 'n verdere nekslag vir departemente Afrikaans toe. Visagie (*ALV-Nuusbrief*, 2002a:3) berig byvoorbeeld dat die Program vir Afrikaans en Nederlands aan die voormalige Universiteit van Natal (Durban) se personeel met die helfte gesny is. Die samesmelting van laasgenoemde universiteit en die Universiteit van Durban-Westville in Januarie 2004 (as die Universiteit van KwaZulu-Natal) kan aan die een kant 'n moontlike oplossing vir die personeeltekort bied, maar dit kan ook moontlik die handhawing van die dissipline op die spits dryf. Die 24 akademici wat nog in 1996 betrokke was by Afrikaans in KwaZulu-Natal is teen 2003 tot slegs ses (wat by vier verskillende kampusse betrokke is) verminder en die afskalingsproses is steeds aan die gang. Burger (*ALV-Nuusbrief*, 2002b:4) stel dit dat die Departement Afrikaans aan die Randse Afrikaanse Universiteit (Universiteit van Johannesburg vanaf Januarie 2005) nog gelukkig is om bevorderings te kan toeken in 'n tyd van afskaling. Van Vuuren (*ALV-Nuusbrief*, 2002c:4) berig dat daar slegs een dosent oor is vir alle letterkundekursusse by die Universiteit van Port Elizabeth (Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit vanaf Januarie 2005), sodat die oorlewing van die vak steeds prekêr is. Volgens Louw (*ALV-Nuusbrief*, 2002d:5) van die Universiteit van die Noorde het dié universiteit nie meer 'n Departement Afrikaans nie en is die laaste drie dosente in September 2002 afgedank. Lemmer (*ALV-Nuusbrief*, 2004b:7-8) verwys na die “interne herstrukturingsproses” by die Universiteit van Suid-Afrika waardeur die nuwe Departement van Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap tot stand gekom het.

Die taaloudit van die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans (Prinsloo, 2004:69-76) dui aan dat Afrikaanse taal- en letterkunde programme in 2004 steeds aan die volgende tersiêre instellings aangebied word: Universiteit van Kaapstad (Vakgroep Afrikaans, Skool vir Tale en Letterkundes); Universiteit van KwaZulu-Natal (Skool vir Taal,

Kultuur en Kommunikasie); Noordwes-Universiteit (Skool vir Tale); Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit (Skool vir Tale, Media en Kommunikasie); Universiteit van Pretoria (Departement Afrikaans, Skool vir Tale en Departemente Tale, Kunste, Menslike Bewegingskunde in die Fakulteit Opvoedkunde); Universiteit van Johannesburg (Departement Afrikaans en Sentrum vir Onderrig, Leer en Assessering); Universiteit van Stellenbosch (Departement Afrikaans en Nederlands en Eenheid vir Afrikaans van die Taalsentrum); Universiteit van Suid-Afrika (Departement van Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap); Universiteit van die Vrystaat (Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans); Universiteit van Wes-Kaapland (Departement Afrikaans en Nederlands en die Iilwimi-sentrum vir veeltaligheid en taalprofessies).

Van Coller & Steyn (2001:171) wys daarop dat Afrikaans meer as ooit tevore in die buiteland gedoseer, verstaan, gelees en waardeer word en dat dít een van die positiewe ontwikkelinge vir die status van Afrikaans as taal van die onderwys en wetenskap is. Formele kursusse in Afrikaans is aan verskeie universiteite in die Lae Lande ingestel (in Amsterdam, Leiden, Groningen en Leuven); werksinkels in Afrikaans word jaarliks in Hasselt (België) aangebied en meer sporadies in Diepenbeek en Leipzig; Afrikaans bloei ook in Oos Europa (in Oostenryk, Pole, Rusland en Tsjeggië) en belangstelling in Afrikaans in die Verenigde State van Amerika is aan die toeneem (vergelyk ook Van Coller, 2004b). Hierdie verskuiwings bied nie noodwendig 'n bestendige voorskryfmark vir Afrikaanse fiksietitels nie, maar dit verhoog die sigbaarheid en status van Afrikaans. Dit het 'n moontlike positiewe invloed op die bemerking van vertaalde Afrikaanse fiksietitels – volgens Van Coller & Steyn word daar tans meer vertalings uitgegee as in enige vorige periode.

Die verdere implikasies van verskuiwings in die onderwyssubstelsiem op die uitgesistelsiem van Afrikaanse fiksie word in die toepaslike afdelings in die res van hierdie ondersoek gehanteer (vergelyk spesifiek die invloed van die ekonomiese konteks op die uitgesistelsiem in 3.4.2).

3.3.5 Biblioteeksubstelsiem

Die hoof funksie van die biblioteekstelsiem is die voorsiening van toegang tot boeke en 'n wye verskeidenheid ander inligtingsbronne aan die gebruikers van biblioteke.

Breedweg kan onderskei word tussen openbare biblioteke (waartoe die algemene publiek toegang het), akademiese en navorsingsbiblioteke (waartoe studente, dosente, navorsers en spesialis gebruikers toegang het) en skoolbiblioteke (wat by skole vir leerders en onderwysers ingerig is).

Skoolbiblioteke word deur die Nasionale Departement van Onderwys en die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente befonds, maar daar bestaan 'n ernstige tekort aan skoolbiblioteke wat die klem nóg meer op openbare biblioteke plaas (GPI, 2001: 28 en 33-34). Slegs 11% van primêre skole en 34% van sekondêre skole beskik oor 'n skoolbiblioteek en die verspreiding oor provinsies is gefragmenteer: in die Noordelike Provinsie is 91%, Vrystaat 82%, Gauteng 41% en die Wes-Kaap 48% van skole sonder 'n biblioteek. In 1999, byvoorbeeld, het geen biblioteekaankope vir skoolbiblioteke plaasgevind nie, ten spyte van die R13 miljoen wat daarvoor bewillig is (GPI, 2001:33-34). Skoolbiblioteke val buite bestek van hierdie ondersoek.

Akademiese biblioteke word deur die onderskeie tersiêre instellings befonds. Daar bestaan 45 tersiêre of akademiese biblioteke in Suid-Afrika en oor die algemeen is hulle begrotings gesny: Technikon SA, byvoorbeeld, se boekaankoopbegroting is in 2001 met die helfte ingekort, Technikon Vrystaat het slegs R1,3 miljoen vir aankope van beide boeke en vaktydskrifte in 2001 ontvang (GPI, 2001:54). Ook akademiese biblioteke val buite bestek van hierdie ondersoek.

Die fokus van hierdie afdeling is op openbare biblioteke en spesifiek die mate waartoe aankope deur openbare biblioteke 'n potensiële mark vir (ook) Afrikaanse fiksiepublikasies is – dus die biblioteekstelsiem as substelsiem, deur die funksie daarvan as potensiële mark, binne die uitgesistelsiem. Dit val buite die bestek van hierdie ondersoek om die verband tussen biblioteekaankope en produksie empiries te ondersoek. Dit sou 'n selfstandige ondersoek behels waarin die begrotings van alle provinsiale biblioteekdienste, uiteensettings van besteding, lyste van aangekoopte

Afrikaanse fiksietitels deur hierdie biblioteke en produksiepatrone gedurende die periode 1990-2005 statisties met mekaar vergelyk word. Vervolgens word generiese transformasieverskuiwings in die biblioteeksubstelsiem oorsigtelik beskryf, sonder om die impak op die produksie van Afrikaanse fiksie direk aan te toon, maar die impak wel te impliseer.

3.3.5.1 Strukturele verskuiwings, veranderde wetgewing en befondsingstrukture vir openbare biblioteekdienste

Diskriminasie op grond van apartheid het die gevolg gehad dat openbare biblioteke in voormalige “blanke” areas beter befonds is as die gemeenskapsbiblioteke in voormalige “nie-blanke” areas. Gemeenskapsbiblioteke is in die apartheidsera opgerig en befonds deur nie-regeringsorganisasies (NGO’s) en gemeenskapsgebaseerde organisasies (CBO’s). Die term “gemeenskapsbiblioteke” is gebruik om dit te onderskei van openbare biblioteke wat (voorheen) deur beide die provinsiale en plaaslike regering befonds is. Daar is ook onderskei tussen geaffilieerde- en nie-geaffilieerde openbare biblioteke: eersgenoemde is deur beide die betrokke provinsiale en plaaslike regering befonds en waar ’n plaaslike regering ontbreek het deur die provinsiale regering; laasgenoemde is onafhanklik deur plaaslike regerings bestuur, soms met beperkte ondersteuning deur provinsiale regerings. Later is daar ook na openbare biblioteke as gemeenskapsbiblioteke verwys – ’n aanduiding van die veranderde rol wat biblioteke nou in Suid-Afrika speel, naamlik opleiding en ontwikkeling. Die onderskeid tussen geaffilieerde- en nie-geaffilieerde openbare biblioteke het ook vervaag. (Van Helden & Lor, 2002). Hierdie studie sluit al die genoemde biblioteke onder die term “openbare biblioteke” in.

Alhoewel hierdie ernstige ongelykhede aangespreek is deur die instelling van hersieningsprogramme, het dit nie vrugte afgewerp nie as gevolg van die inkorting van begrotings, nalatigheid en administratiewe wanorde deur die ekstensiewe herorganisasie van plaaslike en provinsiale vlakke van die regering ná 1994 (Peter Lor, voormalige nasionale bibliotekaris, aangehaal in die GPI-verslag, 2001:29). In die vorige politieke bedeling is die openbare biblioteekstelsel georganiseer in vier provinsiale biblioteekdienste en sedert 1994 is dit herverdeel in nege provinsiale

biblioteekdienste. Die fokus van openbare biblioteke is veral gerig op opleiding en ontwikkeling (CIGS, 1998:46). Daar bestaan geen nasionale beleid waarbinne provinsiale biblioteekdienste hulle aankoopbeleid formuleer nie (CIGS, 1998:46) en elke provinsie volg dus hulle eie benadering. Buiten die feit dat begrotings van provinsiale biblioteekdienste ingekort is wat die aankoop van boeke noodgedwonge laat daal het, word groot gedeeltes van hierdie begrotings op die opgradering van biblioteekgeboue in voorheen benadeelde areas spandeer (GPI, 2001: 62).

Biblioteke het voorheen sorteer onder die subdirektoraat Meta-Inligting as deel van Wetenskap en Tegnologie binne die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie (DACST). Met die verdeling van DACST in twee departemente (sien 3.4.1.2) is biblioteke (Meta-Inligting) verskuif na Nasionale Argiewe as deel van die Departement Kuns en Kultuur. Die verantwoordelikheid vir die voorsiening van biblioteek en inligtingsdienste is vervat in die Grondwet (Wet 108 van 1996 – Suid-Afrika, 1996a): afdeling (a) van Artikel 5 lys biblioteke anders as die nasionale biblioteke as deel van die provinsiale regering se eksklusiewe regsbevoegdheid; biblioteke word egter nie in afdeling (b) as deel van die bevoegdhede wat deur die plaaslike regering uitgevoer moet word, gelys nie. Tot 1 Julie 2002 het provinsiale en plaaslike regerings die verantwoordelikheid vir openbare biblioteekdienste gedeel: provinsiale regerings het voorsien vir die aankoop en verspreiding van boeke, verskaffing van professionele riglyne en advies, bemarking van dienste en ander koördinerende funksies; plaaslike regerings (deur die stadsrade) het voorsien in die aanstelling en vergoeding van personeel, die bou en instandhouding van infrastruktuur en die dag tot dag bestuur van biblioteke in die metropole (Kaapstad, Durban, Johannesburg en Tshwane / Pretoria). Die Wet op Munisipale Strukture (Wet 117 van 1998 – Suid-Afrika, 1998a), is gebaseer op Artikels 4 en 5 van die Grondwet en sluit nie biblioteke as deel van plaaslike regerings se verantwoordelikhede in nie. As gevolg van die inkonsekwente bewoording van hierdie artikels in die Grondwet is plaaslike regerings dus nie meer regsbevoeg om openbare biblioteke te befonds nie en is dit amptelik die verantwoordelikheid van provinsiale regerings alleen. Die meeste provinsies beskik egter nie oor die finansiële hulpbronne om die befondsing by plaaslike regerings oor te neem nie (Nel, 2005b:2). Daar bestaan ook geen meganisme op grond waarvan dié gedeelte van munisipale belastings wat voorheen deur plaaslike regerings vir die befondsing van openbare biblioteke gebruik is, na provinsiale

regerings oorgedra kan word nie. Buiten hierdie verskuiwings in wetgewing wat 'n invloed op die befondsingstruktuur van bestaande openbare biblioteke het, is daar ook geen addisionele fondse beskikbaar om gemeenskapsbiblioteke uit te brei nie.

Dominy (2003:40-41), nasionale argivaris, dui in 'n beraming vir die jaarlikse befondsing van die openbare biblioteekstelsel vir 2000 aan dat 'n totale befondsingstekort van R184,9 miljoen bestaan (die behoeftes en tekorte in verskillende provinsies verskil). Hierdie negatiewe situasie het in die vroeë 2000's toegeneem en verskeie openbare biblioteke is gesluit. Dit het ook 'n striemende effek op personeel gehad waarvan talle afgedank is en die druk op oorblywendes in terme van diensvoorsiening toegeneem het. Gemeenskappe het hierteen gemobiliseer en landswyd het gemeenskapshulp in die vorm van Vriende van die Biblioteek-organisasies ontstaan waar vrywilligers na vore begin tree het om biblioteekpersoneel by te staan (Nel, 2005b:2). Die ruim finansiële begroting wat in 2006 deur Pallo Jordan, Minister van Kuns en Kultuur, aangekondig is en waarvolgens R1 miljard oor die volgende drie jaar vir provinsiale biblioteke bewillig is (Bonthuys, 2006:11), sal waarskynlik op langtermyn verligting bring vir die nood waarin die biblioteekstelsel hom tans bevind.

3.3.5.2 Die impak van transformasie op die aankoop van Afrikaanse fiksie- publikasies deur openbare biblioteke

Biblioteekaankope word universeel beskou as 'n belangrike faktor in die ontwikkeling van plaaslike boekuitgewerybedrywe omdat daardeur voorsien word in toegang tot boeke aan verbruikers wat dit andersins nie kan bekostig nie. Wanneer biblioteke boeke deur plaaslike fiksieskrywers aankoop, maak dit die produksie van inheemse fiksie meer lewensvatbaar vir uitgewerye. Die duidelike afname in biblioteekaankope (as gevolg van die afwesigheid van duidelike aankoopbeleid by sommige provinsies en krimpende begrotings) gedurende die laat 1990's het 'n nadelige invloed op boekproduksie gehad – veral in die algemene sektor (GPI, 2001:30; DACST, 1998:46, 73 en WESGRO, 2001:2, 17, 33). Daar is voorgestel dat 'n kwotastelsel geïmplementeer word wat die ondersteuning van plaaslik geproduseerde boeke deur biblioteekaankope sal waarborg (WESGRO, 2001:30).

Ná herhaaldelike pogings deur die navorser kon geen statistiese gegewens van die impak van bogenoemde transformasieverskuiwings op spesifiek die aankoop van Afrikaanse fiksiepublikasies deur provinsiale biblioteekdienste ingewin word nie. Terugvoer in algemene terme het telkens daarop gewys dat die aankoop van Afrikaanse fiksietitels radikaal sedert 1995 gedaal het en in sommige provinsies het aankope geheel en al tot 'n stilstand gekom. Die enigste positiewe uitsondering is die provinsiale biblioteekdiens van die Wes-Kaap wat steeds substantief Afrikaanse fiksietitels aankoop – veral vir die bediening van die groot aantal ywerige bruin biblioteek-gebruikers in die Wes-Kaap (De Raubaix, 2002). Die potensiaal van bruin lesers as mark vir die toekomstige instandhouding en uitbouing van die produksie van Afrikaanse fiksie moet geensins onderskat word nie.

Besteding aan Afrikaanse fiksiepublikasies is as 't ware gedeprioritiseer as gevolg van twee verskuiwings. Eerstens moes die voormalige bevoorregte posisie waarvolgens provinsiale biblioteke “die helfte van hul begroting aan Afrikaanse boeke bestee [het]” (Breytenbach, 1999a:6) plek maak vir regstellende aksie ten opsigte van proporsionele aankope van publikasies in al elf amptelike tale. Tweedens het die rol van openbare biblioteke verskuif na 'n fokus op gemeenskapsinligtingsentrums waarbinne die aankoop van fiksiepublikasies vir blote ontspanning 'n laer prioriteit is as publikasies en ander inligtingsbronne vir studies. Moshoeshoe (aangehaal in CIGS, 1998:46) beskryf die veranderde fokus as volg:

The recreational side of our libraries has to take a back seat. And we do not apologise for that [...] We are not looking at libraries as buildings anymore [...] The idea is to cluster around service delivery points. We have identified the teacher training colleges, because they have the space, as the locations for these points. From there boxes and bags of books can circulate around schools. Librarians are being retrained as education officers.

Politici is dikwels bedag daarop dat 'n groot gedeelte van die voorraad boeke in openbare biblioteke gerig is op die gebruik daarvan vir ontspanning deur 'n minderheidsgroep. Die fokus het nou vir altyd verskuif na die rol wat biblioteke te speel het in die ontwikkeling van agtergeblewe gemeenskappe (Dominy, 2003:41).

Die bevoorregte posisie waarin Afrikaanse fiksie in die vorige bedeling was, deels as gevolg van die ekstensiewe ondersteuning deur biblioteekaankope, het dit nog laer op die prioriteitslys in die nuwe bedeling geplaas.

Nel (1998:13), wat vir dertig jaar 'n uitgewer van Afrikaanse fiksie in grootdrukformaat was (sien 4.4.4), beskryf die invloed van biblioteekaankope op die produksie van Afrikaanse fiksie as volg:

Biblioteke het 'n aansienlike potensiële mark vir Afrikaanse boeke [fiksietitels] gebied. Danksy die bevoorregte posisie van Afrikaans is 'n tamaai stuk van die provinsiale biblioteekbegrotings aan Afrikaanse boeke afgestaan. Vir baie (ook ek) was dit veel makliker om boeke vir die biblioteekmark uit te gee en om die ingewikkelde winkelmark links te laat. Die eintlike skade wat biblioteke die gesonde groei van Afrikaanse boeke berokken het, was dat dit die potensiële verkope aan die publiek oor 'n tydperk van dertig jaar met 'n ysterhand vasgepen en later selfs laat krimp het. [...] Ons begin nou eers verstaan hoe nadelig biblioteekaankope die winkelverkope van Afrikaanse boeke getref het, en hoe deeglik dit lesers van die koop van boeke en die opbou van 'n eie biblioteek gespeen het.

Talle uitgewers van Afrikaanse fiksie het die daling in biblioteekaankope as een van die belangrikste implikasies vir die verlaagde produksie van Afrikaanse fiksiepublikasies sedert die tweede helfte van die 1990's aangevoer. Annari van der Merwe (2000a) verwys na die praktyk van kruissubsidiëring waardeur die uitgee van “sekere publikasies (esoteriese digbundels, byvoorbeeld)” voor 1994 slegs moontlik was deur die verkope van groot getalle boeke aan die staat (opvoedkundige inrigtings en biblioteke): “Die Suid-Afrikaanse regering het dus as 't ware die plaaslike algemene uitgewers tot 1994 in staat gestel om so 'n verskeidenheid inheemse literatuur uit te gee. Want in daardie jare is genoegsame getalle aanvullende skoolleesboeke en biblioteekboeke aangekoop om algemene uitgewery lewensvatbaar te maak, al het hulle ook dikwels boeke uitgegee wat net 'n klein uitgelese gehoor aanspreek”. Sy stel die genoegsame aankope van boeke deur die staat (vir skole en biblioteke) as 'n voorwaarde vir die “heropbloei van die algemene uitgewery” en is in 2000 optimisties

dat die gebrek aan biblioteekaankope slegs tydelik sal wees (Van der Merwe, 2000a). Teen 2003 en 2004 het institusionele aankope deur die staat, spesifiek biblioteek-aankope, nie daadwerklik verbeter nie en is sy minder optimisties. Van der Merwe (2003a) noem dat daar in die verlede tot 2000 eksemplare van 'n fiksietitel aan openbare biblioteke verkoop is en dat dit nou 'n geluiskoot is as 250 eksemplare aan openbare biblioteke landswyd verkoop word. Sy beskou voldoende institusionele aankope deur die staat, veral met betrekking tot die voldoende finansiering van biblioteke, eerder as die afskaffing van BTW op boeke of die staat se betrokkenheid by die vestiging van 'n boekkoop- en leeskuiluur, as die belangrikste en noodsaaklikste inisiatief waardeur die regering die plaaslike uitgewerybedryf kan ondersteun (Van der Merwe, 2004b). Ook Hannes van Zyl (2001b:4) wys daarop dat “staatsteun vir boeke en vir uitgewers in Suid-Afrika [...] op 'n lae vlak [is], veel minder as die regstreekse en onregstreekse steun wat algemene uitgewers in ontwikkelde lande van die staat kry”. Van Zyl (2002a:5) verduidelik dat boekaankope deur biblioteke minder is as 20% van wat dit al tevore was. (Die impak van dié verminderde staatsondersteuning op die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie word verder in 3.4.2.2 as deel van die ekonomiese konteks bespreek.)

3.3.5.3 Statistiese gegewens vir die openbare biblioteeksisteem

Eietydse statistiek vir die openbare biblioteeksisteem word vir die eerste keer beskikbaar deur die afhandeling van die Public and Community Libraries Inventory of South Africa (PacLISA)-projek in September 2001. Die doel van die PacLISA-projek was om 'n inventaris van openbare biblioteke in Suid-Afrika op te stel en na aanleiding van die ingesamelde data die geografiese verspreiding van biblioteke, basiese statistiek van die biblioteke (grootte van versamelings van gedrukte materiaal, uitleensyfers en -patrone) en die dienslewering aan die gemeenskap deur hierdie biblioteke, te bepaal. Die ingesamelde data vorm die basis vir toekomstige ontwikkeling en beplanning vir openbare biblioteke en lewer 'n bydrae tot geleterheidsontwikkeling en die skep van 'n leeskuiluur. Dit is 'n deurlopende projek en data wat later beskikbaar word, sal tot die bestaande webwerf toegevoeg word. Dit is 'n projek van die Print Industries Cluster Council (PICC) se Werkgroep vir Biblioteke en die Foundation for Library and Information Service Development (FLISD), in

samewerking met die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (NLSA) en die Centre for Geoinformation Science aan die Universiteit van Pretoria (Van Helden & Lor, 2002).

Alhoewel data oor befondsing (die bronne van befondsing van biblioteke vir die finansiële jaar 2000 / 2001 in die kategorieë provinsiale regering, plaaslike regering, donasies, diensfooie, geldinsamelings, boetes en betaling vir verlore boeke) en besteding (die besteding aan aankoop van nuwe boeke en ander materiaal, salarisse en operasionele kostes) as relevant vir dié projek beskou is en vrae daaroor in die vraelys ingesluit is, is hierdie inligting nie verteenwoordigend genoeg verskaf nie en derhalwe nie by die resultate ingesluit nie (Van Helden & Lor, 2002). Die gemiddelde respons op die vraelys was 80%. Die beskikbaarheid van data verskil egter van provinsie tot provinsie en biblioteek tot biblioteek en die projek het aangetoon dat daar oor die algemene 'n probleem met die beskikbaarheid van data bestaan (sien die verslag deur Van Helden & Lor, 2002 vir die beperkinge van die resultate en die verdere kontekstualisering daarvan). Dit dien ook as verklaring vir die problematiek om inligting oor die aankoop van Afrikaanse fiksie vir hierdie ondersoek in te win.

Die onderstaande statistiese gegewens is 'n breë aanduiding van die openbare biblioteeksisteem in Suid-Afrika (dit is gekonsolideer uit die verslag deur Van Helden & Lor, 2002).

- Daar bestaan 'n totaal van 1 249 openbare biblioteke in Suid-Afrika.
- Die gesamentlike versamelings wat deur openbare biblioteke gehuisves word, beloop 24,47 miljoen boeke.
- Die totale bevolking word met 0,63 boeke per persoon deur openbare biblioteke bedien.
- Die gesamentlike ledetal van openbare biblioteke is 4,22 miljoen lede, dus is slegs 10,8% van die totale bevolking lede van openbare biblioteke.
- Die gesamentlike uitleensyfer is 74,74 miljoen eksemplare per jaar.
- Die totale bevolking neem gemiddeld 1,91 eksemplare per persoon uit (geen onderskeid tussen fiksie en nie-fiksie).
- Die gesamentlike ledetal neem gemiddeld 17,72 eksemplare per lid en per jaar uit.

- Die gemiddelde biblioteekboek word 3,05 keer per jaar uitgeneem (geen onderskeid tussen fiksie en nie-fiksie).

3.4 Kontekste wat boekproduksie en die verbandhoudende subsisteme beïnvloed: die breë maatskaplike kontekste waarbinne die uitgesisteem ingebed is

In die vorige afdeling is die institusionele konteks (die media-, kultuur-, literatuur-, onderwys- en biblioteeksubsisteme) bespreek waarmee boekproduksie as institusie in interaksie verkeer en waardeur dit beïnvloed word. In hierdie afdeling val die fokus op die breë maatskaplike konteks waarbinne die uitgesisteem ingebed is, naamlik die politieke, ekonomiese en tegnologiese kontekste. Die politieke, ekonomiese en tegnologiese kontekste bepaal en reguleer die samelewing as geheel en binne die uitgesisteem vorm dié kontekste subsisteme wat beide boekproduksie as institusie en die institusionele subsisteme waarmee dit in interaksie verkeer (die media-, kultuur-, literatuur-, onderwys- en biblioteeksubsisteme), direk en indirek beïnvloed. Dit is 'n haas onbegonne taak om binne die bestek van hierdie studie 'n oorsig te gee van die stand van die politiek, ekonomie en tegnologie of om alle ontwikkelings en verskuiwings in hierdie kontekste te karteer. Daarom word daar hierna eerder gepoog om oorhoofse verskuiwings in hierdie kontekstuele sisteme oorsigtelik te beskryf deur die impak van transformasie in die periode 1990-2005 aan te toon. Daar sal ook nie gepoog word om alle verbande tussen hierdie verskuiwings en boekproduksie aan te toon nie, maar eerder om op eksemplariese wyse te verwys na die konteks en hoe dit die institusionele subsisteme en gevolglik boekproduksie in die kern van die uitgesisteem beïnvloed.

3.4.1 Politieke konteks

Met die oorgang na 'n demokratiese Suid-Afrika, staan die 1990's en vroeë 2000's in die teken van radikale politieke transformasie van die totale Suid-Afrikaanse samelewing wat op alle vlakke en terreine 'n invloed uitgeoefen het. Politieke transformasie was as 't ware die dinamo van die vele transformasieverskuiwings wat in beide die ander kontekstuele en institusionele subsisteme afspeel en boekproduksie direk en indirek beïnvloed – die politieke konteks kan dus as dié dominante

kontekstuele subsisteem beskou word. In hierdie afdeling val die fokus op 'n oorsigtelike beskrywing van verskuiwings op die terreine van veranderde wetgewing, regeringsbeleid en die rol van regeringsdepartemente en nie-regering bedryfsliggame, organisasies en verenigings gedurende die periode 1990-2005.

3.4.1.1 Veranderde wetgewing en regeringsbeleid

In hierdie afdeling word die impak wat veranderde wetgewing en regeringsbeleid in algemene terme op die uitgesisteem gehad het, aangedui – waar moontlik, word die invloed op die produksie van Afrikaanse fiksie aangedui. Daar word aandag aan die volgende gegee: formele politieke transformasie deur die implementering van 'n demokratiese Grondwet; die implikasie van artikels wat vervat is in die Handves van Menseregte; die verskuiwing vanaf sensuur na beperkte beheer; die nuwe nasionale taalbeleid en die impak daarvan op Afrikaans; intellektuele eiendomsreg, outeursreg en plagiaat; en pliglewering.

(a) Formele politieke transformasie: implementering van 'n demokratiese Grondwet

Die belangrikste verandering op die terrein van wetgewing en regeringsbeleid was die implementering van 'n demokratiese Grondwet (Wet 108 van 1996 – Suid-Afrika, 1996a) wat die formele opheffing van apartheid en onregverdige bevoordeling van die minderheid beteken het. Die transformasieproses na 'n demokratiese bestel kenmerk die politieke landskap van die 1990's en het reeds 'n formele aanvang geneem aan die begin van daardie dekade. Sleutelgebeure van die transformasieproses sluit onder andere in: die voormalige president F.W. de Klerk se toespraak in die parlement op 2 Februarie 1990 waarin hy afkondig dat die African National Congress (ANC), die Pan Africanist Congress (PAC) en ander bevrydingsbewegings ontban gaan word (Giliomee, 2003:629); die vrylating van Nelson Mandela op 11 Februarie 1990 (Giliomee, 2003:630); en die latere inhuldiging van hom as president op 10 Mei 1994 (Giliomee, 2003:647). Na De Klerk se 1990-toespraak het 'n referendum op 17 Maart 1992 gevolg waaraan 87% van wit kiesgeregtiges deelgeneem het en waarvan 69% gestem het vir die voortsetting van die transformasieproses (Giliomee, 2003:634). 'n

interim Grondwet is gedurende die CODESA veelparty-samesprekings te Kempton Park (dit het aan die einde van 1991 begin) ontwerp wat later deur die eerste demokraties verkose parlement in 'n finale grondwet omvorm sou word (Giliomee, 2003:638). Die eerste demokratiese verkiesing op 27 April 1994 het gevolg waartydens die ANC 'n meerderheidstem van 62.7% gekry het (Giliomee, 2003:647).

Die Suid-Afrikaanse gedrukte media (waaronder ook die boekuitgewerybedryf) is in die verlede gekenmerk deur sy politieke geskiedenis van wit eienaarskap en kontrole oor die media. In die CIGS-verslag (1998:21) word Nelson Mandela se toespraak tydens die ANC-konferensie in Mafikeng in hierdie verband as volg aangehaal:

Thanks to decades of repression and prohibition of mass media genuinely representative of the voice of the majority of the people of South Africa, this majority has no choice but to rely for information and communication on a media representing the privileged minority [...] the media uses the democratic order, brought about by enormous sacrifices of our own people, as an instrument to protect the legacy of racism, graphically described by its own patterns of ownership, editorial control, value system and advertiser influence.

Die verslag oor boekontwikkeling in Suid-Afrika (BDCSA, 1997:2) dui die gevolge van die apartheidsbestel en die uitdagings wat dit stel vir die ontwikkeling van die boeksektor as volg aan:

The historical imbalances brought about by the discriminatory policies of the past, and by the apartheid in particular, are today reflected in the lack of a reading culture in our country. Not only have the majority of South Africans struggled against inadequate educational opportunities in the past; they have also been at the receiving end of the divisive language policies which placed English and Afrikaans in privileged positions and undermined the development of African languages, and have suffered neglect through inadequate provision of libraries and other book distribution mechanisms which excluded many South Africans from access to new ideas and to different types of writing. [...] Within this

historical context, South African writing and publishing has been unable to become fully representative of the diversity of our people, despite the country having produced many writers of note [...].

Die impak van die politieke sisteem op die uitgesisteem blyk duidelik uit dié aanhaling.

In die praktyk het politieke transformasie veral ná 1994 gekristalliseer in die herstrukturering, regstellende aksie en transformasie van die Suid-Afrikaanse samelewing in die breë (die impak van hierdie transformasie op die produsentelandskap word in Hoofstuk 4 aangespreek). In 1994 het wit Suid-Afrikaners byvoorbeeld 44% van alle poste in die openbare sektor beset, teen die begin van 1999 was dit 18%, terwyl swartes, gekleurdes en Indiërs 56% van topbestuur en 42% van bestuursposte in die openbare sektor teen 1999 beklee het (Giliomee, 2003:657). In 2002 het medium en grootskaalse private ondernemings die heffing van aansienlike boetes deur die regering in die gesig gestaar sou hulle nie voldoen aan die regstellende aksie beraminge wat deur hulle voorgelê is nie (Giliomee, 2003:657). Afdanking en werkloosheid het die probleem van armoede in Suid-Afrika laat toeneem. Giliomee (2003:657) dui byvoorbeeld aan dat dié gedeelte van die bevolking wat in totale armoede lewe tussen 1996 en 2001 vanaf 41% na 49% gestyg het.

Vir die uitgesisteem het dit die implikasie dat die werknemersprofiel binne uitgewerye deur regstellende aksie getransformeer behoort te word; dat die eienaarskap en bestuur van uitgewerye só getransformeer moet word dat dit die demografiese samestelling van die bevolking weerspieël; en dat uitgewerye dit deel van hulle sosiale doelwitte behoort te maak om die onregverdighede van die verlede reg te stel in terme van die boeke en skrywers wat hulle uitgee (Van der Merwe, 2000a). Volgens Wafawarowa (2004) het die boekuitgewerybedryf in die afgelope tien jaar van 'n demokratiese Suid-Afrika nie naastenby genoegsaam getransformeer in terme van die werknemersprofiel en die outeurs van wie boeke uitgegee word nie. Die *PASA/SABA Snapshot Industry Survey 2002* (Galloway, Bothma & Greyling, 2004:18-29) toon aan dat die algemene werknemersprofiel gedomineer word deur wit vroue; in bestuursposte en redaksionele poste domineer wit vroue en mans; daar is wel 'n beduidende aantal swart mans en vroue in diens van uitgewerye, maar grotendeels in bemarkingsposte en as ondersteunende personeel; in die algemene

werknemersprofiel is die deelname van kleurlinge heelwat skraler as wit en swart werknemers; en die deelname van die Indiër bevolking is besonders skraal. Intussen het die druk vir transformasie van die uitgewerybedryf toegeneem en in 2005 is uitgewerye bedag daarop dat hulle swart ekonomiese bemagtiging met groter sukses en op alle vlakke van die werknemersprofiel sal moet toepas. Die PICC is tans in die proses om riglyne vir die toepassing van swart ekonomiese bemagtiging in die uitgewery- en drukkery-bedryf op te stel (GPI, 2004:56). Die impak van transformasie op die outeursprofiel van Afrikaanse fiksie (in terme van die deelname van outeurs van verskillende rasse) is in 3.3.3.2(a) oorsigtelik bespreek.

(b) Die Handves van Menseregte

'n Verdere belangrike verandering op die terrein van wetgewing en regeringsbeleid was die totstandkoming van 'n Handves van Menseregte, Hoofstuk Twee van die Grondwet (Wet 108 van 1996 – Suid-Afrika, 1996a), wat implikasies het vir die regs- en etiese verpligtinge wat deur uitgewerye nagekom behoort te word. Volgens Artikel 9 word direkte of indirekte onbillike diskriminasie op grond van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte verbied. Artikel 14 omskryf die reg op privaatheid, onder andere dat daar nie op enige persoon se private kommunikasie inbreuk gemaak mag word nie. Hierdie artikels moet byvoorbeeld deur 'n redigeerder in gedagte gehou word tydens die redigering van manuskripte en aantasting van hierdie regte in die inhoud van tekste behoort reggestel te word ('n voorbeeld van die verband tussen die politieke konteks en die produksiefase van die uitgeesisteam).

Artikel 16 omskryf die reg op vryheid van uitdrukking en sluit volgens Rautenbach & Malherbe (1998:16) die reg op vryheid van die pers en ander media, die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra, vryheid van artistieke kreatiwiteit, akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing in. Artikel 16 is egter onderhewig aan sekere bepalings waarvolgens propaganda vir oorlog, die aanstigting van geweld, en die verkondiging van haat wat op ras, etnisiteit, geslagtelikheid of godsdiens gebaseer is en wat aanhitsing om leed te veroorsaak, nie as deel van die reg

op vryheid van uitdrukking beskerm word nie (Rautenbach & Malherbe, 1998:16). Hierdie artikel moedig dus uitgewers en outeurs aan om wel uitdrukking aan hulle idees te gee deur boeke te skryf en dit uit te gee, maar die onderhewige bepalings lê die verantwoordelikheid op uitgewers (óók op skrywers) om sensitief te wees in hierdie uitdrukking in terme van inhoud wat aanstoot kan gee binne 'n multikulturele demokratiese samelewing. Dit is nog 'n voorbeeld van hoe die politieke konteks die uitgeesisteem raak: die verband tussen die neem van uitgeebeslissings en die regs- en etiese aspekte wat oorweeg behoort te word.

(c) Vanaf sensuur na beperkte beheer

'n Belangrike implikasie van Artikel 16 van die Grondwet (Suid-Afrika, 1996a) is die beëindiging van amptelike sensuur deur die staat. In die vorige politieke bestel het die regering 'n sterk greep gehad op publikasies wat uitgegee kon word en talle Afrikaanse fiksieboeke is deur die destydse Publikasieraad en die Wet op Publikasies (1974, waardeur die vorige Wet op Publikasies en Vermaaklikhede van 1963 vervang is) verbied (Kannemeyer, 1988:238-239). Enige lid van die publiek kon 'n publikasie wat as moontlik ongewens beskou is aan die Publikasieraad vir oorweging voorlê. Wat Afrikaanse musiek betref, is 'n soortgelyke prosedure deur die destydse SAUK gevolg en is baie lirieke as ongewens vir uitsaai oor die radio of op televisie verklaar (*Kom laat ons sing*, 2002). Sensuur ten opsigte van Afrikaanse toneel is deur die destydse kunsterade toegepas: dikwels is ongewenste reëls uit toneelstukke gesny en soms is openingsaande summier gekanselleer (*Die tweede lewe*, 2001). Die eerste Afrikaanse roman wat formeel verbied is, was Brink se *Kennis van die Aand* wat in 1974 op grond van politiek-ideologiese oorwegings onder sensuur geplaas is (Brink, 2004). Vóór dit was daar beswaar teen Leroux se *Sewe dae by die Silbersteins* (vergelyk Kannemeyer, 1988:239, 241 en Brink, 2004) en in 1977 is Leroux se *Magersfontein, o Magersfontein* inderdaad verbied (die verbod is in 1980 deur die Appèlraad opgehef). Die verbod op *Kennis* het direk aanleiding gegee tot die stigting van die politiek-alternatiewe uitgewery Taurus wat hulle vir die vrye boek beywer het (sien 4.7.1) en dit was ook een van die ontstaansredes vir die Afrikaanse Skrywersgilde wat die bekamping van sensuur gesteun het. Hierdie is voorbeelde van die soort interaksie binne die uitgeesisteem en die verbande tussen die politieke

subsisteem, boekproduksie as institusie en die literatuursubsisteem. As 'n politieke standpuntinname het Taurus geweier om appèl aan te teken wanneer werke wat deur hulle uitgegee is, verbied is.

Die impak van sensuur het groot skade aan skrywers berokken omdat hulle gevoel het dat hulle skrywersloopbane in gedrang was – veral vir Afrikaanse skrywers wie se boeke nie buite die grense van die taal kon oorleef nie (Brink, 2004). In Brink se geval het die verbod op *Kennis* hom aangespoor om dit in Engels te vertaal sodat die boek verby die taal- en landsgrense kon oorleef. Dié stap het aanleiding gegee tot Brink se internasionale loopbaan en vandag skryf hy al sy romans gelyktydig in beide Afrikaans en Engels (Brink aangehaal in Fourie, 2004:216). In die hoogbloei van apartheid, gedurende die 1970's en 1980's, het sensuur feller geword (vergeelyk Kannemeyer, 1988:238-240 oor die veranderde wetgewing en die impak daarvan). Nog enkele voorbeelde van publikasies wat verbied is, sluit in John Miles se roman *Donderdag of Woensdag*, om oorwegend godsdienstige redes, en 'n kinderboek *Stanley Bekker en die boikot*, vanweë politieke sensitiwiteite (Miles, 2005), Dan Roodt se *Sonneskyn en Chevrolet* en werke deur Breyten Breytenbach, Welma Odendaal en André le Roux (Kannemeyer, 1988:239).

In die huidige demokratiese bestel is amptelike sensuur deur beperkte beheer, deur middel van 'n stelsel van klassifikasie, vervang. Die klem het vanaf politieke sensitiwiteite verskuif na tekste wat as diskriminerend beskou word en die bekamping van inhoud wat morele waardes aantas en as 'n taboe binne die samelewing beskou word, soos byvoorbeeld kinderpornografie (vergeelyk byvoorbeeld die opspraakwekkende hofgedinge oor die besit van kinderpornografie waarvoor Tascoe Luc de Reuck aangekla is en die tweede voorbeeld oor die besit en vervaardiging van kinderpornografie deur die advokatepaar Cèzanne Visser en Dirk Prinsloo). Vir die uitgesisteem het die beëindiging van amptelike staatsensuur die implikasie gehad dat uitgee-aktiwiteite wat direk op die uitdaging van sensuur gerig was, soos byvoorbeeld deur die eertydse polities-alternatiewe uitgewerye Taurus en die alternatiewe koerant *Vrye Weekblad*, nie meer relevant is binne die nuwe demokratiese bestel nie: die stryd wat tot hulle ontstaan gelei het, is gewen en hulle is gesluit of het dormant geraak. (Vergeelyk Du Preez (2005) vir 'n volledige oorsig oor die uitgegeskiedenis van *Vrye Weekblad* en die impak van die politieke en ideologiese konteks op dié koerant.)

Beperkte beheer oor publikasies word tans gereguleer deur die Wet op Films en Publikasies (Wet 65 van 1996 en die wysiging daarvan, Wet 34 van 1999 – Suid-Afrika, 1996b) en toegepas deur die Film en Publikasieraad (die SABC beskik steeds oor sy eie interne beheerliggaam). Die primêre doel van die Film en Publikasieraad is die gradering van films, videos, DVD's, rekenaarspeletjies en publikasies en die bepaling van ouderdomsperke – dus nie om produkte te verbied nie, maar om 'n aanduiding van die geskiktheid van inhoud vir verskeie ouderdomsgroepe te gee en daardeur ingeligte besluite deur verbruikers moontlik te maak (Film en Publikasieraad, 2004).

Daar is geen eietydse voorbeeld van 'n Afrikaanse fiksieboek wat in die onlangse verlede verbied is nie. Sommige waarnemers is van mening dat daar wel 'n mate van selfsensuur onder skrywers bestaan ter wille van politieke korrektheid. Uitgewers is ook dikwels (soms té) versigtig om manuskripte uit te gee wat die grense te ver verskuif. 'n Voorbeeld hiervan is die onlangse uitgegeskiedenis van Kleinboer se debuutroman *Kontrei* (Praag, 2003), wat handel oor die wit hoofkarakter se obsessie met of verslawing aan swart prostitute. Dié manuskripte het by al die Afrikaanse uitgewerye (beide die onafhanklikes en die sogenaamde hoofstroom-uitgewerye) 'n draai gemaak en geen een was bereid om die kans te waag om dit uit te gee nie, totdat Dan Roodt se uitgewery Praag bereid was om die sprong te waag. Intussen is die roman bekroon met die Jan Rabie-*Rapport* prys en meer as 40 000 eksemplare is daarvan verkoop – 'n rekord verkoopsyfer vir 'n Afrikaanse fiksieboek (Malan & Taylor, 2005:52).

Roodt (2004a:17) lewer 'n interessante voorspelling oor die moontlikheid dat “daar binne die volgende vyf jaar boeke in Afrikaans geskryf gaan word wat die ANC-regering moontlik sou wil verbied”. Binne 'n demokratiese Suid-Afrika klink só voorspelling aanvanklik onwaarskynlik, maar wanneer twee resente gebeure in Afrikaanse literêre kringe in gedagte gehou word, is die beskerming van die vryheid van uitdrukking nie noodwendig 'n gegewe nie en sal daar wel moontlik in die toekoms daarvoor geveg moet word. Jeanne Goosen (2005:14) is in Februarie 2005 summier voor die hof gedaag oor 'n rubriek wat sy vir die dagblad *Beeld* geskryf het en 'n aweregse opinie gehuldig het oor die omstrede “advokaat Barbie” (wat aangekla

word van onder meer kinderpornografie) deur haar met Saartje Baartman (die Koi-vrou wat in die 19de eeu in Europa uitgestal is as 'n frats as gevolg van haar unieke liggaamsbou) te vergelyk. Volgens regter Essop Patel skend dit die nagedagtenis van Baartman en word Goosen se mening oor hoe die hofspraak en die mediadekking gehanteer word, as minagting van die hof beskou. Die saak is na die direkteur van openbare vervolging verwys en Goosen en *Beeld* het besluit om hulle swygreg te gebruik (Mulder, 2005:9; Du Toit, 2005:2).

Ook in Februarie 2005 het 'n hewige polemieks, waaraan talle Afrikaanse literatoure en akademici deelgeneem het, losgebars oor die deelname van Dan Roodt aan die Woordfees op Stellenbosch. Dié fees het Roodt, in sy hoedanigheid as skrywer (nié as politieke aktivis of taalstryder nie) uitgenooi om daaraan deel te neem. Ná die uitnodiging het Annie Gagiano en Yvonne Malan, van onderskeidelik die Departement Engels en Filosofie aan die Universiteit van Stellenbosch, die feesbestuur versoek om Roodt se uitnodiging te heroorweeg op grond van beweerde haatspraak wat in Roodt se rubriek “Adapt and Die” (ook beskikbaar in Afrikaans as “Pas aan en sterf” – Roodt, 2005) voorkom. Die joernalis en politieke denker Max du Preez en die skrywers Marlene van Niekerk en Michiel Heyns het standpunt ingeneem deur hulle van deelname aan die Woordfees te onttrek. Johan Pienaar, 'n rekenaarprogrammeerder van Stellenbosch, het intussen vir Roodt by die Menseregte-kommissie van haatspraak aangekla. Behalwe vir dié spesifieke toetsgeval, is die debat wat op die elektroniese tydskrif *LitNet* gevoer is (kyk *Die waar plak jy die pleister*-seminaar, *LitNet*, 2005b) en waarin uiteenlopend oor die beskerming van die reg van vryheid van uitdrukking en die bepalinge daarvan gedebatteer is, tekenend van die kompleksiteit wat ter sprake is.

(d) Die nuwe nasionale taalbeleid en die impak op Afrikaans

Met die politieke oorgang na 'n demokratiese Suid-Afrika is die multitalige en multikulturele aard van Suid-Afrika formeel erken in die demokratiese Grondwet en 'n nuwe nasionale taalbeleid is ingestel. Artikel 6 van die Grondwet (Suid-Afrika, 1996) erken die beginsel van veeltaligheid in Suid-Afrika deur voorsiening vir elf amptelike tale te maak en klem te lê op die gelykberegtiging van al hierdie tale. Die

elf amptelike tale is isiNdebele, isiXhosa, isiZulu, siSwati (die Nguni-groep); Sepedi, Sesotho, Setswana (die Sotho-groep); Tshivenda; Xitsonga; Afrikaans en Engels. Die Handves van Menseregte (Suid-Afrika, 1996) dui in Artikel 30 aan dat almal die reg het om die taal van hulle keuse te gebruik. In die praktyk is Engels egter nie-amptelik tot die *de facto* amptelike taal verhef (Giliomee, 2003:644 en Van Rensburg *et al*, 1997:57-58) ten koste van die ander inheemse tale (Afrikaans én die onderskeie Afrikatale) van die land. Formele taalbeplanning word verder wetlik omskryf in 'n konsepwetsontwerp bekend as die Suid-Afrikaanse Taalwet. Hierdie Wet, wat die Raamwerk vir 'n Nasionale Taalbeleid en die Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Wet 59 van 1995 – Suid-Afrika, 1995) saamvoeg, omskryf in detail hoe taaldiversiteit deur die regering in dienslewering aan die publiek geakkommodeer behoort te word deur byvoorbeeld regeringsdokumente en die voorsiening van vertaal- en tolkdienste (Brand & Van der Walt, 2003). Taalbeplanning vind verder plaas deur die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) met die primêre doel om al die tale van Suid-Afrika te bevorder en gelyke status en gebruik daarvan te bereik (PanSAT, 2004). PanSAT het drie groepe liggame tot stand gebring om dié doel te volvoer (Carstens, 2004:9): nege provinsiale taalkomitees om na taalbereëling in die onderskeie provinsies om te sien (met die uitsondering van die Wes-Kaap, is dié komitees nie werklik funksioneel nie weens gebrek aan infrastruktuur en politieke steun); dertien nasionale taalliggame – een vir elke amptelike taal asook een vir gebaretaal en een vir die Khoi- en Santale – met die taak om die status van die betrokke taal in stand te hou, uit te bou en die struktuur daarvan te handhaaf (die liggame het nog nie behoorlik van die grond afgekom nie); en dertien nasionale leksikografiese eenhede – soos die taalliggame saamgestel – met die doel om die woordeskat van elke taal op te teken en te bevorder (met die uitsondering van Afrikaanse en Engelse eenhede, is nog nie noemenswaardige werk verrig nie).

Die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans (NTLA) is 'n subkomitee van PanSAT en beywer hom spesifiek vir die bevordering van Afrikaans, onder andere deur 'n nasionale strategie vir Afrikaans te bedink. Die NTLA het in 2004 'n taaloudit gedoen waarin alle aktiwiteite wat deur instansies en projekte in belang van Afrikaans gedoen word, geïdentifiseer is en waaruit 'n katalogus saamgestel is. Die primêre bevinding van die taaloudit was dat daar “'n wil om te lewe en voort te bestaan merkbaar [is] onder die inklusiewe Afrikaanstalige gemeenskap” en dat daar 'n “eerlike soeke na

oplossings vir probleme en behoeftes waarneembaar” is; “’n welkome verandering na ’n dekade of twee se gewroeg onder Afrikaanstaliges oor die taaltoekoms” (Prinsloo, 2004:105). Die taaludit was in voorbereiding vir die Afrikaanse Taalberaad wat in Augustus 2004 in Stellenbosch plaasgevind het en waartydens besin is oor die nasionale strategie vir Afrikaans en op wye terreine na die rol en status van Afrikaans (en die bevordering daarvan) gekyk is (Prinsloo, 2004:1 en Carstens, 2004:8-14). Die beraad is in Februarie 2005 met ’n konferensie in Aucklandpark opgevolg. Deur die inisiatiewe van ’n taaludit, Taalberaad en nasionale strategie word die Afrikaanse taalgemeenskap as voorlopers beskou en as voorbeeld vir ander inheemse tale voorgelou vir die bevordering en erkenning van veeltaligheid. Hierdie inisiatiewe word ondersteun deur die volgende verskeidenheid organisasies (wat ook individueel die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur ten doel het): die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK), Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV), Groep van 63, Vriende van Afrikaans, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Vrydaggroep, Taalsekretariaat, Meertaligheidsaksiegroep, NTLA en Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (Carstens, 2004:11). (Hierdie organisasies word nie verder bespreek nie omdat dit nie direk die bevordering van Afrikaanse boeke ten doel het nie.)

Die volgende statistiek gee ’n aanduiding van die huidige status van Afrikaans: dit is die derde mees geprate huistaal in Suid-Afrika en word gepraat deur nagenoeg 6,0 miljoen sprekers (13,3% van die bevolking); die tweedetaalsprekers van Afrikaans en Engels is min of meer gelyk; die swart en gekleurde eerstetaalsprekers van Afrikaans is meer as die wit eerstetaalsprekers van die taal – 79,5% van die bruin bevolking is Afrikaanssprekend, 59,1% van die wit bevolking, 1,7% van die Indiër bevolking en 0,7% van die swart bevolking praat Afrikaans as huistaal; en Afrikaanssprekendes is die grootste verbruikersgroep (33%) in die land (Statistiek Suid-Afrika, 2004 en Giliomee, 2003:658).

Afrikaans moes binne ’n nuwe bestel aanpas en noodgewonge kon dit nie meer die bevoordeling geniet soos toe dit een van slegs twee amptelike tale was nie. Volgens sommige meningsvormers word die status en voortbestaan van Afrikaans bedreig. Deur te verwys na Steyn se *Tuiste in eie taal. Die behoud en bestaan van Afrikaans* (1980) en Prinsloo & Van Rensburg *et al se Afrikaans: stand, taak, toekoms* (1984)

toon Carstens (2004:3) aan dat die debat oor die voortbestaan van Afrikaans reeds in die vroeë 1980's begin het en nie, soos die gangbare persepsie dit wil hê, 'n produk van die politieke transformasie sedert die begin 1990's is nie. In Giliomee & Schlemmer *et al* (2001) en Van Rensburg *et al* (2004) word kommer uitgespreek oor moontlike funksieverliese van Afrikaans as taal van die hoër onderwys, as literêre taal, as teatertaal, as uitsaaitaal, as kultuurtaal, as (sekondêre) onderwystaal, as regstaal, as taal van die teologie, as wetenskapstaal, as reklametaal, as werksplektaal en as publikasietaal (vergelyk ook Carstens, 2004:6-7). Combrink (aangehaal in Van Rensburg *et al*, 1997:96) noem reeds in 1996 die volgende terreine waarop Afrikaans terugslae beleef het (sogenaamde funksieverliese): die regering en administrasie, regstelsel, wetenskap en tegnologie, media en kommunikasie, onderwys, kulturele lewe, sport en ontspanning en die handelswêreld. Giliomee (2003:658-661) wys op die vermindering van Afrikaans en Afrikaner-institusies: minder Afrikaans op skole en universiteite; minder Afrikaans in die staatsdiens; minder finansiële ondersteuning van Afrikaanse kultuurorganisasies; vermindering van Afrikaans in die besigheidsektor; en die uitbreiding van voorheen eksklusief-Afrikaner politieke en kerklike organisasies. Aan die begin van 2005 het die afskaling van Afrikaans as onderrigmedium op skoolvlak (dit het tot 'n groot mate reeds gebeur op tersiêre vlak – sien 3.3.4.4) en die waarde van moedertaalonderrig in onderwys besonder wye openbare aandag in die media gekry (vergelyk die verslae deur Giliomee, Heese & Schlemmer, 2005; Schlemmer & Giliomee, 2004 en Heese, 2004). 'n Gedetailleerde bespreking van die veranderde rol en status van Afrikaans sedert 1994 val buite die bestek van hierdie ondersoek (vergelyk Giliomee & Schlemmer *et al*, 2001 en Van Rensburg *et al*, 2004 vir 'n meer omvattende bespreking; en die beskikbare databasis van bydraes tot die *Taaldebat op LitNet*, 2005c). Wat wel vas staan is dat Afrikaans sy bevoordeelde posisie in die ou Suid-Afrika vir altyd kwyt is en dat die voortbestaan van die Afrikaanse taal en kultuur toenemend meer afhanklik sal wees van nie-formele organisasie en die ondersteuning van die privaatsektor.

In die openbare debat rondom die voortbestaan van Afrikaans bestaan daar basies twee kampe. Enersyds is daar diegene wat glo dat Afrikaans in 'n oorlewingstryd verkeer en dat daar 'n derde taalstryd gevoer behoort te word. Dié sulkes gaan dan ook tot drastiese optrede oor deur byvoorbeeld protesaksies en openbare beswaar oor die miskenning van veeltaligheid. Dié kamp word onder meer verteenwoordig deur die

prominente taalaktivis Dan Roodt en die Pro-Afrikaans Aksiegroep (Praag, 2005a). Andersyds is daar ’n diverse groep Afrikaanssprekendes wat glo dat Afrikaans homself behoort te handhaaf deur kreatiewe en innoverende produksie in die taal (deur byvoorbeeld Afrikaanstalige produkte soos boeke, musiek en toneel) en die ondersteuning van dié produkte. Dié kamp voel sterk oor die feit dat Afrikaans moet loskom van die konnotasie met die rol van Afrikaans in die apartheidsverlede (vergelyk byvoorbeeld die rol wat Afrikaans as afgedwonge onderrigmedium gespeel het as één van die faktore wat gelei het tot die Soweto-opstande van 16 Julie 1976 – sien Carstens, 2004:2-3 en Pienaar, 2004b:133-141) en dat die stigma ten opsigte van Afrikaans (dat dit “die taal van die onderdrukker” en ’n witmanstaal is) afgebreek moet word. Dié tweede groep is veral versigtig dat die stryd om die behoud en bevordering van Afrikaans nie verpolitiseer moet word nie en waak daarteen dat die swart meerderheid van die bevolking dié stryd nie as ’n aanspraak op die onregverdige bevoordeling van ’n minderheid moet beskou nie – die klem val nie op Afrikaans *per se* nie, maar op die bevordering van ’n veeltaligheidsofset (vergelyk Webb, 2004 en Brand, 2004). ’n Groot gedeelte van die huidige generasie van Afrikaanssprekende jongmense, die sogenaamde “generasie Z”, kom vir sommige meningsvormers as apaties teenoor die taalstryd voor (Rossouw, 2002), maar skaar hulle in werklikheid by die tweede kamp wat verkies om Afrikaanse produkte uit te bou en te ondersteun eerder as om in die openbaar vir Afrikaans te veg (vergelyk byvoorbeeld die uitsprake van jongmense in die dokumentêre televisieprogram *Jonk & Afrikaans*, 2002 en Basson, 2002a en 2002b).

Sentraal tot hierdie ondersoek staan die vraag hoe die produksie van Afrikaanse fiksie deur die veranderde posisie van Afrikaans binne ’n veeltalige Suid-Afrika geraak is. Carstens (2004:7) haal Scholtz aan en wys op die vyf vlakke waarop ’n sterk oorlewende taal ’n funksie moet verrig, waarvan een is dat “die taal [...] ’n letterkundige funksie [moet] hê en dan in die besonder ’n skriftelike weergawe daarvan” – dit gaan dus oor die taal se funksie as literêre taal en uitgetaal. Enkele voorbeelde van die intersistemiese verbande is die implikasie van die veeltaligheid-situasie vir die aankoop van Afrikaanse fiksieboeke deur openbare biblioteke wat oor die algemeen gedaal het en die problematiek van moedertaalonderrig (en die voorsiening van leermateriaal vir onderrig in verskeie tale) in ’n veeltalige land. Daar bestaan dus ’n verband tussen die taalbeleid (in die politieke subsisteem) wat die institusionele

subsisteme (byvoorbeeld die biblioteek- en onderwyssubsisteme) direk beïnvloed en gevolglik 'n impak het op die mark en produksie van Afrikaanse fiksie (in die kern van die uitgesisteme). Daar is nie gepoog om hierdie vraag in hierdie spesifieke afdeling te beantwoord nie, maar wel deur die sisteembeskrywing in sy geheel en ook in die rekonstruksie van die produksieprofiel (sien Hoofstuk 6).

(e) Intellektuele eiendom, outeursreg en plagiaat

'n Verdere toepaslike aspek van wetgewing en regeringsbeleid wat 'n direkte invloed op die uitgesisteme uitoefen, is die beskerming van intellektuele eiendomsregte en die toepassing van wetgewing hieroor. Die PICC IPR-verslag (2004:8) spel die belang hiervan as volg uit:

Intellectual property lies at the very heart of the publishing and printing industries [...] Instead of seeing themselves merely as book publishers, publishers could see themselves as acquirers, custodians and managers of intellectual property rights in the process of exploiting these rights to the best advantage of themselves, authors and users.

Intellektuele eiendom word verdeel in vier vertakkings, naamlik patente, handelsmerke, industriële ontwerpe en outeursreg (PICC IPR-verslag, 2004:41). Van direkte belang vir die uitgesisteme, word daar in hierdie afdeling spesifiek op outeursreg gefokus. Hoewel outeursregwetgewing in verskillende lande van mekaar verskil, bestaan daar drie basiese beginsels waaroor universele ooreenstemming bestaan (PICC IPR-verslag, 2004:41):

- Vergoeding aan die skeppers van intellektuele eiendom is die basiese beginsel van outeursreg. Daardeur word verseker dat skeppers regverdig vir hulle kreatiewe / intellektuele arbeid vergoed word en word hulle aangemoedig om voort te gaan met hulle arbeid.
- Aanmoediging van intellektuele arbeid deur skeppers die versekering te gee dat hulle intellektuele goedere beskerm word, dat hulle daarvoor vergoed word en dat daar dus 'n stimulus bestaan vir hulle kreatiewe beleggings. Die

skepping en verspreiding van intellektuele produkte word dus deur outeursreg aangemoedig.

- Outeursreg is 'n instrument van kulturele beleid waardeur die verspreiding en beskikbaarheid van en toegang tot idees, inligting en kennis ondersteun word. Terwyl outeursreg aan die een kant die regte van outeurs beskerm, beperk dit aan die ander kant ook daardie regte in belang van gebruikers om toegang tot inligting en kennis te verseker. Dit gaan dus oor 'n balans in die wetgewing tussen die beskerming van outeurs en toegang tot intellektuele produkte.

Outeursreg in Suid-Afrika word neergelê en beskerm deur die Wet op Outeursreg (Wet 98 van 1978 – Suid-Afrika, 1978; soos hersien deur die volgende onderskeie wysigings en toevoegings: Wet 56 van 1980, Wet 66 van 1983, Wet 52 van 1984, Wet 39 van 1986, Wet 13 van 1988, Wet 61 van 1989, Wet 125 van 1992 en Wet 9 van 2002 – Suid-Afrika, 2002a). Klopper (1987:311) omskryf outeursreg as volg:

'n Persoon wat skeppend te werk gaan deur 'n boek te skryf, argitekplanne op te stel, 'n skildery te maak of ander regsmerkende geesteskeppings te bewerkstellig, het 'n reg tot sy intellektuele skeppings. Indien sodanige skeppings oorspronklik is en aan die ander vereistes van die reg voldoen, verkry so 'n persoon 'n reg op sy skepping wat ander persone verhinder om ongemagtig van sy werk gebruik te maak deur dit te benut, te reproduseer of te verander.

Outeursregwetgewing maak voorsiening vir die volgende intellektuele produkte: fiksiewerke, musiekwerke, klankopnames, films, klank en televisie uitsendings, program-draende syne, gepubliseerde uitgawes en rekenaarprogramme. Outeursreg in Suid-Afrika geld vir die duur van die lewe van die outeur en vir 50 jaar na die dood van die outeur; daarna word die werk deel van die openbare domein en word dit nie langer deur outeursreg beskerm nie (PICC IPR-verslag, 2004:70).

Twee soorte outeursreg is van toepassing op gepubliseerde publikasies: (i) outeursreg op die tipografiese uitleg en aanbieding deur die ontwerp en verpakking van 'n publikasie en (ii) outeursreg op die inhoud (die teks). Outeursreg op eersgenoemde is die eiendom van die uitgewery wat die publikasie uitgegee het, terwyl outeursreg op laasgenoemde aan die outeur van die publikasie behoort (Seeber, 2000). Klopper &

Van der Spuy (1998:18) verduidelik dat 'n uitgewer outeursreg vestig in die wyse waarop 'n letterkundige werk of musiekwerk tipografies ontwerp, uiteengesit en geset is, afsonderlik van die outeursreg van die skrywer of komponis van die werk. Die outeursreg van die uitgewery op 'n gepubliseerde publikasie voorsien slegs in die eksklusiewe reg om kopieë te maak of toestemming tot die reproduksie van 'n publikasie te gee, terwyl die outeur die outeursreg op die inhoud behou. Dit is die uitgewer se verantwoordelikheid om tydens die produksiefase van die uitgesisteesem 'n outeursregwaarskuwing aan te bring op die kolofonbladsy van die publikasie waardeur gebruikers gewys word op outeursreg en die implikasies van outeursregskending (Butcher, 1996:171-174). Hoewel outeursreg op nasionale vlak vasgelê word, is Suid-Afrika verbind tot twee internasionale ooreenkomste oor outeursreg, naamlik die Bern Konvensie en die Trade Related Aspects of Intellectual Property Rights (TRIPS)-ooreenkoms. Suid-Afrika is ook lid van die World Intellectual Property Organisation (WIPO) – meer detail hieroor is beskikbaar in die PICC IPR-verslag (2004:65-69).

In 'n strewe na die sosiale doelwit van wye verspreiding van en toegang tot kennis, word die regte van outeurs beperk deur voorsiening te maak vir billike gebruik waarvolgens 'n beperkte hoeveelheid kopiëring mag plaasvind sonder toestemming van die outeursreghouer. Billike gebruik maak voorsiening vir private studie, navorsing, literêre kritiek en joernalistiek, maar op voorwaarde dat die gebruik voldoen aan die sogenaamde drie-stap-toets van die Bern Konvensie: (i) dat reproduksie slegs mag plaasvind in spesiale gevalle; (ii) dat dit nie mag inbreuk maak op die normale eksploitasie van die werk nie; en (iii) dat dit nie die regte van die outeursreghouer onbillik mag benadeel nie. In beginsel is die voorwaarde vir billike gebruik dat dit nie inbreuk maak op die regmatige verdienste van outeursreghouers nie. Al word dit nie direk in huidige wetgewing so uitgespel nie, word algemeen aanvaar dat billike gebruik beperk bly tot 'n maksimum van 10% van die proporsionele geheel van 'n gepubliseerde werk of een artikel uit 'n tydskrif. Die uitgewerybedryf het reeds herhaaldelik gevra dat billike gebruik in duideliker terme in die Wet hersien behoort te word – onder meer dat billike gebruik nie op institusies van toepassing is nie, maar slegs op individue (PICC IPR-verslag, 2004:67-68; 72). Hierteenoor bestaan daar drukgroepe wat hul beywer vir gratis toegang tot inligting (in byvoorbeeld biblioteke en opvoedkundige instansies) en die wysiging van

outeursregwetgewing in terme van die versterking van die regte van outeurs teenwerk (Nicholson, 2005).

In Suid-Afrika kom hoë vlakke van outeursregskending voor, hoofsaaklik deur onwettige fotokopiëring by skole, kolleges, teknikons en universiteite. Dit het 'n radikale impak op die ekonomiese groei van die plaaslike uitgewerybedryf omdat die potensiële drukoplaag van elke boek wat onwettig gefotokopieer word, verskraal. As gevolg van die ekonomie van druk verhoog die prys per eksemplaar soos die drukoplaag kleiner word. Die prys van boeke word dikwels as 'n verskoning vir onwettige fotokopiëring aangebied, maar die praktyk van onwettige fotokopiëring het 'n sneebaleffek omdat dit direk bydra tot hoër pryse (die verband tussen die politieke subsisteem en die produksiefase van die uitgesisteem blyk duidelik hieruit). Indien onwettige fotokopiëring doeltreffend bekamp word, sal drukoplae verhoog en die prys van boeke sal verlaag – tot só 'n mate dat dit goedkoper is om die boek te koop as om dit te fotokopieer (PICC IPR-verslag, 2004:44; 54-55).

Veral die akademiese en skoolboeksektore van die uitgewerybedryf word negatief deur onwettige fotokopiëring geraak. Daar bestaan twee vorme van onwettige fotokopiëring: (i) die samestelling van sogenaamde kursuspakke waarin voorgeskrewe materiaal (hoofstukke uit boeke en artikels) vanaf 'n meesterstel deur studente gekopieer word of selfs deur dosente / onderwysers verkoop word (op beide sekondêre en tersiêre vlak) en (ii) studente wat voorgeskrewe boeke in geheel by kopieerwinkels fotokopieer eerder as om die boek te koop (PICC IPR-verslag, 2004:56-57). Die onwettige fotokopiëring van saamgestelde kursuspakke is gedeeltelik onder beheer deurdat tersiêre instellings aansoek doen vir lisensiëring van die materiaal en die eienaars van outeursreg vir die gebruik daarvan vergoed. Daar bestaan tans geen lisensiëringstelsel vir die fotokopiëring wat in skole plaasvind nie (PICC IPR-verslag, 2004:61). In 2002 het die polisie 'n klopjag uitgevoer op 'n kopieerwinkel naby twee tersiêre instellings in die Wes-Kaap wat voorgeskrewe boeke namens studente gekopieer het. Daar is beslag gelê op 'n hele aantal kopieë, fotokopieermasjiene en oorspronklike boeke (PICC IPR-verslag, 2004:57-59). Hierdie insident het as voorbeeld en waarskuwing gedien aan soortgelyke onwettige kopieerwinkels.

Van direkte belang vir die uitgeesisteesem van Afrikaanse fiksie is die mate waartoe onwettige bloemlesings van gedigte, kortverhale en uittreksels uit romans in beide skole en tersiêre instellings voorkom (PICC IPR-verslag, 2004:61). Outeursregskending van Afrikaanse digters het ook in 2004 op die Internet plaasgevind. NB-Uitgewers het daarop aangedring dat die afdeling *Web-verseboek* op die webwerf www.afrikaans.com gesluit moet word nadat gedigte daarop geplaas is sonder dat enige toestemming van die betrokke uitgewerye of digters verkry is, of erkenning aan die oorspronklike bronne gegee is (Nel, 2004:7).

'n Resente voorbeeld van beweerde outeursregskending is die geval waar die familie van die skrywerbroers N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw ongelukkig is oor die publikasie van briewe tussen die Louw-broers in John Kannemeyer *et al* se boek *Ek ken jou goed genoeg – Die briefwisseling tussen N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw 1936-1939* (Protea Boekhuis, 2005). Die Louw-familie het in Maart 2005 'n tydelike interdik teen die verspreiding van die boek aangevra. Die Louw-broers het die briewe as deel van hulle literêre nalatenskap aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk waar Kannemeyer en nagraadse studente in die kursus Dokumentasiekunde toegang daartoe gekry het en 'n edisiewetenskaplike uitgawe daarvan saamgestel het. Volgens die Louw-familie beskik hulle steeds oor die outeursreg op die briewe en het Kannemeyer nie outeursregklaring gehad om dit te publiseer nie. Kannemeyer en Nicol Stassen, eienaar van Protea Boekhuis, verdedig die publikasie van die briewe deur te verwys na die skenkingsakte waarvolgens die Louw-familie afstand van alle regte met betrekking tot die briewe gedoen het, behalwe die reg om tantieme te ontvang sou die briewe gepubliseer word (die Louw-familie sal dus vergoeding ontvang uit die inkomste van die publikasie). Stassen verwys ook na die feit dat die briewe vir die publiek toeganklik was in die universiteitsbiblioteek, met ander woorde dat daar nie 'n embargo op die briewe geplaas is nie (daar is ook reeds uittreksels uit die briewe in vorige publikasies gepubliseer). Die uitgewery was nie bereid om die publikasie, op versoek van die familie, aan die mark te onttrek nie (Brand, 2005b:3; Malan, 2005a:10; De Villiers, 2005:2; en Meiring, 2005:56). In die hofuitspraak op 15 Maart 2006 het regter Siraj Desai die aansoek om uitreiking van 'n interdik van die hand gewys. Desai het negatief geoordeel op die Louw-familie se aanvoering dat die publikasie van die briewe nadelig vir die beeld en reputasie van die Louw-broers kan wees. Die regter het bevind dat die briewe van ooglopende geskiedkundige en

letterkundige belang is en die moontlikheid dat die oningeligte leser net op die “sensationele gedeeltes” van die briewe sal fokus, onwaarskynlik gevind (hierdie gedeeltes gaan onder andere oor die Louw-broers se aanvanklike pro-Duitse en anti-Semitiese sentimente). Desai bevind dat die Louw-familie nie die outeursreghouer op die briewe is nie, maar dat outeursreg na die Universiteit van Stellenbosch, as kurator van die literêre nalatenskap van die Louw-broers, saam die dokumente op grond van die skenkingsakte gesedeer is. As eisers kon die Louw-familie nie bewys dat hul ’n *prima facie*-reg op die briewe het nie – wat beslissend was vir die bevinding aan wie die outeursreg behoort. Desai se beslissing is gebaseer op sy oordeel dat die publikasie “’n werk van besondere letterkundige meriete” is en dat die wyer beskikbaarmaking van die “ongewone en interessante inhoud” van die briewe die Afrikaanse letterkunde, indien nie die hele Suid-Afrikaanse letterkunde nie, onteenseglik verryk (Stassen, 2006; Desai, 2006).

Die toepassing van outeursregwetgewing en die vervolging van oortreders is ’n komplekse aangeleentheid. Die boetes vir kriminele oortreding van outeursreg is nie van so ’n aard dat dit as ’n effektiewe afskrikmiddel vir oortreders dien nie. Klousules oor billike gebruik, waarvolgens biblioteke en opvoedkundige instellings soms gedeeltes van ’n publikasie mag fotokopieer, is verwarrend en word deur oortreders as ’n skuiwergat gebruik in die geval van kriminele vervolging (PICC IPR-verslag, 2004:44). Die Wet op Nagemaakte Goedere (Wet 37 van 1997 – Suid-Afrika, 1997b) beskerm ook die regte van houers van outeursreg en handelsmerke en beskou die maak en verkoop van onwettige kopieë van ’n boek as handel in nagemaakte goedere en as ’n kriminele oortreding. Dié Wet gee magtiging aan die polisie om klopjagte uit te voer en die Wet word dikwels gebruik in die vervolging van skenders van outeursreg (PICC IPR-verslag, 2004:72-73; 85). Die grootste struikelblok in die effektiewe toepassing van outeursregwetgewing is dat daar ’n groot mate van onkunde en onbewustheid oor die aard en belangrikheid van outeursreg by die algemene publiek, en selfs by skrywers en uitgewers, bestaan. In die PICC IPR-verslag (2004:46-47) word voorgestel dat intensiewe bewusmakingsveldtogte geloods behoort te word waardeur rolspelers in die plaaslike bedryf, die algemene publiek en die media ingelig kan word.

Die Dramatiese, Artistieke en Literêre Regte Organisasie (DALRO) is 'n nie-winsgewende en nie-regeringsorganisasie wat outeursregte in Suid-Afrika beskerm en administreer. DALRO is 'n geaffiliëerde Reproduksie Regte Organisasie (RRO) wat lisensies uitreik vir beperkte wettige fotokopiëring (reprografiese reproduksie) van materiaal wat deur outeursreg beskerm word. Hulle samel outeursregfooie vir gefotokopieerde materiaal in en betaal dit dan aan die houers van outeursreg oor. Wanneer publikasies wat deur plaaslike uitgewerye uitgegee is onder lisensie gefotokopieer word, betaal DALRO outeursregfooie aan plaaslike uitgewerye uit wat dit aan outeurs oorbetaal. DALRO het 'n bilaterale ooreenkoms met buitelandse RRO's in die Verenigde Koninkryk, die Verenigde State van Amerika, Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Ierland, Switserland, Frankryk, Duitsland, Denemarke en Noorweë waarvolgens outeursregfooie vir internasionale materiaal aan die internasionale RRO oorbetaal word en dan na die outeursreghouers versprei word. Outeursregfooie vir Suid-Afrikaanse materiaal wat in die buiteland gefotokopieer word, bereik weer die Suid-Afrikaanse outeursreghouers via DALRO (Robinson, 2003). DALRO maak voorsiening vir twee soorte lisensies vir reprografiese reproduksie: (i) 'n oorhoofse lisensie waarvolgens tersiêre en ander instellings 'n vasgestelde fooi per jaar betaal vir gebruik van materiaal wat deur outeursreg beskerm word en (ii) transaksionele lisensies waar die fooi vir reprografiese reproduksie bepaal word per transaksie. DALRO bestaan en word bedryf volgens 'n vrywillige stelsel van kollektiewe lisensiering, met die implikasie dat hulle slegs namens outeursreghouers kan optree wanneer hulle opdrag van laasgenoemde ontvang (PICC IPR-verslag, 2004:104). DALRO tree aktief op teen skenders van outeursreg en het byvoorbeeld deur hulle prokureurs opdrag gegee vir die klopjag op die Wes-Kaapse kopieerwinkel. DALRO administreer ook die uitvoerregte op toneelstukke namens toneelskrywers as dié skrywers kliënte van DALRO is. DALRO se sustersorganisasie, die Suid-Afrikaanse Musiekregte Organisasie (SAMRO), administreer en beskerm die regte op musiekwerke (Robinson, 2003).

Die regeringsdepartement wat verantwoordelik is vir intellektuele eiendom is die Departement van Handel en Nywerheid (hulle funksies word in 3.4.1.2 bespreek). Die uitgewerybedryf probeer reeds vir 'n aansienlike tyd die hersiening van outeursregwetgewing bespoedig, maar enige poging tot hersiening wat van belang is vir die uitgewerybedryf het sedert 1999 'n stilstand bereik. Die rede vir die vertraging is

konflik tussen plaaslike en internasionale belange in die drukbedryfsektor, inmenging deur universiteitsowerhede en die Minister van Onderwys en die onvermoë van die Departement van Handel en Nywerheid om dié konflik op te los en die hersieningsproses te laat slaag (PICC IPR-verslag, 2004:76). Hoewel Suid-Afrika die WIPO Copyright Treaty in 1994 onderteken het, bestaan daar tans nie voldoende Suid-Afrikaanse wetgewing ten opsigte van elektroniese en digitale outeursreg nie. Die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies (Wet 25 van 2002 – Suid-Afrika, 2002b) bevat eweneens geen verwysing na outeursreg in die digitale en elektroniese omgewing nie (PICC IPR-verslag, 2004:115-116). Die verslag oor intellektuele eiendomsregte in die drukbedryfsektor wat in 2004 deur die PICC (2004) afgehandel is, is ’n poging om hersiening van outeursregwetgewing weer op dreef te kry; te verseker dat Suid-Afrikaanse outeursregwetgewing nie vir langer verouderd sal wees nie; en dat die internasionale verantwoordelikheid in terme van die Bern Konvensie, TRIPS-ooreenkoms en die WIPO Copyright Treaty nagekom word – die verslag bevat 47 aanbevelings in hierdie verband.

Die wesenlike bepaling van die Wet op Outeursreg (Artikel 2(1) van Wet 98 van 1978 – Suid-Afrika, 1978) vir die beskerming van materiaal deur outeursreg is dat dit oorspronklik moet wees. Die Wet verskaf nie ’n definisie van oorspronklikheid nie, maar vir die bepaling van oorspronklikheid neem die hof aspekte in ag soos dat die werk ’n substansiële verbetering moet wees van die werke waaruit dit oorsprong en dat die skepper van die werk genoegsame vaardighede, arbeid, moeite en tyd moes spandeer in die skepping van die werk. Die werk moet ook in ’n materiële vorm bestaan (in die geval van teks moet dit dus neergeskryf of op ’n ander manier vasgelê wees) met die implikasie dat ’n idee van ’n skrywer nie deur outeursreg beskerm word voordat dit materieel vasgelê is nie (Adams & Adams, 2005). Materiaal wat nie oorspronklik is nie word dus nie deur outeursreg beskerm nie, waardeur daar ’n verband tussen outeursreg en plagiaat bestaan. Van Gorp *et al* (1991:305) definieer “plagiaat” as volg: “Het gebruiken van de persoonlijke ideeën, werkwijze, vormgewing e.d. van iemand anders, zonder de bron te vermelden. Men geeft aldus de schijn er de schepper van te zijn. Plagiaat is dus een vorm van wederrechtelijke toeëigening van andermans werk, m.a.w. literaire diefstal”. Plagiaat is dus nie slegs van toepassing op die fisiese teks nie, maar ook op die idees van ander en op visuele materiaal.

Een van die etiese en regsverantwoordelikhede van die uitgewer (én taalredigeerder) is om tydens die redigeerproses in die produksiefase van die uitgeesproses bedag te wees op die voorkoms van plagiaat in ’n manuskrip (nog ’n voorbeeld van die verband tussen die politieke subsisteem en die produksiefase van die uitgeesisteem). Dit is ’n problematiese verantwoordelikheid vir die uitgewer omdat plagiaat nie altyd duidelik herkenbaar is nie (Butcher, 1996:41-42). Daarom word daar gewoonlik in die standaard kontrak tussen die uitgewery en die outeur vermeld dat die manuskrip die oorspronklike werk van die outeur is en dat daar nie plagiaat gepleeg is nie (Van Rooyen, 1996:119). Soms word plagiaat eers herken en uitgewys wanneer die publikasie reeds verskyn het en in die mark vrygestel is, in welke geval die uitgewery die publikasie aan die mark moet onttrek en die oplaag verpulp word (Breytenbach, 2003 dui aan dat plagiaat een van die faktore is waarvolgens NB-Uitgewers die oplaag van ’n publikasie sal laat verpulp). Hazeu (aangehaal in Van Vuuren, 2000) dui aan dat beskuldiging oor beweerde plagiaat en die vervolging daarvan ’n stimulerende effek op boekverkope kan hê (’n verband dus tussen die verbruik- en terugvoerfase en die politieke subsisteem van die uitgeesisteem).

In die huidige post-modernistiese tydsgewrig kom dit dikwels voor dat daar in fiksietekste gebruik gemaak word van die tegniek van sogenaamde intertekstualiteit deur direk of indirek van ander outeurs se tekste gebruik te maak, daarna te verwys of dit te parodieer (vergelyk Hambidge in Prins, 2005:5; Van Vuuren, 2000 verwys ook na die begrippe “navolging” en “kreatiewe herskrywing”). Soms gebruik fiksieskrywers intertekstualiteit as skuiwergat vir plagiaat. Daar bestaan inderdaad ’n fyn skeidslyn tussen plagiaat (waar tekste of gedeeltes van tekste van ander outeurs sonder enige erkenning gesteel word) en intertekstuele en post-modernistiese tegnieke (waar daar na tekste verwys of dit geparodieer word, met of sonder erkenning) – dit skep ’n uitdagende verantwoordelikheid vir beide die outeur van sulke tekste en die uitgewer daarvan. Die digter Elisabeth Eybers (2003) meld byvoorbeeld dat sy ’n broertjie dood daaraan het wanneer digters reëls uit ander digters se gedigte “lig”.

’n Aspek wat met plagiaat saamhang, is dat wanneer materiaal van ander outeurs of skeppers wel gebruik word, dit voldoende erken moet word deur bronverwysings. De Vries (aangehaal in Prins, 2005:5) is onkreukbaar in sy opinie oor die erkenning van

bronne: “Die punt van die saak is dat dit nie tot enige skrywer se nadeel is om enigiemand anders aan te haal nie. Ek begryp nie hoekom daar ’n weerstand is teen om te sê waar jy dinge vandaan kry nie”. Na aanleiding van die resente Suid-Afrikaanse geval van beweerde plagiaat deur die Engelse skrywer Pamela Jooste in haar roman *People like ourselves* (2003), voel Hambidge (aangehaal in Prins, 2005:5) dat dit in die “postmoderne tyd [...] dikwels moeilik [is] om agter te kom aan wie [...] ’n bepaalde indruk of inligting [behoort]” maar dat Jooste die hedendaagse gebruik in die moderne roman kon volg deur erkenning aan haar bronne in ’n bibliografie te gee. Vergelyk byvoorbeeld hoe Dalene Matthee, wat bekend is vir haar deeglike navorsing, erkenning aan haar navorsingsbronne in die bibliografie agterin *Pieterella van die Kaap* (2000:645-647) gee, asook die vier bladsye bibliografiese erkennings in Etienne van Heerden se nuutste roman *In stede van die liefde* (2005:540-544). Tydens die redigeerproses behoort taalredigeerders toe te sien dat bronverwysings voldoende en korrek gebruik word volgens ’n erkende verwysingsmetode soos byvoorbeeld die Harvard-metode (Butcher, 1996:226). Die praktyk van verwysings en voldoende erkenning is ook ’n morele verantwoordelikheid waardeur die uitgewer respek vir intellektuele goedere toon. Wanneer substansiële gedeeltes van reeds gepubliseerde materiaal gebruik word (ook foto’s of ander visuele materiaal) behoort die uitgewer (of skrywer, omdat dit in der waarheid sy regsverantwoordelikheid is) met die uitgewery van die oorspronklike materiaal te skakel en outeursregklaring te kry – hetsy deur vriendelike vergunning vir die gebruik van die materiaal te verkry, óf vir die oordruk van die materiaal te betaal (Davies, 1996:82). Die gebruik van die materiaal moet erken word op die kolofonbladsy, maak nie saak of toestemming daarvoor nodig was of nie. (Butcher, 1996:69-73).

’n Eerste geval van plagiaat in die Afrikaanse letterkunde is Sangiro se klassieke werk *Uit oerwoud en vlakte* (1921) wat opvallende ooreenkomste toon met Fritz Bronsart von Schellendorf se *Afrikanische Tierwelt I: Novellen und Erzählungen* wat nege jaar vroeër verskyn het. Die vermeende plagiaat het eers in 1956 openbaar geraak deur die doktorsale proefskrif van F.V. Lategan (*Die Burger*, 27.09.03:16; Kannemeyer, 1988:74). Van Vuuren (2000) verwys na die goed gedokumenteerde geval van plagiaat in D.P.M. Botes se digbundel *Klein grys telegramme van die wêreld* (1967) waarin hy Sweedse gedigte van Tomas Tranströmer en Sandro Key-Aberg geplagieer het en wat tot die vernietiging van Botes se loopbaan as digter bygedra het. Die Botes-

geval is onlangs weer in die herinnering geroep toe Brink (2002:vi) aan hom “literêre amnestie” verleen het deur drie van Botes se gedigte in die 2001-herdruk van *Groot Verseboek 2000* op te neem en toe Marais (2004:10-16) ’n onderhoud met Botes gepubliseer het. Nog ’n klassieke voorbeeld is die vermeende plagiaat wat die Belgiese Nobelprys-wenner Maurice Maeterlinck gepleeg het deur Eugène Marais se navorsing oor termiete in sy eie bekroonde werk sonder erkenning te gebruik (vergelyk Van Reybrouck, 2003 vir meer detail hieroor).

Een van die mees opspraakwekkende eietydse voorbeelde van plagiaat in die uitgesisteesem van Afrikaanse fiksie is Wilhelm du Plessis se kortverhaal “Die redding van Vuyo Stofile”, in die saamgestelde kortverhaalbundel *Die mooiste liefde is verby* (Tafelberg, 1999), wat sterk ooreenkomste toon met die kortverhaal “The magic barrel” (1954) deur die Joods-Amerikaanse skrywer Malamud (De Vries, 2000 verskaf ’n gedetailleerde vergelyking in tabelformaat tussen die twee kortverhale en toon die ooreenkomste aan; vergelyk ook Van Vuuren, 2000 en John, 2000 vir besprekings van die kompleksiteit van hierdie geval). Die bundel is na publikasie aan die mark onttrek en die oplaag is verpulp. ’n Ander voorbeeld is die derde rubriekbundel van Terblanche Jordaan, *Metronoom III* (Tafelberg, 2001), waaroor hy beskuldig is dat daar materiaal in voorkom wat direk vanaf die Internet geneem is sonder dat die bronne erken is. Jordaan het aangevoer dat hy die materiaal via ’n e-pos ontvang het en nie ’n bronverwysing gehad het nie. Al drie bundels is later aan die mark onttrek (Geyer, 2005).

Die mees resente voorbeeld van erkende plagiaat is in 2005 ontdek in die digter Melanie Grobler se bundel *Die Waterbreker* (Tafelberg, 2004) waarin sy twee gedigte deur Kanadese skrywers geplagieer het. Grobler se gedig “stad” is ’n bykans woordelike vertaling van Anne Michaels se “There Is No City that Does Not Dream” – sonder enige erkenning van die bron, terwyl ’n tweede gedig sterk ooreenkomste toon met ’n gedig uit Anne Carsons se bundel *The Beauty of the Husband*. Die plagiaat in die eerste gedig is uitgewys deur die jong digter Loftus Marais, wat in die bloemlesing *Nuwe Stemme 3* (Tafelberg, 2005) gedebuteer het. NB-Uitgewers het aanvanklik ’n herdruk van Grobler se bundel oorweeg met die nodige erkenning aan Michaels, maar die bundel finaal van die mark onttrek nadat Grobler self die ooreenkomste in die tweede geplagieerde gedig aan haar uitgewer bekend gemaak het.

Na bewering was daar ook navrae gerig deur Michaels se uitgewer uit Kanada. Hierdie plagiaat-debakel het wye mediadekking gekry en ook aantygings oor “digterlike roofbou” deur die digter Johann de Lange en die literator J.C. Kannemeyer van toepassing op Grobler se eerste digbundel, *Tye en swye in die lewe van Hester H.* (Tafelberg, 1991), in herinnering geroep. Aanvanklik het Grobler die plagiaat ontken, later het sy dit wel erken en ter verskoning aangevoer dat die gedig onbewus by haar ingesluip het en selfs persoonlike, sielkundiges redes uit haar jeugjare bekend gemaak. Hoewel die meeste Afrikaanse literatore versigtig was om in die openbaar te reageer, het Grobler se mededigter Petra Müller (wat ook as vryskutredakteur van die bundel opgetree het) die plagiaat verdedig deur te verwys na literêre prosesse van “osmoses”, “insypeling” en “migrasie”. Die Eugene Marais-prys is in 2005 vir *Die Waterbreker* aan Grobler toegeken, en na haar aanvanklike weiering, het sy wel later die prysgeld aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns terugbetaal. (Loots, 2005a:5; Loots 2005b:5; Loots 2005c:4; en Van Zyl, 2005b:54-56)

’n Voorbeeld waarin die aspek van oorspronklikheid ter sprake kom (in hierdie geval oor ’n idee en die produk wat uiteindelik daaruit voortgevloei het), is die sensasie wat gevolg het op Petrovna Metelerkamp se *Ingrid Jonker – Beeld van ’n digterslewe* (Hemel & See, 2003). Metelerkamp is deur Cathy de Villiers (dogter van Anna Jonker-Bairos, suster van Ingrid Jonker) daarvan beskuldig dat sy nie by die boek betrek is nie en dat die idee vir ’n biografie oorspronklik hare was. Deel van die ongelukkigheid was oor inligting wat Metelerkamp van De Villiers ontvang het en wat vir die eerste keer in die openbaar beskikbaar gestel is deur die boek; De Villiers het na bewering die materiaal wederregtelik bekom (Vosloo, 2003:5; Geyer, 2005). Verdere kontroversie het opgeduik toe Breyten Breytenbach sy ongelukkigheid laat blyk het oor die feit dat hy nie toestemming verleen het vir ’n gedig en foto wat in die boek afgedruk is nie (Engelbrecht, 2003:6).

Nog ’n resente voorbeeld van beweerde plagiaat, waar dit gaan oor die mate van oorspronklikheid, is die aantygings deur die Engelse literator en hoof van die Departement Engels aan die Universiteit van Kaapstad, Stephen Watson, in ’n onlangse 2006-uitgawe van die literêre tydskrif *New Contrast*, teen Antjie Krog. Watson beweer dat Krog die konsep vir haar saamgestelde bundel vertaalde inheemse gedigte, *Die sterre sê ‘tsau’: Xam-gedigte in, Kweiten-ta-//ken, A!kúnta, Hankass’o*

en //Kabbo (Kwela Boeke, 2004), van sy bundel *Return of the Moon* (1991) gekry het en dat sy dit nêrens erken nie. Krog (2006a) het haarself verweer deur te wys op die feite dat haar bundel duidelik as vertalings van die inheemse verse in Afrikaans en verwerkings daarvan in Engels aangebied is, en dat duidelike erkenning aan die oorspronklike skeppers gegee is deur die vermelding van hul name op die omslag, asook deur foto's en kort biografiese inligting (anders as in Watson se bundel waarin die oorspronklike skeppers nie só duidelik erken is nie). Vir Watson het dit egter ook oor die graad van verwerking van die oorspronklike tekste gegaan wanneer hy beweer dat sy weergawes in sy eie oorspronklike styl verwerk is, terwyl Krog se weergawes nog te ná aan die oorspronklike is (*Mail & Guardian*, 03.03.06). Verskeie waarnemers het gewys op die feit dat die periode van outeursregbeskerming op die oorspronklike Boesman-tekste verstryk het en nou in die openbare domein is (Gray, 2006) en dat Watson nie die eerste was om omdigtings / vertalings daarvan te maak nie (*Mail & Guardian*, 03.03.06). Watson beweer verder dat twee reëls en 'n frase in Krog se kreatiewe nie-fiksie verslag oor die Waarheids- en Versoeningskommissie, *Country of My Skull* (Random House, 1998), te duidelike ooreenkomste toon met Ted Hughes se essay "Myth and Education", *Winter Pollen* (1994). Ook hierdie bewering word oortuigend deur Krog (2006a en 2006b) verkeerd bewys. Krog se uitgewers het met regstappe oor laster gedreig en beide Kwela Boeke (De Jager, 2006a) en Random House (Johnson, 2006) het onmiddellik openbare standpunt ter verdediging van Krog ingeneem. 'n Ingeligte bron beweer dat Watson se aantygings in werklikheid die resultaat van 'n versuurde vriendskap is en 'n persoonlike vendetta teen Krog. Terwyl die Engelse media uitvoerig oor hierdie plagiaat-debakel verslag gedoen het, was dit opmerklik dat die Afrikaanse media baie min aandag daaraan gegee het.

Geyer (2005) se doktrale proefskrif handel spesifiek oor oorspronklikheid as voorwaarde vir outeursreg en kan vir meer detail, veral oor die toepaslike regsaspekte en vir gevallestudies uit die Afrikaanse letterkunde, geraadpleeg word. Geyer dui ook innoverende voorstelle vir die beslissing en hantering van plagiaat-debakels aan waardeur die beëindiging van die betrokke skrywer se skryfloopbaan (soos dit dikwels die geval is) vermy kan word.

(f) Pliglewering

Die praktyk van pliglewering en die Wet op Pliglewering (Wet 54 van 1997 – Suid-Afrika, 1997a) is nog 'n voorbeeld van die verband tussen die politieke konteks en boekproduksie in die kern van die uitgesisteem. Pliglewering behels dat uitgewerye 'n aantal eksemplare van publikasies wat deur hulle uitgegee word aan die pligleweringbiblioteke lewer, ten einde 'n versameling van publikasies wat plaaslik uitgegee is op te bou en dit te bewaar as deel van die nasionale erfenis. Die nut van pliglewering word deur hierdie navorsing geïllustreer deurdat produksiepatrone bepaal word uit die rekords wat deur pliglewering ontstaan (dat dié rekords dus aangewend kan word vir navorsing oor verskeie aspekte van die uitgewerybedryf). (Die praktyk van pliglewering en die wetlike aspekte daarvan word in meer detail in 5.5.3.1(a) bespreek.)

3.4.1.2 Die rol van regeringsdepartemente

Die regeringsdepartemente wat in hierdie afdeling bespreek word (asook die departemente wat in die bespreking hierbo reeds aangeraak is), beïnvloed die uitgesisteem direk of indirek deur die betrokke beleid, inisiatiewe en strategieë binne dié departemente:

- Die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie (DACST) het op 1 Augustus 2002 verdeel in twee afsonderlike departemente: die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) en die Departement van Kuns en Kultuur (DKK) – die uitgewerybedryf sorteer onder die DKK. Die DKK lewer 'n bydrae tot die regering se strategie vir groei, indiensneming en herverspreiding (Growth, Employment and Redistribution – GEAR) deur inisiatiewe te loods wat bedoel is om die ekonomiese en sosiale voordele van kuns en kultuur uit te bou, twee voorbeelde hiervan is CIGS en die PICC. Die Cultural Industries Growth Strategy (CIGS) is 'n inisiatief wat hom beywer vir die implementering van strategieë wat sal lei tot groei van die kulturele bedrywe in Suid-Afrika. Die DKK het verskeie multi-dissiplinêre konsortiums vir die verskillende kulturele bedrywe (die musiekbedryf, die film- en

televisiebedryf, die handwerk- en kunsbedryf en die uitgewery- en drukkersbedryf) saamgestel waarvan die Print Industries Cluster Council (PICC) direk op die uitgesisteem van toepassing is deurdat dit met die regering beding oor 'n wye verskeidenheid aspekte wat die uitgee van publikasies raak (CIGS, 1998:3). Die aktiwiteite van die DKK sluit breedweg in: die bevordering van inheemse tale; die koördinerende van die nasionale taaldiens en die verskaffing van redaksionele dienste aan regeringsdepartemente; die bestuur van openbare en nasionale biblioteke, meta-inligting en argiewe; bestuur en administrasie van kuns, kultuur en erfenisinstitusies en museums; monitering van die kuns- en kultuurvelde in Suid-Afrika (onder andere deur die opstel van verslae soos die CIGS-verslag oor die uitgewerybedryf) en die befondsing van die PICC en navorsing oor die uitgewerybedryf (Departement van Kuns en Kultuur, 2003). 'n Belangrike inisiatief van die DKK, deur die PICC, is die ontwikkeling en latere implementering en instandhouding van 'n nasionale boekontwikkelingsbeleid, die doel van hierdie inisiatief is die verhoging van geleterdheid en die vestiging van 'n leeskultuur (sien ook 3.3.2.3).

- Die Departement van Handel en Nywerheid (DHN) (2003) bepaal onder andere die uitvoer- en invoertariewe op produkte wat implikasies vir die uitvoer en invoer van boeke, papier en druktegnologie het. Hierdie funksie beïnvloed ook die ekonomiese konteks en impaktee op die uitgesisteem. Die DHN beïnvloed beleid oor intellektuele eiendomsreg (wat insluit outeursreg, handelsmerke, patente en ontwerpe) deurdat dié departement op regeringsvlak hiervoor verantwoordelik is deur die Direkoraat vir Kommersiële Reg en Beleid (PICC IPR-verslag, 2004:73). Die DHN het 'n rol gespeel in die opdatering en wysiging van outeursregwetgewing (Wysiging van die Wet op Outeursreg, Wet 9 van 2002 – Suid-Afrika, 2002a) en het veral gefokus op die beskerming van die regte van eienaars van outeursreg en beheer oor invorderingsagentskappe wat tantieme vir die gebruik van intellektuele eiendom aan outeurs versprei (vergelyk PICC IPR-verslag, 2004:106-110). In die voorgestelde nasionale boekontwikkelingsbeleid (PICC, 2005:18-19) word 'n toekomstige rol vir die DHN voorsien: om ekonomiese voordele, aansporings en spesiale leningskemas te vestig vir rolspelers wat betrokke is by die uitgewerybedryf omdat dit tot

kulturele ontwikkeling van die land sal meehelp en dié bedryf nie alleenlik as 'n ekonomiese bedryf beskou kan word nie.

- Die Departement van Onderwys (2003b) is onder meer betrokke by kurrikulum-ontwikkeling deur die Sentrum vir Kurrikulum Navorsing en Ontwikkeling (NCCRD) en basiese onderwys en opleiding vir volwassenes (ABET). Die funksie wat die Departement van Onderwys in die onderwyssubstelsiem verrig, en wat direk die uitgesistelsiem beïnvloed, word meer volledig in 3.3.4 bespreek.
- Die Departement van Kommunikasie (2003) vorm deel van die Ministerie vir Poswese, Telekommunikasie en Uitsaaiwese. Die visie van dié Departement is om Suid-Afrika te omvorm in 'n kennis-gebaseerde samelewing en mee te help in die vestiging van 'n inligtingseconomie waardeur alle inwoners toegang tot inligtingstechnologie kan hê. As enkele voorbeeld, raak die funksie van dié Departement die tegnologiese substelsiem van die uitgesistelsiem deur kommunikasienetwerke beskikbaar te stel en in stand te hou wat elektroniese uitgee en die Internet beïnvloed.
- Die Departement van Arbeid (2003) is verantwoordelik vir inisiatiewe en strategieë wat sal lei tot die bevordering van die vaardighede van werkers; die versekering van gelykheid in die werksplek; die vestiging van gesonde werksverhoudings; en die bevordering van 'n klimaat van respek vir indiense-nemingsstandaarde en die regte van werkers. Die Wet op Vaardighedsontwikkeling bevorder die verwerwing van vaardighede en die organisering van die vaardighedsontwikkelingsproses deur Sector Education Training Authorities (SETA's) wat volgens verskeie bedrywe gegroepeer is. Die uitgewerybedryf sorteer onder die Media Advertising Publishing Printing Packaging (MAPPP)-SETA (SETA 15), 'n nie-winsgewende organisasie wat hom beywer vir die verbetering van opleidingstandaarde en die verbetering van vaardighede van werkers in die betrokke sektor. Geregistreerde organisasies kry belastingafslag indien hulle meewerk aan die doelwitte van vaardighedsontwikkeling (MAPPP-SETA, 2004). Die MAPPP-SETA is direk gemoed, in samewerking met die PICC, met die neerlegging van opleidingstandaarde vir uitgewers. Die Wet op Gelyke Indiense-neming het ten doel om die werknemersprofiel te

transformeer sodat dit die demografiese samestelling van die bevolking weerspieël. (Die impak van regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging op die uitgesisteem is in 3.4.1.1(a) bespreek.)

- Die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling (2003) is verantwoordelik vir die ontwerp en implementering van die Grondwet. Die implikasies van 'n demokratiese Grondwet en die Handves van Menseregte vir die uitgesisteem, soos dit in 3.4.1.1(a) en 3.4.1.1(b) bespreek is, word direk beïnvloed deur die aktiwiteite en funksies van dié Departement.

3.4.1.3 Nie-regering bedryfsliggame, organisasies en verenigings

Daar bestaan verskeie bedryfsliggame, organisasies, en verenigings wat nie direk aan die regering of 'n regeringsdepartement verbind is nie en wat deur hulle onderskeie inisiatiewe en strategieë die uitgesisteem beïnvloed. Hierdie groeperings is nie noodwendig polities in die streng sin van die woord nie, maar omdat hulle 'n invloed op beleidsvorming en regulering van verskeie rolspelers in die uitgesisteem het, word hulle as deel van die politieke subsisteem hier bespreek. Hierdie afdeling poog nie om enigsins volledig te wees of om 'n oorsig van alle toepaslike groeperings te gee nie, maar wel om die funksie van die belangrikste groeperings oorsigtelik aan te dui. Dit is nie moontlik om binne die bestek van hierdie bespreking die direkte invloed op die produksie van Afrikaanse fiksie aan te toon nie, die invloed van dié groeperings op die uitgesisteem word in generiese terme geskets en daarby word die indirekte implikasies vir ook Afrikaanse fiksie geïmpliseer.

- Die Publishers' Association of South Africa (die Uitgeweryvereniging van Suid-Afrika – PASA, 2003) is die bedryfsvereniging wat omsien na die belange van uitgewerye in die boekuitgewerybedryf. Dit staan uitgewerye vry om aan PASA te behoort en hulle betaal 'n jaarlikse aansluitingsfooie wat bereken word na aanleiding van hulle grootte en inkomste. PASA publiseer jaarliks 'n gids van hulle lede wat alfabeties georganiseer is en inligting oor die fokusareas en kontakbesonderhede van elke uitgewery verskaf asook 'n gids van vryskutwerkers soos redigeerders en vertalers. Die gids van

uitgewerye is onder andere 'n nuttige bron vir outeurs wat op soek is na 'n uitgewery vir hulle manuskripte. Die bestuur van PASA is verdeel in werkgroepe wat hulle toespits op die bevordering en regulering van die verskillende sektore van die bedryf (daar bestaan ook 'n werkgroep vir die algemene sektor van die bedryf wat na die belange van die produsente van fiksie- en nie-fiksiepublikasies omsien). 'n Belangrike funksie van PASA is dat dit namens sy lede met die regering beding oor aspekte wat die bedryf raak, byvoorbeeld die beskerming van intellektuele eiendomsreg, die toepassing van swart ekonomiese bemagtiging en regstellende aksie en die voorskryfbeleid en prosedures vir skoolhandboeke. PASA speel 'n belangrike rol om as netwerk te dien vir die beskikbaarmaking en uitruiling van inligting oor die bedryf en tussen lede van PASA, onder andere deur middel van deurlopende e-poskommunikasie en gereelde vergaderings. PASA is een van die dryfvere agter die inisiatief om die tekort aan genoegsame navorsing oor die grootte en omvang van die bedryf te oorkom (PASA is byvoorbeeld een van die opdraggewers vir die statistiese navorsing wat deur die Program in Uitgewerswese aan die Universiteit van Pretoria gedoen word – sien 5.3). Deur hierdie inisiatief poog PASA (en ander betrokke liggame en organisasies) om die belang van die boekuitgewerybedryf as 'n kulturele en ekonomiese hulpbron vir die land te beklemtoon en uit te bou. Die organisering van die internasionale Cape Town Book Fair is ook 'n inisiatief van PASA. PASA werk nou saam met die bogenoemde regeringsdepartemente en ander liggame en organisasies soos byvoorbeeld SABA en die PICC. 'n Enkele konkrete voorbeeld van PASA se invloed op die uitgee van (ook Afrikaanse) fiksie is die wyse waarop hulle in 2004 en 2005 met die Nasionale Departement van Onderwys beding het oor die nuwe voorgestelde voorskryf-prosedures en kriteria vir fiksiepublikasies vir Graad 10 tot 12 (sien 3.3.4.3).

- Die South African Booksellers' Association (die Suid-Afrikaanse Boekhandelaarsvereniging – SABA, 2003) is die bedryfsvereniging wat omsien na die belange van boekhandelaars en boekverspreiders in die boekhandelbedryf. Soos hierbo genoem, werk SABA ook nou saam met PASA en die PICC as dit kom by oorvleuelende belangeterreine soos navorsing oor die bedryf en die algemene bevordering van boeke en lees in

Suid-Afrika. SABA sien toe dat prosesse binne die verspreidingskanaal vlot verloop en het, as voorbeeld, al met die Departement van Onderwys beding oor die verspreidingsstelsel vir voorgeskrewe skoolboeke. SABA gee die bedryf tydskrif *Bookmark* uit waarin bedryfsnuus verskyn.

- Die Print Industries Cluster Council (PICC) is 'n oorkoepelende sambreel-liggaam wat 'n aantal bedryfsverenigings en ander organisasies wat by die boekebedryf betrokke is, saamsnoer (McCallum, 1998). Lede van die PICC sluit in PASA, SABA, Printing Industries Federation of South Africa (PIFSA), Paper Manufacturers' Association of South Africa (PAMSA), Library and Information Association of South Africa (LIASA) en die Sentrum vir die Boek. Die PICC beywer hom vir onder meer die volgende: die inwinning van akkurate statistiese inligting oor die bedryf; bevordering van toegang tot boeke deur die handel en in biblioteke; bevordering van geletterdheid en opleiding; kwaliteitskontrole oor die verspreidingsketting van boeke; en die effektiwiteit en gehoorsaming van intellektuele eiendomsreg. Die PICC is een van die opdraggewers vir die statistiese navorsing wat deur die Program in Uitgewerswese aan die Universiteit van Pretoria onderneem word (sien 5.3). Die PICC het in 2004 'n verslag oor intellektuele eiendomsreg gepubliseer as deel van 'n breër inisiatief om behoeftes na beleid en ontwikkeling in die kulturele bedrywe te identifiseer wat tot groei van dié bedrywe sal lei (PICC, 2004:7). Die PICC is, in samewerking met die MAPPP SETA, betrokke by die neerlegging van standaarde vir die opleiding van uitgewers en die totstandkoming van 'n vaardigheidsontwikkelingsplan vir werknemers binne die plaaslike uitgewerybedryf. Die inisiatief vir die totstandkoming van 'n nasionale boekontwikkelingsbeleid word ook deur die PICC bestuur. Die samewerking tussen die PICC, PASA, SABA en ander bedryfsverenigings skep strategiese bedingingsmag vir die boeksektor as geheel wat belangrik is vir die toekomstige ontwikkeling van dié sektor en wat die instandhouding van die uitgeesistiem sal bevoordeel.
- Die Printing Industries Federation of South Africa (PIFSA, 2005) is die beheerliggaam van die drukkersbedryf. PIFSA is betrokke by die bevordering

van die drukkersbedryf deur onder andere toe te sien na goeie opleidingsstandaarde en 'n positiewe werksomgewing.

- Die Print Media Association (PMA, 2003) dien as versamelligaam van die volgende vyf liggame: Newspaper Association of South Africa, Magazine Publisher's Association (MPA), Specialist Press Association (SPA), Community Press Association en die Print Media in Education. Die funksies van die PMA sluit onder andere die volgende in: die bemerking van gedrukte media (boeke, tydskrifte en koerante) in die breë; die bevordering van lees en geletterdheid; en interaksie en samewerking met ander bedryfsliggame.
- Die Paper Manufacturers' Association of South Africa (PAMSA, 2003) verteenwoordig die belange van plaaslike papiervervaardigers en pulpvervaardigers en beywer hulle vir die groei en ontwikkeling van dié bedryf. Hulle aktiwiteite lê op die terreine van bedinging met die regering, bevordering van die papiervervaardigingsbedryf, opleiding, tegniese kwessies en omgewingsbewaringsvraagstukke. Die twee prominentste papiervervaardigers in Suid-Afrika is Mondi en Sappi. As gevolg van die hoë prys van plaaslike papier, en ook as gevolg van mededingende pryse vir drukwerk, verkies sommige uitgewerye om hulle boeke (veral volkleur geïllustreerde boeke) in die buiteland te druk of self papier in te voer. Die plaaslike papiervervaardigingsbedryf is dus in 'n groot mate uitvoer-gedrewe.
- Die Sentrum vir die Boek (2004a) vorm deel van die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (NLSA) as 'n selfstandige projek en word via die NLSA deur die DKK befonds. In die strewe na die visie van die Sentrum (naamlik die bevordering van 'n Suid-Afrikaanse kultuur van lees en skryf) bevorder dié organisasie die skryf, uitgee, lees, bemerking en verspreiding van Suid-Afrikaanse boeke deur 'n aantal projekte. Die First Words in Print-projek het ten doel om stimulerende prente- en storieboeke aan jong Suid-Afrikaanse kinders in hulle moedertaal te voorsien. Daardeur word kinders en hulle ouers / voogde blootgestel aan lees en bygedra tot die verhoging van geletterdheid en die kweek van 'n leeskultuur. Die Sentrum organiseer die skryf, illustreer, uitgee en verspreiding van dié kinderboeke en bevorder dus daardeur ook die

inheemse uitgebedryf. Die Sentrum ondersteun die ontwikkeling van skrywers deur gereeld skryfslypskole aan te bied en praktiese ondersteuning (byvoorbeeld fisiese plek om te kan skryf) en aanmoediging aan beginner-skrywers te bied. Dit het ook die inisiatief van 'n skrywersnetwerk van stapel gestuur waarvoor 'n databasis van skrywers ontwikkel is en 'n nuusbrieff aan skrywers gesirkuleer word. Die skrywersnetwerk verskaf inligting aan skrywers oor aspekte soos kontrakte met uitgewers, outeursreg en publikasie-moontlikhede. Die gemeenskapsuitgee-projek gee ondersteuning en moedig skrywers aan om te publiseer of self hulle werk uit te gee (as voorbeeld het die Sentrum reeds finansiële steun aan die Afrikaanse Skrywersvereniging gegee om 'n versamelbundel deur dié vereniging se eie gemeenskapsuitgewery !Xthorro Publikasies uit te gee – sien 4.7). Die Sentrum organiseer jaarliks landswye geleenthede ter viering van Wêreldboekedag. Die Sentrum fokus in sy projekte veral op die opheffing van voorheen benadeeldes. Die sleutel-funksies van die Sentrum sluit die volgende in: boekontwikkeling, bedinging met rolspelers binne die boeksektor, die verhoging van die algemene bewustheid oor boeke en die inwinning en beskikbaarmaking van inligting oor die boeksektor. Die Sentrum is 'n aktiewe lid van PASA.

- Die National Library of South Africa (die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika – NLSA, 2003b en 2003c) is die nasionale bewaringsbiblioteek waar die nasionale erfenis in die vorm van intellektuele goedere bewaar word. Funksies van die NLSA sluit onder meer die volgende in: die toepassing van nasionale bibliografiese beheer deur die opstel van die Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie (SANB); die uitreiking van ISBN's vir alle boeke en ISSN's vir alle tydskrifte wat in Suid-Afrika uitgegee word; en deelname aan die Suid-Afrikaanse inter-biblioteek-leningskema wat Suid-Afrikaanse Ontwikkelende Lande (SADEC) van toegang tot boeke voorsien. (Die funksies van die NLSA word in groter detail in 5.5.3.1 bespreek.)
- 'n Verskeidenheid inisiatiewe en strategieë wat op die bevordering van geletterdheid en die ontwikkeling van 'n boekkultuur gemik is, is in 3.3.2.3 bespreek.

- Skrywersverenigings wat omsien na die belange van hulle lede, soos die ASV, ANFASA en SAWA, is in 3.3.3.4 bespreek.

Byna alle verskuiwings in elkeen van die institusionele sub sisteme kan tot 'n mate teruggevoer word na veranderde beleid wat teweeg gebring is deur politieke transformasie en veranderde wetgewing. As voorbeeld is verskuiwings in die onderwys sub sisteem veroorsaak deur veranderde beleid oor sekondêre en tersiêre onderwys en 'n veranderde kurrikulum. Net so is verskuiwings in die biblioteek sub sisteem die gevolg van veranderde beleid oor die aankoop van boeke en die funksie van openbare biblioteke. Die direkte en indirekte invloed van politieke transformasie en veranderde wetgewing op die media- en kultuursub sisteme blyk ook duidelik: transformasie moes plaasvind om vir die verskeie kulture in 'n multi-kulturele land gelyke uitdrukkingsmoontlikhede te gee in die media en deur die beoefening van kulture en die produksie van kultuurprodukte (soos boeke). Die invloed van politiek in die literatuursub sisteem vind plaas deur byvoorbeeld die heersende ideologiese klimaat (die nastreef van 'n sogenaamde eenheidsideologie) en die implikasies daarvan vir veranderde literatuuropvattinge en die gevolglike impak op uitgeebeslissings. Die impak van die heersende eenheidsideologie op die produksie van Afrikaanse fiksieboeke is byvoorbeeld sigbaar in die mate waarin meer publikasies in nie-standaardvariëteite van Afrikaans uitgegee word (vergelyk byvoorbeeld die gewildheid van die Griekwa-psalms van Hans du Plessis, Thomas Deacon se werk en die Engfrikaans in Jackie Nagtegaal en Manie de Waal se romans). Ideologie het 'n direkte invloed op simboliese produksie van fiksie en is sigbaar wanneer die praktyk van kanonisering en die samestelling van bloemlesings binne die literatuursub sisteem nagevors word (interessante ondersoeke hierna is reeds deur Van Coller en Odendaal gedoen – sien 2.7).

3.4.2 Ekonomiese konteks

Saam met die politieke transformasie na 'n demokratiese bestel (sien 3.4.1.1(a)) het omvangryke ekonomiese transformasie gedurende die 1990's en vroeë 2000's plaasgevind. Dit is nie moontlik om binne die bestek van hierdie ondersoek 'n volledige oorsig oor die ekonomiese konteks en transformasie daarbinne te gee nie. In

verdere navorsing behoort 'n diepgaande ondersoek na ekonomiese faktore en die impak daarvan op die uitgewerybedryf gedoen te word, deur byvoorbeeld alle staatsbesteding (die begrotings van provinsiale onderwysdepartemente en biblioteekdienste) statisties na te gaan en dit met die finansiële prestasie van uitgewerye (soos gereflekteer in die omsetprofiel) in verband te bring. Toegang tot finansiële inligting is egter problematies omdat historiese rekords van staatsbesteding (soos byvoorbeeld aankoopbegrotings van biblioteke) nie geredelik beskikbaar is nie en uitgewerye finansiële inligting as kompetend en daarom vertroulik beskou (Van Zyl, 2002a: 1 meld byvoorbeeld “dat dit nie die beleid van Naspers is om finansiële resultate van afdelings bekend te maak nie”). In hierdie afdeling val die fokus op enkele verskuiwings in die ekonomiese konteks en die direkte en indirekte invloed daarvan op die uitgesisteesem – die direkte impak op die produksie van Afrikaanse fiksie word, waar moontlik, aangetoon, in ander gevalle word dit geïmpliseer.

3.4.2.1 Gedwonge transformasie teen die agtergrond van 'n negatiewe ekonomiese klimaat

Teen die begin van die 1990's het internasionale ekonomiese druk teen Suid-Afrika deur middel van sanksies teen die apartheidsbestel toegeneem wat gelei het tot 'n toename in internasionale skuld en 'n ekonomiese resessie vir die land (Giliomee, 2003:614-615, 637). Die resessie was in Februarie 1993 steeds ernstig en het die ekonomiese groei in 1992 met 2,1% laat krimp, die werkloosheidsyfer het tussen 1989 en 1993 met 6,5% toegeneem en die bruto binnelandse besteding het met 15% gedaal, verbruikerspryse het in 1992 met 14% gestyg, die voedselprysinflasie was gemiddeld 25%, vir die 1992 / 1993 finansiële jaar was daar 'n begrotingstekort van 8,6% van bruto binnelandse besteding en vir die 1993 / 1994 jaar is 'n tekort van 6,8% voorspel (Manual, 2003:7). Suid-Afrika is dus deur die ekonomiese klimaat gedwing om politieke transformasie te ondergaan (waardeur die verband tussen die politieke en ekonomiese kontekste blyk).

Ná die formele politieke transformasie het die nuwe demokratiese verkose regering hom verbind tot 'n beter lewe vir alle inwoners van die land deur middel van herstrukturering, ontwikkeling en herverspreiding. As gevolg van die talryke

ongelykhede van die verlede stel die strewe na gelykstelling besonder omvangryke ekonomiese uitdagings wat oorbrug moet word. Regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging met betrekking tot indiensneming het ironies gelei tot verhoogde werkloosheid en die bekamping daarvan bly 'n enorme uitdaging (Manual, 2003:9 dui byvoorbeeld aan dat groei in jaarlikse indiensneming vir die eerste keer sedert 1996 eers gedurende die derde kwartaal van 2002 positief was). Die talle maatskaplike uitdagings, soos die tekort aan basiese behuising, armoede, die HIV / VIGS pandemie en die toename in die misdaadsyfer, skep verdere ekonomiese uitdagings wat deur die ekonomiese bestuur van die land geprioritiseer moes word. Analises van die Begrotings vir 2001 / 2002 en 2003 / 2004 toon aan dat die regering dit sy prioriteit gemaak het om die ekonomiese klimaat te bevorder sodat dié maatskaplike uitdagings aangespreek kon word (GPI, 2001:10). Die herrangskikking van die regering se prioriteite kan gesien word in die besteding aan gesondheid, opleiding, welsyn, behuising en ander maatskaplike dienste wat in die 2003 / 2004 Begroting 58,3% is, teenoor die 52,9% in 1993 / 1994 (Manual, 2003:11). In die regering se pogings om hierdie uitdagings te oorkom (en waar daar wel sprake van suksesse is) het staatsondersteuning in die ontwikkeling van die uitgewerybedryf – 'n bedryf wat van groot strategiese belang is vir die ontwikkeling van die bevolking en toekomstige ekonomiese groei – vir 'n groot gedeelte van die 1990's agterweë gebly.

3.4.2.2 Finansiële ondersteuning van die uitgewerybedryf deur die staat

Van direkte belang vir die uitgeesistiem is die mate waarin die staat die uitgewerybedryf finansiël ondersteun deur institusionele boekaankope (vir skole en biblioteke), finansiële aansporings, borge en subsidies. Aan die vooraand van die nuwe politieke bestel is daar groot verwagtinge gekoester vir die ontwikkeling en diversifisering van die plaaslike uitgewerybedryf (vergelyk die referate wat tydens die Book Publishing in South Africa for the 1990s-simposium gelewer is – Suid-Afrikaanse Biblioteek, 1991a). Daar is verwag dat die nuwe regering 'n groot finansiële bydrae sou lewer tot hulpbronne vir onderwys (deur post-apartheid skoolhandboeke vir die nuwe kurrikulum aan te koop); dat die befondsing aan openbare biblioteke sou verhoog (veral die lewering van biblioteekdienste aan voorheen benadeeldes); kortom, dat die staat die ontwikkeling van die

uitgewerybedryf deur 'n nasionale boekontwikkelingsbeleid (ook) finansiëel sou ondersteun (Van Rooyen, 2005:288).

Teen hierdie verwagtinge in, het finansiële staatsondersteuning egter verskraal gedurende die 1990's en eers in die vroeë 2000's prioriteitsaandag begin kry. In 3.3.4.1 is reeds verwys na die radikale impak wat die insinking in staatsbesteding op skoolhandboeke gedurende die tweede helfte van die 1990's op die uitgewerybedryf gehad het. Intussen het die situasie aansienlik verbeter en is die aankope van skoolhandboeke weer op peil. In sy 2003-begrotingstoespraak kondig Manual (2003:11) af dat die verhoging van finansiering vir ondersteunende materiaal vir leerders die eerste prioriteit van opleiding vir die jaar is en dat meer geld aan die aankoop van skoolhandboeke spandeer sal word. Ook staatsbesteding op die aankoop van biblioteekboeke het radikaal gekrimp gedurende dieselfde periode (sien 3.3.5.2). Die verband tussen die ekonomiese subsisteem en die onderwys- en biblioteeksubsis-teem blyk duidelik. Die uitgewerybedryf is dus toenemend op die algemene mark aangewese – 'n mark wat nie genoegsaam ontwikkel is nie as gevolg van die hoë ongeletterdheidsvlak van die bevolking in geheel en die gebrek aan 'n ontwikkelde boek- en leeskuiluur. Ten spyte van talle pogings deur die regering en nie-regeringsorganisasies om die geletterdheidsprobleem en die ontwikkeling van vaardighede aan te spreek, het die ontwikkeling van 'n gekoördineerde nasionale boekontwikkelingsbeleid tot onlangs grotendeels agterweë gebly. In 3.3.2.3 is die ontwikkeling van 'n boekkuiluur bespreek; die verband tussen die kultuursubsis-teem en die ekonomiese subsisteem kan hieruit afgelei word.

Anders as in byvoorbeeld Nederland en Frankryk waar deurlopende regeringsteun vir die produksie van fiksiepublikasies bestaan, bestaan daar nie sodanige finansiële steun of aansporing in Suid-Afrika nie (Van Zyl, 2002a:11). Hier te lande bestaan wel die moontlikheid van subsidies vir publikasies deur byvoorbeeld die Nasionale Kunsteraad, die Nasionale Kuns en Kuiluur Trust en die L.W. Hiemstra-trust, maar fondse en subsidies bly beperk.

3.4.2.3 Ekonomiese impak van die uitgewerybedryf

Alhoewel die Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf relatief klein is in vergelyking met internasionale standaarde, is dit die grootste uitgewerybedryf in Afrika en verteenwoordig dit 'n unieke prestasie in Sub-Sahara Afrika as lewenskragtige en self-onderhoudende bedryf wat in diverse produksiekategorieë publikasies uitgee (PICC IPR-verslag, 2004:51). Die ekonomiese grootte van die bedryf word beraam op 'n omset van tussen R2,5 en R3 biljoen per jaar, waarvan R1,8 biljoen deur plaaslike produksie gegenereer word. Die waarde van die skoolboeksektor, die grootste sektor van die plaaslike bedryf, word beraam op R1,5 biljoen per jaar (waarvan die meerderheid uit verkope van plaaslike produkte afkomstig is). Die akademiese sektor (insluitend navorsings- en naslaanbronne) lewer 'n jaarlikse beraamde omset van R300 miljoen, waarvan 50% deur plaaslike uitgewerye gegenereer word. Die omset van die algemene / handelsektor (beide fiksie en nie-fiksie) word beraam op R600 miljoen per jaar, waarvan slegs 20-25% deur plaaslik geproduseerde publikasies gegenereer word – dié sektor word dus sterk deur ingevoerde fiksie en nie-fiksie gedomineer (PICC IPR-verslag, 2004:51-52). Van Zyl (2002a:5-6) bereken die jaarlikse omset van die kleinhandelmark vir algemene publikasies op R600 miljoen, waarvan plaaslike produkte slegs ongeveer R150 miljoen genereer en Afrikaanse publikasies (beide fiksie en nie-fiksie) minder as R50 miljoen uitmaak.

Volgens die *PASA/SABA Snapshot Industry Survey 2002* (Galloway, Bothma & Greyling, 2004:12-13) is die totale netto omset van die 34 deelnemende uitgewerye R1 392 874 286.33 (dit word afgebreek in netto omset van R1 023 540 826.33 vir plaaslike produksie, R366 152 543.00 vir ingevoerde publikasies en R3 180 917.00 vir publikasies wat gekoproduseer is deur plaaslike én internasionale uitgewerye).

Die uitgewerye wat aan die *PASA/SABA Snapshot Industry Survey 2002* deelgeneem het, het in 2002 tesame 17 921 titels in druk gehad en 7 319 titels uitgegee: 2 102 nuwe uitgawes, 848 heruitgawes en herdrukke van 4 369 titels (Galloway, Bothma & Greyling, 2004:14-15). In Hoofstuk 6 word die produksieprofiel van Afrikaanse fiksie (die aantal fiksietitels wat per jaar geproduseer word) in detail bespreek.

Volgens die genoemde opname het die deelnemende uitgewerye tantieme aan 8 309 outeurs (of aan hulle boedels of begunstigdes) gedurende 2002 uitbetaal. Die gemiddelde persentasie van die totale netto omset wat aan tantieme uitbetaal is, is 7,56% – dit verteenwoordig nie die gemiddelde persentasie tantieme per individuele uitgewery of individuele outeur nie, maar bloot die outeursaandeel uitgedruk as persentasie van die netto omset (Galloway, Bothma & Greyling, 2004:16-17). Volgens Breytenbach (2002a:18) bestaan daar twee metodes vir die berekening van tantieme: (i) 'n persentasie van die verkoopprijs (die gemiddeld in die praktyk is 12%) en (ii) 'n persentasie bereken op netto ontvangste (gemiddeld 15% in die praktyk). Die PICC IPR-verslag (2004:52) stel dit dat slegs 'n baie klein aantal fiksieskrywers in Suid-Afrika 'n bestaan uit hulle inkomste aan skryfwerk kan voer. Dit is slegs wanneer Afrikaanse fiksieskrywers se werk vertaal word en dit op die wêreldmark beskikbaar raak dat hulle werklik noemenswaardige inkomste daaruit verdien – 'n geluk wat slegs 'n paar Afrikaanse skrywers, soos byvoorbeeld André P. Brink, Karel Schoeman, Etienne van Heerden, Deon Meyer, Marita van der Vyver, Dalene Mathee, Annelie Botes en Marlene van Niekerk, tot dusver beskore was. Beide Brink en Meyer (aangehaal in Fourie, 2004:216) noem byvoorbeeld dat 95% van hulle inkomste aan skryfwerk afkomstig is van oorsese tantieme op vertaalde publikasies. Afrikaanse skrywers wie se werk voorgeskryf word op skoolvlak het in die verlede aansienlike inkomste daaruit verdien, maar die mark het radikaal gekrimp (vergelyk Chris Barnard se uitspraak in 3.3.4.1). 'n Empiries-statistiese ondersoek na die impak van vertaling en voorskrywing op die inkomste van (Afrikaanse) skrywers behoort onderneem te word.

Volgens die *PASA/SABA Snapshot Industry Survey 2002* (Galloway, Bothma & Greyling, 2004:19) verskaf die deelnemende uitgewerye werk aan 3 014 werknemers (dit sluit voltydse werknemers en vryskutwerkers in). Sien 3.4.1.1(a) vir meer detail oor die werknemersprofiel in terme van ras, geslag en werkskategorieë.

3.4.2.4 Die invloed van 'n veranderde ekonomiese omgewing in post-apartheid Suid-Afrika op die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie

Soos reeds hierbo aangedui, het politieke transformasie aanleiding gegee tot ekonomiese verskuiwings in post-apartheid Suid-Afrika wat ook die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie geraak het – in hierdie afdeling word dié impak verder oorsigtelik belig.

In die vorige bestel is die produksie van Afrikaanse fiksie kunsmatig bevoordeel deur die winste van voorgeskrewe boeke en biblioteekaankope waardeur die produksie van minder winsgewende fiksiepublikasies befonds is. Van der Merwe (2000a:4) stel dit as volg:

Voor 1994 was die uitgee van sekere publikasies (esoteriese digbundels, byvoorbeeld) net moontlik omdat hulle deur die verkoop van groot getalle boeke aan opvoedkundige inrigtings 'gekruis-subsidieer' is. Die Suid-Afrikaanse regering het dus as 't ware die plaaslike algemene uitgewers tot 1994 in staat gestel om so 'n verskeidenheid inheemse literatuur uit te gee. Want in daardie jare is genoegsame getalle aanvullende skoolleesboeke en biblioteekboeke aangekoop om algemene uitgewery lewensvatbaar te maak [...].

Van Zyl (2002a:5) meld dat:

[...] slegs 30% van die boeke wat Tafelberg [een van die grootste uitgewerye van (ook) Afrikaanse fiksie] uitgegee het, aan die algemene handel gelewer [is]; 70% van sy inkomste het gekom uit verkope, teen 'n hoër marge, aan die staat, skole, ensovoorts. Van 87% van die boeke wat in dié tyd verskyn het, is minder as 2 000 eksemplare verkoop. Dit was aanvaarbaar, omdat die orige 13% in groot hoeveelhede deur staatsinstellings aangekoop is.

Een van die veranderings wat Van Zyl tydens sy diensperiode as bestuurder van NB-Uitgewers aangebring het, was om te onderskei tussen die omset wat afkomstig was

uit die kleinhandel en die uit institusionele aankope – daardeur kon die verliese van fiksietitels nie meer so gemaklik as in die verlede deur die winste van nie-fiksie en verkope aan institusies verskans word nie.

Behalwe vir die radikale inkrimping in institusionele aankope (deur skole en biblioteke) wat gelei het tot groter klem op die algemene mark en bemarking deur boekwinkels, het die politieke transformasie ook aanleiding gegee tot verhoogde mededinging met die produkte van internasionale uitgewerye in boekwinkels. Van Zyl (2002a:6) en Breytenbach (2002a:6) dui aan dat daar sedert 1994 'n instroming van internasionale publikasies in boekwinkels plaasgevind het wat “teen baie aantreklike terme deur oorsese uitgewers vir handelaars aangebied word”; “dit kom selfs neer op storting (‘dumping’), sonder dat daar hulp van die owerhede is om so 'n praktyk te beperk”. Die GPI-verslag (2001:12) dui aan dat daar geen invoerregulasies en invoertariewe op boeke bestaan nie wat die invoer van internasionale publikasies nog verder vergemaklik.

Hierdie ekonomiese verskuiwings het daartoe aanleiding gegee dat uitgewerye noodgedwonge toenemende aandag aan hulle ekonomiese doelwitte moes gee en kon hulle nie meer, soos in die verlede, die skaal oorwegend in die guns van sosiale doelwitte (soos die ontwikkeling van die letterkunde) balanseer nie. Van der Merwe (2000a:4) spel die implikasies as volg uit: “Die uitwerking van die afgelope paar jaar se gebrek aan institusionele boekaankope het die algemene uitgewers gedwing om veral die kommersiële waarde van hulle lys te oorweeg en nie net die literêre of kulturele waarde nie”. Van Zyl (2002a:10) skets die situasie as volg:

[...] vir die oorlewing van inheemse boeke en inheemse letterkunde [is dit] noodsaaklik [...] dat finansiële selfstandigheid deur plaaslike uitgewers verkry word. Gesonde sakebeginsels is dus belangrik, maar is nie die enigste oorweging nie. Die uitgewers is vasbeslote om ook boeke van gehalte uit te gee, selfs al is dit duidelik nie kommersieel nie. Om te kan voortgaan om goeie werk uit te gee, is dit noodsaaklik dat daar in ander gedeeltes van die onderneming geld geskep word. Maar dit beteken nie dat as die uitgewer sê wins is belangrik, dit vertolk moet word as dat wins die enigste maatstaf is of sal wees nie.

Hierdeur bestaan daar 'n direkte verband tussen die ekonomiese subsisteem, die literêre gehalte van 'n manuskrip as deel van die literatuursubsisteem en die neem van uitgeebeslissings (of soos Breytenbach, 2002a:18 daarna verwys as “beleggingsbesluite” – opsigself 'n aanduiding van dié verskuiwing) tydens die uitgeeproses in die kern van die uitgesisteem. Hierdie klem op die ekonomiese realiteite van die uitgewerybedryf is een van die belangrikste en invloedrykste verskuiwings van die 1990's en die vroeë 2000's – nie net vir die produksie van Afrikaanse fiksie en die Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf nie, maar wêreldwyd (vergelyk die uitsprake deur Schiffrin, 2000 en Epstein, 2001 soos aangehaal in Hoofstuk 4).

Die vorm van finansiële besit en bestuur van 'n uitgewery het 'n direkte invloed op die neem van uitgeebeslissings en die verhouding tussen ekonomiese en sosiale doelwitte as deel van die uitgeefilosofie (dus 'n verband tussen die ekonomiese subsisteem en die uitgeeproses binne die uitgesisteem). Vir 'n polities-alternatiewe uitgewery, soos byvoorbeeld die eertydse Taurus (sien 4.7.1), was die sosiale doelwitte van hulle uitgeefilosofie (die uitdaging van die heersende establishment deur hulle publikasies) belangriker as die ekonomiese doelwitte (om wins te maak en kommersieel te oorleef). Engelse polities-alternatiewe uitgewerye het finansiële oorleef deur internasionale borgskappe vanuit anti-apartheid geledere (Taurus het nooit sulke fondse as rugsteun gehad nie). Hierdie fondse het ná demokratisering opgedroog en aanleiding gegee tot die sluiting van hierdie uitgewerye ('n voorbeeld van die verband tussen die politieke en ekonomiese sisteme en die impak daarvan op die uitgesisteem). Onafhanklike uitgewerye is nie in dieselfde mate deur polities-ekonomiese verskuiwings geraak nie.

Die produksie van Afrikaanse fiksie deur 'n groot mediamaatkappy was in die vorige bestel as 't ware nie 'n finansiële selfstandige onderneming nie, omdat dit deur ander winsgewende publikasies en ander sake-eenhede van die mediamaatkappy gekruis-subsidieer is. Die uitgewerye wat tans deel vorm van NB-Uitgewers was in werklikheid as individuele sake-eenhede nie winsgewende ondernemings nie: Human & Rousseau was in 'n periode van twintig jaar slegs in drie jaar winsgewend, Kwela Boeke (tot onlangs) en Queillerie was nog nooit winsgewend nie en J.L. van Schaik se fiksie was vir tien jaar nie winsgewend nie (Van Zyl, 2002a:25). 'n Belangrike

ekonomiese verskuiwing wat die uitgesisteesem van (ook) Afrikaanse fiksie direk geraak het was die notering van Naspers op die Johannesburgse Effektebeurs in 1994. Vóór die notering en vir dekades lank kon die boekuitgewerye wat deel van Naspers is, vir kontantvloei op die groter mediamaatskappy staatmaak. Ná die notering moes Naspers waarde ontsluit en kontant genereer en sedert 2000 is Nasboek (nou Via Afrika – die boekuitgewery-afdeling van Naspers) ’n selfstandige sake-eenheid wat self kontant moet genereer (Van Zyl, 2002a:9-10).

Die gevolg was dat die uitgee van boeke toenemend op ekonomiese sakebeginsels gebaseer moes word en dat die belange van aandeelhouders as ’n ekonomiese faktor in gedagte gehou moet word. Vir die uitgewer wat fiksie binne ’n mediamaatskappy uitgee, skep dit die besondere uitdaging om die belange van aandeelhouders (die generering van ’n opbrengs op hulle beleggings) enersyds, en die behoeftes van skrywers en die ontwikkeling van die letterkunde andersyds, te balanseer. Van Zyl (2002a:10) wys op die feit dat NB-Uitgewers as algemene uitgewery slegs 1% tot die groepsomset van Naspers bydra; gevolglik is aandeelhouders wat in die mediamaatskappy belê nie noodwendig eers bewus dat hulle ook in boeke belê nie en kan daar nie van hulle verwag word om simpatie vir die unieke finansiële aard van uitgewery (hoë beleggings, omset oor ’n lang termyn en lae winsgrense) te koester nie. Hierdie aspek het daartoe aanleiding gegee dat NB-Uitgewers tans minder titels kan uitgee wat nie kommersieel lewensvatbaar is nie, as wat voorheen die geval was (die impak op die produksieprofiel word in Hoofstuk 6 aangedui). Hulle het ook begin om voorraad wat nie verkoop nie vinniger af te skryf omdat dit onnodige bergingskoste veroorsaak wat ’n negatiewe invloed op kontantvloei het (voorheen was bergingskoste nie ’n direkte uitgawe nie, maar sedert 2001 is die pakhuisdienste van Naspers in ’n kommersiële sake-eenheid omskep – sien 3.4.2.5(a) – waardeur daar vir bergingskoste as ’n bykomende uitgawe voorsiening gemaak moes word).

Nog ’n verandering was die oorskakeling na die outeursvergoeding-stelsel waarvolgens outeurs nie meer vergoed word op grond van die aanbevole uitgewersprys van ’n boek (die verkoopprijs) nie, maar volgens netto ontvangste op verkope (Van Zyl, 2002a:1-2). Hierdie verskuiwings het ’n nuwe era vir (ook) Afrikaanse skrywers en die produksie van (ook) Afrikaanse fiksie ingelei en het aanleiding gegee tot die wrywing wat tussen Afrikaanse skrywers (hoofsaaklik

fiksieskrywers) en hulle uitgewers in 2002 ontstaan het (sien 3.3.3.4) – ’n voorbeeld van die verband tussen die ekonomiese subsisteem en die verhouding tussen skrywers en uitgewerye in die kern van die uitgeesisteem.

3.4.2.5 Algemene ekonomiese indikators en faktore van toepassing op die uitgeesisteem

’n Aantal algemene ekonomiese indikators en faktore beïnvloed die uitgeesisteem direk en indirek – vervolgens word ’n aanduiding van hierdie indikators gegee, sonder om die invloed daarvan empiries aan te toon.

(a) Privatisering en kommersialisering van organisasies

Gedurende die 1990’s het daar toenemend privatisering van organisasies, wat voorheen deur die staat besit is, plaasgevind (GPI, 2001:9). Organisasies het ook begin om dienste, wat voorheen slegs intern aan die betrokke organisasie beskikbaar was, kommersieel buite die organisasie aan te bied. ’n Voorbeeld van die impak hiervan op die uitgeesisteem was die omskakeling van Nasionale Boekhandel Groothandeldienste (wat voorheen pakhuisgeriewe en verspreidingsdienste aan uitsluitlik uitgewerye van Naspers gelewer het) na die winsgedrewe sake-eenheid On the Dot Distribusie in April 2001 (On the Dot Distribusie, 2005). Hierdie verspreidings- en afleweringdienste word sedertdien kommersieel aangebied aan ook eksterne kliënte en talle onafhanklike uitgewerye maak daarvan gebruik (Nel, 2002b). Dit het ’n positiewe invloed op die verspreidings- en afleweringfase van die uitgeeproses gehad deurdat hierdie funksies, wat tradisioneel uitdagings vir kleiner uitgewerye gestel het, nou binne die bereik van onafhanklike uitgewerye (soos byvoorbeeld Praag en Protea Boekhuis in die produsentelandskap van Afrikaanse fiksie) en outeurs wat self-uitgee, is.

(b) Die impak van verbruikersinflasie, waarde van die Rand en die wisselkoers

Boekverkope word direk beïnvloed deur die prys van boeke en die beskikbare besteebare inkomste van verbruikers. Boekaankope word dikwels as 'n luukse deur Suid-Afrikaanse verbruikers beskou en eers gedoen nadat daar in ander basiese behoeftes voorsien is (sien die beskikbare statistiek in 3.4.2.5(c)). Die prys van boeke en die besteebare inkomste van verbruikers word direk bepaal deur ekonomiese faktore soos verbruikersinflasie (gemeet deur die verbruikersprysindeks), waarde van die Rand en die wisselkoers. Wanneer verbruikersinflasie styg (soos byvoorbeeld deur verhoogde petrolpryse, die styging van voedselpryse, behuising en mediese koste), daal besteebare inkomste (GPI, 2001:10). Verswakking van die waarde van die Rand teen die Amerikaanse dollar en die Britse pond (soos dit die geval was teen die einde van 2001) laat inflasie toeneem en het ook 'n direkte invloed op die prys van beide ingevoerde en plaaslik geproduseerde boeke (GPI, 2001:60).

Boekpryse word direk beïnvloed deur die prys van papier, wat die helfte van drukkoste uitmaak, en wat fluktueer volgens die Amerikaanse Dollar-prys vir papier. Omdat baie plaaslik geproduseerde boeke op ingevoerde papier gedruk word, het die verlaging van die Rand se waarde dus 'n direkte effek op papierkoste wat boekpryse laat styg. Boonop betaal Suid-Afrikaanse uitgewerye nog meer as die Amerikaanse Dollar-prys vir papier omdat daar ook invoertariewe op papier gehef word (Van Rooyen, 2005:322). Alhoewel internasionale geldwaardes vooruit gekoop word, het die wisselkoers 'n direkte effek op ingevoerde boeke omdat dit beprys word deur 'n direkte omskakeling van die internasionale geldwaarde na die Rand plus 14% BTW (GPI, 2001:63, 64). Die wisselkoers beïnvloed ook die kostes van koproduksies tussen plaaslike en internasionale uitgewerye en die drukkoste van publikasies wat oorsee gedruk word. Die verbande tussen die ekonomiese subsisteem, die kultuursubsisteem (as vergestaltung van die algemene mark se behoefte aan kultuurprodukte soos boeke en die mededinging tussen kultuurprodukte – sien 3.3.2) en die produksiefase en verbruikfase van die uitgeproses, kan hieruit afgelei word en behoort deur verdere navorsing empiries nagevors te word.

(c) Die heffing van BTW op boeke

Terwyl onderwys en opleiding vrygestel is van Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW), word BTW teen die standaardkoers van 14% op boeke gehef (GPI, 2001:12). Sommige rolspelers in die boekuitgewerybedryf pleit by die regering vir die vrystelling van BTW op boeke (veral of ten minste op skoolhandboeke) om sodoende boekpryse te verlaag en daardeur die regering se verbintenis tot die opheffing van ongeletterdheid te bewys. Stephen Johnson, hoof van Random House Suid-Afrika, beskryf dit as “absurd dat die staat belasting op homself hef [aangesien die regering] die grootste aankoper van skoolhandboeke [is]” (aangehaal in Nieuwoudt, 2003a:11). Van Rooyen (2005:322) sluit hierby aan wanneer hy dit as gek beskryf dat een regeringsdepartement (die Departement van Onderwys) BTW moet oorbetaal aan ’n ander regeringsdepartement (die Departement van Finansies). PASA het reeds sedert die 1990’s argumente vir die afskaffing van BTW op boeke aangevoer en die Campaign Against Reader Exploitation (CARE) het op Wêreldboekedag 2003 ’n versoekskrif vir dié afskaffing opgestel (Nieuwoudt, 2003a:11).

Ondanks hierdie pogings en ten spyte daarvan dat die regering self ook bekommerd is oor die hoë pryse van boeke en ander opvoedkundige materiaal, oorweeg die Minister van Finansies dit nie om boeke van BTW vry te stel nie. Volgens Manual ondermyn BTW-vrystelling die belastinggrondslag omdat ander belastings daardeur verhoog moet word. Dit is ook nie volgens hom die beste manier om behoeftiges te help nie omdat laer-inkomste huishoudings minder op boeke en opvoeding spandeer as hoë-inkomste huishoudings. ’n Peiling deur Statistiek Suid-Afrika gedurende 2000 toon aan dat die armste 20% van die bevolking 0,1% van hulle inkomste aan boeke en 1,5% aan opvoeding spandeer; terwyl die rykste 20% onderskeidelik 0,8% en 3,2% spandeer. Een van die primêre redes wat dus deur Manual aangevoer word teen die BTW-vrystelling is dat dit nie sal strook met die regering se strewe om ongelykhede op te hef nie, dit sal produsente en ryker verbruikers meer bevoordeel (Leuvennik, 2003:6).

(d) Handelsterme in die boekuitgewerybedryf

'n Verdere ekonomiese faktor wat in direkte verband met die verspreidings- en afleweringfase van die uitgeesisteam staan en ook die prys van boeke beïnvloed, is die handelsterme wat in die boekuitgewerybedryf geld. Suid-Afrikaanse uitgewerye gee in die algemeen 33,3% handelskorting vir verkope aan die algemene handel (boeke wat in boekwinkels verkoop word). Betaling word gewoonlik vasgestel op 60 dae na die faktuurdatum. Handelskorting aan die CNA is gemiddeld 45% afhangende van die grootte van die bestelling, bestellings tussen 3 000 en 4 000 eksemplare word teen 50% korting verkoop. Alle fiksiepublikasies word op 'n verkoop-en-terugversendingsbasis aan boekhandelaars gelewer, maar volgens 'n glyskaal van byvoorbeeld 50% eenmalige aankope (wat nie teruggestuur kan word nie) en 50% verkoop-en-terugversending. Die periode waarin terugversending aanvaar word, is gewoonlik twee tot ses maande vir nuwe fiksietitels en die standaard van drie maande vir ander fiksietitels (GPI, 2001:64). Die handelskorting vir bestellings deur die boekklub Leserskring is gemiddeld 68% en kan selfs so hoog as 72% wees wanneer die publikasie as 'n hoofkeuse of kroonboek deur Leserskring bemark word (Van Rooyen, 2005:307). Outeurs is dikwels ongelukkig oor die verdienste wat hulle ontvang vir boeke wat teen dié hoë kortings verkoop word (vergelyk byvoorbeeld Goosen aangehaal in Fourie, 2004:214-215). Breytenbach (2003) verduidelik dat outeurs wel 'n keuse het dat hulle boeke nie deur Leserskring bemark word nie. Ten spyte van dié hoë kortings bly dit vir uitgewerye lonend om aan Leserskring te verkoop deurdat dit dikwels 'n groter oplaag moontlik maak; en selfs in sommige gevalle tot 'n positiewe uitgeebeslissing aanleiding gee wat nie sonder die Leserskring-bestelling moontlik sou wees nie.

(e) Vaslegging van die verkoopprijs van boeke

Nog 'n ekonomiese faktor wat die uitgeesisteam beïnvloed, is die vaslegging van die verkoopprijs van boeke. Anders as in byvoorbeeld Spanje, Frankryk, Griekeland, Oostenryk, Portugal, Italië, Denemarke, Duitsland en wetlik sedert 1 Januarie 2005 in Nederland (vergelyk Koninklijke Vereniging van het Boekenvak, 2005), bestaan daar geen vasgestelde pryse op boeke in Suid-Afrika nie. Uitgewerye bepaal 'n aanbevole

verkoopprys vir 'n boek, gebaseer op kosteberekeninge, maar uitgewers beskik oor geen mandaat om dié aanbevole prys op boekhandelaars af te dwing nie.

Onafhanklike boekwinkels en kleiner kettingwinkelgroepe verkoop gewoonlik teen die aanbevole pryse. Exclusive Books en CNA verhoog of verlaag soms die aanbevole prys. Die vlak van sielkundige prysblokkering (die maksimum prys wat kopers bereid is om te betaal) is ongeveer R100 vir 'n sagtebandboek (GPI, 2004:60).

3.4.3 Tegnologiese konteks

Gelyktydig met die politieke en ekonomiese transformasie in die breë maatskaplike konteks wat gedurende die 1990's en vroeë 2000's plaasgevind het, en wat die uitgesisteem beïnvloed het, het ook verskeie ontwikkelinge in die tegnologiese konteks plaasgevind, wat eweneens die uitgesisteem direk en minder direk raak. Tegnologiese ontwikkeling het 'n beduidende invloed op elkeen van die fases van die uitgeeproses in die kern van die uitgesisteem en het die uitgeeproses in sy geheel tot 'n groot mate vergemaklik, vereenvoudig en meer vaartbelyn gemaak. Dit is nie moontlik om binne die bestek van hierdie studie 'n volledige oorsig oor alle tegnologiese ontwikkeling te gee of om die impak daarvan op die produksie van Afrikaanse fiksie empiries aan te toon nie – dít sou 'n omvangryke ondersoek op sy eie regverdig. In hierdie afdeling word gefokus op 'n oorsigtelike aanduiding van ontwikkelinge en verskuiwings in die tegnologiese konteks. Waar moontlik word die direkte impak op die produksie van Afrikaanse fiksie aangedui, op ander plekke word na die invloed op die uitgeeproses en uitgewerybedryf in die algemeen verwys, waarby die indirekte impak op (ook) Afrikaanse fiksie geïmpliseer word.

3.4.3.1 Die impak van tegnologie op die totstandkoming en ontwikkeling van die boekuitgewerybedryf – 'n beknopte historiese oorsig

Die voortdurende ontwikkeling in tegnologie het deur die eeue 'n beduidende invloed op die boekuitgewerybedryf gehad – trouens, dit het tot die ontstaan van 'n kommersiële boekuitgewerybedryf gelei. Deur antieke tegnologiese ontwikkeling het die medium vir die vaslegging van inligting (vanaf orale oorvertelling na beelde, boodskappe, inskripsies en later die ontwikkeling van skrif (15,000 – 10,000 v.C.),

alfabette en teks) gevorder vanaf steen en rots tot papyrus, perkament en later papier. Papyrusrolle en perkamentrolle as die draers van inligting is later geleidelik, sedert reeds 680 n.C., met boeke vervang – boeke het dus ’n geskiedenis van 2000 jaar. Deur die verloop van die Middeleeue (tot ongeveer 1450) is boeke met die hand geskryf en geïllustreer en die reproduksie daarvan was ’n tydsame proses wat hoofsaaklik deur skribas in kloosters gedoen is. Kennis het beperk gebly tot ’n uitgesoekte adellike elite en die verspreiding van inligting was tydsam en gekoppel aan die klassestelsel van die tyd.

Dit was die monumentale tegnologiese ontwikkeling van setbare letters uit lood deur Johannes Gutenberg en Peter Schöffer wat gelei het tot ’n semi-meganiese reproduksieproses en die eerste gedrukte boek in Europa, die Gutenberg Bybel, in 1445. Skielik kon meer as een eksemplaar meganies geproduseer word, wat ’n revolusie in inligtingsverspreiding tot gevolg gehad het en die aanbreek van ’n kommersiële boekuitgewerybedryf beteken het. Met die aanbreek van die industriële revolusie aan die begin van die 19de eeu is die setproses en drukproses toenemend gemeganiseer, wat gelei het tot die stoomaangedrewe drukpers in 1811 en die vervanging van setwerk per hand met die eerste setmasjien in 1886. Die uitwerking van hierdie industriële ontwikkelinge het ’n uitbarsting van grafiese materiaal en geweldige groei van die boekuitgewerybedryf tot gevolg gehad. Die ontstaan van fotografie in die 1820’s en die geleidelike ontwikkeling daarvan het dit teen die 1970’s moontlik gemaak om die meganiese setproses en reproduksieproses na ’n fotografiese proses om te skakel.

Die digitale revolusie sedert die laat 1980’s, met die invoering van rekenaar-tegnologie, het die reproduksieproses en drukproses toenemend gedigitiseer en die fotografiese proses vervang. Gedurende die 1990’s het die ontwikkeling in inligtingstegnologie die hele uitgeeproses van gedrukte produkte omvorm. Die invloedrykste tegnologiese ontwikkeling sedert die 1990’s wat die uitgewerybedryf beïnvloed het, was die aanvang van elektroniese uitgee. (Die feite vir hierdie beknopte historiese oorsig is afkomstig uit Venter, 2004b; Schlatter, 2005 en Meggs, 1998)

3.4.3.2 Die impak van die beskikbaarheid van elektroniese programmatuur op die uitgeeproses

Die beskikbaarheid van elektroniese programmatuur, as uitvloeisel van die wêreldwye digitale revolusie, het ook hier te lande omwentelinge tydens die genererings-, produksie-, verspreidings- en afleweringfases van die uitgeeproses tot gevolg gehad. Daarvóór het skrywers manuskripte met die hand en met behulp van tikmasjiene voorberei en grafiese ontwerpers het met behulp van konvensionele kunstegnieke ontwerpe voorberei wat later gefotografeer is om daardeur films te maak wat nodig was vir reproduksie en die litografiese drukproses (Venter, 2004b; Van Zyl, 2001e).

Die beskikbaarheid van meer gebruikersvriendelike koppelvlakke (byvoorbeeld Microsoft Windows) het gebruikers wat oor geen kennis van programmeertale (byvoorbeeld Dos) beskik nie, toenemend toegang tot persoonlike rekenars en die benutting daarvan vir alledaagse administratiewe take gebied – op weg na die sogenaamde “papierlose kantoor”, wat ’n modewoord gedurende die 1990’s geword het. ’n Verdere ontwikkeling wat hiertoe bygedra het was die beskikbaarstelling van die Microsoft Office produkreeks wat programme vir verskeie algemene administratiewe funksies soos woordverwerking (MS Word), finansiële berekeninge in sigblaai (MS Excel), die opstel en gebruik van databasisse (MS Access) en die aanbieding van voorleggings (MS PowerPoint) insluit. Die beskikbaarheid van tegnologie soos hierdie programmatuur het die navorsingsproses en skryfproses vir skrywers aansienlik vergemaklik. Enkele voorbeelde is die knip-en-plak funksie van woordverwerkingsprogrammatuur, wat die oortik van groot gedeeltes teks vervang het en besparings in terme van tyd en moeite inhou tydens die herstrukturering van teks; en speltoetsers wat spelfoute en (in ’n mate) grammatikale foute aandui (Meyer, 2000).

Elektroniese grafiese ontwerp en multimedia programmatuur het beskikbaar geraak wat die grafiese en multimedia ontwerper se funksies aansienlik vergemaklik en bespoedig het deurdat die verskeie grafiese elemente van ’n ontwerp elektronies op rekenaar gegenereer, gemanipuleer en gekombineer kon word. Dit sluit ontwerp-sagteware soos byvoorbeeld Quark Xpress en Adobe InDesign (die bedryfstandaard verskuif tans vanaf eersgenoemde na laasgenoemde); sagteware vir die manipulasie

van foto's soos Adobe Photoshop; en ander sagteware soos Macromedia Dreamweaver vir die ontwerp van webblaaie, Flash vir animasie en multimedia-ontwerp en Freehand vir die generering van vryhand beelde in (Chagnon, 2002). Programmatuur vir “desktop publishing” (DTP), byvoorbeeld Adobe PageMaker en Microsoft Publisher, het sedert die vroeë 1990's meer gereedelik beskikbaar geraak, met die gevolg dat outeurs wat hulle publikasies self-uitgee toenemend, sonder die insette van professionele ontwerpers en uitgewers, in staat gestel is om relatief versorgde publikasies te produseer (Schlatter, 2005:1-2).

Die beskikbaarheid van gespesialiseerde bedryfstelsels sedert die 1990's, soos byvoorbeeld Bookmaster (wat tans deur die meerderheid groot Suid-Afrikaanse uitgewerye, hulle verspreidingsagentskappe en pakhuis gebruik word), het die geïntegreerde bestuur van voorraadvlakke, bestellings, verkope en fakturering moontlik gemaak. Dit het die funksie van administratiewe kontrole oor die verspreidings- en afleweringse fase van die uitgeeproses aansienlik vergemaklik en die integrasie van uitgewerye en hulle verspreiders se voorraadstelsels en finansiële beheerstelsels moontlik gemaak (On the Dot Distribusie, 2005 en Nel, 2002b). Hierdie soort bedryfstelsel koppel uitgewerye, pakhuis en verspreiders met mekaar deur netwerke en het talle voordele vir die verskeie rolspelers in die sisteem (sien ook 5.3).

3.4.3.3 Die impak van die ontwikkeling in reproduksie en druktegnologie op die uitgeeproses

Die digitale revolusie het ook versnelde ontwikkeling in reproduksie en druktegnologie ingelei wat die produksiefase toenemend gedigitiseer het. “Computer-to-plate” tegnologie skakel die maak van films uit, terwyl “computer-to-press” beide films en drukplate uitskakel. Dit lei tot variasies op die tradisionele (litografiese) drukproses, soos byvoorbeeld direkte druk vanaf 'n rekenaar of elektroniese lêers waarvan direk drukplate uitgespeel word (Schlatter, 2005:5). Die uitskakeling van films en plate tydens die reproduksieproses (tydens die produksiefase van die uitgeesisteem) het onder meer besparing in terme van koste en tyd tot gevolg. Hannes

van Zyl (2001b) verduidelik tereg dat dit, as gevolg van tegnologiese ontwikkeling, toenemend goedkoper raak om boeke te produseer.

Die beskikbaarmaking van druk-op-aanvraag tegnologie sedert die laat 1990's, wat van 'n digitale drukproses gebruik gemaak, het die druk van kleiner opklare gerig op nismarkte moontlik gemaak. Tradisionele oorwegings wat te doen het met die ekonomie van druk (die beginsel dat die eenheidskoste vir druk, die drukkoste per eksemplaar, goedkoper raak hoe hoër die drukopklare is en gevolglik die prys beïnvloed) behoort dus teoreties in 'n mindere mate 'n rol in die neem van uitgeebeslissings te speel. Hierdie ontwikkeling het 'n belangrike implikasie vir die produksie van Afrikaanse fiksie waar daar vir sekere produksiekategorieë, soos byvoorbeeld poësie, 'n klein beperkte mark bestaan. 'n Elektroniese uitgewery soos African Sun Media en die diensverskaffer Content Solutions kan publikasies in hulle katalogus druk soos wat die vraag daarna ontstaan en die grootte van die mark speel dus 'n kleiner rol in uitgeebeslissings as by uitgewerye van gedrukte publikasies (Jankowitz, 2002, Willemsse, 2002b). Schlatter (2005:6) verduidelik egter dat digitale drukwerk steeds baie duur is en dat dit slegs ekonomies voordelig is vir opklare van minder as 500 eksemplare. Druk-op-aanvraag tegnologie is dus nog nie in so 'n mate koste-effektief dat dit vir groot kommersiële uitgewerye (wat gewoonlik publikasies met 'n opklare van veel meer as 500 eksemplare uitgee) die uitgee van nismarkpublikasies moontlik maak nie. Dit het wel 'n invloed op kleiner onafhanklike uitgewerye wat in nismarkpublikasies spesialiseer. Dit het egter tot dusver nog nie 'n beduidende impak op die produksie van Afrikaanse fiksie gehad nie. Daar behoort in toekomstige navorsing empiriese gevallestudies onderneem te word na die impak van ontwikkeling in druktegnologie op die produksie van Afrikaanse fiksie.

3.4.3.4 Die impak van die beskikbaarheid van elektroniese pos op die uitgeeproses

Soos wat die wêreldwye web meer in gebruik geraak het (sien 3.4.3.5), het die gebruik van elektroniese pos ook toegeneem. Dit vergemaklik onder andere kommunikasie, die uitruil van inligting en versending van elektroniese lêers tussen die verskillende rolspelers in die verskeie fases van die uitgeeproses. Kommunikasie per

e-pos verbreek geografiese grense en hou voordele in terme van besparing van tyd en koste in (Meyer, 2000; Hambidge, 2000). 'n Enkele voorbeeld van die impak op die uitgesisteam is dat 'n redakteur in Gauteng byvoorbeeld onmiddellike toegang tot 'n ontwerper in Kaapstad het en teks en grafiese lêers kan heen en weer versend word; en vanaf die grafiese ontwerper kan die finale uitleglêer na die reproduksiehuis en drukker versend word – sonder enige persoonlike kontak of hoë koerierkoste. Baie groot elektroniese lêers, wat nie maklik deur e-pos versend kan word nie, word deesdae versend na FTP-bedieners wat wel groter lêers kan hanteer.

3.4.3.5 Die beskikbaarheid en gebruik van digitale en elektroniese media, die Internet en die WWW

Volgens Graham (aangehaal in Van Heerden, 2001b) is die Internet 'n sisteem wat vir elektroniese kommunikasie daargestel is, terwyl die WWW (wêreldwye web) 'n manier is om digitale inligting te verwerk en aan te bied. Die WWW het weens die snelle toename in webwerwe die Internet toenemend begin domineer en die voordele van die Internet uit die hande van 'n handvol geesdriftiges na 'n baie groter arena geneem. Meyer (2000) wys ook op die trefwydte van die begrip Internet: volgens hom verwys dit vir nuwelinge in dié domein na die koppelvlak van grafika, teks en klikbare skakels van die wêreldwye web en na elektroniese pos; vir ander soos netwerkadministrateurs sluit dit ook bedienerrekenaars, IP-adresse, vuurmuur-sekuriteit en lynspoed in.

Die toetrede tot elektroniese uitgee, as 'n uitstaande kenmerk van transformasie van die breër uitgesisteam sedert die 1990's, is direk verbind aan ontwikkeling in telekommunikasienetwerke en die toenemende toeganklikheid tot die Internet in Suid-Afrika (hierdeur bestaan daar 'n verband tussen die voorsiening van telekommunikasienetwerke deur die Departement van Kommunikasie as deel van die politieke subsisteam en die tegnologiese subsisteam). Die Departement van Kommunikasie beraam in 2000 dat 30% van die wêreld se ekonomiese groei te danke is aan inligtingstegnologie (IT), dat besteding op IT verhoog het vanaf 5,4% van Suid-Afrika se Bruto Binnelandse Produk (BBP) in 1995 tot 6,9% in 2000, dat Suid-Afrika vierde in die wêreld is met persoonlike rekenaars wat aan netwerke gekoppel is en agtiende

in die wêreld met Internet-bediens vir webwerwe (Kromberg, 2000: 276). Volgens die GPI-verslag (2001:11) is Suid-Afrika drie-en-twintigste in die wêreld wat ontwikkeling in telekommunikasie betref en sewentiende wat gebruik van die Internet betref; Suid-Afrika beskik oor ongeveer 5,3 miljoen geïnstalleerde telefone en 4,3 miljoen telefoonlyne wat inligting kan ontvang en kan stuur. Die tweede GPI-verslag (2004:58) stel dit dat elektroniese uitgee in Suid-Afrika nog in kinderskoene staan as gevolg van die tekort aan toegang tot inligtingstechnologie onder groot getalle van die bevolking – veral voorheen gemarginaliseerdes in afgeleë gebiede het geen toegang tot rekenars nie – waardeur die sogenaamde digitale kloof ontstaan (daar bestaan dus ’n verband tussen die maatskaplike uitdagings as deel van die politieke subsisteem en die moontlikheid om tegnologiese ontwikkeling te benut).

In Maart 1997 was daar 154 000 gebruikers van die Internet, wat meestal gebruikers ingesluit het wat vanaf hulle huise toegang tot die Internet verkry; teen Maart 1998 het dit gegroei tot 240 000 gebruikers; in 1999 het die groeikoers afgeneem, maar teen Mei 2000 het die getal gebruikers toegeneem tot 1,8 miljoen (Kromberg, 2000:265). Die Online Publishers’ Association (OPA) bevind dat daar gedurende Augustus 2004 3,5 miljoen unieke gebruikers van die Suid-Afrikaanse aanlyn-uitgewerybedryf was, wat 106 miljoen bladsye onttrek het (en dit verteenwoordig slegs gebruikers van die 14 top Internet-diensverskaffers en elektroniese uitgewerye in die land). 59% van die gebruikers was manlik en 41% vroulik. 57% van die gebruikers verkry Internet-toegang vanaf hulle werk en 33% besoek die Internet vanuit hulle huise. 64% beskik oor ’n tersiêre kwalifikasie en 20% maak deel uit van die hoogste inkomstegroep (jaarlikse huishoudelike inkomste van R400 000 of meer). Die meeste Internet-gebruikers is gesetel in Johannesburg (24%), gevolg deur Kaapstad (15%), Pretoria (10%) en Durban (6%). 21% maak van Suid-Afrikaanse aanlyn-uitgeweryprodukte vanuit die buiteland gebruik – teen Augustus 2004 bestaan daar dus ten minste 2,7 miljoen Suid-Afrikaanse Internet-gebruikers (Online Publishers’ Association, 2004).

Volgens die *Publishers Weekly* (aangehaal in Kromberg, 2000:268) het groot multinasionale uitgewerye sedert 1998 toenemend die moontlikhede van die Internet en elektroniese media begin ondersoek, vóór 1998 het baie uitgewerye ’n houding van “wag-en-kyk” ingeneem ten opsigte van hulle toetreding tot die Internet en elektroniese uitgee. Die jaar 1998 was ook vir die Suid-Afrikaanse multinasionale mediamaat-

skappy Naspers (wat tradisioneel sterk belange in gedrukte media, die uitgee van boeke, koerante en tydskrifte, gehad het) ’n baken in hulle toetrede tot die elektroniese media en elektroniese uitgee. Naspers het in 1998 onder andere die Internet portaal 24.com, die Internet-diensverskaffer M-Web, die elektroniese handelaar Kalahari.net en digitale satelliettelevisie (DSTV), as uitbreiding op analoog televisie in die vorm van M-Net geloods (Naspers, 2005b). Sedertdien het Naspers toenemend in elektroniese media geïnvesteer en streef hulle daarna om die grootste rolspeler in die elektroniese uitgemeer in Suid-Afrika te wees. Naspers skep veral geleenthede in die elektroniese domein deur die samesmelting van verskillende media en sektore, soos byvoorbeeld deur die ontwikkeling van ’n webteenwoordigheid vir al hulle koerante en tydskrifte, interaktiewe televisie en M-Web Leerhulp Aanlyn wat aanlyn-hulp aan leerders verskaf (GPI, 2004:37,58). Die noemenswaardigste Suid-Afrikaanse sukses van aanlyn-uitgeweryprodukte deur tradisionele boekuitgewerye tot dusver was op die gebied van regstekste – ’n voorbeeld is Juta se elektroniese regsdatabasis wat verkope van R20 miljoen in 2003 gegenerer het (GPI, 2004:58-59).

3.4.3.6 Toetrede tot vorme van digitale en elektroniese uitgee van Afrikaanse fiksie

Die toetrede deur uitgewerye van (ook) Afrikaanse fiksie tot vorme van digitale en elektroniese uitgee en die benutting van verskeie digitale en elektroniese publikasieplatforms en verpakkingsformate (soos webwerwe, CD’s, e-boeke en CD-ROM’s) het ’n invloed gehad op die onderskeie fases van die uitgeeproses binne die uitgesistiem. Van Zyl (2001c), voormalige hoofbestuurder van NB-Uitgewers, beskou die opkoms van elektroniese uitgee as een van die belangrikste tendense wat sedert die laat 1990’s ’n invloed op die uitgewerybedryf hier te lande het. Hy is van mening dat die elektroniese omgewing besig is om uit te brei en dat die uitgee van elektroniese Afrikaanse tekste die druk waaronder Afrikaanse fiksie tans verkeer, kan verlig. Volgens Van Zyl (2001c) spits NB-Uitgewers hom veral toe op die uitgee van strategiese produkte wat tot groei sal lei en hy voorspel ’n toename in die uitgee van elektroniese publikasies in alle leerareas en opvoedkundige materiaal. Die toetrede tot digitale en elektroniese uitgee en die invloed daarvan op die uitgesistiem van Afrikaanse fiksie kan beskryf word aan die hand van die tipologie wat in hierdie

afdeling bespreek word. Die toetreding tot digitale en elektroniese uitgee het nie chronologies verloop nie, maar die fases in die tipologie is parallel deur mekaar beïnvloed en het tot mekaar aanleiding gegee. Sommige fases van toetreding word hoofsaaklik gekenmerk deur die uitgee van Afrikaanse literatuurwetenskaplike vakliteratuur in elektroniese formaat en nie deur Afrikaanse fiksie nie; beide Afrikaanse fiksiepublikasies en vakliteratuur word egter in hierdie afdeling betrek omdat dit 'n aanduiding van toetreding tot verskeie vorme van elektroniese uitgee gee.

Die eerste fase van toetreding tot die elektroniese omgewing deur uitgewerij van (ook) Afrikaanse fiksie, was **die vestiging van korporatiewe webwerwe op die Internet** as deel van hulle korporatiewe identiteite (dus 'n verband tussen die tegnologiese sub sisteem en die bemarkingsfase van die uitgeesisteem). Die uitgewerij wat nou deel vorm van NB-Uitgewers (sien 4.3.1) was die eerste Afrikaanse uitgewerij wat sedert 1999 'n korporatiewe Internet-identiteit gevestig het (Venter, 2002:6-8). Onafhanklike uitgewerij, soos byvoorbeeld Praag (sedert 2001), Protea Boekhuis (sedert 2002), LAPA-Uitgewers (sedert 2003) en Genugtig! (sedert 2004) het eers later webwerwe ontwikkel, terwyl ander kleiner uitgewerij soos BENT, Suider-Kollege, Fenomeen, Litera, Hermes, en Hemel & See steeds nie oor 'n korporatiewe Internet-identiteit beskik nie.

Die webwerwe van hierdie Afrikaanse uitgewerij is gestruktureer om inligting te verskaf oor hulle uitgeefilosofie, riglyne aan skrywers te bied vir die voorlegging van manuskripte, elektroniese weergawes van katalogusse te huisves en profiele (kort biografiese inligting) van die outeurs wie se publikasies hulle uitgee, te bied. Die webwerwe word hoofsaaklik ingespan om nuwe publikasies aan te kondig en slegs titels wat in druk is, word vermeld (Venter, 2002:6-8). Die voordele van 'n elektroniese publikasieforum van hierdie formaat, is nog nie maksimaal deur hierdie uitgewerij benut nie: daar bestaan byvoorbeeld geen skakeling met 'n soekbare databasis waaruit gebruikers meer volledige inligting oor publikasies of skrywers kan onttrek nie en skakeling na onderhoude en resensies van die uitgewerij se publikasies wat in ander elektroniese media verskyn het (byvoorbeeld op *LitNet*, *Boekwurm* of die argiewe van Media24), is nie beskikbaar nie. Geen gratis inligting wat kan lei tot gereelde besoeke deur gebruikers (soos byvoorbeeld uittreksels uit publikasies wat nuttig kan wees vir bemarking) word verskaf nie. Human & Rousseau se webwerf het

voorheen 'n uittrekselblad beskikbaar gehad, waar byvoorbeeld die alternatiewe, uitgebreide hoofstuk van André P. Brink se *Donkermaan* en 'n uittreksel uit Koos A. Kombuis se *Seks, drugs en boeremusiek* beskikbaar gestel is (Venter, 2002:7). Kromberg (2001:270) beskou hierdie tipe lokmiddels wat deur die elektroniese media beskikbaar gemaak is, as uitstekende hulpmiddels vir die bemaking van tradisionele (gedrukte) produkte. Ná die samevoeging van NB-Uitgewers se webwerwe is egter geen uittreksels meer beskikbaar nie (De Wet, 2003:313). (Sien De Wet, 2003:309-314 vir 'n kritiese evaluering van die tegniese versorging en benutting van webwerwe deur Afrikaanse uitgewerye en Kalahari.net – die inligting het intussen ietwat gedateer.)

Daar bestaan wel uitsonderings waar Afrikaanse uitgewerye hulle webwerwe meer doeltreffend benut. Onder die webwerwe van NB-Uitgewers is die werf van Pharos Woordeboeke, wat in 2003 in samewerking met Media24 die subwerf *Skryf Afrikaans* geloods het, een só uitsondering. Dit is 'n vangnet op die Internet vir nuwe woorde en terme wat nie reeds in Afrikaanse verklarende of vertalende woordeboeke opgeneem is nie. Die aanlyn-leksikons word maandeliks bygewerk om as aanvulling van reeds gepubliseerde taalkundige naslaanbronne te dien. Dit dien ook as 'n versamelpunt vir nuus oor woordeboeke en taalhulpmiddels, taalartikels, resensies, skakels na taalwerwe en taalhulpmiddels elders op die Internet, asook nuus oor datums en gebeure wat met die taalpraktyk verband hou. Die ander webwerwe van NB-Uitgewers bied geen sodanige vangnet-funksie vir gebeure rondom die letterkunde en boeke nie. Pharos Woordeboeke se werf is die enigste onder NB-Uitgewers wat resensies en artikels oor hulle publikasies argiveer, terwyl die NB-portaal al vir 'n geruimte tyd geen artikels onder die artikels-ruimte beskikbaar het nie (Pharos, 2005; NB-Uitgewers, 2005b). In 2003 het NB-Uitgewers aangekondig dat hulle vanaf 2004 'n tweemaandelikse elektroniese nuusbrief aan skrywers, ander medewerkers en belangstellendes wil stuur om nuwe publikasies aan te kondig en boekenuus te deel (NB-Uitgewers, 2005c).

Protea Boekhuis se webwerf lewer 'n bydrae tot die algemene sigbaarheid en gesprek oor boeke deur 'n gereelde nuusbrief per e-pos aan gebruikers te versend en op die werf beskikbaar te maak. In die nuusbrief, waarvan reeds 96 uitgawes verskyn het, word nuwe publikasies (nie slegs publikasies van Protea nie, maar publikasies van alle

uitgewerye) aangekondig en boekenuus word gedeel. Daar verskyn 'n kalender op die werf waarin optredes deur skrywers aangekondig word, die sogenaamde “Boekpraatjies” wat weekliks op Saterdag by Protea boekwinkel op Stellenbosch plaasvind. Die werf bevat ook 'n fotogalery met foto's van boekbekendstellings (Protea Boekhuis, 2005). Praag se webwerf bevat 'n groot hoeveelheid inligting oor die aktiwiteite van hierdie aksiegroep in die vorm van onder meer opstelle, rubrieke, mediaverklarings en 'n gespreksforum. Die Boekwinkel-afdeling van die webwerf, wat direk op die uitgewery-komponent van Praag gerig is, vervul egter slegs die basiese funksie van bekendmaking van titels (Praag, 2005b). Genugtig! se webwerf gee inligting oor die resepsie van hulle publikasies deur resensies daarvan en uitsprake in die media daaroor op die werf beskikbaar te maak en dit bevat ook die rubriek “Terloops...” deur Jeanne Goosen, wat gebruikers na die werf lok (Genugtig!, 2005). Op die tuisblad van LAPA-Uitgewers se webwerf verskyn kort artikels waarin boekenuus verskaf word (LAPA, 2005).

Die mate waartoe Afrikaanse uitgewerye van e-handel op hulle webwerwe gebruik maak, word in 3.4.3.8 hieronder bespreek.

'n Volgende fase van toetreding tot 'n vorm van elektroniese uitgee was **die gebruik van die Internet vir die generering van inhoud** vir eksperimentele publikasies, wat in finale vorm in gedrukte formaat uitgegee is (dus 'n verband tussen die tegnologiese subsisteem en die genereringsfase van die uitgeesisteem). Hierdeur is die moontlikhede van die elektroniese media met betrekking tot die generering van inhoud, interaktiewe betrokkenheid tussen skrywers en gebruikers en die vernuwende aanbieding van tradisionele genres ondersoek (Venter, 2002:8-9). Die proses wat tydens die genereringsfase van die volgende publikasies gevolg is, dien as voorbeelde van hierdie fase:

- *Die rooi roman – 'n webroman* (Human & Rousseau, 1999) is in samewerking met die Internet-diensverskaffer M-Web gegenereer. Aspirant-skrywers is genooi om saam te skryf aan 'n roman op die Internet en daardeur is die konsep van versplinterde outeurskap getoets (Botha & Van Heerden, 1999a; Van Heerden, 2001b; Hambidge, 2000). Na 'n jaar se ontwikkeling op die webblad is die voltooië publikasie, waarby 'n slothoofstuk ingesluit is wat nie op die webblad ontwikkel is nie, in gedrukte formaat gepubliseer (Botha &

Van Heerden, 1999b). De Wet (2003:315) is krities oor die tipering van hierdie publikasie as 'n interaktiewe roman omdat die proses waardeur dit gegenerereer is volgens haar ook op papier en deur pos kon geskied.

- *Hulle het ons eeu gevorm – Invloedrykste Suid-Afrikaners van die twintigste eeu* (Human & Rousseau, 1999) is op 'n demokratiese wyse saamgestel deur Internet-gebruikers by wyse van 'n opiniepeiling op news24.com te betrek by die samestellingsproses van die publikasie. Gebruikers kon stem vir die eerste honderd invloedrykste persone na aanleiding van 'n lys van 120 name en ook ander persone benoem waardeur die insluiting van profiele by die bundel bepaal is (Breytenbach *et al*, 1999b). Die skryfproses het egter nie op die Internet plaasgevind nie.
- *Briewe deur die lug – LitNet-skrywersberaad 2000* (Tafelberg, 2001) is die gebundelde referate in gedrukte formaat van die eerste Afrikaanse skrywersberaad op die Internet wat deur die Afrikaanse elektroniese tydskrif *LitNet* in 2000 aangebied is (Van Heerden, 2001a). Die referate is beskikbaar gestel op *LitNet* en gebruikers kon kommentaar daarop lewer en is ook later by wyse van 'n kompetisie uitgenooi om 'n titel vir die gedrukte bundel voor te stel (Van Heerden, 2000).
- *Die omstrede God – Bestaan God of nie?* (Rapid Access Publishers / African Sun Media, 2004) het tot stand gekom na aanleiding van die sogenaamde God-debat wat vir vyf maande op *LitNet* se briewekolom *SêNet* gevoer is nadat ene Paul op 14 November 2002 die oënskynlik onskuldige stelling, “Dis beter om te glo as om nie te glo nie”, gemaak het. Die boek het gepoog om in 'n gedrukte weergawe die gesprek “oor God se bestaan al dan nie, oor die aard van geloof, oor die kerk se geloofwaardigheid, oor die Bybel se legitimiteit” te dokumenteer deur die hoofemas wat in die debat na vore gekom het daarin te karteer (Van Heerden, 2003; Van Heerden, Grundling & Mollett, 2004).

'n Derde fase van toetrede deur uitgewerye van (ook) Afrikaanse fiksie tot 'n vorm van elektroniese uitgee was **die oorskakeling van bestaande publikasies in gedrukte formaat na digitale of elektroniese formaat** en die saambondeling van sulke publikasies.

Pharos Woordeboeke het met twee Afrikaanse publikasies tot hierdie fase van elektroniese uitgee toegetree. *Pharos Woordeboeke / Dictionaries 5-in-1* (Pharos, 2000) bondel vyf taalkundige naslaanbronne (verklarende woordeboeke, tweetalige woordeboeke en 'n tesourus), wat reeds in gedrukte formaat bestaan het, saam op CD-ROM. Dit maak gebruik van Logos Library Systems se inligtingstelsel en soekplatform waardeur elektroniese skakeling tussen die afsonderlike bronne en elektroniese soektogte moontlik gemaak word – die voordeel daarvan vir die gebruiker lê in die moontlikheid van soektogte wat nie met die afsonderlike gedrukte publikasies moontlik is nie (Venter, 2002:10-11). *Pharos Speller: Speltoetser en Woordafbreker vir Afrikaans* (Pharos, 2000) korrigeer spelling en maak aanbevelings vir die afbreek van woorde in al die onderdele van die Microsoft Office 97 & 2000 produkreeks (in 2004 het 'n opgedateerde weergawe verskyn).

Human & Rousseau se verdere toetrede tot elektroniese uitgee was die hersamestelling van bestaande tekste (gedigte uit verskillende digbundels) en die omskakeling daarvan na digitale formaat, in samewerking met die platemaatskappy Rhythm Records. Hulle gee drie digitale poësie CD's uit wat verpak is in klein hardebandboekies waarin die tekste ook afgedruk is: *Mondmusiek* (Human & Rousseau, 2001) en *Lady One* (Human & Rousseau, 2002) waarop Breyten Breytenbach sy gedigte voordra teen die agtergrond van musikale inkleding en *Ligdag* (Human & Rousseau, 2003) waarop Laurinda Hofmeyr musikale verwerkings van bekende gedigte sing (Venter, 2002:11).

Tafelberg tree verder tot elektroniese uitgee toe deur die publisering van *Verswêreld* (Tafelberg, 2001). Dit is die saambondeling van die bloemlesing *Groot Verseboek 2000*, die literatuurgeskiedenis *Perspektief & Profiel Dele 1 & 2* in gedrukte formaat en die foto-essay van bekende Kaapse skrywers *Boekmense* op CD-ROM; dit sluit ook digitale snitte van voorlesings van gedigte deur digters in. Dit maak van Logos Library Systems se inligtingstelsel en soekplatform gebruik en vorm deel van 'n elektroniese biblioteek binne dié inligtingstelsel wanneer dit saam met ander Logos produkte op 'n gebruiker se rekenaar geïnstalleer word. Die voordeel daarvan lê in die vermoë om soektogte wat tydrowend of onmoontlik met die gedrukte weergawes was, moontlik te maak – dit kan veral vir navorsers van groot hulp wees (Barnard, soos aangehaal in Kitching, 2001:2; Venter, 2001b).

ContentLot.com gee twee soortgelyke publikasies uit wat ook deel van hierdie fase vorm. *Versalbum* (ContentLot.com, 2001) is die saambondeling van elf bundels van Daniel Hugo se poësie oeuvre op CD-ROM, tesame met 'n foto-versameling, biografiese inligting oor die digter, literêre opstelle en 79 digitale opnames van voorlesings deur Hugo. *CJ Langenhoven: 'n Versameling* (ContentLot.com, 2002) is die saambondeling van CJ Langenhoven se *Versamelde Werke* en Kannemeyer se biografie *Langenhoven – 'n lewe* op CD-ROM. Dié twee publikasies maak gebruik van die NextPage Folio inligtingstelsel wat afsonderlike produkte in 'n elektroniese biblioteek op die gebruiker se rekenaar versamel en ook soekfasiliteite bied (Willemse, 2002b).

Toetrede tot **volwaardige elektroniese uitgee**, per definisie die uitgee van oorspronklike Afrikaanse fiksiepublikasies direk in elektroniese formaat, het eers in 2001 begin. Dit is moontlik gemaak deur die ontstaan van die eerste elektroniese uitgewery van (ook) Afrikaanse fiksie, ContentLot.com, in 2001 (sien 4.3.1.10). ContentLot.com het die volgende vyf nuwe Afrikaanse fiksiepublikasies in 2001 in (ook) elektroniese formaat uitgegee (Diedericks-Hugo, 2001, ContentLot.com, 2002, Willemse, 2002b):

- *Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het* deur Joan Hambidge is die eerste e-boek in Afrikaans en leesbaar met Microsoft Reader, dit is ook beskikbaar op 'n CD-ROM, wat dit saam met die twee eerste aflewings in die Sonja Verbeek-reeks (*Swart Koring* en *Swart Sluier* in gedrukte formaat) bondel. Dit is ook beskikbaar in gedrukte formaat deur druk-op-aanvraag.
- *Vyf liefdesverhale* is 'n liefdesverhaal-omnibus deur Helene de Kock wat bestaan uit vyf oorspronklike liefdesnovelles waarvan elk afsonderlik in e-boek formaat beskikbaar is (leesbaar met Microsoft Reader), asook saamgebondel op CD-ROM en ook in gedrukte formaat deur druk-op-aanvraag, asook digitale opnames van voorlesings van die novelles wat op CD beskikbaar is.
- *Brunch met twee* is 'n kortverhaalbundel deur Clinton V. du Plessis en Peter Snyders wat as e-boek of in gedrukte formaat beskikbaar is.
- *Chemiese glimlagte*, 'n debuutdigbundel deur Ettienne van Lille, is as e-boek of in gedrukte formaat deur druk-op-aanvraag beskikbaar.

- *e-rupsie / e-ruption* is 'n tweetalige versamelbundel van kortprosa en poësie wat tot stand gekom het deur die Verskroeiende Aarde-skrywerskompetsie wat deur ContentLot.com aangebied is. Dit is beskikbaar as e-boek of in gedrukte formaat deur druk-op-aanvraag.

Anton Jankowitz (2002), voormalige uitvoerende bestuurder van ContentLot.com, laat hom negatief uit oor die sukses van Afrikaanse fiksiepublikasies in e-boek formaat en verduidelik dat ContentLot.com op daardie stadium geen noemenswaardige suksesse in hierdie formaat behaal het nie. Hy beskou die konserwatiewe aard van die Afrikaanse lesersmark as 'n oorsaak hiervan aangesien dié mark volgens hom (nog) nie fiksie op skerm lees nie. Daar bestaan wel volgens hom 'n aanvraag vir Afrikaanse naslaanbronne en produkte wat as databasisse funksioneer en op CD-ROM verpak word. Ná die bogenoemde publikasies het daar geen verdere elektroniese Afrikaanse fiksiepublikasies deur ContentLot.com verskyn nie en die uitgewery-afdeling het doodgeloop (sien 4.3.1.10) – dit blyk dus inderdaad nie kommersieel lewensvatbaar te wees nie.

Met die ontstaan van die tweede elektroniese uitgewery van (ook) Afrikaanse fiksie, African Sun Media, die uitgewery van die Universiteit van Stellenbosch, in 2002 (sien 4.3.2) is nog 'n uitgeekanaal vir elektroniese Afrikaanse uitgeprodukte geskep. Soos die eertydse ContentLot.com is die meeste van hulle produkte in die eerste instansie elektronies, maar met die opsie dat gebruikers ook 'n gedrukte boek kan bestel (African Sun Media, 2005). Hulle het, wat Afrikaanse vakliteratuur betref, die huldigingsbundel *Hennie Aucamp – 'n skrywer by sonsopkoms* (saamgestel deur Lina Spies en Lucas Malan, 2004) uitgegee wat as 'n gedrukte boek, op CD-ROM en in PDF-formaat beskikbaar is.

De Wet (2003:314) wys daarop dat die ontwikkeling in tegnologie ook die aard en aanbod van literêre “vorme” beïnvloed, sogenaamde e-letterkunde wat deur die Nuwe Media moontlik gemaak word. Met ander woorde die ontwikkeling van e-tekste (soos byvoorbeeld aanlyn romans, e-poësie, hiperfiksie, outomaties gegenereerde / genererende teks) wat slegs in 'n elektroniese omgewing uitgegee kan word aangesien die teks steun op die moontlikhede van die elektronika (soos byvoorbeeld inter-aktiwiteit, grafika en klank) vir die lees en betekenis daarvan. Volgens Tosca &

Walker (aangehaal in De Wet, 2003:317) het die Nuwe Media en die verskillende soorte fiksiepublikasies wat deur digitaliteit ondersteun word, gedurende die afgelope dekade aansienlik gegroei in die internasionale arena – maar geen voorbeelde hiervan is nog in Afrikaans te bespeur nie.

3.4.3.7 Die beskikbaarheid van elektroniese verpakkingsformate soos e-joernale, e-koerante en e-tydskrifte en webgebaseerde platforms vir inligtingsverspreiding

Slegs voorbeelde van e-joernale, e-koerante, e-tydskrifte en webgebaseerde platforms vir inligtingsverspreiding wat direk die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie beïnvloed of vir spesifiek die produksie van (ook) Afrikaanse fiksie benut word, word in hierdie afdeling bespreek. Vir die benutting of nie-benutting van hierdie datadraers vir akademiese doeleindes, soos byvoorbeeld vir vakwetenskaplike e-joernale in Afrikaans, 'n e-teenwoordigheid vir gedrukte joernale, databasisse, pre-druk e-argiewe, of digitale biblioteke of vir Afrikaanse joernalistiek in elektroniese vorm in die algemeen, sien De Wet (2003:303-309).

Daar bestaan tans geen volwaardige vakwetenskaplike e-joernaal, per definisie 'n vakjoernaal of akademiese tydskrif in elektroniese formaat, vir of in Afrikaans nie. Die naaste wat hieraan kom is die Afrikaanse elektroniese tydskrif *Onse Angeltjie* wat nie 'n volwaardige e-joernaal is nie, maar wel akademiese artikels oor die Afrikaanse letterkunde plaas (De Wet, 2003:305). Verskeie gedrukte Afrikaanse literêre tydskrifte of akademiese tydskrifte wat ook artikels oor die Afrikaanse letterkunde plaas, het wel webwerwe en benut die voordele van die elektroniese media in 'n mindere of meerdere mate (sien ook 3.3.3.7).

Die Afrikaanse dagblaai *Beeld*, *Die Burger* en *Volksblad* en die Sondagkoerant *Rapport* beskik wel oor e-koerante of elektroniese weergawes op die Internet en is bereikbaar via die *Media24* en *News24* portale. Vir die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie het dit die implikasie dat nuus oor boeke, soos in die gedrukte weergawes van dié koerante se boekeblaaie gevind kan word, nou ook op die Internet beskikbaar is. De Wet (2003:306-307) wys egter daarop dat hierdie Afrikaanse e-koerante nie van die belangrikste voordele van die medium benut nie, naamlik die moontlikhede om in

te teken op daaglikse e-pos nuusbriewe wat gepersonaliseerde nuus volgens die gebruiker se intekening bevat, of om in te teken op 'n digitale weergawe van die volledige gedrukte koerant wat daaglik per e-pos afgelewer word en aflyn leesbaar is.

Volgens De Wet (2003:303) is die voordele van hierdie verpakkingsformate “die gerief en nut van die toeganklikheid van inligting wat dit moontlik maak, en die relatiewe besparing in terme van tyd en geld wat dit bied bo inligting wat papier-, druk- en verspreidingskoste dra”. Die belangrikste van hierdie verpakkingsformate vir die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie is e-tydskrifte (byvoorbeeld *LitNet*) en webgebaseerde platforms vir inligtingsverspreiding (byvoorbeeld *Boekwurm* en *Skoppensboer*) wat die gesprek rondom (ook) Afrikaanse fiksie ondersteun en 'n bydrae maak tot die generering en bemarking daarvan (dus 'n verband tussen die tegnologiese subsisteem, die mediasubsisteem en die genererings- en bemarkingsfases van die uitgesisteem).

(a) *LitNet*

Die Afrikaanse elektroniese tydskrif *LitNet* het vir die eerste keer aanlyn gegaan op 11 Januarie 1999 nadat 'n behoefte aan 'n joernaal vir skrywers en literati op die Internet geïdentifiseer is (Van Heerden, 1999b). Lede van die virtuele gemeenskap wat *LitNet* gereeld besoek, het die webwerf egter gou as hulle eie opinieruimte toegëien en beswaar gemaak teen enige vorm van keuring van ingestuurde bydraes (Van Heerden, 2000 en 2001b). Die gevolg was dat die aanvanklike redaksionele grense van 'n literêre e-tydskrif verskuif is om plek te maak vir 'n meer omvattende elektroniese opiniejoernaal waar lede van die (tôé nog hoofsaaklik Afrikaanse) virtuele gemeenskap kon deelneem aan alledaagse diskoers afgestem op sosio-kulturele temas (vergelyk *SêNet* – *LitNet* se opinieruimte / briewekolom). Dié e-tydskrif het verder ontwikkel deur ook te fokus op ander kulturele sektore soos teater, film, musiek en sport in afsonderlike subruimtes en die aanvanklike slegs Afrikaanse aanbod is uitgebrei na Engels, Nederlands (*NeerlandiNet*), Xhosa en Zulu in verskeie ruimtes. Volgens Van Heerden (2001b) is nuwe materiaal aanvanklik weekliks geplaas, daarna twee of drie keer per week en tans ses dae per week. In die sewe jaar van *LitNet* se bestaan het die werf teen 'n ongelooflik pas gegroei, beide wat die omvang en inhoud

betref en ook wat die gewildheid en gebruik daarvan betref: bladsy-onttrekkings het byvoorbeeld toegeneem vanaf 16 200 per maand in Augustus 1999 (Van Heerden, 1999b) tot 595 941 gedurende Februarie 2005 waartydens 53 102 unieke gebruikers die werf besoek het (*LitNet*, 2005d).

Vir die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie is *LitNet* veral belangrik deurdat dit ruimte bied vir die nodige literêre diskoers, waarvoor daar ’n aanvraag by Afrikaanse lesers bestaan. Dit dra by tot die algemene sigbaarheid van die letterkunde – veral in die huidige tegnologies-gedrewe era – en lewer dus ’n bydrae tot die bemarkings- en terugvoerfase van die uitgesisteem. Vervolgens word ’n oorsig oor die verskeie gespesialiseerde ruimtes (wat vergelykbaar is met die redaksionele afdelings in gedrukte tydskrifte) en die impak daarvan op die uitgesisteem aangebied.

NetFiksie en *PoësieNet* plaas beide Afrikaanse en Engelse oorspronklike kortprosa en poësie onderskeidelik. Dié ruimtes word deur onafhanklike redakteurs bestuur en bydraes word gekeur. Op beide ruimtes word die bydraes deur gevestigde skrywers en nuwe skryftalent geskei. Veral in die huidige uitgeeklimaat, waar die geleentheid vir debute deur jong skrywers van nis-genres (soos byvoorbeeld die poësie) minder raak, lewer hierdie afdelings van *LitNet* ’n bydrae van onskatbare waarde. Die moontlikheid om op *LitNet* te debuteer het ’n nuwe uitgeekanaal aan jong skrywers beskikbaar gestel wat dikwels vinniger en dalk makliker (vergelyk Hambidge, 2000) funksioneer as gedrukte literêre tydskrifte. Van Heerden (2001b) beskou die groter demokrasie wat dit teweeg bring en die uitdagings wat dit aan die kanon stel as voordele van hierdie soort elektroniese uitgeekanaale, maar waarsku egter teen die gevare van te vinnige debuting. Hambidge (2000) wys op die postmodernistiese implikasies daarvan, naamlik dat dit meehelp tot die verdwyning van grense tussen hoë en populêre letterkunde. Die verband tussen die tegnologiese subsisteem en aspekte van die literatuursisteem, soos die ontwikkeling van die outeursprofiel en die uitbreiding en bestendiging van die kanon binne die uitgesisteem blyk hieruit.

Daar word ook voorsien vir ’n ruimte, *LêNet*, wat fokus op populêre fiksie waar oorspronklike ontspanningsfiksie of sogenaamde “hygliteratuur”, dikwels gewaagde en sterk erotiese liefdesverhale, verskyn. Afrikaanse geestelike literatuur word op die *God@LitNet*-ruimte gepubliseer. Na die sluiting van Homeros (sien 4.3.1.7) het

LitNet voorsiening gemaak vir die ruimte *Gay@LitNet* waar verhale, gedigte, dramas, en besinnende tekste soos artikels, resensies en nuusbriewe, waarin die ervarings van gay en biseksuele mans en vroue sentraal staan, geplaas word (vergelyk Cochrane, 2006 vir 'n kartering van die rol, bydrae en dinamika van *Gay@LitNet* as 'n elektroniese alternatief vir die uitgee van gay literatuur). Die *Expatliteratuur*-ruimte bied 'n opgaarplek vir kreatiewe en polemiese skryfwerk deur Suid-Afrikaners in die buiteland.

Die *Boeke*-ruimte bestaan uit resensies van nuwe Afrikaanse en Engelse fiksiepublikasies. Die diskoers oor gebeure rondom boeke en die boekuitgewerybedryf word gefasiliteer deur die *Boekindaba*-ruimte (sien ook 3.3.3.4). Onderhoude met Afrikaanse skrywers op die ruimtes *Die mond is nie geheim nie*, *Paneelklopper* en *Heupvuur* en veral die *ABSA / LitNet Die Ketting* waar meer as vyf-en-twintig skrywers reeds met mekaar onderhoude gevoer het, maak 'n verdere bydrae tot die algemene sigbaarheid van skrywers en boeke. 'n Verdere inisiatief in hierdie verband is die jaarlikse *ABSA/LitNet* Lewende Legende-reeks, waar handgeskrewe tekste deur bekende Afrikaanse skrywers (prosaskrywers, digters, dramaturge en lirieskrywers) op die webwerf opgeveel word (deur hierdie inisiatief word fondse vir *LitNet* ingesamel). *LitNet* dien verder as 'n bemarkingskanaal vir boeke: op die tuisblad verskyn foto's van omslae van publikasies wat deur die *LitNet*-redaksie aanbeveel word (die omslae is geskakel met *Kalahari.net* waar dit bestel kan word).

Akademiese opstelle, resensies, besprekings en ander diepte-besinnings word op die *SeminaarKamer*-ruimte geplaas (Van Heerden, 1999a). Die bydraes tot die eerste virtuele Afrikaanse skrywersberaad en die tweede skrywersberaad, die Young Voices 2004 South African Online Writers' Conference vir skrywers jonger as 35 jaar, is hier geargiveer en dien as verdere voorbeeld van hoe *LitNet* die sigbaarheid van skrywers en boeke bevorder. Van Heerden (1999a) moedig akademici aan om hulle artikels en referate hier te toets aan 'n wye gehoor voordat dit aan akademiese joernale in gedrukte formaat voorgelê word. *LitNet* het ook die volgende aanlynseminare aangebied: die Kinders van Apartheid-seminaar; die Groot Kunstefees- en Teaterindaba; die Fischer-seminaar; die Skooltaal-seminaar; en Die waar plak jy die pleister-seminaar (asook ander mini-seminare). Die mate waartoe *LitNet* as platform dien vir diskoers oor onderwerpe van sosio-kulturele-politieke belang (soos

byvoorbeeld die *Taaldebat*-ruimte, die Boetman-debat, die gay-debat en die bly-of-gly-debat) is 'n voorbeeld van die impak van die tegnologiese subsisteem op ander kontekstuele en institusionele sisteme (vergelyk Van Heerden, 2003 wat die mate waarin debatte op *LitNet* gevoer word in verband bring met die “groter gesprek onder Afrikaanssprekendes ná die magsoorgang in die vroeë jare negentig”).

Verder bied *LitNet* ook 'n aanlyn-skryfskool, *SkryfNet*, in samewerking met Sanlam (voorheen in samewerking met Tafelberg en Nasboek) aan. Tans word *SkryfNet IX* vir prosaskrywers en *SkryfNet X* vir digters aangebied (sien ook 3.3.3.6). Van Heerden (1999b) noem dat dit 'n unieke opvoedkundige konsep is wat 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse skryftalent kan lewer ('n verband dus tussen die tegnologiese subsisteem, die aspek van opleiding in skeppende skryfwerk as deel van die literatuursubsisteem en die genereringsfase van die uitgesisteem). Die vorige skryfskole het inderdaad daartoe gelei dat deelnemers daarvan, soos byvoorbeeld Francois Loots (*Nagvoëls* en *Lente in Beijing*, Tafelberg), Nanette van Rooyen (*Om te vlerk*, Human & Rousseau), Fanie Viljoen (*Slym*, LAPA en *Breinbliksem*, Tafelberg) en Jaco Jacobs (onder andere *Troetelgedrog* en *Hoe ver kan 'n seekoei se bek ooprek?*, LAPA), daarna met publikasies in gedrukte-formaat by gevestigde uitgewerye gedebuteer het (*SkryfNet*, 2005).

Besprekings van die vakinhoud vir Afrikaans in skoolkurrikula en voorgeskrewe Afrikaanse fiksiepublikasies word op *OnderwysNet* beskikbaar gemaak. Die *LeesKringe*-ruimte bied 'n diens aan sowat 300 verskillende leeskringe regoor die land deur moontlike interessante materiaal voor te stel en wenke te gee vir leeskringbesprekings rondom spesifieke boeke (Van Heerden, 1999b).

(b) Boekwurm

Alhoewel *Insig* se elektroniese weergawe nie 'n volwaardige e-tydskrif is nie, is dit die eerste algemene Afrikaanse tydskrif waarvan die gedrukte-weergawe se artikels retrospektief in 'n digitale argief soek- en leesbaar gestel is (De Wet, 2003:308). Intussen is artikels uit die gedrukte-weergawes van tydskrifte soos byvoorbeeld *Sarie* en *Huisgenoot* elektronies beskikbaar op die argiewe van Media24. Van direkte belang vir die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie het *Insig* in 2001 begin om artikels

wat in die gedrukte-weergawe se boekeblaaie verskyn het op die webgebaseerde platform *Boekwurm* te argiveer en soekbaar te maak. Elmarie Rautenbach (2002), voormalige redakteur van *Insig*, verduidelik dat die elektroniese en gedrukte weergawes van die boekeblaaie in 'n sinergieverhouding saamwerk: artikels wat as gevolg van beperkings aan ruimte nie in die boekeblaaie van die gedrukte-weergawe verskyn nie, word addisioneel saam met die artikels in die gedrukte-weergawe as elektroniese weergawes op *Boekwurm* geplaas.

Boekwurm bied verder die moontlikhede dat gebruikers op 'n elektroniese nuusbrief kan inteken, hulle indrukke kan gee van boeke wat dan as lesersresensies op die webwerf geplaas word en publikasies via Kalahari.net kan bestel. Die moontlikheid van lesersresensies lewer 'n bydrae tot interaktiwiteit tussen die webwerf en gebruikers en dien ook as 'n terugvoermeganisme ('n verband dus tussen die tegnologiese subsisteem en die verbruik- en terugvoerfase van die uitgeesisteem). *Boekwurm* dien as 'n opvangplek vir boekenuus, biografiese inligting oor skrywers, inligting oor die byeenkomste van leeskringe en dit bied gratis advertensiespasië vir gebruikers wat op soek is na spesifieke boeke wat dalk reeds uit druk is (*Boekwurm*, 2005). Die waarde van *Boekwurm* lê in die mate waartoe dit lesers van Afrikaanse fiksie in 'n virtuele gemeenskap bymekaartrek en die algemene gesprek rondom boeke en skrywers fasiliteer, dus 'n bydrae tot die bemarkingsfase van die uitgeesisteem.

(c) ***Skoppensboer***

Die webwerf *Skoppensboer* is nog 'n voorbeeld van 'n webgebaseerde platform waardeur inligting oor die Afrikaanse letterkunde beskikbaar gemaak word en die gesprek rondom die letterkunde gedien word. Die doel en opset van die webwerf word beskryf as “'n ruimte vir die gebruik, ruil en uitbrei van idees, opinies, en kennis oor die Afrikaanse letterkunde” (*Skoppensboer*, 2005). Die webwerf fokus hoofsaaklik op die Afrikaanse poësie en bevat onder meer 'n virtuele digbundel met etlike gedigte deur bekende digters. Op die *Nat Ink*-ruimte word gedigte deur nuwelingsdigters geplaas wat vooraf deur die redakteur gekeur word – dit skep dus 'n geleentheid vir digters om te debuteer en om kommentaar op hulle skryfwerk te kry. Die *Liewe Anna-*

ruimte bied enkele kreatiewe essays en briewe en gebruikers word uitgenooi om nog te stuur. Die *Kritiek*-ruimte bevat agt resensies en besprekings van drie gedigte wat op skoolvlak voorgeskryf is as leerhulp aan leerders. Op die *Leesbril*-ruimte verskyn aanbevelings vir leesstof en skakels na gedigte wat elders elektronies gelees kan word.

'n Lys van Afrikaanse digbundels wat sedert 2000 verskyn het en 'n lys van beeldgedigte in Afrikaans is ook op die werf beskikbaar. In 'n "geannoteerde werfgids" word skakels na ander webwerwe met inligting oor die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde aangedui. *Skoppensboer* is die onafhanklike inisiatief van Karen de Wet en word nie-winsgewend en uit privaatfondse bedryf. Die werf is op 20 Desember 2002 vir die eerste maal geaktiveer. Die werf is tegnies en visueel baie netjies versorg en die ingeligte hand van die redakteur is duidelik te sien in die bydraes wat geplaas word en die kwaliteit van inhoud. Dit kan onderskei word van ander webwerwe wat kreatiewe skryfwerk plaas en waar min keuring en dus waardetoevoeging tot die kwaliteit van inhoud plaasvind. Hoewel die werf 'n bewonderenswaardige inisiatief is, is daar tot dusver min inhoud beskikbaar en groei dit relatief stadig.

3.4.3.8 Die impak van die beskikbaarheid van elektroniese handel op die uitgesisteem

Die impak van die beskikbaarheid van elektroniese handel op die uitgesisteem kan gesien word in die ontstaan van elektroniese boekhandelaars (waarvan Amazon.com sedert 1995 die internasionale voorloper was), e-handelportale van tradisionele boekhandelaars en boekverspreiders en direkte e-handel wat deur uitgewerye op hulle webwerwe bedryf word. Die groei in hierdie e-handel fasiliteite sedert die laat 1990's en veral in die vroeë 2000's dien as bewys daarvan dat die elektroniese media 'n belangrike rol te speel het in die bemarking, verspreiding en aflewering van beide tradisionele (papiergebaseerde) en elektroniese publikasies (Venter, 2002:14-15).

Die ontstaan van die elektroniese handelaar Kalahari.net in 1998 was 'n belangrike en grensverskuiwende mylpaal in Suid-Afrikaanse e-handel van (ook) uitgeprodukte. In 1999 het die kommersiële boekklub Leserskring, wat tradisioneel deur middel van 'n

pos- en telefoniese bestellingsdiens bedryf is, e-handel op hulle webwerf beskikbaar gemaak en in 2000 het die tradisionele boekhandelaars Van Schaik Boekhandel (met Van Schaik Online), Exclusive Books en Wordsworth ook tot die e-handel domein toegetree. Die e-handel portale van Van Schaik Online en Leserskring funksioneer egter nie op hulle eie nie, maar maak staat op Kalahari.net se infrastruktuur en tegnologie (De Wet, 2003:310). Kalahari.net is tot dusver die toonaangewendste e-boekhandelaar in Suid-Afrika. Dit is nie uitsluitlik 'n boekhandelaar nie en bied 'n reeks van meer as 2 miljoen diverse produkte aan, onder andere ook CD's, video's, DVD's, programmatuur, wyn, reisprodukte en Verimark huishoudelike produkte (Van Gend, 1999:71; De Wet, 2003:310; Via Afrika, 2005c).

Bestellings by Kalahari.net word elektronies geplaas (en soms ook telefonies) en dan verwerk by die dienssentrum te N1-Stad, Kaapstad. Kalahari.net is elektronies gekoppel met die boekverspreider On the Dot Distribusie in Belville-Suid waar voorrade volgens bestellings uit die pakhuis onttrek word, dit verpak word en deur 'n koerierdiens by die besteller se adres afgelewer word – alles binne 48 uur en vir topprodukte binne 24 uur (Schlatter, 2005:7; *Via Afrika Nuusbrieff*, 27.08.04). Dit beskik oor meer as 200 000 geregistreerde kliënte (*Via Afrika Nuusbrieff*, 26.11.04). Kalahari.net is in 2004 deur die *Financial Mail* aangewys as die beste e-handelaar in Suid-Afrika en eerste uit 100 webwerwe wat verbruikers geld en tyd spaar (*Via Afrika Nuusbrieff*, 27.08.04).

Direkte e-handel deur uitgewerye het tot dusver nog nie werklik inslag gekry nie. Die webwerf van NB-Uitgewers (2005d) beskik nie oor fasiliteite vir direkte e-handel nie. Skakels vanaf produk-blaaie na Kalahari.net kom wel voor, maar hierdie skakels lei na Kalahari.net se tuisblad, in plaas van na die bladsye waar die relevante produkte verskyn. Die webwerf van Genugtig! (2005) is 'n uitsondering deurdat die skakels daarop direk na die relevante produkblad op Kalahari.net lei. Praag (2005b) se webwerf beskik ook nie oor e-handel-fasiliteite nie en geen skakels na 'n e-boekhandelaar kom voor nie, slegs besonderhede vir die plaas van bestellings by hulle verspreiders word aangedui. Dit is eweneens die geval op die webwerf van Protea Boekhuis (2005) waarop geen direkte skakels tussen produkte en 'n e-boekhandelaar voorkom nie; gebruikers word slegs verwys na die SUN-e-SHOP – die e-handel-fasiliteit van African Sun Media (dít terwyl van Protea se titels wel ook by

Kalahari.net beskikbaar is). Van al die tradisionele (papiergebaseerde) uitgewerye van (ook) Afrikaanse fiksie, is dit slegs LAPA wat direk e-handel deur hulle eie webwerf moontlik maak: gebruikers kan 'n publikasie direk op die werf bestel, daarvoor betaal en dit deur die pos ontvang (LAPA, 2005). Dit is die bestaande infrastruktuur van 'n eie pakhuis en 'n sentrum vir die verwerking van posbestellings wat LAPA, meer as ander uitgewerye, gerat gemaak het om ook e-handel direk te bedryf sonder om van 'n ander e-handelaar soos Kalahari.net gebruik te maak. Die elektroniese uitgewery African Sun Media bedryf sedert Maart 2004 e-handel deur hulle eie e-handel-fasiliteit, die SUN-e-SHOP (African Sun Media, 2005). ContentLot.com se vroeë beskikbare direkte e-handel-fasiliteit is intussen nie meer beskikbaar nie (sien 4.3.1.10).

Van Zyl (2000b en 2001c) noem dat skrywers en lesers dikwels van uitgewerye verwag om die boekmark te omseil deur direk aan lesers te verkoop. Hy waarsku egter dat uitgewerye nie maklik ook kleinhandelaars kan wees nie, dat die middele vir die verkoop van boeke dikwels veeleisend vir die uitgewery is en dat sulke ondernemings liefs selfstandige ondernemings moet word – dit geld ook vir verkope van Afrikaanse publikasies deur middel van e-handel.

Vir die boekhandel het die koms van Kalahari.net oplossings gebied vir talle uitdagings met die verspreiding, bemarking en toeganklikheid van boeke. In 'n groot geografiese area soos Suid-Afrika wat, veral op die platteland, swak deur boekwinkels bedien word (Van Zyl, 2000a:3), het Kalahari.net geografiese grense opgehef en publikasies binne bereik van gebruikers gebring wat voorheen moeilike toegang daartoe gehad het. Hein Pretorius (2001), bestuurder van Kalahari.net, verduidelik byvoorbeeld dat meer as 50% van die totale verkope uit Afrikaanse produkte saamgestel word en dat hulle veral kliënte op die platteland bedien. 'n E-boekhandelaar soos Kalahari.net hef ook internasionale grense op en vir Afrikaanse publikasies beteken dit dat Afrikaanse verbruikers wat na die buiteland geïmmigreer het makliker en vinniger toegang daartoe het. Nog 'n voordeel is die opheffing van normale diensure deur die beskikbaarheid van 'n e-boekhandelaar vier-en-twintig uur per dag, sewe dae per week (Via Afrika, 2005c). Verder word 'n e-boekhandelaar soos Kalahari.net, anders as tradisionele boekwinkels, nie deur ruimtebeperkings beïnvloed in die wyde of verskeidenheid van sy aanbod nie (Van Gend, 1999:69) – Kalahari.net

het meer as 2 miljoen titels op sy katalogus (Raubenheimer aangehaal in *Beeld*, 15.05.02:4), dit sluit beide publikasies van Suid-Afrikaanse uitgewerye en internasionale uitgewerye in. Kalahari.net het toegang tot Gardners's, die grootste boekverskaffer in die Verenigde Koninkryk, se katalogus wat hulle in staat stel om hulle aanbod van publikasies van internasionale uitgewerye gereeld op te dateer en reservert te hou (Van Gend, 1999:70).

Kalahari.net maak gebruik van Comparex Africa se Cognos Powerplay en Impromptu sagteware wat gebruikers se aktiwiteite op die webwerf analiseer en kompeterende markinligting daarstel waardeur kliënte se gedrag voorspel kan word (Esterhuysen, 2002:18) – inligting waartoe die tradisionele boekhandelaar nie toegang het nie en wat aansienlike voordele vir die bemerking van produkte deur 'n e-boekhandelaar inhou. Die geleentheid word aan gebruikers gebied om hulle indrukke te gee deur die skryf van lesersresensies oor publikasies wat aangekoop word, en hulle kan ook produk-inligting oor relevante publikasies aan vriende wat moontlik daarin sal belangstel, e-pos – gebruikers word dus indirek ook bemerkers van publikasies op Kalahari.net se katalogus (Esterhuysen, 2002:18). Meyer (2000) beskou hierdie tipe “word of mouse” funksies wat die webwerwe van e-boekhandelaars bied, as 'n wyse om lesers te bemagtig.

3.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie bespreek. Dié sisteembeskrywing is gedoen deur 'n oorsigtelike en eksemplariese beskrywing van die belangrikste transformasieverskuiwings wat gedurende die periode 1990-2005 die uitgee van Afrikaanse fiksie direk en indirek beïnvloed het. Dit was nie die bedoeling om 'n volledige sisteembeskrywing in hierdie hoofstuk aan te bied nie. Nietemin kan die resultaat in sy geheel beskou word as 'n min of meer volledige kwalitatiewe kartering van die produksielandskap waarbinne Afrikaanse fiksie uitgegee word en die talle verbande wat binne dié sisteem bestaan.

Vóórdat oorgegaan kan word na die tweede komponent van hierdie studie, naamlik 'n statisties-empiriese kartering van die produksielandskap van Afrikaanse fiksie vir die periode 1990-2005 (sien Hoofstukke 5 en 6), is dit nodig om in die volgende hoofstuk

'n oorsig te gee van die beskikbare produsente van Afrikaanse fiksie gedurende hierdie periode. Deur die beskrywing van die impak van transformasie op verskuiwings in die produsentelandskap word die kontekstualisering van die produksielandskap verder ingevul. Daarna word voortbeweeg na die statisties-empiriese ondersoek en die resultate daarvan.

Hoofstuk 4

Transformasieverskuiwings in die produsentelandskap van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 – ’n voorlopige uitgewerygeskiedenis

4.1 Inleiding

Transformasieverskuiwings in die Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf, en die wyse waarop dít die uitgesisteam in die algemeen beïnvloed het en spesifiek die produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 geraak het, is in die vorige hoofstuk bespreek. In hierdie hoofstuk word die visier nouer ingestel deur te fokus op transformasieverskuiwings in die produsentelandskap en die impak daarvan op die beskikbare produsente (die verskillende uitgewerye en andersoortige produsente) wat bydra tot die produksie van Afrikaanse fiksie. Saam met die vorige hoofstuk, vorm hierdie hoofstuk ’n inkleding van die konteks waarbinne Afrikaanse fiksie geproduseer word en geld dit as kontekstualisering vir die statisties-kwantitatiewe ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel (Hoofstukke 5 en 6).

Die boekuitgewerybedryf het oor die afgelope halfeeu wêreldwyd fundamentele veranderinge ondergaan. Hoewel die kodeks-voorkoms van die boek wesenlik dieselfde gebly het, het bykans alles in die bedryf verander: vanaf die produksie- en die distribusie-prosesse tot by die organisasie, eienaarskap en bestuursvorme van uitgewerye. Hoewel verskeie uitgewerye in die verlede gestig, oorgeneem is deur ander uitgewerye of later weer gesluit is, is die vorming van konglomerate, oornames, samesmelting, die stigting en sluiting van drukname en uitgewerye, hergroepering binne uitgewerye en verskuiwings ten opsigte van eienaarskap binne die plaaslike boekuitgewerybedryf veral gedurende die 1990’s en 2000’s op die spits gedryf. Onlangse ondersoeke na hierdie fundamentele veranderinge binne ’n internasionale konteks sluit publikasies in soos *As I was saying: essays on the international book business* (Graham, 1994), *Publishing now: a definite assessment by key people in the book trade* (Owen, 1996a), *The business of books: how international conglomerates*

took over publishing and changed the way we read (Schiffrin, 2000), *Book business: publishing past, present, and future* (Epstein, 2001) en *De stijl van de uitgever* (Van Krevelen, 2002).

Bogenoemde oorhoofse transformasieverskuiwings in die produsentelandskap het ook 'n belangrike en direkte invloed uitgeoefen op die produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005. Soos in Hoofstuk 5 aangetoon word (sien 5.4), bestaan daar geen bron waarin die geskiedenis van al die uitgewerye wat deel vorm van die plaaslike uitgewerybedryf vervat is nie, eweneens bestaan daar nie 'n geskiedenis van die boek in Suid-Afrika nie. Die doel met hierdie hoofstuk is derhalwe 'n kartering van verskuiwings in die produsentelandskap van Afrikaanse fiksie, deur 'n oorsigtelike bespreking van profiele van dié uitgewerye en ander produsente wat standhoudend 'n bydrae tot die produksie van hierdie produksiekategorie gedurende die periode 1990-2005 gelewer het. Aspekte wat in die profiele van die verskeie uitgewerye onder die loep geneem word, sluit die volgende in: die stigting, oornam, samesmelting, verandering in struktuur of sluiting van 'n uitgewery of druknaam; enkele kenmerke van die uitgeefilosofie van 'n uitgewery; die fokus van die publikasielys van 'n uitgewery; en die mate van standhoudendheid van die bydrae van 'n uitgewery tot die produksie van Afrikaanse fiksie.

Daar word nie gepoog om deur hierdie hoofstuk 'n volledige uitgewerygeskiedenis te konstrueer nie – dit sou 'n omvangryke navorsingsondersoek op sy eie regverdig. Die profiele van die verskeie uitgewerye wat hier bespreek word, moet eerder beskou word as 'n gefragmenteerde oorsig oor die bestaansgeskiedenis van elke uitgewery en die posisie wat die betrokke uitgewery of produsent in die produsentelandskap en produksielandskap bekleed – en veral as 'n oorsig oor die verskuiwings ten opsigte van hierdie posisie. Hoewel die klem op verskuiwings gedurende die periode 1990-2005 val, word historiese feite van vóór 1990 bygehaal ter wille van die konteks waarin 'n uitgewery tot stand gekom het en waarbinne die profiel en produksiebydrae van die betrokke uitgewery beskou behoort te word. Die profiele van die verskeie uitgewerye bevat dus wel, in 'n beperkte mate, 'n beknopte uitgewerygeskiedenis van die betrokke uitgewerye en al die profiele kan gesamentlik as 'n voorlopige uitgewerygeskiedenis van Afrikaanse fiksie beskou word. Die impak van transformasieverskuiwings in die produsentelandskap op spesifieke produksiekategorieë van

Afrikaanse fiksie (ten opsigte van die produksiebydrae van die verskeie uitgewerye) word in Hoofstuk 6 statisties ontleed (waar beide die produksieprofiel en uitgeweryprofiel van die onderskeie produksiekategorieë aangedui word). Om grootskaalse herhaling te voorkom, word daar by die profiele van die verskeie uitgewerye in hierdie hoofstuk dus eerder in meer generiese terme na die produksiebydrae tot Afrikaanse fiksie in die algemeen verwys.

Hierdie oorsig oor die produsentelandskap van Afrikaanse fiksie poog nie om volledigheid na te streef nie. Slegs uitgewerye en ander produsente wat standhoudend tot die produksie van Afrikaanse fiksie bygedra het, of 'n beduidende invloed daarop uitgeoefen het, word bespreek. Uit die aard van hierdie oorsig word daar hoofsaaklik gefokus op uitgewerye se produksiebydrae tot die enkele produksiekategorie van Afrikaanse fiksiepublikasies, daarom bly die profiele van die verskeie uitgewerye in 'n mate 'n abstrakte konstruksie omdat dit nie die produksiebydrae tot ander produksiekategorieë volledig verreken nie.

Die navorsingsmetodiek wat gevolg is om hierdie oorsig oor die produsentelandskap te konstrueer, steun primêr op 'n literatuurstudie waarin uiteenlopende bronne geraadpleeg is, insluitend koerantartikels en tydskrifartikels; 'n seleksie van argiefmateriaal uit die argiewe van uitgewerye wat onderskeidelik by die Nasionale Afrikaanse Letterkundemuseum en Navorsingsentrum (NALN) en die Kaapse Argiefbewaarplek gehuisves word; webwerwe van uitgewerye; die katalogusse, nuusbriewe en jaarverslae van uitgewerye waarin bepaalde verskuiwings aangekondig is; die één beskikbare boekpublikasie oor die geskiedenis van die uitgewerye wat deel vorm van Naspers (Beukes *et al*, 1992); en 'n aantal huldigingspublikasies (sien 5.4 oor beskikbare bronne oor die boekuitgewerybedryf en boekhandelbedryf). In 'n mate is ook gebruik gemaak van insigte wat bekom is tydens verkennende gesprekke met uitgewers en ander rolspelers in die boekuitgewerybedryf.

4.2 'n Voorlopige tipologie van soorte uitgewerye / produsente – produsentekategorieë in die produsentelandskap

Daar bestaan nie 'n waterdigte taksonomie of tipologie van soorte uitgewerye op grond waarvan een (soort) uitgewery van 'n ander (soort) onderskei kan word nie.

Tog word daar dikwels 'n onderskeid tussen uitgewerye getref op grond van verskeie faktore, byvoorbeeld die politieke bestel of ideologiese klimaat waarin 'n uitgewery tot stand kom en wat die uitgeefilosofie beïnvloed; die struktuur van 'n uitgewery in terme van die ondernemingsvorm en besigheidsmodel waarvolgens dit besit en bestuur word; die soort publikasies wat uitgegee word, die sosiale en kulturele impak wat 'n uitgewery maak deur die publikasies wat uitgegee word en die beeld van die uitgewery wat by outeurs en die publiek ontstaan (die simboliese produksie volgens Bourdieu); en die ekonomiese impak wat 'n uitgewery maak (die materiële produksie volgens Bourdieu). Hierdie faktore kan in wese teruggevoer word na die redaksionele beleid van 'n uitgewery: die uitgeefilosofie waarin die ekonomiese en sosiale doelwitte van die uitgewery vervat is en wat die ontwikkeling van die publikasielys en die neem van uitgeebeslissings rig; die publikasielys wat die materiële vergestaltung van die bestaan van die uitgewery is en wat die breër en nouer kategorieë waarin uitgegee word, aandui; en die huisstyl waarvolgens die redaksionele versorging van publikasies (beide wat taalredigering en grafiese ontwerp betref) plaasvind en wat soms tot 'n kenmerkende styl van 'n spesifieke uitgewery se publikasies lei (sien 3.2.1.1; 3.2.1.2 en 3.2.1.3). Hoewel daar ooreenstemming tussen sommige aspekte van die redaksionele beleide van verskillende uitgewerye bestaan, is die redaksionele beleid van elke uitgewery uniek en onderskei dit een uitgewery van 'n ander. Die uitgeeproses (wat in 3.2 in generiese terme bespreek is) word op grond van die redaksionele beleid uitgevoer en daardeur bestaan daar 'n mate van uniekheid in die wyse waarop die uitgeeproses deur verskillende uitgewerye gehanteer word. Hierdeur is die hantering van en onderhandelinge met outeurs, ander medewerkers en leweransiers, die produksieprosesse wat gevolg word en die bemarking-, verspreiding- en aflewering van publikasies en die kanale wat daarvoor benut word, óók deel van die uniekheid van 'n uitgewery – dit geld as verdere moontlike onderskeidingsfaktore tussen verskillende (soorte) uitgewerye.

De Glas (1989:27-28) wys op die feit dat uitgewerye deur die geskiedenis heen 'n rol gespeel het in die omvorming en sosio-kulturele ontwikkeling van die samelewing deur middel van die publikasies wat hulle uitgegee het. Uitgewerye het daarna gestreef om 'n soort onafhanklikheid te verkry deur hulle te verbind met, of te verset teen, godsdienstige, politieke of maatskaplike strominge (vergelykbaar met die strewe van die media na media-onafhanklikheid of -vryheid met die doel om objektief (of ten

minste in 'n mate objektief) te kan verslag doen). De Glas betoog verder dat uitgewerye in hierdie strewende na onafhanklikheid ook begin streef het na 'n unieke en individuele profiel wat hulle van ander uitgewerye onderskei. In die ontwikkeling van die uniekheid van 'n uitgewery wat (ook) fiksie uitgee, speel die persoonlikheid van die uitgewer, sy geestelike ingesteldheid en intellektuele en literêre betrokkenheid (ook sy literatuuropvatting) 'n belangrike rol en is dit bepalend vir die uitgeefilosofie van die uitgewery (sien 3.2.1.1 en 3.3.3.1). Die unieke eienskappe van 'n uitgewer en die uitgewery wat deur hom opgerig word, kry ten einde gestalte in die publikasielys: die publikasies wat uitgegee word en waardeur die uitgewery en uitgewer bekend raak (hierdeur bestaan daar in die uitgeesistiem 'n verband tussen die materiële en simboliese produksie). Die impak van die uitgewer op die sukses van die uitgewery kan nie oorskakel word nie: die sukses van 'n uitgewery is dikwels ook die sukses van formidabele uitgewers wat met visie, passie en toewyding hulle taak verrig. In die uitgeesistiem van Afrikaanse fiksie word die onvolprese bydrae van uitgewers en redakteurs uit die onlangse verlede, soos Hettie Scholtz, Annari van der Merwe, Charles Fryer en Danie Botha (om dié te noem wat nie meer voltyds by uitgewerye van (hoofsaaklik) Afrikaanse fiksie werk nie), onwillekeurig in die herinnering geroep. Wat uitgewerye van (ook) fiksie betref, word die beeld van die uitgewery nie net gevorm deur die publikasielys en dié wat uitgegee word nie, maar ook deur die verhouding van die uitgewery ten opsigte van literêre strominge en bewegings. In die uitgeesistiem van Afrikaanse fiksie is die verbintenis van Human & Rousseau met die Afrikaanse Sestigters (sien 4.3.1.2) een voorbeeld. Nog 'n voorbeeld is die rol wat Taurus gespeel het in die stryd teen sensuur (sien 4.7.1), onder meer deur publikasies uit te gee waarin politieke betrokkenheid in die literatuur vooropstaan.

De Glas (1989:29) vra ook die vraag hoe daar op grond van die eienskappe van 'n uitgewery tussen verskillende soorte uitgewerye onderskei kan word. Hy verwys na die skaarste aan wetenskaplike uitgewery-ondersoek (sien 2.6) en wys daarop dat daar in die klein aantal bestaande ondersoeke van hierdie aard reeds vroeg gepoog is om tipologieë van uitgewers en uitgewerye op te stel. Volgens De Glas het groepsvorming onder uitgewerye in die eerste instansie ontstaan deur die oprigting van onderafdelings van nasionale belange-organisasies van die uitgewerybedryf, byvoorbeeld die Nederlandse Uitgevers Bond wat in 1880 gestig is en sedert 1919 in twaalf werkgroepe verdeel is soos skone lettere, wetenskaplike werke, skoolboeke en

kinderboeke. Toegepas op die Suid-Afrikaanse situasie is PASA (sien 3.4.1.3) 'n soortgelyke eietydse plaaslike voorbeeld: die bestuur van PASA bestaan ook uit werkgroepe wat spesifieke aandag aan die uitdagings van die onderskeie sektore van die uitgewerybedryf gee en daarvolgens word onderskei tussen sektorgenote: uitgewerye in onderskeidelik die opvoedkundige sektor, die algemene / handelsektor en die akademiese sektor. Wat uitgewerye van (ook) fiksie betref, wys De Glas (1989:29) op die gevestigde wyse van onderskeid wat uitgewers sêlf tref: tussen dié uitgewerye wat hoofsaaklik deur kulturele motiewe gedryf word en dié wat hoofsaaklik deur ekonomiese oorwegings gedryf word (hierdie onderskeid word bepaal deur die doelstellings van die uitgewery, soos vervat in die uitgeefilosofie).

In 'n poging tot 'n meer wetenskaplike onderskeid, ontwerp Meyer-Dohm (De Glas, 1989:29) 'n tipologie deur te onderskei tussen agt belangegroepe waarmee die uitgewery verbind is: medewerkers, outeurs, leweransiers, die boekhandel, die leserspubliek, mededingende uitgewerye, organisasies in die boeksektor en ander institusies soos die regering, politieke partye, die kerk en die massamedia. Volgens Meyer-Dohm kan daar tussen soorte uitgewerye onderskei word op grond van 'n uitgewery se oorheersende identifikasie met één van die agt belangegroepe (De Glas, 1989:29-30). De Glas is egter skepties oor 'n te oppervlakkige onderskeid en wys daarop dat Meyer-Dohm se voorgestelde tipologie slegs van toepassing gemaak kan word in gevalle waar 'n uitgewery, byna stereotipies, met 'n spesifieke belangegroep identifiseer. Wat 'n onderskeid tussen uitgewerye van (ook) fiksie betref, gaan De Glas (1989:30-34) verder en betrek hy ook drie ander vraagstukke wat hy formuleer vir ondersoek na die funksionering van uitgewerye (sien 2.6): (i) die posisie wat 'n uitgewery bekleed in die groter proses van die materiële en simboliese produksie en verspreiding van literatuur; (ii) opvattinge oor die kriteria wat uitgewers van fiksie toepas in die ontwikkeling van hulle publikasielyste en wat hulle uitgeebeslissings rig; en (iii) opvattinge oor die ekonomiese voorwaardes waarvolgens uitgewerye funksioneer (die verhouding tussen kommersiële en kulturele doelstellings van 'n uitgewery).

By die laasgenoemde aspek gaan dit nie net oor 'n onderskeid *tussen* uitgewerye wat óf kulturele óf ekonomiese doelstellings vooropstel nie, maar ook oor 'n onderskeid *binne* uitgewerye op grond van verskillende soorte publikasies: dié publikasies wat

kultureel belangrik is, maar ekonomies nie volkome lewensvatbaar nie; en dié publikasies wat kommersiële sukses waarborg, maar van laer artistieke / kulturele / literêre gehalte is (De Glas, 1989:32). Die sukses van laasgenoemde boeke maak die uitgee van eersgenoemde boeke moontlik – die praktyk van sogenaamde kruissubsidiëring binne uitgewerye (sien ook 3.4.2.4). Die onderskeid van ’n uitgewery as óf kultureel óf ekonomies georiënteer, betrek verder die aspek van vraag-en-aanbod in die voorsiening van publikasies aan die publiek. De Glas (1989:33) verduidelik dat meningvormers verdeeld staan oor die aspek van vraag-en-aanbod. Sommige meningvormers glo dat daar ’n duidelike en konstante vraag by die leserspubliek bestaan en dat kommersieel-ingestelde uitgewerye relatief maklike sukses behaal deur in dié vraag te voorsien (die uitgewerye is dus vraag-gedrewe). Die teenoorgestelde groep meningvormers glo dat die vraag van die publiek na boeke nie konstant is nie en dat die kultureel-ingestelde uitgewery behoort te poog om die publiek te beïnvloed en ’n vraag te skep na die aanbod wat die uitgewery lewer (die uitgewerye is dus aanbod-gedrewe).

Schiffrin (2001:103) bring op oortuigende wyse die aspek van vraag-en-aanbod in verband met die toenemende kommersialisering van die boekuitgewerybedryf. Groot konglomeraatuitgewerye beskou die vraag van die mark as ’n vergestaltung van hulle behoeftes en ’n soort ideale demokrasie wat as teenvoeter dien vir die aanbod wat ’n elite groep (die uitgewer as hekwagter) aan verbruikers sou maak. Volgens hierdie beskouing dien hoë winsmarge as bewys dat die mark werk soos dit behoort te werk en raak hierdie uitgewerye in hulle uitgeebeslissings toenemend mark-gedrewe. Die kleiner aanvraag na nismarkpublikasies is dan nie lewensvatbaar volgens die besigheidsmodel van hierdie uitgewerye nie en gevolglik verskraal die diversifikasie in die aanbod van hierdie uitgewerye. Schiffrin (2001:103-128) verwys na hierdie tendens as ’n soort sensuur van die mark wat deur kommersialisering en rasionalisering ingetree het (vergelyk die uitsprake van Olivier en Rossouw in 3.3.2.1 wat beweer dat daar in die kunste (ook in boekproduksie as institusie) beweeg is vanaf die tirannie van apartheid en sensuur na die tirannie van die mark). Ook hier te lande bestaan daar tussen uitgewers sêlf nie ooreenstemming oor die aspek van vraag-en-aanbod nie.

Dit val buite die bestek van hierdie ondersoek om verder oor soorte uitgewerye of produsente te teoretiseer. Uit die voorafgaande bespreking kan afgelei word dat die onderskeid tussen uitgewerye of produsente 'n komplekse aangeleentheid is waarby verskeie faktore 'n rol speel. Die problematiek van 'n tipologie van soorte uitgewerye of produsente word erken, asook die feit dat daar gewaak behoort te word teen 'n oppervlakkige onderskeid. In 'n poging tot 'n voorlopige tipologie van soorte uitgewerye en ander produsente, word daar vir die doeleindes van hierdie ondersoek tussen die volgende sewe breë produsentekategorieë in die produsentelandskap onderskei:

- (i) *Uitgewerye binne 'n mediamaatskappy of groter groep.* Die uitgewerye in hierdie produsentekategorie vorm deel van oorkoepelende mediamaatskappye waarin die boekuitgewery-belang één van die belange (saam met ander belange soos koerante, tydskrifte, uitsaaimedia en elektroniese media) uitmaak. NB-Uitgewers as deel van die mediamaatskappy Naspers is 'n voorbeeld. Uitgewerye wat nie noodwendig deel vorm van 'n mediamaatskappy nie, maar wat as groep uit verskeie filiale bestaan en in verskeie sektore van die boekuitgewerybedryf uitgee (waar die produksie van fiksie dikwels gedra word deur die primêre uitgee-aktiwiteit in die opvoedkundige of akademiese sektor), vorm ook deel van hierdie produsentekategorie. Die eertydse drukname HAUM-Literêr en Jitalit is voorbeelde. Die uitgewerye in hierdie produsentekategorie word kommersieel bestuur en is gerig op wins, hoewel hulle ook in 'n meerdere of mindere mate 'n sosiale en kulturele bydrae lewer.
- (ii) *Onafhanklike uitgewerye wat grotendeels op “populêre” fiksie fokus.* Hierdie produsentekategorie bestaan uit uitgewerye wat, anders as (i), nié deel van 'n mediamaatskappy of groter groep vorm nie, wat dus onafhanklik is. Die ooreenstemmende kenmerk van hierdie uitgewerye is dat hulle, wat die produksie van fiksie (gerig op die volwasse mark) betref, grotendeels op “populêre” fiksie (veral 'n groot aantal liefdesromans) of 'n spesifieke produksiekategorie (soos inspirerende fiksie) fokus. Onderskeidelike voorbeelde is LAPA en CUM. Hierdie uitgewerye is kommersieel van aard en gerig op winsoogmerk, 'n sosiale en kulturele bydrae is egter nie uitgesluit nie.

- (iii) *Onafhanklike uitgewerye wat grotendeels op “literêre” fiksie fokus.* Hierdie produsentekategorie sluit, soos (ii), uitgewerye in wat nie deel van ’n mediamaatenskap of groter groep vorm nie, wat dus eweneens onafhanklik is. Die ooreenstemmende kenmerk van hierdie uitgewerye is dat hulle, wat die produksie van fiksie betref, hoofsaaklik afgestem is op “literêre” fiksie. Hulle is wel kommersieel van aard en gerig op wins, maar hulle lewer ook ’n sosiale en kulturele bydrae. Hierdie uitgewerye poog spesifiek om ’n bydrae tot die letterkunde te maak deur die publikasies wat hulle uitgee. ’n Voorbeeld is Protea Boekhuis.
- (iv) *Onafhanklike eenman-uitgewerye wat op nismarkfiksie fokus.* Die uitgewerye wat deel van hierdie produsentekategorie vorm, is klein uitgewerye wat deur een persoon of enkele individue besit en bestuur word. Die ooreenstemmende kenmerk van hierdie uitgewerye is dat hulle uitgegeleenthede bied vir nismarkpublikasies (waarvoor gevestigde / groot uitgewerye as gevolg van die klein mark dikwels nie kans sien nie). Die fokus is sterk gerig op die kulturele bydrae van die publikasies wat uitgegee word. Op grond van onderskeidingsfaktore soos winsoogmerk, kapitaaluitleg en betrokkenheid van outeurs, kan daar kleiner groeperings binne hierdie produsentekategorie onderskei word. Sommige van hierdie uitgewerye het nie ’n primêre winsoogmerk nie en poog slegs om finansieel te oorleef (om finansieel gelyk te breek met die publikasies wat hulle uitgee en nie noodwendig ’n groot wins te maak nie). Die uitgewery word egter steeds kommersieel bedryf en maak wel wins (sommiges meer as ander) wat weer in volgende publikasies belê word. Ander uitgewerye in hierdie produsentekategorie verwag van outeurs om self ’n kapitaaluitleg te maak en by te dra tot die produksiekoste van ’n publikasie. Sommige van die uitgewerye bied ook redaksionele dienste (soos keurverslae en redaksionele versorging) teen ’n fooi en skryfslypskole aan outeurs aan. Die klem van al die uitgewerye in hierdie produsentekategorie val sterk op die skep van uitgegeleenthede vir outeurs en hulle is almal sterk outeurs-gedrewe. Hierdie uitgewerye word hoofsaaklik van (ii) en (iii) onderskei op grond van die kleiner skaal waarvolgens hulle besit en bestuur word en die kleiner aantal titels wat uitgegee word. Enkele voorbeelde van hierdie uitgewerye is Bent, Suider Kollege, Litera, Hemel & See en Genugtig!.

- (v) *Onafhanklike alternatiewe uitgewerye.* Hierdie produsentekategorie sluit uitgewerye in wat deur 'n spesifieke politieke of ideologiese fokus tot stand kom en sterk deur dié betrokke ideologie gelei word in die soort publikasies wat hulle uitgee. Sommige van hierdie uitgewerye het as protes teen die apartheidsbestel en sensuurstelsel tot stand gekom en word as onafhanklike anti-apartheid uitgewerye, met 'n sterk politieke fokus, gekenmerk. 'n Voorbeeld is Taurus. Ander is weer sterk gekant teen die politiek en ideologie van die dag of vernet hulle teen die establishment (ook teen sogenaamde hoofstroom-uitgewerye wat nie teen die establishment is nie), hulle is in wese onafhanklike anti-establishment uitgewerye. Voorbeelde is Hond en Praag. Nog 'n soort alternatiewe uitgewerye het spesifiek tot stand gekom deurdat die outeurs van wie publikasies uitgegee word voorheen gemarginaliseer is en nie deur gevestigde / hoofstroom-uitgewerye uitgegee is nie. Hierdie outeurs het gemobiliseer en uitgewerye gestig wat op die periferie van die produsentelandskap staan. Voorbeelde is Prog en Domestica. Uitgewerye in hierdie produsentekategorie is, soos (iv), ook klein, dikwels nie primêr op winsoogmerk ingestel nie en beskik oor beperkte hulpbronne, maar word spesifiek van (iv) onderskei op grond van die duidelike politieke en / of ideologiese fokus in die uitgeefilosofie.
- (vi) *Outeurs wat self-uitgee.* Hierdie produsentekategorie verwys na outeurs wat self hulle eie publikasies uitgee. Dikwels verskyn hierdie produsente se publikasies onder die outeur se eie naam. Soms word publikasies wel onder 'n druknaam uitgegee, maar dit geld nie as onafhanklike uitgewerye waar die onderskeidende kenmerk die uitgee van ander (outeurs) se publikasies is nie.
- (vii) *Instansies wat self-uitgee.* Hierdie produsentekategorie sluit openbare of private organisasies, verenigings, instellings en instansies (byvoorbeeld regeringsdepartemente, korporatiewe maatskappye in die privaatsektor en skrywersverenigings) in wat nie uitgewerye is nie, maar wel sporadies boeke uitgee.

Die bogenoemde produsentekategorieë is nie volkome onderskeibaar van mekaar nie en oorvleuel gedeeltelik. Die kategorieë in die tipologie moet eerder as 'n soort matriks beskou word. Soms kan 'n produsent ook in meer as een kategorie val. Uitgewerye / produsente bly juis nie vir altyd in een kategorie nie maar beweeg, as gevolg van voortdurende transformasieverskuiwings in die produsentelandskap, van een kategorie na 'n ander. Hierdie verskuiwings word by die profiele van spesifieke produsente bespreek. Die profiele van individuele produsente word gegroepeer na aanleiding van die voorgestelde tipologie om 'n struktuur aan die res van die hoofstuk te gee. Die individuele profiele word ingedeel volgens die posisie wat die produsent tans in die tipologie beset, met ander woorde binne die produsentekategorie wat die betrokke produsent aan die einde van die periode van hierdie ondersoek beklee het. Waar 'n spesifieke uitgewery byvoorbeeld oorspronklik 'n onafhanklike uitgewery was, maar intussen deur 'n mediamaatskappy oorgeneem is, word die profiel as deel van die mediamaatskappy bespreek.

Dit is belangrik om daarop te wys dat daar plaaslik, anders as in byvoorbeeld Nederland, geen kommersiële uitgewery bestaan wat uitsluitlik fiksie uitgee en dus as 'n literêre uitgewery beskou kan word nie. Hier te lande word fiksiepublikasies wat deur kommersiële uitgewerye uitgegee word, uitgegee deur uitgewerye wat hoofsaaklik deel van die algemene sektor van die uitgewerybedryf vorm (wat dus beide fiksie en nie-fiksie uitgee). Sommige uitgewerye gee benewens fiksie ook soms skoolboeke en / of akademiese publikasies uit. Plaaslik spesialiseer algemene uitgewerye oor die algemeen in veel minder mate in slegs 'n spesifieke produksiekategorie as wat die geval is met soortgelyke uitgewerye in die buiteland. Die grootste spesialisasie plaaslik kom voor by uitgewerye wat deel vorm van die opvoedkundige en akademiese sektore en waarvan sommige uitsluitlik in die uitgee van spesifieke skoolboeke en akademiese publikasies spesialiseer (sodanige uitgewerye val egter buite die bestek van hierdie ondersoek omdat hulle nie fiksie uitgee nie). Van die kleiner onafhanklike uitgewerye gee sommige uitsluitlik fiksiepublikasies uit, maar soms word dié reël ook oortree deur die verskyning van 'n nie-fiksie of opvoedkundige publikasie deur dieselfde uitgewery. Om hierdie probleem te omseil word die term “literêre uitgewery” liefs vermy en word daar eerder verwys na die konsep “uitgewery van (*ook*) Afrikaanse fiksie”.

Die konsepte “produsent”, “uitgewery”, “self-uitgee” en “druknaam” verdien verheldering.

- Met die konsep “produsent” word verwys na dié institusies wat primêr by die produksie van Afrikaanse fiksie betrokke is, in die meeste gevalle dus na uitgewerye, maar ook na ander persone en instansies wat slegs by geleentheid fiksie uitgee en nie primêr uitgewerye is nie. “Produsent” word gebruik as die oorkoepelende term wat uitgewerye, outeurs wat self-uitgee en andersoortige produsente insluit.
- “Uitgewery” verwys na ’n onderneming wat primêr gemoeid is met die uitgee van publikasies, in hierdie geval die uitgee van Afrikaanse fiksiepublikasies, en wat dus sentraal staan in boekproduksie as institusie.
- Die konsep “self-uitgee” word gebruik om te verwys na die handeling van outeurs en andersoortige produsente wat nie van uitgewerye gebruik maak nie, maar sêlf publikasies uitgee waarvan die outeur of produsent sêlf die outeur is. Hierdie produsente dra self die finansiële risiko van hulle publikasies. Die konsep “privaat uitgee” word vermy omdat dit verwarrend kan wees en ook kan dui op die onderskeid tussen uitgewerye in die privaatsektor teenoor uitgee-aktiwiteit deur die staat.
- “Druknaam” verwys na die naam en logo waaronder ’n boek uitgegee word, hetsy deur ’n uitgewery of deur ’n andersoortige produsent. “Druknaam” word van “uitgewery” onderskei deurdat ’n uitgewery onder verskeie drukname verskillende soorte publikasies kan uitgee. ’n “Druknaam” is in werklikheid ’n handelsnaam vir publikasies wat oor sekere bemarkingswaarde beskik en wat met tyd onder die publiek bekend raak vir die soort publikasie wat dit verteenwoordig. Soms gebruik uitgewerye verskillende drukname om die verskeie afdelings waaronder uitgegee word te onderskei (die breë kategorieë van die publikasielys word onder verskillende drukname uitgegee). Wanneer (die publikasielys van) ’n kleiner uitgewery deur ’n groter uitgewery oorgeneem word, word die naam van die kleiner uitgewery dikwels as ’n druknaam van die groter uitgewery behou (hoofsaaklik as gevolg van die bemarkingswaarde van die druknaam as handelsmerk). Die Engelse “imprint” word eerder met “druknaam” as “imprimatuur”, “drukkersnaam” of “drukkersmerk” vertaal.

Vervolgens word die profiele van die verskeie produsente in die produsentelandskap van Afrikaanse fiksie bespreek. Die onderskeie profiele word volgens die soort produsentekategorie waartoe die betrokke uitgewery hoort en na aanleiding van die bovermelde tipologie georden.

4.3 Uitgewerye binne 'n mediamaatskappy of groter groep

Een van die belangrikste en aanskoulikste transformasieverskuiwings in die Suid-Afrikaanse boekuitgewerybedryf in die 1990's en 2000's (en internasionaal sedert die 1980's) was die vorming van groot multinasionale mediamaatskappye of mediakonglomerate. Die belange van hierdie maatskappye is gediversifiseer in boekuitgewerye, koerante, tydskrifte, elektroniese media, die uitsaaibedryf, rolprentbedryf en musiekbedryf. Die boekuitgewery-belange van hierdie konglomerate is dus slegs 'n klein komponent van 'n veel groter onderneming. Klein uitgewerye wat oor jare opgebou is en onafhanklik besit en bestuur is, moes toenemend vir markaandeel met hierdie konglomerate meeding. Baie kon na 'n felle stryd nie die mas opkom nie en is later gesluit of deur konglomerate oorgeneem (Schiffrin, 2001:2-4).

Tans word die algemene sektor (fiksie en nie-fiksie) van die boekuitgewerybedryf in die Verenigde State van Amerika deur vyf groot konglomerate gedomineer, naamlik (in volgorde van markaandeel): Random House Incorporated (wat deur Bertelsmann besit word), Penguin Putnam Incorporated (deel van die Pearson-groep), HarperCollins (deel van die News Corporation van Rupert Murdoch), Simon & Schuster (wat deur Viacom/CBS besit word) en Time Warner (Van Rooyen, 2005:273-274; vergelyk ook Epstein, 2002:11 en Schiffrin, 2001:1-3). In die Verenigde Koninkryk word die algemene sektor van die boekuitgewerybedryf deur agt groot konglomerate gedomineer; hulle is, in volgorde van markaandeel: Random House – Transworld (wat deur Bertelsmann besit word), Hodder Headline – Orion (deel van Hachette Livre), Dorling Kindersley – Penguin (deel van die Pearson-groep), HarperCollins (deel van die News Corporation), Pan Macmillan (deel van Holtzbrinck), Time Warner, Bloomsbury en Simon & Schuster (Van Rooyen, 2005:276-277). Al die genoemde konglomerate is deel van multinasionale mediamaatskappye wat hoofsaaklik in die Verenigde State van Amerika, die Verenigde Koninkryk en Duitsland gebaseer is, maar wat globale belange in ook ander lande het. Veral Britse

multinasionale mediamaatskappye het, met betrekking tot plaaslik geproduseerde Engelse publikasies in die opvoedkundige en akademiese sektore, 'n aansienlike markaandeel in die Suid-Afrikaanse boekuitgewerybedryf, via plaaslike filiale soos byvoorbeeld Longman, Heinemann, Macmillan, Butterworth en Oxford University Press Southern Africa (Van Rooyen, 2005:285-286; 341-344). Volgens Van Rooyen (2005:291) het multinasionale konglomerate 'n markaandeel van ongeveer 80% in die opvoedkundige sektor (die grootste sektor in die plaaslike bedryf). Sommige van dié multinasionale uitgewerye se Suid-Afrikaanse filiale het ontwikkel tot groot plaaslike uitgewerye wat 'n belangrike bydrae tot inheemse boekproduksie lewer. Ander het met Suid-Afrikaanse uitgewerye saamgesmelt om 'n soort hibried te vorm waarvan die helfte internasionaal besit word en die ander helfte plaaslik, 'n voorbeeld is Maskew Miller Longman (Van Rooyen, 2005:285-286;341-342). Ongeveer 75% van algemene boeke (fiksie en nie-fiksie) en ongeveer twee derdes van akademiese boeke, spesifiek Engelse titels, wat plaaslik in die handel verkoop word, is die produkte van internasionale konglomeraatuitgewerye (in onderskeidelik die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State van Amerika), wat ingevoer word en deur plaaslike verspreidingsagentskappe hier te lande versprei word (Van Rooyen, 2005:286, 291).

Op plaaslike front is die Afrikaanse medialandskap (wat koerante, tydskrifte en boeke betref) lank deur twee groot Suid-Afrikaanse mediakonglomerate oorheers, die mediamatskappy Naspers in die suide en die mediamaatskappy Perskor in die noorde. Beide groepe se markaandeel is deur jare opgebou, en wat die boekuitgewery-belange betref, verder versterk deur die oornam van eens onafhanklike uitgewerye. Gedurende die 1970's en 1980's het die stryd tussen die noorde en suide al hoe feller geword. Een van die belangrikste gebeurtenisse in die plaaslike uitgewerygeskiedenis in die 1990's was die voltrekking van hierdie stryd: Perskor het uiteindelik tot niet gegaan (sien 4.3.3) en Naspers het oorgebly en 'n monopolie verkry wat Afrikaanse mediaprodukte (insluitend boeke, koerante, tydskrifte, uitsaaimedia en elektroniese media) betref. Wat die produksie van Afrikaanse boeke (in verskeie sektore) in die plaaslike uitgewerybedryf betref, word die mark vandag oorheers deur die mediakonglomeraat Naspers (sien 4.3.1). Die oornam en latere tot niet gaan van nog 'n groot uitgewery, HAUM (nie 'n mediakonglomeraat nie maar 'n maatskappy wat uit verskeie filiale bestaan het), wat 'n sterk markaandeel in die opvoedkundige sektor

van die plaaslike uitgewerybedryf gehad het en ook Afrikaanse fiksie uitgegee het (sien 4.3.4), het die monopolie van Naspers verder versterk.

Belangrike vrae vir die doeleindes van hierdie studie is hoe die besigheidsmodel van uitgewerye wat deel van mediakonglomerate vorm, verskil van die besigheidsmodel van kleiner onafhanklike uitgewerye en wat die impak daarvan op die produksie van fiksiepublikasies deur hierdie konglomeraatuitgewerye is. Om hierdie vrae te beantwoord, is dit nodig om eers te verwys na die tradisionele aard van die boekuitgewerybedryf in die algemeen en fiksieproduksie in die besonder. In wese is boekuitgewerye kleinskaalse sakeondernemings wat as 'n soort "tuisnywerheid" bedryf word (veral wat die genereringsfase en redaksionele versorging van 'n manuskrip betref): intense redaksionele aandag word aan manuskripte bestee; verhoudings met outeurs word oor jare opgebou en vertroetel; die persoonlike inslag en kennis van redakteurs is van onskatbare waarde; die uitgee van 'n boek bly 'n waagspel en die sukses daarvan is steeds, ten spyte van alle moontlike marknavorsing en berekende risiko's, in 'n mate aan die voorsienigheid oorgelewer (vergelyk Epstein, 2002:1-2). Wat die finansiële sy van 'n boekuitgewery betref, geld min of meer die volgende algemene stelreëls: produksiekoste vereis hoë kapitaaluitleg wat lank in voorraad opgesluit lê; voorraad verkoop stadig en veroorsaak hoë bergingskoste; gevolglik is kontantvloei laag; en die uiteindelijke opbrengs lewer 'n lae winsmarge (Epstein, 2002:19; Schiffrin, 2001:7). Schiffrin (2001:104) wys daarop dat daar lank in die besigheidsmodel van die twintigste eeuse algemene uitgewery vermag is om aanvanklik slegs gelyk te breek en eers wins te maak wanneer die publikasie 'n wyer mark bereik (omdat die nuwe idees van nuwe outeurs dikwels jare neem om 'n groot genoeg mark te bereik wat die produksiekoste van hulle manuskripte regverdig). Uitgewerye is in die verlede dikwels as familiesake gestig en vir dekades deur die betrokke familie besit en bestuur (plaaslik is J.L. van Schaik, J.P. van der Walt & Seun, Juta en Struik enkele voorbeelde van uitgewerye wat lank as familiesake bedryf is – byna almal is intussen deur mediakonglomerate oorgeneem of het in hulle aard só verander dat hulle nie meer familiesake is nie).

Die perspektief van die wesensaard van die boekuitgewerybedryf wat hierbo geskets is, sal waarskynlik by moderne sakelui, uit 'n ekonomiese en finansiële oogpunt, die indruk laat dat die boekuitgewerybedryf 'n hoërisiko beleggingsmoontlikheid is en nie

noodwendig 'n benydenswaardige besigheidsproposisie nie. Hoekom belê uitgewers dus steeds in boeke en word nuwe uitgewerye gestig? Waarskynlik omdat uitgewers steeds 'n passie vir boeke het en waarde heg aan die sosiale en kulturele rol wat boeke vervul en waartoe uitgewerye bydra, en daarom bereid is om die sosiale en ekonomiese doelstellings van 'n uitgewery met mekaar te versoen (vergelyk Epstein, 2002:3-4; Schiffrin, 2001:155-172). Met hierdie perspektief word nie te kenne gegee dat boekuitgewerye deur die bank finansiële onsuksesvolle ondernemings is, of permanent besig is met 'n balanseertoertjie ter wille van oorlewing en dan tog aan die einde ten gronde gaan nie. Dikwels word groot finansiële sukses op die langtermyn behaal en groei uitgewerye tot suksesvolle sakeondernemings sonder om in te boet aan die kulturele impak wat hulle maak. Maar wanneer 'n kleiner uitgewery deur 'n groter een oorgeneem word, word 'n nuwe korporatiewe kultuur en besigheidsmodel aangeneem en dikwels gaan daar iets van die styl en kultuur van die uitgewery verlore omdat dit vanaf 'n tuisnywerheidsbedryf na 'n korporatiewe bedryf transformeer (vergelyk Epstein, 2002:7-8; Schiffrin, 2001:73-102). Die vermelde perspektief is eerder 'n poging om beide die kulturele en ekonomiese faktore wat 'n rol speel in die boekuitgewerybedryf te beklemtoon en 'n soort sensitiwiteit vir die unieke ekonomiese aard van dié bedryf te onderstreep. Per slot van sake is die boekuitgewerybedryf in sy wesensard 'n kultureel-strategiese bedryf wat beide 'n kulturele en ekonomiese impak (behoort te) maak (CIGS, 1998:5). Die boekuitgewerybedryf verskil van ander ekonomiese sektore wat verbruikersgoedere vervaardig omdat die produk van hierdie bedryf (veral fiksie- en nie-fiksieboeke as produk van die algemene sektor) nie verbruikersgoedere is nie, maar kultuurprodukte (sien ook 3.3.2.3).

Boekuitgewerye wat deel vorm van mediakonglomerate is egter op 'n ander besigheidsmodel aangewese as die tuisnywerheidsbedryf wat hierbo geskets is. Die beskikbare infrastruktuur en hulpbronne binne mediakonglomerate hou voordele vir hierdie boekuitgewerye in: hulle word professioneel met gesonde sakebeginsels bestuur en voldoende finansiële beplanning vind plaas; hulle beskik oor 'n globale verteenwoordigheid en omvangryke infrastruktuur vir bemerking en promosie; kapitaal vir nuwe projekte is geredelik beskikbaar; menslike hulpbronne sluit kundige en ervare personeel in wat spesialiste op hulle onderskeie terreine is (in byvoorbeeld die bemerkings- en produksieafdelings); en boeke kan vinniger en volgens 'n meer

vaartbelynde uitgeeproses uitgegee word (Paten, 1996:21; Schiffrin, 2001:105). Kortom, en om ietwat te veralgemeen: die konglomeraatuitgewery funksioneer eerder soos 'n korporatiewe sakeonderneming as 'n tuisnywerheid. Die groter skaal waarop konglomeraatuitgewerye bedryf word, het egter ook die gevolg dat oorhoofse uitgawes (soos die huur van kantore, die salarisse van personeel en bergingskoste) styg, dat hulle in 'n groter mate uitgelewer is aan ekonomiese realiteite en noodwendig in 'n groter mate na hoër omset, 'n groter winsoogmerk, vinniger voorraadomset en hoër verkope streef (Paten, 1996:22-23; Schiffrin, 2001:5, 120). Omdat mediakonglomerate dikwels openbare maatskappye is en op die effektebeurs gelys is, het hulle 'n finansiële verpligting teenoor aandeelhouders wat opbrengste op hulle beleggings verwag en wat nie noodwendig simpatie het vir die unieke aard van die boekuitgewerybedryf nie (sien 3.4.2.4). Die implikasies van die besigheidsmodel waarvolgens 'n konglomeraatuitgewery bestuur word, is dat meer titels vinniger uitgegee word – in lyn met die ekonomie van skaal wat die besigheidsmodel vereis. Ongelukkig word daar soms ingeboet aan die persoonlike- en kwaliteitaandag wat individuele manuskripte en outeurs vereis – dit is veral 'n nadeel wat fiksie-manuskripte en outeurs van fiksie betref (Cohen, 1996:44-45).

Paten (1996:22) wys daarop dat die besigheidsmodel van konglomeraatuitgewerye teenstrydig is met die uitgee van fiksie en die opbou van 'n florerende fiksie-publikasielys wat in wese gaan oor toegewyde koestering oor die langtermyn. Outeurs van fiksie se reputasie en gevolglike kommersiële lewensvatbaarheid word oor dekades opgebou (Schiffrin, 2001:104; vergelyk ook De Glas, 1998a:392-394 wat die deurlopende outeursoeuvre as die ruggraat van 'n fiksiepublikasielys beskou). Outeurs wat vir jare gewoond was aan die langtermynkoestering, persoonlike aandag, simpatie en skrywersbegeleiding van hulle redakteurs binne die besigheidsmodel van 'n kleiner uitgewery, pas moeilik aan by die omstandighede van 'n konglomeraatuitgewery (Cohen, 1996:44-45). Dikwels lei dit tot ontevredenheid en wrywing in die uitgewerskrywer verhouding. In die Nederlandse boekewêreld het 'n omwenteling in 2001 plaasgevind toe 12 gevestigde skrywers die algemene uitgewery Meulenhoff verlaat het vir 'n nuutgestigte uitgewery deur hulle voormalige redakteur by Meulenhoff, Tillie Hermans. Daarna het nog 'n oud-Meulenhoff-redakteur, Wil Hansen, 'n nuwe uitgewery gestig en nog van Meulenhoff se outeurs het laasgenoemde uitgewery verlaat. Volgens waarnemers was dié omwenteling die gevolg van die toenemende

kommersialisering van die Nederlandse uitgewerybedryf en die feit dat literêre fiksiepublikasies toenemend as produkte wat bemark moet word, beskou word (Keyser, 2001:4). Ook plaaslik kan die ontevredenheid deur (meestal) Afrikaanse fiksieskrywers wat in 2002 afgespeel het (sien 3.3.3.4), in 'n mate as simptome van verskuiwing in die produsentelandskap beskou word.

Die tendens dat outeurs hulle redakteurs volg wanneer hulle by ander uitgewerye gaan werk (Schiffrin, 2001:162), hou verband met die unieke eienskappe van 'n redakteur en die persoonlike inslag van die skrywer-uitgewer verhouding wat oor jare opgebou word (veral wat outeurs en uitgewers van fiksie betref). In die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie bestaan daar ook voorbeelde van hierdie tendens. Deon Meyer se vyf speurromans het by vier verskillende uitgewerye verskyn: *Wie met vuur speel* (Tafelberg, 1994), *Feniks* (Queillierie, 1996), *Orion* (Human & Rousseau, 2000), *Proteus* (Human & Rousseau, 2002) en *Infanta* (LAPA, 2004). Die eerste roman is deur Danie Botha, voormalige fiksieredakteur by Tafelberg, gehanteer; die laaste vier romans is almal deur Etienne Bloemhof as redakteur gehanteer en die uitgeskiedenis daarvan loop parallel met Bloemhof se loopbaanverskuiwings tussen uitgewerye. Na verwagting sal Meyer se volgende roman weer onder die druknaam Human & Rousseau verskyn, waar Bloemhof tans werk (Bloemhof, 2005). 'n Ander voorbeeld is die onlangse verskyning van Antjie Krog se jongste digbundel *Verweerskrif* (2006) by Umuzi ('n plaaslike druknaam van die multinasionale uitgewery Random House – sien 4.3.6) waar Annari van der Merwe aan stuur van sake is. Krog se vorige bundel, *Kleur kom nooit alleen nie* (Kwela Boeke, 2000) is ook deur Van der Merwe uitgegee toe sy bestuurder van Kwela Boeke was. Nog 'n enkele voorbeeld is die feit dat Hettie Scholtz (wat tans nie voltyds aan 'n uitgewery verbonde is nie) betrokke was by Marlene van Niekerk se jongste roman, *Agaat* (Tafelberg, 2004), Scholtz was ook die uitgewer van Van Niekerk se vorige roman, *Triomf* (Queillierie, 1994) en die kortverhaalbundel *Die vrou wat haar verkyker vergeet het* (HAUM-Literêr, 1992). Scholtz (2002 en 2004) was nou betrokke by die ontwikkeling van Van Niekerk se skrywersloopbaan en hoewel sy nie formeel die eindredakteur van *Agaat* was nie, is haar samewerking met Van Niekerk (op die outeur se versoek) 'n voorbeeld van die persoonlike band wat tussen 'n redakteur en outeur ontwikkel. Soms gebeur dit ook dat 'n outeur by 'n uitgewery bly ongeag die verwisseling in redakteurs; 'n voorbeeld is André P. Brink wat al sy laaste romans (in

Afrikaans) by Human & Rousseau laat verskyn het. Hierdie tendens behoort verder nagevors te word deur empiriese navorsing in opvolgondersoeke.

Die staatsmakertitels op die fiksiepublikasielys (titels wat herhaaldelik herdruk word) genereer inkomste op die langtermyn; maar kan aanvanklik stadig verkoop en kapitaal kan lank in voorraad opgesluit lê (Paten, 1996:22; Epstein, 2002:12). Die uitgee van “literêre” fiksie is in wese gedrewe deur die staatsmakerpublikasielys, eerder as deur nuwe titels (sien 3.2.1.2). Hierdie aspek hou ook verband met die periode wat voorraad deur konglomeraatuitgewerye teen duur bergingskoste aangehou word voordat dit afgeskryf word en aan uitskothandelaars verkoop word: gewoonlik ’n korter periode as by onafhanklike uitgewerye wat oor hulle eie private pakhuis beskik (soos byvoorbeeld LAPA) en minder gedruk is oor voorraad wat stadig verkoop en gevolglike bergingskoste. Die toenemende kommersialisering van die boekhandelbedryf, waarvolgens groot boekkettingwinkels toenemend fokus op topverkopertitels deur outeurs wie se name handelsmerke geword het en voorraad wat stadig verkoop vinniger van boekrakke verwyder en aan uitgewers terugstuur, vererger hierdie problematiek: dit maak dit vir uitgewerye (beide konglomerate en kleiner onafhanklike uitgewerye) moeiliker om nuwe belowende of minder bekende outeurs se manuskripte uit te gee (Paten, 1996:23; Owen, 1996b:28; Epstein, 2002:18-19; Schiffrin, 2001:112; sien ook 3.4.2.4). Hierdie omstandighede het veral ’n negatiewe effek op die produksie van “literêre” fiksiepublikasies wat kulturele waarde het, maar nie onmiddellike topverkopers is nie en oor ’n lang periode ’n impak maak (vergelyk Epstein, 2002:13-14). Verdere empiriese navorsing behoort onderneem te word oor die persentasie “literêre” Afrikaanse fiksiepublikasies wat voorheen uitgegee is en wat steeds in druk beskikbaar is.

Uitgeebeslissings deur konglomeraatuitgewerye word toenemend deur finansiële besluitnemers geneem (of sterk deur hulle beïnvloed) en dikwels is dit ’n opdraande stryd wat redakteurs moet voer om hulle kollegas oor die lewensvatbaarheid van ’n fiksietitel met langtermynvooruitsigte te oortuig (Paten, 1996:22, 24). Die dae waar ’n uitgewer op grond van grotendeels intuïsie en ervaring uitgeebeslissings geneem het (vergelyk byvoorbeeld Cohen, 1996:42; Schiffrin, 2001:41), is vervang met ’n era waar ’n hele span besluitnemers gesamentlik oor die lewensvatbaarheid van titels besluit – met toenemend meer klem op die bemerkbaarheid daarvan (Schiffrin,

2001:105). 'n Enkele plaaslike voorbeeld: Van der Merwe (2003a) verduidelik dat daar in die era toe sy in die uitgewerybedryf begin werk het (die laat 1970's), nie eers kosteberekenings vir individuele titels (in terme van winsgewendheid van individuele titels) gedoen is nie. Vandag word 'n kosteberekening vir elke titel as gegewe aanvaar en uitgeebeslissings word daarop gebaseer, elke titel moet op papier winsgewend blyk te wees en bydra tot oorhoofse koste (vergelyk Cohen, 1996:44; Schiffrin, 2001:40, 73, 91). Binne konglomeraatuitgewerye is fiksieredakteurs, wat voorheen hoofsaaklik vir die redaksionele werk aan manuskripte verantwoordelik was, tot uitgewers bevorder wat publikasielyste bestuur en daarmee saam ook verantwoordelikheid vir die finansiële bestuur daarvan aanvaar. Die voordeel van dié besigheidsmodel is dat die groter uitgewery in kleiner eenhede verdeel word wat meer bestuurbaar is, dat onafhanklike redaksionele identiteite behou word en dat uitgewers oor 'n mate van beheer beskik wat die finansiële en estetiese kontrole van hulle publikasielyste betref (Paten, 1996:24-25; Schiffrin, 2001:81). Uitgewers verbind hulle aan die uitgee van 'n spesifieke aantal titels per jaar en die bereiking van 'n sekere winsmarge; die prestasie van die uitgewer word dan na afloop van die jaar aan hierdie vooruitskattings gemeet. Gevolglik, en noodgedwonge, is uitgewers in hulle uitgeebeslissings in 'n mindere mate bereid om 'n kans te waag op 'n uitdagende titel of 'n innoverende onbekende outeur (Schiffrin, 2001:106-107).

Ten spyte van die besigheidsmodel wat konglomeraatuitgewerye volg en wat nadele vir die uitgee van fiksie inhoud, betoog Paten (1996:21) dat fiksieproduksie steeds 'n belangrike plek binne konglomeraatuitgewerye het. Hierdie uitgewerye is bewus van die feit dat 'n fiksiepublikasielyst (én die produksie van nie net "populêre" fiksie waarvoor 'n versekerde mark bestaan nie, maar ook "literêre" fiksie waarvoor die mark in wese 'n nismark is) bydra tot die prestasie (die simboliese kapitaal) van 'n uitgewery en meehelp aan die aansien van die uitgewery onder outeurs en verbruikers (die simboliese produksie). Verder is konglomeraatuitgewerye ook ingelig oor die feit dat fiksiepublikasies wat van kwaliteit getuig ("literêre fiksie") 'n rol te speel het in die strewe na die voortbestaan van die gedrukte boek – veral in 'n tyd waar toenemende mededinging met ander media en kultuurprodukte aan die orde van die dag is en 'n oormaat van "populêre" vorme van ontspanning reeds beskikbaar is. Steeds word die korporatiewe bestuur van mediamaatskappye nie maklik tot simpatie vir die unieke aard van die boekuitgewerybedryf oorgehaal nie (Paten, 1996:21-22).

Stassen (2002) verwys na die gangbare persepsie onder intellektuele wat mediamaatskappye diskrediteer en as “uitbuiters” beskou: wat met die intellektuele eiendom van outeurs suksesvolle sakeondernemings tot groter sukses uitbou (vergelyk ook Owen, 1996b:30; en binne die konteks van die Afrikaanse uitgeesisteam, Pienaar, 2003a en De Kock, 2004). Dit is egter ’n gevaarlike en stereotiepe persepsie wat nie noodwendig volkome strook met die realiteit nie: die bydrae wat konglemeraatuitgewerye dikwels oor jare tot fiksieproduksie gelewer het, beide in terme van die aantal titels wat uitgegee word (die materiële produksie) en die bydrae tot die ontwikkeling van ’n letterkunde (die simboliese produksie), kan nie sommerso versaaak word omdat hierdie uitgewerye deesdae minder fiksiepublikasies uitgee nie. Toenemende konglomeraatvorming (en gevolglike kommersialisering van die boekuitgewerybedryf) het egter ’n negatiewe effek op die diversifikasie van die produsentelandskap en gee aanleiding tot verskraling in die diversifikasie van die produksieprofiel (vergelyk Schiffrin, 2001: 117-119; sien Hoofstuk 6). Die transformasieverskuiwings wat ’n invloed op die uitgeesisteam van Afrikaanse fiksie uitgeoefen het, is in Hoofstuk 3 bespreek. Hierdie transformasieverskuiwings het ook aanleiding gegee tot konglomeraatvorming en ander verskuiwings in die produsentelandskap van Afrikaanse fiksie (of was medebepalend vir die agtergrond waarteen verskuiwings in die produsentelandskap plaasgevind het). Vervolgens word sodanige verskuiwings in die profiele van uitgewerye wat deel van oorkoepelende mediamaatskappye vorm of deel uitmaak van ’n groter groep, onder die loep geneem.

4.3.1 Naspers / Via Afrika / NB-Uitgewers

In die eerste dekade na die stigting van De Nationale Pers (op 12 Mei 1915) was uitgee-aktiwiteite hoofsaaklik gefokus op koerante; die dagblad *De Burger* (later *Die Burger*) verskyn reeds op 26 Julie 1915 vir die eerste keer. Die geskiedenis van Naspers loop parallel met die opkoms en groei van Afrikaner-nasionalisme en *Die Burger* was lank ’n mondstuk vir die Nasionale Party (Van Rooyen, 2005:338). In 1918 is De Burger Boekhandel en De Burger Leeskring gestig en is daar begin om boeke uit te gee. Sedert die 1920’s het Naspers begin om onder die embleem van die opkomende son meer boeke en ’n groter verskeidenheid uit te gee, veral literêre werke

van Afrikaanse skrywers en digters soos C.J. Langenhoven, C. Louis Leipoldt, Jan F.E. Celliers en Totius, en ook skoolhanboeke en tersiêre handboeke (Via Afrika, 2005d; vergelyk Muller, 1990:498-525 oor die uitgewery- en boekhandel-bedrywighede van Naspers in die beginjare). Die uitgee- en boekhandel-aktiwiteite van Naspers is in 1950 formeel gegroeper toe Nasionale Boekhandel as 'n selfstandige maatskappy met buite-aandeelhouders tot stand gekom het. Die embleem van die opkomende son is met die volle son vervang. Die nuwe maatskappy het vinnig gegroei en veral 'n sterk aandeel in die mark vir opvoedkundige publikasies gekry; binne vyf jaar het die omset verdriedubbel en in 1973 het Nasionale Boekhandel 'n filiaal van Nasionale Pers geword (Via Afrika, 2005d; vergelyk Steyn, 1992b:119-159 oor die ontstaan en beginjare van Nasionale Boekhandel). Met die latere oornome van Tafelberg-Uitgewers (sien 4.3.1.1) het Naspers 'n gerekende rolspeler in die algemene sektor van die uitgewerybedryf geword (spesifiek wat Afrikaanse boeke betref) en nog later is ook ander Afrikaanse algemene uitgewerye oorgeneem (sien 4.3.1.2; 4.3.1.3; 4.3.1.5 en 4.3.1.9). In 1963 is die opvoedkundige uitgewery Nasou gestig om skoolboeke vir die voormalige wit skole uit te gee en in 1970 het Via Afrika gevolg met dieselfde doel toegespits op skoolboeke vir die voormalige swart skole (vergeelyk Scannell, Steyn & Keyser, 1992:445-475 vir 'n volledige oorsig oor die opvoedkundige uitgewerye van Naspers). In 1996 is laasgenoemde twee uitgewerye saamgevoeg as Nasou Via Afrika en 'n gedeelte van die aandele is aan die swart bemagtigingsgroep Thebe Investments verkoop (Via Afrika, 2005d). Met die oornome van J.L. van Schaik uitgewers (sien 4.3.1.3) is ook 'n belang in die tersiêre sektor verkry. In 1992 en 1994 is 'n belang in ook Engelse algemene uitgewery verkry deur die oornome van onderskeidelik Jonathan Ball Publishers (gestig in 1976) en HarperCollins Suid-Afrika (Via Afrika, 2005d). Die latere aandeel in Lux Verbi.BM (sien 4.3.1.9) het 'n belang in Christelike uitgewery vir Naspers verseker.

Naspers het oor die jare verder gegroei en gediversifiseer deur, wat die groep se uitgee- en boekhandel-aktiwiteite betref, die stigting van die boekklubs Leserskring / Leisure Books (sien 3.2.3.2(b)); die verdere uitbouing van Van Schaik Boekhandel en latere elektroniese handel deur Van Schaik Online; die stigting van die elektroniese boekhandelaar Kalahari.net (sien 3.2.3.2(c) en 3.4.3.8); die stigting van die elektroniese uitgewery ContentLot.com en die verpakking van inhoud deur Content

Solutions (sien 4.3.1.10); die woordeboekuitgewery Pharos; en die pakhuis- en verspreidingsdiens On the Dot Distribusie (sien 3.2.3.2).

Vandag is Naspers 'n multinasionale mediagroep, die grootste mediagroep in Suid-Afrika, met ook bedrywe in die res van Afrika en in Griekeland, Ciprus, Nederland, die Verenigde State van Amerika, Thailand en China (Naspers, 2005a). Op 12 September 1994 is Naspers op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer en op 24 Desember 2002 op die Amerikaanse Nasdaq-aandelemark (Naspers, 2005b; Van Niekerk, 2002:23). Naspers speel steeds 'n belangrike rol in die plaaslike boekuitgewerybedryf. Die aanvanklike konneksie met Afrikaner-nasionalisme en die Nasionale Party het sedert 1992 geheel en al verdwyn en die groep het “vinnig verander om aan te pas by die nuwe grondwetlike werklikhede van die land” (Via Afrika, 2005d). Teen 2004 bestaan die maatskappystruktuur van Naspers uit vier afdelings (Naspers, 2005c): (i) betaaltelevisie (onder andere Multichoice en M-Net); (ii) Internet (die Internet-intekenaarplatforms M-Web); (iii) drukmedia (Media24 wat verskeie koerante en tydskrifte insluit en so te sê die hele Afrikaanse tydskrifwese en koerantwese domineer en die drukkerij Paarl Media); en (iv) boekuitgewerye, boekhandelaars, verspreiders en private onderwys (Via Afrika wat 'n klomp uitgewerye / agentskappe en kleinhandelaars / verspreiders asook die private onderwysverskaffer Educor insluit). Die versameling van boekuitgewerye en boekhandel-belange van Naspers was tot 2004 as Nasboek bekend, waarna dit as Via Afrika bekend staan. In Februarie 2005 is aangekondig dat Via Afrika en Media24 saamsmelt deurdat Media24 vir Via Afrika by Naspers oorgeneem het (*Via Afrika Nuusbrief*, 18.03.05). Die nuwe era word verder ingelui deur die aanstelling van Musa Shezi as besturende direkteur van Via Afrika, hy neem by Hein Brand oor wat hoof van Media24 word (Brand het in 2003 by Helgaard Raubenheimer oorgeneem toe laasgenoemde uitgetree het) (*Via Afrika Nuusbrief*, 25.02.05).

Die belangrikste herstrukturering binne die algemene uitgewerye van Nasboek het in 1999 plaasgevind (sien 4.3.1.1 tot 4.3.1.8) en is in 2001 deur verdere saamgroepering opgevolg. Op 1 April 2001 word die Tafelberg-groep (op daardie stadium bestaande uit Tafelberg, Queillerie, Kwela Boeke, J.L. van Schaik, Jasmyn, Homeros, Renaissance, Pharos, Sunbird en Metz Press) en Human & Rousseau (insluitend die druknaam Best Books wat op skoolboeke vir die voorskryfmark konsentreer)

saamgevoeg as NB-Uitgewers. Volgens Van Zyl (2001b:4) is hierdie besluit geneem sodat die uitgewerye “op die lange duur [...] kan oorleef, [...] met ’n strategie om nog die afsonderlike drukname en die literêre tradisies rondom elke druknaam te behou en uit te bou”. Die drukname Tafelberg, Human & Rousseau, Kwela Boeke (en ander soos die woordeboekuitgewery Pharos) sou “redaksioneel selfstandig bly, terwyl ondersteunende dienste soos finansiële bestuur, bemerking en produksie gedeel word en skaars middele soos kapitaal en kundigheid gesamentlik benut word” (Van Zyl, 2001b:4) – in lyn met internasionale tendense van herstrukturering (vergeelyk Schiffrin, 2001:117-118). Hannes van Zyl word aangestel as hoofbestuurder van NB-Uitgewers en Kerneels Breytenbach as publikasiebestuurder. ’n Verdere belangrike verskuiwing was ’n veranderende bestuursmodel: gesag in die uitgewery is afgewentel waarvolgens die model van ’n uitgewersbaas omring deur redakteurs vervang is deur ’n model waar redakteurs uitgewers geword het en elkeen selfstandig en met redaksionele onafhanklikheid ’n eie publikasielys ontwikkel en bestuur.

Die herstrukturering in 1999 en 2001 is gedoen in ’n poging om die finansiële posisie van genoemde uitgewerye te verbeter (sien ook 3.4.2.4). In 1998 het Nasboek as gevolg van die skoolboekkrisis en verdere besnoeiing deur die staat in ook biblioteekaankope, ’n bedryfsverlies van R16,9 miljoen gely; in 1999 daal die omset met 6%, maar die bedryfsverlies was steeds (alhoewel ’n laer) R8 miljoen; die boekuitgewerye was dus steeds nie winsgewend nie (Naspers, 1999:4, 16). Die omset van die boekuitgewerye van Nasboek verhoog van R379 miljoen in 1999 (met ’n negatiewe bedryfsinkomste van R13 miljoen) tot R434 miljoen in 2000 (en ’n positiewe bedryfsinkomste van R21 miljoen); die inkomste het dus met 15% gegroei en die bedrywighede het tot winsgewendheid herstel (Naspers, 2000:4, 12). Die herstrukturering het dus reeds teen 2000, ten spyte van stram marktoestande, begin vrugte afwerp. In 2001 bereken Hannes van Zyl dat die uitgewerye binne NB-Uitgewers, ten spyte van ’n statiese algemene boekemark, groei van 44% oor die afgelope twee jaar (die 1999/2000 en 2000/2001 finansiële jare) behaal het (Van Zyl aangehaal in Nieuwoudt, 2001:8). In 2002 word verklaar dat NB-Uitgewers “danksy groei van 100% in omset die afgelope vier jaar, [...] daarin geslaag het om sy verliese heeltemal uit te wis [...] in ’n tyd van weinig groei in die uitgewersbedryf wêreldwyd” (Van Zyl aangehaal in Nieuwoudt, 2002a:3). Terwyl die omset van NB-Uitgewers gegroei het, is die aantal titels (beide fiksie en nie-fiksie) wat dié uitgewery per jaar

uitgee, ingekort: vanaf 254 titels in 1999/2000 tot 251 in 2000/2001 tot 211 in 2001/2002 tot 188 in 2002/2003 (Barnard aangehaal in Adendorff, 2003:85).

Van Zyl tree in 2003 uit en Helgaard Raubenheimer, voorheen uitvoerende hoof van Nasboek, word tydelik aangestel as besturende direkteur van NB-Uitgewers. Die onderliggende implikasie van hierdie stap was om NB-Uitgewers na verdere winsgewendheid te lei. Raubenheimer stel homself ten doel om die belange van almal wat by die uitgewery betrokke is te balanseer: “die aandeelhouders, sonder wie ons nie kan bestaan nie, moet die beste opbrengste ontvang. Ook vir skrywers moet Nasboek ’n ware tuiste wees. [...] Elke personeellid moet gelukkig wees. Die gemeenskap moet ook voel ons is ’n nuttige aanwinst vir hulle”. Raubenheimer noem pertinent dat die “ekonomiese landskap [...] baie verander [het]” deurdadig die situasie waar die maatskappy vroeër jare hulle grootste inkomste uit die staat verkry het nie meer bestaan nie: “Die skole, byvoorbeeld, het hulle biblioteekaankope heelwat verklein. Daar word ook nou nie meer soveel voorgeskrewe boeke aangekoop nie en die algemene biblioteke bestee ook nie naastenby genoeg geld aan nuwe boeke nie. Ons is nou totaal aangewese op die publiek en dit is maar ’n opdraande stryd om die Afrikaanse boek op die rak te kry en daar te hou” (Raubenheimer aangehaal in Lehmensich, 2003). Die nie-fiksie fondslus van Sunbird is in 2002 aan Jonathan Ball Publishers verkoop. Die finansiële resultate van die 2002/2003 finansiële jaar word beskryf as “nog teleurstellend [...] weens die groot afskrywing van CNA se slegte skuld, té hoë vaste koste en té lae winsgrense, onder meer deur boeke wat benede hulle kospryswaarde verkoop moes word om stadig bewegende voorraad te verminder” (Raubenheimer, 2003).

In 2004 word aangekondig dat Eloïse Wessels, voormalige bestuurder van die akademiese uitgewery Van Schaik, die leiers by Raubenheimer as besturende direkteur van NB-Uitgewers oorneem. Teen 2005 is produksie van Afrikaanse fiksie deur NB-Uitgewers slegs gelewer deur Tafelberg, Human & Rousseau, Kwela, Jasmyn en die vier nuwe drukname van liefdesromans (sien 4.3.1.8).

4.3.1.1 Tafelberg

Tafelberg, een van die toonaangewende algemene uitgewerye, het 'n nederige begin gehad as filiaal van 'n uitgewery wat hom op ligte leesstof toegespits het. Volgens Steyn (1992c:160) het die Tweede Wêreldoorlog 'n groot vraag na ligte leesstof geskep en boekklubs het floreer. Byna elke uitgewery het 'n boekklub opgerig waarin hy sy eie boeke verkoop het. Die oorlog het tot 'n ernstige tekort aan papier gelei en daar is 'n verbod geplaas op die stigting van nuwe uitgewerye. Ná die opheffing van hierdie verbod, word Die Goeie Hoop Uitgewers van Johannesburg as boekklub gestig deur Blaar Coetzee wat ook as voorsitter optree. Op 29 Julie 1951 word Tafelberg-Uitgewers (Edms.) Bpk. as filiaal geregistreer en op 1 Augustus 1951 kom die maatskappy tot stand met J.D. Pretorius as bestuurder. Vir die eerste paar jaar spits Tafelberg hom op ligte leesstof toe en bemark sy boeke binne boekklubverband. Pretorius was baie suksesvol as boekbemarker en nuwe lede wat by die boekklub sou aansluit het ses gratis boeke ontvang waarna hulle elke maand een gekeurde boek moes koop. Hy is later aangeprys vir die “baanbrekerswerk [wat hy] vir die bemarking van die Afrikaanse boek verrig het” (Nel aangehaal in Steyn, 1992c:166) en bestempel as “[die man] wat Afrikaners geleer het om boeke in boekwinkels te koop” (Human aangehaal in Steyn, 1992c:166).

Daar bestaan onsekerheid oor watter publikasie Tafelberg se eerste boek was, *Maanlig-melodie* van Ronald Lotz en J.H.H. de Waal jr. se *Ek is die vader* verskyn albei in 1951; en tot 1958 verskyn 182 Tafelberg-titels (Steyn, 1992c:161). Tafelberg het ook, in die voetspore van Goeie Hoop, twee tydskrifte uitgegee: die meer populêre *Hy en Sy* en *Die Beste*, laasgenoemde was geskoei op *Reader's Digest* en het 'n keur van artikels uit ander tydskrifte en koerante bevat – dit was egter 'n mislukking en is gestaak. Die boekklub het mettertyd op die agtergrond geraak (hoewel dit 5 000 lede teen 1959 gehad het en redelik winsgewend was) en die algemene verkope het die klubverkope oortref. In 1958 begin Tafelberg die Registeruitgawe-reeks (dit was verhandelinge in geskiedenis wat as publikasies van kultuurhistoriese belang uitgegee is) in 'n poging om status aan die uitgewery te verleen. Teen die laat 1950's begin Tafelberg om literêre werke uit te gee, waaronder: *Die sterwende stad* van Anthonie P. Roux (1956); Anna M. Louw se *Die koms van die komeet* (1957); *Man van Ciréne* deur F.A. Venter (1957); en *Die meul teen die hang* van André P. Brink (1958).

Teen hierdie tyd het die Nasionale Boekhandel in Tafelberg 'n potensieële bedreiging begin sien deurdat Tafelberg “[...] reeds 'n aantal publikasies [gehad] het wat óf voorgeskryf is óf voorgeskryf kan word [...] en indien hulle verder uitbrei met publikasies van hierdie aard, kan hulle later 'n sterker houvas op die skoolmark ten opsigte van voorgeskrewe boeke kry”. Op 1 Julie 1959 word Tafelberg as eerste filiaal van Nasionale Boekhandel oorgeneem en Pretorius bly die bestuurder (Steyn, 1992c:165-166). Op 1 April 1970 word die afdeling algemene publikasies van Nasionale Boekhandel gesluit en die fondslus word na Tafelberg oorgedra (uitsluitend opvoedkundige publikasies) waardeur Tafelberg die grootste algemene uitgewery van Afrikaanse publikasies (ten opsigte van boektitels uitgegee en eksemplare verkoop) word (Steyn, 1992c:166, 177 en Steyn & Botha, 1992:278).

In 1974 tree J.D. Pretorius weens swak gesondheid af. Hy word opgevolg deur Danie (D.J.) van Niekerk (oudjoernalis van *Die Burger* en *Die Huisgenoot* en op daardie stadium hoofsekretaris van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns) wat op 1 Januarie 1975 as hoofbestuurder van Tafelberg aangestel word (Steyn & Botha, 1992:278). Van Niekerk word op 1 Julie 1992 deur Lappies (J.J.) Labuschagne as hoofbestuurder van Tafelberg opgevolg (*Die Burger*, 03.07.92:7). Labuschagne was voorheen die eerste bestuurder van Delos, die spesialisuitgewery wat in 1988 deur Nasionale Boekhandel gestig is om te fokus op handwerkboeke, en daarna adjunkhoofbestuurder van Tafelberg (Steyn, 1992d:214). Hannes van Zyl (vanaf 1986 hoofbestuurder en vanaf 1990 besturende direkteur van die boekklub Leserskring / Leisure Books – Steyn & Scannell, 1992:500) word op 1 Junie 1997 hoofbestuurder van Tafelberg (Parker, 1998:70).

Van Tafelberg se produktiefste skrywers tot 1990 was Heinz Konsalik (in vertaling), Ena Murray, Hester Heese, Hennie Aucamp, Pieter W. Grobbelaar, John Coetzee, Ferdinand Deist, Elsabe Steenberg, Chris Barnard, Maretha Maartens, Sheila Cussons en I.L. de Villiers. Tafelberg het veral bekend geraak as die uitgewery van groot romans en het die werk van romanskrywers soos Anna M. Louw, Elsa Joubert, en later Dalene Matthee, Marita van der Vyver, Klaas Steytler en Etienne van Heerden uitgegee. Deur die jare was bekwame redakteurs en uitgewers verantwoordelik vir die uitgee van fiksie deur Tafelberg, dit sluit persone in soos Tonie Roux, Berta Smit,

Johan Murray, Thys Greeff, Charles Fryer, Danie Botha, Ansa van der Vyver, Lappies Labuschagne, George Louw, Ettie Williams, Frederik de Jager, Petra Müller en Annari van der Merwe (Botha, 2005b). Tans word die fiksiepublikasielys deur Riana Barnard bestuur en maak sy van ’n stelsel van buite-redakteurs gebruik.

As gevolg van die ineenstorting van die voorskryfmark, dalende biblioteekaankope (sien 3.3.4 en 3.3.5) en die verswakte Rand, moes ook Tafelberg as algemene uitgewery binne Nasboek hulle aanpas by nuwe markomstandighede: “Tafelberg, Pharos (die woordeboekuitgewery), Kwela Boeke en Queillierie is in ’n kleiner struktuur saamgegroepeer [...]” (Naspers, 1999:16) in 1999 en later daardie jaar het die fondslus van algemene publikasies van J.L. van Schaik ook deel van die Tafelberg-groep geword (Naspers, 2000:12). Hiervolgens is begin om steundienste (soos die bemarkings- en administratiewe-afdelings) te deel, terwyl die onderskeie drukname en redaksionele identiteite behou is en die publikasielys van elke druknaam deur die uitgewers daarvan bestuur is. Op 1 April 2001 is al die algemene uitgewerye en drukname van Nasboek (nou Via Afrika), insluitend die Tafelberg-groep, saamgevoeg onder die groepering NB-Uitgewers. Vandag is die publikasieprogram van Tafelberg gefokus op Afrikaanse literêre fiksie, gesaghebbende politieke publikasies, kinder- en jeugboeke in al die landstale en ’n wye verskeidenheid geïllustreerde asook nie-geïllustreerde nie-fiksie in Afrikaans en Engels. Behalwe vir kinder- en jeugboeke in Afrikaans en Engels, word ’n aantal van Tafelberg se kinder- en jeugboeke ook in Zulu, Xhosa en Setswana uitgegee (Via Afrika, 2005e).

4.3.1.2 Human & Rousseau

Human & Rousseau kom op 1 Februarie 1959 tot stand deur ’n vennootskap tussen Koos (J.J.) Human (tevore hoof van algemene publikasies by Nasionale Boekhandel en daarna uitgewer by Afrikaanse Pers Boekhandel) en Leon (L.G.) Rousseau (tevore joernalis by *Die Burger*, skrywer en eienaar van ’n persagentskap, die Uniale Persdiens). Human se oortuiging was “[...] dat daar by baie mense die behoefte bestaan het aan ’n jong en ondernemende firma wat nuwe dinge sou aandurf” (Kannemyer soos aangehaal in Steyn, 1992e:217). Die eerste publikasie deur Human & Rousseau was ’n Engelse gedig en ’n politieke satire, *The last division* deur

Anthony Delius. Die eerste Afrikaanse publikasie was *Die legende van die Heilige Julianus die Herbergsame*, 'n heruitgawe van 'n vertaling van Flaubert se werk deur W.E.G. Louw. Daarna volg nog twee heruitgawes: *Dwaalstories* van Eugène N. Marais en 'n vertaling deur Elisabeth Eybers van Jules Supervielle se werk *Die os en die esel van die klip*. In 1961 is die ondernemingsvorm van Human & Rousseau vanaf 'n vennootskap na 'n maatskappy oorgeskakel en is aandele ook aan buitelanders aangebied – 'n aantal skrywers en ander gesiene persone verkry só 'n aandeel in die uitgewery. Die eerste oorspronklike Afrikaanse roman deur Human & Rousseau, *Meulenhof se mense* deur Linda Joubert (die pseudoniem van Henriette Grové), verskyn ook in daardie jaar. Vier van die belangrikste literêre werke van 1962 verskyn by Human & Rousseau: die twee digbundels *Tristia* van Van Wyk Louw en *Balans* van Elisabeth Eybers; en die twee romans *Sewe dae by die Silbersteins* van Etienne Leroux en *Lobola vir die lewe* deur André P. Brink. Hierna het talle jonger skrywers uit daardie era, wat later as die Sestigters bekend sou staan, onder meer Breyten Breytenbach, André P. Brink, Abraham H. de Vries, Etienne Leroux, Jan Rabie en Bartho Smit, asook nie-Sestigters soos Karel Schoeman, en verskeie ouer skrywers (Dertigers en Veertigers) en skrywers van latere generasies by Human & Rousseau begin uitgee. Ook in 1962 neem Human & Rousseau die fiksie-fondslys van A.A. Balkema (gestig in 1946) oor en daardeur word skrywers soos Uys Krige, Ina Rousseau en Ernst van Heerden ook deel van dié stal. In 1962 word D.J. Opperman 'n direkteur van Human & Rousseau en vervul hy die rol van letterkundige adviseur (Steyn, 1992e:216-226; 1992f:313). Human & Rousseau kan as die avant garde uitgewery uit daardie era beskou word.

Reeds vroeg in 1960's het Human besef dat daar vir die tersiêre mark uitgegee moet word deur 'n uitgewery wat hom uitsluitlik daarop toespits, gevolglik word *Academica* in 1964 as filiaal gestig met Piet (P.J.) Muller as eerste bestuurder en later Nydia de Jager. Akademici het op uitnodiging aandele in *Academica* gekoop. Hierdie uitgewery het gefokus op publikasies in vakgebiede soos geskiedenis, sosiologie, wysbegeerte, opvoedkunde en Afrikaanse letterkunde gerig op die tersiêre mark (Steyn, 1992f:346). In 1969 word die filiaal maatskappy Kennis-Uitgewers (Edms.) Bpk. gestig wat die eerste volkleur kinderensiklopedie in weeklikse aflewering uitgegee het en waarmee aanvanklik reusagtige sukses bereik is. Na aanleiding daarvan is ook met ander deelwerke geëksperimenteer, maar dit het later tot finansiële

verliese gelei en teen die vroeë 1970's is besluit om uitsluitlik te konsentreer op die uitgee van boeke (Steyn, 1992f:313-315). Human & Rousseau het vinnig gegroei tot 'n volwaardige algemene uitgewery wat fiksie (vir beide die volwasse mark asook kinder- en jeugboeke) en nie-fiksie, sowel as akademiese werke, ensiklopedieë en woordeboeke uitgegee het.

Op 1 April 1977 het Human & Rousseau lid van die Nasionale Boekhandelgroep geword deurdat laasgenoemde die volle uitgereikte kapitaal gekoop het. Die bestaande direkteure het uitgetree en Koos Human en Leon Rousseau is as medehoofbestuurders aangestel (Steyn, 1992f:315). Rousseau het in 1979 uitgetree en Human is in 1994 deur Kerneels Breytenbach (voorheen 'n kunsresesent, vanaf Maart 1979 redakteur van *Die Burger* se boekeblad en sedert 1989 verbonde aan Human & Rousseau) as hoofbestuurder opgevolg. Op 1 Oktober 1989 is die H&R-Academica fondslus na J.L. van Schaik (Edms.) Bpk. oorgeplaas; akademiese publikasies op die terrein van die Afrikaanse en Nederlandse taal en letterkunde het deel gebly van Human & Rousseau (Steyn, 1992f:347).

Redakteurs van Human & Rousseau wat deur die jare verantwoordelik was vir die uitgee van fiksie sluit in As van Straten, Hans Büttner, Kerneels Breytenbach, Marietjie Coetzee, Linette Viljoen en Etienne Bloemhof. Die eertydse stigters Koos Human en Leon Rousseau was ook self as redakteurs betrokke. Human & Rousseau het van minder fiksieredakteurs as byvoorbeeld Tafelberg gebruik gemaak, waarskynlik omdat redigering deur 'n poel van redigeerders gehanteer is en die hulp van vryskutmedewerkers dikwels bekom is. Tans word die fiksiepublikasielus deur Alida Potgieter bestuur (sy maak ook van 'n stelsel van buite-redakteurs gebruik). In 2004 is Jeanette Ferreira aangestel as uitgewer van fiksie in Human & Rousseau se Pretoria-kantoor.

Ingrypende besnoeiing deur die staat in besteding aan skoolboeke en biblioteekaankope in 1997/1998 (sien 3.3.4 en 3.3.5) en die verswakte waarde van die Rand in dieselfde periode, het in die 1998/1999 boekjaar ook die algemene uitgewerye binne Nasboek (die boekhandel-groep van Naspers) swaar getref en tot aansienlike herstrukturering gelei: "'n skraler Human & Rousseau is saam met Jonathan Ball se uitgewery-afdeling gevoeg" (Naspers, 1999:16). Hierdie groepering

sou slegs twee jaar duur. Op 1 April 2001 is al die algemene uitgewerye, insluitend Human & Rousseau, saamgevoeg onder die groepering NB-Uitgewers. Vandag is Human & Rousseau, as druknaam van NB-Uitgewers, deel van Via Afrika en die fokus van die publikasieprogram val op Afrikaanse literêre werke van gehalte, populêre lektuur, kinder- en jeugboeke vir die massa- en algemene mark, asook kook-, nuts- en aktuele boeke in Afrikaans en Engels. Die uitgewery gee ook boeke vir gebruik in die onderwys onder die druknaam Best Books uit (Via Afrika, 2005e).

4.3.1.3 J.L. van Schaik / Van Schaik Uitgewers

Nadat Johannes Lambertus (J.L.) van Schaik by die uitgewery Meulenhoff in Amsterdam gewerk het, emigreer hy in 1911 na Suid-Afrika om by die Amsterdamse boekesaak J.H. de Bussy se takwinkel in Johannesburg in diens te tree. In 1914 neem hy 'n klein algemene boeke-, tydskrif- en skryfwarensaak van J.A. Wormser ('n tak van die Amsterdamse boekhandel en uitgewery van Höveker en Wormser) in Kerkstraatsentraal, Pretoria oor. Nadat die winkel tydelik gedurende die Tweede Vryheidsoorlog gesluit was (omdat die oorlog die invoer van boeke uit Nederland te moeilik gemaak het) heropen Van Schaik dit op 1 Julie 1914 as nuwe eienaar onder sy eie naam. Van Schaik het vinnig besef dat daar 'n groeiende behoefte aan lektuur in Afrikaans bestaan en die boek- en skryfbehoeftewinkel is uitgebrei deur ook boeke uit te gee, onder andere: Jochem van Bruggen se *Teleurgestel* in 1917 (wat met die eerste Hertzogprystoekening vir Afrikaanse prosa bekroon is); Van Schaik se eerste Afrikaanse kinderboek, *Die kaskenades van Klein Duimpie* (1917) deur Tannie van die Brandwag (skuilnaam van H.D.M. van Heerden) en later die begin van die *Maasdorp*-reeks met Stella Blakemore se *Die meisies van Maasdorp* (1932); handboeke vir primêre onderwys sedert 1918; die eerste woordeboek in 1921; en J.L. van Schaik se eerste Afrikataalpublikasie *tsiri* (1942) deur die Noord-Sotho-skrywer M.J. Madiba. Gedurende die 1920's en vroeë 1930's gee die groot geeste van die Afrikaanse letterkunde by J.L. van Schaik uit, skrywers soos: Gustav S. Preller, C. Louis Leipoldt, Eugène N. Marais, Jan F.E. Celliers, Sangiro, die Hobson-broers, C.M. van den Heever, J. van Melle, A.G. Visser, Eitemal, Mikro, Willem Kamp, J.F.W. Grosskopf, Uys Krige, Gerhard J. Beukes, Elisabeth Eybers en Olga Kirsch (Van Schaik & Raubenheimer, 1992:476-487). In hierdie jare was winsbejag nie die

eerste prioriteit nie, eerder die bevordering van die Afrikaanse kultuur en Afrikaner-nasionalisme (vergelyk Du Plessis, 2004 oor die impak wat die produksie van populêre jeugreekse op die opkoms van Afrikaner-nasionalisme gehad het en die rol wat die uitgewery J.L. van Schaik gespeel het deur die uitgee van Stella Blakemore se *Keurboslaan*-reeks).

Teen 1938 het die firma in so 'n mate uitgebrei dat dit in twee afsonderlike maatskappye geskei is, die boekhandel-gedeelte as Van Schaik-Boekhandel (Edms.) Bpk. en die uitgewery as J.L. van Schaik (Edms.) Bpk. Johannes Lambertus van Schaik is in 1965 oorlede en sy twee seuns Jan en Hans van Schaik het as direkteure van onderskeidelik die boekhandel en die uitgewery die ondernemings verder uitgebrei. In 1978 is Helgaard (H.G.) Raubenheimer as uitgewer aangestel en in 1984 het hy mededirekteur geword van die uitgewery. Teen die 1960's het standaard akademiese publikasies op 'n hele aantal akademiese vakgebiede verskyn, terwyl 'n toenemende aantal titels in Afrikatale en steeds ook Afrikaanse letterkunde en taalkunde uitgegee is (Van Schaik & Raubenheimer, 1992:483-485).

Nasionale Pers se eerste voorstel in die 1940's om die boekhandel-afdeling en die uitgewery oor te neem as filiaal van Naspers is in 1947 van die hand gewys, maar in 1986 word albei aan Naspers verkoop. Die destydse vier Van Schaik boekwinkels in Pretoria behou hulle naam en sedert 1987 vorm die vier kleinhandel-boekwinkels van Nasionale Boekhandel se takke in Kaapstad, Stellenbosch, Port Elizabeth en Vanderbijlpark deel van Van Schaik-Boekhandel. Die uitgewery het oor geen vaste redaksie beskik nie en het van vryskutmedewerkers gebruik gemaak. Raubenheimer het die personeel geleidelik uitgebrei deur die aanstelling van redakteurs. Sedert 1989 het die fokus op die uitgee van akademiese handboeke versterk en is die marktaandeel in hierdie sektor uitgebrei deur publikasies in vakke soos publieke administrasie, bedryfseksonomie, statistiek, opvoedkunde, taalkunde, Bybelkunde, rekeningkunde en bestuurswese, terwyl daar steeds fiksie en nie-fiksie vir die algemene mark, asook kinderboeke en populêrgodsdienstige en -sielkundige boeke uitgegee is. Op 1 Oktober 1989 word die fondslus van H&R-Academica deel van J.L. van Schaik en sou die uitgewery hom voortaan veral op die uitgee van opvoedkunde, taalkunde, letterkundige bloemlesings, sosiologie, geskiedenis en mediese publikasies toelê (Van Schaik & Raubenheimer, 1992:476; 488-490).

Raubenheimer word in 1990 hoof van Nasboek en Jannie (J.J.) Botha word aangestel as uitgeweryhoof (Van Schaik & Raubenheimer, 1992:489-490). Later begin Botha die druknaam Van Schaik Godsdienstboeke (dit het slegs vir 'n kort periode bestaan). George Louw word later aangestel as die nuwe hoofbestuurder van die uitgewery. Die hoof van die akademiese afdeling was Linette Downes-Webb, wat later opgevolg is deur Francis Galloway. Die algemene publikasielys (fiksie en nie-fiksie) is deur Theresa Papenfus bestuur. Frikkie Kriek het Louw as hoofbestuurder opgevolg.

In 1998 word die akademiese fondslis en die fondslis van algemene publikasies (beide fiksie en nie-fiksie) verdeel: Van Schaik word die uitsluitlike akademiese uitgewery en J.L. van Schaik word as algemene uitgewery 'n druknaam binne die Tafelberg-groep (Naspers, 2000:12). Woordeboektitels en inspirerende fiksie en nie-fiksiepublikasies op die oorspronklike publikasielys word aan onderskeidelik Pharos en Lux Verbi verkoop (Van Schaik, 2005). Algemene publikasies (fiksie en nie-fiksie) op J.L. van Schaik se publikasielys is deur Theresa Papenfus uitgegee. Daar verskyn geen Afrikaanse fiksietitels as eerste of heruitgawe in 1999 onder die druknaam J.L. van Schaik nie, daarna slegs twee titels, een elk in onderskeidelik 2000 en 2001, en sedertdien lyk dit of daar voortaan nie weer onder hierdie druknaam nuwe titels sal verskyn nie. In 1999 word die naam J.L. van Schaik na Van Schaik Uitgewers verander (Van Schaik, 2005). Vanaf 1999 word die akademiese uitgewery Van Schaik Uitgewers deur Eloïse Wessels bestuur totdat sy in 2004 as bestuurder van NB-Uitgewers aangewys word (Via Afrika, 2004). Wessels word in 2004 opgevolg deur Leanne Martini as hoof uitvoerende beampte.

Tussen 1996 en 1998 het nog enkele Afrikaanse fiksiepublikasies, hoofsaaklik gerig op die voorskryfmark, onder die akademiese druknaam verskyn, sedertdien is Van Schaik Uitgewers primêr 'n akademiese uitgewery wat hom toespits op die veranderde tersiêre mark en skeppende Afrikaanse fiksie val dus buite hulle fokus (Naspers, 2000:12). Van Schaik Uitgewers vorm sedert 2003 deel van die National Educational Groep (saam met onder meer die opvoedkundige uitgewery Nasou Via Afrika) onder Via Afrika. Hulle gee in die volgende produksiekategorieë uit: akademiese handboeke (in beide gedrukte formaat en elektroniese formaat in vakgebiede soos ekonomiese- en bestuurswetenskappe, sosiale wetenskappe,

opvoedkunde, publieke administrasie en bestuur, rekeningkunde en regte, natuurwetenskappe, geneeskunde, medies en verpleegkunde en tale), Afrikataal-letterkunde vir die skolemark, boeke vir die korporatiewe mark, boeke in inheemse tale as deel van hulle sosiale bewustheidspublikasieprogram en elektroniese produkte. Dit is die enigste akademiese uitgewer in Suid-Afrika wat nog aktief akademiese tekste vir die tersiêre mark in Afrikaans uitgee (Via Afrika, 2005f).

Van Schaik Boekwinkels is 'n aparte sake-eenheid en vorm deel van Via Afrika se kleinhandel- en verspreidingsafdeling (as deel van die Van Schaik Groep saam die Lux Verbi Boekwinkels en Afribooks). Dit is vandag die grootste akademiese boekhandelaar in Suid-Afrika en is landwyd gevestig. Daar bestaan 28 takke van akademiese boekwinkels, waarvan 14 op kampusse van tersiêre instellings en die ander in winkelsentrums gesitueer is. Die twee algemene boekwinkels, Boekhuis in Aucklandpark, Johannesburg en Boeksentrum by die Naspersentrum in Kaapstad, is ook deel van Van Schaik Boekwinkels. Laasgenoemde twee algemene boekwinkels hou 'n verteenwoordigende voorraad Afrikaanse boeke aan, ook baie Afrikaanse fiksietitels; terwyl die akademiese boekwinkels ook in 'n beperkte mate fiksiepublikasies (gerig op die voorgeskrewe mark) verkoop (Via Afrika, 2005g).

4.3.1.4 Ametis

Die druknaam Ametis ontstaan in 1994 as 'n gesamentlike druknaam van Human & Rousseau en Tafelberg. Dié druknaam was toegespits op die produksie van boeke in sakboek-formaat wat spesifiek gerig was op verspreiding deur die CNA. Daar verskyn liefdesverhale, speur- en spanningsverhale, 'n enkele kortverhaalbundel en 'n paar literêre romans, almal as heruitgawes, onder hierdie druknaam. Ametis het ook enkele nie-fiksietitels in die kategorie van selfhelp-publikasies uitgegee, soos byvoorbeeld *Hoe om kommer te verdryf en te begin leef* en *Hoe om vriende te wen en mense te beïnvloed* deur D. Carnagie (albei 1994).

So ver nagegaan kon word, het publikasies slegs in 1994 en 1995 onder die druknaam Ametis verskyn, waaronder 18 Afrikaanse fiksiepublikasies waarvan almal as heruitgawes in 1994.

4.3.1.5 Queillerie

Queillerie word in 1991 as onafhanklike uitgewery deur Hettie Scholtz (voorheen hoof van algemene publikasies by HAUM en stigtersuitgewer van die druknaam HAUM-Literêr) gestig. Die eerste publikasie is die kortverhaalbundel *Soveel nagte plotseling* van Chris Pelsaer (1991). Queillerie trek veral die aandag deur die publikasie van *Die verdwaalde land* van Abraham Phillips (1992) en *Triomf* van Marlene van Niekerk (1994). Dié uitgewery is oorspronklik in die Kaap begin en toe Scholtz later na Pretoria verhuis het, het sy Frederik de Jager (voorheen fiksieredakteur by Tafelberg) as vennoot ingeneem en as bestuurder van die Kaapse kantoor aangestel (Scholtz, 2002). Hedendaagse bekende skrywers wat by Queillerie gedebuteer het, sluit onder andere in: Deon Meyer, Esta Steyn, Jaco Fouché en Mark Behr. Met Scholtz se uittrede in Augustus 1995 word De Jager bestuurder.

Omdat Queillerie wou uitbrei, maar nie die nodige kapitaalbasis daarvoor gehad het nie, is 'n vennootskap gesluit met Penta Publikasies, waarvolgens laasgenoemde op 1 Augustus 1995 'n meerderheidsaandeel in die uitgewery verkry het (*Boekewêreld*, 15.11.95:3). Die uitgewery se eie identiteit en kultuur het daardeur behoue gebly, maar in 1996 word Penta voorlopig gelikwideer. Op 1 Augustus 1996 word Queillerie deur Nasboek by Penta oorgeneem en word dit deel van Nasboek as 'n aparte sake-eenheid. Met dié oornome beskryf Helgaard Raubenheimer, destyds uitvoerende hoof van Nasboek, Queillerie as 'n “[...] relatief jong, maar lewenskragtige en belowende uitgewery [wie se] ideale en sakekultuur [...] volkome versoenbaar met dié van Nasionale Boekhandel [is en voortaan] as 'n onafhanklike uitgewery met 'n spesifieke eie identiteit binne die groep bedryf [sal] word” (Dommissie & Van Niekerk, 1996:1).

Queillerie se funksionering as aparte sake-eenheid duur egter net tot 1999 toe dit deel word van die Tafelberg-groep. Hierdie en ander herstrukturering was 'n direkte gevolg van die verliese deur die in duie storting van die voorskryfmark en 'n poging om die verliese van Nasboek in wins om te skakel (Naspers, 1999:16). Hierna verskyn daar tussen 2000 en 2003 slegs vier publikasies as eerste uitgawes, waarvan drie Afrikaanse vertalings uit Nederlands is. In 2001 word Queillerie ingesluit by die groepering van drukname onder NB-Uitgewers. Sedert 2000 tot 2002 het Queillerie slegs enkele vertaalde publikasies per jaar uitgegee, maar na 2002 verskyn geen

verdere titels onder dié druknaam nie. Die publikasielys word deur Riana Barnard bestuur.

4.3.1.6 Kwela Boeke

Kwela Boeke word in 1994 as 'n druknaam binne Nasboek gestig, nadat Annari van der Merwe, voormalige bestuurder van Kwela, in 1993 'n ondersoek gedoen het na “leesbehoefte in die veranderde Suid-Afrikaanse samelewing en oor 'n moontlike bydrae van Naspers tot die ontdekking en ontwikkeling van skrywers uit gemeenskappe wat vroeër ontuis gevoel het in die hoofstroom-uitgewerye” (Loots, 1998:8). Die uitgewery het dus van die begin af 'n baie spesifieke fokus: om voorheen gemarginaliseerdes by die boekkultuur in te trek en by te dra tot die opheffing van ongeletterdheid (Van der Merwe, 2000b), met die doel om 'n inheemse fondslus verteenwoordigend van 'n multikulturele Suid-Afrika op te bou (Kwela-katalogus, 2002). Kwela het aanvanklik fiksie (waar die klem nie uitsluitlik op literêre meriete val nie maar op interessantheid en relevansie van die inhoud), nie-fiksie en boeke vir nuutgeletterde volwassenes in Afrikaans, Engels en ander inheemse Afrikatale (isiZulu en Sesotho) uitgegee (Loots, 1998:8). In 1999 word besluit om nie verder algemene publikasies in Afrikatale uit te gee nie en om nie die publikasielys van ABET (Adult Basic Education and Training)-publikasies verder uit te brei nie – as gevolg van 'n gebrek aan aanvraag. Sedertdien konsentreer Kwela op kultureel interessante Engelse fiksie, biografieë en nie-fiksie met 'n sosiale en kulturele fokus en innoverende en kultureel-interessante Afrikaanse fiksie. Engelse publikasies maak 80%-85% en Afrikaanse publikasies maak 15%-20% van Kwela se produksie uit (Kwela-katalogus, 1999 en 2002). Sedert die stigting van Kwela is meer as 180 titels deur meer as 90 verskillende outeurs uitgegee (*Via Afrika Nuusbrief*, 12.11.04).

Daar word sterk klem geplaas op begeleiding en bemagtiging van skrywers tydens die ontwikkeling van manuskripte. Van der Merwe (soos aangehaal in Loots, 1998:8) meld byvoorbeeld dat nie een van die swart Afrikaanse outeurs wie se manuskripte deur Kwela uitgegee is, 'n matriek-kwalifikasie (graad 12) as skoliere behaal het nie (sommiges wel daarna). Die aandag aan skrywerbegeleiding het vrugte afgewerp en Kwela het daarin geslaag om 'n aantal swart stemme in Afrikaans te ontgin van wie

meer as een publikasie in die 1990's en daarna die lig gesien het, skrywers soos Karel Benjamin (*Staan uit die water uit!: 'n Kaapse jeug*, 1996; *Pastoor Scholls trek sy toga uit en ander stories*, 1999), EKM Dido (*Die storie van Monica Peters*, 1996; *Rugdraai en stilbly*, 1997; *'n Stringetjie blou krale*, 2000; *Die onsigbares*, 2003) en AHM Scholtz (*Vatmaar: 'n lewendagge verhaal van 'n tyd wat nie meer is nie*, 1995; *Langsaan die vuur: vyf lewensverhale*, 1996; *Afdraai: 'n kroniek van seermaak en seerkry, van vrede en verandering*, 1998). Sowat 75% van Kwela se skrywers is swart en 75% van hulle skryf in Engels, die res in Afrikaans (Mischke, 2000:18). Bekende Afrikaanse skrywers soos Antjie Krog en Jeanne Goosen het ook begin om by Kwela uit te gee. Kwela het veral 'n bydrae gelewer ten opsigte van die demokratisering van die skrywersprofiel van Afrikaanse fiksie – 'n skrywersprofiel wat deur die geskiedenis van die Afrikaanse uitgewerybedryf in die teken van bevoorregting van die wit minderheid gestaan het (sien 3.3.3.2(a)).

In 1999 word ook Kwela Boeke deel van die hergroepering binne die Tafelberg-groep, waarvolgens bemarkings- en finansiële dienste gedeel word. Vanaf 2001 is Kwela Boeke 'n druknaam van NB-Uitgewers. Van der Merwe se uittrede word in 2004 aangekondig en sy word deur Nèlleke de Jager opgevolg wat sekerlik haar eie stempel op die druknaam sal plaas (*Via Afrika Nuusbrief*, 12.11.04; 26.11.04).

4.3.1.7 Homeros

Homeros is in 1998 deur Danie Botha begin as 'n druknaam van Tafelberg nadat die uitgewers by Tafelberg aangemoedig is om te voorsien in die behoeftes van groepe kopers of lesers wat tot dan toe afgeskeep is. Die doel van die druknaam was om boeke met 'n duidelike gay-tema vir gays en belangstellende heteroseksueles op 'n meer gereelde grondslag uit te gee sodat 'n kultuur van Afrikaanse gay boeke kon ontstaan (Botha, 2001b:25). Die vlagskip-publikasie, 'n bundel aaneengeskakelde erotiese verhale, *'n Man se man* (1999) van Brandt Vermeer (skuilnaam van 'n bekende Afrikaanse skrywer), het wye reaksie ontlok en as gevolg van die gay-eroties eksplisiete omslagontwerp wou die CNA en Leserskring nie die boek bemark nie. Daarna volg die eerste ligte gay liefdesverhaal in Afrikaans, Victor Malherbe se *Blomme vir Leon* (2000) en daarna die soortgelyke *En toe kom die reën* (Robert

Young, 2001) en *Om liefde te score* (Pierre Uys, 2002). Hierdie ontspanningsromans was beter verkopers as die erotiese vermaak en 'n aanduiding van die rol wat vir Homeros voorsien is: om naas literêre werke, ook leesstof vir “gewone” gay lesers uit te gee sodat 'n tradisie en standvastige mark geskep kan word (Botha, 2001b:27). Die populêre mark word verder ontgin met 'n gay speurverhaal, *Nagvoëls* (2001), die debuut van François Loots. Reeds gevestigde skrywers het ook by Homeros uitgegee: van Johann de Lange verskyn die kortverhaalbundel *Tweede natuur* (2000), wat hoofsaaklik oor die gay naglewe, dwelm- en sekskultuur in en om Kaapstad handel; en Hennie Aucamp se bundel homoërotiese sonnette, *Hittegolf: wulpse sonnette met 'n nawoord* (2002). In 2001 versamel Danie Botha artikels, gedigte, toneelstukke en kortverhale deur bekende gay skrywers en 'n aantal nuwelinge in *Party van ons – Die Homeros leesboek 2001*.

Met die vorming van die Tafelberg-groep in 1999, word Homeros by hierdie groepering ingesluit. Maar na die verskyning van bogenoemde agt publikasies word in Oktober 2002 'n besluit geneem om weens onwingsgewendheid nie meer boeke vir gays onder die druknaam Homeros uit te gee nie (Botha, 2002 en 2005c). Volgens Botha (2005b en 2005c) het die oorversigtige bemarking van die Homeros-titels bygedra tot die swak verkope en was daar ook 'n onbegrip vir gay ontspanningsromans by resensente. Alhoewel gay letterkunde steeds deur Tafelberg uitgegee sou word, sou liefdesverhale, erotiese vermaak en jaarboeke nie meer maklik verskyn nie (Botha, 2002). Naspers se bydrae tot die “literêre minderheid” van gay lesers en skrywers (vergelyk Cochrane, 2001) deur Homeros as forum het dus nie geduur nie. Na die sluiting van Homeros het die elektroniese joernaal *LitNet* voorsiening gemaak vir die ruimte *Gay@LitNet* (sedert November 2002) waar kortverhale, gedigte, dramatekste, en besinnende tekste soos artikels, resensies en nuusbriewe, waarin die ervarings van gay en biseksuele mans en vroue sentraal staan, geplaas word en waar debatte oor eietydse en kontroversiële gay-relevante polemieke gevoer word (sien 3.4.3.7(a) en vergelyk Cochrane, 2006 vir 'n kartering van die rol, bydrae en dinamika van *Gay@LitNet* as 'n elektroniese alternatief vir die uitgee van gay literatuur).

4.3.1.8 Jasmyn / Mirre / Melodie / Hartklop / Satyn

In 1999 word die produksie van alle liefdesromans in die Tafelberg-groep onder die druknaam Jasmyn saamgegroepeer. Jasmyn gee uitsluitlik liefdesromans en liefdesroman-omnibusse uit en produseer nie minder nie as 80 van hierdie publikasies tussen 1999 en 2005 (waarvan 45 enkelliefdesromans en 35 liefdesroman-omnibusse). In 2001 word Jasmyn een van die drukname wat in die hergestruktureerde NB-Uitgewers ingesluit word.

In 2002 word indringende marknavorsing na die lesersprofiel van lesers van liefdesromans onderneem (De Jager, 2004). Hierdie navorsing gee aanleiding tot 'n besluit om die produksie van liefdesromans deur NB-Uitgewers uit te brei deur die stigting van vier addisionele drukname waaronder liefdesromans in verskillende produklyne vanaf 2004 uitgegee word. Die Mirre-druknaam, “lafenis vir hart en siel”, fokus op liefdesromans met 'n geestelike inslag. Onder die Melodie-druknaam, “liefde vir jonk, vir oud, vir altyd”, verskyn liefdesverhale vir oud en jonk, gerig op die vrou met tradisievaste lewenswaardes. Liefdesromans wat spesifiek in 'n mediese omgewing afspeel, met dokters en verpleegsters as hoofkarakters, word onder die Hartklop-druknaam, “vir romantiese harte, die regte medisyne” uitgegee. Die Satyn-druknaam, “want die hart het ook begeertes”, ondervang liefdesromans wat die moderne vrou se begeertes weerspieël, die klem val op 'n hedendaagse verwysingsraamwerk waar karakters glo seks is 'n natuurlike eienskap van 'n langtermyn-liefdesverhouding (Nieuwoudt, 2004:8).

Die stigting van die vier addisionele drukname en die verhoogde produksie van liefdesromans en liefdesroman-omnibusse was 'n besliste poging deur NB-Uitgewers om hul markaandeel in hierdie produksiekategorie uit te brei en 'n meer kompeterende posisie teenoor LAPA (wat met hul gevestigde boekklubs 'n markleier in hierdie kategorie is) in te neem (sien 6.3.2). In die periode 2004-2005 verskyn 33 liefdesromans onder die vier nuwe drukname. Liefdesromans en liefdesroman-omnibusse deur NB-Uitgewers sal waarskynlik toenemend onder die vyf liefdesroman-drukname geproduseer word, terwyl enkele liefdesromans steeds onder die druknaam Human & Rousseau uitgegee word. Binne die nuwe struktuur van NB-Uitgewers was

dit 'n sinvolle besluit om die produksie van liefdesromans hoofsaaklik binne een afdeling te groepeer.

Nèlleke de Jager was vanaf 1999 tot 2004 uitgewer van Jasmyn en verantwoordelik vir die bestuur van die liefdesroman-publikasielys. Die bogenoemde navorsing en uitbreiding van die liefdesroman-drukname was haar inisiatief. Intussen is sy in 2005 deur Etienne Bloemhof, nadat hy 'n draai by LAPA as uitgewer gemaak het, opgevolg.

4.3.1.9 Lux Verbi Bybelmedia

Die eertydse Suid-Afrikaanse Bybel Vereniging (SABV) is verbied om self boeke uit te gee en het slegs ingevoerde Bybels en Christelike lektuur uit die buiteland in Suid-Afrika versprei (Via Afrika, 2005h). In 1919 is die NG Kerk-Uitgewers gestig om plaaslik Christelike boeke en materiaal uit te gee vir gebruik en verspreiding in hoofsaaklik die Gereformeerde Kerkfamilie. Stelselmatig het dit tot 'n volwaardige uitgewery gegroei wat hoofsaaklik Bybels en Psalm- en Gesangbundels uitgegee het en later ook boeke vir Bybelstudie en Bybelse dagboeke (Van Rooyen, 1995:12).

In die eerste helfte van die twintigste eeu was daar nie afsetpunte vir Christelike boeke nie en word dit hoofsaaklik deur die kerke versprei. Recht Malan, destydse hoof van Nasionale Pers waarsku dat NG Kerk-Uitgewers se produk teen hom tel deurdat daar 'n algehele weerstand teen Christelike boeke in die mark bestaan: sekulêre boekwinkels wou nie hierdie publikasies aankoop en verkoop nie. Gevolglik het die NG Kerk-Uitgewers begin om in die vroeë 1960's 'n netwerk kleinhandelboekwinkels uitsluitlik vir Christelike boeke te open. (Van Rooyen, 1995:12; Via Afrika, 2005h)

In 1964 word Willem van Zijl besturende direkteur van NG Kerk-Uitgewers en in 1974 word dit 'n nutsmaatskappy, sonder winsoogmerk, apart van die tydskrifarm van die NG Kerk. Van Zijl koester die ideaal om 'n groter mark as net die Gereformeerde Kerke te bedien en uitgee-aktiwiteite tot voordeel van alle Christelike denominasies uit te brei. In 1981 stig hy die filiaal Lux Verbi (uit Latyn vertaal, beteken dit "Lig"

van of op die “Woord” – die Christelike Boodskap) met die doel om die mark te verbreed (Via Afrika, 2005h).

Die nuwe filiaal se naam het goue byval gevind en daar is besluit om die bestaande NG Kerk-Uitgewers se boekwinkels na Lux Verbi Christelike Boekwinkels te verander. Daardeur het die koperspubliek begin uitkring en kopers van verskillende gelowe en tale het die winkels begin ondersteun. Teen 1993 bestaan daar 33 landswye takke (Van Rooyen, 1995:12), dit het verminder tot die 14 takke van hierdie boekwinkels wat tans bestaan (Via Afrika, 2005h). Lux Verbi Kleinhandel bemark vandag ook hulle publikasies deur ’n direkte bemarkingsafdeling: katalogusse en brosjures word aan kopers wat nie naby boekwinkels woon nie versprei wat dan boeke deur die Bel-en-Bestel-afdeling koop. Lux Verbi Kleinhandel beskik oor ’n groot aantal verkoopsverteenwoordigers wat direk met gemeentes van alle kerkgenootskappe skakel en daar bestaan ook ’n Internet-boekwinkel (Via Afrika, 2005h). Lux Verbi Kleinhandel vorm tans deel van die Van Schaik Groep, as deel van Via Afrika se kleinhandel en verspreiding-afdeling (saam Van Schaik Boekhandel en Afribooks) (Via Afrika, 2005h).

Lux Verbi Bybelmedia is dus die nasaat van die oudste Suid-Afrikaanse uitgewery en kleinhandelaar wat eksklusief op produkte vir Christene fokus. Die groep het sedert 1996 aansienlik gegroei as gevolg van verskeie uitbreidings en herstrukturering. Die uitgewery-afdeling het sy produkreeks verbreed en gee tans onder ses drukname uit: Lux Verbi, Bybelkor, N.G. Kerk-Uitgewers, Protea, Hugenote en Waterkant. Hulle gee jaarliks 200 titels in 23 verskillende kategorieë uit, insluitend aktuele publikasies, algemeen-christelik, teologie, Bybelhulp, Bybels, gebed, kerkmusiek en sang, liturgiese en toerustingsmateriaal, troos en bemoediging, Bybelstudie, Bybelse dagboeke, geloofshulp, geskenkboeke, lewensvaardighede, naslaan- en opvoedkundige werke en inspirerende fiksie. Deur die toevoeging van Mema-Media, die elektroniese mediaproduksiehuis van Lux Verbi Bybelmedia, word ook elektroniese Christelike mediaprojekte soos video’s vervaardig. Die International Book Division tree as verspreider vir 26 Amerikaanse uitgewerye se produkte in Suid-Afrika op (Via Afrika, 2005i). In 1999 het Nasboek ’n belang van 50% in Lux Verbi Bybelmedia bekom (Naspers, 2000:12). Dit is dus nie langer ’n onafhanklike uitgewery nie en

vorm as selfstandige sake-eenheid deel van die boekuitgewerye binne Via Afrika (Via Afrika, 2005i).

Lux Verbi Bybelmedia dra tussen 1990 en 1999 standhoudend tot die produksie van inspirerende kortprosa fiksiepublikasies in Afrikaanse by (tydens 1997-1998 verhoog hulle ook hulle produksie in hierdie kategorie). In 2000 verskyn geen inspirerende fiksie deur hulle nie en sedert 2001 volg hulle CUM se voorbeeld (sien 4.4.5) deur hulle toe te spits op inspirerende romans en vertaalde romans (PDAF, 2006).

4.3.1.10 ContentLot.com / Content Solutions

ContentLot.com word in 2001 as elektroniese uitgewery en elektroniese diensverskaffer binne Nasboek begin. Volgens Anton Jankowitz (aangehaal in Maartens, 2001), voormalige bestuurder van ContentLot.com, het die maatskappy uit vier sake-eenhede bestaan: (i) ContentLot Conversions wat die oorskakeling van tekste in gedrukte-formaat na elektroniese mediums gehanteer het; (ii) Content Solutions Online wat gefokus het op opvoedkundige inhoud waarvoor hulle leesbundels en gebinde klasnotas vir spesifieke leerareas, afgestem op spesifieke kursusse, saamgestel het; (iii) die uitgewery-afdeling wat nuwe publikasies uitgegee het en ook die oorskakeling van bestaande publikasies in gedrukte-formaat na verskeie elektroniese formate (soos e-boeke en CD-ROM's) gehanteer het; en (iv) M-Web Library wat as ContentLot.com se elektroniese winkel gefunksioneer het en waar gebruikers elektroniese produkte kon koop – hetsy dit elektronies aflaai na die hardeskywe van hulle rekenaars of bestellings vir fisiese produkte (CD-ROM's of 'n gedrukte boek) kon plaas. Die ontstaan van ContentLot.com lei tot die eerste Afrikaanse fiksiepublikasies in elektroniese formaat. Daar verskyn nie minder nie as ses Afrikaanse fiksiepublikasies deur hierdie uitgewery in 2001 in 'n verskeidenheid formate (hierdie publikasies is in 3.4.3.6 as deel van die tegnologiese subsisteem bespreek). Ná 2002 verskyn daar nie verdere elektroniese Afrikaanse fiksiepublikasies deur ContentLot.com nie omdat dit nie winsgewend was nie. Die uitgewery-afdeling (iii) het doodgeloop en die publikasies word nie langer bemark nie en is nie meer in die handel beskikbaar nie (Stoman, 2005).

In 2002 word die verskeie afdelings van ContentLot.com geherstruktoreer en by die Van Schaik-groep ingelyf (Van Wyk, 2002:13), wat uit die volgende sake-eenhede bestaan het: Van Schaik Aktief, wat die groep se bemarkingsaktiwiteite gerig op die tersiêre akademiese mark en op nasionale vlak sou hanteer; Van Schaik Boeke wat al die akademiese boekwinkels en die twee algemene boekwinkel ingesluit het; Van Schaik Content Solutions wat die funksie van (ii) hierbo oorgeneem het; Van Schaik Direk wat direkte verspreiding van akademiese publikasies aan akademiese instellings gelewer het; Van Schaik Elektronies wat die funksie van (i) en (iv) hierbo oorgeneem het; en Van Schaik Uitgewers wat die akademiese uitgewery Van Schaik insluit (*Van Schaik News*, 2002:4-5). Hierdie groepering het nie lank geduur voor dit deur verdere herstrukturering geraak is nie. Tans is Van Schaik Uitgewers en Van Schaik Boekhandel aparte sake-eenhede en onderskeidelik deel van die National Educational Groep en die Van Schaik Groep, albei onder Via Afrika (sien 4.3.1). Van Schaik Elektronies gee akademiese publikasies vir die tersiêre mark in elektroniese formaat uit. Elektroniese uitgee-aktiwiteite en elektroniese produkontwikkeling, veral opvoedkundige leermateriaal gerig op die sekondêre mark, insluitend M-Web Biblioteek, word deur Leerhulp Aanlyn hanteer (Stoman, 2005). Van Schaik Elektronies en Leerhulp Aanlyn vorm gesamentlik, as 'n aparte sake-eenheid, deel van die National Educational Groep, onder Via Afrika en staan sedert 2004 as Leerhulp Aanlyn bekend (Via Afrika, 2005j; Stoman, 2005). Tans fokus hulle slegs op die ontwikkeling van naslaanbronne en opvoedkundige inhoud vir die digitale biblioteek van M-Web (Stoman, 2005). ContentLot.com bestaan dus nie meer nie.

Van Schaik Content Solutions het verander na Content Solutions; dit was eers deel van die N-Direct Groep (die handel- en verspreidingsafdeling van Via Afrika waaronder ook die boekklub Leserskring en die e-handelaar Kalahari.net val), maar is in 2004 herstruktoreer om 'n volfiliaal van Naspers en deel van die International Colleges Group (wat ook deel is van Via Afrika) te wees. Die primêre aktiwiteit van Content Solutions is die verskaffing van druk-op-aanvraag dienste. Hierdie dienste sluit in: die produksie van akademiese kursusmateriaal en leesbundels wat voorgeskryf is vir studente; die reproduksie van titels wat uit druk is en wat voorgeskryf word; en die produksie van titels wat deur outeurs self-uitgegee word. Hulle primêre kliënte is tersiêre opleidingsinstansies, uitgewerye en outeurs wat self-uitgee (Content Solutions, 2005).

Wat die druk-op-aanvraag diens aan self-uitgewers betref, hanteer Content Solutions die digitale drukwerk van 'n manuskrip wat reeds redaksionele versorg en ontwerp is (hulle lewer nie laasgenoemde dienste nie) en hulle verkry ook 'n ISBN en strepieskode namens die outeur. Wat Afrikaanse fiksiepublikasies betref, het Content Solutions byvoorbeeld die produksie van Hans Pienaar se digbundel *Die taal van voëls* (2002) en Pienaar se dramateks *Ching Chong Che* (2004) wat self-uitgegee is, namens die outeur as kliënt hanteer (Content Solutions, 2005; Williams, 2005).

Content Solutions het ook 'n aantal Afrikaanse fiksietitels wat voorgeskryf is, maar uit druk is en dus nie in die handel beskikbaar is nie, op aanvraag gereproduseer. Wanneer van hierdie publikasies later deur die oorspronklike uitgewery herdruk of heruitgegee word, verval Content Solutions se ooreenkoms met die uitgewery om dit op aanvraag te druk. Dit was onder meer die geval met *Sewe dae by die Silbersteins* van Etienne Leroux en *Karolina Ferreira* van Lettie Viljoen wat eers uit druk was, voorgeskryf is deur Departemente Afrikaans aan tersiêre inrigtings en toe later deur NB-Uitgewers as deel van die Klassieke-reeks heruitgegee is. Vir uitgewerye hou hierdie diens die voordeel in dat uitdruk-titels met voorskryfpotensiaal semi-lewendig gehou kan word sonder om dit self te herdruk. Dit kan ook as interimmaatreël geld vir titels wat in oorweging is om heruitgegee te word (Content Solutions, 2005; Williams, 2005).

Titels wat uit druk is en deur Content Solutions gereproduseer word, kan gekoop word deur die bemarkingskomponent Books From Us. Clever Content is die nuutste toevoeging tot Content Solutions en fokus op die primêre en sekondêre opvoedkundige mark waarvoor hulle dieselfde druk-op-aanvraag dienste lewer. (Content Solutions, 2005; Williams, 2005).

4.3.2 African Sun Media

African Sun Media is in 2002 as elektroniese uitgewery gestig. Dit is 'n afdeling van die Universiteit van Stellenbosch en die primêre doel van die uitgewery is om publikasies uit te gee wat uit die akademiese aktiwiteite van die universiteit

voortspruit; sekondêr word ook publikasies van buite die universiteit uitgegee. Die fokus van hulle publikasielys val op beide akademiese en algemene titels. Akademiese, naslaan- en professionele titels en monografieë, navorsingsverslae en tesse, in alle vakgebiede, verskyn onder die druknaam Sun Press (elektroniese weergawes hiervan dra die druknaam Sun e-Press). Algemene titels word onder die druknaam Rapid Access Publishers (RAP) uitgegee (en die elektroniese weergawes hiervan verskyn onder die druknaam e-RAP). Die uitgewery behartig ook namens kliënte outeursregklaring (bekend as copyright-RAP) en verpak en reproduseer kursusmateriaal en uitdruk-titels vir akademiese gebruik (read-RAP). RAP voorsien ook uitgee-dienste (insluitend redaksionele versorging, reproduksie en lewering van publikasies) aan outeurs wat hulle eie publikasies self wil uitgee (African Sun Media, 2005).

Die meeste van die titels is elektroniese publikasies wat in verskillende elektroniese formate (PDF-formaat, CD-Rom's) beskikbaar is, maar dit kan ook volgens verbruikers se behoeftes en op aanvraag in gedrukte formaat beskikbaar gemaak word. Die publikasies word deur die uitgewery se eie elektroniese boekwinkel bemark waar kliënte dit direk met behulp van hulle kredietkaarte kan aankoop. Deur die moontlikheid van druk-op-aanvraag en ander elektroniese tegnologie speel die grootte van opplae 'n kleiner rol en gee African Sun Media nismarkpublikasies uit wat vir tradisionele uitgewerye nie lewensvatbaar sou wees nie (African Sun Media, 2005).

African Sun Media het reeds 'n aantal Afrikaanse fiksiepublikasies of publikasies oor die Afrikaanse letterkunde uitgegee. *Hennie Aucamp – 'n skrywer by sonsopkoms* (2004) is 'n huldigingsbundel ter viering van Aucamp se 70ste verjaarsdag waarin Lina Spies en Lucas Malan 'n sestiental essays, gedigte en geleentheidstukke byeenbring (dit is beskikbaar op CD-ROM, in PDF-formaat of as 'n gedrukte boek). Die volgende publikasies is slegs in gedrukte-formaat beskikbaar. *33 Uithoeke* (2003) is 'n versamelbundel van 33 mini-essays uit Etienne Britz se gelyknamige rubriek in *Die Burger*. *Erfeel* (saamgestel deur Irma du Plessis, 2004) is 'n versamelbundel waarin Koos du Plessis se twee digbundels *Om jou verlaas te groet* en *Skink nog 'n uur in my glas* saam met al sy lirieke asook 'n biografiese oorsig oor sy lewe, die ontstaansgeskiedenis van Du Plessis se bekende lirieke en kitaardrukke vir die lirieke op sy vier albums byeengebring is. *Life is beautiful – poetry and photographs by the*

young people of Stellenbosch (2004) en *Ek het 'n vis gesien* (2005) is bundels wat tot stand gekom het deur 'n skryfkompetisie vir studente (African Sun Media, 2005).

4.3.3 Perskor

Perskor kom in 1971 tot stand deur die samesmelting van Voortrekkerpers (gestig in 1937) en die Afrikaanse Pers Bpk. Laasgenoemde was die resultaat van die amalgamasie in 1962 van Dagbreekpers en die voormalige Afrikaanse Pers Boekhandel (APB – gestig in 1932). Reeds in die middel 1960's was daar sprake van die stryd tussen die uitgewerye in die noorde (hoofsaaklik APB) en die suide (Nasionale Pers). Bartho Smit is in daardie jare bestuurder van die algemene boekhandel by APB en het Chris Barnard aangestel as uitgewer van letterkundige publikasies. APB het begin om Sestigters te werf (Breyten Breytenbach se eerste publikasies, die digbundel *Die ysterkoei moet sweet* en die kortprosa bundel *Katastrofes* (albei 1964), word byvoorbeeld deur APB uitgegee). Maar die assosiasie met die Sestigters raak gou vir APB 'n verleentheid toe 'n groep ouer akademici, van wie die APB se opvoedkundige-afdeling afhanklik was, dreig om hulle verbindings met die uitgewery te verbreek. 'n Aksentverskuiwing in APB se uitgeefilosofie het gevolg en hierdeur word APB as 'n moontlike sterk mededinger vir Nasionale Boekhandel in die 1960's uitgeskakel (Steyn, 1992d: 203, 205; Steyn & Scannell, 1992: 505).

Sedert die vroeë 1970's en gedurende die 1980's vestig Perskor hom as mediamaatkappy en gedugte noordelike teenstander vir Naspers as die hoofsaaklik suidelike mediamaatkappy. Deur die verloop van die uitgewerygeskiedenis van die 1990's word die stryd tussen die noorde en suide voltrek en bly Naspers oor as die enigste mediamaatkappy met kompeterende belange in die uitgee van (ook) Afrikaanse fiksietitels.

Teen 1987 verskyn daar nog talle literêre publikasies by Perskor, onder andere: *Môrester bo die Abbruzzi*, 'n vertaalde roman deur Uys Krige; *Portret van 'n keuse*, 'n roman deur P.G. Hendriks; *Viskoppe* en *'n Mens kan 'n masjien nie vertrou nie*, debuut-kortverhaalbundels deur Rudi Venter en Lochner de Kock onderskeidelik; die

dramateks *Die proponentjie* deur Pieter Fourie; asook die digbundels *Katarak* deur Wessel Pretorius, *Wit korbeel* van P.W. Buys en Wilhelm Jordaan se *Digterby* (Prinsloo, 1987:2). In 1988 stig Perskor die jeugboekklub Jeugkeur om fiksie en skoolgerigte naslaanwerke aan jong lesers in die ouderdomsgroep 10-16 jaar te lewer (*Die Transvaler*, 31.10.88:2). Die populêre mark word in die 1970's betree met veral spanningsverhale en later, tot aan die begin van die 1990's, word dit in reekse uitgegee en bemark; 'n voorbeeld hiervan is die reeks spanningsverhale in sakboek-formaat wat bekend gestaan het as *Saffier*-treffers en tot in 1991 verskyn het. Daar is boekklubs, soos byvoorbeeld Klub 707, vir die bemarking van hierdie populêre leesstof begin en dit is ook deur verspreiders van tydskrifte in supermarkte versprei. Tot 1991 produseer Perskor 'n mengsel van literêre en populêre publikasies, in 1992 en 1993 is die produksie verskraal en word slegs gekonsentreer op enkele literêre publikasies.

In 1994 word die publikasieprogram aan 'n beleidsverandering onderwerp waarvolgens die druknaam Perskor voortaan net op populêre fiksie sou fokus en hieruit het die gewilde liefdesromans of hygromans voortgevloei (Britz en Language aangehaal in *Beeld*, 24.02.98:10). Vlaeberg was die druknaam van die algemene uitgewery wat nie-fiksiepublikasies uitgegee het (die fiksie het onder die druknaam Perskor verskyn); Educum was die druknaam vir opvoedkundige publikasies; en Orion was gestig as druknaam vir inspirerende publikasies, maar het nie lank geduur nie (Perskor-katalogus, 1997; Struik, 2004). Perskor lewer sy belangrikste bydrae tot die produksieprofiel van Afrikaanse fiksiepublikasies van die 1990's deur die uitbouing van liefdesromans en vanaf 1994 tot 1999 word nuwe hygromans uitgegee as deel van 'n poging om "massamark" populêre prosa in Afrikaans te vestig. Perskor verkry 'n groot aandeel in die mark vir populêre liefdesromans en brei dit uit met die produkreeks *Cupid*, *Venus* en *Diana*, gegrond op die konsep van Mills & Boon, en die dikker historiese liefdesromans, familiesages en rillers, byvoorbeeld *Babette* deur Jeanette Ferreira, *Amulet* deur Elize Parker en *Adrenalien* deur Leon van Nierop (Vlaeberg, 1997:9).

Die transformasie van die onderwysstelsel in 1996/1997 (deur die voorgestelde nuwe uitkomsgebaseerde kurrikulum vir skole) het talle frustrasies en verliese vir opvoedkundige uitgewerye tot gevolg gehad – ook vir Perskor wat sy grootste

produksieaandeel in die opvoedkundige mark deur Educum gehad het. Onderwys-spesialiste is aangestel en daar is pogings aangewend om, na aanleiding van samesprekings met die onderwysdepartemente, die nuwe kurrikulum te “voorspel” en nuwe publikasies vroegtydig daarop te grond. Maar toe die lang verwagte kurrikulum uiteindelik beskikbaar was, het dit só erg verskil van verwagte leerprogramme dat die publikasies wat intussen geproduseer is nie aan die kurrikulumvereistes voldoen het nie. Boonop het aankope deur onderwysdepartemente skielik radikaal gekrimp (sien 3.3.4.1). Die resultaat was dat baie personeel afbetaal is, uitgewerye moes verskraal en herstruktureer om te kon oorleef en die totale uitgewerybedryf het ’n omwenteling beleef. Die totaal van aankope deur onderwysdepartemente van Educum-titels het gedaal vanaf R51,7 miljoen tot R18,7 miljoen. Die uitgewery-afdelings van Perskor se gesamentlike wins voor belasting het gedaal vanaf R18 miljoen in 1995/1996 tot R7 miljoen in 1996/1997 – die onderwyskrisis was hoofsaaklik die rede hiervoor en die grootste rede vir die daaropvolgende samesmelting (Educum, 1997:3-24). In September 1997 smelt Perskor (waarby ingereken die drukname Vlaeberg en Educum) met Kagiso Publishers saam (Language, 2002). Kagiso was ’n opvoedkundige uitgewery wat tot stand gekom het deur Kagiso Trust, ’n swart bemagtigingsgroep. Daarna verskyn publikasies in 1998 onder twee verskillende drukname, Perskor en Perskor-Kagiso.

Op 4 Junie 1998 word aangekondig dat Kagiso/Perskor in ’n omgekeerde oorname eers CTP se aandele sal oorneem, met die uiteinde dat Caxton, via CTP, Perskor sal beheer. (Caxton was die houermaatskappy wat 53% van CTP besit het en CTP het 75,6% aandele in Kagiso/Perskor gehou, Caxton het dus effektief 40% van Kagiso/Perskor beheer.) Met die oorname is Kagiso/Perskor gewaardeer teen R844 miljoen en CTP teen R2,6 miljard (*Volksblad*, 05.06.98:4). In September 1998 bekom die Caxton-groep Kagiso/Perskor en daardeur word laasgenoemde oorgeneem deur een van die grootse multinasionale opvoedkundige uitgewerye, Maskew Miller Longman (MML). Tot einde 1999 verskyn daar steeds Afrikaanse fiksiepublikasies (hoofsaaklik liefdesromans) onder die druknaam Perskor. In 2000 word MML se sake-eenheid Algemene / Volwasse / Professionele publikasies geherstruktureer tot die eenheid Hoër Onderwys / Algemeen / Professioneel en die laasgenoemde eenheid word in September 2001 ’n aparte maatskappy naamlik Pearson Education South Africa. Hierdeur het die fokus op Afrikaanse fiksie geheel en al verdwyn. Die

outeurskontrakte het verval en die outeursreg is gesedeer aan die outeurs van die publikasies of die trustees van hulle boedels. Daarna verskyn slegs herdrukke van enkele voorgeskrewe Afrikaanse fiksietitels (byvoorbeeld *Die keiser* van Bartho Smit), taalkundetitels gerig op die voorskryfmark (byvoorbeeld die *X-Kits vir Afrikaans*) en woordeboeke soos *Die handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (HAT) en *Die kernwoordeboek* (Language, 2002). Die groot aantal Afrikaanse fiksietitels van die eertydse Perskor lê dus op die oomblik dormant by MML. Enkele van hierdie titels het onlangs herleef as heruitgawes deur Protea Boekhuis, byvoorbeeld die roman *Twee vir 'n stuiwer* van W.A. Hickey, die kortverhaalbundel *Van jagter tot wildliefhebber* van P.J. Schoeman en die twee digbundels *Suburbia* en *Die geel kafee* van André Letoit (Koos Kombuis).

4.3.4 HAUM / HAUM-Literêr

Die oorspronklike HAUM is op 1 Mei 1894 as 'n Kaapstadse tak van die Amsterdamse boekhandelaars Jacques Dusseau & Kie, op aandrang van die Hollandse kerke in Suid-Afrika en op inisiatief van mnr J.K. Huizinga begin, met die doel om “goede Hollandse lectuur tegen lage prijs in Zuid-Afrika te verspreiden”. Aanvanklik konsentreer die uitgewery op die uitgee van stigtelike lektuur deur skrywers soos N.J. Hofmeyr en Andrew Murray. Op 2 Mei 1897 word die firma opgeneem in die Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij wat in die daaropvolgende paar dekades 'n prominente rol speel in die verskaffing van opvoedkundige en ontspanningsleesstof aan die breër Suid-Afrikaanse bevolking. Gedurende die 1920's, toe HAUM nog betrokke was by die verspreiding van Nederlandse boeke, help dié uitgewery mee om die brug te slaan na wêreldliteratuur deur die uitgee van vertaalde werke van Europese en Amerikaanse oorsprong. Op 2 Januarie 1911 word HAUM die eiendom van mnr J.H. de Bussy van Amsterdam en gee hulle, tydig vir die Tweede Afrikaanse Taalbeweging, betekenisvolle Afrikaanse publikasies uit. Tussen 1905 en 1920 word werke van historiese belang vir die Afrikaanse letterkunde van onder andere J.F.E. Cilliers, J.H.H. de Waal, C. Louis Leipoldt en C.J. Langenhoven deur HAUM uitgegee. Gedurende die 1930's fasiliteer HAUM gedeeltelik 'n opbloeï in die Afrikaanse kortverhaalkuns deur publikasies van Jochem van Bruggen, Sangiro en Leon Maré uit te gee. HAUM begin hom ook in die 1930's op akademiese terrein

toespits deur onder meer naslaanwerke soos D.F. du Toit Malherbe se *Vakwoordeboek* (1932). HAUM se vroeë betrokkenheid by die Afrikaanse letterkunde word beklemtoon deur die feit dat die vyftigste bestaansjaar van die uitgewery met die gedenkpublikasie *'n Halfeeu van letterkunde uit Suid-Afrika* gevier is en dat daar selfs in die moeilike jare na die Tweede Wêreldoorlog 'n literatuurgeskiedenis soos Rob Antonissen se *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede* (1956) verskyn het (HAUM, 1994:6-7).

Vanaf Maart 1956 word HAUM bedryf deur die Bolandse Kunshandelaars van Aat Kaptein, C. Struik en Liebenberg. In 1957 word die uitgewery oorgeneem deur die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en boekwinkels word geopen in Kaapstad en Pretoria (HAUM, 1994:7).

In 1974 word die uitgewery omvorm deur 'n ooreenkoms tussen Johan de Jager en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en De Jager-HAUM word gestig. De Jager was sy tyd vooruit in sy ideale vir 'n nuwe Suid-Afrika en sy totale bevolking en verrig baanbrekerswerk deur vernuwende handboeke vir leerders en onderwysers uit alle taalgroepe uit te gee en stel ook pryse in vir skrywers van oorspronklike werk in alle literêre genres in al die inheemse tale. Hierdeur word 'n sterk aandeel in die skoolmark verkry en talle HAUM-publikasies word voorgeskryf. Sedert 1974 gee HAUM ook algemene publikasies uit onder die drukname *Juventus*, *Femina*, *Folio*, *Rostrum*, *Kital* en *Constantia*. HAUM-Opvoedkundig (later bekend as HAUM-Tersiêr) word in 1978 gestig met die doel om akademiese publikasies vir die tersiêre mark uit te gee. Piet Scholtz word in 1979 as bestuurder en, na die dood van De Jager in 1982, as hoofbestuurder aangestel (HAUM, 1994:8).

Terwyl HAUM van die begin af sterk op die opvoedkundige en akademiese sektore gefokus het, was daar ook deurgaans 'n behoefte om die Afrikaanse letterkunde te dien. In die 1960's verskyn fiksie deur skrywers soos Etienne Leroux, Adam Small, Abraham H. de Vries en Hennie Aucamp by HAUM. In Januarie 1984 word daar voortgebou op hierdie tradisie deur die stigting van 'n druknaam wat uitsluitlik op fiksie kon fokus, naamlik HAUM-Literêr. Die eerste bestuurder, Hettie Scholtz, en haar opvolger, Marietjie Coetzee, het gestreef na die uitgee van fiksie van gehalte vir alle ouderdomsgroepe. Jeugromans deur skrywers soos Elsabe Steenberg, Eleanor

Baker, Pieter Pieterse, Maretha Maartens en Fransi Phillips verskyn by HAUM-Literêr, waarvan talle op voorskryfyste beland het in 'n tyd toe voorgeskrewe boeke nog vir 'n lang periode voorgeskryf is (HAUM, 1994:12-13; Scholtz, 2002).

Dit was die produksie van laasgenoemde wat HAUM-Literêr 'n winsgewende sake-eenheid gemaak het en waardeur ook fiksie vir die volwasse mark uitgegee kon word. HAUM-Literêr maak 'n bydrae tot die produksie van byna elke produksiekategorie van Afrikaanse fiksie: digbundels (soos byvoorbeeld Henning Pieterse se *Alruin*, Johan de Lange se *Wordende naak* en P.J. Bosman se *Ryp geel kring*); romans (soos Jan van Tonder se *Die kind* en *Is Sagie* en Jeanne Goosen se *Ons is nie almal so nie*); kortverhaalbundels (byvoorbeeld *Die ding in die vuur* van Riana Scheepers en P.H. Roodt se *Die geel geluid van die son*); en dramatekste (soos Reza de Wet se *Vrystaat-triologie* en *Trits* en Jeanne Goosen se *Drie eenakters*). Daar verskyn ook akademiese en literatuurwetenskaplike publikasies by HAUM-Literêr, onder andere die standaard naslaanwerk *Literêre terme & teorieë* van Cloete *et al*, die *HAUM-Literêr gidsreeks by die Afrikaanse letterkunde* en die jaaroorstreeks van SENSAL, *SA Literature/Literatuur*.

Hettie Scholtz (2002) verduidelik dat sy dikwels bereid was om eksperimentele werk deur debutante uit te gee en dat dit dan later daartoe gelei het dat dieselfde skrywer 'n publikasie geskryf het wat voorgeskryf is. 'n Voorbeeld is Fransi Phillips se *Sewe-en-sewentig stories oor 'n clown* en *Die wilde kind* – laasgenoemde is voorgeskryf en het kontantvloei gegeneer. Die lenige organisasiestruktuur van HAUM-Literêr was ook 'n voordeel volgens Scholtz (2002); sy noem byvoorbeeld dat skrywers dikwels na hulle gekom het omdat hulle manuskripte al vir té lank by ander uitgewerye vir oorweging gesloer het. Hoewel die sake-aktiwiteit van HAUM los gestaan het van die kerklike aktiwiteit van die Hervormde Kerk, het die verwantskap tog 'n indirekte negatiewe invloed gehad. Artikel 3 van die Kerkwet van die Hervormde Kerk het bepaal dat swart mense nie in die gemeentes toegelaat is nie. Die insluiting van die bepaalde artikel het jaarliks voor die sinode gedien en telkens is dit behou. As gevolg van hierdie aspek het sommige Afrikaanse skrywers op grond van hulle morele oortuigings nie kans gesien om by HAUM-Literêr uit te gee nie en dikwels was (geslaagde) oortuigingswerk deur Scholtz nodig (Scholtz, 2002). 'n Ander belangrike konteks vir HAUM-Literêr is die feit dat hulle nie, soos uitgewerye wat aan

mediamaatskappye behoort, oor hulle eie tydskrifte en koerante (waarin resensies van hulle publikasies kon verskyn) beskik het nie. Scholtz (aangehaal in Steyn, 1992h: 395) verklaar, met verwysing na die verskyning van resensies en aankondigings in *Die Burger en Beeld*, dat HAUM-Literêr se boeke wel “die blootstelling in die media [kry] wat hulle verdien”. Agterna beskou wil dit tog lyk asof Scholtz reken dat ’n onafhanklike uitgewery (soos HAUM-Literêr en later ook Queillierie wat sy as eenvrou-uitgewery begin het) nie in dieselfde mate deel is van die reklame-masjien waartoe uitgewerye binne mediamaatskappye toegang het nie (Scholtz, 2002).

HAUM-Literêr se grootse bydrae tot standhoudende produksie van Afrikaanse fiksie was tussen 1984 en 1992; in 1993 en 1994 gee hulle slegs enkele publikasies uit. Maar in die 1980’s, met die stryd tussen die noorde en suide nog sterk aan die woed, was HAUM-Literêr ’n gedugte teenstander vir Naspers se suidelike uitgewerye. Teen 1990 skryf Kannemeyer (aangehaal in Steyn, 1992i:442) byvoorbeeld dat “jonger skrywers toenemend van hulle werk by die noordelike HAUM-Literêr publiseer, onder andere skrywers wat voorheen by die suidelike uitgewers betrokke was”.

Met HAUM se eeufeesvieringe in 1994, word die uitgewery gekoop deur Kagiso Trust, FirstCorp en senior bestuurslede Steve (S.F.) du Toit, Piet (P.S) Scholtz en Willem (W.J.) Hamilton as aandeelhouers van ’n polities neutrale konsortium. Daarna staan dit bekend as Kagiso Uitgewers. Kagiso Trust was ’n stap in die rigting van swart bemagtiging. Mnr Eric Molobi, uitvoerende direkteur van Kagiso Trust en daarna voorsitter van die direksie van Kagiso Uitgewers, het die beskikbaarheid van gelyke onderwys aan alle inwoners van die land as die grootste uitdagings vir die nuwe Suid-Afrika beskou, en met HAUM se sterk stand as opvoedkundige uitgewery, dít as rede vir die aankoop van die uitgewery aangevoer (HAUM, 1994:5; 6-13). In 1994 verskyn slegs twee nuwe Afrikaanse fiksiepublikasies onder die druknaam Kagiso-Literêr, daarna ’n enkele heruitgawe in 1995 en 1996 onderskeidelik onder die druknaam Kagiso. Kagiso Uitgewers het nie lank geduur nie en hulle het geen ideaal gehad om die produksie van Afrikaanse fiksie in stand te hou nie. Kagiso is later deur Maskew Miller Longman (MML) oorgeneem (sien 4.3.3) waar HAUM-Literêr se publikasielys nou dormant lê aangesien MML nie Afrikaanse fiksie uitgee nie. En só het nog ’n belangrike produsent van Afrikaanse fiksie in die 1990’s tot ’n einde gekom. Enkele van HAUM-Literêr se publikasies het onlangs herleef as heruitgawes

deur Protea Boekhuis (byvoorbeeld die drama *Ek, Anna van Wyk* van Pieter Fourie en die roman *Susanna die geliefde* van Margaret Bakkes) en deur Human & Rousseau (byvoorbeeld die roman *Suidpunt-jazz* van André Letoit).

4.3.5 JUTA / Jutalit

Jan Carl Juta en sy vrou Louise, die suster van Karl Marx, verruil Nederland vir Suid-Afrika in 1853 en begin 'n "Boek- en Papierhandel"-onderneming in Kaapstad. Vir die volgende 30 jaar floreer die onderneming. Reeds in 1854 gee JUTA sy eerste Nederlandse publikasie uit, *Geschiedenis der Fransche Protestantsche Vlugtelingen, van de Herroeping van het Edict van Nantes, tot op onzen tijd* uit Frans vertaal deur A.N.E. Changuion. Daarna gee hy 'n verskeidenheid skoolboeke, geskiedenisboeke en godsdienstige boeke uit; later spits hy hom toe op opvoedkundige publikasies. Met die invoering van Afrikaans as voertaal in skole moes Juta Nederlandse skoolboeke ter waarde van ongeveer £ 10 000 verpulp, maar dadelik begin hy om Afrikaanse skoolboeke uit te gee. Reeds vóór 1900 verskyn daar Afrikaanse fiksiepublikasies by JUTA, onder andere: *Klaas Gezwint en zijn Paert; and other Songs and Rijmpjes of South Africa in English and Cape Dutch* (1884) en Melt Brink se *Grappige Stories en ander versies in Kaaps-Hollands* (1893). Ook van die eerste novelles tydens die Tweede Afrikaanse Taalbeweging, onder andere *Twee susters* en *Twee broers* deur Chris Everard, verskyn by JUTA. (Nienaber, 1943:58-59; Van Rooyen, 2005:340-341).

Na Jan Carl Juta se jonger seun in 1883 onverwags sterf, verswak Juta se gesondheid en verlaat hy Suid-Afrika in 1884 vir mediese behandeling in Engeland. Voor sy vertrek stel hy twee bestuurders, J. Kuypers en T. Duncan, aan wat ná Juta se dood in 1886 die onderneming vir die volgende 25 jaar sou bestuur (Van Rooyen, 2005: 340-341). Tussen 1867-1919 staan die uitgewery bekend as J.C. JUTA & Co. en in 1919 word dit verander in 'n beperkte maatskappy as JUTA & Kie. Bpk (Nienaber, 1943: 58-59). Juta se ouer seun, Henry Juta, en laasgenoemde se vrou voer 'n spandabelrige sosiale lewe wat, saam met die resessie wat op die Anglo-Boereoorlog gevolg het, die onderneming tot op die rand van bankrotskap voer. In 1909 neem Duncan se neef, Tom Duncan oor as besturende direkteur en in die daaropvolgende agt jaar lei hy die

onderneming weer na finansiële stabiliteit. In 1947 word Tom Duncan deur sy seun Douglas Duncan opgevolg en in 1983 neem laasgenoemde se neef, James Duncan, die leisels oor. In 2000 word James Duncan deur 'n bestuurder buite die Duncan-familie opgevolg (Van Rooyen, 2005: 340-341).

Aan die einde van 1988 word Jutalit in Kaapstad, met 'n uitgewerskantoor in Pretoria, gestig as 'n druknaam van JUTA. Dié druknaam sou fokus op die produksie van fiksie en akademiese literatuurwetenskaplike publikasies. Chris Pelsor (voorheen van Perskor) word as hoofbestuurder aangestel. Die verskyning van die twee vlagskip-publikasies word reeds teen 1988 as “'n skaarsste in die literêre wêreld” deur Slabber (1988:28) beskryf. Dit was *Donker weerlig: literêre opstelle oor die werk van André P. Brink* saamgestel deur Jan Senekal en 'n digbundel deur Marié Blomerus, *Seisoene van terreur*. In 1989 verskyn slegs twee akademiese publikasies; in 1990 vermeerder produksie tot sewe, waaronder twee jeugpublikasies, drie literatuurwetenskaplike publikasies en ook twee digbundels deur Joan Hambidge. Maar in 1991 verskyn slegs drie titels (twee jeugboeke en een bloemlesing eenbedrywe gerig op die skoolmark) en 1992 word die produksie gestaak ná die verskyning van die essaybundel *Granaat: 50 eietydse essays* saamgestel deur Tom Gouws en P.H. Roodt (PDAF, 2006). Die druknaam Jutalit het dus vir slegs vyf jaar bestaan en nie 'n beduidende invloed op die produksie van Afrikaanse fiksie uitgeoefen nie, 'n bydrae is wel gemaak tot die korpus Afrikaanse literatuurwetenskaplike publikasies.

JUTA is die oudste Suid-Afrikaanse uitgewery en word steeds grotendeels onafhanklik en as familiesaak besit. Vandag bestaan JUTA uit vier afdelings: Juta Gariëp wat op skoolboeke fokus (die resultaat van 'n samesmelting tussen JUTA se skoolboek-afdeling en Ernst Klett Verlag / die Klette-Gruppe – Duitsland se grootste opvoedkundige uitgewery); Juta Academic wat tersiêre handboeke uitgee (waarskynlik die grootste plaaslike tersiêre uitgewery, UCT Press is 'n druknaam hiervan); Juta Law wat op regstekste fokus (wat een van die leidende Suid-Afrikaanse uitgewerye van regs-, belasting- en rekeningkunde titels in gedrukte en digitale / elektroniese formaat is, Jutastat vorm deel hiervan); en Double Story wat as algemene uitgewery publikasies (fiksie en nie-fiksie) vir die algemene mark produseer. In 2003 het die JUTA-groep 587 nuwe titels uitgegee. JUTA is ook betrokke in die boekhandel en beskik oor 17 takke van Juta Boekwinkels. Dié boekwinkels fokus

hoofsaaklik op die akademiese mark, maar hou ook in 'n beperkte mate algemene boeke aan (Van Rooyen, 2005:307, 340-341). JUTA gee tans geen Afrikaanse fiksietitels uit nie.

4.3.6 Random House Suid-Afrika (Umuzi) / Penguin Suid-Afrika

'n Interessante tendens het aan die einde van die periode van hierdie ondersoek plaasgevind toe gevestigde multinasionale uitgewerye (deel van reuse internasionale mediakonglomerate), wat voorheen uitsluitlik Engelse publikasies plaaslik uitgee het, toegetree het tot die produsentelandskap van ook Afrikaanse fiksie. 'n Voorbeeld hiervan is die multinasionale uitgewery Penguin (deel van die internasionale Pearson-groep), wat reeds lank in Suid-Afrika gevestig is, se toetrede tot die produksie van Afrikaanse fiksie met Dalene Matthee se laaste roman *Die uitgespoeldes* wat postuum verskyn in 2005 (PDAF, 2006). Na die groot sukses van Matthee se roman, sal Penguin Suid-Afrika waarskynlik hierop voortbou deur ook ander Afrikaanse fiksiepublikasies in die toekoms uit te gee. Nog 'n voorbeeld is die stigting van 'n nuwe plaaslike druknaam deur Random House (deel van die internasionale mediakonglomeraat Bertelsmann) wat ook reeds lank in Suid-Afrika Engelse fiksie en nie-fiksie uitgee. Na die vertrek van Annari van der Merwe by Kwela Boeke (NB-Uitgewers) aan die einde van 2004 is sy opgeraap deur Stephen Johnson, bestuurder van Random House Suid-Afrika, om die nuwe plaaslike druknaam Umuzi te begin wat op die produksie van inheemse fiksie fokus. Tydens die bekendstelling van die druknaam en die eerste ses publikasies in Maart 2006, wat 'n spoggeleentheid vir die uitstalling van plaaslike inheemse fiksie was, het die internasionale bestuur van Random House hulle verbind tot die ontwikkeling van plaaslike fiksieproduksie en met groot opwinding oor Umuzi die woord gevoer. Onder die eerste ses publikasies was ook Antjie Krog se jongste digbundel *Verweerskrif* (wat gelyktydig in ook Engels verskyn het as *Body Bereft*). André P. Brink het ter viering van die stigting van Umuzi, in opdrag, spesiaal 'n novelle geskryf wat ook gelyktydig in beide Afrikaans en Engels verskyn het as *Die blou deur / The blue door*. Die volgende ses titels op Umuzi se publikasielys word tydens die internasionale Cape Town Book Fair bekendgestel. Met 'n uiters ervare en bekwame uitgewer soos Van der Merwe aan die stuur, sal Umuzi waarskynlik van krag tot krag gaan en sal daar ook verdere Afrikaanse fiksietitels onder dié druknaam verskyn.

4.4 Onafhanklike uitgewerye wat grotendeels op “populêre” fiksie fokus

Die primêre verskil tussen onafhanklike uitgewerye en konglomeraatuitgewerye of uitgewerye wat deel van groter groepe vorm, is dat onafhanklike uitgewerye onafhanklik besit en bestuur word. Nog ’n verskil tussen hierdie twee oorhoofse soorte uitgewerye (konglomerate en onafhanklikes) is die verskillende besigheidsmodelle wat deur elk toegepas word: onafhanklike uitgewerye word oor die algemeen volgens die meer tradisionele besigheidsmodel (as ’n soort tuisnywerheidsbedryf) bedryf, terwyl konglomerate ’n korporatiewe besigheidsmodel volg wat in ’n groter mate gebaseer is op kommersiële beginsels (sien ook 4.3 oor die verskillende besigheidsmodelle). Laasgenoemde onderskeid is egter nie só eenvoudig nie omdat suksesvolle onafhanklike uitgewerye met tyd groei en dan ’n meer korporatiewe aard aanneem – sonder om noodwendig deel van ’n mediamaatenskap te word. Die onafhanklike uitgewery is meer persoonlik ingestel. Uitgewers gee meer persoonlike aandag aan redaksionele werk (binne konglomeraatuitgewerye word die fisiese redaksionele werk aan ’n manuskrip dikwels deur vryskutredigeerders of inhuise redigeerders gehanteer omdat uitgewers se aandag tussen meer titels verdeel word en toegespits is op die projekbestuur van die uitgeeproses). Uitgewers volg dikwels ’n meer persoonlike inslag by die hantering van en verhouding met outeurs. Die bestuur van die onafhanklike uitgewery is nouer en meer direk betrokke by die redaksionele afdeling. Die oorhoofse koste en bedryfskoste van die onafhanklike uitgewery, soos byvoorbeeld die huur van kantore en die salarisse van personeel, is laer. In wese is die struktuur van die onafhanklike uitgewery lossier en meer plooibaar wat só uitgewery meer en vinniger aanpasbaar by veranderde markomstandighede maak. ’n Onafhanklike uitgewery is egter ook finansiële meer kwesbaar wat die impak van transformasieverskuiwings buite die uitgewery betref (vergelyk Owen, 1996b:27-33; Cohen, 1996:41-47).

Volgens Barnsley (1996:34-40) is die belangrikste onderskeidingsfaktore tussen konglomeraatuitgewerye en onafhanklike uitgewerye, skaal en fokus. Die konglomeraatuitgewery is per definisie saamgestel uit heterogene elemente en daardeur boet dit in aan ’n spesifieke fokus. Onafhanklike uitgewerye is hoogs individualisties en beskik in ’n groter mate oor ’n individualistiese identiteit wat die redaksionele beleid en styl van die uitgewery uniek maak en onder meer sekere

outeurs lok. Die kleiner skaal van 'n onafhanklike uitgewery maak dit meer gefokus met die gevolg dat groter spesialisasie in die uitgee van spesifieke produksiekategorieë moontlik is. Die besigheidsmodel van konglomeraatuitgewerye, wat volgens Paten (1996:22) problematies is vir die uitgee van spesifiek fiksiepublikasies, laat minder spesialisasie in die groter geheel van die uitgewery toe (spesialisasie onder verskillende drukname kom wel voor, maar produksie is, in die groter geheel, meer divers). Hierdie problematiek laat ruimte vir en skep 'n behoefte aan onafhanklike uitgewerye in die produsentelandskap.

Die ekonomie van skaal is 'n belangrike voordeel vir die redaksionele funksie van 'n onafhanklike uitgewery: die kleiner, persoonliker en meer gefokusde redaksionele afdeling in 'n onafhanklike uitgewery is ook voordelig vir die uitgee van fiksie. Maar daar bestaan ook nadele vir 'n onafhanklike uitgewery wat grotendeels met die buiteredaksionele funksies verband hou. Wat finansiële hulpbronne betref, kan die onafhanklike uitgewery nie staatmaak op kapitaal uit ander dele van die onderneming nie en verliese kan ook nie deur die winste van ander afdelings gebalanseer word nie. Die bemarkings- én verkoopsafdelings van onafhanklike uitgewerye is kleiner en minder sterk as dié van konglomeraatuitgewerye. Onafhanklike uitgewerye beskik ook nie in dieselfde mate oor die netwerk- en promosiekanale waartoe konglomeraatuitgewerye (wat deel is van mediamaatskappye wat hulle eie koerante en tydskrifte besit) toegang het nie. In sommige gevalle is die persoonlike en meer individuele ingesteldheid van 'n kleiner span verkoopsverteenvoerders 'n voordeel vir onafhanklike uitgewerye; in ander gevalle beskik onafhanklike uitgewerye nie oor hierdie funksie nie en moet bemarking en verkope uitgekontraakteer word. In laasgenoemde geval gaan iets van 'n persoonlike inslag juis verlore omdat onafhanklike verkoopsagente geen persoonlike verbintenis met die spesifieke uitgewery se titels het nie. Die toenemende kommersialisering van die boekhandelsbedryf vererger hierdie problematiek (sien ook 3.4.2.4).

Hoewel die individualiteit en uniekheid van onafhanklike uitgewerye direk terug herlei kan word na die redaksionele beleid van hierdie uitgewerye is die sukses, standhoudendheid, lewensvatbaarheid en toekomstige groei van hierdie uitgewerye dikwels direk verbind met die geslaagdheid van die wyse waarop buiteredaksionele funksies gehanteer word. Hierdie aspek word duidelik geïllustreer in ook die

produsentelandskap van Afrikaanse fiksie. Die groter onafhanklike uitgewerye beskik oor gevestigde strukture vir die bemarking, verspreiding en aflewering van hulle publikasies. Enkele voorbeelde: LAPA beskik oor hulle eie posbestellingsdiens, gevestigde boekklubs en bedryf ook direkte e-handel deur hulle webwerf (sien 4.4.1); Jacklin Enterprises is 'n leier op die gebied van direkte bemarking (sien 4.4.2); en Protea Boekhuis beskik oor 'n reeks van hulle eie boekwinkels (sien 4.5.1). Vir die kleiner onafhanklike uitgewerye (sien 4.6 en 4.7), wat nie oor hulle eie buite-redaksionele strukture beskik nie, bly die funksies van bemarking, verspreiding en aflewering 'n uitdaging (sien ook 3.2.3).

Onderskeidingsfaktore soos skaal, winsoogmerk, fokus op soorte publikasies, kultureel-gedrewenheid teenoor kommersieel-gedrewenheid, vraag-gedrewenheid teenoor aanbod-gedrewenheid en spesifieke politieke en ideologiese fokusse speel 'n rol in die onderskeid van 'n uitgewery as onafhanklik en tussen verskillende soorte onafhanklike uitgewerye. Op grond van hierdie onderskeidingsfaktore word daar in hierdie afdeling en die afdelings wat volg tussen soorte onafhanklike uitgewerye onderskei. Vervolgens word daar in hierdie afdeling aandag geskenk aan die profiele van groter onafhanklike uitgewerye wat kommersieel bedryf word, wat fokus op die produksie van grotendeels “populêre” fiksie en wat vraag-gedrewe is.

4.4.1 J.P. van der Walt & Seun / LAPA

Johannes Petrus (J.P.) van der Walt begin in 1941 die boekklub-uitgewery Springbok-biblioteek onder die vaandel van Unie-Boekhandel. Laasgenoemde was die resultaat van die oornam van Die Suid-Afrikaanse Boekwinkel na die likwidasië daarvan in 1938 (Nienaber, 1943: 75). In dié beginjare word sterk gefokus op publikasies met literêre gehalte, deur outeurs soos onder andere Kootjie van den Heever, J.R.L. van Bruggen, Elise Muller, S. Ignatius Mocke en T.C. Pienaar. In 1941 stel die uitgewery die eerste literêre prys waaraan 'n geldwaarde gekoppel is in. Dit word toegeken aan Elise Muller vir *Ek, 'n Samaritaanse vrou*. Tot met die aanvang van die Tweede Wêreldoorlog gee Van der Walt elke maand 'n boekklub-boek uit en bemark dit deur die boek-'n-maand-klub. 'n Tekort aan papier tydens die oorlog het die gevolg dat die

publikasie-aktiwiteit voorlopig opgeskort word (Van Rensburg, 1996:14; LAPA, 2000).

Teen 1946 is papier weer beskikbaar en Springbok-biblioteek sit sy boekklub-publikasies voort as 'n aparte maatskappy onder die naam Keurbiblioteek. In hierdie tyd is daar veral 'n aanvraag na leesstof vir ontspanning en die ligte roman se gewildheid neem toe. In 1956 word Eike-Boekklub gestig om te help voorsien in die groeiende aanvraag na ontspanningslektuur. In dieselfde jaar begin die maatskappy ook om algemene publikasies (nie-fiksie) buiten die publikasies van die boek-'n-maand-klubs uit te gee (LAPA, 2000).

In 1958 word J.P. van der Walt se seun, Dawid Hermanus (Manie) van der Walt, deel van die uitgewery en sedert 1961 staan die maatskappy as J.P. van der Walt & Seun bekend. Die twee bestaande boekklubs (Eike-Boekklub en Keurbiblioteek) word filiale van die maatskappy. In 1972 word Treffer-Boekklub gestig. Kinderkeur ontstaan as 'n boekklub vir kinder- en jeugpublikasies in 1979 en word later weer by die algemene uitgewery (J.P. van der Walt & Seun) ingelyf. Romankeur word in 1980 gestig. Hierdie boekklubs bemark publikasies aan uitsluitlik lede van die klubs deur 'n posbestellingsdiens en lede staan onder die verpligting om 'n boek uit die maandelikse aanbod te koop. Uitgewery Bezuidenhout (voorheen 'n onafhanklike uitgewery) word in 1983 by die maatskappy ingelyf. In hierdie jaar begin die uitgewery met sy gewilde resepte- en vrouereekse, ook binne die formaat van 'n boekklub publikasie-program, aanvanklik Erina-Boekklub en later Vroueflair. President-Boekklub, wat in 1960 deur die skrywer Mark Preston begin is, word in 1985 by J.P. van der Walt & Seun ingelyf (LAPA, 2000).

In 1983 word Winkel-oor-die-pos in die lewe groep wat lede daarvan in staat sou stel om boeke teen 'n laer ledeprys te koop sonder die verpligting om 'n boek per maand aan te koop (LAPA, 2000). Lede ontvang kwartaalliks (en tans maandeliks) die *Bestelpret*-nuusbriewe waaruit hulle bestellings plaas. Buiten die uitgewery se eie publikasies word daar ook video's, CD's, ander gebruiksartikels en ook uitgesoekte publikasies deur ander uitgewerye in hierdie nuusbriewe bemark (*Bestelpret*-katalogusse, 2005). Die uitgewery beskik oor hulle eie pakhuis en behartig self die verspreiding van hulle publikasies deur 'n gevestigde direktebemarkingsstruktuur, via

nuusbriewe, e-handel en 'n gesofistikeerde bestellingsdiens wat vanuit die uitgewery bedryf word (sien 3.2.3.2(b)). Hulle publikasies is ook in die algemene handel beskikbaar.

In Oktober 1996 word J.P. van der Walt deur die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) gekoop. Vanaf April 2000 staan die uitgewery as LAPA bekend, 'n akroniem vir “Lees Afrikaans Praat Afrikaans”. Die fokus van LAPA Uitgewers is om gehalte leesstof teen bekostigbare pryse te voorsien aan alle lede van gesinne wat Afrikaans gebruik. LAPA is 'n onafhanklike en winsgedrewe sake-eenheid en word nie finansieel deur die ATKV geborg nie. Die sosiale doelwitte is nou verbind aan dié van die ATKV, naamlik die uitbouing van die Afrikaanse taal en kultuur. Die wins wat LAPA verdien, word direk deur die ATKV teruggeploeg ter bevordering van hierdie doelwit (LAPA, 2000).

LAPA gee as algemene uitgewery beide fiksie en nie-fiksie in hoofsaaklik Afrikaans uit. Nie-fiksiepublikasies sluit in: resepteboeke; talle ander nutsboeke vir veral vroue; en geskiedkundige boeke oor onder andere die Anglo-Boereoorlog. Daar is ook Engelse algemene publikasies, enkele titels in Afrikatale en akademiese handboeke deur hierdie uitgewery uitgegee. Wat Afrikaanse fiksie betref, word gemiddeld sestig boekklub-boeke per jaar (waarvan die oorgrote meerderheid liefdesromans); ander “populêre prosa”, soos byvoorbeeld speurromans buite boekklubverband; en kinder- en jeugboeke uitgegee. Ná die aanstelling van Miemie du Plessis as uitgewer van kinder- en jeugboeke in 2000, het LAPA se produksieaandeel in Afrikaanse kinder- en jeugboeke aansienlik uitgebrei (Snyman & Venter, 2004:125-129). J.P. van der Walt het in die vroeë 1990's enkele “literêre” publikasies uitgegee; en met die aanstelling van Etienne Bloemhof (voorheen van Queilleries en daarna fiksieredakteur by Human & Rousseau) as uitgewer van fiksie buite die boekklubs in 2003, is die fokus op literêre fiksie verskerp. Bloemhof is intussen aan die einde van 2004 weer terug na NB-Uitgewers en Dineke Volschenk (voorheen van HAUM-Literêr) is as uitgewer van fiksie in sy plek aangestel. Anders as die geval met kinder- en jeugboeke, het LAPA tot nou toe nog nie werklik 'n vastrapplek wat hulle produksieaandeel van “literêre” fiksie betref, gekry nie, maar na verwagting sal hulle aandeel in hierdie produksiekategorie wel in die toekoms uitbrei.

Daar verskyn in elk van die vyf boekklubs wat tans deel van LAPA vorm 'n liefdesroman per maand, wat by die fokus of oorhoofse tema van die betrokke klub inpas. Die klubs geld dus as 'n soort handelsmerk waarvolgens lesers sekere subgenres van liefdesprosa te wagte kan wees. President-Boekklub gee tradisionele liefdesverhale uit waarin die milieu dikwels 'n plattelandse agtergrond is. 'n Eike-Boekklub-liefdesroman neig na die eksotiese en die wêreld van beeldskone heldinne. Keurbiblioteek gee liefdesromans met meer humor en opwinding in die verhaal-gebeure uit. 'n Treffer-Boekklub-liefdesroman bevat gewoonlik baie hartstog, passie en spanning en is dikwels spannende liefdesromans. Romankeur gee uitsluitlik heruitgawes van gewilde liefdesverhale wat reeds tien of meer jare gelede verskyn het uit. Sommige van die liefdesromans word ook as heruitgawes in grootdruk-formaat uitgegee (LAPA, 2000). In 2003 is begin om moderner liefdesromans, wat op 'n nuwe geslag lesers van liefdesromans gerig is, onder die druknaam Fleur uit te gee (Jordaan, 2004). In 2005 is die produksie van liefdesromans verder uitgebrei deur die stigting van die druknaam Romanza en het daar 28 liefdesromans onder dié druknaam verskyn. Die Romanza-liefdesromans word van die ander boekklubromans onderskei deurdat dit in sagteband en in 'n kleiner fisiese formaat geproduseer word. Binne die Romanza-druknaam word vier produklyne onderskei wat fokus op onderskeidelik nuwe romanse, historiese romanse, romantiese komedie en moderne romanse. Die uitbreiding sedert 2003 was 'n verdere poging deur LAPA om hul reeds gevestigde posisie in die produksiekategorie van liefdesromans verder te verstewig en hul kompeterende posisie teenoor NB-Uitgewers se liefdesroman-produksie te behou (sien 6.3.2). Die liefdesromans is lank deur Elmien Jordaan uitgegee, in 2004 is sy opgevolg deur Cecilia Britz (voorheen die uitgewer van liefdesromans by Perskor).

4.4.2 Jacklin Enterprises

Ná die likwidasië van Daan Retief / Kennis Onbeperk (sien 4.4.3) in 1997 het Mike (M.A.C.) Jacklin, voormalige hoofbestuurder, aangehou om liefdesromans in grootdruk-formaat uit te gee. In 1998 stig hy die maatskappy Jacklin Enterprises waardeur hierdie uitgee-aktiwiteite voortgesit word. Jacklin Enterprises is 'n direkte-bemarkingsonderneming wat spesialiseer in publikasies vir opleiding en onderrig waarop lesers inteken en wat deur 'n posbestellingsdiens bemark word. Hulle tree ook

op as verspreiders vir internasionale tydskrif- en boekuitgewerye, onder meer die *BBC Music Magazine* en *BBC Wildlife Magazine*; asook die Disney Book Club en Barbie & Friends Book Club waardeur prentboeke vir kinders bemark en versprei word. Die maatskappy beskik oor 'n gevorderde elektroniese stelsel waardeur bestellings verwerk word, vanaf die punt waar bestellings in die oproepsentrum ontvang word, totdat dit in die pakhuis uitgevoer en na die kliënt versend word (Jacklin Enterprises, 2005).

As deel van die boekuitgewery-afdeling se fokus word koproduksies van kinderboeke in Engels en Afrikaans uitgegee en uitgesoekte kinderboeke word ook in isiZulu, isiXhosa en Setswana vertaal. Gesondheidsboeke oor medisinale tuiskure word as deel van die nie-fiksiepublikasielys uitgegee. Wat fiksie vir die volwasse mark betref, beskik Jacklin Enterprises oor 'n lisensie om Mills & Boon liefdesromans in Afrikaans te vertaal en uit te gee. Daleen Malan (2003c), hoofuitgewer, verduidelik dat daar twee produklyne bestaan vir die uitgee van liefdesromans: (i) vertaalde liefdesromans word as deel van die Mills & Boon in Afrikaans-reeks in grootdruk-formaat uitgegee; en (ii) inheemse liefdesromans deur gewilde Afrikaanse liefdesromanskrywers, wat voorheen deur ander uitgewerye uitgegee is, word as heruitgawes in grootdruk-formaat uitgegee. Jacklin Enterprises het 'n kontrak met NB-Uitgewers om van hulle liefdesromans in grootdruk-formaat uit te gee (LAPA gee self sommige van hul liefdesromans in grootdruk-formaat uit). Daar word dus nie op nuwe oorspronklike liefdesromans gefokus nie en alle liefdesromans verskyn uitsluitlik in grootdruk-formaat.

Johannes Richter (2004), assistent-redakteur, meld dat die hoeveelheid gewilde inheemse liefdesromans wat as heruitgawes in grootdruk-formaat uitgegee kan word, aan die verminder is (hierdie feit word ook deur Retief, 2005 en Malan, 2005b beaam). Aanvanklik is vier inheemse liefdesromans per maand in grootdruk-formaat uitgegee; intussen is dit afgeskaal tot ongeveer een per maand (Malan, 2005b en PDAF, 2006). Van die vertaalde Mills & Boon in Afrikaans-liefdesromans word gemiddeld vyf per maand uitgegee (Malan, 2005b en PDAF, 2006). Alhoewel Jacklin Enterprises ook ander populêre romans (enkele riller- / spannings- / speurromans) uitgegee het, was die oorgrote meerderheid liefdesromans. Hulle het slegs enkele liefdesroman-omnibusse en kortverhaalbundels met liefdesverhale geproduseer en

slegs vier nuut geskepte inheemse liefdesromans het as eerste uitgawes verskyn (PDAF, 2006).

Die liefdesromans word direk aan openbare biblioteke verkoop en is nie in die algemene handel beskikbaar nie (Malan, 2003c). Die Mills & Boon in Afrikaans-liefdesromans word in oplaes van 500 eksemplare uitgegee (Malan, 2005b). 75% (375 eksemplare) van dié oplaes word deur die provinsiale biblioteekdiens van die Wes-Kaap gekoop omdat daar 'n groot aanvraag daarna onder bruin lesers bestaan. Sommige van die biblioteke se lede is nuutgeletterdes wat die groter puntgrootte gemakliker lees (De Raubaix, 2002; Malan, 2005b). In 2004 het Jacklin Enterprises die Mills & Boon Boekklub begin wat drie Mills & Boon in Afrikaans-liefdesromans (een elk in die produklyne moderne romanse, strelende romanse en mediese romanse) per maand uitgee en dit direk aan intekenare van die klub deur middel van die *Hartsgedagtes*-nuusbrieff versprei (Jacklin Enterprises, 2005, Malan, 2005b). Die klub is uiters suksesvol en het intussen reeds 3 000 lede gewerf. Al die ander liefdesromans verskyn uitsluitlik in hardeband, maar die drie romans wat per maand deur die klub versprei word, word herverpak in sagteband (in oplaes van 1 000 eksemplare) om daardeur die prys vir klublede laer te maak (Malan, 2005b).

Wat die produksie van liefdesromans betref, moet die verskyning van Jacklin Enterprises in die produsentelandskap in 1998 teen die agtergrond van verskuiwings in die uitgeweryprofiel van hierdie produksiekategorie beskou word. Die produksie van Afrikaanse fiksie deur die uitgewery Makro Boeke en Benedic Boeke het in 1996 grotendeels tot 'n stilstand gekom (sien 4.4.4) en in 1997 verdwyn ook Daan Retief / Kennis Onbperk (sien 4.4.3). Laasgenoemde uitgewerye was standhoudende produsente van liefdesromans in spesifiek grootdruk-formaat en ná die sluiting daarvan het daar 'n gaping in die biblioteekmark vir liefdesromans ontstaan (die biblioteekmark was ook kleiner as gevolg van dalende aankope deur openbare biblioteke – sien 3.3.5.2). Dié gaping is vinnig en doeltreffend deur Jacklin Enterprises gevul: in die kort periode van 1998 tot 2005 gee hulle 720 publikasies (grotendeels romantiese fiksie (702 titels) en enkele speur- of spanningsromans) in grootdruk-formaat uit, waarvan 325 vertaalde Mills & Boon-liefdesromans (PDAF, 2006). Die produksie van vertaalde liefdesromans staan uit as 'n nuwe produksietendens in hierdie produksiekategorie sedert die laat 1990's. Jacklin

Enterprises het daarin geslaag om 'n markleier in die produksie van Afrikaanse liefdesromans in grootdruk-formaat te word (die enigste ander uitgewery wat ook hiervan uitgee is LAPA, maar in 'n veel kleiner hoeveelheid – sien 4.4.1). Jacklin Enterprises se produksieaandeel word verder bespreek in 6.3.3.

4.4.3 Daan Retief / Kennis Onbeperk

Die uitgewery Daan Retief ontstaan in die 1970's toe Daan (D.J.) Retief en sy vrou, Rachelle, begin het om kinderboeke uit te gee en dit deur middel van 'n kinderboekklub direk te versprei. Hierdie kinderboeke het egter 'n reputasie gehad dat dit van swak gehalte was (beide die inhoud en die fisiese kwaliteit) en biblioteke wou dit nie aankoop nie. In 1981 stel Daan Retief vir dr. H.J.M. (“Vollie”) Retief, 'n voormalige bibliotekaris, dosent in biblioteekkunde en 'n kenner van kinderboeke, as uitgewer aan en sy kry die opdrag om 'n ondersoek te loods na die probleme en persepsies wat bestaan oor Daan Retief se kinderboeke. Na aanleiding van haar bevindinge volg 'n omwenteling in die uitgewery se kinderboeke en verbeter die gehalte aansienlik (Retief, 2005a). Gedurende die 1980's groei die uitgewery tot een van die belangrikste en 'n gerespekteerde produsent van inheemse en vertaalde kinderboeke in Afrikaans, Engels en nege Afrikatale, asook opvoedkundige publikasies vir kinders (sien Snyman & Venter, 2004:124-132 vir die produksiebydrae wat hierdie uitgewery tot Afrikaanse kinder- en jeugprosa gelewer het).

Rondom 1980 begin die uitgewery om ook fiksie vir die volwasse mark uit te gee, met 'n sterk fokus op liefdesromans (deur bekende skrywers in hierdie produksiekategorie soos Elsa Spence, Tryna du Toit, Niki van Schalkwyk, Wille Martin, Ena Murray en Susan Kruger) en in 'n mindere mate inspirerende fiksiepublikasies en humoristiese fiksiepublikasies. In 'n artikel in die bedryfstydskrif *The Bookseller* ontdek dr. Retief dat die Britse uitgewery Ulverscroft (sedert 1964 en tot vandag toe die wêreldleier in die produksie van 'n wye verskeidenheid publikasies in grootdruk-formaat – sien Ulverscroft, 2005) boeke in grootdruk-formaat uitgee wat tot op daardie stadium nie in Afrikaans in Suid-Afrika (in die spesifieke formaat) beskikbaar was nie. Johan Nel van Makro Boeke (sien 4.4.4) het wel reeds Afrikaanse boeke in grootdruk-formaat uitgegee, maar die fisiese formaat van die boeke was groter as normaal en dr. Retief

het geglo dit is nie heeltemal geskik vir bejaardes nie (omdat hulle juis min stoorplek in aftreeoorde het). In 1981 loods Daan Retief 'n nuwe formaat grootdrukboek in Afrikaans wat op bejaardes wie se sig afneem, gemik is (Retief, 2005a). Die bekendstelling daarvan is gekoppel aan die viering van 1982 as die Internasionale Jaar van die Bejaarde (Daan Retief, 1981). Oorspronklike liefdesromans wat in gewone-formaat deur Daan Retief uitgegee is, is heruitgegee in ook grootdruk-formaat en die uitgewery het kontrakte met Tafelberg en Human & Rousseau gesluit om van laasgenoemde uitgewerye se liefdesromans in grootdruk-formaat uit te gee. Later het die uitgewery opgehou om liefdesromans in gewone-formaat uit te gee en slegs op grootdruk-formaat gekonsentreer. Die grootdrukboeke is aan biblioteke en in die algemene handel verkoop en nie deur 'n boekklub-verspreidingstelsel versprei nie (Retief, 2005a).

Daan Retief was die eienaar en voorsitter van die direksie. Die uitgewery is lank deur Lourens van Niekerk bestuur. Van Niekerk is later weg om op die Effektebeurs te gaan werk en is opgevolg deur Mike (M.A.C.) Jacklin as hoofbestuurder (Jacklin was voorheen werksaam by Legio opvoedkundige speelgoed vir kinders). Jacklin het ook aandele in die uitgewery besit en het later besturende direkteur geword (Retief, 2005a en Retief 2005b). Later neem Retief en Jacklin 'n besluit om met HAUM te amalgameer en daarna verskyn publikasies onder die druknaam HAUM-Daan Retief (*Die Burger*, 17.05.88:12). So ver vasgestel kon word, is HAUM-Daan Retief in 1979 as 'n private maatskappy geregistreer (NALN-dokumentasie, 3083/99/1012). Hierdie vennootskap duur tot 1994 (HAUM is in daardie jaar deur Kagiso oorgeneem – sien 4.3.4).

In 1992 word 'n ooreenkoms aangegaan met Time Warner Publishing ('n filiaal van die Amerikaanse multinasionale mediakonglomeraat Time Life) en word die uitgewery Kennis Onbeperk / Knowledge Unlimited opgerig. Time Warner het 51% aandele besit en Jacklin die oorblywende 49%. Die nuwe uitgewery is in Midrand gesetel en hulle het voortgegaan om oorspronklike en vertaalde kinderboeke en fiksiepublikasies vir die volwasse mark in grootdruk-formaat uit te gee (Retief, 2005b). Die uitgewery het ook begin om as verspreidingsagent vir Time Warner en ander internasionale uitgewerye se produkte (grotendeels deelpublikasies wat as tydskrifte verskyn het) in Suid-Afrika op te tree (Coetzee, 1997a:17; 1997b:16). Daan

Retief is op 56 jarige ouderdom oorlede en Jacklin het die Retief-familie se aandele uitgekoop (Retief, 2005b). Na Retief se dood is 'n kontrak verkry om Walt Disney-kinderboeke as koproduksies in Afrikaanse en Engelse Suid-Afrikaanse uitgawes uit te gee. Fiksiepublikasies (spesifiek liefdesromans en riller- / spannings- / speurromans) in grootdruk-formaat het tot nou toe 'n belangrike uitgee-aktiwiteit gebly (sien 4.4.2 oor Jacklin Enterprises).

In 1997 het Time Life begin om wêreldwyd sy bedrywighede af te skaal en bestuurders in Brittanje, Duitsland, Australië en Hongarye afgedank; hulle was van plan om dieselfde met Kennis Onbeperk en Mike Jacklin in Suid-Afrika te doen. In Junie 1997 is ingestem op 'n medebestuursooreenkoms en Jacklin is drie maande grasia gegee om 'n nuwe belegger te vind wat Time Warner se aandele kon oorneem. Maar op 9 Junie 1997 is 'n likwidasiëbevel uitgereik nadat Kennis Onbeperk nie in staat was om 'n rentevryelening van R5 miljoen, wat vir die oprigting van die uitgewery deur Time Warner voorgeskiet is, terug te betaal nie. Kennis Onbeperk is daarna verdeel waarvolgens Times Warner voortaan hulle eie produkte in Suid-Afrika sou versprei en van die ander verspreidingsagentskappe deur Jacklin se nuwe onderneming, Jacklin Enterprises, oorgeneem is (Coetzee, 1997a:17; 1997b:16).

4.4.4 Makro Boeke / Benedic Boeke

Johan Nel begin sy loopbaan in die uitgewerybedryf in 1963 as algemene uitgewer by Nasionale Boekhandel. Daarna word hy die bemarkingsbestuurder van Tafelberg in die vroeë 1970's waar hy onder leiding van J.D. Pretorius waardevolle kennis oor boekbemarking in die algemene boekhandel verwerf (Nel, 1987:68-70). Na aanleiding van 'n idee van die destydse direkteur van die Kaaplandse Biblioteekdiens, mnr Morris, begin Nel om die eerste Afrikaanse boeke in grootdruk-formaat in 1967 by Nasionale Boekhandel uit te gee (Nel, 2006). Hierdie produksie is deur Nel by Tafelberg voortgesit, maar ná sy vertrek gestaak. Daarna verhuis Nel na Pretoria en stig hy sy eie uitgewery. Aanvanklik gee hy die tydskrif *Op Safari* uit wat gerig was op buitelewe-entoesiaste en in 'n sin 'n voorloper was van die hedendaagse tydskrif *Weg*. In 1972 word Makro Boeke as 'n private maatskappy geregistreer (NALN-

dokumentasie, 666/2001/26) en later begin Nel om ook boeke in grootdruk-formaat onder dié druknaam uit te gee (Nel, 1993; Nel, 1998:13; Nel, 2006).

Makro Boeke het spesifiek gefokus op heruitgawes van gewilde romans in grootdruk-formaat wat reeds voorheen in gewone-formaat by ander uitgewerye verskyn het. Daar verskyn reeds tussen 1974 en 1979 enkele titels onder die druknaam Makro Boeke: liefdesromans en geskiedenisboeke van kulturele en politieke belang, soos byvoorbeeld *Stormvoël van die noorde: Stephanus Schoeman in Transvaal* (Makro Boeke, 1978) en *Tielman Roos: sy rol in die Suid-Afrikaanse politiek, 1907-1935* (Makro Boeke, 1979). Die produksie van romans in grootdruk-formaat, veral liefdesromans en in 'n mindere mate ook riller- / spannings- / speurromans (veral vertaalde romans deur Heinz Günther Konsalik), neem sedert 1982 toe. Die kompetisie in hierdie produksiekategorie tussen Makro Boeke en Daan Retief (sien 4.4.3) het in hierdie periode sterk toegeneem (Nel, 2006). Tussen 1990 en 1996 verskyn 'n aansienlike 553 van hierdie titels, tussen 60 en 100 per jaar en almal heruitgawes in grootdruk-formaat (PDAF, 2006). Tussen 1992 en 1995 gee Makro boeke ook 'n klein aantal heruitgawes van gewilde “literêre” romans (van onder andere Dalene Matthee, Elsa Joubert en F.A Venter) uit; en tussen 1994 en 1996 verskyn ook 'n paar heruitgawes van gewilde “literêre” kortverhaalbundels (deur A.J.J. van Niekerk en Abraham de Vries), almal in grootdruk-formaat (PDAF, 2006; Nel, 2006). Hierdie meer “literêre” publikasies (onderskeibaar van die groot aantal liefdesromans) vorm deel van Makro Boeke se Connoisseurreeks wat op die omslae beskryf is as publikasies “in groot, gerieflik leesbare druk uitgegee as deel van Makro Boeke se Connoisseurreeks vir die fynproewer” (PDAF, 2006). Hoewel dit die enigste “literêre” publikasies was wat in grootdruk-formaat in die periode 1990-2005 verskyn het, was dit maar 'n geringe bydrae tot die produksie van Afrikaanse fiksie.

Makro Boeke se publikasies in grootdruk-formaat is spesifiek aan openbare biblioteke verkoop en nie in die algemene handel nie (Malan, 2003c; Nel, 2006) – hulle het as 't ware vór die biblioteekmark uitgegee (Nel, 1998:13). Gedurende die 1970's en 1980's was die aankoopbegrotings van openbare biblioteke baie ruim en 'n aansienlike gedeelte daarvan is aan Afrikaanse boeke bestee. Nel (2006) dui aan dat Makro Boeke in hierdie periode ongeveer die hele oplaag (gemiddeld 1 000 eksemplare) van 'n liefdesroman in grootdruk-formaat aan die openbare biblioteekdienste kon verkoop.

Volgens Nel (2006) het Makro Boeke 'n goeie samewerkingsverhouding met die openbare biblioteekdienste gehad en gereeld met verteenwoordigers van biblioteke gekonsulteer oor die liefdesromans waarvoor 'n aanvraag onder biblioteeklede bestaan het. Die ondergang van Makro Boeke, rondom 1997 / 1998, staan in direkte verband met die groot besnoeiing van die aankoopbegrotings van die openbare biblioteekdienste en die transformasieverskuiwings in die biblioteeksisteem (Nel, 1998:13; sien ook 3.3.5.2). Nel (2006) noem dat die verskuiwings in die biblioteeksisteem reeds teen die begin van die 1990's 'n negatiewe impak op die biblioteekmark vir grootdrukromans gehad het en dat dit sy tol teen 1996 / 1997 geëis het toe bestellings gekrimp het tot ongeveer slegs 80 eksemplare van 'n liefdesroman in grootdruk-formaat. Ten spyte van die besnoeiings in biblioteekbestellings kon Makro hul produksie in die eerste helfte van die 1990's voorsit deur aansienlike besparing in produksiekoste. Hulle het vanaf die laat 1980's oor gevorderde sagteware (vir die tyd) beskik vir die grafiese ontwerp van grootdruk-uitgawes en kon daardeur hulle boeke self set (Nel, 2006). Later het hulle ook self die druk- en bindfases van die uitgee-proses (vergelyk 3.2.2.3 en 3.4.3.3) gehanteer deur middel van 'n soort druk-op-aanvraag druktegnologie. Hierdie tegnologie het hulle in staat gestel om die eenheidskoste van klein oplae lewensvatbaar te maak binne die beperkinge van 'n prysgrens (ongeveer R30 per boek) waartoe die biblioteke bereid was (Nel, 2006). Nel (2006) noem dat die uitgee-aktiwiteite van die onderneming grotendeels gefinansier is deur die inkomste uit die maak van gedramatiseerde dokumentêre programme vir die destydse SAUK. Parallel met die insinking in die biblioteekmark, het ook die kontrakte vir hierdie programme deur die SAUK in die vroeë 1990's opgedroog en daarna was die skrif aan die muur. Die produksie van Afrikaanse fiksiepublikasies in grootdruk-formaat deur hierdie uitgewery is aan die einde van 1996 gestaak, terwyl daarna nog twee nie-fiksiepublikasies in onderskeidelik 1997 en 1998 onder die druknaam Makro Boeke verskyn het.

In 1988 word Benedic Boeke as 'n algemene uitgewery gestig met die doel om ook oorspronklike (nuwe) titels (fiksie en nie-fiksie), in gewone-formaat, onder dié druknaam uit te gee. Volgens Nel (2006) was die stigting van Benedic Boeke van die begin af bedoel as 'n poging om inkomste uit ook ander oorde as die biblioteekmark te genereer. Ander as die titels van Makro Boeke, is Benedic Boeke se produkte aan die algemene boekhandel bemark en deur middel van 'n posbestellingsdiens (Nel,

2006). Wat produksie van fiksiepublikasies betref, het Benedic Boeke gefokus op veral liefdesromans, enkele riller- / spannings- / speurromans, enkele humoristiese kortverhaalbundels en 'n onbeduidende aantal “literêre” fiksiepublikasies: een kortverhaalbundel, een dramateks en een digbundel (PDAF, 2006). Nie-fiksiepublikasies deur Benedic Boeke het titels ingesluit soos byvoorbeeld Kobus Neethling se boeke oor kreatiwiteit en die eerste weerdagboek van Peet Pienaar (Malan, 2003d). Die laaste nie-fiksiepublikasie onder hierdie druknaam het in 2000 verskyn. Tussen 1990 en 1996 verskyn 66 nuwe Afrikaanse fiksietitels onder dié druknaam en daarna volg nog twee titels in onderskeidelik 1997 en 1999 (PDAF, 2006). As gevolg van die radikale impak van transformasieverskuiwings (veral in die biblioteeksub sisteem) op die uitgesisteem was daar geen wyse om die uitgee-aktiwiteit van Benedic Boeke en Makro Boeke voort te sit nie en is die onderneming formeel in 1998 gesluit.

4.4.5 Christelike Uitgewersmaatskappy (CUM)

Die Christelike Uitgewersmaatskappy (CUM) is reeds in 1939 deur Freddie Crous gestig. In 1989 word dit deur Chris Johnsen, besturende direkteur van Christian Art, oorgeneem. Dit is 'n uitgewery van uitsluitlik Christelike publikasies wat in sy missie “daaraan toegewy [is] om God te verheerlik en Jesus Christus te dien deur kreatiewe ontwikkeling, publikasie, verspreiding en kleinhandelbemarking van Christelike lektuur, Bybels en Skrifgefundeerde produkte” (*Die Kerkbode*, 1998:10). Hierdie is dus 'n onafhanklike uitgewery, winsgedrewe en met 'n fokus op 'n spesifieke produksiekategorie (Christelike publikasies) na aanleiding van hulle missie en sosiale doelstellings.

Behalwe Bybels, dagboeke en dagstukkies, gee CUM reeds vóór 1990 en daarna Christelike publikasies uit waarvan sommige as fiksie (inspirerende prosa met die doel om lesers te besiel) gekategoriseer kan word. Dit sluit veral kortprosa soos bundels met inspirerende kortverhale, essays en rubrieke deur skrywers soos byvoorbeeld Maretha Maartens in. Hoewel daar reeds van vroeg in die 1990's ook skeppende inspirerende romans of Bybelromans verskyn, word daar stelselmatig al hoe meer op laasgenoemde gefokus en sedert 1996 verskyn daar al hoe meer daarvan, en vanaf 1999 word in die publikasieprogram van fiksiepublikasies hoofsaaklik

dáárop gefokus. Hierdie romans berus dikwels op die gefiksionaliseerde aanbieding van Bybelse verhale waarin Bybelse karakters sentraal staan, soos byvoorbeeld *Elia: man van God – die aangrypende verhaal van ’n lojale profeet wat ondubbelsinnig aan God se kant gestaan het*; en romans waarin liefdeselemente en Bybelse gebeure vermeng word, soos *Engel op die drumpel: ’n jong vrou se stryd met die bande van bloed* deur Helene de Kock. (PDAF, 2006). Sedert 1999 gee CUM ook toenemend soortgelyke romans uit wat in Afrikaans vertaal is. In die inhoud van hierdie romans word gesteun op die vermenging van verskillende verhaalelemente, soos spanningselemente (dikwels gefokus op die stryd tussen goed en kwaad), liefdeselemente (liefdesverhale van Bybelse vroue) en toekomsfiksie (dikwels gebeure rondom die eindtyd). Enkele voorbeelde hiervan is *Apollion: die voortgesette drama van ’n mensdom gedoem tot vernietiging* en *Nicolae: die opkoms van die Antichris* deur Tim LaHaye en Jerry B. Jenkins; en LaHaye se *Die oorblyfsel: op die vooraand van Armageddon* (PDAF, 2006).

Bogenoemde verskuiwing word tot ’n mate aangekondig in ’n artikel in *Die Kerkbode* (1996:10) waarin melding gemaak word van nuwe produkontwikkeling. Daar word gemeld dat die publikasielys in vergelyking met die Amerikaanse mark uitgebrei kan word en dat nuwe temas nagevors en aangebied moet word. Dit is ’n moontlike verklaring vir die verhoogde produksie van veral vertaalde (Amerikaanse) romans. Deur hierdie stap is CUM se produksieaandeel aansienlik verhoog (sien 6.7.3).

CUM beskik oor hulle eie boekwinkelketting, CUM Boeke Christenfamilieboekwinkel, waarin hulle produkte bemark word. Daar bestaan 25 takke van dié boekwinkels wat regoor die land in groot winkelsentrums versprei is (CUM Boeke, 2004).

4.5 Onafhanklike uitgewerye wat grotendeels op “literêre” fiksie fokus

In hierdie afdeling word profiele van uitgewerye onder die loep geneem wat, soos die uitgewerye in 4.4, beskryf kan word as groter onafhanklike uitgewerye wat kommersieel bedryf word. Die verskil met die uitgewerye in die vorige afdeling is dat hierdie uitgewerye fokus op die produksie van grotendeels “literêre fiksie” wat aanbod-gedrewe en kultuur-gedrewe is.

4.5.1 Protea Boekhuis

Gedurende die 1990's word Nicol Stassen bekend as boekhandelaar. Sy boekhandelonderneming, Protea Boekwinkel (gestig in 1992), brei oor 'n kort periode vinnig uit met twee takke in Pretoria en later ook takke in Potchefstroom, Stellenbosch, Witbank en Nelspruit (Protea Boekhuis, 2005). In 1997 begin Stassen om enkele publikasies onder die druknaam Protea Boekhuis uit te gee, hoofsaaklik titels op die terrein van geskiedenis en van 'n historiese belang (Van Zyl, 2003:15). In 1998 vermeerder dit tot vyf publikasies en teen 1999 tot nege waar die klem steeds op geskiedenis val, maar daar verskyn ook twee Afrikaanse fiksiepublikasies, weliswaar met 'n geskiedkundige verwantskap. Dit was die bloemlesing *Boer en Brit: Afrikaanse en Nederlandse tekste uit en om die Anglo-Boereoorlog* saamgestel deur Ena Jansen en Wilfred Jonckheere en die historiese roman *Die verhaal van Johanna Brandt: roman* deur Bep du Toit (PDAF, 2006).

In 2000 volg nog twee Afrikaanse fiksiepublikasies: die vertaling van Pascal Quignard se *Elke oggend van die wêreld* deur Johann Rossouw en 'n bloemlesing met gedigte *Nuwe verset* byeengebring deur Daniel Hugo, Leon Rousseau en Phil du Plessis. Aan die begin van 2001 meld Stassen (2001) dat daar reeds 50 titels op Protea Boekhuis se fondslus is en dat dit in 2001 met 35 nuwe titels uitgebrei sal word. In 2001 tree Protea Boekhuis met mening tot die Afrikaanse fiksiemark toe met drie romans, vyf digbundels en een dramateks. In 2002 word 22 Afrikaanse fiksiepublikasies uitgegee, waarvan 14 digbundels, en in 2003 verskyn 19 Afrikaanse fiksietitels by hierdie uitgewery. Aan die einde van 2005 staan daar ongeveer 200 titels op die publikasielys (Protea Boekhuis titellys, 2005). In 2004 verskyn twee publikasies onder twee addisionele drukname by Protea Boekhuis: *Gebroke sinne*, Stef Bos se bundel met gedigte en lirieke, onder die druknaam Suikerbos en Deirdre Hickman se Engelse versameling rugby verse, *Rugby Rhymes*, onder die druknaam The Hatfield Press.

Protea Boekhuis het dus daarin geslaag om in 'n besondere kort tyd homself as algemene uitgewery te vestig en 'n aansienlike bydrae tot Afrikaanse fiksieproduksie te maak (in die besonder tot Afrikaanse poësie). Hierdie uitgewery het sedert 2001 'n toevlugsoord vir veral Afrikaanse digters geword omdat die ander Afrikaanse

uitgewerye hulle poësieproduksie ingekort het (sien 6.11.2). Daar verskyn ook Afrikaanse en Engelse publikasies in 'n wye verskeidenheid ander produksiekategorieë soos ekonomie, filosofie, genealogie, geskiedenis, biografieë, politiek, regte, sielkunde, teologie, natuurwetenskappe, fotografie, kuns, literatuurstudie, taalkunde, musiek, kuns en self-help boeke (Protea Boekhuis, 2005).

Met betrekking tot die uitgee van Afrikaanse fiksiepublikasies gaan dit vir Stassen (2001) daaroor om 'n bydrae te maak tot die Afrikaanse letterkunde deur publikasies uit te gee waarsonder die letterkunde armer sou gewees het. In Stassen (2001) se uitgeefilosofie fokus hy daarop om manuskripte met meriete keurig uit te gee op so 'n wyse dat die eindprodukte getuig van professionele versorging deur 'n professionele uitgewery. Wat Afrikaanse fiksietitels betref, lê Stassen veral klem op die letterkundige waarde van 'n manuskrip (Stassen aangehaal in Nieuwoudt, 2002b:9). Die feit dat Protea oor sy eie boekwinkels beskik, wat strategies in Afrikaanse sentra oor die land versprei is, hou 'n bemarkingsvoordeel vir die uitgewery se eie publikasies in. Publikasies van Protea Boekhuis is ook in ander groot boekwinkels in Pretoria, Johannesburg, Bloemfontein, Kaapstad, Port Elizabeth en Oos Londen beskikbaar (Stassen, 2001). Protea Boekwinkels is bekend vir die wye spektrum fiksie-, nie-fiksie- en akademiese publikasies wat hulle aanhou; ongeveer 60% van die fiksievoorraad is Afrikaanse boeke, 25% Engelse publikasies en die oorblywende 15% boeke in ander tale met veral 'n goeie verteenwoordiging van publikasies in Frans (Nieuwoudt, 2002b:9). Later is begin om ook uitgesoekte publikasies van Protea Boekhuis te versprei deur die boekklub Leserskring, LAPA se posbestelingsdiens en die elektroniese boekhandelaars Kalahari.net en African Sun Media se SUN-e-SHOP (sien 3.4.3.8).

Die letterkundige en skrywer Jeanette Ferreira is in 2000 as hoofredakteur aangestel. Intussen is Ferreira in 2004 opgevolg deur Martjie Bosman.

4.6 Onafhanklike eenman-uitgewerye wat op nismarkfiksie fokus

Die uitgewerye waarvan profiele in hierdie afdeling bespreek word, is kleiner uitgewerye wat onafhanklik deur een persoon of enkele individue besit en bestuur word. Die ooreenstemmende kenmerk van hierdie uitgewerye is dat hulle nismarkfiksie uitgee en sterk aanbod-gedrewe is. Die kleiner skaal van die besigheidsmodel waarvolgens hierdie uitgewerye bedryf word, maak dit vir hulle moontlik om op nismarkpublikasies te fokus waarvan die mark, en gevolglik die opplae, klein is. Hierdie uitgewerye is ook dikwels sterk kultuur-gedrewe (in die sin dat hulle poog om 'n kulturele bydrae te maak deur die publikasies wat hulle uitgee). Op grond van onderskeidingsfaktore soos winsoogmerk, kapitaaluitleg en betrokkenheid van outeurs, kan daar verder kleiner groeperings binne hierdie produsentekategorie onderskei word (sien 4.2).

Die groter skaal van gevestigde groot uitgewerye (beide konglomeraatuitgewerye en groter onafhanklike uitgewerye) maak die uitgee van nismarkpublikasies deur laasgenoemde soort uitgewerye nie lewensvatbaar nie en daardeur word ruimte vir die bestaan van hierdie kleinskaalse onafhanklike uitgewerye geskep. Transformasie-verskuiwings, soos toenemende konglomeraatvorming en rasionalisering, in ook die produsentelandskap van Afrikaanse fiksie gedurende die 1990's en 2000's het aanleiding gegee tot 'n groter behoefte aan kleiner onafhanklike uitgewerye. Die stigting van sodanige uitgewerye staan uit as een van die tendense in die produsentelandskap van Afrikaanse fiksie gedurende hierdie periode: al die uitgewerye wat in hierdie afdeling bespreek word, het hulle ontstaan in hierdie periode gehad.

4.6.1 Bent

Bent, wat beteken “'n plek om te publiseer”, word as onafhanklike eenman-uitgewery in 1996 deur Johann de Jager gestig. Aanvanklik is daar van skrywers verwag om 'n kapitale uitleg tot die produksiekoste van hulle publikasies by te dra vir die eerste opplaa; die opbrengste op die eerste opplaa finansier die verdere opplae. Publikasies verskyn in eerste opplae van so klein as 50 eksemplare, wat daarna opgevolg word deur

oplae wat gedruk word na aanleiding van die aanvraag daarna (De Jager, 2000). Later is oplaes van tussen gemiddeld 200 en 300 eksemplare uitgegee (De Jager, 2006b).

Bent spits hom veral op die produksie van poësie en kortprosa toe. Tussen 1996 en 2005 gee Bent 21 publikasies uit, waaronder 12 enkeldigbundels, vyf saamgestelde poësiebundels wat tot stand kom na aanleiding van skryfkompetisies of skryfwerkswinkels, 'n kortverhaalbundel wat ook as resultaat van 'n skryfwerkswinkel uitgegee is, een dramapublikasie en twee gedenkpublikasies: 'n bloemlesing gedigte by die vyftigjarige bestaansherdenking van Hoërskool F.H. Odendaal met gedigte deur oud-leerlinge en die nie-fiksie Eeufeesgedenkboek van die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie. Bent organiseer jaarliks 'n digterskompetisie in samewerking met die Jakarandata van die ATKV (die sewende kompetisie word tans ook in samewerking met die onafhanklike literêre tydskrif *Kakkerlak* aangebied). Na afloop van die kompetisie word daar telkens twee saamgestelde digbundels uitgegee: 'n bundel "apporteerverse" (met van die ingeskrewe gedigte deur amateur-digters) en 'n bundel met van die ingeskrewe gedigte deur van die meer gevestigde digters (De Jager, 2006b; PDAF, 2006).

Bent gee ook 'n nuusbrieff, *Komsat*, uit waarin skeppende bydraes verskyn en wat gerig is op jong amateur-skrywers. Daar het ook twee uitgawes van 'n literêre tydskrif, *Voor-lopig*, verskyn wat deur Bent uitgegee is en waarin poësie en kortprosa in Afrikaans (en tot 'n beperkte mate in Engelse) deur meer gevestigde skrywers afgedruk is (De Jager, 2000; De Jager, 2003). Die samewerking met die onafhanklike literêre tydskrif *Kakkerlak* is 'n faktor wat meehelp dat Bent tans in 'n gunstige posisie is en voortbestaan. Bent het in 2006 'n webwerf beskikbaar gestel waarop 'n elektroniese weergawe van die *Komsat*-nuusbrieff beskikbaar is. Daar is ook planne om die tans dormante *Voor-lopig* te laat herleef (De Jager, 2006b).

Onafhanklike eenman-uitgewerye soos Bent oorleef moeilik en dit word duidelik geïllustreer deur die feit dat Bent, in 'n poging tot oorlewing, in 2002 'n obligasieskema aankondig waarvolgens intekenare onderneem om een boek per jaar teen R55 aan te koop (De Jager, 2002:5; De Jager, 2003). Naas die onafhanklike uitgewery Snailpress, wat nie meer bestaan nie, is Bent die standhoudendste uitgewery in die produsentekategorie onafhanklike eenman-uitgewerye wat op

nismarkfiksie fokus – beide wat die aantal titels en die produksiebydrae oor die periode aanbetref.

4.6.2 Suider Kollege Uitgewers

Suider Kollege Uitgewers is in 2000 deur Ronnie (R.K.) Belcher gestig. Dié uitgewery vorm deel van die maatskappy SouthNet Education (Edms.) Bpk. wat Suider Kollege insluit – ’n private hoër onderwys-kollege wat deur SAQA geakkrediteer is en waarvan Belcher die rektor en visekanselier is. Sedert 2000 bied die Kollege vir Literêre Kunste, ’n afdeling van Suider Kollege Uitgewers, ’n afstandsonderrig kursus in poësietegniek aan. Hierdeur word opleiding aangebied aan aspirant digters wat verdienstelike manuskripte voorgelê het vir publikasie, maar nog nie die vereiste peil bereik het nie (De Wet, 2002:17-18).

Suider Kollege Uitgewers, soos Bent, is ’n skrywersgedrewe uitgewery: outeurs dra self die produksiekoste vir hulle publikasies, raak betrokke by die produksieproses, onderneem self die bemarking en ontvang die totale wins (Belcher, 2000). Die uitgewery word dus sonder winsbejag bedryf. Belcher (2000) meld in ’n radio-onderhoud met Daniel Hugo dat manuskripte baie streng gekeur word en dat literêre gehalte die belangrikste maatstaf in die uitgeefilosofie is.

Daar verskyn sewe enkel digbundels tussen 2000 en 2002 by Suider Kollege Uitgewers, waarvan twee digbundels deur Belcher self. Die oorblywende vyf is digbundels deur debuutdigters, onder meer *Dansmusieke* deur Zandra Bezuidenhout (wat in 2002 met die Ingrid Jonker-prys bekroon is) en Patricia Witz se *Die swart papawer*. Belcher (aangehaal in Nieuwoudt, 2003b:13) meld dat hierdie uitgewery 18 digbundels in 2002 uitgegee het, slegs die genoemde sewe kon egter in openbare bronne opgespoor word (is dus gepliglewer of aan NALN geskenk).

Sedert 2002 het daar geen verdere publikasies by Suider Kollege Uitgewers verskyn nie (PDAF, 2006), waarskynlik as gevolg van die feit dat Belcher tans gesondheidsprobleme ondervind. Eenman-uitgewerye soos Suider Kollege Uitgewers word deur

'n enkele persoon gedryf en die welstand van die uitgewery is dus direk gekoppel aan dié persoon. Sover vasgestel kon word, bestaan die uitgewery wel nog.

4.6.3 Fenomeen Publikasies

Francois Weideman begin om sedert 1998 sy eie digbundels onder die druknaam Fenomeen self uit te gee. In 1999 word Fenomeen as beslote korporasie geregistreer wat uit twee afdelings bestaan: aan die een kant die uitgewery Fenomeen Publikasies en aan die ander kant Fenomeen Produksies wat die vervaardiging van verhoogproduksies behartig (Kats, 2001).

Ook Fenomeen Publikasies (soos Bent en Suider Kollege Uitgewers) is in sy uitgeefilosofie sterk skrywersgerig. Skrywers word by die produksie van hulle publikasies betrek wat redigering en grafiese ontwerp betref. Daar word gepoog om so ver as moontlik die produksie binneshuis te hanteer met die doel om groter tantieme aan skrywers te bied. Kwaliteit geld as maatstaf in die uitgeebeslissings en onafhanklike vryskutkeurders van buite die uitgewery beoordeel manuskripte. Weideman (aangehaal in Kats, 2001) noem dat die uitgee van poësie “nie eens naastenby as [’n] geldmaakskema gesien [kan] word nie; die lesersmark is tans eenvoudig te klein. [...] vir my gaan dit oor die verspreiding van goeie gedigte aan die handvol daarbuite wat honger is daarvoor [...]”.

Weideman (aangehaal in Kats, 2001) beskou die digbundel *uit die stof van die see die skald se hande viervoet tracks en die verstuite trein van wat verlang* (2001) waarin nuwe Afrikaanse en Engelse gedigte deur Robert Bolton, Jac Kritzinger, Gert Vlok Nel en Tertius Kapp (op uitnodiging) opgeneem is, as die vlagskip-publikasie. Vóór dit het ses “informele” digbundels, sonder enige redigering of keuring onder die druknaam verskyn: in 1998 *Die lewe loop somtyds deur my vingers, 13:13, Uitgespoel op T.V.*; in 1999 *Die 4de ry spieëls*; in 2000 *Winter 1999* (genoemde vyf deur Weideman self) en Robert Bolton se *Honest Betrayals*. Weideman het ook drie uitgawes van ’n minipoësietydskrif, *Vlerk*, uitgegee. Ná 2001 het daar nie verdere publikasies deur hierdie uitgewery verskyn nie (PDAF, 2006).

4.6.4 Snailpress / Gnostic Press / Firfield Press

Snailpress was die onafhanklike eenman-uitgewery van Gus Ferguson. Hy het Snailpress in 1990 met die Engelse digbundel *Winter Bounty* van Sue Clark begin en tussen 1990 en 2003 het 97 digbundels onder die drukname Snailpress, Gnostic Press en Firfield Press gevolg. Hoewel Ferguson (2001) erken dat daar 'n baie klein mark, amper 'n “non-mark” vir poësie bestaan, was sy doel met Snailpress om te bewys dat “die uitgee van poësie haalbaar is, dat 'n mens minstens kan gelykbreek” (Ferguson aangehaal in Van der Merwe, 2003b:65). Aanvanklik het Ferguson daarop gefokus om uitgegeleenthede aan hoofsaaklik talentvolle ontluikende en afgeskepte digters te bied, maar met die sluiting van Carrefour Press (die onafhanklike uitgewery van Douglas Reid Skinner) in 1993 het meer gevestigde digters by Snailpress beland. Ferguson se bereidwilligheid om poësie uit te gee het vinnig respek by Engelse en Afrikaanse digters afgedwing en hy het die informele titel “pa van onafhanklike uitgewerye” gekry, hy is ook met 'n Sefika-toekenning beloon vir sy bydrae tot die plaaslike uitgewerybedryf (Van der Merwe, 2003b:64-65).

Hoewel hierdie uitgewery veral 'n groot produksiebydrae in die produksiekategorie van Engelse digbundels gelewer het, is ook die volgende Afrikaanse digbundels uitgegee (PDAF, 2006): *Op Koueberg: vrye verwerkings van 40 verse deur Han-Sjan deur Phil du Plessis* (Snailpress, 1993); die multitalige bundel *Versions of Jacques Prévert's The song of the snails who went to a funeral / Lied van die slakke wat na die begrafnis gaan / Chanson des escargots qui vont à l'enterrement* met twee Engelse vertalings deur Gus Ferguson en Barend J. Toerien en een Afrikaanse vertaling deur Uys Krige van die één gedig (Snailpress, 1993); *Sonnette van Shakespeare* van J.D.U. Geldenhuys (Firfield Press, 1995); *Transverse: haiku, 2-toners, verse* deur Elza Lorenz (Gnostic Press, 1999); en *Spoorsny* deur René Bohnen (Gnostic Press, 1999). Aan die einde van 2003 kondig Ferguson aan dat die einde van Snailpress aangebreek het, voortaan sal hy wel voortgaan om die poësietydskrif *Carapace* uit te gee (Van der Merwe, 2003b:64-65).

4.6.5 Litera Publikasies

In 2000 bedank Theresa Papenfus as algemene uitgewer (fiksie en nie-fiksie) by J.L. van Schaik en begin sy om vryskutwerk vir talle uitgewerye te doen. In 2002 word Litera Publikasies aangekondig as “’n nuwe klein uitgewery” wat ’n keuringsdiens van manuskripte in Afrikaans en Engels aan skrywers en uitgewers bied; en as “literêre agentskapdiens” wat met plaaslike sowel as internasionale uitgewerye en skrywers skakel (Papenfus, 2002; Nieuwoudt, 2002c:10).

Twee publikasies verskyn onder die druknaam Litera in 2002: die kortverhaalbundel *Dit kom van ver af: ’n storieverskeidenheid* wat, met die uitsondering van een verhaal, uit nuut geskepte kortverhale saamgestel is deur T.T. Cloete; en ’n biografie oor Hendrik Schoeman, *Stormwinde of droogtes - die storie van Hendrik Schoeman* deur Freek Swart. In 2003 verskyn die selfverryking nie-fiksiepublikasies *Leef ligter – Hoe om jouself te bemagtig en te word wie jy werklik is* deur Shani Grové (ook in ’n Engelse uitgawe as *Think Light – How to Empower Yourself and Become Who You Truly Are*). Pieter de Villiers se versameling komposisies van Boerneefgedigte, *Boerneef Sing: Komposisies van uitgesoekte verse: 10 siklusse*, geïllustreer met tien illustrasies deur Piet Grobler, verskyn in 2004 by Litera. Hierna volg twee biografieë oor die lewens van twee belangrike Suid-Afrikaanse musiekpioniers in 2005: *Stem en legende – Die lewe van Cecilia Wessels* deur Hannes Haasbroek (waarby ook ’n CD met kort uittreksels uit radio-onderhoude en opnames van arias uit operas en kunsliedere ingesluit is); en *Dís sy storie*, oor die dirigent en eertydse SAUK-musiekbaas Anton Hartman, geskryf deur sy dogter Mia. (PDAF, 2006). Litera doen steeds ook vryskut redigering, keuring en projektebestuur vir verskeie ander uitgewerye.

4.6.6 Hermes

CharCom, handeldrywend as Hermes, word in 2002 bekendgestel as ’n nuwe uitgewery wat “vir en deur skrywers bestuur word” en “in die eerste plek op skrywersbelange gerig is en deur skrywers beheer word”. Buiten die uitgee van boeke, word verskillende dienste (skrywersbegeleiding, slypskole, vertaling, taal- en stylversorging, keuring, redigering, manuskripafroning, persklaarmaking,

tipografiese, grafiese en ander soorte ontwerp, drukwerk, proeflees, bemarking, reklame en verkope) as deel van “’n eenstopdiens” voorsien. Die direkteur is die literator Charles Malan en Daleen Malan tree op ’n konsultasiebasis as uitgewer op. Volgens die bekendstellingsdokument (Malan, 2002d) bestaan daar ’n “paneel van 27 kundiges” wat as medewerkers optree. Die aankondiging van hierdie uitgewery vind te midde van ’n polemieks tussen skrywers en hoofsaaklik NB-Uitgewers plaas (sien 3.3.3.4).

In 2002 gee Hermes, onder die druknaam Dallelie, twee liefdesroman-omnibusse van Wille Martin en Magda Strydom uit en bemark dit uitsluitlik deur Leserskring (PDAF, 2006). Intussen het geen verdere publikasies by Hermes verskyn nie. Redaksionele vryskutwerk is wel vir ander uitgewerye gedoen (Malan, 2005b).

4.6.7 Hemel & See

In 1997 gee die ervare joernalis Petrovna Metelerkamp die multitalige digbundel *Curriculum vitae: poems in three languages = gedigte in drie tale = Gedichte in drei Sprachen* van Oskar Prozesky privaat uit onder die druknaam Centre Press. In 1999 volg *Hope farm: mission stories from South Africa*, ook deur Prozesky en onder dieselfde druknaam. As deel van die herdenking van die Anglo-Boereoorlog, verskyn *Oorlog sonder oorwinning: die Anglo-Boereoorlog in die omgewing van Kakamas, Kenhardt, Keimoes en Upington* deur H.N. Kotzé en D.A. Kotzé onder die druknaam Pastelle in 1999. In 2000 vestig Meterlerkamp die onafhanklike eenvrou-uitgewery Hemel & See. Sy gee twee inspirerende nie-fiksiepublikasies in 2000 uit: eers vertaal sy *Conversations with God: an uncommon dialogue. Book 1* deur Neale Donald Walsch in Afrikaans as *Gesprekke met God. Boek een*; daarna volg die outobiografiese teks deur Marthie Momberg oor die versorging van haar man wat aan kanker dood is, *Kleure van liefde: in lewe en sterwe en daarna*. Ander inspirerende nie-fiksie titels deur Hemel & See sluit in: *Die pad na heelheid – ontdek jou innerlike krag* en *Die ring – van konflik tot innerlike vrede*, albei deur Truida Heymann, asook *Die wenreseps van Christus – hoe om liefde hê* deur Jeanette Basson.

In 2002 tree Hemel & See tot die produksielandskap van Afrikaanse fiksie toe met die verskyning van Fanus Rautenbach se outobiografiese vertellings en jeugherinneringe *Tiesj: weerkaatsings vanmelewe* (PDAF, 2006). In 2003 word Hemel & See wyd bekend deur die verskyning van Metelerkamp se biografie en fotoboek oor Ingrid Jonker, *Ingrid Jonker – beeld van 'n digterslewe*. Vosloo (2003:5) meld dat die eerste oplaag van 3 000 eksemplare binne nege weke uitverkoop het wat dit waarskynlik die suksesvolste publikasie van Hemel & See tot dusver maak (die boek is tans in sy derde druk). Die mediadekking oor Cathy de Villiers, dogter van Jonker se suster Anna Jonker-Bairos, se ontevredenheid oor die verskyning van die boek en ook Breyten Breytenbach se reaksie daarop (sien ook 3.4.1.1(e)), het sekerlik bygedra tot die bekendheid van die titel en die uitgewery Hemel & See. In 2004 volg die historiese roman *Martha: die verhaal oor Martha Solomons, Countess of Stamford* deur Winnie Rust, (PDAF, 2006). Die uitgewery word tans deur Helga Steyn bestuur.

4.6.8 Genugtig!

Genugtig! is in 2003 as 'n onafhanklike uitgewery deur Dirk, Reinet en Jackie Nagtegaal gestig. Die uitgeefilosofie word in breë terme omskryf as 'n strewende om kwaliteit werke uit te gee en aan skrywers uitgegeleenthede te bied. Die eerste publikasie was Deborah Steinmair se Engelse digbundel *A See-through Suitcase* (2003). Daarna volg die nie-fiksieboek *Oopkop* (2003) deur Dirk Nagtegaal wat as 'n gids tot selfontdekking en spiritualiteit bemark is. In 2004 tree Genugtig! ook tot die produksie van Afrikaanse fiksie toe deur die liedtekste van Amanda Strydom te bundel in *Kaalvoet*; daarna volg die debuutroman van Marlize Hobbs, *Flarde* (2004). Die drie weners van die Nagtegaal / KKNK kompetisie vir nuutgeskrewe toneeltekste in 2004, Charles J. Fourie se *Vrededorp*, Chris Vorster se *Haaks* en Leonore Greybe *Ek is*, is in 2005 gebundel as *Nagtegaal/KKNK teksprysweners 2004*. In 2005 volg die roman *Man op die dak* deur Henk Crouse, broer van Reinet Nagtegaal (PDAF, 2006).

In 2005 kondig Genugtig! die skema Whynot Books aan wat 'n uitgediens aan skrywers lewer wat self hulle publikasies wil uitgee. Dit bied 'n alternatief tot die tradisionele uitgeeproses deur (gevestigde) uitgewerye. Skrywers betaal self vir die

produksiekoste van hulle manuskrip (Genugtig!, 2005). Hoewel Genugtig! belofte van groei toon, is dit tot nou toe 'n klein uitgewery wat nog nie daarin geslaag het om 'n werklike impak op die produksie van Afrikaanse fiksie te maak nie.

4.7 Onafhanklike alternatiewe uitgewerye

Cloete (2000:43) omskryf die konsep “alternatiewe uitgewery” in breë terme as alle uitgee-aktiwiteite wat buite die hoofstroom van die kommersiële uitgewerybedryf plaasvind. Alternatiewe uitgewerye is sterk aanbod-gedrewe en laat hulle nie deur die kommersiële markvraag lei nie. Die sosiale doelwitte geniet voorrang bo ekonomiese doelwitte in die uitgeefilosofie van alternatiewe uitgewerye. Alternatiewe uitgewerye en hulle uitgee-aktiwiteite word ondersteun en moontlik gemaak deur 'n gemeenskap wat die kulturele, politieke en ideologiese gemoeidheid wat sodanige uitgewerye vooropstel, deel. Dié ondersteunende gemeenskap van alternatiewe uitgewerye sluit in verbruikers wat publikasies koop; vrywilligers wat hulp aanbied vir die redigering, produksie, verspreiding en verkope van publikasies; en borge wat finansiële ondersteuning bied. Hierdie uitgewerye sorg vir innovasie in die uitgeesistiem deur publikasies uit te gee wat die kulturele, intellektuele, politieke en ideologiese status quo uitdaag en nuwe idees en perspektiewe in die heersende sosiale diskoers bring (Cloete, 2000:43-45).

Binne die Suid-Afrikaanse konteks is alternatiewe uitgewerye gekenmerk deur hulle sterk politieke fokus. In die hoogbloei van die apartheidsbestel en sensuurstelsel van die 1970's en 1980's het talle politieke / anti-apartheid alternatiewe uitgewerye ontstaan wat die politieke stelsel uitgedaag het (vergelyk Mpe & Seeber, 2000:23-30). Voorbeelde is die Engelse uitgewerye David Philip (gestig in 1971), Ravan Press (1972-1997) en Skotaville Press (1982); asook soortgelyke uitgewerye wat (ook) Afrikaanse fiksie uitgegee het, soos Ad Donker (1976-1989) en Taurus (1975-1991 – sien 4.7.1). Ironies genoeg, was die apartheidsbestel dus 'n impetus vir die diversifikasie van die produsentelandskap in die 1970's en 1980's. Met die oorgang na 'n demokratiese bestel in die 1990's het hierdie uitgewerye hulle protesfunksie verloor en daarmee saam ook die finansiële ondersteuning van buitelandse anti-apartheid organisasies. Hulle almal is intussen gesluit of in hoofstroom-uitgewerye opgeneem (Ravan Press deur Hodder & Stoughton en Ad Donker deur Jonathan Ball)

waar dit slegs as drukname voortleef (Cloete, 2000:68-69; Oliphant, 2000:120-121; Van Rooyen, 2005:286, 297). Slegs David Philip, sedert 2000 deel van New Africa Books; en Skotaville Communications, sedert 1999 deel van Juta as 'n advertensie en bemarkingsonderneming en 'n oorblyfsel van Skotaville Press, is vandag nog aktief (Mpe & Seeber, 2000:28-29).

Vervolgens word daar in hierdie afdeling die profiele van uitgewerye bespreek wat as onafhanklike alternatiewe uitgewerye binne die produsentelandskap van Afrikaanse fiksie beskou word. Soos die uitgewerye in 4.6, word hierdie uitgewerye ook op 'n kleiner skaal bedryf en is hulle kultuur-gedrewe en aanbod-gedrewe. Die faktor wat uitgewerye in hierdie produsentekategorie onderskei, is die spesifieke politieke en / of ideologies fokus in hulle uitgeefilosofie en die publikasies wat hulle uitgee. Binne hierdie produsentekategorie kan verder onderskeid getref word tussen anti-apartheid alternatiewe uitgewerye (Taurus), anti-establishment alternatiewe uitgewerye (Hond en Praag) en alternatiewe randuitgewerye wat tot stand gekom het as gevolg van die voormalige marginalisering van die outeurs van wie publikasies uitgegee is (Prog, Domestica en !Xthorro Publikasies).

4.7.1 Taurus

Tydens die hoogty van die voormalige sensuurstelsel, wat gevolg het ná die verbod op *Kennis van die aand* deur André P. Brink (Buren-uitgewers, 1973) in 1974, sien Human & Rousseau nie kans om Brink se 'n *Oomblik in die wind* uit te gee nie weens die gevaar van optrede deur die sensuurbeheerliggame. Hierdie stap het regstreeks aanleiding gegee tot die oprigting van die polities-alternatiewe uitgewery Taurus. Op 16 November 1975 word in *Rapport* berig dat 'n anonieme uitgewery aangekondig het dat hulle 'n *Oomblik in die wind* as liefdestaak en op nie-kommersiële basis in 'n beperkte oplaag sal uitgee indien daar genoeg intekenaars is wat die “vrye boek” ondersteun en die boek bestel. Bestellings deur belangstellendes het ná die berig ingestroom en binne vyf dae is die hele oplaag bestel (Steyn, 1992e: 230; 1992g:368, 375-378). Coetzee (2005) verduidelik dat dit Coenie Slabber, destydse boekeredakteur van *Rapport*, se idee was om die invalshoek van die “vrye boek” te gebruik en deur

hierdie soort voorafbemaking kapitaal vir die uitgee van Taurus se eerste publikasie te genereer.

Taurus is as “onafhanklike nie-winsgewende uitgewer[y]” in 1975 deur Ampie (A.J.) Coetzee, John Miles en Ernst Lindenberg (drie akademici verbonde aan die eertydse Departement Afrikaans aan die Universiteit van die Witwatersrand) gestig. Gou het Taurus veld begin wen by veral skrywers wat hulle teen enige vorm van sensuur of pre-sensuur (die puur van manuskripte op aanbeveling van uitgewers voordat dit vir publikasie aanvaar sou word) verset (NALN-dokumentasie 2136/93/2125). Du Plessis (2000) verduidelik dat “die gebrek aan ’n deurlopende gesprek oor die kultuur van die politiek van die dag (veral in Afrikaans)” gedurende die 1980’s as motivering gediën het in die uitgeefilosofie van Taurus. Taurus het nooit ’n winsoogmerk in die kommersiële sin gehad nie; die wins wat publikasies opgelewer het, is altyd weer as kapitaal vir die voortsetting van uitgee-aktiwiteite gebruik (Coetzee, 2005).

Hulle het standhoudend sedert 1975, gedurende die 1980’s en tot 1991 belangrike Afrikaanse en Engelse fiksiepublikasies uitgegee, onder andere werk deur Nadine Gordimer, die “tronk-bundels” van Breyten Breytenbach, Ryk Hattingh, John Miles, Hans Pienaar, Lettie Viljoen (Ingrid Winterbach), Koos Prinsloo, Eben Venter en Dan Roodt. Daar het ook enkele akademiese publikasies by Taurus verskyn, soos byvoorbeeld *Ideologie in konflik* deur Ian Liebenberg, *Letterkunde & krisis: ’n honderd jaar Afrikaanse letterkunde en Afrikaner-nasionalisme* deur Ampie Coetzee en *Crossing borders: writers meet the ANC* saamgestel deur Ampie Coetzee en James Polley. Taurus het enkele titels op die destydse Buren-uitgewers (in 1969 deur Daantjie Saayman gestig) se fondslys oorgeneem. Die alternatiewe / avant garde literêre tydskrif *Stet* is ook deur Taurus uitgegee. In 1991 was die direkteure Breyten Breytenbach, Ampie Coetzee, Tienie du Plessis, Ernst Liebenberg, John Miles en Gerrit Olivier (NALN-dokumentasie 2136/93/2125).

Talle Taurus-publikasies is op grond van besluite deur die destydse Publikasieraad verbied. Gevolglik is publikasies wat reeds verskyn het uit boekwinkels verwyder en boekhandelaars het sommige titels as ongeskik vir hulle winkels beskou. Behalwe vir die normale probleme wat klein onafhanklike uitgewerye met verspreiding het, is die gevaar van sensuur en konfiskering ’n bykomende struikelblok vir alternatiewe

uitgewerye. Later het Taurus, soos in die begindae van die uitgewery, hulle publikasies deur 'n private posbestellingsdiens bemark en 'n lys van persone wat die “vrye boek” ondersteun, is ontwikkel. Die alternatiewe pers van die dag het wel Taurus-publikasies in tydskrifte soos *Vrye Weekblad* en *Die Suid-Afrikaan* bemark.

Anders as die Engelse alternatiewe uitgewerye (vergelyk Cloete, 2000:66), het Taurus nooit finansiële steun van anti-apartheidsorganisasies uit die buiteland ontvang nie (Coetzee, 2005). Met die aanbreek van 'n demokratiese Suid-Afrika vervaag die rol van alternatiewe uitgewerye: hulle linkse gesindheid was nie langer relevant nie, die stryd wat tot hulle ontstaan gelei het, was gewen en hulle funksie was vervul – op politieke vlak was hulle uitgeefilosofie dus uitgedien. Binne hierdie nuwe konteks het Taurus nie 'n rede gesien om langer met hulle uitgee-aktiwiteite voort te gaan nie (Coetzee, 2005).

Die publikasieprogram word in Februarie 1992 (voorlopig) gestaak nadat Taurus sedert April 1991 “deur 'n rowwe finansiële tyd gegaan [het]” (NALN-dokumentasie, 2136/93/2048). In die notule van 'n vergadering tussen die lede op 1 Julie 1991 word gemeld dat Taurus op daardie stadium 'n groot bedrag geld aan drukkers verskuldig was, dat uitstaande debiteure 'n nog groter bedrag beloop het en dat slegs 'n klein bedrag vir kontantvloei in die reeds oortrokke bankrekening beskikbaar was (NALN-dokumentasie, 2136/93/2087). Volgens Coetzee (2005) was dit egter spesifiek die veranderde politieke konteks, eerder as finansiële behoeftes, wat tot die beëindiging van Taurus se uitgee-aktiwiteite gelei het. Die fondslis word gedeeltelik deur Human & Rousseau oorgeneem (onlangs is van hierdie titels heruitgegee deur Human & Rousseau, soos byvoorbeeld Antjie Krog se digbundel *Lady Anne* (2004) en R.R. Ryger se satiriese roman *Beertjie en sy boytjies* (2006)). Du Plessis (2000) wys daarop dat Taurus nooit ontbind is nie, maar sedert 1992 dormant is.

4.7.2 Hond

Hond word in 1993 as onafhanklike uitgewery deur Ryk Hattingh en Tienie du Plessis gestig. In sekere opsigte kan Hond as 'n opvolger van Taurus beskou word. Du Plessis (2000) meld dat uitgeebesluite by Taurus en Hond “beslis met die heersende

kontantvloei te doen gehad [het], maar dat [hulle] nie gemoedelike tekste [sou] publiseer nie, al was [hulle] ook verseker van goeie verkope”. Dit is hierdie benadering wat Hond kwalifiseer as alternatiewe uitgewery of anti-establishment uitgewery, met ’n soort anargistiese ingesteldheid wat altyd die heersende politieke en maatskaplike status quo bevraagteken. Hattingh (aangehaal in Leonard, 1993:6) verduidelik egter dat Hond nie streng gesproke as ’n alternatiewe uitgewery beskou kan word nie, “omdat daar nie langer alternatiewe uitgewerye is nie, net kleiner uitgewerye en groter uitgewerye”. Hy beskryf wel Hond as onkonvensioneel in die sin dat dit in sy uitgeefilosofie van ander uitgewerye verskil deurdat hulle nie manuskripte laat keur nie, omdat hulle ’n oneerbiedige houding teenoor literêre kwaliteit inneem en die sosiale belang van ’n teks vooropstel (Leonard, 1993:6). In Bourdieu se terme was Hond dus sterk gerig op simboliese produksie in hul uitgeefilosofie.

Hond begin met twee vlagskip-publikasies, die roman *As die nood hoog is* deur Wilhelm Liebenberg en Dirk Winterbach se digbundel *Die oranje boek*. In 1993, na die einde van Taurus by wie sy vorige Suid-Afrikaanse bundels verskyn het, gee Breyten Breytenbach sy *Nege landskappe van ons tye bemaak aan ’n beminde* by Hond uit (dit was ’n koproduksie met Intaka – ’n eenvrou-uitgewery wat deur Sandra Saayman, die dogter van Daantjie Saayman, vir ’n kort periode bedryf is). In 1994 volg die digbundel *Plakboek* wat ook afdrukke van skilderye deur Breytenbach insluit. Hond het ook Koos Prinsloo se laaste kortverhaalbundel, *Weifeling*, in 1993 uitgegee. In 1994 volg ’n derde digbundel (*Engel uit die paradys* deur Phil du Plessis); twee romans (R.R. Ryger se *Die Spoed van die lewe* en *Thomas en die gat in die heelal* deur Conrad Steenkamp); en Ryk Hattingh se drama *Mynhoop*. Die tiende en laaste fiksiepublikasies was Antjie Krog se digbundel *Gedigte 1989-1995* in 1995. Daar het ook enkele Engelse en nie-fiksiepublikasies by Hond verskyn.

Hond kon egter nie die pas volhou nie en is ná 1995 ook dormant. Du Plessis (2000) verduidelik dat die “gebrek aan ’n leeskuiluur en die gepaardgaande finansiële probleme vir die ou wat die risiko vat” die grootste struikelblokke vir Hond was. Die fondslus is gedeeltelik deur Human & Rousseau oorgeneem. Tienie du Plessis doen steeds vryskut grafiese ontwerp en produksiewerk vir ander uitgewerye en tydskrifte onder die vaandel van Hond (Du Plessis, 2000).

4.7.3 Praag

Praag is die uitgewery-afdeling van die Pro-Afrikaanse Aksiegroep (PRAAG), 'n nie-regeringsorganisasie wat as artikel 21-maatskappy sonder winsbejag in Februarie 2000 gestig is en hom beywer vir spesifiek “die belange van etniese Afrikaners [...] asook die taal en kultuurbelange van alle Afrikaanssprekendes” (Praag, 2005a). Die aksiegroep en uitgewery word deur die omstrede taalaktivis Dan Roodt bestuur. Die jong uitgewer Leti Kleyn is sedert 2003 op 'n deelydse basis as redakteur by Praag betrokke. Die uitgewery-afdeling kom tot stand deur die verskyning van twee politieke boeke: Chris Louw se *Ope brief aan Willem de Klerk* (2000), wat aanleiding gee tot die hewige Boetman-debat, en Dan Roodt se *Om die Waarheidskommissie te vergeet* (2001). Later volg nog politieke boeke deur Dan Roodt, die politiefilosofiese opstel *Die gelofte as logos* (2004) en *The scourge of the ANC* (2005).

In 2003 tree Praag ook tot die produksie van Afrikaanse fiksie toe deur te begin om eerstens vertaalde en daarna ook oorspronklike romans uit te gee. Met die produksie van vertaalde romans in Afrikaans, 'n produksiekategorie waarin daar baie min titels gedurende 1990-2005 verskyn het (sien ook 6.4.2), het Praag begin om 'n leemte te vul deur die volgende romans uit te gee: uit Frans vertaal, *Een jaar* (2003) van Jean Echenoz en 'n heruitgawe van Jan Rabie se vertaling van *Die buitestaander* (2004) van Albert Camus; en uit Duits vertaal, *Kreeftegang* (2003) van Günter Grass. Na verwagting sal Praag in die toekoms meer heruitgawes van Afrikaanse vertalings van Europese romans uitgee (vergelyk Roodt, 2004b). Die suksesvolste oorspronklike fiksiepublikasie van Praag tot dusver was die opspraakwekkende roman *Kontrei* (2003) van Kleinboer, wat handel oor die hoofkarakter se verslawing aan swart prostitute (sien ook 3.4.1.1(c)). In 2004 verskyn Dan Roodt se roman *Moltrein*. Daarna volg nog 'n roman, *Die verlore saak: outobiografiese vertellings* (2004) van Lydia van Eeden. (Praag, 2005b).

In 2005 tree Praag ook toe tot die produksie van dramapublikasies met die publikasie van twee dramas: Nico Luwes se *Zollie: 'n drama vir vandag* en George Weideman se *My plaas se naam is Vergenoeg*. Praag betree ook die terrein van populêre fiksie met die liefdesroman *'n Pasiënt vir dr. Coché* (2005) deur Rhona Peens en die roman *Net een wenner* (2005) deur Daantjie Badenhorst (wat kits bekendheid verwerf het

deur die televisievasvraprogramme *Noot vir Noot* en *Flinkdink* te wen).

Laasgenoemde twee publikasies verskyn onder die addisionele druknaam Maanskyn. Met die publikasie van die poësiebloemlesing *Honder jaar later: Ter viering van die publikasie van "Winternag" op 23 Junie 1905* (2006), waarin gedigte deur 50 digters opgeneem is, begin Praag om ook by te dra tot poësieproduksie. Hierdie publikasie lewer ook 'n belangrike bydrae tot simboliese produksie (vergelyk Marais (2006) se uitsprake tydens die bekendstelling van die bundel).

Die verbintenis met die doel en werksaamhede van die Pro-Afrikaanse Aksiegroep, wat die huidige status quo met betrekking tot taalbereëling deur protesaksies uitdaag, kwalifiseer Praag as 'n eietydse alternatiewe uitgewery. Meer juis as 'n soort nieu-alternatiewe uitgewery omdat alternatiewe uitgewerye in die tradisionele sin, soos byvoorbeeld Taurus (sien 4.7.1), nie meer in 'n demokratiese Suid-Afrika bestaan nie. Die soort publikasies wat Praag uitgee, die politieke publikasies wat in wese almal anti-establishment is en die fiksiepublikasies wat die uitdaging van die establishment as sentrale tematiek en as kenmerkende eienskap deel, kwalifiseer Praag verder as 'n soort nieu-alternatiewe uitgewery. Vergelyk ook in hierdie verband Dan Roodt se uitspraak oor die moontlikheid dat Afrikaanse boeke in die toekoms deur die regering verban mag word (sien 3.4.1.1(c)).

4.7.4 Prog / Domestica / !Xthorro Publikasies

Op die kongres van die Afrikaanse Skrywerskring in Bloemfontein in 1988 stel Charles Fryer, eertydse fiksieredakteur by Tafelberg-Uitgewers, sy probleem met die politiese "sonbesie-poësie" van bruin digters van die Kaapse Vlakte. In daardie stadium was daar 'n toestroming van digbundelmanuskripte deur bruin digters met polities geïnspireerde of betrokke protesgedigte wat Fryer "'n geskreeu en 'n gegil, en hoe harder hulle skreeu, hoe minder wil jy luister" noem (Whitebooi, 1988:10). Fryer se uitspraak is met hewige polemieks begroet, veral uit die geledere van die voorstanders van betrokke letterkunde. Van Zyl (1997:1) wys daarop dat dit in werklikheid gegaan het oor 'n botsing tussen twee verskillende literatuuropvattinge: "enersyds 'n tradisie van waardering vir estetiese afgerondheid en universele diepsinnigheid en andersyds 'n benadering dat kuns onderhewig is aan politiek en dus

ideologies beoordeel moet word”. Die predikant en digter Patrick Peterson stel die perspektief van die bruin skrywer vir wie dit “’n probleem [is] om ’n uitgewer te kry wat bereid is om hul werk te publiseer [...] die meeste uitgewers bly egter maar ’n verlengstuk van die nasionale ideologie” (Steyn, 1988:7). Hettie Scholtz (2002), destydse bestuurder van HAUM-Literêr, onthou die uitgesituasie ten opsigte van poësie in die 1980’s en verduidelik dat hulle by dié uitgewer nooit baie digbundels uitgegee het nie, want die “room van die digters het – met reg – by Charles Fryer uitgegee”.

Na aanleiding van hierdie situasie stig swart Afrikaanse skrywers hulle eie uitgewerye en literêre tydskrifte. Op 5 Desember 1987 kom swart digters van oor die land bymekaar op St.Helenabaai om die Progressiewe Uitgewery (Prog) te stig, wat sedert 1988 deur Petersen uit sy pastorie op St. Helenabaai bedryf is (Van de Rheede, 1995:5). Shawn Minnies het in dieselfde tyd die tydskrif *Skryf!* begin en Clinton V. du Plessis het publikasiegeleentheid vir digters gebied in sy tydskrif *Akuut*.

Die vlagskip-publikasie van Prog was die digbundel *Aankoms uit die skemer* (1988) waarin agt swart digters debuteer. Daarna volg die digbundels *Gister se gestaltes* (1988) deur C.J. Hollenbach en Petersen self se *Advent* (1988) en *Vergenoeg* (1993). Petersen (aangehaal in Jacobs, 1991:9) noem dat daar genoeg manuskripte bestaan, maar dat ’n gebrek aan finansies ’n struikelblok vir kleiner uitgewerye is. Dit dien as moontlike verklaring vir die feit dat daar nie drie digbundels per jaar, soos aanvanklik gehoop is (Steyn, 1988:7) deur Prog uitgegee is nie. In 1995 verskyn *Ons kom van ver af*, ’n gesamentlike digbundel deur vyf predikante (P. William Abrahams, Eugène Beukes, André Boezak, Patrick Petersen en Isak Johannes Theunissen). In 1997 verongeluk Petersen en daardeur kom Prog tot sy einde.

Domestica word in 1990 gestig om hom toe te spits op die uitgee van “werk oor die sosio-politieke en maatskaplike aspekte van die Suid-Afrikaanse samelewing [...] wat nie deur die gewone ‘establishment’ uitgewers uitgegee word nie” (*Die Burger*, 18.01.91:14). Weer eens is die vlagskip-publikasie, *Optog* (1990), ’n poësie-bloemlesing waarin negentien swart Afrikaanse digters se gedigte opgeneem is. So ver vasgestel kon word, het Domestica slegs vier publikasies uitgegee: twee dig-

bundels, een dramateks en een kortverhaalbundel (PDAF, 2006). Die laaste publikasie was Willie Adams se kortverhaalbundel *Eureka estate se hoë gebou* (1997).

Agterna beskou het dit dus nie daaroor gegaan dat bestaande uitgewerye spesifiek nie die manuskripte van bruin skrywers wou uitgee nie, maar dat die uitgewerye se uitgeefilosofie gegrond was op bepaalde literatuuropvattinge en dat die skrywers dus nie hulle manuskripte aan die regte uitgewery gestuur het nie of dat 'n uitgewery met 'n akkommoderende uitgeefilosofie ontbreek het. Taurus het wel bestaan en inderdaad in 1989 die versamelbundel *I qabane labantu = Poetry in emergency / Poësie in die noodtoestand* (met Ampie Coetzee en Hein Willems as redakteurs) uitgegee. Ook die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Wes-Kaapland het 'n belangrike rol gespeel deur drie Swart Afrikaanse Skrywerssimposia (in 1985, 1995 en 2005) te organiseer (sien 3.3.3.2(a)). Hein Willems (aangehaal in Jacobs, 1991:9) het reeds in 1981 die digbundel *Angsland* uitgegee en meen dat die “ontwikkeling van klein uitgewerye met [’n eie] identiteit [...] waarskynlik die enigste wyse [is] waarop swart Afrikaanse skrywers konstant selfstandig rigting aan hul skryfwerk kan gee”.

Teen 1991 beskryf Fryer (aangehaal in Jacobs, 1991:9) Tafelberg as ’n “toonaangewende en vernuwende uitgewer[y]” wat kleurblind is en op soek is na “skrywers om die bruin en swart ervaring te verwoord” en bereid is “om ‘alternatiewe werke’ te publiseer, mits dit publikasie in duursame vorm regverdig en winsgewend is”. In 1995 met die *Tweede Swart Afrikaanse Skrywerssimposium* op Paternoster voel swart skrywers nog steeds uitgesluit uit die uitgeesisteem. Danie Botha (aangehaal in Willems *et al*, 1997:203), voorheen fiksieredakteur by Tafelberg, meld op hierdie simposium dat Tafelberg nie op ’n gereelde grondslag manuskripte deur bruin skrywers ontvang nie.

Prog en Domestica, as anti-establishment alternatiewe uitgewerye, was vir ’n bepaalde tyd en met beperkte bronne ’n heenkome vir swart Afrikaanse digters en dramaturge (hulle het, met enkele uitsonderings, hoofsaaklik poësie uitgegee). Gedurende die 1990’s vind die “literêre wonder” plaas: Queillierie baan die weg vir swart Afrikaanse prosaskrywers met die uitgee van Abraham Phillips se boeke; en die verskyning van Kwela Boeke op die uitgeetoneel het tot gevolg dat ’n hele aantal van hierdie prosaskrywers se stemme in die Afrikaanse prosa opklink (sien 3.3.3.2(a)).

Maar teen 2003 word die gevoel van uitsluiting steeds ge-eggo in die bydrae van Willem Fransman (2003) van die Afrikaanse Skrywersvereniging (ASV) tydens die Verteenwoordigende Afrikaanse Beraad oor Skrywers- en Boekesake op Nooitgedacht (vergelyk ook Fransman, 2004:4). In 2005 ten tyde van die *Derde Swart Afrikaanse Skrywersimposium* word weereens bestek opgeneem van die insluiting van swart Afrikaanse skrywers by die gevestigde uitgesisteem (vergelyk Venter, 2005 en 2006c vir 'n diepgaande kartering). Die ASV het 'n toevlugsoord vir swart Afrikaanse skrywers geword. Hulle het die ondersteuning van LAPA verkry en 'n digbundel, *Metafore van herlewing: 'n bloemlesing nuwe gedigte* (2002), en 'n kortverhaalbundel, *Mense is mense: 'n bundel nuwe kortverhale* (2002), deur LAPA uitgegee waarin werk deur ASV-lede versamel is. In 2002 stig die ASV hulle eie uitgewery, !Xthorro Publikasies (ASV, 2003) en in 2003 verskyn die eerste publikasie: 'n bundel kortverhale, *Palawer van die woord* saamgestel deur Willem Fransman en Elias P. Nel. !Xthorro Publikasies het finansiële steun vir die uitgee van hierdie publikasie verkry deur die gemeenskapsuitgee-projek van die Sentrum vir die Boek. Die gemeenskapsuitgee-projek is deur die inisiatief van Hannes van Zyl begin; dit word deur die Sentrum vir die Boek geadmistreer en finansiël moontlik gemaak deur middel van 'n trustfonds wat deur Via Afrika gestig is, met die doel om skrywers en gemeenskappe te help om self publikasies uit te gee. Indien 80% van die oplaag van die eerste publikasie verkoop, word verdere hulp vir 'n volgende projek aangebied (Van Zyl, 2002a:14). Fransman (2005), wat !Xthorro Publikasies bestuur, verduidelik dat die uitgewery probleme met bemerking ondervind en dat daar daarom slegs 40% van die oplaag van 400 eksemplare van die eerste publikasie teen 2005 verkoop is. Intussen is daar nog nie verdere publikasies deur !Xthorro Publikasies uitgegee nie. Fransman beplan wel om later in 2006, met die finansiële steun van die ATKV, 'n kortverhaalbundel en 'n digbundel uit te gee.

4.8 Outeurs wat self-uitgee

Met hierdie produsentekategorie word verwys na outeurs wat hulle eie publikasies self-uitgee. Outeurs wat hulle eie publikasies onder 'n druknaam anders as hulle eie naam uitgee, word ook as self-uitgewers beskou en nie as onafhanklike uitgewerye wat die werk van ánder outeurs uitgee nie. Vir die doeleindes van hierdie studie is die posisie van hierdie produsentekategorie in die produsentelandskap en die produksiebydrae van hierdie produsente tot Afrikaanse fiksie verreken. Dit val egter buite die bestek van die studie om die proses van self-uitgee in diepte na te vors (sien Parker Lewis, 2004 en Higgs, 2004 vir meer inligting hieroor binne die Suid-Afrikaanse konteks).

In die PDAF (2006) kom 181 rekords voor wat deur die outeurs daarvan self-uitgegee is gedurende 1990-2005 (dit maak slegs 3,58% van die totale aantal rekords in die PDAF uit). 60 (33,15%) van dié rekords is deur 19 outeurs self-uitgegee – dié 19 produsente in hierdie kategorie het meer as een publikasie in hierdie periode uitgegee (hulle maak 13,57% van die totale aantal self-uitgewers uit). Die oorblywende 121 rekords is deur 121 verskillende outeurs self-uitgegee. Dit beteken dus dat daar tussen 1990 en 2005 140 self-uitgee produsente was wat tot die produsentelandskap van Afrikaanse fiksiepublikasies bygedra het.

Wat verder interessant van hierdie kategorie produsente is, is die feit dat hulle grotendeels poësiepublikasies produseer (124 rekords of 68,511% van die aantal self-geproduseerde rekords is poësiepublikasies). 52 rekords (28,731% van die totaal) was prosapublikasies. Daar is slegs drie dramatekste en twee publikasies waarin beide poësie en prosatekste voorkom, deur hierdie outeurs self-uitgegee. Van die 19 meer produktiewe self-uitgewers het tien uitsluitlik poësiepublikasies uitgegee, vyf uitsluitlik humoristiese prosapublikasies (dikwels humoristiese jeugvertellings en kontreiverhale) en die oorblywende vier beide poësiepublikasies en prosapublikasies. Die produksiebydrae van self-uitgewers tot spesifieke produksiekategorieë word verder in Hoofstuk 6 bespreek en ook skematies voorgestel.

Enkele van hierdie self-uitgewers verdien om uitgesonder te word. Floris A. Brown gee tussen 1994 en 2000 nie minder nie as agt van sy eie digbundels uit: *Gloei* (1994);

Waar aasvoëls draai en *Phoenix* (1996); *Skadukinders* (1997); *Die woudmaker* (1998, heruitgawe in 2004); *Die koei stort 'n traan*, *Grysvos* en *Klank van die byl* (2000). Almal ontvang hoë lof deur kritici, resensente en mededigters, soos byvoorbeeld Jakes Gerwel, Antjie Krog, Jean du Biez van die Internasionaal Forum voor Afrikaans en Nederlandse Taal en Letteren en die ATKV se maandblad *Die Taalgenoot*. Brown (2003) verduidelik dat publikasies wat self-uitgegee word nie te kort behoort te skiet wat voorkoms en afronding betref nie en dat “die selfpubliseerder die voordele [het] dat hy self bemark en klein bekostigbare hoeveelhede druk en herdruk op aanvraag”. Hy noem die gebrek aan 'n leeskuiluur van poësie as 'n struikelblok wat reggestel behoort te word deur veral ouers in die opvoeding van hulle kinders. 'n Tendens wat by Brown se produksie-aktiwiteit aansluit is die mate waarin swart skrywers (veral digters) wat reeds gevestigde skrywers is hul eie publikasies self-uitgegee het. Enkele voorbeelde is die drie digbundels wat Marius Titus self-uitgegee het en die twee digbundels en een kortverhaalbundel wat Clinton V. Du Plessis onder die druknaam Gatsak-gedigte self-uitgegee het.


Carel Boplaas van der Merwe begin na sy aftrede in 1996 dig en gee in 1997 sy eerste digbundel, *Soetsop virre klipkind*, self uit onder die druknaam Boplaas Uitgewers. Daarna volg nog twee digbundels in 1998, *Klopdisselboom* en *Bewaar die knikkertjie; Ramkie-rympies* (1999); *Bokveldse binnevet* (2000); *Guitige goetjies en preutse praatjies* (2002); en die sewende bundel in 2003, *Carl Boplaas kraai douvoordag*. In 'n radio-onderhoud met Daniel Hugo verduidelik hy dat al die bundels uitverkoop is en dat hy dit grotendeels deur posbestellings bemark het. Ook hy, soos Brown, beskou kwaliteit verpakking en drukwerk as 'n noodsaaklike maatstaf. Van der Merwe het in 2003 saam met die skrywers Mariana Brandt, Pieter Strauss en George Weideman, 26 plattelandse dorpie tydens 'n skrywerstoer besoek. Hy vertel dat veral jonger leerders, wat nie voorheen poësie gelees het nie, in so 'n mate deur die voorlesings bekoor is dat hulle digbundels gekoop het. Die oorbrugging van die afstand tussen leser en skrywer is volgens hom 'n belangrike instrument om die poësie op grondvlak te laat hoor en daardeur publikasies te bemark (Van der Merwe, 2003c). Van der Merwe is intussen oorlede.

'n Volledige lys van self-uitgewers is in die PDAF (2006) beskikbaar.

4.9 Instansies wat self-uitgee

Produsente in hierdie produsentekategorie sluit openbare of private organisasies, verenigings, instellings en instansies (byvoorbeeld regeringsdepartemente, korporatiewe maatskappye in die privaatsektor en skrywersverenigings) in wat sporadies self publikasies uitgee (in dié geval Afrikaanse fiksie). Hierdie produsente is nie uitgewerye nie.

Die PDAF (2006) toon aan dat 47 Afrikaanse fiksiepublikasies gedurende 1990-2005 deur instansies uitgegee is. Elf van hierdie rekords is deur die Bloemfonteinse Skrywersvereniging uitgegee. Dit is bloemlesings waarin kortprosa (en tot 'n beperkte mate ook gedigte) deur aspirant skrywers versamel is en wat tot stand gekom het deur twee inisiatiewe deur hierdie vereniging: die jaarlikse skryfwedstryd wat op nasionale vlak aangebied word en die jaarlikse versamelbundel wat uit lede se bydraes deur die betrokke jaar saamgestel word (sien ook 3.3.3.6). Dit blyk duidelik dat dit hoofsaaklik skrywersverenigings is wat as instansies Afrikaanse fiksie uitgee (vergelyk ook !Xthorro Publikasies – sien 4.7). Al die ander produsente se bydrae was slegs sporadies en grotendeels as uitsondering en per spesiale geleentheid. 'n Volledige lys van instansies wat tot die produksie van Afrikaanse fiksie bygedra het, is in die PDAF (2006) beskikbaar.



4.10 Die produsentelandskap van Afrikaanse fiksie

Die gesprek rondom die produksie van Afrikaanse fiksie word dikwels op die oppervlak gevoer en uitgewerye word verwyrt dat hulle minder produseer. Dit word uit die oog verloor dat indringende verskuiwings binne die produsentelandskap die uitgee van Afrikaanse fiksie toenemend uitdagend gemaak het: heelwat minder produsente wat standhoudend 'n produktiewe bydrae, op groot skaal, tot die produksieprofiel kan lewer, bestaan aan die einde van hierdie periode.

In hierdie hoofstuk is gepoog om die transformasieverskuiwings in die produsentelandskap van Afrikaanse fiksie te karteer. Deur profiele van uitgewerye en andersoortige produsente (dié wat standhoudend tot die produksie van Afrikaanse fiksie bygedra het) is 'n oorsig gegee van hierdie produsentelandskap. Saam met die vorige hoofstuk, vorm dit 'n kontekstualisering van die uitgesisteem waarbinne Afrikaanse fiksie geproduseer word. In die volgende hoofstukke volg die statisties-kwantitatiewe ondersoek na spesifiek die produksieprofiel en uitgeweryprofiel van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005. As afsluiting van hierdie hoofstuk word die transformasieverskuiwings in die produsentelandskap en die profiele van die verskeie produsente skematies in Figuur 3 voorgestel.

Hoofstuk 5

Die ontwerp van 'n produksiedatabasis, die ontwikkeling van 'n kategoriseringstelsel van produksiekategorieë en die (re)konstruksie van 'n produksieprofiel en uitgeweryprofiel van Afrikaanse fiksiepublikasies

5.1 Inleiding

In Hoofstukke 2, 3 en 4, wat gesamentlik die kontekstueel-deskriptiewe komponent van die studie vorm, is die produksielandskap en produsentelandskap van Afrikaanse fiksie gekarteer deur 'n eksemplariëse beskrywing van die impak van transformasieverkuiwings op dié landskappe en die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie. Die teoretisering en rekonstruksie van die uitgesisteem het 'n konteks geskep vir die res van die ondersoek waar die klem val op 'n enkele faset van die uitgesisteem: 'n statisties-kwantitatiewe ondersoek na produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005.

In hierdie hoofstuk word aandag geskenk aan die metodologiese instrumente wat nodig is vir só statisties-kwantitatiewe ondersoek. Ten eerste word statistiese navorsing oor boekproduksie geïntegreer binne die studieterrrein van boekstudie en uitgewery-ondersoek deur 'n beskrywing van 'n spesifieke toepassingsterrein daarvan, naamlik die epistemologie van produksiestatistiek. Tweedens word aandag gegee aan die ontwikkeling van verskillende instrumente wat vir die statisties-kwantitatiewe ondersoek benut word: die ontwikkeling van 'n produksiedatabasis en 'n kategoriseringstelsel van produksiekategorieë word bespreek as instrumente in die kartering van die produksielandskap. Ten slotte word die ondersoek verder gerig deur die (re)konstruksie van twee statistiese profiele vir die kartering van beide die produksielandskap (die produksieprofiel) en produsentelandskap (die uitgeweryprofiel) in die vooruitsig te stel.

5.2 Die epistemologie van produksiestatistiek as teoretiese vertrekpunt

In hierdie afdeling word gepoog om basiese teoretiese vertrekpunte van ’n enkele komponent of fokusarea van boekstudie, naamlik die produksie van boeke, aan te stip deur ’n samevatting van grepe uit beskikbare literatuur oor die epistemologie (die kennisleer) van produksiestatistiek. Die literatuur wat vervolgens onder bespreking kom, is die resultaat van ’n simposium wat deur SHARP georganiseer is waartydens kenners op die gebied van die aanwending van kwantitatiewe metodes in die bestudering van boekstudie, hulle metodes gepropageer het deur die bruikbaarheid daarvan deur gevallestudies te illustreer. Die afdeling dien as teoretiese begroning vir die statisties-kwantitatiewe komponent van die ondersoek (dit behoort egter saam met die relevante teoretiese vertrekpunte wat in Hoofstuk 2 bespreek is, beskou te word).

Simon Eliot (2002:284), ’n voormalige voorsitter van die vakvereniging SHARP, professor in uitgee- en drukkerygeskiedenis aan die University of Reading en mededirekteur van die Research Centre in the History of the Book aan die University of London, beskou kwantitatiewe analise as die beginpunt by die kartering van ’n geskiedenis van die boek; hy noem ter motivering dat die Anglofiele boekgeskiedenis reeds vir jare gebaseer is op die Anglo-Amerikaanse tradisie van bibliografieë. Volgens hom bied ’n kwantitatiewe kartering van die breë landskap van ’n ondersoekveld die grondslag om gevallestudies oor die veld in konteks te stel en spesifieke detail te interpreteer. Robert Darnton (2002b:239-240), Davis Professor van Europese geskiedenis aan die Princeton University, beskou produksiestatistiek as primêre inligting oor ’n onderwerpsveld in boekgeskiedenis; slegs daardeur kan ’n oorsig of geheelbeeld van ’n “literêre kultuur” verkry word: “something comparable to the early maps of the New World, which showed the contours of the continents, even though they did not correspond very well to the actual landscape”. Priya Joshi (2002:264), ’n dosent in literatuurstudie en kultuurstudie aan die Washington University, sluit by Darnton se analogie van landkaarte aan wanneer sy die kwantitatiewe benadering as ’n uitbreiding van literatuurgeskiedskrywing beskou waardeur nuwe ontdekkings moontlik is: “much the way that early maps did in the dissemination of knowledge about ‘new’ worlds [...] Statistics, like maps, are indeed lies to some extent, but [...] they are lies that tell a truth that would not otherwise be

evident”. Ook Wendy Griswold (2002:282), professor in sosiologie en vergelykende literatuurstudie aan die Northwestern University, beskou statistiek as die beginpunt om ’n “literêre wêreld” te beskryf voordat dit begryp kan word: “a few numbers can help us sketch its [the literary complex’s] contours”.

Eliot (2002:284-286) beskryf die aanwending van die kwantitatiewe metode in navorsing oor boekproduksie as ’n tydsame en besonders arbeidsintensiewe proses: beskikbare primêre data is dikwels omvangryk en slegs beskikbaar as rou data en toegang daartoe is dikwels kompleks; na die opsporing van dié bronne moet die betroubaarheid daarvan getoets word; daarna moet dit ingesamel word en in ’n ooreenstemmende geheel geakkumuleer word; dan moet metodes gevind word waarvolgens die data só gemanipuleer word (sonder om die data te verwing) dat statistiese patrone duidelik word en die statistiese beduidendheid moet getoets word; en eers dán is dit moontlik om die waarde van die data vir die kartering van boekproduksie te interpreteer. Dit is ’n deurlopende proses waartydens bevindings dikwels deur opvolgondersoeke geherkontroleer word soos nuwe bronne beskikbaar raak of ander navorsingsvrae deur die resultate gegenerer word (Eliot, 2002:288-289) – nie om vorige resultate te weerspreek nie, maar om dit te verfyn en die inligtingswaarde daarvan te verhoog (Eliot, 2002:292).

Eliot (2002:286-287) betoog dat geen resultate van kwantitatiewe navorsing moontlik is sonder bepaalde beperkinge en die kontekstualisering daarvan nie; maar dat dié beperkinge minder moet weeg as die bruikbaarheid van data om die proses steeds lonend te maak – óf deurdat dit statistiese feite onthul wat voorheen onbekend was, óf deur waarde tot reeds bekende feite toe te voeg deur dit verder in te kleur of nuwe insigte daartoe te bring. Die bruikbaarheid en betroubaarheid van die data staan in direkte verband met die beskikbare bronne. Hy waarsku dat historiese kwantitatiewe navorsing nie ’n eksperimentele wetenskap is nie: “The past has left us some data, but they were not produced in laboratory conditions; they were not designed to answer our questions; they were not collected as a representative sample – and they rarely used a classification system that we might find at all helpful. However, they are all we have got and we must work with them” (Eliot, 2002:287). Die uitdaging lê daarin om die bronne wat gebruik word so goed as moontlik te ken in terme van wie dit saamgestel het, waarom dit saamgestel is en hoe dit saamgestel is – Eliot (2002:289)

noem dit die “biography of a data source”. Om hierdie rede word die bronne wat vir die statisties-kwantitatiewe komponent van hierdie ondersoek gebruik word (in terme van die ontstaan, die samestelling, die formaat, die voordele, die nadele en die onttrekking van data uit dié bronne) breedvoerig bespreek in 5.5.3.1 en 5.5.3.2.

Statistiek as bousteen van die kwantitatiewe metode is nie eksak nie, dit gaan oor vlakke van waarskynlikheid en billike geskatte waardes. Die navorser se verantwoordelikheid is om die leser in te lig oor die beperkinge en betroubaarheid van die data. Dié betroubaarheid kan verhoog word deur verskeie bronne te kombineer: “Corroboration is not certain proof, but when two or more sets of data collected by different groups for different purposes indicate similar things, then one has a right, I think, to feel somewhat more confident in one’s conclusions” (Eliot, 2002:287). Daaruit behoort breë tendense en grootskaalse patrone, eerder as eksakte detail, wel met ’n mate van sekerheid afgelei te kan word.

Wanneer statistiek versigtig geïnterpreteer word en intelligent aangewend word, stel dit die navorser wat die kwantitatiewe metode benut in staat om prosesse in boekgeskiedenis te belig en te verduidelik wat nie andersins moontlik sou wees nie (Eliot, 2002:293). Vir Darnton (2002b:258) lê die nut van kwantifisering in die studie van ’n kultuur (ook die produkte van só kultuur en die produksie daarvan) daarin dat dit nuwe perspektief bring en bestaande perspektiewe verbreed: “statistics can reveal configurations and proportions that escape other kinds of observation”.

Joshi (2002:264) spreek die versugting uit dat die literatuurwetenskap, wat tot dusver skepties teenoor kwantitatiewe analise gestaan het, oortuig sal raak dat kwantitatiewe data ’n geheelbeeld van ’n “literêre kultuur” moontlik maak wat nie deur die konvensionele kwalitatiewe metodes van teksstudies moontlik is nie. Maar statistiek is slegs bydraend en gee nie finale antwoorde nie, die interpretasie van feite wat deur nuwe statistiek na die oppervlak kom, is soms net moontlik deur die bestudering van die teks deur tradisionele vorme van teksstudies (Joshi, 2002:273). Sy bepleit ’n simbiotiese saambestaan tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings waarin elk ’n bepaalde nut en waarde het: “Like all data, statistics ought to be regarded as approximations at best, only as good as the tools to retrieve and manipulate them, and therefore only provisional until different or better statistics – or different or better

methods of history inquiry – emerge. [...] flawed statistics need not necessarily be corrected by ‘correct’ statistics; in some ways, challenges from conventional methods of literary scholarship are far more useful in correcting statistical distortions than more numbers might be” (Joshi, 2002:273).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat kwantitatiewe ondersoek, na onder andere boekproduksiestatistiek, ’n bepaalde plek in boekstudie en die toepassing daarvan op (ook) die terreine van die literatuurwetenskap, die uitgewerswese, mediastudie en kultuurstudie het. Soos hierbo aangetoon, is toonaangewende internasionale navorsers tans besig om die skeptisisme oor statistiek in navorsing oor die boek ’n nekslag toe te dien. Joshi (2002:269) se argument staan vas: die beperkinge van die kwantitatiewe metode deur statistiese analise diskwalifiseer dit nie as ’n werkbare benadering tot literatuurwetenskap en boekgeskiedenis nie; net soos die afwesigheid van perfekte literêre tekste (en absolute objektiewe metodes van teksanalise) nie literatoure en kritici laat afsien het van teksstudies in die geheel nie.

Die onlangse ontwikkeling van kwantitatiewe uitgewery-ondersoek en die tekort aan beskikbare produksiedata (sien 5.3) is nie uniek aan die Suid-Afrikaanse situasie nie. Miha Kovač (2004:21), ’n boekstudienavorser aan die University of Ljubljana, gee die volgende standbeskrywing van beskikbare navorsing oor tendense in Europese boekproduksie en verbruik:

Book publishing is a dark spot in social and media studies. Throughout the twentieth century, statistics on book production and consumption were inadequate and generated randomly, without properly developed methodology. Even more, in comparison with library science and media studies, book and publishing studies are latecomers to the world of academia: they gain a domestic right there as late as in the [1990’s]. Due to this lack of research tradition and methodology, comparisons among different European and between European and American book industries that took place in recent research projects sponsored by the European Union open more questions than they provide answers. At the same time, academic interest in books has been predominantly limited to book and publishing history.

Volgens Kovač is die fokus van boekstudie en uitgewery-ondersoek tans sterk gerig op historiese aspekte, terwyl die eietydse “geskiedenis van die boek” en kontemporêre uitgewery-ondersoek grotendeels afgeskeep word: “With a few exceptions, books as part of contemporary media culture, together with all issues concerning the methodology of publishing and book market research, remained out of scope of such academic approaches and was left to the random efforts that took place in disciplines such as sociology, economics or literary theory” (Kovač, 2004:22).

Kovač (2004:24-26) betoog dat die onderontwikkelde stand van kwantitatiewe uitgewery-ondersoek oor eietydse boekproduksie slegs gedeeltelik toegeskryf kan word aan die feit dat dit ’n relatiewe nuwe, en nog ontwikkelende, toepassingsterrein is. ’n Ander belangrike rede is die feit dat boekebedrywe se posisie in nasionale ekonomieë wêreldwyd relatief ondergeskik is aan ander bedrywe. Een gevolg van die mediarevolusie gedurende die twintigste eeu was dat die belang van boeke in die samelewing oorskadu is deur die gewildheid, kunsmatige glans en winsgewendheid van ander mediaprodukte (of kultuurprodukte). Die gevolg was dat die boekebedryf, in vergelyking met byvoorbeeld die tydskrifwese, ’n veel minder aanloklike beleggingsmoontlikheid vir bemaking, advertensie en korporatiewe belegging geword het. Daardeur was politieke en ekonomiese belang in die boekebedryf (en die aanvraag na statistiek oor dié bedryf, waarop byvoorbeeld beleggingsbesluite gebaseer kon word) en die tegnologiese en organisatoriese innovasies van die boekebedryf nog altyd swak. Die dubbelsoortige aard van die boek, as beide ’n kulturele en ekonomiese produk, het die (uiteindelike) erkenning van die sosio-politieke en sosio-ekonomiese belang van die boekebedryf (en die behoefte aan instrumente vir die meting van dié belang – soos byvoorbeeld produksiestatistiek) nog verder vertraag. Hierdie tendense is ook van toepassing op die plaaslike uitgewerybedryf, soos gereflekteer deur (i) die ondergeskikte posisie van boekuitgewery ten opsigte van ander mediabedrywe binne groot mediakonglomerate (sien 4.3); en (ii) die gebrek aan intervensie deur die regering ter bevordering van die plaaslike boekuitgewerybedryf (sien 3.3.2.3).

Dié statisties-kwantitatiewe gedeelte van hierdie studie wat in hierdie hoofstuk onder bespreking kom, neem die teoretiese vertrekpunte wat hierbo beskryf is as basis. Vervolgens word die ondersoek na beskikbare en bruikbare bronne van produksie-

statistiek beskryf; die proses wat gevolg is by die ontwerp van ’n bruikbare databasis van produksiedata vir die produksiekategorie Afrikaanse fiksiepublikasies word verduidelik; die kategoriseringstelsel wat ontwikkel is vir die kategorisering van dié data word uiteengesit; en ten slotte word die aanwending van die databasis in die (re)konstruksie van ’n produksieprofiel en uitgeweryprofiel van die betrokke produksiekategorie behandel.

5.3 Besikbaarheid van bronne van statistiese data vir die boekuitgewery- en boekhandelbedryf – ’n internasionale konteks en die Suid-Afrikaanse situasie

Binne ’n internasionale konteks word die boekuitgewerybedrywe en boekhandelbedrywe van byvoorbeeld die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State van Amerika gekenmerk deur bestaande en gevestigde strukture en metodes waardeur dié bedrywe op kwantitatiewe wyse deurlopend gemonitor word. Uitgewerye, boekhandelaars en boekpakhuis (asook talle ander rolspelers) is deur elektroniese sagteware-stelsels met mekaar verbind en die produksie, verspreiding en verkope van boeke kan statisties op enige stadium van die uitgeeproses nagegaan word. ’n Leier in die mark van hierdie moniteringsagteware (sogenaamde “point-of-sale” sagteware) is Nielsen BookData (wat die resultaat is van ’n samesmelting tussen BookData, Nielsen BookScan en Whitaker BookTrack). Dié sagteware vergemaklik die bemerking, verkope en aankope van boeke deur byvoorbeeld die verspreiding van volledige bibliografiese data oor nuwe titels tussen uitgewerye, biblioteke en boekhandelaars (vergelyk BookData, 2004; en Whitaker BookBank, 2004); en ’n produk soos Nielsen BookScan (2004) is ’n unieke bron van markintelligensie waardeur statistiese data oor verkope deurlopend gemonitor word en direk aan rolspelers beskikbaar gemaak word. Data wat deur die Nielsen BookScan-stelsel gedurende die jaar versamel word, word in die jaarlikse *Book Sales Yearbook* gepubliseer, ’n bron wat beskryf word as: “the most comprehensive single source of facts, figures and analysis on UK retail book sales” en “a concise, accessible and invaluable snapshot and research resource for the UK retail book market”. Die markintelligensie wat deur dié bron beskikbaar gemaak word, stel gebruikers daarvan in staat om onder andere: die grootte van die mark vir spesifieke soorte boeke (produksiekategorieë) te bepaal en groei-areas te identifiseer; verkoopspatrone in spesifieke gedeeltes van die jaar te monitor; te bepaal watter

boeke topverkopers was en watter skrywers die hoogste inkomste verdien; vas te stel hoe lank hulle topverkopers gebly het; te analiseer wat die invloed van afslag aan boekhandelaars op boekverkope is; na te gaan hoe prys die verkope van boeke op die kort- en langtermyn beïnvloed; verkope te voorspel en daarvolgens meer ingeligte uitgeebesluite te neem; en voldoende ingelig te wees oor die hoeveelheid boeke verkoop en die inkomste daaruit verdien deur kompeterende uitgewerye (*The Bookseller*, 2003). Benewens die genoemde produkte en bronne, verskyn daar ook gereeld artikels waarin produksiestatistiek en verkoopstatistiek aangetoon word oor die Amerikaanse en Britse uitgewerybedrywe en boekhandelbedrywe in tydskrifte wat op dié bedrywe gerig is, soos die *Publisher's Weekly* (vergelyk byvoorbeeld die maandelikse verslae oor boekverkope deur die Association of American Publishers waarin statistiek vir verskeie kategorieë aangedui word, Platt aangehaal in Milliot, 2003:14) en *The Bookseller* (vergelyk byvoorbeeld die statistiek oor die aantal nuwe Britse titels in verskeie kategorieë vir 2002, Whitaker aangehaal in Holman, 2003:6).

Die statistiese monitering van die Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf en boekhandelbedryf het eers onlangs begin en gemeet aan die bogenoemde internasionale konteks, is dit tans nog nie op dieselfde gesofistikeerde skaal ontwikkel nie. Met die implementering van die moniteringsagteware Nielsen BookScan in Suid-Afrika sedert Desember 2003, was dit vir die eerste keer moontlik om breë statistiese patrone van boekverkope hier te lande te bepaal. In die loodsfase het slegs kettingwinkelgroepe van boekhandelaars soos die Central News Agency, Exclusive Books, Fascination Books, Adams & Company, Wordsworth en die algemene kettingwinkelgroep Pick 'n Pay hul verkoopstatistiek deur Nielsen BookScan laat monitor. Sedert Januarie 2005 het ook die akademiese boekhandelaars Brain Books en Juta, die algemene boekhandelaar PNA, en die boekverspreiders Kalahari.net, Leserskring, die Sunday Times Book Club en die algemene kettingwinkelgroep Checkers/Shoprite op Nielsen BookScan ingeteken. Die eerste weeklikse analyses van boekverkope deur deelnemende boekhandelaars is in Maart 2004 uitgereik en die eerste Suid-Afrikaanse *Book Sales Yearbook* (vir 2005) sal later in 2006 verskyn (BookData SAPnet, 2005 en 2006).

Vóór 2003 het geen soortgelyke stelsels vir die monitering van boekverkope van die bedryf as geheel bestaan nie. Nielsen BookData en SAPnet werk sedertdien nou saam om 'n databasis van nuwe publikasies wat in Suid-Afrika uitgegee word in stand te

hou, en inligting tussen uitgewerye en boekhandelaars beskikbaar te maak (BookData SAPnet, 2005). Die groot uitgewerye in Suid-Afrika beskik oor gesofistikeerde voorraadstelsels waardeur uitgewerye, boekpakhuis en verspreidingsdienste met mekaar verbind is; maar dit is nie moontlik om die produksie en verkope van boeke vanaf die uitgewery tot by 'n spesifieke afsetpunt met dié voorraadstelsels elektronies deurlopend te monitor nie. Die bekendste en mees gebruikte voorraadstelsel in Suid-Afrikaanse uitgewerye is Bookmaster. Terwyl daar dus in die post-2000 era vordering gemaak is met die monitering van boekverkope in Suid-Afrika, is die monitering van Suid-Afrikaanse boekproduksie nog in sy kinderskoene.

Galloway (2002a:212) meld dat die Suid-Afrikaanse Uitgeweryvereniging (PASA) telkemale pogings aangewend het om kwantitatiewe ondersoeke na die Suid-Afrikaanse boekebedryf te onderneem, maar dat die resultate dikwels só onvolledig was dat geen duidelike kwantitatiewe kartering van dié bedryf (in terme van die grootte en omvang daarvan) tot dusver moontlik was nie. Suid-Afrikaanse uitgewerye beskou dikwels finansiële inligting en die grootte van oplaes as vertroulik en kompetend en is nie bereid om hierdie inligting bekend te maak nie (vergelyk PICC IPR-verslag, 2004:51). Daar het dus tot dusver nie voldoende 'n kultuur ontwikkel om inligting binne die plaaslike bedryf, ter bevordering van dié bedryf, te deel nie en gevolglik is min betroubare statistiek beskikbaar. Beide Evans & Seeber (2000:10) en Van Rooyen (1996:8) dui in hulle standaardwerke oor die Suid-Afrikaanse boekebedryf aan dat die afwesigheid van 'n sentrale bron van statistiese data, die analise en evaluering van die boekuitgewerybedryf as 'n strategiese kulturele bedryf en 'n ekonomiese sektor verhinder. Hierdie twee bronne dui geen primêre statistiese data oor die grootte en omvang van die bedryf aan nie.

Daar bestaan verder slegs enkele navorsingsverslae oor die Suid-Afrikaanse boekuitgewerybedryf, naamlik:

- *Research Report on Book Development in South Africa* (BDCSA, 1997), 'n navorsingsverslag oor boekontwikkeling deur die eertydse Book Development Council of South Africa (sien 3.3.2.3).
- *The South African Publishing Industry Report* (CIGS, 1998), 'n verslag voorberei deur die eertydse Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en

Tegnologie se taakspan Cultural Industries Growth Strategy (CIGS) wat deel vorm van 'n reeks verslae oor die kulturele bedrywe in Suid-Afrika. Ander verslae in die reeks het ondersoek onderneem na byvoorbeeld die plaaslike musiekbedryf en filmbedryf.

- *Wesgro Background Report on the Publishing Industry in the Western Cape* (Wesgro, 2000), 'n verslag oor die uitgewerybedryf in spesifiek die Wes-Kaap wat deur Wesgro se navorsingsafdeling uitgereik is.
- *Publishing Market Profile. South Africa* (GPI, 2001 en GPI, 2004), twee verslae wat deur die Britse inisiatief Global Publishing Information uitgereik is en deel vorm van 'n reeks verslae oor die uitgewerybedrywe in verskillende lande.
- *PICC Report on Intellectual Property Rights in the Print Industries Sector* (PICC IPR-verslag, 2004), 'n omvattende verslag oor die rol van intellektuele eiendomsregte in die gedrukte mediabedryf waarin die stand van Suid-Afrikaanse outeursregwetgewing, die effektiwiteit en die toepassing daarvan ondersoek word. Die verslag is in opdrag van die Departement van Kuns en Kultuur en die Print Industries Cluster Council opgestel as deel van 'n oorkoepelende inisiatief waardeur ondersoek ingestel word na nodige beleidsontwikkeling en bedryfsontwikkeling in die kulturele bedrywe.

In hierdie soort oorsigverslae sou mens 'n kartering van die bedryf onder bespreking in terme van (ook) kwantitatiewe data verwag, maar in al hierdie verslae word melding gemaak van die feit dat produksiestatistiek nie geredelik beskikbaar is nie. Die *Research Report on Book Development in South Africa* (BDCSA, 1997:16) dui aan dat daar 'n “critical lack of information about the scope and nature of the [South African book] sector as a whole, and about its individual components” bestaan en dat die “absence of representative and verified statistics” tot groot frustrasie lei en die meting van die groei en diversifikasie van die sektor belemmer (1997:119-120). Die produksiestatistiek wat wel in dié verslag aangedui word, is afkomstig uit die SANB (BDCSA, 1997:16, 35-36, 73) – met al die beperkings wat dit inhou (sien 5.5.3.1(f)). *The South African Publishing Industry Report* (CIGS, 1998:72) toon geen nuwe primêre statistiese data aan nie, alhoewel die behoefte aan die generering van betroubare statistiek oor omset, die hoeveelheid titels wat geproduseer word, menslike hulpbronne en staatsbesteding en -befondsing benadruk word. Die *Wesgro*

Background Report on the Publishing Industry in the Western Cape (Wesgro, 2000:10-12) voorsien omsetysifers van boekuitgewerye gebaseer op onderhoude met rolspelers in die bedryf, maar geen nuwe primêre produksiestatistiek word verskaf nie. Die *Publishing Market Profile. South Africa* (GPI, 2001:16-18) gee aanduidings van die omset van die verskillende subsektore en die vyftien grootste boekuitgewerye gebaseer op ingeligte beramings. In laasgenoemde verslag kom wel verwysings na produksiestatistiek voor (GPI, 2001:23), ontleen uit die *Produksie Tendensedatabasis* (sien hieronder). Die *PICC Report on Intellectual Property Rights in the Print Industries Sector* (PICC IPR-verslag, 2004:51) verduidelik dat die ekonomiese bydrae van dié bedryfsektor nie met sekerheid bepaalbaar is nie en stel die ontwikkeling van 'n statistiese databasis vir hierdie doel, wat tans in proses is, in die vooruitsig (sien hieronder).

Hierdie benarde situasie, naamlik die afwesigheid van ('n) sentrale statistiese bron(ne) waaruit sowel finansiële as bibliografiese data vir die Suid-Afrikaanse boekuitgeweryebedryf en -produksie onttrek kan word, het as onderliggende impetus gedien vir die Program Uitgewerswese in die Departement Inligtingkunde aan die Universiteit van Pretoria om binne die navorsingsfokus van dié program (onder leiding van Dr. Francis Galloway, programbestuurder en projekteier) dit ten doel te stel om so 'n bron(ne) te ontwikkel. Hieruit het tot dusver twee inisiatiewe voortgespruit:

- (i) Die ontwikkeling van 'n databasis van bibliografiese inligting van plaaslik (Suid-Afrikaanse) geproduseerde publikasies, naamlik die *Produksie Tendensedatabasis* (PTD). Die doel van die PTD is om kwantitatiewe data oor die aantal titels wat per jaar deur Suid-Afrikaanse uitgewerye uitgegee word, te versamel, te verpak en in soekbare formaat beskikbaar te maak. Kwantitatiewe data kan hieruit onttrek word en benut word vir die analise van produksietendense ten opsigte van spesifieke produksiekategorieë van Suid-Afrikaanse boekpublikasies en verskillende sektore van die Suid-Afrikaanse boekuitgeweryebedryf. Die PTD kan beskryf word as 'n prototipe databasis wat jaarliks opgedateer word en voortdurend verder afgerond word afhangende van die beskikbare infrastruktuur. Die ontwikkeling van die PTD word aangetoon deur Galloway (2002a:212-215). Dit bestaan tans uit rekords van

publikasies wat sedert 1985 tot 2005 geproduseer is (die data is akkuraat tot ongeveer 2001).

- (ii) Na aanleiding van die reeds aangetoonde behoefte aan statistiese data by Suid-Afrikaanse uitgewerye en boekhandelaars en die bestaan en bruikbaarheid van die PTD, is 'n formele samewerkingsooreenkoms tussen die Program Uitgewerswese aan die Universiteit van Pretoria, die Suid-Afrikaanse Uitgeweryvereniging (PASA) en die Print Industries Cluster Council (PICC) gesluit. Hiervolgens word primêre statistiese navorsing onderneem om uiteindelik 'n omvattende databasis van beide bibliografiese en finansiële inligting oor die Suid-Afrikaanse boekebedryf daar te stel. Dit sluit die inwinning, verwerking en analise van finansiële en bibliografiese data van uitgewerye en boekhandelaars in waarvolgens omsetprofile, werknemersprofile, produksieprofile, verkoopsprofile en outeursprofile van die uitgewerybedryf en boekhandelaarsbedryf deur middel van jaarlikse opnames bepaal word. In die loodsfase is gefokus op die inwinning en analise van data vir die kalenderjaar 2002 (Galloway, Bothma & Greyling, 2004) en 2003 (Galloway, Bothma, Du Plessis & Venter, 2005). Tans word die opnames vir 2004 en 2005 verwerk en dié verslae sal in 2006 verskyn.

Die bruikbaarheid van die PTD word veral duidelik wanneer data van spesifieke produksiekategorieë daaruit onttrek word en verder verpak, geverifieer en ontleed word om produksietendense te bepaal. Die nut van die PTD word voortdurend geïllustreer, getoets en uitgebrei deur gespesialiseerde toepassing, soos onder andere die volgende ondersoeke wat reeds plaasgevind het of onderweg is:

- 'n Kwantitatiewe ontleding van die bydrae van die uitgewerye binne die Nasboek-groep van Naspers tot die totale Suid-Afrikaanse kommersiële boekproduksie gedurende die periode 1990-1998 (Rall & Warricker, 2000).
- 'n Ontleding van oorhoofse statistiese tendense in Suid-Afrikaanse boekproduksie vir die tydperk 1990-1998 (Galloway, 2001; 2002a; 2002b).
- 'n Ondersoek na die boekkultuur in 'n multitalige samelewing, toegelig deur oorhoofse boekproduksiestatistiek vir die tydperk 1990-1998 (Galloway, 2002c).

- 'n Ontleding van die bydrae van internasionale (multinasionale) uitgewerye tot die inheemse boekuitgewerybedryf in Suid-Afrika, toegelig deur boekproduksiestatistiek vir die periode 1990-2000 (Galloway, 2002d).
- 'n Studie oor die uitgeegesiedenis van Breyten Breytenbach, gekontekstualiseer deur boekproduksiestatistiek van die produksiekategorie Afrikaanse poësiepublikasies gedurende die periode 1960-2002 (Galloway, 2003; 2004a).
- 'n Ontleding van boekproduksiestatistiek van die produksiekategorie fiksiepublikasies in isiZulu (Masondo, 2004).
- 'n Ontleding van produksiepatrone van Afrikaanse kinder- en jeugprosa vir die tydperk 1990-2001 (Snyman & Venter, 2003a; 2003b; 2004).
- Die ondersoek na die produksie van Afrikaanse fiksiepublikasies (gerig op die volwasse mark) wat in hierdie studie onder bespreking is en voorondersoeke wat hiertoe gelei het (Venter & Galloway, 2002; 2003a; 2003b; 2003c; Galloway & Venter 2004; 2005a; 2005b; Venter, 2004a).

Die kartering van die Suid-Afrikaanse boekuitgewerybedryf wat binne die Program Uitgewerswese aan die Universiteit van Pretoria onderneem word, kan as baanbrekerswerk beskou word. Met verwysing na bestaande boekstudienavorsing in Suid-Afrika, en die tekort aan plaaslike navorsing oor uitgewery en uitgewery-ondersoek, dui Hofmeyr & Kriel (2006) die waarde van hierdie navorsing as volg aan: “However, with regard to publishing, one bright light on the horizon is the work by Francis Galloway which is leading the way in demonstrating what can be garnered from a systematic historical tracking of publishing data and profiles. [...] In terms of tracking the influence of particular texts and their real (rather than their supposed) influence [ondersoeke na simboliese produksie] this type of work is indispensable in laying a rigorous foundation for projects in intellectual history”. Die teoretiese en metodologiese bydrae van hierdie navorsing, met verwysing na 'n artikel wat uit hierdie studie voortgespruit het, word as volg deur Hofmeyr & Kriel (2006) aangedui: “Seen in both local and international terms, the research in this article is important. [...] Through their pioneering research in this area, Galloway and Venter have produced work of relevance for both local and international contexts. Not only can the model built up here be extended to analyse publishing trends in other South African

languages, it will also be of interest to those working in book production trends in other parts of the world”.

Dit is binne die konteks wat hierbo geskets is dat hierdie studie ’n bydrae wil maak tot die insameling, verpakking, beskikbaarmaking en analise van produksiedata ten opsigte van die produksiekategorie Afrikaanse fiksiepublikasies (gerig op die volwasse mark). Die bydrae van die studie lê dus op die terrein van boekstudie en word toegepas op Afrikaanse fiksiepublikasies. Die statisties-kwantitatiewe komponent van hierdie studie stel homself ten doel om ’n produksiedatabasis van Afrikaanse fiksiepublikasies te ontwikkel (saamgestel uit bibliografiese rekords) wat as bron sal dien van produksiedata en waaruit produksietendense afgelei kan word. Data wat vanuit dié databasis onttrek word, sal dit moontlik maak om ’n produksieprofiel en uitgeweryprofiel te (re)konstrueer ten einde die analise van produksietendense in hierdie produksiekategorie en verskeie subkategorieë te fasiliteer.

5.4 Besikbaarheid van bronne van statistiese data vir die produksiekategorie Afrikaanse fiksiepublikasies

Soos vir ander produksiekategorieë van Suid-Afrikaanse publikasies, en soos reeds hierbo uiteengesit, bestaan daar ook nie ’n sentrale bron van omvattende produksiedata vir fiksiepublikasies in die breë en spesifiek die produksiekategorie Afrikaanse fiksiepublikasies (gerig op die volwasse mark) nie.

Daar bestaan wel in die literatuur resente oorsigte en tipologieë wat die ontwikkeling van sekere genres en subgenres van die Afrikaanse letterkunde (veral tematies) nagaan, soos byvoorbeeld: die perspektiewe op die Afrikaanse prosa (Roos, 1998:21-117 en 2006:43-104), poësie (Ohlhoff, 1999:21-243; Van Vuuren, 1999: 244-304 en Odendaal, 2006:105-148) en drama (Antonissen, 1998:118-139; Brink, 1998:140-150; Odendaal, 1998:150-215 en Coetser, 2006b: 149-189) wat opgeneem is in *Perspektief en Profiel Deel 1, Deel 2 en Deel 3* (Van Coller *et al*, 1998, 1999 en 2006a); ’n oorsig oor Afrikaanse narratiewe tekste wat tussen 1990 en 2000 uitgegee is (Du Plooy, 2001:14-31); ’n bestekopname van poësiepublikasies en spesifiek tematiese bloemlesings wat sedert 1986 tot 2000 verskyn het (Odendaal, 2001:51-68); ’n

tipologie van die Afrikaanse jeugreeksboek (Snyman, 2001:46-59); 'n doktorsale studie waarin onder andere die produksie van 'n uitgesoekte groep tagtiger-prosaskrywers vanuit 'n literatuursosiologiese hoek aangetoon word (Heyns, 1995); De Wet (1994:313-327) se doktorsale proefskrif waarin 'n lys van Afrikaanse digbundels wat gedurende die periode 1945-1994 verskyn het, ingesluit is; en Adendorff (2003:190-198) se magisterverhandeling wat 'n chronologiese lys van Afrikaanse debuutdigbundels vir die periode 1944-2002 bevat. Hierdie ondersoek is dikwels sterk teksgerig (Heyns, Odendaal, Snyman en Adendorff is uitsonderings) en fokus nie pertinent op produksiedata waardeur gepoog word om die volledige landskap op 'n kwantitatiewe wyse te karteer nie.

Verder bestaan daar wel 'n aantal publikasies wat in 'n minder of meerdere mate as deeglike literatuurgeskiedenis van die Afrikaanse letterkunde as geheel of vir spesifieke periodes kwalifiseer, soos byvoorbeeld: *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* deur Dekker (1961); die eerste en verdere (vyf) uitgawes van *Perspektief en profiel: 'n Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde* deur Nienaber *et al* (1951-1982); Beukes & Lategan (1952) se *Skrywers en rigtings; Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede* van Antonissen (1956); Lindenberg (1965) se *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde; Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur I en II* (1978 en 1983), *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987* (1988), *A History of Afrikaans literature* (1993b), *Op weg na 2000: Tien jaar Afrikaanse literatuur 1988-1997* (1998) en *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004* (2005) almal deur Kannemeyer; Cloete *et al* (1980) se *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig; Letterkunde en krisis: 'n honderd jaar Afrikaanse letterkunde en Afrikaner-nasionalisme* van Coetzee (1990); asook Van Coller *et al* (1998, 1999 en 2006a) se mees onlangse uitgawe van *Perspektief en profiel Deel 1, Deel 2 en Deel 3*. Die ondersoek wat tot hierdie literatuurgeskiedenis gelei het was ook sterk teksgerig ('n geskiedenis van Afrikaanse fiksietekste en die outeurs daarvan), krities in aanslag en het berus op waarde-oordele oor wat as letterkunde en die kanon gereken word (waarvolgens publikasies in die besprekings in- of uitgesluit is) en ideologiese voorveronderstellings en literatuur-opvattinge (vir uitsonderings, soos dit voorkom in *Perspektief en profiel Deel 3*, sien 2.7). Kannemeyer (2004a:146) beskou die ondersoekveld van die literatuurhistorikus as driedelig (maar vertrek vanaf die beskrywing van die “geskiedenis van die literêre kunswerk”): “die genese van die teks [en hier bedoel hy die skep van die teks deur die

skrywer], die teks self [ook die verskeie weergawes van die manuskrip] en die effek wat dit op die leser het”. Hy erken dat “wat die gerigtheid op die teks betref, [...] daar dus geen absolute onderskeid [is] tussen literatuurgeskiedenis en kritiek in die betekenis van die analise van ’n enkele teks nie”.

Dit wil voorkom of die praktyk in hierdie literatuurgeskiedskrywing was om strominge, bewegings en periodes in die ontwikkeling van genres van die Afrikaanse letterkunde krities te beskou en te boekstaaf. In dié proses word hoofsaaklik verwys na die titels van bespreekte publikasies, die outeurs daarvan en die publikasiedatums word aangedui, maar geen melding word op ’n deurlopende basis in die teks gemaak van die uitgewerye van die publikasies nie. Ook volledige bibliografiese inskrywings van skeppende tekste waarin uitgewerye vermeld word, is afwesig (vergelyk byvoorbeeld Beukes & Lategan, 1952; Dekker, 1961; Kannemeyer, 1978, 1983, 1988:13 en 2005; Van Coller *et al*, 1998:xi en 1999:xi) – dit is gevolglik onmoontlik om die uitgewerye van alle publikasies daarin na te spoor. Uitgewers en uitgewerye word hoofsaaklik genoem in die besprekings van polemieke en debatte rondom sensuur en die toekenning van literêre pryse. Daar word minimale plek afgestaan aan ontwikkeling in die uitgewerybedryf en in dié beknopte inskrywings word baie oorsigtelike aanduidings gegee van uitgewerye se fokus op spesifieke produksiekategorieë (vergelyk byvoorbeeld Kannemeyer, 1978:273; 1983:243-244 en 2005:125, 274, 557-558). Dit is insiggewend dat Kannemeyer (2004a), selfs nie terugskouend in sy P.J. Nienaber-gedenklesing in 2004 (sestien jaar ná sy eendelige literatuurgeskiedenis), pertinent verwys na die rol van die uitgewer en die prosesse van uitgee tydens die “genese” en die “oorspronge en voorstadia van die teks”, óf die sosio-politieke-tegnologiese kontekste waarbinne die produksieproses plaasvind, as moontlike fokuspunte van ’n literatuurgeskiedenis nie. Die meerderheid van hierdie literatuurgeskiednisse kan dus nie as ’n boekgeskiedenis van die Afrikaanse (fiksie) boek in (ook) sy materiële vorm beskou word nie – dit bly slegs publikasies deur literatuurhistorici en nie boekhistorici nie en dit is onmoontlik om ’n volledige produksieprofiel en uitgeweryprofiel daaruit te (re)konstrueer.

As bydrae tot ’n gesamentlike Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis, én as uitvloeisel van ’n kongres in 1995 waartydens Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing “herbedink” is (vergelyk Smit, Van Wyk & Wade *et al*, 1996), is daar binne die

Centre for the Study of Southern African Literature and Languages (CSSALL) aan die Universiteit van Durban-Westville ’n projek geloods vir die ontwikkeling van ’n elektroniese ensiklopedie van Suid-Afrikaanse literatuur. Sover is ’n CD-ROM ontwikkel, bekend as *Van Wyk & Stewart’s SALit Web – Encyclopaedia of South African Literature*. Die *SALit Web* CD-ROM bied drie toegangsroetes vir die gebruiker wat deur hiperteks aan mekaar verbind is: ’n ensiklopedie, ’n tydlyn en ’n virtuele biblioteek. Die ensiklopedie bestaan uit bibliografiese en biografiese rekords oor outeurs, titels en gebeurtenisse oor die wye spektrum van al die literatuur in Suid-Afrika (dié rekords is versamel in die *SALit* databasis). Die tydlyn dui op ’n sinchroniese wyse literêre gebeurtenisse in samehang met hulle historiese en sosiale konteks aan. Die virtuele biblioteek bestaan uit ’n aantal elektroniese weergawes van tekste in HTML-formaat (Van Wyk & Stewart, 2000). Deur sy inklusiwiteit poog dié bron nie om volledig te wees van alle publikasies nie en Afrikaanse fiksiepublikasies vorm slegs ’n gedeelte daarvan. Dit is wel moontlik om beperkte produksiedata daaruit te onttrek, maar dit is nie primêr daarvoor geskep nie (Stewart, 2004).

Coetzee (2002:149-150) wys daarop dat daar binne die Afrikaanse letterkunde ’n diskursiewe praktyk ontstaan het waarvolgens die publikasies deur swart Afrikaanse skrywers ontwikkel het tot ’n aparte Afrikaanse letterkunde. Swart Afrikaanse skrywers het hulle uitgesluit gevoel by die eertydse hegemonesse uitgesisteem en hulle werk in ’n aparte stroom geproduseer, meestal self-uitgegee (sien 3.3.3.2(a) en 4.7.4). Volgens Coetzee (2002:151-157) kan hierdie “breuk” of diskontinuiteit in die literatuurgeskiedskrywing ondersoek word deur die diskoers na te gaan. As deel van ’n navorsingsprojek in die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Wes-Kaapland is ’n opgawe gemaak van alles wat geskryf is binne dié diskoers, die skeppende tekste self maar ook tekste oor die literatuur en sosiale en politiese tekste. Hieruit het ’n manuskrip getiteld *Anderafrikaans: ’n klein, kontesterende, letterkunde* (Coetzee, Van Wyk, Hendricks en Van Zyl, 2003) voortgevloei. Deur sy spesifieke fokus maak dié bron nie aanspraak op volledigheid ten opsigte van die totale produksie van Afrikaanse fiksiepublikasies nie. Dit sluit ook nie produksiedata in nie.

Die enigste bestaande publikasie wat die naaste aan ’n geskiedenis van die Afrikaanse boek of ’n uitgegeskiedenis kom, is die driedelige geskiedenis van Nasionale Pers en spesifiek die een deel *Boekewêreld: die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot*

1990 (Beukes *et al*, 1992). Botha (1992:520-522) verwys daarna as “’n Afrikaanse boekegeskiedenis”. Hierin word uitvoerig verslag gedoen oor die uitgeegesiedenis van dié uitgewerye en boekhandelaars wat tot 1990 deel gevorm het van Nasboek, die boekuitgewery-afdeling van Naspers. Maar die uitgeegesiedenis van uitgewerye wat nie aan hierdie mediamaatskappy behoort nie word uitgesluit of word slegs in die verbygaan na verwys. Dit dek ook nie die periode ná 1990 wat in hierdie ondersoek onder bespreking is nie. Slegs eksemplariëse brokke produksiedata word daarin aangedui en dit is geen volledige kwantitatiewe kartering van die produksie van Afrikaanse fiksiepublikasies nie.

Grepe uitgeegesiedenis van die Afrikaanse boek en (ook) die Afrikaanse letterkunde lê versprei in ’n aantal huldigingspublikasies, soos onder andere *’n Natsteen vir Koos Human* (Kannemeyer & Schoeman, 1981), *Hulde aan J.D. [Pretorius]* (Botha *et al*, 1987), *’n Boekreis ver* (Aucamp *et al*, 1991), *In ons goeie boekies: skrywers en redakteurs oor Tafelberg-Uitgewers* (Botha *et al*, 1991), *Hettie de la Queillierie – ’n Huldeblyk deur Queillierie-skrywers aan Hettie Scholtz* (De Jager *et al*, 1995). Ook in (outo)biografieë oor skrywers, digters en redakteurs word brokke uitgeegesiedenis aangetref, soos byvoorbeeld in *D.J. Opperman: ’n biografie* (Kannemeyer, 1986), *Wat het geword van Peter Blum?* (Kannemeyer, 1993a), *Langenhoven: ’n lewe* (Kannemeyer, 1995), *Van Wyk Louw: ’n lewensverhaal Deel I & Deel II* (Steyn, 1998), *Leipoldt: ’n lewensverhaal* (Kannemeyer, 1999), *Penvegter: Piet Cillié van Die Burger* (Steyn, 2002), *Die goue seun: die lewe en die werk van Uys Krige* (Kannemeyer, 2002), *Die honderd jaar van MER* (Steyn, 2004b), *Jan Rabie: prosapionier en politieke padwyser* (Kannemeyer, 2004b); en Karel Schoeman (2002) se outobiografie *Die laaste Afrikaanse boek: outobiografiese aantekeninge*. Maar ook hierdie huldigingspublikasies en (outo)biografieë kan nie aanspraak maak op ’n volledige kwantitatiewe kartering deur die vermelding van produksiestatistiek nie. Wat artikels betref, val Botha (2001a:73-80) se “grepe uit die verhaal van Suid-Afrikaanse uitgewerye en die Afrikaanse prosa in die negentigerjare” en Cochrane (2001:67-77) se “literêre minderhede binne die Afrikaanse uitgewersbedryf na 1994” op; en talle koerantartikels en artikels deur uitgewers (wat in die bibliografie van hierdie studie nagespoor kan word) – maar weer eens geld dit nie as bronne van produksiedata nie.

Die eerste bron waarin oorsigtelike produksiedata van die produksiekategorie Afrikaanse fiksiepublikasies voorkom, is 'n *Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika* (Nienaber, 1943) en daarna Nienaber se reekspublikasie *Bibliografie van Afrikaanse boeke Deel 1 tot Deel 10* (1943-1981). Die *Bibliografie* bestaan egter slegs uit bibliografiese inskrywings tot 1981 en dui derhalwe nie produksiedata daarna en vir die periode van hierdie ondersoek aan nie (sien 5.5.3.2(a)). Dit was waarskynlik die bestaan van hierdie bron wat by Afrikaanse literatuurhistorici die gemaklikheid geskep het om nie aandag aan produksiedata, en ander areas van die geskiedenis van die boek in sy materiële vorm, in hulle navorsing te gee nie. Kannemeyer (1983:1-2) byvoorbeeld, dui Nienaber se *Bibliografie* as “waardevolle” bron van “suiwer feitlike inligting” vir sy literatuurgeskiedenis aan en beskou “bibliografiese voorarbeid ’n dringende en essensiële noodsaak” en as die beginpunt van literatuurgeskiedskrywing (Kannemeyer, 2004a:143). Maar dit het ook in ’n mate met die tradisie van skeptisisme en snobisme oor kwantitatiewe navorsing by beoefenaars van konvensionele kwalitatiewe navorsing (soos teksgerigte ondersoeke), waarna Joshi hierbo verwys (sien 5.2), te doen. Reeds in 1943 word Nienaber se navorsing deur Kees Konyon (die pseudoniem van Jan Greshoff en Fred le Roux in hulle polemiese “Kanttekenings” in die tydskrif *Trek* – Kannemeyer, 1982:5-6) afgemaak as “katalogusmakery” (Kannemeyer, 1982:104; 2004a:143-144). Tydgenote soos D.J. Opperman sien egter die waarde daarvan in en het waardering vir Nienaber se bibliografiese arbeid:

Telkens wanneer ek die publikasiedatum van ’n boek, die geboortedatum van ’n skrywer, van een of ander geskrif of dergelik meer, in een van P.J. Nienaber se blou boeke naslaan, dan ondervind ek ’n ligte aanklag van die gewete. Want deur die jare heen blyk hierdie naslaanbronne van baie groter waarde te wees as wat ek in stilligheid en sy kritici in die openbaar ooit wou erken het. Nienaber het die daaglikse brood geword van studente, dosente, bibliotekaresse, skrywers en van sy bitterste aanvallers [...] Dan ook so vanselfsprekend soos jy jou daaglikse brood aanvaar. [...] Wat die waarde van sy bibliografie en bronnelyste betref, kan sy kritici vir ’n gebrek aan onderskeidingsvermoë, erkentlikheid en eerlikheid beskuldig word. En dan word daar ook by ons onderskei tussen ’n hoë en ’n lae wetenskap. [...] By ons,

soos elders, is so 'n onderskeiding eerder 'n bewys van snobisme as van vermoë, want oor die algemeen word ons wetenskap nog beter gedien deur die nederige, swoegende kompilers en versamelaars as deur die hoë intellektuele reuse wat 25 bladsye skryf en dan die res van hulle lewe in ons heerlike sonskyn sit en drink [...]. (Onvoltooide teks met die titel “Een daad van eenvoudige regvaardigheid”, vermoedelik bedoel vir publikasie as aantekeninge in *Standpunte* in die laat 1940's en as reaksie op Kees Konyn se kritiek teen Nienaber in die artikel “Blinde werkklus” in *Trek*; aangehaal in Kannemeyer, 1986:461-462; 2004a:145).

Dit is tog jammer dat Opperman se erkenning aan Nienaber nié in *Standpunte* verskyn het nie, dalk sou dit daarna in 'n mate tot insig, verbreding en verdraagsaamheid vir kwantitatiewe navorsing in die plaaslike literatuurwetenskap gelei het.

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) se destydse Sentrum vir Suid-Afrikaanse Letterkundenavorsing (SENSAL) het aan die begin van die 1980's 'n diepgaande ontleding gedoen na die stand van Suid-Afrikaanse letterkundenavorsing. In die resultate van dié ondersoek word navorsing oor literatuurproduksie en -verspreiding as 'n belangrike prioriteit aangedui: “[d]ie welsyn en ontwikkeling van letterkunde word boonop direk deur literatuurproduksie en -verspreiding geraak” (Malan, 1983:64; Malan *et al.*, 1984a:34). Daar word in 'n mate uitvoering aan hierdie prioriteit gegee deur SENSAL se navorsingsprogram vir die dokumentering van al die Suid-Afrikaanse literatuursisteme en die publisering van 'n oorkoepelende literatuursistembeskywing in die literêre jaaroorlig-reeks *SA Literature/Literatuur Deel 1 tot Deel 6* (Galloway *et al.*, 1982, 1983, 1985, 1987, 1989; Galloway & Steenberg, 1993). In dié jaaroorligte verskyn samevattinge van die resepsie van fiksiepublikasies van die bepaalde jaar, asook onder meer oorsigtelike produksiedata oor die aantal titels, aantal outeurs en ander kwantitatiewe en kwalitatiewe aanduidings van die uitgesisteem (soos oor polemieke, sensuur, literêre pryse, verenigings, kongresse en literêre gebeure) en indekse van literêre tydskrifte. Daarmee ontstaan 'n tweede bron van (ook) statistiese data vir Afrikaanse fiksiepublikasies (en die eerste bron van statistiese data vir fiksiepublikasies in Suid-Afrikaanse Engels en in die onderskeie Afrikatale). Die reeks van ses dele beslaan ongelukkig slegs die dokumentering van

die periode 1980-1985 en loop daarna met die uitfasering van INTAK deur die RGN (sien 5.5.3.2(a)) tot 'n einde (die laaste oorsig vir 1985 is agterna in 1993 deur die literêre tydskrif *Literator*, as deel van hulle Supplement-reeks, uitgegee).

Die plaaslike kritiek op die kwantitatiewe metode (waarteen Kees Konyn dit in 1943 gehad het) word in der waarheid in 1982 deur L.I. Bertyn (die pseudoniem van Marcus de Jong en Gerrit Olivier in hulle polemiese rubriek in *Beeld* en *Die Burger* – Bertyn, 1983:ongepagineerd; Kannemeyer, 1988:469) herhaal met die smalende verwysing na SENSAL (en sy dokumentasie-aktiwiteite) as “die nodeloosheid van burokratiese arbeid”, “die opmars van die burokrate en die kultuurkommissarisse, wat wil koördineer en opsom [...] voor die voet versamel hulle, beskryf hulle, orden hulle [...]”, “die literêre kommune” en SENSAL se eerste jaarorsig word met “die vergaarsak van 'n stofsuier” vergelyk (Bertyn, 1983:113-115). Veel later lewer Swanepoel (1991:39) die teenspraak:

Wat die koördinerings van interdisciplinêre literatuurstudie betref, sal die dekade van tagtig stellig as die SENSAL-dekade onthou word. [SENSAL] het sedert sy stigting onder leiding van Charles Malan [...] veel vermag om aan sy korrek gelese roeping reg te laat geskied. [...] Een van sy belangrikste publikasies is Francis Galloway [...] se tweetalige *SA Literatuur: Literêre Jaarorsig-reeks / SA Literature: Annual Literary Survey Series* – 'n reeks wat met sy magdom gegewens oor outeurs, literêre werke, navorsing en gebeure as 't ware 'n lopende literatuurgeskiedenis oor Afrikaans, Engels en die Afrikataalliteratuur is, maar insgelyks as gevolg van rasionalisering in 'n oorlewingskrisis gedompel is.

Net soos in die plaaslike literatuurwetenskap (sien 2.7), word die rol van die uitgewery as produsent van die uiteindelijke fisiese publikasie (die produk) binne die uitgeesisteem ook in eietydse literatuurgeskiedenis en (outo)biografieë grotendeels geïgnoreer en val die klem hoofsaaklik op die skrywer as produsent van die teks en die teks self. Publikasiereekse wat wel oorsigtelike produksiedata aangetoon het, is intussen gestaak. Die bestaande literatuur is dus nie as bronne van produksiedata van die totale produksiekategorie Afrikaanse fiksiepublikasies vir die periode van hierdie ondersoek bruikbaar nie. In 'n mate wil hierdie studie ook 'n bydrae maak tot die aard

van literatuurgeskiedskrywing van die Afrikaanse letterkunde en spesifiek die geskiedenis van die Afrikaanse fiksieboek, onder meer deur ’n grondslag te lê vir verdere navorsing oor die uitgegeskiedenis en boekgeskiedenis van hierdie produksiekategorie deur ’n volledige kwantitatiewe kartering van die produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2003 daar te stel (wat vir beide literatuurhistorici en boekhistorici van waarde sal wees). Vergelyk in hierdie verband ook Galloway (2004b:109-118) oor die bruikbaarheid van boekproduksiestatistiek in die totstandkoming van ’n breër Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis én boekgeskiedenis:

Publishing statistics provide a useful point of departure for the study of the production, distribution, and consumption of books as cultural products in a multilingual country. It can constitute the elusive ‘common ground’ for exploring the interrelationship between the various literary fields, and can form the basis of a broader South African book history.

5.5 Ontwikkeling van die *Produksiedatabasis van Afrikaanse Fiksie (PDAF)*

“Die Afrikaanse boek in krisis” is sedert die laat 1990’s ’n gewilde en omstrede debatspunt en verskeie polemieke hieroor is oor die afgelope aantal jare in die gedrukte media, op openbare verhoë en op webwerwe gevoer. Die bekommernis oor die Afrikaanse boek hang saam met die algemene sentiment oor die oorlewing van Afrikaans as taal, veral wat sy openbare funksies betref (Van Coller & Steyn, 2001:158-174 en Van Zyl, 2000b). Die debat oor die toekoms van die Afrikaanse boek bereik ’n hoogtepunt deur ’n georganiseerde poging tot gesprekvoering deur ’n groep Afrikaanse skrywers met die openbaarmaking van knelpunte in die *Gespreksdokument oor die boekbedryf en die verhouding skrywer-uitgewer* (Weideman *et al*, 2002), waarin onder meer aangevoer word dat “die persepsie bestaan dat groot uitgewers se houding oor ‘letterkunde’ drasties verander het” en “dat potensiële winsmakers verkies word bó goeie letterkunde (veral poësie)”. NB-Uitgewers reageer op die *Gespreksdokument* tydens ’n vergadering met skrywers (Breytenbach, 2002a en Van Zyl, 2002a). Die merkers van die diskoers gaan veral oor watter en hoeveel publikasies uitgegee word – en watter nie – en oor die wenslikheid van ’n nuwe

verteenwoordigende Afrikaanse skrywersvereniging (Malan, 2002a; Wasserman, 2002). Die diskoers word verder voortgesit op 'n spesiaal-ingerigte ruimte, *Boekindaba*, op die elektroniese joernaal *LitNet* (2002) en tydens die Boekebelangeberaad op die Aardklop Kunstefees in 2002 (Malan, 2002b); die gesprekstema “Die laaste (Afrikaanse) boek” as deel van die *Die Burger*-lesingsreeks op die Klein Karoo Nasionale Kunstefees in 2003 (Nel, 2003; Stassen, 2003); en die Verteenwoordigende Afrikaanse Beraad oor Skrywers- en Boekesake op Potchefstroom in 2003 (Malan, 2003a; Grundling, 2003).

Uitsprake oor die stand van die produksie van Afrikaanse fiksie tydens dié debatte en in koerantberigte met sensasionele opskrifte berus dikwels op die persepsies van deelnemers en is nie op empiriese navorsing gegrond nie – die uitsondering is uitsprake deur Stassen (2003), Nel (2003) en Malan (2003b) wat verwys na die voorlopige produksiedata van hierdie ondersoek wat in 'n vroeër fase deur die navorser beskikbaar gemaak is (Venter & Galloway, 2002; 2003a; 2003b; 2003c). Binne dié konteks wil hierdie studie ook 'n bydrae maak tot die algemene diskoers rondom die Afrikaans boek, en spesifiek Afrikaanse fiksie (gerig op die volwasse mark), deur die beskikbaarmaking van volledige produksiedata wat wel op empiriese navorsing gegrond is – om 'n basis daar te stel vir toekomstige en voortdurende diskoers rondom 'n hoogs relevante tema in die Afrikaanse letterkunde, én die uitgewerybedryf en boekhandelbedryf waarbinne dié letterkunde geproduseer word.

Vervolgens word daar in hierdie afdeling 'n bespreking aangebied van die werkwyse wat gevolg is tydens die ontwikkeling van die *Produksiedatabasis van Afrikaanse Fiksie* (PDAF); die afbakening van die data wat ingesluit en uitgesluit is in die databasis; die eerste-vlak, tweede-vlak en derde-vlak-bronne wat benut is tydens die versameling, verifiëring en kategorisering van die data; die verifiëringsproses en kategoriseringsproses wat gevolg is; en die uiteindelijke verpakking van die databasis.

5.5.1 Werkwyse tydens die ontwikkeling van die PDAF

Die navorser het 'n inklusiewe en induktiewe (eerder as 'n eksklusiewe en deduktiewe) benadering gevolg tydens die versameling van data. Daar is gepoog om eerder meer as minder data te versamel vanuit die eerste-vlak-bronne en later die

relevante data uit die totaal te onttrek deur 'n proses van konsolidering en verifiëring aan die hand van tweede-vlak en derde-vlak-bronne. Die navorsingsontwerp kan verdeel word in vier fases: (i) 'n ondersoek na relevante bronne en die versameling van data vanuit hierdie bronne; (ii) die konsolidering van ingesamelde data; (iii) die kategorisering en verifiëring van die gekonsolideerde data; en (iv) die verpakking van die data in 'n soekbare en telbare elektroniese formaat.

5.5.2 Afbakening by die seleksie van relevante data – ingeslote en uitgeslote data

Die PDAF fokus op Afrikaanse fiksiepublikasies van 'n skeppende aard, wat gemik is op die volwasse mark en waarvan eerste uitgawes, heruitgawes en/of herdrukke tydens die periode 1990-2005 verskyn het. Die volgende oorhoofse kriteria het gegeld vir die insluiting en uitsluiting van data:

- Afrikaanse publikasies – Slegs publikasies waarvan die teks in Afrikaans is, is ingesluit. Publikasies wat vanuit 'n ander taal in Afrikaans vertaal is, is ingesluit (omdat die teks in Afrikaans is). Publikasies wat vanuit Afrikaans in 'n ander taal vertaal is, is uitgesluit (omdat die teks nie in Afrikaans is nie).
- Fiksie van 'n skeppende aard – Slegs Afrikaans fiksiepublikasies is ingesluit, waarby alle (fiksie) genres (prosa, poësie en drama) en subgenres (soos byvoorbeeld romans, kortverhaalbundels, essaybundels, rubriekbundels, digbundels, versamelbundels en bloemlesings) ingesluit word. As kwalifiserende kriterium vir fiksie moes die publikasie van 'n skeppende of kreatiewe aard wees, met ander woorde nie feitelik nie maar uit die verbeelding van die outeur geskep. Fiksiepublikasies wat op werklike gebeure of navorsing gegrond is en waarvan die feitelike inligting tot vertelling gefiksionaliseer is en nie aanspraak maak op volkome feitelike inligting nie, is wel ingesluit. Biografiese en outobiografiese vertellings wat nie as feitelike biografie of outobiografie beskou en bemark is nie, is by die data ingesluit (in gevalle waar publikasies as biografiese nie-fiksie bemark is, is dit nie by die data ingesluit nie). Nie-fiksiepublikasies (soos byvoorbeeld self-help boeke, filosofiese boeke, kookboeke, kunsboeke, feitelike biografieë en outobiografieë en alle ander nie-fiksiepublikasies); akademiese publikasies

(soos literêre kritiek, publikasies oor literatuurbeskouing en kunsbeskouing, publikasies oor taalkunde en alle ander akademiese publikasies in ander vakgebiede); en opvoedkundige publikasies (soos vrae-en-antwoord boeke, publikasies oor taalkunde en letterkunde wat op onderrig gerig is en waarin die fiksieteks self nie opgeneem is nie, en alle ander skoolboeke) is uitgesluit. Enige soort opvoedkundige of akademiese publikasie waarin ’n enkele of meerdere Afrikaanse fiksietekste saam met of sonder ander opvoedkundige, akademiese of literêre kritiese tekste voorkom, is wel by die data ingesluit.

- Publikasies gerig op die volwasse mark – Slegs Afrikaanse fiksiepublikasies wat op die volwasse mark gerig is, is by die data ingesluit. Dit sluit fiksiepublikasies in wat gerig is op volwasse lesers in die algemene mark wat fiksie ernstig lees as kunsvorm of bloot vir ontspanning; asook sekondêre leerders en tersiêre studente wat fiksie as deel van hulle opleiding in die letterkunde bestudeer. Afrikaanse fiksiepublikasies wat gerig is op babas, kleuters, peuters, jong lesers, jeugdige, tieners, en/of sogenaamde “jong volwassenes” is by die data uitgesluit. Hierdie publikasies word met “J” (die sleutel vir “juvenile literature”) in die klasnommer-veld van die eerste-vlak-bronne aangedui en is op grond daarvan, asook kennis van die navorser oor hierdie publikasies, van die res van die data geskei. Die PDAF sluit dus nie Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur in nie (sien Snyman & Venter, 2004 vir ’n kwantitatiewe kartering van produksiepatrone van Afrikaanse kinder- en jeugprosa gedurende die periode 1990-2001). Publikasies wat primêr op die kinder- en jeugmark gerig is, maar ook deur die uitgewer bemark is as publikasies waarby volwasse lesers (as sekondêre mark) aanklank sal vind, is wel by die data ingesluit – daar bestaan egter net enkele van hierdie publikasies.
- Die periode 1990-2005 – Slegs Afrikaanse fiksiepublikasies wat vanaf 1990 tot 2005 verskyn het, is by die data ingesluit. Die periode 1990-2005 is as een van die soekstrategieë gebruik tydens die versameling van data. Die PDAF gee dus nie voor om ’n aanduiding te gee van produksie in hierdie produksiekategorie wat vóór 1990 of ná 2005 plaasgevind het nie.
- Eerste uitgawes, heruitgawes en/of herdrukke – Die International Standard Numbers (ISNs)-agentskap van Suid-Afrika, gesetel in die Nasionale Biblioteek (NLSA), reik die International Standard Book Number (ISBN) aan

Suid-Afrikaanse boekuitgewerye uit. Dit is unieke nommers waardeur boekpublikasies wêreldwyd geïdentifiseer kan word (Behrens, 2000:81). 'n Unieke ISBN word aan alle eerste uitgawes en heruitgawes van boekpublikasies toegeken (De Klerk, 2004). 'n Publikasie waar daar aan die inhoud, verpakking en/of aanbieding van die eerste uitgawe verander is, geld as heruitgawe. Elke publikasie met 'n unieke ISBN is as 'n unieke rekord by die PDAF ingesluit. 'n Herdruk kan gedefinieer word as 'n volgende oplaag (na die eerste oplaag en dus die eerste druk) van 'n eerste uitgawe of heruitgawe. Herdrukke word deur dieselfde ISBN van die betrokke uitgawe geïdentifiseer en daar word nie 'n unieke ISBN aan herdrukke toegeken nie (De Klerk, 2004). Derhalwe is herdrukke nie as aparte rekords by die PDAF ingesluit nie, maar as deel van die rekord van die betrokke uitgawe.

Afrikaanse fiksiepublikasies wat as eerste uitgawes of heruitgawes verskyn het sedert 1990, asook enige verdere drukke van eerste uitgawes en/of heruitgawes, kon direk uit die eerste-vlak-bronne opgespoor word en is dus by die data ingesluit. Publikasies wat vóór 1990 as eerste uitgawes verskyn het en wat ná 1990 heruitgawes beleef het, beskik oor 'n nuwe ISBN en is dus ook by die data ingesluit. Publikasies wat vóór 1990 as eerste uitgawes of heruitgawes verskyn het en waarvan herdrukke ná 1990 verskyn het, sou egter nie in die eerste-vlak-bronne opgespoor kon word met die periode-afbakening (1990-2005) as soekstrategie nie (want die herdrukke word in jare vóór 1990 by die inskrywings van die eerste of heruitgawes ingesluit). As kontrole is besluit om ook die periode-afbakening 1985-1989 by die versameling van data te betrek ten einde herdrukke ná 1990 van eerste uitgawes en/of heruitgawes sedert 1985 op te spoor. Fiksiepublikasies wat deur die uitvoering van hierdie kontrole opgespoor is, is dus wel by die data ingesluit. Enkele titels waarvan herdrukke ná 1990 verskyn het van eerste uitgawes en/of heruitgawes wat vóór 1985 verskyn het, is verder uit tweede-vlak-bronne opgespoor en ook by die data ingesluit. Die PDAF kan dus as volledig beskou word ten opsigte van ingeslote rekords van eerste uitgawes, heruitgawes en herdrukke wat verskyn het in die periode 1990-2005 (binne die beperkinge wat meegebring word deur die beskikbaarheid en beperkinge van die bronne waaruit dit saamgestel is). Die data word geanaliseer volgens die aantal eerste uitgawes en heruitgawes per produksiekategorie en per jaar, asook die aantal rekords waarvan

herdrukke verskyn het (let wel, die aantal herdrukke word nie vermeld nie, want dit sal nie statisties vergelykbaar wees met die aantal eerste uitgawes en heruitgawes nie).

5.5.3 Versameling van data uit eerste-vlak-bronne

In hierdie afdeling word die eerste-vlak-bronne wat benut is tydens die versameling van data bespreek. Die samestelling en ontstaan van die bronne; die formaat van die bronne; die onttrekking van data uit die bronne; asook die voordele en tekortkominge van die bronne vir die doeleindes van hierdie ondersoek, word vervolgens onder die loep geneem.

5.5.3.1 Die *Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie* (SANB)

Die enigste versamelde bron van bibliografiese inligting van resente Suid-Afrikaanse publikasies is die *Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie* (SANB – NLSA, 2003a). Die SANB bestaan uit rekords waarin bibliografiese inligting van Suid-Afrikaanse publikasies vermeld word en word saamgestel deur die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (NLSA). Die NLSA (2003b) is die resultaat van 'n amalgamasie tussen die twee voormalige nasionale biblioteke (die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad en die Staatsbiblioteek in Pretoria) gedurende 1999 en dit bestaan nou uit die Kaapstad-kampus en Pretoria-kampus. Die Wet op die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (Wet 92 van 1998 – Suid-Afrika, 1998b) bepaal dat die NLSA as deel van sy sleutelfunksies onder meer 'n volledige versameling van gepubliseerde dokumente (hetsy plaaslik geproduseer of internasionale publikasies oor Suid-Afrika) sal opbou; dit in stand sal hou en sal bewaar; en dit as deel van die nasionale bibliografie sal lys (NLSA, 2003c). Die NLSA tree dus op as die nasionale bibliografiese agentskap en verseker nasionale bibliografiese beheer (Behrens, 2000:66). Albei kampusse van die NLSA dien as twee van die pligleweringsbiblioteke en die nasionale bewaringsbiblioteek van Suid-Afrika. Die bibliografiese inligting wat in die SANB georden word, word versamel gedurende die ontsluitingsproses van pligeksemplare en gepaardgaande inligting wat saam met die pligeksemplare by die NLSA (Pretoria-kampus) ingelewer word.

(a) Samestelling van die SANB en die Wet op Pliglewering

Pliglewering kan breedweg gedefinieer word as “[...] a government provision which compels producers of all types of publications to deposit a certain number of copies of each publication in designated libraries or similar institutions” (Jasion aangehaal in Lor & Cillié, 1999:45). Die doel daarvan is om ’n volledige versameling van die intellektuele en kulturele erfenis van ’n land op te bou, te bewaar en vir die hede en toekoms beskikbaar te maak (Rugaas aangehaal in Lor, 1995:96; Behrens, 2000:132). Volgens Lor (1995:94-95), voormalige direkteur van die NLSA en voorsitter van die (Suid-Afrikaanse) Komitee van Pligleweringsbiblioteke, kan die praktyk van pliglewering teruggevoer word na so vroeg as 1537: “soon after the invention of printing with movable type in Western Europe, mainly as a means of exercising censorship, as a means of licensing printers and providing them with protection against piracy (copyright protection), or as a means of enriching the ruler’s own library [...]”. Die geskiedenis van pliglewering in Suid-Afrika kan teruggespoor word na 1842 toe die Britse Wet op Outeursreg van toepassing gemaak is op die hele Britse Ryk. Ná 1961 is pliglewering in die Republiek van Suid-Afrika deur Artikel 46 van die Wet op Outeursreg (Wet 63 van 1965 – Suid-Afrika, 1965) omskryf (Lor & Cillié, 1999:45). Met die ondertekening van die internasionale Bern Konvensie, waarin pliglewering nie as voorwaarde van die beskerming van outeursreg beskou word nie, is die historiese verband tussen pliglewering en outeursreg ontbind en het die Wet op Pliglewering van Publikasies (Wet 17 van 1982 – Suid-Afrika, 1982) ontstaan (Lor, 1995:95; Lor & Cillié, 1999:45) – dit is in 1997 gewysig en deur ’n nuwe wet vervang wat op 1 Julie 1998 van krag geword het.

Die Wet op Pliglewering (Wet 54 van 1997 – Suid-Afrika, 1997a) verplig alle Suid-Afrikaanse uitgewerye om: (i) ’n voorgeskrewe aantal eksemplare (’n maksimum van vyf eksemplare); (ii) van elke dokument wat in Suid-Afrika uitgegee word en bedoel is vir die vrylike beskikbaarheid aan die publiek (hetsy deur verkope van die publikasie of die gratis verspreiding daarvan); (iii) of van dokumente wat in die buiteland geproduseer is vir ’n Suid-Afrikaanse uitgewery; (iv) of vir die Suid-Afrikaanse mark aangepas is en ingevoer word en bedoel is vir verspreiding in Suid-

Afrika; (v) by die voorgeskrewe amptelike pligleweringsbiblioteke in te handig; (vi) binne 'n periode van veertien dae nadat die dokument uitgegee is (Suid-Afrika, 1997). Die volgende biblioteke dien as amptelike plekke van pliglewing vir boekpublikasies: (i) die Mangaung Openbare Biblioteek in Bloemfontein; (ii) die Parlements-biblioteek in Kaapstad; (iii) die Msunduzi Munisipale Biblioteek in Pietermaritzburg; (iv) die Kaapstad-kampus van die NLSA; en (v) die Pretoria-kampus van die NLSA. Oudiovisuele materiaal word gepliglewer by die Nasionale Film-, Video- en Klankargief in Pretoria. Uitgewerye word verder deur die wet verplig om inligting van elke dokument in 'n voorgeskrewe formaat by wyse van 'n amptelike vorm aan die NLSA se Pretoria-kampus te verskaf.

Die Wet op Pliglewing (Suid-Afrika, 1997a) maak wel in Artikel 5 voorsiening vir aansoeke om vrystelling van pliglewing wat onderhewig is aan die goedkeuring van die Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie (die portefeulje is intussen geskei toe die voormalige Departement verdeel is in die Departement van Kuns en Kultuur en die Departement van Wetenskap en Tegnologie). Sou die vrystelling toegestaan word, word die uitgewery steeds verplig om die voorgeskrewe inligting oor die betrokke dokument aan die Pretoria-kampus van die NLSA te verskaf. Alhoewel dit nie só in die Wet self omskryf word nie, is die Pligleweringsregulasies (Suid-Afrika, 1998c) sedert 1998 ingestel wat ten opsigte van boeke bepaal dat: (i) enige soort uitgawe van 'n boekpublikasie met 'n oplaag van minder as 20 eksemplare, vrygestel word van pliglewing; (ii) van enige soort uitgawe van 'n boekpublikasie met 'n oplaag van tussen 20 en 99 eksemplare, slegs een pligeksemplaar aan die Kaapstad-kampus van die NLSA gelewer moet word; (iii) van eerste en heruitgawes (“standaard uitgawes”) van 'n boekpublikasie met 'n oplaag van meer as 100 eksemplare, vyf pligeksemplare gelewer moet word (een aan elke plek van pliglewing); (iv) van luukse uitgawes van 'n boekpublikasie met 'n oplaag van meer as 100 eksemplare, slegs een pligeksemplaar aan die Kaapstad-kampus van die NLSA gelewer moet word; en (v) van herdrukke van enige soort uitgawe van 'n boekpublikasie met 'n oplaag van meer as 100 eksemplare, slegs een pligeksemplaar aan die Pretoria-kampus van die NLSA gelewer moet word (Regulasie 8). In al die genoemde gevalle is die voorgeskrewe inligting aan die Pretoria-kampus steeds 'n verpligting (Regulasie 10).

Artikel 1 van die Wet op Pliglewering (Suid-Afrika, 1997a) verwys na die term “dokument” (eerder as “publikasie”) waarby “enige voorwerp wat bedoel is om inligting in tekstuele, grafiese, visuele, ouditiewe of ander verstaanbare formaat deur middel van enige medium te bewaar of oor te dra” ingereken word en “enige weergawe of uitgawe van ’n dokument wat aanmerklik verskillend is van daardie dokument ten opsigte van sy inhoudelike inligting, verstaanbaarheid of fisiese aanbieding, word geag ’n afsonderlike dokument te wees”. “Dokument” sluit dus nie slegs gedrukte publikasies in nie, maar ook publikasies in elektroniese of oudiovisuele formaat. Tans word slegs statiese elektroniese dokumente (soos byvoorbeeld CD-ROM’s) aan pliglewering onderwerp, terwyl daar nog onsekerheid bestaan oor hoe dinamiese elektroniese dokumente (materiaal wat voortdurend verander soos intydse publikasies op die Internet) gepliglewer kan word (Behrens, 2000:134). Lor & Cillie (1999:46) meld dat “[...] in die geval van boeke en ander meer konvensionele gedrukte en oudiovisuele materiaal, moet herdrukke en hersiene uitgawes as afsonderlike dokumente beskou word en is [beide variasies] gevolglik onderwerpe aan pliglewering”.

Die plekke van pliglewering word deur Artikel 7(1) van die Wet op Pliglewering (Suid-Afrika, 1997a) verplig om gepliglewerde materiaal te ontsluit, in stand te hou, te bewaar as deel van die nasionale erfenis, te katalogiseer of inventariseer daarvan op te stel, en die vryheid van toegang tot die materiaal deur die publiek te verseker. Artikel 7(2) verplig die Pretoria-kampus van die NLSA om ’n nasionale bibliografie saam te stel en om statistiek van Suid-Afrikaanse produksie na aanleiding van pligeksemplare saam te stel. Deur hierdie bepaling word die basiese vereiste van nasionale bibliografiese beheer verseker (Behrens, 2000:132). Die SANB-afdeling van die NLSA is gesitueer by die Pretoria-kampus van die NLSA en dien ook as die nasionale bibliografiese agentskap. Een van elk van die vyf pligeksemplare word hier ontsluit en in die versameling opgeneem en as deel van die ontsluitingsproses word bibliografiese inligting van die publikasie tot die SANB toegevoeg. Die ander pligeksemplare word by ander pligleweringsbiblioteke ontsluit en gekatalogiseer en in hulle versamelings bewaar. Susan Battison (2004 en 2006), projekteier van die SANB, wys daarop dat die SANB hoofsaaklik verteenwoordigend is van pligeksemplare wat deur die Pretoria-kampus van die NLSA ontvang is en die inligting oor luukse uitgawes wat by die Kaapstad-kampus ingelewer word – die

SANB-afdeling koördineer dus nie inligting oor alle pligeksemplare (soos die wat by ander plekke van pliglewering ingelewer word) tydens die opstel van die SANB nie.

Artikel 9 van die Wet op Pliglewering (Suid-Afrika, 1997a) bepaal dat uitgewerye wat versuim om pligeksemplare en die gespesifiseerde inligting te lewer onderhewig is aan vervolging en dat 'n boete van tot R20 000 teen dié uitgewerye opgelê kan word. Die Wet voorsien ook daarin dat uitgewerye wat nie hulle pliglewerings-verantwoordelikheid nakom nie, aangemaan kan word om binne dertig dae dié verantwoordelikheid na te kom; en dat die plek van pliglewering na die verstryking van die periode die publikasies kan aankoop en die koste van die uitgewery kan verhaal (Artikel 10). In die praktyk word daar nie gereeld uitvoering aan die bepalings van hierdie artikels gegee nie (Battison, 2004). Die enigste openbare voorbeeld van vervolging van die versuim om te pliglewer, en die eerste sedert die bestaan van pliglewering in Suid-Afrika, is die hofgeding van 1993-1997 tussen die voormalige Suid-Afrikaanse Biblioteek en die kunstenaar/uitgewer Pippa Skotnes oor die pliglewering van haar kunsboek *Sound from the thinking strings* (Westra, 1997: 42; *Die Burger*, 12.05.97:8). Skotnes het aangevoer dat die boek 'n oorspronklike kunswerk is en nie as 'n “publikasie”, soos dit deur die vorige Wet omskryf is, beskou kan word nie; maar die Appèlhof het in die derde hofsak bevind dat dit wel “'n gedrukte werk” en onderhewig aan pliglewering is (*Beeld*, 21.04.97:7). Die drie hofsake het die begrip “publikasie” getoets en daarom is dit met “dokument” in die huidige Wet vervang (sien hierbo).

'n Ondersoek na die effektiwiteit van pliglewering val buite die bestek van hierdie studie, maar is wel tans onderweg (vergelyk Penzhorn, 2004). Nietemin, is dit moontlik om deur hierdie studie statistiek bekend te maak in terme van die persentasie gepliglewerde Afrikaanse fiksiepublikasies wat spesifiek gedurende die periode 1990-2003 uitgegee is. (Omdat die data vir die periode 2004-2005, wat by hierdie studie ingesluit word, nie uit die SANB afkomstig is nie, kan die effektiwiteit van pliglewering slegs bepaal word vir die periode 1990-2003.) Van die totale aantal relevante rekords wat by die PDAF ingesluit is vir die periode 1990-2003, is 86,81% wel gepliglewer. Dit is moontlik dat sommige rekords van die oorblywende 13,19% ook gepliglewer is, maar nog nie deur die NLSA ontsluit is nie. Ten opsigte van

Afrikaanse fiksiepublikasies (gerig op die volwasse mark) is pliglewering dus wel relatief effektief.

(b) Ontstaan van ’n nasionale bibliografie

Die totstandkoming van ’n nasionale bibliografie van Suid-Afrikaanse publikasies was die selfopgelegde en onselfsugtige taak van hoofsaaklik een man. Die eerste Suid-Afrikaanse bibliografie was waarskynlik C.A. Fairbridge en J. Noble (1886) se *Catalogue of books relating to South Africa* wat 560 rekords bevat het (Suid-Afrikaanse Biblioteek, 1979:x). Hierdie katalogus is deur die pioniersversamelaar en bibliograaf van Africana, Sidney Mendelssohn (1860-1917), as basis gebruik om ’n indrukwekkende versameling van boeke oor Sentraal- en Suider-Afrika op te bou. In 1904 doen Mendelssohn mee aan die organisasie van die eerste konferensie van Suid-Afrikaanse bibliotekarisse wat uitloop op die versugting om ’n omvattende katalogus van Africana saam te stel. Mendelssohn verhuis daarna na Londen en vir die daaropvolgende ses jaar wy hy sy dae aan dié groot taak (Brody, 1998). Hy gebruik die gedetailleerde notas wat hy gedurende die opbou van sy versameling bygehou het en katalogiseer verder sy eie Suid-Afrikaanse versameling asook relevante internasionale publikasies in die versamelings van die British Museum, Londen; die Royal Commonwealth Society, Londen; die Library of Congress in Washington, D.C.; die Koninklijke Bibliotheek, Den Haag; die Bibliothèque Nationale, Parys; die eertydse Prussian State Library, Berlyn; die Fairbridge-versameling, Kaapstad; die voormalige Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad; en die Openbare Biblioteek, Port Elizabeth (Suid-Afrikaanse Biblioteek, 1979:xii; Brody, 1998). In 1910 verskyn Mendelssohn se monumentale *South African Bibliography* in twee volumes wat 2 000 bladsye beslaan en inskrywings van meer as 7 000 rekords bevat in ’n oplaag van 500 eksemplare. In 1957 is ’n faksimilee uitgawe met ’n beperkte oplaag van ’n verdere 500 eksemplare herdruk, verdere drukke het gevolg in 1968 en 1995 (Behrens, 2000:140; Brody, 1998). Dit was die begin van ’n amptelike Suid-Afrikaanse nasionale bibliografie. Tot sy dood in 1917 gaan Mendelssohn voort met versameling en katalogisering en laat sy volledige versameling en ses tikskrifte van gekatalogiseerde rekords, “Additions to Mendelssohn”, aan die Parlement van die Unie van Suid-

Afrika na – dit vorm vandag deel van die Parlementsbiblioteek in Kaapstad se Mendelssohn-versameling (Suid-Afrikaanse Biblioteek, 1979:xii; Brody, 1998).

(c) Formaat van die SANB

Ná Mendelssohn se bibliografie volg 'n *Suid-Afrikaanse bibliografie tot die jaar 1925*, 'n *hersiening van en byvoegsel tot Sidney Mendelssohn se South African bibliography (1910)* – die akroniem SABIB word algemeen gebruik. In 1960 het die voormalige Suid-Afrikaanse Biblioteek begin om Mendelssohn se bibliografie te hersien en nuwe rekords by te voeg. Die eerste vier volumes verskyn in 1979 en sluit rekords vanaf die vroegste tye tot 1909 ongeag plek van uitgawe (ongeveer 7 000 uit Mendelssohn se bibliografie asook rekords wat hy nie ingesluit het nie); en addisionele rekords vanaf 1910 tot 1925 wat in Suid-Afrika uitgegee is in (Suid-Afrikaanse Biblioteek, 1979:x-xviii). Die vyfde volume verskyn in 1991 as byvoegsel tot die reeks en bevat 'n verdere 3 086 nuwe rekords en korreksies tot inskrywings in die eerste vier volumes (Suid-Afrikaanse Biblioteek, 1991b). Die sesde volume volg in 1997 met gedetailleerde indekse. Die SABIB bestaan in geheel uit ongeveer 35 000 rekords wat tot 1925 uitgegee is (Behrens, 2000:140-141).

Die *Retrospektiewe Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie vir die periode 1926-1958* (RSANB) verskyn in 1985 in twee volumes. Dit bevat rekords wat in Suid-Afrika en Namibië tussen 1926 en 1958 uitgegee is. Die versameling van pligeksemplare van die voormalige Staatsbiblioteek is as basis geneem en addisionele bibliografieë is gebruik om byvoegings te maak. Dit is nie só volledig soos die SANB nie, aangesien dit nie publikasies in Afrikatale, publikasies deur die staat en die titels van tydskrifte bevat nie. Die eerste volume bestaan uit die bibliografiese rekords, alfabeties georganiseer volgens outeursname, en die tweede volume bevat 'n gedetailleerde alfabetiese indeks volgens outeurs, redakteurs, samestellers, vertalers, illustreerders, reekse en titels (Behrens, 2000:140).

Die SANB verskyn sedert 1959 per jaar in gedrukte-formaat, in drie sagteband kwartaallikse volumes en 'n vierde hardeband volume waarin die rekords van die drie vorige kwartale saam met die vierde kwartaal se rekords gekumuleer is. Dit bevat

rekords wat gedurende die lopende en voorafgaande twee jaar uitgegee is en waarvan die NLSA pligeksemplare ontvang het. Die bibliografiese beskrywings wat daarin vervat is, is deur die katalogiseerders van die NLSA opgestel volgens die tweede uitgawe, 1988-hersiening van die *Anglo-American cataloguing rules* (AACR2) (Staatsbiblioteek, 1998:viii). Die rekords is geklassifiseer volgens die 21ste en 22ste uitgawe van die *Dewey Decimal Classification*-klassifikasiesistelsel (DDC21, 1996; DDC22, 2003 – sien 5.6.1.1), eersgenoemde uitgawe is sedert Maart 1997 gebruik (Staatsbiblioteek, 1998:viii) en in 2004 is oorgeskakel na laasgenoemde uitgawe (Battison, 2006). Vir Afrikatale en Afrikatalige letterkunde word die Dewey-klassifikasiesistelsel saam met ’n spesiale skedule, opgestel deur D. Fivaz en P.E. Scott, gebruik. Dit is georganiseer volgens hoofinskrywings (gerangskik volgens die Dewey-klasnommers) en bevat ook ’n alfabetiese indeks (wat toegang verleen tot die volledige inskrywing via titel, outeursname, medewerkers, vertalers, redakteurs, samestellers en illustreerders) en ’n aparte onderwerpsindeks (Staatsbiblioteek, 1998:viii). Die SANB in gedrukte-formaat is dus nie georden volgens die publikasiedatums van rekords nie, omdat dit opgestel en beskikbaar gestel is soos pligeksemplare ontvang is.

Die SANB in gedrukte-formaat bevat tabelle met produksiestatistiek wat ingedeel is volgens die Unesco Onderwerpindelings (Staatsbiblioteek, 1997:xvi, Tabel I). Die aantal eerste uitgawes, heruitgawes en herdrukke van elke kategorie van soorte onderwerpe (Staatsbiblioteek, 1997:xvii, Tabel II), asook die aantal eksemplare van elke uitgawe en druk (Staatsbiblioteek, 1997:xviii, Tabel III), word volgens die Unesco Onderwerpindeeling 30 (“Letterkunde in die algemeen”) vir die totale aantal rekords van letterkunde in alle tale wat in die betrokke volume van die SANB ingesluit is, aangedui. Hierdie tabelle toon dus nie produksiestatistiek vir spesifiek Afrikaanse letterkunde aan nie, maar slegs vir Suid-Afrikaanse letterkunde as geheel, en dié statistiek is nie noodwendig ’n weerspieëling van produksie in die betrokke jaar nie. Die statistiek word verder afgebreek per taal volgens die totale aantal uitgawes, herdrukke uitgesluit (Staatsbiblioteek, 1997:xix-xx, Tabel IV); die totale aantal eksemplare van oplaes, herdrukke ingesluit (Staatsbiblioteek, 1997:xxi-xxii, Tabel V); die totale aantal vertaalde publikasies in en uit verskillende tale (Staatsbiblioteek, 1997:xxiii-xxiv, Tabel VI). Maar, behalwe vir die reeds genoemde tekortkominge, is dié produksiesyfers ook nie verdeel volgens genres nie en daar word ook nie

onderskei tussen kinder- en jeugliteratuur en fiksiepublikasies gerig op die volwasse mark nie.

Die laaste volume van die SANB in gedrukte-formaat het in 1999 verskyn (Behrens, 2000:137). In 1999 word die SANB oorgeskakel in elektroniese formaat met die voordeel dat toegang daartoe deur verskeie soekstrategieë (óók volgens die publikasiedatums van rekords) vergemaklik is. Dit is tans beskikbaar deur verskillende elektroniese bronne: as elektroniese katalogus op die NLSA-webwerf (NLSA, 2003a); op CD-ROM as deel van National Inquiry Service Centre (NISC) se *South African Studies* databasisse; op NISC se BiblioLine op die Internet; en deur SABINET Online se SABICat databasis (Behrens, 2000:137). By die elektroniese SANB is rekords sedert 1981 ingesluit wat oorgeskakel is vanaf die gedrukte-formaat en die RSANB (1926-1958) is ook daarby geïnkorporeer. Die oorskakeling van die SANB volumes in gedrukte-formaat vir die periode 1959 tot 1980 is volgens Battison (2004) deel van die NLSA se ontwikkelingsplanne, maar begrotingstekorte en besnoeiings het tot dusver die beskikbaarheid van die nodige mannekrag gekortwiek.

Die mees resente weergawe van die SANB (NLSA, 2003a) as 'n databasis in elektroniese formaat bevat die volgende inligtingsvelde (die soort inligting wat in elke veld voorkom, word in hakies verduidelik):

- Titel-veld (die volledige titel van die rekord en die outeur se naam en van; besonderhede van vertalers en illustreerders word ook in toepaslike gevalle hierin aangetoon).
- Outeur-veld (die outeur van die rekord se van, gevolg deur sy/haar naam, asook die geboorte- en sterfdatum).
- Uitgawe-veld (die uitgawe van die rekord word as “1ste”, “2de”, of verdere uitgawes en soms as “sagtebanduitgawe” vermeld; indien hierdie veld in 'n spesifieke rekord leeg is, impliseer dit die eerste uitgawe van die betrokke rekord).
- Nota-veld (enige bykomende inligting wat as nota in die publikasie vermeld is, word in hierdie veld aangetoon; asook die aantal drukke en datums van die drukke wat die publikasie beleef het en wat op die kolofon-bladsy van die publikasie vermeld is; in die geval van vertalings of geïllustreerde publikasies word die vertaler of illustreerder se naam en van ook hier aangedui).

- Uitgewery-veld (die plek van uitgawe, die naam van die uitgewery en die datum van die spesifieke uitgawe – hetsy eerste of heruitgawe –, let wel, datums van herdrukke word nie hier aangedui nie).
- ISN-veld (die internasionale standaardnommer, die ISBN in die geval van boeke, word hier vermeld asook die handelsprys van die spesifieke uitgawe; indien die prys van herdrukke verskil, word die prys van die verskillende herdrukke by die inligting oor herdrukke in die nota-veld vermeld).
- Onderwerp-veld (breër onderwerpskategorieë, na aanleiding van internasionale saakhoofde soos bepaal deur die Library of Congress, word in hierdie veld aangetoon, byvoorbeeld “short stories”, “Afrikaans poetry”, “Afrikaans drama”; die veld is egter dikwels leeg).
- Klasnommer-veld (’n klasnommer gebaseer op die Dewey-klassifikasiesstelsel word in hierdie veld aangedui; dié klasnommer word toegeken volgens die reëls van die Dewey-klassifikasiesstelsel wat die onderwerp van die publikasie as uitgangspunt neem; onderwerpe is in bepaalde klasse en subklasse verdeel en gekoppel aan ’n numeriese kode (sien 5.6.1.1)).
- Taal-veld (die taal waarin die publikasie uitgegee is, byvoorbeeld Afrikaans, Engels, isiXhosa of isiZulu).
- Ontsluitingsdatum-veld (hierin word die datum verskaf waarop die publikasie in die SANB opgeneem is, met ander woorde die datum van ontsluiting).
- Land-veld (die land waarin die publikasie uitgegee is; hierdeur word aangedui of dit ’n publikasie is wat in Suid-Afrika geproduseer is of een wat oorsee vir die Suid-Afrikaanse mark of oor Suid-Afrika geproduseer is).
- Alternatiewe outeur-veld (indien daar meer as een outeur by ’n publikasie betrokke was, word die bykomende outeurs in hierdie veld vermeld, byvoorbeeld by saamgestelde publikasies waar meer as een samesteller se naam vermeld word; let wel, indien tekste deur meer as een outeur in die samestelling opgeneem is, word die verskillende outeurs van die tekste nie vermeld nie, slegs die samestellers).
- Bykomende titel-veld (by publikasies met bykomende titels of bytitels word dit in hierdie veld aangedui).
- Fisiese beskrywing-veld (’n fisiese beskrywing van die publikasie, in terme van die aantal bladsye, die grootte van die publikasie uitgedruk in sentimeter,

'n aanduiding daarvan indien illustrasies in die publikasie voorkom en in sommige gevalle die aantal illustrasies).

- Reeks-veld (indien die publikasie deel vorm van 'n reeks word 'n aanduiding daarvan in hierdie veld gegee; dié inligting word egter nie konsekwent vermeld nie).

(d) Onttrekking van data oor Afrikaanse fiksiepublikasies uit die SANB

Data oor Afrikaanse fiksiepublikasies is elektronies uit die SANB onttrek deur Battison, 'n professionele biblioteekkundige. Dié onttrekking het staatgemaak op twee soekstrategieë, eerstens volgens Dewey-klasnommer (sien 5.6.1.1) en tweedens volgens publikasiedatum in die periode-afbakening 1990-2003. Hierdie onttrekkings het plaasgevind gedurende die periode 30 Julie 2002 tot 19 Augustus 2002, weer op 17 September 2002 en laastens op 4 September 2003. Hierdeur is gepoog om die volledigheid van die data te verhoog, in terme van pligeksemplare wat tussen die verskillende datums waarop onttrekking gedoen is deur die SANB ontsluit is. Omdat daar 'n groot agterstand met die ontsluiting van gepliglewerde publikasies bestaan (sien hieronder), is die SANB slegs relatief volledig tot 2001 (Battison, 2006). Daarom is die SANB nie in 2006 as bron benut vir die byvoeging van data vir die periode 2004-2005 nie. Die data is in ASCII-formaat aan die navorser verskaf en is daarna deur 'n programmeerder in Microsoft Excel®-formaat oorgeskakel. Van die totale aantal relevante rekords wat in die PDAF ingesluit is vir die periode 1990-2003, is 3 836 rekords (86,81%) afkomstig vanaf die SANB. Tydens die samestelling van die mees resente weergawe van die prototipe PTD is die volledige SANB vir die periode 1985-2005 as eerste-vlak-bron gebruik. Data oor Afrikaanse fiksiepublikasies is ook uit die PTD onttrek en is vergelyk met die SANB data in die PDAF – daardeur is gepoog om die volledigheid van die ingeslote data vir die periode 1990-2003 verder te verhoog.

(e) Voordele van die SANB as bron van produksiedata

Die grootste voordeel van die SANB as bron van produksiedata is dat dit die mees omvattende versamelde bron is. Dit is dus met ander woorde meer verteenwoordigend

van alle bibliografiese rekords van 'n produksiekategorie as byvoorbeeld 'n enkele uitgewery se katalogus(se), die katalogus van 'n enkele biblioteek (wat nie noodwendig alle publikasies aankoop nie), of die bibliografiese inligting in literatuurgeskiedenis (wat slegs melding maak van die gekanoniseerde publikasies wat daarin bespreek word en dikwels nie volledige bibliografiese inligting verskaf nie – soos aangedui in 5.4).

(f) Tekortkominge van die SANB as bron van produksiedata

Daar bestaan die volgende tekortkominge van die SANB as bron van produksiedata:

- In sy bestaande formaat is die SANB nie bruikbaar vir die bepaling van produksietendense nie, hoofsaaklik omdat dit as hulpmiddel vir bibliotekarisse georganiseer word en nie vir navorsers van boekproduksie nie (Van Rooyen, 1996:8). Die SANB in gedrukte-formaat is georganiseer volgens die datum van pliglewering en nie volgens die publikasiedatum nie, dus is dit byvoorbeeld nie moontlik om direk daaruit te bepaal hoeveel publikasies in 'n bepaalde jaar uitgegee is nie.
- Die produksiestatistiek van aantal uitgawes en oplaes wat in die SANB in gedrukte-formaat aangedui word, is volgens die datum van pliglewering georganiseer en nie die publikasiedatum nie en daarom nie bruikbaar as statistiek van boekproduksie nie. Verder word dit ook nie volgens genres of produksiekategorieë verdeel nie. 'n Nota in die bron self betwyfel die akkuraatheid: “Die akkuraatheid van die volgende syfers ten opsigte van oplaes is afhanklik van die opgawes verstrek deur uitgewers. Sommige uitgewers versuim om oplaes van hulle boeke te verstrek, wat meebring dat volledige syfers nie beskikbaar is nie [...]” (Staatsbiblioteek, 1997: xvi). Die SANB in elektroniese formaat verskaf tans geen produksiestatistiek nie en voldoen dus nie aan die bepalings van Artikel 7(2b) van die Wet op Pliglewering (Suid-Afrika, 1997a) nie. Battison (2004 en 2006) dui aan dat produksiestatistiek vir die periode 2002-2005 wel beskikbaar is, maar dat dit slegs 'n skatting is en die akkuraatheid daarvan belemmer word deur die agterstand met die ontsluiting van pligeksemplare. Daar word beplan om dit later in 2006 op die NLSA se webwerf beskikbaar te maak.

- Soos reeds te kenne gegee, bestaan die SANB slegs uit rekords waarvan pligeksemplare by die Pretoria-kampus van die NLSA ingehandig is. Wanneer uitgewerye versuim om pligeksemplare in te lewer, verskyn daar dus geen rekord van die publikasie in die SANB nie. Hierdie feit het kennelik belangrike implikasies vir die volledigheid van die SANB as bron vir navorsing oor die produksie van publikasies. Die NLSA koop ook publikasies aan wat opgeneem word in hulle versameling en wat benut word in veral die naslaan-afdeling deur gebruikers van die biblioteek. Rekords van aangekoopte publikasies verskyn wel op die NLSA se katalogus maar vorm nie deel van die SANB nie (Battison, 2004).
- Daar bestaan 'n agterstand by die SANB ten opsigte van die ontsluiting van pligeksemplare. Battison (2004 en 2006) toon aan dat die SANB relatief volledig is tot slegs 2001. Verder meld sy dat Afrikaanse fiksiepublikasies van die makliker ontsluitbare publikasies is en dat dit dikwels voorrang geniet. Die bestaande agterstand is dus in 'n mindere of meerdere mate van toepassing op publikasies wat verskyn het in die periode 2002-2003.
- Die NLSA het tans ook nie 'n stelsel in plek waarvolgens die uitreiking van ISBNs konsekwent met ontvangde pligeksemplare vergelyk word nie. Tienie de Klerk (2004), projekteier van die ISN-agentskap, meld egter dat dit deel van ontwikkelingsplanne is om die elektroniese ISBN-databasis en ontsluitingsafdeling van die NLSA met mekaar te verbind en daardeur 'n stelsel in plek te stel waarvolgens uitgewerye meer noukeurig aangemaak sal kan word ten opsigte van nie-gepliglewerde publikasies.

In die strewe na die omseiling van een van die basiese tekortkominge van die SANB as bron van produksiestatistiek, naamlik dat die SANB slegs verteenwoordigend is van gelewerde pligeksemplare wat reeds ontsluit is, het die navorser 'n tweede eerstevlak-bron gebruik. Die doel was om 'n databasis van produksiestatistiek te ontwikkel wat op meer as een eerste-vlak-bron staatmaak waardeur die volledigheid van die data verhoog is.

5.5.3.2 Publikasiekatalogus van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN)

Die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN), die “tuiste van die Afrikaanse skrywer en boek, skatkamer van die Afrikaanse letterkunde”, in Bloemfontein “versamel alle tipes en kategorieë relevante materiaal en inligting wat in verband staan met Afrikaanse skeppende literatuur en alle rolspelers wat daarby betrokke is” (NALN, 2004). Hulle fokus op die Afrikaanse letterkunde, toneel en musiek en is ook betrokke by die vestiging van ’n Sesotho Letterkundige Museum (Liebenberg, 1999). NALN se versamelings sluit in: boeke, van literêre boeke tot ontspanningsliteratuur (daar word onderskei tussen bewaringseksemplare as museumartefakte en die gebruiksvorraad van die diensbiblioteek); gepubliseerde en ongepubliseerde manuskripte en variante daarvan, asook die korrespondensie en verwante dokumente tussen alle rolspelers tydens die proses wat die manuskrip tot boek omvorm (in sommige gevalle die volledige argiewe van uitgewerye, soos die van die eertydse HAUM-Literêr en Taurus; die argief uit die beginjare van J.L. van Schaik; en ’n argief met manuskripvariante van Queillierie en Tafelberg); tydskrifte en koerante, insluitend vak- en akademiese tydskrifte en algemene tydskrifte; koerant- en tydskrifknipsels rakende die Afrikaanse letterkunde in die wydste sin as deel van die knipselversameling en knipseldiens; oudiovisuele materiaal soos fotografiese rekords, films, video’s, en klankopnames op plaat, spoelband, kasset en CD; meubelment, persoonlike besittings, die boekerye en ander museumartefakte van Afrikaanse skrywers, toneelspelers en musici (NALN, 2004). As deel van die museum-afdeling word artefakte versamel, ontsluit, bewaar en uitgestal. Die navorsingsentrum streef daarna om ’n eenstopinligtingsdiens aan gebruikers te lewer deur die beskikbaarstelling van alle versamelings, en om as deel van die knipseldiens, inligting aan gebruikers dwarsdeur die land te verskaf (Liebenberg, 2002).

NALN besit waarskynlik dié volledigste versameling Afrikaanse skeppende literatuur en streef daarna om eksemplare van elke uitgawe en druk van ’n titel in die versameling op te neem en te bewaar. Dit sluit ook spesiale uitgawes, skooluitgawes, grootdrukuitgawes, hardeband- en sagtebanduitgawes, vertalings in Afrikaans en so ver moontlik vertalings uit Afrikaans in. Hulle volg “’n inklusiewe en nie-

kanoniserende” benadering (NALN, 2004) en sluit dus buiten Afrikaanse fiksiepublikasies, ook akademiese publikasies oor die letterkunde en Afrikaanse publikasies in ander vakgebiede (soos byvoorbeeld geskiedenisboeke) by hulle versameling in.

(a) Ontstaan van ’n bibliografie van Afrikaanse boeke as begin van NALN se publikasiekatalogus

In 1936 besluit prof. Petrus (P.J.) Nienaber en sy broer prof. Gawie (G.S.) Nienaber om ’n volledige geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde te skryf. Vinnig kom hulle voor die problematiek te staan dat daar weinig van die Afrikaanse boeke wat vóór 1900 uitgegee is in biblioteke beskikbaar is. Uit noodsaak onderneem hulle ’n reis saam dr. F.C.L. Bosman en begin om die ou boeke en ander geskrifte vanaf solders, motorhuise en private boekerye in die Boland, veral in die omgewing van die Paarl en Dal Josafat, te versamel (Nienaber aangehaal in Smit, 1985b:29-34). Dít was die begin van Nienaber se loopbaan as professionele versamelaar en dokumenteerder van die Afrikaanse letterkunde. Terwyl hulle besig was met die geskiedskrywing van vóór 1900 het dit nodig geraak om ’n volledige lys van Afrikaanse boeke uit hierdie periode saam te stel – dít verskyn in *Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde Deel I* (1941). Met die werk aan die tweede deel (sedert 1900) kom hulle nogmaals voor ’n probleem te staan: dat daar geen volledige en betroubare katalogus van Afrikaanse letterkunde boeke beskikbaar is nie. Nienaber begin weer met die samestelling van ’n bibliografie waarby hy alle Afrikaanse publikasies (nie net letterkunde nie) insluit, hy gaan voort om dit by te hou ten opsigte van nuwe publikasies en sedert 1939 word dit jaarliks in die *Jaarboek* van die Afrikaanse Skrywerskring gepubliseer (Nienaber, 1943b:5). Hierdeur begin hy opbou aan die mees indrukwekkende private versameling van Afrikaanse boeke, tydskrifte en briewe nóg. Die Nienaber-versameling groei in só mate dat hy in 1947 spesiaal ’n nuwe huis laat bou met ’n brandvaste kelder-verdieping as bergplek vir die rekords – dié huis het die naam Libricellae (wat “boekkluis” beteken) gedra (Smit, 1985b:35). In Libricellae vestig hy die eerste dokumentasiesentrum vir die Afrikaanse letterkunde en bou hy versamelings van boeke, koerante, tydskrifte, knipsels uit die gedrukte media, manuskripte, en foto’s op, wat hy ook tot die beskikking van nagraadse studente stel. Dié eerste versameling van

ongeveer 15 000 rekords word in 1960 aan die Kaaplandse Provinsiale Biblioteek verkoop en in 1976 het die Kaaplandse Provinsiale Administrasie dit weer in permanente bruikhuur aan NALN geskenk. Teen 1970 het die tweede Nienaber-versameling sowat 20 000 boeke en 10 000 tydskrifte bevat (Smit, 1985b:42).

Daar het veral twee belangrike publikasiereekse uit Nienaber se versamelings en navorsing voortgespruit. Vir die samestelling van Nienaber se bibliografie katalogiseer hy sy eie versamelings; besoek hy die belangrikste boekwinkels oor die land; kry hy die samewerking van uitgewerye en bekom hy die biografiese besonderhede en opgawes van 1 250 skrywers se boeke. Deel 1 van die *Bibliografie van Afrikaanse boeke* verskyn in 1943 en bevat volledige bibliografiese rekords van alle Afrikaanse boeke wat gedurende die periode April 1861 – April 1943 uitgegee is, asook nuttige feite oor die ontwikkeling van die Afrikaanse uitgewerybedryf, ’n lys van uitgewerye, ’n lys van outeurs, die skuilname van outeurs, ’n titellys, ’n onderwerpslys en ’n kronologiese lys van letterkundige werke. Daarna volg die volgende dele: Deel 2, April 1943 – Oktober 1948 (1948); Deel 3, November 1948 – Oktober 1953 (1954); Deel 4, November 1953 – Junie 1958 (1958); Deel 5, Julie 1958 – Februarie 1963 (1963); Deel 6, Maart 1963 – Desember 1966 (1967); Deel 7, Januarie 1967 – Desember 1970 (1971); Deel 8, Januarie 1971 – Desember 1974 (1977); en Deel 9, Januarie 1975 – Desember 1977 (1981). Vanaf Deel 2 van die *Bibliografie* dui Nienaber ’n kwantitatiewe kartering van die ontwikkeling van Afrikaanse boekproduksie aan en verskaf hy ook ’n aanduiding van die aantal romans, dramas en digbundels wat per jaar verskyn het. Deur die bestaan van Nienaber se *Bibliografie*, wat “die reputasie van absolute betroubaarheid” het (Smit, 1985b:45) en as “waardevolle” inligtingsbron beskou word (Kannemeyer, 1983:2), is dit moontlik om vandag ’n volledige beeld te rekonstrueer van die geskiedenis van die Afrikaanse boek in die breë en spesifiek die produksie van Afrikaanse fiksie tot 1981. Die *Bibliografie van Afrikaanse boeke* maak Nienaber die pionier van ’n volledige bibliografie van Afrikaanse boeke en navorser van produksiestatistiek van Afrikaanse fiksiepublikasies. Ongelukkig word die publikasie na Deel 9 gestaak – Deel 10 (Januarie 1978 – Junie 1981) is wel voltooi maar is nooit uitgegee nie, dit word by NALN bewaar. Indien die *Bibliografie* vandag steeds bestaan het, was dit waarskynlik die nuttigste bron van produksiedata vir hierdie ondersoek.

As uitvloeisel van die *Bibliografie* ontstaan ’n tweede publikasiereeks, die *Bronnegids by die studie van die Afrikaanse taal en letterkunde* – ’n volledige indeks van alle publikasies wat as boeke, berigte of artikels in koerante en tydskrifte oor die Afrikaanse taal en letterkunde gedurende ’n bepaalde periode verskyn het. Deel I verskyn in 1947 en daarna volg ’n verdere vyf dele deur Nienaber; vanaf 1969 word dit voortgesit deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) se Instituut vir Taal, Lettere en Kuns tot 1978. Sedert 1979 word dit deur NALN saamgestel en jaarliks uitgegee as *Bronnegids by die studie van die Afrikaanse letterkunde en taal* – ’n indeks van die beskikbare knipsels wat vir die bepaalde jaar in NALN se knipselversameling opgeneem is. Die *Bronnegids* het deur die jare ’n besondere bydrae gemaak tot die fasilitering van navorsing en ’n onontbeerlike navorsingshulp geword (Smit, 1985b:46; NALN, 1997 en 1998). Dit is tot 1996 in gedrukte-formaat beskikbaar gestel (NALN, 1997) en daarna uitsluitlik elektronies, onder andere as deel van NISC se *South African Studies*-databasisse op CD-ROM (retrospektiewe uitgawes is hierby ingesluit en dit word jaarliks opgedateer); en die 1997, 2002 en 2003 uitgawes op NALN se webwerf (NALN, 2006).

Na aanleiding van die swak verkope van Afrikaanse boeke in die eerste helfte van die 1930’s (vergelyk Steyn, 1992a:86 en Steyn & Scannell, 1992:491) maak Nienaber ’n voorstel vir ’n boekweek met die doel om deur uitstallings van boeke, manuskripte en foto’s van skrywers die bewustheid rondom Afrikaanse boeke te verhoog. Die eerste boekweek word in 1935 deur die Afrikaanse Skrywerskring georganiseer. Sedert hierdie eerste boekweek streef Nienaber na die oprigting van ’n Afrikaanse letterkundige museum en dokumentasiesentrum en maak hy talle voorstelle in dié verband aan onder andere die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (waarvan hy lid en later ook voorsitter was) en die Randse Afrikaanse Universiteit. Dit sou ook Nienaber se probleem, naamlik dat die bronmateriaal waarna hy in sy *Bronnegids* verwys nie volledig op een sentrale plek toeganklik is vir navorsing nie, oplos. In 1970 rig hy, as kurator, die Instituut vir Taal, Lettere en Kuns (insluitend toneel en musiek) van die RGN in en word die tweede Nienaber-versameling as basis vir die Dokumentasiesentrum vir Taal en Lettere benut. Daardeur realiseer die dokumentasiesentrum-gedeelte van sy konsep, maar die RGN was egter nooit heeltemal geneë met die museum-gedeelte nie (Smit, 1985b:53-57).

Dié instituut, later bekend as die Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing (INTAK), het deur vier kunstenavorsingsentra (Sentrum vir Suid-Afrikaanse Letterkundenavorsing (SENSAL), Musieknavorsing (SESAM), Teaternavorsing (SESAT) en Kunstenavorsing (SEKUN)) belangrike navorsing gedoen. 'n Voorbeeld hiervan is SENSAL (wat in 1981 tot stand gekom het) se dokumentering van al die Suid-Afrikaanse literatuursisteme gedurende die 1980's en hulle betrokkenheid by die administrasie van talle literêre pryse en die totstandkoming van verskeie vakverenigings en -tydskrifte (sien Malan, 1983 en 1984a vir 'n oorsig oor SENSAL se navorsingsfokus). Die klem van INTAK het vanaf 1980 na navorsing verskuif en die dokumentasieversamelings het daarna in so 'n mate uitgebrei dat dit as selfstandige inligtingsbron bedryf kon word en die navorsing kon rugsteun – daardeur het die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Kunste-inligting (SASKI) in 1988 tot stand gekom. Teen Oktober 1990 is INTAK (en die verskillende sentra) deur die RGN uitgefaseer as gevolg van laasgenoemde se herposisionering en fokus op meer mark- en kliëntgerigte navorsing; teen Oktober 1991 is SASKI se dokumentasieversamelings na die Nasionale Film-, Video- en Klankargief as deel van die Staatsargief verskuif (Erasmus, 1991; Malan, 1991).

Vandag vind die enigste vorme van institusionele dokumentasie van die Afrikaanse letterkunde deur NALN plaas; terwyl die Dokumentesentrum van die J.S. Gericke Biblioteek aan die Universiteit van Stellenbosch (2005), die Van Schaik Kamer van die universiteitsbiblioteek aan die Universiteit van Suid-Afrika (2005), die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat, die Kaapse Argiefbewaarplek (2005) en die private argiewe van uitgewerye, koerante, skrywers en hulle families, dokumentasieversamelings bewaar. Die inligtingsdiens SA Media (2005) aan die Universiteit van die Vrystaat versamel en bewaar knipsels uit koerante en tydskrifte en maak dit reeds sedert 1978 in volteks beskikbaar, onder andere deur SABINET Online. Die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG) aan die Universiteit van die Vrystaat, wat reeds sedert 1970 bestaan, en die dokumentasie-afdeling daarvan, die Argief vir Eietydse Aangeleenthede, bewaar politieke en geskiedkundige dokumentasieversamelings (INEG, 2005).

Nienaber se ideaal is ten volle verwesenlik met die oprigting van NALN in 1972 deur die destydse Vrystaatse Provinsiale Administrasie, waarvan hy ook in 1975 as direkteur aangestel is – die amptelike opening was op 24 Maart 1973. Afskrifte van die tweede Nienaber-versameling, die oorspronklike eerste versameling en ’n versameling wat in die loodsfase van ’n Vrystaatse Skrywersbiblioteek opgebou is, het die basis van NALN gevorm en is deur die jare verder uitgebrei. Nienaber se navorsing en versamelings staan dus in direkte verband met die ontstaan van NALN se publikasiekatalogus (sien Smit, 1985b:53-61 en Liebenberg, 1998 vir ’n volledige oorsig oor die ontstaansgeskiedenis van NALN). Prof. P.J. Nienaber was inderdaad die vader van formele institusionele navorsing oor die Afrikaanse boek en is al beskryf as “kurator van ons erfenis” (Smit, 1985b) en “die kolos [...] wat die hele saak van die geskiedkundige fondamentlegging van die Afrikaanse boekwetenskap bewerkstellig het en daarby ons nie alleen die kennis gebring het nie, maar die stof self” (Du Toit aangehaal in Smit, 1985b:47).

(b) Samestelling van NALN se publikasiekatalogus

NALN se publikasiekatalogus sluit publikasies in wat deur hoofsaaklik drie tipes aanwinstmetodes bekom is:

- (i) Pligeksemplare wat ingehandig word by die Mangaung Openbare Biblioteek in Bloemfontein (een van die vyf amptelike plekke van pliglewering) word op ’n deurlopende grondslag na NALN oorgeplaas en deur NALN ontsluit en in hulle versameling opgeneem. Hipoteties beskou, behoort dié katalogus dus as kontrole te dien vir die SANB (met betrekking tot rekords van Afrikaanse fiksiepublikasies) omrede dit ook uit pligeksemplare saamgestel word.
- (ii) As deel van hulle strewe na die volledigste versameling, koop NALN ook publikasies aan waaroor hulle nie reeds in hulle versameling beskik nie.
- (iii) NALN ontvang ook publikasies as skenkings deur die publiek; volledige versamelings van boeke uit skrywers of ander literêre persone se nalatenskap; en eksemplare deur skrywers wat self hulle publikasies uitgegee het.

NALN se versameling is dus ten opsigte van Afrikaanse fiksiepublikasies in ’n mate meer volledig as die SANB, omdat dit nie slegs uit pligeksemplare bestaan nie en juis

omdat dit aanspraak maak op dié volledigste versameling (waarskynlik in die tradisie wat deur Nienaber daargestel is). Ook omdat NALN hoofsaaklik op die enkele produksiekategorie Afrikaanse fiksie fokus in die opbou en instandhouding van hulle versameling; terwyl die NLSA se fokus die bewaring van alle Suid-Afrikaans geproduseerde pligeksemplare insluit.

(c) Formaat van NALN se publikasiekatalogus

NALN se publikasiekatalogus is beskikbaar as interne databasis in elektroniese formaat (dit is tans nie direk toeganklik vir die publiek nie). Sedert 1993 het NALN begin om hulle katalogus in elektroniese formaat as 'n databasis in DBText®-formaat saam te stel. Volgens Erika Terblanche (2003), eerste bibliotekaris van NALN, is die elektroniese formaat redelik volledig ten opsigte van publikasies wat sedert 1992 verskyn het. Die rekords van publikasies vóór 1992 is beskikbaar op die vroeër kaartkatalogus. Dit is deel van die ontwikkelingsplanne om die kaartkatalogus retrospektief na elektroniese formaat oor te skakel. NALN het reeds begin om alle publikasies van sekere outeurs na die elektroniese katalogus oor te dra. Tydens die konsolidering van die eerste-vlak-bronne is later bevind dat NALN se publikasiekatalogus wel relatief volledig is vir publikasies sedert 1990.

NALN het tot 2002 gereeld nuwe toevoegings tot hulle publikasiekatalogus in *Tydskrif vir Letterkunde* as 'n "lys van nuwe Afrikaanse publikasies" vir die spesifieke kwartaal gepubliseer – 'n voortsetting van Nienaber se lys in die *Jaarboek* van die Afrikaanse Skrywerskring, aangesien *Tydskrif vir Letterkunde* die voormalige weergawe van die eersgenoemde *Jaarboek* in 1951 vervang het (Kannemeyer, 1988:105). Ná 'n onderbreking in die verskyning van *Tydskrif vir Letterkunde*, onder redakteurskap van Henning Pieterse, tussen 2001 en 2003 word dit in 2003 in 'n nuwe formaat en met "'n veranderde redaksionele opdrag" (*Tydskrif vir Letterkunde*, 2003a, 40:1) voortgesit onder redakteurskap van Hein Willemse. Deur hierdie verandering is die wyer beskikbaarmaking van NALN se publikasiekatalogus (tydelik) gestaak en verskyn dit sedert 2003 nie meer in *Tydskrif vir Letterkunde* nie. Otto Liebenberg (2003), kurator van NALN, meld dat hy graag die tradisie wil

voortsit, maar eers 'n borgskap of begrotingstoelaag moet vind om die vereiste bladgelde onder die nuwe beleid van *Tydskrif vir Letterkunde* te betaal.

(d) Onttrekking van data uit NALN se publikasiekatalogus

Die navorser het 'n navraag aan NALN gerig waarin hy versoek het dat data van alle Afrikaanse fiksiepublikasies wat sedert 1990 tot 2003 nuut en/of heruitgegee is en/of herdrukke beleef het, uit hulle publikasiekatalogus onttrek word. Die navorser het inligtingsvelde gespesifiseer wat sou ooreenkom met die inligtingsvelde wat in die SANB beskikbaar is. Die onttrekkingsproses is deur twee soekstrategieë gedoen, volgens die Dewey-klasnommer (sien 5.6.1.1) en die publikasiedatum van rekords. Die data is onttrek uit NALN se DBText® databasis, oorgeskakel na Microsoft Excel®-formaat en in laasgenoemde formaat aan die navorser verskaf op 10 Augustus 2003 en weer op 12 Desember 2003. Deur die tweede onttrekking is gepoog om rekords op te spoor wat intussen deur NALN gekatalogiseer is of vanaf die kaartkatalogus oorgedra is na die elektroniese katalogus. Van die totale aantal relevante rekords wat in die PDAF vir die periode 1990-2003 ingesluit is, is 3 526 rekords (79,79%) afkomstig vanaf die NALN publikasiekatalogus (sommige van dié rekords het ooreenkomstig met rekords wat vanuit die SANB onttrek is).

Met die bywerking van data vir die periode 2004-2005 is daar weer van NALN se publikasiekatalogus as eerste-vlak-bron gebruik gemaak (soos hierbo genoem, kon die SANB nie vir die bywerking van hierdie periode se data gebruik word nie as gevolg van die agterstand in die ontsluiting van rekords wat deur die NLSA ondervind word). Die onttrekking van die data uit NALN se publikasiekatalogus het op 6 September 2005 plaasgevind en weer op 27 Februarie 2006 (om die volledigheid van rekords wat moontlik intussen ontsluit of later deur NALN ontvang is, te verhoog). Van die totale aantal relevante rekords wat in die PDAF vir die periode 2004-2005 ingesluit is, is 549 rekords (91,34% van die totale 601 rekords) opgespoor uit NALN se publikasiekatalogus as eerste-vlak-bron.

Die MS Excel®-lêers het die volgende inligtingsvelde bevat (die tipe inligting wat in elke veld ingesluit is, word in hakies aangedui):

- Outeur-veld (die naam en van van die outeur van die rekord word hierin vermeld en daar is ook 'n aanduiding indien die outeursnaam 'n pseudoniem is).
- Titel-veld (die titel van die rekord).
- Subtitel-veld (die subtitel of bytitel verskyn in hierdie veld).
- Samesteller-veld (in die geval van saamgestelde publikasies, soos byvoorbeeld bloemlesings, verskyn die samesteller se naam en van in hierdie veld).
- Plek-veld (die plek van uitgawe van die uitgewery waardeur die rekord uitgegee is, die stad of dorp).
- Uitgewery-veld (die naam van die uitgewery van die rekord).
- Datum-veld (die datums van die jare waarin eerste uitgawes, heruitgawes en drukke verskyn het).
- Uitgawe-veld (indien daar 'n tweede, derde of verdere uitgawe op NALN se rekords verskyn, word dit in hierdie veld vermeld).
- Druk-veld (indien daar tweede, derde of verdere herdrukke van die publikasie verskyn het, word dit in hierdie veld aangedui).
- ISBN en Prys-veld (die ISBN-nommers en die prys van die rekord; indien daar meer as een uitgawe by 'n rekord aangedui word, word die verskeie ISBN-nommers hierin aangetoon).
- Klasnommer-veld (die klasnommer op grond van die Dewey-klassifikasiesstelsel).
- Trefwoord-veld (in hierdie veld word trefwoorde aangedui wat deur NALN tydens die ontsluitingsproses bepaal word op grond van die inhoud en onderwerp van die publikasie, soos byvoorbeeld “liefdesverhaal”, “spanningsverhaal”, “humor”, “kontreikuns”).
- Illustreerder-veld (in die geval van geïllustreerde publikasies word die illustreerder se naam en van in hierdie veld vermeld).
- Vertaler-veld (in die geval van vertalings word die vertaler se naam en van in hierdie veld aangedui).
- Fisiese beskrywing-veld (die aantal bladsye, die grootte van die fisiese publikasie uitgedruk in sentimeters, en 'n aanduiding indien daar illustrasies in die publikasie voorkom).
- Nota-veld (hierin word addisionele inligting vermeld soos byvoorbeeld indien daar 'n bibliografie of indeks by die publikasie ingesluit is; indien die

publikasie se titel in 'n nuwe uitgawe gewysig is; en enige ander inligting wat as 'n nota in die publikasie voorkom).

- Neweklasnommer-veld (indien 'n rekord in meer as een klas in die Dewey-klassifikasiesistelsel inpas, word die tweede klasnommer aangedui).
- Ontvangsdatum-veld (die datum waarop die publikasie deur NALN ontvang en/of ontsluit is).

(e) Voordele van NALN se publikasiekatalogus as bron van produksiedata

Die volgende kan as voordele van NALN se publikasiekatalogus as bron van produksiedata beskou word:

- Een van die groot voordele van NALN se publikasiekatalogus as bron van produksiedata is die feit dat dit nie, soos die SANB, slegs rekords van ingelewerde pligeksemplare bevat nie, maar saamgestel is uit publikasies wat ook deur ander aanwinstmetodes bekom is. Hierdeur is 493 addisionele rekords (11,16% van die totale aantal rekords in die PDAF vir die periode 1990-2003) wat nie in die SANB ingesluit is nie, opgespoor.
- Omdat pligeksemplare wat wel op die NALN publikasiekatalogus voorkom, afkomstig is van die pligeksemplare wat by 'n ander plek van pliglewering (die Mangaung Openbare Biblioteek in Bloemfontein) ingelewer is as die pligeksemplare wat deel uitmaak van die SANB (wat gepliglewer is by die Pretoria-kampus van die NLSA), kon hierdie bron as 'n nuttige kontrole in die navorsingsontwerp dien.
- NALN se beleid om dié volledigste versameling van Afrikaanse fiksiepublikasies op te bou, verhoog die bruikbaarheid van die katalogus van dié versameling as geskikte bron verder.
- Omdat NALN op slegs die versameling van Afrikaanse fiksiepublikasies fokus, is die hoeveelheid publikasies wat deur hulle ontsluit word veel minder as by die NLSA, gevolglik bestaan daar nie 'n agterstand nie en is rekords, van veral die periode 2000-2005, meer volledig.
- Die data afkomstig vanaf die SANB is volgens unieke ISBNs in aparte rekords verdeel en daardeur is variasies van dieselfde titel as gevolg van verskillende uitgawes as aparte rekords aangetoon. Die data vanaf die NALN

publikasiekatalogus is hoofsaaklik volgens titels verdeel en verskillende uitgawes van die titels is in dieselfde rekord aangetoon. Daardeur kon talle rekords van slegs herdrukke ná 1990 van oorspronklike uitgawes vóór 1990, (wat nie deur die periode-afbakening in die SANB opgespoor sou word nie) wel deur die NALN publikasiekatalogus opgespoor word. Alle vorige publikasiedatums en die soort uitgee-aktiwiteit (eerste uitgawe, heruitgawe of herdruk), asook die vorige ISBNs en uitgewerye, van elke rekord is in hierdie bron aangedui. In hierdie opsig het dit as nuttige kontrole gedien by die bepaling van eerste uitgawes, heruitgawes en herdrukke.

- Oor die algemeen is die data afkomstig van NALN meer akkuraat in verskillende inligtingsvelde verdeel (byvoorbeeld die aparte velde vir vertalers en illustreerders), wat nie die geval is met die SANB nie.
- Laastens het die data van hierdie bron die bykomende voordeel van die addisionele inligtingsveld met trefwoorde. Hierdie trefwoorde word sedert 1993 deur NALN toegeken tydens die ontsluiting van publikasies op grond van die inligting in die teks en die omslagteks van publikasies – dit gee ’n aanduiding van die aard van die inhoud. Dié eienskap van hierdie bron was van besondere waarde by die latere kategorisering van rekords – veral by rekords wat nie aan tweede-vlak of derde-vlak-bronne geverifieer kon word nie.

(f) Tekortkominge van NALN se publikasiekatalogus as bron van produksiedata

Een tekortkoming van hierdie bron was dat dit nie elektronies met die data vanaf die SANB versoen kon word nie, omrede die metodiek van inskrywings van rekords in die twee bronne van mekaar verskil. Die navorser moes gevolglik die konsolidering van die twee bronne met die hand doen. Maar daardeur was dit moontlik om die konsolidering van die twee bronne meer noukeurig ten opsigte van elke rekord te kontroleer.

Kannemeyer (2004a:143) beweer tereg dat Nienaber se *Bibliografie en Bronnegids* deur NALN voortgesit word. Soos hierbo aangetoon, is NALN se publikasiekatalogus wel ’n nuttige bibliografiese bron, maar anders as Nienaber se *Bibliografie van*

Afrikaanse boeke dui dit nié oorsigtelike produksiestatistiek aan nie en is dit nie moontlik om 'n produksieprofiel en uitgeweryprofiel direk dááruit te (re)konstrueer nie – dit dien wel as een van die eerste-vlak-bronne van die PDAF waaruit dié (re)konstruksie wél moontlik is (sien 5.7).

5.5.4 Konsolidering van die twee eerste-vlak-bronne

Met die doel om die volledigheid van die data te verhoog, het die navorser 'n uitgebreide en intensiewe proses van konsolidering gevolg waartydens die twee eerste-vlak-bronne saamgevoeg is. Data vanaf die SANB is as basis geneem, daarna is elke rekord vanaf NALN se publikasiekatalogus met die rekords in die SANB data vergelyk. 3 033 rekords (68,64% van die totale aantal rekords in die PDAF vir die periode 1990-2003) het in albei eerste-vlak-bronne voorgekom. Rekords wat in slegs een van die twee eerste-vlak-bronne voorkom, maar nie in die ander nie, is tot die gekonsolideerde datastel toegevoeg. Die data van elke rekord, veral in terme van die uitgawes en drukke van publikasies, publikasiedatums en alle ander addisionele data soos byvoorbeeld trefwoorde oor die aard van die inhoud, is ook vergelyk en die nodige verstellings is in die gekonsolideerde datastel aangebring. Soos reeds hierbo aangetoon, kon slegs NALN se publikasiekatalogus as eerste-vlak-bron vir die bywerking van data vir die periode 2004-2005 gebruik word.

Die gekonsolideerde datastel bevat die volgende inligtingsvelde (die soort data in elke veld en die verstellings en konsolidering daarvan word in hakies aangedui):

- Titel-veld (die volledige titel, bytitel ingesluit, en dikwels die outeur se naam en van; verstellings is veral met betrekking tot titels hierin aangebring omdat verstellings van outeursbesonderhede in die onderstaande veld gedoen is).
- Outeur-veld (die naam en van van alle outeurs wat by die publikasie betrokke was, is gekontroleer en pseudonieme is ingevoeg; in die geval van meer as een samesteller is al die outeursbesonderhede vermeld, die outeurs van gedigte of kortverhale in 'n bloemlesing is egter net soms volledig vermeld en dan wel in die nota-veld).

- Uitgawe-veld (aanduiding of dit die eerste uitgawe of ’n tweede of verdere uitgawe is; elke aparte uitgawe (nie aparte herdrukke nie) is as aparte rekords in die datastel ingevoeg).
- NALN datums-veld (alle datums wat deur die NALN publikasiekatalogus aangedui is as datums van uitgawes is in hierdie veld opgeneem ter wille van ’n verifiëringsmaatreël wat later in die navorsingsproses ingebou is).
- Uitgewery-veld (hierdie veld dui die plek van uitgawe, die naam van die uitgewery en die publikasiedatum van die uitgawe aan; let wel, nie die publikasiedatums van herdrukke nie).
- Klasnommer-veld (die Dewey-klasnommer soos deur die NLSA of NALN toegeken, asook ’n tweede klasnommer indien die rekords in meer as een klas val).
- Nota-veld (notas in hierdie veld sluit in: notas wat op die omslag of kolofonbladsy van die publikasie vermeld is; notas oor literêre pryse en toekennings vir die publikasie; die publikasiedatums en die aantal drukke by publikasies wat herdrukke beleef het; in die meeste gevalle die prys van herdrukke; die trefwoorde wat deur NALN toegeken is).
- Onderwerp-veld (gekonsolideerde inligting oor breë onderwerpsvelde waarmee die rekords verband hou en wat deur die NLSA en NALN toegeken is, soos byvoorbeeld “South African War, 1899-1902”, “Women authors” of “Erotic stories”; asook ’n aanduiding indien daar ’n bibliografie of indeks by die publikasie ingesluit is).
- Fisiese beskrywing-veld (die aantal bladsye; afmetings van die grootte van die publikasie in sentimeter; en ’n aanduiding indien daar illustrasies ingesluit is).
- ISBN-veld (die ISBN en in die meeste gevalle die prys van die uitgawe van die publikasie).

Nadat die konsolideringsproses voltooi is, is die gekonsolideerde datastel as die voorfinale datastel beskou en het die verifiëringsproses aan die hand daarvan plaasgevind.

5.5.5 Verifiëringsproses

'n Omvangryke en besonder intensiewe verifiëringsproses is in die navorsingsontwerp ingebou met hoofsaaklik twee doelwitte, naamlik (i) om publikasies op te spoor waarvan beide die SANB en NALN se publikasiekatalogus geen rekord dra nie; en (ii) om elke rekord in die gekonsolideerde datastel te kategoriseer binne 'n kategoriseringstelsel wat bestaan uit wyer en nouer produksiekategorieë (sien 5.6.2). Die tweedevlak en derde-vlak-bronne wat tydens die verifiëring gebruik is, word vervolgens bespreek.

5.5.5.1 Verifiëring van data aan die hand van tweede-vlak-bronne

Die verifiëringsproses het staatgemaak op data wat verkry is uit die volgende beskikbare en ingesamelde tweede-vlak-bronne:

- Die navorser het ten eerste alle uitgewery van (ook) Afrikaanse fiksiepublikasies wat steeds bestaan, gekontak om **katalogusse, nuusbriewe en/of titellyste** in te samel van publikasies wat sedert 1990 tot 2005 uitgegee is. Sommige uitgewerye beskik nie oor volledige katalogusse nie, maar wel oor titellyste; ander uitgewerye het nie konsekwent eksemplare van katalogusse bewaar nie en dus was katalogusse nie altyd volledig en in dieselfde formaat beskikbaar nie. Uitgewerye wat hoofsaaklik van nuusbriewe en katalogusse gebruik maak tydens die bemarking van hulle publikasies en waar verkope dan deur posbestelling plaasvind, soos byvoorbeeld J.P. van der Walt & Seun / LAPA met hulle maandelikse nuusbriewe en kwartaallikse katalogus *Bestelpret*, was in die posisie om die mees volledige materiaal te voorsien. By Human & Rousseau is katalogusse en nuusbriewe vir die volle periode van die ondersoek opgespoor. Tafelberg was eweneens in die posisie om nuusbriewe en katalogusse vir min of meer die volle periode te voorsien. Jacklin Enterprises het volledige titellyste verskaf. Ook katalogusse, nuusbriewe en/of titellyste van Van Schaik (die akademiese uitgewery), Kwela Boeke, Queillerie, Protea Boekhuis, CUM en Lux Verbi Bybelmedia is ingesamel. Argivale navorsing het daartoe gelei dat ook nuusbriewe en titellyste van uitgewerye wat nie meer bestaan nie of dormant is, soos byvoorbeeld Taurus,

HAUM-Literêr, Perskor en Kagiso-Literêr, opgespoor is. Ongelukkig kon geen nuusbriewe, katalogusse en/of titellyste van die volgende uitgewerye wat nie meer bestaan nie opgespoor word nie: Daan Retief/Kennis Onbeperk, Jutalit, Klipbok, Makro en Benedic. Outeurs en instansies wat self hulle publikasies uitgee beskik nie oor katalogusse of nuusbriewe nie. Sommige outeurs wat herhaaldelik hul eie publikasies self-uitgee, is persoonlik gekontak om die volledigheid van bibliografiese inligting te verifieer.

- Tweedens is **nuusbriewe van die boekklub en posbemarkingsdiens Leserskring / Leisure Books** redelik volledig vir die tydperk 2000-2005 opgespoor en data oor publikasies van verskeie uitgewerye wat deur Leserskring bemark is, het gehelp met die verifiëring van sommige rekords. Soortgelyk hieraan, is ook publikasies van ander uitgewerye as J.P van der Walt / LAPA wat in *Bestelpret* bemark is, daarin opgespoor en kon dié inligting vir verifiëring gebruik word.
- Derdens het NB-Uitgewers 'n kopie van 'n **elektroniese databasis** van alle titels van dié uitgewery en sy onderskeie drukname beskikbaar gestel. Hierdie bron het sowel bibliografiese data (die titel, outeur(s), samesteller(s), uitgewery en publikasiedatum) as beskrywende data ('n indeling van produksiekategorieë asook bemarkingsinligting oor die aard van die inhoud en onderwerp afkomstig van die omslagteks van publikasies) vermeld. Dié bron het alle publikasies ingesluit waarvan voorraad op daardie stadium beskikbaar was en daaruit is relevante Afrikaanse fiksiepublikasies onttrek. Dit was die volledigste bron vir byna al Tafelberg se publikasies. Die meeste van Queillerie, Kwela Boeke, Pharos Woordeboeke en J.L. van Schaik (die uitgewery van algemene publikasies) se titels is ook in hierdie bron verteenwoordig, asook Human & Rousseau se publikasies wat sedert 2001 uitgegee is. 'n Opedateerde weergawe van die databasis is op 22 September 2005 goedgunstiglik deur NB-Uitgewers beskikbaar gestel, waaruit titels sedert 2003 geverifieer kon word.
- As 'n vierde verifiëringsbron is ook die **elektroniese katalogusse** benut wat op uitgewerye se **webwerwe** beskikbaar is. Hieruit kon titels van die volgende uitgewerye geverifieer word: Tafelberg, Human & Rousseau, Queillerie, Kwela Boeke, Van Schaik, Protea Boekhuis, LAPA, ContentLot.com, Lux Verbi Bybelmedia en CUM.

- Ander bronne wat elektronies beskikbaar is, is as 'n vyfde verifiëringsbron in 'n mindere of meerdere mate aangewend, soos byvoorbeeld: die **aankondigings** van nuwe Afrikaanse fiksiepublikasies wat gereeld op die elektroniese tydskrif *LitNet* verskyn; die databasisse wat op die **webwerwe van boekhandelaars** en posbestellingsdienste soos byvoorbeeld Kalahari.net, Leserskring en Exclusive Books beskikbaar is; en die lys van Afrikaanse digbundels wat sedert 2000 verskyn het en beskikbaar is op die webwerf *Skoppensboer*.
- **Resensies** oor publikasies en **onderhoude** met skrywers wat in die koerante *Beeld* en *Rapport* en die tydskrifte *Insig* en *De Kat* verskyn het, is in 'n mindere mate as kontrole vir die verifiëring van bibliografiese en beskrywende inligting benut.

'n Lys van katalogusse en nuusbriewe wat as tweede-vlak-bronne tydens die verifiëringsproses geraadpleeg is, word as Aanhangsel A by die studie ingesluit. Hierdie bronne is konsekwent en sistematies deurgewerk en alle toepaslike data is vir verifiëring benut. Daar is ook ter motivering van die kategorisering van produksiekategorieë uit hierdie bronne aangehaal in die PDAF se nota-veld. Ná hierdie proses was daar egter steeds 'n aantal rekords waarvoor onbeantwoorde vrae bestaan het.

5.5.5.2 Verifiëring van data aan die hand van derde-vlak-bronne

In 'n poging om bogenoemde vrae te beantwoord, het die navorser die volgende derde-vlak bronne gebruik:

- Eerstens is die navorser se eie **private boekery**, wat uit ongeveer 500 Afrikaanse fiksiepublikasies bestaan, benut om bibliografiese en beskrywende data in die fisiese boeke met die rekords te kontroleer.
- Tweedens is 'n navraag gerig aan die NLSA se naslaan-afdeling by die Pretoria-kampus. 'n Lys van ongeveer 500 rekords is aan die NLSA gestuur. Hierdie 500 publikasies is uit die **versameling van gepliglewerde publikasies** onttrek en die navorser het die bibliografiese en beskrywende data in hierdie fisiese boeke met die rekords in die gekonsolideerde datastel vergelyk. Addisionele data is in die PDAF se nota-veld ingesleutel.

- Derdens is 'n verifiëringsproses van stapel gestuur vir die ongeveer 100 rekords wat oorgebly het en waaroor die NLSA óf nie beskik het nie (meeste van dié publikasies is op NALN se publikasiekatalogus opgespoor), óf wat nie in die versameling opgespoor kon word nie. 'n Lys met hierdie rekords is na NALN gestuur en hierdie rekords is aan die fisiese boeke in die **boekversameling van NALN** geverifieer.
- Ten laaste is lyste opgestel van 'n beperkte aantal publikasies waaroor nog onsekerhede bestaan het – nie soseer ten opsigte van die spesifieke publikasies self nie, maar dikwels as verteenwoordigend van die produksiekategorie waarbinne dit inpas of oor die publikasiedatums van heruitgawes en herdrukke. Hierdie lyste is aan uitgewerye gestuur en by elke rekord is bepaalde vrae gestel. **Uitgewers** het goedgeunstiglik op hierdie vrae geantwoord deur die nodige data vanuit hulle **voorraaddatabasisse** te verskaf en die lyste terug te stuur. Daarna is die data met die rekords in die PDAF versoen.

Die navorser kan dus met oortuiging en vrymoedigheid verklaar dat hy alles in sy vermoë gedoen het om alle rekords op te spoor en dit so noukeurig en volledig moontlik aan die beskikbare bronne te verifieer. Die konsolideringsproses en verifiëringsproses wat hierbo beskryf is, was omvangryk en het ongeveer 850 ure se navorsing geverg. Die bywerking van data vir die periode 2004-2005 het 'n bykomende 150 ure geneem.

Deur die benutting van die tweede-vlak en derde-vlak-bronne is 'n addisionele 90 rekords (2,04% van die totale aantal rekords in die PDAF vir die periode 1990-2003), wat nie in die SANB of NALN se publikasiekatalogus voorkom nie, in die PDAF ingesluit. Dit was moontlik om ongeveer 75% van die totale aantal rekords aan meer as een bron te verifieer.

5.5.6 Afronding van die gekonsolideerde- en voor-finale datastel tot finale datastel

Gedurende die verifiëringsproses en daarna is ’n verdere aantal velde tot die gekonsolideerde datastel toegevoeg. Hierdie velde konsolideer dikwels data uit ander velde of word benut vir kodes wat gekoppel is aan data wat gedurende die verifiëringsproses ingesamel en ingesleutel is. Deur die benutting van hierdie velde is die gekonsolideerde datastel of voor-finale datastel verder afgerond om ’n finale datastel te skep. Die finale datastel is só ontwerp dat dit oorgeskakel kon word in ’n databasis. Velde wat in die finale datastel tot die velde in die gekonsolideerde datastel toegevoeg is, en velde waartoe addisionele data toegevoeg is, sluit die volgende in (die tipe data word in hakies verduidelik):

- SANB-bron-velde (die kode “JA” is in hierdie veld vermeld indien die bron van die rekord die SANB was, die veld is oopgelaat indien die rekord nie in die SANB voorkom nie).
- NALN-bron-velde (die kode “JA” is in hierdie veld vermeld indien die bron van die rekord NALN se publikasiekatalogus was, die veld is oopgelaat indien die rekords nie op die NALN publikasiekatalogus voorkom nie).
- Verifiëring-velde (die kode “V” is in hierdie veld aangebring indien die rekord aan die hand van inligting in ’n katalogus, nuusbriëf, elektroniese databasis, webwerf, of die fisiese boek geverifieer is; indien die rekord in een van laasgenoemde tweede-vlak of derde-vlak-bronne opgespoor is en nie in die SANB of NALN se publikasiekatalogus nie, is die kode “V” in hierdie veld ingevoeg en die SANB-bron en NALN-bron velde oopgelaat).
- Uitgawe-datum-velde (die publikasiedatum van die eerste, tweede of verdere uitgawe van die rekord is in hierdie veld aangedui deur die vermelding van die jaartal waarin die uitgawe verskyn het).
- Drukke-datum-velde (die publikasiedatum(s) van die herdruk(ke) wat die spesifieke uitgawe beleef het, is in hierdie veld aangedui deur die vermelding van die jaartal(le) waarin die herdruk(ke) verskyn het – indien daar meer as een herdruk in ’n spesifieke jaar verskyn het, is die jaartal herhaal om die aantal herdrukke te verteenwoordig).

- Uitgee-aktiwiteit-veld (in hierdie veld is kodes aangedui vir die verskillende uitgee-aktiwiteite waarna die bogenoemde twee velde verwys; die kode “N” verwys na publikasies waarvan slegs ’n eerste uitgawe, sonder enige herdrukke verskyn het; die kode “N + D” verwys na publikasies waarvan ’n eerste uitgawe verskyn het en een of meer herdrukke van daardie uitgawe; die kode “H” verwys na publikasies waarvan slegs ’n heruitgawe verskyn het, sonder enige herdrukke van die heruitgawe; die kode “H + D” verwys na publikasies waarvan ’n heruitgawe verskyn het asook een of meer herdrukke van die heruitgawe; die kode “D” verwys na publikasies wat vóór die aanvangsdatum van die periode van hierdie ondersoek (1990) as eerste of heruitgawes verskyn het, maar waarvan een of meer drukke ná 1990 (en dus as deel van die ondersoek) verskyn het).
- Produksiekategorie-veld (in hierdie veld is ’n beskrywing van die produksiekategorie waaronder die publikasie hoort, vermeld; hierdie beskrywing is dan later tydens die telproses verbind aan die bogenoemde velde ten einde statisties te kon bepaal hoeveel eerste uitgawes, heruitgawes en herdrukke per jaar en per produksiekategorie geproduseer is).
- Uitgewery-veld (aangesien daar dikwels spelfoute en inkonsekwente variasies van uitgeweryname in die uitgewery-veld voorgekom het, omdat die plek van uitgawe nie van belang is vir die doeleindes van hierdie ondersoek nie, en omdat publikasiedatums ook nie konsekwent op dieselfde wyse aangedui is nie en reeds oorgedra is na die uitgawe-datum-veld; het die navorser in ’n aparte veld slegs die naam van die uitgewery, en wel op ’n konsekwente wyse, oorgedra).
- Nota-veld (buiten die inligting wat reeds in die nota-veld vermeld is en afkomstig was van óf die kolofonbladsy van die publikasie óf tydens die konsolideringsproses bygevoeg is, is verdere veranderinge en toevoegings in hierdie veld gemaak: (i) die datums van drukke is oorgedra na die drukke-datum-veld; en (ii) daar is tydens die verifiëringsproses aangehaal uit die beskrywende data oor die aard van die onderwerp en inhoud van die publikasie wat opgespoor is in tweede-vlak of derde-vlak-bronne of vanaf die omslagteks van die fisiese publikasies – hierdie data is in die nota-veld ingesluit as motivering van die produksiekategorie).

- Prys-veld (die inligting rakende prys wat in die ISBN-veld aangedui word, is na hierdie veld oorgedra; die prys van die publikasie is egter nie konsekwent by elke rekord vermeld nie en die pryse van 'n rekord verskil ook dikwels vir heruitgawes en herdrukke; hierdie veld is nie volledig nie en word nie in die res van die studie betrek nie omrede die konstruksie van 'n profiel wat op die pryse van publikasies fokus, buite die bestek van hierdie studie val).

5.5.7 Verpakking van die finale datastel in 'n databasis

Alle datastelle vóór die verpakking daarvan in 'n databasis het in Microsoft Excel®-formaat bestaan. As laaste fase van die ontwikkeling van die PDAF is die finale datastel deur 'n programmeerder verpak in 'n prototipe databasis in Microsoft Access®-formaat waarbinne die data elektronies manipuleerbaar kon wees. Dié databasis-formaat maak dit moontlik om bepaalde soeknavrae te programmeer waarvolgens geselekteerde data uit die rekords in die databasis onttrek kan word. Die verskillende sorteer- en filtreerfunksies van Microsoft Access® stel die gebruiker in staat om data na aanleiding van elektroniese soekstrategieë statisties te verwerk. Die data kon dus volgens verskeie soeknavrae elektronies getel word ten einde die (re)konstruksie van 'n produksieprofiel en uitgeweryprofiel te fasiliteer (sien 5.7).

Die PDAF is egter in sy huidige prototipe formaat nie ten volle bruikbaar vir die algemene gebruiker nie. Die databasis sal na afloop van hierdie studie volgens spesifieke programmeringsreëls herverpak word en 'n gebruikerskoppelvlak sal ontwikkel word. Die instandhouding en beskikbaarmaking van die PDAF val egter buite die bestek van hierdie studie en sal as 'n opvolgprojek hanteer word.

5.6 Ontwikkeling van 'n kategoriseringstelsel van produksiekategorieë

Ten einde aan een van die hoofnavorsingsvrae van hierdie studie te beantwoord, naamlik die daarstelling van 'n produksiedatabasis van Afrikaanse fiksiepublikasies waaruit produksiestatistiek afgelei kan word, was dit nodig om 'n kategoriseringstelsel te ontwikkel op grond waarvan verskillende produksiekategorieë onderskei kon word. Deur die ontwikkeling van só 'n kategoriseringstelsel kon die

groot aantal rekords in die PDAF gekategoriseer word binne produksiekategorieë om die data te konsolideer en sinvolle produksiestatistiek daaruit te onttrek.

In hierdie afdeling word die ontwikkeling van 'n kategoriseringstelsel van produksiekategorieë vir die kategorisering van Afrikaanse fiksiepublikasies bespreek. Daar word aandag gegee aan die beskikbaarheid en bruikbaarheid van bestaande kategoriseringstelsels vir hierdie doel en teoretiese aspekte van die genre-leer word belig. Die kriteria wat gegeld het by die ontwikkeling van die kategoriseringstelsel word gestel en die produksiekategorieë word oorsigtelik verduidelik. Die produksiekategorieë self word nie in hierdie afdeling volledig verduidelik of aan die hand van voorbeelde eksemplaries geïllustreer nie, omdat dit op grootskaalse herhaling sal neerkom aangesien dít saam met die kwantitatiewe produksiestatistiek (die resultate) in Hoofstuk 6 bespreek word.

Dit is nodig om reeds aan die begin van hierdie bespreking die aandag daarop te vestig dat die ontwikkeling van die kategoriseringstelsel, wat in hierdie studie toegepas word, berus op die insigte en indeling van die spesifieke navorser. ('n) Ander navorser(s) sou op grond van ander kriteria en met 'n ander doel voor oë 'n alternatief of alternatiewe hiervoor kon vind. En al is daar so ver moontlik gestreef om subjektiewe kriteria te vermy, bly dit steeds 'n menslik ontwerpte indeling en daarom noodwendig subjektief. Die doel van voortgesette navorsing sou juis wees om in die toekoms ook alternatiewe indelings te maak. Die navorser erken die problematiek verbonde aan 'n kategoriseringstelsel en poog om sy indelingskriteria deur hierdie afdeling vir die leser deursigtig te maak.

5.6.1 Besikbaarheid en bruikbaarheid van bestaande kategoriseringstelsels

Daar bestaan soortgelyke kategoriseringstelsels of klassifikasiesistelsels in die praktyk en die literatuur. In die biblioteekkunde word alle soorte publikasies (nie net literatuur of letterkunde nie) ingedeel volgens die Dewey-klassifikasiesistelsel. Die oudste en bekendste indeling van literatuur is seker volgens beginsels van die genre-leer. Wat is die bruikbaarheid van hierdie stelsels vir die doeleindes van hierdie ondersoek? Vervolgens word 'n antwoord op hierdie vraag gesoek.

5.6.1.1 Die Dewey-klassifikasiestelsel

Die internasionaal-erkende Dewey-klassifikasiestelsel word reeds lank wêreldwyd toegepas in die biblioteekkunde. Die versamelings van biblioteke word gewoonlik georden op grond van dié stelsel en die doel daarvan is die sistematiese ontsluiting, berging en onttrekking van rekords uit die versamelings en die berging van rekords ná gebruik – dus ter wille van orde en bruikbaarheid. Studente in die biblioteekkunde word opgelei om tydens die ontsluiting van publikasies wat in biblioteekversamelings opgeneem word volgens die grondbeginsels van hierdie stelsel publikasies te klassifiseer. Die Dewey-klassifikasiestelsel word in 'n lywige gebruikersgids, wat uit vier volumes bestaan, die *Dewey Decimal Classification and Relative Index* (DDC20, 1989; DDC21, 1996; DDC22, 2003) verduidelik. Dit is 'n uiters gesofistikeerde en komplekse stelsel en persone wat nie formele opleiding daarin deurloop het nie sal dit nie met gemak kan gebruik nie. Tans bestaan daar 'n ernstige tekort aan opgeleide katalogiseerders.

Die stelsel koppel 'n numeriese waarde (of klasnommer) aan verskillende klasse, ingedeel volgens verskillende vakwetenskappe. So byvoorbeeld val Germaanse letterkundes binne die klas “839”, Nederlandse letterkunde binne “839.3*” (* staan vir verdere desimale plekke) en Afrikaanse letterkunde binne “839.36*” (DDC20, 1989:663-664). Verdere desimale plekke in die numeriese stelsel word toegeken op grond van verskillende kriteria, die derde desimaal is byvoorbeeld gekoppel aan “literêre vorme”: drama as “839.362*”, poësie as “839.361*”, “fiksie” – bedoelende prosa – as “839.363*”, essays as “839.364*”, toesprake as “839.365*”, briewe as “839.366*” en gemengde vorme as “839.368*” (DDC20, 1989:390). Nog verdere desimale plekke word bepaal deur oneindige soorte variasies wat in tabelle beskryf word en voorsiening maak vir aspekte soos byvoorbeeld verdere verdeling van “literêre vorme”, publikasies wat uit spesifieke periodes dateer, die bloeitydperk van outeurs, die land van herkoms van die outeur, die hoeveelheid outeurs van 'n publikasie en nog meer. Dit neem selfs opgeleide bibliotekarisse lank om publikasies volgens al die gespesifiseerde reëls en tabelle te klassifiseer en dit is slegs met jare se ondervinding dat hierdie proses versnel kan word; óf bibliotekarisse vat kortpad deur vorige klassifisering op soortgelyke publikasies toe te pas.

Die rekords in beide die SANB en NALN se publikasiekatalogus is ingedeel volgens die Dewey-klassifikasiesstelsel. Daardeur het dié stelsel dus reeds ’n invloed op die PDAF omdat beide die eerste-vlak-bronne waaruit data versamel is, daarvolgens georden is. Daarbenewens het die onttrekking van rekords van Afrikaanse fiksiepublikasies uit die totale SANB en NALN se volledige publikasiekatalogus, die Dewey-klassifikasiesstelsel as soekstrategie gebruik. Hierdie onttrekking is deur professionele biblioteekkundiges gedoen, Susan Battison van die NLSA en Erika Terblanche van NALN. Hulle het eerstens alle rekords met die Dewey-klasnommer “839.36*” en publikasiedatums gedurende die periode 1990-2003 onttrek. Daarna is dit volgens die klasnommers in ses groepe verdeel: (i) poësie; (ii) drama; (iii) kortverhale; (iv) “fiksie”, wat hoofsaaklik romans, maar dikwels ook essays en ander beredenerende fiksie, ingesluit het; (v) biografieë en outobiografieë (“920.*”); en (vi) ’n diverse kategorie wat onder andere akademiese studies oor die letterkunde, bundels met rubrieke, reissketse, outobiografieë en biografieë ingesluit het. Dit is in verskillende elektroniese lêers aan die navorser verskaf, ingedeel in hierdie ses groepe en volgens die jaar van publikasie. (Beide die NLSA en NALN gebruik die term “fiksie” verwarrend: hulle bedoel in werklikheid “prosapublikasies” daarmee.)

Die Dewey-klassifikasiesstelsel het dus die onttrekking van relevante rekords uit die eerste-vlak-bronne moontlik gemaak en die navorser se aanvanklike verdeling van die totale rekords in vier basiese kategorieë (prosa, poësie, drama en gemengde genres – sien 5.6.2) vergemaklik. Maar dít is hoe ver die Dewey-klassifikasiesstelsel die navorser van hulp was. Omdat die navorser nie volkome vertrouwd is met dié stelsel nie kon dit nie verder aangewend word vir ’n indeling volgens produksiekategorieë nie.

Daar bestaan ook ’n aantal tekortkominge wat dit as ’n bruikbare kategoriseringstelsel van produksiekategorieë diskwalifiseer. ’n Belangrike tekortkoming het te doen met die logistiek waarvolgens Dewey-klasnommers aan rekords in die PDAF toegeken is. Anders as die indeling in produksiekategorie in hierdie studie deur ’n individuele boekstudienavorser, is die Dewey-klasnommers deur verskillende persone toegeken. Bibliotekarisse het wel volgens ’n vaste stelsel gewerk, maar binne dié stelsel se beperkinge moes hulle keuses maak wat berus het op hulle eie interpretasies oor ’n publikasie. Die toekenning van Dewey-klasnommers berus dus ook op ’n mate van

waarde-oordeel – iets wat so ver moontlik in die kategoriseringstelsel wat in hierdie studie voorgestel word, vermy word.

Verder word die Dewey-klassifikasiesistelsel ook verskillend deur die NLSA en NALN gebruik: die NLSA gebruik die volledige stelsel en sluit vierde en verdere desimale by klasnommers in; terwyl NALN hoofsaaklik drie desimale gebruik en daarna die eerste drie letters van die outeur se van by die klasnommers aanlas. Die Dewey-klassifikasiesistelsel kon dus nie volledig vir verdere indeling van alle rekords in die PDAF aangewend word nie, omdat die indelingswyse in die twee eerste-vlak-bronne van mekaar verskil.

'n Basiese kriterium vir 'n kategoriseringstelsel volgens produksiekategorieë is die mate waartoe dit bruikbaar sal wees om tussen verskillende soorte publikasies op grond van aard of onderwerp te onderskei. Prosa moet byvoorbeeld verdeelbaar wees in soorte subkategorieë soos spanningsprosa en liefdesprosa. In verdere desimale plekke van die Dewey-klassifikasiesistelsel (DDC20, 1989:403-404) word wel spesifieke “soorte fiksie” onderskei, soos byvoorbeeld “love and romance” (“-3085”), “science fiction” (“-308762”) en “horror fiction” (“-308738”). Maar, soos reeds genoem, is hierdie verdere desimale plekke nie in NALN se klasnommers aanwesig nie, en dit is ook te betwyfel of die SANB altyd hierdie verdelings in klasnommers akkuraat toepas. Wat byvoorbeeld gemaak met publikasies wat tussen twee subgenres val of publikasies wat spesifieke subgenres parodieer (wat dikwels die geval is met postmodernistiese publikasies – vergelyk Van Gorp *et al*, 1991:160)? Vir dié soort klassifisering is daar tog 'n mate van vakkennis oor die Afrikaanse letterkunde nodig (soos die kennis van vakkundige inligtingkundiges in akademiese biblioteke) – iets waarvoor algemene biblioteekkundiges (byvoorbeeld die katalogiseerders by die NLSA wat alle soorte publikasies ontsluit) nie noodwendig beskik nie.

Die nut van die Dewey-klassifikasiesistelsel in die ontwikkeling van die kategoriseringstelsel van produksiekategorieë kan nie ontken word nie, maar die bruikbaarheid daarvan was in so 'n mate beperk dat dit steeds die ontwikkeling van 'n ander pasklaar stelsel noodsaaklik gemaak het.

5.6.1.2 Teoretiese aspekte van die genre-leer

Peck & Coyle (1993:1-2) beskryf die term “genre” as “a type or class of literature. [...] The logic behind these divisions is straightforward: all works of a certain kind have a great deal in common and are therefore grouped together”. Van Gorp *et al* (1991:158) beskou “genre” as ’n benaming vir die sogenaamde wesensvorme en die historiese soorte en subsoorte literatuur. Die wesensvorme of natuurvorme word tradisioneel onderskei as die epiek, die liriek en die dramatiek wat verwys na menslike uitingsmoontlikhede, onderskeidelik vertel, sing en demonstreer. Die ondersoorte of subgenres is die spesifieke vorme wat op grond van formele eienskappe en inhoud onder die wesensvorme erken word, soos die sonnet, tragedie, komedie, roman, kortverhaal, essay of e-pos (vergelyk Hambidge, 1992:148). Die onderskeid tussen byvoorbeeld ’n ek-roman en ’n briefroman berus op formele eienskappe; terwyl ’n liefdesroman byvoorbeeld van ’n avontuurroman onderskei word op grond van die (aard van die) inhoud (Van der Merwe & Viljoen, 1998:67-68). Hambidge (1992:149) beskryf die onderlinge verhoudings tussen die drie hoofgenres of wesensvorme, na aanleiding van Petersen se driehoek-voorstelling, as volg: “die liriek is ’n monologiese uitbeelding van ’n toestand; die epiek is ’n monologiese berig van ’n handeling; die dramatiek is ’n dialogiese uitbeelding van ’n handeling” (vergelyk ook Van Gorp *et al*, 1991:159).

Van der Merwe & Viljoen (1998:57; 62-63) omskryf “genre-leer” as “die formele studie en onderskeiding van verskillende soorte tekste [waarvan] die onderskeiding van soorte literêre tekste [...] eintlik ’n onderafdeling [is]” en “genre” as “’n soort raamwerk of filter wat bepaal wat binne ’n bepaalde [teks] as paslik beskou word, maar ook hoe [die teks] verstaan [en beoordeel] moet word” – dit bied ’n gedeelde konteks waarbinne lesers en skrywers mekaar kan verstaan. As voorwaarde vir ’n genrestelsel, sodat dit nie net ’n klassifikasiestelsel bly nie, moet dit die dieperliggende patroonmatigheid binne die stelsel kan blootlê (Van der Merwe & Viljoen, 1998:62). Volgens hulle is die begrip “genre” vandag in onguns en in onbruik omdat dit (verkeerdelik) as onveranderlike wette of reëls beskou word wat inhibeer en boonop as konserwatief, eerder as ’n stel uitdrukkingsmiddele ter ondersteuning van die skeppingsproses. Genres dien as sosiale kodifiserings van sekere tekseienskappe: sekere genres en die eienskappe daarvan word deur die samelewing erken en as norm

gebruik, daardeur raak dit gekanoniseer. Hierdie kenmerk maak volgens Van der Merwe & Viljoen (1998:65-67) genres belangrik vir literatuurgeskiedskrywing omdat dit, sistemies beskou, die posisie van die genre in die sisteem van alle tekste aandui. Maar dit is veranderlik en nie ewig en vas nie want wanneer van die genrekodes afgewyk word (soos voortdurend gebeur, veral met eksperimentele tekste waardeur nuwe genres geskep word of genregrense oorskry word) verskuif die posisie daarvan in die sisteem (ter wille van die strewe na ekwilibrium in die sisteem). Hiermee plaas Van der Merwe & Viljoen die konsep genre ook binne die kader van teksstudies waarin 'n sisteembenadering gevolg is, soos Viljoen trouens gedoen het in sy gepubliseerde doktorskrif oor *Die Suid-Afrikaanse romansisteem anno 1981* (Viljoen, 1986).

Van der Merwe & Viljoen (1998:68-69) bepleit 'n beskouing van genres waar daar gekonsentreer word op reekse verwantskappe (“familie-ooreenkomste”) tussen eksemplare van die genre, eerder as klasse met onderskeidende kenmerke wat nie houdbaar is nie omdat eksemplare nooit presies ooreenkom nie. Dié verwantskappe word uitgeken deur kollektiewe kodes wat oorgedra word deur kennis te maak met eksemplare van die genre; só word 'n mate van genre-*competence* deur lesers verwerf.

Daar word deur Van der Merwe & Viljoen (1998:69-71) tussen twee basiese benaderings tot die genre-leer onderskei: (i) teoretiese genres waar 'n teorie as grondslag dien en waaruit kategorieë afgelei word, onbepaald van 'n spesifieke periode en literatuur – dus 'n deduktiewe benadering in aansluiting by Aristoteles se werkwyse; en (ii) historiese genres waar werklike genrestelsels, genres wat werklik in 'n bepaalde tydperk en literatuur voorkom of voorgekom het, en hulle onderlinge verhouding tot mekaar beskryf word. Die doel van die genre-leer is om die historiese genres na hulle onderskeie tekseienskappe te herlei en daardeur patrone vas te stel (dus steeds 'n teksgerigte toepassing); maar die genre-leer word ook in verband gebring met die literatuursosiologie (die plek wat werklike genres in die samelewing beklee) en dan word genres verbind aan samelewingstrukture en word dit sosiale instellings of institute.

Volgens Van der Merwe & Viljoen (1998:71) bestaan daar “eintlik nog nie 'n uitgewerkte taksonomie soos in plant- of dierkunde of soos die klassifikasiesistelsel van

Dewey [...] nie” en is die kategorieë en kriteria van bestaande genre-indelings verwarrend. ’n Verdere probleem is dat die term “genre” op alle vlakke van onderskeid gebruik word. Hempfer (aangehaal in Van der Merwe & Viljoen, 1998:72) stel ’n sistematiese stel terme vir die genre-leer voor waardeur verwarring oorbrug kan word: (i) die basiese onderskeid tussen skryfwyses of *hoofgenres* is die indeling in epiek (prosa), liriek (poësie) en dramatiek (drama); (ii) die historiese konkrete verwerkings van die skryfwyses is die *genre*, byvoorbeeld die roman, epos of tragedie; (iii) die subsoorte van die konkrete vorme dra die term *subgenre*, byvoorbeeld die pikareske roman of plaasroman; (iv) die *tipe* verwys na die tydlose moontlikhede vir die realisering van die skryfwyse, byvoorbeeld die ek-vertelling of ek-roman. Die vier groepe hang as volg saam: die hoofgenre druk tydlose verhoudings tussen verskillende elemente uit (byvoorbeeld vertelling) wat deur bepaalde omvormings die konkrete historiese genres (soos die roman) en die verskillende tipes (soos die ek-roman) lewer. Uit die historiese genres kristalliseer dan weer die subgenres (byvoorbeeld die plaasroman).

Van der Merwe & Viljoen (1998:72-79) behandel ’n aantal moderner maniere waarvolgens tussen genres onderskei kan word: (i) die taalsituasie (onderskeiding op grond van die kommunikasie, die verhouding tussen die sender en sprekers in die teks, ook die redekriterium (wie die rede voer) genoem, by gedigte is net een spreker aanwesig, terwyl meerdere sprekers in die dramateks aanwesig is en sprekers saam verteller(s) in prosatekste voorkom); (ii) die abstrakte inhoud (indeling berus op die reekse gebeurtenisse in die tipe teks, prosatekste en dramas vertel deur die aanwesigheid van sulke reekse ’n storie, terwyl gedigte nie ’n storie vertel nie); (iii) die tematiek (spesifieke genres word as geskikter beskou vir die behandeling van spesifieke onderwerpe, die liriek is veral geskik vir die ontboeseming van persoonlike gevoelens, die dramatiek vir die uitbeelding van handeling en konflik en die epiek vir die beskrywing van dade); (iv) die styl (onderskeiding gaan hier oor stylverskille, prosa is byvoorbeeld nader aan die gewone spreektaal, terwyl poësie meer gestileer is); (v) uitwerking of pragmatiese werking (hier gaan dit oor die beoogde uitwerking op die leser, waarvolgens hoofsaaklik onderskei kan word tussen informatiewe, oorredende, ontroerende en ekspressiewe tekste); en (vi) die tipografiese vorm (onderskeiding op grond van die vergestaltung van die teks op die bladsy of die bladspieël, die verhouding tussen die positiewe spasie (die swart van die gedrukte

teks) en die negatiewe spasie (die wit wat oorbly) dra betekenis; prosatekste staan byvoorbeeld die hele bladsy vol, gedigte beslaan net gedeeltes van die bladsy en dramatekste kan tipografies deur die afwisseling van dialoog en didaskalia onderskei word). Van der Merwe & Viljoen (1998:80) wys daarop dat alle indelings volgens hierdie kriteria ook relatief is, met verloop van tyd kan verander en veralgemening hiervolgens gevaarlik is (vergelyk ook Hambidge, 1992:148).

'n Verdere onderskeidingswyse, wat veral vir die doeleindes van hierdie studie van belang is, word deur Van der Merwe & Viljoen (1998:79-80) “genre-indikasies” genoem. Dit gaan hier oor ekstrinsieke eienskappe buite die teks (produksie-, verspreiding- en resepsiefaktore, vergelyk Van Coller, 1990:101): (i) op die omslag of titelblad word dikwels 'n aanduiding van die genre as deel van die titel gegee (soos byvoorbeeld “roman”, “gedigte”, of “spanningsroman”); (ii) die grafiese ontwerp van die omslag kan ook 'n vorm van genre-indikasies wees (die styl van die ontwerp kan as semiotiese aanduiding van die genre dien, soos byvoorbeeld grafiese romans wat 'n kenmerkende stripkuns styl vertoon of liefdesromans wat dikwels illustrasies of foto's van verliefde paartjies vertoon); (iii) só ook die bemarkingskanaal wat gevolg word (waar die publikasie te koop aangebied word, byvoorbeeld 'n ontspanningsroman wat by 'n supermark te koop is of 'n inspirerende roman wat deur 'n Christelike boekwinkel versprei word); (iv) die naam van die skrywer en sy / haar vorige boeke skep verwagtinge oor die genre van 'n volgende boek (van byvoorbeeld Ena Murray verwag lesers liefdesromans en van Deon Meyer spanningsromans); en (v) die uitgewery (ook die druknaam) van die publikasies skep verdere verwagtings oor genre (dit is byvoorbeeld bekend dat die internasionale Harlequin uitgewers se Mills & Boon-reeks liefdesromans is en plaaslik gee NB-Uitgewers se druknaam Jasmyn spesifiek liefdesromans uit). Die konsep “genre-indikasies” staan in direkte verband met die bemarkingskonsep “branding”.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit duidelik dat die genre-leer hom hoofsaaklik by die indeling van tekste volgens die inhoud daarvan (die intrinsieke tekseienskappe, soos byvoorbeeld taal, styl, struktuur, fiksionaliteit en tema, vergelyk Van Coller, 1990:101) skaar. Omdat hierdie studie nie teksgerig is nie en geen publikasie se inhoud betrek nie, maar eerder die aard van die inhoud as aanduiding van die soort publikasie, is die genre-leer hoofsaaklik in terme van genre-indikasies by dié

ondersoek van toepassing. In die kategoriseringstelsel wat vervolgens voorgestel word, vorm genres en subgenres slegs één onderskeidingsfaktor of kriterium van die produksiekategorieë. Daarom kies die navorser eerder die term “produksiekategorie” as “genre” of “tekstipe”. Dit gaan hier oor ’n poging tot ’n tipologie waarin verskeie kriteria betrek word ten einde ’n verdeling van produksiekategorieë moontlik te maak.

5.6.2 Kriteria by die ontwikkeling van die kategoriseringstelsel van produksiekategorieë

’n Geldige vraag by die ontwikkeling van die kategoriseringstelsel van produksiekategorieë, is oor die kriteria wat gegeld het in die bepaling van die produksiekategorieë. In ’n poging om hierdie vraag te beantwoord, is dit makliker om eerstens te sê watter kriteria nie gegeld het nie. Daar is gepoog om so ver as moontlik een groot slagगत te vermy, naamlik om nie te verval in die holrug debat oor die kunsmatige onderskeid tussen “literêre” en “populêre” literatuur of “hoë” en “lae” literatuur nie.

Snyman (1997:6-8) toon aan dat “populêre literatuur” deur die plaaslike literatuurstudie in die verlede grotendeels geïgnoreer is omdat dit as benede sy waardigheid beskou is. Sy wys daarop dat slegs enkele nagraadse studies aan populêre literatuur gewy is en dat dit byna heeltemal in die standaard literêre naslaanwerk *Literêre terme & teorieë* (Cloete *et al*, 1992) geïgnoreer word (vergelyk ook Olivier, 1990:89-91). Wanneer Snyman (1997:10-15) “populêre literatuur” in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis naspoor, bevind sy dat: (i) die Afrikaanse prosakuns begin met “pretensielose vertellings” wat in die 1920’s voortgesit word deur volksvertellings, spook- en speurverhale, plaasromans en realistiese prosa (vergelyk ook Van der Walt aangehaal in De Kock, 1990:95); (ii) die beweging van die Dertigers, met die vernuwing in die Afrikaanse poësie, veroorsaak “’n bewuswording van ’n intellektualiteit, van betekenis ‘wat om die grense flikker van duister woorde’”; (iii) die opkoms van Afrikaner-nasionalisme, formeel sedert 1948, vereis “’n letterkunde van die hoogste kwaliteit” waardeur Afrikaans se superioriteit bevestig kon word; (iv) die Sestigters, met hulle vernuwing in die Afrikaanse prosa, se beroep op “hulle artistieke integriteit en intellektuele krag”, hulle vernet teen die establishment se

voorskrifte vir “berekende literatuur” en doelbewuste afstand skep tussen hulself as individualiste en die “gewone Afrikaanse leser” (vergelyk ook Baker, 1990:97-98; Olivier, 1990:90); en (v) die politieke bewussyn in die literatuur wat voortgesit word deur die beweging van Tagtig met hulle “struggle-literatuur”. Snyman betoog dat die genoemde ontwikkelinge die gevolg gehad het dat die “hoë” literatuur “verintellektualiseer” geraak het, “verduister” het en tot “’n intellektuele en akademiese hegemonie” gelei het waardeur die prosakuns ’n elitekuns geraak het en lesers vervreem is. Snyman (1997:12-13) is van mening dat daar as gevolg van hierdie situasie “breedweg twee pole binne die Afrikaanse literêre sisteem ontstaan [het]: boekklubboeke en hoë literatuur: ’n kloof tussen snob en snert” (vergelyk ook Van der Walt aangehaal in De Kock, 1990:95). Volgens Snyman het boekklubboeke die “gewone” Afrikaanse lesers tussen die 1960’s en 1990’s aan die lees gehou en die Afrikaanse literatuur gedra, terwyl selfs “gesofistikeerde” lesers nie plesier in Afrikaanse “literêre werke” vind nie en eerder Engelse fiksie begin lees het.

Ander terme wat soms gebruik word om te onderskei tussen die twee pole van literatuur (spesifiek met verwysing na populêre literatuur) is byvoorbeeld “populêre leesstof”, “prosalektuur”, “ontspanningsliteratuur”, “ontspanningsroman”, “verstrooiingsliteratuur”, “toeganklike literatuur”, “lekkerleesboek”, “triviaalliteratuur” en “gewilde roman” (Baker, 1990:97; Botha, 1990:88-89; De Kock, 1990:94; Kok, 1984:i; Olivier, 1990:89; Van Coller, 1990:99; Van Gorp, 1991:416-417). Dit is ’n onderskeid wat gekoppel is aan waarde-oordele, literatuuropvattinge en periodisering – en beide die maatstawwe en die onderskeid is subjektief en veranderlik. Botha (1990:88) stel dit as volg: “[d]it is deel van die geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde, miskien van alle letterkundes, dat die *versus* tussen wat as ‘letterkunde’ en wat as ‘populêre leesstof’ beskou word, nie as ’n absolute aanduiding van opposisie opgevat kan word nie. W.E.G. Louw het die verskynsel van veranderde smaak, verskuiwende literatuuropvattinge op ’n keer so beskryf: ‘wat vir die een generasie voetvelletjie is, kan by ’n volgende as altaarkleed gereken word’”. Hambidge (1990:46) beweer dat: “[d]it stellig moontlik [was] om voor die post-modernistiese beweging te verwys na boekklub-lesers / ontspanningsliteratuur / damesromannetjies en vele ander pejoratiewe benaminge. Die moderne literatuurwetenskap bestudeer egter sogenaamde populêre letterkunde juis omdat daar romans geskryf word waarin verdeling tussen populêre letterkunde en hoë tekste

deurbreek word”; sy noem Eleanor Baker se *Weerkaatsings: ’n sprokie* (Human & Rousseau, 1984) as voorbeeld.

Van Coller (1990:102-103) beweer egter dat daar “twee soorte sisteme [bestaan] wat periferaal oorvleuel maar in die sentrum wesenlik verskil: hier is in feite sprake van twee verskillende paradigmas”. Hy motiveer sy argument deur te beweer dat dit by die samestelling van ’n literatuurgeskiedenis van dié sisteme sal blyk dat weinig ooreenkomste in die onderskeie evolusies aantoonbaar is. Volgens hom is die rede hiervoor dat “populêre literatuur eerder werk met internasionale patrone / modes / modelle, terwyl die letterkunde normaalweg ’n eiesoortige ontwikkelingsgang vertoon”. Daardeur betoog hy dat ’n werk wat in die een sisteem hoog staan (of in sistemiese terme tot die kern gereken word), in die ander sisteem laag sal staan – selfs al is dié werk “volgens alle norme veel beter [...] as ’n swak werk in die ander sisteem, [sal dit] tog nie tot daardie betreffende sisteem gereken [...] word nie”. (Verskeie sisteemteoretiese benaderings is in 2.4 bespreek.) Van Coller beskou dit as onregverdig vir ’n werk wanneer hy tot die nie-behorende sisteem indring (deur onder andere “as literêre produksie bemark” te word terwyl dit “tipiese eienskappe van ontspanningsliteratuur” het) en nie die mas opkom nie; die uniekheid en waarde van die werk sou ’n hoër posisie in die behorende sisteem bekleed het.

Op 21 Mei 1983 word ’n eendag-konferensie, georganiseer deur die ATKV, gehou om te besin oor strategieë ter bevordering van “goeie gewilde prosa” (Kok, 1984). Hierdie term word gemunt as alternatief vir “middelmoottliteratuur” en in ’n poging om ’n brug te slaan tussen die kloof van “hoë” en “lae” literatuur – om te verwys na ’n tussenkategorie van publikasies wat op verskeie vlakke gelees kan word en steeds toeganklik bly vir verskillende lesers: “[g]oeie gewilde prosa word voorlopig onderskei as werke met literêre kenmerke, maar met ’n sterker verhaalelement en minder lesersweerstand as wat gewoonlik in literatuur aangetref word” (Malan, 1984b:3). Maar die term was nie totaal vry van (literêre) pretensie nie en aspirant-skrywers is steeds voorgeskryf om boeke met “literêre eienskappe” te skryf; met die gevolg dat Afrikaanse ontspanningsliteratuur vasgevang geraak het in uitgediende paradigmas (Snyman, 1997:14). As uitvloeisel van die konferensie word die jaarlikse ATKV-prosaprys vir “die beste gewilde Afrikaanse prosawerk [...] wat sal byval vind by die groter leserspubliek” (ATKV, 2003) in 1984 ingestel in ’n poging om die

produksie van sulke prosawerke aan te moedig – vandag een van die min oorlewende Afrikaanse literêre pryse. Die vervaging tussen sogenaamde “literêre” en “populêre” prosa kan ook afgelees word in die toekenningsgeskiedenis van dié prys: dit is al aan skrywers van boeke in beide kategorieë toegeken, soos Dalene Matthee, Etienne van Heerden, Jan van Tonder, Riana Scheepers, Erika Murray-Theron, Marita van der Vyver, Corlia Fourie, Deon Meyer en Marzanne Leroux-Van der Boon (ATKV, 2004); dit is eers die ATKV-Prys vir Gewilde Prosa genoem, terwyl die klem nou op ’n “lekkerleesstorie” as deurslaggewende kriterium val. Van Zyl (2002c) meld egter dat die produksie van Afrikaanse fiksie vandag steeds nie genoegsaam voorsien in dié tussenkategorie nie; en Du Plessis (aangehaal in Pienaar, 2004a) is van mening dat “die middelmoottliteratuur ’n verarming ondergaan het” en vind dit jammer omdat “goeie boeke wat toeganklik [is] vir lesers wat nie kenners van die literatuur is nie [...] die boeke [is] waarop jy ’n taal bou”.

Die Nasionale Leeskringseminaar op 5 en 6 Oktober 1988 word eweneens gedeeltelik gewy aan die onderwerp “letterkunde versus populêre leesstof” (vergelyk Botha, 1990:88-89; Olivier, 1990:89-93; De Kock, 1990:94-97; Baker, 1990:97-99; Van Coller, 1990:99-104; Van Heerden, 1990: 104-107). Referate gelewer tydens die dagseminaar op 21 Augustus 1996, georganiseer deur die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Suid-Afrika, oor die Afrikaanse hygroman ondersoek weer eens die verhouding tussen sogenaamde “populêre” en “literêre” prosa (vergelyk Snyman, 1997:6-16, 127; Britz, 1997:17-24; Van der Linde, 1997:25-37; Ferreira, 1997:38-44).

In ’n mate het die produksie van Afrikaanse fiksie in die 1990’s, beïnvloed deur die transformasieverskuiwings gedurende dié periode (sien Hoofstuk 3), ’n verandering ondergaan. Uitgewers moes hulle toenemend op die algemene mark rig omdat institusionele aankope deur die staat (verkope in die voorskryfmark en biblioteek-aankope – sien 3.3.4.1 en 3.3.5.1) radikaal ingekort is. Volgens Snyman (1997:14-15) is daar begin om meer klem op die leser te plaas omdat hy nie meer “eenkant gelaat kon word in ’n verintellektualisering van die letterkunde waarin hy en sy behoeftes nie meer geag word nie”. Sy verwys hierna as die “ware demokratisering van die Afrikaanse literatuur” (vergelyk ook Botha, 1990:89). Die “bastion van intellektualisme en elitisme” het hom in ’n postmodernistiese samelewing bevind waarin “artistic classification systems [have become] more differentiated and less hierarchical,

classification weaker and less universal” (DiMaggio aangehaal in Snyman, 1997:14). Gedurende die verloop van die 1990’s is die produksie van Afrikaanse fiksie veral gediversifiseer in terme van produksie in verskeie soorte produksiekategorieë: die hygroman het op die toneel verskyn en saam ander “populêre” liefdesromans sterker na vore getree, daar was ook ’n oplewing in die speurverhaal; swart prosaskrywers het vir die eerste maal substantief op die voorgrond getree; en “literêre” romans het meer toeganklik geraak aan die begin van die 1990’s – ’n periode wat beskryf is as ’n “renaissance van die Afrikaanse boek” (Labuschagne aangehaal in *Die Burger*, 13.11.93:4).

Maar teen die begin van die nuwe millennium bestaan daar volgens sommige waarnemers ’n krisis vir die Afrikaanse boek waarin sy toekoms as “duister” beskou word (Weideman *et al*, 2002; Van Vuuren, 2003:11). “Populêre” fiksie (veral liefdesromans) het in die breë toegeneem en meer “literêre” fiksie het al minder verskyn, terwyl die oes aan publikasies wat tussen dié twee kategorieë val maar skraal was. Die verguising van intellektualisme en die marginalisering van Afrikaans is in só ’n mate op die spits gedryf dat waarnemers selfs na ’n mate van “anti-intellektualisme in die Afrikaanse kultuurlêwe” verwys (Visagie aangehaal in Smith, 2001:3). Vandag word die produksie van ook Afrikaanse fiksiepublikasies in ’n groot mate deur die markomgewing gedikteer en het ’n mate van marksensuur ingetree (’n internasionale verskynsel, vergelyk Schiffrin, 2001:103-128). Die vroeër “literêre elite” suig nou aan die agterste speen en slegs empiriese ondersoek sal bepaal in hoe ’n mate Snyman se verwysing na “demokratisering” werklike demokratiese gevolge gehad het, óf dalk deur transformasieverskuiwings in só ’n mate gekeer is, dat die produksie van ook Afrikaanse fiksiepublikasies totaal oorgelewer is aan ’n verbruikerskultuur (’n internasionale tendens, vergelyk Van Krevelen, 2002:17-24; 25-49; 51-56). (Die invloed van hierdie transformasieverskuiwings op die produksielandskap en produsentelandskap is in Hoofstukke 3 en 4 in detail bespreek.)

Die verwysing na die konsep “massaliteratuur” en “blitsverkopers” is eweneens problematies. By die produksie van Afrikaanse fiksiepublikasies, wat as geheel ’n nismark is as dit met die internasionale markte vir fiksie vergelyk sou word (in byvoorbeeld die Verenigde State van Amerika, die Verenigde Koninkryk en die res van Europa waar oplaes van “massamark fiksiepublikasies” in honderdduisende

gemeet word – vergelyk byvoorbeeld Maryles, 2003a:19; 2003b:123; 2004:16), kan daar nie sprake wees van (’n) “massa” nie. In die Amerikaanse en Britse boeksektore verwys “mass literature” gewoonlik na die sogenaamde “paperback novels” wat in besonderse groot opslae geproduseer word (in sekere gevalle tot meer as ’n miljoen eksemplare van byvoorbeeld Harlequin se liefdesromans – vergelyk Maryles, 2004:16), deur supermarkte en ander “nie-tradisionele” verspreidingskanale bemark word en deur massas verbruik word (Chapman, 1996:48-57; Baverstock, 2000:22-23), sogenaamde “best sellers”. ’n Voorbeeld hiervan sou die publikasies van gewilde outeurs soos Steven King, Dean R. Koontz of Danielle Steel wees. In hierdie term is daar ook ’n mate van waarde-oordeel ingebou, naamlik dat dit literatuur vir die massa, en dus nie vir die uitgesoekte (literêre) elite is nie.

In die Afrikaanse mark is die gemiddelde oplaag van ’n roman 3 000 eksemplare (Breytenbach, 2002b). Romans waarvan 8 000 eksemplare en meer verkoop, word as topverkopers of blitsverkopers beskou (Collings, 2002). Slegs die romans deur Afrikaanse outeurs soos byvoorbeeld Dalene Matthee, van wie se *Pieterella van die Kaap* 45 000 eksemplare in 2001 verkoop is (Collings, 2002), kan as Afrikaanse “massamark fiksiepublikasies” gereken word – maar dan sonder die waarde-oordeel dat dit noodwendig nie “literêr” is nie.

By die produksie van Afrikaanse fiksiepublikasies bestaan ook nie die onderskeid tussen hardeband- en sagtebanduitgawes wat op waarde-oordeel berus nie, soos dit internasionaal wel die geval is, waar sagtebanduitgawes as ’t ware tot ’n aparte produksiekategorie of ’n volgende produksiesiklus ontwikkel het (Chapman, 1996:48-57; Maryles, 2003b:123; Forsyth & Birn, 1997:36-38). Afrikaanse “literêre” romans van byvoorbeeld Marita van der Vyver (*Wegkomkans*, Tafelberg, 1999; *Griet kom weer*, Tafelberg, 2001; *Vergenoeg*, Tafelberg, 2003) of Etienne Van Heerden (*Die swye van Mario Salviati*, Tafelberg, 2000) of Marlene van Niekerk (*Triomf*, Queillerie, 1994 en *Agaat*, Tafelberg, 2004) word in sagteband uitgegee; terwyl vertaalde Mills & Boon liefdesromans in Afrikaans hoofsaaklik in hardeband uitgegee word (sien ook 4.4.2). Die uitsondering is die “groot kanonne” in die Afrikaanse letterkunde vir wie daar nog publikasies in hardeband uitgegee word en wat dan in heruitgawes in sagteband opgevolg word (vergelyk byvoorbeeld André P. Brink se *Duiwelskloof*, Human & Rousseau, 1998 en 2000; en *Donkermaan*, Human &

Rousseau, 2000 en 2001). Die oorweging tussen hardeband en sagteband word nie slegs deur koste bepaal nie, maar is vermoedelik ook aan prestige-waarde gekoppel, fisiese oorwegings (in die geval waar 'n publikasie dalk te dik is om deur 'n sagtebandomslag ondersteun te word, soos die (outo)biografieë van Kannemeyer, Schoeman en Steyn – maar weer eens bestaan uitsonderings: Van Niekerk se baie dik roman *Agaat* is in sagteband uitgegee) en in gevalle waar outeurs aandring op hardebandomslae. Die neiging, ook internasionaal (vergelyk Forsyth & Birn, 1997:37), is om fiksiepublikasies al meer in sagteband uit te gee.

Die navorser gaan akkoord met Botha (1990:88) en Snyman (1997:15) se afkeer aan etikettering op grond van 'n subjektiewe kriterium soos smaak. Maar hoe kan die ontwikkeling van verskillende produksiekategorieë nagespeur word sonder 'n soort indeling? Botha (1990:89) wys reeds in 1990 daarop dat “daar [...] deur 'n uitgewer, deur redakteurs *besluit* [word] wat as populêre leesstof bemark sal word” en dat “[...] 'n mens kan vermoed dat bemarking 'n gebiedende rol speel in die verdeling letterkunde : populêre leesstof”. Ook Olivier (1990:90) let op hoe “die katalogus van 'n bekende Kaapse uitgewer onderskei [...] tussen populêre romans en belletrie” en hoe daar in “een van die grootste boekwinkels in die land [...] die leesstof en die letterkunde van mekaar geskei [word]”. Dit is tog so dat daar by Afrikaanse prosapublikasies onderskei kan word tussen romans wat op grond van die aard van hulle inhoud kategorieerbaar is as 'n spesifieke soort subgenre (byvoorbeeld liefdesromans of spanningsromans); en romans wat nie kategorieerbaar is nie (sogenaamde “literêre” – of “populêre” – romans wat aan 'n etiket ontkom). En dít het alles te doen met bemarkingsetikette wat deur uitgewerye aan publikasies gekoppel word – die manier waarop uitgewerye 'n bepaalde publikasie in die bemarking daarvan op die publiek rig, met ander woorde hoe uitgewerye op grond van die aard van die inhoud 'n bepaalde “handelsmerk” aan 'n publikasie koppel. Sommige romans word as “speurromans” of “rillers” of “liefdesromans” bemark; terwyl ander weer as “populêr”, “literêr” of “middelmoet” bemark word (talle voorbeelde word by die betrokke produksiekategorieë in Hoofstuk 6 verskaf).

Die bemarkingskonsep wat hier van toepassing is, word in Engels “branding” genoem. Daar bestaan nie 'n direkte Afrikaanse vertaling van die konsep nie, maar dit kan omskryf word as die “ontwikkeling van 'n handelsmerk”. Baverstock (2000:322)

omskryf “brand” as: “a product (or service) with distinct characteristics that make it different from other products on the market”. Dit is ’n vorm van bemerking wat onder andere in die studieveld van verbruikerskunde (“consumerism”) tuiskom. Eers was handelsmerke bloot ’n kombinasie van visuele logo’s, simbole, tekens en slagspreuke waardeur produkte van verskeie mededingers onderskei kon word. Dit het egter ontwikkel tot veel meer: ’n visuele uitdrukking van die identiteit waarmee die handelsmerk geassosieer word en ’n aanduiding van onderskeibare kwaliteit wat deur organisasies gebruik word om hulself te differensieer (Coomber, 2002:9). Binne die verbruikerskultuur met sy gevolglike strawwer mededinging het differensiasie ’n belangrike strategie van mededingende bemerking geword en handelsmerke word suksesvol vir hierdie bemerking ingespan – volgens Gasson *et al* (1999:15-18) word dit toenemend in die internasionale uitgewerybedryf toegepas. In der waarheid word “branding” op ’n psigologiese vlak as ’n beeld van status (die “brand image”) by die verbruiker ingeprent en begin hy/sy fisiese (kommersiële) en sosiale (deur assosiasie) waarde daaraan te heg (Coomber, 2002:12, 22). Coomber (2002:10-11) onderskei tussen ses soorte handelsmerke, soos gebruik vir die bemerking van produkte, dienste, persone, organisasies, alleenstaande gebeurtenisse en geografiese gebiede. Wanneer dit herlei word na die uitgewerybedryf en boekhandelbedryf, kan onderskei word tussen die volgende soorte toepassings:

- **Uitgewerye en hulle drukname** dien as handelsmerke van die soort publikasies wat deur hulle uitgegee word. Drukname word ook vir spesifieke produklyne gebruik, byvoorbeeld die verskillende soorte liefdesromans wat deur Jasmyn onder die drukname Mirre, Melodie, Hartklop en Satyn uitgegee word. Of LAPA se verskillende soorte liefdesromans wat binne die vyf verskillende boekklubs en onder die drukname Fleur en Romanza uitgegee word (sien 4.3.1.8 en 4.4.1).
- Die **bemerkingsstrategieë** wat deur **boekhandelaars** toegepas word, steun op handelsmerke, soos byvoorbeeld Exclusive Books se Publisher’s Choice en Homebru etikette of Leserskring se kwartaallikse kroonboek.
- **Outeurs** word ’n handelsmerk vir die **soort publikasies wat hulle skryf**. Deon Meyer word byvoorbeeld as ’n speurverhaalskrywer beskou, Dalene Matthee sal vir altyd met haar boeke oor die Knysnabos geassosieer word. Elmar Steyn is spesifiek bekend vir sy historiese romantiese verhale. Van André P. Brink verwag lesers sogenaamde “literêre” romans. Skrywers word

ook soms met 'n spesifieke genre geassosieer, soos Antjie Krog en Breyten Breytenbach ten eerste met die poësie – selfs al skryf hulle ook prosa en drama.

- Die soort publikasie of produk vorm deur 'n **aanduiding van die subgenre** waarbinne dit hoort 'n handelsmerk. Spanningsromans en liefdesromans word met etikette op die omslagontwerp bemark en ook deur omslagontwerpe en die logo's van drukname uitgeken.
- Individuele publikasies word as deel van die **reeks** waartoe dit behoort uitgeken deur die **soortgelyke ontwerpstyl van die omslagontwerpe**. Vergelyk byvoorbeeld die ontwerpstyl van NB-Uitgewers se klassieke-reeks, die kenmerkende omslagontwerpe van die liefdesromans onder die drukname Mirre, Melodie, Hartklop en Satyn en LAPA se ontwerpe vir die liefdesromans wat onder die druknaam van hul boekklubs en die drukname Fleur en Romanza uitgegee word.

Die toepassing van handelsmerke op boeke gaan dus oor die gedifferensieerde verpakking daarvan deur die grafiese ontwerpe van omslae en die kategorisering deur middel van bemarkingstekste, asook die korporatiewe identiteit wat aan 'n uitgewery en sy drukname gekoppel word en die beeld waarmee 'n skrywer geassosieer word (Lupton, 1996:117-119). Dit gaan hier nie oor hoe die handelsmerke wat aan fiksie gekoppel word dalk ook 'n brandmerk (in die positiewe of negatiewe sin) word nie. Dit gaan wel daaroor om publikasies in te deel na aanleiding van onder andere identifiseerbare kategorieë wat deur uitgewerye self in die bemarking daarvan aan publikasies gekoppel word en om dáárdeur sin te maak uit 'n groter geheel. Hierdie kategorisering maak egter slegs staat op kategorieë wat direk aan die aard van die inhoud van die publikasie gekoppel kan word, nie die inhoud of teks self (of die “literêre waarde” daarvan) nie – dus sonder om die publikasies tekstueel te ontleed en literêre waarde-oordele daaroor te vel of 'n onderskeid tussen gekanoniseerde en nie-gekanoniseerde publikasies te tref.

Die oorhoofse kriteria wat gegeld het by die indeling in produksiekategorieë kan as volg opgesom word:

- (i) Die eerste kriterium by die indeling van die vier oorhoofse produksiekategorieë was die **hoofgenres**. Die versamelde data uit die eerstevlak-bronne was reeds op grond van Dewey-klasnommers in hoofgenres verdeel. In die gekonsolideerde datastel het die navorser die rekords volgens die titels; die outeurs; verwysings in die nota-veld en die onderwerp-veld en die vakkennis van die navorser in vier oorhoofse produksiekategorieë verdeel:
- prosapublikasies
 - poësiepublikasies
 - dramapublikasies
 - publikasies waarin gemengde genres voorkom
- (ii) Tweedens het die navorsingsontwerp sterk staatgemaak op **bemarkingsetikette** van die publikasies wat deur uitgewerye daaraan gekoppel is, sogenaamde **genre-indikasies**. Hierdie data is afkomstig uit katalogusse en nuusbriewe van uitgewerye, die omslagteks van publikasies en aankondigings oor die publikasies. Inligting uit hierdie tweede-vlak en derdevlak-bronne (sien 5.5.5.1 en 5.5.5.2) is deur die navorser gefynkam vir beskrywende kategorieë waarvolgens publikasies in terme van die aard van die inhoud gekategoriseer is (die handelsmerk wat daaraan gekoppel word), en aanhalings uit hierdie bronne is ter motivering van die indeling in produksiekategorieë in die nota-veld van die PDAF aangehaal. Op grond van hierdie kriteria is die vier oorhoofse produksiekategorieë verder verdeel in 'n tweedevlak-verdeling na aanleiding van beide **die aard van die inhoud** en **die formaat van die publikasies** (byvoorbeeld of die publikasie uit aaneenlopende / langer teks of korter tekste bestaan). Hierdie verdeling verwys na kategorieë soos byvoorbeeld:
- wat langer of aaneenlopende prosa betref:
 - riller- / spanning- / speurromans
 - liefdesromans
 - humoristiese langer prosa
 - inspirerende (Bybelse of Christelike) romans
 - langer prosa (romans en nouvelles), wat beide sogenaamde “populêre” en “literêre” langer prosa insluit en nie as een van bogenoemde kategorieë gekategoriseer kon word nie

- wat kortprosa betref:
 - riller- / spanning- / speur-kortverhale
 - liefdesverhale
 - humoristiese kortprosa (kortverhale en essays)
 - inspirerende kortprosa (kortverhale en essays)
 - kortprosa (kortverhale en essays), wat beide sogenaamde “populêre” en “literêre” kortprosa insluit en nie as een van bogenoemde kategorieë gekategoriseer kon word nie
- wat poësie betref:
 - humoristiese poësie, wat byvoorbeeld limerieke en geleentheidsryme (byvoorbeeld rympies vir ooievaarstee-partytjies) insluit
 - inspirerende poësie, ryme en verse met ’n duidelike inspirerende of Christelike inslag (dit sluit nie religieuse poësie in nie)
 - poësie (digbundels, versamelbundels en bloemlesings), wat nie in een van die twee bogenoemde kategorieë val nie
- wat drama betref:
 - opvoertekste van verhoogproduksies wat nie deur uitgewerwe uitgegee is nie, maar wel in gedrukte formaat beskikbaar gemaak is
 - dramatekste (toneeltekste, filmdraaiboeke, radio-hoorspele en kabaretttekste) wat wel as gepubliseerde dramatekste uitgegee is

(iii) Die derde kriterium was **die aantal outeurs** van wie tekste in die publikasie verskyn het. Volgens hierdie kriterium is die indeling in (ii) hierbo verder gekategoriseer en ingedeel volgens:

- enkelouteur, publikasies wat tekste deur slegs een outeur bevat, dit is ook die geval waar twee of meer samestellers tekste van een outeur in ’n versamelbundel byeengebring het
- meerdere outeurs, publikasies waarin meer as een outeur se tekste in die publikasie verskyn

(iv) Vierdens het die **formaat waarvolgens die teks(te) in die publikasie gestalte gekry het** as kriteria gedien. Hiervolgens het ’n verdere vlak van kategorisering plaasgevind waarvolgens onderskeid getref word tussen:

- enkelbundel, publikasies waar teks(te) van een of meer outeur(s) vir die eerste maal in boekvorm saamgevoeg is, soos byvoorbeeld ’n digbundel of kortverhaalbundel wat as eerste of heruitgawe uitgegee word
 - saamgestelde bundel, publikasies waar teks(te) van een of meer outeur(s) (wat reeds as ’n publikasie of in ander publikasies verskyn het) as deel van ’n nuut saamgestelde eenheid uitgegee word, soos byvoorbeeld versamelbundels of bloemlesings met kortverhale of gedigte of omnibusse met romans
- (v) ’n Vyfde kriterium was die **fisiese formaat van die publikasie in terme van die teks (die tipografie)**. Hiervolgens is publikasies wat in grootdrukformaat uitgegee is, onderskei deur ’n verdere kategorisering, aangedui as “Grootdruk”. Dit het buite die bestek van hierdie studie geval om op grond van die insluiting of afwesigheid van illustrasies in die publikasie ’n verdere kategorisering te maak. Waar illustrasies (en nie teks nie) egter die hoofkomponent van die publikasie uitmaak, het dit wel die kategorisering beïnvloed, so is daar byvoorbeeld voorsiening gemaak vir die subkategorie “Grafies”. Die fisiese formaat van die omslag (hardeband of sagteband) is ook buite rekening gelaat.
- (vi) Die sesde kriterium het die **oorspronklike taal** waarin die publikasie geskryf en/of uitgegee is as onderskeidingsfaktor gehad. Hiervolgens is publikasies wat uit enige ander taal in Afrikaans vertaal is, onderskei en aangedui as “Vertaal in Afrikaans”. Publikasies wat uit Afrikaans in ander tale vertaal is, is nie by die data ingereken nie aangesien dit deel vorm van die produksiestatistiek van die onderskeie produksiekategorieë van die ander taal (die doeltaal van die vertaalde publikasie). By implikasie was taal opsig self dus ook ’n kriteria.
- (vii) ’n Laaste kriterium was die **aard van die uitgewery of produsent** van die publikasie. Publikasies wat deur outeurs daarvan self-uitgegee is, of deur instansies wat by uitsondering publikasies uitgegee het (wat nie gereeld as

uitgewery optree nie), is van publikasies wat deur uitgewerye uitgegee is, onderskei. Dié onderskeid is deur “self” of “instansie” aangedui.

Deur die aanwending van hierdie sewe kriteria is die totale aantal rekords in die PDAF verdeel in 113 unieke produksiekategorieë (die verdeling in diepte). Dit is daarna hergroepeer in die volgende 11 oorhoofse kategorieë (die verdeling in wydte):

- Romantiese fiksie (liefdesromans en -kortverhale)
- Riller- / spannings- / speurromans en -kortverhale
- Humoristiese prosa (kortprosa en langer prosa)
- Inspirerende prosa (kortprosa en langer prosa)
- Romans (uitsluitend liefdes-, inspirerende en riller- / spannings- / speurromans)
- Kortprosa (essays, kortverhale en ander vorme; uitsluitend liefdes-, inspirerende, riller- / spannings- / speur- en humoristiese kortverhale)
- Inspirerende poësie
- Humoristiese poësie
- Poësie (enkeldigbundels en bloemlesings, uitsluitend inspirerende en humoristiese poësie)
- Drama (ongepubliseerde opvoertekste en gepubliseerde dramatekste)
- Gemengde genres (publikasies wat uit meer as een genre bestaan)

Binne dié elf oorhoofse kategorieë bestaan talle dieper- of subkategorieë (113) wat nie hier gelys kan word nie, maar volledig as Aanhangsel B by die studie aangeheg word. Soos aan die begin van hierdie afdeling aangedui, word grootskaalse herhaling vermy deur nie hier elke produksiekategorie te verduidelik en voorbeelde van publikasies wat daarin gekategoriseer is te noem nie. Dít kom saam met die produksiestatistiek in Hoofstuk 6 onder die loep.

5.7 Die (re)konstruksie van ’n produksieprofiel en uitgeweryprofiel van Afrikaanse fiksiepublikasies

Die huidige prototipe PDAF in Microsoft Access®-formaat is aangewend om ’n produksieprofiel en uitgeweryprofiel van Afrikaanse fiksiepublikasies wat gedurende die periode 1990-2005 geproduseer is, te (re)konstrueer. Daardeer is dié

produksiekategorie en verskeie wyer en nouer produksiekategorieë daarbinne, statisties ontleed en kon bepaalde oorhoofse produksiepatrone of tendense bepaal word. Die resultate hiervan word in Hoofstuk 6 aangebied. Vervolgens word aandag gegee aan die konsepte “produksieprofiel”, “uitgeweryprofiel” en “(re)konstrueer”. Die afbakening wat gegeld het by die (re)konstruksie hiervan word gestel en die werkwyse wat gevolg is, word verduidelik.

5.7.1 Die konsep “produksieprofiel”

Die konsep “produksieprofiel” verwys na dié versameling van publikasies wat binne ’n afgebakende periode en binne ’n bepaalde produksiekategorie uitgegee is en die produksiepatrone waarvolgens dié plaasgevind het. In die geval van hierdie ondersoek verwys “produksieprofiel” na die aantal Afrikaanse fiksiepublikasies (gerig op die volwasse mark) wat per jaar gedurende die periode 1990-2005 deur alle uitgewerye of andersoortige produsente van (ook) Afrikaanse fiksiepublikasies uitgegee is en waarvan ’n rekord van uitgee-aktiwiteit in die PDAF vermeld is.

Die “versameling van publikasies” wat behoort tot die spesifieke produksiekategorie waarop die profiel konsentreer, verwys na dié versameling publikasies wat afkomstig is vanaf die bronne waaruit die databasis wat vir die konstruksie van die profiel benut is, saamgestel is. ’n Produksieprofiel kan dus nooit voorgee om volkome volledig te wees van “alle” publikasies in ’n produksiekategorie en in ’n periode nie, omrede dit altyd in ’n mindere of meerdere mate onderworpe bly aan die beperkinge van die bronne waaruit dit gekonstrueer word (dié beperkinge is in 5.5.3.1(f) en 5.5.3.2(f) beskryf).

Ter wille van die uitvoerbaarheid van ’n ondersoek word die konstruksie van ’n produksieprofiel begrens deur ’n spesifieke periode-afbakening (in hierdie geval 1990-2005). Verdere afbakening vind plaas op grond van die fokus op ’n spesifieke produksiekategorie, waarvan die wydte en diepte deur die doelwitte en fokus van die ondersoek bepaal word (in hierdie geval Afrikaanse fiksiepublikasies wat gerig is op die volwasse mark). Só kan ’n produksieprofiel byvoorbeeld gekonstrueer word vir alle fiksiepublikasies in iziZulu vir die periode 1930-2003 (Masondo, 2003) of vir

slegs Afrikaanse kinder- en jeugprosa vir die periode 1990-2001 (Snyman & Venter, 2004).

Dit kom daarop neer dat 'n produksieprofiel 'n abstrakte konstruksie is van die produksielandskap, soos dit afgebaken en beskryf word deur die spesifieke ondersoek waarbinne dit gekonstrueer word. Die konstruksie van 'n produksieprofiel vir 'n spesifieke produksiekategorie is slegs moontlik indien ('n) bron(ne) van produksiedata vir die spesifieke produksiekategorie bestaan. Dít was die beweegrede vir die ontwikkeling van die PDAF (sien 5.4) uit openbaar toeganklike bronne.

'n Produksieprofiel kan die klem laat val op verskeie aspekte of faktore in die produksie van die produkte waaroor dit gaan. Dit kan byvoorbeeld fokus op die aantal titels wat per jaar geproduseer is, soos dit die geval is in hierdie ondersoek. Dit sou ook kon verwys na die grootte van drukoplae van elke uitgawe of druk, wat 'n vollediger kartering van produksietendense sou wees. Oplaesyfers (die aantal eksemplare van die drukoplaag van elke druk en van elke uitgawe) is egter nie openbaar toeganklik nie en uitgewerye beskou hierdie data as kompeterende inligting en derhalwe as vertroulik (vergelyk PICC IPR-verslag, 2004:51). Vir die doeleindes van hierdie ondersoek sluit die produksieprofiel van Afrikaanse fiksiepublikasies dus nie oplaesyfers in nie.

'n Produksieprofiel verwys dus eerstens en direk na die produk(te) waaroor dit gaan, terwyl die produsent(e) van daardie produk(te) indirek ook deel uitmaak van die profiel.

5.7.2 Die konsep “uitgeweryprofiel”

Die konsep “uitgeweryprofiel” verwys na die totaal van produsente wat tydens 'n bepaalde periode (of tussenperiodes binne die periode) bygedra het tot produksie in 'n bepaalde produksiekategorie – wat deel is van die produsentelandskap (sien Hoofstuk 4). In hierdie ondersoek verwys “uitgeweryprofiel” dus na die totaal van uitgewerye en andersoortige produsente (hetsy kommersiële uitgewerye behorende tot media-maatskappye of onafhanklike uitgewerye, inhuis uitgewery-afdelings van openbare

of private instansies wat gereeld of slegs per geleentheid uitgee, persoonlike uitgewerye of outeurs wat hulle publikasies self-uitgee), wat gedurende die periode 1990-2005 bygedra het tot die produksieprofiel van Afrikaanse fiksiepublikasies deur een of meer publikasies in hierdie produksiekategorie uit te gee.

Die uitgeweryprofiel bestaan egter slegs as gevolg van of deur die bestaan van die produksieprofiel. Elemente van die uitgeweryprofiel, naamlik uitgewerye, is tog slegs uitgewerye deur die funksie wat hulle verrig: die produksie / uitgee van publikasies. Die uitgeweryprofiel is dus in 'n mate sekondêr tot die produksieprofiel.

As sinoniem vir “uitgeweryprofiel” sou ook verwys kon word na die konsep “produsenteprofiel” – 'n profiel van die produsente wat tot produksie bydra. Dié produsente is egter in hierdie geval van 'n spesifieke soort, hulle is uitgewerye. Ook outeurs wat hulle publikasies self-uitgee en instansies wat nie uitgewerye is nie, maar sporadies wel publikasies uitgee, tree as uitgewerye binne die konteks van hierdie profiel op en word sodanig as uitgewerye beskou. Daarom word 'n keuse gemaak vir die konsep “uitgeweryprofiel” eerder as “produsenteprofiel”.

5.7.3 Die konsep “(re)konstrueer”

Die konsep “konstrueer” verwys na die proses waarvolgens data uit 'n bron van produksiedata onttrek word, die ordening en sistemativering van dié data, en die aanwending daarvan in die samestelling van die produksieprofiel en uitgeweryprofiel.

Dit is egter nie heeltemal korrek om slegs na die konsep “konstrueer” te verwys nie, aangesien dit nie hier gaan oor die samestelling van twee profiele wat bestaan uit slegs data van die hede nie. Deur die periode-afbakening word data van so ver terug as sestien jaar bygehaal, en dus gaan dit ook dikwels oor “rekonstrueer”. Met ander woorde, in die geval van hierdie ondersoek, die aanwending van data waardeur daar in die hede 'n abstrakte beeld of konstruksie van (ook) die verlede of voorafgaande tyd geskep word – *gerekonstrueer* word.

Ter wille van vereenvoudiging word die leser daarop gewys dat alle verwysings na die konsepte “konstruksie” en “konstrueer” begryp moet word dat daarby ook ’n mate van “rekonstruksie” en “rekonstrueer” bedoel en ingesluit word.

5.7.4 Afbakening by die (re)konstruksie van profiele uit die PDAF – die moontlikheid van ander profiele

Die PDAF as bron van produksiedata leen hom daartoe om ook ander moontlike profiele te (re)konstrueer wat die klem op ander aspekte van produksie laat val en waarvolgens produksietendense belig kan word.

Eerstens sou dit moontlik wees om ’n outeursprofiel te (re)konstrueer waarvolgens byvoorbeeld die volgende bepaal kan word:

- wat die bydrae van outeurs van verskillende geslagte of etniese groeperings tot die produksieprofiel van Afrikaanse fiksiepublikasies was;
- hoeveel van die outeurs wat tot hierdie produksiekategorie bygedra het, steeds leef of reeds oorlede is;
- wat die bydrae van outeurs uit verskillende dekade-groeperings (na aanleiding van die hoogbloei van outeurs se produksie soos dit beskryf word in literatuurgeskiedenis), tydens die periode van dié ondersoek was;
- wat die verhouding tussen gevestigde outeurs en debutante in die produksieprofiel is.

Na die bekendmaking van voorlopige resultate van produksietendense van Afrikaanse fiksiepublikasies wat uit hierdie studie voortgespruit het (Venter & Galloway, 2002; 2003a; 2003b; 2003c), het Nel (2003) dit gestel dat hy ook graag sou wou weet wat die verhouding tussen die produksie deur wit en swart skrywers is. Hierdie belangrike vraag van Nel is in ’n referaat deur die navorser tydens die *Derde Swart Afrikaanse Skrywersimposium* deur middel van ’n (re)konstruksie van die outeursprofiel van sogenaamde swart Afrikaanse fiksieskrywers, en die aandeel van hierdie skrywers tot die totale produksielandskap gedurende die periode 1990-2005, (voorlopig) beantwoord (sien ook 3.3.3.2(a) en vergelyk Venter, 2005 en 2006c).

Daar sou ook bepaal kon word wat die verhouding van spesifieke outeurs tot spesifieke uitgewerye was en omgekeerd (die verband tussen die outeursprofiel en uitgeweryprofiel). Met ander woorde deur watter uitgewerye 'n spesifieke outeur uitgegee het en hoe dít die ontwikkeling van sy/haar oeuvre beïnvloed het; of watter outeurs deur spesifieke uitgewerye uitgegee is en hoe dít die ontwikkeling van die uitgewery beïnvloed het. Internasionale voorbeelde hiervan is De Glas se empiriese ondersoek na onder andere die investering van literêre uitgewerye in jong talent en die opbrengste daarvan; 'n ondersoek na Nederlandstalige prosadebutante in die periode 1961-1965 (1999); outeurs se oeuvres as die ruggraat van uitgewerye se fondslyste (1998); die materiële en simboliese produksie van moderne Nederlandstalige literêre outeurs (2003a); en die loopbane van Nederlandstalige literêre outeurs gedurende 1956-2003 (2003b). 'n Plaaslike voorbeeld is Galloway (2003 en 2004a) se ondersoek na die uitgeegesiedenis van Breyten Breytenbach.

Tweedens sou profiele ge(re)konstrueer kon word wat die toekenning van literêre pryse en toekennings en skryfwedstryde met produksietendense verbind. Dit sou byvoorbeeld moontlik wees om te bepaal wat die invloed van die instelling van nuwe pryse of wedstryde op die produksie van bepaalde produksiekategorieë gedurende die periode was.

Dit sou derdens ook moontlik wees om deur die (re)konstruksie van profiele verbande aan te toon tussen produksietendense en die produksiklusse van publikasies. Met ander woorde, om byvoorbeeld te bepaal watter Afrikaanse fiksiepublikasies in boekformaat hulle oorsprong in ander media-formate soos die radio, verhoog of rubrieke in koerante en tydskrifte gehad het; óf watter Afrikaanse fiksiepublikasies in boekformaat 'n tweede siklus as produk in ander media-formate beleef het, soos byvoorbeeld voorlesings oor die radio, verwerking as toneelstukke of rolprente.

Vierdens sou profiele wat produksietendense met lesersprofiele verbind ook moontlik wees (in aansluiting by resepsiestudies en leserstudies). In hierdie verband het die navorser byvoorbeeld reeds, in samewerking met Nèlleke de Jager van NB-Uitgewers, meegedoen aan kwantitatiewe navorsing oor die lesersprofiel van liefdesromanlesers (verhoudings ten opsigte van die ouderdom, geslag, geografiese verspreiding, inkomste en beroepe van dié lesers – vergelyk De Jager, 2004). Die bevindinge van

díe ondersoek sal in die toekoms in verband gebring word met die produksiepatrone van liefdesromans.

Empiriese navorsing deur die navorser het aangetoon dat statistiese data oor voorgeskrewe Afrikaanse fiksiepublikasies en die aankope van Afrikaanse fiksiepublikasies deur openbare biblioteke nie geredelik beskikbaar is nie (sien ook 3.3.4 en 3.3.5). Ook verkoopsyfers van Afrikaanse fiksiepublikasies in die algemene handel is moeilik meetbaar en geen kumulatiewe bron bestaan daarvoor nie (sien ook 5.3). Dit is nodig om in die toekoms en in selfstandige ondersoeke, binne 'n oorkoepelende navorsingsprogram, data oor verkope in verskillende markte en marksektore in te samel en dít met produksiedata in verband te bring.

Binne die bestek van hierdie studie val die klem egter op die kartering van die buitelyne van die produksielandskap van Afrikaanse fiksiepublikasies as beginpunt, deur die (re)konstruksie van slegs die produksieprofiel en uitgeweryprofiel van hierdie produksiekategorie. In opvolgondersoeke binne die voorgestelde navorsingsprogram sal wel aandag aan die (re)konstruksie van bogenoemde profiele gegee word.

5.7.5 Werkwyse by die (re)konstruksie van die produksieprofiel en uitgeweryprofiel van Afrikaanse fiksiepublikasies

Die huidige prototipe PDAF in Microsoft Access®-formaat het die navorser in staat gestel om data daaruit te onttrek ten einde die (re)konstruksie van 'n produksieprofiel en uitgeweryprofiel te fasiliteer. Deur geprogrammeerde soekstrategieë is kwantitatiewe data in terme van die volgende ontledingskategorieë onttrek:

- Die aantal rekords wat per spesifieke en oorhoofse produksiekategorieë die volgende vier soorte uitgee-aktiwiteite beleef het:
 - Die aantal rekords wat as *eerste uitgawes* per produksiekategorie en per jaar geproduseer is.
 - Die aantal rekords wat as *heruitgawes* per produksiekategorie en per jaar geproduseer is.

- Die aantal rekords wat as eerste uitgawes en/of heruitgawes een of meer *herdrukke* per produksiekategorie en per jaar gedurende die periode van die ondersoek beleef het. Dit was nie moontlik om die aantal herdrukke elektronies te tel nie, maar wel die aantal rekords wat herdrukke beleef het. Die rede hiervoor is die feit dat herdrukke, anders as eerste uitgawes en heruitgawes, nie as aparte rekords in die SANB vermeld word nie, maar binne die nota-velde van dieselfde rekord as die betrokke eerste uitgawe en/of heruitgawe aangedui word. Die relevante data oor aantal herdrukke (en die jaar waarin elke herdruk plaasgevind het) is wel binne die drukke-datum-velde by die PDAF ingesluit, en in toekomstige navorsing waartydens die PDAF verder elektronies verpak sal word, sal die aantal herdrukke wel elektronies telbaar wees.
- Die aantal rekords wat as eerste uitgawes of heruitgawes vóór die periode van die ondersoek uitgegee is en waarvan een of meer *herdrukke* gedurende die periode van die ondersoek verskyn het. In hierdie geval is slegs die totale aantal rekords per produksiekategorie elektronies telbaar, nie per jaar volgens die jare waarin herdrukke verskyn het nie en ook nie die aantal herdrukke nie, maar wel die totale aantal rekords.
- Die produksiebydrae van die verskillende uitgewerye of andersoortige produsente tot die aantal rekords wat per wyer en dieper produksiekategorie en per jaar een van die bogenoemde vier soorte uitgee-aktiwiteite beleef het.

Die leser word daarop gewys dat spesifiek verwys word na “aantal rekords” en nie “aantal titels” of “aantal publikasies” nie. Die konsep “rekord” verwys na ’n enkele entiteit van die PDAF, ’n individuele bibliografiese inskrywing in dié databasis (met ’n unieke ISBN) waarvan elk ’n aanduiding is van ’n spesifieke uitgee-aktiwiteit. Dit sou nie korrek wees om na “aantal titels” of “aantal publikasies” te verwys nie, aangesien sommige rekords oor dieselfde titel handel waarvan ’n ander soort uitgee-aktiwiteit per rekord aangedui word. Die volgende voorbeelde dien as verduideliking:

- Lettie Viljoen (pseudoniem vir Ingrid Winterbach) se roman *Karolina Ferreira* verskyn as eerste uitgawe in 1993 by Human & Rousseau en beleef ’n aantal herdrukke; in 1996 verskyn ’n heruitgawe van die roman; en in 2003 word die roman weer heruitgegee as deel van die NB-Uitgewers se Klassieke-reeks. Al drie hierdie uitgawes vind binne die periode van hierdie ondersoek

plaas en word as drie rekords in die PDAF aangedui (met die relevante herdrukke van die betrokke uitgawes binne die relevante rekord).

- Etienne van Heerden se roman *Kikoejoe* is 'n soortgelyke voorbeeld: dit verskyn as eerste uitgawe in hardeband in 1996 en word deur 'n heruitgawe in sagteband in 1999 opgevolg. Daar verskyn dus twee rekords daarvan in die PDAF.
- Die liefdesroman *Plek van die bittermaan* deur Helene de Kock is oorspronklik in 1983 deur Human & Rousseau uitgegee; in 1997 verskyn dit as heruitgawe in grootdruk-formaat by Kennis Onbeperk; en in 2000 word dit as een van die verhale in 'n liefdesroman-omnibus, *Helene de Kock Omnibus 1*, ingesluit wat deur Human & Rousseau uitgegee is. Binne die periode van hierdie ondersoek vind dus twee relevante uitgee-aktiwiteite van dieselfde titel plaas en verskyn dié titel in twee rekords.
- 'n Soortgelyke voorbeeld is Ena Murray se liefdesroman *Appelbloeisels en jasmyn*. Dit verskyn in 1989 as eerste uitgawe by Tafelberg en beleef herdrukke in onderskeidelik 1989 en 1990; in 1997 verskyn 'n heruitgawe in grootdruk-formaat by Kennis Onbeperk; en in 2001 word dit ingesluit by die *Ena Murray Omnibus 34* wat by Jasmyn verskyn. Die 1990-herdruk is dus in 'n aparte rekord aangedui, die grootdruk-heruitgawe in 'n tweede rekord en die omnibus-uitgawe in 'n derde rekord.
- Dit is veral talle liefdesromans wat as eerste uitgawes of heruitgawes gedurende (of vóór) die periode 1990-2003 verskyn het, waarvan heruitgawes (soms spesifiek in grootdruk-formaat) daarna verskyn het. 'n Enkele voorbeeld is Nita Griessel se liefdesroman *Blomme vir môre* wat as eerste uitgawe in 1993 by J.P. van der Walt & Seun verskyn het; in dieselfde jaar 'n heruitgawe in grootdruk-formaat beleef het; en in 2003 as 'n heruitgawe (in gewone formaat) heruitgee is. Daar verskyn dus drie rekords van dié titel in die PDAF.

Die totale aantal rekords in die PDAF reflekteer dus nie direk die totale aantal titels nie (daar is in werklikheid minder titels as rekords), hoewel die totale aantal rekords van eerste uitgawes en heruitgawes afsonderlik wel 'n direkte aanduiding van die aantal titels is (met dié verstande dat sommige van die rekords na dieselfde titel verwys). Hierdie aspek word helderder by die aanbieding van die statistiese data in Hoofstuk 6.

Ná die onttrekking van die kwantitatiewe data in tabelle in Microsoft Access®-formaat is die produksiedata verder statisties verwerk in Microsoft Excel®. Bepaalde tabelle en grafieke is opgestel waaruit produksietendense afleibaar is. Hierdie ontledings word vervolgens in Hoofstuk 6 aangebied en belig.

Hoofstuk 6

Statistiese produksiepatrone in die produksieprofiel en uitgeweryprofiel van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005

6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die resultate van die statisties-kwantitatiewe komponent van die ondersoek (die statistiese produksiepatrone in die produksieprofiel en uitgeweryprofiel van Afrikaanse fiksiepublikasies gedurende die periode 1990-2005), waarvan die tegniese metodologiese aspekte in die vorige hoofstuk beskryf is, aangebied. Die resultate word per oorhoofse produksiekategorie soos volg georganiseer:

- (i) Die verskillende produksiekategorieë en subkategorieë daarvan; die aantal eerste uitgawes en heruitgawes wat gedurende 1990-2005 verskyn het; die aantal rekords van laasgenoemde ontledingskategorieë wat herdrukke beleef het; die aantal rekords wat herdrukke ná 1990 beleef het van eerste uitgawes en heruitgawes wat vóór 1990 verskyn het.
- (ii) Produksiepatrone van elke produksiekategorie en subkategorie.
- (iii) Die produksieaandeel van die onderskeie uitgewerye en andersoortige produsente in die uitgeweryprofiel van elke produksiekategorie.

Die produksieprofiel en uitgeweryprofiel word dus nie individueel hanteer nie, maar gesamentlik en aanvullend tot mekaar en per produksiekategorie beskryf.

Die doel met hierdie hoofstuk is om die produksielandskap en produsentelandskap statisties te karteer en produksiepatrone te interpreteer. In nastrewing van hierdie doel word 'n deskriptiewe benadering gevolg waarvolgens die resultate van die statisties-kwantitatiewe komponent van die studie beskryf word. Die produksiepatrone word aangetoon en geanaliseer deur moontlike verklarings daarvoor aan te dui. Die klem val veral op die aanduiding van verbande tussen verskuiwings in die produksieprofiel en uitgeweryprofiel van elke produksiekategorie. Die impak van transformasiever-skuiwings binne die uitgesisteem op die produksieprofiel en uitgeweryprofiel word telkens betrek ter verklaring van produksiepatrone (om grootskaalse herhaling van die

inhoud van Hoofstuk 3 te verhoed, word gebruik gemaak van kruisverwysings – vir verdere toelgting is dit dus belangrik dat die leser hierdie kruisverwysings raadpleeg). Die data wat agter die produksieprofiel en uitgeweryprofiel lê (soos volledig vermeld in die PDAF) is besonder ryk en dig en bied byna onuitputlike moontlikhede vir die voorstelling, analise, interpretasie en aanwending van die data. Vir elke grafiek en tabel wat hier gebruik word, sou ook tientalle verskillende variasies (vir dieper en wyer data-voorstelling en data-analise) ontwerp kon word. Daar is egter gepoog om binne die bestek van ’n enkele studie ’n balans te vind tussen die diepte en wydte van die data wat hier grafies voorgestel, aangebied en geïnterpreteer word. Hierdie hoofstuk moet dus nie beskou word as die finale woord oor die produksiepatrone (en analyses daarvan) waartoe die versamelde data (die PDAF) hom leun nie. Die uitdaging is juis om binne die oorkoepelende navorsingsprogram, wat as toekomstige navorsingsagenda in die vooruitsig gestel word (sien Hoofstuk 7), die data van spesifieke produksiekategorieë verder te ontleed in individuele opvolgondersoeke. Die moontlikhede hiervan is byna onuitputlik. Dit moet in gedagte gehou word dat die doel met hierdie studie in die eerste plek is om hierdie omvangryke data vir die eerste keer beskikbaar te maak (te versamel, te herverpak en aan te bied). Die uitdaging vir veral letterkundiges is om hierdie data ter ondersteuning van literatuurwetenskaplike ondersoeke verder te benut (in hierdie studie het dit vanuit die inligtingswetenskap tot stand gekom en is dit binne die afbakening van uitgewery-ondersoek – en juis nie die literatuurwetenskap nie – benut). Dit is veral op die terrein van ondersoeke na simboliese produksie van fiksie wat hierdie data belofte vir vrugbare toekomstige navorsing inhou, terwyl dit in hierdie studie primêr om die kartering van die materiële produksie van fiksie gegaan het.

Soos reeds in Hoofstuk 5 vermeld, sluit die PDAF slegs rekords van Afrikaanse fiksiepublikasies in wat op die volwasse mark gerig is (dus nie Afrikaanse kinder- en jeugfiksie nie); wat van ’n skeppende aard is (dus nie opvoedkundige, akademiese, besinnende of literêr-kritiese publikasies waarby skeppende fiksietekste nie ingesluit is nie); en waarvan uitgee-aktiwiteit gedurende die periode 1990-2005 plaasgevind het. Ter wille van vereenvoudiging word vervolgens slegs verwys na “Afrikaanse fiksiepublikasies” waarby die laasgenoemde bepalings en afbakening bedoel en ingesluit word en só deur die leser begryp behoort te word (sien ook die gespesifiseerde afbakening in 5.5.2).

6.2 Totale aantal rekords van Afrikaanse fiksiepublikasies

Die PDAF bestaan uit 5 053 rekords, waarvan 4 941 rekords as eerste uitgawes of heruitgawes (met of sonder een of meer herdrukke) gedurende 1990-2005 verskyn het. Die oorblywende 112 rekords het oorspronklik as eerste uitgawes of heruitgawes vóór 1990 verskyn en word by die PDAF ingereken omdat een of meer herdrukke van dié 112 rekords ná 1990 uitgegee is.

Tabel 1 hieronder dui die verdeling van die totale aantal rekords vir die periode in terme van die totale van die elf oorhoofse produksiekategorieë aan.

Oorhoofse produksiekategorie	Aantal eerste uitgawes per kategorie gedurende 1990-2005	Aantal heruitgawes per kategorie gedurende 1990-2005	Aantal rekords van eerste uitgawes of heruitgawes gedurende 1990-2005 wat herdrukke beleef het (per kategorie)	Aantal rekords van eerste uitgawes of heruitgawes vóór 1990 wat herdrukke beleef het gedurende 1990-2005 (per kategorie)	Totale aantal rekords per kategorie gedurende 1990-2005
Romans (uitsluitend liefdes-, inspirerende en riller- / spannings- / speurromans)	261	97	62	26	384
Kortprosa (essays, kortverhale en ander vorme; uitsluitend liefdes-, inspirerende, riller- / spannings- / speur- en humoristiese kortverhale)	280	38	53	21	339
Romantiese fiksie (liefdesromans en -kortverhale)	1 632	1 459	18	9	3 100
Humoristiese prosa (kortprosa en langer prosa)	108	11	21	5	124
Inspirerende prosa (kortprosa en langer prosa)	180	8	26	2	190
Riller- / spannings- / speurromans en -kortverhale	181	116	2	1	298
Drama (ongepubliseerde opvoertekste en gepubliseerde dramatekste)	64	17	13	32	113
Poësie (enkeldighbundels en bloemlesings, uitsluitend inspirerende en humoristiese poësie)	404	35	24	13	452
Humoristiese poësie	9	0	1	2	11
Inspirerende poësie	19	1	0	0	20
Gemengde genres (publikasies wat uit meer as een genre bestaan)	20	1	5	1	22
Totale	3 158	1 783	225	112	5 053

Tabel 1: PDAF – Totale aantal rekords verdeel in 11 oorhoofse produksiekategorieë vir die periode 1990-2005

Na aanleiding van Tabel 1 kan die volgende oorhoofse produksietendense ten opsigte van eerste uitgawes, heruitgawes en herdrukke van Afrikaanse fiksiepublikasies afgelei word:

- Die aantal rekords waarvan *eerste uitgawes* verskyn het (3 158 rekords) maak 63,91% van die totale aantal rekords wat gedurende 1990-2005 as eerste uitgawes en heruitgawes uitgegee is (4 941 rekords) uit en 62,50% van die totale uitgee-aktiwiteit (waarby ook ingereken die aantal rekords (112) waarvan herdrukke ná 1990 verskyn het van publikasies wat vóór 1990 verskyn het).
- Die aantal rekords waarvan *heruitgawes* verskyn het (1 783 rekords) maak 36,08% van die totale rekords wat gedurende 1990-2005 as eerste uitgawes en heruitgawes uitgegee is (4 941 rekords) uit en 35,29% van die totale uitgee-aktiwiteit (hierby word ook rekords ingesluit van publikasies van vóór 1990 waarvan herdrukke ná 1990 uitgegee is).
- Van die 3 158 rekords waarvan eerste uitgawes gedurende 1990-2005 uitgegee is, het slegs een of meer *herdrukke* van 186 rekords in hierdie periode verskyn, dus is slegs 5,89% van rekords van eerste uitgawes herdruk.
- Van die 1 783 rekords waarvan heruitgawes gedurende 1990-2005 uitgegee is (geen onderskeid word getref of die eerste uitgawe van dié rekords oorspronklik vóór of ná 1990 uitgegee is nie), het slegs een of meer *herdrukke* van 39 rekords in hierdie periode verskyn, dus slegs 2,19%.
- Van die totale aantal eerste uitgawes en heruitgawes gedurende 1990-2005 (4 941 rekords) is slegs 225 rekords een of meer male herdruk, dus slegs 4,55% van dié rekords het *herdrukke* beleef. Hierdie lae persentasie van herdrukke is 'n direkte aanduiding van hoe klein die algemene mark vir volwasse Afrikaanse fiksie (na die in duie storting van die eens stabiele voorskryfmark – sien 3.3.4.1) in werklikheid is (herdrukke en die verbandhoudende markgrootte word verder by relevante produksiekategorieë bespreek).
- Die PDAF toon aan dat 112 rekords van publikasies wat vóór 1990 as eerste uitgawes of heruitgawes verskyn het, een of meer *herdrukke* gedurende 1990-2005 beleef het. Dit is slegs 2,22% van die totale aantal rekords wat deel vorm van die PDAF.

Tabel 1 stel verder data beskikbaar waaruit die volgende oorhoofse produksietendense ten opsigte van verskillende soorte Afrikaanse fiksiepublikasies (produksiekategorieë) afleibaar is:

- 'n Verdeling tussen vier hoofsoorte Afrikaanse fiksiepublikasies (in terme van hoofgenres) lewer die volgende verdeling ten opsigte van die totale aantal rekords in die PDAF op: 4 435 rekords van prosapublikasies (87,77% van die totale aantal 5 053 rekords); 483 rekords van poësiepublikasies (9,56%); 113 rekords van dramapublikasies (2,24%); en 22 rekords van publikasies wat uit meer as een genre bestaan – hetsy prosa en poësie of prosa, poësie en drama – (0,44%).
- Die 4 435 rekords van prosapublikasies kan soos volg verdeel word in terme van subkategorieë van prosapublikasies:
 - *romantiese fiksie* (liefdesromans en -kortverhale ingesluit) maak die oorgrote meerderheid van prosapublikasies uit met 3 100 rekords (69,90% van prosapublikasies en 61,35% van die totale aantal rekords in die PDAF);
 - daarna volg *langer prosa* (romans en nouvelles van literêre, populêre of middelmoet aard wat nie as liefdesprosa, riller- / spannings- / speurprosa, humoristiese prosa of inspirerende prosa gekategoriseer kan word nie) met 384 rekords (8,66% van prosapublikasies en 7,60% van alle rekords in die PDAF);
 - in die derde plek is *kortprosa* (kortverhale, essays en verskeie ander soorte kortprosapublikasies van literêre, populêre of middelmoet aard wat nie as liefdeskortprosa, riller- / spannings- / speurkortprosa, humoristiese kortprosa of inspirerende kortprosa gekategoriseer kan word nie) met 339 rekords (7,64% van prosapublikasies en 6,71% van die totale aantal rekords);
 - vierdens volg *riller- / spannings- / speurprosa* (kort- en langer prosa van hierdie aard ingesluit) wat vir prosaproduksie van 298 rekords gesorg het (6,72% van prosapublikasies en 5,90% van die totale aantal rekords);
 - hierna volg *inspirerende prosa* (kort- en langer inspirerende prosa ingesluit) met 190 rekords (4,28% en 3,70% onderskeidelik);

- die kleinste bydrae tot prosapublikasies word gelewer deur *humoristiese prosa* (kort- en langer humoristiese prosa ingesluit) met 124 rekords (2,80% en 2,45% onderskeidelik).
- Die 483 poësiepublikasies rekords kan verdeel word in terme van die volgende subkategorieë:
 - 'n *verskeidenheid van poësiepublikasies* (van 'n literêre, populêre of middelmoet aard wat nie as inspirerende of humoristiese poësie gekategoriseer kan word nie) maak die meerderheid uit met 452 rekords (93,58% van poësiepublikasies en 8,95% van die totale aantal rekords in die PDAF);
 - daarna volg 20 rekords van *inspirerende poësiepublikasies* (4,14% van poësiepublikasies en 0,40% van alle rekords in die PDAF);
 - laastens dra *humoristiese poësiepublikasies* tot hierdie kategorie by met 11 rekords (2,28% van die 483 poësiepublikasies en 0,22% van die totale aantal rekords).
- Die 113 rekords van *dramapublikasies* (insluitende ongepubliseerde opvoertekste en gepubliseerde dramatekste) maak 2,24% van die totale aantal rekords in die PDAF uit (sien 6.12 vir 'n verdere verdeling).
- Die 22 rekords wat publikasies verteenwoordig wat uit meer as een genre bestaan, kan soos volg verdeel word:
 - 13 van hierdie rekords bestaan uit bloemlesings waarin die werk van een of meer outeurs voorkom en waarin beide *prosa en poësie* (van 'n literêre aard) deel van die inhoud vorm (dit maak 59,09% van hierdie kategorie en 0,26% van die totale aantal rekords in die PDAF uit);
 - 'n verdere 7 rekords bestaan uit bloemlesings waarin *prosa-, poësie- sowel as dramatekste* (van 'n literêre aard) deur 'n enkele of meerdere outeurs opgeneem is (dit maak 31,82% van hierdie kategorie uit en slegs 0,14% van die totale aantal rekords);
 - laastens word 2 rekords van *bloemlesings van inspirerende aard* waarin beide *prosa- en poësietekste* deur meer as een outeur versamel is, by hierdie kategorie ingereken (9,09% van dié kategorie en slegs 0,04% van die totale aantal rekords).

In die volgende afdelings word produksietendense in meer detail bespreek volgens die elf oorhoofse produksiekategorieë; die talle dieper produksiekategorieë van elk; en in terme van die verskuiwings in produksie oor die periode van hierdie ondersoek.

6.3 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van romantiese fiksie

Rekords wat ingesluit is in hierdie produksiekategorie is spesifiek as liefdesromans of liefdesprosa deur uitgewerye bemark en word op grond van dié “handelsmerk” wat daaraan gekoppel is in hierdie kategorie gekategoriseer. Tydens die bemarking van hierdie publikasies word dikwels ook die outeurs daarvan as “handelsmerk” voorgedou, só is die *Elmar Steyn omnibus 5* (2000) byvoorbeeld deur Jasmyn bemark as “nog ’n omnibus in ’n suksesvolle reeks deur hierdie gewilde skrywer en meester van historiese romanses”; en die *Ena Murray-omnibus 31* (1999) as “stories oor verlore en herwonne liefde deur die koningin van Afrikaanse liefdesverhale”. Ander terme wat in bemarkingstekste voorkom, sluit onder meer in “eietydse liefdesverhaal” (*Plesierpaleis* deur Ilse Steyn, Tafelberg, 1994); “lekkerlees-liefdesverhaal” (*Kus vir die kluisenaars* deur Esta Steyn, Ametis, 1994); en “romantiese fiksie” (*Die onwillige bruid* deur Elza Rademeyer, Jasmyn, 2001). Dit sou moontlik wees om tussen verskillende subgenres van liefdesprosa te onderskei, byvoorbeeld avontuurlike liefdesromans met spanningselemente; liefdesromans wat in hospitale afspeel; historiese liefdesromans; liefdesromans wat op eksotiese plekke afspeel; liefdesromans wat meer erotiese verhaalgebeure betrek – sogenaamde hygromans; en gay liefdesromans. Só ’n onderskeid val egter buite die bestek van hierdie studie en sal aandag kry in gespesialiseerde ondersoeke in die voorgestelde navorsingsprogram.

6.3.1 Produksiekategorieë van romantiese fiksie

Die PDAF bevat 3 100 rekords van romantiese fiksie, en soos hierbo genoem, maak dít 69,90% van prosapublikasies en 61,35% van die totale aantal rekords in die PDAF uit. Romantiese fiksie is in die volgende produksiekategorieë ingedeel:

- 1 344 liefdesromans waarvan 1 103 as eerste uitgawes en 234 as heruitgawes verskyn het gedurende 1990-2005; slegs 9 van dié rekords is een of meer kere herdruk; en 7 rekords wat oorspronklik vóór 1990 verskyn het, is ná 1990

herdruk. Liefdesromans wat oorspronklik as vervolghere in tydskrifte verskyn het en daarna vir die eerste maal as roman in boekvorm uitgegee is, is as 'n eerste uitgawe beskou. Enkele voorbeelde hiervan sluit in *Draaikolk van die onbekende* deur Jackie van Nieuwenhuizen (J.P. van der Walt, 1996) wat voorheen in *Huisgenoot* verskyn het en *Vrou van formaat* deur Helene de Kock (Tafelberg, 1996) wat in *Sarie* verskyn het. Romantiese spanningsverhale is dikwels as liefdesromans bemark, soos byvoorbeeld *Die perdebynes* deur Frieda de Villiers (J.P. van der Walt, 1992), en dus as liefdesromans gekategoriseer.

- 1 267 liefdesromans in grootdruk-formaat waarvan die oorgrote meerderheid, 1 198 rekords, as heruitgawes verskyn het en slegs 69 as eerste uitgawes.
- 124 liefdesroman-omnibusse deur enkelouteurs waarvan 112 as eerste uitgawes verskyn het. Slegs 10 verskyn as heruitgawes, waarvan 1 in onderskeidelik 1990 en 1992 en 4 in onderskeidelik 2004 en 2005 – laasgenoemde is heruitgawes van omnibusse waarvan die sukses reeds beproef is, byvoorbeeld die reeks omnibusse van liefdesromans deur Ena Murray. 8 van die omnibusse wat in 1990-2005 verskyn het, is herdruk; en slegs 2 omnibusse van vóór 1990 is ná 1990 herdruk. Daar is gemiddeld 3 liefdesromans in 'n omnibus saamgevoeg. Al het die ingeslote liefdesroman gewoonlik reeds in boekvorm verskyn, word die saamgevoegde liefdesromans in omnibus-formaat as eerste uitgawes beskou omrede dit só bemark word. Vergelyk byvoorbeeld die *Sarah du Pisanie omnibus 1* (Jasmyn, 1999) wat bemark is as 'n “lekkerlees-omnibus van een van die gewildste liefdesverhaalskryfsters wat nog nie voorheen in omnibusvorm uitgegee is nie”.
- 9 liefdesroman-omnibusse in grootdruk-formaat verskyn gedurende 1990-2005, oorwegend as heruitgawes (6 van dié 9 omnibusse), terwyl slegs 3 omnibusse in dié kategorie nuut verskyn.
- Liefdesroman-omnibusse waarin liefdesromans deur meer as een outeur saamgevoeg is, is in die minderheid: slegs 3 hiervan is as eerste uitgawes uitgegee in 2000, 2001 en 2002.

- 325 liefdesromans word vanuit Engels in Afrikaans vertaal en verskyn tussen 1999 en 2005 in slegs grootdruk-formaat as eerste uitgawes. Dit is die enigste vorm van vertaalde liefdesromans en is vertalings van die internasionale uitgewery Harlequin se Mills & Boon-liefdesverhale wat plaaslik deur Jacklin Enterprises geproduseer is.
- Die oorgrote meerderheid romantiese fiksie bestaan uit liefdesromans (3 072 van die totale 3 100 rekords), terwyl liefdesverhale as kortverhale in die minderheid in boekformaat uitgegee word (slegs 28 kortliefdesverhaalbundels verskyn in dié periode). Die rede hiervoor is dat liefdesverhale as kortprosa (kortverhale) dikwels eerder in populêre tydskrifte soos *Huisgenoot*, *Sarie*, *Rooi Rose* en *Vrouekeur* verskyn as in boekformaat. Die produksie van kortliefdesverhaalbundels kan in die volgende drie produksiekategorieë verdeel word:
 - 5 saamgestelde kortliefdesverhaalbundels is uitgegee waarin die verhale van enkelouteurs saamgevoeg is. Hiervan is slegs 1 publikasie as heruitgawe in 1990 uitgegee wat ook in dieselfde jaar 'n herdruk beleef het. Die oorblywende 4 het as eerste uitgawes sporadies en inkonsekwent verskyn: 1 in 1994, 2 in 1999 en 1 in 2001.
 - 19 saamgestelde kortliefdesverhaalbundels waarin die verhale van enkelouteurs versamel is en wat in grootdruk-formaat uitgegee is; waarvan 10 as heruitgawes en 9 as eerste uitgawes. Die produksie hiervan was ongereeld en geen statisties beduidende tendense is daaruit afleibaar nie.
 - 4 saamgestelde kortliefdesverhaalbundels met die verhale van meerdere outeurs verskyn as eerste uitgawes in 1991, 1992, 1993 en 1998.

6.3.2 Produksiepatrone van romantiese fiksie

Die groot aantal rekords van romantiese fiksie is verklaarbaar deur 'n eienskap van hierdie produksiekategorie met betrekking tot produksie, naamlik dat dít veral sterk steun op verskillende produksiklusse. Romantiese fiksie beleef 'n wye verskeidenheid van produksie in verskillende formate, soorte uitgawes en soorte publikasies (siklusse

van produksie). Só kan dit in tydskrifte as vervolghverhale of enkelverhale verskyn én as boeke; ouer liefdesromans van so ver terug as die 1950's, 1960's, 1970's en 1980's is weer as heruitgawes in die 1990's en na 2000 uitgegee; dan word liefdesromans ook dikwels in grootdruk-formaat uitgegee; en omnibusse van liefdesromans is 'n verdere moontlike produksiklus.


Figuur 4 dui die produksie van liefdesromans oor die periode 1990-2005 aan. Slegs produksiekategorieë wat statisties beduidende verskille oor tyd toon, is in die grafiek ingesluit (daarom word slegs liefdesromans hierin aangetoon en nie kortliefdesverhale nie). Omdat dit op statistiese verskille dui, is daar in hierdie grafiek wel 'n onderskeid getref tussen eerste uitgawes en heruitgawes. Soos hierbo aangetoon, het herdrukke van liefdesromans slegs in enkele gevalle plaasgevind (slegs 18 van die 3 091 liefdesromans wat gedurende 1990-2005 uitgegee is, is herdruk) daarom is herdrukke nie in hierdie grafiek ingesluit nie.

Die volgende opmerklike produksietendense kan uit Figuur 4 op bladsy 490 afgelei word:

- Die aanskoulikste verskuiwing in produksie kom voor by heruitgawes van liefdesromans in grootdruk-formaat. Dié produksiekurwe open met 99 rekords in 1990, daarna vind 'n geringe daling gevolg deur 'n geleidelike styging plaas tot die hoogtepunt in die kurwe in 1995 met 137 rekords. Die skerpste daling vind plaas tussen 1996 (110 rekords) en 1997 (57 rekords). Dit word opgevolg deur 'n styging van 20 rekords tot 77 rekords in 1998, waarna 'n plato tussen 1998 en 1999 bereik word. Tussen 1999 (79 rekords) en 2000 (50 rekords) vind weer 'n daling plaas, na 2002 daal die kurwe elke jaar toenemend totdat dit eindig met slegs 13 rekords in 2005. Die stygings en dalings in hierdie produksiekurwe kan hoofsaaklik verklaar word deur verskuiwings in die mark vir liefdesromans in grootdruk-formaat en die uitgeweryprofiel. Dié publikasies is dikwels gerig op bejaarde lesers wat as gevolg van swakker sig die groter lettertype verkies en gewoonlik lede van openbare biblioteke is. Hulle koop dus nie noodwendig hierdie publikasies in die algemene handel nie maar neem dit by biblioteke uit, wat openbare biblioteke die grootste mark vir uitgewerye hiervan maak. Verskuiwings in die aankoopbeleide van openbare biblioteke (sien 3.3.5.2), veral sedert 1996, het dié mark radikaal laat krimp en

verklaar die skerp daling sedert 1996. Die inkrimping van die biblioteekmark was een van die grootste oorsake van verskuiwings in die produksie- en uitgeweryprofiel van hierdie produksiekategorie. Die heruitgawes van hierdie liefdesromans steun op die produksie van bestaande inheemse (nie-vertaalde) liefdesromans – dit is dus dikwels ouer liefdesromans wat weer heruitgegee word. Die oorsaak vir die skerp daling sedert 2002 word aangedui deur uitgewers hiervan wanneer hulle verduidelik dat die aantal inheemse titels van ouer liefdesromans aan die afneem is; dit is al so dikwels heruitgegee, dat daar ’n tekort bestaan aan beskikbare ouer titels wat weer in ’n nuwe produksiklus opgeneem kan word. In die toekoms behoort hierdie kurwe egter weer te styg wanneer in ag geneem word dat die aantal eerste uitgawes van liefdesromans sedert 2000, en veral sedert 2004, skerp aan die toeneem is en later in grootdruk-formaat uitgegee sal kan word. Makro Boeke en Daan Retief / Kennis Onbeperk was van die grootste produsente van liefdesromans in grootdruk-formaat. Die sluiting van Makro Boeke in 1996, die samesmelting tussen Daan Retief en Kennis Onbeperk (sedert 1992) en die uiteindelijke sluiting van Daan Retief / Kennis Onbeperk in 1997, verklaar die dalings in dié produksiekurwe verder. Tot en met 1996 verskyn daar meer liefdesromans in grootdruk-formaat per jaar as nuwe liefdesromans in gewone-formaat. Genoemde verskuiwings in die uitgeweryprofiel het tot gevolg gehad dat die verhouding verander het na ongeveer 50% van elk per jaar tussen 1997 en 2002. Maar sedert 2003 verskuif die gewig al sterker in die guns van nuwe liefdesromans (in gewone-formaat). Die begin van vertaalde liefdesromans in grootdruk-formaat (in 1999, sien hieronder) het weer die verhouding in die guns van grootdruk-formaat publikasies verskuif.

- Tot 1995 verskyn geen liefdesromans in grootdruk-formaat as eerste uitgawes nie. J.P. van der Walt begin egter om in 1996 liefdesromans in grootdruk-formaat uit te gee wat voorheen in tydskrifte as vervolghverhale verskyn het. In 2003 begin hulle ook om oorspronklike liefdesromans direk (as eerste uitgawes) in grootdruk-formaat uit te gee – dít verklaar die verhoogde produksie in 2003, 2004 en 2005. Sedert 2002 begin ook Hartbees en Jacklin Enterprises om enkele publikasies in hierdie kategorie te produseer, LAPA bly egter die markleier in die kategorie.



Figuur 4: Produksiepatrone van Afrikaanse liefdesromans oor die periode 1990-2005

- Die produksiekurwe van liefdesromans in gewone-formaat as eerste uitgawes boots die bogenoemde verskuiwings (van heruitgawes van liefdesromans in grootdruk-formaat) na, hoofsaaklik ook verklaarbaar uit verminderde biblioteekaankope en verskuiwings in die uitgeweryprofiel. Die mees konstante produksie in hierdie kategorie word gelewer deur die uitgewery J.P. van der Walt / LAPA wat gemiddeld 48 liefdesromans per jaar, een in elk van vier van hulle boekklubs per maand oor die periode geproduseer het. Benedic Boeke, 'n standhoudende uitgewery van (ook) liefdesromans, staak hulle produksie in 1996 – hoofsaaklik as gevolg van die krimpende biblioteekmark. Aktua Pers lewer 'n hele aantal liefdesromans in 1994-1995 waarna ook hulle produksie in hierdie kategorie staak. Terwyl Perskor van vóór 1990 in hierdie kategorie uitgee, volg hulle 'n nuwe uitgeestategie sedert Julie 1994 waarvolgens hoofsaaklik gefokus is op populêre fiksie. Hulle het begin om liefdesromans in die drie reekse Cupid, Venus en Diana (3 per reeks per jaar), gegrond op die konsep van Mills & Boon, uit te gee asook dikker historiese liefdesromans en familiesages (Vlaeberg-Jaarverslag 1996/1997, Perskor, 1997:9). Hierdie romans is sterk gefokus op bemarking deur klem op handelsmerke, kategorisering en differensiering te plaas (*Beeld*, 24.02.1998: 10) en het in 'n mate tot vernuwing in die genre gelei, wat bekend geraak het as die sogenaamde hygromans. In 1998 gaan die hergestruktureerde Perskor-Kagiso voort met dié uitgee-aktiwiteit, maar in 1999 word produksie van liefdesromans deur hierdie uitgewery gestaak (sien 4.3.3). Die produksie deur Tafelberg (vir die periode 1990-1998) en Human & Rousseau (vir die periode 1990-2005) bly min of meer konstant. Die produksie van liefdesromans deur Tafelberg word sedert 1999 onder die druknaam Jasmyn groepeer en in 2004 word 'n nuwe viertal drukname van uitsluitlik liefdesromans (Mirre, Melodie, Hartklop en Satyn) deur NB-Uitgewers geloods. Ander noemenswaardige tendense in die uitgeweryprofiel sluit die volgende in: Homeros, die voormalige druknaam van NB-Uitgewers wat uitsluitlik op publikasies met 'n duidelike gay-tema gefokus het, het in hierdie kategorie bygedra tot die produksie van 3 gay liefdesromans in onderskeidelik 2000, 2001 en 2002; Hartbees verskyn nuut op die toneel en publiseer sedert 2002 liefdesromans; Fleur word as 'n nuwe druknaam van LAPA in 2003 gevestig wat fokus op moderner liefdesromans en lewer 3 hiervan buite LAPA se bestaande

boekklubs. Die stigting van die vier nuwe drukname van NB-Uitgewers en die stigting van nog 'n druknaam, Romanza, deur LAPA, is die rede vir die sterk styging in die kurwe tussen 2004 en 2005, soos afgelei kan word uit die aantal rekords wat deur die drukname geproduseer is: 26 eerste uitgawes en 2 heruitgawes deur Romanza in 2005; 6 liefdesromans deur onderskeidelik Satyn, Mirre en Hartklop in 2004-2005 (alles as eerste uitgawes); en 15 eerste uitgawes deur Melodie in 2004-2005. Na die ondergang van belangrike produsente van liefdesromans (soos Perskor en Daan Retief / Kennis Onbeperk), is dit duidelik dat LAPA die markgaping beset het en lank die mark gedomineer het. As teenvoeter vir hierdie tendens het NB-Uitgewers hul markaandeel begin verhoog deur die verhoogde produksie deur middel van die nuut gestigte drukname. Aan die einde van die periode is dit duidelik dat die onderskeie drukname van LAPA en NB-Uitgewers toenemend strawwer meeding om markaandeel in hierdie kategorie.

- Die produksiekurwe van heruitgawes van liefdesromans toon gemiddelde produksie van 12 publikasies per jaar gedurende die periode. Die vyfde boekklub van J.P. van der Walt / LAPA, Romankeur, gee spesifiek heruitgawes van ouer liefdesromans (gemiddeld een per maand) uit. Die produksie deur hierdie uitgewery was standhoudend oor die periode en sedert 1996, met die uitsondering van 1 rekord deur Tafelberg, is alle heruitgawes in hierdie kategorie deur LAPA se onderskeie boekklubs geproduseer. Die verhoogde produksie in 1992 (32 rekords), 1993 (18 rekords) en 1994 (20 rekords) is onder meer verklaarbaar deur twee uitgewerye wat vir 'n korte duur op die toneel verskyn het: Drommedaris gee 'n aantal heruitgawes tussen 1992 (8 rekords) en 1993 (2 rekords) uit, maar staak daarna hulle produksie; en Ametis, die gesamentlike druknaam van Human & Rousseau en Tafelberg, gee 8 heruitgawes in sakboek-formaat in 1994 uit. Die besonder hoë produksie in 1992 was die gevolg van eenmalige verhoogde produksie van heruitgawes deur Human & Rousseau (11 heruitgawes in 1992, terwyl hulle daarna gemiddeld slegs 3 heruitgawes per jaar in 1993-1995 geproduseer het).
- Die produksiekurwe van eerste uitgawes van liefdesroman-omnibusse toon standhoudende produksie oor die periode. Tussen 1990 en 1997 word gemiddeld 5 omnibusse per jaar geproduseer en sedert 1998 tot 2005 verhoog die produksie na 'n gemiddelde 9 omnibusse per jaar. 'n Eienskap van hierdie

produksiekategorie is dat liefdesromans deur beproefde gewilde liefdesverhaalskrywers in reekse omnibusse uitgegee word. Ena Murray se liefdesromans is byvoorbeeld in 'n reeks van 40 omnibusse uitgegee. Die aantal outeurs van wie se liefdesromans in reekse uitgegee is, het sedert 1998 toegeneem en dít verklaar die verhoogde produksie sedert 1998. Dit sluit reekse deur beproefde liefdesverhaalskrywers soos Sarah du Pisanie, Christine le Roux, Susanna M. Lingua, Ela Spence, Helene de Kock en Chanette Paul in. Omnibusse deur spesifieke outeurs is deur spesifieke uitgewerye uitgegee, só is al die Ena Murray's en Sarah du Pisanie's deur Tafelberg en later Jasmyn; al die Christine le Roux's en Helene de Kock's deur Human & Rousseau; en al die Schalkie van Wyk's deur Tiara uitgegee. 'n Verdere rede vir die verhoging in spesifiek 1998 is die toetrede van die uitgewery Tiara wat 5 omnibusse daardie jaar uitgee en daarna verder bydra tot produksie van slegs liefdesroman-omnibusse (gemiddeld 2 per jaar tussen 1999 en 2003). Human & Rousseau verhoog hulle produksie in hierdie kategorie na gemiddeld 3 omnibusse per jaar sedert 2000 (voorheen was dit slegs 1 per jaar). Tafelberg gee aanvanklik gemiddeld 3 per jaar uit, maar met die ontstaan van die druknaam Jasmyn verhoog die produksie na gemiddeld 5 per jaar. J.P. van der Walt & Seun / LAPA gee gemiddeld 2 per jaar uit tot 1995, in 1996-1999 slegs 1 per jaar en ná 1999 verskyn daar geen omnibusse deur enkelouteurs by hulle nie (hulle het wel in 2000-2001 1 omnibus deur meerdere outeurs per jaar as deel van hulle *3 van die bestes*-reeks uitgegee). Heruitgawes van liefdesroman-omnibusse was aanvanklik in die minderheid (slegs 1 in 1990 en 1992), maar sedert 2004 gee Jasmyn die beproefde reeks liefdesroman-omnibusse deur Ena Murray (nadat die 40ste titel in die reeks verskyn het) as heruitgawes uit – 4 titels per jaar.

- Jacklin Enterprises bekom 'n lisensie-ooreenkoms van die internasionale uitgewery Harlequin om die bekende Mills & Boon hygromans in Afrikaans te vertaal en uit te gee. Dit was die begin van vertaalde liefdesromans in Afrikaans en word gereflekteer deur die opening (1999) en gevolglike styging van dié kurwe. Daar verskyn sedert 2000 gemiddeld 4 van hierdie vertalings per maand (48 per jaar). Almal word uitsluitlik in grootdruk-formaat uitgegee. Dit word direk aan biblioteke verkoop en is nie in die algemene handel beskikbaar nie. Hierdie produksie styg verder sedert 2004 toe Jacklin

Enterprises uitbrei deur 'n boekklub te stig waardeur 3 addisionele vertaalde liefdesromans per maand direk aan lede bemark word (sien 4.4.2).

6.3.3 Uitgeweryprofiel van romantiese fiksie

Die uitgeweryprofiel van romantiese fiksie (waarby liefdesromans en -kortverhale ingesluit is) is saamgestel uit die totale aantal rekords (3 091) wat as eerste uitgawes en heruitgawes (herdrukke is buite rekening gelaat) deur alle uitgewerye in hierdie kategorie gedurende 1990-2005 geproduseer is. Die uitgeweryprofiel toon die volgende statistiese verdeling ten opsigte van uitgewerye se produksieaandeel aan:


- Die grootste produsent van liefdesprosa was J.P. van der Walt & Seun / LAPA. Die gesamentlike produksieaandeel van hierdie uitgewery se verskillende drukname (waaronder die 5 boekklubs Eike-Boekklub, Treffer-Boekklub, President-Boekklub, Keurbiblioteek en Romankeur, asook die drukname J.P. van der Walt & Seun, LAPA, Fleur en Romanza) tot die totale produksie in hierdie kategorie is 39,99% (1 236 rekords).
- Jacklin Enterprises het in die relatiewe kort periode van 1998-2005 die tweede grootste produksieaandeel van 22,71% (702 rekords) in hierdie kategorie bekom.
- Benedic Boeke en Makro Boeke (twee afdelings van dieselfde maatskappy) se gesamentlike produksieaandeel in hierdie kategorie was 16,89% (522 rekords). Hierdie uitgewery bestaan egter nie meer nie (sien 4.4.4).
- Daan Retief / Kennis Onbeperk (albei deel van die dieselfde maatskappy met drie drukname: Daan Retief, Kennis Onbeperk en Daan Retief / Kennis Onbeperk) se aandeel was 7,83% (242 rekords) – die publikasies onder al drie drukname is saamgetel. Die uitgewery se produksie is gestaak (sien 4.4.3).
- Tafelberg, Jasmyn en die nuwe drukname Mirre, Melodie, Hartklop en Satyn se gesamentlike produksieaandeel is 5,69% (176 rekords). Met die stigting van die 4 addisionele drukname in 2004 waaronder verskillende soorte liefdesverhale uitgegee is (sien 4.3.1.8), het hierdie produsent se produksieaandeel gestyg met 1,11% (53 rekords) in slegs 2 jaar.
- Human & Rousseau se aandeel was 2,39% (74 rekords) gedurende die periode. Met Human & Rousseau se inskakeling as deel van NB-Uitgewers sedert

2001, het daar vanaf 2004 slegs enkele liefdesromans onder hierdie druknaam verskyn; alle ander liefdesromans deur NB-Uitgewers sal waarskynlik toenemend onder die druknaam Jasmyn en die nuwe vier drukname verskyn.

- Perskor se produksieaandeel was 2,07% (64 rekords). Hierdie uitgewery het in 1994 'n beleidsbesluit geneem om slegs populêre prosa uit te gee, tussen 1995 en 1999 het hulle produksie van liefdesromans sterk gegroei. Perskor was verantwoordelik vir 'n mate van vernuwing in hierdie produksiekategorie deur die produksie van hygromans wat deur hulle erotiese inhoud meer gewaagd was – dit het die weg gebaan vir die soort liefdesromans wat later deur ander uitgewerye geproduseer is. Hierdie uitgewery bestaan egter nie meer nie (sien 4.3.3).
- Die oorblywende produksieaandeel (2,43%) word tussen die volgende uitgewerye verdeel: Drommedaris (14 rekords); Tiara (14 rekords); die nuwe uitgewery Hartbees (13 rekords); Aktua Pers (11 rekords); die gesamentlike druknaam van Tafelberg en Human & Rousseau, Ametis (9 rekords); Waterkant, 'n druknaam van Lux Verbi.BM (4 rekords); die eertydse Homeros (3 rekords); die destydse HAUM-Daan Retief (2 rekords); die druknaam Dallelie van die nuwe uitgewery Hermes (2 rekords); en 'n enkele rekord deur onderskeidelik Protea Boekhuis, die elektroniese uitgewery ContentLot.com en Maanskyn, 'n druknaam van Praag.

Die verskuiwings in die uitgeweryprofiel van romantiese fiksie word skematies in Figuur 5 op bladsy 496 aangetoon. Slegs produsente wat op een of ander wyse standhoudend tot produksie bygedra het, is ingesluit. Vir verskuiwings in die profiele en uitgewery-geskiedenis van spesifieke uitgewerye kan Hoofstuk 4 geraadpleeg word.

Uitgeweryprofiel: Afrikaanse romantiese fiksie oor die periode 1990-2005



Figuur 5: Uitgeweryprofiel van Afrikaanse romantiese fiksie oor die periode 1990-2005

6.4 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van langer prosa (romans en nouvelles)

Die rekords van langer prosa sluit langer prosatekste (literêre, populêre sowel as middelmoet romans en nouvelles) in, wat in die aard van die inhoud van die publikasies nie as liefdesprosa, riller- / spannings- / speurprosa, langer inspirerende prosa of humoristiese prosa gekategoriseer kan word nie. Sommige uitgewerye se katalogusse, soos byvoorbeeld van Tafelberg (1999/2000:4-7) verdeel langer prosa in terme van die inhoudelike aard en literêre aard: 'n onderskeid word byvoorbeeld getref tussen literêre romans (gewoonlik romans van sogenaamde literêre gehalte en dikwels dan ook deur gekanoniseerde skrywers, soos byvoorbeeld die werk van Chris Barnard, Etienne van Heerden, Elsa Joubert en Anna M. Louw); populêre romans (liefdesromans van byvoorbeeld Ena Murray, Elza Rademeyer en Wilmarí Jooste; en spanning- / speurromans van byvoorbeeld Heinz G. Konsalik, Louis Krüger en Deon Meyer); en middelmoet romans ('n soort tussenkategorie van romans wat aansluit by die konsep van “goeie gewilde prosa”, soos byvoorbeeld die romans van Dalene Matthee). Soms word 'n onderskeid getref tussen “letterkundige werke” en “populêre romans”, by laasgenoemde word hoofsaaklik liefdesromans en spanningsromans ingesluit (Tafelberg katalogus, 1997:5-9). In latere katalogusse word bloot onderskei tussen “romans” (waarby beide meer literêre en populêre romans ingesluit word), “romantiese fiksie” en “rillers en spanningsromans” (NB-Uitgewers katalogus, 2002:4-9, 16-22); daar is dus wegbeweeg van 'n onderskeid op grond van literêre aard en eerder op grond van tematiese inhoud onderskei.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek, waarin dit nie oor teksstudie of die interpretasie van tekste gaan nie, maar eerder oor die kwantitatiewe kartering van die produksielandskap van Afrikaanse fiksie, is waarde-oordele oor die (literêre) gehalte van publikasies so ver moontlik vermy. Derhalwe het die indeling van langer prosa in onderskeie produksiekategorieë uitsluitlik gefokus op die aard van die teks wat die tematiese inhoud betref, en wel op grond van etikette wat aan publikasies geheg is in die bemarkingstekste daarvan deur uitgewerye (sien 5.5.5.1). Dit kom daarop neer dat langer prosa ingedeel is in die volgende oorhoofse produksiekategorieë op grond van slegs die aard van die inhoud: (i) langer liefdesprosa as *liefdesromans*; (ii) langer

riller- / spannings- / speurprosa, rillers, grillers, (spannende) wetenskapsfiksie as *riller* / *spannings-* / *speurromans*; (iii) bemoedigende langer prosa met of sonder 'n duidelike Christelike of Bybelse tema wat bedoel is om die leser te inspireer as *inspirerende romans*; (iv) langer humoristiese prosa wat uitsluitlik as humoristiese vermaak bedoel is as *humoristiese romans*; en (v) alle ander langer prosa wat nie spesifiek op grond van die aard van die inhoud as een van (i) tot (iv) gekategoriseer kon word nie as *langer prosa (romans en nouvelles)* – hierdie kategorie sluit dus literêre, sowel as populêre en middelmoet romans in. Dit is die romans in kategorie (v) wat hier aan die bod kom, kategorieë (i) tot (iv) word in ander afdelings hieronder bespreek.

Daar is nie 'n onderskeid getref tussen romans en nouvelles, waar die onderskeid dikwels in terme van die lengte van die publikasie getref word (vergelyk Van der Merwe & Viljoen, 1998:78), nie. Die produksiekategorie langer prosa sluit dus beide romans en nouvelles in, terwyl kortprosa soos kortverhale, essays, rubrieke, spreuke, aanhalings en ander soorte kortprosa uitgesluit word. Alle verwysings na “romans” moet vervolgens begryp word dat dit beide romans en nouvelles insluit.

6.4.1 Produksiekategorieë van langer prosa (romans en nouvelles)

Daar verskyn 384 rekords van langer prosa in die PDAF, wat 8,66% van prosa-publikasies uitmaak en 7,60% van die totale aantal rekords in die PDAF. Dit is uit die volgende produksiekategorieë saamgestel:

- 351 romans deur enkelouteurs, waarvan 343 deur uitgewerye geproduseer is, 2 deur instansies uitgegee is en die oorblywende 6 deur die skrywers daarvan self-uitgegee is.
 - Die 6 romans wat self-uitgegee is, het almal as eerste uitgawes en sporadies oor die periode 1990-2005 verskyn, elk daarvan in onderskeidelik 1991, 1993, 1995, 1999, 2002 en 2005. Hierdie 5 romans is aaneenlopende vertellings en kan as gefiksionaliseerde herinneringstekste oor die outeurs se lewens beskou word (eerder as (outo-)biografiese tekste), soos byvoorbeeld *Kaalvoetjare* deur F.W.

Marx (1991) wat beskryf word as “jeugherinneringe en kontreikuns uit Humansdorp en omgewing”.

- Die 2 romans wat deur instansies geproduseer is, het onderskeidelik as eerste uitgawe en heruitgawe in 1997 en 2001 verskyn. *Wakker wakker en aan die brand: waarneming van ’n studente-aktivis*, UWK, 1976 deur Cornelius C. Thomas is uitgegee deur die Universiteit van Wes-Kaapland se Mayibuye Sentrum; en *Diep waters* deur Trienie Meij deur die Bloemfonteinse Oorlogsmuseum.
- 25 van die 343 romans wat deur uitgewerye uitgegee is, het oorspronklik vóór 1990 verskyn, terwyl een of meer herdrukke van hierdie romans tussen 1990 en 2005 verskyn het.
- Van die oorblywende 318 romans het 234 as eerste uitgawes verskyn en 84 as heruitgawes. 61 van hierdie romans het ook een of meer herdrukke gedurende die periode beleef (dit was waarskynlik op sekondêre of tersiêre vlak voorgeskryf, of die romans van ’n handjie vol uiters gewilde romanskrywers, soos byvoorbeeld Dalene Matthee en Marita van der Vyver, wie se romans herdrukke na aanleiding van die markaanvraag daarna beleef).
- 16 romans deur enkelouteurs wat in Afrikaans vertaal is, waarvan 14 as eerste uitgawes gedurende 1990-2005 verskyn het (slegs 1 hiervan is herdruk), 1 vertaalde roman is as heruitgawe uitgegee. Die 16de roman in hierdie kategorie was ’n herdruk van ’n vertaalde roman wat oorspronklik vóór 1990 verskyn het.
- 8 romans deur enkelouteurs wat as heruitgawes in grootdruk-formaat verskyn het, 7 daarvan tussen 1992 en 1995 deur Makro Boeke en 1 in 2004 deur Jacklin Enterprises.
- 8 roman-omnibusse waarin korter romans of uittreksels uit romans deur enkelouteurs saamgevoeg is. 5 hiervan verskyn as eerste uitgawes en 3 as heruitgawes. Voorbeelde hiervan is *Van Botterkraal na Altena: hoogtepunte uit vier outobiografiese romans* deur F.A. Venter, saamgestel en ingelei deur A.P. Grové (Tafelberg, 1998) en *Twee vroue: nouvelles* deur Elsa Joubert (Tafelberg, 2002).

- 1 grafiese roman deur twee outeurs wat van die res van die romans onderskei kan word op grond daarvan dat die hoofkomponent van die inhoud uit grafika (strokies) bestaan en teks 'n bykomende funksie daarin vervul. Hierdie roman, *Hemel op aarde* deur Tinus Horn en Alistair Findlay, verskyn as eerste uitgawe in 1997 by Queillerie. Daar is wel ander Afrikaanse grafiese publikasies geproduseer, maar dit is almal kortprosa of humoristiese kortprosapublikasies, terwyl hierdie die enigste aaneenlopende of langer grafiese prosapublikasie is.


6.4.2 Produksiepatrone van langer prosa (romans en novelles)

Figuur 6 op bladsy 501 stel die produksie van verskeie produksiekategorieë van langer prosa (romans en novelles) oor die periode 1990-2005 grafies voor. Daar word slegs 'n onderskeid tussen eerste uitgawes en heruitgawes ten opsigte van enkelromans getref (waar dié onderskeid op statisties beduidende verskille dui). Van die ander produksiekategorieë word die totale aantal rekords per jaar aangedui. Geen herdrukke word in hierdie Figuur aangetoon nie.

Wanneer die produksie van langer prosa oor die periode nagegaan word, kan die volgende produksiepatrone na aanleiding van Figuur 6 afgelei word:

- Roman-omnibusse en grafiese romans het slegs sporadies gedurende die periode verskyn en geen statisties beduidende tendense kan met sekerheid daaruit afgelei word nie.
- Die 7 romans in grootdruk-formaat wat tussen 1992 en 1995 verskyn het, is literêre werke soos byvoorbeeld *Die swerfjare van Poppie Nongena* deur Elsa Joubert (1993), *Moerbeibos* van Dalene Matthee (1992) en *Die middag voel na warm as* deur F.A. Venter (1995). Die omslagtekste van hierdie publikasies meld dat “dit in groot, gerieflik leesbare druk uitgegee [is] as deel van Makro Boeke se Connoisseurreeks vir die fynproewer”. Terwyl talle liefdesromans en riller- / spannings- / speurromans in grootdruk-formaat geproduseer is, is die produksie van literêre romans uniek en was dit direk gekoppel aan die bestaan van die produsent en die spesifieke Connoisseurreeks.

Produksiepatrone van Afrikaanse langer prosa (romans en novelles) oor die periode 1990-2005



Figuur 6: Produksiepatrone van Afrikaanse langer prosa (romans en novelles) oor die periode 1990-2005

Na die sluiting van Makro Boeke (sien 4.4.4) verskyn daar geen gelyksoortige romans in grootdruk-formaat nie, totdat Jacklin Enterprises 'n grootdruk-uitgawe van Eleanor Baker se *Weerkaatsings* in 2004 uitgee – 'n eenmalige insiatief wat waarskynlik nie tot 'n tendens sal ontwikkel nie.

- Die produksie van vertaalde romans vind meer standhoudend plaas sedert 1999. Daar verskyn tussen 1999 en 2005 elke jaar ten minste een vertaalde roman (2 in 1999 en 3 in 2003), terwyl daar vóór 1999 slegs sporadiese vertalings tussen 1993 en 1996 uitgegee is (daar is wel in die 1960's en vroeë 1970's heelwat vertalings uit veral Duits, Frans, Italiaans, Spaans en die Klassieke tale uitgegee, vergelyk Marais, 2001b:111-112). Die uitgeweryprofiel van hierdie produksiekategorie toon aan dat 5 van die 15 vertaalde romans deur Queillerie geproduseer is; Praag, Protea Boekhuis en Tafelberg het onderskeidelik elk 2 uitgegee; Human & Rousseau, Lovedale Press, Vlaeberg en David Philip elk slegs 1. Ná die hergroepering van drukname onder NB-Uitgewers (sien 4.3.1), word Queillerie se produksie sedert 2000 hoofsaaklik toegespits op die uitgee van enkele vertaalde publikasies per jaar, maar na 2002 verskyn geen vertaalde roman onder die druknaam nie. Wanneer die brontale van hierdie vertaalde romans nagegaan word, val die volgende op: 7 van die 15 romans wat gedurende 1990-2005 vertaal is, is uit Nederlands vertaal (1 verskyn saam met die Middel-Nederlandse teks, die ander 6 is uit moderne Nederlands vertaal); 5 is uit Frans vertaal; en slegs 1 is uit onderskeidelik Duits, Engels en isiXhosa vertaal. Hieruit is dit dus duidelik dat die vertaling van romans wat op die volwasse Afrikaanse mark gerig word, hoofsaaklik fokus op die vertaling van werke van Europese oorsprong en dat daar nie 'n tradisie gevestig word om Afrikaanse vertalings uit die inheemse Afrikataalletterkundes uit te gee nie (vergelyk 6.11.2 waar aangetoon word dat daar aan die einde van die periode van hierdie ondersoek wel 'n begin gemaak is om spesifiek poësie uit die Afrikataalletterkundes in Afrikaans te laat weerklink).
- By die “*Translation-Transnation*” 1994-2004, *10 years of literary exchange South Africa – France – Netherlands* kollokwium in 2004 word oor óók die produksie van vertaalde Afrikaanse fiksie gedebatteer. Vertalers, uitgewers en boekhandelaars is dit eens dat Afrikaanse vertalings van Europese werke nie goed verkoop nie en dat daar 'n beperkte mark daarvoor bestaan. Corina van

der Spoel (2004), bestuurder van Boekhuis, skryf dit toe aan die moontlike gevolge van die kulturele boikot gedurende die 1980's waardeur die tradisionele verbintenis wat lesers met hulle Europese herkoms gehad het, versaak is. Van der Spoel is verder van mening dat dié elite groep wat wel in hierdie werke belangstel, intellektuele is wat dit verkies om die vertalings eerder in die brontaal te lees omrede hulle dikwels die tale (Duits, Frans en Nederlands) magtig is. Vir die uitgewer en boekhandelaar Nicol Stassen (2004) gaan uitgeebesluite ten opsigte van die produksie van vertalings daaroor dat geen letterkunde hom as “beskaaf” kan beskou as die klassieke werke uit die wêreldletterkunde nie daarin gelees kan word nie (’n uitgeefilosfie wat herinner aan die sterk aanwesige tendens in die Nederlandse uitgewerybedryf waar byna alle klassieke werke in Nederlands vertaal word). Annari van der Merwe (2004b), eertydse bestuurder van Kwela Boeke, plaas ’n hoër premie op die produksie van vertalings uit en in inheemse tale waardeur inheemse kulture hulle “eie (gedeelde) wêreld” kan leer ken, as uitheemse vertalings waardeur ’n “ander wêreld” geken kan word (vergelyk 6.11.2). Die vertaler Daniel Hugo (2004) voer aan dat vertalings voorsien in die behoefte aan kulturele uitruiling, dat Afrikaanssprekendes nie meer Nederlands tot dieselfde mate magtig is as voorheen nie en dat vertalings dus nodig is, en dat vertalings die doeltaal verryk (vergelyk ook Marais, 2001b:109-122). Oorspronklike Nederlandse fiksiepublikasies is ook nie gereedlik in boekwinkels of biblioteke beskikbaar nie, Hugo noem byvoorbeeld dat Human & Rousseau se reeks *Literatuur uit die Lae Lande* gestaak is. ’n Verdere faktor wat produksie van veral vertalings uit Nederlands beïnvloed, en wat in gedagte gehou behoort te word, is dat hierdie publikasies dikwels moontlik gemaak word deur finansiële steun van die Nederlands Literair Produktie- en Vertalingsfonds wat die risiko vir uitgewerye gedeeltelik verminder. Die vertalers word ook uit hierdie subsidies vergoed. Vergelyk byvoorbeeld *Domein van glas* deur Henk van Woerden, uit Nederlands vertaal deur Antjie Krog (Queillerie, 2000) en *Palmwyn* van Adriaan van Dis, uit Nederlands vertaal deur Abraham H. De Vries (Human & Rousseau, 2001) wat albei deur genoemde fonds gesubsidieer is.

- Hoewel vertalings van Afrikaanse fiksietitels in ander tale buite die bestek van hierdie ondersoek val, is dit opmerklik dat daar onlangs ’n begin gemaak is

met die plaaslike vertaling en uitgee van enkele klassieke of baie gewilde Afrikaanse romans in Engels. Enkele voorbeelde hiervan is die Engelse vertalings van die klassieke *Hierdie lewe* van Karel Schoeman as *This Life* (Human & Rousseau, 2005) en Ingrid Winterbach se *Karolina Ferreira* as *The Elusive Moth* (Human & Rousseau, 2005); asook gewilde romans soos Elbie Lotter se *Dis ek, Anna* as *It's me, Anna* (Tafelberg, 2005) en Jan van Tonder se *Roepman* as *Stargazer* (Human & Rousseau, 2006). Voorheen is die enkele Afrikaanse fiksieskrywers (byvoorbeeld André P. Brink, Marita van der Vyver en Deon Meyer) wie se romans wel in Engels en 'n ander internasionale tale vertaal is, byna sonder uitsondering, in die buiteland vertaal en uitgegee (André P Brink se meer onlangse romans is 'n uitsondering deurdat die Engelse weergawes plaaslik deur Random House South Africa uitgegee is. gelyktydig met die Afrikaanse weergawes wat by Human & Rousseau verskyn het).

- Dit is duidelik dat enkelromans die standhoudendste in hierdie kategorie geproduseer is; die produksiekurwes van eerste uitgawes en heruitgawes van enkelromans toon ook die aanskoulikste fluktuasies. Eers volg 'n geleidelike styging in die produksie van eerste uitgawes tussen 1990 (11) en 1992 (17), daarna bereik die kurwe 'n plato tussen 1992 en 1993 (17), waarna 'n effense daling volg in 1994 (13). Die stygende kurwe in die begin van die 1990's word ook in koerantberigte uit dié periode ondersoek. Lappies Labuschagne, eertydse hoofbestuurder van Tafelberg, beskryf 1993 as 'n “renaissance van die Afrikaanse boek [wat] herinner aan Dertig” en noem dat digbundels, kortverhaalbundels en veral romans besonder goed gevaar het. Hettie Scholtz, tóe bestuurder van Queilleries, skryf die oplewing deels toe aan “die groter leesbaarheid van die boeke wat nou verskyn” en “'n saamneemproses van jou leser”. Ook vir Koos Human, destydse besturende direkteur van Human & Rousseau, is “die skielike verskyning van 'n beduidende aantal leesbare, toeganklike skrywers [...] eintlik net so onverklaarbaar as die destydse mirakel van die skrywers van Dertig”. Volgens Human is dit ook te danke aan verbeterde bemarkingskanale: “Leserskring het 'n geweldige bydrae gemaak met sy aanvoorwerk, mense leesgereed gemaak, 'n soort drempelvrees afgebreek, en toe gaan mense na waar dit gebruikersvriendelik is, na die CNA, wat 'n enorm groeipunt geword het”. Frans Maree, op daardie stadium

groepaankoper vir Afrikaanse boeke by die CNA, verduidelik dat hulle rondom 1991 besluit het om 'n groter verskeidenheid van Afrikaanse boeke in 'n uitgesoekte 90 takke van die CNA beskikbaar te maak, daardeur het die “boodskap [...] uitgegaan dat die Afrikaanse boek by ons beskikbaar is”. Johann de Lange van Exclusive Books in die Waterfront noem dat die Afrikaanse boek in daardie stadium “weg beweeg [het] van 'n elitistiese bedryf na 'n meer populêre medium” en dat “uitgewers meer as voorheen bestee aan reklame en bemarking” en meer moeite doen met omslagontwerpe. Ander waarnemers in die boekebedryf was van mening dat die “onsekerheid oor die taal se toekoms in 'n nuwe staatsbedeling” rondom die begin van die 1990's iets te doen gehad het met die oplewing “nie net in die getal, gehalte en verskeidenheid van gepubliseerde boeke nie, maar ook in verkope”. (Alle bogenoemde aanhalings in *Die Burger*, 13.11.93:4). Ander koerantberigte beskryf 1990 as “'n Goeie literêre jaar” (Engelbrecht, 1991:2) en 1992 as “'n ware Afrikaanse boekjaar” met 'n “ongekende belangstelling in Afrikaanse boeke” (*Beeld*, 10.12.92:1).

- Een van die opvallendste fluktuasies is die styging van 12 rekords tussen 1994 (13) en 1995 (25). Moontlike verklarings van hierdie styging kan eerstens gevind word in verskuiwings in die uitgeweryprofiel van hierdie produksiekategorie: Tafelberg, Human & Rousseau en Queillierie gee in 1995 4 romans meer as in 1994 uit; beide J.P. van der Walt & Seun en Kwela Boeke tree tot die profiel met onderskeidelik 2 en 1 romans toe. (J.P. van der Walt het aanvanklik slegs in 1993 en 1995 tot produksie in hierdie kategorie bygedra, en LAPA het eers in 2004 weer tot hierdie kategorie toegetree; Kwela Boeke het voortgegaan om 'n voortdurende bydrae tot hierdie kategorie te lewer). Die vraag is egter waarom hierdie uitgewerye spesifiek in 1995 hulle produksie van enkelromans verhoog het – het hulle bloot meer publiseerbare manuskripte ontvang en gereed vir publikasie gehad in dié jaar, was dit 'n voortsetting van die oplewing sedert 1990, of het die eerste viering van 'n demokratiese Suid-Afrika dalk aanleiding gegee tot 'n groter gees van optimisme en euforie om die stories van Suid-Afrika te vertel? Ook in 1996 is die oes aan eerste uitgawes van enkelromans groot en word 23 titels geproduseer, hoofsaaklik as gevolg van verdere standhoudende produksie deur Tafelberg, Human & Rousseau en Queillierie.

- Die hoogtepunt van 1995 en 1996 bly egter kunsmatig te gewees het wanneer die produksiekurwe ná 1996 nagegaan word: in 1997 daal die produksie na 18 rekords, in 1998 na 17 rekords en in 1999 na 10 rekords, waarna 'n plato bereik word van 11 rekords tussen 2000 en 2002 ('n direkte weerspieëling van die 11 rekords waarmee die kurwe in 1990 geopen het). Twee van die belangrikste verskuiwings in die eksterne sisteme van die uitgesisteme wat 'n negatiewe invloed op produksie gehad het, was die afskakeling in biblioteekaankope en die in duie storting van die voorskryfmark (sien 3.3.5.1 en 3.3.4.1). Die invloed van hierdie verskuiwings is duidelik te bespeur in die daling in die produksiekurwe van enkelromans tussen 1996 en 1999.
- Na 2002 styg die kurwe gering na 13 rekords in 2003 en 2004 onderskeidelik. 'n Verdere styging tot 16 rekords volg in 2005. Hierdie verhoogde produksie aan die einde van die kurwe kan toegeskryf word aan die sterker toetrede van produsente soos LAPA en Protea Boekhuis, en nuwe produsente soos Praag, Genugtig! en Penguin Suid-Afrika, tot die produksie van Afrikaanse literêre prosa. Die toetrede van laasgenoemde produsente sal waarskynlik 'n blywende invloed op produksie in hierdie produksiekategorie na 2005 hê.
- Fluktuasies in die produksiekurwe van heruitgawes van enkelromans is minder opvallend as by die kurwe van eerste uitgawes. Terwyl daar 'n gemiddelde 6 heruitgawes per jaar tussen 1990 en 1994 verskyn, verminder dit tot 'n gemiddelde 3 heruitgawes per jaar tussen 1995 en 1999. Heruitgawes van enkelromans was hoofsaaklik óf voorgeskrewe romans (vir sekondêre of tersiêre opleiding in die letterkunde) óf romans deur gewilde outeurs waarvan heruitgawes uitgegee is nadat vorige oplae uitverkoop is. Dit is opvallend dat heruitgawes wat op die voorskryfmark gerig was hoofsaaklik tot en met 1996 verskyn het en dat heruitgawes ná 1996 hoofsaaklik romans deur gewilde skrywers of klassieke romans was. Die daling in heruitgawes sedert 1996 kan dus hoofsaaklik toegeskryf word aan die vermindering in die aankope van skoolhandboeke, insluitend voorgeskrewe fiksie, en die kumulatiewe effek wat dit op die uitgewerybedryf as geheel uitgeoefen het (sien 3.3.4.1).
- Sedert 2003 is daar 'n sterk styging in die kurwe van heruitgawes van enkelromans te bespeur. Hierdie styging is verklaarbaar uit 'n aantal spesifieke tendense in die produksielandskap. Eerstens het NB-Uitgewers (Tafelberg en Human & Rousseau) hul Klassiek-reeks inisiatief in 2003 geloods met

heruitgawes van 4 titels wat as klassieke romans in Afrikaans beskou kan word. Die reeks word gekenmerk deur gelyksoortige omslagontwerpe as 'n vorm van bemerking deur die benutting van grafiese ontwerp as 'n soort handelsmerk. Die reeks is in 2004-2005 verder uitgebrei met 'n verdere 7 heruitgawes.

- Vergelykbaar met bogenoemde tendens, het uitgewerye meer aandag bestee aan die herontginning van reeds bestaande titels op hul eie publikasielyste (of van die publikasielyste van uitgewerye wat nie meer bestaan nie) deur heruitgawes daarvan. Enkele voorbeelde was heruitgawes van staatsmakertitels soos byvoorbeeld Kombuis se politieke satire *Suidpunt-jazz* (Human & Rousseau, 2004; oorspronklik uitgegee deur die destydse HAUM-Literêr) en P.J. Schoeman se *Uit die dagboek van 'n wildbewaarder* (Protea Boekhuis, 2005; oorspronklik uitgegee deur Voortrekkerpers in 1967).
- 'n Derde tendens was verhoogde materiële produksie wat direk gekoppel is aan versterkte simboliese produksie ten opsigte van die huldiging van spesifieke outeurs. Ter viering van André P. Brink se sewentigste verjaarsdag is van sy vroeë romans ter huldiging heruitgegee (byvoorbeeld *'n Droë wit seisoen*, *Houd-den-bek* en *'n Oomblik in die wind*, al drie deur Human & Rousseau, 2005). Na die dood van Dalene Matthee in 2005 is haar vier bosromans asook *Susters van Eva* en *Brug van die esels* deur heruitgawes weer beskikbaar gemaak deur Tafelberg.
- 'n Vierde opmerklieke tendens is dat daar dikwels heruitgawes (of herdrukke) van die vorige romans van gewilde outeurs verskyn om saam te val met die verskyning van die outeur se nuutste roman. Só byvoorbeeld het daar met die verskyning van *Pieterella van die Kaap* van Dalene Matthee (Tafelberg, 2000) ook heruitgawes van *Kringe in 'n bos* (Tafelberg, 2000) en *Fiela se kind* (Tafelberg, 2000) verskyn; die heruitgawe van *Die dinge van 'n kind* deur Marita van der Vyver (Tafelberg, 2000) het die eerste uitgawe van *Griet kom weer* (Tafelberg, 2001) voorafgegaan, terwyl laasgenoemde se voorganger *Griet skryf 'n sprokie* ook herdruk is; netso het die heruitgawe van Jeanne Goosen se *Ons is nie almal so nie* (Kwela Boeke, 2000) saamgeval met die verskyning van *Wie is Jan Hoender?* (Kwela Boeke, 2001). Die heruitgawes van die genoemde romans dien as bewys van die outeurs se gewildheid en het plaasgevind om te verseker dat vorige romans van hierdie outeurs beskikbaar


is vir die aanvraag wat daarna mag ontstaan by die verskyning van hulle nuwe romans.

6.4.3 Uitgeweryprofiel van langer prosa (romans en nouvelles)

Die volgende statistiese patrone kan afgelees word uit die uitgeweryprofiel van die produksiekategorie langer prosa (die totale aantal rekords, beide eerste en heruitgawes, deur alle produsente gedurende 1990-2005, sonder herdrukke):

- Tafelberg was die belangrikste rolspeler in hierdie kategorie met 'n aandeel van 34,08% (122 rekords).
- Human & Rousseau het met 'n produksieaandeel van 27,09% (97 rekords) in die tweede plek tot die produksie van langer prosa bygedra.
- Queillier se produksieaandeel was 10,61% (38 rekords).
- Kwela Boeke se bydrae was 4,47% (16 rekords).
- Protea Boekhuis het in 'n kort periode (vanaf 2000) 'n produksieaandeel van 3,91% (14 rekords) bekom.
- Die eertydse HAUM-Literêr het 9 rekords geproduseer (2,51%).
- J.P. van der Walt & Seun / LAPA het 9 rekords geproduseer (2,51%).
- Makro Boeke het 'n bydrae van 7 rekords gelewer (1,96%).
- Die oorblywende 12,85% is deur die volgende uitgewerye gelewer: die nuwe onafhanklike uitgewery Praag (6) en die druknaam van Praag, Maanskyn (1); die eertydse Kagiso / Perskor (4 rekords); die destydse alternatiewe Taurus (4); die druknaam van beide Human & Rousseau en Tafelberg, Ametis (3); die dormant alternatiewe Hond (3); Oranjewerkers Promosies (2); Hemel & See (2); die nuwe onafhanklike uitgewery Genugtig! (2); Klipbok, Vaandel, Verbae Vitae, Constantia, Africana Uitgewers, die algemene uitgewery J.L. van Schaik, Lovedale Press, die elektroniese uitgewery ContentLot.com, Penguin Suid-Afrika, David Philip en Jacklin Enterprises elk 1 rekord; 2 rekords is deur instansies uitgegee; en 6 rekords is deur outeurs self-uitgegee.

Uitgeweryprofiel: Afrikaanse langer prosa (romans en novelles) oor die periode 1990-2005



Figuur 7: Uitgeweryprofiel van Afrikaanse langer prosa (romans en novelles) oor die periode 1990-2005

- Talle van die bogenoemde uitgewerye se produksie is gedurende die periode gestaak of is tot spesifieke nisse afgeskaal. Teen 2005 was dit hoofsaaklik Tafelberg, Human & Rousseau, Protea Boekhuis en Kwela Boeke wat standhoudend tot die produksie van oorspronklike langer prosa bygedra het. Na verwagting sal LAPA, wat 'n sterk posisie in die produksie van liefdesromans beklee, poog om hul produksieaandeel in langer prosa in die toekoms te verstewig. Die twee onafhanklike uitgewerye Praag en Genugtig! het aan die einde van die periode op die toneel verskyn en begin om as bykomende produsente by te dra tot produksie. Praag het konstant enkele vertaalde langer prosapublikasies per jaar uitgegee, terwyl Queilleries se bydrae tot hierdie subkategorie na 2002 opgedroog het. 'n Interessante verskynsel aan die einde van die periode is die toetreding van tradisionele uitgewerye van Engelse fiksie tot die produksielandskap: David Philip gee 'n Afrikaanse vertaling van Therese Benadé se roman *Anna, dogter van Engela van Bengale* in 2005 uit (vergelyk ook 4.3.6 oor die toetreding van multinasionale uitgewery tot die produsentelandskap van Afrikaanse fiksie). Die bydrae van instansies en outeurs wat self-uitgee, is onbeduidend. Dié verskuiwings in die uitgeweryprofiel word in Figuur 7 op bladsy 509 voorgestel.

6.5 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van kortprosa

Die rekords van kortprosa sluit kortprosatekste van literêre en populêre aard in, wat deur die aard van die inhoud van die publikasies nie as kort liefdesprosa, kort riller- / spannings- / speurprosa, kort inspirerende prosa of kort humoristiese prosa gekategoriseer kan word nie. Katalogusse van uitgewerye tref 'n onderskeid tussen romans, “kortkuns” (laasgenoemde word verdeel in “literêre kortverhale”, “- essays” en “- kortkuns bloemlesings”) en “populêre humoristiese” kortkuns (vergelyk Tafelberg katalogus, 1999/2000:8-10). Beide korter en langer liefdesverhale en riller- / spannings- / speurverhale word gewoonlik in aparte afdelings in die katalogusse groepeer (vergelyk Tafelberg-katalogus, 1997:5-9). In latere katalogusse (vergelyk NB-Uitgewers, 2002:9-22) word onderskei tussen “romans”; “kortkuns, insluitend kortverhale en essays”; “humor”; “romantiese fiksie”; en “rillers en spanningsromans”. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is waarde-oordele oor die (literêre)

gehalte van publikasies so ver moontlik vermy en die indeling van verskeie produksiekategorieë van kortprosa het uitsluitlik gefokus op die aard van die teks op grond van die tematiese inhoud en etikette waarvolgens uitgewerye dié publikasies bemark het. Kortprosapublikasies wat dus nie in hulle aard liefdesverhale, riller / spannings- of speurprosa, humoristiese prosa of inspirerende prosa is nie, is in hierdie kategorie van diverse kortprosa gekategoriseer en sluit beide literêre en populêre kortprosa in. Die meerderheid is egter literêre kortprosapublikasies aangesien die meeste kortprosa van 'n populêre aard in die bogenoemde ander kortprosa produksiekategorieë tuisgekom het. Daar is onderskei tussen verskillende tipes kortprosapublikasies, soos kortverhaalbundels, essaybundels, aanhalingsbundels en dagboeke.

6.5.1 Produksiekategorieë van kortprosa

Daar verskyn 339 rekords van kortprosa in die PDAF. Soos elders vermeld, maak dit 7,64% van prosapublikasies uit en 6,71% van die totale aantal rekords in die PDAF. As gevolg van die aard van die publikasies wat in hierdie kategorie ingesluit word, is dit die kategorie wat uit die meeste soorte produksiekategorieë saamgestel is:

- 2 kortprosapublikasies waarin 'n enkele kortverhaal deur 'n enkelouteur voorkom wat albei as eerste uitgawes in onderskeidelik 1995 en 1998 uitgegee is. Hierdie enkelkortverhaal publikasies is bibliofiele uitgawes: *Die gas in rondawel Wilhelmina* deur Etienne van Heerden (Kairos, 1995) is byvoorbeeld uitgegee ter herdenking van die Nederlandse uitgewery Kairos se 25ste bestaansjaar en verskyn tesame met 'n Nederlandse vertaling van die verhaal; *Thor verloor sy hamer* deur P.V. Pistorius (Piglet Press, 1998) is 'n enkelkortverhaal uit die Germaanse mitologie waarvan slegs 70 eksemplare met die hand gedruk is en saam met lino- en ets in 'n linne-omslag gebind is.
- 141 kortverhaalbundels waarin oorspronklike kortverhale deur enkelouteurs verskyn en wat deur uitgewerye geproduseer is (waarvan 126 as eerste uitgawes en 8 as heruitgawes gedurende 1990-2005 uitgegee is en 23 herdruk is; daar verskyn ook herdrukke van 7 rekords wat oorspronklik vóór 1990 uitgegee is). Hierdie bundels is volgens die bemarkingsetiketette van die uitgewerye hoofsaaklik literêre kortverhaalbundels, byvoorbeeld: *Die Rugkant*

van die bruid deur Rachelle Greeff (Tafelberg, 1990); *Vreemder as fiksie: en ander konterfeitsels* van Johann de Lange (Human & Rousseau, 1996); en Herman Wasserman se *Aan die anderkant van die stad* (Human & Rousseau, 2003).

- 13 kortverhaalbundels deur enkelouteurs wat deur dié outeurs as eerste uitgawes self-uitgegee is; 2 van hierdie bundels is ook herdruk. Hierdie bundels bestaan dikwels uit kontreiverhale of gefiksionaliseerde vertellings van jeug- en ander herinnerings, dus ’n soort herinneringstekes en is meer populêr in hulle aard. Voorbeelde hiervan sluit in *Spatseltjies-onthou-onthou (boeiende stories uit Sabie-omgewing, Oos-Transvaal)* deur Peet Scholtz (1993) en *Cornie Alant se Namakwaland stories* (2000).
- 12 kortverhaalbundels deur enkelouteurs wat as heruitgawes en in grootdrukformaat deur Makro Boeke tussen 1994 en 1996 uitgegee is. Al 12 hierdie bundels was kontreiverhale uit die pen van A.J.J. van Niekerk wat uitgegee is as deel van ’n reeks publikasies “in gerieflike grootdruk vir die fynproewer van verhale van groter literêre gehalte”. Ander soortgelyke bundels wat as humoristiese verhale bemark is, is as humoristiese kortprosa gekategoriseer.
- 2 kortverhaalbundels waarin oorspronklike kortverhale deur twee outeurs verskyn – dít is dus nie saamgestelde kortverhaalbundels nie, maar enkelbundels waarin twee outeurs gesamentlik oorspronklike verhale bundel. *Reise na die hart* deur Willem en Edwina Fransman is met die ondersteuning van ’n instansie, die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans, uitgegee as eerste uitgawe in 1999. *Brunch met twee* deur Clinton V. du Plessis en Peter Snyders is deur die elektroniese uitgewery ContentLot.com as e-boek en ook in gedrukte formaat in 2001 uitgegee.
- 11 saamgestelde kortverhaalbundels waarin kortverhale van ’n enkelouteur versamel is (waarvan 10 as eerste uitgawes en 1 as heruitgawe uitgegee is, 2 van hierdie bundels is ook herdruk). Hierdie kortverhaalbundels is dikwels volgens ’n sentrale tema saamgestel uit ’n outeur se oeuvre of was ’n keur van “die beste” verhale, byvoorbeeld: *Latynse reise: ’n keur uit die reisbeskrywings van André P. Brink* (Human & Rousseau, 1990); *Meesterverhale van Eugène N. Marais* (Human & Rousseau, 1994); *Ook skaduwees laat spore: ’n keuse uit sy populêre verhale deur Hennie Aucamp* (Tafelberg, 2000).

- 2 saamgestelde versamelbundels met kortverhale deur een outeur wat in Afrikaans vertaal is en as eerste uitgawes uitgegee is. *Verhale van 'n vabond: verhale van die vabond Hlakanyana en sy avonture in die wye wêreld* (Tafelberg, 1990) is 'n versameling van Nguni-volksverhale wat deur Jack Cope oorvertel is en uit Engels vertaal is deur Anna Jonker, dié bundel is volgens die omslagteks op beide jonger en volwasse lesers gerig. *Verhale* deur Herman van Veen (Queillerie, 2000) is uit Nederlands vertaal deur Daniel Hugo.
- 76 saamgestelde bloemlesings waarin kortverhale deur meerdere outeurs versamel is (waarvan 54 as eerste uitgawes en 9 as heruitgawes gedurende 1990-2005 uitgegee is, 18 van hierdie bundels is ook herdruk; 13 bundels wat oorspronklik vóór 1990 verskyn het, is ná 1990 een of meer male herdruk). Hierdie produksiekategorie bestaan uit versamelbundels wat óf 'n keuse uit die hele terrein van die Afrikaanse kortverhaalkuns verteenwoordig, óf wat volgens 'n spesifieke tema tot stand gekom het. Voorbeeld van die eersgenoemde kategorie sluit in: *Vertellers: die groot Afrikaanse verhaalboek* (Human & Rousseau en Tafelberg, 1990) saamgestel deur Merwe Scholtz en *Eeu: honderd jaar van Afrikaanse kortverhale* (Human & Rousseau en Tafelberg, 1990) saamgestel deur Abraham H. de Vries. Tematiese kortverhaalbloemlesings sluit byvoorbeeld in: *Drif: verhale van menslike drifte* (J.P. van der Walt & Seun, 1996) saamgestel deur Lindeque de Beer; *Dogters van Afrika: verhale oor Suid-Afrikaanse vroue* (Tafelberg, 1997) saamgestel deur Riana Scheepers; en *Liefde loop ver: liefdesverhale deur mans* (Human & Rousseau, 1999) saamgestel deur Jeanette Ferreira. Heelwat van hierdie bundels, waaronder almal wat vóór 1990 verskyn het en daarna herdruk is, was op die eens stabiele voorskryfmark gerig (byvoorbeeld *Verlore paradyse* (HAUM-Literêr, 1989) saamgestel deur Nico Snyman wat 15 herdrukke beleef het) – die produksie van hierdie bundels het egter sedert 1997, met die ineenstorting van die voorskryfmark, afgeneem. Ander bundels het tot stand gekom as resultaat van kortverhaalwedstryde, vergelyk byvoorbeeld: *Die Wond en ander verhale* (HAUM-Literêr, 1992) na aanleiding van *De Kat*, Antenne, Saambou en HAUM-Literêr se kortverhaalwedstryd; *Vonkfiksie: die wenners van De Kat en Human & Rousseau se kort-kortverhaalwedstryd* (Human & Rousseau, 1999); en die 3

kortverhaalbundels wat as deel van Kwela Boeke se reeks “Jong Suid-Afrikaanse skrywers” in beide Afrikaans en Engels uitgegee is: *Keerpunt: nuwe verhale vir ’n nuwe Suid-Afrika* (1995) saamgestel deur Linda Rode met die medewerking van Jakes Gerwel; *Ek, ’n lewende pyl* (1998); en *Op met die afroltrap* (2000) albei saamgestel deur Linda Rode en Hans Bodenstein.

- 1 bloemlesing is vergelykbaar met die bogenoemde produksiekategorie met die verskil dat dié publikasie deur ’n instansie uitgegee is: *Woordvisier* wat saamgestel is rondom die tema van oorlog (Kommandement Oranje-Vrystaat van die Suid-Afrikaanse Weermag, 1992).
- Daar verskyn slegs 1 tematiese kortverhaalbloemlesing deur meerdere outeurs in grootdruk-formaat: *Steekbaard: die beste Afrikaanse hondestories* (Makro Boeke, 1995, heruitgawe), ’n keur deur Abraham H. de Vries.
- Verder verskyn daar 1 saamgestelde kortverhaalbundel deur meerdere outeurs wat in Afrikaans vertaal is. *Uit die hart van die vuur: verhale uit Afrika uit die volksmond* (Tafelberg, 1995), opgeteken deur Julius Oelke, is ’n versameling van Afrika-sprokies en -fabels wat gerig is op beide jong en volwasse lesers en deur Linda Rode uit Duits vertaal is.
- 14 saamgestelde kortverhaalbundels deur meerdere outeurs wat tot stand gekom het deur skryfwerkswinkels vir aspirant- en beginner-skrywers. Hierdie bundels het uit die aard van hoe dit tot stand gekom het almal as eerste uitgawes verskyn.
- 2 kortprosapublikasies waarin ’n enkele essay deur ’n enkelouteur voorkom. Die verskyning van hierdie soort kortprosapublikasies was unieke en eenmalige gebeurtenisse. Dit sluit die volgende titels in: *Die skepbekertjie: oor die voëls van Witklip* (Tafelberg, 1990, heruitgawe) deur Eugéne N. Marais, is ’n skeppende opstel oor Marais se kennis van voëls en vorm ook deel van sy natuurwetenskaplike werk; en *’n Pastoriedogter* (Aldus-Pressé Reicheneck, 1995) deur Elisabeth Eybers – ’n bibliofiele uitgawe van ’n essay oor haar jeug wat ter herdenking van haar tagtigste verjaarsdag in ’n handgedrukte beperkte oplaag verskyn het.
- 6 essaybundels waarin essays deur enkelouteurs verskyn (waarvan 5 as eerste uitgawes en 1 as heruitgawe uitgegee is). Hierdie publikasies is spesifiek as “literêre essaybundels” bemark, soos byvoorbeeld: *Hart-lam: (’n leerboek)*


(Taurus, 1991) van Breyten Breytenbach en *Saturae, die essays: opgedra aan Lucianus van Samosata (125-190 n.C)* (Tafelberg, 1994) deur M.M. Walters.

- Daar verskyn 1 essaybundel deur 'n enkelouteur in grootdruk-formaat wat as heruitgawe in 1991 deur Daan Retief uitgegee is – dit is Audrey Blignault se essaybundel *Die plesierboom*.
- 35 saamgestelde essaybundels waarin essays en rubrieke deur enkelouteurs versamel is (waarvan 32 as eerste uitgawes en 3 as heruitgawes uitgegee is, 6 van hierdie bundels is herdruk). Hierdie produksiekategorie bestaan uit bundels wat saamgestel is uit essays, rubrieke en sketse waarvan sommige voorheen in koerante en tydskrifte gepubliseer is of oor die radio uitgesaai is, soos byvoorbeeld: *'n Leksel sout uit die maande* (Tafelberg, 1996) deur Jan Nel wat voorheen as rubriek in die radioprogram “Vrouefokus” uitgesaai is, *Sarie op die man af: die skrywer wat vroue (en mans) op hol het* (Human & Rousseau, 2000) van André le Roux wat oorspronklik as rubriek in *Sarie* verskyn het, *My voete loop na Wellington...* (Protea Boekhuis, 2003) deur Riana Scheepers wat 'n keur is uit sketse wat in *Beeld*, *Volksblad*, *De Kat* en *Rooi Rose* verskyn het. Ander (literêre) kortprosa-vorme soos portrette is ook in hierdie produksiekategorie ingesluit, vergelyk byvoorbeeld die bundel portrette *Bly te kenne* (Tafelberg, 2001) deur Hennie Aucamp.
- 6 saamgestelde essaybundels waarin essays deur meerdere outeurs saamgevoeg is en as eerste uitgawes uitgegee is, 1 van hierdie bundels is ook herdruk. Dit sluit essaybundels in soos byvoorbeeld: *Granaat: 50 eietydse essays* (Jutalit, 1992) saamgestel deur Tom Gouws en P.H. Roodt (dié bundel is op tersiêre vlak voorgeskryf), *SA 27 April 1994: an authors' diary – 'n skrywersdagboek* (Queillerie, 1994) saamgestel deur André P. Brink en *Borde borde boordevol: verhale en essays oor kos* (Tafelberg, 1998) saamgestel deur Hennie Aucamp.
- 5 saamgestelde aanhalingsbundels wat saamgestel is uit spreuke, spreekwoorde, idiome, gesegdes en aanhalings deur enkelouteurs (waarvan 3 as eerste uitgawes en 1 as heruitgawe gedurende 1990-2005 verskyn, 1 hiervan is ook herdruk, nog 1 het oorspronklik vóór 1990 verskyn en is ná 1990 herdruk). Voorbeelde van hierdie publikasies is: *Spreuke van Langenhoven: 'n keuse* (Tafelberg, 1988 en 2000) deur Jan Scannell en *'n Kwartduisend spreuke: die eerste kwartduisend* (Queillerie, 1996) deur Johan Combrink.

- 1 saamgestelde aanhalingsbundel wat aanhalings deur meerdere outeurs bevat en as eerste uitgawe in 1998 verskyn het, *Die groot aanhalingsboek* (Human & Rousseau) saamgestel deur George Claassen, Piet Muller en Morkel van Tonder – al die aanhalings in hierdie bundel is nie fiksie nie, maar sommige is byvoorbeeld direkte aanhalings uit fiksietekste of deur fiksieskrywers.
- 1 saamgestelde aanhalingsbundel met aanhalings deur meerdere outeurs wat deur die samesteller self-uitgee is as eerste uitgawe in 1998: *Afrikaanse kloek-goed* saamgestel deur Hetta Hager “uit duisende woorde, sinsnedes en sinne wat verteenwoordigend is van die variant van Afrikaans wat in Griekwastad en omgewing gebruik word”.
- 6 dagboeke deur enkelouteurs wat almal as eerste uitgawes verskyn het. Die tekste in hierdie dagboeke is uit die aard daarvan outobiografies (dus streng gesproke nie-fiksie), maar omdat dit deur fiksieskrywers geskryf is, is die outobiografiese feite dikwels as skeppende werk aangebied en word dit wel by die PDAF ingesluit. Voorbeelde van hierdie publikasies is die reisjoernale in dagboekvorm *Augustus in Moskou* (Tafelberg, 1992) deur Barend J. Toerien en *In die skadu van Berg Athos* (Human & Rousseau, 1996) deur Rona Rupert; Jan Rabie se *Paryse dagboek* (Human & Rousseau, 1998); asook Hennie Aucamp se 3 gepubliseerde dagboeke *Gekaapte tyd: ’n kladboek*, *Allersiele: ’n dagboek* (Tafelberg, 1996 en 1997) en *Skuinslig* (LAPA, 2003).

6.5.2 Produksiepatrone van kortprosa

Die produksie van al die verskillende produksiekategorieë van kortverhaalbundels in die oorhoofse kategorie kortprosa, word nagegaan in Figuur 8 op bladsy 517. Dít dui die totale aantal publikasies per jaar (eerste uitgawes en heruitgawes gesamentlik) aan wat gedurende 1990-2005 oor dié periode uitgegee is. Geen herdrukke word aangetoon nie. Die samestelling van die breër kategorie kortprosa is té kompleks om alle produksiekategorieë in een figuur aan te toon, daarom word die onderskeie produksiekategorieë van dagboeke, essaybundels en aanhalingsbundels, op presies dieselfde wyse as hier genoem, in Figuur 9 op bladsy 522 aangedui. Vervolgens word bepaalde produksietendense na aanleiding van Figure 8 en 9 toegelig.



Figuur 8: Produksiepatrone van Afrikaanse kortprosa (kortverhaalbundels) oor die periode 1990-2005

- Dit is duidelik dat enkelkortverhaalbundels van enkelouteurs die mees standhoudend oor die periode geproduseer is. Die hoogtepunt in hierdie kurwe was 1997 toe nie minder nie as 18 kortverhaalbundels uitgegee is, 9 hiervan deur Human & Rousseau, 4 deur Tafelberg, 2 deur J. L. Van Schaik en Queillerie onderskeidelik en 1 deur die eertydse Domestica. Ook in hierdie produksiekurwe is spore van die invloed van die ineenstorting van die voorskryfmark (of die kumulatiewe gevolge daarvan) te bespeur: die produksie was gemiddeld 10 titels per jaar tussen 1990 en 1996 en na die ineenstorting van die voorskryfmark in 1997 / 1998 daal die gemiddelde jaarlikse produksie na 7 titels tussen 1998 en 2003. Die aanmerklikste daling in hierdie kurwe vind plaas sedert 2003 wanneer daar 'n gemiddeld van slegs 3 titels per jaar verskyn – waarskynlik 'n tendens wat tekenend is van die algemene afname in literêre publikasies. Riana Barnard (2002a), uitgewer van fiksie by NB-Uitgewers, wys daarop dat kortverhaalbundels in onbepaalbare kringlope in 'n mindere of meerdere mate op die voorgrond verskyn en dat produksiepatrone moeilik bepaalbaar is.
- Daar verskyn relatief min, maar redelik standhoudend tussen 1993 en 2003, kortverhaalbundels wat deur outeurs self-uitgegee is. Die produksie van hierdie kortverhaalbundels word sterk gereguleer deur persoonlike faktore soos die impetus van die outeur om hulle eie verhale in druk te sien – dit is dus moeilik om produksietendense uit hierdie kurwe af te lei.
- Kortverhaalbundels deur enkelouteurs en meerdere outeurs in grootdruk-formaat het slegs sporadies verskyn in 1994, 1995 en 1996. Dit is almal deur Makro Boeke geproduseer en die sluiting van hierdie uitgewery verklaar hierdie produksiepatroon.
- Saamgestelde kortverhaalbundels deur 'n enkelouteur verskyn relatief sporadies gedurende die periode. Gewoonlik verskyn daar slegs 1 titel in 'n bepaalde jaar, met die uitsondering van 2 titels in 1990 en 2003. Dit dui op geen statisties beduidende produksiepatroon nie.
- Saamgestelde kortverhaalbundels deur meerdere outeurs is die produksiekategorie waarvan die tweede meeste in die totale kortprosa-kategorie geproduseer is. Die produksie in hierdie kategorie was standhoudend gedurende die periode, alhoewel 'n geleidelike, maar geringe, afname sedert 2000 te bespeur is. Gedurende 1990 tot 2000 verskyn daar gemiddeld 4 titels

hiervan per jaar; en gedurende 2001 en 2004 slegs gemiddeld 3 titels per jaar. Geen titel verskyn in 2005 nie. Uitgewerye het in hierdie kategorie daarin geslaag om met innoverende tematiese kortverhaalbundels, wat op die algemene mark gerig is, die invloed van die ineenstorting van die voorskryfmark teen te werk.

- Dit is duidelik dat die oes aan vertaalde kortverhaalbundels besonder skraal was. Daar verskyn slegs 1 vertaalde saamgestelde kortverhaalbundel deur meerdere outeurs in 1995 en slegs 2 deur enkelouteurs in onderskeidelik 1990 en 2000.
- Die produksie van publikasies met 'n enkele kortverhaal was unieke gebeurtenisse in die produksieprofiel en het slegs twee maal gebeur, 1 in 1995 en 1 in 1998.
- Dieselfde geld vir enkelkortverhaalbundels waarin oorspronklike kortverhale deur meerdere outeurs opgeneem is, daar verskyn 1 hiervan in respektiewelik 1999 en 2001.
- Die produksiekurwe van saamgestelde kortverhaalbundels deur meerdere outeurs wat tot stand gekom het deur skryfwerkswinkels toon toenemende standhoudendheid sedert 1996 tot 2001, met gemiddeld 2 titels per jaar – 'n moontlike aanduiding dat daar enersyds groei te bespeur is in die aantal aspirant skrywers en andersyds voorsiening gemaak word vir alternatiewe uitgegeleenthede vir diegene wat nie daarin slaag om publikasies deur uitgewerye uitgegee te kry nie. Belangrike inisiatiewe op hierdie terrein is informele skrywersverenigings soos onder meer die Eugène-Marais-skrywersverenigings in Pretoria en die Bloemfonteinse Skrywersverenigings (daar bestaan talle ander soortgelyke verenigings). Laasgenoemde bied gereelde slypskole vir hulle lede (meestal aspirant skrywers) aan en gee jaarliks 2 publikasies uit, *Bloemskryfsels* is 'n bundel met ledebydraes wat deur die betrokke jaar geskryf is en *Inkvars* kom tot stand deur 'n jaarlikse skryfwedstryd wat op nasionale vlak deur dié vereniging sedert 1989 georganiseer word (gerig op skoolleerders en volwassenes) en waarvan die resultate van wenners in elke afdeling in dié bundel gepubliseer word (sien 3.3.3.5).
- Wanneer al die verskillende produksiekategorieë van kortverhaalbundels in geheel beskou word, is dit duidelik dat daar ná die stelselmatige styging tussen


1992 en 1994 (tydens die sogenaamde “renaissance van die Afrikaanse boek”) en die kunsmatige hoogtepunt in 1995, ’n toenemende daling sedert 1997 voorkom. Die produksiekurwe van die totale aantal kortverhaalbundels eindig met 5 kortverhaalbundels in 2005 – slegs ’n kwart van die 21 kortverhaalbundels waarmee die kurwe in 1990 geopen het. Moontlike redes hiervoor is die negatiewe gevolge van die in duie storting van die voorskryfmark op die produksie van fiksie as geheel (sien 3.3.4.1) asook verminderde biblioteek-aankope (sien 3.3.5.1), waardeur uitgewerye minder verseker was van aankope deur die staat en as gevolg daarvan minder kon waag op publikasies (soos kortverhaalbundels) waarvoor die algemene mark relatief klein is. Die afname aan die einde van hierdie kurwe is weer eens tekenend van die algemene afname in literêre publikasies en die toenemende gerigtheid op meer populêre titels met ’n groter potensieële mark.

Die produksiekategorieë essaybundels, aanhalingsbundels en dagboeke, wat in Figuur 9 op bladsy 522 voorgestel word, is almal minder gereeld en meer sporadies geproduseer as die onderskeie kortverhaalbundels in Figuur 8. Die produksiepatrone dui nie werklik op enige verklaarbare statistiese tendense nie. Die volgende kan wel uitgesonder word:

- Die mees standhoudende produksie kom voor by die kategorie saamgestelde essaybundels deur enkelouteurs. Die kurwe van hierdie produksiekategorie open in 1992 met 4 titels, waarna daar gemiddeld 1 tot 2 titels daarvan per jaar geproduseer word van 1994 tot 2000. Sedert 2001 toon dié produksiekategorie aansienlike groei met ’n gemiddelde 4 titels per jaar. 2004 (9 rekords) staan uit as ’n besondere produktiewe jaar vir saamgestelde essaybundels deur enkelouteurs. Dit is opvallende dat 15 van die 21 publikasies wat sedert 2001 verskyn het, die versamelings van rubrieke (wat voorheen in dagblaie en tydskrifte verskyn het) deur gewilde eietydse rubriekskrywers soos André le Roux, Koos Kombuis, Riana Scheepers, Willie Burger en Dana Snyman was. Die oorblywende 6 titels was van ’n groter literêre aard. Dit is waarskynlik ’n aanduiding dat gewilde publikasies veld begin wen bo (meer) literêre publikasies. ’n Tendens wat direk verband hou met uitgewerye se fokus op die verbreding van markaandeel in die algemene mark na die in duie storting van die eens stabiele voorskryfmark. Die bekendheid van die rubriekskrywers

speel waarskynlik ook 'n rol in die sukses van hierdie soort essaybundels – 'n aspek wat klem lê op die bekendheid van die outeur as 'n bemerkingstrategie.

- Die klein aantal essaybundels deur enkelouteurs (slegs 6 gedurende die periode 1990-2005), wat van groter literêre aard was, bevestig verder die klem op meer populêre publikasies, gerig op die algemene mark. Slegs 2 van die 6 titels het na 1997 verskyn.
- Daar verskyn slegs 6 saamgestelde essaybundels deur meerdere outeurs waarvan die laaste 2 ook duidelik op 'n meer populêre mark gerig is: *40 is g'n vloekwoord* (Queillerie, 1999), saamgestel deur Hettie Scholtz; en *Sarie - 50 goue agterblaaie* (Human & Rousseau, 2000), saamgestel deur Esme Mittner.
- Die produksie van publikasies wat uit 'n enkele essay bestaan, was uniek en het slegs 2 maal plaasgevind (in 1990 en 1995) en dui nie op 'n statisties beduidende patroon nie.
- Ook die oes aan essaybundels in grootdruk-formaat, dagboeke en aanhalingsbundels was skraal, het slegs sporadies oor die periode plaasgevind en dui op geen betekenisvolle patroon nie. Wat wel duidelik blyk, is dat die potensiële mark vir kortprosapublikasies van sterk literêre aard, soos byvoorbeeld die gepubliseerde dagboeke van fiksieskrywers waarin werklike gebeure gefiksionaliseer word, uiters beperk is – in werklikheid 'n nismark. Waar hierdie literêre kortprosapublikasies wel uitgegee word, word sodanige uitgeebeslissings waarskynlik gegrond op die literêre waarde daarvan en weeg simboliese produksie swaarder as materiële produksie.
- Die opmerklikste tendens wat uit Figuur 9 afgelei kan word, is die algemene verskuiwing weg van literêre publikasies na publikasies met 'n groter populêre fokus waarby 'n breër potensiële mark aanklank sal vind – veral samestellings van essaybundels deur bekende rubriekskrywers.
- Wanneer die produksiekurwes van al die produksiekategorieë in hierdie Figuur as geheel nagegaan word, is dit opmerklik dat die verskeidenheid van soorte publikasies asook die hoeveelheid sedert 1999 aan die afneem is en dat toenemend op meer populêre publikasies gefokus word.




Figuur 9: Produksiepatrone van Afrikaanse kortprosa (dagboeke, essaybundels, aanhalingsbundels) oor die periode 1990-2005

6.5.3 Uitgeweryprofiel van kortprosa

Die uitgeweryprofiel van kortprosa (waarby alle produksiekategorieë van hierdie diverse kategorie ingereken word) is saamgestel uit die totale aantal publikasies wat as eerste uitgawes en heruitgawes (herdrukke is buite rekening gelaat) deur alle uitgewerye in hierdie kategorie gedurende 1990-2005 geproduseer is. Ná die konstruksie van hierdie profiel het die volgende duidelik geword:

- Human & Rousseau was die produktiefste produsent in hierdie produksiekategorie met 'n produksieaandeel van 24,21% (77 rekords).
- Tafelberg beklee die tweede posisie met 'n produksieaandeel van 22,96% (73 rekords).
- J.P. van der Walt & Seun / LAPA se aandeel was 11,32% (36 rekords).
- Queillerie se produksieaandeel was 5,03% (16 rekords), maar sedert 2000 het geen verdere titels deur dié druknaam in hierdie kategorie verskyn nie.
- Daarna volg die eertydse Makro Boeke in die vierde posisie met 'n aandeel van 4,40% (14 rekords).
- Protea Boekhuis het ook 'n produksieaandeel van 4,40% (14 rekords).
- Kortprosapublikasies wat deur instansies uitgegee is, in hierdie geval hoofsaaklik skrywersverenigings, het 'n produksieaandeel van 4,40% (14 rekords).
- Outeurs wat hulle publikasies self-uitgegee het, het 'n gesamentlik aandeel van 4,40% (14 rekords) in die produksie van kortprosa.
- Kwela Boeke het 'n produksieaandeel van 2,20% (7 rekords).
- Die destydse HAUM-Literêr en J. L. van Schaik (die algemene uitgewery) se aandeel tot die totale produksie van kortprosa was 1,89% elk (6 rekords elk).
- Die oorblywende produksieaandeel van 12,89% bestaan uit bydraes tot produksie deur die volgende uitgewerye: die akademiese uitgewery Van Schaik (4 rekords); die eertydse Klipbok (4) en Perskor / Kagiso (4); die uitgewery van elektroniese publikasies ContentLot.com (2); Homeros, die uitgewery van publikasies met 'n duidelike gay-tema (2); die eertydse alternatiewe uitgewery Taurus (2); Aktuapers (2); en die volgende uitgewerye wat elk 1 rekord in hierdie kategorie geproduseer het: Aldus-Press, Kairos,

Uitgeweryprofiel: Afrikaanse kortprosa oor die periode 1990-2005



Figuur 10: Uitgeweryprofiel van Afrikaanse kortprosa oor die periode 1990-2005

druknaam Ametis; Benedic; Bent; Chameleon Press; Daan Retief / Kennis Onbeperk; Domestica; Fundi; Grondleeu; Hond; Jutalit; Litera; Out of Africa; Piglet Press; Publitoria; Rapid Access Publishers; Tiara; Verbae Vitae en !Xthorro Publikasies.

- Baie van hierdie uitgewerye is gedurende die periode gesluit of hulle produksie is tot spesifieke nisse afgeskaal. Heelwat van die uitgewerye het ook geen standhoudende bydrae tot produksie in hierdie kategorie gelewer nie. Aan die einde van die periode was hoofsaaklik die volgende uitgewerye steeds produktief in hierdie kategorie en verdere produksie kan moontlik in die toekoms van hulle verwag word: Human & Rousseau, Tafelberg, LAPA, Protea Boekhuis, die outeurs wat self-uitgee in hierdie kategorie en instansies soos skrywersverenigings. Die verskuiwings in die uitgeweryprofiel van kortprosa word in Figuur 10 op bladsy 524 aangetoon.

6.6 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van riller- / spannings- / speurprosa

Publikasies wat uit die aard daarvan hoofsaaklik afgestem is om spanning by die leser te skep (riller- en spanningsprosa) of gaan oor die speurtog na die ontrafeling van spannende verhaaldeure (speurprosa), is in hierdie kategorie opgeneem, terwyl ook wetenskapsfiksie (dikwels met 'n sterk spanningselement) deel hiervan vorm. Die indeling het weer eens plaasgevind op grond van etikette wat in die bemarkingstekste van die publikasies deur uitgewerye gebruik is. Terme wat in hierdie tekste voorkom, sluit onder meer in: “spanningsroman” (*Wreker* van Lambert Visser, Tafelberg, 2001), “spannende verhaal” (*Die ultimatum* deur Frederik H. Steyn, Human & Rousseau, 2001), “naelbyt spanningsverhaal, 'n Saffier-treffer” (*Jou uur het geslaan* van Danie Gouws, Perskor, 1990), “boeiende riller”, “sielkundige riller” (*Goëlfabriek* deur Leon van Nierop, Tafelberg, 2001), “spioenasie en spanningsroman” (*Die Jerigo-krisis* van André Jansen, Human & Rousseau, 1990) en “spannende avontuurverhaal” (*Wie met vuur speel* deur Deon Meyer, Tafelberg, 1994). Skrywers is soms as handelsmerke in die bemarking van hierdie publikasies gebruik, vergelyk byvoorbeeld “'n spannende speurverhaal vol intrige soos net Kas van den Bergh dit kan vertel” oor *Verydelde jare* (Makro Boeke, 1991).

Dit sou moontlik wees om tussen verskillende subgenres in hierdie kategorie te onderskei, soos byvoorbeeld die sielkundige riller, die griller, paranormale wetenskapsfiksie, spannende ruimtefiksie, politieke spanningsverhaal, die “wie-het-dit-gedoen?”-speurverhaal en nog ander soorte. Só ’n onderskeid val egter buite die bestek van hierdie studie en daar word deurgaans verwys na die versamelterm “riller- / spannings- / speurprosa” waaronder alle subgenres bedoel en begryp moet word.

6.6.1 Produksiekategorieë van riller- / spannings- / speurprosa

Daar verskyn 298 rekords van prosapublikasies in die PDAF wat as riller-, spannings- of speurprosa gekategoriseer kan word, dit sluit beide kortprosa en langer prosa in hierdie kategorie in. Hierdie produksiekategorie maak 6,72% van prosapublikasies uit en 5,90% van die totale aantal rekords in die PDAF. Dié rekords is uit die volgende produksiekategorieë saamgestel:

- 176 riller- / spannings- / speurenkelromans wat deur uitgewerye uitgegee is (waarvan 149 as eerste uitgawes en 26 as heruitgawes gedurende 1990-2005 verskyn het, 1 hiervan is herdruk; 1 roman wat vóór 1990 uitgegee is, is ná 1990 herdruk).
- 2 riller- / spannings- / speurenkelromans wat deur die outeurs daarvan self-uitgegee is, het as eerste uitgawes verskyn in onderskeidelik 1997 en 1998.
- 71 riller- / spannings- / speurenkelromans in grootdruk-formaat (waarvan 62 as heruitgawes en 9 as eerste uitgawes verskyn het).
- 13 riller- / spannings- / speurenkelromans wat in Afrikaans vertaal is (waarvan 9 as eerste uitgawes en 4 as heruitgawes verskyn het; 1 van hierdie romans is ook herdruk).
- 21 riller- / spannings- / speurenkelromans wat in Afrikaans vertaal is en in grootdruk-formaat as heruitgawes tussen 1992 en 1996 uitgegee is.
- 5 riller- / spannings- / speurroman-omnibusse wat as eerste uitgawes verskyn het (hiervan is die romans van meerdere outeurs in 4 van die omnibusse saamgevoeg, die 5de omnibus het romans deur ’n enkelouteur versamel).
- 1 grafiese riller- / spannings- / speurroman deur meerdere outeurs het as eerste uitgawe in 1998 verskyn.


- 5 kortverhaalbundels deur enkelouteurs waarin riller- / spannings- / speurkortverhale saamgevoeg is (hiervan het 4 as eerste uitgawes en 1 as heruitgawe verskyn); 2 is deur J.P. van der Walt & Seun uitgegee, 2 deur Human & Rousseau en 1 deur Juventus (’n druknaam van die eertydse HAUM).
- 2 kortverhaalbundels waarin riller- / spannings- / speurkortverhale deur enkelouteurs in grootdruk-formaat as heruitgawes in 2001 en 2003 deur Jacklin Enterprises uitgegee is.
- 2 kortverhaalbundels waarin riller- / spannings- / speurkortverhale deur meerdere outeurs saamgevoeg is, het as eerste uitgawes in onderskeidelik 1994 en 2002 deur J.P. van der Walt & Seun / LAPA verskyn.

6.6.2 Produksiepatrone van riller- / spannings- / speurprosa

Figuur 11 op bladsy 528 stel die produksie van riller- / spannings- / speurprosa oor die periode 1990-2005 voor. Die totaal van die aantal rekords van elke produksiekategorie per jaar word aangedui, geen onderskeid is getref tussen eerste en heruitgawes nie en geen herdrukke word aangetoon nie.

Wanneer die produksie van riller- / spannings- / speurprosapublikasies oor die periode nagegaan word, kan bepaalde produksiepatrone na aanleiding van Figuur 11 afgelei word:

- Die produksiekurwe van enkelromans in hierdie kategorie toon die meeste fluktuasies: dit open met 17 rekords in 1990, waarna dit radikaal krimp tot slegs 3 in 1991, daarna volg ’n geringe styging en tussen 1992 en 2000 verskyn daar gemiddeld 15 van hierdie romans per jaar, maar na die 10 rekords in 2000 daal die produksie stelselmatig en verskyn daar gemiddeld slegs 5 van hierdie romans per jaar gedurende 2001 tot 2005. Hierdie fluktuasies is hoofsaaklik terug te voer na verskuiwings in die uitgeweryprofiel:
 - Die hoë produksie in 1990 is hoofsaaklik te wyte aan Perskor se Saffier-treffers, dít was spanningsverhale wat in klein sakboek-formaat en in sagteband uitgegee is as deel van ’n reeks en was op die populêre



Figuur 11: Produksiepatrone van Afrikaanse riller- / spannings- / speurprosa (langer en kortprosa) oor die periode 1990-2005

mark gerig. Maar sedert 1991 gee Perskor slegs enkele individuele spanningsromans uit en dit is eers in 1998 en 1999 dat hulle weer verhoogde produksie in hierdie kategorie toon – wat saamval met die verhoogde produksie van hulle liefdesromans in dieselfde tydperk (sien 6.3.3). Saam met die aandeel van ander uitgewerye, is dit veral Perskor se aandeel wat bydra tot die hoë produksie in 1998.

- In 1992 verhoog Human & Rousseau hulle produksie in hierdie kategorie deur heruitgawes van beproefde spanningsverhale deur byvoorbeeld Doc Immelman uit die 1970's en enkele eerste uitgawes uit te gee; en in 1993 gaan hulle voort hiermee. Ná 1995 spits hulle hul toe op eerste uitgawes deur gewilde kontemporêre outeurs van hierdie genre soos Alex Muller, Chris Moolman, Nic Tredoux en Deon Meyer. Van hierdie romans vorm ook deel van reekse soos byvoorbeeld Alex Muller (die skuilnaam van Eleanor Baker) se Adriaan Kruger-speurverhale.
- J.P. van der Walt & Seun verhoog hulle produksie in 1993 deur te begin om romans in hierdie kategorie buite boekklubverband uit te gee (binne klubverband gee hulle romans met beide spannings- en liefdeselemente as deel van Treffer-Boekklub uit – veral romans deur Frieda de Villiers en Wille Martin wat bekend is vir hulle vervlegting van spannings- en liefdeselemente). Dié uitgawes van spannings- en speurromans buite klubverband met hulle kenmerkende wit omslagontwerpe was grotendeels die werk van gewilde kontemporêre outeurs in hierdie genre soos Kas van den Bergh, Adam Roux en Peet Venter; dié produksie het 'n hoogbloei tussen 1993 en 1997 belewe.
- Tafelberg het gemiddeld slegs 1 van hierdie romans per jaar geproduseer en was dus nie in dieselfde mate as die bogenoemde uitgewerye 'n rolspeler in hierdie produksiekategorie nie (hulle het wel, soos hieronder vermeld, 'n belangrike rol gespeel in die produksie van vertaalde riller- / spannings- / speurromans, veral die romans van Heinz G. Konsalik).

Die oorsake van die toenemend dalende produksie sedert 1999 is nie afleibaar uit die statistiek nie, maar dit wil voorkom asof die mark vir riller- / spannings- / speurromans aan die krimp is en dat dít produksie negatief geraak

het. Daar bestaan ook slegs 'n handjie vol skrywers van hierdie genre wat daadwerklik daarin slaag om lesers se verbeelding aan te gryp.

- Enkelsromans in grootdruk-formaat is hoofsaaklik heruitgawes en slegs 9 van die 71 romans is as eerste uitgawes uitgegee. Die fluktuasies in die produksiekurwe van enkelromans in grootdruk-formaat kan ook direk verklaar word deur verskuiwings in die uitgeweryprofiel van hierdie kategorie. Die grootste produsent van romans in grootdruk-formaat in hierdie kategorie was Makro Boeke wat vir 53,52% van die produksie verantwoordelik was; die hoogste produksie het plaasgevind tussen 1992 en 1996; die bydrae van Makro Boeke is duidelik wanneer die sluiting van hierdie uitgewery in 1996 in verband gebring word met die produksiekurwe deur die feit dat hierdie kurwe in 1997 'n nulpunt bereik het. Tussen 1990 en 1996 is dit slegs Daan Retief / Kennis Onbeperk (met slegs 2 romans in hierdie kategorie), Makro Boeke en J.P. van der Walt & Seun wat tot hierdie produksie bydra. Sedert 1998 word die produksie voortgesit deur J.P. van der Walt & Seun / LAPA (hulle totale produksieaandeel tot hierdie kategorie is 16,90%) en Jacklin Enterprises wat in 1999 tot hierdie produksiekategorie toetree en in die relatiewe kort periode 1999-2003 'n produksieaandeel van 21,13% bekom. Die nuwe onafhanklike uitgewery Hartbees tree in 2003 tot die kategorie toe en produseer 4 van hierdie romans.
- Die 13 enkelromans wat in Afrikaans vertaal is, bestaan uit 12 vertaalde romans deur Heinz G. Konsalik (vertaal uit Duits) en 1 deur Wilbur Smith (vertaal uit Engels). Die produksiekurwe toon aan dat vertaalde enkelromans in hierdie kategorie sporadies gedurende die periode, en hoofsaaklik tussen 1990 en 1995, verskyn het (na 1995 is die produksie uiters sporadies). 8 hiervan is deur Tafelberg uitgegee, 1 deur die druknaam Ametis, 3 deur Makro Boeke en die Smith-titel deur Olympos.
- In teenstelling met bogenoemde, verskyn 21 enkelromans wat in Afrikaans vertaal is in grootdruk-formaat. Al 21 hierdie romans is titels deur Heinz G. Konsalik wat uit Duits vertaal is. Hierdie heruitgawes is almal deur Makro Boeke in grootdruk-formaat tussen 1992 en 1996 uitgegee. Die sluiting van Makro Boeke in 1996 staan dus in direkte verband met die afsluiting van hierdie produksiekurwe in dieselfde jaar.

- Daar verskyn sporadies 5 roman-omnibusse as eerste uitgawes, waarvan 1 in 1996 en 2 in onderskeidelik 1999 en 2001. Vier van hierdie omnibusse het romans deur meerdere outeurs saamgevoeg: 3 hiervan is deur J.P. van der Walt / LAPA uitgegee en 1 deur Human & Rousseau. Laasgenoemde omnibus, *Die rooi roman: interaktiewe roman* is as 'n enkele aaneenlopende teks op die Internet deur verskeie outeurs onder leiding van Etienne van Heerden en Jaco Botha ontwikkel en daarna in 1999 in gedrukte formaat uitgegee. Die ander titel in 1999, *In kringe: 'n verhaal in drie stemme* deur G.A. Watermeyer, Estelle Marais en Peet Venter, het op 'n soortgelyke wyse tot stand gekom: drie outeurs is gevra om dieselfde verhaal uit hulle verskeie perspektiewe te skryf. Die 2 omnibusse wat in 2001 verskyn het, vorm deel van LAPA se *3 van die bestes*-reeks waarin 3 romans deur verskillende outeurs, wat reeds vantevore verskyn het, in een volume saamgevoeg is (die ander titels in hierdie reeks, waarvan 5 volumes verskyn het, het liefdesromans versamel). Die 1996-titel, *Onheil die wraak & Nag van die jakkals* deur Annemarie J. Pieterse, was die enigste een wat spanningsromans deur 'n enkelouteur versamel het en is deur J.P. van der Walt & Seun uitgegee. Die bekende tendens om liefdesromans deur 'n enkelouteur in omnibusse te bundel, kom dus in 'n veel mindere mate by riller- / spannings- / speurprosa voor. Die rede daarvoor is waarskynlik dat die mark vir riller- / spannings- / speurprosa te klein is om verskillende produksiklusse moontlik te maak (anders as in die geval van die talle produksiklusse wat by liefdesprosa voorkom).
- Daar verskyn 1 grafiese speurverhaal (wat bestaan uit foto's) deur meerdere outeurs in 1998 as 'n koproduksie tussen Bitterkomix en Wildebeest Records: *Koertz Kotze en die vrouekolonie*. Hierdie publikasie verskyn saam met 'n klankbaan op CD. Die enigste ander publikasie wat hiermee vergelyk kan word wat die aanwending van media-formate betref, is die spanningsroman *Hostis* deur François Bloemhof (Queillerie, 1998) wat ook met 'n klankbaan op CD uitgereik is.
- Dit is duidelik dat langer riller- / spannings- / speurprosa die meerderheid van hierdie kategorie uitmaak (96,98%), terwyl slegs 9 kortverhaalbundels in hierdie kategorie geproduseer is (3,02%). Die produksie van hierdie

kortverhaalbundels is sporadies oor die periode versprei en geen statisties beduidende patroon kan hieruit afgelei word nie.


- Wanneer die produksiekurwe van al die produksiekategorieë as geheel beskou word, is dit duidelik dat 'n sterk afname sedert 1999 voorkom. Dié kurwe eindig met 6 rekords in 2005, slegs ongeveer 'n derde as waarmee dit in 1990 (20 rekords) geopen het.

6.6.3 Uitgeweryprofiel van riller- / spannings- / speurprosa

Wanneer die uitgeweryprofiel van riller- / spannings- / speurprosa (waarby die totale aantal rekords, beide eerste en heruitgawes, ingesluit is en herdrukke nie ingereken is nie) nagegaan word, kan die volgende verdeling van verskillende uitgewerye se aandeel tot produksie afgelei word:

- J.P. van der Walt & Seun / LAPA was verantwoordelik vir die meeste produksie in hierdie kategorie, hulle aandeel is 31,99% (95 rekords).
- Makro Boeke en Benedic se gesamentlike produksieaandeel was 23,23% (69 rekords). Hierdie uitgewery se produksiebydrae is intussen gestaak (sien 4.4.4).
- Human & Rousseau is die derde grootste produsent van riller- / spannings- / speurprosa met 'n aandeel van 13,47% (40 rekords).
- Daarna volg Tafelberg met 'n produksieaandeel van 8,08% (24 rekords); hulle bydrae tot spesifiek vertaalde riller- / spannings- / speurromans (met die talle vertaalde uitgawes van Heinz G. Konsalik se romans) is egter groter.
- Die eertydse Perskor en Perskor/Kagiso se gesamentlike aandeel in hierdie kategorie was 6,73% (20 rekords).
- Jacklin Enterprises het deur die produksie van 17 rekords van riller- / spannings- / speurprosa in grootdruk-formaat 'n produksieaandeel van 5,72% in die oorhoofse kategorie bekom (hulle aandeel tot die grootdruk-formaat produksiekategorie is groter).
- Die nuwe onafhanklike uitgewery Hartbees het in die kort tydperk 2003-2005 9 rekords in hierdie produksiekategorie uitgegee en 'n aandeel van 3,03% verkry – hulle aandeel sal waarskynlik verder uitbrei in die toekoms.

Uitgeweryprofiel: Afrikaanse riller- / spannings- / speurprosa oor die periode 1990-2005



Figuur 12: Uitgeweryprofiel van Afrikaanse riller- / spannings- / speurprosa oor die periode 1990-2005

- Die oorblywende 7,74% is saamgestel deur die produksie van die volgende uitgewerye: die gesamentlike druknaam van Tafelberg en Human & Rousseau, Ametis (5 rekords); Queillierie (4); die volgende produsente het elk 2 rekords in hierdie kategorie geproduseer: Protea Boekhuis, Aktua Pers, Daan Retief / Kennis Onbeperk en outeurs wat riller- / spannings- / speurprosa self-uitgegee het; Bitterkomix, Gamsberg Macmillan, Homeros, Juventus, Oranjewerkers Promosies en Olympos het elk 1 rekord uitgegee.
- Figuur 12 op bladsy 533 toon die belangrikste verskuiwings in die uitgeweryprofiel van riller- / spannings- / speurprosa skemas aan.

6.7 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van inspirerende prosa

In hierdie kategorie word inspirerende prosapublikasies van 'n fiktiewe en skeppende aard ingesluit. Dit gaan hier slegs oor fiksie wat bedoel is om die leser daarvan geestelik te inspireer, te besiel of te begeester. Inspirerende nie-fiksie, soos publikasies met “dagstukkies vir oordenking”, “dagbeplanners” (CUM-katalogus, 2002), “gebedeboeke” (Lux Verbi.BM-katalogus, 2002) of enige ander publikasies wat bedoel is vir private Bybelstudie (dus van opvoedkundige aard), soos byvoorbeeld die Christelike dagboeke van die bekende en produktiewe skrywer Solly Ozroveh, word uitgesluit. Nie-fiksiepublikasies wat bedoel is as leefstyl-gidse (“Christelike leefwyse”) of vir “geestelike verryking” (CUM-katalogus, 2002), dus populêre teologiese publikasies, word ook uitgesluit, soos byvoorbeeld *Hoe lees ons die Bybel?: 'n Nuwe perspektief op die rol van die Woord in ons hedendaagse lewe* deur Jan van der Watt *et al* (CUM, 2002) of *Dink nuut, leef nuut* deur Murray Janson *et al* (CUM, 2002) of Dutch Sheets se *God se tydsberekening vir jou lewe* (CUM, 2002). Bybels, Psalm- en Gesangboeke en *Liedboek van die Kerk* (NG Kerk-Uitgewers (Lux Verbi.BM), 2001) word ook nie in hierdie kategorie ingesluit nie. Ook teologiese publikasies (dus van akademiese aard), soos byvoorbeeld *Die nuwe Hervorming* met Piet Muller as redakteur (Protea Boekhuis, 2002), word uitgesluit. Christelike storieboeke en prenteboeke vir kinders val eweneens buite die bestek. Hierdie kategorie poog dus nie om volledig te wees ten opsigte van die oorhoofse produksiekategorie inspirerende en Christelike lektuur nie, maar slegs van die gedeelte daarvan wat bestaan uit fiksiepublikasies en hier spesifiek inspirerende

prosapublikasies (inspirerende poësiepublikasies word in 6.8 behandel). Daar word 'n groot aantal van die publikasies wat hier uitgesluit word per jaar geproduseer en hierdie afdeling moet dus nie as tekenend van die Afrikaanse boeksektor van inspirerende en Christelike lektuur beskou word nie. Dié publikasies wat hier ingesluit word, is spesifiek as “fiksie” deur die uitgewerye daarvan bemark (sien byvoorbeeld CUM-katalogus, 2002 en Lux Verbi.BM-katalogus, 2002).

6.7.1 Produksiekategorieë van inspirerende prosa

Daar verskyn 190 rekords van inspirerende prosapublikasies in die PDAF. Soos elders genoem, maak dit 4,28% van alle prosapublikasies uit en 3,70% van alle rekords in die PDAF. Hierdie rekords bestaan uit die volgende produksiekategorieë:

- 43 inspirerende romans wat deur uitgewerye uitgegee is (waarvan 40 as eerste uitgawes en 3 as heruitgawes gedurende 1990-2005 verskyn het; slegs 6 van dié rekords is herdruk). Hierdie romans is hoofsaaklik Christelik van aard en berus dikwels op die gefiksionaliseerde aanbieding van Bybelse verhale waarin Bybelse karakters sentraal staan, byvoorbeeld *Die skrifgeleerde: die volk van God is op die randjie van die afgrond, kan Esra hulle van geestelike ondergang red?* deur Jaco Thom (CUM, 2002); en romans waarin liefdeselemente met 'n Christelike inslag vermeng word, soos *In die weegskaal* deur Aletta Reitz (J.P. van der Walt & Seun, 1998).
- 3 inspirerende romans wat deur die outeurs self-uitgegees is (waarvan almal as eerste uitgawes in onderskeidelik 1991, 2002 en 2004 verskyn het en 1 herdruk is). 'n Voorbeeld hiervan is *Die volmaakte liefdesoffer: die verhaal van Josef as die vader van Jesus* deur Marianne Claassen (2002).
- 77 inspirerende romans is vanuit Engels in Afrikaans vertaal (hiervan verskyn 75 as eerste uitgawes gedurende 1990-2005 en 2 as heruitgawes in 1999; 10 van hierdie vertaalde romans het herdrukke beleef). In hierdie romans word verskillende verhaalelemente en subgenres soos spanningselemente (die stryd tussen goed en kwaad), liefdeselemente (liefdesverhale en familiesages) en toekomsfiksie (gebeure rondom die eindtyd) vermeng om Bybelse verhale as fiksie aan te bied of eietydse verhale met 'n Christelike strekking te vertel, byvoorbeeld *Die sluipmoordenaars: opdrag: Jerusalem, teiken: Antichris*

(CUM, 1999) en *Die merk: die heerskappy van die dier* (CUM, 2000) albei deur Tim LaHaye en Jerry B. Jenkins.

- 2 inspirerende romans verskyn in grootdruk-formaat as heruitgawes deur onderskeidelik Daan Retief / Kennis Onbeperk (1994) en J.P. van der Walt & Seun (1996).
- 22 saamgestelde inspirerende essaybundels word in 1990-2005 uitgegee. Hierdie bundels is, anders as die inspirerende romans, nie direk Christelik van aard nie, maar versamelings van kortprosatekste wat ten doel het om die leser te bemoedig. Dit is dikwels op die vrou gerig en baie van dié publikasies het oorspronklik as rubrieke in gedrukte formaat in tydskrifte of koerante verskyn of is as kort bemoedigende vertellings oor radioprogramme soos “Vrouefokus” van die voormalige Afrikaans Stereo (tans *Radiosondergrense*, RSG) uitgesaai. Die inspirerende essaybundels kan soos volg verdeel word:
 - 20 van die inspirerende essaybundels het essays of rubrieke van ’n enkelouteur versamel en is deur uitgewerye uitgegee (waarvan 18 as eerste uitgawes verskyn het en 1 herdruk is, die oorblywende 2 was herdrukke van inspirerende essaybundels wat oorspronklik vóór 1990 verskyn het). *Lappiesgoed* van Joan Kruger (J.L. van Schaik, 1991) is rubrieke wat uit die tydskrif *Sarie* versamel is met die vrou in verskillende rolle (byvoorbeeld as ma of beroepsvrou) as tema. *Halte Tevredenheid* deur Maretha Maartens (CUM, 1994) gaan oor “die haltes van tevredenheid en die pad van frustrasies waardeur huweliksmaats reis” en is op “Vrouefokus” uitgesaai.
 - 1 inspirerende essaybundel het rubrieke van ’n enkelouteur saamgevoeg en is deur die outeur self-uitgegee as eerste uitgawe in 1997.
 - 1 inspirerende essaybundel het rubrieke deur meerdere outeurs versamel en is deur ’n instansie as eerste uitgawe in 1993 uitgegee. *Uit die dagboek van ’n ma* saamgestel deur Gerda Middelberg is ’n keuse uit ’n rubriek wat verskyn het in *Ek en my Kind*, kwartaalblad van die SAVF se Ouerleidingaksie; die rubriekbydraes deur verskillende outeurs is deur dieselfde instansie in boekvorm uitgegee.

- 24 saamgestelde inspirerende kortprosabundels word in 1990-2005 uitgegee. Die kortprosabundels verskil van die inspirerende essaybundels deur die aard van die tekste wat daarin versamel word: hierdie bundels bevat korter tekste, dus nie essays, rubrieke of kortverhale nie, maar aanhalings, spreuke of kort uittreksels uit inspirerende prosatekste. Dit is nie noodwendig Christelik van aard nie, maar wel besinnende prosatekste met die doel om die leser te bemoedig. Dit fokus op 'n spesifieke sentrale tema, soos byvoorbeeld *Woorde wat leef* (Lux Verbi.BM, 1995) of *'n Tikkie vriendskap* deur Antoinette Brink (Lux Verbi.BM, 1997); en is gerig op 'n spesifieke lesersgroep, soos byvoorbeeld *Mini-stories vir ma's: heuning vir 'n ma se hart* deur Piet Naudé (Lux Verbi.BM, 1998) of *Liefste ouma* (Waterkant, 1995). Hierdie inspirerende kortprosabundels kan soos volg verdeel word:
 - 13 inspirerende kortprosabundels het kortprosa van 'n enkelouteur versamel en is as eerste uitgawes uitgegee tussen 1990 en 1998, 3 van hierdie rekords is ook herdruk.
 - 9 inspirerende kortprosabundels het tekste van meerdere outeurs versamel en is as eerste uitgawes tussen 1995 en 1998 uitgegee, 3 van hierdie publikasies het herdrukke beleef.
 - 2 inspirerende kortprosabundels is in Afrikaans vertaal en het die kortprosatekste van meerdere outeurs versamel, dit het as eerste uitgawes in onderskeidelik 1991 en 1999 verskyn en 1 van dié bundels is herdruk.
- 19 inspirerende kortverhaalbundels is in 1990-2005 uitgegee. Dié inspirerende kortverhaalbundels verskil van beide die inspirerende essaybundels en kortprosabundels deurdat dit uit spesifiek kortverhale bestaan en nie essays, rubrieke, aanhalings, spreuke, kort uittreksels of enige ander inspirerende prosatekste bevat nie. Dié inspirerende kortverhaalbundels kan soos volg verdeel word:
 - 14 inspirerende enkelkortverhaalbundels wat inspirerende kortverhale bevat en wat vir die eerste maal as eenheid gebundel is (dié bundels is dus nie saamgestel uit reeds gepubliseerde kortverhale nie). Dit het as eerste uitgawes tussen 1991 en 2003 verskyn. 11 van hierdie publikasies is deur uitgewerye uitgegee en 3 is deur die outeurs daarvan self-uitgegee. Voorbeelde hiervan is *Die swart sak en die*


engel Esta deur Maretha Maartens (CUM, 1997) en *Laatkommers en loodswaaiers: goeie nuus vir die Here se minder goeie kinders* deur Barend Vos (Van Schaik Godsdienstboeke, 1997).

- In 1997 verskyn 'n enkele soortgelyke publikasie as eerste uitgawe met die onderskeid dat dit in Afrikaans vertaal is: *Hoor my tog, Here* deur Marie Kilian, vertaal uit Engels deur Jan Nel (Van Schaik Godsdienstboeke).
- 'n Enkele inspirerende enkelkortverhaalbundel deur 'n enkelouteur verskyn in grootdruk-formaat as heruitgawe in 1995: *Bloeisels aan 'n wintertakkie* deur Empie Maritz (Daan Retief / Kennis Onbeperk).
- Verder verskyn daar in 1997 1 inspirerende saamgestelde kortverhaalbundel wat kortverhale van meerdere outeurs versamel as eerste uitgawe. *Broeders en susters* saamgestel deur Japie Coetzee (Van Schaik Godsdienstboeke) bevat humoristiese anekdotes deur predikante met die doel om lesers deur humor te bemoedig.
- Laastens, maak 2 inspirerende saamgestelde kortverhaalbundels deur meerdere outeurs, met die onderskeid dat dié publikasies in Afrikaans vertaal is, deel van hierdie kategorie uit (dit verskyn albei as eerste uitgawes in 1997 en 1 word ook herdruk). *Deur 'n engel aangeraak* deur Martha Williamson en Robin Sheets (Van Schaik Godsdienstboeke) en *Manna vir die gemoed: stories om die hart te verwarm en die siel te verkwik* deur Jack Canfield en Mark Victor Hansen (Human & Rousseau) is albei uit Engels vertaal.

6.7.2 Produksiepatrone van inspirerende prosa

Wanneer die produksie van Afrikaanse inspirerende prosapublikasies oor die periode 1990-2005 nagespeur word, dui Figuur 13 op bladsy 539 insiggewende produksietendense aan. Figuur 13 dui die produksiekurwe van eerste uitgawes en heruitgawes van onderskeidelik langer (waarby alle kategorieë van inspirerende romans ingesluit word) en korter (alle kategorieë wat uit inspirerende kortprosa bestaan is hier saamgetel) inspirerende prosapublikasies aan, geen herdrukke word hierin gereflekteer nie.

Produksiepatrone van Afrikaanse inspirerende prosa oor die periode 1990-2005



Figuur 13: Produksiepatrone van Afrikaanse inspirerende prosa oor die periode 1990-2005


- Dit is duidelik dat heruitgawes van beide inspirerende langer en korter prosa uiters sporadies geproduseer is en geen beduidende bydrae tot produksie in hierdie kategorie gelewer het nie.
- Die eerste duidelike produksietendens is waarneembaar in die produksiekurwe van eerste uitgawes van inspirerende kortprosa: ná verskeie stygings en dalings in hierdie kurwe tussen 1990 en 1997, vind 'n aansienlike daling tussen 1997 (13 rekords) en 1999 (slegs 1 rekord) plaas en ná 1999 verskyn slegs 1 van hierdie publikasies in 2002.
- 'n Tweede produksietendens kom voor by die kurwe van eerste uitgawes van inspirerende langer prosa: dié kurwe daal geleidelik tussen 1990 (5 rekords) en 1993 (1 rekord), die kurwe bereik 'n nulpunt in 1994, waarna eers 'n effense styging volg (1995 en 1996) en tussen 1996 en 1997 'n tweede daling volg. Sedert 1997 styg die kurwe aansienlik in so 'n mate dat produksie in 1998 50% meer is as die opening van die kurwe in 1990. Die hoogste produksie kom tussen 1998 en 2005 voor met 'n gemiddelde 12 rekords per jaar.
- Dit is insiggewend dat die fluktuasies in die produksiekurwes van eerste uitgawes van korter en langer prosa onderskeidelik, sedert 1998 in direkte kontras tot mekaar staan: terwyl die produksie van inspirerende kortprosa aansienlik daal en 'n laagtepunt bereik, styg die produksie van inspirerende langer prosa tot 'n hoogtepunt. 'n Verklaring van hierdie tendens is dat uitgewerye van inspirerende prosapublikasies hulle fokus verskuif het na langer prosa: twee van die grootste uitgewerye in hierdie kategorie (CUM en Lux Verbi.BM) het veral sedert 1999 sterker begin fokus op die produksie van Amerikaanse inspirerende romans wat in Afrikaans vertaal is (sien 4.4.5 en 4.3.1.9). Wanneer dit in gedagte gehou word dat vertaalde inspirerende romans 9 herdrukke tussen 1995 en 1999 opgelewer het, is dit duidelik dat die algemene mark vir hierdie inspirerende romans relatief groot is en ook aan die uitbrei is.

6.7.3 Uitgeweryprofiel van inspirerende prosa

In die konstruksie van die uitgeweryprofiel van inspirerende prosapublikasies is alle eerste uitgawes en heruitgawes wat deur alle uitgewerye in hierdie kategorie geproduseer is, saamgetel – herdrukke is buite rekening gelaat. Die volgende verskuiwings in dié uitgeweryprofiel het moontlik ook ’n invloed op die produksieprofiel uitgeoefen:

- Christelike Uitgewersmaatskappy (CUM) is die standhoudendste rolspeler in die uitgeweryprofiel van hierdie produksiekategorie en het ’n produksieaandeel van 52,66% (hulle het ’n totaal van 99 rekords uitgegee). CUM het tussen 1990 en 1998 oorwegend korter inspirerende prosapublikasies uitgegee, maar verskuif die klem sedert 1998 na hoofsaaklik, en vanaf 1999 uitsluitlik, inspirerende romans. CUM is verder ook die grootste produsent van vertaalde inspirerende romans.
- Lux Verbi Bybelmedia (Lux Verbi.BM) is die tweede belangrikste rolspeler in hierdie kategorie met ’n produksieaandeel van 13,83% (26 rekords). Dié uitgewery lewer veral talle inspirerende kortprosapublikasies tot 1999, daarna gee hulle veral langer prosa uit – maar nie so standhoudend en baie soos dit die geval was met die kortprosapublikasies nie. ’n Filiaal van Lux Verbi.BM, Waterkant, het ’n produksieaandeel van 2,66% (5 rekords) in hierdie kategorie gehad. Sedert 2001 het daar egter geen verdere Afrikaanse fiksiepublikasies deur Waterkant verskyn nie.
- Carpe Diem Boeke word in 1997 deel van die uitgeweryprofiel van hierdie produksiekategorie en hulle gee 9 inspirerende romans gedurende 1997-2005 uit, waardeur hulle ’n produksieaandeel van 4,79% in ’n relatiewe kort periode bekom.
- Struik Christelike Boeke produseer inspirerende romans en maak ’n bydrae van 4,26% tot hierdie kategorie (8 rekords het tussen 1992 en 2002 deur hierdie uitgewery verskyn).
- Daar verskyn 7 inspirerende prosapublikasies wat deur die outeurs daarvan self-uitgegee is; dit verteenwoordig 3,72% van die totale produksie in dié kategorie.

Uitgeweryprofiel: Afrikaanse inspirerende prosa oor die periode 1990-2005



Figuur 14: Uitgeweryprofiel van Afrikaanse inspirerende prosa oor die periode 1990-2005

- J.P. van der Walt & Seun / LAPA se aandeel tot produksie in hierdie kategorie was 3,19% (6 rekords).
- Van Schaik Godsdiensboeke, 'n druknaam van die akademiese uitgewery Van Schaik Uitgewers, lewer slegs in 1997 'n bydrae tot die produksie van inspirerende kortprosa met 'n aandeel van 2,13% (4 rekords).
- Daan Retief / Kennis Onbeperk wat 3 inspirerende prosapublikasies uitgegee het, sluit in 1997 (sien 4.4.3) en daardeur word hulle bydrae tot produksie in hierdie kategorie gestaak (hulle produksieaandeel tot hierdie kategorie was 1,60%).
- Die oorblywende 11,17% van die totale produksie in hierdie kategorie is saamgestel uit die bydraes van die volgende uitgewerye: die algemene uitgewery J.L. van Schaik (3 rekords); 2 rekords elk deur Human & Rousseau; die eertydse Orion, die druknaam van Perskor wat gefokus het op Christelike publikasies; Suider-Uitgewery; VG Uitgewers; en 1 rekord elk deur Femina en Kital, die twee drukname van die destydse HAUM; Kratos; Lion's Head; N.H.S. Uitgewers; Oranjewerkers Promosies; Perskor; Tafelberg; die instansie SAVF Transvaal Ouerleiding; en die instansie Woordverspreiding.
- Die belangrikste verskuiwings in die uitgeweryprofiel van inspirerende prosa word in Figuur 14 op bladsy 542 skematies aangetoon.

6.8 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van inspirerende poësie

Daar verskyn 20 rekords van inspirerende poësiepublikasies in die PDAF (dit maak slegs 4,14% van poësiepublikasies en 0,40% van alle rekords in die PDAF uit).

Hierdie publikasies is as inspirerende of godsdienstige poësie, met die doel om die leser te inspireer, bemark. Dit sluit nie poësiepublikasies in wat tematies as religieuse poësie beskou word nie (die digbundels van Sheila Cussons is byvoorbeeld in die algemene produksiekategorie van poësiepublikasies ingesluit en nie in hierdie kategorie nie).

Rekords van inspirerende poësiepublikasies is uit die volgende produksiekategorieë saamgestel:

- 12 enkeldigbundels van 'n inspirerende aard waarin gedigte deur 'n enkelouteur voorkom en wat deur instansies uitgegee is of deur die outeurs daarvan self-uitgegee is. Hierdie bundels het sporadies oor die periode 1990-2005 verskyn as eerste uitgawes en het geen herdrukke beleef nie. Daar het nooit meer as 2 van dié bundels per jaar verskyn nie, dikwels slegs 1 en in sommige jare geen. *Die Woord en ander verse* deur D.H. Cilliers (Afrikanervolkswag, 1990) en *Verse van 'n timmerman* deur Z.A.S. de Beer (1998) is voorbeelde van hierdie produksiekategorie.
- 6 enkeldigbundels van inspirerende aard deur enkelouteurs wat deur uitgewerye geproduseer is, het in die periode verskyn. Almal het as eerste uitgawes verskyn: 4 in 1990, 1 in 1992 en 1 in 2002. Voorbeelde hiervan is *Roosknop vir 'n engel: verse van 'n vrou* deur Ena Murray (Tafelberg, 1990) en Koos van der Merwe se *Optelwoorde: gedigte, gedagtes, gebede* (LAPA, 2002).
- 2 enkeldigbundels van inspirerende aard deur enkelouteurs is in Afrikaanse vertalings (uit Nederlands en Vlaams onderskeidelik) deur CUM uitgegee. Albei het in 1991 verskyn, 1 as eerste uitgawe en die ander as heruitgawe: *Neem tyd om gelukkig te wees* en *Ja! slegs die optimiste sal oorleef!* albei deur Phil Bosmans.

Inspirerende poësiepublikasies het sporadies oor die periode verskyn en dui op geen statisties beduidende tendens nie. Die uitgeweryprofiel toon aan dat 60% van hierdie publikasies (12 rekords) deur die outeurs daarvan en deur instansies geproduseer is. Die oorblywende 40% word verdeel tussen die volgende uitgewerye: Lux Verbi.BM (2 rekords), CUM (2 rekords) en 1 rekord elk deur Tafelberg, LAPA, Hans Kirsten en N.H.S. Uitgewers.

6.9 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van humoristiese prosa

Dié kategorie sluit prosapublikasies in wat in die aard daarvan hoofsaaklik afgestem is om die leser te vermaak of te laat lag en wat nie tuis behoort in die kategorieë van liefdesprosa, inspirerende prosa, riller- / spannings- / speurprosa of die kategorieë van (populêre en literêre) langer- of kortprosa nie. Hierdie publikasies word gewoonlik afsonderlik van ander prosapublikasies in die “humor”-afdeling van uitgewerye se katalogusse saamgegroeper (vergelyk byvoorbeeld NB-Uitgewers-nuusbrief, Sept.-Okt. 2003:9; NB-Uitgewers-katalogus, 2002:15; LAPA se *Bestelpret*, Jan.-Mrt. 2004:13).

6.9.1 Produksiekategorieë van humoristiese prosa

Daar verskyn 124 rekords van humoristiese prosapublikasies in die PDAF wat beide kortprosa en langer prosa in hierdie kategorie insluit. Hierdie produksiekategorie maak ’n skrale 2,80% van prosapublikasies uit (dus die kleinste prosakategorie) en 2,45% van die totale aantal rekords in die PDAF. ’n Vergelyking tussen humoristiese langer prosa en kortprosa, toon aan dat die meerderheid van die publikasies in hierdie kategorie uit kortprosa bestaan (97,58%), terwyl slegs 3 humoristiese langer prosapublikasies (2,42%) deel uitmaak van hierdie kategorie. Die kategorie humoristiese prosa is uit die volgende produksiekategorieë saamgestel:

- 3 humoristiese langer prosapublikasies (waarvan 1 deur die outeur daarvan in 2002 self-uitgegee is en die ander 2 in grootdruk-formaat as heruitgawes by Makro Boeke in 1996 verskyn het). Die produksie hiervan was uniek en eenmalig en dui geen statisties betekenisvolle produksietendens aan nie. ’n Voorbeeld hiervan is die aweregse novelle van die selfaangestelde “kulturele terroris” Zebulon Dread, *’n Brak kak in Waterkloof* (2002).
- 80 humoristiese kortverhaalbundels wat uit die volgende produksiekategorieë bestaan:
 - 41 humoristiese kortverhaalbundels waarin oorspronklike kortverhale deur enkelouteurs verskyn en wat deur uitgewerye geproduseer is (waarvan 38 as eerste uitgawes en slegs 1 as heruitgawe gedurende 1990-2005 verskyn het, 5 hiervan het herdrukke beleef; 2 het

oorspronklik vóór 1990 verskyn en het herdrukke ná 1990 beleef). 'n Eienskap van hierdie kortverhaalbundels is dat dit dikwels uit humoristiese kortverhale saamgestel is volgens 'n sentrale tema, byvoorbeeld: *Die kampvegter: veldslag om 'n longdrop* deur Tom Ackermann (J.P. van der Walt & Seun, 1997); Fana Malherbe se *Spreekkamerstories: met 'n lepel vol lag* (Human & Rousseau, 2001); *Stoute statistieke en ander rowwe nommers* van Linette Retief (Tafelberg, 1995); en *Die vis wat knor en ander vistermanstories* deur Alsoon Wessels (Tafelberg, 1995).

- 17 humoristiese kortverhaalbundels wat deur die outeurs daarvan self-uitgegee is en oorspronklike kortverhale deur enkelouteurs bevat (waarvan 16 as eerste uitgawes gedurende 1990-2005 verskyn het en 1 herdruk is; die 17de bundel was 'n herdruk van 'n kortverhaalbundel wat oorspronklik vóór 1990 uitgegee is). Die kortverhaalbundels in hierdie kategorie bevat grotendeels humoristiese kortverhale oor 'n spesifieke kontrei of landstreek, vergelyk byvoorbeeld: *Karoo dinge: die lieg- en lagstories van die Bo-Karoo* deur Hennie Liebenberg (1997); Helm Jooste se *Daar doer in Duitswes* (1990); en 'n *Kaapse mens: so praat os, so sê os, glo dit of te not!* van Eugene Hendricks (1998). Ander van dié bundels is dikwels geskryf vanuit die perspektief van gefiksionaliseerde jeugherinneringe van die outeurs. Hierdie publikasies kan dus ook as kontreiverhale of herinneringsverhale beskou word wat spesifiek humoristies in hulle aard is en wat ook só bemark is. Soortgelyke publikasies wat nie spesifiek humoristies is nie, is by die algemene produksiekategorie van kortprosa ingesluit.
- 2 humoristiese kortverhaalbundels deur enkelouteurs is as heruitgawes in grootdruk-formaat in onderskeidelik 1991 en 1995 uitgegee. Een voorbeeld daarvan is *Poort deur die koue* deur Jan Spies (Daan Retief, 1991).
- 6 saamgestelde humoristiese kortverhaalbundels waarin kortverhale, wat reeds vantevore verskyn het, deur enkelouteurs versamel is. 1 van hierdie bundels is as eerste uitgawe in 2001 deur die outeur self-uitgegee, die oorblywende 5 deur uitgewerye (waarvan 4 as eerste uitgawes, 1 as heruitgawe en 1 is ook herdruk). Dié versamelbundels

het gewoonlik van “die beste” humoristiese vertellings of sketse van gewilde outeurs uit hulle oeuvres versamel, vergelyk byvoorbeeld: die bundel wat Pieter Pieterse self-uitgegee het, *Skater: die laggendste 80 stories van Pieter Pieterse* (2001) of *Spies op sy stukke* byeengebring deur P.G. du Plessis (Tafelberg, 1990).

- 14 saamgestelde humoristiese kortverhaalbundels waarin kortverhale deur meerdere outeurs versamel is. Hierdie 14 bundels is as eerste uitgawes uitgegee en 2 daarvan is ook herdruk. Dié bundels is hoofsaaklik rondom ’n sentrale tema saamgestel: *Huisgenoot lag- en liegstories: ’n keur uit die beste stories wat lesers van oor die hele land aan Huisgenoot gestuur het* (Human & Rousseau, 2003); *Losskrums en loopdoppe: staaltjies uit die rugbywêreld* saamgestel deur Chris Schoeman en Frik du Preez (Human & Rousseau, 1999); en *Kwinkslag: humor in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* saamgestel deur Elria Wessels (J.P. van der Walt & Seun, 1999).
 - 19 humoristiese kortprosabundels, wat hoofsaaklik grapboeke insluit, byvoorbeeld: *Lekker is ’n lag lank: ’n grap-ensiklopedie* deur Fanus Rautenbach (J.L. van Schaik, 1994); Tolla van der Merwe se *Tolla: sit, ontspan, lees en lag!* (2000); *Die skoon grapboek: grappe uit die kuberruimte* byeengebring en oorvertel deur Kerneels Breytenbach (Human & Rousseau, 2001); en *Huisgenoot 2000 beste huisgenotjies* saamgestel deur Piet King (Human & Rousseau, 1997). Kortprosabundels bestaan uit die volgende produksiekategorieë:
 - 5 saamgestelde humoristiese kortprosabundels waarin kortprosatekste deur enkelouteurs versamel is. 1 van hierdie bundels is as eerste uitgawe in 2000 deur die outeur self-uitgegee, die oorblywende 4 deur uitgewerye. Van laasgenoemde het 3 as eerste uitgawes gedurende 1990-2005 verskyn en 2 daarvan is ook herdruk, die oorblywende 1 was ’n herdruk van ’n bundel wat oorspronklik vóór 1990 uitgegee is.
 - 14 saamgestelde humoristiese kortprosabundels waarin kortprosatekste deur meerdere outeurs versamel is. 2 van hierdie bundels is as eerste uitgawe in 1993 en 1996 deur die outeurs self-uitgegee, die oorblywende 12 deur uitgewerye. Van laasgenoemde is 11 bundels as

eerste uitgawes en 1 as heruitgawe uitgegee (7 hiervan het ook herdrukke beleef).

- 16 humoristiese essaybundels, wat grotendeels bundels bevat wat saamgestel is uit humoristiese rubrieke en sketse wat uit koerante en tydskrifte versamel is, soos byvoorbeeld *Kort stories vir lang ure* deur Johan Vosloo (LAPA, 2003) wat uit sy *Rapport*-rubriek saamgestel is of *Waar is die klapsoen heen?* deur Esme Mittner (Human & Rousseau, 1999) wat saamgestel is uit sketse wat in *Sarie* verskyn het. Essaybundels is uit die volgende produksiekategorieë saamgestel:
 - 14 saamgestelde humoristiese essaybundels waarin essays deur enkelouteurs versamel is. 11 van hierdie bundels is as eerste uitgawes en 3 as heruitgawes uitgegee; 3 is ook herdruk.
 - 2 saamgestelde humoristiese essaybundels van enkelouteurs in grootdruk-formaat (waarvan 1 as heruitgawe in 1992 verskyn het en 1 as herdruk van 'n essaybundel wat oorspronklik vóór 1990 uitgegee is).
- 6 grafiese humoristiese bundels wat uit die onderstaande produksiekategorieë saamgestel is:
 - 1 grafiese humoristiese bundel deur meerdere outeurs wat as eerste uitgawe in 1996 verskyn het. *Lag-lag* deur Hendrik Konradski, Lorcan White, Joe Dog en Ina van Zyl is 'n samestelling van drie strip-reekse en is uitgegee deur Bitterkomix. Uitgawes van die bekende Bitterkomix-tydskrif is nie by die PDAF ingereken nie omdat dit nie 'n ISBN het nie en nie as boeke beskou word nie.
 - 5 saamgestelde grafiese humoristiese bundels waarin die grafiese werk van enkelouteurs versamel is en wat as eerste uitgawes tussen 1998 en 2001 uitgegee is. Hierdie bundels is saamgestel uit spotprente en strokiesprente wat oorspronklik in koerante en tydskrifte verskyn het, vergelyk byvoorbeeld *Heilige koeie en ander onheilighede: 'n spotprentkeur uit Die Burger 1993-2000* deur Fred Mouton (Tafelberg, 2001) en *Kat se blad: stuitige strokies* deur Philip De Vos en Piet Grobler (Human & Rousseau, 1999).


6.9.2 Produksiepatrone van humoristiese prosa

Figuur 15 op bladsy 550 stel die produksie van humoristiese kortprosa oor die periode 1990-2005 voor. Humoristiese langer prosa was só 'n klein gedeelte van die totale humoristiese prosa en het, soos hierbo vermeld, slegs 3 titels opgelewer, daarom is dit nie by hierdie grafiek ingesluit nie. Die totaal van die aantal rekords (beide eerste en heruitgawes) word per produksiekategorie en per jaar aangedui, geen herdrukke is hierin vermeld nie.

Wanneer die produksie van humoristiese kortprosapublikasies oor die periode nagegaan word, val die volgende produksiepatrone op:

- Hierdie kategorie bestaan uit 'n wye verskeidenheid produksiekategorieë en dit is duidelik dat 'n ryke verskeidenheid aan humoristiese kortprosa in Afrikaans gedurende die periode geproduseer is. Dié verskeidenheid het ook toegeneem gedurende die periode. In hierdie verband kan 1996 as 'n bakenjaar beskou word: die verskeidenheid aan soorte produksiekategorieë is groter in 1996-2005 as in 1990-1995.
- Min van die produksiekategorieë is egter standhoudend en gereeld uitgegee.
- In die geheel beskou, het die totale produksie van humoristiese kortprosa gedurende die periode en veral sedert 1996 toegeneem. Hoewel verskeie dalings en stygings na 1996 voorkom, is die totale produksie sterker daaraan toe (wat beide die aantal rekords en die diversiteit daarvan betref) aan die einde van die periode as aan die begin daarvan.
- Die produksiekategorie wat die standhoudendste geproduseer is, was enkelkortverhaalbundels deur enkelouteurs. Dit val op dat daar sedert 1999 tot 2005 veel minder van dié kategorie per jaar uitgegee is.

Die produksie van enkelkortverhaalbundels deur enkelouteurs wat deur die outeurs daarvan self-uitgegee is, was meer sporadies as bogenoemde kategorie en tussen 1992 en 1998 word daar gemiddeld slegs 1 van hierdie publikasies per jaar uitgegee. In teenstelling met bogenoemde kategorie, styg die aantal rekords per jaar in hierdie kategorie in 2000 tot 2005 na 'n gemiddelde 2 titels per jaar.



Figuur 15: Produksiepatrone van Afrikaanse humoristiese kortprosa oor die periode 1990-2005


- Die produksie van humoristiese kortprosa in grootdruk-formaat is uiters sporadies geproduseer en kom slegs in 1991, 1992 en 1995 voor. Dit is deur Daan Retief / Kennis Onbeperk en Makro Boeke geproduseer – albei die uitgewerye is intussen gesluit (sien 4.4.3 en 4.4.4) en dít dien as verklaring van hierdie tendens.
- Die produksie van saamgestelde kortverhaalbundels deur enkelouteurs kom slegs sporadies voor en dui op geen statisties beduidende produksietendens nie.
- Dit wil voorkom asof die aantal saamgestelde kortverhaalbundels deur meerdere outeurs sedert 1998 toegeneem het en ook meer standhoudend geproduseer is. Dit is 'n moontlike aanduiding dat hierdie produksiekategorie se gewildheid toegeneem het en dat die mark vir populêre fiksie van hierdie aard aan die uitbrei is.
- Terwyl die produksie van die aantal humoristiese essaybundels verminder het oor die periode; het die standhoudendheid toegeneem sedert 1999 tot 2005. Hierdie tendens is 'n moontlike weerspieëling van die gewildheid van humoristiese publikasies wat uit gewilde humoristiese rubrieke in tydskrifte en koerante saamgestel is. Die verhoogde standhoudendheid stem ook ooreen met die stygende kurwe van soortgelyke essaybundels wat uit rubrieke saamgestel word (sien 6.5.2).
- Kortprosabundels (grapboeke) deur meerdere outeurs is redelik standhoudend sedert 1996 geproduseer. Dít terwyl grapboeke deur enkelouteurs hoofsaaklik standhoudend aan die begin van die periode (1990 en 1991) uitgegee is.
- Grafiese humoristiese bundels verskyn slegs sedert 1996. Daar word gemiddeld 1 daarvan tussen 1996 en 2000 uitgegee en 2 in 2001. Wanneer alle grafiese publikasies (ook literêre grafiese publikasies) in gedagte gehou word, kom die grootste produksie daarvan in hierdie kategorie voor – 'n tendens wat verstaanbaar is uit die aard van grafiese publikasies wat dikwels humoristies is.

6.9.3 Uitgeweryprofiel van humoristiese prosa

Wanneer die uitgeweryprofiel van humoristiese prosa (beide langer en kortprosa) nagegaan word ten opsigte van die totale aantal publikasies wat deur alle uitgewerye in hierdie kategorie gedurende 1990-2005 geproduseer is, kom die volgende feite na vore (die produksie van herdrukke is nie hierby ingereken nie):

- Die belangrikste rolspeler in hierdie kategorie is Tafelberg met 'n produksieaandeel van 22,69% (27 rekords). Daar het egter nie sedert 2001 'n verdere rekord in hierdie kategorie deur Tafelberg verskyn nie.
- J.P. van der Walt & Seun / LAPA beklee die tweede posisie met 18,49% (22 rekords).
- Outeurs wat hulle eie humoristiese publikasies self-uitgee, het gesamentlik 'n totale aandeel van 18,49% (22 rekords) in hierdie kategorie.
- Human & Rousseau se produksieaandeel in hierdie kategorie is 16,81% (20 rekords).
- Die res van die produksieaandeel in hierdie kategorie (23,53%) is deur die volgende verskeidenheid uitgewerye gelewer: die algemene uitgewery J.L. van Schaik (6 rekords); Daan Retief / Kennis Onbeperk, Makro Boeke, Benedic, Struikhof (elk 3 rekords); Bitterkomix, HAUM-Literêr, Protea Boekhuis, Perskor / Kagiso, Waterkant-Uitgewers, Promedia Promosies, Metz Press, Queillerie, Klipbok (elk 1 rekord); 1 publikasie is deur 'n instansie geproduseer.
- Talle van hierdie uitgewerye se produksie in dié produksiekategorie is gedurende die periode gestaak of tot spesifieke nispublikasies afgeskaal. Die belangrikste verskuiwings word in Figuur 16 op bladsy 553 aangetoon. Teen die einde van die periode was dit hoofsaaklik LAPA, Human & Rousseau, Protea Boekhuis en 'n aantal outeurs wat self-uitgee, wat steeds standhoudend tot die produksie bygedra het en in die toekoms waarskynlik daarmee sal voortgaan.

Uitgeweryprofiel: Afrikaanse humoristiese kortprosa oor die periode 1990-2005



Figuur 16: Uitgeweryprofiel van Afrikaanse humoristiese kortprosa oor die periode 1990-2005

6.10 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van humoristiese poësie

Hierdie kategorie bevat 11 rekords van poësiepublikasies wat bestaan uit humoristiese rympies en limerieke en wat hoofsaaklik daarop afgestem is om lesers te vermaak.

Derhalwe is hierdie rekords as humoristiese poësie gekategoriseer. Dit maak 2,28% van die 483 rekords van poësiepublikasies uit en 0,22% van alle rekords in die PDAF.

Dit is saamgestel uit die volgende produksiekategorieë:

- 7 humoristiese bundels deur enkelouteurs (waarvan 5 as eerste uitgawes verskyn het tussen 1991 en 1996, 1 hiervan is herdruk; die oorblywende 2 bundels het oorspronklik vóór 1990 verskyn en is ná 1990 herdruk). Hierdie bundels bestaan hoofsaaklik uit humoristiese rympies en limerieke, soos byvoorbeeld *Lekkerkry met limerieke en limeryme* deur Fanus Rautenbach (J.P. van der Walt & Seun, 1993); *Verspot: bekkige rympies vir mondiges* deur Ellen Botha (Tafelberg, 1991); en *Die dêng van Gauteng: en ander ordentlike limericke* deur Philip de Vos (Human & Rousseau, 1996). 'n Kenmerk van hierdie publikasies is dat dit dikwels ryk geïllustreer is.
- 2 soortgelyke humoristiese bundels deur enkelouteurs, met die uitsondering dat dit deur die outeurs daarvan self-uitgegee is. Albei verskyn as eerste uitgawes in onderskeidelik 1993 en 2000. 'n Voorbeeld is *Limerick slimlirick slor-dig bon-dig lekkersick* deur Wilhelm (2000).
- 2 saamgestelde humoristiese bundels waarin rympies deur meerdere outeurs versamel is. Dit verskyn in 1993 en 1994, albei as eerste uitgawes. 'n Voorbeeld hiervan is die bundel *Ooievaarsteerympies* saamgestel deur Johan Steenkamp en Kathlyn Horn (J.P. van der Walt & Seun, 1994) wat uit geleentheidsryme bestaan.

Soos duidelik uit bogenoemde blyk, het hierdie publikasies redelik sporadies verskyn en is geen patroon afleibaar nie, behalwe dalk dat die meeste daarvan vóór 1996 uitgegee is.

Wat die uitgeweryprofiel betref, is humoristiese poësiepublikasies in min of meer gelyke mate deur onderskeidelik Tafelberg (4 rekords); Human & Rousseau (3); J.P. van der Walt & Seun (2); en die outeurs self (2) geproduseer.

6.11 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van poësie

Daar verskyn 483 rekords in die PDAF wat uit poësiepublikasies bestaan en 22 rekords waarin poësietekste saam prosa- en/of dramatekste in dieselfde publikasie voorkom. Laasgenoemde rekords word in 6.13 bespreek. Die 483 rekords van publikasies met slegs poësietekste daarin is op grond van die aard van die inhoud daarvan verdeel in drie kategorieë: (i) 20 rekords van inspirerende poësiepublikasies (dit is in 6.8 bespreek); (ii) 11 rekords van humoristiese poësiepublikasies (dit is in 6.10 bespreek); en (iii) 452 rekords van poësiepublikasies wat nie as inspirerende poësie of humoristiese poësie gekategoriseer kon word nie en in hierdie afdeling bespreek word. Hierdie 452 rekords maak 93,58% van poësiepublikasies en 8,95% van die totale aantal rekords in die PDAF uit. Hierdie kategorie sluit dus beide sogenaamde literêre en populêre poësie in – alhoewel die meerderheid publikasies as literêre poësie beskou kan word omrede populêre poësie grotendeels onder kategorieë (i) en (ii) tuisgekom het.

6.11.1 Produksiekategorieë van poësie

Die 452 rekords in hierdie kategorie bestaan uit die volgende produksiekategorieë:

- 199 enkeldigbundels deur enkelouteurs waarvan 181 as eerste uitgawes en 12 as heruitgawes gedurende 1990-2005 uitgegee is; slegs 11 hiervan is herdruk; en 6 digbundels wat oorspronklik vóór 1990 verskyn het, is ná 1990 herdruk. Hierdie digbundels is deur uitgewerye uitgegee en in die geval van spesifiek poësiepublikasies is dít ’n aanduiding dat hierdie bundels as literêr beskou kan word. Uitgewers van (ook) poësiepublikasies by Tafelberg (Riana Barnard, 2002b) en Human & Rousseau (Alida Potgieter en Etienne Bloemhof, 2002) verwys byvoorbeeld onderskeidelik na “enkelbundels van hoogstaande gehalte” en “bundels [...] van onbetwisbare literêre gehalte” as deel van die fokus van hulle publikasieprogramme met betrekking tot poësie (sien ook 6.11.2). Die digbundels wat deur digters self-uitgegee word is meer populêr van aard en haal dikwels nie die peil waarna die uitgewers in bogenoemde aanhalings verwys nie. By die produksiekategorie van poësiepublikasies is die

produsent dus in 'n mate 'n aanduiding van die literêre gehalte van publikasies.

- 107 enkeldigbundels deur enkelouteurs wat deur die digters self-uitgegee is (waarvan 102 as eerste uitgawes en 5 as heruitgawes verskyn het, 2 hiervan is ook herdruk). Hierdie bundels bestaan hoofsaaklik uit rympies en verse deur aspirant digters en maak in 'n mindere mate aanspraak op literêre gehalte. Talle uitgewers, redakteurs van poësietydskrifte en kenners wat betrokke is by slypskole en poësiewerkswinkels, verwys dikwels na die swak gehalte van ingestuurde manuskripte. Dit beteken egter nie dat alle digbundels wat deur digters self-uitgegee is nié literêre meriete het nie. Uitsonderings bestaan wel, soos byvoorbeeld Hans Pienaar se digbundel *Die taal van voëls* (2002) wat in 2003 vir die Ingrid Jonker-prys in aanmerking gekom het. Daar bestaan ook talle reeds gekanoniseerde digters wat hulle bundels self-uitgee soos onder meer Phil du Plessis, Peter Snyders en Marius Titus (in Snyders en Titus se geval speel die digters se status as (voorheen) gemarginaliseerde swart digters waarskynlik ook 'n rol in die oorweging om self uit te gee).
- 6 enkeldigbundels deur enkelouteurs wat in Afrikaans vertaal is en wat deur uitgewerye uitgegee is (4 hiervan as eerste uitgawes en 2 as heruitgawes). Hierdie digbundels is hoofsaaklik klassieke werke uit die wêreldletterkunde en dikwels van 'n religieuse aard soos byvoorbeeld *Die Hel* deur Dante Alighieri, vertaal deur D.A.H. du Toit (Zebra, 1990).
- 3 enkeldigbundels deur enkelouteurs wat in Afrikaans vertaal is en wat deur die outeurs of vertalers daarvan self-uitgegee is (almal as eerste uitgawes). Ook hierdie vertaalde digbundels, soos by die bogenoemde produksiekategorie, is dikwels van 'n religieuse aard, vergelyk byvoorbeeld *Die Goddelike komedie. Purgatorium = La Divine Commedia. Purgatorio* deur Dante Alighieri, vertaal deur D.A.H. du Toit (1998); en *Rubáiyát* van Omar Khayyám, vertaal deur Sebastiaan Basson (Woordewinkel, 1997).
- 9 enkeldigbundels waarin oorspronklike gedigte deur meerdere outeurs gesamentlik in een volume uitgegee is. 5 hiervan is deur kleiner uitgewerye soos Bent, Fenomeen Publikasies en Prog geproduseer, die oorblywende 4 is deur die digters self-uitgegee of deur instansies; 8 as eerste uitgawes, 1 as heruitgawe en 1 daarvan is ook herdruk. Hierdie bundels was nie versamelings of bloemlesings van gedigte wat reeds verskyn het of samestellings met die

doel om debutante bekend te stel nie (vergelyk byvoorbeeld Tafelberg se *Nuwe stemme*, 1997, 2001 en 2005), maar enkelbundels waarin gedigte deur twee of meer digters gesamentlik gebundel is. Die volgende is voorbeelde van bundels wat in hierdie kategorie ingesluit is: *Ons kom van ver af* deur Peter William Abrahams, Eugène Beukes, André Boezak, Patrick Petersen en Isak Theunissen (Prog, 1995); *Uit die stof die see die skald se handevuurvoet tracks en die verstuite trein van wat verlange* met gedigte deur Robert Bolton, Jac Kritzinger en Gert Vlok Nel (Fenomeen Publikasies, 2001); *Tandem* van Lieb Sauermann en Johann de Jager (Afrikanervolkswag, 1992); en die heruitgawe van *Brekfīs met vier* van André le Roux du Toit, Daniel Hugo, Peter Snyders en Etienne van Heerden (Human & Rousseau, 2005).

- 1 publikasie waarin 'n enkele Franse gedig deur meerdere outeurs in twee Engelse en een Afrikaanse weergawe vertaal is en as eerste uitgawe uitgegee is: *Versions of Jacques Prévert's The song of the snails who went to a funeral / Lied van die slakke wat na die begrafnis gaan / Chanson des escargots qui vont à l'enterrement*, vertalings deur Gus Ferguson, Barend J. Toerien en Uys Krige (Snailpress, 1993).
- 4 saamgestelde bundels deur enkelouteurs wat in Afrikaans vertaal is en as eerste uitgawes deur uitgewerye uitgegee is. Voorbeelde hiervan is: *Liefde, miskien* van Herman de Coninck (Queillerie, 1996) en *Die elektriese gelaaide hand: gedigte* van Gerrit Komrij (Protea Boekhuis, 2005), albei vertaal deur Daniel Hugo en *Die enkel taak: die merkwaardige verwantskap tussen Elisabeth Eybers en Emily Dickinson* deur Lina Spies (Queillerie, 1995) – laasgenoemde akademiese publikasie is wel by die PDAF ingesluit omdat dit ook 10 Afrikaanse verwerkings van Dickinson se gedigte bevat.
- 1 saamgestelde bundel deur 'n enkelouteur wat in Afrikaans vertaal is en deur die vertaler self-uitgegee is as eerste uitgawe: *Sonnette van Shakespeare*, vertaal deur J.D.U. Geldenhuys (Firfield Pamphlet Press, 1995).
- 56 saamgestelde bundels waarin gedigte deur meerdere outeurs versamel is (hiervan het 41 as eerste uitgawes en 8 as heruitgawes gedurende 1990-2005 verskyn en 9 is herdruk; 'n verdere 7 van hierdie bundels het oorspronklik vóór 1990 verskyn en het een of meer herdrukke ná 1990 beleef). Dié bundels is deur uitgewerye uitgegee. Hierdie produksiekategorie bestaan uit die volgende verskillende soorte saamgestelde bundels:

- Tematiese bloemlesings, byvoorbeeld: *Die mooiste Afrikaanse liefdesgedigte* saamgestel deur Fanie Olivier (Human & Rousseau, 1992 en 2001); *Liggaamlose taal: gedigte oor die musiek* uitgesoek deur Koos Human (Human & Rousseau, 1996); en *Die dye trek die dye aan: verse oor lyflike liefde* byeengebring deur Johann de Lange en Antjie Krog (Human & Rousseau en Tafelberg, 1998).
 - Bloemlesings uit die Afrikaanse poësie in sy geheel, soos *Groot verseboek 2000* saamgestel deur André P. Brink (Tafelberg, 2000) en *Die Afrikaanse poësie in 'n duisend en enkele gedigte* saamgestel deur Gerrit Komrij (Suid-Afrikaanse uitgawe deur Tafelberg en Human & Rousseau, 1999).
 - Huldigingsbundels aan 'n digter wat saamgestel is uit skeppende bydraes deur digters, byvoorbeeld: *Verse vir Ernst: 20 Maart 1991* saamgestel deur Gerrit Olivier en Lucas Malan (Tafelberg, 1991).
 - Bloemlesings wat gerig is op skoolgebruik en waarin volledige gedigte saam met of sonder aantekeninge en vroe voorkom, byvoorbeeld *Digters en digkuns* saamgestel deur P.J. Nienaber, P.H. Roodt en N.J. Snyman (Perskor, 1991 en 1994) en *Versreise* saamgestel deur Adinda Vermaak, Kieth de Wet, Lorenda Olivier en Hendrik Viljoen (Tafelberg, 2002).
 - Digitale en elektroniese bloemlesings: *Ligdag*, 'n CD waarop musikale verwerkings deur Laurinda Hofmeyr van gedigte deur verskeie digters voorkom en wat uitgereik is saam met die gedrukte tekste in 'n klein-formaat boekie (Human & Rousseau, 2003). Ook die elektroniese weergawe van die *Groot verseboek 2000*, die CD-ROM *Verswêreld* (Tafelberg, 2001), is hier ingesluit omdat die volledige bloemlesing op skerm leesbaar is.
 - 12 soortgelyke bundels as bogenoemde is deur die digters daarvan self-uitgegee of deur instansies, waarvan almal as eerste uitgawes verskyn het. Hierdie bundels bevat dikwels gedigte deur aspirant digters, soos byvoorbeeld *Vensters van die hart: 'n digbundel van Afrikaanse verse* (Poetry Institute of Africa, 2000) en *Eersteling: ons bloeisel-bundel* (Vredendal Blommefees, 1997). Daar is ook uitsonderings deur reeds gevestigde digters: 36 deur Louis Esterhuizen, Henning Pieterse, Leon De Kock, Eugène M. Ashton, Anton


Robert Krueger en Johannes Van Jerusalem (2001) wat na aanleiding van die Bekgevegte-inisiatief saamgestel is.

- 8 saamgestelde bundels met gedigte deur meerdere outeurs wat in Afrikaans vertaal is, is as eerste uitgawes deur uitgewerye geproduseer. Voorbeelde hiervan is: *Spaanse dans: Spaanse gedigte* vertaal deur Uys Krige (Perskor, 1992) en *Met woorde soos met kerse* (Kwela Boeke, 2002) en *Die sterre sê 'tsau': Xam-gedigte in, Kweiten-ta-//ken, A!kúnta, Hankass'o en //Kabbo* (Kwela Boeke, 2004) – albei publikasies bestaan uit inheemse verse wat uitgesoek en vertaal is deur Antjie Krog.
- 1 soortgelyke vertaalde bundel is deur 'n instansie uitgegee as eerste uitgawe, naamlik *Skep die skip leeg en ander vroeë Boeddhistiese gedigte: 'n vertaling uit Pali, van die Sutta Nipata* deur J.S. Krüger (UNISA, 1999) – weer eens 'n vertaalde bundel van 'n religieuse aard (vergelyk ander kategorieë van vertaalde poësiepublikasies hierbo).
- 8 saamgestelde bundels deur meerdere outeurs wat tot stand gekom het na aanleiding van skryfwerkswinkels en as eerste uitgawes deur onafhanklike uitgewerye soos Bent of instansies soos informele skrywersverenigings uitgegee is. Voorbeelde hiervan is: *Plekke* (1993) wat deur die Pretoriase Woordgilde uitgegee is en waarin tien gedigte deur aspirant digters opgeneem is en *Woordvlug* (1993) wat as “tuispublikasie ten blootstelling aan digters” deur die Departement Afrikaans van die Vaaldriehoekcampus van die eertydse PU vir CHO, tans Noordwes-Universiteit, uitgegee is.
- 32 versamelbundels uit die werk van enkelouteurs (waarvan 25 as eerste uitgawes en 7 as heruitgawes verskyn het en 1 ook herdruk is). Dié produksiekategorie bestaan uit die volgende soorte versamelbundels:
 - Versamelbundels van die volledige oeuvres van die betrokke digters, byvoorbeeld *Ingrid Jonker: versamelde werke* (Human & Rousseau, 1994) en die *Versamelde gedigte* van Elisabeth Eybers (Human & Rousseau, 1990, 1995 en 2004).
 - Versamelbundels wat saamgestel is rondom 'n sentrale tema in 'n digter se oeuvre, byvoorbeeld *'n Engel deur my kop* wat 'n keuse uit Sheila Cussons se religieuse gedigte is (Tafelberg, 1997) en *Lady one: 99 liefdesgedigte* van Breyten Breytenbach (Human & Rousseau, 2000).

- Versamelbundels van bepaalde digbundels deur die digter in een band, byvoorbeeld *Ysterkoei-blues: versamelde gedigte 1964-1975* van Breyten Breytenbach (Human & Rousseau, 2001) en *Siklus* waarin *Beminde Antarktika* en *Mannin* van Antjie Krog saamgebund is (Human & Rousseau, 1994).
- Digitale en elektroniese versamelbundels. Die bundel *Mondmusiek* van Breyten Breytenbach (Human & Rousseau, 2001), waarvan die tekste in 'n klein-formaat boekie afgedruk is en uitgereik is saam met 'n musikale CD waarop die digter van sy gedigte voordra, is ook in hierdie kategorie ingesluit (omrede gedigte uit 'n verskeidenheid bundels daarin versamel is). Só ook die CD-ROM publikasie *Versalbum* waarop 11 bundels van Daniel Hugo saamgebund is en op skerm gelees kan word, en waarop 79 digitale opnames van voorlesings deur Hugo voorkom (ContentLot.com, 2001). Ander musikale CD's waarop gedigte voorgedra of gesing word, en wat sonder die tekste van die gedigte uitgereik is, soos byvoorbeeld *Boerneef op sy beste* en *om te breyten*, is nie in die PDAF ingesluit nie.
- 5 soortgelyke versamelbundels uit die werk van enkelouteurs wat deur instansies of deur die digters of samestellers self-uitgegee is, al 5 as eerste uitgawes. 'n Voorbeeld hiervan is *Gedigte Theo Wassenaar* (1992) wat deur die samestellers Theo en Ina Schoonraad ter herdenking van Wassenaar se 100ste verjaarsdag uitgegee is.

6.11.2 Produksiepatrone van poësie

Figuur 17 op bladsy 561 toon die produksieverspreiding van die verskillende produksiekategorieë van poësiepublikasies oor die periode aan. Die totale aantal publikasies (beide eerste uitgawes en heruitgawes) word per jaar en per kategorie aangedui, herdrukke word nie hier verteenwoordig nie. Gelyksoortige publikasies wat deur onderskeidelik uitgewerye, digters self of instansies uitgegee is, word saamgegroepeer, behalwe waar daar statisties beduidende verskille tussen hierdie subkategorieë bestaan.



Figuur 17: Produksiepatrone van Afrikaanse poësie oor die periode 1990-2005

- Dit is duidelik dat enkeldigbundels deur enkelouteurs die standhoudendste gedurende die periode geproduseer is. Dié kurwe open met 19 rekords in 1990, waarna dit daal tot 13 in 1991, daarna daal dit verder met byna die helfte tot 7 in 1992. Hierdie daling is hoofsaaklik toe te skryf aan verskuiwings in die uitgeweryprofiel: Taurus staak hulle produksie in 1992, Tafelberg gee 5 minder digbundels in 1992 as in 1991 uit, Human & Rousseau se produksie verminder met 2 titels tussen 1990 en 1991, HAUM-Literêr se produksie verminder ook in hierdie periode en word in 1992 gestaak, ook Jutalit sluit hulle produksie in hierdie kategorie in 1990 af. Dié daling in enkeldigbundels staan in direkte kontras met die styging in die produksie van enkelromans gedurende 1990-1992 (sien 6.4.2) – ’n moontlike aanduiding dat die klem in die beginjare 1990’s sterk op die meer toeganklike genres (soos die roman wat gerig is op ’n groter mark) teenoor meer elitistiese genres (soos die poësie) geplaas is. Tussen 1993 (12 rekords) en 1999 (10) kom herhaaldelike stygings en dalings in die kurwe voor, hierdie stygings en dalings is oorwegend 2 rekords per styging of daling, behalwe tussen 1994 (10), 1995 (14) en 1996 (9). Weer eens is 1995 in spesifiek hierdie tussenperiode ’n kunsmatige hoogtepunt (sien ook 6.4.2 en 6.5.2). Die kurwe beleef dus relatief natuurlike fluktuasies in die periode tussen 1993 en 1999, hoofsaaklik as gevolg van uitgewerye wat relatiewe standhoudende bydraes tot produksie lewer. Tafelberg en Human & Rousseau skaal hulle produksie vanaf 2000 af en elk publiseer slegs 6 enkeldigbundels tussen 2000 en 2003, by Tafelberg verskyn daar egter slegs 1 enkeldigbundel per jaar tussen 2001 en 2003 terwyl Human & Rousseau ook slegs 1 digbundel in 2002 uitgegee het en geen in 2003 nie. Potgieter & Bloemhof (2002) van Human & Rousseau verduidelik dat gehalte nog altyd ’n kriterium vir die uitgee van digbundels was, maar dat hulle in die verlede enkele kere gepoog het om digbundels “met ’n meer ‘populêre’ inslag” wat “persoonlikheidsgedrewe” was uit te gee (voorbeeld is Steve Hofmeyr se *Valkuns* (1997) en Allan Boesak se *Tot sterwens toe* (2001); en deur Tafelberg die soortgelyke *Deur die oog van ’n naald* (1996) deur die politikus Mathews Phosa). Ná die “uitermate negatiewe ontvangs” van Boesak se bundel is hulle genoop om hulle “‘inklusiewe’ publikasiebeleid” te hersien, nog strenger te keur en te fokus op werklik vernuwende digbundels van “onbetwisbare literêre gehalte”. Hierdie tendens van verskraalde produksie van enkeldigbundels deur

enkelouteurs deur Tafelberg en Human & Rousseau duur voort in 2004 en 2005: in 2004 gee Human & Rousseau 3 titels uit (waarvan 2 heruitgawes) en Tafelberg gee slegs 1 titel uit; in 2005 produseer Human & Rousseau 2 titels en Tafelberg 3. Die styging in hierdie kurwe sedert 2000 en die aansienlike hoogtepunt van 19 rekords in 2002 (waarin die opening van dié kurwe weerspieël word) en 16 rekords in 2004 kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die produksiebydrae van Protea Boekhuis. Die tussentydse dalings van 10 rekords tussen 2002 en 2003 en 8 rekords tussen 2004 en 2005, was die direkte gevolg van verskraling in produksie deur onafhanklike uitgewerye soos Protea Boekhuis en Bent. Die feit dat hierdie produsente in bepaalde jare weer hul produksie verhoog, dui waarskynlik op die dinamika van poësieproduksie waarvolgens bundels nie noodwendig binne 'n jaar afgewerk en geproduseer kan word nie ('n weerspieëling van die opeenvolgende stygings en dalings tussen 1993 en 1999). Die relatiewe standhoudende produksie sedert 2000 tot 2005 het 'n gemiddelde 13 titels per jaar tot gevolg gehad, hoër as die gemiddelde 11 titels per jaar gedurende 1993-1999 – 'n tendens waardeur poësieproduksie in die algemeen as volhoubaar geklassifiseer kan word (in teenstelling met die algemene opinie dat poësieproduksie sterk aan die kwyn is). Ten spyte van die afskaling deur tradisioneel standhoudende produsente van enkeldigbundels, het die toetrede van nuwe onafhanklike produsente tot gevolg gehad dat hierdie produksiekurwe grotendeels gestabiliseer het aan die einde van die periode.

- Die produksiekurwe van enkeldigbundels deur enkelouteurs wat deur die digters daarvan self-uitgegee is of deur instansies uitgegee is, toon aansienlike fluktuasies. Terwyl daar in agt spesifieke jare soveel as gemiddeld 9 van hierdie bundels geproduseer is (1993, 1994, 1995, 1997, 1998, 2000, 2002 en 2004), daal die produksie in ander jare met meer as 50% (5 in 1999, 3 in 2001 en 4 in 2003). Produksie is vir twee driejaarsiklusse (1990-1992 en 1993-1995) en een tweejaarsiklus (1997-1998) stabiel, tussenin fluktueer dit. Dit is byna onmoontlik om 'n produksiepatroon in hierdie kategorie vas te stel omdat die produsente in hierdie kategorie nie in dieselfde mate as uitgewerye “gereelde” produsente is nie – anders gestel: produksie deur hierdie produsente word deur talle onbepaalbare faktore beïnvloed (soos byvoorbeeld persoonlike motiverings van digters om hulle eie gedigte in druk te sien) wat

die bepaling van statisties beduidende patrone byna onmoontlik maak. Dit is wel duidelik dat daar toenemend meer digbundels deur digters self-uitgegee word (met die 12 rekords in 2000 as hoogtepunt). Hannes van Zyl (2002d), voormalige hoofbestuurder van NB-Uitgewers, neem waar dat daar “wêreldwyd [’n] verskuiwing van poësie uit die formele boekbedryf en ’n oplewing in die informele uitgee en verspreiding van bundels [is]”. Hy beskou dit as “gesond en waarskynlik selfs noodsaaklik [...] dat meer digbundels by kleiner uitgewerye verskyn of deur digters self-uitgegee word”. Die kurwe eindig met slegs 6 rekords in 2005, maar dit is moontlik dat daar wel meer digbundels self-uitgegee is wat eers later deur hierdie groep produsente gepliglewer sal word of aan NALN geskenk sal word. Die pliglewering of skenking van hierdie publikasies vind dikwels eers met die verloop van tyd plaas omdat hierdie produsente gewoonlik onbewus is van die praktyk om te pliglewer – daar is inderdaad meer doeltreffende bewusmakingsveldtogte hiervoor nodig.

- Die produksie van alle produksiekategorieë van vertaalde poësiepublikasies deel die eienskap dat dit uiters sporadies gedurende die periode uitgegee is en dat geen statisties beduidende patrone daaruit met sekerheid afgelei kan word nie. Wat wel opval is dat hierdie vertaalde poësiepublikasies nie slegs aan die begin van die periode geproduseer is nie, maar dat daar ook hiervan aan die einde van die periode sporadies verskyn het. Die val op dat publikasies in hierdie kategorie toenemend daarop gefokus het om inheemse poësie uit die Afrikataalletterkundes in Afrikaans te vertaal waardeur die Afrikaanse poësie verryk is (vergelyk byvoorbeeld Krog se saamgestelde bundels bestaande uit vertaalde inheemse gedigte *Met woorde soos met kerse* (Kwela Boeke, 2002) en *Die sterre sê ‘tsau’: Xam-gedigte in, Kweiten-ta-//ken, A!kúnta, Hankass’o en //Kabbo* (Kwela Boeke, 2004), asook die bundel vertaalde Basotho-mynwerker-liedere *Swerfsange* (Van Schaik, 2004) vertaal deur Chris Swanepoel).
- Daar het slegs sporadies enkeldigbundels met gedigte deur meerdere outeurs verskyn, in 1991, 1992, 1995, 1996, 2001, 2004 en 2005. Die aantal rekords in hierdie produksiekategorie aan die begin en die einde van die periode is ongeveer in ewewig. Die tradisie deur digters om hulle gedigte in ’n gesamentlike bundel uit te gee, kom reeds vanaf die 1980’s met die bundel

Brekfis met vier deur Daniel Hugo, André le Toit, Peter Snyders en Etienne van Heerden (Skoppensboer, 1981) – in 2005 verskyn ’n heruitgawe van hierdie bundel by Human & Rousseau. Genoemde tradisie word onderskei van pogings daarvóór en daarná deur uitgewerye om jong digters in saamgestelde bloemlesings uit te gee, vergelyk byvoorbeeld: D.J. Opperman en F.J. le Roux se samestelling van verse deur (tóé) jong digters in *Stiebeuel* (1946) waarin gedigte van Barend Toerien, Sheila Cussons, Ina Rousseau, G.A. Watermeyer en Bartho Smit opgeneem is; die drie digters waarvan gedigte in *Klawer* (HAUM, 1966) gebundel is; die agtal digters se verse in *Visier* (Tafelberg, 1984) en Tafelberg se reeks *Nuwe stemme* (1997, 2001 en 2005).

- Daar het in elke jaar, met die uitsondering van 1991, een of meer versamelbundel met gedigte deur ’n enkelouteur verskyn. In die periode 1993-1995 vind ’n eerste opbloeï in die produksie van hierdie kategorie plaas. Terwyl daar gemiddeld 1 per jaar gedurende 1996 tot 1999 verskyn, neem produksie van hierdie bundels sedert 2000 toe en verskyn nie minder nie as 5 per jaar in 2000, 2001 en 2005 en 4 in 2004. Barnard (2002b) verduidelik die uitgeefilosofie met betrekking tot produksie in hierdie kategorie soos volg: “belangrike digters se werk word in ’n keur vervat; ook omdat bundels uit druk raak en mens die beste werk beskikbaar wil hou, selfs al is dit nie winsgewend nie”. Die opbloeï in hierdie produksiekategorie sedert 2000 is bewys van ’n soort herwaardering van bekende digters se poësie deur hulle totale oeuvres in druk beskikbaar te maak – uitgeebeslissings wat waarskynlik ondersteun word deur die noodsaak aan simboliese produksie.
- Die produksie van saamgestelde bundels wat gedigte deur meerdere outeurs versamel, het standhoudend plaasgevind – die derde gereeldste van alle kategorieë van poësiepublikasies. Dit is opmerklik dat daar sedert 1997 toenemend meer van hierdie bundels per jaar verskyn, met soveel as 8 rekords hiervan in 2001 en 6 in 2005. Dit is ’n aanduiding dat die mark vir tematiese bloemlesings (wat op innoverende wyse saamgestel is en dikwels as meer toeganklik beskou word) uitgebrei het. Hierdie bundels se verhoogde toeganklikheid spruit daaruit dat die sentrale tema as toegangspunt vir lesers dien en die algemene persepsie dat poësie moeilik verstaanbaar en “duister” is, gedeeltelik kniehalter. ’n Tweede moontlike verklaring is dat digbundels met die digkuns van ’n verskeidenheid outeurs (die beste digters verteenwoordig

deur hulle beste gedigte) meer bemerkbaar is en groter aandag by lesers uitlok (Odendaal, 2001:63). Odendaal (2001:51-68) neem ook waar dat daar in die periode 1986-2000 'n opbloeï beleef is in bloemlesings, maar dat min groei op individuele front plaasgevind het; hy beskryf die gewildheid van veral tematiese bloemlesings as 'n internasionale verskynsel (vergelyk ook De Lange & Krog, 1998:xiv).

- Saamgestelde bundels deur meerdere outeurs wat uit skryfwerkwinkels ontstaan het, het slegs sporadies verskyn (in 1993, 1999, 2001, 2003 en 2004). Die meerderheid hiervan verskyn dus sedert 1999 en kan toegeskryf word aan toenemende opleidings- en uitgee-geleenthede vir amateur-digters.
- Wanneer die grafiek as geheel beskou word en die verskillende tipes produksiekategorieë wat in 'n bepaalde jaar geproduseer is gesamentlik per jaar nagegaan word, val dit op dat die verskeidenheid van verskillende produksiekategorieë in die middel van die periode afgeneem het, maar aan die einde van die periode het die verskeidenheid weer toegeneem. In die geheel beskou, het die aantal rekords per jaar nie aan die einde van die periode toenemend gedaal nie. 'n Verklaring hiervoor is die aktiewe bydrae wat digters wat self-uitgee en instansies tot die produksie van poësie maak – van alle produksiekategorieë is hierdie groep produsente die aktiefste in hierdie kategorie (sien 4.8). Van Zyl (2002d) verklaar dat “die mark vir Afrikaanse poësie deur 'n sameloop van omstandighede baie klein geword het”; dat “verkope van poësie deurlopend daal”; “verkope dui op behoefte, en verkope van enkelbundels is in die honderdtalle, nie duisendtalle nie”; “boekwinkels [koop] nou digbundels al moeiliker aan en hou dit al korter op die rak”. Die oorhoofse kurwe van Figuur 17 bewys die voorspellings van doemprofete, dat poësieproduksie in die algemeen aan die krimp is, verkeer: 2000 tot 2002 en 2004 staan uit as hoogtepunte in die kurwe wat die aantal titels per jaar betref en die verskeidenheid aan die soorte poësiepublikasies is ook nie aan die afeneem nie. Ten slotte is dit duidelik dat poësieproduksie in der waarheid relatief gesond daar uitsien wat beide hoeveelheid en diversiteit betref.

6.11.3 Uitgeweryprofiel van poësie

Die konstruksie van die uitgeweryprofiel van poësiepublikasies (waarby die totaal van eerste uitgawes en heruitgawes deur alle uitgewerye van publikasies in hierdie kategorie ingesluit is – herdrukke is uitgesluit), toon die volgende statistiese verdeling van produksieaandeel tussen produsente aan:


- Outeurs en samestellers wat hulle digbundels of bloemlesings self-uitgegee het, was die grootse produsent in hierdie produksiekategorie met 'n gesamentlike aandeel van 26,20% (115 rekords).
- Human & Rousseau het 79 rekords tot hierdie kategorie bygedra en 'n produksieaandeel van 18% bekom.
- Tafelberg staan in die derde plek met 'n produksieaandeel van 17,31% (76 rekords).
- Protea Boekhuis het in 'n kort periode (sedert 2000) 47 poësiepublikasies uitgegee en 'n aandeel van 10,71% in hierdie produksiekategorie bekom. Hierdie uitgewery se produksieaandeel tydens die spesifieke periode waarin hulle aktief poësiepublikasies geproduseer het (2001-2005), was egter veel groter: 39,47% van alle poësiepublikasies wat tussen 2001 en 2005 deur uitgewerye uitgegee is.
- Instansies soos onder andere universiteite en ander opleidingsinstellings, die Poetry Institute of Africa en skrywersverenigings soos die Pretoria-gebaseerde Die Woordgilde, het 4,78% (21 rekords) van die publikasies in hierdie kategorie uitgegee.
- Die onafhanklike eenman-uitgewery Bent het 18 poësiepublikasies uitgegee en 'n aandeel van 4,10% bekom.
- Die eertydse Perskor se produksieaandeel was 1,82% (8 rekords).
- J.P. van der Walt & Seun / LAPA het 7 poësiepublikasies uitgegee, 'n aandeel van 1,59%.
- Die onafhanklike eenman-uitgewery Suider-Kollege Uitgewers was verantwoordelik vir die produksie van 7 rekords, 1,59%, waarvan 1 'n koproduksie tussen hierdie uitgewery en LAPA was. Sedert 2002 het daar egter geen verdere titels deur hierdie uitgewery verskyn nie.

- Die oorblywende 13,90% bestaan uit die produksieaandele van die volgende uitgewerye: die eertydse HAUM-Literêr (5 rekords); die dormante alternatiewe uitgewery Hond (5); Queillierie (4); Kwela Boeke (4); die algemene uitgewery J.L. van Schaik (3); die uitgewery van akademiese publikasies Van Schaik (3); en Publitoria (3). Die volgende uitgewerye het elk 2 rekords uitgegee: die eertydse uitgewery van elektroniese publikasies ContentLot.com; die eertydse alternatiewe uitgewerye Domestica en Prog; Fenomeen Publikasies; Gnostic Press; die destydse druknaam van Juta, Jutalit; die eertydse onafhanklike eenman-uitgewery Snailpress; die dormante alternatiewe uitgewery Taurus; en Zebra Press. Die volgende uitgewerye het slegs 1 poësiepublikasie elk geproduseer: Benedic Boeke; Bitterkomix; Carrefour Press; die uitgewery van publikasies met 'n duidelike gay-tema Homeros; Klipbok; L'artisan Kreatief; Lyra; Waterkant; Gamsberg Macmillan; die nuwe onafhanklike uitgewery Genugtig!; die opvoedkundige uitgewery Nasou Via Afrika; die nuwe uitgewery van elektroniese publikasies Rapid Access Media; en die onafhanklike inisiatief die Huis van Afrikaanse Poësie wat 'n digitale bloemlesing in CD-ROM-formaat uitgegee het. Human & Rousseau en Tafelberg het 2 koproduksie gesamentlik geproduseer en Perskor en Tafelberg was vir 1 koproduksie verantwoordelik.
- 'n Interessante tendens is dat al vier van die eertydse alternatiewe uitgewerye (die tans dormante Taurus en Hond, sowel as Prog en Domestica) spesifiek 'n sterk fokus op die produksie van poësie gehad het. Sommige van die belangrikste Afrikaanse poësiepublikasies in die 1970's en 1980's is deur Taurus uitgegee (onder meer digbundels deur Breyten Breytenbach en Antjie Krog en strydpoësie deur ander digters) in 'n periode toe hoofstroom-uitgewerye van die tyd deur die sensuurstelsel ingeperk is. Prog en Domestica het veral voorbrand gemaak vir die demokratisering van die outeursprofiel deur digbundels van sogenaamde swart Afrikaanse skrywers uit te gee. Toe die Afrikaanse poësie (meer spesifiek enkeldigbundels) nogmaals onder druk kom, hierdie keer as gevolg van ekonomiese en politieke transformasie-verskuiwings waarvan die invloed sedert 1998 sterk op die produksie van Afrikaanse fiksie sigbaar geraak het (sien ook 3.4.2.4), was dit weer eens 'n uitgewery buite die hoofstroom wat vir oorlewing gesorg het – hierdie keer nie

'n alternatiewe uitgewery nie, maar die onafhanklike Protea Boekhuis (sien 4.5.1).

- Beide Tafelberg en Human & Rousseau verbind hulself steeds tot die bevordering van die Afrikaanse poësie en het, soos hierbo aangetoon, veral belangrike bydraes gelewer tot die produksie van bloemlesings, versamelbundels en ander versamelings van poësiepublikasies, asook enkeldigbundels. Nietemin, dié twee groot rolspelers het hulle produksie van enkeldigbundels sedert 2000 verminder. Verswarende ekonomiese toestande, waaronder ook die krimpings in biblioteekaankope en die voorskryfmark (sien 3.3.5.1 en 3.3.4.1), het uitgewerye gedwing om sterker klem op hulle ekonomiese doelwitte te plaas. Die produksie van poësiepublikasies (waarvoor die mark in die algemeen kleiner is as vir prosapublikasies, veral dié gerig op 'n populêre mark soos liefdesromans) kon nie meer deur winste van voorgeskrewe publikasies of gereelde verkope aan biblioteke gekruissubsidieer word nie. Derhalwe is beleggingsbesluite omtrent poësiepublikasies al hoe noukeuriger geneem, veral deur dié uitgewerye wat deur herstrukturering en afskaling probeer herstel het na groot verliese as gevolg van die voorskryfmarkineenstorting. Poësiemanuskripte is strenger gekeur en daar is minder uitgegee. Deur hierdie situasie het 'n markgaping ontstaan vir 'n nuwe uitgewery wat bereid was om beleggings in verdienstelike poësiemanuskripte te waag. Protea Boekhuis het op die toneel verskyn en 'n wending in produksie van veral enkelbundels deur enkelouteurs sedert 2001 veroorsaak.
- Die belangrikste verskuiwings in die uitgeweryprofiel van poësiepublikasies word skematies in Figuur 18 op bladsy 570 voorgestel.

Uitgeweryprofiel: Afrikaanse poësie oor die periode 1990-2005



Figuur 18: Uitgeweryprofiel van Afrikaanse poësie oor die periode 1990-2005

6.12 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van drama

In hierdie produksiekategorie val die fokus op gepubliseerde dramatekste, insluitend toneeltekste, kabaretttekste, hoorspele, filmdraaiboeke en ongepubliseerde opvoertekste (wat openbaar toeganklik is). Die PDAF sluit 113 rekords in wat uit dramatekste bestaan en 'n verdere 7 rekords waarin tekste van verskillende genres voorkom, dramatekste saam met prosatekste en poësietekste (laasgenoemde 7 rekords word in 6.13 bespreek). Dramatekste word in aparte afdelings onder etikette soos “drama”, “dramabloemlesings”, “kabaret” en “film- en televisiedraaiboek” in uitgewerye se katalogusse gegropeer (vergelyk byvoorbeeld Tafelberg-katalogus, 1997:7-8; 1999/2000:15-16; Human & Rousseau-nuusbrief, Sept. 1992; Jul. 1995). Die kategorisering van dramatekste binne die PDAF het, soos by ander produksiekategorieë, plaasgevind na aanleiding van die beskrywende bemarkingstekste oor die publikasies deur uitgewerye.

6.12.1 Produksiekategorieë van drama

Die 113 rekords van dramatekste maak 'n skrale 2,24% van alle rekords in die PDAF uit, wat dit die kleinste produksiekategorie van die drie hoofgenres (prosa, poësie en drama) maak. Dit sluit dramatekste van alle soorte in en is soos volg in produksiekategorieë verdeel:

- 55 enkeltekste deur enkelouteurs (waarvan 25 as eerste uitgawes en 8 as heruitgawes gedurende 1990-2005 uitgegee is, 5 hiervan het ook een of meer herdrukke beleef; 22 toneeltekste wat oorspronklik vóór 1990 uitgegee is, is ná 1990 herdruk – sien 6.12.2). Hierdie produksiekategorie sluit verskillende soorte enkeltekste in:
 - Toneeltekste wat uit een of meer bedrywe bestaan, byvoorbeeld *Die jogger: 'n drama in twee bedrywe* deur André P. Brink. (Human & Rousseau, 1997) en *Boklied: 'n vermaaklikheid in drie bedrywe* van Breyten Breytenbach (Human & Rousseau, 1998).
 - Kabaretttekste, soos *Lied van die boeings: 'n kabaret* deur Etienne van Heerden (Tafelberg, 1998).

- Radiodramas of hoorspele, byvoorbeeld *Pendoring & Seun: die derde hoorspel in die Pendoring-trilogie* deur A.S. van Straten (Human & Rousseau, 1995) en *Dias: 'n hoorspel* deur N.P. van Wyk Louw (Tafelberg, 1972).

Daar is egter nie op grond van hierdie subgenres binne die produksiekategorie verder onderskei nie.

- 2 enkeltekste deur enkelouteurs wat in Afrikaans vertaal is (albei het as eerste uitgawes verskyn): *Mamma Medea: na Apollonios van Rhodos en Euripides* deur Tom Lanoye, uit Nederlands vertaal deur Antjie Krog (Queillierie, 2002) en *Piet se tante*, 'n komedie wat deur Nico Luwes uit Engels verwerk is en deur 'n instansie, die Departement Drama- en Toneelkunde aan die Universiteit van die Vrystaat (2001), uitgegee is.
- 14 saamgestelde bundels waarin dramatekste deur enkelouteurs versamel is (10 hiervan verskyn as eerste uitgawes in 1990-2005, waarvan 3 ook herdruk is; die oorblywende 4 is oorspronklik vóór 1990 uitgegee en het ná 1990 een of meer herdrukke beleef). Hierdie produksiekategorie bestaan uit versamelbundels met twee of meer dramas deur dieselfde dramaturg. Dit sluit verskillende soorte subgenres in (daar is nie op grond hiervan verder binne die kategorie onderskei nie):
 - Versamelde toneeltekste, byvoorbeeld *Vrystaat-trilogie* waarin die dramas “Diepe grond”, “Nag generaal” en “Op dees aarde” deur Reza de Wet (HAUM-Literêr, 1991) gebundel is.
 - Versamelde kabaretttekste, soos *Dubbeldop: kabaretttekste en -opstelle* van Hennie Aucamp (Human & Rousseau, 1994).
 - Versamelde radiodramas, byvoorbeeld *Pendorings: twee hoorspele* deur A.S. van Straten (Tafelberg, 1991).
 - Versamelde filmdraaiboeke, byvoorbeeld *Paljas – Die storie van Klara Viljee: die filmdraaiboeke* van Chris Barnard (Tafelberg, 1998).
- 16 saamgestelde bundels waarin dramatekste deur meerdere outeurs versamel is (waarvan 5 as eerste uitgawes en 5 as heruitgawes gedurende 1990-2005 uitgegee is, 5 hiervan is ook een of meer maal herdruk; 6 bundels in hierdie kategorie het oorspronklik vóór 1990 verskyn en is ná 1990 herdruk). Hierdie produksiekategorie bestaan uit bloemlesings wat hoofsaaklik uit 'n keur van eenbedrywe, kortspele of kortdramas deur verskillende dramaturge saamgestel

is, byvoorbeeld *Skouspel: 'n versameling kortdramas* (Tafelberg, 1992) en *Voort met die spel: 'n eenbedryfkeur* (Human & Rousseau, 1990), albei saamgestel deur Jan B. Vermaak. Sommige van dié bloemlesings fokus op 'n spesifieke subgenre, soos *Hoorspelkeur: radiodramas* deur Hennie Aucamp *et al* (Tafelberg, 1988). Ander poog juis om verteenwoordigend van verskillende subgenres te wees, soos *Voetlig 2: 'n versameling verhoog-, radio- en televisiedramas* saamgestel deur P.J. du Toit en Temple Hauptfleisch (Kagiso, 1996).


- 26 ongepubliseerde opvoertekste wat tussen 1990 en 1996 deur DALRO beskikbaar gemaak is. Hierdie publikasies is dramatekste wat nie formeel gepubliseer is nie, maar wat as repetisie-eksemplare deur DALRO beskikbaar gemaak is om veral te voorsien in die behoefte aan opvoerbare dramatekste vir skole en amateur-toneelgeselskappe (sien 6.12.2). 6 van hierdie publikasies (5 eerste uitgawes en 1 heruitgawe) is oorspronklike Afrikaanse opvoertekste, soos Braam van der Vyfer se *De Bruyn se brein* (DALRO, 1993) en Nico Luwes se *Die venus-beeldjie* (DALRO, 1990). Die oorblywende 20 publikasies is vertaalde opvoertekste van hoofsaaklik Engelse dramas in Afrikaans (17 eerste uitgawes en 3 heruitgawes). Voorbeelde van laasgenoemde is *Geen vrae* deur John Whiting, uit Engels vertaal deur Niel le Roux en Anel Scheepers (DALRO, 1990) en *Gemeubileerde huis te huur* deur Gabriel d'Hervilliez, uit Frans vertaal deur F.C. Gonin (DALRO, 1990).

6.12.2 Produksiepatrone van drama

Die produksie van dramapublikasies oor die periode word in Figuur 19 op bladsy 575 aangetoon. Dit sluit die totale aantal dramapublikasies (eerste en heruitgawes saamgetel) per jaar en per produksiekategorie in. Herdrukke word nie hierin gereflekteer nie, maar kom wel onder die loep tydens die toeligting van die produksiekurwes omdat dit op statisties beduidende verskille dui. Die kategorie dramapublikasies is uniek in hierdie verband omdat dit die meeste rekords bevat van publikasies wat oorspronklik vóór 1990 uitgegee is en daarna steeds herdrukke beleef het – selfs meer as langer en korter prosa.

Die volgende produksiepatrone kan uit Figuur 19 afgelei word:

- Dit blyk duidelik dat enkeltekste deur enkelouteurs die standhoudendste in hierdie kategorie geproduseer is. Die produksie daarvan is egter gefragmenteer en toon herhaaldelike fluktuasies tussen 1990 en 1998, met gemiddeld 2 titels per jaar gedurende hierdie periode. In 1999 bereik die kurwe 'n nulpunt, daarna, gedurende 2000 tot 2003, verskyn weer eens 'n gemiddelde 2 titels per jaar, waarna 2004 weer 'n nulpunt op die kurwe aandui. 2005 is die hoogtepunt van die kurwe, 'n bakenjaar waarin 6 titels verskyn. Die produksiekurwe sedert 2000 toon interessante tendense wat lig werp op die stand van hierdie produksiekategorie. Daar verskyn 14 titels tussen 2000 en 2005, waarvan 12 nuwe uitgawes en 2 heruitgawes. Terwyl tradisionele produsente van dramapublikasies soos Human & Rousseau en Tafelberg elk slegs 1 titel sedert 2000 uitgegee het, is die produksie in hierdie kategorie in stand gehou deur onafhanklike uitgewerye wat tot die produksiekategorie toegetree het. Protea Boekhuis is die belangrikste produsent met 'n produksiebydrae van 7 titels, daarna volg die nuwe onafhanklike Praag met 2 titels en Bent wat 1 titel uitgegee het. Die oorblywende 2 rekords is deur dramaturge self-uitgegee – 'n nuwe tendens aangesien dramaturge nie voorheen (in dieselfde mate as byvoorbeeld digters) hul eie publikasies self-uitgegee het nie.
- Die produksiekurwe van enkeltekste deur enkelouteurs bestaan uit 'n totaal van 33 rekords. In die periode 1990-2005 verskyn ook herdrukke van 'n bykomende 22 rekords (ouer dramatekste wat oorspronklik vóór 1990 uitgegee is en ná 1990 herdruk is). Die herdrukke van laasgenoemde rekords is sonder uitsondering op die voorskryfmark gerig, voorbeeld daarvan is Bartho Smit se drama *Die Keiser* (Perskor, 1979) wat nie minder nie as 19 herdrukke tussen 1992 en 2003 beleef het, en P.G. du Plessis se *Siener in die suburbs* (Tafelberg, 1983) wat 14 maal tussen 1991 en 2003 herdruk is. Die implikasie hiervan is dat leerders nie aan nuwe kontemporêre dramatekste op skoolvlak blootgestel word nie – die dramaturg Pieter Fourie (2000) wys daarop dat die herhaaldelike voorskrywing van ouer dramas 'n negatiewe effek op die ontwikkeling van 'n voorliefde vir teater by leerders het: “om landswyd vir vier dekades te bly vassteek by Gerhard Beukus, W.A. de Klerk, *Germanicus*



Figuur 19: Produksiepatrone van Afrikaanse drama oor die periode 1990-2005

en *Periandros* is om geslag na geslag matrikulante vir ewig af te skrik van die teater”. Kontemporêre dramatekste in gedrukte formaat word selde uitgegee omdat daar nie ’n lewensvatbare kommersiële mark daarvoor bestaan nie. Danie Botha (2000) en Charles Fryer (2000), eertydse uitgewers van (ook) dramatekste by Tafelberg, beskou die voorskryfmoontlikhede in die eens stabiele voorskryfmark as die invloedrykste faktor wat die uitgee van dramas moontlik gemaak het (aangehaal in Venter, 2001a:33). Hettie Scholtz (2002), destydse bestuurder van HAUM-Literêr, verduidelik dat dramatekste nooit suksesvol in die algemene mark verkoop het nie, selfs nie met intensiewe bemerking by die opvoerings van die drama nie. Fryer (2000) verklaar dié tendens uit die aard van die genre: dit is eintlik bedoel om opgevoer te word; en volgens hom beskik min Suid-Afrikaanse lesers oor die voorstellingsvermoë om ’n dramateks in gedrukte formaat te geniet. Deur hierdie situasie ontstaan ’n negatiewe kringloop: omdat slegs ouer dramatekste steeds voorgeskryf word, bestaan daar nie ’n ekonomies lewensvatbare mark vir nuwe dramatekste nie en word dit nie uitgegee nie en derhalwe kan nuwe dramatekste ook nie voorgeskryf word nie, want dit word nie geproduseer nie.

- Vertaalde enkeltekste deur enkelouteurs het slegs by uitsondering verskyn (1 rekord elk in onderskeidelik 2001 en 2002) en dui op geen statisties beduidende patroon nie.
- Die produksiekurwe van versamelbundels deur enkelouteurs toon standhoudende produksie tot 1995, maar daarna, met die uitsondering van 1 rekord in onderskeidelik 1998 en 2005, verskyn geen verdere publikasies in hierdie produksiekategorie nie. Die mark vir hierdie bundels is dikwels tersiêre studente wat drama as deel van hulle opleiding in die letterkunde of drama-studies bestudeer. Die krimpings in studentegedragte aan Departemente Afrikaans (Louw, 2000), waar hierdie bundels dikwels voorgeskryf is; en die infasering van ’n module-stelsel in die tersiêre onderwysmodel, waardeur veral kleiner modules soos Afrikaanse drama dikwels in die slag gebly het (Van Zyl, 2000c), het die mark vir hierdie produksie negatief geraak. Die invloed van dié transformasieverskuiwings (sien ook 3.3.4.6) kan direk in hierdie produksiekurwe afgelees word. ’n Bykomende 4 rekords van oorspronklik vóór 1990 is egter herhaaldelik gedurende die periode herdruk, ’n enkele voorbeeld is die bundel *Piet-my-vrou en Nagspel* van Chris Barnard

(Tafelberg, 1982) wat, omdat dit op skoolvlak voorgeskryf is, 14 herdrukke tussen 1990 en 2003 beleef het.

- Saamgestelde bloemlesings met dramas deur meerdere outeurs is dikwels op die sekondêre voorskryfmark vir opleiding in die letterkunde en dramastudies gerig. Botha (2000) verduidelik dat versamelbundels dikwels deur “voorskrywers” saamgestel is en dan deur ’n kenner van drama gekondoneer is deur haar/sy naam daaraan te koppel en ’n inleiding vir die bundel te skryf. ’n Aanduiding van die eens stabiele voorskryfmark word in die opening van die produksiekurwe van hierdie kategorie gevind: daar verskyn 3 van hierdie publikasies in 1990 en 1991. Daarna daal dié kurwe tot 1 rekord in onderskeidelik 1992, 1993, 1996 en 2005. Die nulpunt in hierdie kurwe tussen 1997 en 2004 is ’n dirkete gevolg van die in duie storting van die voorskryfmark. Daar verskyn egter wel herdrukke van ’n addisionele 6 rekords wat oorspronklik vóór 1990 uitgegee is, byvoorbeeld die 9 herdrukke tussen 1990 en 1997 van *Hoorspelkeur: radiodramas* deur Hennie Aucamp *et al* (Tafelberg, 1988); en 10 herdrukke gedurende 1990-1994 van *Die spieël en die weerkaatsing: ’n versameling eenbedrywe* saamgestel deur Temple Hauptfleisch (Human & Rousseau, 1989). Die enkele titel in hierdie produksiekategorie wat na 1996 verskyn het, *Nagtegaal/KKNK Teksprysweners 2004* (Genugtig!, 2005), was ’n samestelling van die drie toneeltekste wat as weners van dié kompetisie in 2004 aangewys is – dit verskil dus van ander rekords in hierdie produksiekategorie wat direk op voorskrywing gerig was. Ander weners van toneelkompetisies, soos die Sanlamprys vir toneel, se toneelstukke is as enkeltekste deur die onafhanklike uitgewery Praag in 2005 uitgegee.
- Die beskikbaarmaking deur DALRO van oorspronklike opvoertekste in Afrikaans het slegs sporadies plaasgevind: 3 hiervan verskyn onderskeidelik in 1990 en 1993. Vorster (2001) dui aan dat DALRO, as gevolg van ’n tekort aan gepubliseerde dramatekste wat geskik is vir opvoering deur amateur-toneelgeselskappe en skole, begin het om ongepubliseerde opvoertekste te reproduseer en as repetisie-eksemplare beskikbaar te maak. Hierdie praktyk is in 1996 deur DALRO gestaak omdat dit as gevolg van die klein mark nie ’n lewensvatbare onderneming was nie. DALRO administreer steeds opvoerregte namens dramaturge (een van hulle primêre funksies), en repetisie-eksemplare

van ongepubliseerde opvoertekste in die bestaande DALRO-versameling word steeds beskikbaar gemaak.

- Met die instelling van die jaarlikse Nagtegaal / KKNK toneel-skryfwedstryd en gepaardgaande Nagtegaal-prys in 2002 is 'n inisiatief in die vooruitsig gestel om 'n argief van die ingeskrewe en ander dramas wat op kunstefeeste opgevoer word, in Oudtshoorn te vestig. Sover vasgestel kon word het die inisiatief tot op hede nog nie gerealiseer nie. Op die webwerf van die onafhanklike uitgewery Genugtig! word gemeld dat 'n toneelargief in die toekoms op dié webwerf gehuisves sal word (die borge van Nagtegaal toneel-skryfwedstryd, Dirk en Reinet Nagtegaal, is ook betrokke by die uitgewery Genugtig!). Aangesien baie min toneeltekste wel uitgegee word, is 'n daadwerklike poging om 'n volledige argief van toneeltekste op te bou en in stand te hou nodig.
- Die produksiekurwe van vertaalde opvoertekste wat deur DALRO beskikbaar gemaak is, is waarskynlik standhoudender vóór 1990 geproduseer (soos wat die opening van die kurwe met 'n buitengewone 10 rekords in 1990 suggereer en die DALRO-katalogus van 1996 aandui). Tussen 1991 en 1996 (wanneer die kurwe sluit) word gemiddeld 2 van dié publikasies per jaar beskikbaar gemaak.
- Wanneer die produksie van die verskillende produksiekategorieë as geheel per jaar beskou word, blyk dit duidelik dat daar slegs tussen 1990 en 1996 'n verskeidenheid dramapublikasies geproduseer is. Dié verskeidenheid verdwyn heeltemal ná 1996 en produksie as geheel verminder tot slegs enkele titels per jaar. In 1999 en 2004 verskyn daar byvoorbeeld geen dramapublikasie as eerste of heruitgawe nie. Dit is slegs enkele inisiatiewe wat die volkome uitsterwing van die Afrikaanse drama in gedrukte formaat verhoed het. Die toekoms van hierdie produksiekategorie lyk inderdaad kommerwekkend. Aan die positiewe kant is die Afrikaanse uitvoerende toneel se toekoms (na die afskaffing van die eertydse provinsiale uitvoerende kunsterade) tydelik en in 'n beperkte mate verseker deur die instelling van groot kunstefeeste (sien 3.3.2.1(b)). Die produksie van dramapublikasies wat aan die einde van die periode plaasgevind het, was waarskynlik sterk gegrond op oorwegings van simboliese produksie in die uitgeebeslissings van hierdie publikasies. Produsente wat dit wel steeds waag om dramapublikasies uit te gee besef dat

hul besig is met bewaringswerk. Die literêre prestige gekoppel aan hierdie publikasies dien waarskynlik as motivering van positiewe uitgeebeslissings. 'n Voorbeeld hiervan is die samestelling van Deon Opperman se vyf dramas in die saamgestelde bundel *Vyfmylpaal* (Protea Boekhuis, 2005) waarvoor die Hertzogprys in 2006 aan Opperman toegeken is. Slegs gepubliseerde dramas kan in aanmerking kom vir die Hertzogprys wat al om die drie jaar toegeken word. Die literêre prestige van hierdie prys, vir beide die dramaturg én die uitgewery, was die beloning vir die simboliese produksie waartoe die uitgewery bereid was (ten spyte van die baie klein nismark waarvolgens oorwegings in terme van materiële produksie nie kommersiële sin sou maak nie). Dieselfde afleiding is waarskynlik waar ten opsigte van die uitgeebeslissing deur die onafhanklike uitgewery Praag om die wentekste van die Sanlamprys vir Afrikaanse teater in 2005 uit te gee (sien 3.3.3.5).


6.12.3 Uitgeweryprofiel van drama

In die konstruksie van die uitgeweryprofiel van dramapublikasies is die aantal rekords (beide eerste uitgawes en heruitgawes, herdrukke is uitgelaat) per uitgewery nagegaan. Hieruit is die onderstaande ontleding van verskeie uitgewerye en ander-soortige produsente se produksieaandeel tot hierdie kategorie bepaal:

- DALRO se produksieaandeel, deur die beskikbaarmaking van opvoertekste, tot die totale kategorie was 32,10% (26 rekords). Omdat hierdie opvoertekste nie streng gesproke as gepubliseerde dramatekste beskou kan word nie, is die res van die produsente se aandele bereken as 'n persentasie van dramatekste uitgegee deur uitgewerye, waarby hierdie opvoertekste buite rekening gelaat is.
- Human & Rousseau was die belangrikste produsent van gepubliseerde dramapublikasies wat gedurende 1990-2005 uitgegee is met 'n produksieaandeel van 29,09% (16 rekords).
- Tafelberg het 9 rekords bygedra en 'n bekleë 'n aandeel van 16,36%.
- Protea Boekhuis het in slegs 5 jaar (2001-2005) 'n produksieaandeel van 14,55% in hierdie kategorie bekom (8 rekords).

- Die destydse HAUM-Literêr het 'n produksieaandeel van 7,27% (4 rekords) gehad.
- Die oorblywende 32,73% is deur die volgende uitgewerye gelewer: die eertydse Perskor/Kagiso (2 rekords); die toetrede van die nuwe uitgewery Praag tot hierdie produksiekategorie (2 rekords); 1 rekord deur elk van die volgende: die voormalige Benedic; 'n koproduksie tussen Bent en Unison; die destydse De Jager-HAUM; die vergange alternatiewe Domestica; die eertydse Perskor se druknaam van opvoedkundige publikasies, Educum; die voormalige alternatiewe Hond; Juta se destydse druknaam Jusalit; die eertydse Klipbok; Queillerie; en die nuwe uitgewery Genugtig!. Dramaturge het 3 publikasies self-uitgegee en 1 dramapublikasie is deur 'n instansie uitgegee.
- Van al die genoemde uitgewerye is dit aan die einde van die periode slegs Protea Boekhuis wat teen 2003 aktief tot hierdie kategorie bygedra het. Die toetrede van die nuwe onafhanklike uitgewerye Praag en Genugtig! tot hierdie produksiekategorie was belangrike tendense. Die moontlikheid is egter nie totaal uitgesluit dat Human & Rousseau en Tafelberg wel nog in die toekoms dit sal oorweeg om enkele dramatekste uit te gee nie – maar dit sal slegs by uitsondering gebeur en in gevalle waar só dramateks simboliese waarde vir die uitgewery inhou en bydra tot die letterkunde.
- Anders as digters van poësiepublikasies, het dramaturge nooit 'n tradisie gevestig om self hulle publikasies uit te gee nie (soos hierbo genoem is slegs 3 rekords deur dramaturge self-uitgegee). Die rede hiervoor is waarskynlik dat dramaturge eerder daarop gefokus het om hulle dramatekste op die verhoog te sien as in gedrukte-formaat.
- Die belangrikste verskuiwings in die uitgeweryprofiel word in Figuur 20 op bladsy 581 aangedui.

Uitgeweryprofiel: Afrikaanse drama oor die periode 1990-2005



Figuur 20: Uitgeweryprofiel van Afrikaanse drama oor die periode 1990-2005

6.13 Produksieprofiel en uitgeweryprofiel van publikasies waarin gemengde genres voorkom

Gedurende die kategorisering van rekords in die PDAF, is gepoog om publikasies wat hoofsaaklik uit een genre bestaan maar waarby 'n enkel of enkele tekste van 'n ander genre ingesluit is (gemeet aan die omvang van die tekste van verskillende genres in terme van die geheel van die inhoud), in 'n passende produksiekategorie van daardie spesifieke genre (dié genre van die oorgrote meerderheid tekste) te kategoriseer. 'n Kortverhaalbundel waarin 10 kortverhale saam met 2 gedigte voorkom, is byvoorbeeld as kortverhaalbundel gekategoriseer. 22 rekords in die PDAF bestaan egter uit publikasies waarin 'n mengsel van tekste van verskillende genres in min of meer gelyke mate voorkom. Hierdie rekords kon dus nie in een van die ander kategorieë ingedeel word nie omrede dit nie suiwer of grotendeels uit 'n enkele genre (prosa, poësie of drama) bestaan nie. Dié rekords is in die volgende produksiekategorieë verdeel:

- 3 bloemlesings waarin beide prosa- en poësietekste deur 'n enkelouteur versamel is. 2 van hierdie bloemlesings is deur uitgewerye uitgegee, beide as eerste uitgawes en die 1 bloemlesing is ook herdruk: *Die berggans het 'n veer laat val* 'n keur uit die prosa en poësie van Boerneef (Tafelberg, 1998) en *Verborge skatte: Herman Charles Bosman in/oor Afrikaans* (Human & Rousseau, 2001). Die oorblywende publikasie, *Afrikaans my darling*, is 'n bundel waarin prosa- en poësietekste saam met tekeninge verskyn en wat deur Koos Kombuis in 1992 self-uitgegee is.
- 5 bloemlesings wat prosa- en poësietekste deur meerdere outeurs versamel. 4 van dié bloemlesings is deur uitgewerye uitgegee (almal het as eerste uitgawes tussen 1998 en 2003 verskyn). Voorbeelde hiervan is die tematiese bloemlesing *Majesteit, die kat: verhale en gedigte oor katte* saamgestel deur Lina Spies (Queillerie, 1998); *Literêre dagboek 2004* saamgestel deur Fanie Olivier (LAPA, 2003) waarin kortprosa en gedigte rondom die tema “Ken jy die see meneer” opgeneem is; en *Party van ons: die Homeros leesboek 2001* (Homeros, 2001) waarin gedigte, kortverhale en artikels met 'n gay-tema deur Danie Botha byeengebring is. Die 5de bloemlesing, *Die fonteyn* deur André Boezak *et al*, bundel kortverhale en gedigte deur vier outeurs saam en is deur die outeurs daarvan in 1996 self-uitgegee.

- 3 bloemlesings met prosa-, poësie- en dramatekste deur enkelouteurs (waarvan 1 in 1999 en 2 in 2002 as eerste uitgawes deur uitgewerye uitgegee is). Voorbeelde hiervan is *Uit die skatkis van die slampamperman: 'n omnibus* (Tafelberg, 1999) waarin J.C. Kannemeyer gedigte, kortverhale, artikels, dramas, briewe en romanuittreksels deur C. Louis Leipoldt byeengebring het en die CD-ROM *CJ Langenhoven: 'n versameling* (ContentLot.com, 2002), 'n saambondeling van CJ Langenhoven se *Versamelde werke* en Kannemeyer se biografie *Langenhoven – 'n lewe*, waarvan die teks op skerm leesbaar is. Hierdie 3 bloemlesings kan as literêre omnibusse beskou word.
- 4 bundels wat prosa-, poësie- en dramatekste deur meerdere outeurs versamel (waarvan 2 as eerste uitgawes en 1 as heruitgawe tussen 1991-1998 verskyn het, al 3 is ook herdruk; die 4de bundel is oorspronklik vóór 1990 uitgegee en is daarna herdruk). Hierdie bundels is bedoel vir opleiding in die letterkunde en is gerig op die sekondêre voorskryfmark. 'n Voorbeeld hiervan is *Bladsak: vir seniors* saamgestel deur Lucas Malan (Human & Rousseau, 1996 en 1998) waarin gedigte, kortverhale en eenbedrywe saam met toeligtigstekste, woordverklarings en vrae ingesluit is.
- 5 gesins-omnibusse waarin 'n wye verskeidenheid prosa- en poësietekste (waaronder liefdesverhale, grappe, diereverhale, sketse, mini-essays, speurverhale, humoristiese verhale, gedigte, jeugrillers, kinderverse, bybellimerieke, kortverhale, foto's, resepte, 3D-prente, geestelike prosa en speletjies) versamel is. Hierdie omnibusse is sedert 1999 deur J.P. van der Walt & Seun / LAPA as eerste uitgawes uitgegee en is bedoel as vermaaklike leesstof vir alle lede van 'n gesin, vandaar die titel *Gesins-omnibus* saamgestel deur Maretha Maartens (J.P. van der Walt & Seun, 1999) en *Vakansiepret vir die hele gesin* (LAPA, 2002). Dit is hoofsaaklik versprei by die ATKV-vakansieoorde en was nie in die algemene handel beskikbaar nie. Daar sal na alle waarskynlikheid jaarliks só 'n bundel deur LAPA se redaksie saamgestel word.
- 2 bloemlesings van inspirerende aard wat uit beide kortprosa- en poësietekste van meerdere outeurs saamgestel is; albei verskyn as eerste uitgawes. Beide dié publikasies is rondom 'n sentrale tema saamgestel: *Vrede op aarde: 'n Kersboek vir die hele gesin* byeengebring deur Linda Rode (Tafelberg, 1990) en *Seisoene van genade* deur Salomé Combrink (Baruk, 1991).

Bogenoemde produksiekategorieë toon slegs sporadies produksie gedurende die periode en statisties beduidende tendense is nie afleibaar nie. Wanneer die produksie van al hierdie kategorieë egter gesamentlik per jaar beskou word, val 'n bepaalde patroon op: met die uitsondering van 4 van die 21 publikasies wat in die periode 1990-2005 geproduseer is, het die oorblywende 17 almal sedert 1996 verskyn en veral sedert 1998 toegeneem.

6.14 Groei / inkrimping / diversifikasie van die totale produksieprofiel van die produksielandskap van Afrikaanse fiksie


Ter afsluiting van hierdie hoofstuk word die oorhoofse groei of inkrimping en diversifikasie van die totale produksielandskap in Figure 21 en 22 samevattend aangedui. Die kurwe wat die totale produksie van Afrikaanse fiksie oor die periode 1990-2005 voorstel (Figuur 21 op bladsy 586), dui verskeie stygings en dalings aan. In 1990 en 1992 is die produksie ongeveer konstant, waartussen dit in 1991 'n aansienlike daling beleef. Tussen 1992 en 1994 styg die kurwe stelselmatig. Die aansienlikste styging vind plaas tussen 1994 en 1995 en 1995 staan uit as die hoogtepunt van die kurwe. In 1996 vind die tweede daling plaas en die aansienlikste daling kom voor tussen 1996 en 1997. Daarna styg die kurwe weer en sedert 1998 vind 'n stabilisering van die kurwe rondom die gemiddelde produksie van 300 rekords per jaar plaas (met die geringe dalings in 1999 en 2003 as uitsondering).

Die stygings en die dalings in hierdie oorhoofse kurwe weerspieël in 'n groot mate soortgelyke stygings en dalings in die kurwes van spesifieke produksiekategorieë, soos byvoorbeeld die kurwes van langer prosa, kortprosa en liefdesromans. Soos in talle ander kurwes staan 1995 as 'n kunsmatige hoogtepunt uit. Die dalings in 1996, 1997 en 1999 kom ook in ander kurwes voor en kan direk verbind word met die impak van transformasieverskuiwings op die uitgeesistiem in dieselfde periode. Genoemde verskraalde produksie hang saam met die in duie storting van die eens stabiele voorskryfmark en die besnoeiing van aankope van Afrikaanse fiksie-publikasies volgens die gerasionaliseerde beleid van openbare biblioteke. As gevolg van genoemde transformasieverskuiwings was die produksie van Afrikaanse fiksie sedert die laat 1990's toenemend aangewese op die uitbreiding van die algemene

mark en 'n strewe na kommersiële selfstandigheid binne hierdie mark. Dit het grootskaalse hersiening van uitgewerye se redaksionele beleid geverg en tot rasionalisering in die uitgeweryprofiel gelei (soos bespreek in Hoofstuk 4).

Dit wil voorkom asof die standhoudende produsente 'n strategie gevolg het waarvolgens die klem verskuif het na meer populêre publikasies gerig op die algemene mark. Die aansienlike toename in die aantal liefdesromans en die toename van nuwe drukname vir die produksie hiervan, veral aan die einde van die periode, is tekenend hiervan. In teenstelling met die verhoogde produksie van populêre Afrikaanse fiksie, is daar 'n inkrimping in die aantal (elitistiese) literêre publikasies wat op 'n kleiner mark gerig is (in werklikheid bestaan daar slegs 'n nismark vir hierdie publikasies).

Die uitdaging tot aanpassing binne nuwe markomstandighede wat as gevolg van transformasie voor uitgewerye gelê is, het verrykende gevolge vir fiksieproduksie ingehou. Die eerste sigbaarheid van aanpassings in redaksionele beleid is negatief deur waarnemers ervaar en het tot kommer oor die voortbestaan van die Afrikaanse fiksieboek in die algemeen, en literêre fiksie spesifiek, gelei. Die stabilisering van die kurwe aan die einde van die periode wys egter op die aanpassingsvermoë van die produksielandskap. Die stabilisering van die kurwe na ongeveer 300 Afrikaanse fiksietitels per jaar in die post-2000 periode, dui daarop dat hierdie produksielandskap wel daarin geslaag het om (gedeeltelik) na kommersiële onafhanklikheid te transformeer. Teen 2005 is die omvangrykste aanpassing met betrekking tot produksie in 'n nuwe markomgewing waarskynlik reeds geïmplementeer en die stabilisering van die kurwe dui 'n relatiewe standvastigheid en belofte vir voortgesette produksie (en selfs moontlike groei) van die produksielandskap aan. Die oorhoofse kurwe in Figuur 21 sluit met slegs 17 rekords minder in 2005 as waarmee dit in 1990 geopen het. Binne hierdie nuutgevonde onafhanklikheid (produksie gerig op die algemene mark en nie langer aanwesig op substansiële voorskryf- en biblioteekaankope nie), wil dit voorkom of standhoudende produsente 'n strategie volg om wel deur voortgesette produksie sekere literêre produksiekategorieë in stand te hou.




Figuur 21: Totale produksie van Afrikaanse fiksie oor die periode 1990-2005

Groei of inkrimping kan nie slegs gemeet word aan die aantal titels wat per jaar in verskeie produksiekategorieë geproduseer word nie. Die mate waartoe die totale produksielandskap gedurende die periode gediversifiseer het, is 'n verdere aanduiding van groei of inkrimping. Soos afgelei kan word uit Figuur 22 op bladsy 589, het die totale produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 wel gediversifiseer en is hierdie produksielandskap besonder gevarieerd. Die produksielandskap van Afrikaanse fiksie kan veral as divers en gevarieerd beskou word wanneer dit vergelyk word met die produksielandskappe van ander kategorieë van inheemse plaaslike fiksieproduksie (veral gedurende die 1990's), soos Suid-Afrikaanse Engelse fiksie en fiksie in Afrikatale (vergelyk Galloway, 2002a:204-225).

Beide laasgenoemde produksielandskappe toon nie naastenby dieselfde mate van diversifikasie as wat aanwesig is by Afrikaanse fiksieproduksie nie. Tot onlangs het daar byvoorbeeld nooit 'n beduidende produksiekategorie van plaaslik geproduseerde populêre Engelse fiksie ontwikkel nie, waarskynlik omdat internasionale populêre Engelse fiksie so geredelik, selfs toenemend, in plaaslike boekwinkels beskikbaar is. Plaaslike produksie van Suid-Afrikaanse Engelse fiksie toon egter in die post-2000 periode innoverende groeipunte met die totstandkoming van nuwe gespesialiseerde drukname en uitgee inisiatiewe (vergelyk byvoorbeeld die insiggewende artikel deur Rutter, 2006). Voorbeelde hiervan sluit in Random House se druknaam Umuzi; Struik se druknaam Oshun Books, wat spesifiek op fiksie deur vroueskrywers fokus; Juta se druknaam Double Storey; en Picador se druknaam Picador Africa; asook langer gevestigde uitgewerye / drukname soos Jacana, New Africa Books, Kwela en Zebra. 'n Volledige kartering van die produksielandskap van Suid-Afrikaanse Engelse fiksie behoort egter nog onderneem te word. Die ontwikkeling van plaaslike fiksieproduksie in Afrikatale, gerig op die algemene volwasse mark, bly steeds prekêr, waarskynlik as gevolg van die hoë vlakke van ongeletterdheid, die druk waaronder die inheemse tale is en die gepaardgaande grootskaalse afwesigheid van daadwerklike inisiatiewe vir die ontwikkeling van die Afrikatale en die afwesigheid van voldoende intervensie deur die regering om produksie van fiksie in Afrikatale aan te moedig.

Figuur 22 dui aan dat die produksielandskap van Afrikaanse fiksie grotendeels uit populêre fiksie (75,41%) bestaan, terwyl literêre fiksie slegs sowat 'n kwart (24,59%) van die landskap uitmaak. Dit is veral die ongelyke verdeling tussen romantiese fiksie (62,56%) en die ander oorhoofse produksiekategorieë (slegs 37,44% in totaal) wat opvallend is. Met die bywerking van produksiedata vir die periode 2004-2005, het dit duidelik geblyk dat die produksieaandeel van romantiese prosa aan die totale produksielandskap toegeneem het met 1,64%. 'n Vergelyking met 'n soortgelyke grafiek wat diversifikasie in die produksieaandeel vir die periode 1990-2003 illustreer, toon aan dat alle ander oorhoofse produksiekategorieë se aandeel in 'n geringe mate gekrimp het (met 1,64% in totaal). Slegs poësieproduksie het met 0,44% gegroei. Hoewel die aantal rekords van ook ander kategorieë gedurende spesifiek die periode 2004-2005 verhoog het (soos literêre langer prosa en kortprosa, humoristiese kortprosa, drama en poësie), bly die toenemende ongelyke verhouding van ander kategorieë met romantiese prosa in 'n mate kommerwekkend. Dit voorspel 'n groter uitdaging vir die instandhouding van literêre fiksieproduksie gerig op nismarkte, veral deur onafhanklike produsente. Dit wil voorkom asof poësieproduksie, as nismarkpublikasies, nie in só 'n mate onder druk verkeer as wat onlangse debatte dit wou hê nie – poësieproduksie word deur verskeie produksiekanale wel nog in stand gehou. Grootskaalse inkrimping het voorgekom by dramaproduksie totdat 'n mate van intervensie aan die einde van die periode plaasgevind het deur die toetrede van 'n aantal onafhanklike produsente. Die totale produksie van verskeie prosakategorieë (behalwe van liefdesromans) het skerp ingekrimp en 'n algemene verskuiwing na meer populêre vorme van kortprosa publikasies is duidelik. Die oorhoofse inkrimping in spesifiek kortverhaalbundels en ander kortprosatitels, inspirerende prosa en riller- / spannings- / speurromans is die mees kommerwekkende produksiepatroon en behoort (dalk eerder as poësieproduksie) meer aandag in die openbare diskoers te kry.

Produksieaandeel van die 11 oorhoofse produksiekategorieë tot die totale produksielandskap
(aanduiding van diversifikasie gedurende die periode 1990-2005 – uitgedruk as %)



Figuur 22: Diversifikasie in die totale produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005

Soos afgelei kan word uit die bespreking van die verskeie produksiekategorieë in hierdie hoofstuk, is die groei of inkrimping van die totale produksieprofiel van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 'n komplekse aangeleentheid. Sommige produksiekategorieë het inderdaad ingekrimp gedurende hierdie periode, terwyl ander weer gegroei het. Verdere analyses van die produksiepatrone van die onderskeie produksiekategorieë (én die effek wat transformasieverskuiwings binne die uitgesisteem op die produksielandskap en produsentelandskap gehad het en verder sal hê) behoort in toekomstige gefokusde ondersoeke onderneem te word. Deur die instandhouding van die PDAF en voortdurende monitering van toekomstige produksiepatrone sal die produksielandskap van Afrikaanse fiksie op deurlopende wyse statisties gekarteer kan word. Daardeur sal die materiële produksie van Afrikaanse fiksie op die langtermyn in al hoe groter detail beskryf en ontleed kan word en tot vrugbare ondersoekmoontlikhede oor byvoorbeeld ook die verband tussen materiële en simboliese produksie kan lei.

Hoofstuk 7

Samevatting van bevindinge, toekomstige navorsing en slotperspektief

7.1 Inleiding

Met hierdie studie is gepoog om 'n begin te maak met die kartering van die breë kontoere van die produksielandskap en produsentelandskap waarbinne Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 geproduseer is. Dit het 'n besondere uitdaging gestel omdat daar nog nie vantevore 'n ondersoek na Afrikaanse fiksie vanuit die perspektief van die produksie of uitgee daarvan onderneem is nie. Omdat geen soortgelyke studie bestaan nie, het die navorsing op 'n nuwe terrein beweeg en is daar gepoog om 'n nuwe navorsingsinvalshoek te bied. In hierdie hoofstuk word die navorsingsverslag afgesluit met 'n samevatting van die bevindinge waartoe gekom is, toekomstige navorsing word aangedui en 'n slotperspektief word gestel.

7.2 Samevatting van bevindinge

In Hoofstuk 1 is 'n inleiding tot en oriëntering ten opsigte van die doel en onderwerp van die ondersoek gegee, naamlik om 'n empiriese ondersoek na die produksie van Afrikaanse fiksie (met klem op die materiële produksie) te onderneem deur die impak van transformasie op hierdie produksiekategorie deur 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing aan te toon. Die ondersoek is geïmplementeer teen die agtergrond van die breë sosio-politieke transformasie van die Suid-Afrikaanse samelewing sedert 1990 en die noodwendige vergestaltung daarvan in die transformasie van die ekonomiese en tegnologiese kontekste van die samelewing asook die media-, kultuur-, literatuur-, onderwys- en biblioteeksubstelsies waarmee die produksie van Afrikaanse fiksie in interaksie verkeer. Die uitdaging is gestel om 'n wetenskaplik-geïmplementeerde verslag daar te stel wat as basis kan dien vir debat oor die oënskynlike agteruitgang van Afrikaanse fiksieproduksie (teen die agtergrond van soortgelyke debatte oor die marginalisering van die Afrikaanse taal se funksies en uitdrukkingsmoontlikhede). 'n Verdere uitdaging was dat die werklike groei of inkrimping in die produksie van Afrikaanse fiksie in dié navorsingsverslag op

statisties-kwantitatiewe wyse bepaal moes word; én dat die konteks waarbinne transformasie plaasgevind het op kwalitatiewe wyse verreken moes word. Die navorsingsontwerp, afbakening van die navorsing, die wetenskaplike bydrae en relevansie van die ondersoek en 'n oorsig oor die ontplooiing van die navorsing is uitgestippel.

Die ondersoek is verdeel in twee komponente: (i) 'n kontekstueel-deskriptiewe komponent waarin die konteks waarbinne Afrikaanse fiksieproduksie plaasvind deur middel van kwalitatiewe navorsing beskryf is, deur die kartering van die impak van transformasieverskuiwings op die produksielandskap en produsentelandskap (Hoofstukke 2, 3 en 4); en (ii) 'n statisties-empiriese komponent waarin statistiese patrone van Afrikaanse fiksieproduksie deur kwantitatiewe navorsingsmetodes nagevors, beskryf en ontleed is (Hoofstukke 5 en 6).

In Hoofstuk 2 is 'n kort oorsig gegee van die ontwikkeling van die literatuurwetenskap en daar is, vir die doeleindes van hierdie studie, aangesluit by die sosiologiese en institusionele benadering tot die empiriese literatuurwetenskap. Binne die kader van die empiriese literatuurwetenskap is die ondersoek geposisioneer in die ontwikkelende toepassingsterrein van uitgewery-ondersoek. Vir hierdie toepassing is die polisisteamteorie van Itamar Even-Zohar en die teorie oor die veld van kulturele produksie van Pierre Bourdieu as metodologiese raamwerk benut. Met behulp van hierdie teoretiese vertrekpunte is 'n nuwe model ontwikkel wat as metodologiese instrument vir die kontekstueel-deskriptiewe komponent van die ondersoek kon dien. Volgens die gekose benadering word boekproduksie as 'n sisteem beskou waarin die intersistemiese verbande tussen boekproduksie en verbandhoudende kontekste en subsysteme 'n abstrakte rekonstruksie is van die totale omgewing waarbinne dié produksie plaasvind en waardeur dit gereguleer word. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die ontwikkelde model van die uitgesisteam as 'n nuttige instrument kon dien aan die hand waarvan die impak van transformasie op boekproduksie (spesifiek Afrikaanse fiksieproduksie) beskryf en gekarteer kon word.

Die generiese model van die uitgesisteam is in Hoofstuk 3 aangepas en ingevul om die impak van transformasie op spesifiek Afrikaanse fiksieproduksie skematies voor te stel. Die aangepaste model was 'n nuttige (of bruikbare) metodologiese instrument

waarmee 'n sisteembeskrywing van 'n diachroniese snit van die produksielandskap van Afrikaanse fiksieproduksie gedurende die periode 1990-2005 onderneem kon word. Die impak van transformasie op die produksie van Afrikaanse fiksie is na aanleiding van die model beskryf en die talle intersistemiese verbande tussen (i) boekproduksie as institusie in die kern van die uitgesisteem; (ii) die institusionele kontekste waarmee boekproduksie in interaksie verkeer (die media-, kultuur-, literatuur-, onderwys- en biblioteeksubstels); en (iii) die breër maatskaplike kontekste waarbinne die uitgesisteem ingebed is (die politieke, ekonomiese en tegnologiese kontekste); is beskryf. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat transformasie 'n komplekse en uiteenlopende invloed uitgeoefen het op die produksielandskap van Afrikaanse fiksie en dat dit tot talle verskuiwings in die uitgesisteem gelei het (en ook op rolspelers en hulle funksies binne dié sisteem geïmpakteer het).

Opsommend kan gesê word dat Afrikaanse fiksieproduksie meer uitdagend geraak het gedurende die periode wat in hierdie ondersoek toegelig word. Voormalige institusionele bevoordeling deur substansiële staatsondersteuning (veral stewige aankope van skoolboeke en biblioteekvoorraad) het met rasse skrede verminder. Die Afrikaanse uitgewerybedryf was vinnig en onverwags in 'n situasie gedompel waarbinne dit na ekonomiese onafhanklikheid van gevestigde institusies moes transformeer. Die mate waarin die produksie van Afrikaanse fiksie skielik aangewese geraak het op die algemene mark, het parallel plaasgevind met verskuiwings in die klimaat waarin die kulturele nut en status van die fiksieboek as kultuurprodukt (wat meeding met ander kultuurprodukte en media) onder druk gekom het. Verskuiwings in die politieke konteks het die einde van sensuur tot gevolg gehad wat bevrydend ingewerk het op die soort Afrikaanse fiksie wat uitgegee kon word. Maar politieke transformasie na 'n demokratiese bestel het omvangryke omwenteling veroorsaak waarvan die somtotaal 'n negatiewe effek op boekproduksie gehad het – hoofsaaklik as gevolg van die genoemde grootskaalse afskaling in staatsondersteuning. Die afwesigheid van 'n nasionale boekontwikkelingsbeleid en hoë vlakke van ongeletterdheid het 'n verdere negatiewe effek op boekproduksie. Transformasie in die ekonomiese konteks (grotendeels meegebring deur die verband met politieke transformasie) het op die korttermyn gesorg vir (soms ongemaklike) aanpassing in die uitgesisteem; op die langtermyn behoort hierdie aanpassing egter vrugte af te werp indien die

uitgeesisteesem daarin slaag om na kommersiële onafhanklikheid te transformeer. Transformasie in die tegnologiese konteks het oor die algemeen die produksie van Afrikaanse fiksie vergemaklik en ook ’n positiewe invloed uitgeoefen op die bemerking, verspreiding en aflewering van fiksieboeke. Die aanvanklike beskouing dat elektroniese formate ’n bedreiging vir die voortbestaan van fiksieboeke in gedrukte-formaat inhou, blyk (voorlopig) ongeldig te wees.

In Hoofstuk 4 is gefokus op die impak van transformasieverskuiwings op die produsentelandskap van Afrikaanse fiksie en die beskikbare produsente (die verskillende uitgewerye en andersoortige produsente) wat bydra tot dié landskap. Vir hierdie doel is ’n tipologie van soorte uitgewerye / produsente (produsentekategorieë) ontwerp wat bruikbaar was. Ekonomiese transformasie het aanleiding gegee tot grootskaalse verskuiwings in terme van konglomeraatvorming, samesmelting, oornames en sluiting van uitgewerye. Slegs een groot uitgewery wat deel vorm van ’n mediamaatenskap, NB-Uitgewers, wat ’n standhoudende bydrae tot Afrikaanse fiksieproduksie lewer, het aan die einde van die periode oorgebly; terwyl produksie deur twee voormalig standhoudende produsente in hierdie produsentekategorie, naamlik Perskor en HAUM-Literêr, gestaak is. Daar was ook verliese aan onafhanklike uitgewerye wat voorheen ’n standhoudende bydrae tot die produksie van “populêre” fiksie gelewer het: Daan Retief / Kennis Onbeperk en Makro Boeke / Benedic Boeke. Een van die belangrikste produsente van “populêre” fiksie, LAPA, het staande gebly en gegroei. Jacklin Enterprises het bygekom as ’n standhoudende produsent van spesifiek vertaalde liefdesromans in grootdruk-formaat. Een van die belangrikste winste vir die produsentelandskap van “literêre” fiksie was die ontstaan van Protea Boekhuis. ’n Hele aantal kleinskaalse onafhanklike eenman-uitgewerye, wat op die produksie van nismarkfiksie fokus, het ontstaan, maar hulle produksiebydrae was tot nou toe beperk. Slegs sommige onafhanklike uitgewerye in hierdie kategorie, naamlik Bent, Genugtig!, Hemel & See en Praag, toon belofte vir volhoubare standhoudendheid en groei. Politieke transformasie het daartoe gelei dat voormalige onafhanklike alternatiewe uitgewerye dormant geraak het of opgehou het om te bestaan. Outeurs wat hulle eie publikasies self-uitgee, het relatief konstant gebly, hoewel meer digters begin het om hulle eie digbundels uit te gee. ’n Aantal kleinskaalse onafhanklike uitgewerye het begin om redaksionele dienste aan skrywers te bied – die impak hiervan op fiksieproduksie was tot dusver gering. Die somtotaal is

dat daar veel minder produsente in die produsentelandskap, wat 'n standhoudende produksiebydrae kan lewer, aan die einde van die periode bestaan as aan die begin daarvan.

As teoretiese vertrekpunte vir die statisties-empiriese komponent van die ondersoek is daar in Hoofstuk 5 aangesluit by 'n spesifieke toepassingsterrein van boekstudie, naamlik die epistemologie van produksiestatistiek. 'n Ondersoek is onderneem na oorkoepelende bronne met inligting oor produksiestatistiek van Afrikaanse fiksieproduksie en daar is tot die gevolgtrekking gekom dat geen van die beskikbare bronne as 'n geldige oorkoepelende en volledige bron beskou kan word nie. Na aanleiding van dié gevolgtrekking is die beskikbare bronne benut om die *Produkiedatabasis van Afrikaanse Fiksie* (PDAF) te ontwikkel. 'n Tipologie van soorte publikasies (produksiekategorieë) is ontwikkel en het geblyk nuttig te wees vir die kategorisering van die groot aantal rekords in onderskeibare wyer en dieper produksiekategorieë ten einde produksiepatrone te bepaal. Die data in die PDAF is benut om twee profiele te rekonstrueer waardeur kwantitatiewe produksiepatrone bepaal kon word: (i) die produksieprofiel as statistiese kartering van die produksielandskap; en (ii) die uitgeweryprofiel as statistiese kartering van die produsentelandskap (die moontlikheid van ander profiele wat uit die PDAF gerekonstrueer kan word, is in 5.7.4. aangedui). Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die ontwerpte databasis (en die produksieprofiel en uitgeweryprofiel wat daaruit gerekonstrueer is) en tipologie as nuttige metodologiese instrumente vir die bepaling van statistiese produksiepatrone beskou kan word.

In Hoofstuk 6 is die resultate van die statisties-empiriese komponent van die ondersoek aangebied en produksiepatrone is geanaliseer. Waar van toepassing, is die verband tussen die kwalitatiewe kartering van die impak van transformasieverskuiwings (op die produksielandskap en produsentelandskap) en die kwantitatiewe kartering van produksiepatrone (in die produksieprofiel en uitgeweryprofiel) op eksemplariese wyse aangetoon. Die groei of inkrimping van die totale produksieprofiel is besonder kompleks: sommige produksiekategorieë en subkategorieë toon inderdaad groei oor die periode, terwyl ander kategorieë weer ingekrimp het. Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat Afrikaanse fiksieproduksie oor die algemeen in 'n groot mate gediversifiseer het gedurende die periode 1990-2005 en dat

produksie in 'n wye verskeidenheid produksiekategorieë plaasvind. 'n Verblydende produksiepatroon is die stabilisering van die oorhoofse kurwe aan die einde van die periode, wat daarop dui dat die produksie van Afrikaanse fiksie waarskynlik die grootste aanpassing (as gevolg van die indringende transformasieverskuiwings) reeds gemaak én oorleef het. Die grootskaalse ongelyke verhouding tussen sogenaamde “populêre” en “literêre” fiksie in die algemeen, en spesifiek tussen romantiese fiksie en die totaal van die ander produksiekategorieë, is aan die toeneem – 'n tendens wat kommerwekkend is vir die groei van literêre fiksie (veral publikasies gerig op nismarkte). Standhoudendheid en volhoubare groei van literêre fiksie is nie 'n gegewe nie en die uitdaging, vir veral onafhanklike produsente (hopelik deur middel van meer finansiële steun deur beide die openbare en privaatsektor), om literêre fiksieproduksie in stand te hou en verder te ontwikkel, is omvangryk.

7.3 Toekomstige navorsing

In die verloop van die navorsingsproses het die navorser ontdek dat daar 'n rykdom van navorsingstemas bestaan wat vanuit hierdie voorheen onontginde perspektief van boekstudie en uitgewery-ondersoek ondersoek kan word deur toekomstige navorsing. Dit geld nie net boekstudienavorsing oor die Afrikaanse letterkunde as toepassings-terrein nie, maar ook ondersoeke na ander produksiekategorieë, insluitend opvoedkundige publikasies (skoolboeke), akademiese publikasies en andertalige fiksiepublikasies. Sonder om die wetenskaplike bydrae van dié studie te oorskot, lê dit 'n basis vir toekomstige navorsers wat op soek is na 'n metodologiese raamwerk waarbinne boekstudie en uitgewery-ondersoek vanuit 'n produksie-perspektief onderneem kan word. Die generiese model van die uitgesisteem en die ander metodologiese instrumente wat vir hierdie ondersoek ontwikkel is (die tipologieë en die metodiek vir die insameling, herverpakking, verifiëring en beskikbaarmaking van produksiestatistiek), kan aangepas en benut word vir ander uitgewery-ondersoeke. In hierdie afdeling word enkele toekomstige navorsingstemas belig en voorstelle word gemaak vir die instandhouding van navorsing oor die produksie van Afrikaanse fiksie.

Hoewel die produksie van Afrikaanse fiksie binne die totale uitgesisteem gekontekstualiseer is, is hierdie ondersoek, wat die empiriese toepassing daarvan betref, afgebaken deur hoofsaaklik te fokus op produksie as één fase van boekproduksie as

institusie. Empiriese ondersoek behoort ook onderneem te word na die ander fases van boekproduksie:

- Binne die genereringsfase kan die verskillende wyses waarvolgens fiksiepublikasies gegenerer word (as ongewerfde of gewerfde manuskrip) empiries nagevors word. Ondersoek na die impak van literêre pryse en wedstryde op die generering van manuskripte kan ook tot interessante navorsing lei. Produksiepatrone van vertaalde publikasies (uit Afrikaans) as 'n alternatiewe vorm van generering (in teenstelling met die generering van oorspronklike fiksie wat in dié ondersoek nagevors is) behoort ook empiries ondersoek te word.
- Binne die produksiefase behoort empiriese navorsing ook oor die rolspelers (en die funksies wat hulle verrig) wat betrokke is by redaksionele versorging, ontwerp, reproduksie en druk onderneem te word. Wat die redaksionele versorging van publikasies betref, is daar nog nie genoegsaam aandag gegee aan navorsing oor manuskripvariante (sogenaamde edisiewetenskap of edisietegniek – vergelyk Van Coller & Teise, 2004:49-86 en Kannemeyer, 2004c:30-48) en die rol van die taalredigeerder in die afronding van fiksiepublikasies nie. Interessante gevallestudies oor spesifieke manuskripte of spesifieke outeurs kan onderneem word. Daar bestaan 'n groot hiaat aan navorsing oor die visuele aanbieding en grafiese ontwerp van fiksiepublikasies. Ondersoek kan onderneem word na boekontwerp en die toepassing van verskeie visuele style op spesifieke produksiekategorieë van fiksiepublikasies (dit kan beide historiese en eietydse navorsing betrek, waarin die ontwikkeling van plaaslike boekontwerp en die gebruik van eietydse ontwerpstyle, onderskeidelik, nagegaan word). 'n Volledige oorsigtelike ondersoek na plaaslike reproduksie en druk (en veral die impak van tegnologiese ontwikkeling hierop) is nog nie onderneem nie.
- Binne die bemarkings-, verspreidings- en afleweringfases bestaan daar 'n ernstige tekort aan empiriese navorsing oor die bemarking, verspreiding en aflewering van fiksieboeke, beide wat historiese navorsing en die bepaling van eietydse tendense betref. Empiriese ondersoek na die effektiwiteit van bemarking- en verspreidingskanale behoort onderneem te word waardeur nuwe en innoverende wyses vir boekbemarking en die bemarking van lees as aktiwiteit ontgin kan word. Die impak en doeltreffendheid van verskeie soorte

verspreidingskanale (soos direkte verspreiding deur boekklubs, die tradisionele boekhandel deur boekwinkels en elektroniese boekhandel) moet nog empiries nagevors word. In 'n histories-georiënteerde ondersoek kan die rol van Leserskring in die ontwikkeling van die plaaslike boekmark nagespeur word.

- Binne die verbruik- en terugvoerfase behoort statisties-empiriese navorsing oor boekverkope en die aard en omvang van die boekmark onderneem te word. Buiten resepsiestudies van spesifieke publikasies, kan breër koop- en leespatrone nagevors word. Daar bestaan 'n ernstige tekort aan empiriese navorsing oor lesersprofiel. Daar is reeds 'n begin gemaak met empiriese navorsing oor die eietydse lesersprofiel van liefdesromanlesers deur die bepaling van die profiel van lesers van Jasmyn-liefdesromans (vergelyk De Jager, 2004), asook die empiriese navorsing deur Maritha Snyman oor die leesvoorkeure en leesgedrag van Afrikaanse kinders (sien 3.3.2.3). Soortgelyke navorsing oor die lesersprofiel van ook ander produksiekategorieë behoort onderneem te word.

Verdere uitdagings vir toekomstige navorsing oor die produksie van Afrikaanse fiksie binne die uitgesisteam, is om spesifieke verbande tussen boekproduksie as institusie en die subsisteme in beide die institusionele konteks en breër maatskaplike konteks, na te gaan. Die volgende empiriese ondersoeke na verskuiwings in subsisteme kan onderneem word:

- Die verband tussen boekproduksie en ander mediabedrywe (die koerantwese, tydskrifwese, radio, televisie en elektroniese media) in terme van hoe hierdie bedrywe as bemarkingskanaal vir boeke benut word en die mate van interaksie tussen die produkte van hierdie verskeie bedrywe, behoort in gefokusde ondersoeke nagevors te word.
- Die verhouding tussen die verskillende kulturele bedrywe (die boekuitgewerybedryf, teaterbedryf en musiekbedryf) en die wyse waarop polities-ekonomies-tegnologiese en sosio-kulturele of institusionele transformasie op dié verhouding impakteer, behoort aandag te kry. 'n Studie wat kultuur-sosiologies georiënteerd is, behoort onderneem te word na die heersende kulturele klimaat en die effek daarvan op die posisie van boeke as kultuurprodukte en lees as kulturele aktiwiteit. Verdere ondersoeke na

innoverende wyses vir die bevordering van 'n leeskuiluur en boekkuiluur as ontwikkelingsstrategie vir die boekuitgewerybedryf en die totstandkoming en implementering van 'n nasionale boekontwikkelingsbeleid is van kardinale belang.

- Hierdie ondersoek het kwantitatiewe produksiestatistiek oor die Afrikaanse letterkunde beskikbaar gemaak. In toekomstige literatuurwetenskaplike ondersoeke (soos teksstudies) behoort meer aandag aan die rol van die uitgewery as institusie in die uitgesisteem gegee te word. Die beskikbare produksiestatistiek kan nuttig in teksstudies gebruik word om die ontwikkeling van spesifieke produksiekategorieë aan te toon. Die teks-eksterne faktore waarop klem gelê is, kan as kontekstuele agtergrond in literatuurwetenskaplike ondersoeke na teks-interne faktore benut word. In toekomstige literatuurgeskiedenis behoort ook meer aandag aan die materiële aspekte van die letterkunde, spesifiek boekproduksie, geskenk te word. Boekproduksie behoort ook in toekomstige navorsing in verband gebring te word met kanonvorming, kanonbestendiging en die rol en impak van literatuuropvattings. Die rol wat uitgewers vertolk as hekwagters en as agente in prosesse van kanonisering (asook die impak van hul literatuuropvattings op uitgeebeslissings) behoort empiries nagevors te word. Deur ondersoeke van hierdie aard kan die verbande tussen materiële en simboliese produksie verder nagevors word.
- Die impak van transformasie in die onderwyssubstisteem (wat die invoering van uitkomsgebaseerde onderwys en verskraling in staatsaankope van skoolboeke betref) op die produksie van Afrikaanse fiksie, moet empiries nagevors word deur voorskryflyste op 'n statistiese wyse in verband te bring met produksiepatrone van spesifieke produksiekategorieë. Eweneens behoort die impak van verskuiwings in die beleid vir hoër onderwys en die afskaling van Afrikaans as onderrigmedium op tersiêre vlak op boekproduksie statisties-empiries nagevors te word. As gevolg van die grootskaalse impak van die onderwyssubstisteem op die plaaslike uitgewerybedryf, behoort hierdie verhouding deur deurlopende navorsing gemonitor te word. Sommige waarnemers is van mening dat 'n radikale inkrimping van die uitgewerybedryf kan plaasvind nadat die finale fase van uitkomsgebaseerde onderwys ingevoer is (in 2008). Die toekomstige impak van verskuiwings in die onderwys-

subsisteem op die uitgewerybedryf behoort deur empiriese navorsing gekarteer te word.

- Toekomstige navorsing behoort ook onderneem te word na die verband tussen die biblioteeksubsisteem en boekproduksie – veral wat die impak van verskraalde biblioteekaankope en die veranderde fokus van openbare biblioteke op boekproduksie betref.
- Navorsing oor die effek van politieke transformasie op die uitgee van Afrikaanse fiksie moet nog onderneem word. Hierin kan die impak van nuwe wetgewing, die konteks van 'n multikulturele en multitalige samelewing, regs- en etiese aspekte soos intellektuele eiendomsreg, outeursreg en plagiaat, en die rol van regeringsdepartemente en die privaatsektor aangespreek word.
- 'n Studie wat ekonomies en finansiële georiënteerd is, kan onderneem word na die impak van ekonomiese verandering op boekproduksie in die algemeen, en spesifiek op die produksie van Afrikaanse fiksie.
- 'n Volledige ondersoek na die impak van tegnologiese ontwikkeling op die verskeie fases van boekproduksie is nog nie binne die plaaslike konteks onderneem nie. Die rol van tegnologiese hulpmiddels in boekproduksie (soos byvoorbeeld verskeie sagteware en reproduksie- en druktegnologie) as agente van transformasie, behoort nagevors te word.

Daar is reeds met Hoofstuk 4 van hierdie studie 'n begin gemaak met die skryf van 'n beknopte uitgewerygeskiedenis waarin die verskuiwings in die geskiedenis van uitgewerye by wyse van oorsigtelike profiele gekarteer is. Navorsing met die doel om die volledige uitgewerygeskiedenis van spesifieke uitgewerye te skryf, moet egter nog onderneem word. Soortgelyk hieraan, behoort empiriese gevallestudies na die uitgegeskiedenis van spesifieke outeurs en hulle oeuvres onderneem te word. Die skrywer-uitgewer verhouding is één aspek wat in sulke studies aandag verdien. Gefokusde onderhoude, waardeur kwalitatiewe data oor boekgeskiedenis ingewin word, behoort betyds met afgetrede uitgewers (en ander rolspelers) gevoer te word. Sodanige onderhoude kan 'n onskatbare bron van inligting wees by die onderneming van toekomstige navorsing oor die geskiedenis van boekproduksie tydens vorige periodes.

Die doel van hierdie ondersoek was om die breë kontoere van die produksielandskap en produsentelandskap te karteer by wyse van empiriese kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing. Hiermee is daar 'n raamwerk gestel vir 'n oorkoepelende navorsingsprogram oor die produksie van Afrikaanse fiksie. Binne só program kan gefokusde studies onderneem word na die verband tussen produksiepatrone in spesifieke produksiekategorieë en verskuiwings in die onderskeie subsysteme van die uitgesistees wat op sodanige produksiekategorieë 'n invloed uitoefen. Die uitdaging is om by wyse van opvolgstudies die kontoere in meer diepte te karteer en die bepaalde oorhoofse produksiepatrone verder te analiseer. Die onderneming van fokusgroep-navorsing waarin 'n verskeidenheid rolspelers in die boekuitgewery- en boekhandelbedryf by die analise en interpretasie van spesifieke produksiepatrone betrek word, sal van besondere waarde wees. Gefokusde gevallestudies oor die produksie van spesifieke produksiekategorieë kan saamgevoeg word om 'n eietydse geskiedenis van die Afrikaanse fiksieboek te vorm. Soortgelyk hieraan kan daar ook historiese navorsing oor die produksie van Afrikaanse fiksie (én ander produksiekategorieë) in vorige periodes onderneem word, waarin ook aspekte soos die generering, bemarking, verspreiding, verkoop en verbruik daarvan (al die aspekte van die uitgewaardeketting) in ag geneem kan word.

Dit is van groot belang dat empiriese navorsing oor toekomstige boekproduksie (van spesifiek Afrikaanse fiksieboeke, maar ook van ander produksiekategorieë) binne 'n oorkoepelende navorsingsprogram in stand gehou word. Daarom word aanbeveel dat 'n navorsingsfokus op boekproduksie binne 'n interdisiplinêre en interinstitusionele navorsingsprogram ingebou word. Die navorsingsprogram in Uitgewerswese in die Departement Inligtingkunde aan die Universiteit van Pretoria is reeds gevestig met betrekking tot empiriese navorsing oor boekproduksie en die kartering van die aard en omvang van die Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf (sien 5.3), en die voorgestelde navorsingsfokus sal by dié navorsingsprogram inpas. Daar bestaan ook reeds 'n interinstitusionele Nasionale Navorsing Stigting (NRF)-gesteunde fokusareaprojek vir boekstudienavorsing onder leiding van Prof. Archie Dick, Dr. Francis Galloway en Prof. Isabel Hofmeyr (sien 2.5). Die voorgestelde navorsingsfokus op Afrikaanse fiksieproduksie sluit aan by hierdie navorsingsprojek en sal binne die subprojek oor produksietendense deel daarvan vorm.

As metodologiese instrument vir die voorgestelde navorsingsfokus, behoort die PDAF vir die periode ná 2005 voortdurend opgedateer te word en deurlopend in stand gehou word. Die PDAF bestaan tans in 'n prototipe formaat sonder 'n koppelvlak en is dus nie vir ander navorsers toeganklik nie. Dit sal volgens spesifieke programmeringsreëls herverpak word, 'n gebruikerskoppelvlak sal ontwikkel word en dit sal aan geïnteresseerde navorsers beskikbaar gemaak word. Met hierdie ondersoek is reeds 'n kommunikasienetwerk tussen die navorser en uitgewerye gevestig waarvolgens katalogusse, nuusbriewe en ander inligting oor nuwe titels op 'n deurlopende basis aan die navorser gestuur word. Dié kommunikasie behoort verder ontwikkel te word sodat inligting op 'n deurlopende basis elektronies versend kan word, soos wat nuwe titels geproduseer word. Op soortgelyke wyse sal die *Produksie Tendensedatabasis* (PTD), wat alle Suid-Afrikaanse boekpublikasies insluit, op 'n deurlopende wyse opgedateer word. Dit sal die insameling en verifiëring van data aansienlik vergemaklik. Die samewerkingsverhouding waarvolgens die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (NLSA) en die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) inligting oor publikasies in hulle onderskeie katalogusse deel, is ook reeds gevestig en sal in stand gehou word.

'n Omvangryke hoeveelheid bronnemateriaal (insluitend boeke, koerantknipsels, artikels, video- en klankmateriaal en elektroniese bronne) oor transformasieverskuiwings in die Suid-Afrikaanse en Afrikaanse boekuitgewerybedryf is vir hierdie ondersoek versamel. Hierdie bronnemateriaal sal as 'n toekomstige projek gekategoriseer en geargiveer word, en dié argief behoort in stand gehou te word deur die insameling en kategorisering van nuwe bronnemateriaal. Dit kan dien as 'n databasis van bronnemateriaal vir kwalitatiewe navorsing oor tendense in die Suid-Afrikaanse boekuitgewerybedryf, en dit kan sáám die kwantitatiewe databasis van boekproduksie (die PTD en die PDAF as onderafdeling daarvan) geldige bronne vir navorsing oor boekstudie en uitgewery-ondersoek vorm.

7.4 Slotperspektief

Met hierdie ondersoek is die fondament gelê vir die empiriese kartering van die (materiële) produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005. Ter bereiking van hierdie doel is verskeie metodologiese instrumente ontwikkel, insluitend 'n model van die uitgesisteem, 'n tipologie van produsentekategorieë, 'n databasis as bron van produksiestatistiek en 'n kategoriseringstelsel van produksiekategorieë. Hierdie metodologiese instrumente is beproef in hierdie ondersoek en kan as bruikbare instrumente beskou word vir die empiriese kartering van Afrikaanse fiksieproduksie.

Ten spyte van die omvangryke en grootskaalse effekte van transformasie op die produksie van Afrikaanse fiksie, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die verskuiwings en regstellings in die uitgesisteem op die lang termyn sal lei tot stabiele onafhanklikheid, én die voortbestaan en moontlike groei van 'n diverse produksielandskap. Soos aan die begin van die 1990's, verteenwoordig die produksie van Afrikaanse fiksie steeds teen 2005 die sterkste, mees geskakeerde en ontwikkelde plaaslike tradisie van fiksieproduksie. Hierdie posisie behoort egter deur strategiese, innoverende en volhoubare produksie beskerm en uitgebou te word.

Dit is voortydig om óf 'n naderende dood óf 'n bloeityd te voorspel. Die produksie van Afrikaanse fiksie verkeer tans steeds in 'n oorgangsperiode. Niks keer egter uitgewers, skrywers en lesers om saam te werk, groot en nuut te dink oor Afrikaanse fiksieboeke, én dit verder te ontwikkel in verbeeldingryke, mededingende en onmisbare kultuurprodukte nie.

Bibliografie*

Academic and Non-Fiction Authors' Association of South Africa (ANFASA). 2004. *Preliminary draft constitution*. E-pos korrespondensie vanaf Monica Seeber, 19 Februarie 2004.

Adams & Adams. 2005. *Originality and reduction to material form / Works eligible for copyright*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.adamsadams.co.za/home.asp?pid=47/> / <http://www.adamsadams.co.za/home.asp?pid=42/> Besoek: 10 Maart 2005.

Adendorff, E.M. 2003. *Digdebute teen die millenniumwending: 'n polisistemiese ondersoek*. Ongepubliseerde verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

African Sun Media. 2005. *Welcome to African Sun Media / SUN-e-SHOP*. Inligting oor uitgeefilosofie en publikasieprogram. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.africansunmedia.co.za/> Besoek: 18 Maart 2005.

Afrikaanse Skrywersvereniging (ASV). 2003. *Lidmaatskap / !Xthorro Publikasies*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://afrikaanseskrywers.virafrikaans.com/lidmaatskap.html> Besoek: 26 Augustus 2003.

Afrikaanse Taal en Kultuur Vereniging (ATKV). 2003. *ATKV Projekte. Pryse en toekennings / Prosaprys*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.atkv.org.za/projekte/displayProjek.asp?ID=PROJ&Mode=1&SubCat=pro4@sub4> Besoek: 15 Julie 2003.

Afrikaanse Taal en Kultuur Vereniging (ATKV). 2004. *Leroux-Van der Boon wen ATKV-Prosaprys*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.boekwurm.co.za/blad_nuus/nuus_argief_2004/2004_6.html Besoek: 3 April 2004.

ALV-Nuusbrief. 2002a. Berig oor aktiwiteite van die Program vir Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Natal (Durban) (Universiteit van KwaZulu-Natal). *ALV-Nuusbrief*, 17(2):3.

* **Notas oor teks- en bibliografiese verwysings**

- Die bibliografie bevat 'n lys van alle bronne wat vir die studie geraadpleeg is en waarna in die navorsingsverslag verwys word.
- Verwysings na koerantberigte waarvan die outeurs onbekend is, word onder die titel van die koerant opgeneem en nie as "Anoniem" nie. In die teks word verwys na die titel van die koerant, die datum van die berig en die bladsynommer.
- Die katalogusse van uitgewerye en ander tweede-vlak bronne wat vir die ontwikkeling van die *Produkiedatabasis van Afrikaanse Fiksie* (PDAF) gebruik is, word nie by die bibliografie ingesluit nie. Hierdie bronne word in Aanhangsel A gelys.
- Die volledige PDAF is te omvattend om in gedrukte-formaat as aanhangsel by die navorsingsverslag aan te heg (toegang daartoe kan deur die navorser verkry word).
- Fiksietitels waarna verwys is as voorbeeld van produksiekategorieë of ander aspekte van die uitgeesisteam, word nie in die bibliografie opgeneem nie (die volledige bibliografiese besonderhede is in die PDAF beskikbaar).

ALV-Nuusbrief. 2002b. Berig oor aktiwiteite van die Departement Afrikaans aan die Randse Afrikaanse Universiteit (Universiteit van Johannesburg). *ALV-Nuusbrief*, 17(2):3-4.

ALV-Nuusbrief. 2002c. Berig oor aktiwiteite van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Port Elizabeth (Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit). *ALV-Nuusbrief*, 17(2):4-5.

ALV-Nuusbrief. 2002d. Berig oor aktiwiteite van die Departement Afrikaans aan die Universiteit van die Noorde. *ALV-Nuusbrief*, 17(2):5.

ALV-Nuusbrief. 2003a. Berig oor aktiwiteite van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch. *ALV-Nuusbrief*, 18(2):2-3.

ALV-Nuusbrief. 2003b. Berig oor aktiwiteite van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat. *ALV-Nuusbrief*, 18(2):5.

ALV-Nuusbrief. 2003c. Berig oor aktiwiteite van die Departement Afrikaans aan die Randse Afrikaanse Universiteit (Universiteit van Johannesburg). *ALV-Nuusbrief*, 18(2):11.

ALV-Nuusbrief. 2004a. Berig oor aktiwiteite van die Vakgroep Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Kaapstad. *ALV-Nuusbrief*, 19(1):8.

ALV-Nuusbrief. 2004b. Berig oor aktiwiteite van die Departement van Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika. *ALV-Nuusbrief*, 19(1):7-8.

Amory, H. & Hall, D.D. (reds.). 1999. *A history of the book in America. Volume 1: the colonial book in the Atlantic world*. Cambridge: Cambridge University Press.

Anoniem. 2003. Ongepubliseerde keurverslag deur 'n anonieme keurder van 'n artikel wat voorgelê is vir *Stilet* na aanleiding van die referaat deur Venter, R. MR. & Galloway, F. (2002).

Antonissen, R. 1956. *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*. Kaapstad: Nasou.

Antonissen, R. 1998. "Perspektief op die Afrikaanse drama 1906-1966". In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 1*. Pretoria: J.L. van Schaik, 118-139.

Aucamp, H. (red.). 1991. *'n Boekreis ver*. Kaapstad: Tafelberg.

Bak, N. 2004. *Completing your thesis. A practical guide*. Pretoria: Van Schaik.

Baker, E. 1990. "Fasette van 'n fokus op '80: Uittreksels uit die verrigtinge van die Nasionale Leeskringseminaar, 5 en 6 Oktober 1988. Letterkunde vs. populêre leesstof". *Tydskrif vir letterkunde*, XXVIII(1):97-99.

- Barnard, J., McKenzie, D.F. & Bell, M. (reds.). 2002. *The Cambridge history of the book in Britain Volume IV 1557-1695*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Barnard, R. 1998. *Kanoniseringsprosesse in die Afrikaanse literatuursisteem: die rol van N.P. van Wyk Louw*. Ongepubliseerde proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Barnard, R. 2002a. Persoonlike gesprek met Riana Barnard (uitgewer van fiksie by NB-Uitgewers), 26 Augustus 2002.
- Barnard, R. 2002b. *Wat gebeur met die uitgee van poësie in Afrikaans?*. Ongepubliseerde inligtingstuk van NB-Uitgewers. Kaapstad: NB-Uitgewers.
- Barnsley, V. 1996. "Small is beautiful: the future of independent publishing". In: Owen, P. (red.). 1996a. *Publishing now. A definite assessment by key people in the book trade*. London: Peter Owen, 34-40.
- Basson, A. 2002a. 'n *Mors van energie*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/seminaar/groep63.asp> Besoek: 1 November 2002.
- Basson, A. 2002b. *Die vryheid alleen is ons koning en die dreuning is magtiger as ooit*. Sol Plaatje Diskoers-reeks, Aardklop, September 2002. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/abaard.asp> Besoek: 1 November 2002.
- Battison, S. 2004. Persoonlike e-pos korrespondensie met Susan Battison (projekleier: SANB, Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika), 30 April 2004.
- Battison, S. 2006. Telefoniese gesprek met Susan Battison (projekleier: SANB, Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika), 9 Junie 2006.
- Baverstock, A. 2000. *How to market books*. 3de uitg. Londen: Kogan Page.
- Beeld. 1992. "1992 was 'n ware Afrikaanse boekjaar". *Beeld, Kalender*, 10 Desember:1.
- Beeld. 1997. "Pligleweringwet dek nou ook elektroniese publikasies". *Beeld*, 21 April:7.
- Beeld. 1998. "Perskor gaan vanjaar weer die literêre mark betree". *Beeld, PLUS*, 24 Februarie:10.
- Beeld. 2002. "Nuwe tegnologie laat Nasboek 'n nuwe weg vind". *Beeld*, 15 Mei:4.
- Beeld. 2005. "Nuwe poësieprys, ook toekenning". *Beeld*, 22 September:7.
- Behrens, S.J. 2000. *Bibliographic control and information sources*. 3de uitg. Pretoria: Unisa Press.

Belcher, R. 2000. Radio-ondershoud deur Daniel Hugo met Ronnie Belcher (uitgewer by Suider Kollege Uitgewers) oor die uitgee van poësie op die radioprogram *Leeskring*, 26 September. Aucklandpark: Radiosondergrense.

Bertyn, L.I. 1983. *Lekkerkunde*. Emmarentia: Taurus.

Beukes, G.J. & Lategan, F.V. 1952. *Skrywers en rigtings*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Beukes, W.D. (red.). 1992. *Boekewêreld: die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale boekhandel.

Bloemhof, E. 2005. Telefoniese gesprek met Etienne Bloemhof (fiksieredakteur by NB-Uitgewers) oor die uitgegeskiedenis van Deon Meyer se spanningsromans, 19 April 2005.

Boekewêreld. 1995. “André Brink oor Hettie de la Queillierie”. *Die Burger, Boekewêreld*, 15 November:3.

Boekwurm. 2005. Inligting oor die webwerf *Boekwurm*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.boekwurm.co.za/index.html> Besoek: 11 Januarie 2005.

Boekwurm. 2004. *Christelike boekhandelaars wys beste boeke van die jaar aan*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.boekwurm.co.za/blad_nuus/nuus_argief_2004/2004_23.html Besoek: 11 Januarie 2005.

Bonthuys, J. 2006. “’n Miljard word aan biblioteke bewillig”. *Naweek-Beeld*, 11 Februarie:11.

Book Development Council of South Africa (BDCSA). 1997. *Research Report on Book Development in South Africa*. Johannesburg: BDCSA.

BookData SAPnet. 2005. *BookData SAPnet – About us / Products / Services*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.bookdatasapnet.co.za/include/index.asp> Besoek: 3 Mei 2005.

BookData SAPnet. 2006. *Nielsen BookScan South Africa Factsheet*. Kaapstad: BookData SAPnet.

BookData. 2004. *About BookData*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.bookdata.co.uk/about_book_data.html Besoek: 8 April 2004.

Boshoff, A. 2005. Telefoniese gesprek met Anneke Boshoff (NB-Uitgewers se bemarkingsbeampte) oor die benutting van televisie as promosiegeleentheid, 6 Januarie 2005.

Bosman, M. 2003. “Het Afrikaanse rock iets vir die Afrikaanse poësie te sing?”. *Stilet*, XV(1):101-121.

Bosman, M. 2004. “Die FAK-fenomeen: populêre Afrikaanse musiek en volksliedjies”. *Tydskrif vir Letterkunde*, 41(2):21-46.

- Botha, D. (red.). 1987. *Hulde aan J.D.* [Pretorius]. Kaapstad: Tafelberg.
- Botha, D. (red.). 1991. *In ons goeie boekies: skrywers en redakteurs oor Tafelberg-Uitgewers*. Kaapstad: Tafelberg.
- Botha, D. 2000. Persoonlike e-pos korrespondensie met Danie Botha (voormalige uitgewer van fiksie by Tafelberg) oor die uitgee van dramatekste, 12 Desember 2000.
- Botha, D. 2001b. "Gay letterkunde het 'n plek". *Cape Librarian / Kaapse Bibliotekaris*, Maart/April:25-28.
- Botha, D. 2002. *Homeros-nuus*. E-pos korrespondensie aan belanghebbendes oor die sluiting van die druknaam Homeros, 7 Oktober 2002.
- Botha, D. 2005b. Telefoniese gesprek met Danie Botha (voorheen fiksieredakteur by Tafelberg-Uitgewers) oor die uitgewery Homeros, 20 April 2005.
- Botha, D. 2005c. *Huisvergadering op Gay@Litnet*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/gay/menings_11okt05.asp Besoek: 11 Oktober 2005.
- Botha, E. 1984. "Leemtes en prioriteite in Afrikaanse letterkundenavorsing". In: Malan, C. (red.). 1984a. *SA letterkundenavorsing: Verslag van 'n navorsingsimposium – SA Literature Research: Report on a research symposium*. SENSAL-publikasies nr. 11. Pretoria: Sentrum vir S.A. Letterkundenavorsing, Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 132-135.
- Botha, E. 1990. "Fasette van 'n fokus op '80: Uittreksels uit die verrigtinge van die Nasionale Leeskringseminaar, 5 en 6 Oktober 1988. Letterkunde vs. populêre leesstof. Inleidende opmerkings". *Tydskrif vir letterkunde*, XXVIII(1):88-89.
- Botha, E. 1992. "Rekenskap". In: Beukes, W.D. (red.). *Boekewêreld: die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale boekhandel, 520-522.
- Botha, E. 2001a. "Prosakroniek: Nuwe skrywers. Nuwe lesers? – Grepe uit die verhaal van Suid-Afrikaanse uitgewerye en die Afrikaanse prosa in die negentigerjare". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 41(1):73-80.
- Botha, E. 2005a. *Was daar 'n Tagtigerbeweging?*. Referaat gelewer tydens die Diskoers-program van die Woordfees, 10 Maart 2005, Stellenbosch. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/seminaar/tagtigers_elize.asp Besoek: 17 Maart 2005.
- Botha, J. & Van Heerden, E. (reds.). 1999a. *Die rooi roman – 'n webroman*. [Intyds]. Oorspronklik beskikbaar by: <http://www.mweb.co.za/rooiroman>
- Botha, J. & Van Heerden, E. (reds.). 1999b. *Die rooi roman – 'n webroman*. Kaapstad: Human & Rousseau.

- Bourdieu, P. 1993. *The Field of Cultural Production. Essays on Art and Literature*. Columbia: Columbia University Press.
- Bourdieu, P., Van Rees, K., Schmidt, S. & Verdaasdonk, H. 1991. "Panel discussion: The structure of the literary field and the homogeneity of cultural choices". In: Ibsch, E., Schram, D., & Steen, G. (reds.). *Empirical studies of literature: Proceedings of the second IGEL-conference, Amsterdam 1989*. Amsterdam: Radopi, 427-443.
- Brand, G. & Van der Walt, A. 2003. *Explanatory memorandum: South African languages bill. Final draft 24 April 2003*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/taaldebat/salbf.asp> Besoek: 21 Augustus 2003.
- Brand, G. 2004. "Leemtes en behoeftes met betrekking tot Afrikaans". In: Prinsloo, K. *Verlag van 'n taaloudit oor Afrikaanse taalprojekte, verenigings en energieë, 2004. (Vir bespreking tydens die Afrikaanse Taalberaad in Stellenbosch, 25-27 Augustus 2004)*. Pretoria: Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans, 87-97.
- Brand, G. 2005a. "Pryse om inheemse skryfwerk te bevorder". *Beeld, PLUS*, 22 Maart:3.
- Brand, G. 2005b. "Kannemeyer in Louws se visier. Familie ontevrede oor publikasie van briewe". *Beeld*, 12 Maart:3.
- Brand, G. 2006. "Polemiese geskrif, nie saaklike ontleding". *Die Burger, By*, 18 Maart:11.
- Breytenbach, K. 1999a. "Is dit ons erns met Afrikaanse jeugboeke?" *Die Burger, Boekewêreld*, 28 Julie:6.
- Breytenbach, K. (red.). 1999b. *Hulle het ons eeu gevorm – Die invloedrykste Suid-Afrikaners van die twintigste eeu*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Breytenbach, K. 2002a. *Notule van vergadering van NB-uitgewers en NB-skrywers, 6 Maart 2002, Sentrum vir die Boek, Kaapstad*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/seminaar/notule.asp> Besoek: 20 Maart 2002.
- Breytenbach, K. 2002b. Persoonlike gesprek met Kerneels Breytenbach (publikasiebestuurder van NB-Uitgewers), 22 Augustus 2002, Kaapstad.
- Breytenbach, K. 2003. *Die plek van die Afrikaanse boek – NB-Uitgewers*. Referaat gelewer tydens die Verteenwoordigende Afrikaanse Beraad oor skrywers- en boekesake, 22 September 2003, Nooitgedacht.
- Brink, A.P. 1998. "Perspektief op die Afrikaanse drama 1967-1977". In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 1*. Pretoria: J.L. van Schaik, 140-150.
- Brink, A.P. (red.). 2002. *Groot Verseboek 2000*. 4de druk. Kaapstad: Tafelberg.

- Brink, A.P. 2004. *Kennis van sensuur*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/seminaar/sensuur.asp> Besoek: 4 Augustus 2004.
- Brits, E. 2005. "US se taalbeleid steeds 'n brandpunt ná besluit". *Volksblad*, 17 Desember:8.
- Britz, C. 1997. "Die fenomeen van die hygroman in Afrikaans". *Stilet*, IX(1):17-24.
- Britz, E. 2005. "Mammoet deel van profesie". *Die Burger*, 28 November:13.
- Brody, D. 1998. "Sidney Mendelssohn 31 December 1860 – 26 September 1917: Collector and bibliographer of Africana". *Great epic books*, 2(10). [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.greatepicbooks.com/epics/october98.html> Besoek: 13 April 2004.
- Brown, F. 2003. *Orale kuns in transformasie*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/indaba/fbrown.asp> Besoek: 30 April 2003.
- Burger, K. 2003. "Fees moet erns maak met toneel". *Beeld, PLUS*, 3 April:3.
- Burger, W. 2002. *Waar's die nuwe stemme in ons letterkunde?*. *Die Burger*-lesingreeks, Klein Karoo Nasionale Kunstefees, April 2002. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/seminaar/wburger.asp> Besoek: 25 Mei 2005.
- Butcher, J. 1996. *Copy-editing. The Cambridge handbook for editors, authors and publishers*. 3de uitg. Cambridge: Cambridge University Press.
- Cape Town Book Fair. 2005. *Cape Town Book Fair – A new fair is born*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.capetownbookfair.com/ctibf/en/index.php> Besoek: 7 April 2005.
- Capedi, M. 2002. Insetsel ter herdenking van kykNET se derde verjaarsdag vir die joernaalprogram *Kwêla*. 14 November 2002. Randburg: kykNET.
- Carstens, W.A.M. 2004. *Afrikaans – tien jaar later (1994-2004)*. Referaat gelewer tydens simposium van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns op 25 Junie 2004. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/taaldebat/wcarstens.asp> Besoek: 6 Julie 2004.
- Casper, S.E., Chaison, J.D. & Groves, J.D. (reds.). 2002. *Perspectives on American book history: artifacts and commentary*. Massachusetts: University of Massachusetts Press.
- Center for the Book – Library of Congress, 2004. *About the Center for the Book*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.loc.gov/loc/cfbook/> Besoek: 16 April 2004.
- Chagnon, B. 2002. "Desktop Publishing Software". *Journal of Electronic Publishing*, Augustus. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.press.umich.edu/jep/08-01/chagnon.html> Besoek: 20 Februarie 2003.

- Chapman, I. 1996. "Paperback publishing". In: Owen, P. (red.). 1996a. *Publishing now. A definite assessment by key people in the book trade*. London: Peter Owen, 48-57.
- Chartier, R. & Martin, J.H. (reds.). 1983. *Histoire de l'édition française. Tome II: Le livre triomphant 1660-1830*. Paris: Promodis.
- Chartier, R. & Martin, J.H. (reds.). 1985. *Histoire de l'édition française. Tome III: Le temps des éditeurs. Du Romantisme à la Belle Époque*. Paris: Promodis.
- Chartier, R. 2002. "Labourers and Voyagers: From the Text to the Reader". In: Finkelstein, D. & McCleery, A. (reds.). *The Book History Reader*. Londen: Routledge, 47-58.
- Cloete, D. 2000. "Alternative publishing in South Africa". In: Evans, N. & Seeber, M. (reds.). *The politics of publishing in South Africa*. Scottsville: University of Natal Press; Londen: Holger Ehling Publishing, 43-72.
- Cloete, T.T. (red.), Grové, A.P., Smuts, J.P., Botha, E. 1980. *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig*. Kaapstad: Nasou.
- Cloete, T.T. (red.). 1992. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr
- Cochrane, N. 2001. "Literêre minderhede binne die Afrikaanse uitgewersbedryf na 1994: Homeros en Kwela uitgewers as gevallestudies". *Tydskrif vir letterkunde*, XXXIV(3/4):67-77.
- Cochrane, N. 2006. *Uit in die kuberruim: Enkele waardetoevoegings en uitdagings ten opsigte van Gay@LitNet binne Suid-Afrikaanse konteks*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/gay/cochrane_referaat.asp Besoek: 11 Mei 2006.
- Codde, P. 2003. "Polysystem Theory Revisited: A New Comparative Introduction". *Poetics Today*, 24(1):91-126.
- Coetser, J. 2006a. "Drie welkome én veelseggende dramatekste in Afrikaans". *Beeld*, 20 Februarie:19.
- Coetser, J. 2006b. "Van millennium tot millennium: Afrikaanse drama en teater circa 1990 tot circa 2003". In: Van Coller, H.P. (red.). 2006a. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 3*. Pretoria: Van Schaik, 149-189.
- Coetzee, A. 1990. *Letterkunde en krisis: 'n honderd jaar Afrikaanse letterkunde en Afrikaner-nasionalisme*. Bramley: Taurus.
- Coetzee, A. 2002. "Swart Afrikaanse skrywers: 'n diskursiewe praktyk van die verlede". *Stilet*, XIV(1):149-166.
- Coetzee, A. 2005. Telefoniese gesprek met Ampie Coetzee (voorheen 'n direkteur van die alternatiewe uitgewery Taurus) oor die omstandighede waarin Taurus dormant geraak het, 21 April 2005.

Coetzee, A., Van Wyk, S., Hendricks, F. & Van Zyl, W. 2003. *Anderafrikaans: 'n klein, kontesterende, letterkunde*. Ongepubliseerde manuskrip. Belville: Departement Afrikaans, Universiteit van die Wes-Kaap.

Coetzee, J. 1997a. "Time Warner likwieder eie plaaslike verspreider". *Die Burger, Sake-Burger*, 8 Augustus:17.

Coetzee, J. 1997b. "VSA reus vertrap klein SA filiaal". *Die Burger, Sake-Burger*, 12 Augustus:16.

Cohen, R. 1996. "Conglomerates versus small independents". In: Owen, P. (red.). 1996a. *Publishing now. A definite assessment by key people in the book trade*. London: Peter Owen, 41-47.

Collings, M. 2002. Aanbieding deur Marga Collings (bemarkingsbestuurder van NB-Uitgewers) tydens inligtingsessie vir skrywers, 17 April 2002, Pretoria.

Constantijn Huygens Instituut. 2006. *About the Huygens Institute – Teksontsluiting en onderzoek literatuur- en wetenschapsgeschiedenis*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.huygensinstituut.knaw.nl/index.php?option=com_frontpage&Itemid=1&lang=en Besoek: 19 Maart 2006.

Content Solutions. 2005. *Content Solutions – Service: self publishing / Out of print titles / Clever content / For publishers*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.csol.co.za/Default.asp> Besoek: 12 April 2005.

ContentLot.com. 2002. *Intydse katalogus*. [Intyds]. Oorspronklik beskikbaar by: <http://www.contentlotshop.com> Besoek: 21 Januarie 2002.

Coomber, S. 2002. *Branding*. Oxford: Capstone Publishing.

Cultural Industries Growth Strategy (CIGS). 1998. *The South African publishing industry report*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.dac.gov.za/reports/reports.htm> Besoek: 3 Junie 2003.

CUM Boeke. 2004. *Christelike Uitgewersmaatskappy (CUM) Boeke – Store locator*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.cum.co.za/> Besoek: 25 April 2004.

Daan Retief. 1981. Inligtingstuk oor die loodsing van publikasies in grootdruk-formaat deur Daan Retief Uitgewers. In navorser se argief.

Darnton, R. 2002a. "What is the History of Books?" In: Finkelstein, D. & McCleery, A. (reds.). *The Book History Reader*. Londen: Routledge, 9-26.

Darnton, R. 2002b. "Book production in British India, 1850-1900". In: Greenspan, E. & Rose, J. (reds.). *Book history Volume 5*, 239-262.

Davies, G. 1996. *Book commissioning and acquisition*. Londen: Routledge.

- De Berg, H. 1997. "Communications as challenge to systems theory". *Canadian Review of Comparative Literature*, 24(1):141-151.
- De Geest, D. 1996. *Literatuur als sisteem, literatuur als vertoog. Bouwstenen voor een functionalistiese benadering van literaire verskijnselen*. Leuven: Peeters.
- De Geest, D. 1997. "System theory and discursivity". *Canadian Review of Comparative Literature*, 24(1):161-175.
- De Glas, F. 1989. *Nieuwe lezers voor het goede boek. De Wereldbibliotheek en Ontwikkeling/De Arbeiderspers voor 1940*. Amsterdam: Uitgeverij Wereldbibliotheek.
- De Glas, F. 1998a. "Authors' *oeuvres* as the backbone of publishers' lists: studying the literary publishing house after Bourdieu". *Poetics: journal of empirical research on literature, the media and the arts*, 25:379-397.
- De Glas, F. 1998b. "Investerings van literaire uitgeverijen in jong talent en de opbrengst daarvan: een ondersoek naar de generasie literaire prozadebutante uit die jare 1961-1965". *Nederlandse letterkunde*, 3(2)127-150.
- De Glas, F. 1999. *Literature, "in-house" writers, and processes of success in publishing*. (Vertaal deur Ann Rigney). [Intyds.]. Beskikbaar: <http://clcwebjournal.lib.purdue.edu/clcweb99-4/deglas99.html> Besoek: 9 September 2003.
- De Glas, F. 2001. *The utility of Pierre Bourdieu's concepts of the 'literary field' for the empirical study of the 20th-century literary publishing business*. Referaat gelewer tydens die SHARP-kongres 2001, Williamsburg, Verenigde State van Amerika, 19-22 Julie.
- De Glas, F. 2003. "Die materiële en simboliese produksie van die werk van moderne literaire outeurs: boustenen voor die reputasie van die jong Hella Haasse". In: *Jaarboek voor Nederlandse Boekgeschiedenis*, 10:103-120.
- De Jager, F. (red.). 1995. *Hettie de la Queillerie – 'n Huldeblyk deur Queillerieskrywers aan Hettie Scholtz*. Kaapstad: Queillerie.
- De Jager, J. 2000. Bekendstellingsdokument van Bent-Uitgewers. E-pos korrespondensie aan belangstellendes, 11 September 2000.
- De Jager, J. 2002. "Obligasies wat u asseblief moet opneem om Bent en Komsat te laat voortleef". *Komsat*, 10(1):5
- De Jager, J. 2003. Inligting oor Bent-Uitgewers verskaf tydens die Verteenwoordigende Afrikaanse Beraad oor skrywers- en boekesake, 22 September 2003, Nooitgedacht.
- De Jager, J. 2006b. Telefoniese gesprek met Johann de Jager (uitgewer en bestuurder van Bent), 12 April 2006.

- De Jager, N. 2004. *Die wetenskap van liefde, en ander maniere om te dobbel / The science of romance, and other ways of gambling*. Referaat gelewer tydens die Young Voices – The 2004 South African Online Writers’ Conference. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/youngwriters/nelleke_de_jager_a.asp Besoek: 23 November 2004.
- De Jager, N. 2006a. *Kwela responds*. Reaksie deur Nèlleke de Jager op Stephen Watson se aantygings teen Antjie Krog oor beweerde plagiaat. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/seminarroom/krog_kwela.asp Besoek: 19 Februarie 2006.
- De Klerk, T. 2004. Persoonlike gesprek met Tienie de Klerk (projekleier: ISN-agentskap, Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika), 30 Januarie.
- De Kock, H. 1990. “Fasette van ’n fokus op ’80: Uittreksels uit die verrigtinge van die Nasionale Leeskringseminaar, 5 en 6 Oktober 1988. Letterkunde vs. populêre leesstof”. *Tydskrif vir letterkunde*, XXVIII(1):94-97.
- De Kock, P. 2004. *Ope brief aan alle Afrikaanse uitgewerye (’n woord-oorlogsverklaring)*. E-pos korrespondensie aan belanghebbendes, 17 November 2004.
- De Lange, J. & Krog, A. (reds.). 1998. *Die dye trek die dye aan: verse oor lyflike liefde*. Kaapstad: Human & Rousseau; Kaapstad: Tafelberg.
- De Lange, A. 2005. “‘Kunskafee’ hang aan ’n draadjie”. *Beeld, PLUS*, 28 September:3.
- De Raubaix, E. 2002. Persoonlike gesprek met Elizabeth de Raubaix (voormalige boekkeurder / boekaan koper by die provinsiale openbare biblioteekdiens van die Wes-Kaap), 20 Augustus 2002.
- De Villiers, J. 2005. “Boek sal Van Wyk Louw se liberale reputasie skaad, sê familie”. *Beeld*, 22 Maart:2.
- De Vos, A.S. (red.). 1998. *Research at grass roots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- De Vries, I. 2000. *’n Vergelyking van “Die redding van Vuyo Stofile” en “The magic barrel”*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/seminaar/vuyo.asp> Besoek: 10 Maart 2005.
- De Vries, A. 2006. “Die geheim is uit. Lees is lekker”. *Rapport, Perspektief*, 23 April:1.
- De Wet, K. 1994. *Eiendoms Onbeperk: die onvoltooide groot gesprek met D.J. Opperman in die Afrikaanse poësie*. Ongepubliseerde proefskrif. Mmabatho: Universiteit van Bophuthatswana.
- De Wet, K. 2003. “e-Afrikaans: digitale publikasies en publikasieforums in Afrikaans”. *Stilet*, XV(1):302-319.

De Wet, L. 2002. "Ronald Kenneth Belcher". *Kaapse bibliotekaris / Cape librarian*, Januarie/Februarie:17-18.

Dekker, G. 1961. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. 6de om- en bygewerkte druk. Kaapstad: Nasionale boekhandel.

Departement Afrikaans en Nederlands, US. 2001. Inligting oor die nagraadse program MA in Kreatiewe Afrikaanse Skryfkunde. [Intyds]. Beskikbaar: <http://academic.sun.ac.za/afrndl/programme/makreat.htm> Besoek: 15 Julie 2003.

Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, UV. 2005. Inligting oor die studentevereniging Vuur en Vlam en die studentetydskrif *Dolos*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.uovs.ac.za/container.php?faculties_id=01&dept_id=140&code=DEPT_D OC&document_id=318 Besoek: 11 Januarie 2005.

Departement van Arbeid. 2003. *Department of Labour – About us / Vision & Mission*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.labour.gov.za/about/index.jsp> Besoek: 21 Augustus 2003.

Departement van Handel en Nywerheid. 2003. *Department of Trade and Industry – Overview of the dti*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.dti.gov.za/thedti/overview.htm> Besoek: 21 Augustus 2003.

Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling. 2003. *Department of Justice and Constitutional Development – About the department*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.doj.gov.za/about_list.html Besoek: 21 Augustus 2003.

Departement van Kommunikasie. 2003. *Department of Communication – About us / Mission / Vission*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://docweb.pwv.gov.za/main.htm> Besoek: 21 Augustus 2003.

Departement van Kuns en Kultuur. 2003. *Department of Arts and Culture – About us / Our mission*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.dac.gov.za/about_us/about_us.htm / http://www.dac.gov.za/about_us/top_management/mission/mission.htm Besoek: 21 Augustus 2003.

Departement van Onderwys. 2002. *Transformation and restructuring: a new institutional landscape for higher education – June 2002*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://education.pwv.gov.za/content/documents/69.pdf&e=9818> Besoek: 25 Mei 2005.

Departement van Onderwys. 2003a. *Revised National Curriculum Statement Grades R-9 (Schools): Teacher's guide for the development of learning programmes – Languages*. Pretoria: Department of Education. [Intyds]. Beskikbaar: <http://education.pwv.gov.za/content/documents/557.pdf> Besoek: 12 Januarie 2005.

Departement van Onderwys. 2003b. *Department of Education – About the DoE / Vission & Mission*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://education.pwv.gov.za/index.asp?src=vami> Besoek: 25 Mei 2005.

Desai, S. 2006. Hofuitspraak deur regter Siraj Desai oor die saak tussen die Louw-familie en Stassen Uitgewers BK, John C. Kannemeyer en die Universiteit van Stellenbosch. Saaknommer 2430/05. Uitspraak gelewer op 15 Maart 2006. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/seminaar/louw_uitspraak.asp Besoek: 28 Maart 2006.

Dewey Decimal Classification and Relative Index (DDC20). 1989. 20ste uitg. Volumes 1-4. Albany: Forest Press (Online Computer Library Center).

Dewey Decimal Classification and Relative Index (DDC21). 1996. 21ste uitg. Volumes 1-4. Albany: Forest Press (Online Computer Library Center).

Dewey Decimal Classification and Relative Index (DDC22). 2003. 22ste uitg. Volumes 1-4. Dublin: Online Computer Library Center.

Dick, A. & Galloway, F. 2006. *Book history focus area*. Ongepubliseerde aansoek om navorsingsondersteuning by die Nasionale Navorsing Stigting (NRF) vir 'n interinstitusionele navorsingsprojek oor boekstudie. Pretoria: Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.

Die Burger. 1988. "Hervormde Kerk nou ook teen apartheid". *Die Burger*, 17 Mei:12.

Die Burger. 1991. "Nuwe uitgewery plaas eerste digbundel op rak". *Die Burger*, 18 Januarie:14.

Die Burger. 1992. "Tafelberg-Uitgewers se nuwe hoofbestuurder neem oor". *Die Burger*, 3 Julie:7.

Die Burger. 1993. "Renaissance van die Afrikaanse boek herinner aan Dertig". *Die Burger*, 13 November:4.

Die Burger. 1997. "Saak oor Skotnes se boek nuttig". *Die Burger*, 12 Mei:8.

Die Burger. 2002. "'n Nasionale letterkunde in SA nodig". *Die Burger*, 16 Julie:11.

Die Burger. 2003. "Plagiat". *Die Burger*, 27 September:16.

Die Kerkbode. 1996. "Christelike Uitgewersmaatskappy". *Die Kerkbode*, 7 Junie:10.

Die Kerkbode. 1998. "CUM word 60 jaar oud in 1999. 'n Terugblik op 60 jaar en 'n toekomsvisie". *Die Kerkbode*, 18 Desember:10.

Die Transvaler. 1988. "Nuwe boekklub", *Die Transvaler*, 31 Oktober:2.

Die Tweede Lewe. 2001. *Die Tweede Lewe*. Dokumentêre televisiereeks oor die (Suid-)Afrikaanse teaterbedryf. Vervaardig deur Herman Binge. Randburg: kykNET.

Diedericks-Hugo, Carina. 2001. "eBoeke in die bad?". *Cape Librarian / Kaapse Bibliotekaris*, September/Oktober:16-17.

- Dokumentesentrum JS Gericke Biblioteek. 2005. *Spesiale versamelings – Dokumentesentrum*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.sun.ac.za/library/afr/About/Collections/Special_collections.htm#Dokumentesentrum Besoek: 5 Januarie 2005.
- Dominy, G. 2003. “The conundrum of community libraries in provinces”. *Cape Librarian / Kaapse Bibliotekaris*, Januarie/Februarie:40-41.
- Dommissie, J. & Van Niekerk, D. 1996. “Toe Goliat vir Dawid gered het”. *Die Burger, Boekewêreld*, 18 September:1.
- Driepootpot. 1999. Inligting oor die tydskrif *Driepootpot – Alles in een pot gemix en gestir*. *Driepootpot*, 1(1):3.
- Du Plessis, I. 2002. *Crafting popular imaginaries: Stella Blakemore and Afrikaner nationalism*. Ongepubliseerde verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Du Plessis, I. 2004. *Narrating the “nation”: Cultural production, political community and young Afrikaans readers*. Ongepubliseerde proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Du Plessis, T. & Van Gensen, A. (reds.). 2000. *Taal en Stryd 1989-1999: gedenkbundel*. Geselekteerde bydraes van die Taal en Stryd-kongres op 28 en 29 April 1989. Pretoria: Van Schaik.
- Du Plessis, T. 2000. Persoonlike e-pos korrespondensie met Tienie du Plessis oor die rol van die eertydse alternatiewe uitgewerye Taurus en Hond, 23 Desember 2000.
- Du Plooy, H. & Van Schalkwyk, P. 2000. “‘So is ek, so my lewe’: Outentisiteit in die dekade van negentig”. *Stilet*, XII(2):115-134.
- Du Plooy, H. 2001. “An overview of Afrikaans narrative text published between 1990 and 2000”. *Stilet*, XIII(2):14-31.
- Du Preez, M. 2005. *Oranje blanje blues – ’n nostalgiese trip – Vrye Weekblad 88-94*. Kaapstad: Zebra Press.
- Du Toit, P. 2005. “Skrywer en redakteur in hof”. *Die Burger*, 17 Februarie:2.
- Duijx, A., Van Rees, C.J. & Verdaasdonk, H. 1991. “Choice behavior of purchasers and borrowers of books”. *Poetics: journal of empirical research on literature, the media and the arts*, 20:439-469.
- Educum. 1997. *Perskor Book Division (Educum) 1996/1997 Annual Report*. Jaarverslag vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 1997. In navorser se argief.
- Eliot, S. 2002. “Very necessary but not quite sufficient. A personal view of quantitative analysis in book history”. In: Greenspan, E. & Rose, J. (reds.). *Book history Volume 5*, 283-293.

- Engelbrecht, T. 1991. “’n Goeie literêre jaar”. *Beeld, Kalender*, 10 Januarie:2.
- Engelbrecht, T. 2003. “Breyten stik van woede oor gedig in Jonker-boek”. *Rapport*, 3 Augustus 2003:6.
- Engelbrecht, T. 2004. “Spring in en dóén iets om Afrikaanse boeke te laat gedy”. *Rapport*, 28 November:24.
- Ensovoort. 1997. Inligting oor die tydskrif *Ensovoort*. *Ensovoort*, 9(1):2.
- Epstein, J. 2001. *Book Business: publishing past, present, and future*. New York: Norton.
- Erasmus, E. 1991. “Kunste tot randgebied verskraal”. *Beeld Kalender*, 13 November:2.
- Erasmus, T. 2002. Televisie-onderhoud met Theo Erasmus (bestuurder van kykNET) deur Mariëtta Kruger op die aktualiteitsprogram *Mariëtta praat prontuit*. 15 November 2002. Randburg: kykNET.
- Erasmus, T. 2004. *Wees dit net en basta!. ’n Standpunt oor Afrikaans in die media*. Referaat gelewer tydens die Afrikaanse Taalberaad, 25-27 Augustus 2004, Stellenbosch. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/taaldebat/taalberaad_erasmus.asp Besoek: 17 Desember 2004.
- Esterhuysen, M. 2002. *Amazon.com*. Ongepubliseerde honneursskripsie. Pretoria: Program in Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.
- Evans, N. & Seeber, M. (reds.). 2000. *The politics of publishing in South Africa*. Scottsville: University of Natal Press; Londen: Holger Ehling Publishing.
- Evans, N. 2000. “‘A textbook as cheap as a can of beer’ Schoolbooks and public education in South Africa”. In: Evans, N. & Seeber, M. (reds.). *The politics of publishing in South Africa*. Scottsville: University of Natal Press; Londen: Holger Ehling Publishing, 189-218.
- Even-Zohar, I. 1990a. “Polysystem Theory”. *Poetics Today*, 11(1):9-26.
- Even-Zohar, I. 1990b. “The ‘Literary System’”. *Poetics Today*, 11(1):27-44.
- Even-Zohar, I. 1997. “Factors and dependencies in culture: a revised outline for polysystem culture research”. *Canadian Review of Comparative Literature*, 24(1):15-34.
- Eybers, E. 2003. Televisie-onderhoud met Elisabeth Eybers deur Sandra Prinsloo op die program *Sandra op ’n drafstap*. 11 Mei 2003. Randburg: kykNET.

Faasen, N. 2003. Telefoniese gesprek met Nicol Faasen (opvoedkundige uitgewer by Nasou Via Afrika en hoof van die outeursreg-werkgroep van PASA) oor die impak van die veranderde voorskryfbeeld op die uitgeesistiem van Afrikaanse fiksie, 10 September 2003.

Feather, J. 2000. *A history of British publishing*. London: Routledge.

Ferguson, G. 2001. Televisie-onderhoud met Gus Ferguson (voormalige uitgewer by Snail Press) deur Breyten Breytenbach op die program *Ja-nee poësie*. 24 April 2001. Randburg: kykNET.

Ferreira, J. 1997. "Die hygroman in Afrikaans". *Stilet*, IX(1):38-44.

Film en Publikasieraad. 2004. *About the FPB / Documents & legislation*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.fpb.gov.za/about.htm> / <http://www.fpb.gov.za/documents/index.html> Besoek: 21 Augustus 2004.

Finkelstein, D. & McCleery, A. (reds.). 2002. *The Book History Reader*. Londen: Routledge.

Finkelstein, D. & McCleery, A. 2005. *An Introduction to Book History*. New York: Routledge.

Fokkema, D. & Ibsch, E. 1992. *Literatuurwetenskap & kultuuroverdracht*. Muiderberg: Dick Coutinho.

Fokkema, D. 1997. "The system-theoretical perspective in literary studies: arguments for a problem-oriented approach". *Canadian Review of Comparative Literature*, 24(1):177-185.

Forsyth, P. & Birn, R. 1997. *Marketing in publishing*. Londen: Routledge.

Fourie, C. 2004. "Die Afrikaanse skrywer: is daar 'n toekoms?". *Rooi rose*, September:214-217.

Fransman, W. 2003. *Die plek van die Afrikaanse boek – Gemeenskapuitgewers*. Referaat gelewer tydens die Verteenwoordigende Afrikaanse Beraad oor skrywers- en boekesake, 22 September 2003, Nooitgedacht.

Fransman, W. 2004. "Swart skrywers steeds voor hek". *Beeld*, 29 April:4.

Fransman, W. 2005. Telefoniese gesprek met Willem Fransman (bestuurder van !Xthorro Publikasies) oor die problematiek en uitdagings van die ASV se gemeenskapsuitgewery !Xthorro Publikasies, 21 April 2005.

Froneman, J.D. 1997. "Mediatransformasie dek die tafel vir 'n nuwe joernalistiek". *Literator*, 18(3):199-220.

Fryer, C. 2000. Persoonlike e-pos korrespondensie met Charles Fryer (voormalige uitgewer van fiksie by Tafelberg) oor die uitgee van dramatekste, 27 November 2000.

Galloway, F. & Venter, R. MR. 2004. *A methodological framework to map a book publishing industry in transition*. Referaat gelewer tydens die SHARP 2004-kongres, Lyon, Frankryk, 20-24 Julie.

Galloway, F. & Venter, R. MR. 2005a. "A research framework to map the transition of the South African book publishing industry". *Publishing Research Quarterly*, 20(4):52-70.

Galloway, F. & Venter, R. MR. 2005b. Book history, publishing studies and publishing statistics. Referaat gelewer tydens die South African Historical Society-kongres, 26-29 Junie, Universiteit van Kaapstad, Kaapstad.

Galloway, F. & Venter, R. MR. 2006. "Book History, Publishing Research and Production Figures – The Case of Afrikaans Fiction Production during the Transitional Period 1990-2003". *South African Historical Journal* (eerskomende uitgawe).

Galloway, F. & Steenberg, D.H. (red.). 1993. *SA Literature / Literatuur 1985 Annual literary survey series / Literêre jaaroorsig-reeks 6*. *Literator Supplement* no. 1.

Galloway, F. (red.). 1982. *SA Literature / Literatuur 1980 Annual literary survey series / Literêre jaaroorsig-reeks 1*. SENSAL-publikasies nr. 1. Hyde Park: AD Donker.

Galloway, F. (red.). 1983. *SA Literature / Literatuur 1981 Annual literary survey series / Literêre jaaroorsig-reeks 2*. SENSAL-publikasies nr. 9. Hyde Park: AD Donker.

Galloway, F. (red.). 1985. *SA Literature / Literatuur 1982 Annual literary survey series / Literêre jaaroorsig-reeks 3*. SENSAL-publikasies nr. 17. Craighall: AD Donker.

Galloway, F. (red.). 1987. *SA Literature / Literatuur 1983 Annual literary survey series / Literêre jaaroorsig-reeks 4*. SENSAL-publikasies nr. 20. Pretoria: HAUM-Literêr.

Galloway, F. (red.). 1989. *SA Literature / Literatuur 1984 Annual literary survey series / Literêre jaaroorsig-reeks 5*. SENSAL-publikasies nr. 24. Pretoria: HAUM-Literêr.

Galloway, F. 2001. *Statistical trends in South African book publishing during the 1990s*. Referaat gelewer tydens die kongres "Colonial and postcolonial cultures of the book" aan die Rhodes Universiteit, 6-8 Augustus.

Galloway, F. 2002a. "Statistical trends in South African book publishing during the 1990s". *Alternation*, 9(1):204-225.

Galloway, F. 2002b. "South African book publishing since the end of apartheid". *LOGOS*, 13(2):90-94.

Galloway, F. 2002c. *Publishing Forum: Book culture in a multilingual society*. Referaat gelewer tydens die Time of the Writer Festival, Durban, 14-15 Maart. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/indaba/galloway.asp> Besoek: 25 Julie 2002.

Galloway, F. 2002d. *The contribution of international publishing houses to the indigenous book publishing industry in South Africa: Statistical trends in the period 1990-2000*. Referaat gelewer tydens die SHARP 2002-kongres aan die University of London, 10-13 Julie.

Galloway, F. 2003. *The publishing history of a poet as a mirror of a literary publishing tradition: The case of Breyten Breytenbach and Afrikaans literary publishing*. Referaat gelewer tydens die SHARP 2003-kongres, Claremont, California, 9-12 Julie.

Galloway, F. 2004a. *Aspekte van die uitgee-geskiedenis van Breyten Breytenbach: Die skep van 'n raamwerk vir 'n ondersoek na die materiële en simboliese produksie van sy werk (met klem op oeuvre- en reputasie-ontwikkeling)*. Referaat gelewer tydens die gesamentlike kongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging (ALV) en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN), Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit, 21-25 September.

Galloway, F. 2004b. "Notes on the usefulness of publishing statistics for a broader South African book history". *English Studies in Africa*, 47(1):109-118.

Galloway, F. 2004c. *Publishing Forum: The role of the state in creating a reading culture*. Referaat gelewer tydens die Time of the Writer Festival, Durban, 22-27 Maart.

Galloway, F., Bothma, T., Du Plessis, C. & Venter, R. MR. 2005. *PASA Snapshot Industry Survey 2003*. Ongepubliseerde navorsingsverslag. Beskikbaar by PASA. Pretoria: Program in Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.

Galloway, F., Bothma, T. & Greyling, L-M. 2004. *PASA/SABA Snapshot Industry Survey 2002*. Ongepubliseerde navorsingsverslag. Beskikbaar by PASA. Pretoria: Program in Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.

Galloway, F.C.J. 1987. *Breyten Breytenbach: Die skrywer as openbare figuur*. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif. Bloemfontein: Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Galloway, F.C.J. 1990. *Breyten Breytenbach as openbare figuur*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Gasson, C. (red). 1999. "Brands: getting a grip on the value chain". *Book publishing in Britain*. Londen: Bookseller Publications.

Geldenhuis, I. 1997. “Die ontoeganklikheid van die Afrikaanse mediawêreld”. In: Willemsse, H. & Hattingh, M. & Van Wyk, S. & Conradie, P. (reds.). *Die reis na Paternoster – ’n Verslag van die Tweede Swart Afrikaanse Skrywerssimposium gehou op Paternoster vanaf 29 September tot 1 Oktober 1995*. Belville: Universiteit van Wes-Kaapland.

Genette, G. 1997. *Paratexts: Thresholds of Interpretation*. (Vertaal deur Jane E. Lewin). Cambridge: Cambridge University Press.

Genugtig!. 2005. *Genugtig / Whynot Books – Wie is ons?*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.genugtig.com/uitgewers.htm> / <http://www.whynotbooks.co.za/afrikaansin.htm> Besoek: 22 April 2005.

Geyer, S. 2005. *Determining originality in creative literary works*. Ongepubliseerde proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Giliomee, H. 2003. *The Afrikaners. Biography of a people*. Kaapstad: Tafelberg; Charlottesville: University of Virginia Press.

Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners. ’n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.

Giliomee, H., Heese, C. & Schlemmer, L. 2005. *Afrikaansmediumonderrig op skool en van die menings van ouers in alle gemeenskappe oor die huidige stand van skoolonderwys*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.vryeafrikaan.co.za/docs/GiliomeeOnderwysverslag.pdf> Besoek: 3 Februarie 2005.

Giliomee, H.B. & Schlemmer, L. (reds.). 2001. *Kruispad: Die toekoms van Afrikaans as openbare taal*. Kaapstad: Tafelberg.

Glenn, I.E. 1984. “The sociology of South African literature in English – research priorities”. In: Malan, C. (red.). 1984a. *SA letterkundenavorsing: Verslag van ’n navorsingsimposium – SA Literature Research: Report on a research symposium*. SENSAL-publikasies nr. 11. Pretoria: Sentrum vir S.A. Letterkundenavorsing, Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 145-153.

Global Publishing Information (GPI). 2001. *Publishing Market Profile. South Africa*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.publishers.org.uk/gpi.nsf/57914ac5a5a75ece802567cf005a7975/ad35f6ca6b48cb3e80256a6a002ef1c5?OpenDocument> Besoek: 3 Junie 2003.

Global Publishing Information (GPI). 2004. *Publishing Market Profile. South Africa*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.publishers.org.uk/gpi.nsf/57914ac5a5a75ece802567cf005a7975/945f014686b66f3180256f41003299b0?OpenDocument> Besoek: 20 Januarie 2005.

Goosen, J. 2005. “Het publiek ’n Barbie wat vernietig kan word?”. *Beeld*, 15 Februarie:14.

Gouws, J. 2004. "Book and text studies in Grahamstown". *English Studies in Africa*, 47(1):119-124.

Graham, G. 1994. *As I Was Saying. Essays on the international book business*. London: Hans Zell.

Gray, E. 2006. *Commentary on Stephen Watson's New Contrast article*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/seminarroom/krog_eve_gray.asp Besoek: 19 Februarie 2006.

Green-Bricker, B. 2006. *Homebru 2006 – Celebrate South Africa!*. Toespraak deur Batya Green-Bricker tydens die bekendstelling van die 2006 Homebru-bemarkingsveldtog. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/bazaar/homebru_press2.asp Besoek: 11 Mei 2006.

Griswold, W. 2002. "Number magic in Nigeria". In: Greenspan, E. & Rose, J. (reds.). *Book history Volume 5*, 275-2824.

Grundling, E. 2003. *Tonge trippel op Nooitgedacht tydens beraad oor skrywer- en boekesake*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/indaba/nooitgedacht.asp> Besoek: 25 Augustus 2003.

Gwatyu, M-M. 2005. "Herlewing: stamleiers kry huis in parlement. Afrikatale word afgeskeep, sê Mbeki. Afrikaans moet dien as voorbeeld, meen president" *Die Burger*, 8 April:2.

Hambidge, J. 1990. "'Hoë' en populêre boeke verskil g'n – alles hang van die leser af". *Insig*, Mei:46.

Hambidge, J. 1992. "Genre". In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr, 148-150.

Hambidge, J. 1999. Televisie-onderhoud met Joan Hambidge deur Coenie de Villiers oor die rol van die resensent op die joernaalprogram *Pasella*. 10 Maart 1999. Aucklandpark: SABC2.

Hambidge, J. 2000. *Hibriditeit en die internet*. Bydrae tot die Litnet-aanlynskrywersberaad. [Intyds]. Beskikbaar: <http://litnet.co.za/seminaar/16hambidge.asp> Besoek: 31 Julie 2000.

Hambidge, J. 2004. "Afrikaanse letterkunde se toekoms is duister. En Antjie kry 'n Engelse tong". *Rapport*, 4 Januarie:13.

Hauptfleisch, T. 1997. *Theatre and society in South Africa: some reflections in a fractured mirror*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Hawkins, A.R. (red.). 2006. *Teaching Bibliography, Textual Criticism, and Book History*. Londen: Pickering & Chatto.

Heese, C. 2004. *Swak en sterk punte van die ou en nuwe onderwysstelsel met spesiale verwysing na die behoefte aan verdere hervorming*. Verslag opgestel aan die hand van 'n kongres oor die onderwys, Universiteit van Wes-Kaapland, 4-5 Junie 2004. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.vryeafrikaan.co.za/docs/HeeseOnderwysverslag.pdf>
Besoek: 3 Februarie 2005.

Hellinga, L. & Trapp, J.B. 1999. *The Cambridge history of the book in Britain Volume III 1400-1557*. Cambridge: Cambridge University Press.

Heyns, J.D. 1995. *'n Literatuursosiologiese ondersoek na 'n groep Afrikaanse Tagtigerprosaskrywers*. Ongepubliseerde proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Higgs, C. 2004. *A rough guide to self publishing*. Kaapstad: Sentrum vir die Boek.

Hofmeyr, I. 1987. "Building a nation from words: Afrikaans language, literature and ethnic identity, 1902-1924". In: Marks, S. & Trapido, S. (reds.). *The politics of race, class and nationalism in twentieth century South Africa*. Londen: Longman, 95-123.

Hofmeyr, I. & Galloway, F. 2004. *Book history focus area*. Ongepubliseerde aansoek om navorsingsondersteuning by die Nasionale Navorsing Stigting (NRF) vir 'n interinstitusionele navorsingsprojek oor boekstudie. Johannesburg: Departement Afrika Letterkunde, Universiteit van die Witwatersrand.

Hofmeyr, I. & Kriel, L. 2006. "Book History in southern Africa: What is it and why should it interest historians?". *South African Historical Journal* (eerskomende uitgawe).

Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij (HAUM). 1994. *HAUM 100 – 1994 Eeufeesjaar*. Gedenkbundel by HAUM se eeufeesvieringe. In navorser se argief.

Holman, T. 2003. "Book output tops 125,000". *The Bookseller*, 13 Junie:6.

Hugo, D. 2003. Telefoniese gesprek met die Daniel Hugo (omroeper by *Radiosondergrense* en aanbieder van radioprogramme oor die letterkunde), 12 September 2003.

Hugo, D. 2004. Referaat gelewer tydens die "Translation-Transnation" 1994-2004, *10 years of literary exchange South Africa – France – Netherlands-kollokwium*, 29-30 Maart 2004, Wits Institute of Social & Economic Research, Johannesburg.

Huigen, S. 2006. "Nederlandstalige Suid-Afrikaanse letterkunde, 1652 tot 1925". In: Van Coller, H.P. (red.). 2006a. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 3*. Pretoria: Van Schaik, 3-42.

Human, J.J. 1953. *Die gewilde literêre werk: 'n Ondersoek na die rol van leesstof in die hedendaagse samelewing*. Ongepubliseerde verhandeling. Johannesburg: Universiteit van die Witwatersrand.

Human, K. 2004. "Hek is daar vir almal". *Die Burger*, 27 April:6.

Ibsch, E., Schram, D., & Steen, G. (reds.). 1991. *Empirical studies of literature: Proceedings of the second IGEL-conference, Amsterdam 1989*. Amsterdam: Radopi.

Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG). 2005. *Historical background / Objectives*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.uovs.ac.za/support/library/arca/E_historical.php Besoek: 5 Januarie 2005.

Isaacs, A. 2004. “Afrikaanse skrywers weggewys. Gordimer keer dat PEN by internasionale groep aansluit”. *Beeld*, 25 September:7.

Jacklin Enterprises. 2005. *About Jacklin Enterprises*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.jacklin.co.za/about.asp> Besoek: 12 April 2005.

Jacobs, J. 2004. *Waar is die nuwe geslag jong Afrikaanse skrywers?*. Referaat gelewer tydens die Young Voices – The 2004 South African Online Writers’ Conference. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/youngwriters/jaco_jacobs_a.asp Besoek: 9 November 2004.

Jacobs, S. 1991. “Swart Afrikaanse skrywers het steeds klein uitgewers nodig”. *Die Burger*, 17 Junie:9.

Jankowitz, A. 2002. Telefoniese gesprek met Anton Jankowitz (voormalige uitvoerende bestuurder van ContentLot.com) oor die impak van elektroniese publiserings op die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie, 21 Januarie 2002.

Johl, R. 1986. *Kritiek in krisis: vryheid vir die teks*. Durban: Butterworth.

John, P. 2000. *Hoe moet ons liegfabriek lyk? ’n Meditasie oor simptome van ’n ontwikkelende (post-nasionalistiese) patologie in die hedendaagse Afrikaanse literêre bedryf*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/seminaar/john.asp> Besoek: 10 Maart 2005.

John, P. 2006. “In diens van vandag se magsbelange. Brink se vooroordeel skyn deur logiese aanbod”. *Beeld*, 8 Mei:13.

Johnson, S. 2006. *Statement in response to charges that Antjie Krog plagiarised Ted Hughes in Country of My Skull (Random House, Johannesburg 1998)*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/seminarroom/krog_random_house.asp Besoek: 19 Februarie 2006.

Jonk & Afrikaans. 2001. *Jonk & Afrikaans*. Dokumentêre televisiereeks oor die sienswyses van jong Afrikaanssprekendes oor ’n verskeidenheid eietydse vraagstukke. Vervaardig deur Frederik de Jager. Randburg: kykNET.

Joostens, F. 1990. “Kettters in letterkerk: Ontwikkeling, plaats en funksie van de institutionele literatuursociologie”. In: Joostens, F. (red.). *Het esthetisch belang: Nieuwe ontwikkelingen in de literatuursociologie*. Tilburg: Tilburg University Press, 1-18.

- Jordaan, E. 2004. Telefoniese gesprek met Elmien Jordaan (uitgewer van liefdesromans by LAPA), 19 Januarie 2004.
- Joshi, P. 2002. "Quantitative method, literary history". In: Greenspan, E. & Rose, J. (reds.). *Book history Volume 5*, 263-274.
- Kaapse Argiefbewaarplek. 2005. *Cape Town Archives Repository*. [Intyds].
Beskikbaar: <http://www.national.archives.gov.za/> Besoek: 5 Januarie 2005.
- Kakkerlak. 2006. "Redaksioneel". *Kakkerlak*, 5:1-3.
- Kamphuis, J. 1991. "Satisfaction with books: some empirical findings". *Poetics: journal of empirical research on literature, the media and the arts*, 20:471-485.
- Kannemeyer, J.C. & Schoeman, K. 1981. *'n Natsteen vir Koos Human*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Kannemeyer, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur I*. Kaapstad: Academica.
- Kannemeyer, J.C. 1982. *Die koléperas van Kees Konyn*. Emmarentia: Taurus.
- Kannemeyer, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur II*. Kaapstad: Academica.
- Kannemeyer, J.C. 1986. *D.J. Opperman: 'n biografie*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Kannemeyer, J.C. 1988. *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Kannemeyer, J.C. 1993a. *Wat het geword van Peter Blum?: die speurtog na die steppewolf – 'n narrasie in veertien episodes met 'n naspel*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kannemeyer, J.C. 1993b. *A History of Afrikaans literature*. Pietermaritzburg: Shuter & Shooter.
- Kannemeyer, J.C. 1995. *Langenhoven: 'n lewe*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kannemeyer, J.C. 1998. *Op weg na 2000: Tien jaar Afrikaanse literatuur 1988-1997*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kannemeyer, J.C. 1999. *Leipoldt: 'n lewensverhaal*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kannemeyer, J.C. 2002. *Die goue seun: die lewe en die werk van Uys Krige*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kannemeyer, J.C. 2004a. "Hete kole op 'n amper koue vuurherd – Oor 'n nuwe bydrae tot die Afrikaanse literêre geskiedskrywing". *Tydskrif vir letterkunde*, 41(2):142-156.

Kannemeyer, J.C. 2004b. *Jan Rabie: prosapionier en politieke padwyser*. Kaapstad: Tafelberg.

Kannemeyer, J.C. 2004c. “Die stand van die Afrikaanse edisiewetenskap: ’n Bestekopname en ’n persoonlike rekenskap”. *Stilet*, XVI(2):30-48.

Kannemeyer, J.C. 2005. *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Kats, F. 2001. *Die donker man*. [Intyds]. Beskikbaar: www.litnet.co.za/mond/07/weideman.asp Besoek: 25 Mei 2005.

Keyser, G. 2001. “Nederlandse skrywers dros by hul uitgewery”. *Die Burger*, 8 September:4.

Kitching, M. 2001. “Die koms van die boek op CD”. *Die Burger, Boekewêreld*, 28 Maart:2.

Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK). 2005. *KKNK-Feesgids 2005 – Woordkuns: Die beitelkje*. Oudtshoorn: KKNK.

Klopper, H.B. 1987. *Strauss, Strydom & Van der Walt Mediareg*. 4de uitg. Pretoria: J.L. van Schaik.

Klopper, H.B. en Van der Spuy, P. de W. 1998. *Statutêre intellektuele goederereg*. Ongepubliseerde studiegids. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Kok, F.J. (red.). 1984. *Konferensie ter bevordering van gewilde Afrikaanse prosa*. 21 Mei 1983. Johannesburg: Afrikaanse Taal en Kultuur Vereniging.

Kom laat ons sing. 2002. *Kom laat ons sing – ’n musikale reis van Laurika Rauch*. Dokumentêre televisiereeks oor die Afrikaanse musiekbedryf. Vervaardig deur Johan Badenhorst. Randburg: kykNET.

Koninklijke Vereniging van het Boekenvak. 2005. *De vaste boekenprijs in Europa*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.vasteboekenprijs.nl/hoofdstuk.php?id=9> Besoek: 18 Maart 2005.

Kovač, M. “Patterns and Trends in European Book Production and Consumption: Some Initial Observations”. *The Public*, 11(4):21-36.

Krog, A. 2004. *Die beautiful woorde van Van Wyk Louw*. N.P. van Wyk Louw-gedenklesing, Randse Afrikaanse Universiteit (Universiteit van Johannesburg), 16 September 2004.

Krog, A. 2006a. *Stephen Watson in the annals of Plagiarism*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/seminarroom/krog_krog.asp Besoek: 19 Februarie 2006.

Krog, A. 2006b. *Last time, this time*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/seminarroom/krog_krog2.asp Besoek: 20 Maart 2006.

- Krog, A. & Schaffer, A. 2004. *Nuwe stemme 3: Digtters gekies vir werkswinkel*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/indaba/nstemme3.asp> Besoek: 14 Oktober 2004.
- Kromberg, S. 2000. "How digital technologies are transforming book publishing". In: Evans, N. & Seeber, M. (reds.). *The politics of publishing in South Africa*. Scottsville: University of Natal Press; Londen: Holger Ehling Publishing, 259-278.
- Kromberg, S., Govender, M., Birrell, N. & Sibanyoni, M. (reds.). 1993. *Publishing for democratic education*. Johannesburg: Sached Books.
- Kruger, L. 2003. *The educational publishing process*. Gaslesing deur Lourens Kruger (opvoedkundige uitgewer by Nasou Via Afrika) oor die opvoedkundige sektor van die Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf aan studente in Uitgewerswese. Pretoria: Program in Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.
- Kubergriffel. 2001. Inligting oor die Internetydskrif *Kubergriffel*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.pretoria.co.za/kubergriffel.asp> Besoek: 18 Maart 2005.
- La Cock, A. 2003. "Lesers vervreem van Afrikaans". *Rapport*, 23 Maart:25.
- Laermans, R. 1997. "Communication on art, or the work of art as communication? Bourdieu's field analysis compared with Luhmann's systems theory". *Canadian Review of Comparative Literature*, 24(1):103-113.
- Land, S. 2003. "The State of Book Development in South Africa". *Journal of Education*, 29:93-124.
- Langenhoven, C.J. 1938. *Versamelde werke van C.J. Langenhoven. Deel XII*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Language, V. 2002. Curriculum Vitae – Veronica Language (voormalige uitgewer van liefdesromans by Perskor). In navorser se argief.
- LAPA. 2000. *Agtergrond oor LAPA Uitgewers*. Dokument oor die geskiedenis van LAPA Uitgewers. In navorser se argief.
- LAPA. 2005. *Welkom by LAPA op die Internet*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.lapa.co.za/mybasket/index.asp> Besoek: 22 Februarie 2005.
- Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. 2001. *Practical research: planning and design*. 7de uitg. New Jersey: Prentice Hall.
- Leemans, H. & Stokmans, M. 1991. "Attributes used in choosing books". *Poetics: journal of empirical research on literature, the media and the arts*, 20:487-505.

Leemans, H. 1991. "Can the theory of consumer behavior explain the choices made by buyers of literary books?" In: Ibsch, E., Schram, D., & Steen, G. (reds.). *Empirical studies of literature: Proceedings of the second IGEL-conference, Amsterdam 1989*. Amsterdam: Radopi, 205-212.

Lehmensich, I. 2003. *Nasboek se teësinnige touleier*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/mond/raubenheimer.asp> Besoek: 25 Februarie 2003.

Leonard, C. 1993. "New publisher has bite as well as bark". *Mail & Guardian*, 29 Julie – 5 Augustus:6.

Leuvennink, J. 2000. "Afrikaans word in toneelwêreld nuut gespel". *Afrikaans Vandag*, 7(3):18-19.

Leuvennink, J. 2003. "BTW-vrystelling op boeke nie 'n opsie nie, sê Manuel". *Beeld*, 3 Junie:6.

Liebenberg, O.J. 1998. "Proff. Beukes en Lategan... en NALN". *NALN-Nuusbrief*, 17:September. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.fs.gov.za/Departments/SAC/MUSEUM/nuusbrief2.html> Besoek: 16 April 2004.

Liebenberg, O.J. 1999. "'n Groeiende familie van letterkundige museums? NALN doen grondwerk vir Sesotho Letterkundige Museum". *NALN-Nuusbrief*, 18:Oktober. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.fs.gov.za/Departments/SAC/MUSEUM/nuusbrief3.html> Besoek: 16 April 2004.

Liebenberg, O.J. 2002. Radio-onderhoud deur Anton Prinsloo met Otto Liebenberg, (kurator van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum) op die radioprogram *Die tale wat ons praat*, 18 Augustus. Aucklandpark: *Radiosondergrense*.

Liebenberg, O.J. 2003. Telefoniese gesprek met Otto Liebenberg (kurator van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum), 10 Oktober 2003.

Lindenberg, E. (red.). 1965. *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde*. Pretoria en Kaapstad: Academica.

LINGO. 2006. *LINGO Literary E-journal "so that we may know"*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.lingo.org.za> Besoek: 20 Januarie 2006.

Literator. 2001. Inligting oor die tydskrif *Literator* en die Litera-pryse. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.puk.ac.za/literator/index.html> Besoek: 15 Julie 2003.

Literator. 2003. "Voorskrifte aan skrywers". *Literator*, 24(1):202-204.

LitNet. 2002. Indeksbladsy tot *Boekindaba*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/indaba/default.asp> Besoek: 17 Augustus 2003.

- LitNet. 2004. Indeksbladsy tot die *Groot Kunstefees- en Teaterindaba*. [Intyds].
Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/teaterindaba/default.asp> Besoek: 26 September 2004.
- LitNet. 2005a. Indeksbladsy tot die aanlynskryfskool *SkryfNet*. [Intyds]. Beskikbaar:
<http://www.litnet.co.za/skryfnet/default.asp> / <http://www.litnet.co.za/skryfnet/inligting.asp> Besoek: 1 Februarie 2005.
- LitNet. 2005b. Indeksbladsy tot *Die waar plak jy die pleister*-seminaar. [Intyds].
Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/seminaar/pleister.asp> Besoek: 21 Februarie 2005.
- LitNet. 2005c. Indeksbladsy tot *Taaldebat*. [Intyds]. Beskikbaar:
<http://www.litnet.co.za/taaldebat/default.asp> Besoek: 21 Februarie 2005.
- LitNet. 2005d. Inligting oor besoekersgetalle van die Internettydskrif *LitNet*
gedurende Februarie 2005. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/default.asp>
Besoek: 17 Maart 2005.
- Loots, S. 1998. “By Annari sit-speel skrywers kitaar”. *Die Burger, Boekewêreld*, 1
Julie:8.
- Loots, S. 2003a. “Een swaeltjie maak nie ’n leessomer”. *Rapport*, 28 Desember:18.
- Loots, S. 2003b. “Nuwe boekprys vir prosadebuut huldig Jan Rabie”. *Rapport*, 9
Maart:24.
- Loots, S. 2004. “Marita in ‘Laan’ met ou broek, nuwe boek”. *Rapport*, 5
September:17.
- Loots, S. 2005a. “Afskryf-digter gee prys terug. Tweede verdagte gedig kelder
bundel”. *Rapport*, 7 Augustus:5.
- Loots, S. 2005b. “Redakteur ‘verbloem manewales’”. *Rapport*, 7 Augustus:5.
- Loots, S. 2005c. “Geskerm vir Grobler verontreg jong digters”. *Rapport, Perspektief*,
14 Augustus:4.
- Lor, P.J. & Cillié, R.M. 1999. “Pliglewering van publikasies”. *Kaapse bibliotekaris /
Cape librarian*, September/Oktobre:45-47.
- Lor, P.J. 1995. “Legal deposit: some issues in the international scene”. *Mousaion*,
13(1/2):94-111.
- Louw, S. 2000. Persoonlike e-pos korrespondensie met Salomi Louw (dosent van
Afrikaanse drama in die Departement Afrikaans aan die Universiteit van die Noorde)
oor die posisie van departemente Afrikaans en die dosering van dramatekste, 15
November 2000.
- Lupton, E. 1996. *Mixing messages: graphic design in contemporary culture*. New
York: Princeton Architectural Press.

Luyt, M. 2005. “Luisterjaar soos min lê voor vir miljoene”. *Die Burger*, 12 Januarie:8.

Lyons, M. & Arnold, J. (reds.). 2001. *A history of the book in Australia 1891-1945: a national culture in a colonised Market*. Queensland: University of Queensland Press.

Maartens, N. 2001. *Eenders en anders – ContentLot.com*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/mond/contentlot.asp> Besoek: 25 Mei 2005.

Mail & Guardian. 2006. “Much ado”. *Mail & Guardian*, 3 Maart. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.chico.mweb.co.za/art/2006/2006mar/060303-krog.html> Besoek: 14 Mei 2006.

Malan, C. 1983. *'n Ontleding van SA letterkundenavorsing aan die begin van die jare tagtig*. SENSAL-publikasies nr. 2. Pretoria: Sentrum vir S.A. Letterkundenavorsing, Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Malan, C. (red.). 1984a. *SA letterkundenavorsing: Verslag van 'n navorsingsimposium – SA Literature Research: Report on a research symposium*. SENSAL-publikasies nr. 11. Pretoria: Sentrum vir S.A. Letterkundenavorsing, Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Malan, C. 1984b. “Goeie gewilde prosa – ’n terreinbeskrywing”. In: Kok, F.J. (red.). *Konferensie ter bevordering van gewilde Afrikaanse prosa*. 21 Mei 1983. Johannesburg: Afrikaanse Taal en Kultuur Vereniging, 1-19.

Malan, C. 1991. “Kultuur is nie by RGN-agterdeur uit”. *Beeld Kalender*, 25 November:2.

Malan, C. 2002a. *Problematiese strukture: nuwe verenigings en uitgewerye*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/indaba/charles.asp> Besoek: 10 Junie 2002.

Malan, C. 2002b. *Boekebelange-beraad dui rigtings vir die toekoms aan*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/indaba/beraad.asp> Besoek: 1 Oktober 2002.

Malan, C. 2002c. *Reaksie op die LitNet-berig – ’n verteenwoordigende vereniging*. E-pos korrespondensie aan die Boekebelange-forum, 9 Junie 2002.

Malan, C. 2002d. *Skrywe aan boekevriende*. Bekendstellingsdokument van CharCom, handeldrywend as Hermes. E-pos korrespondensie aan die Boekebelange-forum, 31 Mei 2002.

Malan, C. 2003a. *Beraad oor skrywers- en boekebelange lui ’n nuwe era in*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/indaba/bb.asp> Besoek: 3 Oktober 2003.

Malan, C. 2003b. “Die Afrikaanse boek loop die kreeftegang”. *Rapport*, 16 Maart:17.

Malan, D. 2003c. Telefoniese gesprek met Daleen Malan (hoofuitgewer by Jacklin Enterprises), 21 Oktober 2003.

Malan, D. 2005b. Telefoniese gesprek met Daleen Malan (hoofuitgewer by Jacklin Enterprises), 21 April 2005.

Malan, J. 2003d. Persoonlike gesprek met Jannie Malan (voormalige redakteur by Makro Boeke), 6 Junie 2003.

Malan, M. & Taylor, D. 2005. "Toer en rumoer deur Kenia". *Insig*, Maart:48-52.

Malan, M. 2005a. "Louws los nie briewe-aksie. Weduwee 'was teen publikasie'". *Rapport*, 20 Maart:10.

Malan, M. 2006. "Ek lees nie twak nie, sê Breyten oor Brink-boek". *Rapport*, 23 April:8.

Manual, T.A. 2003. *Budget Speech, Minister of Finance, T.A. Manuel, 26 February 2003*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.finance.gov.za/documents/budget/2003/speech/speech.htm&e=9818> Besoek: 25 Mei 2005.

Marais, J.L. 1987. *Opleiding in skeppende skryfwerk in Suid-Afrika: 'n sisteembeskrywing*. SENSAL-publikasies nr. 22. Pretoria: Sentrum vir S.A. Letterkundenavorsing, Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Marais, J.L. 1994. *Opleiding in skeppende skryfwerk vir volwassenes in Afrikaans*. Ongepubliseerde magisterverhandeling. Pretoria: Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria.

Marais, J.L. 2001a. "Die Letterkundige Laboratorium van die Universiteit van Stellenbosch (1960-1984)". *Stilet*, XIII(3):92-108.

Marais, J.L. 2004. "In gesprek met D.P.M. Botes". *Spilpunt*, 1(2):10-16.

Marais, J.L. 2005. "Navorsers van statuur". *Die Burger*, 2 Desember:19.

Marais, J.L. 2006. "By die bekendstelling van *Honderd jaar later*". Toespraak gelewer tydens die bekendstelling van *Honderd jaar later: Ter viering van die publikasie van "Winternag" op 23 Junie 1905* (Praag, 2006) op 19 Mei 2006 by die Huis vir Afrikaanse Poësie (hAp), Capital Park, Pretoria.

Marais, R. 2001b. "Die problematiek van literêre vertaling uit Nederlands in Afrikaans". *Stilet*, XIII(3):109-122.

Maryles, D. 2003a. "Behind the bestsellers". *Publishers weekly*, 250(21):19.

Maryles, D. 2003b. "Behind the bestsellers". *Publishers weekly*, 250(32):123.

Maryles, D. 2004. "Behind the bestsellers". *Publishers weekly*, 251(1):16.

Masondo, M. 2004. *Statistical trends in the production of isiZulu fiction from 1930 to 2000*. Onvoltooide en ongepubliseerde magisterverhandeling. Pretoria: Program in Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.

Mathee, D. 2000. *Pieterella van die Kaap*. Kaapstad: Tafelberg.

McCallum, K. 1998. "South African Print Industries Cluster". *Bellagio Publishing Network*, Desember. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.bellagiopublishingnetwork.org/newsletter24/toc.htm> Besoek: 21 Augustus 2003.

McGann, J. 2002. "The Socialization of Texts" In: Finkelstein, D. & McCleery, A. (reds.). *The Book History Reader*. Londen: Routledge, 39-46.

McKenzie, D.F. 2002a. "The Book as an Expressive Form". In: Finkelstein, D. & McCleery, A. (reds.). *The Book History Reader*. Londen: Routledge, 27-38.

McKenzie, D.F. 2002b. "The Sociology of a Text: Orality, literacy and print in early New Zealand". In: Finkelstein, D. & McCleery, A. (reds.). *The Book History Reader*. Londen: Routledge, 189-215.

Media Advertising Publishing Printing Packaging Sector Education Training Authority (MAPPP-SETA). 2004. *What is MAPP-SETA? / Vision / Mission / Print media and publishing chamber*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.mappp-seta.co.za/> / <http://www.mappp-seta.co.za/publish.htm> Besoek: 25 Mei 2005.

Meggs, P.B. 1998. *A history of graphic design*. 3de uitg. New York: John Wiley & Sons.

Meiring, J. 2005. "Die ewige eierdans". *Insig*, Mei:56.

Meyer, D. 2000. *Die boek, die skrywer en die internet*. Bydrae tot die Litnet-aanlynskrywersberaad. [Intyds]. Beskikbaar: <http://litnet.co.za/seminaar/29Meyer.asp> Besoek: 13 April 2002.

Meyerring, S. 2006. *Celebrate South Africa!* Onderhoud met Batya Green-Bricker, bemarkingsbestuurder van Exclusive Books oor die Homebru-bemarkingsveldtog. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/ricochet/batya_green_bricker.asp Besoek: 11 Mei 2006.

Mhlongo, N. 2004. *Distributing the word to the kwaito generation*. Referaat gelewer tydens die Young Voices – The 2004 South African Online Writers' Conference. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/youngwriters/niq_mhlongo.asp Besoek: 15 November 2004.

Milliot, J. 2003. "AAP launches revamped statistics program". *Publishers weekly*, 250(12):14.

Mischke, A-M. 2000. "Afrikaners vertel hul stories vir mekaar – in hul eie taal". *Rapport*, 9 Januarie:18.

- Mischke, A-M. 2006. “Afrikaanse skrywers by PEN”. *Rapport*, 28 Mei:7.
- Mouton, J. 2001. *How to succeed in your Master’s and Doctoral studies. A South African guide and resource book*. Pretoria: Van Schaik.
- Mouton, J. 2005. “Afrikaans as wetenskapstaal in Suid-Afrika”. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 45(3):370-385.
- Mpe, P. & Seeber, M. 2000. “The politics of book publishing in South Africa: a critical overview”. In: Evans, N. & Seeber, M. (reds.). *The politics of publishing in South Africa*. Scottsville: University of Natal Press; Londen: Holger Ehling Publishing, 15-42.
- Mulder, N. 2005. “Summiere verhoor nie gepas in *Beeld*-saak. Uitspraak voorbehou oor Goosen se Barbie-rubriek”. *Beeld*, 18 Februarie:9.
- Muller, C.F.J. 1990. *Sonop in die Suide: geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915-1948*. Kaapstad: Nasionale boekhandel.
- NALN-dokumentasie 2136/93/2125. 1991katalogus van die uitgewery Taurus, Reg. No. 79/01678/07.
- NALN-dokumentasie, 2136/93/2048. Korrespondensie deur Tienie du Plessis (voorheen ontwerper by die uitgewery Taurus) aan André P. Brink, gedateer 27 Februarie 1992.
- NALN-dokumentasie, 2136/93/2087. Notule van Taurus-vergadering, gedateer 1 Julie 1991.
- NALN-dokumentasie, 3083/99/1012. Briefhoof van HAUM – Daan Retief Uitgewers (Edms) Bpk. Reg. No. 79/04385/07.
- NALN-dokumentasie, 666/2001/26. Briefhoof van Makro Boeke Uitgewers van grootdrukboeke (Edms) Bpk. Reg. No. 72/08792/07.
- Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN). 1997. *Bronnegids by die studie van die Afrikaanse letterkunde en taal 1996*. Bloemfontein: NALN.
- Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN). 2004. *NALN se versamelings*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.fs.gov.za/Departments/SAC/MUSEUM/versamelings.html> Besoek: 4 Maart 2004.
- Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN). 2005. *Databasis van Afrikaanse literêre pryse, toekennings en wedstryde*. Bloemfontein: NALN.

Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN). 2006. *Bronnegids by die studie van die Afrikaanse letterkunde en taal 1997 / 2002 / 2003*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.fs.gov.za/Departments/SAC/MUSEUM/aanbod.html> / <http://www.sac.fs.gov.za/naln> Besoek: 1 Junie 2006.

Naspers. 1999. *Naspers-Jaarverslag 1999*. Jaarverslag vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 1999. Kaapstad: Naspers.

Naspers. 2000. *Naspers-Jaarverslag 2000*. Jaarverslag vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2000. Kaapstad: Naspers.

Naspers. 2005a. *Omtrent Naspers*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.naspers.co.za/book_index.asp?lang=afrikaans Besoek: 12 April 2005.

Naspers. 2005b. *Maatskappygeskiedenis*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.naspers.co.za/book_index.asp?lang=afrikaans Besoek: 12 April 2005.

Naspers. 2005c. *Maatskappystruktuur*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.naspers.co.za/book_index.asp?lang=afrikaans Besoek: 12 April 2005.

National Library of South Africa (NLSA). 2003a. *South African National Bibliography (SANB) Online Catalogue*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://natlib1.unisa.ac.za/screens/scopemenu.html> Besoek: 13 April 2004.

National Library of South Africa (NLSA). 2003b. *National Library – Where we come from*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.nlsa.ac.za/about_where.html Besoek: 13 April 2004.

National Library of South Africa (NLSA). 2003c. *National Library – Core functions*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.nlsa.ac.za/about_core.html Besoek: 13 April 2004.

Naudé, C-P. 2004. “Aan nuwe stemme kan nie voorgeskryf word”. *Die Burger*, 19 Oktober:8.

Naude, L. 2004. *Languages national submissions protest*. Dokument opgestel deur Louise Naude (uitvoerende hoofamptenaar van Nasou Via Afrika) waarin die implikasies van die wysigings in die voorlegging van publikasies aan die Departement van Onderwys uitgespel word. E-pos korrespondensie aan PASA-lede, 15 November 2004.

Naude, L. 2005. Telefoniese gesprek met Louise Naude (uitvoerende hoofamptenaar van Nasou Via Afrika) oor die implikasies van die veranderde voorskryf beleid op die produksie van Afrikaanse fiksie, 3 Junie 2005.

NB-Uitgewers. 2005a. *NB Biblioteekdiens*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.nb.co.za/NB/nbArticleDisplay.asp?iCategory_id=56 Besoek: 18 Maart 2005.

NB-Uitgewers. 2005b. *Artikels*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.nb.co.za/NB/nbArticleDisplay.asp?iCategory_id=53 Besoek: 18 Maart 2005.

NB-Uitgewers. 2005c. *Skrywers en medewerkers – e-Nuusbrief*. [Intyds]. Besikbaar: http://www.nb.co.za/NB/nbArticleDisplay.asp?iCategory_id=84 Besoek: 18 Maart 2005.

NB-Uitgewers. 2005d. *Bestellings*. [Intyds]. Besikbaar: http://www.nb.co.za/NB/nbArticleDisplay.asp?iCategory_id=58 Besoek: 18 Maart 2005.

Nel, E.P. 2002a. *Voorsittersverslag soos gelewer by die 6de algemene jaarvergadering van die Afrikaanse Skrywersvereniging, 12 Oktober 2002, Bloemfontein*. [Intyds]. Besikbaar: <http://afrikaanseskrywers.virafrikaans.com/debat.html> Besoek: 26 Augustus 2003.

Nel, E.P. 2003. *Hou op kla en werk vir die saak van die Afrikaanse boek. Die Burgerlesingreeks*, Klein Karoo Nasionale Kunstefees, April 2003. [Intyds]. Besikbaar: <http://www.litnet.co.za/seminaar/kknknel.asp> Besoek: 13 Mei 2003.

Nel, F. 2002b. Persoonlike gesprek met Frikkie Nel (voormalige bestuurder van Nasionale Boekhandel / On the Dot Distribusie), 23 Augustus 2002.

Nel, J. 1987. “Met kanongebulder”. In: Botha, D. (red.). *Hulde aan J.D.* [Pretorius]. Kaapstad: Tafelberg, 68-70.

Nel, J. 1993. “Jurgen Fomm”. Bydrae deur Johan Nel tot ’n ongepubliseerde gedenkbundel vir Jurgen Fomm. NALN-dokumentasie, 666/2001/27.

Nel, J. 1998. “George Weideman se frustrasie oor die probleme” *Die Burger*, 30 Desember:13.

Nel, J. 2004. “Webwerf glo gesluit ná plagiaat. Digtors hierdeur benadeel”. *Volksblad*, 13 Mei:7.

Nel, J. 2005a. “Chameleon sing Jonker se gedigte”. *Beeld*, 23 Maart:6.

Nel, J. 2005b. “Ons biblioteke sukkel maar daar’s hoop”. *Rapport, Perspektief*, 27 November:2.

Nel, J. 2006. Telefoniese gesprek met Johan Nel (eienaar van Makro Boeke en Benedic boeke en uitgewer van veral boeke in grootdruk-formaat), 6 Junie 2006.

Nicholson, D. 2005. *PICC’s National book policy – please comment*. E-pos korrespondensie oor gratis toegang tot inligting en kommentaar op die voorgestelde nasionale boekontwikkelingsbeleid, 9 Februarie 2005.

Nielsen BookScan. 2004. *Nielsen BookScan - the definitive retail monitoring service for books*. [Intyds]. Besikbaar: <http://www.nielsenbookscan.co.uk/?pid=1> Besoek: 8 April 2004.

Nienaber, P.J. 1943a. *’n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika. Tweede trek-reeks, no. 25*. Bloemfontein: Nasionale Pers.

- Nienaber, P.J. 1943b. *Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 1 (April 1861 – April 1943)*. Emmarentia: P.J. Nienaber.
- Nienaber, P.J. 1948. *Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 2 (April 1943 – Oktober 1948)*. Emmarentia: P.J. Nienaber.
- Nienaber, P.J. (red.). 1951-1982. *Perspektief en profiel: 'n Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde*. 1ste tot 5de uitg. Johannesburg: Perskor.
- Nienaber, P.J. 1953. *Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 3 (November 1948 – Oktober 1953)*. Emmarentia: P.J. Nienaber.
- Nienaber, P.J. 1958. *Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 4 (November 1953 – Junie 1958)*. Emmarentia: P.J. Nienaber.
- Nienaber, P.J. 1963. *Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 5 (Julie 1958 – Februarie 1963)*. Emmarentia: P.J. Nienaber.
- Nienaber, P.J. 1967. *Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 6 (Maart 1963 – Desember 1966)*. Emmarentia: P.J. Nienaber.
- Nienaber, P.J. 1971. *Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 7 (Januarie 1967 – Desember 1970)*. Emmarentia: P.J. Nienaber.
- Nienaber, P.J. 1977. *Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 8 (Januarie 1971 – Desember 1974)*. Johannesburg: Perskor.
- Nienaber, P.J. 1981. *Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 9 (Januarie 1975 – Desember 1977)*. Johannesburg: Perskor.
- Nienaber, P.J. 1982. *Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 10 (Januarie 1978 – Junie 1981)*. Ongepubliseer. Beskikbaar by NALN.
- Nieuwoudt, S. 2001. “Nasboek-uitgewers toon 44% groei”. *Beeld, PLUS*, 7 Maart:8.
- Nieuwoudt, S. 2002a. “NB-Uitgewers maak wins in moeilike mark”. *Beeld*, 23 April:3.
- Nieuwoudt, S. 2002b. “Liefde vir boeke laat hom waag”. *Die Burger*, 26 Maart:9.
- Nieuwoudt, S. 2002c. “Alleenma met haar eerste twee ‘babas’”. *Beeld, PLUS*, 16 November:10.
- Nieuwoudt, S. 2003a. “Duurder as ’n AK 47 – Boeke kán goedkoper wees, sê kenners”. *Beeld*, 2 Mei:11.
- Nieuwoudt, S. 2003b. “Belcher se baie dae. Op 70 glo Ronnie nie in oudgeit nie: ‘Ek het nog baie toegevoegde jare’”. *Beeld*, 26 April:13.

Nieuwoudt, S. 2004. “Veerlig, maar tog lekker. Liefdesromans gaan van krag tot krag”. *Beeld*, 14 Februarie:8.

Odendaal, B.J. 2001. “Bestekopnametyd? Strategiese funksies van tematiese poësiebloemesings in die Afrikaanse literêre veld in die tydperk 1986-2000”. *Stilet*, XIII(1):51-68

Odendaal, B.J. 2006. “Tendense in die Afrikaanse poësie in die tydperk 1998-2003”. In: Van Coller, H.P. (red.). 2006a. *Perspektief en profiel. ’n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 3*. Pretoria: Van Schaik, 105-148.

Odendaal, L. 1998. “Perspektief op die Afrikaanse drama sedert 1978”. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel. ’n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 1*. Pretoria: J.L. van Schaik, 150-215.

Odendaal, T. 2002. “’n Tyd toe kunste rugby getroef het – Vars denke nodig om weer lewe in bedryf te blaas”. *Beeld*, 23 Oktober:12.

Ohlhoff, H. 1999. “Perspektief op die Afrikaanse poësie: die poësie van voor 1900 tot 1960”. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel. ’n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 2*. Pretoria: J.L. van Schaik, 21-243.

Oliphant, A. 2000. “From colonialism to democracy: writers and publishing in South Africa”. In: Evans, N. & Seeber, M. (reds.). *The politics of publishing in South Africa*. Scottsville: University of Natal Press; Londen: Holger Ehling Publishing, 107-126.

Oliphant, A. 2003. *Van waar en waarheen? – Suid-Afrikaanse Skrywersgenootskap*. Referaat gelewer tydens die Verteenwoordigende Afrikaanse Beraad oor skrywers- en boekesake, 22 September 2003, Nooitgedacht.

Olivier, B. 2003. *Die kunste en die (globale) mark. Die Burger-lesingreeks*: “Die rondgaande verhoog: (Suid-)Afrikaanse kultuur ná 1994”, Klein Karoo Nasionale Kunstefees, April 2003. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/kknkolivier.asp> Besoek: 15 Mei 2003.

Olivier, F. 1990. “Fasette van ’n fokus op ’80: Uittreksels uit die verrigtinge van die Nasionale Leeskringseminaar, 5 en 6 Oktober 1988. Letterkunde vs. populêre leesstof”. *Tydskrif vir letterkunde*, XXVIII(1):89-93.

On the Dot Distribusie. 2005. *On the Dot Distribusie – About us*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.onthedot.co.za/About.asp> Besoek: 18 Maart 2005.

Online Publishers’ Association. 2004. *Online readership*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.opa.org.za/readership.aspx> Besoek: 18 Maart 2005.

Owen, P. (red.). 1996a. *Publishing now. A definite assessment by key people in the book trade*. London: Peter Owen.

- Owen, P. 1996b. "Independent publishing". In: Owen, P. (red.). 1996a. *Publishing now. A definite assessment by key people in the book trade*. London: Peter Owen, 27-33.
- Pharos. 2005. *Artikels en resensies*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.nb.co.za/Pharos/phArticleDisplay.asp?iCategory_id=35 Besoek: 18 Maart 2005.
- Pan Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT). 2004. *PanSAT – Iets oor ons: visie / missie / waardes*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.pansalb.org.za/index.php?nTab=6&lang_id=2 Besoek: 25 Mei 2005.
- Papenfus, T. 2002. Bekendstellingsdokument van Litera Publikasies. E-pos korrespondensie aan die Boekebelange-forum, 31 Mei 2002.
- Parker Lewis, H. 2004. *Successful self-publishing in South Africa*. Kaapstad: Ihilihili Press.
- Parker, E. 1998. "Kerneels vs Hannes". *De Kat*, Januarie:70-72.
- Paten, I. 1996. "Literary publishing within a conglomerate". In: Owen, P. (red.). 1996a. *Publishing now. A definite assessment by key people in the book trade*. London: Peter Owen, 21-26.
- Peck, J. & Coyle, M. 1993. *Literary terms and criticism*. 2de uitg. Londen: Macmillan.
- Penzhorn, C.E. 2004. *Development of a methodology for monitoring compliance with legal deposit in South Africa*. Onvoltooide en ongepubliseerde proefskrif. Pretoria: Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria. Verwagte voltooiingsdatum: 2006.
- Perskor. 1997. *Vlaeberg-Jaarverslag 1996/1997*. Ongepubliseerde jaarverslag. Opgestel deur Willem Struik van Perskor en Connie Nel van Vlaeberg. In navorser se argief.
- Petersen, P. 1997. "Die ongelyke magsverhoudinge in die Afrikaanse letterkunde". In: Willemse, H. & Hattingh, M. & Van Wyk, S. & Conradie, P. (reds.). *Die reis na Paternoster – 'n Verslag van die Tweede Swart Afrikaanse Skrywersimposium gehou op Paternoster vanaf 29 September tot 1 Oktober 1995*. Belville: Universiteit van Wes-Kaapland.
- Pienaar, H. 2003a. *Hans Pienaar oor selfpublikasie en die boek in krisis*. E-pos korrespondensie aan die Boekebelange-forum, 16 September 2003.
- Pienaar, J. 2003b. *Publishing environment. Educational learning support material*. Gaslesing deur Japie Pienaar (hoofbestuurder van Maskew Miller Longman) oor die opvoedkundige sektor van die Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf aan honneursstudente in Uitgewerswese. Pretoria: Program in Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.

- Pienaar, J. 2004a. *PG du Plessis: Man van Legio*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/mond/jppg.asp> Besoek: 13 April 2004.
- Pienaar, L. 2004b. “Die Soweto-onluste van 16 Julie 1976 en die gevolge daarvan vir Afrikaans”. In: Van Rensburg, F.I.J. (red.). *Afrikaans – lewende taal van miljoene*. Pretoria: Van Schaik, 133-141.
- PLUS. 2002. “Kompetisie vir radiodramas lok 100 nuwes”. *Beeld, PLUS*, 11 Desember:3.
- PLUS. 2003. “Afrikaanse skryfwedstryd vir jonk én oud”. *Beeld, PLUS*, 13 Maart:10.
- PLUS. 2004. “Pieter Cilliers se ‘Kunskafee’ vereer met gesogte ACT-prys”. *Beeld, PLUS*, 11 November:6.
- PLUS. 2005. “‘Agaat’ wen UJ-prys”. *Beeld, PLUS*, 18 Maart:8.
- Potgieter, A. & Bloemhof, E. 2002. *Wat gebeur met die uitgee van poësie in Afrikaans?*. Ongepubliseerde inligtingstuk van NB-Uitgewers. Kaapstad: NB-Uitgewers.
- Prangel, M. 1997. “Systems theory: what it is and what it is not. On some current misunderstanding in the reception of a systems-theoretical concept of meaning”. *Canadian Review of Comparative Literature*, 24(1):153-160.
- Pretorius, H. 2001. Televisie-onderhoud met Hein Pretorius (bestuurder van Kalahari.net) deur Etienne van Heerden oor elektroniese boekhandel op die joernaalprogram *Kunskafee*. 18 Maart 2001. Randburg: kykNET.
- Prins, J. 2005. “De Vries vies oor ‘nonsens’”. *Beeld*, Februarie: 5.
- Prinsloo, K. 1987. “’n Roman van Krige”. *Beeld*, 9 Maart:2.
- Prinsloo, K. 2004. *Verslag van ’n taaloudit oor Afrikaanse taalprojekte, verenigings en energieë, 2004. (Vir bespreking tydens die Afrikaanse Taalberaad in Stellenbosch, 25-27 Augustus 2004)*. Pretoria: Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans.
- Prinsloo, K.P. & Van Rensburg, M.C.J. (red.). 1984. *Afrikaans: stand, taak, toekoms*. Pretoria: HAUM.
- Print Industries Cluster Council (PICC). 2004. *PICC report on intellectual property rights in the print industries sector*. Kaapstad: PICC.
- Print Industries Cluster Council (PICC). 2005. *Background to the draft national book policy*. Kaapstad: PICC.
- Print Industries Federation of South Africa (PIFSA). 2005. *PIFSA – Vision / Mission / Objectives*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.pifsa.org/objectives.htm> Besoek: 25 Mei 2005.

Print Manufacturers Association of South Africa (PAMSA). 2003. *Pamsa – Who are we and what do we do?*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.pamsa.co.za/pamsa/content.jsp?id=Who%20and%20What> Besoek: 21 Augustus 2003.

Print Media Association (PMA). 2003. Inligting oor PMA. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.printmedia.org.za/> Besoek: 21 Augustus 2003.

Pro-Afrikaans Aksiegroep (PRAAG). 2005a. *PRAAG – Wie is ons?*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.praag.co.za/wie_is_ons.htm Besoek: 2 Maart 2005.

Pro-Afrikaans Aksiegroep (PRAAG). 2005b. *PRAAG – Boekwinkel*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.praag.co.za/boekwinkel.htm> Besoek: 2 Maart 2005.

Produkiedatabasis van Afrikaanse Fiksie (PDAF). 2004. Databasis van die produksie van Afrikaanse fiksiepublikasies gedurende die periode 1990-2003. Ontwikkel deur Rudi MR Venter. Pretoria: Program in Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.

Protea Boekhuis. 2005. *Protea Boekhuis – Tuis / Boekpraatjies / Nuusbriewe / Fotogalery / Publikasies*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.proteaboekhuis.co.za/tuisblad.htm> Besoek: 18 Maart 2005.

Publishers' Association of South Africa (PASA). 2003. *About PASA / Aims & Objects*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://publishsa.co.za/about.htm> Besoek: 21 Augustus 2003.

Publishing Research Quarterly. 2005. Inligting oor die tydskrif *Publishing Research Quarterly*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.transactionpub.com/cgi-bin/transaction/publishers.storefront/> / <http://transactionpub.metapress.com/link.asp?id=107893> Besoek: 20 Mei 2005.

Radiosondergrense (RSG). 2006. Nuusberig op *Spektrum* oor staatsbesteding aan openbare biblioteke en die skeppende kulturele bedrywe. 10 Februarie 2006.

Rall, P. & Warricker, H. 2000. *Trends in book publishing during the 1990s. A Case study: Nasionale Pers*. Ongepubliseerde navorsingsverslag. Pretoria: Program in Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.

Raubenheimer, H. 2003. *NB-Uitgewers: die pad vorentoe*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/indaba/raubenheimer.asp> Besoek: 12 Mei 2003.

Rautenbach, E. 2002. Persoonlike gesprek met Elmari Rautenbach (voormalige redakteur en boekeredakteur van *Insig*) oor die rol van die boekeredakteur in die uitgeesistiem van Afrikaanse fiksie, 21 Augustus 2002.

Rautenbach, I.M. & Malherbe, E.F.J. 1998. *Wat sê die grondwet?*. Pretoria: Van Schaik Akademies.

Retief, H. 2006. "Hanlie Retief gesels met Chris Brink. Die ewige buitestander". *Rapport*, 2 April: 14.

Retief, H.J.M. 2005a. Persoonlike gesprek met dr. H.J.M. Retief (voormalige uitgewer van fiksie by Daan Retief), 14 April 2005.

Retief, R. 2005b. Telefoniese gesprek met Rachelle Retief (weduwee van die uitgewer Daan Retief), 26 April 2005.

Richter, J. 2004. Telefoniese gesprek met Johannes Richter (assistent redakteur by Jacklin Enterprises), 15 Februarie 2004.

Robinson, B.G. 2003. Inligtingsessie aangebied deur Gerhard Robinson (besturende direkteur van die Dramatiese, Artistieke en Letterkundige Regte Organisasie) oor die rol van DALRO in die bestuur van intellektuele eiendomsregte, 30 September 2003, Midrand.

Roodt, D. 2004a. “Die Afrikaanse boek kán weer bloei”. *Rapport*, 11 Januarie:17.

Roodt, D. 2004b. *Die komende God, tydskrif & PEN ...* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/senet/senet.asp?id=16973> Besoek: 26 Januarie 2004.

Roodt, D. 2005. *Pas aan en sterf / Adapt and die – South Africa’s new motto*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.praag.co.za/rubriek154.htm> / <http://www.praag.co.za/rubriek137.htm> Besoek: 16 Maart 2005.

Roodt, D. 2006. *Mediaverklaring deur die Pretoria-Afrikaanse PEN oor toelating tot die internasionale PEN*. E-pos korrespondensie aan belanghebbendes, 28 Mei 2006.

Roos, H. 1998. “Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu”. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel. ’n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 1*. Pretoria: J.L. van Schaik, 21-117.

Roos, H. 2006. “Die Afrikaanse prosa 1997-2002”. In: Van Coller, H.P. (red.). 2006a. *Perspektief en profiel. ’n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 3*. Pretoria: Van Schaik, 43-104.

Rose, J. 2001. *From book history to book studies*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.printinghistory.org/htm/misc/awards/2001-SHARP.htm> Besoek: 28 April 2004.

Rossouw, J. 2002. *Groepverdoemenis, ofte wel die geval van “Generasie Z”*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/jrgenz.asp> Besoek: 29 Oktober 2002.

Rutter, K. 2006. “Literary trading”. *Mail & Guardian*, 31 Maart. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.chico.mweb.co.za/art/2006/2006mar/060303-trading.html> Besoek: 25 Mei 2006.

SA Media. 2005. *S.A. Media at your service*. [Intyds]. Besoek: <http://www.samedia.uovs.ac.za/> Besoek: 5 Januarie 2005.

- SABINET Online. 2005. Inligting oor beskikbare akademiese tydskrifte in elektroniese formaat op SABINET Online se SA ePublications. [Intyds]. Beskikbaar: <http://aclib.sabinet.co.za/journals/onlinejournals.html> Besoek: 11 Januarie 2005.
- Sales-Salvador, D. 2002. "In Conversation with Itamar Evan-Zohar about Literary and Culture Theory". *CLCWeb: Comparative Literature and Culture: A WWWeb Journal*. CLCWeb Contents 4.3 (September). [Intyds]. Beskikbaar: [http://clcwebjournal.lib.purdue.edu/clcweb02-3/sales\(even-zohar\)02.html](http://clcwebjournal.lib.purdue.edu/clcweb02-3/sales(even-zohar)02.html) Besoek: 3 Junie 2003.
- Samuel, S. 2006. "Ouers kelder kinders se leeslus". *Rapport, Perspektief*, 30 April:4.
- Scannell, J.P., Steyn, J.C. & Keyser, H. 1992. "Opvoedkundige uitgewerye". In: Beukes, W.D. (red.). *Boekewêreld: die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale boekhandel, 445-475.
- Schiffirin, A. 2001. *The business of books. How international conglomerates took over publishing and changed the way we read*. London: Verso.
- Schlatter, E. 2005. *The way of the book. An overview*. Gaslesing oor visuele en (re)produksie aspekte van uitgee. Gelewer deur Ernst Schlatter (produksiebestuurder van Van Schaik). Pretoria: Program in Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.
- Schlemmer, L. & Giliomee, H. 2004. *Die staat teen die ouers? Kernbevindinge van 'n opname oor die menings van ouers oor wendinge in die onderwys*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.vryeafrikaan.co.za/docs/SchlemmerOnderwysverslag.pdf> Besoek: 3 Februarie 2005.
- Schmidt, S.J. 1997. "A system-oriented approach to literary studies". *Canadian Review of Comparative Literature*, 24(1):119-136.
- Schoeman, K. 2002. *Die laaste Afrikaanse boek: outobiografiese aantekeninge*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Scholtz, H. 1998. "Krisis in die bedryf. Wat hou die toekoms in vir Afrikaanse boeke?". *Insig*, Desember:8.
- Scholtz, H. 2002. Persoonlike gesprek met Hettie Scholtz (voormalige uitgewer van fiksie en bestuurder van HAUM-Literêr en Queillierie), 27 Augustus 2002.
- Scholtz, H. 2004. Persoonlike e-pos korrespondensie met Hettie Scholtz (aanbieder van die boekerubriek op kykNET se joernaalprogram *Kunskafee*). 10 Mei 2004.
- Seeber, M. 2000. Gaslesing deur Monica Seeber (outeursregkonsultant) oor outersregvraagstukke aan honneursstudente in Uitgewerswese, 31 Mei 2000. Pretoria: Program in Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.
- Seeber, M. 2003. *Academic and non-fiction authors*. E-pos korrespondensie aan akademiese en nie-fiksie skrywers insake uitnodiging na gesprekke oor 'n toekomstige skrywersvereniging, 25 September 2003.

Segers, R.T. 1998. "Resepsie-ondersoek: Die ontdekking van die leser in die twintigste eeu". In: Van der Merwe, C.N. & Viljoen, H. *Alkant olifant: 'n Inleiding tot die literatuurwetenskap*. Pretoria: J.L. van Schaik, 138-147.

Sentrum vir die Boek. 2004a. *Centre for the Book – Vision / Core function*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.centreforthebook.org.za/index.html> Besoek: 16 April 2004.

Sentrum vir die Boek. 2004b. *History of the Centre for the Book / Aims and objectives*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.nlsa.ac.za/cb/inside/> Besoek: 16 April 2004.

Sheffy, R. 1997. "Models and habituses: problems in the idea of cultural repertoires". *Canadian Review of Comparative Literature*, 24(1):35-47.

Skoppensboer. 2005. Inligting oor die webwerf *Skoppensboer*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.skoppensboer.co.za/wie_is_ons.html Besoek: 18 Maart 2005.

Slabber, C. 1988. "Twee kultuurvreugdes so op die jaar-einde". *Rapport*, 20 November:28.

Smit, B. 1985a. "Tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde". In: Malan, C. & Smit, B. (reds.). *Skrywer en gemeenskap – tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Smit, J.A., Van Wyk, J., & Wade, J-P. (reds.). 1996. *Rethinking South African literary history*. Durban: Y Press.

Smit, T. 1985b. *P.J. Nienaber: Kurator van ons erfenis*. Pretoria: Folio.

Smith, C. 2005. "Wes-Kaap 'slurp veral Afrikaanse Mills & Boon op'". *Die Burger*, 22 Oktober:2.

Smith, F. 2001. "Afrikaanse boek beleef tans windstilte". *Die Burger, Boekewêreld*, 27 Junie:3.

Smith, F. 2002. Persoonlike gesprek met Francois Smith (voormalige boekeredakteur van *Die Burger*) oor die rol van die boekeredakteur in die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie, 20 Augustus 2002.

Smith, F. 2003. "M-Net-boekpryse nie meer toegeken". *Beeld, PLUS*, 17 Januarie:3.

Smuts, J.P. 2005. "Die Akademie se letterkundepryse". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 45(1):1-14.

Snyman, M. 1997. "Die hygroman as verskynsel binne die Afrikaanse literêre sisteem". *Stilet*, IX(1):6-16.

Snyman, M.E. & Venter, R. MR. 2003a. *Produksiepatrone van Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur: 1990-2001*. Referaat gelewer tydens die kongres "Van Patrys-hulle tot

Hanna Hoekom” oor Afrikaanse kinder- en jeuglektuur, Huis der Nederlanden, Pinelands, 22-23 September.

Snyman, M.E. & Venter, R. MR. 2003b. *Production trends of Afrikaans children's and youth literature: 1990-2001*. Referaat gelewer tydens die kongres “South African children's and youth literature”, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit, 30 September - 3 Oktober.

Snyman, M.E. & Venter, R. MR. 2004. “Produksiepatrone van Afrikaanse kinder- en jeugprosa: ’n verkennende statistiese ontleding 1990-2001”. *Mousaion*, 22(1):119-136.

Snyman, M.E. 2001. “Die plek van die jeugreeksboek in die geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde”. *Tydskrif vir letterkunde*, XXXIX(1/2):46-59.

Society for the History of Authorship, Reading and Publishing (SHARP). 2006a. *About SHARP*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.sharpweb.org/intro.html> Besoek: 15 Februarie 2006.

Society for the History of Authorship, Reading and Publishing (SHARP). 2006b. *SHARP 2006 Trading Books – Trading Ideas / Masterclass SHARP 2006*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.kb.nl/hkc/congressen/sharp2006/index-en.html> / <http://www.kb.nl/hkc/congressen/sharp2006/info/masterclass-en.html> Besoek: 31 Mei 2006.

South African Booksellers' Association (SABA). 2003. *About SABA*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://sabooksellers.com/aboutsaba.htm> Besoek: 21 Augustus 2003.

Spilpunt. 2004. Inligting oor die tydskrif *Spilpunt*. *Spilpunt*, 1(1):1.

Staatsbiblioteek, 1997. *SANB. Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie 1997*. Pretoria: Staatsbiblioteek.

Staatsbiblioteek, 1998. *SANB. Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie 1998*. Pretoria: Staatsbiblioteek.

Stassen, N. 2001. Persoonlike gesprek met Nicol Stassen (eienaar van Protea Boekhuis en Protea Boekwinkels) oor die uitgesisteeem van Afrikaanse fiksie en die ontstaansgeskiedenis van Protea Boekhuis, 11 Januarie 2001.

Stassen, N. 2002. *Afrikaanse uitgewersperspektief*. Referaat gelewer tydens die Afrikaanse Letterkundevereniging (ALV)-kongres, 30 September - 3 Oktober, Dikhololo Natuurreservaat, Brits.

Stassen, N. 2003. *Die uitgewerswese in SA vaar tans ongekarteerde water binne – Die laaste (Afrikaanse) boek?. Die Burger*-lesingreeks, Klein Karoo Nasionale Kunstefees, April 2003. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/seminaar/kknkstassen.asp> Besoek: 14 Mei 2003.

Stassen, N. 2004. Referaat gelewer tydens die “*Translation-Transnation*” 1994-2004, *10 years of literary exchange South Africa – France – Netherlands-kollokwium*, 29-30 Maart 2004, Wits Institute of Social & Economic Research, Johannesburg.

Stassen, N. 2006. *Persverklaring: Ek ken jou goed genoeg ... Die briefwisseling tussen N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw 1936 tot 1939*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/seminaar/louw_persverklaring.asp Besoek: 28 Maart 2006.

Statistiek Suid-Afrika. 2004. *Census 2001: Primary Tables South Africa*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.statssa.gov.za> Besoek: 25 Augustus 2004.

Steinmair, D. 2004. *Dan Roodt ry aan die PEN*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/paneelklopper/dan.asp> Besoek: 12 Julie 2004.

Stewart, G. 2004. Persoonlike e-pos korrespondensie met Graham Stewart oor die ontwikkeling van die *SALit* CD-Rom, 30 Mei 2004.

Steyn, J.C. & Botha, D. 1992. “Tafelberg word die grootste Afrikaanse uitgewery”. In: Beukes, W.D. (red.). *Boekewêreld: die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale boekhandel, 278-312.

Steyn, J.C. & Scannell, J.P. 1992. “Boekwinkels en Leserskring”. In: Beukes, W.D. (red.). *Boekewêreld: die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale boekhandel, 491-508.

Steyn, J.C. 1992a. “Vet en maer jare”. In: Beukes, W.D. (red.). *Boekewêreld: die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale boekhandel, 86-115.

Steyn, J.C. 1992b. “Die eerste dekades van die Nasionale Boekhandel”. In: Beukes, W.D. (red.). *Boekewêreld: die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale boekhandel, 119-159.

Steyn, J.C. 1992c. “’n Nederige begin vir Tafelberg”. In: Beukes, W.D. (red.). *Boekewêreld: die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale boekhandel, 160-177.

Steyn, J.C. 1992d. “Die Nasionale Boekhandel in ’n tyd van vernuwing”. In: Beukes, W.D. (red.). *Boekewêreld: die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale boekhandel, 192-215.

Steyn, J.C. 1992e. “Human & Rousseau en die Sestigters”. In: Beukes, W.D. (red.). *Boekewêreld: die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale boekhandel, 216-236.

Steyn, J.C. 1992f. “Human & Rousseau: die nie-Sestigters”. In: Beukes, W.D. (red.). *Boekewêreld: die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale boekhandel, 313-348.

- Steyn, J.C. 1992g. “Die sensuurstryd”. In: Beukes, W.D. (red.). *Boekewêreld: die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale boekhandel, 351-379.
- Steyn, J.C. 1992h. “Resensies en rusies na Sestig”. In: Beukes, W.D. (red.). *Boekewêreld: die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale boekhandel, 394-416.
- Steyn, J.C. 1992i. “Die Nasionale Boekhandel en *Standpunte*”. In: Beukes, W.D. (red.). *Boekewêreld: die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale boekhandel, 417-442.
- Steyn, J.C. 1998. *Van Wyk Louw: ’n lewensverhaal Deel I & Deel II*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C. 2002. *Penvegter: Piet Cillie van Die Burger*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C. 2004a. “Het apartheid Afrikaanse universiteite geskep?”. In: Van Rensburg, F.I.J. (red.). *Afrikaans – lewende taal van miljoene*. Pretoria: Van Schaik, 142-146.
- Steyn, J.C. 2004b. *Die honderd jaar van MER*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, S. 1988. “Digdondel vertel wat hul mense beleef”. *Die Burger*, 16 Julie:7.
- Stilet. 2004. “Voorskrifte aan skrywers”. *Stilet*, XVI(1):194-197.
- Stilet. 2005. “*Stilus*: ’n rubriek vir kreatiewe skryfwerk (literêre vertalings en essays)”. *Stilet*, XVII(1):v-vi, 231.
- Stoman, A. 2005. Telefoniese gesprek met Annemie Stoman (kantoorbestuurder van Leerhulp Aanlyn), 21 April 2005.
- Struik, W. 2004. Persoonlike gesprek met Willem Struik (voormalige bestuurder van Perskor), 5 Mei 2004.
- Struwig, F.W. & Stead, G.B. 2001. *Planning, designing and reporting research*. Kaapstad: Pearson Education South Africa.
- Suid-Afrika. 1965. Wet op Outeursreg, no. 63 van 1965. *Staatskoerant*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Suid-Afrika. 1978. Wet op Outeursreg, no 98 van 1978. *Staatskoerant*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Suid-Afrika. 1982. Wet op Pliglewering van Publikasies, no. 17 van 1982. *Staatskoerant*. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1995. Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, no. 59 van 1995. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.polity.org.za/html/govdocs/legislation/1995/act95-059.html> Besoek: 31 Mei 2005.

Suid-Afrika. 1996a. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, no. 108 van 1996. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.polity.org.za/html/govdocs/constitution/saconst.html> / <http://www.polity.org.za/html/govdocs/constitution/saconst02.html?rebookmark=1> Besoek: 31 Mei 2005.

Suid-Afrika. 1996b. Wet op Films en Publikasies, no. 65 van 1996 (en Wysiging van die Wet op Films en Publikasies, no. 34 van 1999). [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.polity.org.za/html/govdocs/legislation/1996/act96-065.html> Besoek: 31 Mei 2005.

Suid-Afrika. 1997a. Wet op Pliglewering, no. 54 van 1997. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.polity.org.za/html/govdocs/legislation/1997/act54.pdf> Besoek: 31 Mei 2005.

Suid-Afrika. 1997b. Wet op Nagemaakte Goedere, no.37 van 1997. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.polity.org.za/html/govdocs/legislation/1997/act37.pdf> Besoek: 31 Mei 2005.

Suid-Afrika. 1998a. Wet op Munisipale Strukture, no. 117 van 1998. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.polity.org.za/html/govdocs/legislation/1998/act117.pdf> Besoek: 31 Mei 2005.

Suid-Afrika. 1998b. Wet op die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, no. 92 van 1998. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.polity.org.za/html/govdocs/legislation/1998/act92.pdf> Besoek: 31 Mei 2005.

Suid-Afrika. 1998c. Regulasies ingevolge die Wet op Pliglewering. *Staatskoerant*, 26 Junie, No. 18992. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 2002a. Wysiging van die Wet op Outeursreg, no. 9 van 2002. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.polity.org.za/pdf/CopyAmen.pdf> Besoek: 31 Mei 2005.

Suid-Afrika. 2002b. Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, no. 25 van 2002. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.polity.org.za/pdf/ElectronicCommunications.pdf> Besoek: 31 Mei 2005.

Suid-Afrikaanse Biblioteek. 1979. *'n Suid-Afrikaanse bibliografie tot die jaar 1925. 'n Hersiening van en byvoegsel tot Sidney Mendelssohn se South African bibliography (1910)*. Londen: Mansell Publishing.

Suid-Afrikaanse Biblioteek. 1991a. *Book publishing in South Africa for the 1990s*. Gebundelde referate van 'n simposium oor die Suid-Afrikaanse boekuitgewerybedryf, Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad, 22-23 November 1990. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek.

Suid-Afrikaanse Biblioteek. 1991b. *'n Suid-Afrikaanse bibliografie tot die jaar 1925. Deel 5 Supplement*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek.

Swanepoel, C.F. 1991. "Interdissiplinêre taal- en literatuurstudie in Suid-Afrika". *Literator*, 12(2):35-48.

Taalgenoot. 2005. "ATKV-Takke vat die spoor landwyd en wêreldwyd!". *Taalgenoot*, Februarie:40-41.

Terblanche, E. 2003. Persoonlike e-pos korrespondensie met Erika Terblanche (eerste bibliotekaris, Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum), 22 April.

The Bookseller. 2003. *Book Sales Yearbook 2003*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.thebookseller.com/?pid=209> Besoek: 8 April 2004.

Tilborghs, D-J. 1991. "Publishing literature and romance: An inquiry into Bourdieu's theses on differences in characteristics of producers of cultural goods". In: Ibsch, E., Schram, D., & Steen, G. (reds.). *Empirical studies of literature: Proceedings of the second IGEL-conference, Amsterdam 1989*. Amsterdam: Radopi, 223-229.

Tydskrif vir Geesteswetenskappe. 2003. "Voorskrifte aan skrywers". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 43(1/2):iv.

Tydskrif vir Letterkunde. 2003a. "Redakteursnota". *Tydskrif vir letterkunde*, 40:1.

Tydskrif vir Letterkunde. 2003b. Inligting oor die webteenwoordigheid van die tydskrif *Tydskrif vir Letterkunde*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.letterkunde.up.ac.za/afrikaans/wie.html> Besoek: 11 Januarie 2005.

Tydskrif vir Literatuurwetenskap. 1985. "Voorskrifte aan skrywers / Redaksioneel". *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 1(1):1.

Tydskrif vir Literatuurwetenskap. 2003. "Redaksionele nota". *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 19(1):104.

Ulverscroft. 2005. *About us / About large print*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.edisure.com/~ulverscroft/common/lpinf.html> Besoek: 21 April 2005.

UNESCO / Book House Training Centre (BHTC). 1990. *The business of book publishing. A management training course*. Londen: UNESCO / Book House Training Centre.

Universiteit van Tilburg. 2006. *Marketing and Sociology of Books*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.tilburguniversity.nl/faculties/arts/research/msb/programme/> Besoek: 14 Februarie 2006.

Uys, G. 2004. "Daar's druk op 'Die Taal', maar kultuur gaan voortleef. Die hart van Afrikaans". *Kampus Beeld*, 11 Augustus:1.

- Value Based Management. 2004. *Michael Porter value chain model framework*. [Intyds]. Beskikbaar: www.valuebasedmanagement.net/methods_porter_value_chain.html Besoek: 29 Desember 2004.
- Van Burick, T. 2002. “Skryf maar vir snobiste; ons gewones lees lekker”. *Beeld*, 14 September:10.
- Van Coller, H.P. & Odendaal, B.J. 2003a. “*Kleur kom nooit alleen nie* (Antjie Krog) en *Die burg van hertog Bloubaard* (H.J. Pieterse): ’n poëtikale beskouing (Deel 1)”. *Stilet*, XV(1):16-35.
- Van Coller, H.P. & Odendaal, B.J. 2003b. “*Kleur kom nooit alleen nie* (Antjie Krog) en *Die burg van hertog Bloubaard* (H.J. Pieterse): ’n poëtikale beskouing (Deel 2)”. *Stilet*, XV(1):36-64.
- Van Coller, H.P. & Odendaal, B.J. 2004. “*Aan boekemaak kom geen einde nie...*” *Ervaringe en gevolgtrekkings van die redakteurs van Stilet*. Referaat gelewer tydens die gesamentlike kongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging (ALV) en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN), Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit, 21-25 September.
- Van Coller, H.P. & Odendaal, B.J. 2005a. “S.J. Pretorius: ’n miskende digterskap?”. *Stilet*, XVII(1):1-36.
- Van Coller, H.P. & Odendaal, B.J. 2005b. “Die verhouding tussen die Afrikaanse en Nederlandse literêre sisteme. Deel 1: Oorwegings vir ’n beskrywende model”. *Stilet*, XVII(3):1-17.
- Van Coller, H.P. & Odendaal, B.J. 2005bc “Die verhouding tussen die Afrikaanse en Nederlandse literêre sisteme. Deel 1: ’n Chronologiese oorsig”. *Stilet*, XVII(3):18-46.
- Van Coller, H.P. & Steyn, J.C. 2001. “The status of Afrikaans: gains and losses”. *Stilet*, XIII(2):158-174.
- Van Coller, H.P. & Teise, V.N. 2004. “Edisietegniese praktyk in die Afrikaanse letterkunde: ’n oorsig en evaluering”. *Stilet*, XVI(2):49-86.
- Van Coller, H.P. 1984. “Teoretiese benaderings van belang vir Afrikaanse navorsing”. In: Malan, C. (red.). 1984a. *SA letterkundenavorsing: Verslag van ’n navorsing-simposium – SA Literature Research: Report on a research symposium*. SENSAL-publikasies nr. 11. Pretoria: Sentrum vir S.A. Letterkundenavorsing, Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 122-131.
- Van Coller, H.P. 1990. “Fasette van ’n fokus op ’80: Uittreksels uit die verrigtinge van die Nasionale Leeskringseminaar, 5 en 6 Oktober 1988. Letterkunde vs. populêre leesstof”. *Tydskrif vir letterkunde*, XXVIII(1):99-104.
- Van Coller, H.P. (red.). 1998. *Perspektief en profiel. ’n Afrikaanse literatuur-geskiedenis. Deel 1*. Pretoria: J.L. van Schaik.

- Van Coller, H.P. (red.). 1999. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 2*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Coller, H.P. 2001. "Some margin notes tot he writing of an Afrikaans literary history". *Stilet*, XIII(2):1-13.
- Van Coller, H.P. 2002a. "Die saamstel van bloemlesings as kanoniserende handeling. Deel 1". *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 42(1):66-78.
- Van Coller, H.P. 2002b. "Die saamstel van bloemlesings as kanoniserende handeling. Deel 2". *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 42(2):117-127.
- Van Coller, H.P. 2004a. "Is Leroux 'n vergete skrywer?". *Stilet*, XVI(1):1-31.
- Van Coller, H.P. 2004b. *Afrikaans in die buiteland*. Referaat gelewer tydens die Afrikaanse Taalberaad, 25-27 Augustus 2004, Stellenbosch. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/taaldebat/taalberaad_vcoller.asp Besoek: 12 November 2004.
- Van Coller, H.P. (red.). 2006a. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 3*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Coller, H.P. 2006b. "Dié eerder 'persoonlike leesverslag'". *Volksblad*, 15 Mei:8.
- Van de Rheede, I. 1995. "Dié uitgewery bevorder swart skryfwerk". *Taalportaal*, 1(1):5.
- Van der Linde, G. 1997. "Hyg die leser(?): 'n lesersrespons op die hygroman". *Stilet*, IX(1):25-37.
- Van der Merwe, A. 2000a. *Ons is van uiteenlopendheid aanmekaargesit. Algemene uitgewery in Suid-Afrika aan die begin van die 21^{ste} eeu*. Bydrae tot die Litnet-aanlynskrywersberaad. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/seminaar/31vdmwerwe.asp> Besoek: 6 Junie 2003.
- Van der Merwe, A. 2000b. Persoonlike e-pos korrespondensie met Annari van der Merwe (voormalige bestuurder van Kwela Boeke), 27 November 2000.
- Van der Merwe, A. 2003a. Gaslesing deur Annari van der Merwe (eertydse bestuurder van Kwela Boeke) oor die Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf aan honneursstudente in Uitgewerswese, 6 Junie 2003. Pretoria: Program in Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.
- Van der Merwe, A. 2004b. Referaat gelewer tydens die "Translation-Transnation" 1994-2004, 10 years of literary exchange South Africa – France – Netherlands-kollokwium, 29-30 Maart 2004, Wits Institute of Social & Economic Research, Johannesburg.

Van der Merwe, C. 2003c. Radio-onderhoud deur Daniel Hugo met Carel Boplaas van der Merwe oor self-uitgee van sy eie digbundels onder die druknaam Boplaas Uitgewers op die radioporgram *Leeskring*, 28 Augustus. Aucklandpark: *Radiosondergrense*.

Van der Merwe, C.N. & Viljoen, H. 1998. *Alkant olifant: 'n Inleiding tot die literatuurwetenskap*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Van der Merwe, K. 2003b. “Die slak se silwer streep”. *Insig*, Desember:64-65.

Van der Merwe, K. 2004a. “Ek sal nie meedoen aan dodedans rondom Afrikaans”. *Rapport*, 18 Januarie:17.

Van der Spoel, C. 2004. Referaat gelewer tydens die “*Translation-Transnation*” 1994-2004, 10 years of literary exchange South Africa – France – Netherlands-kollokwium, 29-30 Maart 2004, Wits Institute of Social & Economic Research, Johannesburg.

Van der Vlies, A. 2004. “Introduction: The Institutions of South African Literature”. *English Studies in Africa*, 47(1):1-15.

Van Gend, C. 1999. “Books on your doorstep – Kalahari.net”. *Cape Librarian / Kaapse Bibliotekaris*, November/Desember:69-71.

Van Gorp, H. (red.). 1991. *Lexicon van literaire termen*. Groningen: Wolters-Noordhoff.

Van Gorp, H. 1997. “Introduction: the study of literature and culture – systems and fields”. *Canadian Review of Comparative Literature*, 24(1):1-5.

Van Heerden, E. 1990. “Fasette van ’n fokus op ’80: Uittreksels uit die verrigtinge van die Nasionale Leeskringseminaar, 5 en 6 Oktober 1988. Letterkunde vs. populêre leesstof. Algebra en vuur”. *Tydskrif vir letterkunde*, XXVIII(1):104-107.

Van Heerden, E. 1999a. *LitNet – die boekehuis met baie wonings*. LitNet-Redakteursbrief, Januarie 1999. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.mweb.co.za/litnet/wie/w01.asp> Besoek: 11 Januarie 2005.

Van Heerden, E. 1999b. *LitNet na nege maande*. LitNet-Redakteursbrief, Oktober 1999. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.mweb.co.za/litnet/wie/w02.asp> Besoek: 11 Januarie 2005.

Van Heerden, E. 2000. *'n Gevaarlike ruimte*. LitNet-Redakteursbrief, Desember 2000. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.mweb.co.za/litnet/wie/w03.asp> Besoek: 11 Januarie 2005.

Van Heerden, E. (red.). 2001a. *Briewe deur die lug – LitNet-skrywersberaad 2000*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden, E. 2001b. *Hiperteks of hipermark? LitNet en die www*. [Intyds].
Beskikbaar: <http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/10www.asp> Besoek: 11 Januarie
2005.

Van Heerden, E. 2003. *Tussen die fakkel en die vagevuur: Die groot God-debat op
LitNet*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/god/inleiding.asp> Besoek: 18
Maart 2005.

Van Heerden, E. 2005. *In stede van die liefde*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden, E. Grundling, E. & Mollett, T. 2004. *Die omstrede God - Bestaan God
of nie?*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/indaba/dog_boek.asp Besoek: 18
Maart 2005.

Van Helden, P. & Lor, P.J. 2002. *PacLISA Final Report – March 2002*. Pretoria:
National Library of South Africa. [Intyds]. Beskikbaar: [http://www.nlsa.ac.za/paclisa/
Report_raam_hoof.htm](http://www.nlsa.ac.za/paclisa/Report_raam_hoof.htm) Besoek: 25 Mei 2005.

Van Heusden, B. 2001. *Literaire cultuur. Handboek*. Heerlen: Open Universiteit
Nederland & Nijmegen: Uitgewerij SUN.

Van Krevelen, L. 2002. *De stijl van de uitgever*. Amsterdam: De Buitenkant.

Van Niekerk, R. 2002. “Naspers maak goeie debuut op Nasdaq”. *Beeld, Sake-Beeld*,
27 Desember:23.

Van Rees, C.J. & Dorleijn, G.J. 1994. “Literatuuropvattingen in het literaire veld:
over de integratie van twee benaderingen”. *Spektator*, 23(2):91-114.

Van Rees, K. 1997. “Modelling the literary field: from system-theoretical speculation
to empirical testing”. *Canadian Review of Comparative Literature*, 24(1):91-101.

Van Rensburg, C., Davids, A., Ferreira, J., Links, T. & Prinsloo, K. (reds.). 1997.
Afrikaans in Afrika. Pretoria: J.L. van Schaik.

Van Rensburg, F.I.J. (red.).2004. *Afrikaans – lewende taal van miljoene*. Pretoria:
Van Schaik.

Van Rensburg, R.J.J. 1996. “Uitgewery voel erg beswaard”. *Die Burger*, 3
Oktober:14.

Van Reybrouck, D. 2003. *Die plaag. Die stil geknaag van skrywers, termiete en Suid-
Afrika*. (Vertaal deur Daniel Hugo). Pretoria: Protea Boekhuis.

Van Rooyen, E. 1995. “‘Vader van die Christelike boek in Suid-Afrika’ tree uit”. *Die
Kerkbode*, 7 April:12.

Van Rooyen, B. 1996. *How to get published in South Africa: A guide for authors*. 2de
uitg. Halfway House: Southern.

- Van Rooyen, C.F.B. 2005. *How to get your book published in 30 (relatively) easy steps: A hands-on guide for South African authors*. Johannesburg: Penguin. Ongepubliseerde manuskrip. Verwagte verskyningsdatum: September 2005.
- Van Rooyen, C. 2003. *Passaatwindefees – ’n tweerigting-spieël*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.mweb.co.za/litnet/neerlandi/passaat2003.asp> Besoek: 20 Maart 2003.
- Van Schaik Kamer Universiteitsbiblioteek UNISA. 2005. *Van Schaik Room*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.unisa.ac.za/Default.asp?Cmd=ViewContent&ContentID=7559> Besoek: 5 Januarie 2005.
- Van Schaik News. 2002. “The ABC ... of the new Van Schaik”. *Van Schaik News*, 4(4):4-5.
- Van Schaik, J. J. & Raubenheimer, H.G. 1992. “Van Schaik”. In: Beukes, W.D. (red.). *Boekewêreld: die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale boekhandel, 476-490.
- Van Schaik. 2005. Van Schaik Publishers – Corporate profile. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.vanschaiknet.com/corp.asp> Besoek: 21 April 2005.
- Van Vliet, H.T.M. 2004. “Varianten en correcties: de geschiedenis van de moderne editiewetenschap”. *Stilet*, XVI(2):1-29.
- Van Vuuren, H. 1999. “Perspektief op die moderne Afrikaanse poësie (1960-1997)”. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel. ’n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 2*. Pretoria: J.L. van Schaik, 244-304.
- Van Vuuren, H. 2000. *Plagiaat, navolging en intertekstualiteit by die vorming van literêre reputasies*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/seminaar/helize.asp> Besoek: 10 Maart 2005.
- Van Vuuren, H. 2003. “Dié Ford Thunderbird laat ’n donker rookwolk”. *Die Burger*, 15 September:11
- Van Wyk, A.J. and Stewart, G.D.J. 2000. *The SALit CD-ROM: A virtual library of South African literature*. Referaat gelewer tydens die kongres “CITTE 2000 Conference on Information Technology in Tertiary Education”, Universiteit van Port Elizabeth, 28 Junie 2000. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.upe.ac.za/citte2000/abstract.asp?ID=38> Besoek: 22 April 2004.
- Van Wyk, M. 2002. “Boekhandelaar smelt met uitgewer, tegnologie saam”. *Volksblad, Sake*, 28 Junie:13.
- Van Zyl, D. 2000c. Persoonlike e-pos korrespondensie met Dorothea van Zyl (dosent van Afrikaanse drama in die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Stellenbosch) oor die posisie van departemente Afrikaans en die dosering van dramatekste, 14 Desember 2000.

- Van Zyl, D. 2001d. "2001 Nagte vol woordplesier". *Cape Librarian / Kaapse Bibliotekaris*, Julie/Augustus:12-13.
- Van Zyl, D. 2005b. "Jou gedig is so mooi, ek skryf dit sommer self". *Insig*, Oktober:54-56.
- Van Zyl, H. 1998a. "Winternag, nuwe dag in SA boekbedryf". *Die Burger*, 18 November:1.
- Van Zyl, H. 1998b. "Frankfurt se lesse". *Insig*, Desember:7-8.
- Van Zyl, H. 2000a. *Notes towards a discussion on: Multilingualism, publishers, readers and the question of literary language in Africa: For whom are stories told and books written?*. Ongepubliseerde referaat gelewer tydens die ICLA-kongres, 13-19 Augustus 2000, Pretoria.
- Van Zyl, H. 2000b. *Die boek in Afrikaans*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/seminaar/34vzyl.asp> Besoek: 1 Augustus 2001.
- Van Zyl, H. 2001a. Televisie-onderhoud met Hannes van Zyl (voormalige hoofbestuurder van NB-Uitgewers) deur Coenie de Villiers oor die aankondiging van die kortlys van die Groot Romanwedstryd op die joernaalprogram *Kwêla*. 21 Maart 2001. Randburg: kykNET.
- Van Zyl, H. 2001b. *NB-Uitgewers: Waarom herskik, waarheen vorentoe?* P.J. Nienaber-gedenklesing, Julie 2001, Bloemfontein. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/seminaar/07hannes.asp> Besoek: 14 Julie 2002.
- Van Zyl, H. 2001c. Gaslesing deur Hannes van Zyl (voormalige hoofbestuurder van NB-Uitgewers) oor tendense in die Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf aan honneursstudente in Uitgewerswese, 22 Maart 2001. Pretoria: Program in Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.
- Van Zyl, H. 2002a. *Notule van vergadering van NB-uitgewers en -skrywers, 6 Maart 2002, Sentrum vir die Boek, Kaapstad*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/seminaar/notule.asp> Besoek: 10 Augustus 2002.
- Van Zyl, H. 2002b. Aanbieding deur Hannes van Zyl (voormalige hoofbestuurder van NB-Uitgewers) tydens inligtingsessie vir skrywers, 17 April 2002, Pretoria.
- Van Zyl, H. 2002c. Persoonlike gesprek met Hannes van Zyl (voormalige hoofbestuurder van NB-Uitgewers), 22 Augustus 2002.
- Van Zyl, H. 2002d. *Wat gebeur met die uitgee van poësie in Afrikaans?*. Ongepubliseerde inligtingstuk van NB-Uitgewers. Kaapstad: NB-Uitgewers.
- Van Zyl, J. 2003. "Die boekeprins van Pretoria". *Die Burger*, 10 Oktober:15.

- Van Zyl, R. 2001e. *PUB 706 Gevorderde redaksionele ontwerp en reproduksie*. Lesingmateriaal vir 'n honeursmodule in Uitgewerswese. Pretoria: Program in Uitgewerswese, Departement Visuele Kunste, Universiteit van Pretoria.
- Van Zyl, W. 1997. "Versoening in die Afrikaanse letterkunde". *Die Burger*, 19 November:1.
- Van Zyl, W. 2005a. *'n Simbiose van oorsig en insig*. Onderhoud met J.C. Kannemeyer oor *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/mond/wium_kannemeyer.asp Besoek: 6 Desember 2005.
- Venter, I. 2006a. Televisie-onderhoud met Izelle Venter (redakteur van *Insig*) deur Coenie de Villiers op die joernaalprogram *Kwela*. 19 April 2006. Randburg: kykNET.
- Venter, I. 2006b. *Oor INSIG en oppervlakkigheid*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/miniseminare/vlak_izelle_venter.asp Besoek: 24 Mei 2006.
- Venter, R. MR. & Galloway, F. 2002. *Die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2001. 'n Voorlopige verkenning van die verhouding tussen produksieprofiel, redaksionele beleid en markverskuiwing, -verruiming of -inkrimping*. Referaat gelewer tydens die Afrikaanse Letterkundevereniging (ALV)-kongres, 30 September - 3 Oktober, Dikhololo Natuureservaat, Brits.
- Venter, R. MR. & Galloway, F. 2003a. "Boekkultuur kort dringend 'n inspuiting". *Die Burger*, 6 Januarie:7.
- Venter, R. MR. & Galloway, F. 2003b. "Boekkultuur kort dringend 'n inspuiting". *Volksblad*, 21 April:4.
- Venter, R. MR. & Galloway, F. 2003c. "Boekkultuur". *Zuid-Afrika*, 80(3):32.
- Venter, R. MR. 2001a. *'n Empiriese ondersoek na die nismarkpublisering van Afrikaanse opvoeringstekste*. Ongepubliseerde honneursskripsie. Pretoria: Program in Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.
- Venter, R. MR. 2001b. *Evaluering van die elektroniese weergawe van Perspektief & Profiel*. Ongepubliseerde kantaantekeninge en kommentaar aan die uitgewers tydens die ontwikkeling van die produk. Pretoria: Program in Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.
- Venter, R. MR. 2002. *Elektroniese uitgee van Afrikaanse fiksie en vakliteratuur – 'n standbeskrywing van kontemporêre tendense*. Ongepubliseerde honneursskripsie. Pretoria: Program in Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.
- Venter, R. MR. 2004a. *Waarnatoe met die Afrikaanse fiksieboek? / Which way with the Afrikaans fiction book?*. Referaat gelewer tydens die Young Voices – The 2004 South African Online Writers' Conference. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/youngwriters/rudi_mr_venter_a.asp Besoek: 25 November 2004.

- Venter, R. MR. 2004b. *INY 213 Visuele en (re)produksie aspekte van uitgee*. Lesingmateriaal vir 'n module in Uitgewerswese. Pretoria: Program in Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.
- Venter, R. MR. 2005. *Die posisie van swart Afrikaanse skrywers binne die uitgeesisteem van Afrikaanse fiksie – 'n empiriese kartering met toespitsing op die produksieprofiel, outeursprofiel en uitgeweryprofiel gedurende die periode 1990-2005*. Referaat gelewer tydens die Derde Swart Afrikaanse Skrywersimposium, 20-22 Oktober, Universiteit van Wes-Kaapland, Belville.
- Venter, R. MR. 2006c. “Die posisie van swart Afrikaanse fiksieskrywers binne die uitgeesisteem (1990-2005) – 'n Uitgewerswese-perspektief met toespitsing op die produksieprofiel, outeursprofiel en uitgeweryprofiel”. Artikel voorgelê vir publikasie in die geakkrediteerde vaktydskrif *Acta Academica*.
- Verboord, M. 2003. “Classification of authors by literary prestige”. *Poetics: journal of empirical research on literature, the media and the arts*, 31:259-281.
- Verdaasdonk, H. & Van Rees, C.J. 1991. “The dynamics of choice behavior towards books: The role of cultural products in cultural behavior”. *Poetics: journal of empirical research on literature, the media and the arts*, 20:421-437.
- Verdaasdonk, H. 1989. “Literary magazines as media for publishing literary texts”. *Poetics: journal of empirical research on literature, the media and the arts*, 18:215-232.
- Verdaasdonk, H. 1990. “Marketing en sosiologie van het boek”. In: Joostens, F. (red.). *Het esthetisch belang: Nieuwe ontwikkelingen in de literatuursociologie*. Tilburg: Tilburg University Press, 19-33.
- Verdaasdonk, H. 1997. “Why the sociological turn of the study of literature is not innovative in itself”. *Canadian Review of Comparative Literature*, 24(1):57-62.
- Via Afrika Nuusbrief. 2004. “Annari van der Merwe trap diep spore by Kwela”. *Via Afrika Nuusbrief*, 12 November. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.viaafrika.com/english/newsletter_12Nov.htm#hm Besoek: 19 Maart 2005.
- Via Afrika Nuusbrief. 2004. “Eilande met Helgaard Steyn-prys vir letterkunde bekroon”. *Via Afrika Nuusbrief*, 29 Oktober. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.viaafrika.com/english/newsletter_29Okt.htm#hg Besoek: 19 Maart 2005.
- Via Afrika Nuusbrief. 2004. “Kalahari.net no. 1 in national survey”. *Via Afrika Nuusbrief*, 27 Augustus. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.viaafrika.com/english/newsletter_27Aug.htm#hh Besoek 19 Maart 2005.
- Via Afrika Nuusbrief. 2004. “Kalahari.net positive about online shopping this festive season”. *Via Afrika Nuusbrief*, 26 November. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.viaafrika.com/english/newsletter_26Nov.htm#hi Besoek 19 Maart 2005.

Via Afrika Nuusbrief. 2004. “Kortlys vir boekprys bekend”. *Via Afrika Nuusbrief*, 1 Oktober. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.viaafrika.com/english/newsletter_1Okt.htm#hg Besoek: 19 Maart 2005.

Via Afrika Nuusbrief. 2004. “Nuwe hoof by Kwela aangekondig”. *Via Afrika Nuusbrief*, 26 November. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.viaafrika.com/english/newsletter_26Nov.htm#hf Besoek: 19 Maart 2005.

Via Afrika Nuusbrief. 2005. “Media24 en Via Afrika smelt saam”. *Via Afrika Nuusbrief*, 18 Maart. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.viaafrika.com/english/newsletter.htm#hg> Besoek: 19 Maart 2005.

Via Afrika Nuusbrief. 2005. “Musa Shezi's new milestone at Naspers”. *Via Afrika Nuusbrief*, 25 Februarie. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.viaafrika.com/english/newsletter_25Feb.html#hg Besoek: 19 Maart 2005.

Via Afrika. 2004. *Nuwe hoof vir NB-Uitgewers*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.viaafrika.com/wieonsis.asp> Besoek: 12 April 2005.

Via Afrika. 2005a. *Klubs*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.viaafrika.com/boekenmusik.asp> Besoek: 12 April 2005.

Via Afrika. 2005b. *Book Promotions-groep*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.viaafrika.com/boekpromosies.asp> Besoek: 12 April 2005.

Via Afrika. 2005c. *Kalahari.net*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.viaafrika.com/kalahari.asp> Besoek: 12 April 2005.

Via Afrika. 2005d. *'n Kort geskiedenis van Via Afrika*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.viaafrika.com/wieonsis.asp> Besoek: 12 April 2005.

Via Afrika. 2005e. *NB-Uitgewers – Tafelberg – Human & Rousseau*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.viaafrika.com/nbuitgewers.asp> Besoek: 12 April 2005.

Via Afrika. 2005f. *Van Schaik Uitgewers*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.viaafrika.com/vanschaikuitgewers.asp> Besoek: 12 April 2005.

Via Afrika. 2005g. *Van Schaik Boekhandel*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.viaafrika.com/vanschaikboek.asp> Besoek: 12 April 2005.

Via Afrika. 2005h. *Lux Verbi Kleinhandel*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.viaafrika.com/luxverbi_retail.asp Besoek: 12 April 2005.

Via Afrika. 2005i. *Lux Verbi.BM*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.viaafrika.com/luxverbibm.asp> Besoek: 12 April 2005.

Via Afrika. 2005j. *Leerhulp Aanlyn*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.viaafrika.com/learning_online.asp Besoek: 12 April 2005.

- Viljoen, H. 1986. *Die Suid-Afrikaanse romansisteem anno 1981- 'n vergelykende studie*. Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Viljoen, H. 1992a. "Literatuursosiologie". In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr, 275-280.
- Viljoen, H. 1992b. "Sisteem (literêre)". In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr, 495-497.
- Viljoen, H. 1992c. "Evaluering (Literêre)". In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme & teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Viljoen, L. 2002. *Nuwe stemme in die Afrikaanse letterkunde. Die Burger-lesingreeks, Klein Karoo Nasionale Kunstefees, April 2002*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/seminaar/viljoen.asp> Besoek: 25 Mei 2005.
- Vlaeberg. 1997. *Perskor Book Devision (Vlaeberg) 1996/1997 Annual Report*. Jaarverslag vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 1997. In navorser se argief.
- Volksblad. 1998. "Caxton gaan uiteindelik Perskor beheer". *Volksblad*, 5 Junie:4.
- Volksblad. 2006. "Help Oubaas van 7de Laan reg en wen groot pryse". *Volksblad*, 3 Mei:3.
- Vorster, W. 2001. Persoonlike gesprek met Wim Vorster (administrateur van opvoerrege by die Dramatiese, Artistieke en Letterkundige Regte Organisasie), 4 Januarie 2001.
- Vosloo, J. 2003. "Regsgeveg oor Ingrid Jonker-boek. Susterskind se idee glo gesteel". *Rapport*, 24 Augustus:5.
- Wafawarowa, B. 2001. "Book policies and book development in Africa". *Cape Librarian / Kaapse Bibliotekaris*, Mei / Junie:10-13.
- Wafawarowa, B. 2004. *Publishing after a decade of democracy*. Ongepubliseerde referaat gelewer tydens die Time of the Writer-fees, 26 Maart 2004, Durban.
- Wasserman, H. 2002. *Hoe haalbaar is 'n nuwe skrywersorganisasie?* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/indaba/wasserman.asp> Besoek: 6 Junie 2002.
- Webb, V.N. 2004. "Taalbeplanning vir Afrikaans: een moontlike denkraamwerk en implikasies daarvan vir Afrikaans". In: Prinsloo, K. *Verslag van 'n taaloudit oor Afrikaanse taalprojekte, verenigings en energieë, 2004. (Vir bespreking tydens die Afrikaanse Taalberaad in Stellenbosch, 25-27 Augustus 2004)*. Pretoria: Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans, 98-104.
- Weideman, G. (red.). 2002. *Skrywers ontevrede met uitgewers. Gespreksdokument oor die boekebedryf en die verhouding skrywer-uitgewer 15-28 Februarie 2002*.

[Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/seminaar/skrywers.asp> Besoek: 19 Maart 2002.

Weideman, G. 1998. “Jeugboek vereis ernstige gesprek”. *Die Burger*, 14 Desember:8.

WESGRO’s Sector Research Section (Wesgro). 2000. *Wesgro background report on the publishing industry in the Western Cape August 2000*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.wesgro.org.za/downloads/default.htm> Besoek: 3 Junie 2003.

Westra, P. 1997. “Pliglewering vir bewaring”. *Insig*, Mei:42.

Whitaker BookBank. 2004. *Whitaker Products – Bookbank*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.whitaker.co.uk/bkbank.htm> Besoek: 8 April 2004.

Whitebooi, M. 1998. “Daardie sonbesie-poësie”. *Die Burger*, 29 September:10.

Willemse, H. & Hattingh, M. & Van Wyk, S. & Conradie, P. (reds.). 1997. *Die reis na Paternoster – ’n Verslag van die Tweede Swart Afrikaanse Skrywerssimposium gehou op Paternoster vanaf 29 September tot 1 Oktober 1995*. Belville: Universiteit van Wes-Kaapland.

Willemse, H. 1997. “Vraetyd”. In: Willemse, H. & Hattingh, M. & Van Wyk, S. & Conradie, P. (reds.). *Die reis na Paternoster – ’n Verslag van die Tweede Swart Afrikaanse Skrywerssimposium gehou op Paternoster vanaf 29 September tot 1 Oktober 1995*. Belville: Universiteit van Wes-Kaapland.

Willemse, H. 2001. *Om te leef in Afrika: oorlewing, saambestaan en die Suid-Afrikaanse letterkunde*. Intreerede by die aanvaarding van die leerstoel in Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria op 19 Julie 2001. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Willemse, H. 2002a. *Waar’s die nuwe stemme in ons letterkunde?*. *Die Burger-lesingreeks*, Klein Karoo Nasionale Kunstefees, April 2002. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/seminaar/heinw.asp> Besoek: 25 Mei 2005.

Willemse, H. 2005. Telefoniese gesprek met Hein Willemse (departementshoof van die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria) oor die veranderde rol van en kurrikulumaanbod in departemente Afrikaans, 13 Januarie 2005.

Willemse, I. 2002b. Telefoniese gesprek met Ilanda Willemse (elektroniese uitgewer by ContentLot.com) oor die impak van elektroniese publisering op die uitgesisteem van Afrikaanse fiksie, 21 Januarie 2002.

Williams, T. 2005. Telefoniese gesprek met Tildie Williams (produksiebetsuurder van Content Solutions), 13 April 2005.

Wilson, A. 2003. *Die rondgaande verhoog*. *Die Burger-lesingreeks*: “Die rondgaande verhoog: (Suid-)Afrikaanse kultuur ná 1994”, Klein Karoo Nasionale Kunstefees, April 2003. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/kknkwilson.asp> Besoek: 15 Mei 2003.

Aanhangsel A

Lys van katalogusse en nuusbriewe wat as tweede-vlak bronne geraadpleeg is tydens die verifiëring van bibliografiese data

- Bent. 2005. *Titellys, 1996-2005* (volledig)*.
- Content Solutions. 2006. *Titellys van druk-op-aanvraag titels, 2003-2006* (volledig).
- CUM. 2002. *Katalogus, Augustus – Oktober 2002* (volledig).
- DALRO. 1996. *Katalogus*, (volledig).
- Educum. 1995/96. *Katalogus / Pryslys*, (volledig).
- Homeros. 1999/2000. *Katalogus*, (volledig).
- Human & Rousseau. 1990. *Nuusbrief*, Maart 1990.
- Human & Rousseau. 1990. *Nuusbrief*, Junie 1990.
- Human & Rousseau. 1990. *Nuusbrief*, September 1990.
- Human & Rousseau. 1991. *Nuusbrief*, Maart 1991.
- Human & Rousseau. 1991. *Nuusbrief*, Junie 1991.
- Human & Rousseau. 1991. *Nuusbrief*, September 1991.
- Human & Rousseau. 1992. *Nuusbrief*, Maart 1992.
- Human & Rousseau. 1992. *Nuusbrief*, Junie 1992.
- Human & Rousseau. 1992. *Nuusbrief*, September 1992.
- Human & Rousseau. 1993. *Nuusbrief*, Maart 1993.
- Human & Rousseau. 1994. *Nuusbrief*, April 1994.
- Human & Rousseau. 1994. *Nuusbrief*, Junie 1994.
- Human & Rousseau. 1995. *Nuusbrief*, April 1995.
- Human & Rousseau. 1995. *Nuusbrief*, Julie 1995.
- Human & Rousseau. 1995. *Nuusbrief*, September 1995.
- Human & Rousseau. 1996. *Nuusbrief*, April 1996.
- Human & Rousseau. 1996. *Nuusbrief*, Junie 1996.
- Human & Rousseau. 1996. *Nuusbrief*, September 1996.
- Human & Rousseau. 1997. *Nuusbrief*, April 1997.

* Aanduiding dat die katalogus 'n volledige lys bevat van titels wat in druk is. Meer inligting word dus vermeld as bloot die nuwe titels van die betrokke periode (soos dit die geval met nuusbriewe is).

- Human & Rousseau. 1997. *Nuusbrief*, Julie 1997.
- Human & Rousseau. 1997. *Nuusbrief*, Oktober 1997.
- Human & Rousseau. 1998. *Katalogus* (volledig).
- Human & Rousseau. 1998. *Nuusbrief*, April 1998.
- Human & Rousseau. 1998. *Nuusbrief*, Julie 1998.
- Human & Rousseau. 1998. *Nuusbrief*, September 1998.
- Human & Rousseau. 1999. *Nuusbrief*, April 1999.
- Human & Rousseau. 1999. *Nuusbrief*, Julie 1999.
- Human & Rousseau. 1999. *Nuusbrief*, Oktober 1999.
- Human & Rousseau. 2000. *Nuusbrief*, April 2000.
- Human & Rousseau. 2000. *Nuusbrief*, Julie 2000.
- Human & Rousseau. 2000. *Nuusbrief*, September 2000.
- Human & Rousseau / Best Books. 2000. *Katalogus*, (volledig).
- Human & Rousseau. 2001. *Nuusbrief*, Maart 2001.
- Human & Rousseau. 2001. *Nuusbrief*, September 2001.
- Human & Rousseau. 2002. *Nuusbrief*, April – Desember 2002.
- Human & Rousseau. 2003. *Nuusbrief*, Januarie – April 2003.
- Human & Rousseau. 2003. *Nuusbrief*, Mei – Augustus 2003.
- Human & Rousseau. 2004. *Nuusbrief*, Mei – Augustus 2004.
- Human & Rousseau. 2004. *Nuusbrief*, September – Desember 2004.
- Human & Rousseau. 2005. *Nuusbrief*, Julie – September 2005.
- Human & Rousseau. 2005. *Nuusbrief*, Oktober – Desember 2005.
- J.P. van der Walt & Seun. 1990. *Nuusbrief*, Februarie 1990.
- J.P. van der Walt & Seun. 1990. *Nuusbrief*, Junie 1990.
- J.P. van der Walt & Seun. 1990. *Nuusbrief*, Kersfees 1990.
- J.P. van der Walt & Seun. 1991. *Nuusbrief*, Februarie 1991.
- J.P. van der Walt & Seun. 1991. *Nuusbrief*, Junie 1991.
- J.P. van der Walt & Seun. 1991. *Nuusbrief*, Kersfees 1991.
- J.P. van der Walt & Seun. 1992. *Nuusbrief*, Februarie 1992.
- J.P. van der Walt & Seun. 1992. *Nuusbrief*, Junie 1992.
- J.P. van der Walt & Seun. 1992. *Nuusbrief*, Oktober 1992.

- J.P. van der Walt & Seun. 1993. *Nuusbrief*, Februarie 1993.
- J.P. van der Walt & Seun. 1993. *Nuusbrief*, Junie 1993.
- J.P. van der Walt & Seun. 1993. *Nuusbrief*, Oktober 1993.
- J.P. van der Walt & Seun. 1994. *Nuusbrief*, Februarie 1994.
- J.P. van der Walt & Seun. 1994. *Nuusbrief*, Junie 1994.
- J.P. van der Walt & Seun. 1994. *Nuusbrief*, Oktober 1994.
- J.P. van der Walt & Seun. 1995. *Nuusbrief*, Februarie 1995.
- J.P. van der Walt & Seun. 1995. *Nuusbrief*, Junie 1995.
- J.P. van der Walt & Seun. 1995. *Bestelpret*, Oktober 1995.
- J.P. van der Walt & Seun. 1996. *Bestelpret*, Februarie 1996.
- J.P. van der Walt & Seun. 1996. *Bestelpret*, Junie 1996.
- J.P. van der Walt & Seun. 1996. *Bestelpret*, Oktober 1996.
- J.P. van der Walt & Seun. 1997. *Bestelpret*, Februarie 1997.
- J.P. van der Walt & Seun. 1997. *Bestelpret*, Junie 1997.
- J.P. van der Walt & Seun. 1997. *Bestelpret*, Oktober 1997.
- J.P. van der Walt & Seun. 1998. *Bestelpret*, Oktober 1998.
- J.P. van der Walt & Seun. 1998. *Nuusbrief*, Desember 1998.
- J.P. van der Walt & Seun. 1999. *Nuusbrief*, Januarie 1999.
- J.P. van der Walt & Seun. 1999. *Bestelpret*, Februarie 1999.
- J.P. van der Walt & Seun. 1999. *Bestelpret*, Junie 1999.
- J.P. van der Walt & Seun. 1999. *Bestelpret*, Oktober 1999.
- J.P. van der Walt & Seun. 1999. *Nuusbrief*, November 1999.
- J.P. van der Walt & Seun. 2000. *Bestelpret*, Februarie 2000.
- J.P. van der Walt & Seun. 2000. *Bestelpret*, Junie 2000.
- Jasmyn. 1999/2000. *Katalogus*, (volledig).
- Kagiso-Educum. 1998/1999. *Katalogus / Pryslys*, (volledig).
- Kwela Boeke. 1999. *Katalogus*, 1994-1999 (volledig).
- Kwela Boeke. 2002. *Katalogus*, 2002.
- Kwela Boeke. 2004. *Nuusbrief*, September – Desember 2004.
- Kwela Boeke. 2005. *Nuusbrief*, Julie – September 2005.
- Kwela Boeke. 2005. *Nuusbrief*, Oktober – Desember 2005.

- LAPA. 2000. *Nuusbrief*, Junie 2000.
- LAPA. 2000. *Bestelpret*, Augustus – Desember 2000.
- LAPA. 2000. *Nuusbrief*, Oktober 2000.
- LAPA. 2001. *Nuusbrief*, Januarie 2001.
- LAPA. 2001. *Nuusbrief*, Februarie 2001.
- LAPA. 2001. *Nuusbrief*, Maart 2001.
- LAPA. 2001. *Nuusbrief*, April 2001.
- LAPA. 2001. *Nuusbrief*, Mei 2001.
- LAPA. 2001. *Nuusbrief*, Junie 2001.
- LAPA. 2001. *Nuusbrief*, Julie 2001.
- LAPA. 2001. *Nuusbrief*, Augustus 2001.
- LAPA. 2001. *Nuusbrief*, September 2001.
- LAPA. 2001. *Bestelpret*, Oktober 2001.
- LAPA. 2001. *Nuusbrief*, November 2001.
- LAPA. 2001. *Nuusbrief*, Desember 2001.
- LAPA. 2002. *Nuusbrief*, Januarie 2002.
- LAPA. 2002. *Nuusbrief*, Februarie 2002.
- LAPA. 2002. *Nuusbrief*, Maart 2002.
- LAPA. 2002. *Nuusbrief*, April 2002.
- LAPA. 2002. *Nuusbrief*, Mei 2002.
- LAPA. 2002. *Nuusbrief*, Junie 2002.
- LAPA. 2002. *Nuusbrief*, Julie 2002.
- LAPA. 2002. *Nuusbrief*, Augustus 2002.
- LAPA. 2002. *Nuusbrief*, September 2002.
- LAPA. 2002. *Bestelpret*, Oktober 2002.
- LAPA. 2002. *Nuusbrief*, November 2002.
- LAPA. 2003. *Nuusbrief*, Januarie 2003.
- LAPA. 2003. *Nuusbrief*, Februarie 2003.
- LAPA. 2003. *Nuusbrief*, Maart 2003.
- LAPA. 2003. *Nuusbrief*, April 2003.
- LAPA. 2003. *Nuusbrief*, Mei 2003.

- LAPA. 2003. *Bestelpret*, Junie – Julie 2003.
- LAPA. 2003. *Nuusbrief*, Julie 2003.
- LAPA. 2003. *Bestelpret*, Augustus – September 2003.
- LAPA. 2003. *Bestelpret*, Oktober – Desember 2003.
- LAPA. 2004. *Bestelpret*, Januarie – Maart 2004.
- LAPA. 2004. *Bestelpret*, April – Junie 2004.
- LAPA. 2004. *Bestelpret*, Julie – September 2004.
- LAPA. 2004. *Bestelpret*, Oktober – Desember 2004.
- LAPA. 2005. *Bestelpret*, Januarie – Maart 2005.
- LAPA. 2005. *Nuusbrief*, Januarie 2005.
- LAPA. 2005. *Nuusbrief*, Maart 2005.
- LAPA. 2005. *Bestelpret*, April – Junie 2005.
- LAPA. 2005. *Nuusbrief*, Mei 2005.
- LAPA. 2005. *Nuusbrief*, Junie 2005.
- LAPA. 2005. *Bestelpret*, Julie – Augustus 2005.
- LAPA. 2005. *Nuusbrief*, September 2005.
- LAPA. 2005. *Bestelpret*, Oktober – Desember 2005.
- LAPA. 2005. *Nuusbrief*, November 2005.
- LAPA. 2005. *Nuusbrief*, Desember 2005.
- LAPA. 2006. *Bestelpret*, Januarie – Maart 2006.
- LAPA. 2006. *Nuusbrief*, Februarie 2006.
- LAPA. 2006. *Nuusbrief*, Maart 2006.
- Leserskring. 2000. *Nuusbrief*, Oktober – Desember 2000.
- Leserskring. 2000. *Kersfeeskatalogus*, Desember 2000.
- Leserskring. 2001. *Nuusbrief*, Herfs 2001.
- Leserskring. 2001. *Nuusbrief*, Januarie – Maart 2001.
- Leserskring. 2001. *Nuusbrief*, Julie – September 2001.
- Leserskring. 2001. *Nuusbrief*, Oktober – Desember 2001.
- Leserskring. 2001. *Kersfeeskatalogus*, Desember 2001.
- Leserskring. 2004. *Nuusbrief*, Januarie – Maart 2004.
- Leserskring. 2005. *Nuusbrief*, Julie – September 2005.

- Leserskring. 2005. *Nuusbrief*, Oktober – Desember 2005.
- Leserskring. 2005. *Kersfeeskatalogus*, Desember 2005.
- Leserskring. 2006. *Nuusbrief*, Januarie – Maart 2006.
- Lux Verbi. Bybelmedia. 2002. *Katalogus*, Julie – Oktober 2002 (volledig).
- NB-Uitgewers. 2002. *Katalogus*, 2001/2002 (volledig).
- NB-Uitgewers. 2003 en 2005. Elektroniese databasis van alle titels van Tafelberg, Queillierie, Kwela Boeke, J.L. van Schaik, Metz Press, Pharos Woordeboeke en Human & Rousseau.
- NB-Uitgewers. 2004. *Katalogus – Fiksie*, 2004 (volledig).
- NB-Uitgewers. 2005. *Katalogus – Fiksie*, 2005 (volledig).
- NB-Uitgewers. 2006. *Katalogus – Fiksie*, 2006 (volledig).
- Protea Boekhuis. 2005. *Katalogus*, 1997-2005 (volledig).
- Perskor. 1998/1999. *Katalogus*, Julie 1998 – Junie 1999 (volledig).
- Queillierie. 1996. *Katalogus*, Lente 1996 (volledig).
- Queillierie. 1999/2000. *Katalogus*, (volledig).
- Tafelberg. 1992. *Nuusbrief*, Nuwe Titels 1992.
- Tafelberg. 1992. *Nuusbrief*, Oktober 1992.
- Tafelberg. 1997. *Katalogus*, (volledig).
- Tafelberg. 1997. *Nuusbrief*, Januarie – April 1997.
- Tafelberg. 1999/2000. *Katalogus*, (volledig).
- Tafelberg. 2000. *Nuusbrief*, September – Desember 2000.
- Tafelberg. 2001. *Nuusbrief*, September – Desember 2001.
- Tafelberg. 2001/2002. *Katalogus*, 2001-2002.
- Tafelberg. 2002. *Nuusbrief*, Desember 2002.
- Tafelberg. 2003. *Nuusbrief*, Januarie – April 2003.
- Tafelberg. 2003. *Nuusbrief*, Mei – Augustus 2003.
- Tafelberg. 2003. *Nuusbrief*, September – Desember 2003.
- Tafelberg. 2004. *Nuusbrief*, Mei – Augustus 2004.
- Tafelberg. 2004. *Nuusbrief*, September – Desember 2004.
- Tafelberg. 2005. *Nuusbrief*, Julie – September 2005.
- Tafelberg. 2005. *Nuusbrief*, Oktober – Desember 2005.

Taurus. 1991. *Katalogus*, 1991 (volledig).

Van Schaik. 1999/2000. *Katalogus*, 1999-2000 (volledig).

Van Schaik. 1999/2000. *Prysllys*, 1999-2000.

Van Schaik. 2002/2003. *Katalogus*, 2002-2003 (volledig).

Aanhangsel B

Lys van produksiekategorieë waarvolgens rekords in die *Produksiedatabasis van Afrikaanse Fiksie* gekategoriseer is.

- 1. Romantiese fiksie / Liefdesromans en -kortverhale**
 1. Liefdesroman
 2. Grootdruk liefdesroman
 3. Liefdesroman-omnibus
 4. Grootdruk liefdesroman-omnibus
 5. Liefdesroman-omnibus meerdere outeurs
 6. Liefdesverhale saamgestelde kortverhaalbundel enkelouteur
 7. Grootdruk liefdesverhale saamgestelde kortverhaalbundel enkelouteur
 8. Liefdesverhale saamgestelde kortverhaalbundel meerdere outeurs
 9. Grootdruk vertaalde liefdesroman

- 2. Romans (uitsluitend liefdesromans, inspirerende romans, riller- / spannings- / speurromans)**
 10. Enkelroman
 11. Enkelroman [self-uitgegee]
 12. Grootdruk enkelroman
 13. Grafiese roman
 14. Roman-omnibus
 15. Vertaalde enkelroman

- 3. Kortprosa (dagboeke, essaybundels, aanhalingsbundels, kortverhaalbundels, uitsluitend liefdeskortprosa, inspirerende kortprosa, riller- / spannings- / speurkortprosa en humoristiese kortprosa)**
 16. Dagboek enkelouteur
 17. Enkele essay enkelouteur
 18. Enkelessaybundel enkelouteur
 19. Grootdruk enkelessaybundel
 20. Saamgestelde essaybundel enkelouteur
 21. Saamgestelde essaybundel meerdere outeurs
 22. Saamgestelde aanhalingsbundel enkelouteur
 23. Saamgestelde aanhalingsbundel meerdere outeurs
 24. Saamgestelde aanhalingsbundel meerdere outeurs [self-uitgegee]
 25. Enkele kortverhaal enkelouteur
 26. Enkelkortverhaalbundel enkelouteur
 27. Enkelkortverhaalbundel enkelouteur [self-uitgegee]
 28. Grootdruk enkelkortverhaalbundel enkelouteur
 29. Enkelkortverhaalbundel meerdere outeurs
 30. Enkelkortverhaalbundel meerdere outeurs [self-uitgegee]
 31. Saamgestelde kortverhaalbundel enkelouteur
 32. Vertaalde saamgestelde kortverhaalbundel enkelouteur
 33. Saamgestelde kortverhaalbundel meerdere outeurs
 34. Saamgestelde kortverhaalbundel meerdere outeurs [self-uitgegee]
 35. Saamgestelde kortverhaalbundel meerdere outeurs [skryfwerkswinkel]
 36. Vertaalde saamgestelde kortverhaalbundel meerdere outeurs

4. Riller- / spannings- / speurromans en -kortverhale

37. Kortverhaalbundel enkelouteur
38. Kortverhaalbundel meerdere outeurs
39. Grootdruk kortverhaalbundel enkelouteur
40. Enkelroman
41. Enkelroman [self-uitgegee]
42. Grootdruk enkelroman
43. Roman-omnibus enkelouteur
44. Roman-omnibus meerdere outeurs
45. Vertaalde roman
46. Grootdruk vertaalde roman

5. Inspirerende prosa (romans en kortprosa)

47. Roman
48. Roman [self-uitgegee]
49. Grootdruk roman
50. Vertaalde roman
51. Saamgestelde essaybundel enkelouteur
52. Saamgestelde essaybundel enkelouteur [self-uitgegee]
53. Saamgestelde essaybundel meerdere outeurs
54. Saamgestelde kortprosabundel enkelouteur
55. Saamgestelde kortprosabundel meerdere outeurs
56. Vertaalde saamgestelde kortprosabundel meerdere outeurs
57. Enkelkortverhaalbundel enkelouteur
58. Enkelkortverhaalbundel enkelouteur [self-uitgegee]
59. Grootdruk enkelkortverhaalbundel enkelouteur
60. Vertaalde enkelkortverhaalbundel enkelouteur
61. Saamgestelde kortverhaalbundel meerdere outeurs
62. Vertaalde saamgestelde kortverhaalbundel meerdere outeurs

6. Humoristiese prosa

63. Enkel kortverhaalbundel enkelouteur
64. Enkel kortverhaalbundel enkel outeur [self-uitgegee]
65. Grootdruk enkelkortverhaalbundel enkelouteur
66. Enkele verhaal enkelouteur [self-uitgegee]
67. Saamgestelde essaybundel enkelouteur
68. Grootdruk saamgestelde essaybundel enkelouteur
69. Saamgestelde kortprosabundel enkelouteur
70. Saamgestelde kortprosabundel enkelouteur [self-uitgegee]
71. Saamgestelde kortprosabundel meerdere outeurs
72. Saamgestelde kortprosabundel meerdere outeurs [self-uitgegee]
73. Saamgestelde kortverhaalbundel enkelouteur
74. Saamgestelde kortverhaalbundel enkelouteur [self-uitgegee]
75. Saamgestelde kortverhaalbundel meerdere outeurs
76. Saamgestelde spotprente-bundel enkelouteur

7. Poësie (enkeldigbundels en bloemlesings, uitsluitend humoristiese en inspirerende poësie)

77. Enkelbundel enkelouteur
78. Enkelbundel enkelouteur [self-uitgegee / instansie]
79. Vertaalde enkelbundel enkelouteur
80. Vertaalde enkelbundel enkelouteur [self-uitgegee / instansie]
81. Enkelbundel meerdere outeurs
82. Enkelbundel meerdere outeurs [self-uitgegee / instansie]
83. Vertaalde enkele gedig
84. Vertaalde saamgestelde bundel enkelouteur
85. Vertaalde saamgestelde bundel enkelouteur [self-uitgegee / instansie]
86. Saamgestelde bundel meerdere outeurs
87. Saamgestelde bundel meerdere outeurs [self-uitgegee / instansie]
88. Vertaalde saamgestelde bundel meerdere outeurs [self-uitgegee / instansie]
89. Saamgestelde bundel meerdere outeurs [skryfwerkwinkel]
90. Vertaalde saamgestelde bundel meerdere outeurs
91. Versamelbundel enkel outeur
92. Versamelbundel enkel outeur [self-uitgegee / instansie]

8. Humoristiese poësie

93. Enkelbundel enkelouteur
94. Enkelbundel enkelouteur [self-uitgegee / instansie]
95. Saamgestelde bundel meerdere outeurs

9. Inspirerende poësie

96. Enkelbundel enkelouteur
97. Enkelbundel enkelouteur [self-uitgegee / instansie]
98. Vertaalde enkelbundel enkelouteur
99. Saamgestelde bundel meerdere outeurs

10. Drama

100. Enkeltoneelteks enkelouteur
101. Vertaalde enkeltoneelteks enkelouteur
102. Vertaalde enkeltoneelteks enkelouteur [self-uitgegee / instansie]
103. Saamgestelde bundel enkelouteur
104. Saamgestelde bundel meerdere outeurs
105. Vertaalde saamgestelde bundel meerdere outeurs
106. DALRO opvoerteks
107. Vertaalde DALRO opvoerteks

11. Gemengde genres

108. Prosa en poësie bloemlesing enkelouteur
109. Prosa en poësie bloemlesing meerdere outeurs
110. Prosa en poësie bloemlesing meerdere outeurs [self-uitgegee / instansie]
111. Prosa, poësie en drama bloemlesing enkelouteur
112. Prosa, poësie en drama bloemlesing meerdere outeurs
113. Inspirerende prosa en poësie bloemlesing meerdere outeurs